ONS GROOT KINDERBYBEL

Die Bybelgeskiedenis Oorvertel

DEUR

ANNE DE VRIES

EN

Ds. S.J. LATSKY

Onder Redaksie Van

Ds. N. GELDENHUYS

ONS

GROOT

KINDERBYBEL

Die Bybelgeskiedenis Oorvertel

DEUR

ANNE DE VRIES

EN

Ds. S.J. LATSKY

Onder Redaksie Van

Ds. N. GELDENHUYS

1

INHOUDSOPGAWE

Voorwoord 7

Lys van Illustrasies 8

KLEURFOTO'S 8

OU TESTAMENT .....

..... 8

NUWE TESTAMENT..... 9

SWART-EN-WIT FOTO'S 10

OU TESTAMENT 10

NUWE TESTAMENT..... 12

LYS VAN LANDKAARTE 14

OU TESTAMENT 15

1. Die Skepping 16

2. In die Hof van Eden 18

3. Die Eerste Sonde 20

4. So Lief het God die Wêreld 23

5. Kain en Abel 25

6. Die Here is Getrou 29

7. Die Sondvloed 32

8. Seën en Vloek 36

9. Die Toring van Babel 38

10. Die Vriend van die Here 40

11. Abram en Lot 45

12. Die Geloof Beproef 48

13. Sou Iets vir die Here te Wonderlik Wees? 51

14. Sodom en Gomorra 54

15. Hagar en Ismael 59

16. Die Here Bo Alles liefhê 63

17. Rebekka 66

18. Jakob eN Esau 69

19. Die Bedrog 73

20. Jakob Vlug 77

21. Jakob by Laban 79

22. PnIël 82

23. Josef en Sy Broers 86

24. Die Slaaf Josef .....

..... 91

25. Josef in die Gevangenis
..... 94

26. Die Koning se Droom
..... 98

27. Die Broers na Egipte
.....
102

28. Die Tweede Reis van die Broers
..... 106

29. Jakob se Reis na Egipte
..... 113

30. Job
.....
..... 116

31. Moses
.....
..... 121

32. Moses die Prins
.....
. 125

33. Die Roeping vae Moses
..... 129

34. 'n Mens Veg teen die Here
..... 132

35. Die Verlossing 140

36. Deur Sand en See 144

37. Hy het Hulle Gelei soos 'n Vader..... 148

38. By die Berg Sinai 155

39. Die Tabernakel 163

40. Ongeloof 167

41. Veertig jaar in die Woestyn 172

42. Bileam die Towenaar 177

43. Moses op die Berg Nebo 182

44. Die Intog in Kanaän 186

45. Deur die Geloof .....

.. 190

46. Die Land Verower
..... 195

47. Debora
..... 200

48. Gideon
..... 204

49. Simson
..... 209

50. Simson se Einde
..... 214

51. Rut
..... 219

52. Samuel
..... 222

53. Die Ark by die Filistyne..... 227

54. Samuel, die Rigter
..... 229

55. Die Nuwe Koning 232

56. Ongehoorsaamheid 236

57. Dawid 240

58. Dawid en Goliat 243

59. Deur die Here Bewaar 246

60. Soos 'n Wildsbokkie op die Berge 250

61. Jy moet Jou Vyande Liefhê 254

63. Nabal 257

63. Die Heuwel Hagila 259

64. Siklag 261

65. Die Einde van Saul 264

66. Dawid word Koning 268

67. Dawid die Kneg van die Here 271

68. Batseba 276

69. Absalom 280

70. Absalom se dood 284

71. Dawid se Einde 286

72. Salomo 291

73. Skeuring 299

74. Jerobeam .....

..... 302

75. Asa, die Vroom Koning
..... 306

76. Elia
..... 309

77. "Die Here is God!
..... 313

3

78. Elia op Horeb
..... 317

79. Nabot
..... 320

80. Agab se Dood
..... 323

81. Josafat
..... 326

82. Elia en Elisa
..... 328

83. Elisa
..... 331

84. Naäman en Gehasi 337

85. Elisa en die Arameërs 341

86. Jehu 345

87. Joas 349

88. Jona 352

89. Israel se einde 356

90. Jesaja 360

91. Hiskia 365

92. Manasse en Josia 372

93. Jeremia .....

..... 374

94. Daniël
..... 382

95. In die Vuuroond
. 385

96. Belsasar
..... 388

97. In die Leeukuil
.... 390

98. Die Terugkeer
.... 393

99. Ester
..... 398

100. Deur die Geloof
403

NUWE TESTAMENT
..... 406

1. Toe die Here se Tyd Gekom het
..... 407

2. Die Geboorte van die Saligmaker
..... 411

3. Die Voorstelling in die Tempel 414

4. Die Wyse Manne uit die Ooste 416

5. Die Kind Jesus 420

6. Johannes die Doper 425

7. Die Stryd met die Satan 431

8. Die Eerste Dissipels 434

9. Die Bruilof te Kana 436

10. Op die Paasfees 439

11. Jesus en die Samaritaanse Vrou 442

12. As Julle nie Tekens en Wonders Sien nie 445

13. Ons Smarte het Hy Gedra 451

14. Vissers van Mense
..... 454

15. Die Bergrede
..... 458

16. Nooit kan die Geloof te Veel Verwag nie
..... 465

17. Die Seun van die Weduwee
..... 469

18. Die Verlamde Man
..... 471

19. Twee Skuldenaars
..... 474

20. Betesda
..... 476

21. Haat en Vyandskap teen Jesus
..... 479

22. 'n Saaier het Uitgegaan om te Saai
..... 484

23. Die Koninkryk van die Hemele
..... 486

24. Die Skuit deur Jesus Bewaar 488

25. In die Land van die Gadareners 491

26. Moenie Vrees Nie; Glo Net 494

27. Johannes in die Gevangenis 497

28. Die Dood van Johannes die Doper 500

29. Toe Vyfduisend Mense Gevoed is 505

30. Jesus Loop op die See 510

31. "Here, na wie toe sal ons gaan?..... 513

32. "U is die Christus" 516

33. Op die Berg van Verheerliking 520

34. Ware Nederigheid 524

35. Sewentig maal Sewe maal 526

36. Op pad na Jerusalem 528

37. Op die Huttefees 532

38. Die Lig van die Wêreld 536

39. Die Man wat Blind Gebore was 538

40. Die Goeie Herder 541

41. Die Barmhartige. Samaritaan 543

42. Martha en Maria 547

43. Die Ryk Dwaas 549

44. Die Lam Vrou 551

45. In die Huis van die Owerste 553

46. Verloor en Weer Gevind 556

47. Wêreldsgoed 561

48. Die Opwekking van Lasarus 564

49. Die Onregverdige Regter 570

50. Die Fariseër en die Tollenaar 571

51. Laat die Kindertjies na My toe Kom 572

52. Die ryk Jongman 573

53. Die Laaste Reis 577

54. BARTIMEÜS 580

55. Saggeüs 582

56. Hosanna! 584

57. Die Onvrugbare Vyeboom 588

58. Die Slegte Landbouers..... 590

59. Afskeid van die Tempel 593

60. Wanneer Jesus Weer Kom 597

61. Maria en JUdas 605

62. Die Laaste Paasfees 608

63. Die Heilige Nagmaal 611

64. Getsémané 614

5

65. Jesus word Gevange Geneem 618

66. Tot die Dood Veroordeel 621

67. Petrus en Judas 624

68. Pilatus en Herodes 627

69. Kruisig Hom! 631

70. Die Weg van Smarte 635

71. Golgota 637

72. Die Begrafnis 642

73. Die Opstanding 645

74. "Maria!" 649

75. Die Aand na die Opstanding 651

76. Thomas 655

77. Die Verskyning in Galilea 658

78. Die Hemelvaart 663

79. Die Uitstorting van die Heilige Gees 666

80. Die Naam van Jesus 668

81. Ananias en Saffira 672

82. Vervolging 675

83. Stefanus 679

84. Die Werk van Filippus 682

85. Die Bekering van Saulus 686

86. Die Rondreis van Petrus 694

87. Cornelius 697

88. Petrus verlos Herodes 701

89. Die Eerste Sendingreis 704

90. Die Tweede Sendingreis 710

91. Die Tronkbewaarder 715

92. Athene en Korinthe 718

93. In Efese 725

94. Op Pad na Jerusalem 728

95. Boeie en Verdrukking. 732

96. 'n Geboeide Apostel 738

97. 'n Moeilike Reis 742

98. Van Malta na RoMe. 745

99. Getrou tot die dood. .....

748

100. Deur die Geloof
..... 755

LANDKAARTE
.... 757

Voorwoord

IERDIE Kinderbybel is vir ouer kinders bedoel, maar sal met ewe veel genot en vrug H deur jong mense en volwassenes gelees kan word.

Daarby is dit enig in sy soort deurdat dit geen denkbeeldige prente of illustrasies bevat nie, dog slegs foto's en tekeninge van werklike plekke en voorwerpe wat met die Bybelgeskiedenisse te doen het. Deur die mooi kleurfoto's wat ds. Jac. J.S. Botha in die Bybellande vir ons geneem het en deur die talle swart-en-wit foto's van Bybelse plekke, opgrawings en so meer, wat ons van verskillende persone, museums en agentskappe verkry het, word lesers gehelp om die werklikheid van die Bybelgeskiedenisse beter aan te voel.

Geen koste en moeite is ontsien om hierdie groot Kinderbybel so doeltreffend moontlik te publiseer nie. Ons vertrou dat, net soos *Die Mooiste Verhale in die Wêreld* veel vir die *kleiner* kinders en hulle ouers en onderwysers beteken, *Ons Groot Kinderbybel* duisende *ouer* kinders, asook ouers, onderwysers en ander lesers, sal help om die Bybelgeskiedenisse met dieper insig en met groter vreugde en geestelike seën te lees.

Graag betuig ons ons opregte dank aan die wêreldberoemde skrywer van Bybelverhale, mnr. Anne de Vries, vir sy gewilligheid om ons toe te laat om 'n Afrikaanse verwerking van sy bekende boek te laat verskyn. Daarby wil ons ds. S.J. Latsky opreg bedank vir die pragtige wyse waarop hy die Bybelverhale in Afrikaans oorvertel het. En aan ds. Jac. J.S.

Botha ons innige dank vir die pragtige kleurfoto's van Bybellande. Heelwat van die swart-en-wit foto's is ook deur ds. Botha verskaf.

Agter in die boek en teenoor die titelblad verskyn landkaarte wat ons spesiaal vir die gerief van lesers laat teken het. Ons vertrou dat by

die lees van die Bybelgeskiedenisse telkens van die landkaarte gebruik gemaak sal word.

Die alfabetiese lys van Bybelfigure is saamgestel om kinders en onderwysers te help om die geskiedenisse van die verskillende persone maklik na te slaan.

Die tydtafel van die belangrikste gebeurtenisse, lyste van regeerders, lyste van die skrywers van die Bybelboeke en so meer, wat aan die einde van die boek verskyn, is hoofsaaklik aan die *Bybel met Verklarende Aantekeninge* ontleen. Ons wil diegene wat meer aangaande dié onderwerpe wil weet, vriendelik aanraai om die *Bybel met Verklarende Aantekeninge* 1

(uitgegee deur die Verenigde Protestantse Uitgewers (Edms.) Bpk., Kaapstad) te raadpleeg.

Onder die opskrif van elke hoofstuk verskyn die belangrikste Bybelgedeeltes waarin die verskillende geskiedenisse opgeteken is. Dit stel lesers in staat om, nadat hulle die hoofstukke gelees het, die verhale in die Bybel self te lees.

Dit is ons innige bede en vertroue dat hierdie groot Kinderbybel kinders sowel as ouers en onderwysers sal help om die Woord van die Here beter te leer ken en te verstaan.

Norval Geldenhuys.

1 Hierdie werk is uit druk

Lys van Illustrasies

KLEURFOTO'S

OU TESTAMENT

Bladsy

1. Die Dooie See 37

2. Omgewing van Sodom en Gomorra 37

3. Waar Lot gevlug het 57

4. Berséba 71

5. Lus en Bet-el 71

6. Heuwels naby Bet-el 96

7. Langs die Nyl 108

8. Beeld van Moses 149

9. 'n Opgrawing by Jerigo 160

10. Die berg Ebal naby Gilgal 275

11. Twee maniere om water te drink 183

12. Die fontein Harod waar Gideon laer opgeslaan het 196

13. Die berg Gerisim 196

14. Die berge van Gilboa 252

15. Bouvalle van Megiddo..... 252

16. Die berg Ebal en Gerisim 275

17. Op die berg Karmel 275

18. Die vlakte van Jisreël 287

19. Die Saronvallei 287

20. 'n Herder in Palestina 333

21. Naby Damaskus 333

22. Die berg Tabor 347

23. Plantegroei langs die Jordaan 347

24. Samaritaanse priesters 369

25. 'n Ou stadsmuur van Samaria .....
..... 369

NUWE TESTAMENT

Bladsy

28. 'n Gedeelte van Betlehem
..... . 429

29. Betlehem .....
..... 449

30. Omgewing waar skaapherders was .....
..... 450

31. Die Mariafontein in Nasaret .....
..... 461

32. Nasaret .....
..... 461

33. 'n Vrugbare deel van die Jordaanvallei .....
..... 512

34. Die dorpie Kana .....
..... 512

35. Tiberias .....
..... 533

36. See van Galilea .....
..... 533

37. Berg van neerwerping naby Nasaret .....
..... 544

38. Die see van Galilea .....
..... 586

39. Waar die Bergrede moontlik uitgespreek is 586

40. Die westelike deel van die see van Galilea 598

41. Naby Kapernaüm 598

42. Die Jordaan naby die berg Hermon 619

43. Betanië 630

44. Die ou Jerusalem 630

45. Die tuin van Getsémané 676

46. Die tuin van Getsémané 689

47. Golgota 689

48. Die Via Dolorosa (die weg van smarte) 711

49. Die opening na 'n rotsgraf 731

50. 'n Leë graf 731

51. Die Olyfberg 752

52. Die pad na Damaskus
..... 752

9

SWART-EN-WIT FOTO'S

OU TESTAMENT

Bladsy

1. 'n Tipiese voorbeeld van opgrawings 27

2. Spykerskrif uit 2200 v.C. 33

3. Oorblyfsels van 'n toringagtige gebou by Ur 38

4. Rekenings in spykerskrif uit die tyd van Abraham 40

5. 'n Steen met spykerskrif uit ongeveer 2060 v.C. 40

6. 'n Goue dolk uit Ur 41

7. Prenteskrif en spykerskrif uit 3000 v.C..... 42

8. Tekening van geraamtes uit Ur 43

9. Afgodsbeeldjie uit 3000 v.C. 44

10. 'n Karavaan van kamele 44

11. Sogenoemde put van Hagar 49

12. Soutrots, waarskynlik naby omgewing van Sodom
..... . 54

13. Put van Jakob by Sigar
.... 77

14. Tempel van koningin Hatsjepsoet .....
..... 107

15. Beeld van koningin Hatsjepsoet .....
..... 111

16. Beeld van farao Sebekhotep
.... 114

17. Kaïro
.....
. 122

18. Beeld van Egiptiese prinses
.... 123

19. Sfinks en piramide .....
..... 127

20. Gebroke beeld van Ramses II
..... . 133

21. Strooidakhuisies in Egipte
.... 134

22. Tempel van Ramses II
.... 140

23. Tempel van Ramses II
.... 141

24. Beeld van afgod Amon
.... 156

25. Moontlike berg Sina .....
..... 159

26. Woestyngebied in Suid-Palestina .....
..... 173

27. Tuimelende waters van die Jordaan .....
..... 188

28. Uitgrawings by Jerigo .....
..... 191

29. Beeld van Ramses III .....
..... 201

30. Vlakte van Jisreël .....
..... 205

31. Lemoenboorde by Askelon
.... 210

32. Estáol
.....
..... 215

33. Sogenoemde dam van Saul
.... 233

34. Oorblyfsels van Askelon
.... 265

35. Berg Sion .....
..... 268

36. Kirjat-Jearim.....
..... 272

37. Feeskandelaars op die berg Sion .....
..... 288

38. Palmbome in Palestina
.... 288

39. Model van koning Salomo se stalle .....
..... 291

40. Heuwels van Judea.....
..... 292

10

41. Bouvalle van Byblos.....
..... 293

42. Vérgesig oor die Libanonvallei .....
..... 295

43. Seders van die Libanon
.... 296

44. Sneeu op die seders .....
..... 295

45. Seder van die Libanon
.... 296

46. Die hoofweg van Damaskus
.... 297

47. 'n Assiriese gevleuelde bul
.... 357

48. Elat naby Eseon-Geber
.... 358

49. 'n Kleiprisma van 'n Assiriese koning .....
..... 359

50. 'n Stoel wat ongeveer 2,700 jaar oud is .....
..... 361

51. Die vallei van die kinders van Hinnom .....
..... 366

52. 'n Hoë vaatjie met inskripsies van Nebukadnesar II
..... 374

53. Lugfoto van die Jordaan
.... 376

54. 'n Poort in Babilon uit die tyd van Nebukadnesar
.... 379

55. 'n Pottebakkery in Jerusalem
.... 379

56. Babilon
....
381

57. Kunswerke uit die tye van Esra en Nehemia .....
..... 394

58. Beelde van 'n Egiptiese heerser.....
..... 405

NUWE TESTAMENT

Bladsy

59. 'n Toneel in Nasaret 408

60. Romeinse paleise 412

61. Sfinks en piramides 415

62. Oorblyfsels van tempels van farao's 417

63. Die ou deel van Nasaret 421

64. Die nuwe deel van Nasaret 421

65. 'n Woning in Nasaret 422

66. Waar Josef en Maria Jesus begin soek het 423

67. Waar Jesus gedoop is 427

68. Waar Jesus versoek is 432

69. 'n Klipkan in Kana 437

70. Nasaret
.... 437

71. Die put by Kana .....
..... 438

72. In Nasaret .....
..... 447

73. Die berg by Nasaret .....
..... 448

74. Berge by die see van Galilea
.... 452

75. Vissers op die see van Galilea .....
..... 455

76. Visnette by Tiberias .....
..... 456

77. Bloekomboom aan die kant van die see van Galilea
..... 460

78. Die huidige Tiberias .....
..... 462

79. Die vallei van Hinnom
.... 463

80. Magdala in Galilea .....
..... 466

81. Langs die kus by Kapernaüm
.... 467

82. By Nain
.... 470

83. Oorblyfsels van Kapernaüm
.... 472

84. 'n Palmboom langs die see van Galilea .....
..... 472

85. By Kapernaüm .....
..... 473

86. Oorblyfsels van die bad van Betesda .....
..... 477

87. Bouvalle van Magdala.....
..... 480

88. Sonsopgang oor die meer van Galilea .....
..... 488

89. Uitsig oor 'n deel van die see van Galilea .....
..... 489

90. Bome en berge langs die see van Galilea .....
..... 490

91. Suidelike punt van die see van Galilea .....
..... 495

92. Waar Kapernaüm was
.... 496

93. Gevangenis waar Johannes die Doper onthoof is
.... 502

94. Oorblyfsels van paleis van Herodes in Sebastia 503

95. Ruïnes van die tempel van Herodes 507

96. Tiberias aan die see van Galilea 508

97. Die Jordaan naby die berg Hermon 517

98. Die berg Tabor 521

99. 'n Arabier op 'n donkie 530

100. 'n Deel van die pad na Jerigo 545

12

101. 'n Samaritaanse priester met sy Bybel 546

102. Die sogenoemde Apostelsfontein by Betanië 548

103. Waar die toring van Siloam was 554

104. Betanië aan die oostekant van die Olyfberg 566

105. Die sogenoemde Elisasfontein naby Jerigo 580

106. Waar die tempel gestaan het
..... . 599

107. Die triomfboog van Titus en die Colosseum in Rome
..... 599

108. Die sogenoemde klaagmuur in Jerusalem .....
..... 600

109. Oorblyfsels van die Colosseum .....
..... 603

110. Die tuin van Getsémané
.... 615

111. Die Olyfberg .....
..... 615

112. Die Kedron-vallei .....
..... 616

113. Die Via Dolorosa (die weg van smarte) .....
..... 635

114. Die heuwel Golgota .....
..... 638

115. 'n Bootjie met vissers op die see van Galilea
.... 659

116. Waar Jesus van Sy dissipels afskeid geneem het
..... . 664

117. "Reguitstraat" in Damaskus
.... 690

118. Stadspoort van Damaskus
.... 691

119. Die see by Joppe 696

120. Huise in Joppe..... 696

121. 'n Skip by Joppe 698

122. By Pafos in Ciprus 705

123. Op die pad na Pafos 706

124. 'n Beeld van die afgod Osiris 712

125. Die Via Sacra in Rome 713

126. Uitsig oor Athene 718

127. Oorblyfsels van 'n Griekse godin 719

128. Oorblyfsels van die tempel van Jupiter 719

129. Paulus se toespraak op 'n rots 720

130. Uitsig oor die Akropolis 722

131. Die Parthenon 723

132. Oorblyfsels van beelde van afgode.....
..... 727

133. Bouvalle van Cesarea
.... 734

134. Uitsig oor die Middellandse See .....
..... 740

135. Die pad waarlangs Paulus Rome binnegegaan het
..... 746

136. Bouvalle van 'n Romeinse forum .....
..... 750

137. Waar Paulus waarskynlik onthoof is .....
..... 751

138. Magtige pilare by Baäl-Bek
.... 756

LYS VAN LANDKAARTE

1. Palestina — met berge, mere, riviere en belangrikste stede 757

2. Die wêreld van Abraham 758

3. Die wêreld van Jakob en sy seuns 758

4. Die uittog uit Egipte 759

5. Die stamme van Israel 760

6. Palestina tydens die regerings en ander konings 761

7. Palestina in die tyd van Jesus en die apostels 762

8. Jerusalem en omgewing..... 763

9. Die eerste sendingreis van Paulus 764

10. Die tweede sendingreis van Paulus 764

11. Die derde sendingreis van Paulus 765

OU TESTAMENT

15

1. Die Skepping

Génesis 1

AAR groei 'n blommetjie langs die pad, 'n klein ou madeliefie, en dis so effens geurig.

D Dit wys sy mooi gesiggie aan die son. En as dit in die aand donker word, laat sak hy sy koppie en vou sy blaartjies saam om te gaan slaap. Dis so klein en nietig. Die mense loop verby en sien dit nie eens raak nie. Partymaal trap hulle nogal daarop.

En tog is hierdie klein blommetjie 'n groot wonder. 'n Wonder van die Here. Die mense is vreeslik slim. Hulle maak motors wat so vinnig soos die wind gaan, en treine wat dreun op hulle ysterpaaie, ja, ook vliegtuie wat tussen en ver bo die wolke swewe.

Maar daar is geen mens wat selfs maar een blommetjie kan maak wat ruik en groei en lewe nie. Die blommetjie is 'n groter wonder as al die wonderlikste dinge wat die mense maak. Dit is maar dooie dinge wat mense maak, terwyl alleen die Here die lewe skep.

Die aarde is vol van Sy wondere. Hy laat koring groei om ons brood te gee. Hy laat Sy son op- en ondergaan. Hy laat die maan en die sterre op hulle bane gaan. Hy maak die reën en die sneeu en die weerlig.

En ver bo die wolke en bo die sterre, dáár is die hemel. Daar is dit baie mooier en wonderliker as op die aarde. Daar woon God self. Hy kan alles doen. Hy is baie goed. Sy heilige oë sien die hele wêreld. Hy

sorg vir al die voëltjies en al die blommetjies. Hy sorg vir ons ook. En as ons Hom liefhet, maak Hy ons lewe mooi en gelukkig.

IN die begin het God die hemel en die aarde geskape. Maar die aarde was nog woes en leeg. En oral op die wêreld was dit nog donker. Toe het God gesê: "Laat daar lig wees." En meteens *was* daar lig. Die blye lig het oor die wye wêreld begin skyn. En Hy het gesien dat dit goed was.

Hy het skeiding tussen lig en duisternis gemaak. Die lig het Hy dag genoem, en die donkerte nag. En dit was aand en dit was môre, die eerste dag, MAAR op die tweede dag het God aangegaan met Sy werk. Hy het gesê: "Laat daar 'n uitspansel wees." En toe was daar 'n uitspansel. Die digte waterdamp wat die aarde bedek het, het opgestyg in mooi wit wolke wat hoog gesweef het. Die Here het winde gestuur om die wolke aan te drywe. En dit was aand en dit was môre op die tweede dag.

NOU was die hele aarde nog toe onder die water. Maar op die derde dag het die Here gesê die water moet uit groot dele van die wêreld wegvloei, en daarna het die see se branders net so ver as die strande kon kom. Die water het Sy stem gehoorsaam. Rotse en klippe en seesand het verskyn, en ook hoë berge. Waar dit droog was, het Hy daardie deel "aarde"

genoem, en die deel waar die water was, het Hy "see" genoem.

Toe het daar, soos Hy gebied het, duisende soorte plante uit die grond opgekom. Hulle het dit bedek soos 'n groen tapyt. Tussenin het duisende blommetjies opgeskiet, en ook allerhande bome. Die eerste rose met hulle lekker geur, en ook mooi wit lelies, kon gesien word. En half weggesteek tussen die gras was die madeliefie, wat sy klein gesiggie na die Here opgelig het. Hy het gesien dat Sy werk goed was. En toe dit donker word en die blommetjies hulle kelkies toemaak en hulle koppies laat sak, toe het Hy oor hulle wag gehou. En dit was aand, en dit was môre, die derde dag.

IN die donkerte van die nag het die hemel in die Ooste begin rooi word. Die môre het gekom en bo die aarde kon die pragtige son gesien word. Die Here wat hom gemaak het, het nou sy goue lig helder op die aarde laat skyn. Die bome het geruis. Die see het geskitter. En al die blommetjies het hul harte na die son gedraai om sy warm strale op te vang. Die aarde was bly. God het die son op sy baan laat gaan, en toe dit aand word, het Hy hom laat ondergaan in die Weste. Maar toe die nag kom, was dit nie meer so donker soos tevore nie.

Want 'n ander groot lig kon in die hemel gesien word en dit het geskitter soos silwer. Die maan het geglimlag oor die aarde wat slaap. Ook kon duisende klein liggies — die sterre —

van die aarde af gesien word.

Die Here het gesê dat van nou af die son altyd bedags moes skyn, en die maan snags. Hy het gesien dat alles goed was wat Hy gemaak het. En dit was aand, en dit was môre, die vierde dag.

DAAR was nog geen lewende stem van 'n dier of van 'n mens op die aarde nie. Net die wind het geruis in die bome en geritsel in die gras, en die branders het teen duisende strande gedreun.

Maar deur die wonderlike krag en wysheid van God het Hy lewe in die waters laat ontstaan en op die land het ook lewe en klank gekom. Die Here het die visse en die voëls gemaak.

Duifies het hulle vlerke bo-oor die bossies geklap. Die arend het tussen die wolke gesweef.

Allerhande voëls het hulle lied gesing tot eer van die Skepper. Die Here het hulle geleer hoe hulle neste moet maak. En Hy het gesien dat Sy werk goed was. Hy het die visse en die voëls geseën en gesê

hulle moet vermeerder en hulle oor die hele aarde versprei. En dit was aand en dit was môre, die vyfde dag.

MAAR nóg wonderliker en nóg mooier het die Skepping geword. Op die sesde dag het die Here al die diere gemaak wat op die aarde is. Die sterk leeu en die groot olifant. Die skape en die konyntjies. En al die ander diere. 'n Muisie het sy gaatjie begin grawe. Die perd het deur die gras gedraf. Skoenlappers het rondgefladder. Die Here het ook die diere geseën en gesien dat Sy werk goed was. Toe het die groen aarde gelê en wag soos 'n mooi en pragtige koninkryk. Want die heel mooiste skepsel moes nog kom

Die Here het gesê: "Laat Ons mense maak na Ons beeld en Ons gelykenis."

En Hy het die mens gemaak volgens Sy eie beeld. Van die stof van die aarde het Hy die mens gemaak. En in sy neus het Hy die asem van die lewe ingeblaas. Dus het die mens 'n lewende siel geword.

Die Here het die eerste mens Adam genoem. Hy moes koning wees oor die visse van die see en oor die voëls van die hemel en oor al die diere van die aarde. Die hele skepping is vir die mens gemaak. Maar hy self is vir die Here gemaak.

Hy het aan die aarde behoort, want sy liggaam was uit die aarde gemaak. Maar ook het hy aan die hemel behoort, want sy siel het van die Here gekom en net *hy* was gemaak volgens die beeld van die Here. Die mens was 'n koning, maar *sy* Koning was die Here wat alles gemaak het tot Sy eer.

EN die Here het gesien dat alles wat Hy gemaak het baie goed was. En dit was aand en dit was môre. die sesde dag.

TOE het die Here God op die sewende dag gerus van al Sy werk en Hy was bly oor wat Hy gemaak het. Sy heilige oë het al die skepsels gesien, die kleintjies en die grotes. Hy was sterk genoeg om hulle te versorg en te bewaak.

Ons weet nie wanneer of hoe God alles gemaak het nie, maar ons weet dat Hy die Skepper van alles is. Sonder Hom kan niks ooit bestaan nie. Hy is die Here van hemel en aarde.

2. In die Hof van Eden

Génesis 2

N die Ooste, dáár waar die son opkom, was die mooiste plekkie op die hele jong aarde.

I Daar het die Here 'n tuin gemaak — die hof van Eden, die paradys.

Daar waar die blomme mooier as êrens anders gebloei het en die bome die heerlikste vrugte gedra het, dáár kon Adam nou woon. Hy kon die tuin versorg en oppas. Hy kon die koning wees van die mooiste skepping van die Here.

So lieflik-heerlik soos dit daar was, was dit nooit êrens anders gewees nie. Want die sonde het nog nie op die aarde gekom nie.

Oral was daar vrede en blydskap. Die pragtige tuin was vol wonderlike bome wat heerlike vrugte gedra het.

Adam was gelukkig omdat die Here dit alles aan hom toevertrou het. Hy het hom veilig gevoel in Sy liefde en versorging.

Maar die beste en die heerlikste van alles was dat hy so naby die Here gelewe het, so naby Hom soos 'n kind by sy vader. As die wind in die bome ruis, het Adam die stem van die Here gehoor. Dan het die Here self na Sy kind gekom en met hom gepraat. En só groot was die geluk wat Adam dan in sy hart gevoel het dat 'n mens se verstand dit nie kan besef nie.

MAAR Adam se geluk sou nog groter geword het as hy altyd gehoorsaam sou wees en sou aanhou om die Here lief te hê. Dan sou

hy altyd meer kennis en wysheid kry. Dan sou hy die heerlike beloning van die hoogste geluk ontvang en ook die ewige saligheid.

Maar as die mens nie wou luister nie en weggaan van die Here sou hy tóg te ongelukkig word. Dan sou hy moes sterwe. Want net by die Here was daar lewe en geluk.

Dit het die Here alles vir Adam duidelik gemaak. En in die middel van die tuin, dáár waar Adam aldag gekom het, het die Here hom twee bome aangewys. Hulle was albei mooier en beter as al die ander. Die een was die boom van die lewe. Die ander was die boom van die kennis van goed en kwaad, en die Here het Adam verbied om van hierdie boom te eet.

Adam het mooi geluister.

Hy het nie gevra waarom die Here so sê nie. Hy sou dit later eendag verstaan. Nou het hy net geweet dat alles goed was wat die Here van hom vra om te doen.

Adam was baie gewillig om gehoorsaam te wees. En hy *kon* dit ook wees.

Want die gebooie van die Here is nie swaar nie. En Adam se hart was heilig en goed. Hy het hom met sy hele hart aan die Here toevertrou.

EEN mooi dag het die Here al die diere na Adam gebring om te sien hoe hy hulle sou noem.

En net soos Adam hulle wou noem, só sou hulle name wees!

In 'n lang streep het hulle nader gekom en voor hulle baas kom staan — van die grootste, soos die olifant en die leeu, tot die ou kleinstetjies, soos die skoenlappers en die miere. En moenie praat van al die voëltjies nie! Almal het gekom, twee en twee, 'n mannetjie en 'n wyfie. Nadat hulle hul name gekry het, het hulle weer in die tuin versprei.

Maar toe hulle weg was, staan Adam stil en dink en dink .... Hy kyk rond . . . . al die diere was twee-twee .... Elke mannetjie het sy eie vroutjie. En elke vroutjie het haar man. Elke dier het sy eie maat wat altyd by hom was. Maar *hy,* Adam self, hy was alleen. Hy het tog so eensaam gevoel.

Die Here God wat wys en goed is, het juis gewag vir so 'n oomblik. Hy het goed geweet: dis nie goed dat die mens alleen moet wees nie . . . . En nog voor Adam vra wat hy wou hê, het die Here hom dit gegee.

Die Here het hom baie vas aan die slaap laat raak. En toe hy wakker word en rondom hom kyk, wat sou hy sien! Dáár voor hom staan 'n ander mens wat net soos hy gemaak was volgens die beeld van die Here, maar darem 'n bietjie anders. Dit was 'n vrou. Dit was *Adam* se vrou. Die Here het haar gemaak uit 'n rib van Adam se liggaam.

Sy het by Adam gepas, en hy by haar, en hulle het aan mekaar behoort. Hulle het mekaar liefgehad. Hulle twee sou altyd een wees en niemand sou hulle kon losmaak van mekaar nie.

Hoe dankbaar was Adam nou tog nie, en hoe veel groter was sy geluk nie!

TOE het hulle saam hand aan hand deur die tuin met vreugde geloop. Hulle het lekker van die vrugte geëet en na die diere en die blommetjies gekyk. Hulle het eerbiedig geluister wanneer die Here met hulle spreek as die wind waai.

Adam het vir sy vrou ook die bome in die middel van die tuin gewys. En hy het haar vertel wat die Here van dié een boom gesê het. Hy het vertel van die ewige geluk wat, as hulle gehoorsaam was, die Here aan hulle sou gee en aan hulle kinders wat eenmaal gebore sou word. Hy het ook vertel van die vreeslike straf wat sou kom as hulle ongehoorsaam is.

Die dood ....

Dit was 'n vreemde woord wat hulle nog nie kon verstaan nie. Maar dit was 'n woord wat glad nie mooi geklink het nie, en wat hulle laat nadink het en stil gemaak het.

Hoe onskuldig was Adam en sy vrou tog nie in die mooi paradys nie! Nog nooit was 'n mens so gelukkig op die aarde soos hulle twee nie.

3. Die Eerste Sonde

Génesis 3:1-8

IE blommetjies het 'n lekker geur gehad, en die voëltjies het gesing. Die diere het D rondgejakker onder die bome. Dit was 'n lieflike dag.

Maar deur die vrede van die mooi tuin het 'n swart gedaante gesluip. Dit was Satan.

Hy het die wysheid van die Here in elke blom gesien. Hy het gehoor hoe elke voëltjie sing tot eer van die Here. Ook het hy gesien hoe Adam en sy vrou hand aan hand loop tussen al die wonders van die Here.

Maar hy was nie bly oor hierdie geluk nie! In sy hart was daar geen eerbied vir die mag en grootheid van die Here nie. Sy hart was sleg en nydig. Hy het die mag van die Here gehaat.

Hy het ook alles wat die Here gemaak het, gehaat ....

Vroeër was dit nie so nie. Toe was hy 'n mooi engel in die hemel wat lig versprei het. Maar hy het hoogmoedig geword en dit gewaag om op te staan teen die Here. Hy wou Hom van die troon afstoot en wou self God wees. Sy domme hoogmoed het hom blind gemaak vir wat goed en reg is.

Maar wat kan iemand doen teen die Here wat so sterk is? Die engel wat teen Hom opgestaan het, is swaar gestraf vir dié grootste sonde, en met al sy trotse volgelinge is hy vir altyd uit die hemel uitgegooi.

En nou het die Satan op die aarde rondgeswerf, vol bittere haat. Wat hy die graagste wou hê, was om hom te wreek en die werk van die Here te bederf.

En toe hy sien *hoe* mooi die Here alles gemaak het en hoe goed, toe het hy sy tande gekners van woede. Hy sou alles sommer dadelik wil verniel. En in sy woede het hy die meeste van alles vir Adam en sy vrou gehaat, want hulle was die mooiste van al die skepsels van die Here.

Maar .... hy durf hulle nie kwaad aandoen nie. Hy kon ook nie. Dit sou die Here nooit toelaat nie. Die Satan kon nie eens 'n blommetjie stukkend trap teen Sy wil nie. En naby die Here sou Sy kinders altyd veilig wees.

Maar ....

Hoe sou dit wees as die kinders self hulle rug na die Here draai? Hoe sou dit wees as hulle liewer na die slegte Satan luister as na die stem van die Here?

Die Satan het 'n slim plan uitgedink. Hy het goed geweet dat die mense altyd gelukkig sou wees as hulle naby die Here bly. Hulle moes Hom net vertrou en gehoorsaam wees. Dié vertroue, wat ons geloof noem, was soos 'n sterk band wat hulle aan die Here gebind het.

Daarom sou hy, wat Satan is, probeer om die band deur te sny! Hy moes hulle net in hul hart ongelowig maak, sodat hulle die Here nie meer vertrou nie. As hy dit regkry, kon hy hulle verlei om ongehoorsaam te wees. Dan sou die mense ongelukkig word, net so ongelukkig soos die Satan self was. Juis dit wou hy so graag hê.

Maar *self* wou hy nie na die mense gaan nie. Dit sou hulle mos agterdogtig maak, of hond se gedagte laat kry. Na hom sou hulle nie luister nie, want hulle het hom nie geken nie. Hulle sou skrik vir sy swart gedaante en sommer ver weghardloop. Maar wag! Hy kry 'n plan. Hy sou 'n slang kry om hom te help.

Eendag loop die vrou alleen rond in die tuin. Sy hoor iemand roep. Sy kyk oral rondom haar.

Dit was nie die stem van die Here wat sy hoor nie. Ook nie dié van Adam nie. Maar wie was dit dan?

Naby haar, onder die boom waarvan hulle nie mag eet nie, was 'n slang wat sy kop hoog optel uit die gras. Sy oë het skelm geglinster. En toe maak hy sy mond oop en hy praat!

20

Die vrou was nie verwonderd nie. Waarom sou 'n dier nie kan praat nie? Sou dit dan so 'n wonder wees om te praat? Sy het tog elke dag tussen wondere gelewe! En sy het nie geweet nie dat hoewel dit die slang was wat praat dit eintlik die Satan was wat die woorde vir hom ingefluister het.

Baie vriendelik sê die slang: "Luister tog. Kyk hoe baie mooi bome staan in hierdie tuin. Is dit waar dat jy van geen enkele een mag eet nie?"

Die vrou dink 'n bietjie na. "Nee," sê sy, "dis nie so nie. Ons mag juis van almal eet, maar net nie van hierdie een nie. Want dan sal ons sterwe. Dit het die Here gesê."

Toe dink sy in haar hart: "Maar dis darem 'n bietjie snaaks. Waarom nou eintlik nie?"

En die slang fluister iets. Dit was iets vreesliks, maar die vrou het tog geluister.

Die slang fluister: "Vrou, hierdie een boom is meer werd al die ander. Weet jy dit dan nie?

Laat ek vir jou sê, jy sal nie sterwe as jy daarvan eet nie. Die Here het dit gesê net maar om jou bang te maak. Hy wil die vrugte van dié boom vir Homself hou! Want Hy weet as jy daarvan eet, sal jy soos Hy wees. Vrou, dink 'n bietjie. Net soos Hy, net so slim sal jy wees, jy sal weet wat goed en wat sleg is."

Die vrou loop toe sommer weg.

Sy het nie die slang bestraf nie. Sy het ook nie gebid die Here moet haar help nie. Sy het geluister en gedink, en sy het die boom begin bekyk. Skielik het die boom vir haar tog te mooi gelyk en die vrugte, o, so heerlik! Mooier en lekkerder as al die ander vrugte!

En toe glo sy die valse woorde van die Satan wat haar gehaat het. En sy het nie meer die Here vertrou wat haar so liefhet nie. Sy dink 'n dier praat die waarheid, maar nie die Here nie!

Sy steek haar hand uit. Sy pluk een van die vrugte, en eet wat sy nie mag eet nie.

TOE het die vrou geweet wat die kwaad is. Dit het vir haar skielik duidelik geword. Dit het haar hart vinnig laat klop. Sy het 'n snaakse gevoel van onrustigheid en angs gekry.

Sy het toe al geweet dat die slang haar bedrieg het. Sy het in die tuin ingeloop, maar die kwaad het saam met haar gegaan. Waar sy kom, het die voëltjies sommer stilgebly. Die diere het sku pad gegee. Die vrou was alleen met haar sonde en haar angs.

Maar *dit* wou sy nie hê nie . . . . Adam, haar man, moes by haar bly. Hy moes ook word soos sy. As hulle twee saam sonde gedoen het, sou die angs miskien nie meer so erg wees nie.

Sy gaan toe na Adam en vertel hom wat gebeur het. Maar sy het nie vertel hoe ongelukkig en hoe bang sy voel nie. Sy het haar man bedrieg net soos sy bedrieg is. Sy het hom vertel wat die slang gesê het. Sy het hom die vrugte gewys wat sy gepluk het. En sy het aangedring en gesmeek.

"Adam, eet jy ook! Eet ook soos ek gedoen het. Ons sal nie gestraf word nie. Ons sal Wees soos die Here. Die slang het so gesê."

Adam het sy vrou liefgehad. Hy kon nie vir haar nee sê nie, en het liewer vir haar geglo as Vir die Here.

Toe laat hy hom ook verlei. Die vrou wat die Here gegee het om hom te help, dié vrou het sy ondergang geword, omdat hy na haar en nie na die Here geluister het nie.

Adam het geëet. Toe kom die swart sonde in sy hart ook. En daar het angs ook gekom, die angs wat 'n mens se blydskap wegneem.

TOE het albei geweet hoe die slang hulle bedrieg het. Hulle het geweet die Here God is heilig en getrou. Maar dit was te laat. Hulle sou wat ook al wou doen om reg te maak wat hulle Verkeerd gedoen het. Hulle kon skreeu van spyt en jammer. Te laat!

Stilletjies het hulle weggeloop. Die angs het hulle aangedrywe. Maar waarheen? Waarheen 21

kon hulle vlug vir die straf van die Here wat moes kom?

Hulle het die donkerste hoekies opgesoek. As hulle in mekaar se oë kyk, sien hulle net die sonde en die angs daarin. En hulle was skaam vir mekaar, want hulle het geen klere gedra nie. Nou het hulle gesien hoe hulle hul onskuld Verloor het.

Hulle het groot blare gepluk en vir hulle Voorskootjies daarvan gemaak. Toe hoor hulle die stem van die Here wat wandel in die tuin — die stem wat hulle altyd so bly gemaak het.

Maar nou het die stem hulle baie bang gemaak. Hulle het weggevlug, so vinnig as wat hulle kon!

Diep in die bosse het hulle gegaan. En in die donkerste plekkie, waar die son nie kon skyn nie, daar het hulle tussen die blare weggekruip. Hulle het gewag en gebewe van angs. Hulle het gehoop hulle was daar veilig.

Maar wie sal kan vlug voor die Here wat alles weet?

22

4. So Lief het God die Wêreld

Génesis 3:9-14

IE stem van die Here het naby hulle geklink: "Waar is jy?" Toe moes Adam antwoord D gee! Die Here het hom in die diepste donkerte gesien. Krom gebuig het hy en sy vrou uitgekom. Vol skuld het hulle voor die Here gestaan, en gebewe van eerbied en vrees.

Adam het gehakkel: "Ek .... ek het U stem gehoor in die tuin, Here. En toe het ek bang vir U

geword. Want ek is naak. Daarom steek ek my weg."

Dit was nie waar nie. Maar die Here het alles geweet.

"Wie het jou vertel dat jy naak is?" vra die Here toe. "Het jy van die boom geëet waarvan Ek gesê het jy mag nie eet nie?"

O, daar was toorn maar ook droefheid in die stem van die Here. Adam het gebewe. Adam het laag afgebuig. Hy kon die toorn nie verdra nie. Hy het gesê:

"Die vrou wat U my gegee het, dié het my van die boom se vrugte gegee. En ek het geëet."

Toe draai die Here Hom na die vrou. "Wat is dit wat jy gedoen het?" Maar háár angs was ook te groot. Sy het haar skuld op 'n ander geskuiwe.

"Die slang het my bedrieg," het sy gesnik, "en toe het ek geëet."

Toe het die Here vir die slang kwaad geword omdat hy hom laat gebruik het deur die Satan.

Die Here het die slang vervloek: "Jy sal op jou maag kruip solank as jy lewe."

Maar ook Adam en sy vrou moes hoor hoe hulle gestraf sal word. Die Here het gesê hulle lewe sal swaar wees, en dat hulle moeilikhede sal hê, en dat die vrou pyn sal verduur. Adam sal hard moet werk om hulle brood te verdien, terwyl dorings en distels die werk nog swaarder sal maak. En die ergste van alles was dat die dood 'n einde aan hulle lewe sal maak. Die Here het dit gesê, en dit het ook so gebeur.

Die Here was baie ontevrede, maar tog was Sy liefde groot. Hy het 'n Vader gebly vir Sy kinders wat so ver afgedwaal het. In die straf van die Satan is daar 'n mooi belofte vir die mens verberg. Die Here het vir die Satan gesê: "Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou kinders en haar kinders. Hy sal jou die kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt."

Dit was snaakse woorde. Maar die vrou het daar darem iets van verstaan. Daar sal altyd stryd wees tussen die mens en die Satan. Die Satan sal baie kwaad doen aan die mense en sal hulle baiemaal weer verlei om sonde te doen; maar eendag sal daar 'n Kindjie gebore word wat te sterk vir hom sal wees. Die Kindjie wat van die nageslag van Adam en sy vrou sal wees, sal die Satan se mag verbrysel.

Die Kindjie sal die Verlosser van die wêreld wees.

DIT was die grootste wonder wat ooit op aarde gebeur het, dat die Heilige God tog nog 'n Vader sal wees vir Sy kinders wat verlore was. Die wonder was ook dat Hy hulle vir altyd wil gelukkig maak. Hulle moet Hom maar net liefhê, en hoop op die Verlosser wat sal kom. Hy sal hulle straf dra, en die hemel vir hulle verdien. Hulle moet net hulle hele lewe lank gehoorsaam wees.

Die dood sal nog kom na elke mens, maar dit sal nie meer 'n straf wees nie. Dit sal maar net

'n donker poort wees, maar tog 'n deur na die lieflike lig van die hemel vir hulle wat in Hom glo.

O, die wonder van die Liefde! Die Verlosser wat die Here aan die wêreld sal gee, sal Sy eie Seun wees. Dit sal die Here Jesus wees wat in Betlehem sal gebore word. Hy wat die straf wat die ongehoorsame mens verdien, op Golgota sal dra.

MAAR dit alles het Adam en sy vrou nog nie geweet nie. Hulle het net geweet dat die vrou 'n 23

moeder sal word, en dat eenmaal die Kind sal gebore word wat hulle Verlosser sal wees. In hulle angs kon hulle aan hierdie belofte vashou.

En van toe af het Adam sy vrou by 'n nuwe en 'n mooi naam genoem. *Eva* het hy haar genoem. Dit beteken die *moeder van alles wat lewe.*

Sy het hom nie mooi gehelp nie, want sy het Satan gehelp. Maar tog sou sy 'n goeie moeder word, die voorouer van die Verlosser.

TOE het die Here God klere gemaak vir Adam en Eva, en dit vir hulle aangetrek.

Hy het hulle laat weggaan uit die tuin van Eden sodat hulle nie by die boom van die lewe kon kom om daarvan te eet nie. Engele met 'n

swaard wat vlam en flikker moes sorg dat die mens daar nooit weer inkom nie.

Adam en Eva het weggevlug, die wye wêreld in.

Nou sal hulle baie moet ly en baie gevare moet verduur. En hoe seer was hul hart nie van spyt vir wat hulle gedoen het nie!

Maar hulle het geweet dat die Here in die hemel hulle in Sy liefde sal bewaar. Dit het hulle angs tog 'n bietjie laat bedaar.

Nou sal hulle nie meer die heilige stem van die Here hoor soos voorheen in die paradys nie.

Hulle sal nou eensaam wees en baie moeite en verdriet hê. Maar die heerlike belofte wat hulle in die tuin gekry het, sal wees soos 'n ster in die donker. Daarna kan hulle altyd kyk.

Hulle het spyt gehad, en dit was asof die spyt gesnik het: "Verlore, alles is verlore, en dis ons eie skuld!"

Maar hulle het ook hoop gehad, en dit het sag gefluister: "Maar nie vir altyd nie! Die Verlosser kom!"

5. Kain en Abel

Génesis 4:1-16 en 25-26

OU moes Adam en Eva altyd buitekant die mooi tuin woon. En hulle was daar maar so N kort gewees!

Nou het hulle die stem van die Here nie meer in die wind gehoor nie. Nou het die Here nie meer saam met hulle gewandel nie. En in plaas van vrede en blydskap was daar sonde en verdriet in hulle lewe. Hulle het goed geweet dat sonde en verdriet bymekaar hoort. Die twee kom altyd saam.

MAAR sonde en bederf gaan ook saam. Die sonde wat die mens in die wêreld gebring het, was soos 'n kwaai, aansteeklike siekte. Dit het die mooi werk van die Here, alles wat Hy gemaak het, bederwe. Die diere het mekaar doodgemaak. Die leeu het die arme lammetjie verskeur. Die slang het die onskuldige konyntjie gebyt. Die groot voëls het die kleintjies met hul kloue gevang. Ook by die plante het daar verderf gekom. Die blomme het *nie* meer so mooi gegroei nie. Dikwels het die gras verdroog in die warm strale van die son. En distels en dorings en onkruid het op die aarde gegroei, soos die Here gesê het.

Lyding en die dood het deur die wêreld gegaan. Die aarde het gesug onder die vloek van die Here.

En op hierdie aarde wat so bederf is, het die eerste twee mense gewerk en geswoeg om aan die lewe te kan bly.

Soms het die son op hulle hoof warm gebrand. Soms het hulle gebewe van die koue. En wanneer die wilde diere brul, het hulle bang geword en weggevlug. As daar storms kom, of aardbewings of swaarweer het hulle gebewe van vrees.

En as die lang, donker nagte kom, was hulle twee bang mense wat saam weggekruip het, êrens onder 'n krans of in 'n grot in 'n berg. Hoe seer was hul hart dan nie as hulle dink aan al die geluk wat hulle tevore in die tuin gehad het!

Tog het hulle geweet hoe die Here hulle nog in liefde bewaak het, ook *nou* nog! En .... dat Hy eendag die Verlosser sou stuur.

Hulle sou hul straf nooit kon gedra het as hulle daardie belofte nie gehad het nie. Dan sou hulle miskien doodgegaan het van spyt en verdriet.

MAAR eendag het daar vir hulle 'n wonder gebeur. Toe is op die groot wêreld waar hulle gewoon het 'n tere klein kindjie, 'n seuntjie, gebore.

En nou was Eva 'n moeder. Sy het die ou babetjie in haar arms geneem en was bly. Sy sê toe: "Met die hulp van die Here het ek 'n man verkry." Sy het haar seuntjie Kain genoem.

Sy het nie 'n kombersie gehad om hom mee warm toe te maak nie. Daar was nie 'n wiegie, waarin sy hom kon neerlê om te slaap nie. Sy was so arm dat sy nie veel meer as net haar liefde gehad het nie.

Maar sy het so goed as wat sy kon vir hom gesorg. Sy het hom warm gemaak aan haar bors. In haar blydskap het sy gewonder of dié kindjie nie miskien die Verlosser sou wees wat alles tussen hulle en die Here weer sou regmaak nie.

Maar in die hartjie van die klein kindjie was daar alreeds die sonde wat alles bederwe. Hoe sou hy dan ooit die Verlosser kon wees?

'n Rukkie later is nog 'n baba gebore en dit was weer 'n seuntjie. Hulle het hom Abel genoem. Toe het Adam en Eva twee kinders gehad. En daarna het hulle nog baie ander kinders gehad.

Abel en Kain het grootgeword. Eva het vir hulle gesorg, en Adam het vir hulle gewerk. Toe hulle groter geword het, het Adam hulle geleer om te bid. Hy het hulle vertel van die Here 25

wat alles gemaak het, en van die mooi tuin waarin hulle gewoon het. Hy het hulle ook vertel van die sonde, en van die slegte Satan. En hy het vertel van die liefde en die goedheid van die Here. Partymaal het hy hulle saam veld toe geneem om 'n offer vir die Here te bring.

Kain en Abel het groot mans geword. Toe moes hulle ook werk, net soos hulle vader.

Kain het 'n boer geword wat koring gesaai het en miskien vrugte en groente ook geplant het.

Wanneer die koring ryp was, het hy dit bymekaargemaak, en dit gemaal en brood daarvan gebak.

Abel het skaapwagter geword. Hy het sy vee in die veld gaan oppas, en die beste, die groenste weiplekke vir hulle uitgesoek. Net soos óns, van koeie, het hy melk gekry van sy skape, en hy het hulle wol gebruik om klere van te maak. Ook het hy van hulle geslag om vleis te kry. En sy troppie skape het groter geword, deurdat daar altyd lammertjies ook aangekom het. Hy was 'n goeie jongman wat die Here liefgehad het.

Maar Kain was anders.

Die Here het gesien dat die hart van Kain sleg en hard was. Kain het ook niks vir die Here omgegee nie. Hy het maar net aan homself en aan sy werk gedink.

Daar was ook sonde in Abel se hart, maar hy het die Here liefgehad. Hy het aan die Here gedink en hy het gebid. Hy het ook gestry teen die versoeking om kwaad te doen.

In Abel se hart was daar geloof, maar nie in Kain s'n nie.

Wanneer Kain en Abel gaan offer het, soos hulle vader hulle geleer het, dan het elkeen 'n klomp klippe, sê maar so hoog soos 'n tafel, opmekaar gestapel. Bo-op het hulle brandhout gesit. En bo-op die hout het hulle die offer, wat hulle vir die Here wou gee, neergelê.

Abel het gedink: "Alles wat ek het, het die Here my gegee. Ek wil graag wys hoe dankbaar ek is." Dan het hy die mooiste en die grootste skaap wat hy gehad het, uitgesoek om dit te offer.

Kain het gedink: "Dis nou 'n gewoonte om te offer en daarom sal ek dit ook doen. Maar waarom moet ek dankbaar wees vir wat ek het. Ek het mos self hard daarvoor gewerk." En hy het van sy koring of vrugte geneem en dit op die altaar gelê, maar hy het dit sonder enige liefde gedoen.

Dan het hulle albei die hout aan die brand gesteek. Die vuur het hoog opgevlam en terwyl dit die offer verbrand, het hulle neergekniel

en gebid. Abel het baie eerbiedig gepraat met sy Vader in die hemel op wie hy met sy hele hart vertrou het. En sy gebed het soos die rook van die vuur opgegaan, en die Here het dit gehoor.

Kain het ook neergekniel. Hy het ook 'n paar woorde gebid. Maar hoe kon hy reg bid as daar nie geloof en dankbaarheid in sy hart was nie?

Die Here het die offers gesien, maar Hy het ook die harte gesien. Toe het die Here die offer van Abel aangeneem, maar dié van Kain het Hy nie aangeneem nie. Kain kon dit merk, en hy het baie hartseer maar ook kwaad geword. Hy was kwaad vir die Here en ook vir Abel, want Abel se offer is aangeneem, en nie syne nie. Sy hart was afgunstig en hy het sy broer gehaat. Al meer afgunstig het hy geword en al meer het hy vir Abel gehaat. Dit het so erg geword dat hy later aan niks anders meer gedink het nie. Hy het byna nie meer geslaap nie.

Hy het maer en bleek geword.

In Sy liefde het die Here hom nog gewaarsku en gesê: "Kain, hou op om so kwaad te wees.

Kain, pas op, daar lê 'n groot sonde voor die deur van jou hart. Jy moet baas wees oor die sonde en jou beheer. Dan sal Ek jou offer ook aanneem."

Maar Kain wou nie luister na die stem van die Here nie. Liewer het hy geluister na 'n ander stem, wat hom 'n vreeslike plan ingefluister het. Dit was weer die Satan se stem en Kain het dit gehoorsaam.

'n Tipiese voorbeeld van opgrawings in Bybellande. Op versigtige wyse word die bouvalle blootgelê en oorblyfsels soos

potskerwe noukeurig versamel.

Hy het met Abel gepraat en hom skelmpies na die veld gelok. En wat doen hy toe hulle twee daar alleen was? Hy slaan Abel dood, want hy was baie kwaad vir hom.

Arme Abel se liggaam het daar in die gras gelê, bleek en stil. Sy bloed het op die grond geloop. En toe eers skrik Kain. Hy vlug. Hy kon nie op die vreeslike plek bly nie. Sy angs het hom weggedrywe. Die bloed van sy broer het aan sy hande geklewe. Net waar hy gaan, gaan die bloed saam — oral!

Maar Iemand het Kain gevind en dit was die Here. Hy het gevra: "Waar is Abel, jou broer?"

Aan Sy stem kon 'n mens hoor hoe bedroef maar ook hoe ontevrede die Here was. Kain het gebewe. Maar hy het nie op sy knieë geval en "Here, ag, vergewe, vergewe my tog!"

gesmeek nie. Want Kain het in sy hart glad nie spyt gevoel nie. Hy was maar net bang die Here sou hom straf. Hy dag: "Ek sal maar parmantig wees en 'n leuen vertel!"

Hy sê toe: "Ek weet nie. Is ek dan my broer se wagter?"

Hoe dwaas! Kain kon die Here nie bedrieg nie. Toe sê die Here: "Wat het jy gedoen? Die stem van jou broer se bloed roep van die aarde na My."

Toe het die Here se toorn op Kain gekom. Kain is vervloek. As hy tuin sou maak, sou die plante nie so goed groei of dra soos tevore nie. Distels en dorings sou baie pla in sy tuin of op sy lande. Hy self sou rondswerwe van die een plek na die ander, en nêrens enige rus kry nie.

OP een dag het Adam en Eva al twee hul seuns verloor. Kain het weggeswerwe na vreemde lande. En hulle het Abel in die veld gevind waar hy koud en bleek en vol bloedvlekke gelê het waar sy broer hom doodgeslaan het.

Versigtig en saggies het hulle sy liggaam huis toe gedra. Miskien het hulle daar ure lank by 27

die liggaam gesit en wag hou .... tot hy weer sy oë sou oopmaak en met hulle praat. Hulle het hom geroep: "Abel, Abel," en probeer om hom wakker te maak.

Maar Abel het sy oë nie oopgemaak nie. Hulle sou nooit weer sy stem hoor sê "vader" of

"moeder" nie.

Toe eers het hulle verstaan wat met hom gebeur het. Abel was *dood*| Die vreeslike vyand waarvan die Here in die paradys met hulle gepraat het, het die eerste na die goeie seun Abel gekom. Sy ouers kon niks anders doen as om hom maar te begrawe in die diep, donker aarde nie.

TOE was alles vir hulle donker.

Op wie sou hulle nou hoop in die toekoms? Wie sou hulle verlos van sonde en skuld? Die Here het dan belowe dat daar aan die Satan 'n einde gemaak sou word. Was die Satan nou oorwinnaar?

Die geloof van die twee mense is swaar op die proef gestel.

TOG het die Here Adam en Eva getroos in hulle droefheid. Hy het hulle weer kinders gegee, seuns en dogters. Een van die seuns het na Abel gelyk. Hy was in sy plek gebore en hy was net so vroom. Sy geloof was ook net so sterk. Hulle het hom Set genoem. Dit beteken iemand wat die plek van 'n ander inneem.

Die ster van die hoop het weer begin skyn in die hart van Adam en Eva. Hulle het verstaan dat die Satan tog nie gewen het nie. En hy sou nooit, nooit, wen nie! Die ware Verlosser sou ééndag kom. Die Here is getrou.

Maar wat van Abel?

Toe Kain se vuis hom platgeslaan het, het die engele van die Here gekom en sy siel opgeneem na die hemel. Dáár het Abel behoort, by sy Vader in die hemel.

Kain was die eerste moordenaar en hy sou vreeslik gestraf word.

Abel was die eerste mens wat vir sy geloof gesterf het. Hy was die eerste martelaar. Maar hy was ook die eerste wat na die hemel gegaan het. Daar is geen sonde, geen verdriet, geen haat of afguns nie. Daar is die ewige saligheid.

6. Die Here is Getrou

Génesis 4:17 tot 6:8

IE jare het verbygegaan. Adam en Eva het oud geword en hulle het nou baie kinders, D kleinkinders en agterkleinkinders gehad. Saam het hulle 'n groot volk geword. En Adam, wat al baie, baie oud was, kon nog vir die kinders van daardie volk vertel van die wonderlike dinge wat die Here gedoen het.

Baie van hulle het verlang na die koms van die Verlosser, soos die Here belowe het.

Party van die mense het ver weg van Adam en Eva in die land Nod gaan woon. Daarheen het Kain gevlug, en toe het daar 'n nuwe nasie op die wêreld ontstaan. Niemand het *hulle* kinders iets vertel van die liefde en die krag van die Here nie. Die volk van Kain het ook nie verlang na die Verlosser nie.

EEN van hulle was 'n groot sterk man. Sy naam was Lameg. Eendag het hy voor die deur van sy tent gestaan en sing. Binnekant het twee mooi vroue gesit en luister. En baie mense het daar rondom ook gestaan en luister.

Lameg het 'n swaard geswaai, wat blink en flikker in die son. Net so gevaarlik soos die swaard het sy oë ook geflikker. Hy het 'n lied van haat gesing: "Ada en Silla, hoor na my stem! Vroue van Lameg, luister na my woord. Waarlik, ek slaan 'n man dood wat my wond, en 'n seun wat my kwes. Want Kain sal sewe maal gewreek word, maar Lameg sewentig maal sewe maal."

So het Lameg gesing. Toe het die twee vroue gelag, en die ander mense het hulle hande saamgeklap. Dis 'n mooi lied, het hulle gedink.

Ja, het daardie mense gedink, so moet 'n mens lewe. Jy moet hard wees en wreed. Jy moenie omgee om iemand dood te maak nie — dis die beste! As iemand jou kwaad doen, moet jy jou wreek en sy bloed laat loop. Jy moet hom tien maal so sleg behandel as wat hy jou behandel het. Jy moet hom maar doodslaan. En waarom nie! As jy baie sterk en dapper is en nooit vir jou vyande jammer kry nie, dan sal jy baie magtig en gelukkig wees. Want mag en rykdom beteken geluk. 'n Mens moet maar net vir jouself sorg. Dan maak jy jou lewe mooi en gelukkig. So het hulle gedink.

Met sulke dinge was daardie mense lank al besig. Hulle het groot, sterk stede gebou, met hoë dik mure rondom, sodat hulle veilig sou wees en hul vyande hulle nie kon kom doodmaak nie.

Drie van die seuns van die sterk Lameg het mooi dinge uitgevind. Jabal was die man wat eerste tente gemaak het, sodat hulle nie meer in donker spelonke hoef te woon nie. Jubal, sy broer, het fluite en ander instrumente uitgevind waarmee 'n mens musiek kan maak. En Tubal-Kain was 'n smid wat 'n ysterswaard gemaak het. Niemand kon dit waag om 'n man wat dit het, aan te val nie.

Aan die Here het daardie mense nie gedink nie. Vroeër het hulle stamvader Kain nog offers gebring, toe hy nog by sy vader gewoon het. So dom was hulle nie meer nie. Hulle het ook nooit gebid nie. Waarom sou hulle ook? 'n Mens moet jou *self* maar in die lewe help, het hulle gemeen.

As hulle dan hul vyande oorwin het en hulle in hul tente sit, maar nog nie gelukkig voel nie, dan moes Jubal kom met sy harp, en vrolike musiek maak. Hulle kon feesvier en sommer vergeet dat hulle eintlik heeltemal ongelukkig was. Hulle het mos alles wat 'n mens se hart kan begeer.

Dit was die mense van Kain.

MAAR naby die tuin van Eden het 'n ander soort lied geklink. Dit was 'n mooi lied waarmee die mense die Here aanbid en Sy Naam geprys

het. Ander mense het daar in die veld 29

saamgekom en gepraat oor die groot dinge wat die Here gedoen het. Hulle het offers gebring. Hulle het saam gebid. Hulle het die Naam van die Here aangeroep. Dit was in die dae van Enos, die seun van Set, dat hulle so begin doen het. Adam het toe nog gelewe en hy was ook daarby. As hulle offer dan aangeneem is, en hulle gebede verhoor is, en hulle dink hoe groot en hoe goed die Here is, dan kon hulle sing van geluk.

Hierdie mense het nog nie mooi warm tente of musiekinstrumente of skerp swaarde gehad nie. Hulle was nie so slim soos die ander wat hul geluk in hul eie krag gesoek het nie. Maar as hulle bymekaarkom, en met 'n eenvoudige lied die Here lowe, was dit mooier musiek as dié van Jubal. Hulle het geweet dat as die Here hulle bewaar hulle veiliger was as in 'n stad.

Hulle het geweet dat rykdom en mag 'n mens nie gelukkig maak nie, maar dat jy geluk net in die liefde van die Here moet soek.

Dit was die mense van Set.

TOE gebeur daar iets wat baie treurig was. Onder die mense van Set was daar jong manne wat baie gelyk het na Kain, toe hy saam met Abel gaan offer het. Hulle het gemaak asof hulle die Here dien, maar daar was nie ware liefde of geloof in hul harte nie. En daarom was hulle ook nie gelukkig nie.

As hulle dan met hul skape rondtrek, het hulle partymaal van die mense van Kain ontmoet.

Dan het hulle mooi musiek gehoor en baie wonderlike dinge gesien. Hulle het ook mooi jong meisies gesien. Omdat hulle nie die ware hemelse geluk geken het nie, het hulle verlang na die mooi goed van die mense van Kain.

Die arme dom mense, hulle dag hulle sou daarmee gelukkig wees! Hulle het gesê: "Ons wil vriende wees van daardie knap, sterk volk. Ons wil ook geniet van al hulle mooi en lekker dinge. Laat ons dan maar trou met die mooi meisies."

En dit het hulle gedoen. Hulle het nie gelet op die mense se verkeerde en sondige lewe nie.

En gou-gou het hulle saam met hulle verkeerd gedoen. Al meer en meer van die jong manne het so gedoen. Die sonde van die slegte Lameg het ook onder die mense van Set gekom.

MAAR hulle het darem baie waarskuwings gehad. Daar was 'n man wie se naam Henog was. Hy het die Here so liefgehad dat hy die hele dag aan Hom gedink en saam met Hom gelewe het. Hy het met die Here gewandel.

Hierdie man het die slegte mense gewaarsku. Hy was nog baie dapperder as Lameg, want hy het sonder 'n swaard om hom mee te verdedig na hulle gegaan en hulle vermaan. Hy het gesê die Here sou kom om hulle te straf vir hulle sonde en hulle skandelike woorde. Maar hulle wou nie luister nie. Hulle het hom gehaat, en so ver gegaan dat hulle hom wou doodmaak.

Toe kon 'n mens sien dat dit nie verniet was dat hy op die Here vertrou het nie. Toe die mense vir hom te erg kwaad geword het, het die Here hom weggeneem na die hemel toe.

Hy het nooit gesterwe soos ander mense nie. In die hemel was die getroue kneg van die Here veilig, want daar kon die slegte mense nie by hom kom nie. Adam het gesterwe. Hy was al vreeslik oud, negehonderd-en-dertig jaar. En Eva was toe ook nie meer op die aarde nie. Sy het die Verlosser nie gesien nie, maar sy het op Hom gehoop en met dié hoop het sy in die heerlikheid van die hemel ingegaan. Hy sou eenmaal kom om die straf ook vir haar sonde te dra.

NOU het dit nog baie erger gegaan. Die mense van Kain en Set het begin saam woon. En hulle het een groot goddelose volk geword. Eindelik het daar nog net een goeie man oorgebly wat saam met sy familie die Here gevrees het. Dit was Noag. Hy het net soos Henog met die Here gewandel, en ook soos Henog die mense gewaarsku. Maar hulle wou nie luister nie. Hulle het maar aangehou om te veg en te vloek en die ergste sonde te doen.

Hulle was so wreed en bloeddorstig soos wilde diere.

Hulle het gespot met die straf wat sou kom. Hulle het hul niks gesteur aan die Here wat hulle 30

geskape het nie.

Maar die heilige God laat nie met Hom spot nie. Nadat Hy baie, baie gewaarsku het en die mense tog nie wou luister nie, het Sy straf gekom.

Die Here het gesien dat die hele wêreld bederf was deur die sonde en dat die mense se harte vol haat was teenoor Hom. Dit het die Here bedroef. Maar tog was Sy geduld groot en Hy het die mense nog honderd-en-twintig jaar tyd gegee om hulle te bekeer. As hulle dan nog nie wou luister nie, sou iets vreeslik met hulle gebeur. Daar sou so 'n groot oorstroming kom dat die aarde diep onder die water sou lê, en al die slegte mense sou verdrink.

Intussen moes Noag aanhou met preek om die mense te waarsku.

As hulle nie wou luister nie, en die oorstroming kom, sou die vrome Noag nie saam met hulle omkom nie.

Op 'n wonderlike manier sou die Here hom bewaar.

Die Here het hom gesê hy moet 'n ark bou. Dit was 'n baie groot skip, so groot soos daar nog nooit tevore op die aarde was nie. Daarin sou Noag met sy vrou en kinders veilig wees.

Daarin sou ook van al die diere en al die voëls een paar elk aan die lewe gehou word totdat die oorstroming verby was. Daarna sou die diere opnuut weer oor die aarde versprei. Daar sou ook 'n hele nuwe geslag van mense op die wêreld kom.

En baie lank daarna sou daar êrens in die wêreld dié Kindjie gebore word wat die Here reeds in die paradys beloof het. Hy sou die Verlosser van die wêreld wees.

God is getrou.

31

7. Die Sondvloed

Génesis 6:9 tot 9:17

OAG het alles gedoen wat die Here gesê het. Vol moed en vertroue het hy sy groot N werk begin. Sy drie seuns, Sem, Gam en Jafet, het hom gehelp.

Hulle het groot bome in 'n bos gaan afkap en daarvan swaar balke en sterk planke gesaag.

Dit het hulle gebring na die plek waar hulle die ark wou bou. Hulle het die hout gemeet en só gesaag dat alles mooi moet pas; hulle het gekap en gehamer, dag vir dag, en week vir week, en jaar ná jaar. Langsaam maar seker is die groot skip gebou, want hulle het hard gewerk.

Hulle het gedoen presies soos die Here hulle gebied het. Die lengte van die skip was driehonderd el (of 200 voet) en hy was vyftig el breed en dertig el (of 20 voet) hoog. Hy het drie verdiepings gehad, elkeen met baie kamers. Noag het ook 'n venster en 'n deur gemaak in die ark. Hy het pik gesmeer aan al die lasplekke van die hout sodat daar geen enkele lekplekkie kan wees vir die water om in die ark in te kom nie.

ONDERWYL Noag gewerk het, het sy hart baie gelukkig gevoel omdat die Here so genadig was om hom en sy familie te spaar. Maar hy het ook baie jammer gevoel vir daardie slegte mense wat miskien vir altyd verlore sou gaan.

Hulle het natuurlik kom kyk na wat hy doen. Hulle het mekaar vertel van die dom ou man wat werklikwaar 'n skip wou bou, en nogal so 'n reus van 'n skip, op die land, ver weg van die see! Hulle het nie 'n vinger verroer om hom te help met sy werk nie. As hy sy hamer neersit en na hulle kom om ernstig en bedroef aan hulle te vertel hoe vreeslik die Here hulle sou straf, het hulle net gelag. As hy hulle dan in die Naam van die Here smeek om hulle te bekeer en om te bid dat Hy hulle sal vergewe, het hulle daarmee gespot. En as hy aanhou om vir hulle te preek, het hulle somaar weggeloop. "Ag, die ou Noag!" het hulle uitgeroep.

"Hy is van sy verstand af! Wie glo in ons tyd nog in die Here! Wie is dan bang vir straf! Nie ons nie! Ons is sterk en ryk en vry. Ons doen wat ons wil! Wie sou vir ons kwaad kan aandoen?"

So het hulle gespot. En niemand het hom bekeer, nie eens een nie.

Maar die hamers het aangehou met slaan, en die byle het geklink, 'n honderd-en-twintig jaar lank — tok, tok, tok .... klop, klop, klop, asof dit 'n laaste waarskuwing van die Here was. Dit het die goddelose mense gehoor, soggens as hulle opstaan, en saans voor hulle gaan slaap. Tok, tok, tok . . . . klop, klop, klop! Luister tog! Luister tog.

Maar hulle wou nie luister nie. Toe het die geraas van die hamers opgehou, want die groot werk was klaar.

DAARNA het 'n wonderlike optog begin. Net soos hulle na Adam in die tuin van Eden gekom het, het die diere nou na Noag in die ark gekom — twee-twee, 'n mannetjie en 'n wyfie. Maar van al die rein diere wat ook vir die offers gebruik word, het daar sewe pare gekom, en net so van die voëls. Die leeus en die jakkalse het nie die bokkies of die skape aangeval nie. Dit was asof die klein diertjies van die

woud wou wegvlug van 'n groot gevaar, maar toe hulle by die ark kom, het hulle heeltemal rustig en kalm geword. Hulle het Noag toegelaat om hulle te wys waar hy hulle wou hê, en waar hy voer vir hulle gebêre het.

Dit was alles 'n groot wonder en 'n heel laaste waarskuwing vir die mense. Maar die sonde het hulle harte so donker gemaak, dat hulle selfs toe nog nie wou luister nie. Daarna was dit te laat. Net agt mense het die Here gehoorsaam, en die ark binnegegaan. Hulle was Noag en sy vrou, en sy drie seuns en hulle vroue. En die Here het self die deur agter hulle toegesluit.



Die geskiedenis van vroeë Sumeriese en Semitiese konings deur 'n skrywer in spykerskrif beskrywe teen 2200 v.C.

Die ark, met alles wat so kosbaar was binne-in, het stil gewag tot dit sou begin reën. In die ark was daar lewe, maar almal wat buite was, sou sterwe. Die son het nog geskyn. Nog een week is die lewens gespaar van al die slegte, hoogmoedige mense wat nie wou ophou om sonde te doen nie.

TOE eindelik het die vreeslike straf gekom. En niemand was meer bedroef daaroor nie as die Here self.

Swart, swart wolke het die lug begin donker maak, totdat die blou hemel glad nie meer gesien kon word nie. Die son het verdwyn. In die stilte voor die storm het dit al donkerder geword. In die bos het daar êrens 'n dier geskreeu. Die aarde het gebewe.

En toe bars die vreeslike oordeel los. Weerligstrale is oral gesien en dit het gedreun van die donderslae. Die reën het neergeplas oor die aarde, en die water het gestroom asof daar sluise in die hemel oopgemaak was. Die aarde het oopgeskeur en uit die grond het water soos fonteine opgespuit.

In die donkerte het die groot skip gestaan. Tog was hy maar klein in die geweldige storm. Op sy houtdak het die reën gekletter. Die water het geraas soos dit afstroom langs die kante.

Oor die veld het stormwater aangekom. Golwe water het teen die ark se deur geslaan, want die see en riviere het oor die land gestroom en dit was asof dit 'n opening tussen die planke soek om daardeur na binne te stroom. Die wind het gekom en die ark geskud dat die planke kraak.

Maar binnekant, in die donker, het 'n paar mense gesit, vas teen mekaar gedruk. Hulle was veilig en droog terwyl hulle luister na die

groot geraas van die storm. Hulle was vol eerbied vir die grootheid van die Heie. Hulle was ook bedroef omdat die mooi wêreld daarbuite vergaan. Maar *hulle* hoef nie bang te wees nie. Die ark was nie Noag se werk nie, maar dié van die Here wat hom geleer het hoe om dit te maak. Bokant die wind wat so raas en die water wat so woes was, was die Here, en Hy het hulle bewaar.

Die water het om die ark gespoel en al hoër opgekom. Toe het die golwe die anderkant van die skip gegryp, en dit opgetel en saamgedra, eers bo-oor die bome, toe bo-oor die heuwels, hoër, altyd hoër en nader aan die swart wolke van die hemel. Die ark het gedryf oor die donker waters. Waarheen? Daar was nie 'n roer om dit in een sekere rigting te stuur nie. Die wind het dit vorentoe gedrywe, maar die Here het dit self bestuur.

Veertig dae en veertig nagte het die reën neergeplas. Toe begin die wolke ooptrek, en die wind het hulle weggewaai. Dit het weer lig geword.

Die aarde was heeltemal toe onder die water. Selfs die hoë berge kon nie gesien word nie.

Maar die son het geskyn. En êrens op die groot wêreldsee het 'n houtskip gedrywe, net 'n donker stippeltjie op die golwe.

Binnekant het elke dier op sy eie manier laat hoor hoe bly hy is. En die mense het gesing van dankbaarheid.

MAAR wat van die ander? Hoe het dit gegaan met die slegte mense wat nie in die ark wou ingaan nie?

Toe dit begin reën, dag hulle dis somaar 'n gewone onweer. Maar toe die water in hulle huise inloop, het hulle begin bang word. En toe dit al hoër en hoër word, het hulle gedag aan wat die ou man Noag gesê het. Toe het hulle geglo, maar dit was te laat. Hulle het geen hoop meer gehad nie, en hulle het geskreeu: "Help, help ons tog asseblief!" Maar die geraas van die donder en die wind en die

watergolwe was so groot dat 'n mens hulle stemme nie eens kon hoor nie.

Hulle het op die dakke van hulle huise geklim. Die water het nog hoër gestyg. Hulle het na die heuwels en die berge gevlug. Maar ook dáár het die water gekom en hulle afgespoel, en hulle het in die diep see verdrink.

Die hoogste berg was vyftien el, of tien voet, diep onder die water.

Die monde van dié goddelose mense kon toe nie meer spot of vloek nie. Die hande wat niks anders as kwaad gedoen het, het vir altyd stil gelê.

Honderd-en-vyftig dae het die ark gedrywe op die water. Toe het dit skielik teen iets gestamp, en vasgesit. Dit het grond geraak bo-op 'n hoë berg, die berg Ararat. Daar sou die ark bly totdat die water opgedroog het. Die water het nog heen en weer by die venster verby gevloei, maar dit het darem langsaam begin sak. Die aarde het dit weer ingedrink. Die son se warm strale het dit ook opgedroog en die wind het dit weggedrywe.

'n Klein entjie om die ark was die grond al droog. Maar die ark het nie omgeslaan nie. Die Here het dit tussen die kranse laat vassit.

Noag het verlang om weer op die droë grond te kan loop en op die aarde te kan woon. Elke dag het hy by die venster staan en uitkyk. Soos die water sak, het hy hier en daar 'n eilandjie gesien uitsteek, wat elke dag groter geword het. Elke dag was daar ook meer te sien, want die toppe van die berge het weer bokant die water verskyn.

Dit het Noag bly gemaak. Hy het nog veertig dae gewag. Toe het hy die venster van die ark oopgemaak, en gegaan na die kamers waar die voëls was. Daar het hy 'n kraai gevang en dit deur die venster uitgegooi na buite.

Die voël was tog te bly om sy groot swart vlerke te kon uitsprei en te vlieg. Eers het hy so 'n bietjie heen en weer gevlieg en toe ver weg gevlieg en soos 'n klein stippeltjie oor die 34

gesigseinder verdwyn. Hy het nie weer teruggekom nie.

Hy het seker aan die lewe gebly deur kossies, wat op die water drywe, op te pik.

Daarna het Noag 'n duif losgelaat. Die duif het eers rondom die ark gefladder en toe ver weggevlieg, maar het in die aand weer teruggekom na die venster, moeg en treurig. Dis mos

'n voël wat lewe van grassaadjies wat hy op die grond oppik. Hy kon nêrens 'n plekkie kry waar hy sulke kos kon vind nie. Noag het sy hand uitgesteek na buite en die duifie gevat en dit weer veilig by die ander voëls gesit.

Ná 'n week het Noag die duif weer losgelaat. Toe dit aand word, het hy weer teruggekom, maar toe Noag hom vat in sy hand, merk hy dat die diertjie iets in sy bek het. Dit was 'n blaar wat hy van 'n olyfboom afgebreek het.

Dit was 'n boodskap van die Here. "Hou moed ! Die bome kom reeds bokant die water uit, en kyk, hulle dra al blare!"

Nou het Noag se hart lekker geklop. Hy het hoop gehad dat hy nou gou sou kry wat hy al so lank verwag.

Hy het weer sewe dae gewag. Toe het hy die duif weer laat wegvlieg, en hy het nooit weer teruggekom nie. Daar was kos vir die duif om van te lewe. Die aarde was droog.

Noag het die deur van die ark oopgemaak en gewag totdat die Here met hom sou praat.

Ná nog 'n maand, toe die agt mense al meer as 'n jaar in die ark was, het die Here hom bevel gegee: "Gaan uit die ark, Noag, jy en jou

familie en al die diere. Nou moet julle weer baie meer word op die aarde."

Almal het buitentoe gegaan; die mense en die diere. Die voëls het die wye, blou lug ingevlieg. Ewe bly het die ander diere bo van die berg af ondertoe geloop, waar daar weer baie gras en blommetjies was. Dit was 'n nuwe aarde wat oop voor hulle gelê het. Die diere het die bosse en die velde ingeloop. Die voëls het vir hulle mooi plekkies gesoek om nes te maak.

Noag het 'n altaar gebou en vir die Here 'n groot offer gebring van al die rein diere en die rein voëls. Toe het die agt mense neergekniel en die Here gedank dat Hy hulle lewens gespaar het.

Die Here het die offer gesien. Hy het ook die dankbare harte gesien. Toe het Hy 'n verbond met Noag gemaak en belowe om nie weer die aarde ter wille van die sonde te vervloek nie.

Die Here het gesê:

"Kyk, die reënboog wat Ek laat skyn in die wolke, moet vir julle in die toekoms 'n teken wees van My verbond. As dit reën en julle die reënboog in die wolke sien, moet julle onthou dat Ek belowe het om nooit weer so 'n vloed oor die wêreld te laat kom nie."

Bly en eerbiedig het Noag geluister.

TOE het Noag en sy seuns huise gebou en tuin gemaak net soos vroeër. Dit het weer gereën, partymaal hard en lank, maar die mense het nie bang geword nie. Want as die son in die wolke skyn, en hulle die reënboog bo die aarde sien, was dit vir hulle 'n bewys van die verbond en die belofte van die Here dat daar nooit weer 'n sondvloed sou kom nie.

Hoog op die berg het die ou ark nog jare lank gestaan. As die mense daarna kyk, was dit asof die ark met hulle praat en vir hulle sê:

"Onthou julle nog wat gebeur het en hoe veilig julle was met die groot oorstroming van die aarde? Onthou julle nog? Nou ja, sorg dat julle nou naby die Here bly."

35

8. Seën en Vloek

Génesis 9:18 tot 9:18-29

AAR was eenmaal 'n slim ou man wat druiwestokkies geplant het op 'n mooi plekkie aan D die sonkant van 'n heuwel. Hy het mooi gekyk daarna. Die onkruid het hy uitgepluk en die druiwetakkies gesnoei sodat hulle baie en goeie trosse kon dra. Toe die druiwe ryp en soet was, het hy daarvan in 'n groot bak uitgedruk, en die sap laat staan totdat dit wyn geword het. Hy het daaraan geproe en was bly dat dit so lekker smaak. Maar in sy blydskap het hy vergeet dat dit baie verkeerd is om te veel daarvan te drink. Die wyn het sy kop lig gemaak en hy het hom oor niks bekommer nie. Ja, hy het ongelukkig dronk geword.

Toe was dit asof hy nie meer by sy verstand was nie. Hy het slinger-slinger geloop. Hy het al sy klere uitgetrek en net so op die grond gaan lê om te slaap. Só dom het die sonde van onmatigheid hom gemaak.

Wie was hierdie ou man? Dit was Noag. Dieselfde Noag wat voor die sondvloed so ernstig en bedroef die goddelose mense gewaarsku het. Dit was hy vir wie die Here genadig was en met wie Hy 'n verbond gemaak het.

Die 'sondvloed het nie die sonde van die aarde weggeneem nie. Die sonde het nog in die hart van die mens gebly. Geen water kon dit daar uitwas nie. In die hart van elke mens was daar nog slegte begeertes, net soos voor die sondvloed. Die Satan het nog rondgegaan, net soos in die paradys, om die kinders van die Here te verlei.

Nou het hy Noag ook verlei. Nou lê hy daar sonder sy klere in sy tent. Hy, wat 'n ou kneg was van die Here, was 'n sondaar, 'n dronkaard.

Toe kom daar voetstappe aan. 'n Groot man kom voor die tent staan en kyk na binne. Hy sien Noag soos hy daar lê en slaap. Die man was Gam. Hy het hard gelag oor wat hy sien en gespot met sy vader. Toe loop hy gou na sy broers om hulle te vertel wat hy gesien het.

Maar Sem en Jafet was nie soos hy nie. Hulle het nie gelag toe hulle hoor wat gebeur het nie. Hulle het baie bedroef gevoel.

Hulle het 'n kleed geneem en dit oopgesprei. Toe het hulle die tent agteruit binnegegaan sodat hulle nie hul vader kon sien nie. Hulle het die warm kleed oor hom gegooi en stilletjies weer weggeloop.

Noag het wakker geword en was baie skaam en spyt oor wat hy gedoen het. Hy het voor die Here neergekniel, en die Here wat alles weet, het geweet dat Noag Hom tog liefhet, en Hy het hom sy sonde vergewe.

Noag het gehoor wat sy seuns gedoen het. Hy het hulle na hom geroep, en wat hy toe gesê het, was nie sy eie woorde nie. Dit was wat die Here in sy hart gegee het om te praat.

Daardeur het Noag 'n profeet geword.

Hy het sy ou hande uitgestrek bo-oor die kop van Sem en hom in die Naam van die Here 'n groot en ryk seën gegee. Sem sou 'n groot volk word, en uit daardie volk sou eenmaal die Verlosser kom wat die harte van die mense sou skoonmaak van die sonde. Ook Noag se eie hart.

Maar Jafet is ook geseën. Ook hy sou die voorvader word van groot en sterk volke. Eenmaal sou al hierdie volke na Sem kom om die verlossing van die Verlosser te ontvang.

Gam, die slegte Gam, is nie geseën nie, maar vervloek, omdat hy oneerbiedig teenoor sy vader was.

NOAG het nog lank gelewe. Negehonderd-en-vyftig jaar het hy oud geword. En toe het hy gesterwe. Die Here het hom 'n plek in die hemel gegee.

Dáár sou dit nog veiliger wees as in die ark.

Dáár sou die Satan hom geen kwaad meer aandoen nie.

Die Dooie See met die berge van Moab op die ag

tergrond. Die Dooie See word in die Bybel beskryf

as die Soutsee (Gen. 14; Deut. 3:17 ; Jos. 3:16), die See van die Vlakte of die Oostelike See (Joël 2:20). Daar is soveel soute in die water dat geen vis daarin kan lewe nie, en as 'n mens in die water ingaan, dryf jy bo-op die water. By die Souts

ee het verskillende vorste hulle leërs verenig om

teen Kedor-Laomer te veg (Gen. 14:3).

Die omgewing by die Dooie See. Sodom en G omorra wat weens die goddeloosheid van hul inwoners deur die Here verwoes is, was hier iewers geleë. "Toe hy (Lot) uitkyk oor Sodom en Gomorra .... sien hy dat die rook van die land optrek soos die rook van 'n smeltoond"

(Gen. 19:28).

37

9. Die Toring van Babel

Génesis 11

A-NEE, die sonde is nie deur die sondvloed van die aarde weggeneem nie. Dit het gelyk J asof die mense wat later gelewe het niks geleer het van die vreeslike straf van die Here nie.

Toe die nageslag van Sem, Gam en Jafet groot volke geword het, het die mense die Here weer verlaat. Hulle het probeer om hulle *self* weer gelukkig te maak.

In die donker hart van die mens het die sonde weer gegroei.

Hulle wou ryk en sterk en groot word. Maar in die skraal berggrond van Ararat kon dit nie gebeur nie. Toe het die meeste mense weggetrek na die kant van die opkoms van die son.

Dáár het hulle in die laagte van die land Sinear vrugbare grond gekry. Dáár het hulle gaan woon. Dáár het hulle bakstene gemaak en in groot oonde gebak, en hulle het lymgrond gebruik vir messelwerk.

Toe sê hulle: Kom laat ons vir ons 'n stad bou en altyd hier woon.

Dit het hulle ook gedoen. Saam het hulle die stad gebou. Hulle het goed geweet dis verkeerd, want die Here het gesê hulle moet versprei oor die hele aarde. Maar dáár het hulle hul nie aan gesteur nie. En toe die stad klaar gebou was, het hulle nog meer eiewys en hoogmoedig geword. Hulle het gesê: "Kom laat ons ook nog 'n toring maak, hoog en sterk.

As ons dan baie ver weg van die huis af gaan, sal ons nog altyd die toring kan sien. Dit sal ons bymekaar hou. Ons wil ons nie verdeel in klein, swak klompies mense wat wyd en syd uitmekaar gaan woon nie. Ons wil liewer een groot en magtige volk wees. Laat ons vooruitgaan en saam sterk wees."

Oorblyfsels van 'n toringagtige gebou uit Ur wat 'n *mens aan die toring van Babel laat dink. Hierdie toring is egter uit*

veel later tye (ongeveer 3000 v.C).

So het hulle gepraat. Hulle was hoogmoedig, maar dom. Hulle het groot bakstene gemaak en dit in die son gedroog. Eers het hulle 'n sterk, breë fondament gelê, en toe swaar mure 38

daarop gebou, elke dag 'n ent hoër. So hard soos hulle kon, het hulle gewerk en geswoeg, weke en maande lank. Aan die Here het hulle nie gedink nie. Hulle wou nie Sy bevel gehoorsaam wees nie. Hulle het gewerk en hul sterk gevoel in hulle eie krag.

TOE het die Here uit die hoë hemel die werk van die ou klein mensies gesien en gehoor hoe dom hulle praat.

En daar het 'n wonder gebeur, so stil dat die mense dit eers nie eens opgelet het nie.

Die Here het verwarring laat kom in hulle woorde. Tot sover het al die mense nog dieselfde taal gepraat. Maar nou het daar meer as een taal gekom. Woorde wat die een kon verstaan, was maar net snaakse, onverstaanbare klanke vir die ander.

Dit het hulle somaar baie ongeduldig gemaak. "Luister tog beter," het hulle vir mekaar geskreeu, "en praat tog so dat 'n mens jou kan verstaan. Moenie so dom wees nie, maar doen soos ek jou gesê het."

Ja, hulle kon mekaar nie meer verstaan nie. Die groot volk het somaar baie begin stry en baklei onder mekaar. Hulle wou nie meer bymekaar bly nie. Klein klompies wat mekaar kon verstaan omdat hulle dieselfde taal gepraat het, het brom-brom weggetrek. Elke klompie het sy eie koers gekies. Toe hulle al ver weg was, en hulle kyk om agtertoe, kon hulle nog altyd die stomp, half klaar toring sien. Dit het soos 'n gebreekte vinger na die hemel gewys, maar die trekkers het nie na hom teruggekom nie.

Daar het darem 'n klompie mense in die stad agtergebly. Hulle was glad te min *om* die *groot* werk klaar te maak. Hulle het die stad *Babel* genoem. Dit beteken *Verwarring.* En die toring waarop hulle so hoogmoedig kon gewees het, en wat vir hulle 'n groot eer kon gewees het, was nou vir hulle 'n groot skande. Honderde jare lank was dit 'n herinnering aan 'n dom plan van klein mensies, wat so dwaas was dat hulle hul nie aan die Here gesteur het nie.



10. Die Vriend van die Here

Génesis 12:1-8

BRAM het deur 'n hele paar lande getrek. Hy

A was 'n herderprins, wat beteken dat hy ryk was

deurdat hy baie groot- en kleinvee gehad het wat

deur herders opgepas is.

Hy het hoog bo-op 'n groot kameel gesit, en agter hom aan het die grote karavane, wat aan hom behoort het, getrek. 'n Karavaan het bestaan uit 'n lang streep diere waarvan sommige kamele was wat opgevoude tente, kos ensovoorts gedra het. Die kamele het geknik met hulle groot koppe, en hulle skaduwees het saam met hulle geknik. Die skape het agteraan geloop, en hulle lammertjies het rondgespring. Daar was ook beeste, koeie met hulle kalwertjies, en esels met hulle vulletjies. Tussen die geblêr en die gebulk van die diere kon 'n mens

Rekenings in spykerskrif uit ongeveer die

ook die stemme van die wagters hoor as hulle

tyd van Abraham.

roep of skree. So ver die groot klomp vee geloop het, het 'n breë streep van hul duisende spore in die sand agtergebly.

Die wagters was sterk manne, bruin gebrand in die son. Hulle moes die vee bymekaar hou en

aandrywe. Hulle moes goed kyk of daar nie wilde diere of rowers kom nie. Dan moes hulle dapper veg om die diere te beskerm.

Op die veiligste plekkie tussen hulle in was daar ook vroue. Een van hulle was Saraï, die vrou van Abram. Sy moes ook op 'n esel of 'n kameel ry, en naas haar het 'n man gery. Hy was Lot, die neef van Abram.

Al die mense met hulle vee het langsaam, baie langsaam, deur die vreemde lande getrek, waar hulle nog nooit tevore was nie. Partymaal het hulle by hoë berge verby, oor groen grasvlaktes, getrek, en dan weer deur droë woestyne waar niks anders was as net warm sand nie, terwyl die son hulle amper verskroei.

Saans het hulle hul tente opgeslaan en hulle was bly as hulle dit kon doen naby 'n fonteintjie of 'n put. Dan kon almal rus tot die ander dag. In die tente het die mense geslaap. Die diere moes buite bly onder die sterre. Die wagters

het hulle opgepas. Elkeen het sy beurt gekry.

'n Steen met spykerskrif uit ongeveer 2060

v.C. Die gewoonte was om op 'n *sagte*

En ver bokant die sterre, in die hemel, was die

kleitablet te skryf en dit daarna droog te laat

Here wat hulle opgepas en bewaak het. Hy is

word of droog te bak.

alomteenwoordig.



WAARHEEN het Abram, met alles wat hy het, gegaan? En wie het hom die pad aangewys in die vreemde lande?

Die skape en die kamele het nie geweet waarheen hulle gaan nie. Hulle het maar geloop waar die wagters hulle drywe.

Die wagters het ook nie geweet nie. Hulle het maar vir Abram gevolg.

En, wonderlik genoeg, Abraham het self nie geweet nie. Die Here het alleen geweet. Toe Abram nog in die land Ur by sy vader Tera. en sy broer Nahor, gewoon het, het die Here hom geroep en gesê hy moet weggaan uit sy land. Terwyl hy op pad was, het Tera gesterf en Nahor het agtergebly op 'n plek genoem Haran. Maar Abram het al verder gegaan, net waarheen die Here hom roep. Hy het self vir Abram die pad gewys.

Die Here het gesê: "Loop na daardie kant waar die son ondergaan." En Abram op sy kameel, voor aan die karavaan, het eerbiedig geantwoord: "Ek gaan,

Here!" En hy het rustig verder gegaan. Hy het hom heeltemal aan die Here toevertrou.

TOE die mense wat hulle oor die aarde versprei het so baie geword het dat hulle baie volke gevorm het, het hulle weer begin om die Here te verlaat. Hulle het Hom nog geken en nog gebid, maar hulle het 'n beeld of 'n pop gemaak van hout, silwer of goud en dit op 'n ereplek in hul huis gesit. Dan het hulle gesê: "Dit is nou ons god wat ons gaan aanbid." En die dom mense het geglo dat die beeld wat hulle self gemaak het hulle kon beskerm en gelukkig maak.

Arme mense met harte wat so donker was! Van toe af het hulle kennis van die Here al kleiner geword. Hulle sou Hom, die Almagtige, uiteindelik miskien heeltemal vergeet. En wie sou hulle dan leer dat geluk alleen by die Here te vinde is?

TOE dag die Here: "Nou sal Ek een man uitsoek en 'n *Goue dolk uit een van die koninklike*

hom apart, weg van die ander, laat woon. Ek sal

grafte van Ur. Moontlik het Abraham of

met hom praat en hom seën en hy sal My ken en

van sy familie nog hierdie dolk in die

hande van 'n heerser gesien.

My alleen dien. Die man sal My kind wees. Ek sal 'n

groot volk van hom maak. Dit sal My volk wees. En

uit dié volk sal eendag die Verlosser kom. Hy sal My

eie Seun wees."

41



Spykerskrif en prenteskrif van Ur uit ongeveer 3,000

v.C. Dit bewys dat reeds 'n *duisend jaar voor die tyd*

van Abraham mense al kon skryf.

Van al die mense wat op die aarde woon, het die Here Abram, die seun van Tera, toe uitgesoek.

Die Here het gesê: "Gaan uit jou land, en uit jou familie en uit jou vader se huis, na die land wat Ek jou sal wys. En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak dat jy 'n seën sal wees. En Ek sal hom seën wat jou seën en hom vervloek wat jou vervloek, en in jou sal al die mense op die aarde geseën word."

Dit was heerlike beloftes. Toe het Abram gesê: "Ek gaan, Here." En toe het hy op reis gegaan. Hy het baie laat agtergebly wat hy liefgehad het. Hy het weggetrek, die wye, vreemde, gevaarlike wêreld in, maar hy het gegaan, soos 'n kindjie aan die hand van sy vader. Hy het veilig gevoel en op die Here vertrou.

Die Here het hom geroep, en Hy sou hom die pad wys.

OP 'n sekere dag het Abram by 'n breë rivier aangekom. Hy moes daaroor trek met sy karavaan.

Daar was nie 'n brug of 'n skuit nie, maar Abram het 'n vlak plekkie gesoek en daar het hy deur die rivier getrek. Agter hom het sy mense en die diere gekom en hulle het almal deur die water geloop. Die lammertjies was te klein en moes deur die wagters oorgedra word.

Toe het Abram in 'n heerlike land gekom. Dit was Kanaän. Daar was groen heuwels en helder waterstroompies. Daar het pragtige blomme gegroei. Bye het tussen hulle rond gezoem-zoem en voëltjies het gesing. Oral was daar lekker vars gras vir die troppe vee.



'n Tekening van die geraamtes gevind in die "put van die dode" in Ur van die Chaldeërs. Dit was destyds die gewoonte van die heidene aldaar om, wanneer 'n koning of koningin sterf, 'n groot getal diensbodes dood te maak en as offers in die graf rondom die lyk van die dooie heerser te begrawe. Uit 'n *stad met sulke afskuwelike gebruike het God Abraham en sy familie geroep.*

Abram het getrek tot by die plek Sigem, en daar sy tente opgeslaan in die skaduwees van 'n terpentynboom terwyl sy vee op die groen heuwels gewei het. Toe het die Here na Abram gekom en gesê: "Dit is die land wat Ek aan jou kinders sal gee."

Maar hoe kon dit wees? Abraham was al vyf-en-sewentig jaar oud, en sy vrou Saraï was al vyf-en-sestig, en hulle het nog nie een kind gehad nie.

En wat van die land? Dit was 'n heerlike land, maar die mense wat daar gewoon het, was sterk en goddelose nasies. Hulle was die Kanaäniete, wat afgode aanbid het. Abram het tussen hulle gewoon. Hoe kon die Here hierdie land dan aan die kinders van Abraham gee?

Maar Abram het die Here geglo. Ja, hy het regtig geglo. Hy het gedag: "As die Here d gesê het, is dit waar. Hoe dit kan gebeur, weet ek nie. Maar die Here weet dit goed."

So 'n geloof het Abram gerus en tevrede en baie gelukkig laat voel. Sy geloof was die groot krag in sy lewe.

Abram was 'n vriend van die Here. Hy het deur die land getrek en nou hier en dan weer daar gewoon. Net waar hy gekom het, het hy veilig gevoel, want die Here het hom beskerm. En waar hy gewoon het, het hy 'n altaar vir die Here gebou.

'n Beeldjie uit die jaar 3000 v.C.

wat in verband met afgodediens

gebruik is.

'n Karavaan van Kamele in Egipte. Reeds in Gen. 12:16 lees ons van kamele in Egipte.

11. Abram en Lot

Génesis 13 en 14

P die groen velde van Kanaän het die troppe vee van Abraham en Lot lekker gewei.

O Hulle het hul oor die land versprei. Duisende was te sien op die heuwels en die vlaktes.

As hulle klaar gewei het, het hulle saam in die veld gelê en geherkou. Oral was daar rus en vrede.

Maar hoor, daar praat mense, en hulle praat hard en kwaai. Hulle was kwaad vir mekaar en het somaar vuis begin maak. Hulle was die wagters van Abram en Lot. Hulle het gestry. Dit het al weke lank so gegaan. Hulle het gestry oor die beste weiveld. Of anders het hulle gestry oor 'n skaap wat van die een trop oorgeloop het na die ander. En as dit aand word, het hulle nog meer gestry oor wie se trop vee die eerste kon water drink by die put.

Baiemaal het hulle kom kla by hulle base.

Dit alles het Abram bedroef gemaak. Hy was tog 'n man van vrede. Hy het toe die wagters aangeraai om verstandig en maar liewer die minste te wees as om so te baklei. Maar dit het nie veel gehelp nie. Die troppe was te groot en het elke jaar nog groter geword. En die wagters het al hoe meer ook onder mekaar gestry en getwis.

Daar kon maar net een ding nog gedoen word om 'n end daaraan te maak. Abram het Lot geroep en hom saamgeneem na 'n hoë heuwel. Toe hulle tot bo uitgeklim het, kon hulle die hele land sien. Aan die kant waar die son opkom, kon hulle sien hoe die rivier Jordaan loop deur 'n breë groen vlakte, so vrugbaar en mooi soos die paradys self. Aan die kant waar die son ondergaan, was dit nie heeltemal so mooi en vrugbaar nie. En verder weg was die blou, blou see.

Toe sê Abram: "Lot, dis glad nie goed dat daar stryery tussen ons moet wees nie. Ons troppe vee het te groot geword om saam te wei en daarom moet ons twee maar uitmekaar gaan. So kan dit nie aanhou nie. Ek gee jou nou die kans om eerste te kies waar jy wil gaan woon. As jy links gaan, gaan ek regs. Maar as jy aan die regterkant wil gaan woon, gaan ek na die linkerkant. Kies nou maar, Lot."

Dit was baie vriendelik van Abram om Lot so te laat kies. Maar Lot moes die mooi aanbod nie aangeneem het nie. Hy moes beskeie gewees het en Abram liefs eerste laat kies het.

Maar Lot het om hom rondgekyk. Hy het die mooi groen vlakte van die Jordaan gesien en gedink: "Ek sal dit kies. Dáár sal my skape altyd oorgenoeg gras hê. Dáár sal ek baie groot troppe vee kry en ek sal somaar 'n baie ryk man word. Dis waar, daar lê die twee goddelose stede, Sodom en Gomorra, en baie slegte mense woon in hulle. Maar dit sal my nie hinder nie. Ek sal sorg dat *ek* die Here dien. Ek sal die Here en my geld saam dien."

Toe sê Lot haastig: "Oom, ek sal links gaan," en hy steek sy hand uit na die mooi vlakte. Maar hy kon Abram nie in die oë kyk nie.

Die deel van die land wat vir Abram oorgebly het, was ook vrugbaar en mooi, maar nie so vrugbaar soos die vlakte van die Jordaan nie. Partymaal het daar groot droogtes gekom, sodat die gras verdor het.

Toe het Abram en Lot geskei van mekaar. Dit was baie treurig, want in daardie goddelose wêreld het hulle eintlik bymekaar behoort.

Lot, die gierige Lot, het gaan woon in 'n mooi maar gevaarlike land. Abram die nederige, die beskeie, het gebly waar hy was, naby die terpentynbome van Mamre, daar by Hebron.

Maar Abram was tog tevrede. En die Here wat alles gehoor het, het met hom gepraat:

"Abram, kyk nou nog 'n slag oor die land, daar na die noorde en na die suide. Kyk na die ooste en na die weste. Hierdie land wat jy sien, sal Ek aan jou en jou nageslag gee. Hulle sal so baie wees soos die sterre aan die hemel. Net so min as wat 'n mens die sterre aan 45

die hemel kan tel, net so min sal 'n mens jou nakomelinge kan tel."

Hierdie beloftes het Abram so gelukkig gemaak dat dit vir hom gevoel het asof hy in 'n paradys woon.

Sy deel van die land was baie minder werd as dié van Lot, maar hy het dit gekry met die seën van die Here, en dit het hom ryk gemaak.

ENIGE jare later kom daar eendag 'n man aangehardloop na die tente van Abram. Hy was uitasem, sy klere was geskeur, en sy oë het baie angstig gelyk.

Toe hy by Abram kom, het hy op die grond geval, en gestamel toe hy sê:

"Ag, meneer, daar het 'n vreeslike ding gebeur. Die groot koning met die naam van Kedor-Laomer het saam met ander konings gekom en het oorlog gemaak teen Sodom en Gomorra en nog ander stede. En hy het die oorlog gewen. Hy het al die mense van Sodom gevang, en ook vir Lot en sy vrou en kinders. Hy het hulle gebind en saamgeneem na sy eie land. Ek alleen het kans gekry om weg te vlug. Help ons, meneer, help vir Lot!"

Toe het Abram nie gedink aan hoe ondankbaar en gierig Lot gewees het nie. Hy het sy swaard gegryp. Hy sou nooit vir Lot in die steek laat nie. Nooit nie.

Hy het gou 'n boodskap gestuur na sy drie vriende — Aner, Eskol en Mamre — om te vra hulle moet hom help om Lot te gaan vrymaak.

Hy het sy werksmanne geroep en gesê:

"Vat julle wapens en saal op die kamele. Gou-gou!"

'n Bietjie later het die gryse ou herderprins, Abram, met oor die driehonderd manne oor die veld gejaag, agter Kedor-Laomer aan. Die aarde het gedreun so vinnig het hulle gery.

Hy het nie gedink aan sy eie vee wat agterbly nie. Hy het nie daaraan gedink dat die leër van die vyand so groot was en sy klompie mense

so min nie. Hy het gebid: "Here, help ons dat ons Lot kan red."

Dit was al in die middel van die nag toe Abram en sy troue volgelinge, ver weg in 'n ander land, die vyand ingehaal het. Hulle het hul verdeel in 'n paar klompies en toe van verskillende kante in die donker die groot leër van Kedor-Laomer aangeval. Hulle vyande het geslaap en die gevangenes het gebind op die grond gelê. Net die skildwagte het die vee, wat geroof was, bewaak.

"Val aan!" roep Abram uit en hy self storm vinnig vooruit.

In daardie nag is daar bitter kwaai geveg deur Abram se klein klompie mense en die groot leër van die sterk rower-koning. Die ou Abram was die dapperste van almal. En die Here het ook vir hom geveg. Toe dit môre word, was Abram se vyande so bang dat hulle na alle kante toe gevlug het, en hulle is agtervolg tot naby Damaskus. Hulle sou nooit weer terugkom om te steel nie.

Lot en sy vrou en kinders en al die ander gevangenes is vrygemaak. Hoe bly was almal nie om terug te gaan huis toe nie! Almal het die vee en die goed wat hulle vyande geneem het weer terug gekry.

Lot was dankbaar, maar hy het ook baie skaam gevoel.

En die koning van Sodom was so dankbaar dat hy gesê het: "Abram, ek sal jou alles gee wat ek besit. Gee jy my maar net my mense terug."

Maar daar wou Abram nie van hoor nie. Hy het daaraan gedink hoe die Here, die Koning van hemel en aarde, beloof het om hom groot en sterk te maak. Op Hom alleen wou hy vertrou. Van Hom alleen wou hy weldade aanneem.

Abram het gesê: "Gee maar vir my werksmense iets en vir my vriende — Aner, Eskol en Mamre — ook. Maar ek wil niks van u

neem nie, nie eens 'n draad of 'n skoenriem nie. Ek wil nie hê iemand moet later eendag sê nie: Dis *ek* wat Abram ryk gemaak het."

SAAM het hulle tot by die Jordaan gegaan. Toe het Abram alleen verder gegaan met sy eie mense en sy vriende. Maar die nuus van hulle oorwinning het hulle vooruitgeloop!

Iemand het hom tegemoetgekom en vir hom en sy diensknegte, wat baie moeg was van die veg, brood en wyn gebring. Hy was die koning van die stad Salem (wat beteken "vrede") en wat op 'n paar heuwels gebou was. Hy was 'n ou, eerbiedwaardige en baie vroom man wat nie net 'n koning nie, maar ook 'n priester van die Here was. Sy naam was Melgisedek, die koning van die geregtigheid.

Hy het Abram geseën. En Abram, die groot man wat so pas 'n geveg gewen het, het homself diep gebuig voor hierdie dienskneg van die Here, en hom groot geskenke gegee.

Hy het 'n tiende gegee van wat hy van sy vyande afgeneem het. Toe Abram teruggegaan het na sy tent waar die vroue vir hom gewag het, het hy nog baie gelukkiger gevoel as tevore.

EENDAG, baie honderde jare later, sou daar 'n ander Koning van vrede kom, wat nog groter as Melgisedek en 'n nog heiliger priester sou wees. Hy sou die groot Gesant van die Here wees.

Op Hom het Abram gehoop. Na Hom het hy met sy hele hart verlang. En daarom het hy hom so diep gebuig voor hierdie koning van vrede, Melgisedek. Want die Here het hom gestuur na Abram om sy geloof te versterk.

Hy was 'n lewende bewys dat die Verlosser, Jesus, ons Here, sou kom.

12. Die Geloof Beproef

Génesis 15, 16, en 17

IE jare het verbygegaan. Lot het weer soos vroeër gewoon op die vlakte van die D Jordaan en hy was 'n ryk man. Abram se troppe vee het altyd nog meer geword, maar die Here het nog nie die vernaamste ding gedoen wat Hy belowe het nie. In die tent van Abram en Saraï het 'n eensame ou vrou stil haar werk gedoen, en 'n nog ouer man het saans by haar gesit. Dan was dit baie stil in die tent. Geen kind se stem is gehoor nie en hulle twee was alleen met hulle groot verlange na die kind wat die Here belowe het.

"So iets sal nie meer gebeur nie," het Saraï gesug en dan het sy baie bedroef geword.

Maar Abram het haar getroos en gesê: "Ons moet wag, geduldig wag tot die tyd van die Here daar is. Sy beloftes is seker. Wag maar nog, Saraï."

"Maar ons het al so lank gewag en ons word al so oud," sê Saraï.

O ja, hulle het reeds lank gewag. Al tien lange jare. Maar Abram wou tog *aanhou* om te vertrou. Hy *wou* geduldig wees, al was dit hoé moeilik.

Daar was 'n swaar stryd in Abram se hart, swaarder nog as toe hy geveg het teen Kedor-Laomer, die rower-koning. Toe het hy teen mense geveg, maar nou moes hy veg teen twyfel en ongeloof. Hy moes veg teen die Satan self.

Die Satan het vir hom in sy hart gesê: "Die Here vergeet jou! Moenie langer wag nie." Maar dan fluister die geloof: "Nee, Abram. Die Here vergeet Sy beloftes nooit."

Abram het geluister na die stem van die geloof. By al die vrae, by al die bekommernis wat hy gehad het, het hy die Here nie laat los nie. Hy het geveg om nie sy geloof te verloor nie, en met die hulp van die

Here het hy elke slag gewen. Maar die stryd in sy hart het Abram dikwels bang en bedroef gemaak.

Die Here het dit alles gesien. Een nag, toe Abram weer so swaar gekry het om te veg teen die ongeloof, het die Here met Abram kom praat: Hy het hom kom troos. Die Here het gesê:

"Moenie bang wees nie, Abram. Ek is vir jou soos 'n skild om jou te beskerm, en jou beloning sal baie groot wees."

Toe het Abram baie eerbiedig vir die Here vertel waarom hy so swaar kry. Die Here het hom tog baie nakomelinge belowe wat in die land Kanaän sou woon. Maar nou, ná so baie jare, het hy nog nie eens een kind gehad nie. Hy het verder gesê hy en Saraï was al so oud dat hulle een van die dae kon sterwe. En wat sou dan gebeur? Dan sou sy oudste dienskneg, Eliëser, al sy goed erwe. Sou dit dan *sy* kinders wees wat in daardie land sou woon?

Maar die Here het gesê: "Nee, nie Eliëser se kinders nie, maar jou eie kind, Abram, wat Ek jou sal gee."

Toe het Hy die ou man, wat al so moeg was van veg, na buite gelei, waar die terpentynbome van Mamre sag in die nagwindjie geruis het. Die Here het hom nog verder gelei na 'n plek waar geen bome was nie en waar 'n mens die duisende der duisende sterretjies in die hemel kon sien flikker.

"Kyk nou op na die hemel," het die Here gesê, "en tel al die sterre as jy kan."

Die sterre tel? Wie kon *dit* doen, behalwe die Here self wat hulle gemaak het? Abram het verleë gevoel en amper duiselig geword toe hy so staan en opkyk. Toe hoor hy baie duidelik die stem van die Here wat sê: "So baie soos die sterre sal jou nageslag ook wees. En in *hierdie* land sal hulle woon."

Dit was 'n heerlike belofte, so ryk soos Abram nog nooit gehoor het nie.

"Ek glo, Here," het hy gestamel. "Help my om nou altyd aan te hou om te glo. Gee my tog asseblief 'n bewys dat dit so sal wees."

48

Toe het die Here 'n verbond met Abram gemaak. Die groot en magtige God het 'n verbond met 'n klein ou mensie gemaak. Dit was die teken wat Abram se geloof moes versterk. Die Here het hom laat droom hoe sy nageslag die volk van God sal wees. Hulle sal eers in 'n vreemde land woon en baie swaar kry. Maar die Here sal hulle self verlos en vir hulle sorg en hulle na Kanaän bring.

Toe het Abram tevrede en gerus gevoel, en sodra hy weer wou begin twyfel, het hy vir homself saggies gesê: "So baie soos die sterre van die hemel."

Abram het die Here geglo en Hy het dit vir hom tot geregtigheid gereken. Hy het Sy dienskneg liefgehad en al sy sondes vergewe.

Maar Saraï se geloof was al heeltemal dood. Sy het vir haar man gesê: "Die kind sal jou kind wees, maar nie myne nie! Ek is al te oud. Die Here sou bedoel het die kind van 'n ander vrou. Kyk, ek het 'n Egiptiese diensmeisie wie se naam Hagar is. Neem haar nou as jou vrou, en as sy 'n kindjie kry, sal dit *ons* kind wees. Dié kindjie sal dan die groot seën van die Here ontvang."

Omgewing van Lagai-Roï, die sogenaamde put van Hagar. "En die Engel van die Here het haar by 'n fontein in die woestyn gevind, by die fontein op pad na Sur" (Gen. 16:7).

Dit was glad nie goed van Saraï om so iets voor te stel nie. En van Abram was dit ook nie goed om te doen wat Saraï vra nie. In hulle tyd het manne nog dikwels met twee vroue getrou, maar dit was sonde. En sonde bring nooit geluk nie. Dit bring altyd net moeilikheid en verdriet.

Hagar was baie hoogmoedig omdat sy Abram se vrou kon word. Sy het heeltemal vergeet dat sy eintlik maar net 'n diensmeisie was. Sy het gedink: "Nou sal ek net so vernaam wees soos Saraï."

En toe die Here haar nie lank daarna nie laat weet het dat sy 'n kindjie sou kry, het sy nog baie meer hoogmoedig geword. "Nou is ek beter as Saraï, want ék gaan 'n moeder word, en nie sy nie," het Hagar gedink. Sy het haar meesteres verag en haar nie meer gehoorsaam nie.

Toe was daar nie meer vrede in die tent van Abram nie. Hagar het elke dag koppiger en parmantiger geword. Saraï het elke dag verdrietiger geword, en Abram het gesug, want hy was nie gelukkig nie.

En dit het nog erger geword. Eendag, toe Saraï haar diensmeisie bestraf, het Hagar so kwaad geword dat sy somaar weggeloop het, ver, ver weg, die woestyn in. Sy het na die suide geloop in die rigting van Egipte waar sy gebore is.

Maar toe sy 'n rukkie rondgedwaal het op die wye sandvlakte en die son warm brand, het sy

'n bietjie gaan sit om te rus op die rand van 'n put. Sy was eensaam en verdrietig, maar meteens hoor sy die stem van die Here.

"Hagar, diensmeisie van Saraï," sê die stem. Die *diensmeisie* van Saraï! Die woorde het haar laat skrik. Sy het haar geskaam. Haar trotse kop het sy laat sak en baie eerbiedig geluister.

Toe sê die Here dat sy terug moet gaan na die tent van Abram, en nederig haar werk moet doen. Die Here het belowe dat Hy haar, en die kindjie wat gebore sou word, baie sou seën.

Die baba sou 'n flukse, sterk seun word en van hom sou daar 'n groot nasie kom. Die nasie sou dapper vegters wees.

Hagar se hart was toe vol liefde en dankbaarheid teenoor die Here. Sy dag: "Ek het die Here heeltemal vergeet, maar Hy het na my gekyk." En die put het sy genoem: "Die put van aansien," omdat die Here haar daar aangesien het.

Haastig het sy toe teruggeloop op die warm pad na Mamre, en toe sy daar weer tuis kom, het sy Saraï gevra om haar te vergewe. Haar hoogmoed was gebreek. Sy was maar 'n diensmeisie. Maar 'n diensmeisie wat gelukkiger was as haar meesteres.

Saraï was nie gelukkig nie. Sy het nie meer vertrou op die Here se beloftes nie. Toe Hagar se kindjie gebore is, het Abram hom Ismael genoem.

Saraï het die klein Ismael in haar arms geneem, asof hy haar eie kindjie was, maar sy was darem nie baie bly nie, want hy was tog nie regtig haar kind nie. Hy was die seuntjie wat die Here aan Hagar gegee het.

As Saraï se geloof net nie so dood was nie, sou sy geweet het dat Ismael glad nie die kind van die Here se belofte was nie.

WEER het daar jare verbygegaan. Abram was nou baie, baie oud. Al byna 'n honderd jaar!

En Saraï was 'n gerimpelde ou vroutjie van byna negentig. Sy het gelyk na 'n ou oumatjie.

En ag, sy was nog steeds nie 'n moeder nie.

Sy het glad nie meer gehoop om 'n kind te kry nie. Sy het die beloftes van die Here heeltemal vergeet. En as Abram kyk na sy flukse, sterk seun Ismael wat al byna dertien jaar oud was, het hy gedink: "Dit sal regtig die seun wees wat die Here belowe het. Hy sal die groot seën kry."

Maar o! Dié gedagte het Abram laat skrik. Toe hulle glad nie meer hoop gehad het nie en almal gesê het: "Dis onmoontlik!" toe het die Here weer met Abram gepraat. Hy het gesê dat nie Ismael nie, maar Abram en Saraï se eie kind sy erfgenaam sou wees. Dit sou nie lank wees voor hulle dié kindjie kry nie. Sy naam moet Isak wees. En as 'n bewys dat dit seker sal gebeur, het die Here vir hulle twee nuwe name gegee. Dit was Abraham en Sara.

Abraham beteken: die vader van baie nasies. Sara beteken koningin.

Toe het Abraham gelag van verwondering en blydskap oor die mag van die Here. Want daardie kindjie wat hulle sal kry, sal 'n wonderkind wees.

Abraham het die Here geglo. Hy het dit gou vir Sara gaan vertel. Maar Sara het haar kop geskud.

"Ek kan dit nie glo nie!" het sy gesê. "Ek 'n kind kry! Ek 'n koningin! Nee, dis onmoontlik."

En die koningin het ook gelag. Dit was 'n lag van ongeloof.

50

13. Sou Iets vir die Here te Wonderlik Wees?

Génesis 18

IT was 'n baie warm dag en Abraham het voor sy deur onder die koel skaduwee van die D terpentynbome gesit. Dáár voor hom in die stowwerige pad het hy drie manne met wit klere sien aankom.

Dadelik het hy opgestaan om hulle tegemoet te gaan. Hy was jammer vir die reisigers wat seker al baie ver geloop het. Hy wou hulle vra om 'n bietjie by hom uit te rus en iets te geniet voor hulle verder gaan.

Maar toe hy by hulle kom, was hy baie verwonderd. Die een wat in die middel geloop het, het gelyk soos 'n wonderlike koning. Maar waarom sou hy dan op die warmste tyd van die dag so loop, wanneer al die ander mense gerus het? Waarom loop hy so ver te voet soos 'n arm man?

Abraham kry toe 'n snaakse gedagte wat darem so mooi was dat dit hom eintlik laat skrik het, en tog baie bly gemaak het. Hy het laag gebuig, baie laag, en toe gesê: "Meneer, moenie hier by my tent verbyloop nie. Kom rus tog 'n bietjie onder hierdie boom op die sagte russtoel. Ek sal lekker vars water bring om u voete 'n bietjie koel te maak. Ek sal ook iets gereed maak vir u om te eet en te drink. As u dan uitgerus en weer verfris voel, kan u verder gaan."

"Doen maar soos jy gesê het," antwoord die Vreemdeling. En met die twee ander manne het hy saam met Abraham geloop om in die skaduwee te gaan sit.

Haastig het Abraham sy tent binnegegaan en vir sy vrou gesê: "Sara, maak gou, en neem drie koppies fynmeel, en bak 'n paar brode." Abraham het self na sy trop beeste gegaan en die beste kalf uitgesoek. Hy het gesê sy kneg moet dit slag en die vleis lekker braai.

Abraham het water gaan haal en die voete van sy gaste gewas. Hy het brood en botter en melk en vleis gebring. En onderwyl hulle eet, het hy geduldig onder die boom gestaan en wag om te sien of hulle alles kry wat hulle nodig het. Abraham, die herderprins, staan daar en wag soos 'n nederige bediende. Dit was asof daar iets in sy hart gesing het. "Kan dit miskien moontlik wees? Sou so iets nie te groot en wonderlik wees nie?"

Toe vra een van die gaste: "Waar is Sara, jou vrou?"

Abraham antwoord: "Sy is binne in die tent."

En die Vernaamste Gas sê: "Oor 'n jaar sal Ek weer na jou kom, en kyk, Sara, jou vrou, sal

'n seun hê."

Maar was Abraham nie bly nie! *Nou* was hy daar seker van: die Here het met twee van Sy engele self na hom gekom. Die Here wou self sy gas wees om sy geloof en dié van Sara sterk te maak, en nog 'n keer vir hulle die heerlike belofte laat hoor. Abraham het eerbiedig sy kop gebuig. Maar Sara het agter die deur van die tent stilletjies afgeluister wat gepraat word. Sy het nie geweet vir wie sy brood bak nie. Sy het die woorde gehoor en daaraan gedink hoe sy al byna negentig jaar oud was en sy het gekyk na haar ou hande. Sou sy nog eendag 'n eie kindjie versorg? Nee, dit was onmoontlik, en Sara het lag gekry.

Maar toe skrik sy, want buite hoor sy meteens dieselfde stem vra: "Hoekom het Sara gelag?

Sou iets vir die Here te wonderlik wees?"

Sara, die ou vrou, word toe so bang dat sy somaar sê: "Ek het nie gelag nie."

Maar die Here weet alles. Hy sê toe: "Moenie 'n leuen vertel nie, Sara. Jy het gelag."

Toe het die drie gaste opgestaan om te loop. Hulle wou gaan na die kant van Sodom.

Abraham het geweet hoe 'n mens gaste beleef moet behandel en daarom het hy 'n entjie saamgeloop.

Sara het agtergebly. Sy was verwonderd en skaam en het verleë gevoel. Maar toe het sy 51

weer begin om te glo. Saggies het sy gefluister: "Sou iets vir die Here te wonderlik wees?"

Vir die Here is niks te wonderlik nie. Dit het Sara goed genoeg geweet. Nou het sy self gehoor wat die Here belowe het. Nou kon sy verwag wat sy vra in haar gebede.

In haar hart was daar vrede, meer as wat sy in jare geken het.

ABRAHAM het met sy gaste saamgeloop tot bo-op die heuwels van waar 'n mens in die verte die pragtige laagte van die Jordaan kon sien met sy groen weivelde en waterstrome. 'n Mens kon ook groen palmbome en die wit huise van Sodom en Gomorra sien soos die son daar op hulle skyn.

Toe praat die Here en Sy stem was bedroef: "Sal Ek iets wat Ek doen vir Abraham wegsteek? Kyk, daar lê Sodom en Gomorra. Ek hoor hoe daardie stede roep. Hulle sonde het baie swaar geword en die sonde

roep na die hemel om gestraf te word. Ek sal die stede verwoes omdat die mense so baie sonde gedoen het."

Abraham kon nie 'n tree verder loop nie, want hy het baie groot geskrik. Hy het goed geweet hoe vreeslik die sonde van die stede was. Die mense daar was slegter as diere. Hulle het geleef asof daar geen God in die hemel is nie. Maar Lot met sy familie het ook daar gewoon.

Miskien was daar nog meer mense wat die Here wou dien. Sou hulle ook vreeslik gestraf word?

Die twee engele het vooruit geloop, oor die heuwels, af na Sodom toe. Maar die Here het gewag.

Toe kom Abraham na die Here en buig hom baie laag en eerbiedig voor Hom.

"Here," het hy gestamel: "U is die Regter van die hele aarde. Miskien woon daar darem nog vyftig goeie mense in Sodom . . . . "

Die Here sê toe: "As Ek nog vyftig goeie mense in Sodom kry, sal ek die hele plek om hulle ontwil spaar."

Abraham was dankbaar, maar hy was darem nog nie gerus nie. Hy het gebid: "Here, ek is maar gering en 'n sondaar. Vergewe my asseblief dat ek weer met U praat. Miskien sal daar net vyf-en-veertig wees. Sal U dan nog die stad verwoes?"

Die Here antwoord: "Ek sal dit nie verwoes as daar nog net vyf-en-veertig is nie."

Abraham het hom nog laer gebuig en gesê: "En as daar net veertig is, Here?" "Dan sal Ek dit ook nie doen nie."

"En dertig?" fluister Abraham. "Dan ook nie," sê die Here.

"Here, word tog nie kwaad vir my nie," smeek Abraham. "Sê nou daar is maar net twintig?"

En die Here antwoord: "Ek sal die stad spaar as daar net twintig is."

Abraham het gebewe.

Maar hy het gedink aan die groot barmhartigheid van die Here en sê toe weer: "Here, mag ek nog net een maal vra? Miskien sal daar maar net tien te kry wees."

En hy hoor die woord van die Here: "Ek sal die stad nie verwoes as daar maar net tien goeie mense is nie."

En toe Abraham opkyk, was hy alleen. Hy het daar gekniel gelê op die sand van die heuwel en die Here was nie meer by hom nie.

Maar ver, baie ver weg oor die sonnige veld het hy gesien hoe die twee engele aanstap na Sodom.

En langsaam het die ou Abraham weer teruggeloop na sy tent. Hy het baie verdrietig gevoel oor die mense wat so sleg was.

52

Maar toe hy by Sara kom en hy die blydskap van 'n nuwe geloof in haar oë sien, het hy tog ook weer bly geword.

Want dit was heerlik om nou ook saam met sy vrou vas te hou aan die beloftes van die Here.

Nou sou hulle twee *saam* wag.

53



14. Sodom en Gomorra

Génesis 19:1-30.

IT was al aand toe die twee engele by Sodom aankom. Die son, wat die hele dag so D warm gebrand het, het groot en rooi agter die

heuwels ondergegaan. Die vee wat baie dors was, het gulsig water gedrink by die put. En toe word dit donker.

In die poort van Sodom het 'n paar manne gesit en gesels. Een van hulle het opgestaan toe die engele nader kom en hulle gaan ontmoet. Dit was Lot. Hy het nie geweet wie daar in die skemerte voor hom staan nie. Hy het net geweet dat hulle vreemdelinge was, wat miskien nooit geraai het hoe gevaarlik en sleg die stad was waarnatoe hulle gekom het nie.

Net soos Abraham was Lot 'n goeie en gasvrye

man. Hy het gedink: "Ek sal sorg dat niemand

hulle enige kwaad aandoen nie." Beleef het hy

gebuig en toe gesê:

"Menere, gaan saam en bly vannag oor in my

huis. Môre kan u vroeg opstaan en verder

gaan." Hy het só by hulle aangehou dat die

manne toegestem het om saam te gaan. Die

mense wat in die poort gesit het en dié wat op

straat was, het ontevrede vir hulle agterna

gekyk.

Lot het goed vir sy gaste gesorg. Hy het hulle

voete wat vol stof was, afgewas. Hy het laat

brood bak en aandete vir hulle voorgesit. En

terwyl hulle eet, het hy by hulle gestaan en

tevrede gevoel oor die goeie daad wat hy

gedoen het.

Maar buite op straat het baie mense haastig

geloop of rondgedraf. Hulle was kwaad en het

al harder geskreeu. Al die manne van Sodom,

van die oudste tot die jongste, het saam-

gestroom na Lot se huis. Hulle was so sleg dat

geen vreemdeling veilig in hulle stad was nie.

Soutrots naby die plek waar Sodom

Hulle het die huis omsingel sodat niemand

waarskynlik was. In hierdie omgewing het

daaruit kon wegkom nie. Toe slaan hulle met

die droewige geskiedenis van die vrou van

hulle vuiste op die deur en skreeu: "Lot, waar is

Lot afgespeel.

die manne wat saam met jou hierheen gekom

het? Ons het hulle duidelik gesien. Maak gou en bring daardie vreemdelinge hier!"

Lot was 'n dapper man. Hy het gedink: "Hierdie manne is my gaste. Ek het hulle na my huis gebring om hulle te beskerm, en dit sal ek ook doen."

Sonder om bang te wees, het hy buitentoe gegaan en die deur agter hom toegemaak. In die donker nag het hy gestaan tussen die klomp mense, tussen moordenaars en boosdoeners.

Kalm en rustig het hy met hulle gepraat: "Moet tog nie hierdie manne kwaad aandoen nie.

Waarom wil julle dit doen? Hulle het tog nie vir julle enige kwaad gedoen nie?"

Maar Sodom se mense was baie sleg. Daar was nie eens een goeie plekkie in hul slegte harte waar Lot se woorde hulle kon tref nie. Die hele menigte het vorentoe gedruk en uitgeroep:

"Hierdie man is ook maar 'n vreemdeling, en sal hy baasspeel oor ons? Kom 'n bietjie hier, Lot, en ons sal jou meer kwaad aandoen as vir die vreemdelinge."

Maar net op daardie oomblik toe Lot dag dis gedaan met hom, het 'n paar sterk hande hom beetgepak en dwarsdeur die menigte mense in die huis ingetrek. Die engele het buitentoe gekom om hom te red. Hulle het die deur toegesluit. En toe gebeur daar iets wonderliks.

Hulle het die manne van Sodom, van die kleinste tot die grootste, op die plek laat blind word, sodat hulle nie meer die deur van die huis kon vind nie. Dit was tog te snaaks. Terwyl hulle rondsoek, kon hulle mekaar goed sien, en die straat en die sterre van die hemel ook, maar die deur van die huis waarin hulle slagoffers was, kon hulle nie sien nie.

Uiteindelik toe hulle moeg was van al die soek, het hulle weggeloop, onderwyl hulle skreeu en vloek. Die mag van die Here het Lot en sy familie van die dood gered.

TOE het die engele vir Lot vertel waarom hulle gekom het. Hulle het gesê: "Vlug haastig weg uit hierdie stad; somaar nog hierdie nag. Want die Here het ons gestuur om die stad te verwoes. Maar jou lewe, Lot, sal gespaar word, en al jou familie kan saam met jou vlug."

Het Lot reg gehoor? Moet hulle somaar nog daardie nag weggaan uit die stad? En wat van sy vee wat nog daarbuite in die veld was? Moes hy sy huis en al sy ander goed somaar net so laat staan? Al sy rykdom waarvoor hy sy hele lewe swaar gewerk het? Moes hy dit alles, alles net so agterlaat?

Met groot verskrikte oë het hy na sy gaste gestaan en kyk. Hy was dronkgeslaan deur so 'n vreeslike ramp wat hom tref. Maar hy het nou geweet dat hy met engele te doen het wat deur die Here gestuur is om hom te red. Toe het hy gedink aan twee jong manne van Sodom wat met sy dogters sou trou. Toe alles op straat weer stil was, het hy soos 'n ou man wat krom is, geloop na die huis waar die twee jong kêrels gewoon het. Hy het hulle wakker gemaak en vertel wat sou gebeur. "Maak gou, en kom saam," het hy gesê. "Nog hierdie nag sal die Here die stad verwoes."

Maar die twee jong manne het hom nie geglo nie. Hulle het na sy bleek gesig gekyk en gesien hoe verskrik hy lyk, maar tog het hulle hom nie geglo nie. Vrolik het hulle gelag. "Dis snaakse grappe wat Lot maak," het hulle gesê. "Ons laat ons nie so deur jou kul nie. Die stad verwoes? Nee, Lot, hou maar op met praat. Ons gaan hier bly."

Heeltemal in die war, het Lot toe maar teruggegaan na sy huis. Daar het hy met sy kop in sy hande gesit en dink, dink, die hele nag deur. Hy was gebreek. Hy het gekreun van verdriet.

Hy was wanhopig. Sy huis, sy vee! Hy het geswoeg en gewerk om ryk te word. En môre sal hy arm wees, 'n bedelaar!

"Maak tog gou," het die engele aangedring. "Lot, maak gou, en gaan saam, anders sal die straf jou ook tref."

Maar dit het gelyk of hy nie hoor nie. Hy het daar maar net gesit en gedink en bereken hoe groot sy skade sou wees.

Die môre was naby en dit het buite al effens begin lig word. Toe het die engele die hand van Lot gegryp en ook die hand van sy vrou en van sy dogters, en hulle saamgesleep, by die voordeur uit, deur die strate, en deur die poort van die stad.

Buite het die veld nog gelê in die stilte van die vroeë môre. In die verte was die berge nog donker. Hulle het gelyk soos 'n swart muur. Naderby was daar op die vlakte in die halfdonkerte 'n klein dorpie, Soar.

"Vlug vir julle lewe!" het die engele uitgeroep. "Moenie omkyk nie en moenie êrens in die vlakte bly staan nie. Vlug na die berge sodat julle nie omkom nie. Vlug gou!"

Maar Lot het nog getalm. "Die berge is so ver," het hy gekla. "Laat ons tog maar na daardie klein dorpie Soar vlug."

"Goed," sê die engele, "maar maak tog so gou as wat julle kan, anders sterf julle."

Toe het die vier mense oor die vlakte gehardloop. Hulle was baie bang. Van agter het die hemel rooi geword, want die oggend het gekom. Die mense van Sodom het wakker geword 55

en het gaan eet en drink, en net soos op ander dae ook sonde gedoen.

Meteens hoor hulle 'n gedreun. Dit was die aarde wat dreun, terwyl groot, swart wolke die môrelig verdonker het. Dit het somaar weer nag geword vir Sodom, die laaste nag .... vir altyd nag. Die Here het swael en vuur van die hemel laat reën. Hy het die grond waarop die goddelose stede gelê het, laat skeur en hulle met al hul vuil sondes diep laat wegsink in die donker aarde. En die water wat diep onder die grond was, het opgespuit na boontoe. Daar was ook lae sout in

die grond, wat in die water gesmelt het. Die soutwater het gestroom oor die vlakte, wat gebewe het, en dit het die arme mense agtervolg soos 'n lewendige muur.

Daar het 'n groot soutsee gekom waar die mooi stede tevore was.

Lot en sy twee dogters is gered. Hulle het Soar veilig bereik. Maar toe het die dogters geen moeder meer gehad nie.

Dit het so gekom: Hulle moeder was baie lief vir haar besittings, nog baie meer as Lot. Haar hart was gierig. In so 'n hart was daar geen plek vir die liefde van die Here nie. Sy was so jammer oor wat sy moes verloor dat sy nie geluister het na wat die engele gesê het nie.

Sy het gedink: "Ag, wat word daar tog van my koeie, en my huis en my geld!" Dit het haar laat vergeet wat die engele haar gebied het om te doen.

Sy het gaan staan, en toe agtertoe gekyk na Sodom waar haar huis was.

Toe het die vuurreën haar ingehaal en sy het gesterwe. En die watergolwe het gekom en hulle sout oor haar dooie liggaam gespoel.

Lot se vrou het 'n soutpilaar geword. In haar hart was daar mos geen plek meer vir die Here nie. Nou was daar vir haar geen plek meer in Sy genade nie.

Byna gered en tog verlore!

Arme vrou van Lot!

VROEG in die môre het Abraham opgestaan. Sy hart het vinnig geklop toe hy na die plek gaan waar hy gister die Here ontmoet het. En wat sou hy sien? Waar Sodom en Gomorra gister was, hang daar nou 'n swaar, swart rookwolk oor die aarde. Dit was soos die rook van

'n oond wat nou, so ver as wat Abraham kon sien, die wêreld donker gemaak het.



In hierdie omgewing het die Here vir Lot gesê: "Vlug vir jou lewe! Moenie omkyk nie. . . . . Vlug na die gebergte, dat jy nie

omkom nie !" (Gen. 19:17)

57

Toe het Abraham geweet dat in die stad nie eens tien goeie mense te vind was nie. Treurig het hy teruggeloop na sy tent waar Sara vir hom gewag het.

IN die dorpie Soar wat byna net so goddeloos was soos Sodom het Lot nie lank gewoon nie.

Hy kon dit nie waag nie. Hy was bang om maats te maak met die sondaars wat daar gewoon het.

Toe het hy na die bergwêreld getrek waarheen die engele wou gehad het hy moet gaan. En daar in 'n spelonk in een van die berge het hy met sy dogters gaan woon. Daar het hy gelewe soos 'n arme kluisenaar wat deur almal vergeet is.

Alles wat hy so liefgehad het, het hy verloor — sy vrou, sy huis, sy geld.

Maar die *Here* vir wie hy tog liefgehad het, was nog dieselfde as tevore. Miskien sou die liefde van die Here *nou* sy hart vervul.

Dan sou hy kan sê: "Ek was arm gewees, maar ek het ryk geword."

DIE groot soutsee wat in die omgewing is waar Sodom en Gomorra tevore in die diep aarde weggesink het, is vandag nog daar. En die mense noem dit die Dooie See.

Die swart water lê daar stil en blink in die son. Aan die kante is daar net kaal rotse en soutblokke wat deur die son geskroei word. Daar vlieg geen voëltjies nie, daar is geen blommetjies of grassies nie. In die water kan daar geen vis lewe nie. Net die dood regeer daar. En

daar is dit ook doodstil. Die doodse stilte is so groot omdat die sonde daar so groot was.

15. Hagar en Ismael

Génesis 21:1-21

ADAT die Here aan Abraham en Sara verskyn het, het daar 'n jaar verbygegaan. Vir N hulle altwee was dit 'n baie gelukkige jaar. Geduldig het hulle nou saam gewag totdat die wonder sou gebeur wat die Here belowe het. Nou was dit nie meer nodig dat Abraham vir Sara moes troos en bemoedig nie. Gelowig het Sara gewag en in die geloof het sy haar kindjie van die Here ontvang.

Want ná 'n jaar het die wonder *werklikwaar* gebeur. Toe het Sara weer 'n mooi klein kindjie in haar ou arms gesus. Maar nou was dit haar *eie* kind wat sy self van die Here ontvang het.

Dit was die kindjie van haar en Abraham saam. Vyf-en-twintig jaar het hulle gewag vir hom.

Almal wat van hom gehoor het, het gesê: "Dis 'n wonderkind. So iets het nog nooit tevore gebeur nie."

Sara het gelag van dankbaarheid en geluk. Soos die Here hulle beveel het, het hulle hom *Isak* genoem. Dié naam beteken "Lag."

Nou het daar lewe gekom in hul stil tent. Partymaal as die kindjie honger het, het hy gehuil.

Dan het Sara hom laat drink. En later as sy magie vol was, het hy klein geluidjies gemaak omdat hy so tevrede en gelukkig voel. Dan het Abraham stil en bly geluister. Die kindjie het mooi groot geword. Hy het begin lag en klein woordjies gebabbel. Hy het op die grond gekruip en later 'n paar treetjies geloop. Dit alles het die oumense so gelukkig gemaak dat hulle somaar weer jonk gevoel het.

Dit was die kind wat aan hulle beloof was, wat later 'n groot nasie sou word, wat in Kanaän sou woon. Dit was die kind uit wie se nageslag eendag die Verlosser sou kom. Hy sou *die* Wonderkind wees. Die mense sou baie, baie langer as vyf-en-twintig jaar vir Hom moes wag. Maar almal wat gelowig gewag het, het seker geweet dat Hy eendag sal kom. En as Abraham kyk na die klein Isakkie, het hy in sy gedagtes partymaal die ander Kindjie, wat sal kom, en die groot dag wanneer daardie Kindjie sal gebore word, gesien.

EEND AG is daar groot feesgevier by die tente van Abraham. Baie koek is gebak en heerlike vleis is gebraai, want daar het baie vrolike gaste gekom. En natuurlik die klein Isak moes ook daarby wees.

Dit was mos juis om sy ontwil dat die fees gevier is. Hy was al oud genoeg om gespeen te word. Dit het beteken dat hy nou nie meer 'n klein kindjie was wat nog van sy moeder se melk moes drink nie. Van nou af sou hy 'n groot seun wees, wat brood en vleis eet net soos die grootmense.

Maar toe daar so lekker feesgevier word, het iets treurigs gebeur.

Ismael was nou al 'n groot, sterk seun van sewentien jaar en hy het by sy moeder Hagar gesit. *Hy* was glad nie bly omdat Isak grootword nie. Toe Isak gebore is, was hy ook nie bly nie. Want vooraf het die werksmense van Abraham altyd gesê: "As Abraham sterwe, sal Ismael ons baas wees. Hy sal alles erwe." Maar nou het almal gesê: "Nee, nie Ismael nie, maar *Isak* sal ons heer word." Die klein Isak het 'n groter seën ontvang as die groot Ismael.

Dit was die wil van die Here. Isak was tog die beloofde kind.

Dit het Ismael goed verstaan. Hy het gedink: "Ek is tog ook 'n seun van ons vader Abraham.

En ek is die oudste." Ismael was glad nie vriendelik vir sy klein broertjie nie.

Ismael was nou ook hoogmoedig en jaloers, net soos sy moeder Hagar vroeër was. Hy het die klein seuntjie geminag. Toe hy sien hoe Isak rondloop onder die gaste, het hy gespot met hom. Die groot jongkêrel het die kleintjie geterg en sy siel uitgetrek.

Maar Sara het dit raakgesien. Dit het die fees vir haar bederf. Sy het lank nagedink oor wat sy moet doen.

59

Toe dit aand word, het sy besluit, en vir Abraham vertel wat gebeur het. Sy het gesê: "Jy moet daardie Hagar saam met haar kind laat loop. Hulle moet wegkom, ver weg, en na 'n ander land gaan. Ismael mag nie hier bly by ons Isak nie, want Ismael haat hom. Dit sal nooit goed gaan met die twee hier saam nie."

Eers wou Abraham dit nie doen nie. Hy het so baie gehou van die groot, wilde Ismael wat so taai en sterk was en so goed met pyl en boog kon skiet. "Hoe durf Sara so iets sê," het hy gedink. "Ek kan tog nie my seun wegstuur en hom nooit weer sien nie!"

Vir Sara het hy gesê: "Nee, dit sal ek nooit doen nie." En toe het hulle gaan slaap, en altwee het kwaad en verdrietig gevoel. Dit was 'n treurige aand na so 'n blye dag.

Maar in die nag toe Abraham nie kon slaap nie, het hy die Here vertel hoe verdrietig hy voel.

Toe het die Here met hom gepraat en gesê hy moet doen wat Sara gesê het. Ismael en Isak moet nie saam daar bly nie. "Ek sal goed vir Ismael sorg." het die Here gesê. "Omdat hy jou kind is, sal Ek 'n groot nasie van hom maak. Doen dit maar gerus, Abraham."

Abraham het die anderdagmôre vroeg opgestaan en brood en 'n fles water na die tent van Hagar geneem. Niemand het gehoor wat hulle twee saam met mekaar gepraat het nie. Maar hulle het albei geweet wat die wil van die Here is. Die son was nog nie eens op nie, en almal

het nog geslaap toe Hagar en Ismael geloop het. Hulle was gehoorsaam, en het die wye, wye wêreld in geloop.

Abraham het hulle agterna staan en kyk, so lank as wat hy kon. Hy was baie verdrietig. Daar het die vrou en sy seun wat hy liefgehad het, geloop. Nou moes hy hulle losskeur uit sy hart, en oorgee aan die Here.

Maar, nooit, nooit sou hy hulle kan vergeet nie.

HAGAR en Ismael het langs mekaar na die suidekant geloop en die woestyn ingegaan. Aan die ander kant daarvan moet Egipte wees waarvandaan Hagar lank gelede gekom het.

Die twee het saamgeloop, maar niks gepraat nie. Hagar het nie eens mooi gekyk waarheen sy gaan nie. Sy het verdwaal, maar dit nie eens opgemerk nie. Sy was tog te bedroef. Sy kon aan niks anders dink nie. Nou het hulle geen woonplek of huis meer nie, geen bed om op te slaap, geen vriend of iemand om vir hulle te sorg nie.

Hulle het al verder in die woestyn van Berseba afgedwaal. Dit was 'n eensame wêreld van sand en rotse en son en hitte. Bo die kaal koppies het die lug getril van die warmte. Die sand het gebrand onder hulle voete. Daar was geen wolke in die lug nie, en die son het gebrand soos 'n vuur. Maar nog erger het die verdriet in Hagar se hart gebrand.

Nêrens was daar iets te sien wat lewe nie. Nêrens was daar 'n boom wat skaduwee gee nie.

Nêrens was daar enige troos nie. Sukkel-sukkel het hulle deur die swaar sand aangestap.

Daar, ver voor hulle, moet Egipte wees. Agter was die tente van Abraham waarheen hulle nooit kon teruggaan nie. Hier in die vreeslike eensaamheid was hulle alleen. Hier was niemand om vir hulle te sorg nie.

Was daar niemand? Ja, daar was tog Iemand, want van ver anderkant die son en die blou hemel, het die Here neergekyk op hulle twee.

Maar daar het hulle nie aan gedink nie,

"MOEDER, ek voel dors," kerm Ismael. Hagar het dit al baie male gehoor terwyl hulle so loop. En dan het sy elke slag die waterfles geneem en vir Ismael daaruit laat drink. Soms het sy self so 'n paar mondjies vol gesluk. Sy het nie spaarsaam met die water gewerk nie. Sy was so deurmekaar dat sy nie goed geweet het wat sy doen nie. Weer hoor sy:

"Moeder, ek voel dors."

Diep in gedagte het sy weer van die water gegee en dit het gelyk of sy dit in haar slaap doen. Meteens hoor sy Ismael sê:

"Moeder, daar is nie meer water nie."

Toe skrik die vrou uit haar verdriet wakker. Geen water meer nie? Sy kyk rond, oral rond, en sê toe:

"Dan sal ons maar water êrens soek, my kind."

Maar hulle was in die woestyn. Lank het hulle heen en weer in die warm son geloop en soek, maar niks gekry nie. Hulle het swaar klippe omgekeer, wat hulle hande laat brand het.

Hulle het in die laagtes gesoek. Hulle het die koppies uitgeklim, en as hulle 'n bossie êrens sien, het hulle ewe bly daarnatoe geloop. Daar moes tog water wees!

Maar daar was geen water nie. Nêrens 'n druppel water nie. Net rotse en sand wat brand van die warmte.

"Moeder, ek kan nie meer verder nie," klae Ismael.

"Ag, my kind, my kind!" sê Hagar.

Ismael het sy voete maar aangesleep. Sy knieë het geknik. Sy gesig het bleek geword en hy het aan sy ma vasgehou.

Hagar kon self byna nie meer verder gaan nie, maar in haar angs vir haar kind het sy vergeet hoe moeg sy was, en hoe dors. Sy het hom vasgehou sodat hy nie val nie, en gehyg na asem terwyl sy langsaam haar voete nog 'n entjie verder aansleep. Haar oë het gebrand terwyl sy óm haar rondkyk. Sou sy dan nie êrens 'n fontein, net 'n klein fonteintjie, vind waar daar nog 'n bietjie water is nie?

Nêrens kon sy iets vind, nie 'n enkele druppel nie. Ismael het geleun op haar, hoe langer hoe swaarder. Uiteindelik het hy inmekaar gesak. Sy oë was toe. Hy het nog net gekreun.

Daardie gekreun het soos 'n mes deur Hagar se hart gesny. Graag sou sy haar lewe vir Ismael wou gee, maar wat kon sy doen?

Haar seun was al byna dood, en sy het hom met groot moeite gesleep na 'n bossie wat darem nog 'n bietjie skaduwee gegee het. Daar sou hy sterwe — haar kind. Maar sy wou dit nie sien nie. Sy kon dit nie verdra om te hoor hoe hy kreun nie. 'n Entjie verder, so ver as wat 'n mens met 'n pyl kan skiet, het sy op die grond neergeval. Sy was tog te bedroef. Sy het gehuil en haar trane het geval op die warm sand, maar niemand het haar stem in daardie eensame, stil wêreld gehoor nie.

Niemand?

UIT die hemel het daar 'n stem gekom: "Moenie bang wees nie, Hagar, want die Here het die stem van jou kind gehoor. Staan op, tel die seun op, want Ek sal 'n groot nasie van hom maak."

O, Hagar het al goed die stem geken. Sy het dit mos al tevore gehoor. Dit was die stem van die Here. Dit het beteken redding en lewe!

Haastig en baie bly het sy die trane uit haar oë gevee en na haar kind gehardloop. Toe het die Here haar oë laat oopgaan, daardie oë wat van verdriet nie eintlik iets meer kon sien nie.

Nou het die oë 'n fontein gesien wat tussen groot klippe half weggesteek was. Sy het amper gevlieg na die water en die fles gou vol gemaak. Soos die mooiste musiek het dit vir haar geklink toe die water so daarin loop.

Sy het Ismael aan sy skouers opgelig, en toe die eerste druppels water in sy mond kom, het sy oë oopgegaan en daar het weer lewe in hom gekom. Hy was nog maar jonk en het gou uitgeput geraak, maar het ook gou weer sterk geword. En nog dieselfde dag, nadat hulle hul uitgerus en hul fles weer vol gemaak het, kon hulle bly en dankbaar verder loop na die Suide.

Hulle het Abraham as 'n vader verloor, maar die Vader in die hemel het hulle nie vergeet nie.

61

TOE het hulle in 'n ver en 'n woeste land gekom, die woestyn Paran, wat tussen Kanaän en Egipte was. Maar hulle het daar 'n oase gevind. Dit is 'n plek waar 'n groot fontein is en waar gewoonlik palmbome in die vrugbare aarde groei. Daar het Ismael 'n sterk man geword. Hy kon goed met die boog skiet en was 'n groot jagter van wild.

Later het hy getrou met 'n vrou van Egipteland. Toe het alles presies so gekom soos die Here vroeër belowe het. Ismael het twaalf seuns gekry, en sy nageslag het 'n groot en dapper nasie geword. Vandag, na duisende jare, swerf hulle nog in groot getalle op hulle kamele oor die woestyn.

Hulle word Arabiere genoem. Hulle is maar wilde mense, sterk en taai soos hulle voorvader Ismael.

Die Here vergeet Sy beloftes nooit.

16. Die Here Bo Alles liefhê

Genesis 22:1-19

ARE het verbygegaan. Abraham het nie meer deur die land getrek met sy vee en sy J tente, en met Sara, sy vrou, en Isak, sy seun, nie.

As Abraham so nadink oor sy lewe, van die oomblik af toe die Here hom geroep het, dan het hy geweet dat hy nie meer sonder die Here kan lewe nie.

En as hy na Isak kyk, dan het hy geweet dat hy sy kind meer lief het as alles wat hy besit het.

MAAR sou hy nie miskien sy seun *te* lief hê nie?

Sou daardie liefde nie groter wees as sy liefde vir die Here nie? Abraham het dikwels vir die Here 'n offerande gebring en dan het hy die beste van sy vee of van sy koring met groot dankbaarheid gegee. Maar wat as die Here nou sou vra hy moet sy allerbeste gee?

TOE het dit eenmaal gebeur dat die Here Abraham wou toets om te sien of hy Hom *meer as alles* op aarde liefhet, en of sy geloof so groot was dat hy sou gehoorsaam wees as die Here iets vra wat hy nie kon verstaan nie. Ja, niemand sou dit kon verstaan nie, omdat dit so donker en vreeslik was.

In die nag het die stem van die Here uit die hemel gekom: "Abraham!"

En Abraham het geantwoord: "Kyk, hier is ek, Here."

Toe hoor hy baie duidelik wat die Here sê:

"Abraham, neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak, en gaan na die land Moria en offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat Ek jou sal aanwys."

Die stem van die Here het weer stil geword. Abraham het ook stilgebly. Dit was doodstil in die tent. En dit was doodstil in Abraham se hart wat styf geword het van skrik. Toe die Here niks verder sê nie, het Abraham, terwyl hy eintlik bewe van skrik, gesê: "Here, moet ek Isak gaan offer? Moet ek hom doodmaak? Moet ek hom self doodmaak op 'n altaar?"

Maar die Here het nie weer gepraat nie.

"Here," het Abraham gekla, "hy is tog die beloofde kind, vir wie ons so lank gewag het. En U

het tog belowe dat hy 'n groot nasie sou word, soos die sterre van die hemel!"

Daar het geen antwoord gekom nie. Maar in die hart van Abraham het die stem van die Here nog geklink. Nee, hy het nie 'n fout gemaak nie. Dit was nie somaar 'n nare droom nie.

"Gaan, neem nou jou seun en offer hom as brandoffer."

In die nag het Abraham geworstel, hy, die ou geloofsman, en dit was die bitterste stryd van sy lewe. Baie vrae het by hom opgekom en hy kon nie die antwoorde te wete kom nie.

Waarom? Waarom? Waarom vra die Here iets wat so vreeslik is? Hoe kon Hy, wat 'n God van liefde is, wil hê dat 'n mens, wat nogal Sy kind was, jou seun moet offer? En wat moet word van al die baie beloftes, wanneer Abraham nie meer 'n kind het nie?

Hy moes nou kies tussen die Here en sy seun. As hy gehoorsaam is, dan het hy geen kind meer nie. En as hy ongehoorsaam is, dan moet

hy die Here loslaat. En dan het hy geen God meer nie.

Dit was 'n verskriklike ding om so te moet kies.

MAAR om die Here los te laat, dit wou Abraham nie! Hy kon sonder Hom nie meer lewe nie.

Maar by al sy vrae en in sy bittere droefheid het sy groot geloof tog nog hard gepraat en gesê: "Wat die Here doen, is altyd, *altyd* goed, al verstaan jy daar niks van nie, Abraham! Hy alleen weet wat goed is vir Sy kinders. Hy riet jou lief. Hy het jou tog baie lief, Abraham."

Toe gee Abraham hom oor aan die wil van sy God. Hy sou blind-gehoorsaam wees. Hy het 63

opgehou om vrae te vra. Hy het sy hart stilgemaak en gesê: "Here, U het dit gesê, en ek sal gehoorsaam wees. Gee my asseblief die krag."

Maar toe hy doen wat hy beloof het, was hy so verdrietig dat dit gevoel het hy kon sterwe.

In sy see van droefheid was daar een hoop en troos waaraan hy kon vashou: die Here is in staat om Isak weer lewendig te maak nadat hy doodgemaak is.

DAARDIE nag kon Abraham nie slaap nie. Baie vroeg die oggend het hy opgestaan en uit sy tent gegaan. Hy het sy esel opgesaal en hout gekap vir die brandoffer. Hy het twee van sy werksmanne wakker gemaak en toe na die tent van Isak gegaan. "My kind," het hy gesê,

"staan op. Ons gaan op reis."

Kort daarna het hulle vertrek en hul pad het oor die stil velde en koppies gegaan. Sara sou later eers hoor dat hulle gaan offer het. So iets het al so dikwels vantevore gebeur dat sy glad nie onrustig gevoel het nie. En Isak was bly om saam met sy vader te kon gaan. Hy het vrolik gesels, maar dit het Abraham bedroef gemaak. As Isak lag, het dit gevoel of 'n mes deur sy siel sny.

"Ag, my kind," het hy gedink, "my liefste seun, as jy tog maar weet ..."

Drie dae het hulle reis geduur. Drie dae moes Abraham nog kyk in die vrolike, lewenslustige oë van Isak terwyl hy weet wat 'n vreeslike ding moes gebeur. Drie dae lank het hy nog tyd gehad om óm te draai en liewer huis toe te gaan.

Maar dit het hy nie gedoen nie. Sy geloof het hom krag gegee, maar dit was die swaarste reis wat 'n vader ooit gemaak het. Op die derde dag het hy sy oë opgelig en die plek van ver af gesien waarvan die Here gepraat het. Toe sê hy vir sy knegte: "Bly maar hier met die esel en ons twee sal gaan tot daar," en hy wys met sy vinger. "As ons klaar gebid het, sal ons terugkom na julle."

Let op, hy het gesê: "Dan sal *ons* terugkom" — so vas het hy op die Here vertrou. Hy sou sy seun doodmaak om hom te offer, maar hom tog weer lewendig terugbring.

Abraham het die hout geneem vir die brandoffer en dit op Isak se skouer gesit. Hy het 'n koolvuur saamgeneem en 'n mes in sy hand, en daarmee het hulle twee aangestap.

In sy hart het die vader gehuil, maar sy oë was droog, en sy lippe vas teen mekaar gedruk.

Maar toe hulle met 'n smal paadjie teen die berg opklim, het Isak skielik stilgestaan.

"Vader," sê hy, en sy vader antwoord: "Ja, my kind, wat is dit?"

Verwonderd vra Isak: "Vader, u dra die vuur en ek die hout, maar waar sal ons 'n lam kry vir die brandoffer?"

Toe antwoord Abraham: "Die Here sal self die lam vir 'n brandoffer voorsien."

Toe het hulle verder saamgestap, tot hulle bo-op die berg gekom het.

Abraham het die altaar met groot klippe gebou.

Hy het die hout reggemaak om dit aan brand te steek.

Nou was daar geen tyd meer nie. Nou het die vreeslike oomblik gekom vir die vader om sy seun te vertel dat hy moes sterwe, omdat die Here dit so gebied het. Dit was 'n wonderlike bevel wat niemand kon verstaan nie.

Niemand weet hoe swaar die vader gely het nie. Niemand weet hoe groot 'n skok dit vir die seun was, en hoe vreeslik verdrietig hy geword het nie. Maar hier was nog 'n wonder, en dit was dat Isak nie nee gesê het en nie eens teëgepraat het nie. Hy het nie gespartel toe Abraham hom neem en hom op die altaar bo-op die hout neerlê nie. Hy het vanself sy hande uitgesteek om gebind te word. So groot was die geloof van hierdie jong seun.

En toe het hulle afskeid geneem vir altyd ....

64

Toe het Isak hom laat vasbind, stil en geduldig soos 'n lam. En Abraham, wat vir sy seun sou gesterf het as hy kon, het sy blink mes opgeneem ....

MAAR toe was dit genoeg. Op daardie oomblik het die Here uit die hemel geroep:

"Abraham, Abraham!"

Vier oë het wyd oopgerek, en vol hoop boontoe gekyk.

Twee harte het vinnig geklop van skrik, maar van 'n blye skrik! Een sterk hand, 'n hand met

'n mes, het begin bewe en afsak ondertoe.

"Kyk, hier is ek," het Abraham gehuil.

En die stem van die Here, wat al die verdriet en al die angs in één oomblik weggeneem het, het gesê: "Moenie jou hand uitsteek na die seun nie, en doen hom geen kwaad nie, want *nou* weet Ek dat jy God vrees, en dat jy nie nee gesê het toe Ek jou seun, jou enigste, gevra het nie."

Met 'n hand wat bewe, het Abraham die toue waarmee sy kind gebind was, gou-gou deurgesny, en met onuitspreeklike blydskap vir Isak in sy arms geneem. Dit was asof hy hom uit die dood teruggekry het. Hulle liefde vir mekaar was nooit groter nie.

Toe hoor hy agter sy rug iets ritsel. Hy kyk om en sien 'n jong ram wat aan sy horings vassit in 'n bos. Die Here het self vir Hom 'n lam as brandoffer voorsien.

Abraham het die skaap op die altaar vasgebind en toe het die bloed van dié dier gevloei in plaas van dié van sy seun.

Nog nooit is 'n offer met groter dankbaarheid gebring nie.

IN die land Moria is later die tempel van Salomo gebou, en elke dag het die rook van offers tot eer van die Here daar opgegaan.

En op 'n kaal heuwel daar naby het dit nóg later eendag gebeur dat 'n Vader Sy Seun, Sy enigste, vir wie Hy liefgehad het, geoffer het. Toe het daar geen stem uit die hemel geroep nie. Toe het die Seun die dood ingegaan.

Dié Vader was God self, wat nie Sy Seun gespaar het nie, maar Hom vir ons almal aan die kruis laat sterwe het.

Die Seun was die Here Jesus wat toegelaat het dat Hy self vir sondaars soos 'n lam na die slagpaal sou gelei word.

Die heuwel was Golgota.

17. Rebekka

Genesis 23 en 24

N die warm son het 'n lang ry van tien kamele statig deur die veld, heuwel op, heuwel af, I getrek. Die voorste kameel het die pad aangewys, en die ander het hom gevolg. Hulle het verby stede en dorpe gegaan en riviere oorgesteek. Hulle het altyd verder en nog verder na die noorde getrek. Daar êrens, baie verder as 'n mens kon sien, was die plek waarheen hulle moes gaan. 'n Grys ou man wat op die voorste kameel gery het, het hulle gelei.

Dié man was die oudste en vernaamste kneg van Abraham, en hy moes sorg vir alles wat Abraham besit het.

Sy naam was Eliëser.

Sy hele lewe lank het Eliëser vir Abraham gewerk. Hy was altyd getrou en fluks en het sy werk altyd goed gedoen.

Maar nou op sy ou dag het sy meester hom 'n werk laat doen wat moeiliker was as alles wat hy vantevore gedoen het. Hy moes 'n vrou in 'n ver land gaan haal. Hy moes 'n meisie gaan uitsoek onder die baie wat daar gewoon het, en sy moes iemand wees wat die Here liefgehad het. Hoe sou die ou man dit kon uitvind?

Watter mens, al is hy oud en grys, ken die hart van 'n ander?

IN Abraham se tent het iets treurigs gebeur. Sara het gesterwe.

Sy het baie oud geword, nie minder nie as 'n honderd-sewe-en-twintig jaar. Sy het nog gesien hoe Isak 'n groot man word. Baie gelukkige jare het sy nog saamgelewe met haar man en haar kind.

Toe het die Here haar na Hom toe geroep.

In vrede het sy heengegaan, want sy het geglo aan die liefde van die Here.

Abraham en Isak het haar liggaam begrawe in die spelonk Magpela, teenoor die bome van Mamre waar Sara so lank gewoon het. Abraham het baie geld vir daardie graf betaal aan die Hetiet Efron.

Die enigste besitting van Abraham in daardie land was nou 'n graf.

TOE was daar 'n leë plek in die tent van Abraham. Hy het goed geweet dat hy nie oor Sara hoef te treur nie. By die Here was sy gelukkiger as ooit tevore. Isak het dit ook geweet. Maar Abraham kon sy vrou, en Isak kon sy moeder, nooit vergeet nie. In hul harte was daar ook 'n leë plek.

En wie moes nou vir alles in hulle tent sorg? Wie moes huishou en kyk dat al die bediendes hulle werk goed doen?

TOE het Abraham sy ou kneg geroep en gesê: "Gaan tog, en soek 'n vrou vir Isak, my seun.

Maar belowe my voor die Here dat jy nie enige vrou sal neem van hierdie land se mense wat so goddeloos is nie. Gaan na die land waar my familie woon en bring daarvandaan 'n vrou."

Die kneg het gehoorsaam sy hoof gebuig, al was die werk ook hoe moeilik.

Maar Abraham het nog iets meer gesê: "Mag die Here self met jou gaan! Hy sal Sy engel voor jou uitstuur."

DIE reis het lank geduur, 'n paar weke. Maar uiteindelik het die kneg gekom in die ver land Mesopotamië. Daar was die stad van Nahor waar Abraham se familie gewoon het. Buitekant die stad was daar 'n put.

Dit was al aand. Die son was byna onder. Die kamele het by die put neergekniel terwyl hulle die water onderin ruik.

Die moeë ou kneg van Abraham het by die put gesit en wag. En uit die stad het daar meisies gekom om water vir die nag in kruike te kom haal.

Toe Eliëser so na die meisies kyk, het hy moed verloor. Een van hulle was miskien die een wat hy moes saamneem. Maar watter een? Hoe kon hy nou weet wie sy was?

"Dis te moeilik," dag die ou man. Maar toe dink hy aan wat sy meester gesê het. Daar was Iemand wat die hart van die mens geken het, en Hy kon hom help. Ja, as Hy help sal alles regkom.

Die ou man kyk op in die aandlug na die hemel en begin toe baie eenvoudig bid. Hy het op die Here vertrou. En hy het gesê: "Here, hier staan ek by die waterfontein en die meisies kom uit die stad om water te skep. Ek weet nie wie om te kies vir my meester nie, maar U

weet dit goed. Sal U my nie asseblief help nie? Ek sal dit doen — ek sal vra: 'Laat my tog drink uit jou kruik.' En as een van die meisies dan sê: 'Goed, meneer, drink maar, en ek sal nog vir u kamele ook water gee' — laat sy dan die een wees wat ek soek."

So het Eliëser gebid. En kyk, toe hy opkyk, klim een van die meisies met die kliptrappies af in die put. Sy het haar kruik volgemaak, dit op haar skouer gesit, en boontoe geklim. Maar toe sy weer bo kom, sit daar 'n ou man wat vir haar vra: "Mag ek 'n bietjie water drink uit jou kruik?"

Vriendelik het die meisie gesê: "Drink maar, meneer." Met haar jong, sterk hande het sy die kruik effens skuins voor hom vasgehou, sodat hy kan drink. Toe hy genoeg gedrink het, het sy die water wat oor was, in die klipdrinkbak naasaan die put gegooi. "Ek sal nog meer gaan haal," sê sy ewe fluks, "en u kamele ook laat drink."

"Sy is die een!" dag Eliëser by homself. "Hierdie mooi jong meisie, wat so vriendelik is, sal die vrou van my jong meester Isak word."

Hy was verbaas dat die Here hom so gou gehelp het. En toe hy hoor dat haar naam Rebekka is en dat sy nogal 'n kleindogter van Nahor was, was hy nóg blyer. Want Nahor was 'n broer van Abraham.

Uit sy saalsakkie het hy twee pragtige goue armbande gehaal en hulle oor Rebekka se hande laat gly. Hy het haar ook 'n mooi goue ring gegee. En toe kon hy nie langer wag nie, maar somaar daar en dan gebid en die Here gedank vir Sy wonderlike hulp. Hy het gevoel hy *moet* Hom vertel hoe bly hy was.

MAAR toe hy weer opkyk, was die meisie skoonveld. Sy was so bly — so verras en verbaas

— dat sy gou huis toe gegaan het om die kosbare geskenke vir haar familie te gaan wys. Sy kon dit nie verstaan nie.

Tuis het sy alles vertel. Haar vader en haar moeder kon dit ook nie verstaan nie. Ook nie Laban, haar broer, wat baie slim was en altyd alles geweet het nie. Toe hy die armbande en die ring sien, het hy gou na die put geloop. Die man wat sulke koninklike geskenke gee, moes die nag by hom tuis gaan. Wie weet hoe ryk was daardie man! Wie weet hoe gulhartig en vrygewig die man vir hom, wat Laban was, ook sou wees!

Toe Laban by die put kom, het hy laag gebuig soos voor 'n koning. Eliëser moes tog die nag in sy huis kom oorbly, en ook sy knegte met die kamele, het hy gesê. Daar was plek en voer genoeg. Hy het Eliëser saamgeneem huis toe, en die tafel laat dek.

Maar Eliëser wou nie eet nie. Hy wou eers sy werk klaarmaak. Hy het vir Rebekka se vader Bétuel en die ander vertel dat hy 'n kneg was van Abraham, en waarom hy hom gestuur het, en hoe die Here hom by die put gehelp en gewys het dat Rebekka die vrou was wat hy moes kies.

Almal het hulle verwonder. Hulle het eintlik stil geword. Net nie Laban nie. Hy het gesê: "As die Here haar self gekies het, sal ons nie nee sê

nie. Neem Rebekka maar saam na jou land."

67

Bétuel het saamgestem en Rebekka was ook baie gewillig.

Was Eliëser nie bly dat alles so goed gegaan het nie! Hy het die sakke wat die kamele gedra het, laat haal en Rebekka en haar moeder •oorlaai met kosbare geskenke. Laban het sy deel ook gekry, nogal meer as wat hy verwag het.

Dit was vir almal 'n gelukkige aand.

Maar hulle was nie so vrolik die anderdagmôre nie. Eliëser wou dadelik vertrek, want hy het geweet dat sy meester hom verwag. Maar vir Rebekka se moeder en haar broer was dit glad te vroeg. Hulle wou Rebekka nog 'n bietjie langer, sê tien dae, by hulle hou. Maar hulle kon nie die saak regkry met Eliëser nie. Hulle sê toe uiteindelik:

"Laat ons Rebekka self vra." Dit het hulle gedoen.

Rebekka het nie lank nagedink nie. Sy het buitentoe gekyk, so ver as wat 'n mens kon sien.

Sy dink aan die land wat ver weg lê, en waar sy sou woon. Daar woon ook die man wat die Here vir haar uitgekies het. Haar hart het somaar getrek na daardie ver land. Sy het baie spyt gevoel om haar familie te verlaat, maar het tog geantwoord:

"Ek sal maar *nou* gaan."

Toe het Bétuel sy dogter geseën, en nog dieselfde dag het twee karavane uit die stad vertrek. Die een was dié van Rebekka met haar diensmeisies, en die ander dié van Eliëser met sy knegte. Hulle het vinnig na die Suide gereis en het gou oor die gesigseinder verdwyn.

EEN aand het Isak die veld ingeloop. Hy wou alleen wees om met die Here te praat. Maar toe hoor hy iets saggies dreun. Hy kyk op en wat sou hy sien? Kamele wat in die verte aankom. Sy hart het bly geklop.

Rebekka het die eensame man ook al raakgesien. "Wie is hy?" het sy gevra. En Eliëser het geantwoord: "Dit is my meester."

Toe het sy van haar kameel afgeskuiwe en na Isak geloop. En hy het haar huis toe geneem en haar na sy vader gebring. Hy het haar die tent van sy moeder Sara gegee om in te woon.

Sy het mos gekom om dié leë plek weer vol te maak.

Isak en Rebekka. Die Here het hulle twee self bymekaargebring. Wie sou hulle skei?

18. Jakob eN Esau

Genesis 25:19-34

SAK en Rebekka het mekaar liefgehad. Hulle was baie gelukkig.

I Maar soos die jare verbygegaan het, het hulle elke jaar 'n bietjie meer verdrietig geword.

Hulle wou so graag 'n kindjie hê, en het lank, baie lank, gewag en gehoop, maar nie een is vir hulle gebore nie.

Saam het hulle dit vir die Here vertel: "Here," het hulle gesmeek, "gee ons asseblief 'n kindjie."

En Hy het hulle gebed verhoor en meer gegee as wat hulle gevra het. Twee seuntjies is op een dag vir hulle gebore. Die tweeling het die name Esau en Jakob gekry. Esau is eerste gebore en is dus as die oudste van die twee gereken.

HULLE was tweelingbroers, maar het nie na mekaar gelyk nie. Jakob, die jongste, was tingerig en wit, maar Esau het rooierige hare op sy hele lyf gehad.

Dit was eintlik asof hy 'n kleed van hare gehad het. Daarom is hy Esau genoem, want dit beteken *harig.*

Hulle het albei opgegroei. En toe hulle groot manne was, het hulle nog minder na mekaar gelyk.

Esau, die frisse Esau, kon dit nie uithou om te bly op die rustige weiveld van die skape nie.

Daarvoor het sy bloed te wild gebruis deur sy are. Hy wou ver, baie ver weg, gaan swerwe in die donker bosse agter die wilde diere aan, agter bere en wildsbokkies. Esau was waaghalsig en het gevaar en avontuur gesoek, en was soms dae lank nie by die huis nie. Hy het 'n sterk en onverskillige jagter geword, 'n dapper maar ruwe man.

En Jakob? As Esau gaan jag het, het hy by die vee gebly of in die tent gesit en elke dag vir hom besig gehou met klein, rustige werkies. Hy was 'n stil, gehoorsame seun — een wat nagedink en gedroom het. Hy was glad nie so dapper en openhartig soos Esau nie, maar eerder 'n bietjie skelm. Partymaal het hy slim planne probeer maak om sy sin te kry. Maar hy het darem ook baie aan die Here gedink. In sy hart het hy tog stil verlang om Hom te dien en vroom te wees.

Rebekka het meer van Jakob gehou. Hy was altyd by haar en het haar gehelp met haar huiswerkies. Hy was vriendelik en aanhanklik.

Maar Isak het meer gehou van Esau, sy sterk en vrolike oudste seun, wie se klere na die veld geruik het. Hy was lief vir die lekker wildvleis wat Esau gebraai en vir hom gebring het.

Hy het hom bewonder omdat hy so dapper was.

Jakob was sy ma se seuntjie.

Esau was sy pa se seun.

Toe het daar 'n skeidsmuur tussen die vier mense gekom wat hulle erg ongelukkig kon maak. Niemand kon die muur sien nie, maar dit was tog daar. Isak en Esau het aan die een kant gelewe en Rebekka en Jakob aan die ander kant.

Hulle gelukkigheid het verdwyn.

ABRAHAM, hulle oupa, het toe nie meer geleef nie. Honderd-vyf-en-sewentig jaar het hy oud geword. Hy het sy kleinkinders, Jakob en Esau, nog gesien toe hulle al vyftien jaar oud was.

In rus en vrede het hy gesterwe. Hy was maar altyd 'n vreemdeling in daardie vreemde land, maar hy het seker geweet dat sy nageslag dit sou besit. Hy het baie moeilikhede in sy lewe gehad, maar sy geloof het nooit die Here losgelaat nie, en Hy was sy Vriend, wat hom ook in die dood nie alleen gelaat het nie. Waarom sou hy dan nog vrees?

So het Abraham, die groot geloofsheld gesterwe.

Toe het Ismael uit die woestyn gekom met 'n hele klomp manne en hy het saam met Isak die liggaam van hul vader begrawe in die spelonk Magpela, waar ook die liggaam Sara gerus het.

Maar Abraham se siel het in 'n beter land gekom. Dit was die land waarna hy SY hele lewe lank vooruit gesien het, die hemelse Kanaän daarbo.

DAAR was een ding waaraan Jakob gedink het en wat hom partymaal baie bekommerd laat voel het. Hy het met sy moeder daaroor gepraat, maar nooit met sy vader nie.

Omdat Esau die oudste was, was hy die vernaamste. Dit sou sy voorreg wees om eendag sy vader op te volg en heer en meester te word van al die knegte en werksmense wat Isak gehad het. Hy het

ook die reg gehad om twee maal soveel te erwe as Jakob. Hy moes die grootste seën ontvang.

Maar nog voor die twee seuns gebore is, het die Here met Rebekka gepraat en gesê in hierdie geval die oudste van haar kinders nie die vernaamste sou wees nie.

Dit het Jakob goed geweet. Rebekka het dit vir hom vertel.

En Isak het dit ook geweet. Maar dit lyk of Isak hom nie baie wou steur aan wat die Here gesê het nie. Hy het Esau met sy hele hart liefgehad, en hom behandel soos die oudste seun en die vernaamste een.

En kyk, dit was juis hieroor waarom Jakob so bekommerd was. Sy vader Isak was nie ": sterk man nie, en sou nie meer lank lewe nie. Sou die Here dan sorg dat hy wat Jakob is die grootste seën kry, saam met die ryke beloftes wat Abraham en Isak van die Here ontvang het? Sou die Here se woorde nie vergeet word nie?

Jakob het glad nie gerus gevoel nie. Om I te wag en gelowig te wees, en op die Here te vertrou, was vir hom tog te moeilik!

As hy self tog maar iets aan die saak kon doen!

As hy tog maar 'n goeie kans kon kry!

En dié kans het gekom. Jakob het gesorg dat hy goeie gebruik daarvan maak.

Hy was by die vee, en het iets lekkers in 'n pot gekook. Dit was lensies, of 'n soort ertjiesop, wat geurig en rooi van kleur was. Toe Esau uitgehonger van die veld terugkom, was hy doodmoeg. Hy het wie weet hoe lank laas iets geëet, want hy het die more vroeg veld toe gegaan, en baie gesukkel om 'n wildsbokkie in die hande te kry. Maar hy was ongelukkig en moes sonder 'n bokkie terugkom.

Hy het hom somaar by die vuur op die grond neergegooi. Die lekker geur van die lensies het hom nog meer honger gemaak. Sy oë wat so moeg was, het begin blink, en hy het gretig sy hand uitgesteek en hees gesê:

"Gee my daarvan! Laat my tog sluk van die rooigoed daar, want ek is moeg. Ek gaan dood van honger en moegheid."

Toe dink Jakob skielik aan 'n slim plan. Hy het nie gou gemaak om sy broer te help nie. Sy slim plan het hom wreed gemaak.

Langsaam sê hy: "Ja, ek sal dit doen, maar op een voorwaarde. Laat ek van nou af die vernaamste van ons twee wees. Verkoop my jou eersgeboortereg."

Esau het lag gekry. Hy het gemerk hoe onopreg sy broer is en hy het hom verag. Maar hy het ook die beloftes van die Here verag.

Berséba, waar Abraham en Abiméleg mekaar ontmoet het. "En hy (Abraham) het 'n tamarisk in Berséba geplant en daar die Naam van die Here, die ewige God, aangeroep"

(Gen. 21: 33).

Op die heuwel op die agtergrond was die dorpies Lus en Bet-el (waar Jakob die besondere droom gehad het). "Daarop word Jakob uit sy slaap wakker en sê: Waarlik, die Here is op hierdie plek, en ék het dit nie geweet nie" (Gen. 28: 16).

Onverskillig het hy geantwoord: "Wat kom dit vir my daar op aan! Ek moet tog eendag doodgaan, en wat sal ek dan doen met die eersgeboortereg?"

Maar Jakob was nog nie gerus nie, en het gesê: "Nou ja, sweer dit dan vir my."

Toe het Esau gesweer. Hy het die Here belowe dat Jakob die grootste seën kon kry. En toe het hy die lensiekos gekry. Jakob het hom brood ook nog gegee. O, nou was Jakob tog te goed vir sy broer!

Maar daar was geen liefde vir mekaar meer in hulle harte nie, al was hulle eie broers.

Die muur wat reeds tussen hulle gestaan het, was nou dikker en hoer as ooit tevore.

19. Die Bedrog

Genesis 27:1 tot 28:5

SAU, my seun!"

"E Vader Isak het op sy bed gelê. Hy kon nie meer hard roep nie, want sy stem was swak en dit het gebewe.

"Kyk, hier is ek, my vader!"

Die ou Isak het sy gesig opgelig. Hy het Esau gehoor en hom geruik. Die vars geur van die veld was in sy klere. Maar Isak het Esau nie *gesien* nie. Dit was 'n helder ligte dag en die son het geskyn deur die tent se opening. Maar selfs die son kon Isak nie meer sien nie. Hy was blind, 'n arme ou man wat deur ander mense moes gehelp word.

Ag, dit het hom so verdrietig gemaak. Hy het die skape gehoor blêr, maar kon nie meer vir hulle sorg nie. Hy kon niks meer werk nie. Tevore kon hy nog voel-voel buitentoe loop, maar nou nie meer nie. Hy het te swak geword. Nou het hy maar die hele dag stil in sy tent gele en gedink .... gedink. Hy het gedink aan sy lewe wat verby was, en aan sy dood. Dit was nog al wat hy kon doen.

Nou het hy so gele en dink dat hy binnekort moet sterwe. Hy was oud en swak en die dood kon gou kom. En hy moes klaarmaak daarvoor. Hy moes sy besittings deel tussen sy twee seuns, en hulle seën. Dis dié dat hy vir Esau geroep het.

Isak het gesê: "Esau, my seun, gaan veld toe en skiet 'n wildsbokkie om daarvan 'n stukkie braaivleis te maak. Maak dit lekker; jy weet hoe ek dit graag wil hê. Dan sal ek, voor ek sterwe, jou met die groot seën van die Here seën."

MAAR toe Esau geloop het, en Isak weer alleen was met sy gedagtes, het hy baie onrustig begin word. Wat het hy tog gedoen? Wat het die Here vantevore met Rebekka gepraat? Isak het goed geweet dat Jakob, en nie Esau nie, die groot seën moes kry. Esau was 'n goddelose mens wat sy ouers al baie verdriet aangedoen het. Teen hulle wil het hy getrou met twee slegte heidense vroue, en dit het gemaak dat Isak se familie minder gelukkig gevoel het. Esau het sonder die Here gelewe.

En tog! Isak het Esau met sy hele hart liefgehad. Hy het meer van hom gehou as van iemand anders op aarde.

Hy het goed geweet dat hy verkeerd doen. Hy het goed geweet dat dit ondankbaar was teenoor die Here, wat hom groot en ryk gemaak het en hom geseën het waar hy ook al gegaan het.

Hy het dit goed geweet, maar hy *wou* nie anders doen nie. Hy het nie ingesien dat 'n mens tog nie teen die Here kan stry nie. Hy was ook blind vir die mag van die Here.

MAAR buitekant die tent het iemand staan en afluister wat Isak met Esau praat. Dit was Rebekka. En toe sy alles gehoor het, was sy kwaad, en sy het ontsteld weggeloop om Jakob te gaan soek.

Bekommerd het sy met hom gepraat.

"As ons nie gou werk nie, is alles verlore," het sy gefluister. "Dan sal daar niks van die beloftes van die Here kom nie. Maar ek het 'n goeie plan. Luister, my kind! Loop gou na die kleinvee, en gaan haal vir my daar twee mooi bokkies, dat ek vir jou vader daarvan 'n lekker ete kan maak, soos hy dit graag wil hê. Dan moet jy dit na jou vader bring en maak asof jy Esau is. Dan sal jy die grootste seën kry .... Jou vader is mos blind en hy sal dit nie merk nie."

Dit was omdat sy haar kind so liefgehad het dat sy so gepraat het.

Maar Jakob het geweifel. Nie omdat dit so 'n slegte en gemene plan was nie, maar omdat dit 73

gevaarlik was. Hy kon dit nie waag nie! Hy het gesê:

"Esau is so 'n harige mens, en ek nie! Miskien vat my vader aan my, en dan sal hy gou merk dat ek hom bedrieg! Dan sal hy my nie seën nie, maar hy sal my *vervloek*!"

Maar sy moeder het aangedring dat hy die slegte ding moet doen. Rebekka wou dit waag!

Sy het gesê:

"Doen tog maar wat ek sê. Laat alles aan my oor. As jou vader jou vervloek, sal ek die vloek op my neem."

Toe het Jakob geloop. Hy het twee bokkies gaan haal en hulle geslag, en Rebekka het hulle gou gebraai. Toe het sy die mooiste klere van Esau geneem — sy feesklere wat in haar tent gehang het — en hulle vir Jakob aangetrek. Die velle van die bokkies het sy om sy hande en oor die gladdigheid van sy nek getrek. Hulle was so sag soos die hare van mense. Toe het sy die lekker ete en die brood wat sy gemaak het aan Jakob gegee en gesê:

"Gaan nou, my kind ; gaan gou, anders is alles verlore."

Jakob het gegaan. Hy het 'n bietjie gebewe toe hy in die tent van Isak kom.

"My vader," sê hy bangerig. Isak het effens geskrik, want hy het gele en dink. Is daar iemand wat praat? Hy vra: "Wie is jy, my seun?"

NOU moes Jakob sy bes doen. Hy probeer om Esau se growwe stem na te maak. Met 'n hart wat bons, sê hy: "Ek is Esau, u oudste seun. Ek het gedoen soos u gesê het. Sit tog asseblief 'n bietjie regop, vader, en eet van die braaivleis en seën my."

Maar Isak het iets snaaks opgemerk. Alles was nie pluis nie. Hy vra toe: "Hoe het jy dit so gou gekry, my seun?"

In sy angs het Jakob misbruik gemaak van die Naam van die Here en gesê: "Omdat die Here u God my dit laat teëkom het." Dit was soos Esau altyd gesê het: "Die Here *u* God."

Toe kom vir Jakob die benoudste oomblik. Isak wou heeltemal seker maak. Hy sê toe: "Kom tog nader dat ek aan jou kan voel of jy waarlik my seun Esau is, of nie."

Jakob het gebewe toe hy voor die bed neerkniel. Isak het sy ou hande laat gly oor die hande en die kop van Jakob. Dit het vir hom net so gevoel soos die harige vel van Esau. Maar daar was darem nog iets snaaks wat Isak onrustig gemaak het.

"Die stem is Jakob se stem, maar die hande is Esau se hande," het hy gekla, en hy het weer gevra: "Is jy regtig my seun Esau self ?" "Ja, ek is dit," het Jakob gejok.

Die braaivleis het hy langs die bed neergesit. Die geur daarvan het deur die tent getrek. Isak het graag lekker kos geëet. Begerig het hy sy hand uitgesteek om dit te neem. Hy het van die vleis en die brood geëet, en van die wyn gedrink wat Jakob gebring het. Hy het geprobeer om sy agterdog te vergeet, maar kon dit nie mooi regkry nie.

Toe hy klaar geëet het, het hy gesê: "Kom tog nader, en soen my, my seun."

Jakob het hom neergebuig oor sy blinde vader en hom gesoen. En daardie soen was die gemeenste leuen van dié hele droewige dag.

Maar toe ruik Jakob die geur van die veld wat uit sy klere gekom het. Nou het sy laaste twyfel heeltemal verdwyn. Hy het sy bewende hande op die kop van sy seun gele en hom geseën.

Toe het daar iets gebeur waaraan niemand gedink het nie — Isak self nie, en Rebekka nie, en Jakob en Esau ook nie. As hulle daaraan gedink het, sou hulle geweet het dat die wil van die Here *moes* geskied.

Dit was toe nie meer Isak wat praat nie. Dis waar, hy het die woorde gesê, maar hy het hulle nie uitgedink nie. Dit was die Here wat hulle in sy mond gele het. As dit nou Esau gewees het wat gekniel het onder die hande van Isak, dan sou dit *ander* woorde gewees het wat

uitspreek, al was dit ook *teen* sy wil. Die Here sou goed gesorg het dat dit gebeur soos Hy belowe het.

Isak was nou 'n profeet. Dit was die woorde van die Here wat hy moes spreek.

"Volke sal jou dien en nasies voor jou neerbuig .... Vervloek is hulle wat jou vloek, en geseënd is hulle wat jou seën."

En nog meer. Jakob se nakomelinge sou die land erwe wat die Here reeds aan Abraham belowe het. *Sy* volk sou die volk van die Here wees.

O Jakob! Hoe het sy hart hom nie beskuldig nie en gesê: "Jy is 'n bedrieër, 'n leuenaar!"

Hy was skuldig, baie skuldig, maar tog is 'n heerlike seën oor hom uitgespreek. Hy het dit nie verdien nie. Maar die Here was genadig, en ons moenie vergeet nie dat Esau sy eersgeboortereg aan Jakob verkoop het. Esau het dus geen reg meer gehad op die seën van sy vader en van die Here nie. Daarby het Isak geweet dat die Here lankal reeds vir Jakob uitgekies het as dié een wat Sy besondere seën moes ontvang.

JAKOB het skaam gevoel toe hy terugloop na Rebekka se tent, maar hy was skaars daar toe Esau vrolik terugkom van die jag. Hy het lekker ete gaan maak om vir sy vader te gee.

Hy het vroeër sy eersgeboortereg aan sy broer verkoop, maar nou het hy hom nie daaraan gesteur nie. Wat het die onverskillige Esau omgegee vir 'n belofte?

Hy het die tent van sy vader binnegegaan. "My vader," het sy stem geklink, "eet van my wildsvleis en seën my .... Ek is u oudste seun Esau."

Isak het vreeslik geskrik, meer as ooit tevore.

Hier die keer het hy nie getwyfel nie. Dit was Esau, dit was sy eie Esau. Dan was die ander een tog Jakob! En die seën kon nie weer teruggeneem word nie.

Toe Esau hoor wat gebeur het, het hy geskreeu van woede en bittere verdriet. Hy het sy vader gesmeek om hom ook te seën. Die sterk en wilde Esau het daar gestaan en huil soos

'n kind.

Toe het Isak ook vir Esau 'n woord van die Here gespreek. Esau sou ook 'n groot nasie word, en dit sou goed gaan met hom in die wêreld. Maar sy nageslag sou tog nie so belangrik wees soos dié van Jakob nie. Alleen Jakob se nageslag sal die volk van God wees, en dié van Esau sal hulle lank moet dien.

En toe Esau in sy eie tent terugkom, was daar niks as haat in sy hart nie. Hy was nie spyt oor sy onverskilligheid nie. Hy was nog meer goddeloos as tevore.

"My vader sal nie meer lank lewe nie," het hy gesê, "en na sy dood sal ek my wreek. Dan sal ek daardie bedrieër Jakob doodslaan. Wag maar 'n bietjie!"

REBEKKA het dit gehoor en sy het goed geweet dat Esau sy woord sou hou. Haar hart het inmekaar gekrimp van vrees om die ontwil van haar seun. Maar sy het gou weer 'n plan gemaak. Jakob moes weggaan, ver weg, na haar land waar sy vroeër gewoon het en waar Laban nog woon. Daar sou Jakob veilig wees.

"Bly daar 'n paar dae," het sy vir hom gesê. "Esau sal nie altyd kwaad bly nie. Ek sal jou 'n boodskap stuur wanneer jy weer terug kan kom, my seun."

"'n Paar dae," het sy gesê.

Nie lank daarna nie het Jakob weggegaan, alleen en stilletjies.

Maar hy het darem eers sy vader gaan groet. Dit was nie nodig dat hulle baie sou praat nie.

Hulle was albei skuldig, maar het albei ook spyt gevoel. Toe het dit weer reggekom tussen hulle twee.

HULLE was almal skuldig en elkeen het sy straf gekry.

75

Vader Isak het alleen gele met sy gedagtes. Hy was skaam en het nog eensamer as tevore gevoel.

Rebekka het haar "seuntjie" wat sy so liefgehad het, verloor. Sy het gedink dit sou maar net vir 'n paar dae wees, maar sy het hom nooit weer hier op aarde gesien nie.

Jakob, wat so graag by die huis gebly het, moes soos 'n vlugteling die wye wêreld ingaan.

En Esau? .... Die een wat 'n ander haat, doen vir homself die meeste kwaad aan.

76



20. Jakob Vlug

Genesis 28:10-22

, hy kon dit byna nie doen om so ver weg te gaan nie, maar hy *moes.* Hy moes alles wat O hy liefgehad het net so laat staan, en weggaan, alleen met sy stok en sy bondeltjie klere. Agter hom was die groot kamp met al die tente van sy vader. Daar naby het duisende vee gewei. Daar was rykdom en veiligheid en liefde.

Voor hom was 'n onbekende wêreld, vol gevare en bekommernis.

Maar hy *moes* weggaan. As hy sou gebly het, sou hy gesterwe het.

Wat het Jakob nou gekry met al sy slimheid?

DIE reis was moeilik en sy hart het swaar gevoel van spyt en verdriet.

Jakob het na die Noorde geloop, verby die spelonk Magpela, waar die liggame van sy oupa en ouma, Abraham en Sara, gerus het in die familiegraf. Sou hy hier ook eendag in vrede begrawe word? Of sou hy sterwe êrens ver weg in 'n vreemde land?

Hy het al verder en verder geloop. Daar voor hom was 'n land met die naam van Moria en dit was op een van die berge daarvan, waar sy vader, toe hy nog 'n seun was, gele het op die altaar. Hy het geduldig gele soos 'n lam, gehoorsaam tot die dood. Só iemand was Isak toe hy jonk was, 'n kind van die Here.

En wat van *hom,* Jakob? Hy was geen kind meer nie, maar 'n groot man en tog het hy nog nie ware gehoorsaamheid geleer nie. Hy was ondankbaar en 'n bedrieër. O nee, hy was nog nie 'n goeie kind van die Here nie.

Volgens oorlewering Jakob se put by Sigar (Joh. 4:12).

Dit was juis die rede waarom sy reis vir hom so verskriklik onaangenaam was. Alleen moes hy gaan — sonder 'n ander mens by hom. Sou die Here hom nog liefhê en bewaar? Was hy nie glad te sleg daarvoor nie?

Toe hy so aanstap, was hy 'n bang en eensame man. Hy het moedeloos gevoel en maar 'n 77

bietjie krom geloop.

Het hy geweet waar hy loop terwyl hy so verdrietig voel? Skielik het hy opgeskrik uit sy gedagtes. Dit was al donker. Die son het ondergegaan. Hy sou êrens in die oop lug moet oornag. Hy het 'n plat klip gesoek vir 'n kopkussing. Deur sy dik tulband of mus daarop te sit, kon sy kop tog sag lê. Die droë grond was sy bed.

En daar het hy toe gele, eensaam en verlore in 'n wilde, vreemde wêreld. Hy was doodmoeg van die loop en ook van al die dink. Hy

was ook baie bedroef omdat hy gedink het dat hy te sleg was dat die Here hom nog lief kan hê.

Bokant hom het die sterre begin uitkom. Maar die hemel was tog so ver weg. Dit was nag.

Nou het die wilde diere uitgegaan om te rowe.

Daaraan het hy nie gedink nie.

Hy het geslaap.

MAAR toe gebeur daar iets!

Jakob het gedroom, en dit was 'n heerlike droom. Hy het 'n leer gesien en dit was so hoog dat die punt daarvan tot by die hemel gekom het. Aan die onderste punt daarvan het hy gele en slaap. Hy het geslaap, maar tog *gesien.* Hy het engele gesien wat op en af langs die breë trappies van die leer geklim het. En heel bo-aan, in 'n helder lig, was die Here self. Dit was Hy wat gebroke harte genees en die eensame swerwer wou troos.

Hy het vriendelik met Jakob gepraat. Hy het gesê: "Ek is die Here, die God van jou vader Abraham en van Isak. Die land waarop jy lê en slaap sal Ek aan jou gee. Wees maar gerus, waarheen jy ook al gaan, want kyk, Ek is oral by jou en sal jou weer terugbring na hierdie land. Ek sal jou nie verlaat nie, en in jou en jou nageslag sal al die geslagte op aarde geseën word."

Toe het Jakob weer wakker geword. Dit was reeds more. Die eerste daglig het al rooi geskyn op die bergtoppe. Die sterre het verdwyn. Die aarde was nog soos gister en eergister. Dit was 'n droom.

Ja, dit was maar 'n droom. Maar tog was dit waar. Terwyl Jakob slaap, het die Here met hom gepraat en gesê: "Jakob, Ek het jou tog lief! Ek sal vir jou sorg." Jakob kon nie 'n heerliker boodskap as dit gekry het nie.

Hy was baie dankbaar en eerbiedig. Verbaas het hy gesê: "Dit is 'n huis van God .... Dit is die poort van die hemel. Vannag het ek waarlik gele en slaap voor die hemelpoort!"

Hy het die klip geneem waarop sy kop gerus het, en dit regop laat staan sodat hy die plek eendag weer kon vind. En toe het hy 'n groot behoefte gevoel om die Here te wys hoe bly en dankbaar hy was. Hy het nie veel by hom gehad nie. Maar hy het darem 'n flessie olie gehad wat hy wou smeer aan sy voete as hulle seer word.

'n Bietjie van dié olie het hy oor die klip gegooi. Toe het hy in aanbidding voor die Here neergekniel en gestamel:

"Here, baie dankie! As ek terugkom na hierdie land sal ek hier vir U 'n altaar bou."

Toe het hy verder geloop.

Moedig en verkwik het hy die onbekende wêreld ingegaan.

Van toe af sou die plek Bet-el genoem word.

Bet-el beteken die huis van God.

21. Jakob by Laban

Genesis 29:1-29; 30: 25-42; 31.

A 'n reis wat drie weke geduur het, het Jakob uiteindelik veilig by sy oom Laban in N Haran aangekom. Hy het Ragel, die dogter van Laban, in die veld ontmoet. Hy het juis net die pad vir 'n paar skaapwagters gevra toe sy daar aankom met haar kleinvee. Jakob het haar toe gehelp om die skape water te gee en haar vertel wie hy was. 'n Rukkie later het Laban self gekom om hom na sy huis te neem. Toe kon die moeë swerwer uitrus na sy reis.

Dit was so lekker om weer by familie te wees en om alles te vertel aan sulke vriendelike mense. Jakob was dankbaar dat sy reis so voorspoedig was. En as hy na Ragel kyk, het hy sy verlange na sy eie huis vergeet. Nog nooit het hy so 'n mooi en aantreklike meisie gesien nie.

Voorlopig het Jakob in die huis van sy oom gebly. Bedags het hy met die kleinvee saam veld toe gegaan, maar saans was hy bly om weer onder 'n dak en op 'n bed te kan slaap.

Maar daar was iets snaaks in die huis van Laban. Laban het klein mense-beeldjies gehad wat hy sy huisgode genoem het. Voor een van hulle het hy neergekniel, want dit was sy afgod. Die een dag het hy die Here God aanbid en die ander dag weer 'n beeldjie.

Maar Jakob het nie so gedoen nie. Hy het in Bet-el geleer dat alleen die Here magtig genoeg was om vir hom te sorg.

SO het een maand verbygegaan. Maar Laban wou Jakob nog lank by hom hou. Nie omdat Laban so 'n goeie hart gehad het nie. Hy het nog nie verander nie. Hy was 'n gierigaard, 'n inhalige man wat voordeel uit alles wou trek. Jakob het nou nie, soos die ou kneg van Abraham lank gelede, met skatte en geskenke gekom nie, maar hy was sterk en gesond, en hy kon goed met skape werk. As Laban dan slim was, kon hy in Jakob 'n goeie en goedkoop kneg kry.

Hy het toe akkoord gemaak met Jakob dat dié vir hom sewe jaar sou werk sonder enige betaling, maar dan kon hy met Ragel trou. So het Laban sy eie kind verkoop.

Jakob het Ragel liefgehad. Om haar te kry, het hy graag hard gewerk. Die sewe jaar het verbygevlieg. In sy hart het Jakob met verbasing gedink: "Sewe jaar? .... Nee, dit voel asof dit maar net 'n paar dae was."

Maar Laban was nie gerus nie.

Jakob was die beste skaapwagter in die hele land, en Laban was nie seker of hy lank sou bly nie.

Hoe kon Laban so 'n goeie kneg hou sodat hy nie van hom weggaan nie?

Hy moes nou 'n baie slim plan uitdink.

TOE Jakob en Ragel getroud is, was daar 'n groot bruilofsfees in Haran. Al die mansmense van die plek het gekom om fees te vier, en toe dit donker word, is die bruid, met haar mooi klere aan, na Jakob gebring. Niemand het haar gesig gesien nie, want dit was toegedraai in

'n sluier. Dit was die gewoonte in daardie land.

Jakob het sewe jaar vir hierdie dag gewag. Baie bly was hy toe hy Ragel kon saamneem na sy tent waar hulle twee saam sou woon.

En wat van Ragel?

Sewe jaar gelede het Jakob sy ou vader bedrieg met 'n kleed, en nou sou hy self voel hoe hartseer dit 'n mens maak om bedrieg te word.

Toe sy jong vrou haar sluier afgehaal het en dit weer lig word, sien Jakob die anderdagmôre dat dit nie Ragel was nie, maar Lea, haar ouer suster. Lea was 'n goeie, troue vrou, maar glad nie so mooi soos Ragel nie.

Laban het gemaak asof hy baie verwonderd is toe Jakob hom sê hy is ontevrede.

"Wel," het hy slim geantwoord, "hier in ons land is dit nie die gewoonte om die jonger dogter te laat trou voor die oudste nie. Maar as jy belowe om nog sewe jaar vir my te werk, dan sal ek Ragel ook vir jou gee."

En so het dit gebeur.

Jakob het nog sewe jaar gewerk.

EN daarna het Jakob nog ses jaar by Laban gebly, want sy moeder Rebekka het nog niks vir hom laat weet nie.

Nou het hy gewerk vir betaling. En hoe die gierige Laban ook al sy bes gedoen het om Jakob nie baie te betaal nie, en watter slim planne hy ook al gemaak het, dit het hom niks gebaat nie. Sy huisgode kon hom ook nie help nie.

Maar uit die hemel het die Here op Jakob neergesien en hom geseën.

As Laban met Jakob afspreek dat hy al die gespikkelde lammers van 'n sekere jaar kon kry as sy betaling, dan is daar daardie jaar net gespikkelde lammers gebore.

En as hy belowe: "Jy kan al die wittes van hierdie jaar kry," dan het daar net wit lammers aangekom.

Dit was die werk van die Here wat die diere net die kleur gee wat Hy wil.

So is Laban gestraf vir sy bedrog.

En so het Jakob in ses jaar 'n groot en ryk man geword, met baie knegte en groot troppe vee: skape en kamele en esels.

Laban en sy seuns kon nie meer vriendelik teenoor hom wees nie. Afguns het geloer uit hul begerige oë. Dit was nie meer goed om by hulle te bly nie.

Die Here het vir Jakob gesê: "Gaan terug na die land van jou vaders, en Ek sal met jou wees."

Toe, na twintig jaar, het Jakob sy lente opgevou, sy vee bymekaargemaak en alles reggemaak vir die reis. Laban was nie tuis

nie. Hy was ver weg in die veld by sy skape wat hy geskeer het, en daar het hy feesgevier met sy herders.

Stilletjies het Jakob met sy vroue en kinders, sy knegte en sy vee vertrek na die Suide. Dit was 'n hele groot karavaan.

Maar voor hulle vertrek, het Ragel nog eers gou in die tent van haar vader ingesluip en die huisgode geneem. Sy het die klein beeldjies in haar klere weggesteek. Sy wou hê die afgodsbeeldjies moet haar beskerm op die lang reis na Kanaän.

Laban was woedend toe hy na drie dae hoor wat gebeur het. Hy het sy knegte en sy vriende geroep en sy kamele laat opsaal. Met 'n wilde draf het hulle Jakob agternagesit. Maar voor hy vertrek het, het hy nog eers na sy huis gegaan om sy huisgode te vra om hom te help.

Maar kyk, toe hy in sy tent kom, was hulle nêrens te vinde nie.

Toe was hy nog meer woedend, so woedend dat hy met sy mense gejaag het om Jakob in te haal. Dit was nie moeilik om die spoor van die karavaan te volg nie. Hy sou dit gou inhaal.

En dan .... Waarom sou Laban sag werk? Nee, hy sou Jakob liewer met geweld terugja na sy land. Hy kon hom tog nie somaar so laat gaan met sy groot troppe vee en alles wat hy miskien ook nog gesteel het nie. In sy woede en afguns kon Laban alles wat sleg is, aanvang.

Na 'n week het hy naby die karavaan gekom. Dit was in die bergwêreld van Gilead. En toe het dit nag geword.

Maar in die nag het die Here vir Jakob gesorg. Hy het met Laban gepraat en hom 80

gewaarsku om nie vir Jakob enige kwaad aan te doen nie.

Die anderdagmôre was Laban heeltemal rustig toe hy met sy mense by die kamp van Jakob aankom. Hy sou graag vir Jakob kwaad aandoen, maar hy het dit nie gedurf nie.

"Hoekom het jy so stilletjies gevlug?" het hy gevra. "Ek het nie eens my kinders en kleinkinders kon groet nie. Dis glad nie mooi van jou nie, Jakob!"

Toe het Jakob hom geskaam. Hy het ook goed geweet dat die Here dit nie so wou hê nie.

Maar hy was bang gewees dat Laban nie sou toelaat dat hy gaan nie.

Hy het al weer te min op die Here vertrou. Hy het al weer gedink dat sy *slimheid* hom moes red.

"En waarom het jy my afgodsbeeld gesteel?" het Laban hom verwyt.

Toe het Jakob so kwaad geword dat sy oë geflikker het, en hy het regop en fier voor Laban gaan staan.

"Ons is nie diewe nie," het hy gesê. "Alles wat u hier sien, het ek eerlik by u verdien. Bedags het ek die hitte van die son vir u verdra en snags die koue ryp. Twintig jaar lank was ek 'n troue kneg vir u. Het ek dit nou verdien dat u my agternajaag en my van diefstal beskuldig?

Soek maar alles deur en die een by wie u die beeldjie vind, sal sterwe!"

Alles in die kamp het stil geword. En die oë van almal wat Jakob aangehoor het, het geskitter. Dit was die taal van hulle hart.

Maar Ragel in haar tent was bang dat sy doodgemaak sou word. Sy het so groot geskrik dat sy amper nie kon staan nie. In haar angs het sy 'n skelm plan gemaak. Met hande wat bewe het sy die afgodsbeeldjie, wat sy gesteel het, gegryp en dit weggesteek onder 'n kameelsaal en daarop gaan sit. Toe Laban die tent binnekom, was

sy weer ewe kalm. Hy het die hele tent deurgevoel, maar niks gekry nie.

Toe het Laban hom geskaam omdat hy Jakob vals beskuldig het en hy het vrede met hom gemaak.

Hulle twee het 'n verbond gemaak en 'n klomp klippe op mekaar gestapel, as 'n teken dat hulle mekaar nooit enige kwaad sou aandoen nie.

Toe het Laban met sy manne weer teruggegaan na sy eie land.

Die karavaan van Jakob het langsaam verder getrek na die Suide toe.

Tussen Ragel se klere, by elke stap van die kameel, het die gesteelde beeldjies teen mekaar gestamp.

22. PnIël

Genesis 32, 33 en 35:1-7 en 27-29

OU was Jakob se reis byna verby. Nog net 'n paar dae en hy sou met sy ryk karavaan N die land binnegaan wat hy twintig jaar gelede as 'n doodarm vlugteling verlaat het. Daar sou sy vader en moeder miskien vir hom nog altyd wag.

Maar Esau sou ook daar wees!

O, as Jakob aan hom dink, het hy glad nie meer bly of gerus gevoel nie. Esau was so onverskillig en so goddeloos. Sy hart was so hard soos yster. Hy was 'n groot vegter en het nou 'n hele klomp mense gehad om hom te help. Twintig jaar gelede het hy gesweer om Jakob dood te maak. En Esau het niks vergeet nie. Hy kon vreeslik haat. O, wat kon Jakob doen as Esau nog net so kwaad en hard soos vroeër was, en as hy die karavaan met sy mense sou kom aanval! Wat sou

word van almal wat by Jakob was, sy vroue en hul arme, hulpelose kindertjies?

MAAR Jakob het weer 'n plan gemaak. Hy het boodskappers na Esau gestuur. Hulle moes hul baie beleef en vriendelik hou. Hulle moes sê dat Jakob teruggekom het uit die vreemde land en dat hy baie graag goeie vriende met Esau wou wees. Maar toe die boodskappers terugkom, het hulle 'n vreeslike tyding gebring.

"Meneer!" het hulle uitgeroep. "Ons was by Esau. Hy kom aan met vierhonderd gewapende manne!"

Jakob het vreeslik bang geword en alle hoop verloor. In sy tent het hy op sy knieë geval en so ernstig gebid soos nog nooit tevore nie.

"O Here!" het hy uitgeroep, "help my tog asseblief. Ek is so bang. Verlos my tog uit die mag van Esau. U het tog self gesê ek moet terugkom en U het beloof om met my te wees."

Maar sy gebed het hom geen rus gegee nie. Aan die een kant was daar 'n swak stemmetjie wat hom wou troos: "Wees maar stil, Jakob; die Here sal jou beskerm. Vertrou maar op Hom!"

Dit was die stem van sy swak geloof.

Maar aan die ander kant was daar 'n harde stem wat geskreeu het: "A, nou sal Esau jou doodslaan, met almal wat jy by jou het. Jy het mos niks beters verdien nie, jou bedrieër!" Dit was die stem van Jakob se skuldige gewete wat na twintig jaar nog nie wou stilbly nie.

DAAR was darem nog een kans. Jakob moes slim wees. Miskien sou sy slimmigheid hom nog red.

Hy het sy karavaan in twee helftes verdeel, want hy het gedink: "As Esau die een helfte aanval, sal die ander miskien nie in gevaar wees nie. Dan is daar darem tog een deel gered!"

En toe het hy iets gedoen wat nog baie slimmer was. Hy het vir Esau groot geskenke gestuur. Eers 'n trop bokke, meer as tweehonderd. As Esau die wagter sou teëkom en hy vra wie hy is, moes hy sê: "Dit is 'n geskenk van u dienaar Jakob en hy self kom agter ons aan!"

'n Rukkie later het Jakob 'n trop skape gestuur, ook meer as tweehonderd. As die herder Esau dan ontmoet, moes hy net so sê soos die eerste een. En hy het nog drie ander troppe gestuur — kamele, beeste en esels. Elke trop moes 'n rukkie na die vorige een gaan. Esau sou dan vyf pragtige geskenke ontvang voordat hy by Jakob kom. Miskien sou elke geskenk sy haat 'n bietjie kleiner maak.

Maar toe die laaste trop weg was, het Jakob gevoel dat hierdie slim plan tog nie sou help nie. Die Here alleen kon die harde hart van Esau sag maak.

TOE dit nag word, het Jakob met sy karavaan oor 'n spruitjie, die Jabbok, getrek. Daar was

'n vlak plek waar die groot diere kon deurloop, maar die lammertjies moes oorgedra word deur die wagters. Lea en Ragel en hul diensmeisies het die klein kindertjies oorgedra. Hulle het almal in die stilte van die nag oorgetrek. Op die oorkantse wal het die manne weer die tente opgeslaan. En Jakob, soos dit 'n goeie vader pas, het tot die laaste agtergebly om te sorg dat almal die drif deurkom.

Hy was nou nog banger as tevore. Daar voor hom was sy geboorteland, waarvandaan hy destyds gevlug het, en in die maanskyn het dit geglinster soos silwer. Nou het sy skuldige gewete, wat hom al so dikwels gepla het, weer begin praat. Dit het vir hom gesê: "Bedrieër, verbeel jy jou dat jy in daardie land sal mag woon? .... More kom Esau! .... More sal die Here jou straf vir al jou sonde."

En in sy doodsangs was dit asof Jakob sy hele lewe, wat verby was, gesien het. Hy het gesien hoe hy nie vir Esau, wat uitgehonger was,

wou kos gee nie. Hy het weer by die bed van sy blinde vader gestaan en die leuen vertel: "Ek is Esau, u oudste seun." Hy het al die sondige, skelm planne gesien, wat hy gemaak het, om te kry wat hy begeer het. O, *nou* het hy gesien hoe vreeslik sleg dit was! Nou eers het hy homself gesien as die grootste sondaar in die hele wêreld wat nie werd was dat die Here hom sou help nie.

Mag hy die beloofde land dan nooit binnegaan nie?

"Nee," het sy gewete gesê.

En daar was nog Iemand wat nee gesê het. Op die pad voor die drif was daar 'n Man wat Sy arms wyd uitgesteek het om Jakob te keer.

Maar Jakob wou hom nie laat keer nie. Want hy het nog 'n stem gehoor, wat *ja* gesê het. Dit het gesê: "Ja, want die Here het dit tog belowe!" Dit was die stem van die geloof, al was dit baie swak. En Jakob moes daarna luister. Hy kon mos nêrens anders gaan nie. Hy kon tog nie weer omdraai en teruggaan na sy oom, of na 'n plek êrens in die goddelose land van die heidene nie! Nooit wou Jakob so iets doen nie. Hy *wou* mos graag 'n dienskneg van die Here wees. Hy kon mos nie sonder Hom lewe nie?

En daarom het hy met al sy krag geworstel met die Man wat hom wou keer. "Here," het hy gebid, "U het self gesê dat ek hierdie land mag besit. Ek moet dit ingaan, ek kan nie anders nie."

En hy het met al sy krag geprobeer om die Man, daardie geheimsinnige Vreemdeling wat hom wou teëhou, te oorwin. Maar hy kon nie. En toe het daar verwondering en eerbied gekom in Jakob se siel.

Sy Teëstander was sterker as enige ander persoon in die wêreld. Die maan het ondergegaan. Die sterre het verdwyn. Die nag was verby. Maar op die wal van die riviertjie het die worstelstryd nie opgehou nie. Jakob wou nie ophou veg nie. Hy wou liewer sterwe as om hom oor te gee. Die Here het mos belowe dat hy die land kon binnegaan.

Maar agter die bergtoppe was die lug al goudkleurig. Die more het gekom. Dit het al ligter geword.

Jakob het dit nie opgemerk nie, want die gesig van die Man wat voor hom gestaan het, het helderder en reiner as die eerste lig van, die dag geskyn.

"Laat my nou gaan," het die Vreemdeling gesê, "want die dag het gebreek."

Maar Jakob wou dit nog nie toelaat nie. *Nou* het hy geweet wie die Een was. Hy het geskrik maar hy was bly en hy het gebewe van eerbied en vrees. Dit was die Engel van die Here, ja, dit was die Here self!

Sy antwoord was 'n gebed, toe hy baie eerbiedig maar ook baie beslis sê: "Ek sal U nie laat gaan nie, tensy U my seën."

"Hoe is jou naam?" vra die Engel hom. Hy het dit goed geweet, maar wou hê Jakob moet dit 83

sê.

"Jakob," het Jakob gesê. Die naam beteken mos "Bedrieër."

En toe het dit soos die pragtigste musiek in sy ore geklink toe die Engel vir hom sê:

"Van nou af sal jy nie meer Jakob genoem word nie, maat Israel, die Prins van God; want jy het geworstel met God en met die mense, en het gewen."

"Jy het gewen!" het die Here gesê. Dit was Jakob se geloof wat gewen het. Nou het hy geweet dat hy vir niks, *niks* meer hoef bang te wees nie.

Toe het die Engel weggegaan. Maar voor Hy gegaan het, het Hy nog Jakob se heup aangeraak en dit effens verdraai sodat Jakob mank

geloop het. Dit was sy lewe lank 'n herinnering aan hierdie nag. Dit sou hom help om altyd op die Here te vertrou.

Die son was al op, bokant die berge, toe hy by die kamp kom. Hy was doodmoeg, maar baie gelukkig. Want in sy hart het die son ook opgegaan.

Sy skuldige gewete was nou stil. Maar die stem van die geloof het 'n lied gesing.

Wat het die geloof gesing?

"Die liefde van die Here is groter as al my skuld."

DAARDIE selfde more het daar in die verte blink wapens geflikker in 'n stofwolk, en die aarde het gedreun, want Esau en sy manne was aan kom!

Jakob was baie versigtig. Hy het die vroue en die kinders laat omring deur sy eie gewapende manne om hulle te beskerm. En toe het hy self vooruitgegaan en herhaalde male baie beleef gebuig tot hy by sy broer kom. Hy was nou nie meer bang nie, want hy het op die Here vertrou.

En kyk, toe gebeur die wonder!

Esau het Jakob in sy sterk arms geneem en hom gesoen soos een wat sy broer liefhet. Van vreugde het hulle albei gehuil.

Lea en Ragel moes ook vorentoe kom. En die kinders het gekom om hulle oom Esau met die hand te groet. Toe het almal bymekaar in die kamp gaan sit. Hulle het baie gehad om mekaar te vertel en uit te vra. Dit was 'n goeie dag.

Esau wou die geskenke wat Jakob gestuur let nie neem nie. Hy het dit nie nodig gehad nie.

Hy was self 'n ryk man. Maar Jakob het so aangehou dat hy dit tog geneem het.

Toe het Esau aangebied om met Jakob se mense saam te trek. Dan sou Jakob se karavaan veilig wees, want Esau sou dit beskerm.

Maar Jakob wou dit nie hê nie. Hy het Esau se beskerming nie nodig gehad nie. By die Here was hy veilig. Esau sou ook die kleinvee te vinnig aanjaag. Dit sou nie goed wees vir die klein lammertjies en hulle moeders nie.

Jakob en Esau het as goeie vriende uitmekaar gegaan.

ESAU het teruggegaan na die land Edom waar hy gewoon het.

En Jakob het die beloofde land binnegetrek.

Eers het hy 'n rukkie gewoon by die stad Sigem. Daar het hy al die afgodsbeeldjies, wat sy mense by hulle gehad het, begrawe. Ook die huisgode van Ragel is daar begrawe. Toe het hy verder gereis na Bet-El, en 'n offer gebring op dieselfde plek waar hy so lank gelede geslaap en die Here hom bemoedig het.

Maar toe hy eindelik by Hebron kom waar sy ouers gewoon het, het daar vir hom 'n groot droefheid gewag.

Hy moes hoor dat sy moeder Rebekka al gesterf het.

Maar Isak het nog geleef. Hy was nou al baie, baie oud en swak. Maar hy was bly dat sy seun teruggekom het.

ARME Rebekka! Sy het so dikwels verlang na haar seun, haar liefling.

En haar skuldige gewete sou haar ook gepla het.

Maar sou die stem van die geloof in haar hart ook gepraat het?

Toe het sy Jakob vooruitgegaan na die hemel. En daar sou hy sy moeder weer sien.

Dit was vir hom 'n groot troos.

23. Josef en Sy Broers

Genesis 37

INDELIK het Jakob in die land van sy vader gewoon. Sy seuns was al groot en het E skape opgepas.

Twaalf seuns het Jakob gehad. Ruben was die oudste. Simeon, Levi en Juda het op hom gevolg. Josef en Benjamin, die seuns van Ragel, was die jongste van die twaalf. Josef was nou sewentien jaar oud.

Toe Jakob self nog 'n seun was, was hy sy moeder se liefling. En sy broer Esau was sy vader se oogappel. Die twee ouers het elkeen 'n seun bederf: Isak vir Esau, en Rebekka vir Jakob. Dit was nie reg nie. Daardeur het hulle baie verdriet in hul huis gebring.

Maar Jakob het dit skynbaar heeltemal "vergeet. Op sy beurt het hy net so gemaak. Hy het meer van Josef gehou as van al die ander. Waarom was dit dan so?

Josef was 'n seun van Ragel. Maar Ragel is dood, op pad toe Jakob teruggekom het uit die vreemde land. Sy het op die laaste deel van die reis gesterf en is in die veld van Efrat begrawe.

Maar Jakob kan haar nog nie vergeet nie. As hy vir Josef sien loop, dink hy aan sy Ragel, wat hy so liefgehad het. Dan word sy hart teer en weemoedig. Dan *moet* hy lief en goed vir Josef wees. Dit was asof hy op die manier nog 'n bietjie liefde aan Ragel kon gee.

Daar was ook nog iets anders. Die ander seuns, veral die oueres, het vir Jakob baie verdriet aangedoen. Hulle was ru en goddeloos en het

baie sonde gedoen. Josef was nie so nie. Hy het geprobeer om altyd soet en gehoorsaam te wees. En as hy van die slegte dinge hoor wat sy broers gedoen het, was hy hartseer, en het hy vir sy vader gaan vertel wat hy gehoor het. Nie omdat hy so graag kwaad wou oorvertel nie. Ook nie omdat hy daarvan sou hou as sy broers gestraf word nie. Nee, dit was geen verklikkery nie. Hy het vertel omdat hulle dade hom seergemaak het en hy wou so graag dat hulle anders moes lewe.

JOSEF het die Here liefgehad. Daarom het Jakob so baie van hom gehou. Met Josef het hy alles bespreek. Met Josef kon hy ook oor die toekoms praat, oor die ryke beloftes van God.

Josef het baie daaroor nagedink.

Hy het selfs daarvan gedroom.

Maar toe het Jakob sy seun Josef begin bederwe. Hy het vir hom 'n pragtige lang rok met moue laat maak, soos net prinse gedra het. Maar aan sy ander seuns het hy nie so 'n mooi prinsekleed gegee nie.

Nou het dit gelyk asof Josef die vernaamste een was.

Dit wou Josef ook hê. Hy wou tog te graag sy vader se oogappel wees, en as die belangrikste een voorkom. Ja, daar was tog 'n bietjie hoogmoed in sy hart. Hy het selfs gedroom dat hy die vernaamste seun was.

EN die broers?

Hulle het Josef gehaat: oor sy mooi kleed en omdat hy hulle slegte dinge oorvertel het. En ook omdat hulle geweet het dat Josef soveel beter was as hulle. Hulle het hom sleg en onvriendelik behandel.

EENMAAL het Josef gedroom dat hy saam met sy broers op die koringland gewerk het.

Die koring was al afgesny en moes nou in gerwe gebind word. Benjamin het ook gehelp.

En kyk, toe elkeen van hulle een gerf gebind het, gebeur daar iets snaaks. Die gerf wat Josef gebind het, het vanself regop gaan staan. En die gerwe van sy broers het daar rondom kom staan, en eerbiedig neergebuig "voor Josef se gerf, asof die hulle baas was.

Hierdie droom kon Josef nie vergeet nie. Die volgende oggend het hy opgewonde na sy broers gegaan.

"Luister tog 'n bietjie," sê hy, "wat ek gedroom het .... " En hy het nie daaraan gedink dat dit beter sou gewees het as hy liewer niks van sy droom vertel het nie. Josef self het nooit kwaad van ander gedink nie. Maar die broers het jaloers geword oor sy droom.

"O so," het hulle gesê, "dit sou jy wil hê, nè? Dat jy oor ons baas sal wees en oor ons regeer?"

Hulle het gespot en hom uitgelag.

"Meester-dromer!" het hulle uitgeroep.

En onder mekaar het hulle gefluister: "Weet julle wat hy wil hê? Hy wil eendag die eersgeboortereg ontvang. Hy wil die vernaamste wees en 'n dubbele erfporsie kry. Maar dit sal nooit gebeur nie. Ons is mos ook nog hier."

En hulle het hom nog meer gehaat.

EN later het Josef nog 'n ander droom gehad wat amper net soos die eerste een was. Dit het hy ook op 'n dag aan sy broers vertel toe sy vader daarby was.

Hy sê: "Ek het so snaaks gedroom. Die son en die maan en elf sterre het van die hemel gekom en hulle voor my neergebuig."

Maar toe het selfs Jakob gevoel hy moes hom bestraf.

"My kind," sê hy, "wat is dit tog vir 'n droom? Sal ons almal — ek en jou moeder en jou broers — kom om ons voor *jou* neer te buig? En jou moeder leef nie eens meer nie."

Ja, Josef het die drome ook nie verstaan nie. Maar hy het tog eerlik vertel wat hy gedroom het. Vader Jakob het sy kop geskud. Lank gelede het hy ook eenmaal gedroom, en toe het die droom van die Here self gekom. Sou dit miskien met Josef ook so wees?

Vader Jakob het hierdie droom in sy hart bewaar. Maar die broers het gelag en gespot. Nou het hulle hom eers bitter gehaat.

NIE lank daarna nie het die broers met hulle kleinvee weggetrek, ver van die huis, om goeie weiveld te soek. Maar Josef het tuis alleen by sy vader gebly.

Toe kom daar 'n boodskap dat die broers by Sigem was, maar daarna het Jakob 'n tyd lank niks van hulle verneem nie.

Vader Jakob het begin onrustig word, want in Sigem het vyande van sy seuns gewoon.

Daarom het hy Josef geroep en hom gestuur om sy broers te soek en te sien of dit nog goed met hulle gaan. Toe het Josef na Sigem gegaan.

Twee dae het hy geloop. By Sigem het hy oral rondgesoek, maar hulle nie gekry nie. Hy het die heuwels uitgeklim en die wêreld goed beskou, maar die son het op die geel sand geskitter en in die droë veld het net één eensame man geloop. Sy broers was nêrens te sien nie.

Die man het naderby gekom.

"Wat soek jy?" vra hy.

"Ek soek my broers met hulle skape," antwoord Josef. "Miskien weet u waar hulle is?"

"Ja," sê die man. "Ek het met hulle gepraat en het toe gehoor hulle sê hulle wil na Dotan gaan."

En Josef het daarheen begin loop. Dotan is nog verder weg na die noorde toe, in die deel waar die karavane na Egipte verbygaan. En toe hy daar kom en op 'n heuwel klim, sien hy 'n wye groen vlakte waar baie skape wei. By 'n put het 'n klompie manne gesit.

87

Sy broers!

Uiteindelik!

Verheug het Josef na hulle geloop.

HULLE het hom gesien aankom, en haat het in hul oë opgevlam.

"Kyk," het hulle gespot, "daar kom die meester-dromer aan in sy mooi mantel. Hy kom seker kyk of hy weer kwaad van ons kan oorvertel. Dan sal hy nog meer in die guns van Vader kom.

"Ja, dan sal hy nog baie sekerder wees dat hy eendag oor ons sal regeer .... Maar dit sal hom nie geluk nie. Ons is mos ook nog hier! A nee a, nou het ons hom! Nou is ons alleen met hom, ver weg van ons vader! Wat sal ons met hom doen?"

Een van hulle het toe 'n vreeslike plan aan die hand gegee .... Ruben was dit nie. Was dit miskien Simeon of Levi? Hulle twee wat in Sigem moord gepleeg het ....

Een van die broers het gesê: "Ons moet hom doodslaan, die dromer, dan is ons verlos van hom. Niemand sal dit sien nie, en ons kan Vader gaan vertel dat 'n wilde dier hom verskeur het."

En almal het uitgeroep: "Ja, laat ons dit doen. Dan is ons vir goed van hom ontslae! En dan sal ons sien wat van sy mooi drome word!"

Almal? Nee, gelukkig nie *almal* nie! Nie Ruben nie. Ruben was die oudste.

Maar hy was nie 'n dapper man nie. Hy moes reguit gesê het: "Dit sal nie gebeur nie. Wie aan Josef raak, raak ook *my* aan!"

Maar dit het Ruben nie gewaag nie. Hy het maar net gesê: "Moenie dit doen nie, my broers!

Moenie bloed vergiet nie. Gooi hom tog liewer in een van hierdie putte in die woestyn. Hy sal vanself daarin doodgaan. En ons is dan tog ook van hom bevry."

"Ja!" roep die ander uit. "Ruben het gelyk. Dit is beter .... dan kan niemand mos sê ons het hom doodgemaak nie!"

Ruben was dankbaar.

"As dit donker word," het hy gedink, "kan ek mos kom en Josef help om te ontvlug."

En hy het gedink hy is baie slim. Josef sal gered word, en hy wat Ruben is, sal die guns van sy broers behou.

Toe het hulle maar stilgesit en wag terwyl Josef aankom, daardie broers van hom. Broers?

Die *moordenaars!*

JOSEF het geen kwaad vermoed nie. Hy het wel die kwaai gesigte en flikkerende oë gesien, maar goed geweet sy broers is maar onvriendelike mense. Hulle het hom nooit vriendelik behandel nie.

Maar toe hy by hulle wil kom sit, spring hulle vinnig op.

Sy mooi kleed skeur hulle van sy skouers af. Hulle pak hom beet, ruk en pluk hom, en sleep hom oor die sand. Hulle net hul nie gesteur aan sy gesoebat nie. Wat kon Josef doen, hy alleen in die hande van sterk, ruwe kêrels? Hulle sleep hom tot by 'n put en gooi hom in die diepte af. Bo-oor die opening het hulle 'n groot klip gesit.

"Kyk nou 'n bietjie," het hulle gespot, "en probeer om dit op te lig, meester-dromer! Droom nou maar tot jou dood toe, dat jy baas is oor ons!"

Hulle loop toe weg en gaan sit en brood eet. Hoe kon hulle dit oor hul hart kry? Brood eet!

En dit onderwyl hul broer van honger sou sterwe!

MAAR Ruben kon nie saam eet nie. Hy het sommer weggedwaal, die veld in. Hy wou alleen wees met sy gedagtes, met sy slegte gewete, wat hom beskuldig. "Ruben, jy is die oudste!

Jy kon dit voorkom het!"

"Wag maar," dag Ruben. "As dit donker is, sal ek alles weer regmaak."

DIT was die droë tyd van die jaar. Die meeste putte in die veld was droog. Daar waar hy op die modderige bodem van die put gelê het, het Josef bitterlik gehuil.

Dit was donker daaronder. Net deur 'n skrefie het 'n flou straaltjie lig geskyn.

Donker was dit ook in Josef se hart. Daarin was wanhoop en benoudheid.

Ontvlug! Dit was onmoontlik. Die wande was hoog en steil, en die klip bo-op die opening was so swaar dat nie eens 'n sterk man dit sou

kon oplig nie.

Op die meegevoel van sy broers kon Josef nie reken nie. En sy vader Jakob? Hy kan ook nie help nie, want hy het van dit alles niks geweet nie.

Maar die Vader in die hemel, Hy het geweet. En toe Josef daaraan dink, was hy nie meer so wanhopig nie. Toe begin daar in al sy benoudheid en verdriet ook 'n straaltjie lig te skyn. Hy bid: "O Here, God van my vader, help my tog asseblief."

MAAR wat hoor hy skielik? Voetstappe daarbo wat al nader kom. Die klip word weggeskuiwe.

"Josef! Gryp die tou en hou vas so al wat jy kan!"

Dit was Juda se stem, 'n Dik tou word afgeslinger. Sterk, bruin hande hou dit bo vas.

"Ek is gered!" dag Josef. Hy kon juig van blydskap onderwyl hy boontoe getrek word.

Maar toe hy nog so staan en knipoog in die skerp sonlig, pak iemand hom beet, 'n vreemdeling, met die voorkoms van 'n koopman. Hy bekyk hom van alle kante.

Daarop sê hy: "Twintig silwerlinge." En hy tel sommer die geld af in die hand van een van die broers.

Nou begryp Josef dit. Hy word soos 'n dier verkoop deur sy eie broers. Toe word hy vasgebind aan die saal van 'n kameel, en *toe* eers besef hy: hy word saamgeneem as slaaf na 'n baie ver land, hy sal nooit weer na sy vader kan terugkom nie. Hy kerm, hy smeek om genade . . . Maar net die skape het tekens van onrustigheid getoon toe hy so te kere gaan.

Die broers het gelag of weggeloop.

En onderwyl die vreemdelinge hom saamneem die woestyn in, na die Suide, het sy broers ewe kalm die geld onder mekaar verdeel.

Die karavaan het oor die gesigseinder verdwyn.

TOE dit donker was, het Ruben by die put gekom. Die ander broers was nie naby nie, hulle het dit nie gemerk nie. Hy het 'n tou gehad wat hy laat sak het. Hy roep: "Josef, gryp die tou, Josef! Ek is Ruben . . . Ek kom jou help!"

Maar geen geluid kom uit die donker put nie.

Die tou bly slap.

"Josef . . . Josef?"

Geen antwoord.

Toe merk Ruben dat Josef nie meer daar is nie. Gou loop hy na sy broers.

."Waar is Josef?" skreeu hy. "Wat het julle gedoen met die seun?"

Toe hoor hy dat 'n geselskap Ismaelse koopmanne daar verbygegaan het, en dat die broers Josef verkoop het.

"Hy het saamgegaan na Egipte," het hulle gesê, "en nou is hy net so goed as dood. Uit daardie ver land kom niemand terug nie."

Ruben was wanhopig.

Hy was die oudste, en *hy* was die skuldigste. En toe hy aan sy ou vader dink, het hy benoud uitgeroep: "Waar sal ek my gaan wegsteek? O, wat kan ek doen! Was ek tog maar flukser en gouer gewees!"

Maar die broers het gelag oor sy bittere berou.

"Te laat!" sê een van hulle.

IN die nag het Josef styf vasgebind gelê by 'n vuur in die laer van die Arabiere wat hom gekoop het. Die kamele het gerus. Die manne het geslaap. Maar een van hulle het sorgvuldig wag gehou.

Josef kon nie slaap nie. Die toue om sy polse en sy enkels het hom geknel. En sy vermoeide en seer voete het gebrand van die pyn. Maar nog pynliker was die angstige vrae in sy onrustige hart. Vrae wat Josef nie kon beantwoord nie en wat hom telkens benoud laat voel het.

Hoekom het dit alles met hom gebeur? Hoekom red God hom nie? Hy het die Here lief en hy het sy bes gedoen om Hom te dien. Hoekom moes juis hy weg wees van sy vader wat hom so liefgehad het? Hoekom moes hy as 'n slaaf die wye wêreld ingaan?

Hoekom?

GEEN antwoord het gekom nie. Bokant Josef skitter duisende sterre in die donker nag. Hulle swyg ook.

Maar bo die sterre, daar was God. En 'n stem sê: " Wees maar stil, Josef. Die Here sien jou.

Die Here sorg goed vir jou. Hy weet waarom dit alles so gebeur."

Dit was die stem van die geloof wat ook in Josef se hart gepraat het, en wat hom nou troos.

"Die Here weet waarom . . . . "

Toe word Josef gerus. En toe hy die anderdagmôre weer saam moes gaan op die stowwerige pad, het hy die heuwels van Hebron, daar in die Ooste, gesien waar sy vader woon. Maar sy vader het nie geweet

dat sy liefste seun daar naby verbygaan nie. En niemand het Josef kom red nie.

In sy bittere droefheid het Josef egter hierdie een troos gehad: Die Here weet alles.

'n DAG later het 'n ou man agter die heuwels gesit en huil met 'n geskeurde en met bloed bevlekte kleed in sy bewende hande. Nogal 'n prinsekleed.

'n Boodskapper het gesê: "U seuns stuur dit. So het u seuns die kleed in die woestyn gevind."

Toe het Jakob sy klere van droefheid geskeur

en geween: "O Josef, my seun! 'n Wilde dier het hom verskeur! Ag, my seun!"

Toe sy seuns lank daarna terugkom van die veld, het hy nog gerou en getreur.

En hulle het gemaak asof hulle baie meegevoel met hulle vader het — die huigelaars! Hulle het geprobeer om hom te troos.

Maar daar was niemand wat Jakob kon troos nie, want daar was niemand wat hom die waarheid vertel het nie.

"Ek sal treur tot die dag van my dood," sê die ou man. "Dan sal ek my seun Josef weer sien."

Arme Jakob!

En hy wis nie dat die bloed op die kleed maar die bloed van 'n bokkie was nie.

Maar .... het hy nie self lank gelede sy eie vader bedrieg met 'n bokkie en met 'n kleed nie?

24. Die Slaaf Josef

Genesis 39

IE son het warm gebrand oor Egipteland. Die wit huise het gestraal. Dit was 'n warm dag.

D Nou het die vername Egiptenare gerus in hulle kamers, maar vir die slawe sou die rus eers kom as dit aand word.

In die stad om die paleis van die koning het die huise van sy vernaamste knegte gestaan.

Daar was ook die huis van Potifar, die owerste van sy lyfwag.

In 'n pragtige tuin langs die waterstroompies het die blomme 'n lieflike geur versprei.

Fonteine het opgespuit, waterdruppels het sag geruis tussen die gras. Palmbome het rustig gewuif.

Rondom die tuin was daar geboue. Aan die een kant die stalle en die hokke vir die slawe.

Aan die ander kant die voorradekamers en die bakkery. Aan die twee ander sye die deftige kamers van Potifar, 'n hofdienaar van die farao, en sy gesin. Sy huis was eintlik ook 'n paleis.

IN die tuin en in die stalle moes die slaaf Josef werk. Potifar het hom van 'n groep Arabiere op die mark gekoop. Vasgebind het hy daar gestaan toe Potifar hom opmerk, miskien omdat hy so mooi was, of weens die eerlikheid van sy dromerige, treurende oë. Potifar het hom saamgeneem; hy kon goeie gebruik maak van so 'n seun.

Nou was hy hier. Van al die slawe het hy die laaste gekom, en daarom moes hy die geringste en die vuilste werk doen. Brom durf hy

nie, en hy moes goed werk, anders sou die sweep van die opsigter, wat self ook 'n slaaf was, vir hom gou laat les opsê.

Maar die sweep was nie nodig nie. Die jong slaaf het die hele dag gewerk en geswoeg en hy was so verstandig en gehoorsaam soos niemand anders nie. Dit was darem snaaks. Want daar was iets vernaams in sy voorkoms; hy het nie soos 'n slaaf gelyk nie. Hy het gesê dat hy die seun was van 'n herderprins, ver uit die Noorde. En tog het hy nooit gekla nie. Hy was nie lui nie. Hy het nie gesteel nie. En dit het voorgekom asof hy sy werk met plesier gedoen het. Die opsigter kon dit nie begryp nie.

Maar daar was Iemand wat dit goed begryp het. Josef het 'n Vriend gehad wat oral by hom was. En saans as die slaaf doodmoeg op sy strooi gaan lê, dan het hy Hom alles vertel. Dan het hy soms ook gelê en huil van verlange na die huis van sy vader. Hierdie Vriend was die Here self, wat hom getroos het. En Josef het geweet: God sorg vir my ook hier in die vreemde land. Hy het my lief. En daarom sal ek *Hom* ook lief hê en my bes doen.

Sy beloning het nie uitgebly nie. Elke keer het Josef beter werk gekry. Elke jaar het hy hoër geklim. En wat so wonderlik van Josef was: alles wat hy aangepak het, het voorspoedig gegaan. Nooit het iets misluk nie, hoe moeilik dit ook al was.

Wanneer *hy* tuin maak, het die blomme soveel mooier gebloei. En die jaar wanneer hy die perde moes versorg, het hulle velle geblink, so mooi was hulle. Die Here het Josef geseën en sy werk voorspoedig gemaak.

Potifar het dit ook opgemerk. Nog nooit was hy so tevrede met 'n slaaf nie. Hy het hom vertrou. En toe hy merk dat Josef ook kon skrywe, het hy hom na hom laat kom en hom weer beter werk gegee. Hy het hom die belangrikste van sy slawe gemaak, die opsigter en bestuurder van sy huis.

Nou hoef Josef nie meer gewone slawewerk te doen nie. Hy moes deur die huis loop en toesig hou oor die ander slawe, en aanteken wat gebeur. Hy moes ook koop wat nodig is.

Oral kon hy loop, selfs in die mooi slaapkamers. Alles het sy meester aan hom toevertrou.

Maar hy het afgeleer om hoogmoedig te wees. Sy swaarkry het hom goedgedoen. Die Josef 91

wat vroeër so bederf was en wat sy broers maar laat werk het, onderwyl hy lekker in sy vader se tent gesit het, het nou 'n nederige werker geword.

En omdat Josef daar was, het die Here die huis van Potifar geseën met alles wat hy besit het.

Die seën van die Here het saam met Josef gegaan.

IN die mooi kamers aan die een kant van die tuin het Potifar se vrou gewoon. Sy was 'n mooi, aansienlike vrou.

Sy het Josef graag gesien. Die jong bestuurder was so mooi en verstandig. Met die mooi kleed van 'n bestuurder aan het hy nou na 'n Egiptiese heer gelyk. Sy was altyd baie vriendelik teenoor hom.

Maar hierdie mooi vrou het 'n vals en 'n lelike hart gehad. Sy was Potifar se vrou, maar sy het nie van haar man gehou nie. En toe kry sy skielik 'n plan, so sleg, so gemeen dat Josef gebloos het van skaamte en skrik.

Sy het Josef gevra of *hy* nie haar man wou wees nie. Potifar was dikwels weg van sy huis, en as dit nodig was, kon hulle twee saam vlug of Potifar doodmaak. Dan sou Josef vry wees en alles wat aan Potifar behoort het, sou syne wees. Dan sou hy net so belangrik wees soos Potifar was.

Maar Josef het beslis nee gesê. As hy so iets doen, wat 'n verskriklike sonde sou dit wees!

En al sou ook niemand daar iets van weet nie, die *Here* sou dit weet. Sy groot Meester, sy Vriend!

Josef kon nie sonder die Here leef nie. Liewer sou hy sy lewe lank 'n slaaf bly. Hy antwoord:

"Mevrou, nooit doen ek dit nie! Hoe kan ek dan hierdie groot kwaad en sonde teen God doen?"

MAAR na 'n rukkie het sy dit weer gevra. Sy was nie gewoond dat iets haar geweier word nie. En wat sy wou hê, het tog maar baie dikwels in die sondige Egipte gebeur.

Josef het egter aangehou om nee te sê.

Hy wou nie eens meer na haar luister nie. Sodra sy weer begin, het hy maar gou na 'n ander kamer gegaan.

Maar eendag, toe hulle alleen in die huis was, het sy hom vas aan sy kleed gegryp en gesê:

"Jy moet na my luister. Ek *wil* dit hê. Jy *moet* doen soos ek sê!"

Toe waag Josef dit werklik om aan sy meesteres ongehoorsaam te wees. Hy knoop sy mantel los en vlug weg van die sondige vrou. Want die duiwel self het uit haar oë geloer.

En die vrou bly alleen met die mantel van Josef. Nou was sy seker dat haar plan nooit sou geluk nie.

Toe flikker haar oë skielik van bose vreugde oor 'n ander plan, nog listiger en valser as die eerste. Hierdie plan sou goed slaag. Nou het sy Josef gehaat en hom in haar mag gehad.

Wag maar, sy sou hom van sy vroomheid afkry.

Sy begin sommer te skreeu, te roep asof sy in die nood is. Die slawe het aangehardloop gekom en sy het hulle vertel wat gebeur het.

Maar sy het dit net andersom vertel. Sy het gesê dat *Josef* Potifar wou bedrieg en dat *sy* dit nie wou hê nie!

"Toe ek skreeu," sê sy, "het hy weggevlug. Maar sy mantel het hy laat lê. Kyk maar, hier het ek dit . . . . "

Die slawe het haar geglo natuurlik. En toe Potifar tuis kom en dieselfde storie hoor, het *hy* dit ook geglo. Natuurlik, sy was mos sy vrou! Hy het vreeslik kwaad geword. Hy wou Josef nie eens meer sien nie. Hy het

gemeen dis nie eens nodig om Josef te ondervra nie.

"Gryp die vent," beveel hy sy knegte, "en gooi hom in die tronk."

En daardie selfde dag nog is Josef weggesleep, uit by die poort, dwarsoor die straat, na 'n groot, sterk gebou met dik mure, en daar is hy in 'n klein donker kamertjie toegesluit. Hoe hy ook al uitroep dat hy onskuldig is, dit het hom niks gebaat nie.

In 'n baie swaar balk is sy voete vasgeskroef. Die ysterdeur het toegeval.

25. Josef in die Gevangenis

Genesis 40

AAR sit Josef nou.

D Jare lank het hy sy bes gedoen. Hy het gewerk en geswoeg in Potifar se huis; hy was so gehoorsaam en vlytig soos niemand

anders.

Wat het dit hom gebaat?

Niks.

Hy wou God dien, elke dag van die more tot die aand. En toe die sonde kom, die verleiding van 'n slegte vrou, toe het hy dapper "nee" gesê. Wat was nou sy loon?"

Die tronk.

Arme Josef. Dit was so verskriklik.

Het hy nou kwaad en opstandig geword deur die bittere teleurstelling?

Het hy nie uitgeskreeu van verdriet nie? Het hy nie gevloek nie?

Nee, dit alles het hy nie gedoen nie. Josef het daar in die aaklige donker kamertjie gesit, met sy hande aan 'n ketting vasgeklink aan die muur, en sy voete vasgeskroef in die twee holtes van 'n swaar blok hout, maar hy het geduldig en sagmoedig gebly.

Want in die kamertjie het 'n wonder gebeur. Daar was Iemand wat binnegekom het, terwyl die swaar deure gesluit was, maar niemand het hom gesien nie. Toe was Josef nie meer eensaam nie. Die Iemand was by hom, in sy hart, in die gevangenis. Die Here was by Josef.

Hy het gesê: "Moet tog nie verdrietig wees nie. *Ek* het jou lief. *Ek* sal goed vir jou sorg, hier ook. Ek weet waarom hierdie teleurstelling vir jou goed is .... "

Toe het dit sommer lig en lekker geword in Josef se hart.

Toe kon hy gelukkig wees, selfs in die tronk. Die vrede in sy hart, *dit* het hy tog behou. Dit was sy loon vir sy troue diens aan God.

Hierdie vrede is meer werd as al die skatte van die wêreld.

Elke dag het die oppasser van die gevangenes gekom om vir Josef kos te bring en soms het selfs die owerste van die gevangenis gekom. Hy het Josef in sy kamertjie sien sit, so stil, so geduldig. Hy het sy oë gesien wat baie verdrietig gelyk het, maar tog ook eerlik en sagmoedig was. En hy het gedink: "Wat 'n goeie, vriendelike seun is dit? Hy kan nie 'n kwaaddoener wees nie. Ek sal sy boeie maar losmaak."

En 'n rukkie later het hy gedink: "Hierdie Josef vertrou ek. Ek sal hom 'n bietjie werk laat doen in die gevangenis."

Toe het dit weer goed gegaan, net soos in Potifar se huis. Telkens het Josef ander werk gekry, beter as die vorige, en alles wat hy gedoen het, was wonderlik voorspoedig. Daarvoor het die Here gesorg. Hy het by Josef in die tronk gebly. Hy het alles geseën wat by doen.

Uiteindelik was Josef die belangrikste kneg van die owerste. Hy het alles vir hom versorg.

Maar as die owerste uitgegaan het, die wêreld in, waar die son skyn en die blomme bloei, waar daar vryheid was, dan het Josef agter die dik mure gebly. En hóé goed hy sy werk ook al doen, hóé hy ook al verlang na bevryding, vir hom het die swaar poort nie oopgegaan nie.

DIE dae en die weke het verbygegaan, eentonig en stil. Maar eendag het daar tog iets besonders gebeur. Na die tronk is twee belangrike manne gebring, wat diens verrig het in die hof van die koning. Die een was die voorman van die skinkers, wat vir die wyn van die koning moes sorg. Die ander was die voorman van die bakkers.

Hulle twee het altyd saam die maaltye van die koning voorberei. En as hy eet, moes hulle by 94

hom staan om te wag op sy bevele. Hulle was baie aansienlike manne.

Maar nou sit hulle hier. Want daar het iets baie ergs in die paleis gebeur en dit moes een van hierdie twee hofdienaars se skuld wees. Miskien is daar gif gevind in die ete van die koning.

Maar die bakker het gesê hy is onskuldig. Die skinker het dit ook gesê. En omdat die koning nie wis wie dit was nie, het hy albei in die tronk laat gooi.

Josef moes hulle ete bring. *Hy* wis ook nie wie van die twee die kwaaddoener was nie. Maar hy het goed geweet hoe treurig dit is om 'n gevangene te wees. Daarom was hy goed en vriendelik vir die twee.

Een more toe hy weer binnekom, kyk hulle nog baie meer bedruk en mismoedig na hom.

Josef vra wat dan makeer.

"Ag," sê hulle, "ons het albei so snaaks gedroom. En ons dink ons drome moet iets beteken.

Was ons nou maar vry, kon ons die waarsêers van die koning gevra het. Maar hier is natuurlik niemand wat hulle kan uitlê nie."

"Alleen God weet die betekenis van die drome," antwoord Josef. "Vertel my tog wat julle gedroom het."

Die skinker vertel eerste.

"Ek droom ek was weer vry!" sê hy met vonkelende oë. "Dit was tog te heerlik. Ek het 'n druiwestok in die tuin gesien, wat nog klein was, maar dit het voor my oë begin groei. Daar het drie ranke aan gekom. En blare, en fyn blommetjies, en toe klein druiwekorreltjies. Ek het gesien hoe hulle in die son ryp word.

"Meteens het ek 'n beker in my hand, die goue beker van die koning. En ek het druiwe gepluk en dit uitgepers en die beker vol wyn in die

hand van die koning gegee, net soos ek vroeër so dikwels gedoen het."

Toe sug die skinker.

"Dit was maar 'n droom," sê hy verdrietig.

Maar Josef kyk ewe bly.

Wonderlik, hy weet wat die droom beteken! En hy weet ook dat hy dit nie self uitgedink het nie. God het dit vir hom gesê en die betekenis in sy hart gelê.

Die drie ranke was drie dae. Nog drie dae en dan sou die koning die skinker uit die gevangenis laat haal. Dan sou hy weer vry wees en weer in die paleis gaan werk.

Dit het Josef die skinker vertel. En hy het ook gevra: "As jy weer vry is, sal jy dan aan my ook dink? Ek is al so lank 'n gevangene en ek is net so onskuldig soos jy. Sal jy asseblief die koning vra of ek ook weer mag vrygelaat word?"

Dit het die skinker belowe. O, hy wou sommer alles belowe as dit tog maar net gebeur dat hy self vrygelaat word.

Maar die bakker het ongeduldig geword. Hy wou sy droom ook vertel aan Josef.

"Ek het ook gedroom dat ek weer vry was!" roep hy uit. "Ek het op straat geloop met drie mandjies op my kop, juis soos vroeër dikwels gebeur het. In die boonste mandjie was heerlike koek vir die tafel van die koning. Maar toe ek by die paleis kom, het die voëltjies dit alles weggepik."

En kyk, nou wis Josef ook weer die betekenis. Maar dit was nou nie maklik om dit aan die bakker te vertel nie.

Tog het Josef dit gedoen, hoe treurig sy boodskap ook al was.

95



Heuwels in die omgewing van Bet-el, waar

die Here Jakob in 'n droom ontmoet het en vir

hom gesê het: "En kyk, Ek is met jou, en

Ek sal jou bewaar oral waar jy heengaan ..."

(Gen. 28:15).

Die graf van Ragel naby Betlehem. Sy is begrawe op die pad na Efrat, dit is Betlehem"

(Gen. 35:19).

"Die drie mandjies is drie dae," sê by. "Nog drie dae, en dan sal die koning jou ook uit die gevangenis laat haal. Maar nie om jou vry te

maak nie. Jy sal tot die dood veroordeel word.

Jou dooie liggaam sal opgehang word en die voëls sal kom en jou vleis van jou af wegpik."

DRIE dae later was daar 'n fees in die land. Die farao het verjaar. In die paleis is 'n groot maaltyd gehou en op straat het die mense gejuig.

Op die dag is met 'n swaar klopper, wat 'n diep, hoi klank gemaak het, aan die poort van die gevangenis geklop. Daarbuite het soldate gestaan om die bakker te kom haal. Hy was die kwaaddoener en moes nou sy straf ondergaan.

Alles het presies gebeur soos Josef voorspel het.

Maar die skinker het feesgevier in die koning se saal, byna dronk van geluk. Hy was weer die geëerde, aansienlike man van vroeër, voor wie byna al die ander mense gebuig het. Hoe sou hy dan nog dink aan 'n man in die gevangenis?

En ook net die volgende dag het hy Josef al vergeet. Hy wou nie eens meer dink aan die nare tyd in die gevangenis nie.

Maar Josef het gewag en gehoop .... En as iemand aan die poort klop, klop ook sy hart vinnig onderwyl hy luister of sy bevryding uiteindelik gekom het.

Maar tevergeefs.

Toe het ook die hoop in Josef se hart gesterf. En toe hy sy vertroue in die skinker verloor het, toe moes hy maar weer sy vertroue net op God stel. So het hy nog nederiger en ootmoediger geword as ooit tevore.

Twee lang, lang jare het verbygegaan. En toe was dit genoeg.

26. Die Koning se Droom

Genesis 41

OD het dit laat donker word in Egipteland. Hy het slaap gestuur aan die vermoeide G mense.

Die farao, die magtige koning van Egipte, het ook geslaap. En gedroom. Hy het deur sy koninkryk geloop.

Egipte is 'n geskenk van die Nyl. Elke jaar loop die rivier oor sy walle en die slikgrond wat agterbly op die lande, maak die grond vrugbaar.

Maar nou het die water stil gestroom tussen die rivier se walle. En die koning het daarby gestaan en dit gesien glinster in die son.

Maar hoor wat plas daar! Daar kom koeie op uit die rivier. Hulle was in die koel water wat hulle oor hulle laat spoel het. Dit was lekker op so 'n warm dag, toe die vlieë ook nogal baie lastig was. Daar was sewe mooi vet koeie, so mooi soos die farao nog nooit tevore gesien het nie, en hulle het weer gaan wei in die groen gras langs die rivier. Die koning was bly en het eerbiedig na hulle gekyk, want koeie was heilige diere in Egipteland.

Maar skielik sien hy sewe ander koeie wat ook opkom uit die rivier. Hulle was nat en lelik en baie maer van hongerly. Hulle het vreeslik gelyk. En toe .... maar was dit moontlik? Toe hulle by die mooi vet koeie kom, het hulle die skielik aangeval en somaar daar en dan opgeëet.

Maar snaaks genoeg, hulle was nog maer, net so maer soos tevore.

Die koning het wakker geskrik en regop gesit en sy oë uitgevrywe. Alles was om hom stil en donker. Dit was nog nag. Gelukkig,

dit was maar 'n droom! Dankbaar het hy weer gaan lê.

Maar hy het skaars weer geslaap of hy droom weer. Nou het hy in 'n tuin gestaan en hy het iets voor sy voete gesien roer. Dit was 'n groen en sagte koringspruitjie wat uit die vrugbare grond opgekom en vinnig gegroei het. En sewe vet are het aan een steel opgeskiet. Op die heerlike somerdag is hulle deur 'n sagte windjie heen en weer beweeg. Hulle was ryp en geel soos goud en so swaar dat hulle vooroor gebuig het. In sy slaap het die farao gelag, want hy was bly om so 'n ryk oes te sien.

Maar kyk! Daar gebeur weer iets vreesliks!

Die blou lug het geel soos koper geword. Die son het gebrand en geskroei, terwyl 'n warm oostewind wat alles verskroei oor die vlakte gewaai het.

Voor die voete van die koning het 'n ander spruitjie opgekom. Dit was skraal en taai en verskroei deur die oostewind. Sewe are het ook uitgespruit, maar hulle was maer en droog.

Hulle het nie meer soos are gelyk nie, maar soos hongerige diere. Hulle het hulle oorgebuig na die sewe vet are en hulle verslind. Maar hulle was nog net so maer en droog soos tevore.

En die aarde was hard en vol barste van die droogte. Die land het soos 'n woestyn gelyk.

Toe het die koning 'n tweede maal wakker geskrik. Die eerste lig van die more het al in die paleis begin geskyn.

Die koning het gedink: Ag, dis maar 'n droom. Maar hy was nie gerus nie. Die gedagte dat daar iets vreesliks sou gebeur, het hom 'n bietjie benoud laat voel.

Hy kon nie meer slaap nie. Hy het moeg en lusteloos gevoel toe hy opstaan en sy dienaars roep. Hy wou niks eet nie. Hy het hom laat aantrek en toe na die saal van die paleis gegaan.

Daarheen het hy al die towenaars en al die wyse manne van Egipte laat kom.

Dit was 'n hele klomp ou, geleerde manne wat haastig uit hulle slaap wakker gemaak was, en wat die wit klere van priesters gedra het. In die vroeë more het hulle rondom die troon saamgedrom en eerbiedig geluister na die koning. Hulle het gedink en gepeins, en hulle 98

koppe, wat kaal geskeer was, naby mekaar gehou om oor en weer te fluister. Haastig het party in hulle boeke, wat honderde jare oud was, gesoek of hulle nie iets kon vind om te sê nie. Nou en dan het een hom diep gebuig voor die troon en 'n mooi toespraak gehou om die drome uit te lê. Maar die koning het net sy kop geskud en al ongeduldiger geword.

"Dit is nie so nie," het hy gesê, "ek weet daar moet 'n ander uitleg wees."

Langsamerhand het die wyse manne baie bang begin word, want die koning het hulle al hoe meer ernstig en kwaad aangekyk. Hy was in staat om die towenaars swaar te straf as hulle hom nie help nie.

Maar toe kom daar iemand wat voorlopig goeie raad kon gee. Dit was die voorman van die skinkers.

Nou het hy gedink aan sy eie droom van twee jaar gelede en aan die jong slaaf wat die betekenis daarvan so goed geweet het. Sou hy dit nou waag om iets te sê? Sou die koning nie kwaad wees omdat hy die slaaf so lank vergeet het en so ondankbaar was nie? Hy het dit darem gewaag. Hy het voor die troon neergeval en alles vertel van Josef. Almal het gesug van verligting toe hulle aan die gesig van die koning sien hoe hy nuwe hoop kry.

'n Paar oomblikke later het van die "vernaamste dienaars uit die paleis na die gevangenis gehardloop.

HULLE het geklop aan die poort.

Josef het dit gehoor, maar nie daarop gelet nie. Hy het sy werk in die donker kamertjies gedoen, soos elke dag, stil en getrou. Hy het niks meer gevra en niks meer gehoop nie. Hy het so gedwee soos 'n lam geword.

Maar hy hoor iemand noem sy naam. Die owerste het hom geroep en gesê: "Josef, jy moet na die koning gaan. Jy moet sy drome gaan uitlê."

Die boodskappers was senuweeagtig en haastig en het hom byna weggesleep. As die koning iets wou hê, moes dit gou gebeur. Hulle het Josef se ou klere uitgetrek, hom gebad en geskeer, en weer skoon klere aangetrek. Gou, gou, want die koning wag! Hulle is uit by die poort.

Uit, uit die tronk! Was dit nie maar 'n droom nie? Josef het sy oë toegeknip in die skerp lig van die straat. Hy het diep van die vars lug ingeasem. Hoeveel jare het hy in die donker gelewe? Ag, die heerlikheid om weer vry te wees! Die geluk om nog een maal die blou hemel te kan sien! Josef wou sy arms uitsteek om sommer die hele wêreld te omhels.

Maar hy kon nie stilstaan nie. Hy moes loop. Hulle het hom deur 'n ander groot poort geneem en op met 'n marmertrap tot binne-in die paleis. Sy voete het op sagte tapyte getrap. Goud het geblink aan die mure. Met skerp swaarde het daar wagters gestaan langs

'n deur.

Dit was doodstil in die koning se saal toe Josef binnekom. Om die troon het die vername raadsmanne angstig gestaan en kyk. En die koning het dadelik 'n teken gegee dat Josef moes nader kom. Hy het gesê:

"Ek het 'n droom en niemand kan dit uitlê nie, maar ek het gehoor dat jy enige droom kan uitlê."

Toe het Josef gewaag wat niemand anders nog ooit in die paleis gewaag het nie. Hy het die koning teëgepraat. Hy het eenvoudig gesê:

"Dit kan ek nie, o koning. Die Here alleen weet die betekenis van drome. Maar miskien sal die Here vir u 'n goeie antwoord gee."

En kyk, toe die koning sy drome van die koeie en die are vertel het, was dit duidelik dat die eenvoudige seun wyser was as al die vername geleerdes en towenaars.

Hy het geweet wat die drome beteken. Hy het nie mooi en deftige woorde gebruik nie. Dit 99

was nie nodig nie. Hy het maar doodeenvoudig gepraat soos die Here vir hom gesê het in sy hart. Josef het gesê:

"Die drome beteken albei dieselfde. Die Here laat die farao weet wat Hy binnekort sal doen.

Die sewe mooi koeie en die sewe vol are is sewe jaar van oorvloed. Die sewe maer koeie en die sewe droë are is sewe jare van hongersnood. Die sewe goeie jare sal eerste kom. Dan sal daar baie en volop kos in Egipte wees. Maar daarna kom die slegte jare.

Dan sal die Nyl nie die land oorstroom nie. Die droogte en die hongersnood sal dan so groot wees dat daar niks meer van die vorige oorvloed sal oorbly nie.

"Dat die koning dit twee maal gedroom het, beteken dat dit baie seker sal gebeur.

Aanstaande jaar sal die eerste jaar van oorvloed al wees."

Die gesig van die koning het opgeklaar. Hy net geknik. Hy was ontroerd.

Hy net gevoel, en sy dienaars het ook gevoel: *dit* moet die regte uitleg wees. Maar hy het stilgebly. Josef het nog meer te sê gehad. Hy het die koning ook nog goeie raad gegee. Hy het gesê:

"Maar u kan nou u volk red van die honger o koning. U moet 'n wyse en knap man soek. Hy moet met die hulp van baie knegte al die koring bymekaarmaak wat in die goeie jare nie gebruik word nie. Dit kan dan gebêre word in groot skure en u volk sal dit hê as die hongersnood kom."

Almal om die koning het nog stilgebly want niemand mag praat as die koning nie praat nie.

Maar die koning het uitgeroep:

"Waar is daar 'n man so wys soos hierdie een? Die Gees van die Here woon in sy hart."

Toe het die mense in die saal gejuig.

Josef moes nader kom, tot vlak voor die troon. Die koning het sy ring, sy blink seëlring, van sy vinger afgetrek en dit aan Josef se vinger gesteek. Hy het 'n pragtige, lang, goue ketting om Josef se nek gehang. Hy het ook ander klere vir hom laat bring. Dit was koningsklere, gemaak van kosbare linne, en so sag soos sy! En hy het gesê:

"Jy sal die man wees wat ek oor die hele Egipteland aanstel. Die hele volk sal jou moet gehoorsaam. Daar sal maar net een wees wat groter is as jy. Dit is ek, jou koning! Safenat-Panéag, die Redder van die Land, dit sal jou naam wees."

En vir sy knegte het die koning gesê:

"Span die koninklike koets in, die tweede mooiste wat daar is, en ry julle onderkoning daarin deur die stad, sodat die hele volk kan weet dat hulle vir hom gehoorsaam moet wees!"

EN 'n bietjie later het die koninklike koets deur die strate van die stad gery. Die vurige perde was pragtig versier met bekleding en klokkies, en rooi en blou bossies vere, terwyl 'n koetsier die leisels gehou het.

Vername krygsmanne en priesters het vooruit geloop en uitgeroep:

"Kniel, kniel!" En al die mense het aan die kant van die pad gekniel en Josef toegejuig. Hy het pragtige pers klere aangehad, en het regop in die koets gestaan met die staf van die koning in sy hand. Lieflik het die son gestraal, en die lug was blou. O, maar alles was mooi!

En die vryheid was vir Josef so heerlik!

Toe die stoet die gevangenis verbygaan, daardie donker gebou waarin Josef so lank gesug het, was sy vreugde vir hom te groot. Trane het in sy oë gekom toe hy boontoe kyk en sê:

"O Here, dit is te veel! Ek het dit nie verdien nie. Laat my tog nederig en gehoorsaam aan U

wees."

NOU het Josef sy eie paleis gekry, een wat groter en mooier was as die van Potifar. Hy kon net wink en sy slawe het gehardloop om sy wil te doen. Die vernaamste mense van die stad 100

het voor hom gebuig. En hy het getrou met Asenat, die dogter van Potifera, die vernaamste priester van die land.

Josef moes ver reis om sy werk te doen. Hy het die hele land deurgegaan. By elke stad het hy skure laat bou, en die volgende jaar is die eerste koring daarin gebêre. Sakke en sakke vol koring, so geel soos goud. En elke jaar moes daar nog nuwe skure by gebou word. Want die jare van oorvloed het gekom. Die land was nog nooit so vrugbaar nie.

Josef het 'n moeilike werk gehad. Maar hy het tevore al 'n paleis en 'n gevangenis bestuur en kon nou ook 'n land bestuur. O, *nou* het hy geweet waarom hy 'n slaaf en 'n gevangene moes word. Nou het hy ook verstaan waarom hy weg van sy vader moes gaan, die wye wêreld in. Die Here het hom so gelei en soos Hy gedoen het, was goed.

Ja, *nou* het Josef dit verstaan.

Maar na 'n paar jaar het hy dit nog beter verstaan.

27. Die Broers na Egipte

Genesis 42

IE kleinvee het benoud geblêr in die droë veld. Hulle was maer en honger. Met die dood D voor oë het hulle hygend op die droë grond onder die warm son iets gesoek om te eet.

Maar daar was byna niks nie. Die drinkwater was ook op. Die grond was droog en hard.

Daar was wagters by hulle, die seuns van Jakob. Dit was vir hulle 'n pyniging om hulle werk te doen. Hulle het gewanhoop. O, die oë van 'n arme verhongerde dier wat 'n mens aangekyk het! In hulle herdersharte het dit gebrand van jammerte. Maar hulle kon niks doen nie. Hulle het self byna nie meer kos gehad vir hulle kinders nie. Die graan was verskroei op die saailande.

Saans het hulle stilgesit voor die tent van hulle vader Jakob. As hulle mekaar aankyk, het die een broer gesien hoe die ander net so wanhopig was soos hy self.

Hul vader Jakob kon ook nie help nie. Niemand anders nie as net die Here alleen kon help.

As Hy tog maar wou laat reën. Maar die son het elke more warm opgegaan aan 'n hemel wat so hard soos koper was. En dan het 'n lang dag van droogte en dors en angs gevolg.

Daar was darem nog 'n land waar oorvloed was. Daar was 'n koning wat op 'n wonderlike manier geweet het van die groot nood wat aan die kom was.

Die broers het daarvan gehoor van koopmanne wat van ver gekom het. Hulle vader Jakob het dit ook geweet. Waarom kon hulle nie daar gaan uitkoms soek nie?

Een aand het die ou man daarvan gepraat en gesê:

"Wat kyk julle so na mekaar? Kyk, ek het gehoor dat daar koring in Egipte is; trek daarheen en koop vir ons koring. Anders sterf ons nog almal van die honger!"

Egipte! Toe hulle die woord hoor, het hulle onrustig gevoel. Dit het hulle herinner aan die geroep van 'n jonger broer wat tevergeefs gesmeek het. Twintig jaar lank het hulle al die stem gehoor. Partymaal was dit dae lank stil. Maar dan het hulle dit skielik weer in hul slaap gehoor.

Maar dit kon nie anders nie. Hulle moes na Egipte gaan. Hulle kinders het gehuil om brood te kry.

En op 'n dag het hulle almal vertrek na die Suide. Net Benjamin, hul jongste broer, het nie saamgegaan nie. Hul vader Jakob was bang dat hy iets sou oorkom. Tien neerslagtige mans het ses dae lank naas hulle esels geloop oor die gloeiende, warm sand. Ses dae het die skroeiende woestynwind in hulle gesigte gewaai. Toe het hulle by 'n hoë muur gekom wat, so ver as wat hulle kon sien, gestrek het. Die Egiptenare het dit gebou om hulle vyande uit die Noorde teë te hou. Daar het die grenswagte, wat baie agterdogtig was, hulle eers uitgevra, voordat hulle toegelaat is om deur 'n poort na die ander kant van die muur te gaan.

Daarna het hulle Memfis, die stad van die koning, bereik. Dit was die pad waarlangs Josef ook eenmaal gegaan het.

Met ander karavane het hulle deur die strate getrek. Die mense was hier gesond en vet.

Kindertjies het lekker voor die huise gespeel. Hier was geen hongersnood nie ... . Dit was maar goed dat hulle gegaan het .... Die broers het gedink aan hulle kinders en haastig geword.

Daar was 'n groot paleis waarheen hulle moes gaan. Daar kon hulle koring vra by die onderkoning van die land. Hy het elke more vreemdelinge toegelaat om na hom te kom.

Eers moes hulle deur 'n suilegang loop, waarna hulle 'n saal binnegegaan het.

Eerbiedig het hulle nader gekom, en laag, baie laag gebuig voor die groot maghebber.

Terwyl hulle vooroor buig, het hulle gewag. En deur dit te doen, het hulle nie gesien hoe bleek die onderkoning word nie.

JOSEF het sy broers herken. Somaar dadelik. Hy was so verras dat hy kon skreeu, maar hy het dit nie gedoen nie. Hy wou opspring en na hulle loop, maar hy het op sy troon gebly sit.

Daar het hulle voor hom gelê, sy broers. Was hulle werklik sy *broers!* . . . Waar het hy hulle laaste gesien? By Dotan. Daar was geld in hulle hande, bloedgeld, waarvoor hulle hul broer verkoop het. Daardie tyd het hulle gespot en weggedraai onderwyl hy gehuil het en op 'n kameel weggeneem is. Die valsaards!

Broers! Was hulle tog broers?

Daar het hulle nou gelê, net soos die gerwe waarvan hy gedroom het. *Nou* het Josef hulle in sy hande. Nou was *hy* baas. Hy kon hulle laat doodmaak, en niemand kon hom dit belet nie.

Hy kon hom wreek, net soos *hy* wou.

Vergewe? Wou die Here dit hê?

Maar het die Here dan nie sy eie hoogmoed vergewe nie?

Ag ja, Josef wou dit mos ook doen! Hy wou die Here tog nie bedroef nie?

Maar waar was Benjamin dan? Het hulle hom ook verkoop of doodgemaak?

Dit wou Josef eers weet.

Hulle sou hom nie herken nie. Hy het meer as hulle verander .... Hy het gevra:

"Waar kom julle vandaan?"

Toe kyk hulle op.

Omdat Josef die onderkoning was, het hy die Egiptiese taal gepraat en iemand moes sy woorde vir hulle vertaal. Toe het een van hulle geantwoord:

"Uit die land Kanaän, meneer, om kos te kom koop."

Die onderkoning het kwaai gelyk. Hy het hulle hard aangespreek en gesê:

"Nee, julle is verspieders. Julle het gekom om te sien waar dit die beste is vir julle mense om ons land aan te val!"

Die broers het gebewe van skrik. As 'n weerligstraal die paleis getref het, sou hulle nie erger kon geskrik het nie. Verspieders? As die groot onderkoning dit glo, was hulle heeltemal verlore.

"Nee, meneer," verseker hulle hom, "ons is nie verspieders nie! Ons is eerlike mense, almal die seuns van een man!"

Dit het hulle niks gebaat nie. Weer sê die meneer hard:

"Julle is verspieders!"

In hulle benoudheid het hulle alles gesê waaraan hulle kon dink. Nou en dan het die onderkoning iets gevra. Dit was baie snaaks, maar dit het gelyk asof hy dwarsdeur hulle en in hul hart kon sien. Hulle kon dit nie waag om iets te verswyg nie.

"Ja," het hulle gesê, "dis waar, ons was twaalf broers. Die jongste is nog tuis by ons vader

.... Maar die ander een .... die ander een . . . hy is nie meer op die aarde nie."

Hulle het alles wat hulle kon, vertel om hulle te verdedig, maar dit het nie gehelp nie.

Dit was nie verniet dat hulle so bang was om Egipte toe te kom nie! Die meneer was so streng en agterdogtig.

"Ek sal uitvind of julle die waarheid praat," het hy gesê. "Eers as ek julle jongste broer hier voor my sien, sal ek glo."

Hy het sy soldate gewink en hulle het dadelik gekom en die broers gegryp om hulle weg te sleep na die gevangenis. Daar het hulle nou op dieselfde plek gesit waar Josef so baie jare 103

gesug het. Daar het hulle in hulle benoudheid, en met hulle skuldige gewete, bymekaar gesit. O, waarom het dit met hulle gebeur? Omdat hulle lank gelede sonde gedoen het? En hoe sou dit nou met hulle

vroue en kinders gaan as hulle nie met kos terugkom nie? Ag, het hulle liewer tog nooit gegaan nie! Van so 'n wrede Egiptenaar kon 'n mens alles verwag!

MAAR terwyl hulle wakker lê van benoudheid kon die "wrede Egiptenaar" ook nie slaap nie.

Daarvan het die broers niks geweet nie.

Hy het in sy paleis geloop en dink, daardie nag en die volgende nag. Hy het nou al sy wysheid nodig gehad. Nou het hy nog beter verstaan waarom hy die wye wêreld moes ingaan. Hy moes nie net vir Egipte sorg nie, hy moes sy eie familie ook red van 'n hongerdood. Hy sou dit natuurlik doen! Maar nou moet hy versigtig wees. As hulle *nou* uitvind wie hy is, sou hulle so bang word vir hom en sy mag dat hulle miskien nooit weer sou terugkom nie.

Maar hy wou hulle ook leer hoe vreeslik goddeloos hulle vroeër was. Hy wou hulle toets om te sien of hulle nog net so ru en onverskillig soos vroeër was. Wat moes hy nou doen?

Nadat hy baie nagedink het, het hy geweet. As hy hom nou maar net sterk genoeg kon hou om sy plan uit te voer! As hy dit maar net kon uithou om nie te sê wie hy is nie!

OP die derde dag het die onderkoning die tien manne weer voor hom laat kom. Hy was nog streng, maar het gelukkig nie meer kwaai gepraat nie.

"Luister," het hy gesê, "julle kan my vertrou, want ek vrees die Here. Nege van julle mag huis toe gaan met koring, maar dan moet hulle die jongste broertjie waarvan julle gepraat het, terugbring hierheen. Dan kan ek weet of julle die waarheid praat, en aan niemand van julle sal enige kwaad gedoen word nie. Maar een van julle sal hier as gevangene moet agterbly, en hy sal moet sterwe as julle nie terugkom nie!"

Geheel en al verslae het die broers mekaar aangekyk. Wie van hulle sou die gevangene wees? O, hulle het dit verdien dat hierdie ongeluk oor hulle kom. In die gevangenis het hulle weer aan Dotan gedink en weer die gehuil van Josef gehoor. Een van die broers het gesê:

"Toe Josef in die benoudheid was, toe hy gesmeek het om genade, toe het ons nie na hom geluister nie. Daarom laat die Here ons nou so benoud word. Hy straf ons vir ons sonde."

Die ander het geknik, want hulle het ook skuldig gevoel. Maar hulle het nie geweet dat Josef alles kon verstaan nie. Hulle het ook nie gedink dat die tolk hulle woorde kon vertaal nie.

Ruben het hulle begin verwyt: "Ek wou hom nog red. Het ek julle nie gesê julle moet hom geen kwaad aandoen nie?"

Maar Ruben het goed geweet dat hy self ook nie onskuldig was nie.

Josef kon dit byna nie uithou toe hy sy broers so hoor praat nie. Hy het hom gou omgedraai, want daar het trane in sy oë gekom. Maar hy moes hom sterk hou. Hy moes sy plan enduit uitvoer, en dan sou alles weer regkom. Daarom het hy homself in toom gehou en sy trane bedwing.

Na 'n rukkie, toe hy hom weer na sy broers omdraai, kon 'n mens niks merk aan sy streng gesig nie.

Hy het Simeon voor sy broers se oë laat vasbind. Hulle kon niks doen nie. Nou kon hulle maar gaan. Hulle het gebuig en geloop. Buitekant het hul esels gereed gestaan, elk met 'n paar sakke koring op sy rug vasgebind. Diep bedroef en met geboë hoofde het hulle na Kanaän vertrek.

Een esel was sonder baas. En daardie aand was daar iets anders om hulle benoud te laat voel toe hulle by 'n herberg aankom waar hulle kon slaap, maar waar elkeen vir sy eie kos moes sorg.

Toe een van hulle sy sak oopmaak om sy esel voer te gee — wat sal hy sien: bo-op die koring lê die geld waarmee hy daarvoor betaal het! En nou lê dit weer daar in die sak. Die 104

ander het hulle geld ook daar gevind. Elkeen s'n het bo-op die koring gelê. Dit het soos towery gelyk. Dit het gelyk of daar bose geeste was wat hulle ongelukkig wou maak. Sou die onderkoning hulle nou, as hulle teruggaan, van diefstal beskuldig?

Nee, hulle kon dit nie waag om die geld terug te neem na die onderkoning nie. Hulle moet maar liewer huis toe gaan. Daar was hongersnood en *hulle* het brood gehad.

Treurig het hulle tuis gekom by hulle vader Jakob en die ander, en alles vertel wat gebeur het.

Nou was daar brood, maar niemand was opgeruimd nie. Jakob het gekla: " Julie beroof my van my kinders. Josef is weg! En Simeon is weg! En nou wil julle Benjamin ook nog wegneem! O nee, Benjamin sal hier bly!"

"Maar dan durf ons nie teruggaan nie," sê die broers, "en wie weet wat dan van Simeon sal word!"

Maar hoe hulle ook al soebat, Jakob wou nie sy toestemming gee nie: Ruben kon sweer dat hy Benjamin weer veilig sou terugbring, maar dit het niks gehelp nie. Die grysaard het net verdrietig sy kop geskud en gesê:

"Hy sal *nie* saamgaan nie. Sy broer Josef is dood en hy het alleen oorgebly. As hy ook 'n ongeluk sou oorkom, sal ek van verdriet sterwe!"

Daarby het dit gebly.

IN sy paleis ver weg, daar in Memfis, het Josef gesit en dink: "Sou hulle nou al tuis wees?

Sou hulle die geld al gekry het wat ek stilletjies in hulle sakke laat sit het?"

Hy het 'n dienaar geroep en gesê:

"Gaan tog 'n bietjie na die gevangenis en kyk of Simeon, die herder, goed versorg word."

En weer het hy gedink: "Hoe sal Benjamin lyk na so baie jare? Sal hulle gou terugkom met hom?"

28. Die Tweede Reis van die Broers

Genesis 43, 44, 45

EKE het verbygegaan nadat die seuns van Jakob teruggekom het uit Egipte. Elke dag W het die vroue 'n bietjie koring geneem uit die sakke en gemaal om brood vir almal te bak. O, hulle het baie spaarsaam gewerk. Maar tog het die koring langsaam al minder geword. Hulle het die broodkoekies al kleiner en dunner gemaak, maar dit sou nie lank duur nie of hulle sou niks meer hê om te eet nie. Die honger het baie swaar geword in die land.

Die grootmense se gesigte was bleek, terwyl hulle hul werk stil gedoen het, maar hulle was bekommerd en wanhopig. Die kinders het lusteloos sleepvoet rondgeloop, en vergeefs brood gevra. Maar die vrou en kinders van Simeon het die swaarste gekry. Hulle het ook nog die droefheid gehad dat hulle vader ver weg in 'n vreemde land 'n gevangene was.

Tussen hulle almal het ou Jakob gesit. In hierdie dae het hy dit ook moeilik, vreeslik moeilik gehad! Almal het na hom gekyk. Hulle oë het gesmeek: "Vader Jakob, gee ons tog brood!

Hoekom wag u so lank?" En in die oë van Simeon se kinders kon hy ook nog die verwyt lees:

"Oupa, ons wil ons vader terug hê."

O, Jakob kon dit nie meer langer uithou nie. Maar as hy dink om te sê: "Nou ja, gaan dan maar," dan het hy vir Benjamin gesien, sy liefling, sy jongste seun! En dan het die angs oor sy seun sy mond weer toegemaak! Hy sou maar nog een dag wag .... Miskien sou die Here nog laat reën. Maar die grond het oopgebars van die hitte, en alles in die veld het verbrand en doodgegaan. En toe, eindelik, uiteindelik, het die ou grysaard gepraat:

"My seuns, gaan na Egipte en koop vir ons kos."

Die broers het na mekaar gekyk en gesê:

"Net as Benjamin saamgaan. As ons daar kom sonder hom sal die onderkoning dink ons het

'n leuen vertel. Benjamin moet saamgaan."

Maar Jakob het nog geweifel.

"Maar hoekom het julle hom dan vertel dat julle nog 'n broer het?" het hy gekla.

"Ons kón dit nie wegsteek nie," het hulle gesê. "Die man het so snaaks gepraat, net asof hy ons ken. Hy het gevra of ons vader nog lewe en of ons nog 'n broer het. Toe moes ons hom maar alles vertel."

Hulle het stilgebly. Almal het gewag.

Maar meteens kom Juda vorentoe.

"Vader," het hy moedig gesê, "laat hom maar saamgaan. *Ek* sal vir hom sorg. *Ek* sal borgstaan vir hom. En ek belowe Vader dat *ek* hom sal terugbring. As ons nie so lank gewag het nie, kon ons nou al twee maal terug gewees het."

Juda het so dapper en eerlik gepraat. Jakob

kon goed sien dat hy bedoel wat hy sê. Hy

kon maar aan Juda sy seuntjie toevertrou.

En tog ..... en tog!

Maar daar was kinders wat gehuil het van honger. Jakob kon dit nie meer langer aanhoor nie.

"Nou ja, neem hom dan maar saam," het hy met 'n bewerige stem gesê. "En mag die Here God, die Almagtige, julle almal beskerm. Mag Hy die hart van die koning sag maak, sodat hy Simeon en Benjamin weer met julle laat terugkom."

Toe het die ou man sy hoof gebuig en gesnik. Dit was 'n baie swaar dag in sy lewe.

DIE anderdagmôre vroeg het hulle vertrek. Benjamin was by Juda, en hulle was tien manne 106

met hulle esels. Hulle het na die Suide gegaan en agter die heuwels verdwyn, waar die lug getril het van die hitte.

Eensaam het Jakob agtergebly. Maar sy gebede het opgegaan hemel toe. En sy liefhebbende hart het saamgereis .... na Memfis, die stad van die koning.

JA, en daar, na 'n moeilike reis, was die broers dan een more, en saam met ander vreemdelinge het hulle gestaan voor die groot heerser van die hele Egipteland. Benjamin was by hulle.

'n Dienaar het na hulle gekom. Hy was 'n deftige man.

"Kom saam met my," het hy gesê.

En snaaks genoeg! Hulle moes hom toe volg en die gebou verlaat waar hulle was, om oor die straat te stap na 'n groot en pragtige huis. Dit was die paleis van die onderkoning self.

Die manne het die ding glad nie vertrou nie. Hoekom moet hulle dan na die huis van die onderkoning gebring word? Wou hy dan so vriendelik vir hulle wees en hulle so 'n groot eer bewys! Dit was mos onmoontlik. Hy wou seker iets anders doen! Hy wou hulle in 'n val lok en hulle oorrompel! Hy wou almal sy slawe maak! Hoekom? .... Oor die geld wat hulle na die vorige reis in hulle sakke gevind het? Dink daardie onderkoning dan hulle is diewe?

Hulle wou dit nie waag om verder as die poort te gaan nie. En toe vertel hulle die dienaar hoe bang hulle voel.

"Ag, meneer," sê hulle, "ons het waarlik die vorige keer gekom om die koring te koop. Maar toe ons by die herberg kom, vind ons die geld in ons sakke. Wie dit daarin gesit het, weet ons nie. O meneer, ons het geen kwaad gedoen nie!"

Maar die Egiptenaar het gelag en probeer om hulle gerus te stel. Hy het gesê:

"Moenie so bang wees nie. Ja, seker, ek het julle geld ontvang en ek weet goed dat julle dit nie gesteel het nie. Julle God het die skat seker in julle sakke gelê. Kom almal maar gerus na binne."

Dit het hulle gedoen, hoewel hulle nog 'n bietjie geweifel het en verwonderd was. Eerbiedig het hulle oor die kosbare tapyte geloop. Versigtig het hulle hul stowwerige voete afgewas in

'n pragtige kom. Hulle is soos hoë mense behandel en het agterdogtig rondgekyk.

Die opsigter van die huis, wat hulle daar gebring het, het padgegee. As hy terugkom, sou hy nie miskien soldate saambring nie? ... . Wag 'n bietjie, daar gaan die deur oop .... Die man was nie alleen nie. Maar wie was by hom? Wie vlieg daar met ope arms na die broers toe?

Dit is Simeon. En hy lyk glad nie soos iemand wat sleg behandel is nie.

Nou was hulle nie meer agterdogtig nie. En toe hulle hoor dat hulle die middag saam met die onderkoning moet eet, was hulle verbaas, maar baie bly ook! En ook dankbaar dat die onderkoning hulle waardig geag het om hulle so te vereer.

Die tempel van koningin

Hatsjepsoet van Egipte uit

ongeveer 1500 v.C. Baie

Israeliete het seker hierdie

tempel gesien.

Langs die Nylrivier in Egipte. "En Farao se dogter het na die Nyl afgegaan om 'n bad te neem, terwyl haar diensmeisies aan die kant van die Nyl heen en weer geloop het. Toe sien sy die mandjie tussen die riete en stuur haar slavin en laat dit haal." (Ex. 2:5) 108

Hulle het die geskenke wat hulle hom wou gee, mooi reggesit.

DIT was 'n vreemde en heerlike dag. Na die middag het die onderkoning tuis gekom.

Die broers het diep en eerbiedig voor hom gebuig. Benjamin ook. En gelukkig, die streng man het heeltemal vriendelik met hulle gepraat.

Maar hoekom het sy oë so ontroerd geglinster toe hy by Benjamin kom? Dit het gelyk asof hy hom wou omarm! "My seun," het hy met ontroering gesê, "mag die Here jou genadig wees!" Dit was baie snaaks dat 'n heidense Egiptenaar so praat!

En hoekom het hy hom so skielik omgedraai en na 'n ander kamer gestap en die deur agter hom toegemaak? Wat gebeur daar?

JA, as hulle dit maar kon gesien het, sou hulle baie meer verbaas gewees het. Daar het die man wat oor die hele Egipteland geregeer het, gestaan en huil. Hy het gehuil van blydskap!

O, hoe graag sou hy tog sy arms om Benjamin wou geslaan het! Hoe graag sou hy nou al wou sê: "Broers, ek is Josef." Maar dit moes nog nie gebeur nie. Hy wou nog een dag wag.

Nog een dag moes hy sterk en streng wees om die broers te toets. En daarom het Josef homself beheer. Hy het sy gesig gewas. Hy het bevel gegee dat die tafels gedek moet word.

IN die saai was daar drie tafels. Een vir die onderkoning. Een vir sy vernaamste dienaars, die Egiptenaars. En een, 'n grote, vir die elf broers.

Daar was 'n kneg wat die broers hulle plekke aangewys het. En dit was snaaks dat hulle in die ry volgens hulle ouderdom moes sit. Eerste, Ruben, die oudste. Dan Simeon en dan Levi

.... en heel laaste Benjamin. Dit was asof die onderkoning hulle ouderdomme geweet het.

Die broers was verbaas, maar het nie gewaag om daaroor te praat nie.

En kyk, Benjamin se porsie was vyf maal so groot soos dié van die ander. Dit was 'n baie groot eer in daardie land!

Josef het gedink: "Nou is dit weer net soos in die ou dae. Toe was hulle kwaad vir my omdat ek meer van ons vader as hulle gekry het. Sal hulle nou op Benjamin ook afgunstig wees?"

Maar hulle was nie meer so sleg soos tevore nie. Hulle was baie verwonderd, maar glad nie afgunstig nie. Hulle was bly en dankbaar. Weke lank het hulle honger gely, en nou kon hulle weer lekker eet en drink aan die ryk tafel van die onderkoning.

En Simeon was weer by hulle. En met Benjamin gaan dit goed. O, die Here het alles vir die beste laat gebeur.

Dit was 'n vrolike maaltyd.

MAAR die volgende more het iets vreesliks gebeur. Die dag het so mooi begin. Die broers het vroeg vertrek, en hulle esels was swaar belaai met koring. Hulle was haastig om weer tuis te wees. Hulle kon sing van blydskap omdat alles so goed gegaan het.

Maar hulle was nog nie ver weg nie, toe hulle die geklap van perdepote agter hulle hoor. 'n Klomp soldate het met 'n woeste galop aangery gekom.

Die broers het padgegee en hulle gesigte weggedraai uit die stofwolke. Hulle sou maar wag tot die perderuiters verby was. Maar

die soldate het nie verbygegaan nie. Hulle het by die broers stilgehou en hulle voorgekeer. En die aanvoerder van die manne het met sy swaard in sy hand na die broers gekom. Hy het kwaai gelyk en sy oë het gevonkel. Sy stem het hard geklink.

"Hoekom het julle kwaad vir goed vergeld?" het hy uitgeroep. "Julle het geëet aan die tafel van my meester, julle het koring gekry vir julle gesinne. Hoekom het julle nou die beker van my meester gesteel — die kosbare silwerbeker waaruit hy drink?"

Die manne het vreeslik geskrik.

Hulle het na mekaar gekyk. Almal het kopgeskud. Benjamin ook. Nee, niemand het iets so 109

gemeens gedoen nie. Natuurlik nie.

Toe het dit skielik gelyk asof hulle langer en belangriker Word. Hulle het regop en trots voor die aanvoerder gaan staan.

"Hoekom vra my heer dit?" het hulle verontwaardig gesê. "Ons het mos al bewys dat ons eerlike manne is. Het ons nie die geld teruggebring wat ons in ons sakke gevind het nie?

Hoekom dink u dan dat ons silwer of goud sou steel uit die huis van u meester? Ons is nie diewe nie. Soek maar ons sakke deur. Die een by wie die beker gevind word, sal sterwe en al die ander sal jou slawe wees!"

En elkeen het sy sak op die grond neergesit en die rieme losgemaak. Doodgerus het hulle gewag terwyl die soldate van hulle perde afspring.

Die aanvoerder het by Ruben begin. Bo in die sak was die geld weer, net soos op die eerste reis, maar daar was geen beker nie.

By Simeon het dit net so gegaan. En so ook by almal, op die ry af, totdat hulle by Benjamin kom. En o, toe skrik hulle so groot dat hul

harte verstyf van benoudheid. Uit die sak van Benjamin het die Egiptenaar iets uitgetrek wat blink — 'n beker! . . . . Was Benjamin dan die dief?

"Nee," het Benjamin uitgeroep, "ek het dit nie gedoen nie!"

Maar die soldate het hom gegryp en vasgehou. Hulle het hom saam met hulle geneem.

"Julle kan maar huis toe gaan," het die aanvoerder gesê. *"Hy* alleen is my slaaf."

Maar dit het hulle nie gedoen nie. Hulle het hul sakke weer op die esels gelaai en het almal teruggegaan. Hulle was heeltemal verslae, bitter bedroef en baie benoud.

Maar hulle was vasbeslote om hulle broer nie in die steek te laat nie.

EN toe hulle naby die paleis kom, het Josef al gestaan en uitkyk, en baie ongeduldig gewag.

Dit was *hy* wat die beker in Benjamin se sak laat stop het. *Hy* het die klomp soldate agter die broers aangestuur toe hulle alreeds 'n ent weg was.

O nee, hy het dit nie gedoen om hulle te terg nie. So wreed was Josef nie.

Hy wou hom nie meer wreek nie. Hy het die broers, wat hom so wreed behandel het, alreeds lank gelede vergewe. Hy het dit gedoen omdat hy hulle liefgehad het. Nou het hy hulle getoets net omdat hy seker wou wees of hulle beter mense geword het.

Hulle het hom jare gelede deur vreemde, slegte mense laat wegneem. Toe het hulle net aan hulself gedink. Hulle was glad nie jammer vir hom of vir sy ou vader nie. Hoe sou dit *nou* wees? Nou weer word hulle broer weggesleep deur vreemde manne. Sou hulle

nou vir hom jammer voel? Sou hulle nou dink aan die verdriet van hulle vader?

Of ... of sou hulle weer net aan hulself dink en aan hul eie veiligheid?

O, maar dit het lank geduur! Josef kon dit amper nie meer uithou om te wag nie.

Uiteindelik, daar sien hy die soldate na die paleis toe aankom. Hulle bring 'n gevangene saam. Benjamin! En agter hulle .... was dit die broers? Een, twee, drie .... ja, tien! O, daar kom hulle! Met gebuigde hoofde loop hulle langs hul esels. Die tien het almal teruggekom!

Josef was tog te dankbaar. Hy kon juig van blydskap. Hy wou uithardloop uit die paleis na hulle toe. Maar hy het dit nie gedoen nie.

Deftig het hy op sy troon gaan sit. Hy het sy tande op mekaar geklem om kalm en bedaard te wees.

En toe die broers 'n rukkie later binnekom en voor sy voete neerval, o, toe het sy hart gebrand van medelye. Maar tog het hy hom kwaai gehou en streng gevra: 110

"Hoekom het julle dit gedoen? Julle kon mos dink dat ek dit sou merk."

Hulle was so verslae en so vreeslik bedroef dat hulle dit nie gewaag het om hulself nog langer te verontskuldig nie.

"Meneer," het hulle gesê, "maak ons almal maar u slawe."
Maar Josef, al kon hy dit byna nie meer uithou nie, het hard geantwoord:
"Nee, nie *almal* nie. Net die een by wie die beker gevind is, sal my slaaf wees. Julle kan maar loop! Net die skuldige een moet hier bly."
En o! Hulle het dit nie gedoen nie. Hulle het nie aan hulself gedink nie .... En een van hulle, Juda, het moedig vorentoe gekom en begin praat. Hy het vertel van sy vader wat so bekommerd was oor Benjamin en vir wie dit soveel angs besorg het om hom na Egipte te laat gaan. Hy sou sterwe van verdriet as hy Benjamin ook nog sou verloor. En Juda het gesmeek:
"O meneer, laat Benjamin tog asseblief los. Ek *wil* nie terug huis toe gaan sonder hom nie. Ek wil die ellende van my vader nie sien nie. Hier is ek, meneer, maak my maar u slaaf. Doen maar met *my* wat u wil, maar laat toe dat

Benjamin weer huis toe gaan."

So het Juda gesê, en hy het sy hande

uitgesteek om gebind te word.

Juda, die een wat vroeër 'n broer verkoop het,

wou nou werklik sy lewe gee vir 'n broer.

TOE kon Josef hom nie meer bedwing nie. Die

'n Beeld, waarskynlik van die Egiptiese

trane het in sy oë gekom, en sy hart het

koningin Hatsjepsoet, uit ongeveer

oorgeloop van blydskap en ontroering.

1500 v.C.

"Laat al my dienaars van my weggaan!" het hy

uitgeroep. "Gou, gou, laat hulle almal gaan!"

En toe die deur agter die laaste Egiptenaar toegemaak is en Josef alleen met sy broers was, het hy van sy troon afgespring en gehuil onderwyl hy met uitgestrekte arms na sy broers gehardloop het. Nou was dit nie meer nodig om hom te beheer nie.

"Ek is Josef!" het hy gesnik. "Lewe my vader nog?"

Vreeslik verskrik het sy broers agteruit gedeins.

Josef? Josef?

Hulle het gebewe en doodsbleek na mekaar gekyk. Was dit dié Josef vir wie hulle verkoop of dood wou gemaak het?

Hierdie magtige regeerder? .... Dit was die grootste ongeluk wat hulle kon tref! Hul oë was verwilderd van skrik.

Maar dit het nie lank geduur voor Josef hulle gerus gestel het nie. Hulle kon dit maar nie glo dat hy alles vergewe het en hulle nie meer sou straf nie.

Maar Josef het nog meer gesê: Hy het uitgelê hoe die Here in Sy wysheid alles so laat 111

gebeur het. Nou het hy verstaan waarom hy 'n slaaf en 'n gevangene moes word.

"Die Here het my na Egipteland gestuur om julle almal van die dood te red," het hy gesê.

"Ons is nou maar in die tweede jaar van die hongersnood. Daar moet nog vyf jaar kom. Nou moet julle almal huis toe gaan en alles aan my vader vertel. Dan moet julle terugkom en ons vader en julle families saambring met alles wat julle het. Julle moet hier in Egipte naby my kom woon. Dan sal *ek* goed vir julle sorg."

Toe het Josef sy broer Benjamin en die ander omhels. Nou uiteindelik het hulle hom vertrou.

Hulle was nog baie verleë en skaam, maar dit was tog die heerlikste dag van hulle lewe.

Twintig jaar lank het hulle in hul hart onrustig en beangs gevoel. Selfs in hul drome was hulle partymaal benoud as hulle hul verbeel hulle hoor hoe Josef roep om hulp.

Nou was dit alles verby. Nou het hulle veilig gevoel en kon hulle vrolik wees.

DIE mense het ook aan die koning gaan vertel dat Josef se broers gekom het. En die farao was bly omdat sy troue dienaar Josef so bly was. Hy het gesê:

"Laat al jou familie maar gerus in Egipte kom woon. Hulle kan die beste deel van die land kry."

Die anderdagmôre het die broers weer vertrek, met baie koring en ryk geskenke vir hulself en hulle vader.

Josef het ook vir hulle waens gegee om saam te neem sodat die vroue en kinders en hulle vader daarop kon ry as hulle Egipte toe kom. En hierdie keer was daar nie weer 'n klomp soldate om hulle te gaan agterhaal nie.

Vrolik het hulle in die brandende son deur die woestyn gereis.

Maar toe hulle naby die huis kom, het hulle weer 'n bietjie benoud begin voel.

Nou moes hulle gaan beken hoe hulle hul vader so lank gelede bedrieg het.

HULLE vader Jakob het al voor sy tent gestaan en uitkyk. Hy was oud en krom en het geleun op sy staf.

Toe hy Benjamin weer sien en Simeon en al die ander gesond en vrolik, was hy baie bly en dankbaar. Hy het die Here gedank omdat sy gebede verhoor is.

Maar wat hoor hy daar? Sy seuns praat van Josef. Josef? Wat kon hulle van hom sê?

"Vader," sê hulle, "Josef lewe nog! . . . . Josef, u seun, is regeerder oor Egipteland!"

Die ou Jakob het geskrik en byna flou geval. Eers was hy bang dat hy sou sterwe van verdriet. *Nou* het hy byna gesterwe van vreugde.

Maar hy wou nie glo nie. Hoekom pla sy kinders hom so wreed?

Toe het hulle hom alles vertel. Hulle het hom die geskenke van Josef laat sien. En hulle het met die hand gewys na die suidekant toe en gesê:

"Kyk, Vader, daar kom Josef se waens aan wat hy gestuur het."

Toe *moes* Jakob glo. Hy het somaar gelyk gelag en gehuil. En skielik het hy regop gestaan.

Déúr die trane het sy oë geskitter. Die vreugde het hom weer jonk en sterk gemaak.

"Dit is genoeg," het hy gejuig. "My seun Josef leef nog! Dan sal ek gaan en hom sien voor ek sterwe."

29. Jakob se Reis na Egipte

Genesis 46 tot 50: 26

AIE lank gelede het Jakob ver moes reis. Hy het na die Noorde gegaan. En nou, nou dat B hy al stokoud was, het hy weer op reis gegaan. Nou was dit na die Suide.

Op die eerste reis was hy maar 'n arme vlugteling, eensaam en bedroef, en snags het hy onder die blote hemel geslaap. Toe was hy 'n arme swerwer.

En nou? Nou sit hy in 'n pragtige Egiptiese wa en word beskerm deur 'n groot lyfwag soldate. Agteraan het sy kinders en kleinkinders gekom, sy skape en kamele, en alles wat hy besit het. Nou was hy 'n groot herderprins.

Maar dieselfde God wat vroeër in 'n droom met Jakob gepraat het, het nou *weer* met hom gepraat. Hy het net soos tevore belowe: "Ek sal met jou wees, Jakob. Wees maar gerus as jy die wêreld ingaan."

Wat kon op die lang en gevaarlike reis nog vir Jakob en sy kinders en sy vee kortkom?

Hulle was almal veilig omdat die Here hulle beskerm het.

Langsaam, baie langsaam, het hulle al verder getrek, want die diere was moeg en uitgeput van honger en van die hitte.

Maar hulle sou in Egipte kom. In sy hart het Jakob gesê: "Ek kom, my seun! . . . . Ek kom aan, my seun Josef!"

En Juda het van sy kameel afgespring en vooruitgehardloop om vir Josef te vertel dat sy vader aankom.

IN Gosen, op die grens van Egipte, by die mure van die stad Rameses, daar het die twee mekaar weer teruggevind.

Daar, op die grens van Egipte, by die mure van die stad Rameses, daar het aan die een kant Jakob se karavaan langsaam, baie langsaam, aangekom. Maar aan die ander kant het Josef in sy koninklike koets en 'n klomp ruiters aangejaag gekom dat die stof so staan!

Jakob het hulle gesien kom en laat stilhou. Hy het bewende van die wa afgeklim. Sy oë was so vol trane dat hy amper nie kon sien nie terwyl hy sy ou arms uitsteek.

"Josef, my seun!" het Jakob uitgeroep en Josef het geantwoord: "O, my vader!"

Hulle het mekaar lank om die nek vasgehou en saam gehuil.

Om hulle het dit baie stil geword. Die Egiptiese soldate het eerbiedig en regop gestaan, en al die ander mense het ontroerd gestaan en kyk.

Dit was asof selfs die diere eerbied gehad het vir daardie heilige oomblik.

Jakob het gesnik: "Nou kan ek gerus sterwe, nou dat ek jou teruggevind het, my seun!"

JAKOB en sy seuns het in die land Gosen hulle tente gaan opslaan. Dit was die land wat die farao hulle gegee het toe hy gehoor het dat hulle skaapherders was.

Dit was 'n vrugbare vlakte, met pragtige weiveld, en dit het op die pad gele na Kanaän, sodat hulle later maklik kon terugreis na hulle eie land.

Daar het Jakob nog sewentien jaar gewoon tussen sy kinders, gerus en tevrede. Hy het geen verdriet meer gehad nie. Hy het niks meer begeer nie. Die Here het alles vir hom reggemaak.

Dikwels het die koninklike koets voor sy tentdeur gestaan. Dan het Josef hom en sy familie kom besoek.

Daar het hy hom tuis gevoel, by die eenvoudige skaapherders, meer as in sy pragtige paleis.



En eendag, toe Jakob nog nie lank in Gosen gewoon het nie, het Josef sy vader saamgeneem na die koning se stad, en hom aan die farao voorgestel.

Toe het daar iets gebeur, so onverwags en mooi, dat die mense van die paleis hulle verwonder het.

Die farao, die grootste koning in die wêreld, voor wie almal moes buig, het van sy troon afgeklim en hom eerbiedig neergebuig voor Jakob, die ou grys herder. Toe het Jakob sy hande opgelig en die koning geseën in die Naam van die Here.

MAAR eindelik het die tyd ook vir Jakob

gekom dat hy moes sterwe. Hy was al baie

swak. Hy was soos 'n kers wat langsaam

opgebrand het, tot die einde toe. Honderd-

sewe-en-veertig jaar het hy oud geword.

Wie het hy eerste na sy bed laat kom?

Sy seun Josef. Hy moes hom belowe dat hy sy

liggaam nie in Egipteland sou begrawe nie,

maar in Kanaän waar Abraham en Isak ook

begrawe was. Dit moes wees in die land waar

Jakob se nageslag eenmaal weer sou woon.

Wie het toe voor sy bed kom kniel om 'n seën

te ontvang?

Manasse en Efraim, die seuns van Josef.

Josef het hulle gewys waar hulle moes kniel.

Manasse, die oudste, moes onder Jakob se

regterhand kniel, en Efraim, die jongste, onder

sy linkerhand. Maar, snaaks genoeg, het die sterwende Jakob sy arms gekruis sodat sy regterhand op Efraim se hoof gerus het, en sy linkerhand op dié van Manasse. Dit was die Here wat sy hande so bestuur het. Die volk van Efraim sou later magtiger word as dié van Manasse.

Daarna het al die seuns van Jakob binne-

Standbeeld van die farao Sebekhotep

gekom. Die groot sterk manne het bedroef en

(±18de eeu v.C). Van die afstammelinge

van Jakob en Josef het waarskynlik onder

eerbiedig neergekniel voor hulle vader se bed,

sy heerskappy gelewe.

en daar stil gele en wag totdat hy hulle met sy laaste woorde geseën het.

NOU het Jakob 'n profeet geword, net soos vroeër Isak en Abraham op die dag toe hulle hul klaargemaak het om te sterwe. Sy ou en swak oë het in die verre toekoms gekyk. Hy het gesien hoe sy nageslag weer woon in die land Kanaän en hoe hulle 'n groot en sterk volk sou wees. Hy het die konings gesien wat oor hulle sou regeer. Dié sou die nakomelinge van Juda wees. Juda het die belangrikste een van die broers geword.

En Jakob het nog verder gesien. Hy het 'n Koning gesien uit die stam van Juda, wat baie goed en groot sou wees, en al die volke van die aarde sou Hom gehoorsaam wees. In Sy koninkryk sou daar geen oorlog of droefheid meer wees nie. Dit sou 'n koninkryk van vrede en rus wees. Want die Verlosser wat sou kom, sou self die Koning daarvan wees.

Verder het Jakob nie gesien nie. Maar dit was ook nie nodig dat hy verder sou sien nie. Die koninkryk sou aan die einde van die wêreld kom, en sou een wees van liefde en geluk.

Toe Jakob dit sien, het sy gesig begin skyn van hemelse blydskap. Nou kon hy gerus sterwe. Daar sou vir hom ook plek wees in dié koninkryk.

Jakob het gesê: "Op U saligheid wag ek, Here."

Dit het nie bedroef geklink nie.

Dit het geklink soos 'n jubellied.

Wat kon hy meer wens as om in te gaan in die hemelse land?

IN die hele Egipteland was mense bedroef toe Jakob gesterf het. Sy liggaam is gebalsem met geurige speserye. En die hele land het sewentig dae lank gerou, net asof Jakob self 'n koning was.

Hy is ook begrawe soos 'n koning. Josef het self met sy broers en baie vername Egiptenare die begrafnis bygewoon, en in die stoet was daar duisende mense met waens en perde. Toe die stoet terugkom, het Jakob se liggaam gerus in die spelonk van Magpela, soos dit die laaste wens van Jakob was. Maar sy siel was by die Here.

DIE broers het nog gewoon in die land Gosen, maar hulle het nie gerus gevoel nie.

Hulle het gedink: Miskien wou Josef hom nie op ons wreek om ons vader nie te bedroef nie.

Maar *nou* sal hy ons miskien tog straf vir die kwaad wat ons hom aangedoen het.

En in hulle benoudheid het hulle na Josef gegaan en op hulle knieë voor hom geval.

"Ag, Josef," het hulle gesmeek. "Vergewe ons tog dat ons jou vroeër so sleg behandel het!

Moet ons tog asseblief nie straf nie! Ons is tog broers. Ons dien tog almal dieselfde God."

Josef se hart was seer omdat sy broers hom nog nie vertrou het nie.

Hy het toe gehuil en gesê: " Julle hoef nie bang te wees nie. Julle het vroeër kwaad bedink teen my, maar die Here het tog alles goed gemaak. Dit het mos gebeur om 'n groot volk se lewe te red."

So het Josef hulle getroos.

En so lank as wat hy gelewe het, het hy hulle en hul kinders goed behandel.

Maar toe hy honderd-en-tien jaar oud was, het die dag gekom dat ook hy moes sterwe. Toe het dit uitgekom dat hy tog nie 'n Egiptenaar was nie. Hy het altyd 'n seun van Jakob gebly.

Want hy wou ook in die land van Jakob begrawe word.

Sy broers het hom belowe dat as hulle nageslag eendag Egipte weer sou verlaat, hulle sy gebeente sou saamneem.

En toe het Josef ook na die hemelse land gegaan. Daar sou hy geen koning meer wees nie, maar ook nie 'n slaaf nie.

LANK daarna, na baie honderde jare, sou daar nog eenmaal 'n Vader wees wat, net soos Jakob, die Seun wat Hy die liefste gehad het, sou stuur na Sy broers.

En met die Seun sou dit ook gaan soos met Josef. Hy sou geterg en bespot word. Hy sou ook verkoop en oorgegee word aan slegte mense. Hy sou ook 'n gevangene wees.

Maar deur gehoorsaam te wees, sou Hy net soos Josef 'n Regeerder word. Eers sou Hy baie moet ly om later verheerlik te word.

Dan sou Hy ook 'n Koning wees. Nie net oor Egipteland nie, maar oor die hele wêreld sou Hy regeer.

En almal wat na Hom toe kom, sou Hy red van die dood en hulle bly en gelukkig maak in Sy koninkryk.

Dit was hierdie koninkryk wat Jakob gesien het voor hy gesterf het.

Dié Koning sou die Verlosser wees.

115

30. Job

Job 1-42

AAR was eenmaal 'n ryk, 'n skatryk man. Sy naam was Job. Hy het gewoon in die land D Us, êrens ver weg in die Ooste.

Daar was die groen heuwels partymaal wit van al die skape wat daar wei. Hulle was Job s'n.

En op die groot saailande, byna so ver as wat 'n mens se oog kon sien, was daar baie ploeë wat deur osse getrek word, en groot getalle knegte en diensmeisies wat verantwoordelik was vir die werk. Dit was ook Job s'n. En groot karavane met kosbare goed om te verkoop het daarvandaan na ander lande gegaan, en weer ander goed

teruggebring. Dit was ook Job s'n. Alles wat hy kon sien, en nog meer, het aan hom behoort. Hy het sewe-duisend skape gehad, drieduisend kamele, vyfhonderd paar beeste en vyfhonderd esels. En te midde van al hierdie rykdom het Job, sterk en gesond, met sy vrou gewoon in 'n groot en pragtige huis.

Naby en op ander plekke was die huise van sy kinders — sewe seuns en drie dogters. Hy was die rykste en die vernaamste man in die land. Hy was so groot soos 'n koning.

Maar Job was 'n goeie, vroom en nederige man. Hy het baie gedoen vir ander. Vir die armes het hy brood gegee. Hy het die blindes en kreupeles versorg en bemoedig. Met 'n liefdevolle en jammer hart het hy almal, wat arm en ellendig was, vriendelik behandel, en net waar hy kon vir hulle gehelp. Daarom het almal baie van hom gehou. So het Job gelewe — ryk, gesond, vroom en hy was baie gelukkig.

Maar dit was nie sy rykdom of sy gesondheid wat hom so gelukkig gemaak het nie. Hy was ook nie so gelukkig omdat hy goed en nederig was nie.

Dit was omdat hy die Here liefgehad het dat hy so gelukkig was. Hy het geweet dat hy alles van Hom gekry het, en dat die Here altyd vir hom sou sorg. Hy het geweet dat hy by die Here altyd veilig was, so veilig soos 'n kind by sy vader.

Dit het hom dankbaar en bly gemaak. In sy daaglikse lewe het hy die Here gedien. En as sy kinders saam feesgevier het, dan was dit hy wat vir die Here 'n offer gebring het, en gebid het dat die Here hulle sou bewaar van die sonde.

Die Here het behae gehad in sy kneg Job wat so opreg en vroom was.

Job het die Here liefgehad en die Here het hom liefgehad. Hulle sou mekaar nooit loslaat nie. Hulle het mekaar vir altyd liefgehad.

MAAR daar was ook iemand wat vir Job gehaat het. As hy sien hoe gelukkig Job was, het hy afgunstig geword. Hy het geloer om te sien of hy hom nie ongelukkig kon maak en hom kon losruk van die Here nie.

Dit was iemand wat nie 'n mens was nie. Dit was die Satan, die grootste vyand van die Here.

Maar hy kon nie vir Job enige kwaad aandoen nie. Daarvoor het die Here gesorg. Hy is duisendmaal magtiger as die Satan.

EENMAAL het die Here al die heilige engele na Hom toe geroep. Hulle het by honderde en by duisende gekom en hulle neergebuig voor Sy troon. En toe hulle almal so voor Hom kniel, het die Here die Satan ook geroep.

Hy moes gehoorsaam wees, en hy het gekom — 'n swart, slegte engel wat gebewe het van angs.

Toe vra die Here: "Waar kom jy vandaan?"

"Van 'n swerftog oor die aarde," het die Satan geantwoord. Toe sê die Here vir hom:

"Het jy my kneg Job gesien? Daar is niemand op die aarde so opreg en vroom soos hy nie.

Niemand het My so lief nie!"

Die Satan was bang vir die Here, maar het tog geantwoord:

"Dis nie 'n wonder dat Job U liefhet nie. U het hom so baie gegee en elke dag maak U hom nog ryker. As hy arm was, sou hy U glad nie liefhê nie. As U nou alles wat hy het, sou wegneem .... dan sal hy U haat!"

Toe het die Here gedink: "Ek sal die Satan wys dat Job My nie liefhet omdat Ek hom ryk gemaak het nie. Job is My kind. Ek sal almal wys dat niks My kinders van My kan skei nie."

Die Here het vir die Satan gesê:

"Nou ja, goed. Neem alles maar van Job af wat hy besit. Net na homself mag jy jou hand nie uitsteek nie."

Toe het die Satan van die Here weggegaan en in sy boosheid was hy bly dat hy Job sou skei van die Here.

EENDAG het Job voor sy huis gesit. Sy kinders het feesgevier in die huis van hulle oudste broer, en Job was juis van plan om vir hulle 'n offer aan die Here te bring. Die vee het nog ver in die veld gewei, en die werksmense was besig met hulle werk. Dit was 'n dag wat maar net soos ander dae was.

Maar daar sien Job kom 'n man aangehardloop. Sy klere was geskeur en hy was vol stof en nat van die sweet. Hy het baie bang gelyk.

"O, meneer!" het hy uitgeroep. "Daar het iets vreesliks gebeur! Ons was besig om met die beeste te ploeë en die esels het naby gewei. Toe kom daar skielik 'n klomp rowers, die Sabeërs. Hulle het u dienaars doodgemaak en alles saamgeneem, en net ek alleen het ontvlug om u dit te vertel . . . . "

Job het hewig geskrik. Hy wou nog baie uitvra, maar hy het nie die tyd gekry nie, want 'n tweede boodskapper, 'n skaapwagter, het ook vinnig aangehardloop gekom en gesê:

"Meneer, dis vreeslik. Ons het net die skape bymekaargemaak, want dit wou swaar begin reën, en toe slaan die weerlig die hele klomp skape en al u dienaars dood. Ek was gelukkig nie te naby hulle nie. Net ek alleen het ontvlug om u dit te vertel."

En kyk, terwyl die man nog praat, kom daar 'n derde boodskapper aangehardloop. Hy het gekerm en gehyg na asem, en was ook baie verskrik.

"O meneer, al die kamele is geroof deur die Chaldeërs wat ook al u dienaars doodgemaak het. Net ek alleen het ontvlug om u dit te vertel."

En toe kom nog 'n vierde boodskapper. Hy het gehuil terwyl hy oor die sonnige vlakte aankom. Hy was so bedroef dat hy homself op sy bors geslaan het, en hy het voor Job op die grond neergeval en sy hande gewring. Sy tyding was nog die treurigste. Hy kon dit amper nie waag om te vertel nie. Maar hy *moes.* Job moes dit weet.

"Meneer, meneer, u kinders," het die man gehuil. "Hulle was in die huis van die oudste en het geëet en gedrink. Toe kom daar onweer en 'n verskriklike storm het die huis verwoes.

Meneer, u kinders is almal dood ... . dood! Net ek alleen het ontvlug om u dit te vertel. . . ."

Toe het die man stilgebly. Daar het nie meer boodskappers gekom nie. Niemand kon ook meer kom nie, want Job het niks meer gehad om te verloor nie. Hy het alles verloor.

Hy was skatryk gewees. Nou het hy in een dag brandarm geword.

Toe het Job opgestaan, krom en gebreek van al die droefheid.

Maar daar was nie wanhoop in sy bedroefde oë te lees nie en ook geen haat nie.

Het hy *glad* niks meer gehad nie?

Was hy werklik arm?

Maar het hy dan nie sy groot Vriend meer gehad nie? O ja, die Here was nog daar!

Job het op sy knieë geval en gebid om krag en troos.

Toe het hy die liefde van God gevoel in sy seer hart. En wat hy toe gesê het, klink vandag nog soos 'n jubellied:

"Die Here het *gegee,* die Here het *geneem ;* laat die Naam van die Here geloof word!"

TOE het die Here weer die heilige engele geroep voor Sy troon. Hy het ook die Satan geroep.

"Het jy nou gesien?" het die Here gevra, "dat Job My nog liefhet, al het jy ook alles geneem wat hy het?"

Ja, die Satan het die stryd verloor. Maar hy wou nie ingee nie. Hy het listig gesê: "Job het nog nie *alles* verloor nie. Hy het nog sy gesondheid. As hy dit verloor, dan sal hy U haat."

Toe het die Here die Satan toegelaat om nog 'n maal te probeer. Hy kon gaan en vir Job siek maak en so sy bes doen om Job van die Here te skei.

Sou hy dit regkry?

'n Vreeslike soort siekte het Job aangetas. Groot en kwaai swere het op sy hele liggaam gekom, van sy kop tot by sy voete. Die sterk, gesonde Job het 'n ellendige, siek man geword.

Die siekte was seker *melaatsheid.* Dit was so aansteeklik dat Job nie in sy huis mag gebly het nie. Hy moes ver weg van ander mense in 'n pondokkie gaan woon — heeltemal alleen.

Die een wat sy ete gebring het, het op 'n afstand bly staan en dit vir hom gegooi. Mense het met afsku 'n wye draai geloop as hulle daar moes verbygaan. En daar was niemand wat hom kom troos het nie.

Net die kinders het partymaal dit gewaag om 'n bietjie nader te kom. Maar hulle het nie gekom om Job te troos nie. Hulle het maar net kom kyk hoe naar en vuil die ou man lyk, en het nie gesien hoe bitter swaar hy ly nie. Hulle was wreed genoeg om met die siek man te spot en hom uit te skel, en te spuug na hom.

Die arme Job! Hy kon nie sonder pyn sit of lê of staan nie. Hele nagte het hy wakker gele en gekerm, alleen daar met sy seer hart. Partymaal het hy homself buitentoe gesleep. Naby was 'n ashoop waar ook stukke gebreekte erdepotte gele het. Van die potskerwe het hy geneem en in die as gele en sy swere wat erg gejeuk het, daarmee gekrap. Sy vingers het so gesweer dat hy nie meer naels gehad het om mee te krap nie.

Arme, arme Job! Toe hy so baie ly, het selfs sy vrou hom in die steek gelaat. Vir haar was al die rampe te veel. Sy het bitter en opstandig geword.

Sy het gespot en gevra: "Het jy die Here nog lief? Dit help jou nou baie! Jy het Hom mos jou hele lewe gedien en wat het jy nou daarvan? Seën die Here maar en gaan dood. Wat kom dit daarop aan? Die dood is beter as so 'n lewe."

Maar Job het dit nie gedoen nie.

Hy was van een ding seker. Soos altyd was dit nog sy troos: "Die Here het my lief. Die Here het my tog lief!"

Daar was 'n stem in sy hart wat so gepraat het. Dit was die stem van sy geloof. Dit wou nie stilbly nie. Dit was die beste salf vir sy wonde.

"Here, help my," het hy gebid. "Here, red my!"

Hy kon ook niks meer doen as net om te bid nie.

En vir sy vrou het hy gesê: "Jy praat baie dom, soos 'n dwaas! Sou ons die goeie van die Here aanneem, en nie ook die slegte nie? Hy

weet die beste wat vir ons goed is."

TOE het daar drie deftige manne oor die veld aangeloop gekom. Hulle was sy vriende —

Elifas, Bildad en Sofar — en hulle het gehoor van sy ellende. Hulle het geweet dit gaan baie sleg met hom, maar dit was nog baie erger as wat hulle gedink het. Hy was so verander 118

deur die siekte en die pyn dat hulle hom byna nie herken het nie.

Hulle kon eers nie 'n woord sê van skrik nie. Hulle kon maar net ween.

Hulle het lank by Job gesit sonder om te praat. Hulle het gesien dat sy smart baie groot was.

En hulle het al drie dieselfde gedagte gehad. "Hoekom moet Job so ly?" het hulle gedink.

Hoekom?

Maar toe hulle uiteindelik met Job begin praat, kon 'n mens sien dat hulle nie ware vriende was nie. Hulle het geen troos vir hom gehad nie.

Dis waar, hulle het lank en baie mooi gepraat. Een na die ander het 'n mooi toespraak gemaak. O ja, hulle het erken dat wat met Job gebeur het, iets vreesliks was. Maar hulle was te slim en geleerd om Job te kon troos. Hulle het gemeen dat hulle presies kon sê waarom Job so moes ly.

"Job," het hulle gesê, "nou sien ons eers watter soort mens jy is. Nou merk ons dat jy ons altyd bedrieg het. Jy het jou kastig altyd so goed en vroom gehou, maar in jou hart was jy 'n groot sondaar, en daarom straf die Here jou nou so. Jy moet jou bekeer, Job! Vertel ons maar wat jy gedoen het. Het jy arme weduwees en weeskinders verdruk? Het jy jou dienaars nie hul betaling gegee nie? Of het jy *gesteel* en

daardeur so ryk geword? Dit moet iets vreesliks wees wat jy gedoen het, anders sou jy nie so swaar gestraf word nie."

Dit het Job niks gehelp om uit te roep dat hy onskuldig was nie. Hulle het hom nie geglo dat hy altyd sy bes gedoen het om die Here te dien nie.

Daardie harde, trotse manne! Hoe kon *hulle* die gedagtes van die Here weet? Hulle kon tog

'n bietjie meer eerbied gehad het vir die Here en vir die lyding van Job.

As hulle tog maar eenvoudige mense met warm harte was, sou hulle gesê het: "Wees maar geduldig en stil, Job. Die Here sien jou. Hy weet wat goed is vir jou en waarom jy so moet ly.

En ons sal tog jou vriende bly ..."

O, die dom wyse manne!

Hulle het *niks* geweet nie. Maar hulle het hul verbeel hulle weet alles. Hulle het gedink hulle is byna net so slim soos die Here.

En hulle het nie besef hoe hulle die arme Job met hulle wrede en geleerde pratery gemartel het nie. Hulle het ook nie gedink dat dit hulle skuld was dat Job naderhand verkeerde dinge gesê het nie.

Nog 'n vierde vriend het by hulle gekom, 'n jong man, Elihu. Hy het die laaste gepraat, maar hy kon Job ook nie help nie.

JA, dit was verkeerd wat Job gedoen het. Hy het só gehoop dat sy vriende hom sou troos.

En hulle het hom teleurgestel en dit het hom nog meer hartseer gemaak. Hy het nie meer nagedink oor wat hy sê nie. Hy het so vreeslik bedroef en verlate gevoel dat hy reeds voor hulle koms die dag van sy geboorte vervloek het. Hy het toe gewens om te sterwe.

En nou het hy ook gesê: "Dis nie regverdig van die Here om my so te laat ly nie."

Dit was sonde om so te praat.

MAAR Job het die Here nie vervloek nie. O nee, hy kon dit nie doen nie. In al sy smart het hy tog nog gehoop. Hy het vasgehou aan die Here.

Job het uitgeroep: "Ek weet my Verlosser leef!"

Daaraan het hy hom vasgeklem. Dit was die reddingsgordel waarop Job gedryf het in sy see van smart.

UITEINDELIK was dit genoeg. Toe het die Verlosser gekom op wie Job gehoop het.

Daar het 'n hewige onweer opgekom. Die lug het swart geword van die wolke. En skielik tussen die geleerde pratery van sy vriende het daar weerlig geflits en 'n harde donderslag 119

het gekraak. Die stormwind het bo hulle koppe gedruis.

Hulle het hewig geskrik en stilgebly. Maar Job het sy kop opgelig en in sy bedroefde oë het nou vreugde geskitter.

In die donder het hy die stem van die Here gehoor wat met hom praat.

Die Here het die manne laat sien hoe wys, hoe goed, hoe almagtig Hy is. Hy het hulle ook laat sien hoe klein, hoe swak en hoe dwaas die mens is.

En Hy hef Job bestraf omdat hy, 'n klein swak mensie, verkeerd gepraat het oor die almagtige God.

Toe het Job hom geskaam en gebid om vergifnis. Hy het nie gesê dat dit eintlik die skuld van sy vriende was dat hy verkeerd gepraat het

nie.

Maar die Here het dit goed geweet. Hy was baie kwaad vir die vriende. Job het gebid dat hulle vergewe mag word, en omdat Job gebid het, het die Here hulle sonde ook vergewe.

Toe het hulle almal geweet dat dit goed was om baie stil en gehoorsaam te wees en nie die dade van die Here te beoordeel nie.

NA daardie tyd het dit alles weer goed gegaan met Job, ja, nog baie beter as voorheen.

Hy is genees van sy siekte. Hy het weer sterk en gesond geword. Toe het sy familie en vriende gekom en hulle het saam met hom feesgevier. Hulle het ook vir hom groot geskenke gebring.

Die Here het Job geseën. Job het weer groot troppe vee gekry. Hy het dubbel so ryk soos tevore geword. Veertienduisend skape het hy nou gehad, sesduisend kamele, duisend paar beeste en duisend esels.

En die Here het hom kinders ook weer gegee. Sewe seuns en drie dogters, presies net soveel soos tevore. Nou het hy altesaam twintig kinders gehad. Tien was op die aarde en tien in die hemel by die Here.

PARTYMAAL neem 'n goudsmid 'n klomp ruwe, vuil goud en sit dit in 'n smeltoond. Daar lê die arme goud dan lank in die vreeslike warm vuur. Maar die smid weet goed wat hy doen.

As hy die goud weer uithaal, is al die vuil dinge in die goud uitgebrand. Dis nou skoon en dit blink in die lig.

En wanneer 'n tuinier 'n sterk, jong boom het, neem hy sy snoeimes en sny die takke af wat nie nodig is nie. Dan staan die arme boom daar kaal en vermink. Maar ook die tuinier weet wat hy doen. Hy wil hê die boom moet groot en mooi wees, en baie vrugte dra.

So het dit nou ook met Job gegaan. Hy het baie gely. Hy is swaar beproef. Maar die Here het geweet wat Hy doen. Die lyding het vir Job beter en heiliger gemaak, en *nou* was hy baie gelukkiger as ooit tevore.

'n Lied het in sy hart gesing.

"Niks, niks kan my skei van die liefde van God nie."

Die Satan het die stryd verloor. En in die hemel het die engele gesing tot eer van die Almagtige.

120

31. Moses

Exodus 1 tot 2:10

N 'n klein huisie is daar eenmaal 'n kindjie gebore. Hy het gele in die arms van sy moeder I en met sy beentjies geskop. Hy het sy koppie na die lig gedraai en klein geluidjies gemaak.

Dit was 'n mooi seuntjie en hy was gesond en vrolik.

Maar Jogébed, sy moeder, het gesit en huil terwyl sy haar kindjie aan haar bors laat drink.

En Amram, haar man, het daarby gestaan en hartseer gelyk.

Dit was nag. Die ander kinders, Mirjam en Aaron, het lankal geslaap. Daar het 'n klein lampie in die kamer gebrand.

Meteens het die ouers verskrik opgekyk en geluister. Buitekant het iets geraas. Iemand het verby die huis geloop.

Jogébed se hart het vinnig geklop van die skrik en sy het haar kindjie vasgedruk asof sy hom nooit weer wou loslaat nie.

Maar die voetstappe het verbygegaan. Dit het weer stil geword. Niks het gebeur nie.

Die moeder se hande het gebewe terwyl sy die kindjie versorg het. Toe het sy hom neergelê op 'n geheime plekkie waar niemand hom sou soek nie.

Daarna het die ouers ook gaan slaap. In die swak lig van die lampie het hulle gele en dink aan hul kindjie.

Jogébed het haar hande gewring. "Here," het sy saggies gebid, "help my tog asseblief, sodat ek die kindjie nie verloor nie."

Die anderdagoggend, nog baie vroeg, het hulle huisie se deur gekraak toe Amram dit oopstoot en veld toe loop. Uit ander huise het ook manne gekom, honderde en duisende.

Stil en bedroef het hulle die velde van Gosen ingeloop, asof hulle na 'n begrafnis gaan. Hulle het geloop tot by die rivier.

Daar moes hulle werk. Hulle het klei gegrawe en strooi gekerwe. Dan het hulle water aangedra, dit by die klei gegooi, en dit saam met die strooi geknie. Daarvan het hulle swaar stene gevorm en ander manne het dit in die son gaan sit om droog te word. Nog ander mense het die swaar stene oor die veld ure ver gedra na die stede Pitom en Ramses. Daar het hulle sterk mure gebou.

Die son het hoog opgegaan in die lug en die werk het voortgegaan. Die duisende arme werksmense is aangedryf deur opsigters, Egiptenaars wat vet en lui was, en hard kon praat.

Partymaal het 'n sweep geklap op die kaal rug van 'n werker en 'n rooi streep agtergelaat.

Eina, hoe vreeslik brand dit! Dan het daar haat in die oë van die slawe geflikker, maar niemand het hom verset nie. Hulle het stil

geswoeg en gesweet in die warm son, en gewerk tot die son ondergaan.

En dit was nou die volk van Israël. Dit was die kinders van Ruben en Simeon, van Josef en Benjamin en al die ander broers wat so bly was om in Gosen te kon woon. Hulle kinders het

'n slawevolk geword.

Baie, baie jare het verbygegaan vandat die ou Jakob, of Israël, na Egipte gegaan het. Eers het alles goed gegaan en hulle was baie gelukkig. In Gosen het die klein volkie hulle vee laat wei en hulle het vinnig vermeerder. Die kinders het grootgeword en self weer kinders gekry, wat op hulle beurt ook ouers geword het. So het in Gosen 'n volk ontstaan wat al groter en groter geword het. Dit was die volk Israël.

MAAR daar het slegte tye gekom. Op die troon van Egipte het 'n koning gesit wat nooit van Josef gehoor het nie, en nie geweet het hoe 'n seun van Israël lank gelede die land van die dood gered het nie.

Die moderne Kaïro. Waarskynlik nie ver hiervandaan nie is Moses in die biesies gevind en is die volk Israël deur sware verdrukkinge voorberei vir hidle uittog uit Egipte.

Hy het bang geword vir die groot herdersvolk in Gosen.

"Dis al groter as die volk van Egipte," het hy gesê, "dit vermeerder so vinnig. Ons moet baas daarvan word, anders sal dit gevaarlik wees vir ons. Hulle sal die hele land kan verower."

Toe het hy baie listig te werk gegaan. Hy het die mense van Israël eers klein werkies laat doen, maar dit elke jaar 'n bietjie meer en swaarder gemaak. Wie ook al opstandig geword het, is wreed gestraf. So het hy die hele volk in sy mag gekry. Hulle het al hulle moed verloor en 'n gehoorsame slawevolk geword.

Maar dit was snaaks dat hulle nog altyd meer geword het. Hoe swaarder die koning hulle vervolg het, hoe vinniger het hierdie

wonderlike volk vermeerder. Hulle het al hoe sterker en gevaarliker geword.

Daarom het die koning toe 'n ander plan gemaak, wat nog listiger en wreder was as die eerste. Hy het bevel gegee dat al die seuntjies wat by die volk Israël gebore word, in die rivier gegooi moes word. Dan sou die volk nie meer groter word nie, en hy sou altyd hulle baas bly.

Die meisietjies mag darem lewe. Die koning was nie bang vir vroue en meisies nie.

MAAR Amram en Jogébed het dit nie gedoen nie. Hulle kon nie. Daar was Iemand wat dit vir hulle verbied het. Hulle geloof het hulle die moed gegee om vir die wrede koning nie gehoorsaam te wees nie.

Hulle het dit geheim gehou, want hulle was baie bang. Saam met duisende ander het Amram geswoeg, maar die angs wat hy gevoel het oor sy jongste kind, het hom seerder gemaak as die sweep van die drywers. Jogébed het haai werk in haar huis gedoen en stilletjies vir haar kindjie gesorg, hom opgepas en vir hom gebid. Saans het hulle by hom gesit en geskrik vir elke gerasie wat hulle hoor.

Hoe langer hoe moeiliker het dit geword. Die soldate het die land deurgeloop, en oral gesoek na pasgebore seuntjies. Hulle het ingedring in die mense se huise en daar was geen moeder wat haar baba kon verdedig teen hulle skerp swaarde nie.

Haar kindjie het groter geword. Hy was al drie maande en kon al so hard huil dat die mense op straat hom kon hoor, al het sy moeder ook baie gesukkel om sy mondjie toe te stop. Die buurmense kon hulle gaan verklik. Aaron, sy broertjie wat al drie jaar oud was, kon miskien vir iemand van hom vertel. Jogébed het 'n duisend angste uitgestaan. Elke dag kon die laaste wees vir haar kindjie. Sy het wanhopig geword.

Maar in haar wanhoop het sy 'n goeie ingewing gekry. Aan die kant van die Nyl het sy biesies gaan pluk en 'n langwerpige mandjie daarmee gevleg. Die buitekant daarvan het sy dig toegesmeer met 'n soort klei en pik, en dit het geword soos 'n klein kissie, 'n kissie waarin 'n mens 'n kindjie kan begrawe. Jogébed het 'n *doodkissie* gemaak vir haar kindjie.

Waarom?

Omdat sy hom so graag lewendig wou hou.

EEN more toe dit begin rooidag word in die

Ooste het Jogébed met die kissie weg van haar

huis geloop. Mirjam het saamgegaan. Iemand

wat dit gesien het, sou gedink het hulle gaan 'n

kindjie begrawe. Maar Jogébed het dit tussen

die biesies gaan neersit.

Daar was dit nou. En binne-in het haar kindjie

gele en slaap. Nou moes die Here maar verder

vir hom sorg. Sy moeder kon nie meer nie.

Jogébed se hart het gebloei toe sy huis toe

gaan. Die kissie het eensaam gedryf tussen die biesies. Dit het op en af op die water gewieg. Die wind het saggies in die biesies gefluister. En 'n voëltjie het 'n wiegeliedjie gesing. Wat sou die Here met die kindjie doen? Twee ogies het geloer deur die biesies. Mirjam het agtergebly en haar daar weggesteek om te sien wat met haar broertjie gaan gebeur. MIRJAM het lank gewag. Dit het warm geword en alles was baie stil daar by die Nyl. Maar skielik kom daar uit die verte die stem van vroue. 'n Klomp Egiptiese dames het aangeloop gekom. Hulle wou seker baai in die water. Hier was dit die beste, want hier was geen krokodille nie.

Mirjam het geloer en haar hart het vinnig

Die prinses wat Moses in die biesies gekry

geklop. Kyk, een van die dames was die

het, kon moontlik so gelyk het.

prinses, die dogter van die koning, en die ander

was haar hofdames. Hulle het haar gehelp om

haar klere uit te trek. Hulle het naby die water gestaan.

Sou hulle tog nie die kissie sien nie?

Ja, die prinses het dit gesien!

Sy het gewys daarna. Sy het 'n diensmeisie geroep om dit vir haar te gaan haal.

Nou kon Mirjam dit amper nie meer uithou om nog weg te kruip nie. Sy het gesien hoe 'n 123

diensmeisie die kissie na die prinses toe neem. Sy het gehoor hoe haar broertjie huil. Maar sy het ook gehoor wat die prinses sê. Die prinses was jammer vir die baba wat so huil. Sy was nie so wreed soos haar vader nie.

"Dit is seker een van die kindertjies van die volk Israël," het sy gesê. "Kyk tog hoe mooi is hy. En hoe skatlik! Hy sal nie verdrink nie. *Ek* wil die kindjie hê. *Ek* sal vir hom sorg!"

"Ja, maar wie sal hom laat drink?" Daaroor het hulle lank gepraat .... Wie sou dit kan doen?

Die prinses kon nie, want sy was nie 'n moeder nie. Die hofdames kon ook nie.

Toe vra 'n skamerige stemmetjie:

"Mag ek 'n vrou gaan haal om dit vir u te doen?"

En meteens staan daar 'n arme slawedogtertjie tussen die vername dames.

Waai het sy vandaan gekom?

"Ja," sê die prinses, "loop maar gou."

Die slim, gelukkige klein Mirjam! Sy het gou weggedraf en gou kom sy terug met haar moeder. Natuurlik met haar moeder. Maar sy het nie vertel dat Jogébed die baba se moeder was nie.

"Neem die kindjie saam en laat drink hom vir my," sê die prinses. "Ek sal jou betaal daarvoor!"

Jogébed het gebuig en sy kon op haar knieë val van blydskap.

Sy het haar kind terug. Haar seun kon lewe en sy sou nog betaling ook kry. Vrolik het sy huis toe gegaan met die kindjie somaar op haar arm.

"Gaan weg!" het sy vir die soldate gesê. "Die kind behoort aan die prinses. Gaan vra maar by die paleis."

Daardie dag is feesgevier in Amram se huis. Die Here het hulle gelukkig gemaak. Hulle geloof is nie beskaam nie.

JOGÉBED kon nog jare lank die seuntjie by haar hou.

Maar 'n dag het gekom toe sy hom na die paleis moes neem waar hy verder sou opgevoed word. Daar moes hy 'n klein prinsie word.

Dit was nie lekker vir sy moeder nie. Maar dit kon nie anders nie.

Deur haar geloof het sy krag gekry om hom af te staan. Sy het gedink: "Die Here sal vir hom sorg."

Maar die prinses het nie aan die Here gedink nie. Sy het nie geweet dat Hy haar die kindjie gegee het omdat Hy 'n groot man van hom wou maak nie.

Sy het net gedink hoe *sy* hom gevind het.

Daarom het sy hom Moses genoem. Die naam beteken, so meen party mense: "Uit die water geneem".

124

32. Moses die Prins

Exodus 2:10-22

AAR het 'n klein prinsie gespeel in die pragtige tuin van die koning. Hy het mooi klere D aangehad, hy het baie kosbare speelgoed gehad en het gespeel met vername vriendjies. Alles wat hy begeer, kon hy kry. Niks was te duur nie.

Maar terwyl hy speel, het hy partymaal skielik stil gaan staan en gedink .... gedink . . . . Hy het na al die rykdom óm hom gekyk en gewonder. Dit was net asof hy nie daarby hoort nie, net asof hy iets anders soek.

Partymaal het 'n vername dame, 'n prinses, in die tuin aangeloop gekom. Dan het sy haar sagte hand op sy koppie gesit en gesê: “My seuntjie," en hy het geantwoord: “Moeder."

Maar hy het goed geweet dat die prinses nie sy moeder was nie.

Sy moeder! Sy was iemand anders, wat in 'n klein ou huisie gewoon het. Lank gelede het sy hom op haar skoot geneem en hom mooi vertel van die hemel en van die Here.

Haar hande was grof en nie sag nie en sy het nie mooi klere gehad nie. Sy was maar 'n arm vrou, 'n slavin.

Maar tog het sy sy moeder gebly. Nee, hy was nie 'n kind van die farao se dogter nie. Dit het hy goed geweet. Saans het hy gelê en huil, want hy het so verlang na sy eie, regte moeder.

Moses, die slawekind het 'n koningskind geword. Maar daardie koningskind kon sy moeder nie vergeet nie.

Die prinsie het groter geword. Hy het knap onderwysers gekry wat hom baie geleer het: lees en skrywe en ander moeilike dinge. Hy het perde en waens en 'n eie paleis gekry. Hy kon maar net wink en 'n slaaf het gou gemaak om hom te bedien. Op straat het die mense voor hom gebuig. Hy het deel gehad aan die groot feeste in die paleis van die koning. Ja, hy het

'n vername Egiptiese prins geword.

Maar op so 'n vrolike fees het hy maar sit en kyk, nog net so stil soos vroeër toe hy nog 'n klein seuntjie was.

Hy het hier nie behoort nie. Hy het gekyk na die vername mense, na die lekker kos op die tafels en na al die prag van die paleis. Maar hy het heeltemal iets anders gesien. Hy het 'n volk gesien wat ly en verdruk word en swaar kry, die volk van Israel.

Daardie volk was sy volk. By hulle was sy vader en sy broer. Hulle het geswoeg en gesweet in die warm son, en hy, Moses, vier fees in die paleis! Hulle word gedrywe soos diere, en hy lei 'n lekker en gemaklike lewe.

Hy kon nie rus nie. Hulle swaarkry het hom ongelukkig gemaak. As hulle geslaan word, het *hy* dit gevoel. En in die middel van die nag het hy wakker geskrik omdat hy hulle hoor skree in hul benoudheid.

Moses, die prins kon sy volk nie vergeet nie.

WAT moes Moses nou doen? Hy moes maar versigtig wees en niks laat merk dat hy sy volk nog liefhet nie. Hy moes dit maar vergeet het. Dan kon hy altyd 'n lui en 'n lekker lewe lei.

Dan kon hy altyd 'n vername prins in Egipte bly.

Ja, maar daar was nog iets anders waaraan Moses baie gedink het. Daardie volk Israel het

'n geheim gehad. En die geheim het gemaak dat hulle eintlik die gelukkigste volk op aarde was.

Israel was die volk van die *Here.* Hulle sou eendag vry word en wegtrek, en nie meer slawe wees nie. Dan sou hulle woon in 'n heerlike land. Die Here self het dit belowe. O . . . . en nog baie meer het Hy gesê. Israel het ryk beloftes gehad.

Dit het Moses geglo.

En as hy daaraan dink, het hy baie seker geweet by wie hy behoort.

En daarom sou die dag vii seker kom wanneer hy die paleis moes verlaat.

Dit het gebeur toe hy veertig jaar oud was.

MOSES het 'n entjie gaan stap. Sy hart het na Gosen getrek. Hy het rondgedwaal oor die veld en sy hart het bitter geword toe hy sien hoe swaar sy volk moes werk. Hy het teruggegaan. Hy kon dit nie langer aanskou nie.

Ver weg van die ander het nog een slaaf gestaan en werk. 'n Opsigter was daar naby. Werk die man goed? Was hy nie miskien so moeg dat hy nie meer kon werk nie? Juis net toe Moses naby hulle kom, swaai die Egiptenaar sy sweep en slaan die arme slaaf op sy kaal rug. Die man het in die sand gekruip voor die wrede Egiptenaar. Hy het gekerm en gekreun.

Maar die sweep het aangehou slaan oor sy vermoeide, mishandelde lyf. Die Egiptenaar het geen jammergevoel gehad nie.

Moses het daarby gestaan, 'n oomblik. Die gejammer van die Israeliet wat hy as sy broer beskou het, het deur sy hart gesny. Hy het gebewe van woede. En toe het hy nie meer geweet wat hy doen nie.

Hy het vorentoe gespring en sy swaard getrek, en die Egiptenaar daarmee doodgeslaan.

En toe die man daar dood lê op die grond, toe het Moses eers besef wat hy gedoen het.

Die slaaf het intussen verskrik weggehardloop. Moses het alleen gestaan by sy slagoffer. En in die eensaamheid het 'n duisend stemme vir hom gesê: “Jou moordenaar .... jou moordenaar!"

Moses het bang geword. Wat het hy gedoen? Wat sou gebeur as die koning uitvind dat hy iemand vermoor het?

Maar niemand het dit gesien nie. Die veld sou hom nie verklik en die son ook nie. En die slaaf wat hy gered het, sou tog seker niks daarvan sê nie. Maar sê nou maar iemand vind die dooie liggaam ....

Moses het haastig 'n gat gegrawe in die sagte sandgrond en die Egiptenaar daarin begrawe.

En toe kon 'n mens nie sien dat daar so iets op die plek gebeur het nie.

'n Uur later het hy deftig op straat geloop, terug na sy paleis. Die mense het voor hom gebuig.

Maar in Moses se oë het daar 'n angstige geheim gelewe.

En onder sy pragtige mantel het 'n onrustige hart vinnig geklop en gesê: “Moordenaar."

NIEMAND het dit gesien nie.

Dit sou nooit uitkom nie.

So het Moses homself gerusgestel.

Maar die gerusstelling het net een dag en een nag geduur. Toe Moses die ander dag weer in Gosen gaan stap het, het hy twee slawe, albei Israeliete, gesien baklei. Dit het Moses seergemaak.

"Hulle is broers," het hy gedink, "hoekom veg hulle nou? Hulle moet mekaar liewer liefhê en help. Dan sal my volk 'n sterk volk wees, sterker as die Egiptenaars."

Hy kon sien wie van die twee die eintlike rusiemaker was. Hy het na hom gegaan en wou hom bestraf.

"Hoekom slaan jy jou broer?" het hy gevra.



Die besondere sfinks en piramide naby Kaïro. Toe Moses gelewe het, was

hierdie groot monumente reeds baie oud. Dit is waarskynlik dat Moses hierdie selfde sfinks en piramide gesien het.

Maar twee parmantige oë het hom aangekyk, en die man vra: “Hoekom bemoei jy jou met ons?" Hy het vals gelag en verder gevra: “Wil jy my ook miskien doodmaak soos jy gister die Egiptenaar doodgeslaan het?"

Dit was asof Moses 'n harde klap in sy gesig gekry het. Hy kon niks sê nie. Hy het hom omgedraai en geloop. Die benoudheid het hom aan die keel gegryp. “O my liewe, die mense weet dit," het hy gedink.

Hy was diep teleurgesteld, maar sy benoudheid was groter as sy teleurstelling. Hy het 'n Egiptenaar platgeslaan om een van sy eie mense te red, en *nou* verwyt hulle hom dit. Nou het hulle hom verraai.

Ja, hulle het hom verraai. Want toe hy terugkom by die paleis, hoekom het die mense so agter sy rug gemompel? Hulle het sku na hom gekyk, en onder mekaar na hom gewys.

Sy straf kon nie meer ver wees nie. Die farao het gehoor wat gebeur het, en het sy knegte al gestuur om hom dood te maak. Maar daardie selfde dag het Moses gevlug. Uit, uit die stad, dwarsoor Gosen, ver weg na die Ooste.

Maar toe hy uit Egipte was, alleen in die woestyn, in 'n wêreld van sand en warm son, hoekom het hy so 'n snaakse, bly gevoel gekry? Die soldate van die koning kon hom tog nog enige oomblik agternasit en vang?

Dit was wonderlik. Hy was nog benoud, maai het tog ook so bly en lekker gevoel soos nog nooit tevore nie. Hy was vry, *uiteindelik* vry!

Nou het hy geweet dat hy in Egipte ook maar 'n slaaf was net soos die ander Israeliete. Sy hele lewe moes hy huigel. Hy moes *maak*

asof hy 'n Egiptenaar was. *Hy* moes feesvier terwyl sy volk mishandel word.

127

Maar nou was hy klaar daarmee. Hy was gered. En eendag sou die Here sy volk ook verlos.

Moses kon sing van blydskap. Hy het sy arms uitgesteek. Hy het rondgekyk. Die son het geskyn. Die sand het gebrand. En ver weg het die gesigseinder gewink. Daar was niks anders nie. Moses was alleen in die woestyn.

Alleen?

Moses het geweet dat die Here hom sien.

Hy was maar 'n dom man wat, sonder om na te dink, in 'n verkeerde bui 'n vyand doodgeslaan en gemeen het dat hy daardeur sy volk sou red. Maar nou sou hy wag vir die Here.

Hy het die wye wêreld ingegaan. Hy het nie geweet wat voor lê nie. En dit was nie nodig dat hy sou weet nie.

Die Here sou vir hom sorg.

EN Hy hét vir Moses gesorg. Na 'n lang reis het Moses in 'n ver, bergagtige wêreld gekom.

Dit was Midian. Daar was 'n put in die veld. Moses het daarby gaan sit om te rus.

Toe kom daar sewe meisies aan, met die vee wat hulle oppas. Hulle was sewe susters en het die drinkbakke vol water gemaak vir hulle skape. Maar die water was skaars in die bakke, of daar kom ook 'n paar ruwe, onbeskofte veewagters en jaag die meisies weg. “Laat ons vee eerste drink," het hulle gesê, “julle kan maar wag tot ons klaar is. Gee pad!"

Toe het Moses opgestaan. Hy was weer baie kwaad. Hy kon nou eenmaal nie sien dat iemand onreg aangedoen word nie.

Die herders het bang geword vir die sterk, kwaai man. Dit was maklik vir Moses om hulle weg te ja.

Die meisies was dankbaar. Hulle het hul vee laat drink en kon baie vroeër huis toe gaan as ander aande. Hulle het vir hul vader, Jetro, gaan vertel wat gebeur het.

“En waar is die Egiptiese man wat vir julle gehelp het?" vra hy.

“O," het hulle verleë geantwoord, “hy sit seker nog daar by die put."

“Skaam julle," sê hul vader. “Gaan gou en roep hom! Hy is 'n goeie man en hy moet vanaand by ons eet."

SO het dit gebeur dat Moses in die huis van Jetro, wat 'n priester was, gekom het. Hy het daar geëet. Hy het daar geslaap en daarna somaar vir goed daar gebly. En elke dag het hy met die trop vee van Jetro na die veld gegaan.

Die swerwer het nou 'n huis gehad. Hy het getrou met Sippora, een van die sewe dogters.

En hy het twee seuns gekry: Gersom en Eliëser.

Maar hy was darem altyd 'n vreemdeling in daardie ver land. Hy het gewag, dag na dag en jaar na jaar, tot die Here sy volk sou verlos.

33. Die Roeping vae Moses

Exodus 2: 23 tot 4:18

PRINS het 'n skaapwagter geword. Vooraf het hy met kosbare klere van sy gemaak

'N deur die woelige koningstad geloop en feesgevier in 'n paleis. *Nou* het hy dag na dag die vee in die eensame woestyn laat wei. Daar was hy alleen met sy skape en alleen *met* die Here. Nou het hy 'n growwe ou mantel gedra en in 'n eenvoudige tent gewoon.

Eenmaal het hy lui en lekker gelewe. Nou moes hy bedags die hitte verduur en snags die koue, wanneer hy die skape opgepas het in die woeste, eensame vlakte tussen *die* berge van Midian. Dit was nie 'n lekker lewe nie en nogal gevaarlik. Maar dit het hom goed gedoen. Die driftige, opvlieënde Moses moes leer om geduldig en gehoorsaam te wees.

So het hy 'n nederige en sagmoedige man geword. Die skaapwagter was gelukkiger as die prins.

MAAR tog .... partymaal het hy lank op 'n bergtop gestaan en kyk na die westekant toe.

Daarnatoe het sy hart getrek. Daar het sy volk gewoon en gekerm onder hulle swaar las.

Hoe lank nog?

"Ja, hoe lank nog?" het Moses gesug. En dan het hy boontoe gekyk na die blou hemel. Daar het die Here gewoon wat alles weet en eenmaal Sy volk sou verlos.

Maar die hemel het stilgebly. Dae en weke het verbygegaan. Jare het verbygevlieg. En niks het gebeur nie.

Tien, twintig, veertig jaar het Moses gewag. Die wag het so lank gevoel. Toe het sy geloof byna doodgegaan. Hy was al 'n ou man, tagtig jaar. Hy sou seker hier sterwe in die vreemde land.

Maar juis tóé, na veertig jaar, toe het die tyd van die Here gekom.

Dit was net so 'n dag soos ander dae, eentonig en stil en warm.

Moses het voor geloop, en sy vee agter hom aan. So het hy geswerf oor die droë vlaktes en plekke gesoek waar gras vir die vee groei. Uiteindelik het hy op die berg Horeb beland.

Die wind het daar sag geruis deur die droë bossies. Die son het warm gebrand op die kaal rotse. 'n Skaap het geblêr.

Maar skielik het al die skape stilgestaan en hul koppe opgelig. Moses het ook gaan staan en met groot, verwonderde oë gekyk. Daar voor hom was iets snaaks, so wonderlik dat sy hart vinnig begin klop het.

Op die helling staan 'n doringbos in 'n helder wit lig, witter en skerper as die son. Sou die bos aan die brand wees? Die droë blare het sag heen en weer beweeg in die vuur, maar nie inmekaar gekrimp nie. Die takke het nie geknak of gebrand nie.

Dit het gelyk asof 'n stuk van die son van *die* hemel geval het.

"Vuur en tog geen brand nie!" het Moses verskrik gedink. Hy het langsaam en nuuskierig nader geloop. Maar plotseling hoor hy 'n stem roep.

"Moses, Moses!"

Moses kyk rond. Die skape staan agter hom doodstil. Moses begin toe bang word. Daar was nie 'n mens êrens te sien nie. En tog was daar 'n Stem?

"Kyk, hier is ek," antwoord Moses.

Toe spreek dieselfde Stem, uit die doringbos, uit daardie wit lig.

"Moenie nader kom nie, Moses, en trek jou skoene van jou voete af. Wees baie eerbiedig, want die plek waarop jy staan, is heilige grond. *Ek* is hier, die God van jou vader, die God 129

van Abraham, Isak en Jakob."

O, die Stem, die heilige Stem! Moses se hart het gesidder van eerbied en vrees. Haastig het hy sy sandale uitgetrek en sy gesig toegemaak met sy mantel .... Was die Here so naby hom? Het die Here na die aarde gekom om met hom te praat?

Hy het gebuig terwyl hy met vrees luister. Hy het hom baie klein begin voel.

Die Here het gesê: "Ek het die jammerklagte van My volk duidelik gehoor. Nou het Ek gekom om hulle te verlos en te bring na 'n heerlike land."

Groot vreugde het ingestroom in Moses se hart. Sou hy nog lank genoeg lewe om te kan sien dat sy volk vry word?

Maar wat sê die Here toe?

"En Ek wil jou stuur, Moses. Jy moet na die farao gaan om te sê dat hy My volk moet laat trek."

Toe Moses dit hoor, het sy vreugde verander in skrik. Hy het nie net sy krag verloor deurdat hy oud geword het nie. Maar ook byna al sy moed en geloof het hy al verloor.

Moes *hy* dan na die farao gaan? Nee, dit kon hy nie. Hy het hom tog lankal klaargemaak om lekker te rus as hy oud is!

"Here," het hy bewend gesê, "ek kan dit nie doen nie ... . Wie is ek? .... 'n Dom man, 'n arme ou skaapwagter!"

Maar die Here het Moses getroos.

"*Ek* sal met jou wees," het Hy gesê. "*Ek* sal jou vir seker help, Moses."

O, as die Here dit maar veertig jaar vroeër gesê het! Dan sou Moses met blydskap gou gemaak het om na Egipte te gaan.

Maar nou was dit te laat.

Nou het Moses allerhande dom verskonings gemaak.

“Hulle sal vra wie my gestuur het," sê hy. “Wat moet ek dan tog sê?"

En die Here het Homself toe 'n nuwe, 'n heerlike naam gegee, 'n naam wat beteken *Ek is wat Ek is,* Ek is die Getroue.

Moses moes gaan sê: “Die Here, die Getroue, het my gestuur."

Hierdie ekskuus het niks gehelp nie. Moses het toe 'n ander een gesoek.

“Hulle sal my nie glo nie," het hy bang gesê.

Liefdevol en geduldig het die Here Moses weer gehelp. Nou het Sy stem vriendelik geklink soos teenoor 'n kind:

“Wat het jy daar in jou hand?"

Moses het gekyk. Dit was sy staf, sy herderstaf, waarmee hy sy skape gelei het. Hy antwoord:

“'n Staf, Here."

“Gooi dit op die grond," het die bevel gekom.

Moses doen dit, en spring meteens terug.

Voor sy voet kronkel daar 'n slang, 'n baie giftige soort. Moses het sy gesplitste tongetjie en venynige ogies gesien. Maar toe hy op bevel van die Here die dier aan sy stert gryp, het dit styf geword in sy hand, en dit was weer dieselfde staf van tevore.

Maar nog voordat hy van sy skrik reggekom het, het die Here hom nog 'n wonder laat sien.

Hy moes sy hand in sy boesem steek, tussen sy mantel, op sy bors. En toe hy dit weer uittrek, was sy hand vol lelike wit swere. 'n Dodelike siekte, dié van melaatsheid, het Moses aangetas. Moes hy nou sterwe?

Maar die Here het gesê: "Steek jou hand weer terug in jou boesem." Toe het die hand weer gesond geword.

"Gaan nou," het die Here gesê, "en doen hierdie wonders voor My volk. Dan sal hulle jou glo."

O, die arme, bang Moses! Dit het al baie sleg met hom gegaan. Hy het byna al sy vertroue in Midian verloor.

"Maar .... maar . . . . ek praat so sleg," het hy gehakkel. "My hele lewe lank al is ek swaar van tong."

Maar nóg was die stem van die Here sag en geduldig.

"Wie het jou mond gemaak?" vra Hy. "Is dit nie *Ek* nie? Gaan heen en Ek sal jou leer wat om te sê. Vertrou op My, Moses!"

Toe kon Moses nie nog meer ekskuse uitdink nie. Maar in sy benoudheid, in sy ongeloof, het hy darem eerlik gesê wat hy dink. Hy het gesê:

"Ag, Here, ek wil liewer nie ... . Stuur asseblief tog iemand anders!"

Toe was daar maar nog net een manier om met die dwase, onwillige Moses te werk. Die Here se stem het baie streng geword. Nou het Hy Moses gebied om gehoorsaam te wees.

Maar in Sy strengheid was Hy nog goed en liefdevol. Moses se broer Aaron sou kom om hom in die woestyn te ontmoet, en sou saam met hom gaan.

Aaron sou dan in sy plek kan praat.

VOORAAN sy trop vee het die ou herder teruggeloop, diep in gedagte, terwyl hy nog bewe van eerbied en vrees, en by die tent van Jetro uitgekom.

Net die volgende dag het die skape al 'n ander wagter gehad!

Moses het weggetrek na die Weste, langs die pad waarmee hy veertig jaar gelede gekom het. Agter hom het die son bokant Horeb opgekom. Eendag sou hy terugkom met die volk Israel, en op hierdie berg sou hulle die Here dank vir die verlossing. Die Here het self so gesê.

Ag, die Moses! Hoe het hy hom nou al geskaam oor sy twyfel en angs! En hoe bly was hy nie dat hy tog nog na sy eie volk kon gaan om hulle te verlos.

Sy hare en sy baard was grys. Tagtig jaar was hy oud. Maar sy oë was nog helder soos dié van 'n jong man, en sy voetstappe was lig.

Dit het gelyk asof hy weer jonk geword het.

Nou sou sy eintlike lewe eers begin. Nou het hy die dienaar van die Here geword. En om *dit* te kan wees, moes hy eers 'n prins, en toe 'n herder, wees.

34. 'n Mens Veg teen die Here

Exodus 5 tot 10: 29

AAR het twee manne deur die strate van die koningstad geloop. Hulle het eenvoudige, D growwe mantels gedra. Albei was oud en grys, en hulle was broers.

Die een was 'n slaaf, en sy rug was krom gebuig deur swaar werk.

Die ander was 'n herder. Maar vroeër was hy 'n prins. Toe het hy hierlangs gery in 'n koninklike koets. Tóé het al die mense gebuig en eerbiedig opsygestaan.

Nou het niemand meer voor hom gebuig nie. Nou het die mense vir hom en sy broer minagtend aangekyk. Twee Israeliete, twee slawe? Wat soek hulle hier in die stad?

Dit was Moses en Aaron. Hulle het mekaar ontmoet in die woestyn. Hulle het albei vir die volk die blye boodskap gebring dat hulle verlos sou word. Nou was hulle op pad na die koning.

En die volk Israel, in die land Gosen, het nog hulle swaar werk gedoen, ja . . . . maar nooit tevore het die werk so maklik vir hulle gevoel nie. Nooit het hulle dit so bly en gehoorsaam gedoen nie.

Die Egiptiese opsigters het dit nie besef nie. Wat het die slawe tog besiel? Watter geheim het daar in hulle oë geblink?

Dit was dit: hulle het geglo dat hulle nie meer lank so sou hoef te werk nie. Hulle het die einde van hulle slawewerk gou verwag.

Moses en Aaron het na die paleis gegaan. Hulle het met die marmertrap opgeloop en by 'n paar goue deure binnegegaan. Die dienaars van die farao wat daar gestaan het, het hulle met veragting aangekyk en gespot met hulle. Maar daaraan het hulle hul nie gesteur nie.

Hulle was dienaars van 'n magtiger koning as hierdie farao. Moedig het hulle die saal binnegeloop. Hulle het kalm voor die koning gaan staan.

Tussen sy dienaars en omring met prag en praal het die farao op sy troon gesit. Hy was die magtigste man in die hele wêreld. Die groot volk van Egipte het voor hom gekniel en hom soos 'n god geëer. Van hom het die mense gesê: Hy is 'n seun van die son.

Maar twee eenvoudige slawe het nie voor die sonkoning gaan kniel nie. Hulle het maar net baie beleef gebuig. En een van hulle, die oudste, het 'n versoek gedoen. Die Here het die harde en hoogmoedige hart van die koning geken, en wou dit vir hom maklik maak om gehoorsaam te wees.

Moses en Aaron het gesê: “O koning, ons het 'n boodskap vir u. So sê die Here, die God van Israel: ‘Laat My volk wegtrek na die woestyn om daar fees te vier tot My eer, en om vir My offers te bring!'"

Toe vra die koning:

“Wie is die Here? Waarom moet ek luister na Hom?"

En hy het spottend gelag.

“Ek ken die Here nie," het hy gesê: “Maar ek ken julle. Julle is oproermakers. Julle hou die volk maar net van hulle werk af met julle praatjies. Julle God het niks oor my te sê nie !'*

En toe die twee manne diep teleurgestel weggeloop het, het die farao sy opsigters na hom laat kom en gesê:

“Die volk Israel het nie genoeg werk nie. Daardie slawe het nog vry tyd en daarom dink hulle aan onsinnige dinge. Hulle het dit glad tegoed. Hulle wil feesvier? Nee, hulle sal werk en niks anders doen nie. Hulle moet bakstene maak van klei en fyn strooi. Tot nou toe is die strooi vir hulle aangebring. Van nou af sal hulle self strooi moet gaan bymekaarmaak op die 132

lande. Maar hulle sal net soveel bakstene moet maak soos tevore. Ek sal hulle woel, die slawe, die oproermakers .... Wag maar 'n bietjie!"

AG, hulle was so bly gewees, die Israeliete .... Maar toe hulle die farao se harde boodskap hoor, het hulle al hul moed verloor.

Hulle werk was al swaar genoeg. Nou het dit nog swaarder geword. Nou was dit 'n wrede marteling.

As dit smôrens rooidag word, het hulle hul oor die saailande versprei en strooi gesoek.

Gejaag het hulle die hele dag geswoeg in die hitte.

Haastig .... haastig .... anders kom hulle nie klaar nie.

Maar as die drywers saans die stene tel, was daar altyd te min, hoe die Israeliete hulle ook al afgesloof het. En dan het sweepslae geval op hulle vermoeide, nat geswete liggame.

Toe het die oudstes van die volk na die farao gegaan om te kla. Hulle was 'n treurige klomp ou, kromgewerkte manne. Maar dit het hulle niks gehelp nie. Die farao het gelag oor hulle gekerm en gespot met hulle verdriet.

"Dis net goed so!" het hy gesê. "Nou het julle nie tyd om aan feesvier te dink nie! Loop maar, dit sal maar net so bly soos ek gesê het."

Nog meer krom gebuig het hulle weggeloop, heeltemal verslae. En toe hulle buite kom, wie staan en wag daar vir hulle? . . . . Moses en Aaron!

O, en toe het daar bedroefde oë gevonkel van woede. Die manne het saamgepak om Moses en Aaron, en vuis gemaak vir hulle.

"Julle het vir ons vryheid belowe," het hulle geskreeu, "en kyk wat het ons nou gekry! Julle is bedrieërs. Nou gaan dit baie erger as tevore. Dis julle skuld dat die koning niks meer vir ons oor het nie!"

Dit het lank geduur voordat hulle uitgeraas was. Toe het hulle brom-brom weggeloop, haastig om weer te gaan werk, en ook nog geslaan te word.

EN daar het Moses nou gestaan, met trane in sy oë. Hy was so jammer vir die arme mense, maar kon hulle nie help nie. Hy het nie meer geweet wat om te doen nie.

Maar Iemand moes weet, die Here! Moses het huis toe gegaan, en op sy knieë geval en alles aan Hom vertel. En die Here het hom nuwe moed en nuwe geloof gegee.

Verbrokkelde beeld van Ramses II — volgens sommige was hy die farao wat die Israeliete so verdruk het.

“Stil maar," het die Here gesê, “nou sal jy sien, Moses wat Ek gaan doen. Ek is sterker as die farao. Ek hou My woord."

EN op 'n sekere dag het die twee ou, eenvoudige manne weer voor die farao se goue troon verskyn.

Hulle was net so vrymoedig soos die eerste keer.' Hulle het dieselfde woorde gesê. Maar nou het die een, Aaron, sy staf gegooi voor die voete van sy koning. En kyk, daar kronkel meteens 'n giftige slang op die mooi tapyt.

Toe het die koning 'n bietjie geskrik. Maar daar was slangbesweerders in sy paleis wat in staat was om op 'n geheime manier 'n slang in 'n skyndood te laat styf word, sodat dit soos

'n stok gelyk het.

Die koning het hulle laat roep. Elkeen van hulle het 'n ding op die grond gegooi wat na 'n staf gelyk het, en wat dan ook in 'n slang

verander het. Maar Aaron se slang het die slange van die Egiptenare verslind.

Die koning was weer gerus. "Hulle is knap towenaars," het hy gedink, "maar ek sal my nie laat vang met hulle towerkuns nie."

Hy het Moses en Aaron weggeja van sy

troon af. Hy het die Here nie gehoorsaam nie.

"Ek is tog die magtigste," het hy gedink.

"Ek kan tog doen wat ek wil! . . . . Die volk Israel behoort aan my, en ek sal hulle nie laat trek nie. Hulle sal *my* gehoorsaam wees. *Ek* is hulle god."

EK is hulle god! 'n Klein, swak mensie sit op 'n goue troon en lig sy vuis op na die hoë bloue hemel.

Hy wil magtiger wees as die Almagtige. Hy dink hy kan veg teen die Here. Die arme, dwase farao!

Die Here was vir hom jammer. Hy het hierdie dom man keer op keer gewaarsku, maar dit het nie gehelp nie.

Toe het tien rampe losgebreek oor hom en sy volk, tien plae van die Here. Die Here het hom gestraf, hoe langer hoe swaarder.

So lank, dat sy trotse nek uiteindelik moes buig.

Strooidakhuisies in Egipte — moontlik nie ver van waar die volk van Israel so moes swoeg en sweet in diens van Egiptiese heersers.

EEN môre, baie vroeg, het die koning na die rivier gegaan om te baai, en op die wal het hy die twee ou manne al weer gesien. Die een het gesê:

“Nou sal u sien wie die Here is! Nou sal u sien dat u Hom moet gehoorsaam wees!"

En die ander een het sy staf opgelig en op die water geslaan, wat daar so stil en blink vloei in die son.

Toe skrik die koning. Want so ver as wat hy kon sien, het die water rooi soos bloed geword.

'n Stroom bloed het deur die land gevloei. Visse het boontoe gedryf en gehap na lug, maar gou doodgegaan. Die skuimende bloedrivier het baie sleg geruik.

Daardie oggend het die koning nie gebaai nie — die eerste maal in sy lewe. Hy het hom trots omgedraai en sonder om 'n woord te sê, het hy teruggegaan na sy paleis. Hy het gekyk na sy towenaars wat met hulle kunste besig was. Hulle kon darem 'n bietjie water van kleur laat verander, en niemand kon sien hoe hulle dit regkry nie.

Toe het die koning weer gerus geword. Hy het gelag. Wou Moses hom dwing, vir hóm, die koning? Dit sou nooit gebeur nie.

Daar was bloed in die hele Egipteland. Die mense het nuwe putte gegrawe om drinkwater te vind.

Sewe dae lank het die eerste plaag geduur.

TOE kom die tweede ramp.

Aaron het op bevel van die Here sy staf uitgesteek oor die hele land. Hy het niks méér gedoen nie, en niemand het eens opgemerk wat hy doen nie.

Maar uit al die waterstrome en uit al die damme, het daar paddas gespring, in rye, in troppe .

. . . en hulle oor die hele land versprei. Nog altyd meer het gekom, en dit het nie opgehou nie. Hulle het oor die strate gespring en

binne-in die huise gewip. Hulle het in die kamers gekom en in die klere van die mense weggekruip, in die kombuise en op die tafels het hulle gespring. Hulle het koud en glibberig in die beddens en oor die mense gekruip. Duisende is doodgetrap, maar miljoene het nog bygekom.

Die koning het gewanhoop. Hy het nie geweet waar om hom weg te steek vir hierdie plaag nie.

Die towenaars het die koning 'n vat water gewys waarin niemand 'n padda kon sien nie, en tog het paddas daaruit gespring. Maar hierdie keer kon hulle die koning nie troos nie. Hy het Moses en Aaron laat roep.

"Nou sal ek die volk laat trek," het hy geskree, "maar laat die plaag tog ophou! Vra tog die Here of die plaag nie kan weggaan nie!"

Maar toe Moses gebid en die paddas almal doodgegaan het en op die strate in groot hope bymekaar gevee is, toe het die koning spyt gekry oor sy belofte.

"Nou sal ek die volk tog nie laat gaan nie," het hy gesê. "Ek *wil* die sterkste wees."

Ook hierdie tweede plaag het hom nie verstandiger gemaak nie.

MAAR hy moes die stryd verloor.

Aaron het met sy staf geslaan op die grond, *op* die sagte sand.

En skielik het die stof begin lewe. Dit het gedein en gebewe en vorentoe beweeg na die huise. Die stof was verander in klein goggatjies of muskiete. Hulle het geswerm deur die land en op die mense geval soos vuurvonke. Almal is gepla deur 'n ondraaglike gejeuk.

Die towenaars het na hulle koning gekom en verskrik gesê:

"Dit is nie meer towery nie. Dis 'n wonder van die Here."

135

Maar die koning het op sy tande gebyt en stilgebly. Hy het die gejeuk maar verdra. Sy gesig was opgeswel van al die muskietbyte en aan sy oë kon 'n mens sien hoe kwaad hy v/as. Hy het die stryd teen die Here nie opgegee nie.

Was hy nie self 'n god nie?

TOE het die vierde straf gekom. Nog 'n ander plaag het oor die land versprei: steekvlieë wat in groot swerms gegons het. In al die huise het hulle gretig die bloed van die mense gesuig, en buitekant dié van die diere. Hulle het hande en gesigte stukkend gebyt. paar was nie 'n plekkie waar 'n mens vir hulle kon wegkruip nie.

Maar in Gosen, by die Israeliete, was nie 'n enkele steekvlieg te vind nie.

Toe het die koning al sy moed verloor. Hy het weer belowe dat die volk mag trek, as die plaag tog maar net ophou.

Maar net soos na die tweede plaag, het hy sy belofte nie gehou nie. Die bedrieër! Die straf het hom nie verstandiger gemaak nie. Hoe langer, hoe trotser en slegter het hy geword.

Sy hart het so hard soos 'n klip geword.

EENDAG sien die koning hulle weer sy paleis binnekom, daardie twee ou manne wat hy so gehaat het, Moses en Aaron.

Hulle het hul nie gesteur aan sy dreigende oë nie. Hulle het net gedoen wat die Here hulle beveel het. In Sy Naam het hulle die koning gewaarsku: “So sê die Here: 'As jy My volk nie laat trek nie, sal daar weer 'n plaag oor jou land kom. Dan sal al die vee van die Egiptenaars doodgaan'."

Dit het niks gehelp nie. Die koning het nie 'n woord gesê nie. Die ander dag reeds het *perde* voor *die waens geval, koeie het in die* weilande doodgeval, en net so ook die esels en kamele en skape. Oral in die veld het hulle hulpeloos gelê en doodgegaan. Hulle het 'n swaar pessiekte gekry.

Maar in Gosen het die Israeliete se vee geblink van gesondheid en rustig gewei in die veld.

Die koning het daarvan gehoor, en hy was woedend kwaad. In sy hart was geen plek vir berou nie.

Israel moes bly.

MAAR Moses het handevol as uit 'n oond gehaal en dit opgegooi in die lug. Dit het weggewaai in die wind en neergewarrel op mense en diere. En net waar daar 'n stoffie val op iets wat lewe, het kwaai swere uitgebreek. Die mense kon hulle werk nie meer doen nie.

Die towenaars het gekerm en kon nie die pyn verdra nie. Maar die farao het op sy troon gesit, stil en bleek, en wou die stryd nie gewonne gee nie.

Die sesde plaag het sy haat nog groter gemaak.

WEER het die Here hom gewaarsku. Die Here was nog jammer vir die trotse man.

Moses en Aaron het gesê: “O koning, wees tog verstandiger. Luister na die Here en laat Sy volk gaan. As u dit nie nou doen nie, sal 'n swaar hael môre alles wat groei, vernietig."

Dit het so ernstig en dreigend geklink. Maar voor die rame van die paleis het mooi groen tuinplante in die windjie heen en weer gewuif. Skoenlappers het rondgefladder. Koring het op die lande geruis en naasaan het vlas welig gegroei in plate wat soos 'n blou see gelyk het. En bokant die mooi groen wêreld het die lentesonnetjie gelag.

Kon een mens vir die hemel sê wat om te doen? Dit was asof die hele natuur gespot het met die woorde van Moses. En die koning het saamgespot daarmee.

Maar die volgende dag het Moses sy staf na die hemel uitgesteek en sy gebed het opgegaan na die Here, wat regeer oor die wind en die wolke.

136

Toe het die voëls stil geword. Die son het verdwyn agter swart wolke. Dit het donker en stil geword.

Maar wat raas daar so in die verte? Dit het met 'n gedreun al nader en nader gekom.

Dit was hael! Dit het in 'n vaste bank oor *Egipte* gekom. Tussen *bliksemstrale het hael* so groot soos klippers neergestort. Die koring is platgeslaan. Bome se takke is afgeskeur.

Blomme en blare is afgestroop. Huise het inmekaargestort. Mense en diere in die veld is doodgeslaan.

O, die arme Egipteland!

Tussen die gedreun van die donder en die geweld van die hael het die stem van die farao geskree: "Loop haal dadelik daardie man, die Moses . . . Gou, gou!"

Hy het sy hande gewring. Hy het gehuil. Soos 'n man wat gebreek is, het hy vir Moses gesit en wag. Hy was koning van 'n verwoeste land.

"Die Here is regverdig," het hy uitgeroep. "Ek en my volk, ons is slegte, goddelose mense.

Laat die donder en die hael tog net ophou, dan sal ek julle laat trek."

Uiteindelik!

Maar Moses was al te dikwels bedrieg. Daar was nog lis in die oë van die koning. Hy wou maar net loskom van die straf, maar hy was nog nie spyt oor sy sonde nie.

“Ek glo u nie," het Moses geantwoord. “Maar ek sal darem bid sodat u kan sien dat die Here magtig is."

Hy het uitgeloop uit die paleis, daardie dapper ou man. Hy het deur die hael en die weerligstrale geloop en niks oorgekom nie. Hy het sy hande opgesteek na die hemel, en die wolke het weggetrek. Die son het weer deurgebreek.

Toe kon dit gesien word dat Moses reg was. Die koning was skaam dat hy so gehuil het. Hy het die wêreld bekyk. Die koring kon weer regkom en die bome kon weer bot. Die gras sou ook weer groei.

“Ons sal alles weer regkry," het hy gedink. “Ek wil nie gehoorsaam wees nie."

Hy het verbitterd opgekyk na die hemel en het toe die Here met die vreeslikste taal aangespreek. Hy het ook gesê: “Ek *sal* nie voor U buig nie. Ek wil nie die minste wees nie."

En tog .... *Het hy nie diep in* sy hart geweet dat hy eendag sal *moet* ingee nie?

HY het groot geskrik toe hy nie lank daarna nie vaskyk in die streng oë van Moses, wat gekom het om 'n nuwe plaag aan te kondig: “So sê die Here: As jy My volk nie laat trek nie, sal daar môre sprinkane kom."

Sprinkane? O, maar dan sou dit nie help dat die bome weer bot en die koring weer opstaan nie! Dan sou die hele land 'n woestyn word!

Die koning moes nou vir seker ingee. Dit was vir hom moeilik, maar dit moes, en sy dienaars het hom gesmeek om dit te doen. Toe sê hy:

“Nou ja, goed. Trek maar weg, maar net die mans alleen. Al die vroue en kinders moet hier bly."

Moses wou nog antwoord, maar die koning het nie gemister nie. Hy was woedend kwaad, want hy het gevoel hy gaan verloor. Hy het Moses en Aaron somaar laat wegja uit die paleis.

Die ander dag het die sprinkane tog gekom. Hulle het gekom in swerms, ja, soos wolke, Wat ure lank die son donker gemaak het. Hulle was so groot soos 'n mens se vinger en het gaan sit in die velde en op die paaie — miljoene en miljoene. 'n Mens kon nêrens jou voet neersit sonder om op hulle te trap nie. Én hulle het net gevreet, en aangehou met Vreet, die blare en die gras, die koring en die bome se bas; ja, alles wat groen is, het hulle Verslind.

Die bome het daar gestaan met hulle kaal takke. Die land het soos 'n woestyn gelyk.

Toe het die mense gehuil. Die farao het gebewe van benoudheid en hy het Moses en *Aaron laat roep.*

“Vergewe my tog nog net een maal!" het hy Uitgeroep. “Die dood is in Egipteland! Neem hierdie plaag tog weg van ons!"

Toe kom daar 'n baie sterk westewind en dit het die sprinkane skoon weggewaai. Die Israeliete in Gosen het gesien hoe die sprinkane in groot swerms sweef oor hulle land, maar nie een het afgekom in 'n tuin nie. Hulle is teen al die plae bewaar.

Ver weg in die Rooi See het die sprinkane verdrink.

Die plaag was verby. En die koning se angs Was ook verby. Sy trotse haat het hom blind gemaak.

Hy het nog nie gehoorsaam nie.

DIE neënde plaag het gekom.

Moses het sy hand uitgesteek na die hemel en skielik het dit donker geword. Was dit dan al aand? Die son was nog hoog in die lug, maar dit het dof geword, al dowwer soos 'n kers wat stadig uitbrand. In Gosen was dit lig, maar in Egipte was dit asof 'n paar groot swart hande 'n dik gordyn van duisternis oor die land gesprei het. Die mense het gevlug na hulle huise, haastig en met baie gestruikel, terwyl hulle soos blindes in die vreeslike donkerte rondvoel.

Daar het hulle in doodsangs in die donker bymekaargesit, 'n dag, en nog 'n dag .... Was die lig nou vir altyd dood? Sou die wêreld nou vergaan?

Maar kyk, die derde dag het die son weer opgekom asof daar niks gebeur het nie. Die mense *het* sy *lig aanbid, en* was mal van blydskap. Maar nog nooit tevore was hulle benoudheid so groot nie. Nog nooit het hulle só die almag van die Here gevoel nie.

Die koning het ook bang geword. Hy het Moses laat roep. Maar hy wou nog nie heeltemal gehoorsaam wees nie. Hy het gesê:

" Julle *mense* kan maar almal gaan. Maar die *vee* moet hier bly."

Moses het sy grys ou kop geskud.

"Dis *ons* vee, en alles wat ons besit, moet Saamgaan," het hy gesê.

Dit was te veel vir die hoogmoedige koning. Hy het nog niks geleer deur al die plae van die Here nie. Hy het opgespring. Sy oë het gevonkel van haat teen die ou dienskneg van die Here.

"Loop weg!" het hy geskree. "Nou sal julle altyd my slawe bly. En wat jou betref, ek wil jou nooit weer sien nie. As ek jou weer sien, saf jy sterwe.'"

O, die ou Moses, wat so 'n dapper man was! Wie het hom so sterk gemaak en hom soveel moed gegee? .... Hy het voor die woedende

farao gestaan asof hy self 'n koning was. Hy Was vir niemand meer bang nie.

Ernstig was sy stem toe hy antwoord: “Goed, o koning, ons sal mekaar nooit weer sien nie."

En langsaam het hy uit die paleis geloop en oor die strate. Die mense het hom dreigend agterna gekyk. Agter hom het die spioene van die koning geloer. Hy was heeltemal alleen tussen sy vyande.

NEE, nie alleen nie. Wat van die Here? Hy kon nie gesien word nie, maar Moses het goed geweet dat Hy daar was.

En soos iemand wat die Onsienlike sien, het

Moses deur die land gegaan, baie gerus, baie dapper en vol vertroue.

Hy het geweet dat die koning die stryd eintlik al reeds verloor het. Want die Here het gesê:

“Ek sal nog een plaag oor Egipteland laat kom en dan sal die koning julle laat trek."

Dit het Moses geglo.

In sy hart het daar 'n lied gesing.

Die verlossing was naby.



35. Die Verlossing

Exodus 11 en 12

IE son het ondergegaan oor Egipteland, mooi en rooi soos elke aand. Dit het vinnig D skemer geword in Gosen. Nou het die koel nag gekom en die aarde bedek.

In die Ooste het die maan bokant die gesigseinder opgeklim. Dit het stil geword. Egipteland het gaan slaap.

Maar in Gosen .... nee, daar het niemand geslaap nie. Tussen die klein huisies het mense geheimsinnig heen en weer geloop.

Hulle was bly en het onder mekaar gefluister. In die weiland het 'n koei gebulk, waar hulle die vee bymekaargemaak het. In die lig van die maan was die hele volk besig.

Moses het gesê wat gedoen moes word. Reeds vier dae tevore het elke huisvader van sy kleinvee 'n bokkie uitgesoek, die beste wat hy kon kry, en hy het dit pas geslag in die skemer. Hy sou dit aan 'n spit braai oor 'n vuur, en die moeder was besig om meelkoekies te bak. Sy het ook sous gemaak om daarby te eet. Die rooi vlamme het gespeel om die vleis.

In die lug was 'n lekker geur van die braaivleis en die koekies. O, daar was 'n heerlike fees daardie aand.

Oorblyfsels van die tempel van Ramses II — volgens sommige die farao wat die Israeliete so verdruk het.

Maar kyk, by die deur was 'n seuntjie wat 'n skotteltjie bloed vashou. Dit was die bokkie se bloed wat kort tevore sorgvuldig opgevang is. En toe het die vader na hom gekom met 'n bossie hisop wat hy versigtig gesteek het in die bloed in die skottel. Die warm bloed het hy dan gestryk aan die twee deurposte en die bodrumpel.

So het elke vader in Gosen sy huis gemerk, terwyl die ander mense eerbiedig en ontroerd gestaan en kyk het.

Hulle het geweet wat dit beteken. Hulle het geglo dat die bloed hulle lewe sou red.

En toe is die deur gesluit. Dit het stil geword, plegtig stil, in Gosen. Die nagwindjie het in die bome gefluister. Die maan het geskyn op die wit huisies en op die donkerrooi bloed.

Maar binnekant word feesgevier. Daar het hulle om die tafel gestaan, die ou mense en die jong mense en hulle skaduwees het groot op die mure geval.

Sonder om te praat, het hulle die vleis en die koekies met die sous geëet. Die sous was bitter en die koekies hard, want daar was nie tyd om die meel eers met suurdeeg te laat rys nie. Dit was 'n eenvoudige maaltyd. Maar dit het heerliker as ooit tevore gesmaak. Dit was die laaste maal wat hulle in Egipte sou eet. Die einde van hulle harde en bitter slawerny het gekom. Nou, somaar nog daardie nag.

Daarom het hulle nie gesit en eet nie, maar gestaan, klaar om dadelik te vertrek. Hulle skoene was klaar aangetrek, en hulle klere in orde. Al hulle besittings was ingepak.

Moses het gesê hulle moet so maak. En hy het geweet, want hy het dit van die Here self gehoor.

DIS stil . . . Dit is al baie laat, in die middel van die nag. Die toorn van die Here het ontbrand oor die sondige mense.

Nou het daar 'n engel wat die Here gestuur het, meteens gekom en hy het deur die land gegaan. Dit was die engel van die dood.

'n Tempel van Ramses II — volgens sommige die farao wat die Israeliete so verdruk het.

Geen deur kon vir hom gesluit word nie. Geen grendel was vir hom te sterk nie. Hy het die huise ingedring, die huise van die hoë mense, en die hutte van die armes, die paleis, die gevangenis, ja, ook die stalle van die vee. Stil het hy deur die land gegaan, maar so vinnig soos bliksem en oral het hy sy vreeslike werk gedoen. Hy het die straf van die Here gebring na 'n ongehoorsame wêreld. In elke huis het hy die oudste seun laat sterwe, en in elke stal 141

die eersgeborene van die diere. Nadat hy gekom het, het die eersgeborene nie weer wakker geword nie. Maar Egipteland het dit nog nie geweet nie. Al die mense het nog geslaap.

Toe het die engel ook in Gosen gekom. O, die arme Gosen! Was die mense daar soveel beter as in Egipte? Was hulle daar nie ook dikwels ongehoorsaam nie? Daar was tog ook sonde in *hulle* harte.

Hulle huise was maar swak en klein. Wie sou die engel wat die Here gestuur het daar kon uit hou?

Maar kyk, net 'n paar druppels bloed het die engel weggehou. Hy het by 'n huis gestaan en die rooi kleur gesien . . . . en hy het

verbygegaan. Dit het oral in die hele land Gosen gebeur.

Die Israeliete het hulle fees gevier in vrede en veiligheid. Buitekant het die engel van die dood verbygegaan en weer teruggegaan na die hemel. Hy het sy werk gedoen. Die bloed het die lewe vir Israel gered. 'n Lam het vir die hele volk gesterwe.

TOE is die deure in Egipteland oopgemaak. Mense het buitentoe geloop, manne en vroue, en hulle het gekerm van droefheid. In ontsetting het hulle hul arms na bo uitgesteek, hulle het op hul bors geslaan, en het oral hardop gehuil. "My seun! .... My seun!"

Almal het so geroep. Hulle het die een voor die ander teruggedeins in hul jammerklagte.

Hulle kon mekaar nie troos nie. In elke huis was daar een dood, en die hele land was in rou.

Waarom?

Waarom het hierdie ramp hulle getref? Hulle het dit vir seker geweet. In groot klompe het hulle in die donkerte van die nag na die Ooste toe geloop. Toe hulle in Gosen kom, het hulle die deure van die slawehuisies oopgeruk.

"*Gaan* tog!" het hulle met huilstemme gesê. "Gaan tog asseblief weg, sodat ons nie almal doodgaan nie! As julle tog somaar nou dadelik — hierdie nag nog — wil gaan . . . .!"

Toe het die Israeliete silwergoed en goue goed en klere van die Egiptenaars geëis, en hulle het dit gekry. Die Egiptenaars het toe juwele en armbande en kruike en potte van goud en silwer na hulle gegooi, want in hulle benoudheid het hulle niks gedink van sulke kosbare goed nie.

En daar het 'n boodskap gekom van die koning dat die Israeliete mag wegtrek met alles wat hulle het. Hy het self nie gekom nie. Hy het in

die paleis gebly by die dooie liggaam van sy seun, want ook sy oudste seun is dié nag dood.

DIE verlossing het gekom.

Nog voor dit môre was, het die Israeliete met gejuig vertrek na die Ooste waar die son altyd opkom. Hulle sou vry wees!

Vooraan het Moses, hul leier, geloop. Hy was so bly soos 'n kind. En in goeie orde het die Israeliete gevolg, familie by familie, en stam by stam, in lang, lang rye. Hulle het gesing en musiek gemaak. En vir niemand was dit te swaar om te loop nie.

Dit was te wonderlik! Die manne het die vee aangedrywe; die vroue het hulle kindertjies gelei. Hulle eenvoudige huisraad en die skatte van Egipte was op esels gelaai. Daar was 'n paar manne wat 'n kis gedra het, en in die kis was die gebeente van Josef. Dit was al baie lank gelede, honderde jare vandat hy gelewe het, maar hulle het sy bevel nie vergeet nie. Sy liggaam moes saamgaan en moes begrawe word in die land Kanaän, daar waar ook die liggame van die vaders gerus het.

In Sukkot het die stamme weer saamgekom, en saam verder gereis. Hulle was 'n eindelose groot leër, 'n volk van duisende mense, die volk van die Here.

Die land Gosen het verlate agtergebly. Die huise het leeg gestaan. Die tuine is nie bewerk nie. Die groot geboue waaraan hulle so swaar moes werk, is nie klaargemaak nie.

En oral deur die land was die Egiptenaars besig om hul oudste seuns te begrawe.

DIE laaste nag in Egipte sou die Israeliete altyd onthou.

Elke jaar het hulle daaraan gedink as hulle in die lente feesvier, wanneer die volmaan heerlik oor die land skyn. Hulle het die fees genoem Paasfees, of Pasga, wat beteken *verbygaan.*

Dit was 'n herinnering aan die nag toe die engel van die dood by hulle deure verbygegaan het.

Dan het hulle 'n lam, wat gebraai moes word, en ook brood wat sonder suurdeeg gemaak is, met bitter sous daarby, geëet. En dan het hulle hul liedere tot eer van die Here gesing. En as die kinders vra waarom hulle so feesvier, het die ouers geantwoord: "Omdat die Here ons deur die bloed van die lam gespaar het en ons bevry het van die swaar slawediens. Omdat ons nooit mag vergeet nie dat ons die volk van die Here is."

EN later, baie eeue later, toe die hele sondige wêreld verdien het om deur die regverdige toorn van God vernietig te word, was daar Iemand wat gesê het: "Vader, Ek wil die skuld van die mense dra, want Ek het hulle lief. Ek wil vir hulle sterwe soos die lam van Egipte vir die Israeliete gesterf het."

Dit was Jesus Christus, die eie Seun van God.

Op Golgota het Hy aan die kruis gesterf.

Hy was die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem.

Sy bloed het ons lewe gered.

36. Deur Sand en See

Exodus 13:17 tot 15: 21

IE sand in die woestyn van die Skelfsee het so ver as wat die oog kan sien, warm en D ongelyk gelê, met baie golwe en heuweltjies, soos die wind dit gewaai het.

Maar toe die leër van die Israeliete daaroor getrek het, is daar 'n breë pad daardeur gemaak deur hulle duisende voetspore.

Daar was dus 'n weg gebaan.

Hulle het voortgetrek, langsaam, baie langsaam ter wille van hulle kinders en vee. Dit was die grootste karavaan wat nog ooit deur die woestyne gegaan het. Dit was ook die gelukkigste. Hulle het geen pad geken nie. Moses het vooraan geloop met sy staf, en sy volk het hom vertrou.

Maar Moses hoef die pad ook nie te geweet het nie. Daar was 'n ander Leidsman, wyser en beter as hy. As Moses self die pad sou moet gekies het, sou hy reguit Noordoos gegaan het, deur die land van die Filistyne. Maar by die groot muur het die pad met 'n skerp hoek na die Suide geswaai, en nou het die Israeliete die bergreeks langs die Skelfsee gevolg. Hierdie pad het al verder weg van Kanaän gegaan.

Hoekom?

Ja, hoekom? .... Dit het niemand geweet nie. Maar almal was ewe gerus. Want voor hulle het daar uit die blou hemel 'n lang, donker wolk soos 'n pilaar gehang. Dit was 'n hemelse vinger om die pad aan te wys en die Israeliete moes maar net agter die wolk aan loop soos skape agter hulle herder.

Dit was die wolk van die Here. Hy het self vir hulle voorgegaan, die wye, vreemde wêreld in.

Wie sou dan nog bang wees?

Die son het hulle nie gehinder nie, want die Here het sy strale bedek as die hitte te groot word.

En as die kinders moeg word, het Hy dit gesien. Dan het die wolk stilgestaan in die lug. Die vinger van die Here het só die plek

aangewys waar Israel mag rus.

En as die son onder was, dan het dit nie donker geword nie. Die nag was so lig soos die dag. Want dan het in die wolk 'n vuur gebrand so helder en wit soos in die doringbos wat Moses gesien het. Die mense was stil van eerbied en geluk.

Die Here was hulle herder. Hy het hulle saggies en liefdevol gelei langs Sy weg. Waarom was die weg so ongelyk? Die Herder sou dit sonder twyfel geweet het.

VER weg, in Egipte, het die farao in sy paleis gesit. Rondom hom het sy knegte gestaan en hulle het beangs gekyk na sy nors oë.

Die koning het bedruk buitentoe gekyk. Die tuine het stil en verlate gelê. Daar agter, baie ver weg, was die halfklaar geboue, maar daar was geen werkers nie.

Die koning het op sy tande gekners. Skielik het hy uitgebars en gesê:

“Hoekom het ons daardie volk laat gaan? Hoekom was ek so dom om tóg in te gee nadat ek so lank geveg het? Het ons dan al die plae verniet verduur?"

Hy was so spyt dat hy met sy hand op sy kop geslaan het. Hy het gekreun. Sy dienaars, wat bang was omdat hy so kwaad was, het saam gekreun: “Hoekom het ons hulle laat gaan?"

Vanuit 'n ander groot kamer het die vroue se jammerklag ook geklink. Daar was die priesters besig. Hulle het die dooie liggaam van die koning se seun gebalsem.

Toe is die deur oopgegooi. 'n Boodskapper, 'n spioen het, terwyl hy hyg na asem, ingekom en neergeval voor die voete van die koning.

“O koning," het hy uitgeroep, “die slawe vier nie fees in die woestyn nie. Hulle vlug! En hulle is nou al verdwaal! Ek het gesien hoe hulle karavaan van Etam op heeltemal 'n verkeerde pad na die Suide toe getrek het!"

Toe spring die koning op. Hy het nog 'n kans gesien. Bose vreugde het in sy oë geflikker. Sy hand het gegryp na sy swaard.

“Span in die waens!" het hy geskreeu. “My hele leër moet saamgaan. Ons sal hulle met ons swaarde terugdrywe na hulle werk."

Hy het gelag. Sy dienaars het gejuig. “Ha! Ha!" het hulle gebrul van die lag. “Ons sal hulle kry, daardie dwase!" En met groot vreugde het hulle na die perdestalle gehardloop.

'n Rukkie later het seshonderd strydwaens gedreun oor die pad toe hulle in volle galop die stad verlaat en na die Ooste snel. Oral het hulle blink swaarde geflikker, onderwyl hulle hard uitgeroep het en die perde geproes het.

Die aarde het gedreun.

Die leër het oor die gesigseinder verdwyn.

DIE vinger van die Here het Sy volk weer aangewys waar hulle moes rus. Hulle het al verder langs die berge na die Suide getrek. Toe kom hulle af op 'n deurgang na die see, 'n nou poort met berge aan weerskante. Daar het hulle ingegaan. Voor hulle het die see se golwe gebruis. Links en regs was hoë en steil kranse. Agter hulle, van waar hulle gekom het, was die woestyn wat gestrek het tot by Egipte.

En bo hulle het die wolk van die Here stil gehang. Die Herder het waggehou by Sy kudde.

Dit het aand se kant toe gegaan. Die lug was stil en koel. Toe het een van die Israeliete opgestaan en na die son gekyk, wat rooi en helder geskyn het op die gesigseinder bokant Egipteland. Dit was die derde

sonsondergang vandat hulle uit daardie land vertrek het. Maar kyk, daar is iets wat roer voor die rooi son. Groot stofwolke het begin om die lig dof te maak.

En was daar nie iets wat in die verte dreun nie?

Meer mense het nou gekyk. Uiteindelik het die hele volk, met hulle hande bokant hul oë en met kloppende harte stip gestaan en kyk na die westekant. Die gedreun het al duideliker geword.

En nou skielik weet hulle almal: dis die farao wat daar aankom met sy wrede soldate!

Soos 'n trop verskrikte skape het die mense radeloos en wanhopig saamgedrom. Waarheen kon hulle vlug? Daar was geen uitweg nie. Hulle was opgesluit soos in 'n val. Hoë berge links en regs, bruisende seegolwe voor, en woedende vyande agter. Daar was geen opening om deur te kom nie.

Ja, nêrens was 'n uitweg nie. Hulle het die dood voor hul oë gesien. Hulle was buite hulself van benoudheid.

Nou het hulle nie meer geweet wat om te sê nie, en het maar vir Moses die skuld gegee vir hulle ellende.

“Het ons tog maar liewer in Egipte gebly!" het hulle gehuil. “Nou moet ons sterwe in hierdie ellendige woestyn!"

Moses was 'n dapper held. Dog hoe kon hy glimlag as dit so sleg gaan? Maar hy het daar gestaan, dapper en sterk, en sy oë het geskitter van vreugde. Hy het nie rondom hom gekyk nie. Hy was die enigste een wat nie 'n uitweg gesoek het nie. Moses het boontoe gekyk, en hy het gesien hoe die wolkkolom langsaam agteruit trek oor die mense, en toe stil gaan staan het tussen hulle en hul vyande.

Sy kragtige stem het soos 'n basuin hard geklink tussen die bergkranse; “Moet tog nie bang wees nie!" het hy geroep. “Nou sal

julle sien dat 'n groot wonder gebeur! Daardie Egiptenaars wat aankom, sal julle nooit weer sien nie. Die Here sal vir julle veg en *julle* moet 145

jul stil hou! Trek vorentoe!"

Vorentoe? Maar waarheen? Moses loop self vorentoe met sy staf. Die mense het bewende in rye agter hom aan geloop. Hulle het tot by die see gekom.

Die golwe het geskuim oor die strand. Agter hulle was dit al donker. Ver, ver weg, was die ander kant van die see vir hulle nie sigbaar nie. Na daardie kant het Moses sy staf hoog uitgesteek.

En hoor, dit begin waai. Die wind het eintlik gefluit daarbo in die lug. Toe het 'n groot storm op die see gekom. Dit het soos 'n mes deur die water gesny en die golwe opsy gedruk. Dit het 'n pad deur die see geploeg, 'n kloof tussen die waterberge gemaak en die bodem van die see droog geveeg vir die voete van die Israeliete. En toe was daar 'n mooi pad deur die see, só lank dat hulle nie die end daarvan kon sien nie.

Oor hierdie pad het Moses geloop, die see in. En agter hom het die Israeliete gevolg. Hulle was doodstil en het gebewe van eerbied vir die groot wonder.

Rondom hulle het die storm gewoed, maar niks aan hulle gedoen nie.

Die son was al onder. Maar dit het nie donker geword nie. Agter hulle, uit die wolk van die Here, het daar hemelse lig gestraal. Vinnig het hulle geloop deur die twee mure van water wat deur die Here self teëgehou is.

MAAR nou, na hulle wilde jagtog, het die Egiptenaars die bergkloof, waar die Israeliete nog aanstons was, bereik. Daar het hulle stilgehou, naby die see en verbaas rondgekyk. Maar waar was die

slawe dan? Het hulle in die grond verdwyn? Of oor die berge gevlug? Dit kon tog nie wees nie!

“Daar! Daar!" het een van die soldate uitgeroep. Hy was baie opgewonde toe hy met sy hand vorentoe wys. Kyk, daar gaan hulle! Hulle gaan deur die see! Kan dit moontlik wees?

Dwarsdeur die see op 'n droë pad in die lig van die hemel! Die stroom mense was soos 'n groot slang wat langsaam vorentoe kruip.

Die soldate het so hard getrek aan die teuels van die perde dat die diere agteruit gesteier het van skrik. Maar die stem van die farao het geskreeu: “Vorentoe! Haal hulle in!" Hy was mal van woede en het self vorentoe gejaag. Hy het nie gedink wat hy doen nie. Sy haat het hom vorentoe gedrywe. Vorentoe, deur die see! Waar 'n slaaf kan gaan, kan 'n koning ook!

In woeste galop het die soldate gevolg, die donker diepte in. Maar die storm het in hulle gesigte geslaan en dit het donker geword, daar tussen die waterberge, terwyl 'n groot swart wolk dreigend gehang het tussen hulle en die slawe. Binne-in die wolk het die donderweer kwaai gedreun. Hulle was waarlik in die nood.

Nou het dit baie moeilik geword om te ry! Hulle kon nie vinnig vooruit kom nie.

Die vreeslike wolk het nie verdwyn nie. Soos iets wat lewe en wat hulle wou terughou, het die wolk voor die Egiptenaars vooruitgegaan. Aan hulle kant was dit donker, maar aan die kant van die Israeliete was dit lig.

Die Egiptenaars het al benouder geword. Hulle het bang gevoel dat iets baie ergs sou gebeur. Maar tóg, tóg het hulle vorentoe gejaag, agter hulle koning aan. Hulle het hul arme perde geslaan, en dié het angstig gerunnik. Tussen al die lawaai het hulle mekaar toegeroep om aan te hou. So het hulle die hele nag geworstel om vorentoe te kom.

En toe, teen die môre, toe hulle al naby die Israeliete was, het dit so erg geword dat hulle dit nie verder kon waag nie. Die grond het modderig geword. Hulle wiele het ingesak daarin en losgeraak, en die perde het gestruikel. En bliksemstrale het uit die wolk tussen die mense ingeskiet. Die swaar weer het geweldig gedreun.

Nou het hulle dit almal geweet: dit was nie 'n gewone geveg nie. Daar was 'n geheimsinnige krag wat hulle teëgehou het. Die God van Israel .... Hy het vir die Israeliete geveg.

146

"Laat ons vlug!" het iemand uitgeroep. Hy het sy perd omgedraai om terug te ja. "Vlug!" het baie geskreeu. Maar ander het aangehou om vorentoe te ry. Daar was 'n groot verwarring.

Perde het teen mekaar gesteier. Waens het gebots en omgeslaan.

EN net op die oomblik toe die son die toppe van die berge begin kleur, het die laaste Israeliete teen die anderkantse wal uitgeklim. Toe het Moses op bevel van die Here sy hand uitgestrek oor die see.

En hoor, die wind gehoorsaam! Hy het hom soos 'n vermoeide dier aan die voete van die Here neergelê en stil geword. Die waters aan weerskante van die pad het nader aan mekaar gekom. Die Egiptenaars het dit gesien kom en hulle hande uitgesteek om dit terug te probeer hou. Hulle het geskreeu van angs. Maar dit het niks gehelp nie. Met 'n gebruis het die twee mure van water bokant hulle koppe inmekaargestort. Hulle geskree is gou deur die water gesmoor. Op een plek het 'n hand nog bo die water uitgesteek, op 'n ander plek nog die kop van 'n perd met sy versiersel .... En toe niks meer nie ... .

Die trotse leër van die farao was vernietig.

Hoeveel liewe, onskuldige kindertjies het hierdie selfde soldate nie vroeër in die Nyl verdrink nie?

Nou het hulle self hul graf in die see gevind. Een groot graf vir al die goddelose mense. En by hulle het hulle koning gelê, en sy trotse mond was stil.

Hy was die een wat wou veg teen die Here.

Hy het die stryd verloor. Vir altyd.

Die Israeliete het aan die kant van die see gestaan. Hulle was verstyf van die skrik en het gegril om te sien wat gebeur. En toe het hulle baie bly geword. Hulle het hul hande opgesteek na die hemel en begin sing. Ja, al die duisende het uitgebars in 'n lofsang sodat

'n mens die gebruis van die seegolwe nie meer kon hoor nie. Hulle vorige meester, die wrede verdrukker, was dood. Nou hoef hulle nooit weer terug te keer na slawerny nie. Nou was hulle waarlik vry.

DAARDIE dag het hulle feesgevier daar langs die see.

Moses het 'n lied gesing wat vanself opgewel het uit sy hart, en almal het saamgesing. Met trane van innige vreugde het hulle die lied gesing wat weerklink het oor die water.

"Ek wil sing tot eer van die Here, want Hy is hoog verhewe. Die perd en die ruiter het Hy in die see gewerp . . . . "

37. Hy het Hulle Gelei soos 'n Vader

Exodus 15:22 tot 18:27

IE aarde het gedreun .... Duisende voete het deur die woestyn geloop oor die gloeiend-D warm klippe en sand. 'n Groot volk was op reis na hulle vaderland.

Met gebuigde hoofde en krom rugge het hulle aangesukkel. Die son het gebrand; 'n sterk wind het die woestynsand só in hulle gesigte

gewaai dat dit gevoel het soos fyn, skerp naalde wat steek.

Maar dan het alles weer rondom hulle doodstil geword. Alles het geswyg in dié dooie land.

Geen voëltjies het gesing nie. Geen boom het geruis nie. Daar was geen voëls of bome nie.

Net kaal, blink rotse, skroeiende sandduine en 'n wolklose hemel daarbo — dit was al. Die hitte was verskriklik. Selfs die wind het geen verkoeling gebring nie, want dit was die warm asem van daardie verskriklike land.

Slof .... slof .... slof het die mense met voete wat sleep, geloop en dit het altyd moeiliker gegaan.

'n Stofwolk het saam met hulle getrek. Niemand het gepraat nie, Daar was maar net een woord wat elke slag gehoor is: “Water!" Hulle het die woord uitgesug, en gekreun en gebrom. Die hele volk het geroep:

“Water! Water!"

DIT was drie dae gelede toe die Israeliete so wonderlik deur die see gelei is. Toe het hulle die woestyn Sur binnegetrek. Hulle het nog water van Egipte in kruike en leersakke gehad.

Maar nou was dit alles op.

En hulle was in 'n dorsland. Die lug was skerp en hul kele het geskroei. Die tong het vasgeklewe aan die verhemelte. Die oë het gebrand. Maar daar was geen water, nêrens, nie. En intussen het die voete vorentoe gesleep oor die warm grond .... Hoe lank sou hulle dit nog kon uithou?

MAAR kyk, daar voor die leër het die wolk van die Here langsaam getrek. Die Here het self saamgegaan deur die dorre land.

Daar was 'n paar mense wat na die wolk opgekyk en gedink het: “Die Here is by ons. Ons sal moedig wees. Ons sal nie brom of kla nie. Ons sal op Hom vertrou."

Maar die meeste het nie daaraan gedink nie. Hulle het vergeet hoe wonderlik die Here hulle gered het, in Egipte en by die see. Hulle het die wolk nie eens gesien nie. Hulle het maar net gesoek en rondgekyk. Water, water! . . . . En die benoudheid dat hulle sou sterwe, het al groter in hulle harte geword.

EINDELIK, uiteindelik sien hulle in die verte tussen die rotse 'n klompie klein, skraal bossies.

Die wolk het daarheen geswewe en daar bokant stilgestaan. Baie bly het die mense uitgeroep: “Water, water!" Daardie woord het hulle nuwe krag gegee en hulle voete weer sterk gemaak.

Nou het hulle vinniger beweeg. 'n Menigte mense het saamgedring om 'n klein, blink waterplassie. Die voorstes het op hulle knieë gelê en gedrink.

Maar hoekom skreeu hulle nou so? Hoekom spu hulle die water vol afsku weer uit? . . . . Ba, dit was bitter! Dit het walglik gesmaak. Selfs die diere wou dit nie drink nie.

Moses, die man van God. 'n Beeld van Moses by die sogenoemde Moses-fontein in Rome. “En toe Moses van die berg Sinai afdaal — die twee tafels van die Getuienis was in die hand van Moses toe hy van die berg afdaal — het Moses nie geweet dat die vel van sy gesig blink omdat hy met Hom gespreek het nie" (Ex. 34:29) 149

Dit was juis omdat die water daar so bitter was dat die plek die naam Mara gekry het.

En daar het hulle nou gestaan, almal bitter teleurgesteld. Hulle het gedink hulle is gered.

Maar nou was hulle nood nog groter. *Nou* het hulle eers gevoel hoe uitgeput hulle was, en hoe hulle byna beswyk van die dors.

Daar het hulle gestaan, en hulle het gehuil en met hulle voete op die grond gestamp terwyl hulle kerm. Hulle het óm Moses saamgedring met gesigte bleek van woede. Hulle het geskreeu en hulle het hom uitgeskel. *Hy* was hulle leier en hy het hulle daar gebring, en *hy* het die skuld gekry ....

Moses het gesug. Dit sou baie moeilik wees om so 'n volk te lei. Het hulle dan geen geloof nie? Het hulle dan nie geweet dat dit nie hy was nie, maar die Here wat hulle daar gebring het en vir seker vir hulle sou sorg?

Moses het goed geweet dat daar maar net Een was wat nou kon help. Hy het gebid en hy het die Here aangeroep om hulp. Die volk het dit gestaan en aankyk. Hulle het gesien hoe Moses se oë begin straal. Hulle het gesien hoe hy rondkyk en toe 'n stuk hout neem en dit in die water gooi.

"Drink nou maar,” het hy bly gesê. "Die Here het die water soet gemaak.”

'n Paar het nader gestaan. Hulle het versigtig net so effens aan die water geproe . . . . Maar kon dit dieselfde water van vaneffe wees?

Daardie stuk hout kon dit tog nie so verander nie!

Nee, dit was nie die hout nie. Maar die Here kon dit doen. Die water het smaaklik en gesond geword.

Almal het gedrink. Hulle het hul flesse gevul met die kosbare water, en hulle was stil en skaam.

TOE kon hulle dit waag om weer verder deur die land van die dood te trek, want hulle het geweet dat hul lewe veilig was by die Here. En nie lank daarna nie het hulle gekom by Elim.

Dit was 'n groot oase in die dorre woestyn. Daar het vars water uit twaalf fonteine geborrel en sewentig palmbome het skaduwee verskaf. Hulle het hul tente opgeslaan by die fonteine en goed uitgerus van hulle reis.

O, maar dit het goed gegaan met hulle! Hulle het brood en water gehad en 'n magtige God wat hulle beskerm. En voor hulle, ver weg agter die berge, was daar 'n heerlike land, nog baie bater as Elim, wat vir hulle gewag het.

JA, maar hulle dankbaarheid het nie lank geduur nie!

Israel was die volk van die Here, maar hulle het Hom nog nie lank geken nie. Israel was Sy kind, maar hy het na 'n baie klein en lastige kind gelyk. As hy honger of dors het, het hy geskreeu, en as hy nie gou gehelp word nie, het hy kwaad geword. Om rustig te wag tot die Here help . . . nee, dit kon hy nie doen nie! En elke slag het hy weer die wondere van die Here vergeet.

Die mense het brood en vleis, 'n groot voorraad, saamgebring uit Egipte.

Maar toe hulle 'n maand gereis het en in die woestyn Sin gekom het, was hierdie kos alles op. Wat moes hulle doen? Hier in die woestyn was daar geen brood nie.

Hulle het gekla. Hulle het gebrom. Hulle was 'n slawevolk, wat hulle lewe lank gebrom het.

Hulle kon nie meer anders nie.

"In Egipteland," het hulle gemurmureer, "het ons dit beter gehad as hier. Daar het ons tussen die vleispotte gesit en tussen groot koringskure. Waarom het jy, Moses, ons daarvandaan weggeneem? Om ons hier in die woestyn te laat sterwe?"

So het hulle geskreeu teenoor Moses en Aaron. Hulle was wanhopig omdat hulle weer die dood gesien nader kom het. Die twee leiers het bedroef geword omdat die mense die Here weer vergeet het. Het hulle dan glad nie vertroue en moed nie? Was hulle angstige 150

slaweharte te klein vir die geloof?

Maar die Here het Moses en Aaron getroos. Hy het gesê dat Moses met die volk moet praat.

Moses en Aaron het die volk bestraf.

"Hoekom brom julle so teenoor ons?" het hulle gevra. "Het *ons* julle verlos? Was dit dan nie die Here nie? Julle murmureer nie teen ons nie, maar teen Hom. Hy het julle nood vir seker gesien. Vanaand sal Hy julle in hierdie woeste land vleis gee om te eet en môre sal daar brood uit die hemel neerreën. Sal julle dan glo dat Hy vir julle sorg?"

En kyk, skielik skyn daar 'n helder lig op almal. Die wolk wat oor die leër hang, het die lig uitgestraal en dit was witter as die son.

Toe het die mense stilgebly. Hulle het geskrik en was verbaas. Hulle het weggekruip in hul tente. En teen die aand se kant hoor hulle 'n geruis en 'n gewoer van tienduisende vlerke in die lug, en ook die geskreeu van baie voëls. Dit was groot swerms kwartels, mooi vet voëls van die lentetyd. Hulle was doodmoeg van die lang ent wat

hulle gevlieg het en het met lam vlerke tussen die tente geval. 'n Mens kon hulle maklik gryp.

Daardie aand het baie vure in die kamp gebrand en oral kon 'n mens net braaivleis ruik. Die maan het gelag aan die donker hemel. Israel was nou stil en tevrede. Die "kind" het nou sy sin gekry en het lekker geëet.

Die anderdagoggend, toe die eerste mense buite kom, sien hulle nog 'n groot wonder. Die son was nog nie mooi op nie. En daar was 'n doulaag rondom die leër. Nadat die doulaag opgetrek het, was die hele aarde bedek met 'n dun wit laag van iets wat fyn en korrelrig was, asof dit gehael het.

Die mense het mekaar geroep uit hulle tente. "Kom gou!" het hulle gesê. "Wat is dit?"

Net Moses kon vir hulle sê.

"Dit is manna," het hy gesê. "Dit is die brood wat die Here julle gegee het om te eet."

Dadelik het hulle dit begin bymekaarmaak, vir elkeen 'n kruik vol. Maar toe die son warm word, het alles wat nog op die grond was, weggesmelt. Die manna was voedsaam en soet soos heuning. 'n Mens kon dit rou eet, of jy kon dit kook, of bak soos brood.

"Moenie iets tot môre laat oorbly nie," het Moses gesê. "Elke dag sal die Here julle genoeg brood uit die hemel gee."

"Dit mag so wees," het party gedink, "maar die versigtigste is darem om 'n bietjie te bêre daarvan."

Maar hulle het nie baie plesier van hulle slimheid gehad nie. Die anderdagmôre was die manna wat hulle gebêre het heeltemal bederf. Daar was wurms in en dit het naar geruik.

Maar dit was wonderlik: Op die sesde dag van die week moes elkeen seker maak om twee kruike vol te kry, en die een dan hou vir die Sabbat. Dan sou dit nie sleg word nie. Op die Sabbatmôre kon die volk rus en daar sou geen manna buite wees nie.

Party van die mense was darem nie gehoorsaam nie. Hulle het gesê: "As dit op 'n gewone dag sleg word, sal dit op die Sabbat net so wees. Ons gaan niks bêre nie! Daar sal môre tog maar weer manna wees!”

Hulle het hul straf gekry. Tevergeefs het hulle die volgende môre gesoek. Nou het hulle niks gehad om te eet nie, want Moses het die waarheid gepraat. Die mense wat hom geglo het, het brood op die Sabbat gehad. Dit was net so vars asof dit daardie dag uit die hemel gekom het.

Daardie manna-brood het die volk Israel gehad al die tyd toe hulle deur die woestyn geswerf het.

Soos 'n vader het die Here vir Sy kinders gesorg.

151

Op die bevel van die Here het Aaron 'n goue kruik vol manna gemaak. Dit was om gebêre te word en om die volk na baie jare nog altyd te herinner aan daardie groot wonder.

Maar nóg was die wondere van die Here nie groot genoeg om Israel te laat glo en vertrou nie.

Na baie dae het hulle in 'n bergagtige land gekom, waarvan die naam Rafidim was. Elke môre was daar manna, net om op getel te word, maar daar was nie water nie. En die water wat hulle van Elim saamgebring het, het hier langsaam opgeraak.

Toe het dit geblyk dat die meeste van die mense nog niks geleer het nie. Hulle het Moses weer die skuld gegee dat hulle dors ly. En

hierdie keer was hulle so woedend kwaad dat hulle gekom het met klippe in die hand om Moses mee dood te gooi.

Die Here het al soveel geduld gehad met daardie volk. En Hy het hulle nog nie gestraf nie.

Hy het hulle elke keer weer gehelp. Hy het Moses bevel gegee om na 'n bergrots te gaan, met sy wonderstaf in sy hand. Die mense het agter hom aangeloop terwyl hulle brom en skreeu.

Die rots het kaal en blink in die son gelê. Toe het Moses sy straf opgelig en op die warm klip geslaan. En kyk, die rots het met 'n gekraak oopgeskeur en 'n stroom water het uitgekom en soos 'n riviertjie deur die laagte geloop.

Sou hulle nou uiteindelik leer om te vertrou op die liefde en die mag van die Here?

Massa en *Meriba* — versoeking en twis — so het Moses hierdie plek genoem.

MAAR daar, in die droë bergwêreld het 'n gevaar geloer wat groter was as honger en dors.

Die Israeliete het dit nie geweet nie. Maar as hulle dit geweet het, hoe sou hulle nie gekla en gemurmureer het omdat hulle deur daardie land moes trek nie!

Tussen die berge het 'n rowervolk, die Amalekiete, hulle ingewag. Hulle was bruin, ruwe manne wat die Israeliete van agter die rotse dopgehou het. Hulle het gesien hoe Israel optrek uit die vlakte en het tevore al gehoor van die wonderlike verlossing uit Egipte. Nóú was hulle vol haat teen die volk van die Here, wat deur hulle land wou trek. Sou daardie vreemde mense, daardie indringers, drink van hulle water? Sou daardie vee wei op hulle grasveld? Hulle het vir hulself maar skaars genoeg!

En toe hulle uit hul skuilhoeke die Israeliete bespied, soos hulle verbytrek, en toe hulle al die skatte sien wat uit Egipte saamgeneem word, en die groot troppe vee, toe het hulle sluwe oë geskitter van begeerte en hulle het 'n slim plan gemaak.

Hulle kon dit nie waag om die hoofmag van Israel aan te val nie. Daarom het hulle gewag tot dié verbygetrek het, en toe die swakste deel van die leër aangeval, die pakdraers, die veewagters en die vroue. So vinnig soos die wind het die Amalekiete aangekom en amper net so gou weer verdwyn met wat hulle geroof het. Die Israeliete het baie geskrik en hulle was vreeslik deurmekaar.

So kon dit nie aangaan nie. Moses het Josua laat roep. Josua was 'n jong man uit die stam Efraim. Hy was nederig en godvresend, maar dapper soos 'n leeu.

"Maak die leër gereed," het Moses vir hom gesê, "en veg teen die Amalekiete."

Dit klink maar 'n eenvoudige bevel, maar dit was vreeslik moeilik om uit te voer. Die Israeliete was nog nie eens twee maande vry nie. Hulle was nog altyd slawe gewees. Hulle kon swaar pakke dra, hulle kon met 'n graaf en 'n pik werk, maar nie met 'n swaard nie. Hulle het al baie slae ontvang, maar het nooit slae uitgedeel nie. Die Amalekiete het van jongs af geleer om te veg en dood te maak. Hulle was geoefen en gehard om te kan veg.

Josua het dit alles goed geweet. Maar hy het nie teëgepraat nie. Hy het gehoorsaam. Hy het geweet op wie hy vertrou. Hy het geglo dat die Here self Sy volk sal beskerm.

En toe het hy sorgvuldig die sterkste en die dapperste manne uitgesoek, en 'n leër, so goed 152

soos hy kon, saamgestel. Maar in sy hart het hy gebid.

NET die volgende dag het die geveg begin. Die vyand het aangestorm. Hul pragtige, skerp swaarde het geblink in die son. Hul strydkreet het weerklink in die lug. Die leër van Israel met hulle swak wapens het die Amalekiete dapper tegemoet gegaan. Josua was vooraan.

Hy was 'n dapper leier. Vol moed en geloof het hy sy lewe gewaag vir sy volk.

Bo-op 'n heuwel, nie ver van die slagveld nie, het 'n grys ou man gestaan met die staf van die Here in sy hand. Dit was Moses. En by hom was twee ander manne, Aaron en Hur, wat ook neergekyk het op die leërs.

Ver onderkant was die angstige rumoer van die geveg: daar was 'n gekletter van swaarde, 'n geskreeu en geroep om hulp. Dit het gelyk of die twee leërs ewe sterk was. Die een oomblik word die Israeliete teruggedrywe, en dan weer hulle vyande.

As Israel padgee, het Moses sy hande in gebed opgelig — en dadelik word sy volk weer sterker. Maar as die vyand terugval en Moses, baie bly, 'n bietjie op die staf leun, het sy volk hulle krag verloor en het die vyand hulle teruggedrywe.

Toe het Moses dit meteens verstaan. Dit was nie daar onderkant nie, maar hier op die heuwel dat die oorwinning *moes* behaal word. Sy hande het getril van vreugde toe hy sy staf opsteek na die hemel, soos 'n vlag of 'n banier, hoog bokant die volk se koppe. Hy het daarmee gewys na die Here van wie al hulle hulp moes kom.

Toe het Israel se swaarde gedreun op die skilde van hulle vyande. Die volk was bly en het baie gejuig. Die vyand het teruggeval. Hy kon nie anders nie. Niks kon bly staan voor die mag van Israel nie.

Maar, ag, Moses se arms het tog so moeg geword! Hy het hulle laat sak, want hy kon hulle nie meer ophou nie.

Toe het Aaron en Hur hom te hulp gesnel. Hulle het gou 'n groot klip nadergerol en Moses daarop laat sit. Toe het hulle sy moeë arms opgehou totdat die son sak. Só baie van hul vyande is doodgemaak dat die slagveld bedek was met hulle liggame. Dié wat oorgebly het, het in groot benoudheid gevlug na die berge toe. Dit was 'n groot oorwinning vir die Israeliete.

Die volk het feesgevier, en die held Moses baie vereer. Maar dié wat beter geweet het, het opgekyk na die hemel waar die sterre stil en rustig gevonkel het oor die land waarop so baie bloed vergiet is, en hulle het die Here gedank.

Moses het 'n altaar op die heuwel gebou en dit genoem: Die Here is my banier.

NIE lank na die slag in Rafidim het iets heerliks vir Moses gebeur.

'n Stokou man het uit die woestyn gekom na die Israeliete se kamp. Jetro, die wyse ou priester, het gekom om vir Moses sy vrou Sippóra en sy twee seuns te bring. Na die lang reis was hulle baie bly om mekaar weer te sien. Daar het 'n paar aangename dae vir Moses gekom. En toe Jetro alles hooi wat met Moses en die volk gebeur het, het hy die Here geprys vir Sy wondere en Hom 'n offer gebring.

Jetro het gesien hoe baie besig Moses was. Van die môre tot die aand het mense by hom kom raad vra. Hy het byna nie 'n oomblik tyd gekry om te rus nie. Dit was te veel vir hom alleen. Toe het die wyse Jetro goeie raad gegee. Hy het gesorg dat van die oudste manne uit Israel vir Moses sou help in sy werk.

Na 'n paar dae het Jetro vertrek, hy, alleen, 'n eensame dienaar van die Here in 'n vreemde land.

IN die berge waarlangs Israel getrek het, het daar 'n groot, pragtige voël gehou, en hy het sy nes gebou op 'n hoë krans waar geen vyand kon bykom nie. Dit was die arend. In die nes was die klein voëltjies veilig by hulle moeder.

153

Maar as hulle moes leer om te vlieg het iets moois gebeur. As 'n jong voëltjie op die rand van die nes gesit en bewe het van bangheid en dit nie wou waag om af te spring in die vreeslike diepte nie, dan .... dan het sy moeder hom somaar *afgestoot!* Dan *moes* hy sy vlerke gebruik.

Maar die moeder het saamgevlieg! En as sy sien dat die vlerke van haar kleintjie nog te swak is, en hy hom morsdood op die rotse sou val, dan het sy so vinnig soos weerlig onder haar kind ingeduik en hom op haar sterk rug tussen haar vlerke gevang om hom weer terug te bring na die nes. Maar dit het nie lank geduur nie of hy kon saam met haar bokant die wolke swewe. So sorg die arend vir haar kleintjies.

En so het die Here ook gesorg vir Sy kind, vir die volk Israel.

Hy het die Israeliete uit Egipte met Sy magtige hand uitgelei. Hy het hulle die pad aangewys deur die kaal woestyn. En elke slag as daar nood kom, het Hy hulle gehelp. In plaas van om hulle te straf vir hul murmurering het Hy hulle *geseën.* Hy het brood uit die hemel en water uit die rots gegee. Hy het hulle beskerm teen vyande. Daardeur moes die swak geloof van die volk versterk word. Hulle moes leer om altyd op die Here te vertrou, en om te swewe op die vlerke van die geloof.

154

38. By die Berg Sinai

Exodus 19, 20, 24 en 32

HEMELHOË muur van rooi graniet het steil uit die vlakte opgerys. Sy ontoeganklike

'N bopunt het deur die wolke geboor. En oor 'n pad wat draai-draai teen die helling opgaan, tussen die rotsblokke en tingerige bossies, het 'n man boontoe geklim — hoër, altyd hoër, totdat hy na niks meer as 'n wit vlekkie teen die berg gelyk het.

Op die vlakte was die kamp van Israel. Duisende tente het in rye langs mekaar gestaan. Die volk het stil en gespanne gestaan met die hand bokant die oë om stip te kyk in die skerp lig.

Daar gaan Moses, hulle leier, hulle held. Hy klim die berg Sinai uit om met die Here te gaan spreek. Die Here self het hom geroep.

Met 'n soort blye vrees het hulle harte geklop. Hier sou iets wonderliks heerlik gebeur. Naby was die plek waar die Here met Moses uit die brandende doringbos gepraat het. Dit was nou

'n jaar gelede. Baie het in daardie jaar gebeur. Toe was hulle nog die slawe van die wrede farao. Nou was hulle 'n vry en magtige volk. En nou wou die Here vriendskap sluit met hierdie volk, hier op die berg. So iets het nog nooit tevore met 'n volk gebeur nie. Hy, die Almagtige wat hemel en aarde geskape het, en daardie sondige volk van Israel, wat so baie gemurmureer het, het 'n heilige verbond met mekaar gemaak. Daardie wonder het die mense stil gemaak. Hulle het aangehou met opkyk na Sinai. Hulle het gesien hoe 'n wit vlekkie langsaam weer groter word. Moses het teruggekom. Wat sou die Here gesê het?

Moses se oë het gestraal van geluk. Sy stem was baie bly.

"So sê die Here," het hy gesê, "julle weet, Israel, hoe Ek vir julle gesorg het. Ek het *julle soos*

'n arend op My vleuels gedra. Sal julle dan nie nou 'n gehoorsame volk wees nie? Dan sal Ek met julle 'n verbond maak, en julle sal 'n heilige volk wees, die geseëndste volk op aarde."

Hulle het nie nodig gehad om te dink nie. Daar was maar een antwoord. Almal het gesê:

"Alles wat die Here gesê het, sal ons doen."

DRIE dae moes hulle nog wag. Dan sou almal die stem van die Here hoor, soos Moses dit gehoor het.

Hulle het hul klere in die riviertjie so wit soos sneeu gewas. Hulle het hulle tente en hulle gereedskap en hulle liggame skoon gewas. Daar was niemand wat 'n slegte woord oor sy lippe laat kom het nie. Hulle harte veral moes rein wees as hulle die Here gaan ontmoet.

Die dae *het stil* en met feesviering verbygegaan. Om die heilige berg was 'n heining gespan sodat niemand aan die berg sou raak nie. Want wie aan daardie berg raak, sou sterwe.

Eindelik was alles in orde. In die laagte het die donkerte van die nag nog nie heeltemal verdwyn nie. Die hemel het begin rooi word, en suiwer goud het gestraal van die berge.

Maar om die bopunt van die berg Sinai het 'n wolk gehang, so donker en swaar soos die Israeliete nog nooit tevore gesien het nie. En uit die wolk het bliksemstrale geskiet en die *donder het* verskriklik weergalm tussen die berge.

"Is almal nou gereed?"

In hulle feesklere het hulle gestaan en hulle het inmekaar gekrimp van ontsag en eerbied. Bo die gedreun van die donder het nou die harde geluid van 'n basuin geklink. Die Here het neergedaal op die wolk en Hy het nou gewag vir Sy volk.

Moses het vooraan die menigte bewende mense geloop. Langsaam het hulle nader gekom, duisende en duisende, in die flou môrelig, tot by die voet van die berg. Die berg het gerook soos 'n oond. Sinai het gebrand. Daar staan hulle nou. Hoe kon hulle ooit durf om teen die

Here te murmureer? Nou het hulle Sy almag gesien en hulle het net een groot gedagte van vreugde gehad: Wou dié God hulle God, hulle vriend wees? Sulke geluk was byna te groot 155



vir hulle.

Dit het stil geword, eerbiedig stil. Die berge het roerloos in die eerste môrelig gelê. Die wind het sy asem ingehou. Die hele skepping het gewag. Die aarde het gebewe.

Hoor, daar was die heilige stem van die Here, sterker as die donder en tog liefliker as die stem van die nagtegaal, 'n stem soos die gelui van goue klokke:

"Ek is die Here jou God, wat jou uit Egipteland uit die slawehuis, uitgelei het ...”

Die Israeliete het hulle hoofde gebuig. Hulle het hul hande voor hulle gesigte gehou. Hulle het 'n gevoel gehad dat hulle moes sterwe *noudat* hulle, sondige mense, die stem van die Here gehoor het.

Maar hulle het geluister. In hulle eie taal en duidelik verstaanbaar het die stem van die Here tien wette, tien gebooie, aangekondig:

1. Jy mag geen ander gode aanbid nie.

2. Jy mag geen afgodsbeelde maak nie.

3. Jy mag die Naam van die Here nie misbruik nie.

4. Dink aan die Sabbatdag sodat jy dit jou rusdag maak. In ses dae moet jy al jou werk doen, maar die sewende dag is heilig. Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak en Hy het op die sewende dag gerus.

5. Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy gelukkig lewe.

6. Jy mag nie doodslaan nie.

7. Jy mag nie egbreek nie.

8. Jy mag nie steel nie.

9. Jy mag nie lieg of kwaad praat nie.

10. Jy mag nie begeer wat aan jou naaste behoort nie.

SO het Israel dan nou geweet hoe om te lewe as hulle die volk van die Here wou wees. Hulle moes die Here meer as almal en alles liefhê, en

'n Beeld van die Afgod Amon uit

die ander mense, hulle naaste, moet hulle liefhê

ongeveer

die

tyd

van

Moses,

net soos hulself.

Afgodsbeelde was toe volop. Geen

wonder dus dat God in die Tien

TOE het dit weer stil geword. Die stem van die

Gebooie beveel het: "Jy mag vir jou

Here het niks meer gesê nie. Maar die

geen gesnede beeld .... *maak* .... *en jy*

swaarweer het weer losgebreek en die weerlig

mag jou voor hulle nie neerbuig .... *nie"*

het weer geblits. En nou het die mense terug-

(Ex. 20: 4, 5).

gedeins. Hulle het gevlug voor die grootheid en die heiligheid van die Here. Hulle het nooit geweet dat hulle so swak en sondig was nie. Moses moes nou maar verder alleen met die Here spreek en dan vir hulle vertel wat Hy gesê het. Hulle het nie gedurf om meer te luister nie.

So het dit gebeur. Die volk het ver weg gestaan. Moses het na die Here gegaan. Hy was die middelaar tussen die Here en die volk. En hy het die Tien Gebooie en al die ander wette wat die Here hom gegee het, geskryf in 'n boek, die boek van die verbond, sodat die volk dit nooit sou vergeet nie.

AAN die voet van die berg het Moses 'n altaar gebou, 'n altaar van twaalf klippe, vir die twaalf stamme van Israel.

Hy het ook 'n offer geslag. Die helfte van die bloed het hy gegooi op die altaar vir die Here.

Die ander helfte het hy gesprinkel op die mense. Dit was 'n teken dat die Here en die volk bymekaar behoort het.

Dit was die teken dat hulle die eie volk van die Here geword het.

NIE lank daarna nie moes Moses nog 'n slag op die berg klim om met die Here te spreek.

Josua het saamgegaan om halfpad vir Moses te wag. Die volk het hulle gesien gaan, die ou man en die jong man. Hulle het gesien hoe die twee hoog teen die berghelling op verdwyn het.

En in die aand het almal weer gestaan en uitkyk om hulle te sien terugkom. Maar die berg het van onder af al donkerder geword, en toe Sinai in die grysagtige nag al een geweldige groot skaduwee was, was Moses en Josua nog nie terug nie.

En ook die volgende dae het die mense tevergeefs gewag. Een week, twee weke het langsaam verbygegaan. Die berg het stil gelê en blink

onder die donker wolk.

Toe het die mense ongerus geword. Het Moses nie te veel gewaag nie? Het hy miskien 'n ongeluk gekry? Die berghelling was so steil en die klowe so diep. Miskien lê hulle twee, Moses en Josua, êrens in 'n afgrond dood ....

Moes hulle gaan soek? Niemand het dit gedurf nie. Wie sou dit waag om te loop op die heilige berg waarop die wolk van die Here gehang het?

En langsamerhand het hulle begin seker word: Moses was dood. Hulle het geen leier meer nie. Wat moes hulle nou sonder hom maak? Wie sou hulle na Kanaän bring? Wie sou vir hulle regspreek en raad gee en bid?

Elke dag het hulle dieselfde vrae gevra. Hulle het geen werk gehad om te doen nie. Hulle het gewag, en gewag en onder mekaar gesels, dag na dag. Hulle het boontoe gekyk en gekyk maar geen hoop gehad nie. Die lug was altyd blou en die pad teen die berg uit het daar eensaam gelê in die son. Die berg het sy geheim bewaar en uit die wolk van die Here het daar geen antwoord gekom nie. Die mense het bedruk gevoel by die eentonige verbygaan van die dae.

DIT was in die tyd van die pars van die druiwe. In die lande rondom die woestyn is vrolike oesfeeste gevier. Verlede jaar kon hulle dit in Egipte ook nog geniet. Met verlange het hulle daaraan teruggedink. Kon hulle nie hier in die woestyn ook 'n bietjie feesvier nie? Daar moet tog iets gebeur, want hulle kon dit nie meer uithou om so niks te doen nie.

Aaron was nou die leier. Hy sou dit vir seker goedkeur; hy het so 'n goeie hart gehad, baie anders as die strenge Moses, wat nou so lank al verdwyn het.

Dit moes 'n godsdienstige fees wees. Aaron sou tog seker 'n fees tot eer van die Here toelaat.

Ander volke het 'n beeld gehad waar óm hulle gedans het en aan wie hulle offers gebring het. Maar wat het *hulle,* die Israeliete? Die

Here? .... Waar *was* Hy? ..... In die hemel? .... In die donker wolk daarbo? .... Hulle het niks meer van die Here opgemerk nie. Dit was nou al weer so lank gelede vandat Hy met hulle gepraat het, al langer as vyf weke. Hulle het so gou vergeet. Die manna het maar so vanself elke dag van die hemel gereën. Hulle geloof was 'n swak vlammetjie wat elke slag moes aangeblaas word. Nou het die vlammetjie uitgegaan.

Die heidene het dit makliker gehad as hulle. Hulle kon hulle god sien, elke dag. Hulle kon voor hom kniel, hom saamneem op reis en altyd seker weet waar hy is. Dit sal tog baie maklik wees as dit by Israel ook so kan wees.

So het hulle gedink en gepraat, so dom en so goddeloos. Hulle kon nie loskom van sulke gedagtes nie. Om wilde plesier te geniet en fees te vier, het in hulle bloed gesit. Wie het die eerste na vore gekom met hierdie slegte plan? Hulle het 'n optog gemaak na Aäron. Hy het elke dag onrustiger geword as hy deur die kamp loop. Hy was bekommerd oor sy broer en bang om so lank alleen te wees met die volk.

"Maak vir ons 'n god," het hulle gesê, "'n beeld wat ons kan sien en wat ons voor ons kan dra op ons reis na Kanaän."

Aaron het bleek geword. Hy het die mense aangekyk en nagedink. Hulle het hom heeltemal omring. Arms het geswaai, stemme het hees geskreeu, duisende oë het smekend en dreigend gekyk . . . . en begeerlik geflikker.

"Jy mag nie afgodsbeelde maak nie," het die Here gesê.

Op dieselfde plek het hierdie woorde hard geklink soos die dreuning van swaarweer en die woorde het nog gesweef tussen die berge en

kranse. Aaron behoort nee te gesê het.

Maar hierdie volk was 'n gevaarlike volk. Hulle vonkelende oë het Aaron gedwing. Hy was so swak, so bang en *sy* geloof was so klein.

Hy het boontoe gekyk. Op die berg was dit stil. Niks het beweeg op die slingerpad na bo nie.

Die wolk was hoog en ver weg. Dit was tog nie onmoontlik om daar te verongeluk nie?

Ag, as Moses tog maar nou wou kom.' Aaron kon dit nie waag om nee te sê nie. En hy mag ook nie toegee nie, want hy het geweet hoe vreeslik hierdie sonde is. Wat dan?

Hy sou slim wees. Net 'n skelm plan kon hom red, het hy gedink.

En toe het hy geknik. "Goed," sê hy, "maar die beeld moet van goud gemaak word. Gee my al julle oorringe daarvoor!" En hy het gedink: "Dit sal hulle nooit wil doen nie!"

Maar hulle was al besig om die goue goed af te haal. Hulle het gou handevol gehad. Hulle het dit vir hom aangedra na die smeltoond en hom gedwing om saam te gaan. Hulle was 'n vrolike klomp mense, wat Aaron nie in toom kon hou nie. Hy was daarvoor te swak en te lafhartig.

Die houtsnyers het hulle messe geslyp en die beeld van 'n kalf uit 'n groot blok hout gesny.

Dit het hulle toe oorgetrek met 'n dun lagie goud, gemaak van die oorringe wat hulle in die oond gesmelt het.

In Egipte was 'n bees 'n heilige dier. Die kalf moes Israel nou laat dink aan die sterke God wat hulle gered het.

Die volk het gespring en gejubel. "Dit is ons god wat ons uit Egipteland verlos het," het hulle geskreeu.

Het Aaron gehoor hoe verskriklik dit was? Aaron het net aan homself gedink?

En môre ....

Ja, môre!

Miskien kom Moses môre nog!

158



NABY die Here, in die heilige stilte daarbo op die berg, daar was Moses. Daar was hy al veertig dae en veertig nagte en hy het die stem van die Here gehoor. Hy het met Moses gepraat en gesê hoe Israel moet lewe as hulle eenmaal in hulle eie land gekom het. Hoe die mense offers moes bring, hoe hulle hul huise moes bou, hoe hulle

hul kinders moes opvoed en nog baie meer. Ook hoe hulle in liefde en vrede kon saamwoon.

Moses het alles wat die Here gesê het, opgeskrywe, honderde wette en reëls. Hy het bly en seker in sy hart geword dat sy volk gelukkig sou wees.

Want ander volke se wette is deur hulle konings gemaak en was swak en gebrekkig. Maar Israel het wyse en goeie wette van die Here gekry.

MAAR op die veertigste dag hoor Moses hoe die Here se stem hard en ontevrede, maar ook bedroef, word.

"Gaan nou af," het die stem gesê, "want jou

volk het groot sonde gedoen. Hulle het nou al

reeds My gebooie vergeet en My verbond

gebreek. Hulle kan nie meer My volk wees

nie." Hoe droewig het dit geklink! Hoe

vreeslik! Moses het geskrik en was verbaas,

en hy kon maar net een ding doen. Hy het op

sy knieë geval en gesmeek dat die Here Hom

moet ontferm oor sy volk.

TOE het hy afgegaan, baie ontsteld en verleë,

en heeltemal in die war.

Josua wat trou vir hom gewag het, en hom

sien kom het, het saam met hom na onder

geloop. Maar die verdrietige oë van Moses

het hom onrustig gemaak. En wat vir 'n

geraas was dit wat daar van onder, van die

leërplek, opkom? 'n Gejoel en 'n gesingery, so

wild en buitengewoon? .... Sou daar vyande

Op die agtergrond is - volgens sommige –

gekom het? Het die Amalekiete of 'n ander

die berg Sinai waar Moses die Tien Gebooie

volk dit gewaag om hulle weer aan te val, en

van God ontvang het.

hy, Josua, hulle generaal, was nie op sy pos

nie? ....

Maar Moses het bedruk gesê: "Dit is nie 'n geskreeu van 'n oorwinning of 'n neerlaag nie. Dis feessange wat ek hoor."

Feessange! .... Dit het weerklink tussen die berge, harder en wilder, hoe nader die twee manne by die kamp kom. Moses het met lang treë geloop tot by 'n draai van die pad. Toe staan hy stil. Hy sien die kamp. Hy sien die tente in die warm son en dit krioel van 'n menigte mense. Tussen hulle in skitter iets met 'n verblindende glans, die goue beeld, wat omring is deur mense wat kniel of dans. En 'n offer se rook het opgegaan.

Moses het duiselig geword. O, daardie volk, die koppige volk! Hulle het hom al baie beledig en dit het hy verdra. Maar dit was te veel vir

hom dat hulle die Here, wat hulle so liefgehad het en hulle die gelukkigste volk op aarde wou maak, so vreeslik beledig.

Moses, die sagmoedige, die geduldige .... nou was hy baie kwaad en verontwaardig! Wat het hy in sy hand? Twee plat leiklippe waarop die Here self die heilige Tien Gebooie geskryf het.

Wat kon hulle nou help, as die volk tog nie wou gehoorsaam wees nie? Moses het hulle somaar daar en dan fyn en flenters op die rotse gegooi.

Toe gaan hy verder af na die kamp toe.

Nou het die volk weer hulle leier gekry.



Daar kom Moses aan!

Hy het regop geloop deur die menigte mense wat tot op daardie oomblik hulle nie geskaam het om so te dans nie. Nou het hulle opgehou met dans en sing. Baie het verskrik uitgeroep en hulle hande opgesteek.

Opgrawings by Jerigo. "Toe skreeu die volk, en hulle het op die horings geblaas ; en toe die volk die geluid van die horing

hoor, het die volk 'n groot krygsgeskreeu aangehef ; en die muur het op sy plek ingeval, en die volk het in die stad geklim

elkeen reg voor hom uit, en hulle het die stad ingeneem” (Jos.

6: 20).

160

Moses het na die goue kalf geloop en dit omgeskop. Die mense het hulle koppe laat sak, hulle hande slap laat hang. Niemand het dit gewaag om hom te verset nie. Dit het stil geword, benoud stil.

"Aaron!” roep Moses.

En Aaron het gekom. Hy was bleek en hy het gebewe toe hy daar voor Moses staan.

"Aaron, wat het die volk met jou aangevang dat jy so 'n groot sonde oor hulle laat kom het?”

Die kwaai woorde het gebrand in Aaron se hart. Aaron was so bang! Hy het 'n bietjie gehakkel. Hy het hom probeer verdedig. Maar hy *kon* hom nie verdedig nie.

Verleë het hy na die mense gewys.

"Ja," het hy bewend gesê, "jy weet hoe sleg hierdie mense is — hulle wou 'n god hê wat hulle kon sien. Hulle het gedink jy sou nie weer terugkom nie. En toe .... toe sê ek: Gee my dan julle goud. Ja, en toe het hulle dit gedoen. En ek het dit in die vuur gegooi — en toe ....

ja, toe het hierdie kalf daaruit gekom . . . . "

Die lafaard! Moses het reeds nie meer na hom geluister nie. Hy het gewapende manne sien staan agter Aaron. Die hele stam van Levi het daar bedroef staan en toekyk. Maar hulle kon Moses reg in die oë kyk. Hulle het nie gekniel voor die beeld nie.

"Laat almal wat aan die Here *behoort* na my toe kom!" roep Moses uit.

Toe kom *hulle,* die manne van Levi. Niemand meer nie. Op Moses se bevel het hulle deur die leër gegaan om die volk te straf. Hulle het drieduisend goddelose mense doodgemaak.

En die kalf is stukkend gekap en fyngemaal, en die stof is op die riviertjie gestrooi. Toe het die mense na Moses gekom en gekla.

"Drink," het hy kwaai vir hulle gesê. "Drink nou julle god op, voor wie julle gekniel het!"

Geheel en al verslae het hulle dit gedoen.

Hulle het gevoel dat hy spot met hulle, en hulle

het gesê hy is reg. Nou het hulle geweet hoe

dwaas en sleg hulle gewees het.

Toe het die nag gekom. Dit het stil geword.

Die fees was verby.

En in hulle slaap het hulle weer alles vergeet.

MAAR Moses het nie geslaap nie. In sy tent het hy gesit, en dan weer rondgeloop, en hy het gebid om wysheid. Hoe sou dit nou met hierdie volk gaan?

Moes hulle *sonder* die Here verder trek, 'n volk soos elke ander volk, 'n klomp mense wat swerf en gaan om 'n land te verower.

Dit nooit nie!

Maar wat dan?

Hoe kon die toorn van die Here weggeneem word?

Wie moes die skuld vir hierdie volk dra?

DIE anderdagoggend het die Israeliete voor hulle leier gestaan. Hulle was bedruk en hul koppe het gehang.

"Julle is dit nie meer werd om die volk van die Here te wees nie," het hy gesê. "Maar ek sal vir julle na die Here gaan. Miskien wil Hy julle jul sonde vergewe."

Langsaam het hy die berg weer uitgeklim, onderwyl hy diep nadink.

Dit het swaar gegaan op daardie steil pad.

So bly soos hy die vorige keer gegaan het, so bedroef was hy nou, so besorg, so beswaar deur die skuld van sy volk.

O, daardie volk! Moses het hulle tog so liefgehad!

Want toe hy kniel voor die Here, daardie groot onselfsugtige Moses, die grootste profeet wat ooit geleef het, toe het hy gebid:

"Here, *ek* wil die volk se straf dra. Nou dan, as U hulle tog maar hulle sonde wou vergewe!

En so nie, delg my dan maar uit U boek uit .... "

Maar dit mag nie, en dit kon ook nie gebeur nie! Dit sou gedoen word deur Iemand anders, die enigste profeet wat nog groter was as Moses.

Jesus Christus, die Seun van God, het die skuld ook vir Israel gedra en daarvoor vir hulle gesterf aan die kruis.

TOE het alles weer reggekom. Toe Moses weer terugkom by die mense het hy 'n heerlike boodskap vir hulle gehad.

Hulle kon dit nie waag om na hom te kyk nie. Hy was so naby die Here gewees, nader as ooit tevore. Nou het sy gesig nog gestraal van die glans van die Here. Ja, dit het geskitter soos die son.

Maar hulle het sy woorde gehoor, en die woorde het weerklink van die liefde van die Here.

Die Here het sy volk vergewe. Hy het hulle tog nog liefgehad, meer as Moses hulle ooit kon liefhê.

Hulle sou tog Sy gebooie kry, op nuwe plat klippe geskryf, en die Here sou tog met hulle saamgaan na Kanaän.

Hulle was nog die Here se volk, maar hulle het geweet dat hulle dit nie verdien het nie. En hulle sou nooit die gebooie van die Here heeltemal kon gehoorsaam nie. Hulle het Sy liefde baie nodig gehad en ook Sy genade. Elke dag van hulle lewe.

39. Die Tabernakel

Exodus 25-31 en 35-40

AAR het 'n meisie gesit in die skaduwee van 'n tent. Sy het gesit en speel met 'n D gedraaide kettinkie wat sy van haar ma gekry het.

Sy het so mooi gehelp om elke môre die manna te soek en sy kon al heeltemal alleen 'n kruik vol water op haar kop van *die* riviertjie aandra huis toe. Sy was al mooi groot en fluks.

Daarom het sy die kettinkie gekry.

Sy het met haar asem daarop geblaas en dit toe blink gevrywe met haar rokkie. Sy het dit gedruk teen haar bors aan. Sy het so baie gehou van daardie kettinkie, nie net omdat dit van suiwer goud was nie, maar ook omdat dit 'n beloning was van haar moeder.

Toe kom daar 'n man by haar staan. Hy sê:

"Dis mos 'n mooi kettinkie daardie. Jy kan dit na Moses neem as jy wil."

"Na Moses" vra sy verwonderd . . . "Hoekom?"

"Hoekom?" sê die man, en hy lyk baie bly toe hy antwoord: "Daar word 'n tabernakel gebou,

'n huis vir die Here. En elkeen wat wil, mag daarvoor iets bring van wat hy het. Kyk hoe ander mense van hulle skatte bring."

Daar het 'n klomp mense verbygeloop. Hulle het goue en silwerornamente gedra, koperkanne, diervelle, en geweefde bekleding. Een het albei sy hande vol stukkies goud gehad. Hulle het tussen die rye tente verdwyn. Die man het ook weggeloop.

Die meisie het onrustig gekyk na haar skat . . . . Sy kon dit gee . . . . of, sy hoef nie! Mag sy dit liewer hou? Nou ja, dan hou sy dit.

Maar .... 'n huis vir die Here, 'n draagbare huis van balke en gordyne, asof Hy ook 'n mens was? .... 'n Draagbare tempel wat saam op reis kon geneem word?

Die dogter het opgekyk na die wolk; wat stil gehang het oor die berg Sinai. Daar het die Here gewoon, ver bokant die mense. Hy was so

goed. Hy het elke môre brood uit die hemel gegee. Hy het water uit die rots laat vloei. In al die gevare het Hy die volk bewaar. En wou Hy nog onder hulle kom woon soos 'n vader tussen sy kinders?

Die meisie het gelag van verwondering en geluk. Sy het meteens gevoel hoe lief sy die Here het. Sy het gehardloop deur die strate van die groot tentestad. Sy het deur die mense gedring. Die kettinkie het warm *gelê* in haar hand.

Daar staan Moses. Hy het 'n sluier oor sy gesig gebind, anders kon die mense hom nie aankyk nie. Maar selfs toe nog het die glans van die Here se heerlikheid flou deur die sluier geskyn.

En langs hom het Aaron en die oudstes van Israel gestaan. Voor hulle voete het die skatte van Israel wat hulle uit Egipte saamgebring het, opgehoop gelê. En nog altyd is nog meer aangedra. Eenmaal het hierdie mense só hulle goud gebring vir die afgodsbeeld. Het hul daaraan gedink? Was dit waarom hulle nou so hulle bes doen?

"Genoeg!" is daar uitgeroep.

Toe het die meisie bang geword dat sy haar kettinkie nie sou kon gee nie. Sy het dit uitgesteek na Moses toe en smekend gekyk.

"Neem dit asseblief ook!" het sy gevra. "Hierdie klein kettinkie! Dit is van louter goud. Laat my ook help met die maak van die Here se huis."

Toe het Moses sy groot hand uitgesteek en sy het eerbiedig haar skat daarin gelê en teruggeloop huis toe, onderwyl sy sing van vreugde.

Sy het die kettinkie waarvan sy so baie gehou het nie meer gehad nie. En tog was sy blyer 163

as wat sy ooit tevore was.

Was dit omdat sy nou ook iets vir die Here kon doen?

ONS lees nie van daardie meisie in die Bybel nie. Maar dit moet omtrent so gebeur het met baie toe die tabernakel gemaak is. Met sóveel liefde en ywer het die hele volk saamgewerk met die bou van die Here se huis.

DIE groot werk het lank geduur. Daar was twee knap manne, Besaleël en Aholiab, vir wie die Here wysheid en bekwaamheid gegee het om alles te doen volgens Sy voorskrifte.

Hulle is ook bygestaan deur ander knap werksmanne, en hulle het die werk met liefde verrig.

Duisende hande was elke dag druk besig. Vroue het dik gordyne geweef en mooi patrone daarop geborduur. Manne het akasiabome gekap, en balke daarvan gesaag. Ander het die hout met bladgoud oorgetrek .... Almal het hul bes gedoen. Want die werk was vir die Here.

En eindelik, 'n jaar nadat hulle Egipte verlaat het, was dit klaar. Toe, op die eerste dag van die nuwe jaar, is die balke in hulle silwervoetstukke geplaas en met goue tappe aan mekaar vasgemaak. En toe is gordyne aan die dwarsbalke gehang. Die mense het naby gestaan en kyk. Hulle het gesien hoe in hulle kamp 'n pragtige, kosbare tempeltjie opgerig is, met gordyne aan die buitekant ook.

Die meisie het ook daar naby gestaan. Sy het gelukkig gevoel omdat sy ook 'n klein bietjie kon help met daardie groot werk vir die Here.

Daar het ook een van die oudste manne in Israel gestaan wat vir die mense vertel het van die tabernakel, en alles uitgelê het. Hy was een van die sewentig wat vir Moses gehelp het met sy werk. Hy het alles goed geweet.

Die groot ruimte voor die tabernakel was omhein en is genoem die Voorhof.

Daar het gestaan 'n koperaltaar vir brandoffers, wat elke môre en aand moes gebring word.

Daardie offers is heeltemal verbrand, want hulle was geheel en al aan die Here gewy. Dit het beteken dat die mense volkome aan die Here behoort het en dat hulle hul lewe aan Hom moes wy.

In die Voorhof was ook 'n groot koper wasvat. Daarin moes die priesters hulle hande en voete was, sodat hulle skoon kon wees om die Here se werk te doen.

Maar wie was die priesters?

Hulle was die seuns van Aäron. En al die manne van die stam van Levi kon hulle help met hulle werk. Hulle, die Leviete, het die dienaars van die Here geword, omdat hulle nie gekniel het voor die goue kalf nie.

DIE tabernakel het twee dele of kamers gehad. Die grootste is genoem die *Heilige.*

Daar mag die Leviete nie gekom het nie, maar net die priesters.

Daar het 'n groot, pragtige goue kandelaar gestaan, met sewe lampe, wat die donker ruimte verlig het. Daar was ook 'n goue tafel waarop daar elke week vars brode geplaas moes word. Dit het beteken:

"Here, ons gee nou hierdie brode aan U omdat ons alles van U kry. Dis om U te laat sien hoe dankbaar ons is."

En agter in die *Heilige,* voor 'n pragtige gordyn, was daar 'n goue altaar vir reukoffers.

Daarop moes die priesters wierook brand. Net soos die aangename geur van die wierook oprys na die hemel, so sou die mense se gebede opgaan na die hemel.

DIE kosbare dik gordyn is genoem die *Voorhangsel.* Daaragter was nog 'n kamer, 'n *kleiner* kamer, die *Allerheiligste.* Daar het geen lamp gebrand nie. Daar was ook geen venster nie.

Dit was altyd donker daar.

Op daardie donker plek was daar 'n hout kis wat met goud oortrek was, die ark. En op die ark was 'n deksel, heeltemal van goud gemaak.

Bo-op daardie deksel was daar twee goue engele met wyd oop vlerke.

En net tussen die twee engele was die heiligste plek van die hele tabernakel, en dit was genoem die *Allerheiligste.* Binnekort sou die wolk van die Here uit die hemel daar af kom.

Daar in die donkerte van die Allerheiligste wou die Here woon, soos 'n vader tussen Sy volk.

Wie kon dit waag om die Allerheiligste binne te gaan?

Net een man, Aäron, die hoëpriester, kon dit doen, maar net een maal in 'n hele jaar.

Die dag wanneer hy daarin gegaan het, word genoem die Groot Versoendag. Dan is daar twee bokke na die Voorhoof gebring. Die een bok is geslag en geoffer vir die sonde van die hele volk. Sy bloed is opgevang in 'n bak en daarmee kon Aäron dit waag om in die Allerheiligste te gaan.

Hy het dit gesprinkel op die deksel van die ark en daar voor. Dan is die sondeskuld van die volk versoen. Die bok het die straf gedra wat die mense verdien het.

En wanneer die hoëpriester dan weer terugkom, het hy altwee sy hande gelê op die kop van die ander bok en gesê: "Op jou lê ek al die sonde van Israel."

Daardie bok is dan weggeja, ver weg in die woestyn, en dit het nooit weer teruggekom nie.

Dit is genoem die *sondebok.*

So moes al die sonde van die volk weggeneem word.

So moes hulle almal op een dag 'n rein volk word.

MAAR dit kon tog nie so wees nie!

'n Bok kan tog nie die skuld van 'n volk dra nie! Moses kon dit mos ook nie gedoen het nie!

En die ander bok kon tog ook nie die sonde van die mense wegdra in die woestyn nie! Nee, dis waar, maar dit het 'n sekere betekenis gehad.

Dit het beteken: Israel, Israel, vergeet tog nooit dat julle 'n Verlosser nodig het.

Vergeet tog nooit dat die Messias, die Verlosser, die ware Hoëpriester, wat *werklik* die straf vir julle sondes sal dra, eenmaal sal kom nie.

Hy sal ook julle harte waarlik rein maak.

Dan sal die Here altyd by die mense woon en daar sal geen tabernakel meer nodig wees nie.

Dan sal Hy baie naby elkeen van hulle woon: *in hulle hart!*

TOE die tabernakel klaar was en al die gereedskap op die regte plekke, toe het Moses ook die eerste offer gebring.

En toe die rook na die hemel opgaan en die mense binnekant en buitekant die Voorhof kniel, toe het die wolk van die Here langsaam afgekom van Sinai, laag oor die mense wat daar kniel, en dit het gerus bo-op die tabernakel, bokant die ark.

Van alles was dit die heerlikste, byna te heerlik vir hierdie aarde.

Die mense het van vreugde geween en die Here aanbid.

Vader van Israel!

Koning van die volk!

DAARDIE aand het die meisie Aäron gesien loop deur die kamp. Hy het die kleed van die hoëpriester gedra en dit was so blou soos die hemel. Aan die soom daarvan het goue 165

klokkies geklingel. Op sy voorhoof het 'n goue plaat geskitter. Daarop was geskrywe: *Die heiligheid van die Here.*

En op sy bors het daar 'n mooi lap gehang met twaalf juwele, almal verskillend, en op elkeen was die naam van 'n stam van Israel. So het hy die volk gedra op sy hart in die huis van die Here.

"So dra hy ook vir my," het die meisie gedink.

En sy het baie gelukkig gevoel omdat sy ook kon saamwerk aan die groot werk vir die Here.

166

40. Ongeloof

Númeri 9-14

IE woestyn. 'n Bergagtige wêreld.

D Die rotse en sand daarvan het soos 'n groot oond gebrand.

Op en af, op en af, het 'n pad daardeur gegaan wat byna onbegaanbaar was.

En op daardie pad het 'n lang wit streep stadig vorentoe gekruip, na die Noorde toe.

Dit was die Israeliete wat so geloop het.

Die rus by die berg Sinai was verby. Daar het die mense dit lekker gehad. Hulle was daar meer as 'n jaar gewees. Hulle het daar heeltemal tuis begin voel.

Maar nou moes hulle weer verder gaan. Die son het weer gesteek en die sand het gebrand, en die wind het hulle gesigte verskroei. Die woestyn het hulle weer opgeneem en die laaste deel van die reis was moeiliker as die eerste, waar dit gegaan het oor smal, gevaarlike paaie en steil bergpasse.

Maar die wolk van die Here het rustig altyd verder getrek en vir hulle toegeroep: "Kom, die beloofde land wag!"

Die beloofde land! Dit het hulle voete somaar lig gemaak. Dit het die hitte draaglik gemaak.

Die beloofde land! Dit het hulle laat dink aan 'n tent in die koel skaduwee van hoë bome aan die kant van 'n waterstroompie . . . . aan golwende koringlande, blomme, troppe kleinvee wat wei op groen heuwels . . . . Al was dit nog ver weg het dit tog vir hulle gewag.

En hulle het gekyk na die ark, wat vooraan gedra is deur die Leviete, en wat bedek was met gordyne. En hulle het gekyk na die wolk, dankbaar en gerus.

Die Here self het vir hulle voorgegaan.

Hy het die pad geken.

MAAR die reis het soveel langer geduur as wat hulle verwag het, en dit was so verskriklik moeilik. Hulle voete het seer geword van al die loop, hulle oë het gebrand van al die kyk in die skerp sonlig, en hulle gees, ja, hulle gees het al moeg geword van te hoop. Die son het gebrand tot in hulle hart. En hulle moed het verdor soos 'n jong plantjie op 'n droë land.

Toe het hulle nie meer vorentoe gekyk nie. Hulle het krom en moedeloos aangestap. Dit was nie meer 'n plesier om te reis nie. Die drinkwater was lou. Die kos het nie meer lekker gesmaak nie. Die toekoms? Wie het daaraan gedink? Hulle het nie meer krag daarvoor gehad nie. Dit was *nou* verskriklik, maar lank gelede het dit tog goed gegaan.

Hulle het teruggekyk. Ver, ver weg was die berg Sinai. Daar was dit lekker. En nog verder, baie verder weg nog — wat was daar? Daar was Egipte. Het dit daar ook so gegaan?

Dis waar, hulle moes daar hard werk. Maar wat van nou? Was hierdie loop deur die kaal en warm woestyn nie net so erg soos slawewerk nie? In Egipte was daar volop vis uit die Nyl, en daar was komkommers en uie en waatlemoene, sappig en koel.

Die gedagte daaraan het hulle laat watertand. Ja, in Egipte het hulle dit goed gehad.

Die beloofde land?

Die beloofde land was so ver weg . . . . 'n droom, maar net 'n mooi droom.

Sou hulle ooit daar kom?

SAAM met die Israeliete het mense gereis wat nie van hulle volk was nie. Hulle was swerwers uit ander volke, wat saamgevlug het uit Egipte om 'n bietjie avontuur te gaan soek.

Dis hulle wat die eerste begin kla het.

167

"Daardie manna," het hulle gesê, "daardie soet brood verveel ons gruwelik. Hoekom het ons nie maar in Egipte gebly nie?"

En die Israeliete het saamgepraat.

"Vleis," het hulle gekla, "dis vleis wat ons moet hê op so 'n swaar reis. Ag! Daardie manna, daardie soet brood!"

Moses het in die aand deur die kamp geloop en die mense so gehoor praat. In al die tente was daar 'n gejammer en 'n gekerm soos van stout kinders.

Hy het gesug. Hy was wanhopig. Het dit al weer so ver gekom? Het hulle só gepraat van die beste gawes van die Here? Ag, hierdie volk het swaar op Moses se hart gedruk. Hy het hulle so liefgehad, en hy kon dit nie meer uithou nie.

Alles kon nou so lekker gegaan het. Hulle kon opgetrek het soos 'n volk van dapper helde.

Maar hulle gedurige murmurering het Moses uitgeput.

In die tabernakel het hy op sy knieë geval, moedeloos en gebreek deur al die verdriet. Daar het hy gesnik in sy benoudheid en die Here alles vertel. Hy wou liewer sterwe en by Hom wees, waar hy geen bekommernis meer sou hê nie.

Maar dit mag nie gebeur nie. Sy werk was nog nie klaar nie. Die Here het hom getroos, beter as wat 'n moeder kan doen. Hy sou goeie en verstandige ou manne gee om Moses te help. En vir die volk moes hy gaan sê:

"Wag tot môre. Dan sal julle baie vleis kry, nie net een dag of twee nie, maar 'n hele maand lank, totdat julle moeg is daarvan!"

Moses het so gesê, maar hy het dit self amper nie geglo nie. Hoe kon dit hier in die woestyn gebeur?

Diep in sy hart het hy hom 'n bietjie bekommer. Die Here se boodskap aan die volk was so vreemd en dreigend!

O, sou die vleis 'n seën wees of 'n straf?

DIE anderdag is daar dik, swart wolke op die gesigseinder gesien. Hulle het al nader gekom en daar was 'n geruis in die lug soos van 'n storm wat aankom. Die mense het angstig weggekruip in hul tente. Maar skielik het hulle weer na buite gehardloop.

"Voëls! . . . . Voëls! . . . . Kwartels!" het hulle vir mekaar geskreeu. Hulle het die kwartels van die vorige jaar nog onthou. Maar nou was daar baie meer. Hulle het teen die tente vasgevlieg en hulpeloos neergeval duisende en tienduisende het op die grond gelê. Die mense het gejuig van vreugde en hulle begerig bymekaargemaak. Hulle het vure gemaak en die kwartels geslag en gebraai en vinnig en gulsig geëet.

En in die nag het hulle gelê en kreun in hul tente. Dit was al so lank dat hulle geen vleis geëet het nie. Hulle mae was nie meer gewoond aan swaar, vetterige kos nie. Baie het gesterwe en is begrawe in die woestyn. Hulle het die plek daar genoem Kibrot-Hattaawa wat beteken "Lusgraftes".

Daar het die seën 'n vloek geword.

Hulle het baie gedroogde kwartels saamgeneem toe hulle verder getrek het.

DIT het weer al verder en verder gegaan. Maar moeilikhede en bekommernisse het ook saamgegaan. Vir Moses het daar 'n nuwe teleurstelling gewag. Nou was dit Mirjam, sy eie suster, wat sy lewe moeilik gemaak het. En Aäron, wat hom so gou kon laat oorhaal, het saam met haar gestem.

Vroeër, baie lank tevore in Egipte, was dit Mirjam wat so trou vir Moses gesorg het toe die farao hom wou laat verdrink. Nou, tagtig jaar later, wou sy nog soos 'n moeder oor hom baasspeel. In haar hart was sy jaloers op Moses. Hy was mos die klein ventjie wat sy

opgepas het toe hy in die biesiemandjie gelê het. Toe kon hy niks anders doen nie as net om te huil en te skop met sy voetjies. Sy was toe al 'n jong meisie. En nou was hy leier van sy volk, belangriker as sy, en ook haar leier, meer as 'n jaar lank.

Belangriker ook as Aäron, wat ouer was as hy. Sy was tog ook 'n profetes! Die Here het met haar ook gepraat, verlede jaar nog, by die Skelfsee. Daar het sy 'n mooi lied gesing, wat die Here haar geleer het! So het sy agteraf, stilletjies, met Aäron gepraat. En toe het hulle twee saam na Moses gegaan en hom dit vertel.

Moses het nie kwaad geword nie. Hy was die sagmoedigste, die geduldigste man in die hele kamp. Hy was nie hoogmoedig en baasspelerig nie, en nou praat hulle so teen hom! Hy kon dit verdra. Hoe graag sou hy nie sy swaar werk vir Mirjam gegee het om te doen nie! Dan sou sy insien hoe moeilik dit was!

Moses het nie geantwoord nie. Maar die Here het vir hom geantwoord. Hy het Mirjam en Aäron bestraf. Moses was die Here se getroue vriend. Die Here het hom self geroep vir die swaar werk. Hoe durf hulle twee dan teen hom opstaan? Mirjam het groot geskrik. Stil en skaam het sy weggeloop. Maar toe sien sy die mense gee pad en wys met afsku na haar.

"Melaats, melaats!" roep hulle uit. Mirjam was so wit soos sneeu, oortrek met swere. Dit het Moses meer bedroef gemaak as haar jaloersheid. Hy het sy hande saamgewring.

"Here, genees haar tog asseblief!" het hy gebid.

En die Here wat genadig is en geweet het hoe spyt Mirjam was, het die gebed verhoor.

Mirjam moes darem eers sewe dae eensaam gaan woon op 'n plekkie buitekant die kamp, en toe kon sy heeltemal gesond terugkom. Die Israeliete het vir haar gewag.

Mirjam het by hulle behoort. Hulle was niks beter as sy nie.

HULLE was nou al baie naby Kanaän. En eindelik, uiteindelik, 'n maand nadat hulle weg is van Sinai het dié wat voorgeloop het, begin skreeu van vreugde. Hulle het hulle koppe opgelig, hulle nekke gerek en met hulle hande vorentoe gewys. Hulle het van vreugde gebewe.

Wat was daar? Nog dieselde kaal, wilde bergwêreld van elke dag .... maar hulle het geweet dat agter die berge die beloofde land was.

En kyk, die wolk het langsaam, altyd langsamer gegaan, en toe stilgestaan. Hulle het kamp opgeslaan. Maar niemand het in sy tent gegaan nie. Hulle het buite gestaan en vorentoe gekyk. Bokant hulle het 'n enkele roofvoël oor die berge gesweef, en dié kon die beloofde land alreeds sien. So naby was hulle al. Sou dit net so goed en mooi wees soos Moses gesê het?

Dit was net woelig daar in die kamp. Die mense was opgewonde en bly .... maar ook 'n bietjie beangs! Ja, ook beangs soos 'n klein arendjie voel as hy moet leer vlieg, en nie daaraan dink dat sy moeder hom sal help en beskerm nie.

"Ons moet eers verspieders stuur om te gaan kyk hoe daardie wêreld lyk," het die mense vir Moses gesê. "Ons moet versigtig wees. Wie weet hoe gevaarlik dit daar is! Dan kan gesien word of die wêreld vrugbaar is en waar die swakste plek is om aan te val!"

Hulle was al weer ongelowig. Twyfel het hulle bang gemaak. Moses het geweet wat hulle dink. Hy het toegestem, en die Here het dit goedgekeur. Hulle sou gou weet dat die Here nie

'n leuenaar is nie.

Die anderdag het twaalf manne oor die berge gegaan, een uit elke stam. Josua was een van hulle. Die volk het agtergebly. Hoe langer hulle gewag het, hoe meer het hulle getwyfel.

Hulle het darem nog van die kwartels gehad om te eet.

DAG vir dag het hulle ongeduldig staan en uitkyk. En eindelik, na veertien dae, het hulle in die verte iets gesien roer. Dit was die verspieders wat terugkom.

Ja, hulle het teruggekom, en hulle was belaai met vrugte: vye en granate. Twee het met 'n stok geloop waaraan 'n tros druiwe gehang het, so mooi en groot soos hulle nooit in Egipte gesien het nie.

Die mense het die twaalf manne met gejuig tegemoet geloop en om hulle gedrom en hulle baie uitgevra. Toe het almal in optog na Moses geloop. Hulle het stil geword, maar tog nog opgewonde gevoel. Hulle harte het geklop van vrees, maar ook van hoop. En toe het die verspieders vertel:

"Ons het die hele land deurgegaan," het hulle gesê, "tot ver in die noorde. En waarlikwaar, dis 'n land van gras en blomme, van melk en heuning, 'n pragtige land!"

Moses het geglimlag en baie tevrede geknik. "Sien julle nou!" En die menigte het saggies gejuig.

Maar daar het gou 'n verandering gekom. Van die twaalf manne was daar net twee wat *op* die Here vertrou het; hulle name was Josua en Kaleb. Die ander tien was maar net soos die volk: hulle het getwyfel en was kleingelowig.

"Hier is die vrugte van Kanaän," het hulle bitter gesê. "Maar weet julle, niemand van julle sal dit daar gaan pluk nie! Ons sal nie die

land kan binnegaan nie. Daar is groot stede waarin sterk en wrede mense woon, vir wie ons nooit sal kan baasraak nie."

Toe was dit asof 'n wolk voor die son kom. Die mense se gesigte het donker geword en hulle gejubel het opgehou. Hulle het verskrik gelyk.

Maar Kaleb het na vore gekom.

"Ons sal wen!" het hy uitgeroep. "Laat ons moedig vooruit trek. Die Here sal ons help."

Maar die tien het spottend gelag. "Moenie vir hulle glo nie," het hulle gesê. "Ons het reuse gesien, die kinders van Enak, en toe ons hulle sien, het *ons* gevoel so klein soos sprinkane.

Hoe sal ons die land van sulke reuse ooit kan verower?"

Dit het die deurslag gegee. Duisende lafhartiges en ongelowiges het gebrom en gevloek en geskreeu. Hulle het op hul bors geslaan en hulle hande saamgewring, en hulle tande van woede en spyt gekners.

"Ag, het ons tog maar in die woestyn gesterwe," het party gekerm, "dan sou ons dit nooit belewe nie."

En ander het gevra: "Hoekom het Moses ons na hierdie land gebring? Om ons te laat doodmaak? Om ons vroue en kinders gevange te laat neem? Nee, ons gaan daardie land nie inval nie. Ons gaan terug na Egipte."

"Ja, terug, terug!" het die menigte gegil. "Laat ons eers 'n leier kies, 'n ander leier. Die Here en Moses het ons bedrieg! . . . . Terug!"

Alles was in rep en roer en deurmekaar. Het hulle dan hiervoor die lang reis gemaak? Daar het nou 'n end aan alles gekom: aan hul vreugde, hul vrede en hul verbintenis met die Here.

Nou het hulle die land vervloek waarvan hulle maande lank so veel verwag het. Vier *manne het magteloos gestaan, twee oues en* twee jonges. Moses en Aäron het op hulle knieë geval. Wat kon hulle anders doen as bid wanneer die mense so goddeloos is?

Van droefheid oor so baie ongelowigheid het Josua en Kaleb hulle klere geskeur, maar tog het hulle die mense probeer keer.

"Hou tog op!" het hulle uitgeroep. "Moenie so bang wees nie! Die Here sal ons die land gee!

Ja, *gee*! Glo tog in Hom. Hy is sterker as al ons vyande. Net so maklik soos ons ons brood eet, sal ons hulle ook baasraak."

Maar niemand het geluister nie. Hulle woorde was so swak soos strooitjies op 'n sterk stroom. Die mense het uitgeroep. "Gooi hulle dood! Gooi hierdie verleiers dood met klippe!"

Toe was dit genoeg.

Die Here het self gekom in al Sy heerlikheid om Sy dienaars te beskerm.

'n Groot lig, so helder soos weerlig, het uit die wolk van die Here gestraal. Die mense het agteruit gestaan, met hulle hande voor hul oë. Dit het doodstil geword. Die wolk het swaar en donker bokant die tent gehang. Moses het vooroor gebuig na binne geloop. En almal het gevoel dat daar iets baie slegs met hulle sou gebeur.

HULLE het gewag tot Moses weer buitentoe kom. Niemand het nog ooit tevore gesien dat hy so bedroef lyk soos toe nie.

"Luister," het hy gesê, en daar was 'n snik in sy stem, "so sê die Here: Julle *wil* die land nie binnegaan nie. Julle *sal* dit ook nie binnegaan nie. Julle wil *terug!* Goed, julle *sal* teruggaan.

Julle het gewens dat julle liewer in die woestyn gesterf het. Nou ja, julle sal daar sterwe, en dit sal die straf wees vir julle ongeloof, almal van julle wat ouer as twintig jaar is, behalwe Josua en Kaleb, wat op die Here vertrou het. En julle kinders, vir wie julle jammer gevoel het, hulle sal die land binnegaan as 'n nuwe volk. Dit sal eers oor veertig jaar wees . . . . "

Toe die son ondergaan, het die mense gesit en huil van spyt in hulle tente. Die tien ongelowige verspieders was al dood en dit was die straf vir hulle sonde.

Die beloofde land was vir hulle altyd gesluit. Daar was maar een sleutel wat dit kon oopsluit

— die goue sleutel van die geloof. En dié sleutel het hulle nie gehad nie.

WAS dit nou vir altyd te laat?

Dit kon tog nie wees nie.

Die anderdagmôre het manne na Moses gekom. Hulle was vasberade, dapper kêrels met skerp swaarde.

"Ons weet nou dat ons sonde gedoen het," het hulle gesê. "Nou sal ons moedig die land intrek."

Maar Moses het sy grys kop geskud.

"Te laat!" het hy gesê.

Maar hulle wou nie na hom luister nie. Hulle wanhoop het hulle die berge ingedryf. Miskien sou daar nog een sleutel wees wat die land sou oopmaak, die sleutel van roekeloosheid.

Ag, net 'n paar het teruggekom en hulle was gewond. Die ander was in die beloofde land, maar *hulle* het daar dood gelê tussen die berge ....

DIE woestyn. 'n Bergagtige wêreld waarvan die sand en die rotse gebrand het soos 'n oond.

En oor die moeilike slingerpad het die Israeliete getrek agter die wolk van die Here aan, asof hulle op pad was na 'n begrafnis.

En was dit nie so nie? Het hulle nie gegaan na 'n begrafnis nie? Hulle het tog gegaan om hulself in die woestyn te begrawe. Hulle kinders het lusteloos saamgeloop.

"Vader, moeder, hoekom het ons omgedraai? Wanneer gaan ons dan na ons eie land?"

"Later, my kinders .... eendag sal julle daar kom."

"Maar hoekom dan nie *nou* al nie, Vader?"

Ag ja, hoekom?

"Omdat niemand met ongeloof in sy hart die beloofde land kan binnegaan nie."

41. Veertig jaar in die Woestyn

Númeri 16, 17, 20 en 21:1-10

OU het Israel deur die woestyn getrek. Hulle het gerus wanneer die wolk stilstaan, en N verder aangesukkel wanneer dit vorentoe gaan.

Waarheen? Dit het daar nie op aangekom nie. Hulle het soos skape rondgedwaal oor 'n droë wêreld, altyd onder die blou hemel. Waar hulle gegaan het, het hulle heuweltjies in die sand agtergelaat en waar hulle gekampeer het, is 'n kring heuweltjies gevorm. Dit was die begraafplekke van hulle familie. Daardie spoor sou hulle veertig jaar lank volg totdat hulle in Kanaän kom. Dan eers sou dit genoeg wees.

Dan sou 'n heerlike land van melk en heuning vir hulle oopstaan. Maar dit sou vir 'n nuwe volk wees, en nie vir hulle nie.

So het hulle rondgeswerwe, sonder hoop en sonder doel, mismoedig en stil. Die Here het voorgegaan. Die dood het agterna gekom. En dit was donker in hulle harte.

In daardie ontevrede, mismoedige harte het **die** sonde vinnig gegroei.

Korag was 'n Leviet, 'n neef van Moses en Aäron. Hy moes werk in die heilige tabernakel, naby die Here, maar in sy hart was hy verbitter en ontevrede. Die manna het hy geëet asof hy dit self uit die hemel laat val het. Hy het gehelp om die dele van die tabernakel te dra, maar hy het nie meer gedink aan die Here nie.

Korag was baie ongelukkig. Wat het hy nog verwag van die lewe? Nog 'n paar jaar swerwe en dan die dood. Dit was die toekoms vir hom. Maar Aäron, sy neef, hy sou die beloofde land binnegaan. Hy kry altyd die beste. Nou was hy die hoëpriester en Korag maar 'n gewone ou Levietjie. Die mense het voor Aäron gebuig as hy daar rondloop in sy pragtige hemelsbloue kleed met goue klokkies wat soet klingel. *Hy,* Korag met sy wit Levietekleed, het maar ongemerk tussen die mense geloop. In die Voorhof het hy die werk van 'n bediende gedoen. Hy moes die dienaar wees van Aäron en sy seuns. Hy kon geen offer bring nie.

Elke dag het Korag daaraan gedink. En elke dag het hy jaloerser geword. Hy kon dit nie meer uithou nie. Iets moes gebeur. Korag sou probeer om ook groot en geëerd te word soos Moses en Aäron. Waarom kon hy nie ook eenmaal hoëpriester wees, en Aäron sy kneg nie?

Was dit sonde om só te dink, Ag, wat het Korag omgegee? Sy lewe was tog klaar bederf.

Miskien kon hy nóg eer en mag bekom om hom 'n bietjie gelukkig te maak.

Saans het hy voor sy tent in die kamp gesit en gepraat met manne van sy eie stam.

"Daardie Moses en Aäron," het hy gesê, "hulle is somaar baasspelers en glad te hoogmoedig! Hulle het ons hier in die woestyn gebring om baas te speel oor ons. En ons, ons wat 'n heilige volk is, ons verdra dit maar alles! Ons hoef nie vir mense gehoorsaam te wees nie, dog net vir die Here, wat onder ons is. Hulle het geen reg om oor ons te heers nie."

So skynheilig en listig het Korag gepraat. En elke dag het hy so gepraat; sy woorde het geval soos vonke in die droë siele van die wanhopige swerwers. Hulle was blind genoeg om toe te laat dat die vuur van ontevredenheid skerp brand in hulle harte. En naby hulle was die laer van die stam van Ruben, van wie twee manne, Datan en Abiram, net so onverskillig en verbitter was soos hulle. Hulle het saamgepraat. Hulle was die vernaamstes uit die stam van Ruben, en Ruben was die oudste seun van Jakob. Dan moet hulle mos ook reg hê om oor die volk te regeer.

Nie lank daarna nie het die oproer losgebars.

Met Korag as hulle leier het 'n wilde klomp van tweehonderd-en-vyftig manne na Moses en Aäron gekom.

"Ons wil ook priesters wees!" het hulle geskreeu. "Ons is almal heilige manne!" *"Heilige* 172

manne" het hulle gesê.

Datan en Abiram het nie saamgekom nie. Hulle *wou* nie kom nie, tot Moses hulle laat roep het. "Ons is nie meer gehoorsaam aan Moses nie!" het hulle gesê. "Hy het al lank genoeg oor ons baasgespeel. Hy sou ons kastig bring na 'n land van melk en heuning en kyk waar's ons nou! Hy kon dit nie doen nie! Nou gaan ons self probeer!"

'n Woestyngebied in Suid-Palestina. Moontlik het Moses die Israeliete ook deur hierdie dorre streke gedurende die veertigjarige swerftog gelei.

Watter leuenaars en ondankbare mense was hulle nie! Was dit dan Moses se skuld dat die beloofde land vir hulle gesluit is? Hy was juis een van die onskuldiges wat moes ly vir die sonde van die volk. Was dit nou hulle dank vir al Moses se liefde en getrouheid?

Maar nog meer. Die Here het self vir Moses hulle leier gemaak, en Aäron die hoëpriester.

Het daardie dom mense nie daaraan gedink nie? Het hulle nie verstaan dat hulle teen die Here opstandig was nie?

Nou kon Moses maar mooipraat. Hy kon hulle vra of hy kon hulle gebied om terug te gaan, maar hulle wou nie luister nie.

Toe sê hy: "Goed, jy wil priester wees! Jy sal dit wees as die Here dit wil hê. Kom môre vroeg na die tabernakel en bring vir julle elkeen 'n wierookpan, net soos die priesters gebruik. Dan sal die Here self antwoord."

"Môre!" Hulle kry nog een dag om hulle te bekeer.

MAAR hulle het almal die anderdagmôre gekom. Hulle het trots gestaan in die Voorhof en wierook gebrand soos die priesters.

Toe het die Here se antwoord gekom.

Die aarde het gebewe. Moses het al die ander mense laat padgee van die tente van Korag, Datan en Abiram. En toe het die aarde onder die voete van daardie drie goddelose manne 173

oopgeskeur en hulle het verdwyn in die diep, donker afgrond. Hulle is lewendig begrawe.

Op dieselfde oomblik het die tweehonderd-en-vyftig manne wat priesters wou wees, ook gesterwe.

En die volgende dag, toe nog meer mense gewaag het om in opstand te kom, het daar siekte onder die volk uitgebreek, en baie is daaraan dood. Maar Aäron het met 'n wierookpan gaan staan tussen die dooies en die lewendes om die plaag te laat ophou.

Toe het dit stil geword in die kamp. Almal het nou geweet dat Moses en Aäron maar net *knegte* was van die Here.

Hulle was nie hoogmoedige manne wat net baas wou speel nie.

MAAR die mense moes dit nooit vergeet nie.

Van die koper wierookpanne is dun metaalplate gemaak wat oor die brandofferaltaar in die voorhof getrek is.

Elke dag het daar Leviete gekom. Elke dag moes hulle dink aan die verskriklike straf van die mense wat oproer gemaak het.

Toe het elkeen van die stamme van Israel vir Moses 'n staf gebring — 'n lang stok soos dié wat die skaapherder gebruik. Moses het die twaalf stawe na die tabernakel gebring en hulle voor die ark gelê. Die staf van Aäron was ook daarby.

En kyk, die anderdagoggend toe hy hulle weer buitentoe bring, was een staf — 'n dooie amandelstok — weer lewendig. Dit het bloeisels laat uitspruit en blomme laat oopgaan en amandels laat ryp word.

En wie se naam was op daardie staf uitgekerwe?

Wie het die Here self aangewys as die hoëpriester?

Aäron!

Nou het almal dit goed geweet. Daardie staf wat gebloei het, is lank in die tabernakel bewaar.

DIE jare het verbygegaan.

Moses het sy volk gelei op die lang, ongelyke pad na sy bestemming, wat altyd so vér weg gebly het, en hy het sy werk met liefde en geduld gedoen. Hy het die woord van die Here aan die mense verkondig.

Hy het hulle geleer. Hy was hulle regter. Hy het raad gegee. Hy het gelewe vir daardie volk en hulle opgepas soos 'n herder, goed en verstandig.

O, die groot Moses!

Die sagmoedigste van al die mense.

Die sterk held van die geloof!

Waarom moes daar 'n droewige dag in sy lewe ook kom?

Hoe kon hy een keer die Here vergeet?

DIE mense se kamp was in Kades, en hulle het baie dors gehad.

Toe kom hulle weer met gebrom en skelwoorde na Moses en Aäron.

Hierdie keer was dit baie erg. Hulle het Moses weer die skuld van alles gegee.

"Jy het ons seker hierheen gebring om ons te laat sterwe!" het hulle geskreeu.

"Moordenaar!"

Maar die Here het vir Moses gesê dat hy 'n rots moes beveel om water daar te laat uitloop.

Toe het Moses en Aäron na die rots geloop en die volk het agterna geloop.

En daar staan hulle nou. Dit was 'n deurmekaar en woelige menigte en hulle oë het gevonkel. Hulle het geskreeu en mekaar gestoot en gestamp om voor te kan staan. Hulle het nie meer na mense gelyk nie, maar na diere.

En voor hulle het Moses gestaan. Hy was stil en mismoedig toe hy so afkyk op die duisende mense. O, daardie hardnekkige volk, wat gekerm en gekla het oor die kleinste teleurstelling, wanneer sou hulle leer om te vertrou? Het hulle dan nie 'n leier wat hulle altyd gehelp het nie?

Moses, die rustige, bedaarde man wat self nooit gekla het nie, het gevoel hy is sterk in vergelyking met die dwaasheid van daardie mense. En tog het hy hulle liefgehad. Nou wou hy hulle leer om nooit vir iets bang te wees nie solank hy hulle leier is.

"HOOR, julle weerstrewige mense!" het hy geroep. "Hoekom verloor julle al weer moed? Is *ons* dan nie hier nie? Kan ons vir julle water uit hierdie rots laat loop . . . . ja of nee?"

"Ons" het Moses gesê. Hy het bedoel: "Aäron en ek!"

Toe het hy geslaan op die rots. Een maal . . . . en nog 'n maal. En ja, die water het gekom, en 'n stroom het geloop tussen die mense deur. Hulle het gedrink en met dankbaarheid en bewondering gekyk na Moses en Aäron. Maar toe het Moses gou uitgevind dat hy na alles self ook swak was.

Net so swak soos daardie volk.

Ons het hy gesê.

Die mense het hom bewonder en geëer.

Maar hulle het Iemand vergeet: die Here.

En Moses het iets baie moois verloor: 'n plek in die heilige land. Dit was omdat hy van homself 'n wonderdoener, ja, 'n god, gemaak het en die dank wat die Here toekom, vir homself toegeëien het. Ook omdat hy in sy hoogmoed en ongeloof die Here losgelaat het.

En Aäron was net so skuldig.

Die arme ou Moses! Dit was die ergste ding wat die Here ooit vir hom gesê het.

En arme Aäron!

VAN Kades het die volk gereis na die berg Hor. Daar het Aäron gesterwe, oud en moeg vir die lewe.

Moses het self op die berg die kleed van die hoëpriester Aäron geneem, en dit vir die seun van Aäron, Eliëser, aangetrek. Hy het, soos die Here bevel gegee het, hoëpriester geword in sy vader se plek.

Die volk was bedroef en het dertig dae lank gerou oor Aäron. Dis waar, hy was 'n swak man, en hy het ook sonde gedoen, maar hy het Israel op sy hart gedra. Hy het hulle sonde versoen wanneer hy een maal in die jaar in die Allerheiligste van die tabernakel gegaan het.

En nou was hy dood.

Hy het nou gegaan na die Allerheiligste daarbo.

Daar is sy eie sonde versoen. En dit is gedoen deur 'n beter Hoëpriester as wat hy was, die Here self.

DIE son het geskyn asof daar niks gebeur het nie. En die sand het gebrand. Die volk het voortgetrek agter die wolk aan.

En nou was die veertig jaar byna verby.

"Kanaän toe!" het hulle uitgeroep.

"Kanaän toe!" Dit het geklink soos mooi musiek. Maar voor hulle was die land Edom. En die Edomiete, die nageslag van Esau, wou nie toelaat dat hulle deur die land trek nie. Toe moes die Israeliete met 'n groot ompad gaan, want die Here wou nie hê hulle moet veg met 'n volk wat hulle as broers moet beskou nie.

Hulle moes die woestyn ingaan. Hulle moes nog langer die hitte verdra en die manna eet.

En hulle het al só uitgesien na die lekker skaduwee van Edom se woude, en na die koring van die land.

Hulle was baie teleurgesteld en het nog 'n keer oproerig geword. Hulle het die hemelse brood verag. Hulle het dit vervloek en geskreeu: "Ag, daardie nare manna!"

HULLE het nie hulle straf vrygespring nie. Giftige slange het begin rondkruip in die kamp.

Hulle het mense doodgebyt. Baie het gesterwe.

Toe het die volk spyt gekry. In doodsangs het hulle na Moses gegaan en gesmeek hy moet hulle help.

"Ons het sonde gedoen," het hulle gehuil, "bid tog asseblief vir ons!"

En die Here wat hulle sonde gesien het, het ook gesien hoe spyt hulle was. Hy het Moses 'n koperslang laat maak en dit op 'n hoë paal laat sit. Iemand wat deur 'n slag gebyt is, en deur niemand meer gehelp kan word nie, moes net opkyk na die koperslang. Dan sou hy dadelik weer gesond word. Die gif was nog in sy liggaam, maar dit het hom nie kwaad gedoen nie.

Dit was 'n hemelse wonder.

Dit was die laaste les wat die Here Sy volk wou leer voor hulle by die beloofde land kom.

Hierdie les was: As iemand die woord van die Here nie glo nie, en nie na die koperslang wou kyk nie, dan sou hy sterwe. As iemand glo en gehoorsaam is aan wat die Here gesê het, dan is sy lewe gered.

Dis nie die slang wat hulle laat lewe het nie, maar hulle geloof. Geloof was al wat hulle nodig gehad het.

HULLE was by die grens van die beloofde land, en dit was 'n ander, 'n nuwe volk wat die Here self geleer en opgevoed het.

Sou hulle nou die goue sleutel gevind het wat die land van melk en heuning vir hulle sou oopsluit?

Sou hulle verstaan dat hulle die land *alleen* deur die geloof kon binnegaan?

DIE koperslang in die woestyn. Christus aan die kruis.

Die een wat in die geloof opkyk, sal lewe! Dit was 'n les wat nie net Israel nie, maar ook al die ander mense moes leer.

42. Bileam die Towenaar

Númeri 22 tot 25

ER in die Noorde, aan die kant van die groot rivier, die Eufraat, het 'n wonderlike man V gewoon: Bileam die towenaar.

As hy verbyloop, het die mense voor hom gebuig soos voor 'n koning. "Hy is 'n groot man,"

het hulle gesê. "Hy kan meer doen as enige ander mens! Hy gaan om met die geeste. Die gode is sy vriende en hulle laat hom die toekoms sien. Hulle het 'n deel van hulle mag aan hom gegee."

En die mense was bang vir Bileam. As hy hulle kwaad aankyk, het hulle inmekaar gekrimp soos 'n hond wat geslaan word. Maar as hy hulle vriendelik groet, was hulle baie bly. Want hulle het gedink dat dit goed sal gaan met die een vir wie Bileam geseën het. Maar as hy iemand vervloek het, het die vloek die man agtervolg, totdat dit hom eendag inhaal en ongelukkig gemaak het.

Ja, die geeste het gedoen soos Bileam wou hê.

So groot was sy mag.

EN hy was oral goed bekend ook. Van naby en ver het mense na hom gekom met geld of presente en gesê:

"Voorspel vir ons die toekoms." En dan het Bileam so binnensmonds gepraat. Niemand kon hom goed verstaan nie, maar hulle het geglo dat hulle sou kry wat hulle wou hê.

"Seën ons," het hulle gevra, "en ons sal u baie geld gee." Bileam het sy hande opgelig en hulle gesondheid en eer en rykdom belowe, net wat hulle wou hê.

Of hulle het hom gesmeek: "Vervloek ons vyande." Dit het vir hulle handevol geld gekos. En dan het Bileam vuis gemaak na die kant waar die vyande woon en gewens dat die vreeslikste dinge met hulle sou gebeur.

Bileam het alles gedoen om geld te kry. As aanstons die vyande na hom kom, sou hy hulle ook seën, as hulle hom maar net goed betaal.

Bileam was al skatryk. Onder die vloer van sy groot huis was daar kelders waar hy sy skatte gebêre het. Maar hy wou altyd nog meer hê.

Hy het maar een ding begeer: geld.

Hy het maar een god gedien: goud.

OP 'n goeie dag het hy 'n pragtige kans gekry om sy kelders vol te maak.

Voor sy huis het 'n paar menere kom stilhou, van hulle kamele afgeklim en aan sy deur geklop.

"Ons kom van ver," het hulle gesê, "van Midian en Moab. Ons bring 'n boodskap van Balak, ons koning."

Hy het hulle genooi om binne te kom. Hulle het hulle dienaars geroep, en die pragtigste geskenke laat aandra en neersit voor die

begerige oë van Bileam. Toe het die vernaamste een van hulle gesê:

"So sê Balak, die koning van die Moabiete: Daar het 'n groot volk uit Egipte gekom en hulle het die hele land wat rondom lê, ingeneem. Hulle het Sihon, die koning van die Amoriete, oorwin, en ook Og, die koning van Basan. Hulle is baie sterker as ons. Daarom, o Bileam, wat so 'n groot towenaar is, kom tog en vervloek daardie mense sodat hulle swak kan word.

Dan sal ek hulle oorwin. Ek sal baie geld betaal."

Dit het stil geword. Die manne het gewag. Hulle het die goud laat klink in hulle sakke. En Bileam se oë het geflikker van gierigheid, maar hy het vereers nog niks gesê nie. Want hy 177

het al jare lank bekommerd gevoel oor iets, en nou het hy skielik baie benoud gevoel.

Daardie volk — Bileam het al van hulle gehoor — was Israel. En dit was die God van daardie volk wat hulle so magtig gemaak het.

Bileam het die Here goed geken, maar hy was baie bang vir Hom. Hy was die enigste en ware God, wat hemel en aarde geskape het. Kon Bileam dit nou waag om die volk van hierdie magtige God te vervloek? Dit kon sy dood beteken ....

Maar die goud het geklink soos musiek. Bileam het geantwoord:

"Bly asseblief vannag hier oor, en ek sal julle môre sê of ek sal gaan."

Maar in die nag toe die waarsêer op sy bed gelê het, aan die een kant begerig en aan die ander kant benoud, het hy van goud gedroom, maar ook 'n stem gehoor.

"Nee, Bileam, jy mag nie daardie volk gaan vervloek nie, want dis 'n geseënde volk." Dit was die stem van die God van Israel. Hy het dus al alles geweet.

Bleek van die skrik het Bileam in die oggend opgestaan en vir die boodskappers van Balak gesê:

"Gaan maar alleen terug na julle land, want die Here wil nie hê dat ek met julle saamgaan nie."

Hy het hulle agterna gestaan en kyk terwyl hulle in die groot woestyn aan die suidekant verdwyn het. En toe het hy so spyt gekry dat hy sy hare kon uittrek. Al daardie goud is saam met hulle weg. En dit kon alles syne gewees het!

MAAR nie lank daarna nie, het daar weer boodskappers na hom gekom. Hulle was nog deftiger en belangriker as die eerste. Hulle het net soos die ander kom vra. Balak, hulle koning, het gedink: "Bileam is 'n slim ou skelm. Hy jok somaar as hy sê die Here het hom verbied om saam te gaan. Hy wil maar net meer geld hê. Nou ja, hy sal dit kry!"

Nou het die boodskappers nog mooier geskenke saamgebring. Hulle het sakke vol goud en ander kosbare dinge belowe en gesmeek dat Bileam moet saamgaan.

Bileam het goed geweet wat hy moes antwoord. Hy moes sê dis onmoontlik vir hom om die Israeliete te vervloek. Dit het hom bitter laat voel, want hy wou tog te graag Balak se goud hê. Tog sou hy niks kon doen teen die wil van die Here nie, selfs al sou Balak hom 'n huis vol silwer en goud gee. Hy was darem nie meer so bang vir die Here nie. Die goud wat hulle hom wou gee, het vir hom nog mooier gelyk, nadat hy dit eenmaal verloor het.

"Bly vannag hier," het hy vir die mense gesê. Hy was so gierig dat hy nie vir die Here kon gehoorsaam wees nie. In die nag het hy weer gelê en gewens hy kon die goud kry, en hy het gedink of hy dan nie 'n plan kon maak om die Here te bedrieg nie.

En kyk, die Here het alles geweet. Nou het Bileam nog 'n slag Sy stem gehoor en die stem het ja gesê.

Het Bileam dan nog nie geleer dat hy net moet doen wat die Here wil hê hy moet doen nie?

Nou ja, hy moes maar saamgaan, en die Here sou vir hom sê wat hy moes doen. Hy sou die hele wêreld wys dat daar geen bose mag was wat Sy volk Israel kon kwaad doen nie.

"Gaan saam met die manne," het die Here gesê. "Jy sal moet doen soos Ek jou gebied."

HIERDIE laaste paar woorde het Bileam amper nie gehoor nie. Toe dit môre word, het hy met groot, maar sondige vreugde op sy eselin na die Suide gery. Twee van sy dienaars het agter hom aan gery. Balak se manne het vol blydskap al haastig op hulle vinnige kamele vooruitgery om vir hul koning te gaan vertel dat die towenaar aankom.

Die pad na Moab was lank en eensaam. Terwyl Bileam rustig op sy esel ry, het hy baie tyd gehad om na te dink oor die woord van die Here. Maar dit het hy nie gedoen nie. O nee!

Bileam het die ergste vloekwoorde gesit en uitdink om Israel mee te vervloek en hy het gedroom van al die geld wat hy sou kry aan die end van sy lang reis.

Maar skielik het die esel haar kop hoog opgeruk en agteruit gesteier, sodat Bileam amper op sy rug geval het.

Sy het die lug gesnuif en uit die pad gespring en die veld ingehardloop. Bileam kon haar nie inhou nie. Wat het die dier makeer? Op die hele pad was daar geen sterfling te sien nie.

Bileam het die esel woedend geslaan. Na baie gesukkel het hy haar weer in die pad gehad.

Nie baie verder nie het die pad nou geword en tussen twee klipmure deur geloop. Die mure was daar om die wingerde aan albei kante van die pad te beskerm. En daar tussen die mure, juis daar, het die esel weer eenkant toe gespring en Bileam se voet teen die muur geknel. Dit het hom baie seergemaak. Nou kon Bileam nie meer van die goud droom nie maar hy het sy rydier geslaan en geskel en gevloek totdat die eselin weer langsaam begin loop het.

Hy moes by 'n nou plek deurgaan tussen steil kranse. Daar het die esel haar vir die derde keer so snaaks gedra. Sy kon nie links of regs padgee nie, en ook nie omdraai nie. Toe wou sy nie verder nie, en sy het gaan lê terwyl sy gebewe het van die angs.

Bileam was nou mal van woede. Die goud wag vir hom daar anderkant, en sou die koppige dier die hele reis laat misluk? Hy het sy stok gevat en die arme dier hard geslaan.

Maar toe gebeur iets wat die towenaar vreeslik laat skrik het. Die eselin het gepraat met hom. Met 'n stem soos dié van 'n mens het sy gevra:

"Wat het ek gedoen dat jy my nou al drie maal geslaan het?" En twee groot bruin oë het hom bedroef aangekyk.

"Omdat . . . ." het Bileam gestamel, "omdat jy die spot met my drywe. Was daar net 'n swaard in my hand sou ek jou doodgemaak het."

En weer kom daar 'n sagte, verwytende stem: "Is ek nie jou esel waar jy jou lewe lank op gery het nie? Het ek jou nie altyd trou gedien nie?"

En toe sien Bileam, die slim towenaar, meteens iets wat die esel al lankal gesien het. Die Here het sy oë geopen. Op die pad, vlak voor hom, het daar 'n engel gestaan met 'n skerp en blink swaard, wat hy reguit na Bileam toe hou. Bileam het van skrik en eerbied van die esel afgeval. En hy hoor 'n stem wat sê:

"Jou esel het jou lewe drie maal gered. As sy nie padgegee het nie, sou *ék jou* doodgemaak het, maar nie vir haar nie."

Bileam het geskrik. Ag, hoe klein en nietig was hy nie voor die Engel van die Here nie!

Ja, voor die Here self wat daar staan, en wat 'n dier kon laat praat! Hy het dit nie gedurf om hom verder te verset nie, maar het nederig sy hoof gebuig.

"Ek .... ek sal maar weer teruggaan . . . ." het hy gehakkel. "Ek het verkeerd gedoen."

Maar nou *moes* hy verder gaan. En hy moes nog 'n maal hoor: "Alleen wat Ek vir jou sê, sal jy spreek."

Niks anders nie.

Bileam sou 'n dienaar van die Here wees, teen sy wil.

Het hy dit nou seker geweet?

Hy was geringer as sy esel. Wat anders sal hy dan kan praat, as net wat die Here vir hom sê?

BALAK het al ongeduldig staan en wag. Hy was baie bly toe die towenaar kom en het hom baie eer aangedoen. Saam het hulle die volgende môre na die bergwêreld, waar die Israeliete se kamp was, vertrek. Met die koning het baie vername manne uit Midian en Moab gegaan, en ook dienaars met offerdiere. Miswolke het opgestyg uit die afgronde, terwyl dit 179

nog donker was in die leegtes.

Hoog op die top van 'n berg het almal stil gaan staan. Hulle het afgekyk in die diepte. Daar ver weg, in die vlaktes van Moab, kon hulle die tente sien van die Israeliete, die Here se volk, wat nou deur Bileam moes vervloek word.

Soos Bileam dit wou hê, is daar sewe altare gebou. Daarop is veertien kosbare offerdiere verbrand. Die towenaar wou sy laaste kans probeer. Hy sou nou baie slim wees. Hy sou die Here se guns met die offers koop.

Ag nee, Bileam het dit nie eintlik self meer geglo dat hy die Here van Sy volk kon losmaak nie. Die woorde van die Here se engel het nog in sy ore geklink.

"Net wat Ek sê, sal jy moet spreek."

Hy het op sy tande gekners toe hy daaraan dink. Hy wou nie gehoorsaam wees nie. Sy haat was groter as sy angs, want hy het die volk daar onder gehaat, en hy het die Here, wat sy beloning van hom wou wegneem gehaat. Die goud wat so mooi blink en klink wou hy alte graag verdien. Daarom het hy teen die Here geveg. Die duiwel het hom aangedryf.

Hy het gaan staan op die rand van die berg en toe sy hande hoog opgelig. Sy oë het geflikker en hy wou sê: "Vervloek is daardie volk!"

Maar toe hy sy mond oopmaak, was hy ontstel toe hy voel hy kan die woorde nie uitspreek nie. Hy was nie meer sy eie baas nie. Hy kon niks sê nie, want daar was Iemand anders wat sy tong bestuur. Hy het hom verset en in sy hart soos 'n mal mens geveg teen die geheimsinnige mag, maar dit het hom niks gehelp nie. Ja, hy kon praat, maar dit was nie 'n vloek nie. Net seënwoorde het uit sy weerspannige mond gekom.

"Hoe sal ek hulle vervloek vir wie die Here nie vervloek nie?" het hy uitgeroep. Sy stem het juigend oor die berge weerklink. "Israel is 'n groot volk! Graag sou ek een van hulle wil wees en soos hulle eendag sterwe!"

Die koning het daarby gestaan. Hy was verbaas en baie kwaad. Hy was bleek van ontsteltenis en het Bileam teruggeruk.

"Wat het jy nou gedoen?" het hy geskreeu. "Ek het jou laat roep om my vyande te vloek, en kyk, nou seën jy hulle!"

Bedruk het Bileam sy skouers opgetrek. Hy was nie die óú Bileam meer nie. Hy het hom swak en klein gevoel, 'n man wat oorwin is.

Maar hy het nie die stryd gewonne gegee nie. Balak het hom saamgeneem na 'n berg wat nog hoër is, waar hy 'n beter uitsig kon kry oor die tentekamp van Israel. Daar is weer sewe offers gebring terwyl Bileam onrustig heen en weer loop. Hy het hom baie snaaks gedra en onverstaanbare woorde gemompel. Hy wou al die bose geeste aan sy kant kry in sy stryd teen die Here. Nou sou dit beter gaan. Balak het sy asem opgehou. Hy het gekyk na Bileam, wat sy twee hande vorentoe uitgesteek het asof hy iets wou gryp. Maar tog het sy hande slap en swak gebly.

Nou het hy hom soveel moontlik ingespan en homself eintlik moeg gemaak om verwensinge en vloekwoorde teen die Israeliete uit te spreek. En tog kon hy dit nie regkry nie. In plaas van om te vervloek, het hy hulle weer geseën en gesê: "Die Here is nie 'n mens dat Hy sou lieg nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie? Kyk, ek het ontvang om te seën. In Israel is geen onheil nie, want die Here is by daardie volk en hulle sal altyd gelukkig wees!"

Hierdie seën was nog groter as die eerste een!

Balak het vuis gemaak van kwaadheid. "As jy die volk nie kan vervloek nie" het hy geskree,

"sal jy hulle darem nie seën nie!"

Hy het nog 'n beter plek, op die top van 'n hoër berg, gesoek en gehoop dat dit goed sou wees in die oë van die Here dat Bileam die Israeliete daarvandaan sou vervloek. Daar het hy 180

nog groter offers as tevore laat bring.

Maar Bileam het swak en willoos gebly. Hy was heeltemal oorwin. Nou het hy nie eens meer sy bes gedoen om die Israeliete te vervloek nie, want hy was nou seker dat hy in die hande van die Here was en dat Hy met hom gedoen het net wat Hy wou.

En nou het die mooiste van al die seëninge gekom. Nou het Bileam 'n mooie lied gesing omtrent Israel: "Hoe mooi is jou tente, o Jakob, en jou wonings, o Israel!" Verder het hy gesê hoe die Israeliete hulle vyande sal oorwin en bygevoeg: "Geseënd is dié wat jou seën en vervloek is dié wat jou vervloek!"

Balak se geduld was heeltemal op. Hy was woedend kwaad en van onsteltenis het hy sy hande saamgeslaan op sy kop en geskreeu:

"Maak dat jy wegkom, jou bedrieër! Jy moes daardie mense vloek en kyk jy het hulle nou al drie maal net geseën!"

Ja, Bileam sou weggaan, maar hy was nog nie klaar uitgepraat nie .... Hy was swak, soos 'n riet, maar die Here het hom gebruik om 'n nog mooier lied te sing, wat hy self nie heeltemal verstaan het nie. Hy het gesing van 'n Ster wat uit Jakob sou kom, en dat die Israeliete vir Moab sou oorwin en nog groter van krag sou word.

MAAR toe hulle die berg afklim, het daar nog haat in Bileam se hart gekook en gebruis. Hy het die koning baie oulike raad gegee.

Hulle kon die Here nie losmaak van Sy volk nie, maar wat hulle kon doen, is om die Israeliete weg van die Here af te kry. Balak moes 'n fees laat vier van die soort waaraan die heidene gewoond was, en waarby dié mense groot sonde doen. Dan moes hy die Israeliete vriendelik na die fees nooi. Miskien sou hulle dan ook sonde doen en daardeur die liefde van die Here verloor.

Die koning het geluister na die raad. Hy het gekry wat hy wou hê, of liewer, *byna*!

Die Israeliete het gekom, en geëet en gedrink en hulle was so jolig dat hulle naderhand nie meer geweet het wat hulle doen nie. Hulle het die Here vergeet en gekniel voor die afgode.

Hulle is toe swaar gestraf en baie het gesterwe vanweë hulle sonde.

Maar tog het Israel die Here se volk gebly. Die Here het hulle self vasgehou, sodat die volk nie van Hom geskei word nie.

Hulle het alreeds twee konings oorwin en nou het hulle ook hierdie volk, wat hulle wou verlei, oorwin. Hulle het die hele land aan die oostekant van die rivier Jordaan ingeneem.

En toe die Israeliete hulle vyande agternasit, het hulle in die bergwêreld 'n ou man gesien wat haastig na die noorde op sy esel gevlug het.

Gou-gou het hulle hom ingehaal, en nie lank daarna nie het hy dood gelê op die rotse. Hy het die woorde van die Here gespreek, maar daar was geen liefde in sy hart nie.

Hier het hy nou sy straf gevind.

Die arme, dwase ou Bileam!

43. Moses op die Berg Nebo

Deuteronomium 3:23-29; 6:30 en 34

OU man het in 'n tent gesit met sy kop in sy hande en hy het baie bedroef gelyk.

'N Buitekant het vrolike stemme geklink. Daar is vrolik gesing en gedans. Dit was die vreugde van 'n sterk en gelukkige volk wat sy vyande oorwin het.

Op die vlakte van Moab was daar 'n kamp van tente tussen 'n berg en 'n rivier.

Die berg se naam was Nebo. Agter die berg was die slingerpad waarlangs die Israeliete gekom het en waarop hulle so bitter swaar gely het en soveel sonde gedoen het.

Die rivier was die Jordaan. Aan die oorkant was die land van melk en heuning.

Die beloofde land!

Veertig jaar het hulle daarna verlang. Nou was hulle naby. Hulle het alreeds drie sterk vyande oorwin. Die pad was nou oop.

Wie sou hulle teëhou ? Die Here self het voor hulle uitgegaan. Hulle moes maar net in die geloof volg. Hulle was vir niemand meer bang nie.

Nog net 'n paar dae en dan sou hulle oor die rivier trek. Dan sou hulle kry wat hulle so lank gewens het.

EN nou sit Moses in sy tent, alleen met sy groot droefheid. Het hy dan nie verlang na daardie land nie? Ja, nog meer as al die ander! Hy was twee maal so oud soos die oudste van hulle. Hulle is in Egipte gebore of was maar kinders toe hulle veertig jaar gelede uit Egipte weg is. *Moses* het die swaar slawewerk daar geken. Toe hierdie mense nog nie eens gebore was nie, het hy al saam met sy volk gely en het hy om hulle ontwil 'n vlugteling geword. En later het hy die volk uit die slawehuis uitgelei, en op die lang reis deur die woestyn het al die sorg vir hulle op sy skouers gerus. Wat het hy tog nie verduur om daardie mense na die beloofde land te bring nie!

En nou dat hy amper op die drumpel staan van daardie land en honderd-en-twintig jaar oud was, nou mag hy nie verder saamgaan nie!

Hulle kon met gejuig ingaan.

Hy moes sterwe.

Omdat hy eenmaal die Here nie geëer het nie, maar self die magtige een wou wees. Dit was te veel vir Moses.

"Ek wil tog nog een maal vra," het hy gedink.

Hy het neergekniel en so laag gebuig dat sy grys ou kop aan die grond geraak het. Sy ou hande het hy inmekaar gewring.

Baie eenvoudig het hy gebid: "Here, ek weet ek het dit nie verdien nie. Maar U is so goed en barmhartig. Wees my tog asseblief genadig en laat my ook die goeie land binnegaan, daar oorkant die Jordaan . . . . "

Hy kon dit nie waag om verder te praat nie. In groot spanning het hy gewag en geluister.

En toe kom die teleurstelling.

Hy het die stem van die Here gehoor wat sê:

"Bly stil, Moses, moenie meer met My hieroor praat nie."

TOE het hy goed verstaan dat daar geen hoop meer was nie.

Vir Israel was daar die beloofde land, en geluk en lewe.



Die berg Ebal (3,000 voet hoog) naby Gilgal en More (Deut. 11: 29, 30). "Toe het Josua 'n altaar gebou vir die Here, die God van Israel, op die berg Ebal . . . . En daar het hy 'n afskrif van die wet van Moses op die klippe geskrywe . . . . "

(Jos. 8:30-32).

Twee maniere om water te drink by die fontein waar Gideon op bevel van die Here driehonderd manskappe uitgekies het. "En die Here sê vir Gideon: Elkeen wat met sy tong die water oplek soos 'n hond lek, moet jy eenkant laat staan; en elkeen wat op sy knieë vooroor buig om te drink, anderkant" (Rigt. 7: 5).

183

Vir hom — die dood.

Dood ....

Dit was 'n verskriklike woord.

MOSES het lank gesit en dink.

Het die Here hom dan nie meer lief nie? Was Hy so 'n harde Meester dat Hy nie meer vir Sy kneg jammer was nie?

O, Moses was alte seker dat die Here hom lief het. Hy het elke dag die liefde van die Here in sy hart gevoel. Daardie liefde was die groot krag van sy lewe gewees. Dit het hom gedra van sy geboorte af tot nou toe.

Moses het gedink aan daardie lang tyd, honderd-en-twintig jaar.

Toe hy nog maar 'n klein baba was, het die Here hom bewaar van die dood in die Nyl. Dit was Sy liefde.

Hy het 'n prins geword in die paleis van die farao. Hy het geleer hoe 'n volk geregeer word sodat hy later vir Israel kon lei. Dit was die

wysheid van die Here.

Later moes hy vlug omdat hy self die volk wou red en hy het 'n skaapwagter geword in Midian. Toe het hy geleer om sy hoogmoed te laat vaar en sy humeur te bedwing, en hy het

'n nederige en sagmoedige man geword, wat alles van die Here verwag het. Dit het die Here in hom gewerk.

En later, by die farao en op die lang, moeilike reis met 'n volk wat so baie gemurmureer het, wie het hom altyd gehelp en beskerm?

Nee, die Here was nie 'n harde Meester nie. Hy was 'n Vader, 'n Vader wat liefhet en wys is, en wat Hom nie deur Sy kind laat dwing nie, omdat Hy beter geweet het wat goed vir daardie kind was.

Toe het Moses hom geskaam vir sy gebed. En groot het sy verlange geword om baie naby dié Vader te wees, nog nader as op Sinai.

MOSES het die volk bymekaar laat maak aan die voet van die berg.

Hulle het gekom by die duisende en stil en bedroef en eerbiedig gestaan en wag. Hulle het geweet wat gaan gebeur.

Toe het hulle vir die laaste maal die stem van hulle leier gehoor, dieselfde kragtige en rustige stem van altyd, wat hulle so dikwels bemoedig het. Nog een maal het hulle die wette van die Here aangehoor en geluister na Moses se waarskuwings om gehoorsaam te wees, as 'n heilige volk van die Here.

Toe het hulle sy oë gesien blink van geluk, en hoe hy sy hande uitsteek om hulle te seën.

Hulle het gehoor hoe hy 'n lied sing oor die voorspoed van Israel en oor 'n Profeet wat nog sou kom, wat groter as hy sou wees.

Hy kon hulle agterlaat sonder enige bekommernis.

Die groot en ware Leier, die Here self, het by hulle gebly.

OOR 'n kronkelende bergpad het hy opgeklim boontoe, hy alleen.

Toe het die Here by hom gekom en sy sterk arms om Sy kneg se skouers geslaan. Dit was sy laaste reis. Sy oë was nog helder soos dié van 'n jong man en sy rug was nie krom nie.

So het hy gegaan om te sterwe. Maar dit was goed.

Die mense het hom agterna gekyk,, so ver as wat hulle kon sien, en hulle het gehuil. Hul vriend, hul vader het vir altyd weggegaan. Hulle het gedink hoe dikwels hulle hom geterg het met hulle murmurering en hul ongeloof.

Hulle het geweet hoe lief hy hulle gehad het, meer as vir homself.

OP die berg het Moses soos 'n vriend naas die Here gestaan. En voor hy gesterf het, het die Here hom van die hoogste punt die hele land gewys. Hy het die beloofde land dus nog voor die Israeliete gesien.

Hier naby het hy wit huise onder groen palmbome gesien, en heuwels en groen weivelde met stroompies water tussenin. Verder aan het hy die berge gesien waarlangs die volk veertig jaar tevore moes gaan. En daar ver in die noorde kon hy die berg Libanon blou sien lê. Hy het die goeie en mooi land van die Jordaan gesien, en geweet dat sy volk daar gelukkig sou wees.

Toe het die Here gesê: "Kom My kind, dit is tyd."

En so het Moses gesterwe.

Die Here het hom aan die hand geneem en na 'n ander land gebring, beter as Kanaän, wat hy net kon sien, maar nie binnegegaan het nie.

Nou kon hy rus van sy werk.

44. Die Intog in Kanaän

Josua 1 tot 5:12

WEE manne het stil op 'n vlot gedrywe oor die Jordaan, deurgedring deur die bossies op T die wal en toe die land Kanaän binnegeloop. Voor hulle, drie uur te voet, was die grys mure van die ou stad Jerigo, en hulle het reguit daarheen gepyl.

Hulle was twee Israeliete. 'n Moeilike en gevaarlike werk moes hulle doen: hulle moes die stad gaan bekyk om te sien op watter manier die Israeliete dit die maklikste kon inneem.

Maar hulle het dit gewaag. Hulle het geweet dat die Here hulle kon beskerm. Daarom het hulle doodbedaard op die pad geloop asof hulle self in die stad gewoon het, en, sonder om bang te wees, by die gewapende poortwagters verbygestap, die stad in. Niemand het hond se gedagte gekry toe hulle ewe bedaard daar loop nie. Hulle het deur die strate gestap totdat dit donker word. Toe het hulle genoeg geweet. Daar was 'n hoë muur, wat 'n hele paar tree dik was, om die stad gebou, en daar was baie en sterk manne wat die stad kon verdedig. Dit alles sou hulle vir hulle leier kan gaan vertel.

Daar was darem 'n paar mense in Jerigo wat hulle opgemerk het. Was hulle klere miskien 'n bietjie anders as dié van Jerigo se mense? Of het party gemerk hoe die twee manne oral loop en rondkyk? Dit was hoog tyd dat hulle weer uit die stad padgee.

Maar dit was al aand en die poort was al gesluit. Hulle kon nie meer wegkom nie. Toe het hulle al langs die muur geloop tot hulle op 'n plek kom waar 'n huis hoog bokant die straat op die groot breë muur gebou was.

Dit was 'n losieshuis. Daarom het hulle die trap uitgeklim en aangeklop. 'n Vrou het die deur oopgemaak; haar naam was Ragab.

Sy het hulle water gegee om te was en toe iets om te eet en te drink.

Sy was nog besig toe hulle 'n groot lawaai op straat hoor. Haastige voete het na die deur gekom en iemand het hard geklop. Van buite het iemand geskreeu: "Ragab, maak dadelik oop! Daar's twee manne in jou huis, twee spioene van Israel. Die koning het ons gestuur om hulle te vang."

Die twee manne het hewig geskrik. "Nou is ons verlore," het hulle gedink. Maar wat makeer Ragab? Hoekom maak sy nie die deur oop nie? Sy het eerbiedig na die Israeliete gekyk. Dit was te wonderlik! Sy wou hulle red!

"Kom agter my aan!" het sy gesê en sy loop vooruit teen nog 'n trap op, tot bo-op die huis se plat dak. Daar het 'n klomp strooi gelê om droog te word en sy het hulle onder die strooi laat wegkruip. Toe het sy haastig na die deur gehardloop en dit oopgemaak.

Heeltemal bedaard het sy op die drumpel gestaan.

"Twee manne?" het sy gesê. "Ja, hulle was hier, maar ek het nie geweet wie hulle was nie.

Toe dit donker word, het hulle geloop, net voor die poort van die stad gesluit is. As julle gou maak, kan julle hulle inhaal. Hulle kan nog nie ver weg wees nie."

Sy het die soldate nog 'n tydjie agterna gekyk toe hulle vinnig teruggaan. 'n Rukkie later het sy gehoor hoe die groot, swaar stadspoort oopgemaak word om die soldate uit te laat, sodat hulle die twee Israeliete kon agternasit. Hulle was gered!

Was dit verkeerd wat Ragab gedoen het? Sy het nie geweet dat dit verkeerd was nie. Sy was maar 'n heidense vrou, in 'n stad van baie goddelose mense. Maar daar het iets goeds in haar hart gekom. Dit was 'n wonder. Daardie heidense vrou het geloof gekry in die God van Israel.

Sy het na die twee manne op die dak gegaan en gesê:

"Julle God is baie magtig en ek is seker Hy sal julle hierdie land gee. Ons het gehoor hoe Hy

'n droë pad vir julle deur die Skelfsee gemaak het, en dat julle die Amoriete verslaan het. Die 186

hele Jerigo is bang vir julle mense. Maar nou dat ek julle gered het, beloof my dat julle ook vir my goed sal wees. As julle kom om die stad in te neem, moenie vir my of my familie enige kwaad aandoen nie."

Die manne was bly om dit te belowe. Hulle het 'n stuk rooi lyn in Ragab se hand gesien, want sy wou hulle daarmee deur die venster ondertoe laat sak — aan die buitekant van die muur. Toe sê hulle:

"Laat hierdie rooi lyn uit die venster hang as ons die stad kom inneem. Dan sal ons mense sien dat julle hier woon en julle geen kwaad doen nie. Sorg net dat jou ouers, jou broers en susters ook by jou in die huis is."

So het hulle afgespreek. Toe is die rooi tou styf aan die venster vasgebind en twee maal het

'n donker gedaante in die nag daarmee afgegly ondertoe. Niemand het hulle gesien nie.

Toe is die tou weer opgetrek en die venster saggies toegemaak. Onder het twee manne gebuk deur die veld gesluip, die berge in. Daar het hulle hul weggesteek, drie dae lank. Toe het hulle gesien dat die soldate van die koning, wat hulle gesoek het, langsaam en moeg-moeg terugstap stad toe.

Dis net hiervoor wat die manne gewag het. Hulle het gou na die Jordaan geloop, daardeur gegaan en veilig teruggekom by Josua. Hulle het alles vertel wat gebeur het.

"Die Here het ons hierdie land gegee," het hulle gesê. "Sy mense bewe voor ons!"

Dit het die Israeliete nog meer moed gegee. Oral in die kamp is ook vertel van die tou, die rooi lyn, wat sou uithang uit 'n sekere huis in Jerigo, wanneer hulle die stad aanval.

EN toe, na drie dae, het 'n heerlike dag gekom, 'n dag wat hulle nooit sou vergeet nie.

Josua was nou die leier in Moses se plek. Hy was net so dapper en net so vol geloof en gehoorsaam vir die Here soos Moses. Vroeg in die môre het hy die leër gerangskik soos die Here bevel gegee het.

Heel voor het die priesters, met wit klere aan, geloop en die ark gedra, en agter hulle het die volk gekom. Hoe nader hulle aan die rivier Jordaan kom, hoe laer het die pad gesak. Dit was lentetyd, die sneeu het op die berge gesmelt, en die Jordaan het kant en wal gelê.

Anderkant die Jordaan was Kanaän!

O, hoe naby was hulle nou by hulle land! Hulle het die son sien blink op die koppies en die palmbome sien wuiwe. Maar hoe moes hulle daar kom met al hulle klein kindertjies en vee?

Dit was asof die rivier se water, wat so woes gebruis het, vir hulle wou sê:

"Terug na die woestyn! Ek sal julle terughou en sorg dat julle nooit anderkant uitkom nie!"

Maar die Here het gesê Hy sou hulle in die land bring. En nou was daar geloof in hulle harte.

Hulle het almal vorentoe geloop, gehoorsaam en reguit na die bruisende water. Hulle het hulle nekke gerek en met spanning gekyk na die priesters wat al digby die water gekom het.

Toe het hulle hul oë wyd gerek en verbaas gekyk.

Want kyk die water het geskuim voor die voete van die priesters en tog het hulle vorentoe geloop. Water of vuur sou hulle nie keer nie.

Want, kyk, by elke stap het die water teruggegaan, soos 'n bang dier wat agteruit padgee.

Hulle het skulpe gesien en visse het gelê en spartel op die droë grond. Daar was 'n mooi, wit glinsterende pad dwarsdeur die rivier, die wonderlikste pad wat hulle ooit gesien het!

Oor daardie pad het die priesters die ark gedra en die hele volk het daarmee na die oorkant geloop. Links het die water weggevloei see toe. Regs het dit bruisend aangestroom van bo af, maar 'n onsigbare hand het dit teëgehou. Stil en eerbiedig het die mense deur die rivierbedding geloop.



Die Jordaan — hier 'n tuimelende watermassa — "En net toe die draers van die ark by die Jordaan kom en die priesters wat die ark dra, hulle voete aan die kant van die water insteek, terwyl die Jordaan vol was op al sy walle al die dae van die oes, bly die water staan wat van die bokant afkom: dit het opgerys soos een wal baie ver weg by die stad Adarn wat langs Sartan lê; en die wat afstroom na die See van die Vlakte, die Soutsee het heeltemal verdwyn; toe het die volk deurgetrek . . . ." (Jos. 3:15, 16).

Net mooi in die middel van die rivier het die priesters met die ark stil gaan staan en daar gewag tot al die mense verbygeloop het. En toe eers het hulle gevolg. Maar twaalf manne het elkeen 'n groot klip geneem en dit opgestapel as 'n herinnering aan die plek waar die priesters stilgestaan het. Hulle het ook twaalf klippe uit die rivier saamgeneem en op die wal opgestapel.

En toe, toe die laaste priester sy voet op die oorkantse wal sit, het die Here Sy hand teruggetrek. Met groot gedruis het die watermuur neergestort. Die pad het verdwyn. Die klippe was toe onder die water. En gou het die Jordaan weer geloop soos hy al honderde jare gedoen het. 'n Mens sou sê daar het niks met hom gebeur nie.

Maar Israel was in Kanaän. Ja, in Kanaän! Nou eers het hulle dit goed besef. Die Here het hulle in hul eie land gebring. Deur die diepte, deur die water, deur die dood!

BY Gilgal het hulle hul tente opgeslaan. Daar het hulle Paasfees gevier, net mooi veertig jaar nadat hulle dit die eerste maal in Egipte gevier het. Veertig moeilike en swaar jare was daar tussenin. Maar nou het hulle al hul moeite en bekommernis vergeet. Nou kon hulle die fees van die verlossing vier — hulle, 'n sterk, 'n dankbare en 'n gelowige volk. Die verbond van die Here het nuut en sterk in hulle harte geword.

Na die Paasfees het hulle die eerste koring kon oes in Kanaän. Dit was wat hulle vyande,.

wat gevlug het, agtergelaat het, en dit het ryp en goudgeel op die lande gestaan. Daar was nie meer manna nie. Die woestynreis was verby.

En hoog op 'n koppie by Gilgal het daar 'n hoop van twaalf klippe wit geglinster, een vir elke 188

stam, 'n ewige gedenkteken.

SONDER woorde het die klippe nog honderde jare later gepraat:

Moenie vergeet deur watter groot wonder die Here Sy volk in hierdie land ingebring het nie.

So sterk, so trou, so oneindig goed is die Here.

"Moenie vergeet nie!"

45. Deur die Geloof

Josua 5:13 tot 8: 35

OSUA het op 'n heuwel by Gilgal gestaan. *J* Agter hom was die tentestad van Israel op J die vlakte. Rondom hom het die vrugbare heuwelland van Kanaän gelê. En voor hom, daar in die verte, aan die rand van die berge, was Jerigo, die sterk stad wat hy moes gaan inneem.

Josua het stilgestaan en gekyk en gedink Jerigo, die stad van palmbome, was so mooi. Die wit huise en hoë torings het so in vrede geglinster tussen die groen bome. Maar Josua het geweet dat *binne-in* die huise die swartste sonde geheers het. Die mense het daar sonder die Here gelewe. Dikwels het die Here hulle gewaarsku, maar hulle wou nie luister nie. Nou het Josua met die volk Israel gekom om daardie slegte mense te straf, en hulle moes self in die land woon as 'n heilige volk vir die Here.

Maar die poorte was dig toe. Niemand het in- of uitgeloop nie. Die mure om die stad was so vreeslik dik dat daar huise bo-op hulle kon gebou word. Agter die mure was daar dapper vegsmanne, met skerp swaarde. Wie kon hulle oorwin? Wie sou oor die mure kan klim? Hoe sou 'n mens so 'n sterk stad oorwin?

Josua het nie geweet nie. Maar hy was dan die leier en hy *moes* weet! Daarom staan hy hier en dink . . . . en dink. Hy kon geen plan maak nie.

Toe hoor hy meteens iets. Nie ver van hom nie staan 'n man, 'n krygsman, met 'n blink swaard in sy hand.

Josua het nie geskrik nie. Hy het sy eie swaard getrek en dapper gestap na die vreemde man.

Kwaai het hy gevra: "Behoort jy aan ons of aan ons vyande?"

En toe, toe het Josua tog geskrik. Want die vreemde man het geantwoord: "Ek is die leier van die Here se leër. Ek het nou net gekom."

Die Een wat die hemelse leër lei? Die Een wat oor die engele regeer? Wie was dit? .... Dit was die Engel van die Here! Dit was die Here self wat gekom het om Sy volk te help.

Josua se hart het voor hierdie wonder gebewe van eerbied en vrees. Hy het sy skoene uitgetrek op die heilige plek en hom baie nederig gebuig voor die Engel van die Here.

Toe hoor hy die stem van die Here en hy word baie bly in sy hart. Want die Here het self 'n oorlogsplan gemaak. Nee, Josua en sy mense sou nie hoef te veg om die stad in te neem nie. Die Here sou dit vir hulle doen. Hy sou veg vir die volk, en hulle moes maar net gehoorsaam wees en vertrou.

NIE lank daarna nie het Israel opgetrek om Jerigo aan te val en te oorwin op die manier wat die Here voorgeskryf het. Vooraan het die krygsmanne geloop, en agter hulle sewe priesters met basuine, en nog ander priesters wat die ark dra, en dan die volk self wat in lang rye gevolg het.

Die vyande het gestaan en loer agter hulle mure en hulle wapens reggehou. Hulle was gereed om hul stad te verdedig.

Maar die Israeliete het nie die mure bestorm nie. Die groot optog het sonder 'n woord heeltemal óm Jerigo geloop en toe weer stil teruggegaan na die kamp toe.

Die vyande was verbaas en verleë. Wat beteken dit? Hoekom loop hierdie geheimsinnige mense so stil om die stad? Hulle kon nie raai nie. Hulle het dit glad nie verstaan nie, maar hulle het bekommerd gevoel.

Uitgrawings by die ou Jerigo. 'n Ent van die moderne Jerigo is daar 'n puinheuwel waarin die oorblyfsels van baie stede wat daar gebou en vernietig is, begrawe lê. Opgrawers is reeds jare lank besig om die puinheuwel op te grawe.

En elke dag het dit net so gegaan. Elke môre het die lang streep mense van die oostekant gekom en om die stad geloop, langsaam en bedaard, en dan weer weggegaan net soos hulle gekom het. Dit het ses dae elke dag so gebeur.

En niks meer het gebeur nie. Toe het die mense van Jerigo gelag en gespot met hierdie snaakse volk, hierdie dom volk, wat hulle verbeel 'n mens kan 'n stad só inneem. Hulle het moed gekry en weer veilig begin voel agter hulle sterk mure.

DIE sewende dag het gekom. Dit was nog nie mooi lig nie toe die optog om die stad weer begin het. Hulle het aangehou loop om Jerigo — een maal, twee maal, drie maal sonder om te rus, tot sewe maal.

En na die sewende maal het almal skielik stilgestaan.

Alles was nog stil.

Maar meteens het die priesters hulle basuine opgetel en hard daarop geblaas. En Josua het na vore gespring.

"Juig nou!" het hy geskreeu. "Juig nou almal. Die Here het die stad aan ons gegee."

En die volk het gejuig. Die gejuig het geklink oor die heuwels; dit het gegolf oor die land; dit het soos 'n stroom geslaan teen die mure van Jerigo, en teen die sterk poorte.

En kyk tog wat gebeur! Die swaar mure het begin bewe en bars, die deure het losgeruk van hulle skarniere, en die mure het met 'n gedreun soos van donder inmekaar geval. Bo oor die puin het die Israeliete die stad binnegesnel met swaarde in hulle hande, terwyl hulle skreeu van blydskap.

Toe dit aand word, was Jerigo net een groot puinhoop wat nog gerook het. Van al die goddelose spotters het nie een oorgebly nie. Hulle het uiteindelik hulle straf gekry. Hulle 191

huise en besittings is verbrand. En die Here het dit streng verbied dat iemand iets mag neem, want Hy het die stad vervloek omdat die mense sulke groot sondaars was.

Maar aan die rand van die stad het daar nog een huis gestaan op 'n stuk muur wat nie geval het nie. Dit was die huis van Ragab en die rooi lyn het soos 'n vlag uit 'n venster gehang.

Omdat sy geglo het, het die Here haar huis gespaar toe die mure geval het.

En die twee verspieders het na daardie huis gegaan en Ragab met haar familie veilig gebring na die kamp van die Israeliete.

TOE het dit nag geword. En in die donker het 'n man stilletjies uit sy tent gesluip en na Jerigo gegaan. Hy het voel-voel geloop tussen die verwoeste huise.

Die grond het nog onder sy voete gegloei, die warm lug het amper sy asem weggeslaan en sy vingers het gebrand toe hy in die as van afgebrande huise rondkrap. En wat hom nog meer benoud laat voel het, was dat iemand op hom sou afkom onderwyl hy doen wat hy nie mag doen nie.

Maar hy het aangehou. Sy gierigheid het hom aangedrywe om geld en ander skatte tussen die puinhope te soek. Hy het warm bakstene omgekeer en gesoek en gesoek. En hy het afgeklim in ondergrondse kelders.

En hoe bly was hy toe hy kry wat hy soek'. 'n Pragtige mantel, die kleed van 'n koning, nog heeltemal onbeskadig; 'n swaar goudstaaf en 'n sak vol blink silwergeld. Dit was genoeg. Dit was maar 'n klein deel van al die rykdom van Jerigo, maar vir daardie man was dit genoeg.

Die skatte sou hom ryk maak as hy later woon in Kanaän. Want dis net rykdom wat 'n mens gelukkig maak — so het hy gedink. En niemand het gesien wat hy steel nie. Niemand as net die Here. Ja, waarlik, die Here .... Maar Hy sou nie let op so 'n kleinigheid nie. Nee, dit sou nooit uitkom dat hy die Here se gebod oortree het nie.

Veilig het die man weer tuis gekom met die goed en dit onder sy tent begrawe. Hy het die grond vasgetrap en sy bed daar bo-op gesit. Toe het hy probeer slaap. Maar dit was asof die heilige oë van die Here

met toorn op hom afgekyk het, asof hulle dwarsdeur die tent, dwarsdeur die donkerte in sy hart gebrand het.

NIE ver van Jerigo nie, was Ai, 'n klein stadjie tussen die berge, wat ook ingeneem moes word. Josua het weer spioene uitgestuur. Toe hulle terugkom, het hulle gesê:

"Dis nie nodig dat die hele leër vir Ai gaan aanval nie, want daar is nie baie mense om dit te verdedig nie. Twee- of drieduisend man is oorgenoeg."

Toe het drieduisend man vrolik uitgetrek om die klein, magtelose plekkie in te neem.

Ag, maar wie kon dit dink! Die anderdag kom hulle terug, moeg en verskrik, en hulle het 'n aantal gewonde manne saamgedra. Hulle was verplig om te vlug van Ai, en baie van hulle is op die slagveld doodgemaak.

Hulle was heeltemal verslaan.

En dit het die bietjie mense van Ai gedoen!

Toe het dit baie stil in die kamp van Israel geword. Treurig het die mense bymekaar gesit.

Hulle het al hul moed verloor, want die geloof wat hulle sterk en bly gemaak het, het gewankel. Dit was 'n raaisel vir hulle dat die Here, wat hulle so wonderlik geseën het, hulle meteens verlaat het.

Josua het sy klere van droefheid geskeur en op sy knieë voor die ark geval.

"Here, Here," het hy gebid, "hoekom het U ons nie gehelp nie? Hoe kan ons hierdie land baasraak as U nie met ons gaan nie?"

Toe is die raaisel opgelos. Toe moes Josua hoor dat een van die Israeliete 'n groot sonde gedoen het, en dat daardie sonde soos 'n

muur was tussen die Here en Sy volk. Êrens in die 192

kamp moes daar 'n man wees wat die heilige gebod van die Here nie gehoorsaam het nie.

Hy het van die rykdom van Jerigo geneem wat die Here vervloek het. En die Here sou nie meer met Israel kan saamgaan voor daardie diefstal gestraf is nie.

Maar wie was die dief?

"Wie is dit?" het die mense uitgeroep.

Maar niemand het geantwoord nie.

Daar was net twee wat geweet het. Die alwetende Here en die dief self. Maar die dief sou homself nie verklik nie. Daarom het die Here hom aangewys.

DIE anderdagmore het die hele volk gekom na Josua. Hy het 'n sakkie gehad met twaalf klein klippies, elf wit en een swart. Toe moes die hoof van elkeen van die twaalf stamme 'n klippie uit die sakkie uithaal. En die Here het dit bestier watter een elk sou neem.

Wie het die swart klippie gekry?

Die stam van Juda.

Die dief was dan van daardie stam! Toe het al die families van Juda gekom om te loot, soos tevore gedoen is. En van hulle is die groot familie van die Sargiete aangewys. En uit daardie familie is die huisgesin van Sabdi aangewys.

Daarna het die laaste loting gekom. Alles was doodstil toe die manne vorentoe kom en een vir een sy hand in die sakkie steek. Wie het die swart klippie in sy bewende hand gekry?

Niemand anders as die man wat in die nag tussen die puinhope rondgesoek het nie.

"Agan, Agan!" het die mense geskreeu.

En toe het Agan alles beken. In sy tent het hulle die goud gekry. En met daardie skatte en met alles wat hy gehad het, is hy weggeneem na die dal Agor. Daar het hulle vir Agan, die dief, met klippe doodgegooi omdat hy ongehoorsaam was en sy volk in die ongeluk gestort het.

Hy wou ryk en gelukkig woon in daardie land en hy het nie gedink dat die Here sou let op sy diefstal nie. En nou het hy daar gelê naasaan sy rykdom onder 'n groot hoop klippe in die Dal van die Ongeluk.

NOU moes hulle Ai weer aanval en almal was seker van die oorwinning. En dit was nie dat hulle met meer mense sou veg nie, maar omdat hulle weer versoen was met die Here.

Josua het 'n slim plan gemaak. Nie ver van die stad nie, tussen die rotse en in die klowe, het hy 'n deel van sy manne laat wegkruip. Met die ander deel het hy vroeg in die môre gegaan tot vlak voor die stad.

Die vyande het hulle gesien aankom en was glad nie meer bang vir die Israeliete nie. Hulle het die stad uitgestorm om die leër van Josua aan te val. Die Israeliete het net so 'n bietjie geveg, en toe somaar gevlug! En die mense van Ai het hulle met groot gejubel agternagesit.

Hulle het gedink dat dit die tweede maal is dat hulle vir Israel verslaan het.

Maar hulle was te gou bly! Hulle wis nie dat Josua hulle maar net wou weglok van hulle stad nie. En hulle het nie opgemerk dat die

manne wat Josua naby die stad weggesteek het, uitgekom het en deur die oop poorte na binne gesnel het nie.

Dit was eers toe dit al te laat was, dat hulle gesien het wat gebeur het. Hulle het omgedraai en met die grootste skrik gewaar dat daar rook van hulle stad opgaan in die lug.

"Terug!" het hulle geskreeu.

Maar hulle kon nie terug nie. Want uit hulle eie stad het die Israeliete hulle tegemoetgekom.

Nou wou hulle vlug. Maar dit was onmoontlik. Want Josua het met sy mense van die ander kant af aangekom! Hulle was tussen twee leërs van die Israeliete gevang en is heeltemal 193

verslaan.

Niemand van hulle het oorgebly nie, en Ai is net so verwoes soos Jerigo.

Toe het die Israeliete geweet dat die Here' hulle nie verlaat het nie. Hul vertroue op Hom het hulle weer teruggekry.

DAAR was twee berge naby mekaar, Ebal en Gerisim, en tussenin was 'n dal. Daar het die hele volk saamgekom om vir die Here offers te bring en Hom te dank vir sy seën.

Daar het Josua die wette van Here, soos deur Moses opgeskrywe vir die volk voorgelees met al die seëninge en die vervloekinge. Dit was om die band tussen Israel en die Here nog sterker te maak. Die deel van die volk op Gerisim moes "Amen, Amen!" uitroep as die seën voorgelees word, en die ander deel by Ebal moes net so uitroep as die vloek voorgelees word.

Dit het mooi geklink en die mense vertroue op die Here gegee. Dit was so plegtig dat hulle dit nooit kon vergeet nie.

Hulle het goed geweet wie dit was wat hulle so voorspoedig gemaak het.

Dit was nie hulle eie dapperheid, of hulle eie sterk arms, of hulle skerp geslypte swaarde nie.

Dit was die Here self wat hulle gehelp het. Hulle hoef niks anders te doen nie, as net om gehoorsaam te wees en te glo in die mag van die Here.

Deur die geloof het die mure van Jerigo geval.

Dié geloof het krag gegee.

Dié geloof alleen het ryk en voorspoedig gemaak.

As Agan dit tog ook maar verstaan het!

46. Die Land Verower

Josua 9-12; 23, 24

IBEON was 'n sterk stad wat byna nie ^-* ingeneem kon word nie, en al sy manne was G baie dapper. Maar wat sou dit hulle help? Wat sou hulle kon doen teen Israel, daardie wondervolk wat dwarsdeur 'n see en 'n rivier getrek het?

Jerigo was ook verskriklik sterk, maar sy mure is soos papier geskeur, en in een dag is die hele stad verwoes. Vir die God van Israel was niks en niemand te sterk nie.

Die Israeliete se kamp was nog by Gilgal. Maar aanstons sou hulle optrek om die land verder in te neem. En wat sou dan van Gibeon word? Net soos Jerigo en Ai sou dit verwoes en al die slegte mense doodgemaak word.

Die leiers van die stad het wanhopig bymekaar gesit. Hulle het nie geweet wat om te doen nie. Vyf konings van die Suide het 'n verbond gemaak om saam te veg teen Israel. Vir hulle was daar nog hoop as hulle die Israeliete tegelyk sou aanval en dapper saam veg.

Maar die mense van Gibeon wou nie by hulle aansluit nie. Wat sou sit help? Daar was geen volk sterk genoeg om die Israeliete te verslaan nie. Want dit was die God van Israel wat vir hulle geveg het.

Maar daar *moes* darem 'n uitweg wees om nie doodgemaak te word nie. Kon Gibeon nie miskien vriende maak met die Israeliete nie?

Dit sou hulle red!

Maar die Israeliete sou dit nie wil doen as hulle weet dat die Gibeoniete in Kanaän woon nie.

Want hulle het Kanaän hulle eie land genoem. Hulle wou dit alles inneem en self daarin woon. Daarom moes die Gibeoniete 'n slim plan maak.

EENDAG het Josua voor sy tent gesit en gesels met die oudste manne van Israel. Toe sien hy dat daar ver 'n groot aantal reisigers aankom.

Hulle het maar eenvoudig gelyk. Hulle klere was geslyt en hulle skoene was gelap. Die leerwynsakke op hulle esels was geskeur en weer toegebind. Moeg en vol stof het hulle aangesukkel gekom tot by Josua en toe laag voor hom gebuig.

"Meneer," sê die oudste een, "ons groet u met eerbied. Ons het gekom om te vra u moet 'n verbond met ons maak!"

"Wie is julle?" vra Josua, "en waar kom julle vandaan?"

Hulle antwoord:

"Meneer, ons kom van 'n baie ver land. Kyk maar net, hierdie brood het warm uit die oond gekom net voor ons op reis gegaan het, en nou is dit droog en verkrummel. Hierdie wynsakke was nuut toe ons hulle volgemaak het en nou is hulle geskeur. En ons klere en ons skoene is heeltemal opgeslyt, so lank was die reis."

Josua het gelag.

Hy het lekker gekry om te dink dat Israel al so beroemd was dat 'n vreemde volk bang is vir hulle. Kyk, sy mense was alreeds besig om kos en iets om te drink reg te maak vir daardie reisigers. En Josua was vriendelik teenoor hulle en het 'n verbond met hulle gemaak.

Hy en die oudstes van Israel het belowe om nooit oorlog te maak teen die volk van daardie vreemdelinge nie, maar hulle te laat lewe.

Nadat die vreemdelinge ewe bly teruggegaan het na hulle mense het Josua 'n bietjie onrustig begin word.

'n Fotograaf besig om foto's te neem van die fontein Harod waar Gideon voor sy stryd teen die Midianiete laer opgeslaan het (Rigt. 7: 1). Dit lê noord van Gilbóa en oos van Jisreël. "Daarop sê die Here vir Gideon: Die manskappe is nog te veel , bring hulle af na die water, dan sal Ek hulle daar vir jou uitsoek" (Rigt. 7: 4).

Die berg Gerisim — ongeveer twee myl suid van Sigem. Nadat Israel Jerigo en Ai ingeneem het, het Josua die een helfte van die volk teen Gerisim en die ander helfte teen die berg Ebal laat staan. Toe het hy 'n afskrif van die wet vae Moses op klippe gemaak. "En daarna het hy al die woorde van die wet voorgelees" (Jos. 8: 34). Op Gerisim het Jotam sy merkwaardige toespraak gehou (Rigt. 9: 7-21).

Hy het een ding vergeet. Hy het gedink hy is self slim genoeg. Hy het nie die Here se raad gevra nie.

DRIE dae later het die Israeliete by 'n groot stad gekom, in die middel van Kanaän. Die stad se naam was Gibeon!

Die poort daarvan is dadelik oopgemaak en 'n hele klomp ou, aansienlike manne het uitgekom. Maar waar het die Israeliete daardie manne tevore al gesien?

Nou het hulle voor Josua gestaan. Hulle was verleë en bangerig en het eerbiedig na hom gekyk met hulle listige oë.

"U sal ons tog geen kwaad doen nie?" het hulle gevra. "U het tog 'n verbond met ons gemaak."

Josua en die ander leiers van die volk het geskrik. Hulle het baie skaam gevoel. Maar al was hulle vreeslik kwaad vir die bedrieërs, het hulle hul darem nie doodgemaak nie. Hulle belofte was heilig. Dit mag nie geskend word nie. Die Gibeoniete kon lewe, maar nie veel meer as dit nie. Hulle sou hulle vryheid verloor. Hulle moes houtkappers en waterdraers vir die tabernakel wees. Hulle moes die

mees veragtelike slawewerk doen. Dit was die straf vir hulle slim bedrog.

Daar was vyf konings in die Suide wat gehoor het van die vrede wat die Gibeoniete gemaak het. Dit het hulle laat skrik.

Adoni-Sedek, die koning van Salem, het die ander saamgeroep, en vyf groot leërs het opgetrek om die Gibeoniete te straf vir hulle verraad. Dit wil sê, omdat hulle vrede gemaak het met Israel en nie teen hulle geveg het nie. Maar in die donker nag het 'n dapper Gibeoniet deur die leër van die vyand, wat die stad omring het, gesluip en na Josua in Gilgal gehardloop.

"Meneer," het hy gesmeek, "kom asseblief gou om ons te help!" En al het die Gibeoniete Israel gruwelik bedrieg, het Josua getrou gebly aan hulle. Hy het die dapper manne van Israel bymekaar laat maak, en in die nag het hulle deur die donker land getrek om die vyf leërs van die Amoriete aan te val.

"Moenie bang wees nie, Josua, want Ek sal jou laat wen." Dit was wat die Here gesê het toe Josua Hom vra wat om te doen. Nee, nou het Josua nie vergeet om die Here te vra nie. Sy woorde het nog geklink in Josua se hart toe hy vroeg in die oggend die vyande dapper aangeval het, daar onder die mure van Gibeon.

Dit het 'n kwaai geveg afgegee wat ure lank geduur het. Maar die Here het die Israeliete sterk gemaak. Hulle het die vyande weggedryf van die stad en hulle agternagesit. Die Here het self saamgeveg. Hy het groot swart wolke laat opkom en daaruit het groot haelstene op die Amoriete neergereën. Die hael het meer van hulle doodgemaak as die swaarde van die Israeliete.

Die tyd het gou, te gou, verbygegaan. Die son het net so vinnig deur die lug getrek as op ander dae, en was alreeds bokant die huise in Gibeon. Aan die ander kant van die hemel was die halfmaan te sien tussen die wolke bokant die dal van Gibeon. As dit te gou donker

word, sou die Israeliete hulle vyande nie heeltemal kan vernietig nie. En dan kon die Amoriete weer teen hulle veg.

Josua het daaraan gedink. Hy was op die voorpunt van sy mense, moeg en natgesweet, maar ywerig en vol moed. Dit het hom verdrietig gemaak dat hy sy werk nie goed klaar kon kry nie. Hy moes die wil van die Here volkome laat geskied. Die Here wou hê dat al die goddelose vyande van Israel sou uitgeroei word, sodat hulle rustig kon woon in Kanaän.

In sy heilige ywer en sy groot geesdrif, het Josua hom een gevoel met die Here. Sy geloof was sterk, en dit het hom aangedrywe. Kon daardie geloof nie 'n pad maak deur 'n bruisende rivier en sterk mure laat omval nie? Sou iets vir daardie geloof onmoontlik wees?

Josua het eers met die Here gepraat en toe sy swaard hoog op in die lug gesteek en uitgeroep:

"Son, staan stil in Gibeon, en maan, in die dal van Ajalon!"

Toe het hy verder gesnel, voor sy mense uit. Hy het geen oomblik getwyfel nie. Hy het net aan die werk gedink wat die Here hom gegee het. Hy het die Amoriete voor hom uitgedrywe soos 'n trop skape, en uur na uur geveg .... en dit het nie donker geword nie.

Die son het stilgestaan en gewag en vir hom lig gegee. Ook die maan het stilgestaan en gekyk totdat die laaste vyand verslaan was. Die hele wêreld het asem opgehou.

En toe eers, op die bevel van die Here, het die son agter die gesigseinder verdwyn, en die maan het weer beweeg en verder op sy baan gegaan. Die sterre het helder oor die slagveld gevonkel. En nooit vroeër, of later, was daar ooit 'n dag soos hierdie een nie, wat byna dubbel so lank was as 'n gewone een.

Die son en die maan het geluister na die woord van 'n mens. Maar in daardie mens het daar

'n goddelike mag gewoon — die geloof.

En agter daardie geloof was die Here self, die Skepper van die hemel en die aarde, vir wie die son en die maan moes gehoorsaam wees.

GEEN vyand was sterk genoeg vir Israel nie. Ook Jabin, die groot koning uit die Noorde, met al sy oorlogswaens, is geheel en ai verslaan. Toe was Josua se werk klaar. Een-en-dertig konings het hy oorwin. Net so hier en daar was daar nog klein klompies Kanaäniete en dit was nie die moeite werd vir die hele volk se groot leër om hulle te gaan uitroei nie. Wanneer die land onder die stamme verdeel sou wees, kon elke stam sy eie gebied skoonmaak.

Ja, die land van melk en heuning is tussen die stamme verdeel. Elke stam het sy woonplek gekry, en was bly om daar te gaan woon. Net die stam van Levi het nie 'n eie streek gekry om in te woon nie. Tussen die ander stamme het hulle gewoon in agt-en-veertig stede en, as knegte van die Here, was hulle leiers van die volk. En omdat hulle geen grond gehad het om op te saai of vee op te laat wei nie, moes al die mense elke jaar aan die Leviete 'n tiende van hul oes bring. Die tyd van oorlog maak en moeite was verby. Nou kon die mense rus.

IN die land waar Abraham as 'n vreemdeling rondgeswerf het, het nou tienduisende van sy nageslag gewoon. Die Here se beloftes is vervul. Hy het geen woord gespreek wat nie uitgekom het nie.

En in Silo was die tabernakel. Daar het die priesters offers met dankbaarheid gebring. Daar het die Here self as 'n Vader gewoon onder Sy volk.

TOE Josua oud was, het hy nog een maal die volk laat bymekaarkom by Sigem, naby die berge Ebal en Gerisim.

Daar het hy voor duisende gestaan, maar hy was nie meer die jongman van vroeër nie. Sy hare was wit en sy rug krom. Maar sy geloof het hom nie verlaat nie.

Nou wis hy dat hy binnekort moes sterwe. Nou wou hy afskeid neem van sy volk, sy gelukkige volk, wat hy met sy hele hart innig liefgehad het.

Hy wou so graag hê dat hulle altyd gelukkig sou bly.

En Josua het geweet hoe dit kon gebeur. Die volk moes net by die Here bly. Hy moes aan Hom vashou met sy hele hart.

Maar daar was so baie slegte dinge wat die volk van Hom kon aftrek. Dit het Josua ook geweet. Hy het die volk gewaarsku teen die afgode, wat deur die dwase heidene aanbid is.

Hy het hulle herinner aan die goedheid en die genade van die Here. Hy het vinnig en geesdriftig gepraat. Hy was nog dieselfde sterk geloofsheld van vroeër. Hy het hard uitgeroep sodat almal dit kon hoor:

"Kies vir julle vandag wie julle wil dien, óf die afgode, óf die Here wat hierdie land vir julle 198

gegee het. Maar ek en my huis, ons sal die Here dien!"

Sy eie geesdrif en ywer het oorgegaan op die mense. In almal se harte het die liefde tot die Here opgevlam.

"Die Here is ons God!"

Dit was die antwoord van die volk en dit het weerklink tussen die berge. Dit was wat hulle gekies het. Toe kon Josua gerus sterwe. Die mense het teruggegaan na hulle huise.

En nie lank daarna nie het hy self gegaan na sy hemelse huis. Sy geloof wat hom eenmaal deur die Jordaan gebring het, het hom nou

gelei dwarsdeur die dood na die land van die ewige rus.

199

47. Debora

Rigters 4 en 5

IE aarde het gedreun. Die ysterwaens van Jabin het in wilde vaart oor die paaie D gegaan. Hulle het in die Noorde oor die bergpasse gekom, uit die land van die Kanaäniete waar Jabin koning was. Sisera, die wrede generaal, het voor hulle uitgegaan.

Hulle het oor die hele land geswerm. Geen dorp of huis was veilig teen hierdie wilde mense nie. Hulle het druiwe gesny van wingerde wat hulle nie geplant het nie. Hulle het op hulle waens koring gelaai wat hulle nie geoes het. Hulle het vee geroof en groot troppe aangedrywe na hulle eie land.

Niemand het dit gewaag om Sisera, die man met die ysterhart, teë te staan nie. Hy het geen jammerte geken nie. Net waar hy kom, het hy lyke agtergelaat. Hy het selfs die vroue doodgemaak wat water by die putte gaan haal het.

Mense het nie meer op die paaie geloop nie. Dit was net in die dorpe waar hulle veilig was, of in die spelonke van die berge. Daar het hulle weggekruip, die arme mense van 'n ongelukkige land. Later het hulle versigtig gesluip deur die veld en gestaan en huil by hulle koringskure wat leeg en afgebreek was. *Hulle* moes werk, terwyl Sisera geoes het.

Reeds twintig jaar lank was Sisera die harde regeerder van die land, en Israel was sy slawevolk.

ISRAEL? .... Was dit Israel, die wondervolk, die magtige volk van die Here?

Ja. Maar Israel het die Here verlaat, en nou was hulle nie meer magtig nie.

Ag, dit was hulle wat so met geesdrif uitgeroep het toe Josua van hulle afskeid geneem het:

"Die Here is ons God!"

Maar toe Josua dood was, en al die ou mense wat die groot wonders van die Here gesien het, tóé het daar 'n nuwe geslag grootgeword wat in Kanaän gebore is. By hulle het die geloof langsaam weggekwyn. Die lewe daar was so maklik en gerus. Hulle het in 'n vrugbare land gewoon. Hulle het geëet en gedrink, gewerk en geslaap, en soms feesgevier. Die son het elke dag geskyn, of hulle nou gebid het of nie. Die koring het vanself gegroei en brood was daar genoeg.

En watter wonderlike stories het hulle ouers hulle soms vertel, van Moses en Josua, en van die wonders in die woestyn! Ag, dit was al so lank gelede; dit was, soos hulle gedink het, maar net mooi stories en niks meer nie. 'n Mens kon hulle maar gerus vergeet; in Kanaän het 'n mens die Here nie meer nodig gehad nie — so het hulle gedink.

Daar, tussen hulle in, was daar nog in die heidense Kanaän, slegte mense wat nog nie verdryf was, soos die Here gebied het nie. Hoekom sou hulle dit doen? Dis mos baie lekkerder om rus te hê en nie te veg nie. En 'n mens kon baie leer van hierdie Kanaäniete.

Hulle het goed geweet hoe om die grond te bewerk. Hulle het ook beelde van hout of klip gehad, en as hulle daarvoor neerkniel, het die koring soveel mooier gegroei. Daar was die beeld van die afgod Baal wat — so het hulle gedink — op die son woon. En een van Astarte, die godin van die hemel. Vóór die beelde was altare waarop offers gebring is. En partymaal is groot feeste gevier waarop daar baie sonde gedoen is.

Maar was dit regtig sonde? Die Israeliete het nie meer aan goed of verkeerd gedink nie.

Hulle het self ook beelde van Baal en Astarte gemaak en offers gebring en daarvoor neergekniel. En die sonde van hierdie dwaasheid het hulle nie meer besef nie. Hulle geloof, wat aan slaap geraak het, het nou heeltemal verdwyn. Dit was nou hulle dank teenoor die Here wat hulle die mooi land gegee het, en vir al Sy seëninge.

MAAR al het daardie ondankbare volk nie meer aan die Here gedink nie, die Here het nog baie aan Sy volk gedink. Hy was tog die Vader van Israel.

Die Here het Israel gestraf om hulle te leer hoe dwaas hulle optree. Soos 'n wagter 'n koppige skaap terugslaan na die kudde, só wou Hy Sy volk terugdrywe na Homself.

Hy het 'n vreemde volk gestuur om Israel te onderdruk en hulle land te beroof. Die rus in Kanaän was verby. 'n Tyd van bloed en trane het gekom.

En toe het die geloof wat al byna dood was, weer wakker geword. Die ou verhale het weer lewendig geword. Israel het aan die Here gedink en gesmeek dat Hy hulle moet verlos.

Dis net hiervoor wat die Here gewag het. Hy het 'n man geroep, 'n held, wat die vyande weggejaag het. Toe het daar weer rus en vrede gekom. Maar Israel was 'n koppige volk. Die Here moes waarlik baie geduld hê met Sy ondankbare kinders.

Hulle het elke slag weer van Hom afgedwaal. Elke slag moes Hy hulle weer tugtig. En altyd weer, as hulle kerm, was Hy vol liefde en gewillig om hulle weer vry te maak.

Dit het nou al drie maal so gegaan. Eers, toe die koning van Mesopotamië die Israeliete verdruk het, en hulle die Here aangeroep het, het Hy hulle 'n verlosser gegee, naamlik Otniël. Deur hom is die volk verlos uit die hand van die koning.

Later was dit weer Ehud wat hulle van die

Moabiete verlos het, en wat selfs tot binne-in die

paleis van die koning gedring en hom

doodgemaak het.

En toe was dit weer Samgar, 'n eenvoudige boer,

maar 'n dapper man, wat *alleen* baie Filistyne met

'n osdrywerstok verslaan het.

Hulle was helde, daardie drie manne, met gelowige harte. En die Here het hulle krag gegee.

Hulle is *Rigters* genoem.

Maar Samgar was al só lank dood. En nou was die land weer in ellende gedompel, deur sy eie skuld, en erger as tevore. Daardie volk, wat deur die Israeliete onder Josua byna uitgeroei is, het hulle nou weer sy slawe gemaak. Sou die Here hulle nou nog weer wil verlos?

In hulle huise, of in die spelonke, het hulle hul hande opgelig om te bid dat die Here hulle moet red. Oor die hele land het die gebede opgegaan na bo. Die vyande kon dit nie sien of verhinder nie. Soos 'n onsigbare wolk het die baie gebede opgesweef na die hemel, na die heilige troon van die Here.

"O Here, ons het sonde gedoen! .... Wees tog U volk genadig!" So het hulle gebid.

Sou die Here nou weer wil hoor? Was Sy liefde

waarlik so groot?

DAAR het êrens in die bergwêreld 'n wyse vrou

gewoon. Haar huis het onder 'n palmboom

gestaan.

Ramses III. Hierdie Egisptiese vors het

Debora was haar naam.

moontlik oor Egipte geregeer gedurende

die tyd van die Rigters

Baie in Israel het daardie huis onder die

palmboom geken. Daar het hulle dikwels raad kom vra.

En sy, die egte moeder in Israel, was altyd gereed om te help. Maar nou kon Debora hulle ook nie help nie, al het die ellende van haar volk haar moederhart laat bloei, en al was haar gedagtes ook altyd daarmee besig. Sy kon net een ding doen. Sy kon bid dat die Here vir hulle die verlossing sou stuur.

EEN môre, toe sy buite kom en onder haar palmboom gaan sit, het haar oë van vreugde geskitter soos nie in jare tevore nie. Sy het die stem van die Here gehoor. Sy alleen het geweet dat die verlossing gekom het.

Ver in die Noorde, naby die koninkryk van die groot Jabin, het daar 'n dapper man gewoon.

Sy het hom laat roep. Sy naam was Barak, en dit beteken *weerligstraal.* En soos 'n weerligstraal wat deur die Here gelei word,

moes hy aanstons die vyand tref. Sy het die Here se bevel aan hom oorgedra.

"Gaan, Barak, en trek na die berg Tabor met tienduisend man. Dan sal Ek, die Here, Sisera na jou toe stuur met sy waens en sy leër, en Ek sal jou die oorwinning gee!"

So het Debora vir hom gesê. Dit was die bevel van die Here.

Het Barak daaraan gedink dat dit so was? Hy het na Debora gekyk en getwyfel. O, hy het moed genoeg gehad. Hy was nie 'n bang man nie. Maar sy geloof was nie so groot soos dié van Debora nie.

"Sal my manne dit waag?" het hy gedink. "Hulle is tog so bang vir Sisera! As Debora maar wil saamgaan, dan sou hulle dit darem waag! Hulle het haar so lief! Haar het hulle lief, en haar sal hulle oral volg . . . . "

Toe antwoord Barak: "Ek sal gaan as jy saamgaan, Debora. Maar as jy nie gaan nie, gaan ek ook nie."

Toe het Debora saamgegaan om leier in 'n heilige oorlog te wees. Sy het alles oor gehad vir haar volk, ook haar lewe. Maar vir Barak het sy gesê:

"Omdat 'n vrou met jou saamgaan, sal 'n vrou ook die eer kry. Sisera sal doodgemaak word, maar nie deur jou nie, Barak!"

DIESELFDE dag het boodskappers die land deurgegaan en die mense toegeroep: "Kom op na Tabor! Kom veg teen Sisera!" En nie lank daarna nie was daar 'n leër op die been.

Tienduisend manne uit twee stamme, tienduisend geesdriftige vegters het hulle om Debora versamel.

Tabor is 'n steil berg wat omring is deur die groen grasvlakte van Megiddo. Deur daardie vlakte het die riviertjie Kison gestroom. Daar het die manne gewag, baie ongeduldig, totdat Sisera kom.

DIT het nie lank geduur nie. Sisera het sy spioene gehad, en dié het al vir hom gesê dat daar opstand in die land gekom het. En dadelik het hy opgetrek met sy leër. Die Israeliete was mos sy slawe en hulle moes dit ook bly.

Hoor hoe dreun die aarde toe hy aanstorm met sy waens oor die vlakte!

Bo-op 'n hoë koppie het Debora gesit en gesien hoe hulle aankom. Sy het die wilde geskreeu van die soldate gehoor, en ook gehoor hoe die swaarweer ver weg dreun. Sy het gesien dat 'n groot onweer aan die kom is. Nou was dit die tyd.

"Trek op en val aan, Barak," het sy gesê. "Gaan die Here nie voor jou uit nie?"

Ja, die Here het voor Barak uitgegaan.

Met sy tienduisend manne het Barak van die hoogte afgesnel en hulle het soos 'n leeu op hul vyande gespring. En die hemel het saamgeveg, want reën en hael het neergeslaan op die manne van Sisera. Dit was 'n vreeslike onweer. Die wolke het gebreek daar oor die 202

Kisonrivier, wat 'n woeste, bruisende stroom geword en oor die vlakte versprei het. In die papnat grond het die waens van Sisera diep ingesink.

Daar was groot verwarring onder hulle. Perde het gesteier en weggesink in die modder.

Party waens het omgeslaan. Die soldate het ook nie meer geluister na hulle leiers nie.

Die groot leër is verslaan. En die groot Sisera het van sy wa afgespring, sy mense in die steek gelaat en te voet oor die vlakte gevlug om sy lewe te red.

NIE ver daarvandaan nie het 'n klein klompie mense hulle tente opgeslaan. Hulle was swerwers, en is genoem die Keniete. Die mansmense was almal weg, ook die hoofman, Heber. Maar Jael, sy vrou, het voor haar tent gestaan.

Toe sien sy iemand aankom, 'n man wat doodsbleek en met geskeurde klere hardloop. Sy het hom goed geken, en sy het groot geskrik. Dit was mos Sisera, daardie wrede generaal!

Hy is aan die vlug en hy wil hom wegsteek in Jael se tent. Daar sou niemand hom soek nie, want 'n vreemde man mag nooit in die tent van 'n vrou kom nie. Wat het Sisera omgegee?

Hier, by hierdie geminagte mense sou hy veilig wees.

Jael het Sisera gehaat. Almal het hom mos gehaat. En dit was haar plig om nie toe te laat dat hy, wat 'n man is, in haar tent kom nie.

Maar sy was maar 'n swak vrou. Sy was nie in staat om 'n sterk, bloeddorstige rower soos hy was, teë te hou nie. Sy moes hom maar laat binnekom.

Maar Jael was 'n listige vrou! Sy het hom nie laat merk hoe bang of hoe kwaad sy vir hom is nie. Sy het hom vriendelik genooi om in te kom. En toe hy water vra, bring sy hom 'n bietjie lekker, koel dikmelk, iets wat goed is om 'n mens te laat slaap.

Toe was Sisera gerus. Jael het buitekant gestaan en sou enige persoon wat hom kom soek, nie in die tent laat kom nie. En Sisera het lekker op 'n velletjie plat op die grond in Jael se tent gaan lê om te slaap. Hy was baie in sy skik met sy slim plan.

Jael het deur 'n skrefie geloer .... Daar lê die wrede man, die moordenaar van vroue en kindertjies. Sy oë was toe, en hy was vas aan die slaap.

Sou Jael hom nou beskerm? .... Moes hy later nog meer arme mense ongelukkig maak?

Jael se hart het haar baasgeraak. Haar naam het beteken 'n wilde klipbok, en sy was vir niks bang nie. Sy het 'n skerp tentpen geneem en stilletjies na Sisera gegaan. Met 'n hamer het sy vinnig die pen dwarsdeur die slaap van sy kop gedryf, so diep dat die punt in die grond ingedring het.

Dit was die einde van daardie vreeslike man.

TOE Barak daar aankom en uitvind hoe sy vyand deur 'n vrou vasgespyker was aan die grond, was hy bedroef. Debora het reg voorspel. Hy self het nie die grootste eer gekry nie.

Maar hy was baie bly *oor* die *groot* oorwinning. En saam met Debora het hy 'n mooi lied gesing, 'n lofsang vir die Here.

"Loof die Here!"

DIT was weer rustig in Kanaän. Debora, die moeder in Israel, het die dankbare volk gelei. En Israel het die Here gedien. Maar hoe lank sou dit duur?

48. Gideon

Rigters 6 en 7

RENS, aan die een kant van 'n groot rots, was daar 'n wingerd met 'n groot Êterpen

tynboom langsaan. In die skaduwee van die boom was daar 'n parskuip, waarby 'n jong man alleen, en so stilletjies as wat hy kon, besig was.

Dit was snaaks, want hy het nie druiwe gepers nie. Hy het koringare in die kuip gegooi en dit met 'n groot houtstamper gestamp. Dan het hy die strooi uitgeskud op 'n hoop en die koring in 'n sak gegooi. Dit was swaar, vet, geel koringkorrels wat hy soos vloeibare goud deur sy vingers laat gaan het, maar in die donker oë van die man was daar geen blydskap nie.

Bedruk en verdrietig het hy sy werk gedoen en in sy hart het hy bitter gevoel.

Partymaal het hy op die rots geklim, wat soos 'n oond gebrand het in die son, en van bo af lank oor die sonnige land getuur, na die Ooste toe. Hier naby het klompies mense haastig gewerk op die geel koringvelde.

Nee, hy kon sien die Midianiete was nog nie aan die kom nie, maar hulle sou net so seker kom as wat die oestyd gekom het. Nou al reeds sewe jaar na mekaar het hulle elke slag hierdie tyd van die jaar gekom. Hulle was 'n wilde klomp rowers wat so vinnig soos die wind op kamele gery het. Soos 'n groot swerm sprinkane het hulle oor die land versprei en almal wat voorkom, doodgemaak. Wat hulle nie geroof het nie, het hulle verniel. Geen skaap, geen bees, geen esel het hulle agterlaat nie. En as hulle alles bymekaargemaak het en met baie goed weggetrek het, oor die Jordaan, terug na hulle eie land, dan het die arme Israeliete soos konyne wat in gate weggekruip het, weer te voorskyn gekom uit die spelonke. Hulle land was verwoes. Hulle het 'n jaar lank hard gewerk en moes nou honger ly.

Daarom het Gideon so stilletjies en geheimsinnig soos 'n dief gewerk by sy parskuip. Hy wou die oes red en dit wegsteek in die rotsskeure. Omdat sy volk die Here weer verlaat het, daarom was hy so terneergedruk. Nou was die land in groot nood en die mense het die Here weer gesmeek dat Hy hulle moet verlos. Maar dit het gelyk asof Hy nie hoor nie. Debora was al lankal dood. Wie sou dit nou waag om leier van die volk te wees teen die sterk rowers?

METEENS het Gideon wakker geskrik uit sy droewige gepeins en verwonderd opgekyk.

Onder die boom was daar 'n Man wat na hom sit en kyk. En die Man het opgeruimd gesê:

"Die Here is met jou, dapper held!"

Die Here is met jou?

Die woorde het Gideon weer laat dink aan sy bedruktheid. Hy het sy kop stadig geskud en gesê:

"Ag, meneer, as die Here met ons is, hoekom gaan dit so sleg met ons volk? Die Here doen nie meer wonders soos vroeër nie. Hy het ons aan ons lot oorgelaat en ons word nou vertrap deur die Midianiete . . . . "

Maar die man het voor hom kom staan en gesê:

"Gaan, Gideon! Jy moet Israel verlos. Ek het gekom om jou te stuur!"

Dit het Gideon inmekaar laat krimp van bangheid. "Ek?" het hy angstig uitgeroep. "Ek is maar 'n eenvoudige man en die geringste in ons hele familie. Hoe sou *ek* dit kan doen?"

"Omdat Ek met jou sal wees" sê die Engel. "Daarom sal jy die Midianiete tot die laaste een toe verslaan."

Toe het daar geloof in Gideon se hart geflits, en hy het vol eerbied op sy knieë geval. *"Ek* sal met jou wees .... !" Dit was nie 'n mens nie, maar 'n Engel. Dit was die Here self wat met hom praat. O ja, as die Here help, kan 'n mens alles doen!

Gideon het nie meer koring uitgeslaan nie. Hy het 'n bokkie geslag en vir die Here 'n offer op 204

die rots gebring. En toe hy huis toe loop, het 'n heilige vuur in sy oë geskitter. Die groot geheim in sy hart het al die droefheid en moedeloosheid laat verdwyn.

Maar daar was nog niemand wat geweet het wat in die stilte by die rots gebeur het nie.

Vallei van Jisreël vanaf Nasaretheuwel In die oostelike deel van hierdie vlakste het Gideon teen die Midianiete geveg (Rigt 6. 33) en Saul teen die Filistyne (1 Sam. 28: 4-29:11). In die westelike deel het Barak Sisera verslaan (Rigt. 4) en is Josia in die geveg teen farao Nego verslaan (2 Kon. 23:29).

DIT het nag geword. Almal in die dorpie Ofra het geslaap. En voor die huis van Gideon se vader, Joas, was daar 'n beeld van Baal. Dit het gelyk asof hy met sy blinde oë in die donkerte kyk. Naby was 'n heilige boom wat gewy was aan Astarte, die godin van die hemel.

Die hele stad het altyd hierheen gekom om offers te bring en om 'n beeld, en 'n boom, te aanbid.

Dit was deur hierdie soort sonde dat Israel in so 'n groot ellende gekom het.

Selfs Gideon se vader Joas het ook saam dié sonde gedoen.

SJUUT! Wat hoor 'n mens daar? Deure in Joas se huis het oopgegaan. Donker gedaantes het saggies nader gekom en by die beeld gestaan. 'n Byl het geflikker in die flou lig van die sterre.

"Breek af die beeld en die altaar," het 'n stem gesê, "en kap die boom om."

Dit was Gideon se stem. Die Here het hom dit gebied. En sy tien dienaars het gehoorsaam.

Toe dit môre word en die mense van die dorp kom om vir Baal hulle offers te bring, sien hulle alles is verwoes. En waar hulle altaar gestaan het, was nou 'n nuwe altaar, wat aan die Here gewy was, met die oorblyfsels van 'n brandoffer wat nog 'n bietjie gerook het.

"Wie het dit gedoen?" het hulle geskreeu.

En hulle het gou geweet. Dit moes Gideon wees.

Met baie lawaai het 'n klomp voor die huis van Joas bymekaargekom en geskreeu:

"Bring jou seun hier. Hy moet vandag sterwe."

Maar Joas was 'n slim man, en hy het sy seun tog liewer gehad as vir Baal.

"Moet julle dan vir Baal veg?" het hy gevra. "Is Baal dan 'n kind wat nie vir homself kan sorg nie? Wag maar, as hy 'n god is, sal hy my seun self straf!"

Dit het die mense laat luister. Almal het nou gestaan en wag vir die vreeslike straf wat Gideon sou tref.

Hulle het gewag . . . . en gewag .... maar niks het gebeur nie. En nie lank daarna nie hoor hulle dat die Midianiete gekom en kamp opgeslaan het op die vlakte van Jisreël. Toe kon Gideon nie langer wag nie. Die Gees van die Here het hom aangedrywe. Hy het 'n basuin geblaas dat dit weerklink het oor die heuwels. Hy het dadelik sy dienaars gestuur om al die manne van sy eie stam, Manasse, op te roep om te veg. Ook het hy boodskappers gestuur na ander stamme — Aser, Sebulon en Naftali. En van alle kante het hulle gekom. Elke dag het sy leër groter en sterker geword.

Maar dit was snaaks dat Gideon hom juis nou baie swak begin voel het. Nou dat hy die vyand moes aanval, het sy moed verdwyn. Dit was omdat hy die geweldige groot leër van die Midianiete gesien het, met hulle duisende kamele en lang spiese, wat so vinnig oor die vlakte gery het. Alte graag wou hy glo dat hy met sy swak gewapende boere hierdie vyande kon oorwin, maar hy *kon* dit nie glo nie. Terwyl hy so tussen sy eie mense rondloop, het hy baie bekommerd geraak.

"Here," het hy gebid, "help my tog asseblief! Wil U Israel waarlik verlos? Sê my dit tog, o Here! Gee my 'n teken. As ek 'n skaapvel vanaand buitekant op die grond sit, en net die vel môre natgedou is, terwyl die grond rondom droog is, dan sal ek weet dat U die volk Israel deur my wil verlos, soos U gespreek het."

Hy het dit gedoen, en waarlik, die anderdagmôre was die vel so nat dat hy 'n kom vol water daaruit gedruk het. Maar die grond rondom was kurkdroog.

TOE was Gideon vrolik, maar net ... . vir 'n uur. Sy geloof was so swak. Sy bekommernis was nog nie heeltemal weg nie. Daardie aand het hy die vel weer op die grond gesit.

"Here," het hy eerbiedig gebid, "wees tog nie kwaad vir my nie, maar gee my nog net een maal 'n teken. Laat die grond môre nat van die dou wees, en die vel droog. Dan sal ek glo in U mag

En die Here het gedoen soos Gideon gevra het. Hy het baie geduld gehad met Sy kneg. Die volgende oggend het die dou soos pêrels gehang aan die boomblare en die gras, maar die skaapvel was kurkdroog.

Toe het Gideon niks meer getwyfel of beangs gewees nie. Moedig en vol geloof het hy met

'n groot leër opgetrek teen die vyand.

TWEE maal is Gideon se geloof versterk, maar ook twee maal beproef. Die Here wou Gideon en sy volk leer dat Hy, en Hy alleen, vir hulle verlos, sodat hulle almal in Hom sou glo.

"Jy het te veel mense by jou, Gideon," het Hy gesê.

Te veel? Kon dit wees? Gideon het dit nie verstaan nie, maar hy het gehoorsaam wat die Here hom gebied het. Hy het vir sy manskappe gesê:

"Dié wat bang is en bewe, kan maar teruggaan huis toe."

Toe het twee-en-twintigduisend omgedraai en net tienduisend het oorgebly. Maar Gideon het moedig met hulle verder getrek. Hy het nie meer op sy leër vertrou nie. En nog 'n keer het die Here hom beproef. Hy het net driehonderd manne aangewys wat kon bly. Al die ander kon ook teruggaan.

Vir Gideon het dit nie meer saak gemaak nie. Dat die Here saamgetrek het, was vir hom genoeg. Hy was tog sterker as al die leërs op die aarde.

Gideon het op 'n hoogte gestaan met sy klein klompie mense. Dit was aand. Daar onder in die leegte het die vure in die vyand se kamp gebrand en 'n rooi lig gegooi op die tente en die kamele. Maar Gideon het gelê en rus, vol vertroue en heeltemal kalm.

Toe word dit nag, en donker, stikdonker. Gideon het opgestaan en stilletjies die hoogte afgegaan. 'n Stem, wat niemand anders gehoor het nie, het gesê hy moet gaan na die leër van die vyand. En Pura, die man wat sy wapens moes dra en altyd naby sy meester was, het ook stilletjies saamgegaan op hierdie gevaarlike pad.

Versigtig het hulle aangekruip van die een bossie na die ander. Die skildwagte het hulle donker gedaantes nie opgemerk nie. Uiteindelik was hulle by die tente van die Midianiete.

As iemand hulle nou gewaar, sou dit gedaan gewees het met hulle.

Sjuut! Hulle hoor iets! Iemand skreeu asof hy erg geskrik het. Toe hoor hulle stemme naby in

'n tent praat. Gideon het sy oor teen die tent vasgedruk en geluister.

'n Soldaat het wakker geword en sy droom aan 'n maat vertel.

"Luister," het hy gesê, "dit was baie snaaks. Ek het gedroom dat 'n hard gebakte garsbrood van die berg afrol. Dit het al groter geword en reguit na ons aangekom. Toe dit ons tent raak, het dit hom heeltemal onderstebo geslaan!"

Die ander het sag gekerm en toe beangs gesê:

"O, ek weet wat dit beteken. Ons is verlore. Die droom is seker 'n teken dat Gideon se leër ons heeltemal gaan verslaan!"

Toe Gideon dit hoor, het hy daar in die donker neergekniel en die Here aanbid. Hy was tog te bly en dankbaar. Nou het hy verstaan hoekom die Here hom hierheen laat kom het. Om sy geloof nog 'n keer te versterk, net voor die geveg.

Gou het hy teruggegaan en vrolik sy klein klompie mense wakker gemaak. In die donker het die manne om hom gestaan en hulle oë het geskitter toe hulle luister na sy plan om die Midianiete te verslaan. Elkeen het 'n basuin, wat van 'n horing gemaak was, gekry, en ook 'n leë kruik waarin 'n fakkel moes kom wat aan brand gesteek sou word. Toe het hulle hul in drie klompe verdeel, elk van 'n honderd man, en stilletjies het hulle van die hoogte af ondertoe gegaan. Hulle het gou in die donker verdwyn om die laer van die vyand te gaan omsingel.

Dit was omtrent elfuur in die aand. Die wagte van die Midianiete was al vaak en het slaperig in die donkerte gekyk, waar hulle tog niks kon sien nie. Die hele laer was aan die slaap.

Gideon se manne het vooraf elkeen sy fakkel aan die brand gesteek en dit in die kruik gesit sodat die lig nie maklik gesien kon word nie. Net na hulle die Midianiete mooi omsingel het, het Gideon sy kruik op 'n rots met 'n vreeslike lawaai stukkend gesmyt, met sy linkerhand sy fakkel geswaai en hard geblaas op die basuin in sy regterhand.

En meteens het sy driehonderd manne net so gedoen. Die Midianiete het wakker geskrik en vervaard uit hulle tente gespring. Aan alle kante het hulle die swaaiende fakkelligte gesien en die basuine gehoor.

"Vir die Here en vir Gideon!" het die Israeliete uitgeroep.

Oral het hierdie woorde weerklink en die vyand baie bang gemaak. Hoeveel duisende mense is nou rondom hulle? Was dit die hele Israel wat hulle kom aanval?

In hul vreeslike angs het hulle nie meer geweet wat hulle doen nie. Niemand het meer geluister na 'n bevel nie. In hulle angs het hulle geskreeu, hulle swaarde gegryp en somaar begin veg met elke gedaante wat hulle in die donker kon gewaar, en wat hulle gemeen het dat dit 'n vyand is. Op dié manier het hulle mekaar aangeval en doodgemaak.

207

Daar was die grootste verwarring onder die Midianiete. Gideon se manne het natuurlik ook aangeval en links en regs doodgeslaan. Hulle het geveg soos leeus!

Toe het die duisende vyande maar net aan een ding gedink en dit was om te vlug. Aan al die kante het hulle die dood in die donker gesien.

In die grootste verwarring het hulle op loop gesit in die nag, oor klippe en bosse gestruikel, en so gou hulle kon die Jordaan oorgesteek om terug te gaan na hulle eie land.

Maar baie het verdwaal geraak en is die anderdag deur die Israeliete, wat vir Gideon wou help, gevind en doodgemaak. Hy het self met sy manne oor die Jordaan gegaan om die laaste van hulle vyande in te haal en met hulle af te reken. Hulle konings is doodgemaak en heelwat skatte het in die Israeliete se hande geval.

NOU wou die dankbare volk vir Gideon hulle koning maak, en na hom sy seun, maar hy het beslis nee gesê.

Het Israel dan nie verstaan dat dit nie Gideon was nie maar die Here wat hulle laat wen het?

"Nie *ek* sal oor julle regeer nie, en ook nie my seun nie. Die Here alleen is julle Koning," het Gideon gesê.

En sy hele lewe lank het hy dit vir sy volk ingeprent: dat die Here hulle Koning was en dat daar geen god was behalwe Hy nie.

Maar toe hy oud geword en gesterf het, en toe hy begrawe is in Ofra, die stad van sy vader, tóé het Israel sy woorde vergeet.

Hulle het niemand meer gehad om hulle te lei nie en hulle het vir die soveelste keer weer die afgode aanbid, ja, selfs die priesterkleed wat Gideon laat maak het, het hulle aanbid.

Arme, dom mense! Nou het daar nuwe ellende gekom.

49. Simson

Rigters 13, 14, 15.

IT het hoe langer hoe erger gegaan met Israel.

D 'n Tyd het gekom toe elke dorp en elke stad sy afgod gehad het. En hulle het die Here hulle God al meer vergeet. Baie min het nog gedink aan Sy gebooie.

Met die sonde het die straf gekom. Die Here het toegelaat dat vreemde volke oor hulle baasspeel. Hulle was die swepe waarmee Israel geslaan is. Dis waar, daar het nog rigters gekom wat hulle volk 'n tyd lank verlos het, maar ook *hulle* het maar min geweet van die wette van die Here. Een van hulle, Jefta, het sover gegaan dat hy sy dogter geoffer het, nadat die Here dit beskik het dat hy die Ammoniete sou verslaan. En Jefta het gedag hy doen baie goed met so 'n offer!

In die groot see aan die westekant van die land was daar groot eilande, een met die naam van Kreta, en daarvandaan het mense gekom om te woon langs die kus van Kanaän. Hulle was 'n klein volkie, maar sterk en oorlogsugtig, en hulle het Israel swaar verdruk en beroof.

Hulle was die Filistyne.

Dit het gelyk asof die Here se volk heeltemal sou verlore gaan. En hoe moes die beloftes van die Here dan ooit vervul word?

Maar uit die hemel het die Here neergesien op Sy ongehoorsame kinders.

En hoe groot Sy toorn ook al was oor hulle ontrou, nog groter was Sy liefde. Hy het getrou gebly.

Hulle het hom vergeet. Maar Hy *kon* Sy kinders nie vergeet nie.

En terwyl hulle gelewe het in hulle sonde en ongeloof, het Hy met goddelike geduld gewag totdat hulle sou spyt kry en het Hy alreeds gewerk om hulle te bevry.

GELUKKIG was daar darem nog 'n klompie mense in Israel wat geglo het in die Here en Hom getrou gedien het. Twee van hulle was Manóag en sy vrou. Hulle was van die stam van Dan; hulle het naby die land van die Filistyne gewoon en hulle het geen kinders gehad nie.

Hulle was maar baie eensaam.

Maar eendag, toe die vrou alleen op die land werk, staan daar meteens die Engel van die Here by haar. Sy het Hom niks gevra nie, maar Hy het haar iets belowe wat sy al jare lank gewens het. Sy sou 'n kindjie kry!

Die blye boodskap was nog baie mooier! Dit sou 'n baie *buitengewone* kind wees. Hy sou 'n nasireër word, 'n man wie se lewe aan die Here gewy is, 'n held wat sou veg teen die vyande van sy volk.

Na die Engel weg is, kon die vrou nie verder werk nie. Sy het na haar man gehardloop en opgewonde vertel wat gebeur het. Lank het hulle oor die heerlike tyding gepraat. En by die vreugde was daar nou al

reeds 'n bietjie van die bekommernis wat elke vader en moeder het omtrent 'n kindjie. Want as dit so 'n buitengewone kind sou wees, hoe moes hulle hom dan opvoed?

Hulle het nie geweet nie. Daarom het Manóag gebid dat die Engel weer sal kom om dit vir hulle te sê.

En kyk, nie lank daarna nie, toe die vrou weer alleen besig was in die veld, het die hemelse Boodskapper weer aan haar verskyn. Toe het sy gou haar man gaan roep en saam het hulle geluister na die woorde van die Here. Die seuntjie wat sou gebore word, moes sy hele lewe lank nooit enige wyn of sterk drank drink nie, en sy hare moes nooit afgeskeer word nie. Dit sou die tekens wees dat hy 'n besondere kneg van die Here is.

Dit was nog nie 'n jaar later nie of in die huis van Manóag is daar kindergeluidjies gehoor.



Die kindjie is gebore en hy is Simson genoem. Dit beteken 'n sonkind. Hy het die son van geluk laat skyn in die eensame lewe van daardie twee mense. Maar hulle kon hom ook genoem het die kind van bekommernis. O, hy het mooi groot geword, en hy was 'n gesonde seun, wat toe al baie sterk was. En as sy ma hom so sien speel met ander seuns van die dorp was sy trots om te dink hoeveel groter en frisser hy was as hulle, hy, met sy lang haarlokke wat gekrul het om sy kop.

Maar hy kon ook so wild en driftig wees, so ru en eiesinnig. Sou hy die Here liefhê?

Het hy verstaan dat hy 'n kneg van die Here moes wees?

TOE Simson groter was, het hy dikwels ver geloop, en as hy sien hoe die Filistyne van die Israeliete se goed roof, het sy oë kwaai geflikker.

Eendag het hy in hulle land, in die dorpie Timna, 'n meisie gesien van wie hy begin hou het.

Maar toe hy weer tuis kom en vir sy ouers vertel dat hy met haar wou trou, het hulle baie bedroef geword. In die wette van Moses word 'n Israeliet verbied om met 'n heidense vrou te trou.

Lemoenboorde by Askelon. Hier het die Filistyne van ouds gewoon. Juda het hulle eers oorwin (Rigt. 1:10), maar in die tyd van Simson was hulle weer magtige vyande van Israel (Rigt. 14:19).

En nou wou hulle seun dit doen, hy wat nogal 'n nasireër, 'n kneg van die Here, was.

Maar Simson was koppig en hy het aangehou. Manóag en sy vrou moes saamgaan na Timna om die meisie se ouers te vra of hulle seun met haar mag trou. Hulle drie het toe op reis gegaan.

Simson het nie rustig langs die pad geloop nie. Naby Timna het hy 'n draai gemaak en somaar tussen die koppies en dwarsdeur die wingerde en bosse geloop. En toe kom daar skielik 'n jong leeu brul-brul op hom af.

Simson het nie wapens by hom gehad nie, maar hy was nie bang vir 'n leeu nie. Daar was 210

groot krag in sy spiere. Sy oë het geflikker en hy het vorentoe gespring, die leeu beetgepak en hom verskeur soos 'n mens 'n bokkie sou verskeur. Toe het hy die dooie leeu onverskillig tussen die bossies neergegooi en verder geloop asof niks gebeur het nie. Vir hom was dit nie eens die moeite werd om dit aan sy ouers te vertel nie.

Maar 'n tyd later moes Simson weer met sy ouers langs daardie pad na Timna loop om bruilof te vier. Hy het gedink aan die leeu en uit die pad gedraai om te gaan kyk wat van hom geword het. Die liggaam was heeltemal uitgedroog. En in die holte daarvan het 'n swerm bye nes gemaak, en daar was al heuning in.

Simson het sy hand in die nes gesteek en heuning uitgehaal terwyl hy lag vir die kwaai bye wat hom steek. Hy het lekker geëet en vir sy ouers ook gegee, maar nie vertel waar hy die heuning gekry het nie.

DIE bruilofsfees het sewe dae geduur en die hele dorp het dit saam gevier. Maar toe die Filistyne die wonderlike, groot, sterk man sien, met sy kwaai oë en lang haarlokke, het hulle bang geword vir sy krag en dertig jong manne aangestel om hom in die oog te hou. Simson wis dit nie. Hy dag hulle is almal sy vriende op daardie vrolike fees. Daar is geëet en gedrink, gesing en gedans, en allerhande speletjies is gespeel.

Simson sê toe vir sy dertig maats: "Ek het vir julle 'n raaisel. As julle binne sewe dae reg raai, gee ek julle elkeen 'n mooi hemp en 'n mooi stel klere. As julle nie reg raai nie, moet julle my dertig hemde en dertig stelle klere gee."

Toe hulle almal toestem, gee hy hulle 'n wonderlike raaisel: "Spys het uit die eter uitgegaan, en soetigheid uit die sterke."

Drie dae lank het hulle gesit en dink .... en dink, maar moes uiteindelik onder mekaar erken dat hulle die raaisel nie kon uitlê nie. In hulle harte het hulle daardie vreemde man uit Israel gehaat, wat eers 'n vrou uit hulle dorp gekry het en aan wie hulle nou so 'n groot geskenk moes gee. Die vierde dag het hulle na Simson se vrou gegaan. Sy was van hulle mense en sy moes hulle help, het die manne gedink. Of dit eerlik was of nie, daaroor het hulle nie omgegee nie. Hulle het gedreig om haar en die huis van haar vader met vuur te verbrand as sy nie by haar man stilletjies uitvind wat die antwoord op die raaisel was nie.

Die vrou se angs was groter as haar liefde. Sy was nog nie 'n week getroud nie, of sy bedrieg haar man alreeds.

Sy het gevra wat die raaisel beteken, maar hy wou eers nie sê nie.

"Ek het dit nie eens vir my pa en ma vertel nie," het hy geantwoord.

Toe het sy haar sleg gedra en hom verwyt dat hy haar nie liefhet nie, anders sou hy mos niks vir haar wegsteek nie.

Sy het gepleit en gehuil, dag na dag, tot hy dit nie meer kon uithou nie. Hy was te goed geaard om haar trane so te sien loop. En toe sê hy vir haar:

"Ek het heuning gevind in 'n dooie leeu."

Dit was op die sewende dag van die fees. Daardie aand het die dertig jong manne spottend na hom gekom en gevra:

"Wat is soeter as heuning en wat is sterker as 'n leeu?"

Simson het dadelik geweet wie hom verraai het. 'n Leeu kon hy doodmaak, maar die vals liefde van 'n vrou was vir hom te veel.

"As julle nie met my kalf geploeg het nie, sou julle my raaisel nie geraai het nie," het hy nors gesê.

Hy het weggeloop en al hoe meer kwaad vir hulle geword. Die klere sou hulle kry, daardie bedrieërs, maar hulle eie mense sou daarvoor moet betaal.

Hy het hulle in Askelon, 'n stad van die Filistyne, gaan haal. Hy het dertig van die vyande van sy volk doodgeslaan en hulle klere geneem om vir die jong manne te gee. Dit was die begin van sy stryd teen die Filistyne.

Toe hy teruggaan na Timna om die pryse te gee, wou sy vrou hom nie meer sien nie. Hy het toe maar teruggegaan na sy ouers se huis.

Het hy goed gedoen? .... Simson het lank daaroor nagedink. En uiteindelik het hy spyt gekry oor sy humeur.

"Ek sal haar maar weer gaan paai," het hy gedink. Hy het 'n bokkie saamgeneem om vir sy vrou te gee. Maar toe hy by Timna kom en aanklop, kom sy skoonvader uit die huis. Die man was bleek en het 'n bietjie gebewe toe hy sê:

"Ek het gedink *jy* het haar nie meer lief nie. Toe het ek haar aan iemand anders gegee om mee te trou."

SO is Simson 'n tweede maal bedrieg. Hy het hom omgedraai. Hy was baie kwaad en wou hom wreek.

"As ek die Filistyne *nou* kwaad aandoen, is dit nie my skuld nie," het hy gesê. "Hulle het niks beter verdien nie."

Meteens dink hy aan 'n slim plan. Hy het jakkalse wat daar in groot klompe rondloop, gevang, en hulle twee-twee met hulle sterte aan mekaar vasgebind. En aan die sterte het hy fakkels gebind. Wat het die ruwe Simson omgegee hoe seer hy die stomme diere maak? Hy het alleen aan sy eie wraak gedink. Hy het geen jammergevoel gehad nie toe hy die fakkels aan brand steek en die jakkalse sien weghardloop van die vuur wat al agter hulle aankom.

Hulle was mal van die angs en het dwarsdeur die koringlande van die Filistyne gegaan. Die koring was ryp en droog en oral waar hulle kom, het die vlamme opgeslaan. Party het probeer wegkruip in koringmiede of in die wingerde of onder die olyfbome, en het alles aan die brand gesteek. Die Filistyne het swaar skade gely.

Omdat die Filistyne hulle nie kon wreek op Simson self nie, het hulle na Timna gegaan en sy vrou en haar vader se huis afgebrand.

Toe Simson dit hoor, was hy vreeslik kwaad. Hy het deur die woonplek van sy vyande gegaan en links en regs dood geslaan. Hy was sterk en wild van geaardheid. Toe hy uiteindelik afgekoel het, het hy gaan bly in die rotskloof van Etam, in die land van die stam van Juda. 'n Spelonk was sy woonplek. Kos het hy in die veld gesoek. Hy het 'n eensame, nukkerige man geword.

EN nou is hy weer verraai. Maar dit was vir hom baie bitterder as tevore, want dit was sy eie mense wat dit gedoen het.

Die Filistyne het met 'n groot leër opgetrek teen Juda. Hulle wis dat Simson daar woon. Die Israeliete het gebewe van angs. Hulle kon dit nie waag om teen al die Filistyne te veg nie.

Hulle wou vrede hê. Daarvoor was hulle gewillig om alles op te offer. Selfs die lewe van hulle groot rigter, Simson.

Daarom het hulle met drieduisend man opgetrek na Etam en voor die spelonk gaan staan soos 'n klomp bang honde voor 'n leeu se lêplek.

Ewe verleë het hulle gesê:

"Ons het gekom om jou vas te bind en oor te gee aan die Filistyne."

O, die lafaards, hoe het Simson hulle nie verag nie! As hy dit nie wou toelaat nie, hoe kon hulle hom bind?

Maar hy wou nie veg teen sy eie mense nie. Hulle het hom baie verdriet aangedoen, en tog wou hy hulle help. Hy sou homself opoffer vir sy ontroue volk wat hom wou verraai. Hy sê toe:

"Belowe my dat julle my nie sal doodmaak nie."

Hulle was bly om dit te belowe. Toe steek hy sy hande uit — daardie twee groot, harige hande wat al so baie van die vyande van sy volk doodgemaak het; en hulle het sy hande vasgebind met twee nuwe toue om die polse. Toe het hulle hom saamgeneem na Legi waar die Filistyne gewag het.

Hulle het hom gesien aankom, hulle groot vyand, gebind en magteloos, en met gejuig het hulle aangestorm om hom oor te neem.

Maat toe Simson die gejuig hoor, het sy bloed wild deur sy are gebruis. Hy het gevoel hoe daar 'n geweldige krag deur sy liggaam vloei. Hy het besef dat die Here self vir hom sterker maak as ooit tevore. Hoe kon die toue om sy hande hom vashou? Hulle was vir hom maar soos twee linnedraadjies toe hy hulle breek. Dit het gelyk asof die vuur van sy geweldige groot krag hulle somaarso laat wegsmelt het van sy hande. Hy het opgespring en sy lokke geskud soos 'n leeu sy maanhare.

Baie verskrik het die Israeliete padgegee. Maar die Filistyne wat so seker was dat hulle hom in die hande het, het met spiese en swaarde op hom afgestorm.

Simson het nie 'n wapen gehad nie. Maar naby hom was daar 'n geraamte van 'n ou esel wat lankal dood was. Simson het gou 'n kakebeen daarvan gegryp en links en regs geslaan.

Die manne van Juda het gestaan en kyk hoe hy alleen teen die Filistyne veg. Hulle het teruggedeins en in wanorde gevlug. Toe het Simson 'n lied van oorwinning gesing.

"Met 'n eselskakebeen het ek een klomp, twee klompe, met 'n eselskakebeen het ek duisend man verslaan!"

TOE het hy die kakebeen somaarso in die sand weggegooi en geloop. Doodstil het die manne van Juda hom agterna gekyk. Maar hy het nie na hulle gekyk nie. Hy was op 'n droë plek en hy was moeg en dors. Hy kon nêrens water kry nie en het baie swak en neerslagtig begin voel. Uiteindelik het hy uitgeput neergeval op die sand. En daar lê die groot held, die sterk Simson toe. Hy wat so trots sy lied gesing het, was nou so swak soos 'n kind.

"O Here," het hy gekreun, "U het my laat wen en moet ek nou van dors sterwe? As die Filistyne nou hier kom, sal ek tóg in hulle hande moet val?"

Maar die Here wou dit nie hê nie. Hy wou Simson maar net leer hoe swak hy was sonder die Here se hulp.

En dit het Simson nou verstaan.

Hy het nie meer gesê: *"Ek* het al die Filistyne verslaan" nie, maar: " *U* het my laat wen."

Toe hoor hy meteens 'n gekraak. 'n Rots het oopgebars en heerlike vars fonteinwater het daaruit gestroom. Simson was so moeg dat hy net kon kruip daarnatoe, maar hy het toe gou gedrink en gedrink, asof hy nie weer kon ophou nie. Elke druppel was nuwe lewe vir hom, en elke sluk was nuwe krag.

Sou hy nou nog kon dink dat hy sonder die Here kon klaarkom?

50. Simson se Einde

Rigters 16

RUSTIGE tyd het vir die Israeliete aangebreek. Die Filistyne was so bang vir die sterk

'N Simson dat hulle sy volk met rus gelaat het.

Maar Simson was vir niemand bang nie. Daar was geen plek waarheen hy nie kon waag om te gaan nie. Partymaal het hy somaar dwarsdeur die Filistyne se land geloop. Eenmaal het hy helder oordag gekom in Gasa, een van hulle stede.

Dit was nie die Here wat hom daarheen gestuur het nie. Hy was somaar roekeloos. Dit was

'n plesier vir hom om te speel met gevaar.

Gerus, omdat hy so sterk was, het hy daar deur die strate geloop asof hy 'n koning was. In Gasa het 'n vrou gewoon wat hy geken het. Na haar huis het hy gegaan.

Die Filistyne het baie ontsag vir hom gehad. Hoe hulle hom ook al gehaat het, niemand wou dit waag om hom aan te val nie. Maar nou dat hy binnekant was, het hulle moed gevat. Nog nooit het hulle so 'n goeie kans gehad om hom dood te maak nie.

Hulle het al die mansmense bymekaargemaak en die huis omsingel. Hulle het gou die poorte van die stad gaan sluit. Die groot deur is toegemaak en met 'n swaar grendel vas gemaak. Simson was nou 'n gevangene. Vroeg die volgende môre, wou hulle hom doodmaak. Was die hele stad nie sterker as een man nie?

Maar in die middel van die nag het die deur in die huis waar Simson was, oopgegaan. Hy het buitentoe gegaan en oor die stil, donker straat geloop. Toe kom hy by die poort wat gesluit was. Hy het lekker gelag. Hy het die twee swaar deurposte gegryp en losgeruk. Toe het hy sy skouer onder die deur se grendel ingedruk en dit langsaam opgelig. Daar was 'n gekraak van hout, en die messelwerk het gebreek toe hy die poort op sy skouers sit. Hy het gegryns toe hy daarmee in die donker wegloop, en dit met 'n slingerpad tot bo-op 'n berg dra.

Daar het die poort die ander dag môre geblink in die son se eerste strale toe die Filistyne met verbasing staan en kyk na hulle gebreekte muur.

MAAR daar was een vyand wat sterker was as die stad, en as Simson self. Dit was geen mens nie. Dit was die sonde in sy eie hart. Simson, die sterk man, was baas van almal, maar net nie van homself nie.

In die dal Sorek, of die Druiwedal, het daar 'n mooi jong meisie gewoon. Sy was 'n Filistyn en haar naam was Delila. Simson het haar leer ken en haar liefgekry. Hy was maar 'n eensame man. In sy hart het hy altyd 'n groot verlange gehad na liefde en hartlikheid. Hy het

gemeen dis liefde wat hy in die donker oë van Delila sien blink het. Daarom het hy dikwels in haar huis gekom.

Maar die Filistyne het hom gesien en hulle vyf hoofmanne het ook na Delila gekom. Hulle het kom sit in die kamer waar Simson dikwels gesit het, maar hulle het geweet dat hy self ver weg was. Hulle het gespog met hulle rykdom en hulle geld laat klink in hulle sakke.

"Jy moet ons help," het hulle gesê. "Jy hoort mos by ons. Ons sal jou baie geld gee, elkeen van ons elfhonderd silwergeldstukke, as jy sorg dat hy in ons hande val . . . . "

Dit was nie moeilik vir Delila om te besluit nie. Sy was 'n baie mooi vrou met 'n valse hart. In haar verbeelding kon sy al die geld sien blink. In haar gedagtes het sy haar hande al uitgesteek om dit te vat.

NIE lank daarna nie het Simson weer na haar gekom. Sy wou hom verraai, maar sy het gemaak asof sy hom vreeslik liefhet. Sy moes weet wat die geheim was waarom hy so sterk was. Hy het seker 'n toormiddel gehad wat hom sterk gemaak het, dag sy.

"Ek weet nog maar so min van jou," het sy gesê, "en ek hou so baie van jou. Ek wil graag 214



alles van jou weet. Jy is nie 'n reus nie en tog is jy so sterk soos 'n reus. Hoekom is dit so?"

Simson het hierdie lastige vraag ontwyk. Dit was so lekker om by Delila te wees, en hy wou haar guns geniet. Daarom het hy nie eerlik geantwoord en gesê: "Dit gaan ek jou nie vertel nie." Nee, hy het gesê:

"As hulle my bind met sewe vars lyne dan sal ek swak wees."

Delila het 'n bietjie getwyfel of hy die waarheid praat .... Maar eendag toe hy vas aan die slaap was, het sy hom self met sewe vars lyne gebind. En toe roep sy uit:

"Die Filistyne is op jou, Simson!" Maar hy het opgespring en die sterk lyne soos dun draadjies gebreek.

Hy het geen Filistyne gesien nie, maar net vir Delila, wat meteens al haar warm liefde vir Simson verloor het, want sy was kwaad omdat hy haar so gekul het.

Simson kon dit nie verdra dat haar mooi oë so kwaad na hom kyk nie. Hy kon nie sonder die liefde van daardie vrou klaarkom nie. Toe sy weer sy geheim vra, het hy 'n nuwe leuen uitgedink. Hy het gesê:

"As ek stewig vasgebind word met nuwe toue wat nog nie tevore vir iets gebruik is nie, sal ek swak wees."

Estáol (ongeveer twaalf myl wes van Jerusalem en 16 myl oos-noordoos van Sórea).

"En die kind Simson het groot geword en die Here het hom geseën. En die Gees van die Here het hom begin drywe in die laer van Dan tussen Sórea en Estáol" (Rigt. 13:24, 25).

Lees ook Rigt. 16: 31 en 18:2-11.

Was hy nog nie agterdogtig nie? Het hy gemeen dis alles maar somaar 'n mooi speletjie?

Sy het gewag tot sy weer 'n goeie kans kry. Simson kon tog so vas slaap. Toe het sy hom met nuwe toue gebind waarmee nog geen ander werk gedoen is nie.

Maar toe sy hom wakker maak en weer roep: "Die Filistyne is op jou, Simson!" het dit net so 215

gegaan soos met die lyne. Die dik toue het aan rafels op die grond geval. Dit het gelyk asof Simson nooit gebind was nie.

Toe het Delila gemaak asof Simson somaar 'n vreemde man is. Sy wou niks meer met hom te doen hê voor hy nie eers die waarheid vertel het nie.

Simson was wanhopig. Hy kon Delila nie mis nie.

Maar hy mag die waarheid nie vertel nie. Dit was 'n geheim tussen hom en die Here.

'n Stem in sy hart het hom gewaarsku:

"Simson, gaan liewer weg. Jy hoort nie hier nie. Dis sonde en gevaarlik om hier te wees. Dis die Here wat jou sterk maak, en Hy wil nie hê dat jy hier bly nie. Jy kan Delila nie vertrou nie, Simson!"

Maar Simson wou nie luister nie. Sy liefde het hom doof gemaak vir die stem. Sy liefde het hom blind gemaak vir die bedrog wat in haar oë gesluimer het. Hy het ook nie geweet dat sy van die Filistyne weggesteek het in die huis nie. Hy het gespeel met die groot gawe wat die Here hom gegee het. Sy liefde vir 'n slegte vrou was al tevore te sterk vir hom gewees. Maar hy het sy les nog nie geleer nie. Hy het geen gevaar gesien nie.

"Vertel maar nou die waarheid!" het Delila ewe liefies gesê.

En hy het dit byna gedoen.

"My hare . . . ." het hy begin, maar vasgesteek, terwyl hy in die kamer rondkyk en 'n weefstoel sien. Net betyds het hy homself gered toe hy sê:

"As jy my sewe haarvlegsels saam met daardie weefsel invleg . . . . "

Toe hy eendag weer vas slaap, het sy gedoen soos hy gesê het. Sy lang hare het sy mooi ingevleg saam met die weefsel. Dit het gelyk soos 'n growwe, bont stuk lap, hare en wolvesels saam gemeng.

Toe roep sy weer: "Die Filistyne op jou, Simson!" Hy het opgespring uit sy slaap en die hele weefsel uitgeruk. Daar hang dit toe aan sy hare, en hy staan daar nog net so sterk soos altyd.

Toe het 'n moeilike tyd vir Simson aangebreek. Delila het hom geen rus gegee nie, maar aangehou pla en kwel, elke dag as hy by haar is.

Sy wou nie iets met hom te doen hê nie, maar het gesê: " Jy het my nie lief nie, want jy het my al drie maal bedrieg. Loop weg!"

Dit was die ergste. Hy het so ongeduldig geword dat hy kon sterwe. En toe het hy die waarheid vertel om die vrou te wys hy het haar lief, liewer as vir die Here self.

"Ek is 'n nasireër," het hy gesê. "Ek is aan die Here gewy en my lang hare is 'n bewys daarvan. As hulle afgeknip word, sal ek net soos ander mense wees."

Sy kon aan sy oë sien hy is wanhopig. En deur sy oë het sy in sy hart gekyk en gesien dat daar geen geheim meer was nie. Toe het sy die Filistyne vertel wat sy gehoor het, en hulle het somaar dadelik die geld wat hulle belowe het, saamgebring.

TOE het Simson die laaste maal in haar huis gekom. Sy het hom sien kom, maar was glad nie jammer vir hom nie. Sy het gelag, en was vriendeliker teenoor hom as ooit tevore. Vir die vermoeide Simson was dit so lekker in haar huis. Hy kon daar selfs slaap met sy hoof op haar skoot.

Maar terwyl hy slaap, het iemand stilletjies sy hare, sy sewe lang lokke, afgeknip. Toe het hy nie meer die teken van sy verbond met die Here gehad nie, die teken van sy krag. Hy was nie meer die Here se kneg nie.

"Die Filistyne op jou, Simson!" het Delila gegil. Hy het opgespring en gelag toe hy sien hoe hulle waarlik die kamer ingehardloop kom.

Hy wou hulle platslaan soos hy so dikwels tevore gedoen het. Maar hulle het aan sy arms gehang en op sy rug gespring en hy kon hulle nie afskud nie. Gou-gou het hulle hom plat op die grond gehad, en toe haastig vasgebind met koperkettings. Hy wou nog na Delila kyk, maar 'n wrede soldaat het sy oë uitgesteek.

Ag, die arme Simson!

Soos 'n slaaf het hulle hom saamgeneem na Gasa. Deur die poort wat hy eenmaal op sy skouers gedra het, het hy nou krom gebuig moes loop as 'n hulpelose blinde man.

Hulle het hom in die gevangenis toegesluit. En daar sit hy nou. Die dapper held, die groot vegter wat sy hele lewe lank vry rondgeswerf het in die berge, sit nou in 'n diep kelder. Alles was vir hom donker, en hy moes koring maal soos die geringste slaaf.

Maar erger as die veragtelike werk, en pynliker as die verlies van sy oë, was nou die berou in sy hart.

NIE lank daarna nie het die Filistyne 'n fees tot eer van hulle god Dagon in die tempel van Gasa gevier, omdat hulle Simson gevang het. Toe het hulle hom uit die gevangenis gehaal.

'n Klein seuntjie het die groot, blinde man gelei na 'n plein. Daar voor het hulle tempel gestaan teen die helling van 'n hoë heuwel. Die tempel se dak het gerus op groot pilare.

Daar het duisende Filistyne gejoel wat na die fees gekom het. Die hele tempel was vol en op die plat dak het nog drieduisend mense gestaan.

Op die plein voor die tempel het Simson se laaste marteling gekom. Die Filistyne het wreed met hom gespeel. Vir hulle was hy soos 'n ou leeu wat aan 'n ketting vas was. Hulle het hom lastig geval en geknyp, en van al kante gepla. Dit was vir hulle te mooi as hy hulle probeer slaan, maar niemand kon raak nie.

Toe hulle moeg was, het hulle sing-sing in die tempel gegaan, en Simson het die hand van die seuntjie in sy hand gevoel. Hy het hom tot in die middel van die tempel laat lei waar twee groot pilare was.

Hy het teen hulle geleun en die geskreeu gehoor van duisende Filistyne wat aanstons die Israeliete weer sou verdruk.

In sy vreeslike smart het sy gebed opgegaan na die Here.

"Here, Here," het hy gesmeek, "gee my tog nog net een maal my krag weer terug."

En meteens voel hy hoe dit in sy liggaam instroom. Sy gebed was verhoor. Die Here het weer teruggekom na Sy kneg. Dit was 'n seker teken dat sy sonde vergewe was.

Groot blydskap het in sy hart gekom, noudat hy weer eenmaal die Here se dienaar kon wees. Nou kon hy maar sterwe. Van watter waarde was sy lewe nog vir sy volk?

Hy het geweet hoe om die vyande van sy volk te straf.

Sy hande het gebewe van vreugde en krag toe hy hulle op en af laat gly teen die twee dik pilare waarop die hele gebou gerus het.

"Ek gaan sterwe saam met die Filistyne," het hy uitgeroep.

Toe slaan hy sy arms om die twee pilare en buig hom met al sy nuwe krag. Die pilare het padgegee. Die hele tempel het begin bewe. Die duisende mense het geskreeu. En toe stort die groot gebou met 'n vreeslike gedruis inmekaar en val op die mense. Duisende is dood.

By sy sterwe het Simson meer Filistyne doodgemaak as toe hy gelewe het.

Toe het sy broers en familie gekom en sy liggaam geneem om dit te begrawe in die dorp van sy vader.

Twintig jaar lank was Simson 'n rigter van Israel.

Nou was daar maar net 'n graf om die mense aan hom te herinner.

217

Maar op daardie graf het die hoop van Israel gebloei om weer 'n vrye en sterk volk te wees.

En eenmaal, baie eeue later, sou die Verlosser kom om ook deur Sy dood Sy volk te verlos.

Maar dit het Israel nog nie geweet nie.

218

51. Rut

Rut 1-4

N die tyd van die Rigters was daar eenmaal 1 groot hongersnood in Kanaän.

I Daar was 'n man van Betlehem wat sy huis en grond verkoop het en met sy vrou en twee seuns getrek het na Moab om daar te bly tot die hongersnood verby was. In Moab was daar brood, soos die mense vertel het.

Elimeleg was die man, en Naomi die vrou. Maglon en Giljon was die twee seuns.

In Moab was hulle vreemdelinge tussen heidense mense. Hulle het weg van die honger gevlug, maar kon nie van die dood wegvlug nie. Dit het in Moab ook gekom.

Elimeleg het siek geword en gesterwe, en hy is begrawe in Moab. Vir Naomi was dit 'n bitter verdriet.

Sy het alleen agtergebly met haar twee seuns in daardie vreemde land.

Nie lank daarna nie het Maglon en Giljon met twee Moabitiese meisies getrou. Die een se naam was Rut en die ander s'n Orpa.

Maar na tien jaar het die dood weer gekom en ook vir Maglon en Giljon weggeneem. Hulle is by hulle vader begrawe.

Arme Naomi! Sy het alleen oorgebly. Sy het oud en grys geword van droefheid. Sy het alles in hierdie land verloor, en elke dag het sy maar verlang na haar eie volk en na die land waar sy vroeër so gelukkig was.

Sy het nog 'n tydjie gebly by haar skoondogters wat hulle net so eensaam gevoel het soos sy. Maar toe sy hoor dat die Here haar volk verlos het, en dat die hongersnood verby was, toe kon sy nie langer wag nie.

Sy het weer teruggegaan na Betlehem — te voet. Daar het sy behoort. Daar wou sy begrawe word.

Rut en Orpa het 'n ent saamgeloop. Hulle was so lief vir Naomi; sy was so 'n goeie, liewe moeder vir haar twee skoondogters gewees.

Stil en treurig het hulle saamgeloop, met baie bedroefde gedagtes. Al drie van hulle het al so baie verloor, en nou moes hulle *mekaar* ook nog mis.

Al nader het die afskeid gekom. Uiteindelik kon hulle nie meer verder gaan nie. Naomi het stilgestaan. Hulle moes nou groet — vir altyd.

Hulle het gehuil toe hulle mekaar soen.

"Gaan nou maar terug, my dogters," het Naomi eindelik gesê. "Gaan na julle volk en na julle familie. Daar behoort julle. Dan kan julle weer trou en weer gelukkig wees. Mag die Here julle seën omdat julle so goed en so vriendelik was vir die dode en vir my!"

Toe het Orpa haar skoonmoeder gesoen, en bedroef teruggegaan.

Maar Rut kon nie weggaan nie. Sy het gehuil en Naomi omhels. Daardie goeie ou vrou was meer as 'n moeder vir haar gewees. Sy het Rut van die Here vertel. En Rut het ook nou dié God van Naomi liefgehad met haar hele hart. Het sy nog by Moab gehoort waar die afgode gedien word? Nee, sy wou by Naomi wees.

"Kyk, Orpa gaan terug na haar volk en haar gode," het Naomi gesê. "Gaan maar saam met haar, my kind."

Maar Rut het nie gegaan nie.

"Nee," het sy gesnik, "ek gaan u nie verlaat nie. Want waar u gaan, sal ek gaan! *U* volk is *my* volk, en *u* God is *my* God! Alleen die dood kan ons skei, Moeder."

Naomi het goed gesien dat Rut vas besluit het. Toe het sy nie meer by haar aangedring nie.

En nadat hulle ver saamgeloop het, het hulle veilig aangekom in Betlehem.

As 'n jong, gelukkige vrou het Naomi daarvandaan weggegaan. Oud en sonder haar man en seuns het sy teruggekom.

Die hele dorp was verbaas.

"Is dit tog nie Naomi nie?" het die vroue van Betlehem met ontroering gevra.

Maar bedroef het sy geantwoord: "Noem my nie meer Naomi, die lieflike een nie. Noem my liewer Mara — bitterheid — want die Almagtige het my baie bitterheid aangedoen."

Rut het haar ou gerimpelde hand gestreel. In daardie bitterheid was sy 'n soet troos van die Here vir Naomi.

DIE oestyd het net begin toe hulle twee terugkom. Die gars het ryp en geel op die saailande gestaan. Oral was die garssnyers al besig.

Naomi en Rut het geen koring of gars gehad nie. Hulle was arm mense. Rut het gesê:

"Moeder, laat my tog gaan are optel agter die snyers aan."

Dit was 'n mooi gewoonte in daardie tyd. Die arm mense het die reg gehad om die are wat die snyers per ongeluk laat val vir hulleself op te tel. Op dié manier hoef niemand honger te ly nie.

Rut het op die land van 'n ryk man gekom en die hele môre are gesoek. Na 'n rukkie het die ryk man self gekom om te sien hoe sy mense hul werk doen. Sy naam was Boas. Hy was nogal familie van Elimeleg, die oorlede man van Naomi.

'n Goeie, vriendelike baas was dié Boas.

"Mag die Here met julle wees!" het hy gesê, en die snyers het geantwoord:

"Mag die Here u seën!" So mooi het hulle mekaar gegroet.

Toe sien Boas 'n vreemde jong vrou, wat hard besig was om are op te tel.

"Wie is dit?" het hy gevra.

Sy oudste kneg, wat opsigter oor die snyers was, het geantwoord:

"O, daardie jong vrou het saam met Naomi gekom van Moab af. Sy het gevra om are op te tel. Sy is al van vanmôre besig en het baie min gerus."

Toe was Boas bly dat sy op *sy* land was, want hy het al so baie van haar gehoor.

Hy gaan toe na haar en sê:

"Luister tog, my dogter, jy moenie op 'n ander land gaan are optel nie, maar net hier by ons.

My dienaars sal goed vir jou wees, en as jy dors kry, sal hulle jou iets gee om te drink. Jy kan die hele oestyd hier bly."

Toe het Rut laag gebuig voor die goeie man.

"Hoekom is u so goed vir 'n vreemde meisie?" het sy gevra.

"Omdat ek gehoor het van jou liefde en getrouheid," het hy geantwoord. "En omdat jy by ons God en by ons volk 'n toevlug kom soek het."

Rut was bly en dankbaar. Haar geloof was nie beskaam nie. Ywerig het sy nog are gesoek.

Toe dit etenstyd word, het Boas haar geroep en haar 'n plekkie in die skaduwee gegee by sy snyers. Ook het hy haar brood en gebraaide koring gegee. Sy het lekker en genoeg geëet en nog 'n bietjie oorgehou. Sy kon ook 'n asyndrankie geniet wat so goed is vir die dors.

Toe sy weer met haar werk begin het, het Boas vir sy dienaars gesê:

"Laat maar so nou en dan moedswillig 'n bietjie van die are val vir haar. En julle kan ook are uit die gerwe trek en dit laat lê, sodat sy dit kan optel."

So het hy vir Rut gesorg voordat hy huis toe gaan. En toe dit aand was, het sy haar are uitgeslaan en met 'n sakkie vol graan huis toe gegaan.

Naomi was verwonderd en baie bly. Sy het gevra:

"Waar was jy, my kind?"

En toe sy alles gehoor het, het sy dankbaar haar hande gevou en gebid dat die Here die goeie Boas sou seën.

Rut het so lank as wat die oes geduur het op die lande van Boas are opgetel. Toe kon die winter maar kom: sy het genoeg graan gehad.

Iets baie moois het daardie jaar ook gebeur. Die ryk Boas het met die arm vrou Rut getrou, en hy het die stukkie grond wat vroeër aan Elimeleg en sy twee seuns behoort het van Naomi gekoop.

Toe hoef sy haar oor niks meer te bekommer nie.

En toe Boas en Rut 'n seuntjie kry, toe het Naomi al haar verdriet vergeet. Sy het die baba op haar skoot geneem en al die buurvroue het na hom kom kyk.

Nee, nou wou sy nie meer Mara genoem word nie. Die lewe was nie meer vir haar bitter nie.

Haar ou oë het weer helderder geword, want sy was gelukkig. Die seuntjie is Obed genoem, en hy het later die oupa geword van koning Dawid.

52. Samuel

1 Samuel 1 tot 4:18

AAR was eenmaal 'n vrou wat baie ongelukkig gevoel het. Haar naam was Hanna en sy D het in Rama gewoon in die bergwêreld van Efraim. Sy was nie siek nie en ook nie arm nie. O nee, dit was nog baie erger — sy het nie 'n kindjie gehad nie. In daardie tyd was dit byna 'n skande vir 'n vrou om nie kinders te hê nie.

Die ander vroue van die dorp het op haar neergesien. Hulle het haar verag omdat sy nie 'n moeder was soos hulle nie. Daaroor was haar hart al baie seer.

Peninna was die naam van een van die vroue en, wat vir Hanna dit bitterder gemaak het, was dat sy saam met haar in een huis moes woon, want Peninna was ook 'n vrou van Hanna se man. Sy het baie kinders gehad en sy het Hanna vreeslik baie geterg omdat dit gelyk het asof die Here haar vergeet het.

"Jy is 'n nikswerd mens," het sy gesê. "Wat het jy gedoen om ons volk groter te maak? Niks!

'n Slavin is net so goed soos jy."

Dit het die arme Hanna se lewe so ondraaglik gemaak dat sy baie gehuil het en nie wou eet nie. Sy het darem een troos gehad: Elkana, haar man, was baie goed vir haar, al het hy nog

'n vrou, Peninna, gehad. Van Hanna het hy die meeste gehou. Hy het gesê:

"Hanna, hoekom huil jy so; hoekom eet jy nie? Moenie so treur nie, my liewe vroutjie. Is ek nie vir jou beter as tien seuns nie?"

Maar Elkana se liefde kon die saak nie vir haar regmaak nie. Die Here alleen kon dit doen.

Maar dit was asof Hy nie na haar wou luister nie. Hy het ander gelukkig gemaak, maar sy bly so ongelukkig. En dit was nog nie die heel ergste nie. Haar grootste verdriet was dat die Here haar miskien ook verag.

ELKANA het een maal elke jaar met sy familie gegaan na Silo waar die tabernakel was.

Daar het hy vir die Here 'n offer gebring, en dan het hulle saam heerlike vleis geniet. Elkana het die vleis uitgedeel en vir Peninna en

haar seuns elkeen hul deel gedeel, maar aan Hanna het hy 'n dubbele deel gegee om haar te wys hoe lief hy haar het.

Dan het Peninna se harde oë van haat geflikker. Sy het dan ook dubbel soveel met Hanna gespot.

Eenmaal, daar in Silo, kon Hanna dit nie meer uithou nie. Sy was tog te bedroef.

Sy het na die tabernakel geloop en die voorhof van die vroue binnegegaan. Daar het sy neergeval, en haar trane het geloop. Hier, by die huis van die Here, was sy veilig. Hier sou niemand met haar spot nie.

In haar groot smart het Hanna haar hande saamgewring. Sy het gebid, maar nie hard op soos die ander vroue nie. Daarvoor was haar geheim te 'n teer saak. Sonder enige geluid het haar lippe beweeg, maar haar hart het geroep na die Here.

"Here," het sy gebid, "kyk hoe verdrietig is ek, en dink tog aan my. Gee my 'n seun, en ek sal sy hele lewe aan U wy. Ek sal hom teruggee aan U, my God."

Sy het lank en vurig gebid. Alles rondom haar het sy vergeet.

Maar voor die poort van die tabernakel het 'n ou man, Eli, gesit, wat met sy rug teen die deurpos geleun het. Hy was die hoëpriester, oud en grys, en hy het skerp na haar gekyk. Dit was 'n slegte tyd. Baie goddelose mense het na die tabernakel gekom.... Ag, die ou Eli het nie baie moeite gedoen om hulle weg te hou nie. Dit was nie vir hom lekker om so iets te doen nie. Hy het gehou van rus en vrede .... "Laat sulke mense maar begaan," het hy gedink en niks gedoen om hulle reg te leer nie. Maar hy sou dit darem waag om iets te doen omtrent hierdie vrou. Sy het so snaaks geloop en daar so lank op die grond gelê, en net haar lippe geroer. Dit het gelyk asof sy te veel wyn gedrink het.

Eli het opgestaan en na haar geloop. "Skaam jy jou nie," het hy streng gesê, "om dronk na die huis van die Here te kom nie?"

Maar toe sy opkyk na hom het hy gesien hoe verdrietig sy is en dit het hom laat skrik. 'n Stem wat amper verstik was deur trane het geantwoord:

"Nee, meneer, ek is nie dronk nie. Ek het maar net my hart voor die aangesig van die Here uitgestort."

Eli het verleë geword en wou weer regmaak wat hy verkeerd gepraat het.

"Gaan in vrede," het hy vriendelik gesê, "en die Here sal jou gebed verhoor."

Hy het nie geweet dat hy onbewus die waarheid gepraat het nie, maar die vrou het dit geweet. Want haar verdriet het meteens verdwyn. Daar was lig in haar hart, en sy het vol hoop na die toekoms gekyk. Die Here se troos het in haar hart gekom. Nou het sy geweet dat Hy haar nie verag nie. Sy het die liefde van die Here gevoel.

Nou kon Peninna maar spot, Hanna het nie meer omgegee nie. Sy was vrolik en sy het weer geëet. En toe sy na 'n jaar werklik 'n seuntjie kry, was haar geluk volmaak.

Sy het hom *Samuel* genoem. Dit beteken: *Van die Here gebid.*

DAARDIE jaar het sy nie soos gewoonlik saamgegaan na Silo nie. Sy het tuis gebly by haar kind. Sy het eers weer saamgegaan toe Samuel groot genoeg was om sonder haar klaar te kom. En toe het hy ook langs haar geloop. Hy was 'n klein seuntjie met 'n wit rokkie aan, en hulle het saamgegaan na Eli toe. Hy het weer op dieselfde

plek gesit, by die poort van die tabernakel, en was nog ouer en gryser as tevore.

Toe het Hanna vertel dat dit die seuntjie was om wie sy gebid het. Sy het vertel van haar gelofte om hom aan die Here te gee. En sy het gevra dat hy toe al reeds by die tabernakel mag bly, en daar klein werkies doen.

Dit kon so wees, want hulle was van die stam van die Leviete. En die volgende dag het Hanna alleen weer huis toe gegaan. • Haar seuntjie om wie sy so baie gebid het, het agtergebly in Silo. Sy was bedroef, maar is tog ook getroos, want waar is 'n beter plek om hom agter te laat as in die huis van die Here? Sy het 'n mooi lied gesing wat opgewel het uit die groot vreugde van haar hart.

"Die Here maak arm, en maak ryk. Hy verneder, ook verhoog Hy . . . . "

Sy het nog haar kind gehad, al was hy nie meer tuis nie. En sy het nog meer kinders van die Here gekry. Nou was sy nie meer verag nie, maar sy was 'n gelukkige vrou en 'n goeie moeder vir haar kinders.

En elke jaar, as sy met haar man na Silo gaan, het sy 'n mooi manteltjie, wat sy self gemaak het, vir Samuel saamgeneem.

NOU was die klein seuntjie in die tabernakel by al die groot mense, die priesters en die Leviete. Hy het geslaap in die tabernakel en hy het allerhande werkies vir die priester gedoen.

Dit was vir hom heerlik om 'n klein dienaartjie van die Here te wees. Maar hy het baie dinge in Silo gesien wat hom bedroef gemaak het. Hy kon nie verstaan hoekom die grootmense hulle so sleg gedra het nie. Eli se twee seuns, Hofni en Pinehas, was goddelose manne. By die deur van die heilige tabernakel het hulle gestaan en vloek en gespot met die vroom mense wat kom bid het. Hulle het die beste van die offers afgeneem en lekker gesmul daaraan. Wat oorbly, was

goed vir die Here, het hulle gesê. Hulle het die tempel 'n plek gemaak van vreeslike sonde.

Eli het goed geweet wat hulle doen, maar hulle nie verhinder nie. Hy was 'n swakkeling, 'n goedgeaarde, sagte man. Dis waar, hy het darem gesê:

"Julle doen nie goed nie, my seuns. Moenie so maak nie."

Maar hy het hulle nie eens streng aangekyk of bestraf nie. Hy was bang vir sy seuns, meer as vir die Here!

Eendag het daar 'n profeet gekom om hom te waarsku in die Naam van die Here. Eli en sy seuns sou swaar gestraf word as hulle hul nie bekeer nie.

Eli het geluister na wat hy sê, maar die volgende dag maar weer gerus op sy stoel gesit, kalm en bedaard. Hy was eintlik maar net so onverskillig soos sy seuns. Daar was niks wat hom kon wakker maak uit sy valse gerustheid nie.

Die jare het verbygegaan. Eli het baie oud geword en sy oë was so swak dat hy nie meer goed kon sien nie. Binnekort sou die dood kom, maar hy het hom nie bekeer nie.

En Samuel het opgegroei tussen al die slegte mense wat so onverskillig was en baie sonde gedoen het, maar sy jong hart het rein gebly, en hy het naby die Here gelewe. Die mense het van hom gehou, en die Here het hom liefgehad. Sy moeder het baie vir hom gebid en gereeld vir hom gaan kuier.

EENNAG het Samuel skielik wakker geskrik. Iemand moet hom geroep het. Hy staan toe op en gaan na die kamer waar Eli slaap.

"Hier is ek," sê hy. "U het my geroep."

Eli het gaap-gaap geantwoord: "Nee, ek het nie geroep nie. Gaan slaap maar weer."

Samuel het gegaan. Hy het hom seker maar so verbeel. Maar hy het skaars gelê, of hy hoor weer dieselfde stem sê: "Samuel, Samuel!"

Nou was hy seker. Hy het na die ou priester gegaan en gesê:

"Hier is ek. U het my regtigwaar geroep."

Maar Eli was baie verwonderd.

"Ag, jy het maar seker gedroom," het hy gesê. "Ek het jou nie geroep nie. Gaan slaap maar weer, my kind."

Samuel het gehoorsaam, maar hy kon dit nie verstaan nie. Dit was baie snaaks. Was dit moontlik dat hy dit alles maar verbeel het?

En kyk, terwyl hy nog daaroor lê en nadink, hoor hy weer die stem asof dit hier by hom in die tabernakel is: "Samuel, Samuel."

Toe het Samuel vir die derde maal na Eli geloop en baie beslis gesê: "Nou het u my vir seker geroep."

Dit was toe eers dat Eli verstaan het wie se stem dit moes wees. Hy het gesê:

"Dis die Here wat jou roep, my seun! Gaan lê weer, en as Hy jou roep, sê: Spreek, Here, want U kneg hoor!"

Dit was 'n klein seuntjie wat 'n bietjie gebewe het en bedees weer op sy bed gaan lê het.

Doodstil het hy in die donker gelê en wag.

Hy was nie juis bang nie, maar die wonder wat in hierdie nag gaan gebeur, het sy hart vinnig laat klop van eerbied.

"Samuel, Samuel!" kom die stem weer.

En Samuel het saggies gesê:

"Spreek, Here, want U kneg hoor!"

Toe het die Almagtige, die Here van hemel en aarde, met 'n kind begin spreek. O hoe heerlik was dit om te luister na Sy stem, die goeie heilige stem! Maar tog was Sy boodskap droewig.

Die Here het gesê dat die straf nou gou sal kom oor die huis van Eli. Hofni en Pinehas sal sterwe, albei op dieselfde dag. En Eli, wat van hulle sonde geweet het, maar niks daarteen gedoen het nie, sal self ook gestraf word.

Nadat die Here so gepraat het, kon Samuel nie meer slaap nie. Bedroef het hy gelê en dink tot die môrelig in sy kamer begin skyn het. Toe het hy opgestaan en die deure van die tabernakel oopgemaak.

En hoor, daar roep Eli hom: "Samuel!"

Hy moes die treurige tyding vertel .... Hy kon dit byna nie waag nie!

Maar die dowwe ou oë van Eli het hom gedreig. Hy wou alles weet.

Toe het Samuel alles vertel en niks agtergehou nie. Wat hy verwag het, was dat Eli tog soveel berou sou hê dat hy sy klere sou skeur, en dat hy so groot sou skrik dat hy sy hande sou opsteek na die hemel toe.

Maar dit het nie gebeur nie.

Eli het gesug en net sy hoof gebuig.

"Ja," het hy gesê, "wat kan ek daaraan doen? Hy is die Here, laat Hom doen wat goed is in Sy oë!"

Die volgende dag het hy maar weer net soos tevore stilgesit op sy stoel.

Hoe lank sou dit nou nog duur?

DIT het nie meer lank geduur nie. Die Filistyne het met 'n sterk leër die land binnegetrek en die leër van Israel verslaan. Omtrent vierduisend manne is op die slagveld doodgemaak.

Die oudste manne van Israel was baie bekommerd en hulle het onder mekaar beraadslaag.

Hulle moes hulp kry. Maar van wie?

Hulle kon dit nie waag om die Here te vra nie. Hulle het geweet dat Hy hulle nie sou verhoor nie, want hulle het in groot sonde gelewe, en was glad nie van plan om daarmee op te hou nie.

Maar hulle kon hulself nie red sonder die Here nie. Hulle dag toe aan die *ark* van die Here.

Lank tevore is die ark voor die volk uit deur die rivier Jordaan gedra, en daar het 'n droë pad deur die water gekom. Die ark is om Jerigo gedra en die mure het geval. Sou hulle daardie wonderark nie saamneem as hulle weer veg nie?

Hulle het al so ver van die Here afgedwaal dat hulle bygelowig genoeg was om te dink dat die ark hulle kon help. Hofni en Pinehas het in die tabernakel se Allerheiligste gegaan om die ark saam te neem. Eli het gedink hulle doen nie goed nie, maar hy het hulle nie verhinder nie. Hy het eensaam maar tog onrustig gesit by die Here se huis wat hulle ontheilig het. Haastig het sy twee seuns die ark na die Israeliete se leër geneem.

Toe dit daar aankom, het die Israeliete nuwe hoop gekry en gejuig dat die aarde so dreun.

Maar die Filistyne wie se laer daar naby was, het baie groot geskrik. Hulle het goud gesien skitter in die son en gesien hoe die Israeliete met gejuig daarom dans. Van hulle spioene het hulle gehoor dat dit die ark van die Here was wat in die leër aangekom het.

"Dit is seker die God van Israel," het hulle bang vir mekaar gesê. "Wee ons, dit is die magtige God teen wie die Egiptenaars geveg het. Hou julle sterk, Filistyne! Wees manne, en veg."

Hulle groot angs het hulle dapper gemaak. Hulle het so roekeloos aangestorm teen die Israeliete en so woes geveg dat hulle 'n groot oorwinning behaal het. Duisende Israeliete het geval op die slagveld. Hofni en Pinehas was ook daarby. En die ark is met groot gejuig saamgeneem na die land van die Filistyne.

Een van die Israeliete wat gevlug het, het met geskeurde klere en diep in die rou gehardloop 225

na Silo.

Toe die mense daar van die ramp hoor, het baie hardop geskreeu van verdriet.

Eli, wat voor die tabernakel gesit en wag het, het die geskreeu gehoor. Hy het onrustig geword, hoe langer hoe meer. Hy was baie bekommerd oor die heilige ark. Wat sou al die rumoer beteken?

Was dit 'n gejuig van oorwinning?

Maar die boodskapper het alreeds uitasem en met gekerm by hom aangekom.

"Ag, my liewe!" het hy gekla. "Israel is verslaan!"

Eli het hom opgelig en gevra: "En die ark?"

"U twee seuns is altwee dood!"

"Maar die ark?" roep Eli hard uit.

"Die ark van die Here is deur die vyande saamgeneem!" het die boodskapper gesê, terwyl hy in trane uitbars.

Toe het Eli in wanhoop sy hande bo sy hoof saamgeslaan en inmekaargesak. En toe slaan hy, wat al so oud en swaar van lyf was, agteroor en breek sy nek.

Eli was dood.

Veertig jaar was hy rigter van Israel gewees. Hy was 'n swak, ontroue kneg gewees.

Nou het die straf van die Here gekom.

53. Die Ark by die Filistyne

1 Samuel 5 tot 7:1

AAR was 'n fees in die land van die Filistyne.

D Hulle het gedink dat hulle die God van Israel gevange geneem het. Nou het hulle twee gode, en Israel niks. Wat kon Israel voortaan doen sonder die Here? Hulle het nou hulle krag verloor en sou altyd 'n slawevolk wees!

Buiten hulself van blydskap het hulle soos mal mense voor die ark gedans, en dit tussen die juigende menigte deurgedra oor die strate van Asdod na die tempel van Dagon, hulle god.

Voor sy dooie, stil beeld het hulle die ark van die Here neergesit. Op hulle manier was hulle vroom heidene wat die ark as 'n offer na hulle afgod gebring het.

"Kyk, Dagon," het hulle gesê, "U het ons laat wen, en hier is die god wat ons oorwin het."

Toe het dit aand geword en die deure van hulle tempel is gesluit.

In die donker het die ark van die Here en Dagon alleen agtergebly.

Maar die anderdagmôre toe die priesters al vroeg na die tempel kom, wat sou hulle sien?

Dagon het vooroor geval en gelê asof hy die God van Israel aanbid.

Die priesters het vreeslik geskrik. Met groot eerbied het hulle hul god opgetel en hom versigtig weer teruggesit op sy plek. Bangerig het hulle gekyk na die ark wat daar in die lig gestaan en blink het. Die ander mense moes tog nie weet wat hier gebeur het nie. Dagon sou dit nie vertel nie, en die priesters ook nie.

Maar die volgende môre was dit nog erger.

Toe die priesters die deure van die tempel oopmaak lê die heilige hande van Dagon op die drumpel en sy hoof, sy heilige hoof, rol uit buiten toe. Hulle het hulle hande opgegooi in die lug en het gegril van skrik. Versigtig het hulle die stukke van hulle afgod opgetel en hoog getrap bo-oor die drumpel. En hulle het gesê:

"Niemand mag van nou af meer op hierdie drumpel trap wat in aanraking gekom het met die heilige hande en hoof van Dagon nie."

En toe het hulle die liggaam van Dagon weer gesien lê voor die ark. Nou kon hulle dit nie meer wegsteek nie. Hulle het nou bekommerd met mekaar staan en praat, toe daar mense van die stad af kom met die tyding van 'n vreeslike pessiekte wat skielik uitgebreek het, en ook van 'n muisplaag wat die hele oes verniel.

Hulle het baie bang geword vir die geheimsinnige God van Israel.

"Laat Sy ark weggeneem word na 'n ander stad," het hulle uitgeroep. "Laat dit maar na Gat gebring word."

Toe is dit gou daarheen geneem. Maar nou het niemand gejuig toe dit daarheen gedra word nie.

DIE ark is toe in die tempel van Gat neergesit.

Maar wat vir 'n vreeslike, geheimsinnige mag was dit waaraan siekte en ongedierte gehoorsaam was? In Gat het ook muise gekom en 'n vreeslike pessiekte, nog erger as dié van Asdod, het ook daar uitgebreek. Daarom is die ark toe gestuur na Ekron. Maar daar het die hele stad in beroering gekom. Die mense was vreeslik bang, want dit was asof die dood deur hulle strate geloop het. Ekron se mense het geskreeu: "Wil julle ons almal laat doodgaan? Hoekom het julle die vreeslike ark hierheen gebring?"

Dit kon nie langer so voortgaan nie. Die vorste van die Filistyne het bymekaargekom. Hulle was opgeskeep met die ark wat hulle tevore met soveel vreugde na hulle land gebring het.

Hulle het die wonderlike ark van die Here in hul hande, maar hulle was nie baas van Hom 227

nie.

Of, was dit maar alles net toeval, sodat die Here niks met die siekte te doen gehad het nie?

Hulle het hul towenaars gevra of dit miskien so was en dié het geantwoord:

"Laat die God van Israel self vir ons wys of dit so is."

Hulle het die ark, met 'n paar kosbare geskenke, toe op 'n nuwe wa gesit. Voor die wa het hulle twee koeie, wat kalwertjies het, ingespan. Maar die kalwertjies het hulle in die kraal agtergehou.

Dit was 'n goeie plan.

As die siekte maar toeval was en nie deur die Here gestuur was om die Filistyne te dwing om die ark terug te stuur na Israel nie, dan sou die koeie omdraai en teruggaan na hulle kalwertjies. Maar as dit die God van Israel was wat hulle straf, dan sou Hy in staat wees om die koeie na die land van Israel te laat loop.

En kyk wat gebeur! Die koeie, wat nog nooit hulle kalwers laat staan het nie, het, sonder dat enige mense hulle aanja, reguit geloop na die land van Israel. Hulle het geloop en bulk, maar sonder om regs of links weg te draai, het hulle die groot pad gehou na Israel toe. 'n Onsigbare mag het hulle daarheen gedrywe. Uiteindelik het hulle gekom by die dorpie Bet-Semes in die land van Israel.

Daar was die mense net besig om koring te sny, maar toe hulle die ark sien, het hulle hul werk net so laat staan en baie bly daarheen geloop. Sewe maande lank was die ark van die Here by hulle vyande. Nou het Hy dit self teruggebring.

Die koeie het by 'n groot klip gaan staan. Toe neem 'n paar Leviete die ark en sit dit bo-op die klip. Die wa se hout het hulle geklowe en toe daarmee vuur gemaak en met groot dankbaarheid die koeie as 'n brandoffer vir die Here geoffer.

Maar daar was mense in Bet-Semes wat nie die nodige eerbied vir die heiligheid van die Here gehad het nie. Hulle was baie nuuskierig om te sien hoe die ark lyk en het dit oneerbiedig bekyk. Miskien het hulle ook sonder eerbied die goue engele aangeraak en die deksel opgelig om te sien wat binne-in is. Die Here het hulle gestraf deur hulle te laat sterwe.

Toe het daar mense van 'n ander dorp, Kirjat-Jearim, gekom en die ark eerbiedig weggeneem. Hulle het dit in die huis van 'n sekere Abinadab gesit en sy seun Eleasar gekry om dit te bewaak.

Daar het dit jare lank gebly.

In Bet-Semes was die mense ongehoorsaam en ongelowig. Daar het deur hulle behandeling van die ark 'n vloek op hulle gekom.

Maar waar hy nou was, het 'n seën gekom, want hier was geloof en eerbied.

54. Samuel, die Rigter

1 Samuel 7 en 8

LI was dood. Die tabernakel was geskend. En die ark het gestaan in die klein huisie van E 'n boer, en is vergeet geword. Die mense van die arme land, wat al so swaar gekry het, het baie sonde gedoen.

Die Filistyne was hulle baas en het hard gewerk met hulle. Die Israeliete het byna geen moed meer gehad het nie. Hulle het nie meer gehoop om verlos te word nie.

Dit was alles so omdat daar so min geloof in die Here was.

MAAR die Here was nog daar.

Hy het gelet op Sy afgedwaalde volk en op hulle ellende, en Hy het gewag dat hulle terug moet kom na Hom.

En Samuel was ook nog daar. Hy was 'n troue dienaar van die Here.

Hy het 'n groot sterk man geword, maar sy hart was nog net so nederig soos toe hy 'n klein seuntjie by Eli was.

Na die een keer in die tabernakel het hy nog dikwels die stem van die Here gehoor.

In Rama waar hy gebore is, het hy 'n altaar gebou, waarop hy saam met die volk geoffer het.

En een maal elke jaar het hy die land deurgegaan om ook op ander plekke te offer en te bid om die mense te help in hulle moeilikhede. Hy het die Woord van die Here vir hulle gepreek.

Hy het tussen die Here en Sy volk gestaan. Hy het albei liefgehad en wou graag sy mense naby die Here bring.

Daarvoor het hy gelewe. As hy met die volk oor hulle sonde praat, het sy vurige woorde geword soos sweepslae wat nog lank in hulle harte gevoel is. Op dié manier wou hy hulle soos afgedwaalde skape terugdrywe na hulle Herder.

En uiteindelik, na twintig jaar, waarin hy hom byna geen rus gegun het nie, toe is sy grootste begeerte vervul.

Daar het berou onder sy mense gekom. Dit het eers net op 'n paar plekke begin, maar aanstons het dit versprei van dorp na dorp en van stam na stam.

"Ek het sonde gedoen," het een man uitgeroep.

"Ons het ook sonde gedoen," het almal later saam gekerm.

Toe was daar blydskap in die hemel en ook in die hart van Samuel.

"Wil julle jul bekeer met jul hele hart?" het die profeet gevra. "Nou ja, dan moet julle die afgode weggooi en die Here alleen dien. Dan sal Hy julle red van die Filistyne."

Toe het hulle die Baäls stukkend geslaan en verbrand en die bome van Astarte afgekap.

Waar die bome geplant was, het hulle tevore altyd groot sonde gedoen. En toe die land rein was, het Samuel die volk in Mispa bymekaar laat kom sodat hulle saam kon bid dat die Here hulle moet verlos. Dit het 'n heerlike tyd geword. Nuwe hoop het gestraal uit almal se oë. Die volk het geoffer en het saam met Samuel gebid en

geweet dat die Here opnuut weer hulle God sou wees. Die afgedwaalde skape het teruggekom na hulle Herder.

Maar terwyl hulle daar so saam was, het 'n groot leër van die Filistyne vinnig opgetrek om Israel aan te val.

Die Filistyne het gehoor dat die volk bymekaar gekom het. Wat het *hulle,* sulke heidene, verstaan wat gebeur het? Hulle dag Israel het gerebelleer teen hulle.

En hulle was seker van die oorwinning. Hulle het geweet hoe min wapens die Israeliete gehad het, want die Filistyne wou nie toegelaat het dat die Israeliete hulle eie wapens maak 229

nie. Die Filistyne het geweet hoe sterk hulself was en hoe hard hulle kon veg. Maar wat hulle nie geweet het nie, was dat die Here Hom weer oor Sy volk ontferm het en dat Hy vir Israel sou veg.

DIT het 'n dag geword wat nooit vergeet is nie.

Samuel het 'n offer vir die Here gebring en gebid dat Hy hulle moet help. En Israel het hard geveg.

Nou het die volk nie meer die ark gehad om voorop te stel in hulle geveg nie. Maar hulle het die Here self weer gehad om vir hulle voor te gaan.

Die Here het swart wolke laat opkom wat vinnig bokant die Filistyne saamgepak het en harde donderslae het oor hulle gedreun. Waar hulle dig bymekaar was om te veg, het die weerlig hulle uitmekaar geslaan, en daar was die grootste verwarring. Die Here het self vir Sy volk geveg.

In groot verwarring het die Filistyne met 'n doodsvrees voor die God van Israel gevlug, terwyl die Israeliete hulle met gejuig agtervolg het.

Dit was 'n skitterende oorwinning. Baie vyande is doodgemaak. Die ander is met skande teruggeja na hulle eie land.

Toe het Samuel 'n groot klip geneem en dit naby Mispa opgerig. Hy het dit genoem Ebenhaeser. Dit beteken: Tot so ver het die Here ons gehelp.

MAAR die Here het ook nog meer gehelp. 'n Gelukkige tyd het vir Israel aangebreek. Die Israeliete het weer die stede teruggekry wat die Filistyne ingeneem het. Hulle ander vyande kon ook geen kwaad aan hulle doen nie. So lank as wat Samuel gelewe het, was Israel vry.

Wat kon die volk nou nog begeer? Hulle het gelukkig en voorspoedig gelewe.

Samuel was 'n verstandige en goeie rigter. En hulle koning was die Here self.

HELAAS, toe Samuel oud was, het hulle hom baie verdrietig gemaak.

Die mense was *nog* nie tevrede nie. 'n Dwase verlange het in hulle harte opgekom.

Hulle het na ander volke gekyk en gesien dat dié iets het wat hulle self nie het nie. En toe het hulle jaloers geword.

Die ander volke het mos 'n koning wat oor hulle regeer. Hy woon in 'n pragtige paleis, en is omring deur honderde dienaars. Hy lei sy volk in die oorlog. Hy ry partymaal met prag en praal deur die land. So iets wou die Israeliete ook hê. Hulle het nie daaraan gedink en *wou* ook nie daaraan dink nie, dat hulle 'n ander soort volk, 'n *heilige* volk moet wees. En tog was dit so. Was die Here nie self hulle Koning nie? En die hemel was Sy paleis.

Het Hy Sy volk dan nie gelei as hulle oorlog moet maak nie?

Het Hy die volk nie bestuur met Sy wyse wette en deur Sy rigters nie?

Kon Hy nie Sy volk, as hulle Hom gehoorsaam is en Hom trou dien, baie gelukkig maak nie?

Maar Israel het gedink dat die ander volke gelukkiger was as hulle omdat hulle 'n koning het wat 'n mens kan *sien*!

Die oudstes van die volk het toe na Samuel gekom en gesê:

"Kyk, u het oud geword. Gee ons nou 'n koning, want u seuns is nie so verstandig en regverdig soos u self nie."

Dit was waar omtrent sy seuns. Hulle was Joël en Abía en was rigters in Berséba. Hulle moes die suiderdeel van die land bestuur, waarheen hulle ou vader nie meer kon reis nie.

Maar hulle het baie verkeerd gedoen. Wanneer

twee manne, wat met mekaar getwis het, na hulle gekom het, was die een wat die grootste geskenk gebring het, gewoonlik reg! Hulle het hulle laat omkoop. Hulle het geld liewer gehad as vir die Here.

Maar Samuel was nie so swak soos Eli nie. Noudat hy weet hoe verkeerd sy seuns doen, sou hy hulle terugroep en hulle straf.

Samuel was bedroef. Sy hele lewe lank het hy sy bes gedoen vir daardie volk. Maar nou dat hy oud was, wou hulle hom opsy skuiwe vir 'n koning. Dit was nou die dank wat hy kry!

En dit was nog glad nie die ergste nie. Die Here het vir Samuel gesê:

"Dis nie vir jou wat hulle verwerp nie, maar vir My, sodat ek nie langer Koning oor hulle sal wees nie."

Dit was Samuel se grootste verdriet.

Hy het geprobeer om die volk te waarsku en gesê:

"As julle 'n koning kry, sal julle nie meer vry wees nie. Hy sal julle verdruk. Hy sal julle seuns soldate maak en julle dogters diensmeisies

in sy paleis. Julle sal swaar belastings moet betaal en julle almal sal sy dienaars wees."

Maar die mense wou nie luister nie. Hulle het aangehou: "Gee vir ons 'n koning."

Samuel sou hulle nooit hulle sin gegee het nie. Maar die Here was geduldiger en sagmoediger as hy. Die Here het gegee wat hulle vra. So doen 'n vader partymaal, wat 'n koppige kind het, om hom te leer hoe dom hy is.

Nie lank daarna nie sou die koning gekies word.

MAAR wie sou dit wees?

Sou hy 'n goeie of 'n slegte koning wees? Want alleen as hy nederig was en die Here se wil wou doen, en as hy sou weet dat die Here sy koning is, sou hy sy volk kon gelukkig maak.

Alleen as hy 'n goeie *kneg* van die Here was, sou hy ook 'n goeie *koning* kon wees.

55. Die Nuwe Koning

1 Samuel 9-11

WEE manne het moeg-moeg deur die veld geloop. Hulle het van ver gekom, en bo-op T elke heuwel wat hulle uitgeklim het, het hulle eers 'n rukkie na alle kante gestaan en rondkyk. Hulle het iets gesoek.

Die grootste een van die twee was Saul, die seun van Kis, uit die stam van Benjamin. Die ander een was 'n kneg van sy vader.

Drie dae lank het hulle al 'n paar esels van Saul se vader gesoek, wat weggeloop het. En hulle het die esels nog nie gekry nie.

In die rooi sonlig van die aand het hulle op 'n hoogte 'n dorpie gesien.

"Ons moet maar huis toe gaan," het Saul mismoedig gesê, "anders word my pa ongerus oor ons in plaas van oor die esels."

Maar die kneg het gewys na die dorpie. "Daar woon 'n siener," het hy gesê. "Hy is 'n groot profeet. Laat ons sy raad gaan vra. Wie weet, dalk kan hy ons help."

Saul het geaarsel. Dit was goeie raad. Maar hoe kon hulle somaarso na 'n vername man gaan? Moes hulle nie geskenke saam neem nie?

Die kneg het 'n klein geldstukkie in sy sak gehad. Dit was nie baie nie, maar hulle kon dit darem gee.

Hulle het gegaan.

Naby die stad ontmoet hulle 'n paar meisies wat met kruike op hulle koppe gaan water haal by die fontein.

"Woon die siener hier?" vra Saul.

"Ja," sê hulle, "hy het nou net in die dorp aangekom en daar sal netnou fees gevier word."

Hulle het gou aangestryk, en was skaars binne die poort of daar kom 'n ou man met 'n lang, grys baard na hulle toe.

Saul het nie geweet dis Samuel nie, en hy het hom gevra:

"Kan u my asseblief sê waar die huis van die siener is?"

Met 'n glimlaggie het die ou man hom 'n bietjie snaaks aangekyk asof hy Saul alreeds ken.

"Ek is self die siener," het hy geantwoord. "Eet maar vanaand hier by my, dan kan julle môre weer huis toe gaan. En moenie meer oor die

esels bekommerd wees wat julle drie dae gelede verloor het nie, want hulle het al uitgekom . . . . "

Saul se oë het groot gerek van verbasing. Het Samuel dit alreeds geweet voor hulle kom?

Maar die profeet het nog nie klaar gepraat nie.

"En bowendien," het hy gevra, "wat beteken 'n paar esels vir jou? Alles in ons land sal binnekort aan jou behoort."

Alles in die land aan hom behoort, aan Saul? Watter raaiselagtige woorde was dit nie? Saul het glad nie verstaan nie en verleë gevoel. Hy het gehakkel en gesê:

"Maar .... maar ek is maar 'n eenvoudige boerseun van die kleinste stam. Hoekom praat u so met my? "

Maar Samuel wou niks verder sê nie, en Saul kon dit nie waag om meer te vra nie. Sy verwondering het hoe langer hoe groter geword. Die ou profeet het hom eerbiedig behandel asof hy 'n vername man is. Saul het aan sy tafel 'n ereplek gekry en die lekkerste stuk vleis.

'n Hele skaapboud is voor hom neergesit, en hy kon soveel daarvan eet as hy wou. Samuel 232



het gesê hy het dit vir Saul gebêre. Het die profeet dan vooraf geweet dat hy sou kom?

Daardie nag het Saul in 'n koel tentjie geslaap, bo-op die plat dak van Samuel se huis. En met rooidag die anderdagmôre het Samuel hom self kom wakker maak en 'n entjie met hom saamgeloop op sy pad huis toe.

En toe gebeur nog die wonderlikste van alles.

Op 'n eensame plekkie het Samuel die kneg laat vooruitloop en alleen agtergebly met Saul.

"Ek het vandag 'n boodskap van die Here vir jou," het die ou profeet gesê.

Saul moes voor hom neerkniel, en toe neem hy 'n kruik geurige olie en gooi dit uit oor die hoof van die jong man. Hy het hom gesoen en toe gesê:

"Saul, die Here het jou gesalf as koning oor Sy volk."

Saul het sy hoof gebuig en gebewe van skrik en verwondering en blydskap. Was dit nie miskien net 'n mooi droom wat 'n mens darem 'n bietjie bang laat voel nie?

Die sogenaamde dam van Saul by Betlehem.

Maar Samuel het gesê: "As bewys dat ek die waarheid praat, sal jy 'n teken sien. Aanstons sal jy twee manne ontmoet en hulle sal vir jou sê dat die esels al gevind is. Daarna sal drie manne kom om jou 'n klein geskenkie te gee. En naby jou huis sal jy 'n klompie profete sien wat sing en op hulle siters speel, en dan sal die Gees van die Here in jou hart kom, sodat jy ook sal profeteer."

Toe het hulle mekaar gegroet. Saul het alleen verder gestap, diep in gedagte. Hy het uitgegaan om esels te soek. Het hy nou 'n koninkryk gevind?

Dit het hom angstig laat voel. Maar die Here het sy hart versterk.

Die tekens het gekom soos Samuel gesê het. By die graf van Ragel was twee manne wat gesê het dat die esels alreeds gevind is. Drie manne het Saul later ontmoet wat hom twee brode gegee het. En in sy eie dorp Gibea was daar waarlik musiek en sang van 'n klomp 233

profete. Toe kon Saul nie anders nie as om te glo in die wonder. En meteens het hy nie meer geweet wat hy doen nie. Hy het gedans in die middel van die klompie profete. Hy het tot eer van die Here 'n lied gesing wat opgewel het uit die groot vreugde van sy hart.

En die mense het verwonderd gevra: "Is Saul ook onder die profete?"

Maar Saul het niks geantwoord nie. Hy het sy groot geheim diep in sy hart bewaar. En die anderdag het hy weer op die land gaan werk soos altyd tevore.

NIE lank daarna nie het Samuel die volk by Mispa laat bymekaarkom. Saul het ook daarheen gegaan.

Nou sou die nuwe koning gekies word. Maar Samuel sou hom nie aanwys nie. Die Here self sou dit doen.

Die mense het doodstil geword, maar in hulle harte was hulle baie opgewonde om te weet wie koning sou word.

Eers is onder die twaalf stamme geloot, en die lot het geval op die geslag van Benjamin. Toe is die geslag van Matri aangewys en daarna die familie van Kis. Wie tog van die seuns van Kis sou dit wees?

Die lot het op Saul geval.

"Saul.... Saul is ons koning!" het die mense uitgeroep.

Hulle wou hom sien! Waar was die nuwe koning?

Net Samuel het dit geweet. Saul was so beskeie dat hy weggekruip het. Hy het te skaam gevoel dat so baie duisende oë na hom sou kyk! Hulle het die Here gevra waar hy is, en die Here het geantwoord: "Kyk, hy het tussen die pakgoed weggekruip." Hulle het hom daar gaan uithaal en toe hy tussen die mense staan, sien hulle hoe 'n mooi groot man hy is. Hy was van sy skouers af hoër as al die ander mense! 'n Mooi man om koning te wees!

"Daar is julle koning!" het Samuel gesê, en die volk het gejuig en uitgeroep: "Mag die koning lewe!"

Tóg was daar party mense wat hom verag en gevra het:

"Moet hierdie ou boertjie nou ons koning wees?" Hulle wou hom nie geskenke gee soos die ander mense nie.

Maar Saul het gemaak asof hy dit nie hoor of iets merk nie. Hy was nie hoogmoedig nie, en hy het teruggegaan huis toe om soos

gewoonlik op die plaas te werk.

SAUL het nie nodig gehad om lank te wag nie.

Een aand, toe hy met die beeste terugkom van die veld, hoor hy hoe daar vroue huil en mans hard praat. Toe hy tuis kom, sien hy hoe mense saamgepak staan om 'n paar manne met geskeurde klere. Hulle was moeg en baie beangs.

"O koning, help ons tog!" het hulle gesmeek. En toe vertel hulle 'n treurige storie.

Hulle stad Jabes, in Gilead, oorkant die Jordaan, was omring deur die Ammoniete, wie se wrede koning die reg wou hê om die regteroog van al die mans in die stad uit te steek. Hy wou so iets doen om die hele volk van Israel te verneder en in die skande te steek. As die manne van Jabes hom nie sy sin wou gee nie, sou hy die hele stad verwoes en al die mense doodmaak.

Maar kyk, het Saul nie woedend kwaad geword toe hy dit hoor nie!

Hy het 'n paar beeste geslag en hulle stukkend gesny. Toe het hy boodskappers deur die hele land uitgestuur met die rou stukke vleis. Hulle moes vir die mense sê:

"Almal wat nie wil kom veg agter Saul en agter Samuel nie, sal net soos dié beeste doodgemaak en geslag word!"

Die plan het goed gewerk. Die hele volk het hulle klaargemaak om te veg, en gou het Saul 'n groot aantal manne by hom gehad.

Met hulle het hy vinnig opgetrek na Jabes.

Die boodskappers van Jabes was al weer tuis. Met 'n treurige tyding het hulle tevore weggegaan. Met 'n blye tyding het hulle teruggekom.

Vroeg in die môre het Saul die vyand aangeval. Hy het self vooraan geveg, die grootste en dapperste van almal. Hulle het aangehou tot op die warmste deel van die dag en toe was die parmantige Ammoniete geheel en al verslaan en uitmekaar geja.

Ag, maar was die mense van Jabes nie dankbaar nie! Hulle sou daardie dag nooit vergeet nie.

En die manne wat saam met Saul geveg het, het hom toe gevra:

"Wie is die mense, o Koning, wat vroeër vir u so bespot en verag het? Sê vir ons en ons sal hulle hier op die plek voor u doodslaan!"

Maar Saul wou dit nie hê nie. Hy het gesê:

"Dis 'n dag van blydskap, wat die Here ons gegee het. Laat ons dit nie bederf deur van ons eie mense dood te maak nie. Ek vergewe hulle met my hele hart."

Toe kon die mense sien dat hulle nie net 'n dapper, maar ook 'n goeie koning gekry het, en hulle het hom nog meer liefgekry.

Baie bly het almal saam met hom en Samuel na Gilgal gegaan en daar 'n groot fees gevier omdat hulle hul vyande oorwin het. Toe het die hele volk vir Saul regtig hulle koning gemaak, sodat hy in 'n paleis kon gaan woon en baie dienaars daar kon hê. En hulle het dankoffers aan die Here gebring. Bokant Saul was Hy tog hulle Koning.

Saul was die *Here* se gesalfde. 'n Koning was hy, maar ook 'n kneg, 'n kneg wat vir die Here altyd moes gehoorsaam wees.

'n Goeie en dapper koning was Saul.

Sou hy ook 'n goeie en gehoorsame kneg wees?

Nou hoef Samuel nie meer rigter te wees oor die volk nie. Daarom het hy sy kans toe waargeneem om plegtig afskeid te neem van die

volk en hulle te vermaan om die Here trou te dien, terwyl Saul oor hulle regeer.

235

56. Ongehoorsaamheid

1 Samuel 13-15

IE ou vyande van Israel, die Filistyne, het hulle gereed gemaak om weer teen Israel te Dveg .

Maar nou was daar 'n koning wat die volk kon lei as daar oorlog kom. En Saul was nie

'n bang man nie. Hy het sy manne bymekaargeroep, en duisende het gekom om saam met hulle koning te veg.

Saul was haastig om te veg, maar hy moes eers nog wag totdat Samuel kom. Samuel moes eers kom offer en bid dat die Here sy volk sal laat wen.

"Wag vir my by Gilgal," het die ou profeet gesê, "en ek sal oor sewe dae kom."

En Saul het gewag. Hy moes doen wat Samuel sê as hy die woord van die Here spreek. Hy was 'n koning, maar ook 'n kneg van die Here.

Hy het gewag . . . . en gewag. Dit was baie swaar, want hy was al baie haastig om te gaan veg. Die dae het verbygekruip. Elke dag het daar nuwe gerugte gekom van hoe sterk die Filistyne was, en Saul se manskappe, wat niks te doen gehad het nie, het moed. verloor.

Hulle het mekaar begin bang maak. Sê nou maar die Filistyne kom voordat Samuel geoffer het?

Party van hulle het weggeloop. En die anderdag het nog meer huis toe gegaan. Hy het geprobeer om die mense bymekaar te hou, maar hulle wou nie luister nie. Hulle was te bang. Die sewende dag was almal weg, buiten seshonderd man wat trou gebly het.

Saul was al wanhopig, want al wat uitkom, is Samuel! Moedeloos het Saul heen en weer geloop. Hy dink toe hoekom is hy 'n koning as hy so moet wag vir die ou profeet, wat tog niks van oorlog maak weet nie.

Maar een ding het by hom ontbreek, naamlik 'n sterk geloof in die Here en vertroue op Sy woord.

Saul het op sy leër vertrou. En toe dit al kleiner word, kon hy dit nie meer langer uithou nie.

Hy het 'n altaar laat regmaak. Toe het hy 'n priester laat kom en gesê hy moet 'n brandoffer offer.

Maar net toe alles klaar was vir die brandoffer, wie kom skielik daar aan! Niemand anders as Samuel nie.

Saul het geskrik. Hy het skuldig gevoel en sy hart het vinnig geklop toe hy Samuel groet.

"Wat het jy gedoen?" het die profeet bedroef gevra.

Saul wou homself nog verontskuldig, maar hy kon nie. Hy het sonde gedoen. Hy moes gelowig gewag het, soos die Here gebied het.

Bedroef het Samuel gesê: "Jy het dwaas gehandel. Die Here wou jou beproef. As jy gehoorsaam was, sou Hy jou koninkryk tot in ewigheid bevestig het. Maar nou sal jy nie meer lank koning kan wees nie, omdat jy nie 'n gehoorsame kneg was nie. Die Here het 'n *ander* man gesoek, een wat na Sy hart is. *Hy* sal koning wees in jou plek."

Hierdie bestraffing het Saul swaar gevoel toe hy vertrek om te gaan veg.

SAUL het 'n baie goeie en dapper seun gehad. Sy naam was Jonatan en dit was hy wat die aanval begin het. Sy vader was met omtrent seshonderd manskappe op die grens van Gibea en naby hulle was 'n steil bergpas, genoem Migmas. Hoog daarbo, op die rotse, was

'n wagpos van die Filistyne. Sonder dat Saul dit weet, het Jonatan die leër verlaat en met die dienaar, wat sy wapens dra, na die kant van die Filistyne geloop. Hy sê toe vir sy wapendraer:

"Kom ons gaan oor na daardie wagpos . . . Miskien sal die Here vir ons veg, want vir Hom kom dit nie op aan of ons min of baie is nie."

Toe die Filistyne hulle sien, het hulle lekker gespot.

"Kyk net 'n bietjie," het hulle gesê, "hier kom die Hebreërs (of Israeliete) uit die gate waarin hulle weggekruip het." En hulle het Jonatan uitgedaag en gesê:

"Klim op na ons toe, dan sal ons julle 'n les leer!"

Jonatan dag dis 'n baie goeie teken en dat die Here dit vir hulle twee gegee het. Niemand van die Filistyne het gedroom dat dit moontlik was vir 'n swaar gewapende man om die steil krans uit te klouter nie.

Maar Jonatan en sy wapendraer het die berge goed geken. Hulle was hier naby die plek waar hulle gebore is, en as seuns was hulle gewoond om die steilste plekke uit te klim. Nou het hulle geloof hulle moed gegee. Saul het nie dié geloof gehad nie, maar vir Jonatan het dit sterk en knap gemaak.

Met hande en voete het hy vasgeklou aan die skerp klippe, en hy en sy wapendraer het soos katte agtermekaar aangeklouter teen die steil krans op. En toe kom hulle skielik op die verbaasde Filistyne af!

Hulle vyande het hulle lam geskrik en voor hulle kon regkom, het Jonatan se blink swaard regs en links geslaan en gemaai onder hulle.

Teen sy moed en geloof kon niemand weerstand bied nie. Jonatan het die een na die ander platgeslaan en sy wapendraer agter hom het hulle doodgemaak. Dié wat oorgebly het, het verward deur die nou bergpas weggevlug.

Toe Saul se spioene hom kom vertel wat gebeur het, het hy besluit om dadelik met sy seshonderd manne te begin veg.

Saul het soos 'n kwaai leeu geveg, saam met Jonatan en die seshonderd helde. Hy het gewen.

MAAR vir *hom,* vir Saul, was daar geen blydskap meer nie. Hy kon Samuel se bestraffing nie vergeet nie. Dit het sy hart baie bitter gemaak.

As hy tog maar waarlik spyt was oor die sonde wat hy gedoen het, kon hy weer gelukkig geword het. Maar hy het geen berou gehad nie.

Aan die hoof van sy leër, wat so 'n heerlike oorwinning behaal het, het hy nors en bedroef teruggegaan na sy paleis.

NIE lank daarna nie het Saul nog 'n maal gewys dat hy nog koning was maar dat hy nie 'n dienskneg van die Here wou wees nie.

Ver in die Suide, in die woestyn, het 'n gevaarlike en wrede rowersvolk, die Amalekiete, gewoon. Hulle het Israel geken, en die volk van die Here gehaat. Baie lank gelede toe Israel pas weg was uit Egipte, het die Amalekiete hulle aangeval en geprobeer om hulle uit te roei.

Josua het hulle toe verslaan.

Maar hulle het weer baie sterk geword en het die Israeliete baie kwaad aangedoen.

Vierhonderd jaar het die Here met hulle geduld gehad. Nou was dit genoeg. Hulle moes gestraf word.

Samuel het gekom in die paleis van Saul en het vir hom 'n bevel van die Here gebring:

"So sê die Here: Gaan en verslaan die Amalekiete en roei hulle uit, omdat hulle My volk haat en kwaad wil aandoen. Geen mens of dier mag gespaar word nie."

O, dit wou Saul graag doen! Dit was vir hom 'n plesier om te veg. Met 'n groot leër het hy die woestyn ingetrek en die rowers omsingel. Daar was egter 'n klein volkie, die Keniete, wat 237

onder daardie goddelose mense gewoon het en wat altyd goed was vir die Israeliete. Saul het hulle gespaar, maar die Amalekiete het hy geheel en al verslaan.

Toe het Saul hoogmoedig geword. Hy het gevoel hy is 'n groot man, 'n koning en nie 'n kneg nie. Hy het die pragtige vet beeste van die rowers gesien. Hy het gemerk dat sy manne dit ook jammer vind om dié mooi diere dood te maak, en toe het hy hulle gespaar. Toe die wilde, wrede koning van die Amalekiete gevange neem is, het hy hom voor hom uit laat loop, om in al die dorpe te wys hoe groot en sterk die volk was wat hy verslaan het.

Só het hy teruggegaan met wat hy verower het, en die gejubel van die mense het hom nog hoogmoediger gemaak. In die dorp Karmel het hy 'n gedenkteken laat oprig sodat die mense hom, hulle koning, nooit sou vergeet nie.

Maar toe hy by Gilgal kom, waar Samuel hom eenmaal so 'n ernstige boodskap gebring het, kyk, daar op dieselfde plek kom die ou profeet hom weer tegemoet.

En sy gesig was nog meer bedroef en dreigend as tevore. Saul het dit gesien en geskrik. Hy het goed geweet hy was ongehoorsaam.

Hy was bang vir die bestraffing, wat hy geweet het sou kom, en hy het hom geveins gehou.

Hy het gemaak asof hy baie bly was, en het geesdriftig uitgeroep:

"Mag die Here u seën, Samuel! Ek het gedoen soos die Here gesê het."

Maar die ou man het verdrietig sy grys ou hoof geskud en gevra:

"Maar wat vir 'n geblêr van kleinvee en gebulk van beeste is dit wat ek hoor?"

Saul het baie bleek geword. Die vreeslike bestraffing was naby, maar hy *moes* 'n plan maak om dit te ontkom. Verward en wanhopig het hy 'n ekskuus gesoek. Wat het dit hom.

aangegaan of dit eerlik en goed was? Hy het sy manne die skuld gegee.

"Ja, dis 'n paar van die mooiste diere van die Amalekiete," het hy gestamel. "Die manskappe het dit saamgebring om vir u God te offer."

" *U* God," sê hy, nie meer "my God" nie.

Dit was 'n treurige oomblik. Saul, die dapper vegter, die koning met nie 'n bang haar op sy hoof nie, staan nou soos 'n lafhartige bedrieër.

"Bly tog liewer stil," het Samuel gesug. "Luister wat die Here hierdie nag vir my gesê het ....

Hoekom het jy die bevel van die Here nie gehoorsaam nie? Wou jy 'n offerande bring, Saul?

Kyk, om gehoorsaam te wees, is beter as 'n slagoffer. Omdat jy die woord van die Here verwerp het, het Hy jou as koning verwerp."

Daar hoor Saul weer die vreeslike woorde wat hy so graag wou vergeet en wat hom diep ongelukkig gemaak het.

Hy wou koning *bly.* Hy wou alles probeer regmaak. Hy het gemaak asof hy baie berou het oor sy ongehoorsaamheid.

"Ek het sonde gedoen," het hy beangs gesê. Maar hy was net bang oor wat in die toekoms kon gebeur met hom. Dit was wat hom wanhopig gemaak het. Samuel het dit gemerk en hom bedroef omgedraai om te loop.

Maar Saul het sy mantel gegryp en vasgehou.

Hy het geweet dat die Here hom verlaat het. As die Here se *kneg* hom nou ook verlaat, sou alles verlore wees, het Saul gedink.

"Bly tog by my!" het hy gesmeek. Maar 'n stuk van die mantel het afgeskeur. En nog 'n maal het die profeet hom omgedraai.

"Net so sal jou koninkryk ook van jou afgeskeur word," het hy bedroef gesê.

Samuel het Agag laat kom en hom self doodgemaak. Die wrede rower, wat selfs kindertjies vermoor het, het nou sy straf gekry.

Toe het Samuel weggeloop, krom van verdriet oor Saul, van wie hy soveel gehou het.

Die koning het agtergebly, eensaam en verbitter.

Hy en Samuel het mekaar nooit weer op aarde gesien nie.

Wat moes Saul nou doen? Sou hy voor die Here op sy knieë kon val en om vergifnis bid?

Sou hy sê: "Here, neem maar my koningskap van my weg, ek het dit verdien, maar laat my asseblief 'n kind van U bly!"

Dit het hy nie gedoen nie. Hy het geen berou geken nie. Hy was baie kwaad en het by homself gedink: "Hier sal geen ander man koning wees soos Samuel gesê het nie. Ek is die koning en ek gaan dit bly!"

Toe het dit baie donker in sy siel geword.

Die arme, dwase Saul!

57. Dawid

1 Samuel 16

DAAR was eenmaal 'n jong skaapwagtertjie wat die kleinvee van sy pa opgepas het in die velde van Betlehem.

Smôrens, as die sonnetjie bokant die koppies uitkom, het hy die kraal oopgemaak en die skape geroep, soos dit die gewoonte in Kanaän was. Hy het hulle almal geken en name gegee. En hulle het sy stem geken en mooi agter hom aan geloop na plekke waar hulle lekker kon wei.

Daar was hulle die hele dag saam in die ope veld, ver van ander mense af. Hulle het by mekaar behoort en het mekaar liefgehad. As hulle dors kry, het die wagtertjie vir hulle 'n stroompie water of 'n put gesoek en dan het hulle saam gedrink. As die reën neerstort, het hulle saam in 'n spelonk geskuil. En as dit aand word oor die eensame veld, het die wagter in die skemer vooraan geloop na 'n veilige plekkie, en het hy tussen die diere gaan slaap wat hy moes oppas.

Hy was 'n goeie wagter. Die skape was veilig by hom. Aan sy lyf band het sy wapens gehang — 'n slinger en 'n stok.

Met die slinger kon hy 'n klip ver en hard gooi. En die stok was 'n kort, swaar knopkierie, wat

'n vreeslike wapen was in sy sterk hand. Daarmee het hy eenmaal 'n beer doodgeslaan wat

'n lam wou steel. En later toe 'n leeu deur die bossies nader kruip om 'n skaap te bespring, het die seun, sonder dat hy bang was, die roofdier beetgepak, en met al sy krag geworstel totdat hy hom baasgeraak en doodgemaak het. As dit nie anders kon nie, sou hy sy lewe gee vir sy skape.

Bruin gebrand deur weer en wind, was hy sterk en gesond. En in sy hart was hy tevrede met sy lewe onder die blou hemel.

Partymaal, op 'n mooi dag, as die skape rustig wei, of in die stil nag, as die berge glinster in die lig van die maan, het hy so gelukkig gevoel dat hy moes sing. Dan het hy 'n siter (of harp) geneem en gesing terwyl hy daarop speel. Hy het van die ou liedere van sy volk gesing, maar ook ander mooies, wat niemand nog ooit tevore gesing het nie! Hulle het somaarso vanself uit sy siel opgewel.

Meesal was daar geen mens naby om dit te hoor nie. Maar sy skape het nader gekom en stil by hom gestaan, met hulle koppe opgelig. En in die hemel het die Here geluister.

"Die Here is my herder," het hy gesing. "Niks sal my ontbreek nie."

Dit was hierdie gedagte wat hom so gelukkig gemaak het. Die Here het vir hom gesorg, net soos hy vir sy skape. Daarom was hy vir niks bang nie, want die Here het hom teen alle gevare beskerm.

Dit was so heerlik dat hy niks méér verlang het nie. Die lewe was mooi. Hy was gewillig om sy hele lewe lank 'n arme skaapwagter te wees, so lank as wat hy maar net self 'n skaap kon bly van die Here in die hemel.

MAAR toe hy daar in die veld was, kom die afgeleefde Samuel eendag teen die aand se kant, langsaam aangeloop op die pad na Betlehem.

Dit was die Here wat hom gestuur het.

"Gaan na Isai en salf een van sy seuns, wat Ek jou sal aanwys, as koning," het die Here gesê.

O, as Saul dit maar geweet het! Hy sou Samuel doodmaak nog voor hy by Betlehem kom!

Maar Saul het dit nie geweet nie. Niemand het dit geweet nie. Samuel het 'n kalf saam met hom geneem. Dit het gelyk asof hy maar net gaan om 'n offer te bring.

Maar die oudste manne van Betlehem het geskrik toe hulle Samuel sien kom. Hy was al so oud dat hy maar selde meer in die land êrens heen gegaan het. Het hulle miskien sonde gedoen en kom hy nou om hulle te straf?

Hulle het hom bewend tegemoet geloop, maar hy het hulle gou gerusgestel. Hy het hulle genooi na die feesmaaltyd na die offer. Isai en sy seuns het ook daarheen gekom.

Hulle het volgens hulle ouderdomme binnegekom. Eliab, die oudste seun, het eerste gekom.

"A," dag Samuel, "dis nou die man wat ek moet salf," want Eliab was 'n groot sterk man, groter en sterker as al die ander manne daar, 'n man soos Saul vroeër was. Hy het nou al na

'n koning gelyk en Samuel het met bewondering na hom opgekyk.

Maar die Here het in sy hart gesê: *"Ek* kyk na die hart, Samuel. Dis nie die een nie."

Toe het die tweede seun, Abinadab, gekom, maar dit was ook nie die een nie.

Daarna die derde een: Samma. Ook hy was dit nie.

Toe het al die ander gekom, maar hulle het verbygegaan, al sewe, en die Here het niemand van hulle aangewys nie.

"Een van Isai se seuns," het die Here tog gesê.

Samuel vra toe: "Is dit *al* jou seuns, Isai?" en hy antwoord: "Alleen die jongste een is nie hier nie. Hy is in die veld en pas die skape op."

Toe het Samuel geweet dat die jongste seun koning sou wees.

"Laat hom haal," het hy gesê, "want ons sal nie eet voordat hy ook gekom het nie."

'n Kneg word gestuur na die veld toe.

En nie lank daarna nie kom 'n jong herder binne, wat die veld se geur in sy klere saambring.

Sy hare was swart, net soos dié van die ander. Hy was rooierig met mooi oë en 'n mooi voorkoms. Sy helder oë het rustig en verwonderd na Samuel gekyk.

Toe het Samuel ontroerd geword, want in sy hart het hy die stem van die Here gehoor: "Dit is hy."

Samuel het sy hand onder sy profetemantel ingesteek en 'n horing vol geurige olie uitgehaal.

In die Naam van die Here het hy die jong herder, wat voor hom gekniel het, gesalf.

Sy naam was Dawid en dit beteken: *Die Beminde* — die een wat Ek liefhet.

Hy sou 'n man na die hart van die Here wees.

Samuel het teruggegaan huis toe. En Dawid het weer teruggegaan na sy skape in die veld.

Die skape het nuuskierig aan sy klere kom ruik waarop die geurige olie geloop het. Hy het by hulle gaan sit en het baie gehad om oor na te dink. Dit was so 'n wonderlike dag gewees. En soveel wonderliks sou in die toekoms miskien ook nog gebeur!

En die Here het hom liefgehad. Dit het hy beter as ooit tevore geweet. Die Here was sy herder. Geen gevaar kon hom kwaad aandoen nie.

En toe Dawid daaraan dink, het hy dankbaar opgekyk na die hemel. Hy het sy siter gegryp en 'n lied gesing.

En dit het nog mooier geklink as anders, want die Here se Gees was in sy hart. Dit het oorgeloop van vreugde.

MAAR koning Saul het in sy paleis gesit met 'n hart vol haat. "Daardie ander een!" het hy gedink. Hy wis nie wie die ander een was wat koning sou word in sy plek nie. Maar hy was seker dat dit sou gebeur en dat hy niks kon doen om dit te verhinder nie.

Hy het dood ongelukkig gevoel as hy aan so iemand dink en aan Samuel wat hom verlaat het, en aan die Here wie se kneg hy nie meer wou wees nie.

"Hulle is almal teen my," dag hy, "maar wag maar 'n bietjie, ek sal darem nog die sterkste wees."

Hy het planne gemaak wat sleg was, en het hom gedurig besig gehou met bittere gedagtes.

Sonder enige troos vir hom het die dae verbygegaan.

"Saul, by die Here is vergewing," het 'n stem in sy hart gesê. Maar hy wou nie luister nie. Hy wou hom nie verneder deur vergifnis te vra nie. Hy was te hoogmoedig om op sy knieë te val.

Hy het vuisgemaak en dit in die lug opgesteek en op sy tande gekners as hy sê: "Ek *sal* koning bly!"

Hy het nie geweet dat hy die stryd moet verloor nie. Hy het gesien hoe sy straf elke dag nader kom, maar tog het hy aangehou met veg.

Maar partymaal was dit vir hom te veel. Hy het gesink in 'n stroom van ellende en wanhoop.

Hy het nie meer geweet wat hy doen nie.

Dan het hy mal geword van hartseer en het gevloek en so aangegaan dat niemand naby hom wou kom nie.

Sy hofdienaars, wat hom geken het toe hy nog vriendelik en goed vir hulle was, het vir hom jammer gekry.

"Ons meester is siek," het hulle gesê. "Sy hart is siek omdat die Here hom verlaat het en daar nou 'n bose gees in sy hart woon."

Hulle wou graag 'n plan maak om hom te help.

Maar watter soort medisyne is daar vir 'n siek hart?

Uiteindelik het hulle aan iets gedink.

In die paleis was 'n man wat eendag 'n jong skaapwagtertjie by Betlehem op 'n siter gehoor speel het. Hy het nog onthou hoe gelukkig die musiek hom laat voel het.

Toe gaan hulle saam na die koning.

"O koning," het hulle gesê, "u moet 'n man laat kom om vir u musiek te maak. As die bose gees dan kom, sal hy hom verdryf met die mooi

klanke van sy lied. Dan sal dit beter met u gaan."

Toe sê een van die hofdienaars: "Ek weet van so iemand. Dis die seun van Isai van Betlehem. Hy is 'n mooi en dapper kêrel."

Die liefde van sy hofdienaars het Saul goed gedoen. Hy het toe vir Dawid laat haal en na die paleis laat bring.

O, as Saul maar geweet het dat die seun juis die een was wat bestem was om koning te word in sy plek! Maar hy het dit nie geweet nie. Hy het 'n arme skaapwagtertjie gesien met 'n siter wat hy self gemaak het. Eendag, toe hy weer van sy kop af was en alles wou breek en skeur, het hy sagte musiek gehoor. 'n Rilling het deur sy liggaam gegaan en hy het stil gaan sit en luister. Hy kon nie anders as luister na die mooi klanke nie. Dit was soos die geklingel van goue klokkies. Dit het hom laat dink aan groen heuwels onder 'n blou lug, aan alles wat goed en veilig en mooi was. Dit het die koning laat dink hoe gelukkig hy vroeër was, voor hy teen die Here geveg het. Al sy slegte gevoelens het verdwyn en hy het baie weemoedig gevoel. Hy het inmekaargesak op sy stoel en terwyl hy sy gesig in sy hande hou, het die trane deur sy vingers gedrup.

Die bose gees was weg!

En hy het die jong skaapwagtertjie, wat met sy speel vir hom soveel verligting gebring het, hoe langer hoe meer liefgekry.

58. Dawid en Goliat

1 Samuel 17 tot 18: 4

DI T was baie stil in die land van Juda. Die terpentynbome wat so hier en daar in die dal gestaan het, het geruis in die sagte windjie. Die wit klippe in die droë bedding van 'n riviertjie, wat draai-draai deur die dal geloop het, het geblink in die son. Maar bokant die

koppies aan die een kant van die dal het 'n man se kop met 'n oorlogshelm op uitgesteek. 'n Spies het geflikker. Op 'n koppie aan die ander kant het 'n skildwag doodstil in die verte gestaan en tuur met sy een hand bokant sy oë en met 'n swaard in die ander hand.

Daar was weer oorlog in die land van Israel. Dit was weer hulle lastige ou vyande wat hulle land aangeval het.

En nou, weggesteek tussen en agter die heuwels, het die leërs van die Israeliete en die Filistyne weerskante van die dal gelê.

Wie sou die eerste aanval? Albei was bang, want dit sou beteken dat dié wat aanval, sou moet opklim teen die hange van die oorkant.

Elkeen wou wag tot die geduld van die ander een op was. En so het hulle dae lank gewag.

En toe kom daar eendag 'n vreeslike gedaante van die Filistyne se kant af stadig aangestap tot halfpad duskant die Israeliete. Was dit 'n mens of wat was dit?

Dit was 'n reus, 'n Enakskind. Hy was 'n paar duim meer as nege voet lank. Op sy hoof was

'n blink koperhelm, en van sy nek tot by sy heupe was hy bedek met 'n swaar koperpantser van groot skubbe, terwyl skeenplate sy groot, sterk bene beskerm het. Terwyl dit alles blink en flikker in die son het hy al nader gekom. Voor hom het 'n man geloop wat sy skild dra.

Die hele leër van Israel het asem ingehou toe hulle hom sien aankom. En toe hoor almal sy dik, harde stem weerklink deur die hele dal:

"Haai, hoekom het julle uitgetrek om oorlog te maak? Julle is somaar lafaards wat dit nie sal waag nie. Laat daar nou net een man kom om teen my te veg. As hy my verslaan, sal al die Filistyne julle slawe

wees. Maar as ek hom oorwin, moet julle ons slawe wees. Kies nou julle man, julle slawe van Saul!"

En toe bly hy stil. Maar sy laaste woorde het nog weerklink tussen die heuwels .... Slawe van Saul! . . . . Hulle wat vry Israeliete was! Dit was 'n vreeslike belediging. Maar hulle het niks geantwoord nie, want hulle was te bang vir daardie groot reus van 'n man. Weer hoor hulle sy stem brul:

"A, ek, Goliat van Gat, ek het met die Israeliete lekker gespot!"

Toe loop hy terug en verdwyn agter die heuwels, terwyl hy skater van die lag.

Maar elke dag het hy teruggekom en sy spies geswaai, wat so groot en so dik soos die stam van 'n jong denneboom was. En dan het hy weer die Israeliete beledig.

Waar was Saul se dapperheid nou, en waar die moed van Jonatan, sy seun? Hulle was net so bang soos die ander en het toegelaat dat die Filistyne weer spot met hulle en met hulle God.

IN die veld van Betlehem het Dawid weer met sy siter en sy stok en sy slinger tussen sy skape gesit. Toe die oorlog uitbreek, het hy teruggegaan na sy vader. Isai het hom nodig gehad, want sy seuns het by die leër van Saul aangesluit.

Net soos tevore het hy sy werk gedoen, stil en geduldig, maar sy hart was nie daarin nie en sy siter was stil. Nie te ver weg nie, net so 'n paar uur se loop, was die leër van sy volk, gereed om te veg teen die Filistyne. Dawid kon dit amper nie uithou nie om te dink dat *hy* tuis moes bly by die vroue en die kindertjies en die swak ou manne.

Maar een aand het sy pa hom laat roep. Hy moes na sy broers gaan en vir hulle brood en 243

gebraaide koring saamneem, en vir hulle hoofman moes hy tien skywe kaas gaan gee. Hy moes gou weer terugkom en vir sy pa kom sê of dit goed gaan met sy broers.

Dawid was vreeslik bly.

Dit was al laat, maar hy kon byna nie wag tot die anderdagmôre nie. Toe het hy vroeg geloop en teen die middag se kant kom hy by die Israeliete se laer aan. Hy het hulle tente en waens gesien, en net toe hy nader kom, klink die basuin om hulle op te roep om te veg. Die Israeliete het bymekaargekom en onder hulle het Dawid sy broers gesien. Haastig het hy alles wat hy by hom het aan die man gegee wat by die waens staan om dit vir hom op te pas. En toe loop hy na sy broers.

En terwyl hy met hulle praat, kom Goliat weer by die oorkantse helling af, en hy spog en spot weer net soos tevore. Dit was al die veertigste maal dat hy dit doen.

Dawid het dit gehoor, en die gespot met alles wat hy as heilig beskou het, het hom baie kwaad gemaak. En die Here wat hy met sy hele hart liefgehad het, is ook deur die Filistyn belaster.

Hoekom kom niemand na vore om die Filistyn op sy plek te sit nie? Hy kyk na sy broers en na al die ander sterk manne en hy sien hoe bang hulle is. Agter hom hoor hy iemand iets mompel van 'n groot beloning wat Saul beloof het aan die man wat teen die Filistyn wil veg.

Hy draai hom om en vra:

"Wat sal die man kry?"

"O," antwoord iemand, "die koning sal hom oorlaai met groot rykdom en hy sal ook sy dogter gee om met hom te trou."

Almal het na Dawid gekyk en gesien hoe sy oë vonkel en hoe kwaai hy vuismaak.

"Wie is daardie heidense Filistyn dat hy die slagordes van die Here durf uitdaag?" het Dawid uitgeroep, en dit het gelyk asof hy glad nie bang was nie.

Maar Eliab, sy broer, wat hom met die manne hoor praat het, het nader gekom. Hy was ontevrede omdat sy jongste broertjie gesien het hoe skandelik bang hulle almal is.

"Hoekom het jy eintlik gekom?" het hy gevra. "Mannetjie, ek ken jou goed. Wie pas nou die kleinvee in die woestyn op? Jy is somaar sleg en jy het net gekom om na die geveg te kyk."

Dawid het sy skouers opgetrek.

"Vader het my tog gestuur," het hy sagmoedig geantwoord. Hy het verder geloop deur die laer. Maar iemand het alreeds na die koning gehardloop en gesê dat daar uiteindelik 'n jong man was wat nie bang was vir die reus nie. Saul was bly en het hom dadelik na sy tent laat roep.

Hy was teleurgestel toe hy sien dat dit maar net Dawid was, die skaapwagtertjie wat vir hom gespeel het op sy siter.

"Meneer die koning moenie moed verloor nie," het Dawid bedaard gesê. *"Ek* sal gaan veg teen daardie Filistyn!"

Maar Saul het bedroef sy hoof geskud. Siterspeel en sing, ja, dit kon die seun doen! Maar veg! Nie teen Goliat wat 'n soldaat van jongs af was nie!

"Dit sal nie gebeur nie," het Saul beslis gesê.

Maar Dawid het aangedring. "Ek het 'n leeu en 'n beer doodgemaak," het hy gesê, "toe ek die kleinvee van my pa opgepas het, en met

hierdie Filistyn sal dit nie beter gaan nie. Die Here, wat my gered het uit die kloue van die leeu, sal my ook red uit sy hand."

Dit het so beslis en so vol geloof geklink dat Saul diep ontroerd was. Hy het in Dawid se skitterende oë die geheim van sy moed gesien. Dit was die geloof wat hy self nie meer gehad het nie, maar waarvan hy die wonderlike krag goed geken het.

Uiteindelik het hy toegestem. Hy het sy pantser laat kom en dit vir Dawid laat aan trek. Hy het die swaar koperhelm op sy kop laat sit. Hy wou 'n soldaat van David maak.

Maar Dawid was nie gewoond aan sulke swaar, stywe metaal-"klere" nie. Hy kon daarin nie gaan veg nie. Soos hy gekom het in sy eenvoudige linnemantel, het hy buitentoe geloop.

Dwarsdeur 'n hele klomp manne wat daar gestaan het, het hy geloop na die dal van die terpentynbome. Wat sou hy, wat Dawid is, maak met 'n pantser? Die mag van die Here was sy pantser en sy geloof was beter as 'n helm. Hy het die helling afgeloop na die riviertjie en daar vyf gladde klippies gaan optel. Hy het hulle in sy sak gesteek en met niks meer as sy slinger en sy stok nie, het hy bedaard die Filistyn tegemoet geloop.

Toe hy hierdie jong skaapwagtertjie na hom sien kom, was die Filistyn verbaas en so kwaad dat hy gevloek het.

"Is ek 'n hond," het hy geskreeu, "dat jy na my kom met 'n stok? Kom hier, en ek sal jou vlees vir die aasvoëls en die wilde diere gee om te eet!"

Hy het sy groot spies geswaai. Sy stem het gedreun tussen die heuwels en sy vloekwoorde het weergalm. Maar Dawid was nie bang nie, want hy het geweet die Here is naby.

Bedaard en ernstig het sy antwoord geklink:

"Jy kom na my met 'n swaard en 'n spies, maar ek kom na jou in die Naam van die Here van die leërskare, vir wie jy uitgedaag het."

Dit was doodstil in albei die leërs toe die twee nader loop na mekaar. Dawid het so in die loop 'n klip in sy slinger gesit, en sy hand het nie gebewe nie. Voor Goliat sy groot spies kon gooi, het die klip van die slinger af gefluit deur die lug.

Die reus het meteens sy hande opgegooi en soos 'n blok vooroor geval. Die klip het in sy voorhoof ingedring. Sy wapendraer het geskreeu en weggehardloop. Gou-gou het Dawid na Goliat gehardloop, sy swaard uit die skede getrek en met sy eie wapen sy kop afgekap.

Toe die Filistyne sien hulle held is dood, het hulle gevlug. En die aarde het gedreun van duisende voete toe die Israeliete van die hoogte afstorm en die Filistyne agterna sit. Met gejuig het hulle hul agtervolg tot by die poorte van hulle stede.

Nou was Dawid die held van sy volk. Hulle het hom hard toegejuig toe hulle hom, met die hoof van die reus in sy hand, na Saul se tent neem. Bedaard het hy weer voor die koning gestaan, net so rustig en nederig soos voor die geveg. Hy was net so dankbaar soos al die ander.

Jonatan was ook daarby. Hy het sy arm om Dawid se nek gesit en hom gesoen soos 'n broer. Hy het die eenvoudige herder, wat baie meer moed as hy gehad het, baie, baie liefgekry. Hy het sy eie prinsemantel uitgetrek en aan Dawid gegee. Ook het hy hom sy swaard en sy pyl en boog present gegee. En die twee jong manne het 'n verbond van troue vriendskap met mekaar gesluit.

Saul het Dawid by hom gehou en hom nie weer huis toe laat gaan nie.

O, dit was 'n heerlike dag vir Dawid!

MAAR die heerlikste van alles het nie van die mense gekom nie. Die grootste geluk was dat Dawid se verbond met die Here nog sterker as tevore geword het.

SOOS Dawid die groot vyand van sy volk doodgemaak het, so sou daar eenmaal 'n Held, wat baie groter was as hy, 'n vyand verslaan wat nog vreesliker was as Goliat. Dit sou die Here Jesus wees, die seun van Dawid en die Seun van God; hy sou die Satan se kop vermorsel en Sy volk vrymaak van die diens van die duiwel.

Hy sou, net soos Dawid, later koning word, maar nie net oor Israel nie, dog oor die hele wêreld.

59. Deur die Here Bewaar

1 Samuel 18:5 tot 20:43

NOU was Dawid, die arme skaapwagter, 'n vername man, 'n generaal in die diens van die koning. Die mense het hom geëer en baie liefgehad. Hulle het laag gebuig as hulle hom op straat sien loop met die prinsemantel van Jonatan aan. Die koning se seun was sy vriend.

Hy het by die paleis in, en uit, geloop, byna asof dit aan hom behoort het.

Nou was hulle aldag saam, Saul en Dawid. Die ou, nukkerige koning en die jong, opgeruimde held. Die een deur die Here verlaat; die ander deur die Here bemin.

MAAR Dawid se lewe sou hier nie so gerus wees soos by sy skape nie.

Eenmaal was daar weer oorlog met die Filistyne en hulle is weer verslaan. Toe die Israeliete terugkom van die geveg het die mense dit

al geweet.

Oral langs die pad het hulle gestaan om die manne wat geveg het, toe te juig. Vroue en meisies het gedans van blydskap toe Saul verbykom met sy blink swaard, en hulle het gesing:

"Saul het sy duisende verslaan."

Maar vir Dawid, wat die dapperste van almal was, het hulle gesing:

"Maar Dawid het sy tienduisende verslaan."

Saul het glad nie hiervan gehou nie en het baie kwaad geword dat hulle Dawid meer eer as vir hom. Hy kon hulle woorde maar nie vergeet nie. Hy het kwaad teruggegaan na sy paleis, waar hy nukkerig en afgunstig gesit en dink het, terwyl sy mense feesvier.

"Hulle het my net duisend gegee, maar vir hom tienduisend," het hy by homself gesê. "Hy moet nou nog net die koningskap kry!"

En meteens het hy op sy tande gekners van woede. Hy was nou seker wie die een was wat Samuel gesê het *sou* koning word in sy plek. Dit sou Dawid wees!

Hy kon nie loskom van *daardie* gedagte nie. Die hele nag het dit hom vreeslik gehinder. Hy het eers van Dawid gehou, maar nou haat hy hom. Nou dink hy Dawid is sy grootste vyand.

Toe hy in die môre moeg en swaarmoedig opstaan, en sien hoe baie sy dienaars van Dawid maak, het hy rasend geword. Die bose gees het teruggekom in sy hart. Soos 'n mal mens het hy te kere gegaan en sy dienaars het van hom weggevlug.

Maar wat hoor hy! Sagte musiek! Dawid het stilletjies binnegekom en wou net soos vroeër weer met musiekmaak vir Saul genees.

Maar hierdie slag het dit nie gehelp nie. Saul, wat 'n spies in sy hand gehad het, het dit so hard as wat hy kon na Dawid gegooi om hom

dood te maak.

Gelukkig was dit mis, en die spies het trillend in die muur vasgesit. Nog 'n maal probeer Saul, maar dit was weer mis.

Dawid het gevlug. Deur 'n wonder is hy gered.

Saul het nou vir Dawid begin bang word. Watter geheimsinnige mag was dit wat Dawid altyd beskerm het — vroeër teen wilde diere, teen Goliat, en nou teen sy spies? Hy het dit geweet. Dit was die Here wat Dawid bewaar!

Saul sou hom geen kwaad kon aandoen as die Here dit nie toelaat nie.

Maar na 'n rukkie het hy weer geprobeer. Nou het hy 'n listige plan uitgedink. Hy wis dat sy dogter Migal Dawid liefhet. Toe sê hy baie vriendelik:

"Jy kan met Migal trou as jy honderd Filistyne doodmaak."

Hy het gehoop dat die Filistyne Dawid sou doodmaak. Maar die Here het weer vir Dawid beskerm. Hy het tweehonderd Filistyne doodgemaak en ongedeerd teruggekom. Toe is hy met die koning se dogter getroud.

Maar Saul het hom nie minder gehaat toe Dawid sy skoonseun was nie. Hoe meer die mense van Dawid hou, hoe groter het sy afguns geword.

Hy kon daaroor nie stilbly nie. Hy het met sy hofdienaars gepraat hoe om Dawid uit die pad te kry.

En Jonatan het dit gehoor! Sy vader se haat teenoor Dawid het hom baie verdrietig gemaak.

Sou hy toelaat dat sy beste vriend vermoor word? Nooit nie! Stilletjies het hy Dawid gewaarsku:

"Moenie môre na die paleis toe kom nie," het hy gesê, "dan sal ek met my vader praat."

Jonatan het albei, sy vriend Dawid en sy ongelukkige vader, liefgehad en wou so graag hê hulle moet goeie vriende wees. Die liefde het gemaak dat hy Dawid goeie raad gegee het.

Hy vra toe vir Saul:

"Hoekom sou u so 'n groot sonde doen? Dawid het tog geen kwaad gedoen nie. Hy het ter wille van u en die volk sy lewe gewaag. U was vroeër so bly omdat die Here hom laat wen het. Hoekom wil u nou onskuldige bloed vergiet?"

Sy seun se liefde het Saul goed gedoen. Dit het hom ontroer. Hy het spyt gekry oor sy slegte planne en belowe om Dawid geen kwaad te doen nie.

Jonatan was dankbaar en gelukkig omdat sy plan geslaag het en het Dawid weer na die koning gebring.

Maar, helaas, dit het nie lank geduur nie. Toe daar weer oorlog met die Filistyne gekom het en Dawid hulle weer verslaan het, het die volk gejuig toe hy terugkom. Saul het weer afgunstig geword en Dawid erg gehaat. Eendag toe Dawid op sy siter speel, het hy weer geprobeer om hom met sy spies dood te maak. Maar Dawid het gekoes en die spies het in die muur vasgesteek. Toe het hy vol hartseer gevlug na sy eie huis.

Saul het manne daarheen gestuur om die huis daardie nag te bewaak sodat Dawid die volgende oggend kon doodgemaak word.

Maar Migal het hom gehelp. In die donker het sy hom deur die venster buitentoe laat afsak.

Toe het sy 'n beeld, soos 'n groot pop, in sy leë bed gesit, dit met 'n kombers toegemaak en aan die koppenent 'n net van bokhaar neergesit. Van ver af het dit nou gelyk of Dawid daar lê.

Toe die boodskappers in die môre kom om Dawid te kom haal, sê sy: "Hy kan nie saamgaan nie. Hy is siek."

Sy het gehoop dat die koning nie verdere vrae sou vra nie.

Maar Saul het sy knegte teruggestuur en gesê:

"Bring hom met bed en al, sodat ek hom kan doodmaak."

Toe is die bedrog ontdek. Migal was bleek en het gebewe toe sy voor haar woedende vader staan.

"Hoekom het jy my so bedrieg?" het hy geskreeu.

Om nie gestraf te word nie, het sy 'n leuen vertel en gesê: "Ek *moes* hom help anders sou hy my doodmaak."

En nie lank daarna nie het sy haar straf gekry vir daardie leuen. Sy het mos gemaak asof sy Dawid nie meer liefhet nie. Toe het Saul haar met 'n ander man laat trou.

MAAR Dawid was veilig. Hy het na Rama gevlug waar die ou Samuel gewoon het. By *hom* 247

was hy veilig. Saul het daarvan gehoor en knegte gestuur om hom te vang. Naderhand het hy self gegaan om Dawid dood te maak. Maar dit het hom niks gehelp nie. Die Here het Dawid deur 'n wonder gered. Want kyk, toe Saul en sy knegte in Rama kom, het hulle heeltemal vergeet hoekom hulle gekom het. Saam met die profete daar het hulle liedere gesing en musiek gemaak. Aan Dawid het hulle nie meer gedink nie.

NIE lank daarna nie het Dawid eenmaal stilletjies na Jonatan gegaan. Niemand moes weet dat hy daar was nie. Daar was maar net 'n

treetjie tussen hom en die dood, en daar was baie mense wat hom graag sou wou verraai.

Lank het hulle twee gepraat. Jonatan het gesê hy wou 'n slag met sy vader praat omtrent Dawid en hom oorhaal om sy vriend weer goed te behandel. As hy dit kon regkry, sou hulle weer elke dag lekker saam kan wees. Maar as Saul Dawid te veel haat .... wat dan? Dan sou Dawid moet vlug om sy lewe te red.

Hulle het bedroef geword toe hulle daaraan dink. Hulle twee het mekaar tog so innig liefgehad. Hulle sou hul hele lewe lank vriende bly. En eenmaal, dit het Jonatan goed geweet, sou Dawid, die skaapwagter, koning wees, en *nie* hy nie, die seun van Saul!

Daaroor het hy wat Jonatan was nie kwaad geword nie. O, die liefde van Jonatan was so wonderlik groot en rein, so heeltemal sonder enige afguns. Hy het geweet dit was die wil van die Here. Nou wou *hy* dit ook hê.

"Dawid is dapperder en beter as ek," het hy gedink. "Hy sal ook 'n beter koning wees."

En hy het gevra: "My vriend, as jy eendag koning is, sal jy goed wees vir my en my kinders?"

Dit het Dawid belowe. Hy het gesweer by Jonatan se reine liefde.

Toe het hulle uit mekaar gegaan. Dawid het weggekruip in die veld. Jonatan het na die paleis gegaan. Na twee dae sou hy Dawid laat weet wat gebeur het.

Hy sou dit baie versigtig doen. Hulle twee moes nie weer bymekaar gesien word nie, anders kon die mense dit vir Saul gaan vertel.

Jonatan sou 'n seuntjie saamneem na die plek waar Dawid weggekruip het. Dan sou hy maak asof hy vir oefening met pyle na 'n teiken skiet. Die seuntjie moes die pyle gaan soek wat hy afskiet. As

Jonatan dan sou roep: "Moenie so ver loop nie, my seun, die pyle lê naderby," dan moes Dawid weet daar is geen gevaar nie. Maar as hy roep: "Die pyle lê verder weg!" dan moes Dawid weet hy moet vlug.

DIE anderdag was daar 'n fees in die paleis, maar Dawid se plek was leeg. Op die tweede dag van die fees het Saul gevra: "Waar is die seun van Isai? Hy behoort hier te wees."

Dit het doodstil in die saal geword, angstig stil.

Maar in die stilte het Jonatan se stem moedig geklink.

"Dawid het my dringend gevra om weg te bly, en ek het hom verlof gegee."

Noudat Saul geweet het dat hy Dawid nie in die hande kon kry nie, het al sy haat op sy eie seun oorgegaan. Sy kwaai stem het weergalm deur die paleis.

"Jou slegte, weerstrewige seun, ek weet goed dat jy my vyand help. Gaan haal hom op die plek sodat ek hom kan laat doodmaak."

Hulle het mekaar aangekyk, die vader en die seun.

In Jonatan se oë was daar net liefde. Maar Saul se oë het geflikker van woede.

'n Mens kon niks sê om Saul se haat te laat bedaar nie.

En toe Jonatan sy vriend nog wou verdedig het Saul in sy woede sy spies meteens na sy eie kind gegooi om hom dood te maak.

Dit was nou sy antwoord op Jonatan se liefde. "Dawid, en elkeen wat dit waag om sy vriend 248

te wees, moet sterwe," het Saul geskreeu.

Gelukkig het Saul mis gegooi.

Toe Jonatan dan sien dat sy vader vasbesluit het om sy vriend dood te maak, het hy baie kwaad geword en opgestaan van die tafel. Stil en baie bedroef het hy weggeloop.

IN die veld het Dawid, wat agter die rotse weggekruip het, ongeduldig gestaan en wag.

Uiteindelik het hy Jonatan gesien kom met sy pyl en boog, en 'n seuntjie was by hom.

Wat sou die antwoord wees? O, hoe heerlik sou dit wees as alles weer reggekom het!

Met 'n hart wat vinnig klop, het Dawid gewag, in hoop en in vrees.

Hy het gesien hoe Jonatan sy boog span en toe 'n pyl skiet. Hy het gesien hoe die seun hardloop terwyl die pyl ver wegtrek deur die lug.

Toe die seun by die plek kom waar Jonatan die pyl geskiet het, roep hy hom agterna: "Lê die pyl nie verder van jou af nie? Maak gou, hardloop, moenie bly staan nie."

Dawid het mooi geluister, en nou genoeg geweet.

Al sy hoop en sy verlange was verniet gewees. Ai tog!

MAAR so, sonder 'n woord, kon hulle twee nie skei nie. Jonatan het die seun met die pyl en boog huis toe gestuur.

En toe kom Dawid uit sy skuilplek. Hulle het in mekaar se arms geval. Daardie twee groot, sterk manne, die grootste helde van die land, het hardop gehuil.

TROUER vriendskap as dié van hulle was daar nog nooit nie. Hulle sou vriende bly, al sien hulle mekaar ook nooit weer nie.

Hulle kon nie baie praat nie. Hulle moes gou afskeid neem.

Jonatan het teruggegaan na die stad, eensaam en bedroef noudat hy sy vriend verloor het.

Dawid het die berge ingevlug met 'n nuwe lewe, vol gevare, in die vooruitsig.

60. Soos 'n Wildsbokkie op die Berge

1 Samuel 21 en 22

'N EENSAME man het haastig oor die veld gesluip. Hy het die voetpaadjies tussen die bosse deur gekies waar geen mens hom sou teëkom nie. Hy het wyd om geloop by elke dorp. Partymaal het hy op 'n koppie gestaan en eers goed rondgekyk. En dan het hy haastig weer verder gegaan.

As hy êrens mense hoor praat, het hy weggekruip tussen die bossies en inmekaar gehurk gesit, bang en moeg, tot alles weer stil was. En dan as dit weer heeltemal veilig is, het hy vinnig verder gevlug.

Maar wie is dit? 'n Kwaaddoener wat vir die gereg bang is? Of 'n spioen wat agtervolg word?

Dit was Dawid. Hy het geen kwaad gedoen nie, en moes tog vlug. Hy het geword soos 'n bokkie wat vlug van die jagters. Nêrens was hy meer veilig nie. Hy het nie 'n huis meer gehad nie. Sy beste vriend kon hom nie meer beskerm nie. Hy het nie eens kans gehad om kos en wapens saam te neem nie.

Agter elke heuwel kon 'n vyand skuil. Van al die kante het die gevaar geloer.

Was daar dan niemand wat hom kon red nie? Hy het gedink en gedink, maar kon geen uitkoms sien nie. In sy wanhoop het hy nie daaraan gedink dat die Here hom sien en beskerm nie. Hy was

sonder hoop oorgegee aan die dood. As hy self nie 'n slim plan kon maak om hom te red nie, dan was alles verlore so het hy gedink.

Dit was baie donker in sy hart. Die dapper held het 'n bang man geword omdat hy sy geloof verloor het.

Tussen die heuwels was 'n dorp. Dit moes die dorp Nob wees, want Dawid sien daar 'n groot, donker-kleurige tent en daarby het die rook van 'n offer in die lug opgegaan. Nadat Silo, na die dood van Eli deur die Filistyne verwoes is, is die Tabernakel in Nob opgerig. Die hoëpriester daar was Ahiméleg. Hy het nie geweet dat Dawid vlug nie. By hom kon die swerwer miskien skuiling soek.

Hy het Dawid gesien aankom en hom vriendelik en beleef tegemoet geloop en gegroet. Maar hoekom reis die groot generaal, die skoonseun van die koning, dan so alleen sonder enige dienaars by hom?

Verwonderd vra hy: "Hoekom is u so alleen?"

In sy groot angs dat hy verraai sou word, het Dawid maar net een kans gesien om homself te red. Hy moes maar 'n leuen vertel. Hy moes slim wees. Ahiméleg moes nie weet dat hy vir Saul vlug nie. Daarom sê hy:

"Die koning wil hê ek moet iets stilletjies vir hom gaan doen, en ek het baie haastig vertrek sonder om eers te eet of 'n swaard saam te vat. Is hier nie vir my 'n swaard of 'n spies nie, asseblief?"

En Ahiméleg het Dawid geglo en hom die heilige toonbrode gegee wat op die goue tafel in die Tabernakel was. Hy het hom ook 'n swaard gebring, en dit was die een van Goliat wat daar gebêre was.

Dawid was baie dankbaar daarvoor. Die brood was vars en daar was geen beter swaard nie.

Toe hy verder gaan, het Ahiméleg hom agterna gekyk, en hy was bly dat hy die skoonseun van die koning kon help.

Maar daar was iemand anders wat uit 'n kamer van die tabernakel vir Dawid ook agterna gekyk het. Hy was 'n kneg van Saul, 'n donker man met skelm oë, en sy naam was Doëg, die Edomiet.

Die brood het Dawid nuwe krag en die swaard het hom nuwe moed gegee. Maar in sy hart 250

het dit al donkerder geword.

Die angs het hom aangedryf. Van angs en wanhoop kon hy nie meer mooi dink nie. En toe het hy 'n baie dom plan uitgedink.

Nêrens in die hele land was hy veilig vir die koning nie. Hy dag toe dat hy in die Filistyne se land sou veilig wees.

Hy gaan toe na die Filistynse stad Gat waar Goliat gebore was. Maar toe sy ou vyande hom, die generaal van Israel, sien, wat so baie van hulle mense doodgemaak het, het hulle hom dadelik herken.

"Is dit nie Dawid," het hulle geskreeu, "die held van die Israeliete nie? Het hulle nie van hom gesing nie: Dawid het sy tienduisende verslaan?"

Hulle wou nie luister na wat hy hakkel-hakkel vertel van die slegte Saul, en dat hy, wat Dawid is, hulle vriend wou wees nie. Soos wilde diere het hulle op hom gespring en hom na hulle koning gesleep.

Dit het al sover met hom gekom. Wat hy in sy eie hart gevrees het, gaan dit nou hier gebeur? Sy dood was baie naby.

Maar hy wou nie sterwe nie. En in sy vreeslike benoudheid het hy weer 'n plan gemaak om sy lewe te red. Hy het gemaak asof hy heeltemal mal was. Hy het rondgespring en sy mond laat oophang, sodat sy spuug oor sy baard loop, en hy het soos 'n dier gekrap op die deure van die poort.

Ag, wat het oorgebly van die groot held, dat hy nou so moet maak!

Die Filistyne het verwonderd en verskrik gekyk. Hulle was so bygelowig dat hulle bang was vir 'n mal mens. Agis, hulle koning het uitgeroep: "Laat hom loop! Sien julle nie die man is gek nie? Het ek gebrek aan kranksinniges dat julle hierdie man hier bring ....?"

DAWID se plan het geluk. Hy het dadelik gevlug, terug na sy eie land, en het hom gaan wegsteek in 'n spelonk. Dit was die spelonk van Adullam. En toe dit bekend word dat hy daar is, het baie ander vlugtelinge na hom gekom wat ook in benoudheid, en miskien bang vir Saul, was. Dit was nie lank nie of hy het vierhonderd manne onder hom gehad.

Sy broers het ook gekom, en sy ouers, want hulle het goed geweet dat Saul, omdat hy so kwaad was vir Dawid, hulle nie sou spaar nie. Maar sy ou vader en moeder kon nie daar in die koue, nat spelonk bly tussen al die ruwe manne nie. Dawid het hulle na 'n veilige plek in Moab geneem. Dit was mos die land van Rut, wat die ouma was van Isai, die vader van Dawid.

INTUSSEN het daar iets vreesliks gebeur in Saul se paleis. Die Edomiet Doëg het vir Saul kom vertel waar hy Dawid gesien het en dat Ahiméleg hom gehelp het. Saul was woedend kwaad.

"Laat al die priesters van Nob hierheen kom!" het hy uitgeroep.

Hulle het gekom. Hulle het voor hom gestaan in hulle lang, wit klere. Hulle was meer as tagtig dienaars van die Here. Hulle het gesien hoe kwaai die oë van die koning flikker.

"Hoekom het julle my vyand gehelp, julle oproermakers?" het hy geskreeu. "Hoekom het julle jul koning verraai?"

Die priesters het gebewe vir die koning se toorn, maar het nie hulle hoofde laat sak nie.

Hulle het geweet hulle is almal onskuldig. En Ahiméleg het eerbiedig geantwoord:

"Ek het nie geweet nie, o koning, dat Dawid u vyand is nie. Hy is dan u skoonseun en een van u lyfwagte. Ek dag ek doen 'n goeie ding om hom te help."

Saul het nie eens meer geluister nie. Sy haat vir Dawid het hom 'n woeste, bloeddorstige man gemaak.



'n Omgeploegde land met die berge van Gilbóa daar agter. Op hierdie berge het die Filistyne die Israeliete verslaan en hier het Saul en sy seuns gesterwe. "Toe het Dawid hierdie klaaglied aangehef oor Saul en oor sy seun Jonatan .... Die sieraad, o Israel —

op jou hoogtes lê dit verslaan. Hoe het die helde geval . . . . Berge van Gilbóa, mag op julle geen dou en geen reën en geen velde van offergawe wees nie! Want daar is die skild van die helde weggegooi . . . ." (2 Sam. 1:17-21).

By die bouvalle van die ou stad Megiddo. Nadat die stad waar soveel gevegte gewoed het (bv. Rigt. 1:27; 2 Kon. 23:29, 30) eeue lank onder 'n puinheuwel begrawe was, is dit deur opgrawings ontdek. Ook die perdestalle van Salomo is hier opgegrawe, sowel as die paleis van die bestuurder Baäna van wie ons in 1 Kon. 4:12 lees.

"Ahiméleg, jy moet sterwe!" het hy gebrul. "Julle moet almal sterwe! Dienaars van my, maak hulle dood!"

Maar sy soldate het stilgestaan. Hulle was doodsbleek, maar wou nie gehoorsaam nie. Hulle wou liewer self sterwe as om die onskuldige knegte van die Here dood te maak.

Maar Doëg het ook daarby gestaan. En hy die goddelose heiden, die verraaier, het sy swaard getrek en al die priesters doodgemaak. Net een, Abjatar, die seun van Ahiméleg, het weggekom en gevlug na Dawid!

Toe het Dawid gehoor wat 'n vreeslike ding gebeur het as gevolg van sy leuen.

Baie bedroef het hy gesê: "Ek is skuldig aan die bloed van hierdie manne."

Hy het Abjatar beskerm en vir hom soos 'n broer gesorg. Maar wat gebeur het, kon nooit weer reggemaak word nie. Sy lewe lank, net wanneer hy daaraan dink, het dit hom seergemaak.

61. Jy moet Jou Vyande Liefhê

1 Samuel 23 en 24

DAWID het deur die land geswerwe, maar hy was nie meer alleen nie. Vierhonderd dapper manne was by hom en meer het nog bygekom.

O nee, hy was nie meer alleen nie. Die Here was by hom. Hy het hom beskerm.

Dit het Dawid geweet. Dit het hy geglo. En daardie geloof het hom gerus laat voel. Dit was sy enigste wapen teen Saul. Dit was 'n

snaakse stryd. Dawid en Saul was nie twee doodsvyande wat mekaar gehaat het nie.

Daar was net een wat gehaat het. Dit was Saul. En daar was een wat liefgehad het, wat tóg liefgehad het, al het die ander een hom so gehaat. Dit was Dawid.

Daarom wou Dawid nie veg teen die koning en teen sy eie volk nie. Daarom moes hy vlug, elke slag weer wanneer Saul se mense hom agtervolg. So het hy deur die land geswerf jare lank. Hulle het hom gejaag van die een plek na die ander toe. En dit was elke keer die Here wat hom gered het.

O, as Dawid die Here nie gehad het nie, sou hy die ongelyke stryd seker verloor het.

Uit die spelonk van Adullam het Dawid na die land van Juda gegaan en hom met sy manne in 'n woud weggesteek. Toe hoor hy dat die Filistyne die land plunder en 'n klein dorpie omsingel het. Die naam van die dorpie was Kehila.

Daar was niemand om Kehila te beskerm nie. Saul, die koning, het hom nie meer aan die nood van sy volk gesteur nie. En Dawid, wat die Filistyne so dikwels weggeja het uit die land, was nou nie meer 'n groot generaal nie.

Maar hoe graag sou hy die arme, verdrukte volk wou help!

Kon hy dan *nou* niks meer doen nie? Het hy nie 'n aantal volgelinge, al was hulle nie baie nie?

Hy het met sy manne daaroor gepraat, maar hulle het hulle hoofde bekommerd geskud.

"Ons is self in gevaar," het hulle gesê. "Hoe kan ons ander mense nog help?"

Maar Dawid het met die Here ook daaroor gepraat. Hy het nou al geleer dat hy niks sonder die Here moes doen nie. En die Here het geantwoord: "Trek op, want Ek sal die Filistyne in jou hand gee."

Toe het Dawid en sy mense die Filistyne dapper gaan aanval, en 'n groot oorwinning behaal.

Kehila is gered. En Dawid het in daardie stad gaan woon. En oral in die land is vertel van wat hy gedoen het.

Saul het dit ook gehoor. Hy het dadelik stilletjies sy soldate bymekaargemaak. A, nou het hy geweet waar hy sy vyand kon vang! As hy maar gou maak, sal Dawid nie kan wegkom nie.

Maar voor Saul by Kehila was, het Dawid al gehoor dat hy aan die kom was.

Dawid het onrustig geword. Die stad was sterk en Saul sou dit nie maklik kon inneem nie.

Maar kon hy die mense daar vertrou? Hulle moes tog dankbaar wees dat hy hulle vroeër gered het.

Daar was darem Een wat hom kon raad gee.

Dawid het die Here gevra: "Sal Saul kom en die stad omsingel?"

Die Here het gesê: "Hy sal kom."

Dawid vra toe weer: "Sal die mense van Kehila my oorgee in sy hande?"

En die Here het geantwoord: "Hulle sal jou oorgee."

Toe het Dawid geweet dat dit sy loon sou wees vir die redding van die stad!

Baie haastig het hy met sy manne die stad verlaat en na die woestyn Sif gegaan.

Saul se slegte plan het misluk. Hy het verniet die hele pad na Kehila gekom!

MAAR Dawid kon in die woestyn ook nie rus kry nie. Saul het hom daar ook kom soek om hom dood te maak. Dat hy keer op keer soos 'n wildsbokkie opgeja word, was vir Dawid amper te veel. Byna het hy moed verloor.

Maar 'n blye dag het vir hom aangebreek. Hy het 'n man tussen die heuwels sien aankom en die man het oral rondgekyk. Hy het 'n prinsemantel aangehad. Dit was Jonatan wat sy lewe gewaag het om sy vriend weer te sien!

In Dawid se ongelukkige lewe het daar weer 'n paar uur van groot geluk gekom. Jonatan het hom moed ingepraat.

"Moenie bang wees nie," het hy gesê, "want Saul, my vader, sal jou nie vind nie. Jy sal koning wees oor Israel en ek sal die tweede wees onder jou."

Die troue Jonatan! Sy liefde en sy geloof was 'n groot troos vir Dawid.

Hulle twee kon nie lank saam wees nie, maar hulle het vooruitgesien na die tyd wanneer hulle nie weer geskei sou word nie.

Ag, hulle het nie geweet dat hulle nou vir altyd afskeid neem nie!

Dawid en Jonatan het mekaar nooit weer lewendig op aarde gesien nie.

NIE lank daarna nie was Dawid weer in groot gevaar. Die mense, wat in die woestyn Sif gewoon het, het hom verraai, en vir Saul gewys waar hy wegkruip. Dawid het met sy manne in angs gevlug, maar Saul en sy mense het hulle agterna gejaag en omsingel.

Dit het gelyk asof alles verlore was. Daar was vir Dawid geen kans *om weg* te *kom* nie. Al kleiner het die kring van soldate geword wat Dawid omsingel het.

Maar kyk, toe geen mens hom meer kon help nie, het die Here dit self gedoen. Daar het 'n man in geskeurde klere, natgesweet en vol stof, aangehardloop gekom na Saul, en gesê:

"O koning, kom help ons tog gou met u leër! Die Filistyne het die land binnegeval!"

Toe kon Saul nie anders nie as om dadelik weg te trek met sy soldate.

Dawid was gered.

MAAR Saul se lewe was ook een maal in groot gevaar. En as Dawid wou, kon hy hom wreek op die slegte koning, wat hom so bitter gehaat het.

Dit het gebeur in die woestyn Engedi. Saul was besig om met drieduisend manne na Dawid te soek, wat met sy klein klompie mense in 'n diep spelonk weggekruip het.

Dit was op 'n middag. Binne-in die spelonk was dit heerlik koel en donker, maar buitekant het die son warm gebak. En toe hoor Dawid skielik 'n groot lawaai buitekant, en 'n bietjie later, wie sou hier by die opening van die spelonk staan? Niemand anders as Saul self nie / Groot en donker het hy daar gestaan.

Hulle het inmekaargekrimp van skrik en ontsteltenis, en het doodstil gesit en wag met harte wat vinnig geklop het. Nog nooit was die gevaar so naby nie.

Maar die koning sien hulle glad nie. Sy oë was gewoond aan die lig buite en hy kon nie in die halfdonkerte iets sien nie. Met 'n sug van verligting het hy naby die opening sy mantel op die grond binnekant

oopgesprei en daarop gaan lê. Buitekant het dit ook stil geword. Daar het sy duisende soldate 'n bietjie gerus na hulle lang trek deur die warmte. Hulle was doodstil. Saul mag hulle nie hoor nie.

"A, dit is 'n goeie dag," het hulle onder mekaar gefluister. "Die Here het nou ons vyand in 255

ons hand gegee".

En party het hulle swaard al uitgetrek. Een het gevra: "Mag ek gaan, Dawid? Mag ek hom doodmaak?"

Maar dit het Dawid dadelik streng verbied. Sag het hy gesê: "Nee. Hy is die man wat die Here as ons koning laat salf het."

Dit het so eerbiedig geklink. Hoe kon Dawid nog eerbied hê vir 'n man wat hom so sleg en wreed behandel? Die manne het stilgebly. Hulle moes hom gehoorsaam, al kon hulle dit nie verstaan nie.

Maar kyk, daar staan hulle leier, Dawid, tog self op. Versigtig kruip hy met sy swaard in sy hand na die koning toe. Nou kon hy aan al die geveg en gevaar 'n einde maak. En dan sou hy self koning word in die plek van sy vyand.

Maar dit het Dawid nie gedoen nie. Hy het maar net, baie saggies, en met 'n hart wat vinnig klop, 'n stukkie van Saul se mantel afgesny. Hy wou hom nie wreek nie. Hy het geweet dat hy eendag sou koning word, maar hy wou dit nie word deur te veg met sy swaard nie.

Die manne was ontevrede. Maar Dawid het gerus en tevrede gevoel. Hy het geweet dat hy reg gedoen het en dat die Here dit so wou hê.

Stil het hulle gesit en wag tot Saul weer wakker word en buitentoe loop. Toe spring Dawid op en roep hom agterna:

"Meneer die koning!"

Toe Saul omkyk, het Dawid eerbiedig gebuig en gesê:

"Hoekom dink u dat ek u vyand is? . . . . Ek kon u doodmaak, want kyk, hier is die slip van u mantel in my hand. Ek het dit afgesny terwyl u slaap. Ek het u nie doodgemaak nie. Hoekom vervolg u my dan?"

Sy woorde het Saul ontroer. Sy hart het sag geword weens die liefde van Dawid. Daar het trane in sy oë gekom. Sy verkeerde hart het week en goed geword. Toe sê hy:

"O, my seun Dawid, jy is beter as ek. Ek het jou kwaad aangedoen, maar jy doen goed aan my. Die Here sal jou daarvoor seën."

Hy het gehuil. En toe het hy stil weggegaan met sy mense.

Met groot haat het hy gekom. Met spyt en skaamte het hy weggegaan.

Dit het die liefde van Dawid gedoen.

256

63. Nabal

1 Samuel 25

IN

die vlakte van Maon word feesgevier. Nabal het sy skape geskeer, drieduisend, en die wol het in groot hope gelê. Op 'n dag het hy vleis laat braai, heerlike wyn en brood en lekkernye laat kom, en dit op lang tafels laat sit. Toe het hy met sy vriende vrolik feesgevier.

Hulle kon baie vrolik wees, want dit was 'n goeie jaar. Vroeër het die woestynrowers dikwels van sy skape gesteel. Maar vandat Dawid met sy manne in die vlakte van Maon kom woon het, kon die rowers dit nie waag om skape te steel nie. Dawid het hulle beskerm en was met sy manne soos 'n muur om die besittings van Nabal. Geen skaap of bok het Nabal verloor nie. Daarom kon sy tafels buig onder al die

skottels kos en wyn daarop. Daarom ook, omdat dit met hom so goed gaan, was die ryk Nabal hoogmoediger as ooit tevore.

MAAR Nabal was 'n dwase man, 'n ruwe, trotse boer. Hy het nooit gedink aan wie hy al sy rykdom verskuldig was nie. Iets soos dankbaarheid het hy nie geken nie, en het net aan homself gedink. Hy was mos die baas, en het vir niemand gebuig nie, nie vir die Here of vir

'n mens nie. Daarom het almal hom Nabal genoem. Dit beteken *dwaas,* en dit was 'n gepaste naam vir hom.

Aan sy tafel het hy gesit en eet en drink en lekker gespog oor al sy rykdom. Toe kom 'n paar manne eerbiedig nader en buig voor hom. Hulle het 'n boodskap vir hom gehad.

Nabal het sy bors uitgestoot, en het uit die hoogte op hulle neergekyk.

"Praat maar," het hy gesê.

En die knegte sê: "Ons meester Dawid, laat vir u groete weet. Hy het gehoor dat u die .

skape skeer en feesvier. Met sy manne het hy u vee beskerm, en u wagters — vra maar vir hulle self — het al die tyd niks gemis nie. Daarom vra ons meester nou of u nie vir hom en sy mense ook sal sorg en ons ook iets sal gee nie."

Die boodskappers het gewag. Maar Nabal het rooi geword van ergernis. Wat verbeel daardie Dawid hom tog? Dat die ryk man Nabal dankbaar moet wees teenoor hom wat 'n rondloper en 'n vlugteling is?

Hy het opgespring van sy stoel.

"Wie is Dawid?" het hy geskreeu. "Wie is die seun van Isai? 'n Kneg wat weggeloop het is hy! Sou ek my brood en my vleis en my

kosbare wyn vir hom gee? Gaan maar en sê vir hom; Nabal wil niks te doen hê *met* knegte wat weggeloop het nie!"

Dit was 'n growwe belediging, maar die manne het niks gesê nie. Hulle het stil omgedraai en geloop.

Maar toe hulle by hul meester terugkom en vertel wat Nabal gesê het, het Dawid se oë geflikker van woede. Hy het vergeet dat 'n mens jou nie moet wreek nie. Hy het uitgeroep:

"Gord julle elkeen sy swaard aan!"

'n Kort rukkie later was hy met sy vierhonderd manne op pad na Nabal se plaas toe. Hy wou die man gaan straf wat vir hom kwaad vergeld het vir die goed wat hy hom aangedoen het.

Nou het Dawid niks jammer vir hom gevoel nie.

MAAR een van Nabal se knegte, een van sy herders, was daarby toe hy so uitgevaar het teen Dawid. Dié man het toe gou gegaan na Nabal se vrou, Abigail, en haar alles vertel.

Abigail was 'n mooi vrou.

En net so trots en dom soos Nabal was, so verstandig en goed was sy. Sy het bedroef geword toe sy hoor wat hy gedoen het. Sy het geweet dat dit sleg met hom sou gaan as Dawid by hom kom. Maar miskien kon sy nog self regmaak wat haar man verbrou het.

Haastig het sy 'n groot geskenk vir Dawid klaargemaak. Sy het tweehonderd brode geneem 257

en twee leersakke wyn, vyf afgeslagte skape, vyf emmer gebraaide koring, honderd rosynekoeke en tweehonderd vyekoeke. Dit alles het sy op 'n lang ry esels laat laai. Haar dienaars moes dit dadelik na Dawid neem, terwyl sy self op 'n esel agteraan gery het.

Maar vir Nabal het sy daar niks van gesê nie. Sy was nog nie ver weg nie, en het in 'n kloof van die berg afgegaan, toe sy die grond hoor dreun van die voetstappe van Dawid en sy manne wat aankom met swaarde wat flikker in die son! En die voorste een van hulle was Dawid self. Hy kom om hom te wreek op Nabal!

Haastig het Abigail van haar esel afgespring en voor Dawid op haar knieë geval.

"O meneer," het sy gesmeek, "gee my tog die skuld van wat gebeur het! My man is dit nie werd dat u vir hom kwaad word nie, want soos sy naam is, is hy self. Nabal is dit en die dwaasheid is in hom. En *ek* het u knegte nie gesien wat u gestuur het nie. Moet tog asseblief nie bloed vergiet nie, meneer! Die Here sal Nabal self straf. Maar u sal eendag koning wees en dan *sal* dit heerlik *wees* vir u om te kan sê: 'Ek het nie onnodig bloed vergiet nie!' Ag meneer, vergewe tog die kwaad . . . . "

Dawid het neergekyk op die mooi vrou. Aan haar eerlike oë kon hy sien dat sy 'n goeie en 'n vrome hart het.

HY was nie meer kwaad nie. Sy hart het sag en vriendelik geword en hy het gehoorsaam sy hoof gebuig. Hy het gevoel dat die Here hierdie vrou gestuur het om hom van sonde te bewaar.

"As ek jou nie ontmoet het nie," het hy vir haar gesê, "sou Nabal môre nie meer geleef het nie. Maar nou gaan ek terug. Gaan in vrede huis toe."

Hy was dankbaar vir die groot geskenk wat sy vir hom gebring het.

Toe Abigail tuis kom, was Nabal dronk. Daarom het sy nie gesê wat sy gedoen het nie.

Maar die anderdagmôre toe hy weer nugter was, het sy hom vertel dat hy dood sou gewees het as *sy* hom nie gered het nie.

Hy het so groot geskrik dat hy soos 'n klip geword het en tien dae half dood gelê het. Toe het hy gesterwe.

Dit was die treurige einde van die hoogmoedige man wat net aan homself gedink het.

Dit was die Here se straf vir sy dwaasheid.

ABIGAIL, die weduwee, het toe alleen gewoon in haar groot huis. Maar sy was nie lank eensaam nie. Dawid het die mooi, verstandige en goeie vrou nie vergeet nie. Hy het haar liefgekry. 'n Tydjie later, nadat hy gehoor het dat Nabal dood was, het hy boodskappers gestuur om haar te vra of sy nie sy vrou wou word nie.

Nabal wou niks te doen gehad het met 'n kneg wat weggeloop het nie.

Maar *sy,* Abigail, was gewillig om saam met Dawid te gaan waar hy deur die land geswerf het en om hom by te staan in sy gevaarlike lewe.

Sy het Dawid se vrou geword en lank en gelukkig saam met hom gelewe.

63. Die Heuwel Hagila

1 Samuel 26

DI T was in die middel van die nag. Die sterre het helder gevonkel in die lug en 'n sagte windjie het geruis deur die gras. Die silwerwit lig van die maan het op die berge geskyn. Dit was baie stil . . . . En tussendeur die skaduwee van die rotse en die bossies het Dawid stilletjies sluip-sluip geloop na die heuwel Hagila. Sy neef Abisai het op sy hakke gevolg.

Baie versigtig het hulle saggies met hulle voete getrap tussen die los klippe en die droë gras.

Partymaal het hulle hul asem ingehou.

Want hier vlak voor hulle was die laerkamp van Saul. Dawid se spioene het vir hom gesê dat dit hier êrens aan die voet van die heuwel moes wees. Dawid wou self gaan om na die kamp te kyk. Toe hy gevra het wie gewillig was om dit waag om saam te gaan, was Abisai die eerste wat vorentoe gekom het. Hy was 'n dapper man. Hy en sy broer Joab was kommandante van Dawid se manne.

Dawid het swaar gesug. Sou daar dan nooit 'n end kom aan al die hopelose geswerwery en getrekkery nie? Saul was nie meer vriendelik nie en het hom al weer bitter gehaat. Daar was mense, die Sifiete, wat vir Saul gaan vertel het waar Dawid en sy manne was, en dadelik het die koning uitgetrek om sy vyand te gaan vang. Wat het dit Dawid nou gehelp dat hy Saul se lewe by Engedi gespaar het?

Wag 'n bietjie, dit word nou baie gevaarlik! Die twee manne het doodstil gestaan naby Saul se kamp en het fyn geluister. Maar alles was stil daar. Binne 'n soort heining van klippe en takke wat haastig bymekaargegooi is, het die leër gelê en slaap. Tussen die as van 'n vuur het 'n paar kole nog rooi gegloei. En daar in die middel kon hulle Saul se tent sien. Maar daar was nêrens 'n man wat op wag staan nie.

Almal was vas aan die slaap, selfs Abner, hulle generaal.

Baie saggies het Dawid, met Abisai op sy hakke, in die kamp ingesluip. As een van die soldate nou sou wakker word, was dit klaar met hulle twee! Maar dit het nie gebeur nie.

Hulle het geloop tot by die koning se tent en toe op hul tone daarin gegaan.

En daar lê Saul! By sy hoof was 'n spies wat in die grond gesteek was, en langs hom 'n waterkruik. Onrustig het hy asemgehaal en 'n straaltjie maanlig het geskyn op sy gerimpelde gesig. In sy eensame en treurige lewe het hy gou oud geword.

Dawid het vir hom baie jammer gevoel toe hy so na hom staan en kyk. Hy het hom nie gehaat nie. Saul was tog sy koning, al het hy hom soveel kwaad aangedoen.

Dawid het gevoel dat hy hom nog liefhet. Hy was ook die vader van sy beste vriend Jonatan.

En nog baie meer: hy was die Here se gesalfde.

Abisai het sy mond naby Dawid se oor gehou en gefluister, maar sy stem het gesis soos 'n slang.

"Die Here het jou vyand in jou hand gegee," het hy gesê. "Ek sal hom met sy eie spies in die grond vassteek. Net een steek. Meer sal nie nodig wees nie!"

Hy was opgewonde en het alreeds sy hand uitgesteek. Sy oë het geflikker. 'n Mens kon sien dat die kwaai Abisai nie sou terugdeins om moord te pleeg nie.

Maar Dawid het rustig sy arm gevat en hom teruggetrek. O hy, wat Dawid was, het tog so verlang na rus en vrede! Maar sou hy dit kry as hy die gesalfde van die Here doodmaak? Hy het geweet dat hy dan nooit meer vrede in sy hart sou hê nie. Dan sou *Saul* hom nie meer vervolg nie . . . . Maar dan sou die *moord* hom sy hele lewe lank agtervolg. Saul se straf sou vir seker kom, maar *nie* deur Dawid nie. Hy sou *nie* die bloed van sy koning vergiet nie. Hy het hom gebuig en die spies uit die grond getrek. Hy het die waterkruik versigtig weggeneem. En toe het hy saggies weer weggesluip. Abisai het onwillig agteraan gekom, 259

maar darem elke slag nog omgekyk na die plek waar hulle die hele stryd so maklik kon gewen het.

Niemand het hulle twee gesien nie. Die Here het die oë van Saul se manne swaar gemaak.

MAAR die top van die heuwel Hagila het rooi begin skyn. Die sterre het verdwyn. Die eerste voëltjie het begin fluit. Dit het dag geword.

Op die ligte helling van die berg aan die oorkant van die dal het Dawid gestaan en onder hom was die laerkamp nog in die skemerlig van die vroeë môre.

Dit was nog doodstil daar. Maar hy het sy hande soos 'n tuit gehou voor sy mond en baie hard geskreeu:

"Abner! Ab . . . . ner!"

Die woord het weergalm oor die veld en het teruggekom van die heuwels in die verte. Dit was asof die heuwels ook geroep het:

"Abner! Ab..... ner!"

En uit die donker kamp het Abner geantwoord:

"Wie is jy wat daar roep?"

"Abner," sê Dawid toe, "is jy die generaal? Hoekom het jy *die* koning nie bewaak nie? Daar het iemand gekom om die koning dood te maak, en jy het geslaap. Jy het self die dood verdien, Abner! Kyk 'n bietjie of jy nou die spies en die waterkruik van die koning êrens kan kry!" En toe hou hy die twee dinge op in die eerste lig van die dag.

In die laer daaronder het baie stemme gemompel. En toe klink daar meteens die harde stem van Saul.

"Is dit jou stem, my seun Dawid?" het hy gevra.

En Dawid antwoord: "Ja, meneer die koning. Hoekom vervolg u my al weer? Hoekom moet ek altyd swerwe soos 'n wildsbokkie op die berge? Kyk, ek kon u weer doodgemaak het, en ek het dit nie gedoen nie. Glo u nou dat ek nie u vyand is nie?"

Saul het die vriendelike woorde gehoor. Hy het gegril toe hy dink dat Dawid hom weer kon doodgemaak het. Hy het Dawid sien staan in die eerste strale van 'n nuwe dag, en vir 'n oomblikkie het sy haat en nydigheid verdwyn. Nou het hy ingesien hoe ver hy self afgedwaal het, en hy het baie verlang na die goeie ou tyd toe Dawid nog by hom in die paleis gewoon en hulle saam geveg het.

"Ek het sonde gedoen," sê hy. "Ek was dom gewees. Gaan terug, my seun Dawid, en ek sal jou geen kwaad meer aandoen nie."

Maar Dawid het dit nie gedoen nie.

Hy het goed geweet dat die bose gees weer sou terugkom in die hart van Saul.

'n Man van die mense van Saul het opgeklim om die spies en die kruik te kom haal. Maar Dawid het nie gekom nie. Hy het bo-op die berg gestaan en kyk hoe Saul se leër terugtrek na Gibea. Hy was self weer veilig met sy manne.

Maar hoe lank sou dit duur?

64. Siklag

1 Samuel 27, 29, 30

DAWID het op die heuwel gestaan en gesien hoe Saul met sy leër daar in die verte verdwyn.

Maar Saul self sou een van die dae weer terugkom. Sy berou het mos nooit lank geduur nie.

En skielik — hoe kon hy so kleingelowig en swak wees? — het Dawid somaar baie bang geword vir die volgende keer as sy lewe weer in gevaar sou wees. Hy het hom verbeel hy voel al hoe Saul se swaard in sy bors ingedruk word, en gesien hoe hy dan daar dood lê op die grond. Nege jaar lank word hy nou al agtervolg. Nege jaar het hy rondgeswerf van die een plek na die ander en dit het altyd nog goed gegaan. Maar nou? Nou het hy skielik nie meer moed om aan te gaan met die stryd nie.

Hy het vertrek met sy manne. Hy moes uit uit die land, êrens heen waar Saul nie by hom kon kom nie. Hy het nie gevra wat die Here daarvan dink nie. Hy het die Here vergeet en net aan Saul gedink.

Hy het na die Weste toe gegaan, na die land van die Filistyne. Lank gelede het hy ook na hulle gegaan, maar was toe alleen. Nou was dit heeltemal anders. Nou kom hy as die kommandant van 'n leër, klein maar sterk, met seshonderd dapper manne. En nou was Agis, die koning van Gat, gewillig om hom by hom te hou. *Hy* was self 'n vyand van Saul, en Dawid ook, en saam sou hulle die Israeliete baie kwaad kon aandoen, het Agis gedink.

Hy het vriende gemaak met Dawid en hom 'n stad Siklag, gegee om in te woon, digby die grens van Israel. Daar het die vroue en kinders agtergebly onderwyl Dawid met sy manne uittrek om teen die wilde rowers van die woestyne, die Amalekiete en ander volke, te veg.

Hy, en al die mense wat by hom was, het gelewe van die vee en die goed wat hulle van die vyand afgeneem het. Hy het gesorg dat hy ook 'n deel daarvan aan Agis stuur.

O, as die koning maar geweet het wie se goed dit eintlik was wat Dawid hom gee! Want die rowerstamme was Agis se vriende.

Daarom, wanneer Agis vra teen wie Dawid geveg het, het hy 'n leuen vertel en gesê:

"O, dit was teen die mense van Juda."

En dit het die koning bly gemaak. Hy dag dan: "Nou het Dawid regtig 'n vyand van sy eie volk geword. Nou moet hy altyd by my bly."

Maar Dawid het glad nie gelukkig gevoel nie.

Toe hy nog moes rondswerwe, het hy vrede in sy hart gehad. Nou was die vrede weg. Was dit tog nie beter om sy toevlug na die Here te neem as om op mense te vertrou nie?

SESTIEN maande het daardie moeilike lewe van leuens en skelm planne en aanhoudende angs geduur.

En toe het dit nog baie erger geword.

'n Nuwe oorlog het gekom tussen die Filistyne en die Israeliete en dit sou vreesliker wees as ooit tevore.

Saul het reeds sy leër bymekaargemaak. 'n Menigte Filistyne, van wie Agis een van die leiers was, het teen hom opgetrek. Dawid moes ook saamtrek met Agis, en hy was in 'n groot moeilikheid. Hoe kon hy tog saam met die Filistyne gaan veg teen sy eie volk? En aan die ander kant, het hy nie gesien hoe hy nou

tog vertrou en goed behandel. As hy weier om met Agis saam te veg, sou dit uitkom hoe hy hom bedrieg het. Dan sou sy straf baie swaar wees.

Dawid was vreeslik in die nood. Wat kon hy tog doen?

Maar toe hulle op die plek kom waar die Filistyne bymekaargekom het, het hulle leier 261

agterdogtig gekyk na Dawid en sy manne.

"Wat wil jy met hierdie Israeliete maak?" het hulle kwaai vir Agis gevra. "Moet hulle saam met ons veg? Is dit nie Dawid wat so baie van ons mense doodgemaak het nie? Ons vir Saul, om weer goeie vriende met hom te word!"

Dit het Agis niks gehelp om Dawid te verdedig nie. Hy was verplig om hom te laat gaan.

Dawid was dankbaar maar ook baie skaam.

Hy was ontrou gewees.

Die Here het egter getrou gebly.

DAWID en sy manne was bly om terug te gaan na Siklag waar hulle vroue en kinders agtergebly het. Hulle was minstens drie dae lank weg gewees, en het baie moeg teruggekom. Nou sou hulle tog weer by hulle families wees, en kon dan ook lekker uitrus.

Maar toe hulle naby die stad kom, sien hulle hoe rookwolke daarvandaan in die lug opgaan, en hulle kry die reuk van hout wat verbrand het. Hulle het vreeslik geskrik en mekaar beangs aangekyk. Haastig het hulle verder gegaan, en toe sien hulle wat gebeur het. Die hele Siklag was verwoes. Al wat oorgebly het, was 'n puinhoop waaruit die rook nog opgetrek het.

Hulle het rondgesoek en hul vroue en kinders geroep, maar niemand het geantwoord nie.

Hulle was daar nie meer nie. Onderwyl hulle weg was, moet 'n klomp rowers gekom het en hulle mense vermoor of saam met hulle weggeneem het. In een slag het hulle alles verloor.

Toe het daardie groot, sterk manne, Dawid en dié wat by hom was, aan die huil gegaan, en aangehou totdat daar geen krag meer in hulle was om te huil nie.

En Dawid het dit baie benoud gehad, want sy manskappe was so bedroef en kwaad dat hulle hom die skuld gegee het. Hulle het in sy gesig vuis gemaak, hulle oë het van toorn dood te gooi.

Maar kyk, dit was eenvoudig wonderlik! .... Toe Dawid alles verloor het, toe sy lewe in groot gevaar was, tóé het hy skielik weer geloof

gekry.

Toe hy homself nie meer kon help nie, *toe* het hy aan die Here gedink.

Hy het daar tussen die puinhope op sy knieë geval. So het 'n afgedwaalde kind teruggekom na sy Vader. En die Vader het juis daarvoor gewag. Hy het die hand van daardie kind gevat, om hom te beskerm asof hy nooit enige sonde gedoen het nie.

Nou het Dawid weer die Here se raad gevra. En die Here het gesê hy moet die rowers agternasit, en hy sal hulle vir seker inhaal.

Die Here se boodskap het die bitterheid van die manne weggeneem. Hulle was doodmoeg, maar die geloof het hulle nuwe krag gegee.

Dawid se seshonderd manne het moedig die spore van die rowers gevolg. Maar toe hulle by die spruit Besor kom, het tweehonderd uitgeput op die grond neersak. Hulle was te moeg om deur die spruit te trek.

Met net vierhonderd het Dawid verder gegaan. Die son het warm gebrand en die wêreld was woes en verlate.

Êrens het hulle afgekom op 'n bruin man wat so te sê op sterwe gelê het onder 'n bos. Toe hulle hom water en kos gegee het, het hy weer bygekom en met moeite vertel dat hy drie dae lank niks gehad het om te eet of te drink nie. Hy was 'n Egiptenaar, die slaaf van 'n Amalekiet.

Dit was die Amalekiete wat Siklag geplunder en verbrand het. Hulle het die vroue en kinders saamgeneem om hulle as slawe te verkoop. Maar op die terugtog het hierdie man siek geword en sy wrede meester het hom somaarso in die veld laat agterbly. Wat het hy 262

omgegee vir die lewe van 'n slaaf?

Sy wrede daad het nou sy ongeluk geword, want die Egiptiese slaaf het vir Dawid gaan wys waar die Amalekiete se kamp was. Dit was al aand toe hulle naby die kamp kom. Tot ver, in die stilte van die woestyn, kon 'n mens die lawaai van die rowers hoor. Hulle het gesing en gedans rondom die groot buit wat hulle geneem het. Hulle het feesgevier en geëet en gedrink.

Maar in die skemer het Dawid en sy manne die kamp omsingel, en hulle toe baie veglustig aangeval.

Nou het die manne glad nie meer moeg gevoel nie. Hulle het geveg om hulle vroue en kinders en alles wat hulle het, te red. Nadat hulle hard geveg het tot die anderdagaand is die Amalekiete heeltemal verslaan. Net vierhonderd jong manne, wat op kamele gespring het, het kon vlug.

Die kinders was te bly om hulle vaders weer te sien. Die vroue, wat gebind gelê het in die tente, is losgemaak. Dit was nie lank nie of Dawid kon sy eie vrou, Abigail, weer in sy arms neem.

Hulle was almal veilig en nie een is vermis nie.

Dit was 'n heerlike weersien. Hulle was dankbaar om nie net al hulle eie vee terug te kry nie, maar ook om al die kleinvee en beeste van die Amalekiete vir hulself te kan neem.

By die spruitjie Besor het die tweehonderd manne, wat agterbly het, vir hulle gewag. Party van Dawid se manne wou net hulle vroue en kinders vir hulle teruggee, maar niks van die buit nie, omdat hulle nie saamgeveg het nie.

Maar Dawid het anders besluit. Die Here het hulle laat wen, en daardie tweehonderd manne het ook hulle bes gedoen. Hulle kon toe gelykop deel met die manne wat geveg het.

En Dawid het ook van die buit as 'n geskenk gestuur na die mense van die stam van Juda.

NOU het alles weer goed gegaan, so goed soos dit lank nie gegaan het nie.

Vir Dawid was die heerlikste van alles dat hy weer vrede in sy hart gehad het deur sy geloof in die Here.

Maar ver weg, daar in die Noorde het die Filistyne nog hard geveg met Saul.

En as Dawid daaraan dink, het hy onrustig geword.

Hoe sou dit gaan?

Sou die Here sy volk laat wen?

65. Die Einde van Saul

1 Samuel 28 en 32; 2 Samuel 1; 1 Kronieke 10

DAAR was eenmaal 'n goeie jong koning, nederig en vriendelik, van wie almal gehou het.

Daar was eenmaal ook 'n slegte ou koning. Hy was nie nederig nie, maar hoogmoedig en afgunstig. Hy was nie vriendelik nie, maar kwaai en verkeerd. Niemand in sy paleis was seker van sy lewe nie, en almal was bang vir hom.

'n Jong en 'n ou koning.

Maar dit was dieselfde man. Dit was Saul, die koning van Israel.

Hoe kon Saul so vreeslik verander het?

Hoe kon dit wees?

Toe hy nog *jonk* was, het hy die Here gedien. Toe hy *oud* was, het hy die Here verlaat.

Daar was maar een ding wat hy kortgekom het. Ware liefde. Ware gehoorsaamheid.

DIE Filistyne het 'n geweldige groot leër bymekaargemaak in Sunem, op die groot vlakte van Jisreël. En op die heuwels aan die kant van die vlakte, op die berge van Gilboa, het Saul en sy manne hulle kamp gehad.

Dit was 'n goeie plek wat hy uitgesoek het. Ver oor die vlakte kon hy sy vyande sien aankom. Hulle moes hul waens en perde agterlaat en te voet loop om by hom te kom, terwyl sy eie soldate mooi kon koes agter die groot rotse. Saul was 'n goeie en verstandige generaal.

En tog het hy gebewe as hy dink aan die geveg wat voor lê. Want só sterk was sy vyande nog nooit tevore gewees nie. Saul het hom so eensaam en verlate gevoel. Daar was niemand by wie hy raad kon vra nie. Hy het geen vriend gehad om hom te bemoedig of te troos nie.

Samuel, ja, hy was vroeër daar om te offer en te bid. Maar Samuel was al dood, en nou kon hy nie weet hoe Saul na hom verlang nie.

Die priesters dan? .... Vir hulle het Saul self doodgemaak uit haat en afguns teenoor Dawid.

En die Here het Saul verlaat en het hom nie geantwoord as hy bid nie. Dit was omdat hy geen berou gehad het oor sy ongehoorsaamheid nie.

So was Saul alleen in sy angs, met 'n nare voorgevoel. Hy het heen en weer in sy tent geloop. Hy wou nie eet of drink nie, want hy was te wanhopig.

O, hy kon dit nie meer uithou nie. [Hy moes iemand hê om hom te sê wat sou gebeur, en hom miskien moed in te praat. Hy het nie omgegee wie dit was nie. As die Here nie wou antwoord nie . . . . nou ja, dan maar die Satan.

In die donker nag het Saul en 'n paar manne toe met 'n groot draai om die kamp van die Filistyne gesluip na Endor, 'n klein plekkie aan die ander kant van die vlakte. Daar in 'n spelonk in die berg het 'n ou vrou gewoon. Die mense het gesê sy kan die toekoms voorspel. Ja, hulle het ook vertel dat sy die dode kon oproep om hulle raad te vra.

O, Saul het goed geweet dis nie goed wat hy doen nie. Hy het geweet dat al die towenaars en waarsêers slegte mense was wat liewer die Satan as die Here gedien het, en dat hulle die mense bedrieg het. Vroeër het Saul hulle self uit die land laat wegja of laat doodmaak.

Nog net hierdie een vrou het oorgebly. En nou het die koning self by haar spelonk aangeklop. Hy wou haar nie laat weet wie hy is nie, en het hom soos 'n gewone man aangetrek. Sy het self die deur oopgemaak. Sy was baie oud en grys en het 'n lampie in haar hand gehad.



Oorblyfsels van ou Askelon, die Filistynse stad langs die see. Dawid het in sy klaaglied oor Saul en Jonatan gesê: "Verkondig dit nie op die strate van Askelon nie" (2 Sam. 1:20).

Saul sê toe vir haar: "Jy kan mos die dode laat terugkom. Roep vir my iemand wie se naam ek sal noem . . . ."

Maar die vrou het hom agterdogtig aangekyk.

"Hoekom vra jy dit?" antwoord sy versigtig. "Hoekom wil jy my ongelukkig maak? Jy weet tog wat die koning gebied het. Jy weet tog dat hy my sal straf as hy weet dat ek gedoen het wat jy vra."

Maar Saul het haar gerusgestel. Daar was maar net een na wie hy verlang het — Samuel, wat hom koning gemaak het, en so lank sy vriend en raadgewer gewees het. Hy het maar net een dwase wens gehad, en dit was om nog een maal die stem van Samuel te hoor. Dit moes die angs, wat hom verteer het, wegneem.

"Laat Samuel vir my opkom!" het hy uitgeroep.

Die vrou het groot geskrik en hom skerp aangekyk.

"U is Saul!" skreeu sy. "Hoekom bedrieg u my so?"

Maar toe die koning sweer dat hy haar geen kwaad sou aandoen nie, het sy ingewillig.

Sy het 'n vuur gemaak en kruie gebrand, en toe begin mompel soos een wat in sy slaap praat.

"Wat sien jy?" vra die koning in groot spanning.

"'n Ou man kom op met 'n mantel om," het sy gesê.

Saul het haar geglo en eerbiedig gebuig.

Toe hoor hy 'n stem wat hol en diep klink en wat vra:

"Hoekom verontrus jy my deur my te laat opkom?"

Saul het gedink hy herken Samuel se stem.

"O, Samuel," het hy bewend gesê, "ek is baie benoud. Die Filistyne maak oorlog teen my en die Here antwoord my nie. Daarom het ek u laat roep om my te sê wat ek moet doen."

Saul het gegril terwyl hy angstig wag en die sweet op sy bleek gesig kom. Die stem antwoord toe:

"Hoekom vra jy my as die Here van jou gewyk het? Jy was ongehoorsaam en nou word jy daarvoor gestraf. Die Here sal Israel saam met jou in die hand van die Filistyne gee en môre sal jy en jou seuns by my wees . . . . ”

Dit was 'n vreeslike tyding. Dit het soos 'n swaard deur sy hart gegaan. Hy het so groot geskrik dat hy in sy volle lengte op die grond geval het.

Die vrou het gesmeek dat hy iets moet eet om weer krag te kry. Hy wou nie, maar toe sy dienaars en die vrou aandring, het hy na hulle geluister en opgestaan van die grond en op 'n bed gaan sit.

Die vrou was sleg, maar tog was sy vir hom jammer. Sy het 'n kalf geslag en brood gebak.

Hy het toe darem iets geëet, maar nie geweet wat nie. Hy was 'n gebreekte man, tot die dood veroordeel, en reeds verslaan nog voor hy geveg het. Sonder om 'n woord te praat, het hy opgestaan en nog dieselfde nag weggegaan.

Intussen het die groot leër van die Filistyne in die donkerte van die nag getrek tot vlak by die berge van Gilboa en daar gewag tot dit môre word.

Saul het teruggekom by sy mense, en in die môre het hy sy wanhopige geveg teen die Filistyne begin. Hy en sy seuns was vooraan en het dapper geveg. Maar die vyand was vir hulle te sterk.

Jonatan is platgeslaan en net so Saul se ander seuns. Saul het dit gesien en met 'n baie bedroefde hart aangehou veg. Die Israeliete het gevlug, maar nie Saul of sy wapendraer nie.

Wat oorgebly het van sy leër is omsingel. Saul is gewond, maar het soos 'n besetene geveg.

Die Filistyne het hom al meer omring. Hulle pyle het gefluit in sy ore as hulle by hom verbytrek. Aan al die kante het spiese om hom geflikker.

Toe het Saul gesien dat alles verlore is. En skielik het hy net een angs gehad: hy was bang hulle sou hom lewendig vang en dan vreeslik

martel, soos eenmaal met Simson gebeur het.

Toe sê hy vir sy wapendraer: "Trek jou swaard en steek my dood."

Maar sy troue kneg, wat altyd gehoorsaam was, sou dit nie doen nie. Toe het Saul sy swaard met die skerp punt na bo op die grond gesit en vooroor daarin geval.

Dit was sy laaste groot sonde. En sy wapendraer het op dieselfde verskriklike manier saam met hom gesterf.

So het Saul gesterf. Dit was die vreeslike einde van 'n man wat die Here verlaat het.

Arme, eensame Saul! So treurig soos sy lewe was, so treurig was sy einde.

In die aand het 'n rower, 'n Amalekiet, wat oor die slagveld gesluip het, sy liggaam gevind.

Die kroon wat op Saul se hoof was, het hy geneem en ook sy armband.

Die anderdag het die Filistyne ook op hom en sy drie seuns afgekom. Hulle het sy hoof afgekap en dit saam met sy wapenrusting na hulle land geneem. Maar sy verminkte liggaam het hulle vasgespyker teen die muur van Bet-San, tussen dié van sy seuns.

Daar het hulle gehang, hulle wat die koning en die prinse van Israel was.

MAAR kyk, in die nag het 'n paar manne saggies nadergekom. Bedroef het hulle die liggame losgemaak en saamgeneem na hulle stad. Dit was die dapper manne van Jabes in Gilead.

Jare tevore, toe Saul nog maar pas koning geword het, het hy hulle stad gered. Nou het hulle hul lewe vir hom gewaag. En hulle het sewe dae lank oor hom getreur.

Onder 'n tamarisk-boom by hulle stad het hulle die gebeente van Saul en sy seuns begrawe.

'n Tamarisk-boom is 'n soort boom wat altyd groen bly en rooi, geurige blomme dra.

Op die derde dag na Saul se dood het die Amalekiet, wat die liggaam van Saul beroof het, met die kroon en die armband na die kamp van Dawid gekom. Vooraf het hy sy klere geskeur en grond op sy hoof gegooi. Maar in sy hart was hy glad nie bedroef nie.

Hy was sleg genoeg om bly te wees oor sy geluk op die slagveld en oor die beloning wat hy van Dawid verwag het. Om so 'n groot beloning soos moontlik te kry, het hy 'n slim, maar valse storie vertel.

Eerbiedig het hy hom voor Dawid gebuig.

"Ek het ontkom uit die leër van Israel," het hy gehyg. En toe vertel hy dat Israel verslaan is, dat baie soldate, ook Saul en Jonatan, dood was.

Dawid se hart het inmekaargekrimp van skrik. Saul en Jonatan albei dood?

"Hoe weet jy?" het hy gevra.

En die man het gelieg. "Ek het toevallig op die berg Gilboa gekom en daar het Saul gestaan en op sy spies geleun. Die vyand het hom omsingel en was al baie naby. Toe hy my sien, roep hy my en sê: 'Maak my tog dood, want ek is gewond.' Nou ja, ek het hom toe doodgemaak. En hier is sy kroon en die armband wat om sy arm was. Ek bring dit vir u, want u is ons meester."

En die man het geboë bly staan en gewag terwyl hy met sy skelm oë geloer het om te sien hoe bly Dawid sou wees.

Maar Dawid het sy hande voor sy oë gehou en trane het deur sy vingers gedrup. Hy het daarna sy klere geskeur van droefheid.

En toe kyk hy vreeslik kwaad na die rower en sê:

"Wat! Was jy nie bang om die gesalfde van die Here dood te maak nie? Nou gaan *jy* doodgemaak word!"

En Dawid se jong manne het die Amalekiet net daar en dan platgeslaan sodat hy gesterf het. Dit was sy beloning vir sy leuen en die goed wat hy geroof het.

Dawid het na sy tent geloop en daar neergeval en gehuil van verdriet oor Saul en sy seun.

"O Jonatan, Jonatan ....! " het hy gesê. Hy was so verdrietig dat hy die hele dag niks geëet of gedrink het nie. Maar teen die aand het hy opgestaan en op sy siter gespeel. Hy het uiting gegee aan al sy smart in 'n mooi maar treurige lied oor Saul en Jonatan: Jou sieraad, o Israel, lê op die hoogtes verslaan.

Hoe het die helde geval!

O berge van Gilboa, berge van die dood, Mag daar geen dou of reën op julle val nie.

Want daar is die skild van die helde weggegooi.

Hoe het die helde geval in die middel van die stryd!

Jonatan lê verslaan op jou hoogte.

My broer Jonatan, om jou ontwil is ek benoud.

Ek het jou so liefgehad.

Jou liefde was so wonderlik groot!

Hoe het die helde geval!

267

66. Dawid word Koning

2 Samuel 2-6; 1 Kronieke 11 en 12

OEVEEL jare het Dawid nie soos 'n wildsbokkie deur die land geswerf nie, van die een H plek na die ander verjaag!

Maar dit was die Here wat hom altyd beskerm en wonderlik bewaar het.

Maar al die moeilike jare het Dawid die kosbare les geleer dat daar maar een krag is wat 'n mens sterk kan maak, en daar maar een skat is, wat hom waarlik gelukkig kan maak, en dit is die geloof.

Hy het nou goed geweet dat een ding noodsaaklik is: dat hy naby die Here moes bly. Dawid was in 'n goeie leerskool gewees.

NOU was die swaar stryd verby. Saul was dood. En nie lank daarna nie is Dawid in Hebron gesalf as koning.

Maar die hele stryd was nog nie verby nie. Dawid was koning oor net een van die twaalf stamme, Juda. In Mahanaim, tussen die berge, was 'n ander koning, Isboset, 'n seun van Saul.

Abner, Saul se generaal, het hom koning gemaak oor die grootste deel van die land.

Toe was daar twee konings oor een volk. En Abner het met sy leër geveg teen die leër van Dawid. Dit was 'n treurige oorlog, 'n stryd tussen broers, of 'n burgeroorlog, wat lank geduur het.

Maar Dawid se koninkryk het altyd sterker geword, en dié van Isboset altyd swakker.

Net Dawid was koning deur die wil van die Here.

Eenmaal het die twee leërs by Gibeon geveg en Dawid se manne het gewen. Hulle generaal was Joab, 'n broer van Abisai, en hy het Abner se manne, wat gevlug het, agtervolg. Joab het nog 'n broer gehad wat saamgeveg het, Asahel, die vinnige hardloper.

'n Uitsig oor die berg Sion. "Dawid het die bergvesting Sion ingeneem; dit is die stad van Dawid" (2 Sam. 5:7).

Asahel was 'n jong, vurige man, net so dapper soos sy broers. Soos 'n gemsbok het hy oor die veld gehardloop. Hy was die fluksste van almal. Daar was maar net een van al die vlugtelinge wat hy wou vang, en dit was Abner self. Asahel het nie gekyk na sy maats nie.

Hy het nie opgelet dat hy alleen tussen die vyande hardloop nie. Hy het net aan Abner gedink. Hy het net vir Abner gesien.

En Abner het hom ook gesien en besef dat Asahel hom gou sou inhaal,

Abner was nie bang vir hom nie. As dit iemand anders was, sou hy hom gou-gou platgeslaan het. Maar hy was jammer vir die jonger broer van Joab. Hy het hom twee maal gewaarsku, twee maal vir hom geskreeu om weg te gaan en hom met rus te laat. Maar Asahel wou nie luister nie. Hy het maar aangehou om te hardloop totdat hy by Abner was om hom met sy blink swaard te deursteek.

Nou *moes* Abner homself verdedig. Dit het nie lank geduur nie. Toe Joab met sy manne op die plek kom, het hy die dooie liggaam van sy jongste broer gesien lê in sy bloed. Hy het gesweer dat hy Asahel se dood sou wreek. Maar Abner was toe al ver weg.

NA die veldslag by Gibeon het Abner ingesien dat Isboset nie meer kon koning wees nie. Hy het ingesien dat hy teen die Here veg, wat belowe het dat Hy Dawid koning sou maak oor die hele volk. En daarom het hy nie lank daarna nie, sonder dat Isboset dit weet, met 'n paar manne na Dawid in Hebron gekom om vrede te maak.

Dawid het hom vriendelik ontvang en was bly dat daar nou eindelik 'n end sou kom aan die oorlog. Hy het 'n eetmaal vir Abner en sy manne laat klaarmaak en met hom 'n verbond gemaak. Toe het hy hom in vrede laat gaan.

Joab was nie tuis daardie dag nie. Maar toe hy die aand terugkom en hoor wie in Hebron gewees het, het sy oë geflikker van kwaadheid. Abner... Dit was mos sy groot vyand! Dit was die moordenaar van sy broer, het hy gedink. En die koning was vir hom goed en het 'n verbond met hom gemaak! Wou Abner miskien in Joab se plek die generaal van Dawid word, wanneer hy koning sou wees oor die hele land?

Joab was baie jaloers. Hy het 'n slim en 'n baie slegte plan uitgedink. Sonder dat Dawid dit weet, het hy 'n boodskapper agternagestuur om Abner te laat roep. En Abner het gekom. Hy dag die koning wou aan hom nog iets sê. Maar Joab het vir hom by die poort van Hebron gewag. Baie vriendelik het hy hom ontmoet en Abner 'n bietjie eenkant toe getrek.

"Ek het 'n geheime boodskap vir jou," het Joab gesê.

Net toe hulle twee op 'n plekkie kom waar niemand hulle kon sien of hoor nie, het Abner skielik 'n swaard in Joab se hand sien flikker, en voor hy hom kon verdedig, was hy doodgesteek.

Die valse, wrede Joab het wraak geneem vir die dood van sy broer Asahel.

DAAR was mense wat gedink het Dawid het stilletjies vir Joab gesê hy moet Abner doodmaak om op dié manier die mag van Isboset te verswak. Hulle het gesê:

"Dawid is eintlik die moordenaar!"

Maar toe Abner begrawe is, het Dawid met geskeurde klere, diep in die rou, agter die baar aan geloop.

Sy verdriet was so groot dat almal kon sien dat hy onskuldig was.

Maar Joab sou sy straf kry, al sou dit hoe lank duur!

NIE lank daarna nie het twee manne na Dawid gekom met 'n snaakse en aaklige geskenk.

Hulle het 'n man se kop, vol bloed, op die grond voor hom neergesit. Dit was die hoof van Isboset, die koning. Baëna en Regab was hulle name. Hulle was twee van Isboset se kommandante. Een middag, toe die koning gerus het, het hulle stilletjies in sy kamer gekom en hom vermoor. Nou het hulle gehoop dat Dawid hulle sou beloon. En hulle is beloon, maar 269

nie soos hulle verwag het nie. Dawid was eerlik en regverdig en het hulle daad verafsku.

Nou is hulle, die lafhartige moordenaars, self doodgemaak, net soos daardie Amalekiet wat met Saul se kroon na Dawid gekom het.

En nie lank daarna nie, omtrent sewe jaar nadat Dawid koning oor Juda geword het, het die oudstes van Israel na Dawid in Hebron gekom. Daar het hulle hom gesalf as koning oor die hele volk. Dit was die derde maal dat hy gesalf is.

Nou wou hy nie meer in Hebron woon nie. Hy wou sy paleis gaan bou op 'n plek in die middel van die land, in die ou Salem waar Melgisedek vroeër gewoon het.

Maar daar het nóg vyande van Israel gewoon. Hulle was van die ou heidense inwoners van Kanaän, die Jebusiete, wat nog nie uitgeroei was nie. Hulle het gewoon bo-op 'n hoë heuwel in 'n sterk vesting met die naam Jebus, of Sion. Toe Dawid hulle stad omsingel, het hulle met hom gespot en geskreeu:

"Jy sal nie hier inkom nie, maar blindes en lammes sal jou verdrywe!"

Maar hulle het Dawid nie geken nie, en ook nie vir Joab, sy dapper generaal, wat vir niks teruggedeins het nie. Joab en sy manne het langs die waterkanaal opgeklouter en voor die Jebusiete dit agtergekom het, was hulle binne-in die stad.

Gou-gou het hulle Jebus ingeneem en dit verwoes, en daar het Dawid toe 'n nuwe stad gebou. Toe Hiram, die koning van Tirus, hoor van die mag van Dawid het hy timmerhout en werksmense vir hom gestuur, en Dawid het op 'n hoë plek vir hom 'n paleis laat bou. En 'n mooi stad het daar rondom verrys, wat beskerm is deur 'n sterk muur. Dit is genoem die stad van Dawid, of Jerusalem, die stad van vrede.

Dit was die Here wat Dawid sterk en magtig gemaak het en hom in alles geseën het. Die Filistyne het weer met 'n leër gekom, maar die Here self het Dawid die oorwinning gegee.

Die Here het hom 'n teken gegee, en dit was dat hy die geruis van voetstappe in die balsembosse gehoor het, en daar deur kon hy weet dat die Here voor hom uit trek om die Filistyne te verslaan. Hulle het dit nie gewaag om weer terug te kom nie. En ook al die ander vyande rondom Israel is oorwin.

Toe was die land veilig. Die volk kon daar gerus en gelukkig woon.

En tussen hulle, in die middel van die land, soos 'n herder tussen sy skape, het Dawid met sy vroue en kinders in 'n groot en mooi paleis gewoon. Hy het Migal ook teruggekry.

Die beloftes van die Here is vervul. Die skaapwagtertjie het koning geword.

Hy het deur lyding gekom tot heerlikheid.

En dankbaar was sy hart.

67. Dawid die Kneg van die Here

2 Samuel 6, 7, *en 9; 1 Kronieke 13-17*

IE was dit wat Dawid koning gemaak het?

W Aan wie het hy al sy geluk en voorspoed, al sy mag en heerlikheid te danke gehad?

Aan die Here!

En nou woon *hy* in 'n mooi paleis, maar die heilige ark was eensaam en vergeet op 'n klein dorpie in 'n boerehuis. Toe dit teruggebring is

uit die land van die Filistyne, is dit in die huis van Abinadab in Kirjat-Jearim neergesit, en daar het dit gebly.

Dit hoort nie daar nie, het Dawid gedink.

Die ark was natuurlik nie die Here self soos die Filistyne gedink het nie. Dit het ook nie toorkrag gehad soos Hofni en Pinehas gemeen het toe hulle dit na die oorlogsveld saamgeneem het nie. Maar die heilige ark is tog deur die Here gegee as 'n teken dat Hy wou woon onder Sy volk en daarom moes dit nie vergeet word nie. Saul het dit vergeet, maar Dawid sou dit nie doen nie. Saul het net aan homself en sy eie eer gedink. Dawid het gedink hoe hy die Here die beste kon dien.

In die middel van die land, in Jerusalem, moes die ark wees en daarheen moes die mense kom om die Here te aanbid, het Dawid gedink.

Daarom het hy met dertigduisend man in 'n groot optog gegaan om die ark te gaan haal.

Soos die Filistyne gedoen het, het Dawid dit ook op 'n nuwe wa gesit wat deur osse getrek is. Met begeleiding van musiek en sang wou hulle dit na Jerusalem neem.

Maar was hulle verstandiger as die Filistyne? Het hulle dan heeltemal vergeet dat die Here in die wet voorgeskryf het dat die ark deur die priesters gedra en met 'n kleed bedek moes word? Het hulle dan nie geweet hoe heilig die Here is nie?

Ussa, die seun van Abinadab, het daar nie aan gedink nie. Hy het aan die een kant van die wa geloop en sy broer Agjo aan die ander kant. Toe die osse op 'n sekere plek struikel, het Ussa sy hand uitgesteek om die ark vas te hou.

Ag, die arme Ussa! Hy het op die plek dood neergeval. Vir sy gebrek aan eerbied is hy swaar gestraf.

Toe het die wa stilgestaan. En die optog het ook stilgehou. Die musiek en die sangers het stil geword. Al die vreugde was meteens weg. Die mense was bang en het gebewe van vrees. Bleek van skrik en baie eerbiedig het die priesters toe die ark geneem en dit gaan sit in die huis van Obed-Edom wat daar naby gewoon het. Dawid het bang geword dat dit nie goed was wat hy wou doen nie.

Stil en treurig soos na 'n begrafnis het die optog toe weer teruggegaan na die stad toe.

Drie maande het verbygegaan en dit was 'n geseënde tyd vir Obed-Edom by wie die ark was. Dit was die beste tyd van sy lewe. Sy koringoes was pragtig, en sy vee die mooiste in die land. Die Here het by hom gewoon en hom geseën. Almal in die land het gehoor van sy voorspoed.

Toe het Dawid geweet dat sy plan tog goed was. Hy het weer gegaan, maar nie met 'n wa nie. Daar is offers vir die Here geslag en hierdie keer het die priesters die ark gedra na die hoofstad van die land, Jerusalem.

Dit was 'n dag om nooit te vergeet nie. Duisende mense het saamgeloop en gejuig en gedans van blydskap. Onder hulle was Dawid self. As 'n nederige kneg van die Here, het hy nie sy koninklike klere gedra nie, maar het, net soos die ander mense, 'n wit linnekleed aangehad.



Ons kan ons voorstel dat die mense saam met Dawid gesing het van die psalms wat hy self gemaak het. Wie weet, miskien het hulle met beurtsange gesing toe hulle naby Jerusalem kom:

Hef op julle hoofde, o poorte, dat die Erekoning kan ingaan.

Wie is die Erekoning?

Die Here, sterk en geweldig. Hy is die Erekoning.

Toe is die ark neergesit in die tent wat Dawid daarvoor laat opslaan het. Nog meer offers is gebring, en die volk het 'n fees geniet wat die koning vir hulle laat klaarmaak het.

MAAR toe Dawid, bly en dankbaar, teruggaan na sy paleis, sien hy sy vrou Migal is kwaad.

Sy het gesien hoe hy in sy eenvoudige klere voor die ark gedans het. Sy, wat die trotse dogter van Saul was, wou nie hê haar man moet

hom so verneder nie — soos sy gemeen het.

Kirjat-Jearim (ongeveer nege myl van Jerusalem). Lees oor

hierdie plek 1 Sam. 6: 21-7; 1; 1 Kron. 13:5,6; 2 Sam. 6: 2, 3.

Sy het gespot en gesê:

"Ag, maar hoe koninklik het Israel se koning hom vandag nie gedra nie! Voor die oë van die laagste mense, die slavinne van sy dienaars, het jy gedans asof jy glad nie 'n koning meer is nie!"

"Voor die oë van die Here sal ek vrolik Wees," het Dawid geantwoord, "en ek sal die volgende keer nog nederiger wees."

Die Here het hom liefgehad ook omdat hy so nederig was en daarom het sy volk hom. ook geëer.

In haar hoogmoed was die arme Migal maar eensaam en ongelukkig. Die mense het haar verag.

272

NOU het Dawid gehad wat hy begeer het. Jerusalem het die stad van die Here geword.

Maar sy dankbare hart was nog nie heeltemal tevrede nie. As hy op die plat dak van sy paleis staan en oor die stad kyk, sien hy êrens tussen die groot, pragtige huise die klein en eenvoudige tent van die Here. En dan het hy hom geskaam dat hy so ryk was en in so 'n mooi paleis woon.

Eendag het hy die profeet Natan laat roep.

"Kyk," het hy gesê, "ek woon in 'n paleis van sederhout en die ark van die Here staan in 'n klein tentjie! Ek sal vir die Here 'n tempel bou wat groter en pragtiger sal wees as al die mense se huise."

Natan was baie bly. Die Here sou die plan ook goedkeur, het hy gedink.

"Doen alles wat in u hart is," het Natan geantwoord.

Maar in die nag het die Here vir Natan gesê dat Dawid dit nie moes doen nie. Dit was baie goed dat Dawid so iets uit liefde en dankbaarheid wou doen. Maar hy was nie die man om die tempel te bou nie, omdat hy so baie oorlog gemaak het. Sy hele lewe lank het hy geveg.

Die huis van die Here moes 'n huis van *vrede* wees, en Dawid se seun, wat na hom koning sou word, sou 'n man van vrede wees. Daarom moes sy seun dit eendag bou.

"Sal Dawid vir my 'n huis bou?" het die Here gevra. "Nee, Ek sal vir hom 'n huis bou, die koningshuis van Dawid. Sy troon sal vasstaan tot in ewigheid."

Dit het beteken dat een uit sy nageslag altyd koning sou wees.

Toe Dawid dit hoor, het groot blydskap en verwondering in sy hart gekom.

"Tot in ewigheid!" het hy gedag. "Dan sal die Messias, die Verlosser, wat vir ewig koning sal wees, 'n nakomeling van my wees!"

Bewend van vreugde het hy na die tent van die Here gegaan, en hom neergebuig voor die ark. Eerbiedig het hy die Here gedank vir die mooiste en die grootste van al Sy beloftes.

"Here, Here," het hy gestamel, "wie is ek dat U so goed vir my is?"

En hy het hom voorgeneem dat hy tóé al skatte en sederhout en ander goed sou bymekaarmaak, sodat sy seun dit eendag kon gebruik om die tempel mee te bou.

Hierdie belofte het sy lewe nog gelukkiger gemaak as ooit tevore. Dit was die mooiste pêrel in sy kroon. Hy kon in groot weelde lewe. Sy koninkryk was sterk. Hy het duisende knegte gehad wat dadelik gedoen het wat hy sê. Sangers en wyse manne, prinse en generaals het om sy troon gestaan. Maar hierdie een belofte van die Here was grootser en heerliker as al hierdie dinge.

Dawid het daaraan gedink wanneer hy op sy troon sit. Dit was meer as wat hy kon verstaan.

Hy was nog altyd verwonderd dat hy, wat vroeër maar 'n skaapwagtertjie was koning oor die Here se volk mag wees. Hy het gedink aan sy lewe, aan Betlehem, aan Saul, aan Jonatan, sy beste vriend.

Ag, Jonatan! As hy nog gelewe het, hoe bly sou hy gewees het om Dawid se ontwil! Hy het mos eenmaal gesê: *"Jy,* my vriend, sal eendag koning wees, en *ek* sal jou vernaamste dienaar wees."

Maar Jonatan het gesterf vir sy volk en sy land. Hy het 'n dienaar geword van 'n ander Koning wat groter en magtiger is as Dawid.

Dawid het gedink aan iets wat hy vir Jonatan beloof het. Hy het sy knegte geroep en gevra:

"Het daar nog iemand uit die huis van Saul oorgebly? Ek wil goed aan hom doen om Jonatan se ontwil."

Toe hoor hy dat daar nog 'n seun van Jonatan lewe. Sy naam was Mefiboset en hy het ver 273

weg gewoon in Lodebar. Hy was 'n ongelukkige jong man. Na sy vader se dood op Gilboa, toe hy nog 'n klein seuntjie was, het 'n diensmeisie met hom in haar arms gevlug. In haar haas het sy gestruikel en hy het so seergekry dat hy kreupel geword het aan albei sy voete.

Dawid het hom laat haal. Sukkel-sukkel het hy op sy krukke die koning se saal binnegekom.

Hy was bleek en het gebewe van angs.

Die seun van Jonatan!

Dawid was baie ontroerd toe hy hom sien.

Hy het hom die grond, wat aan Saul behoort het, teruggegee. En hy het hom werksmense gegee om dit te bewerk. En Mefiboset kon self woon in Dawid se paleis! Mefiboset het hom baie diep en eerbiedig voor Dawid neergebuig.

Van toe af het die kreupel man aan die tafel van die koning geëet, en hy het altyd vir Dawid aan Jonatan self herinner!

Links 'n gedeelte van die berg Ebal en regs die punt van die berg Gerisim. Tussen die twee berge was S igem. Opgrawings het aan die lig gebring dat Sigem reeds in die tyd van Abraham (ongeveer 2,000 jaar v.C.) bestaan het. "En Jakob het behoue aangekom by die stad Sigem wat in die land Kanaän is" (Gen.

33: 18). Na die dood van Salomo het Rehabeam na Sigem gegaan, "want die hele Israel het na Sigem gekom om hom koning te maak" (1 Kon. 12:1).

'n Pilaar in die kerk wat op die berg Karmel gebou is. Dit is hier waar Elia die groot oorwinning oor die Baalpriesters behaal het. "En toe die hele volk dit sien, het hulle op hul aangesig geval en gesê: Die Here, Hy is God! Die Here, Hy is God!" (1 Kon. 18:39).

68. Batseba

2 Samuel 11 tot 12:25

IT het aand geword in Jerusalem. Na 'n baie warm dag het 'n koel windjie van die see D se kant af oor die stad gewaai. Mense het weer op straat begin loop. Kinders het gespeel in die hoë mure se skaduwees wat al langer geword het. Dawid het opgestaan van sy rusbank, en 'n bietjie op die plat dak van sy paleis gaan loop om die koel luggie te geniet.

Hy, wat koning Dawid was, het genoeg tyd gehad om dit te doen, want daar was nie werk vir hom nie. Joab het met sy leër gaan veg teen die Ammoniete wie se sterk vesting Rabba hy omsingel het. Dawid het tuisgebly. Hier kon hy nog lekker rondloop terwyl sy manne swaar veg. Van sy hoë plek af kon hy ver oor die mooi land sien, wat onder 'n blou hemel in die aandstrale van die son rustig lê. Hy het die heuwels gesien met groen weivelde tussenin. Aan die een kant het hy die blink streep van die Jordaan gesien, en aan die ander kant, ver weg waar die son ondergaan, die see wat geskitter het soos goud. En hier voor sy voete lê die stad wat hy gebou het, met sy wit huise en paleise, wat die sonlig weerkaats het. Hy het die strate gesien, en hier en daar 'n tuin met wuiwende palmbome.

O ja, dit was alles baie mooi, maar Dawid het dit nie meer raakgesien nie. Dit het hom nie meer bly en dankbaar gemaak dat hy hier kon woon as koning van 'n mooi land nie. Hy het dit al so dikwels gesien en was al te gewoond daaraan.

Hy het geleun op die ringmuurtjie bo-op die dak en gegaap, want hy het hom erg verveel.

Sou dit nie vir hom beter gewees het om saam met Joab te gaan veg nie?

Maar skielik het sy oë geglinster. In 'n agterplaas het hy 'n vrou gesien. Sy kon nie van die straat, of van een van die ander huise, gesien word nie, maar Dawid het so hoog gestaan op die dak van sy

paleis dat hy haar goed kon sien. Sy was 'n baie mooi vrou, en was besig om haar te was.

Die koning het lank na haar gekyk. Hy kon niks beters doen nie, dag hy. Toe roep hy 'n dienaar en vra wie die vrou is.

"Dis Batseba, die vrou van Uria, die Hetiet," het die man geantwoord.

Die koning het teleurgesteld en bedroef gevoel. Dan was daardie mooi vrou al getroud? ...

In sy gedagtes het hy haar alreeds in sy paleis gesien, as *sy* vrou, as sy koningin. Nou kan dit nie wees nie. Hy mag nie eens aan haar meer dink nie.

Maar hy kon haar nie vergeet nie. As hy sy oë toemaak, sien hy haar weer soos sy daar besig was by die water. Snags het hy van haar gedroom. En as hy wakker word in die oggend was hy iesegrimmig omdat hy haar nie kon kry nie.

Wat het Dawid oorgekom? Waar was sy geloof en liefde vir die Here? Het hy nie gedink dat die Here hom sien en dat hy moes veg teen sy begeerte nie?

Hy het dit nie gedoen nie. Hy het geluister na 'n stem in sy sondige hart, wat vir hom 'n plan ingefluister het hoe om tog te kry wat verbied was.

Hy het Batseba laat haal en met haar gepraat. O, sy was gewillig om Dawid se vrou en koningin te word. Haar man was ver weg in die land van die Ammoniete, om te veg in die leër van Joab. Hoe sou hy weet wat hier in die paleis gebeur?

Toe het hulle albei, Dawid en Batseba, gemaak asof Uria glad nie bestaan nie, en hulle het in die geheim getrou met mekaar.

Die koning het sy sin gekry, maar was nie so gelukkig soos hy verwag het nie. Hy het die ander vreugde wat hy gehad het — die gevoel van

die nabyheid van die Here en die vreugde om Sy kind te wees — verloor. Hy het die Here verlaat en gedoen wat kwaad was in Sy oë.

O, hy het dit goed geweet, maar wou liewer daar nie aan dink nie. Hy wou die Here nou maar liewer heeltemal vergeet. Hy wou net aan Batseba dink, aan sy liefde vir haar en hoe gelukkig sy hom sou maak.

EN tog, nie lank daarna nie, moes hy tot besinning kom. Batseba, wat teruggegaan het na haar huis, het hom laat weet dat hulle geheim ontdek sou word.

Toe het die koning groot geskrik. O nee, hy het nie aan die Here gedink of aan die vreeslikheid van sy sonde nie. Hy het net aan die mense gedink. Hoe sou hulle met hom spot as hulle dit hoor! Hulle sou sê dis nou die koning wat kastig so vroom is, en wat so baie gemaak het van die heilige ark, en wat 'n huis vir die Here wou bou. Hy het die vrou van 'n ander man gesteel.

Dawid het vreeslik onrustig geword. Niemand moes weet wat gebeur het nie. Almal moes dink dat Batseba nog Uria se vrou was. Veral Uria moes nie weet wat gebeur het nie.

Dawid se angs het hom skelm gemaak. Hy het 'n slim plan gemaak. Uria moes huis toe kom en soos vroeër by sy vrou woon. Dan sou almal sien dat Batseba nog sy vrou was.

Hy het Uria laat kom en baie vriendelik en hartlik met hom gepraat. Hy het gevra of dit met Joab goed gaan en met die manskappe wat by hom was, en of dit goed gaan met die oorlog. En toe sê hy vriendelik:

"Gaan nou maar huis toe, Uria, en was jou voete wat so vol stof is."

Maar sy slim plan het nie gehelp nie. Uria, die troue soldaat, het gedink aan sy maats wat daar in die oop veld moet slaap, en hy het hom geskaam om in sy huis op 'n lekker sagte bed te gaan lê. Hy wou nie beter af wees as hulle nie. Hy het toe nie huis toe gegaan nie, maar het gaan slaap voor die poort van die paleis, by die dienaars van die koning. Hy was tevrede om daar soos 'n hond te lê, by die deur van sy meester.

Die koning het hom weer laat roep en met hom gepraat, maar dit het niks gehelp nie. Uria wou nie huis toe gaan nie. Die anderdag het Dawid hom genooi om by hom te eet, en hom so baie laat drink dat hy dronk geword het. Hy het gehoop dat Uria nie sou weet wat hy doen nie, en tog huis toe sou gaan. Dit het ook nie gehelp nie. Uria het in die aand maar weer voor die poort van die paleis gaan slaap.

Dawid was nou vreeslik benoud. Nou sou sy sonde met Batseba tog uitkom!

En die hele land sou weet hoe sleg die koning is.

O, die skande! .... Dawid het rusteloos rondgeloop in sy paleis. Die hele nag het hy gelê en rondrol en dink. Hy wou alles doen om nie só in die skande gesteek te word nie, al moes hy ook nog 'n groter sonde doen.

Die anderdagoggend, na 'n benoude nag, het Dawid 'n brief geskrywe. Uria moes dit saamneem na Joab. In die brief was die bevel: "Sit Uria op die voorpunt van die hewigste geveg. Trek dan agter hom terug, sodat hy verslaan kan word en sterwe."

So het die koning meer as 'n egbreker geword. Hy het 'n moordenaar geword.

TOE Joab die brief lees, het hy geglimlag. A, was dit nou die vroom koning!

Hy, wat Joab is, het ook iemand vermoor, vir Abner, die generaal van Israel. En hy het gemeen hy het goeie rede daarvoor gehad, want Abner het sy jongste broer doodgemaak.

Toe was Dawid verontwaardig en wou Joab bestraf. Maar die koning was self nie beter nie.

Hy wil mos nou 'n eerlike soldaat laat doodmaak, wat hom geen kwaad gedoen het nie.

Hoekom? Joab het nie geweet nie, maar hy het ook niks omgegee nie. Wat gee die koning om vir die lewe van 'n soldaat. Joab net so min!

Hy het gou kans gekry om die koning se afskuwelike plan uit te voer. Hy het Uria op 'n baie gevaarlike plek laat veg, en Uria is doodgemaak.

Toe stuur Joab 'n boodskapper na Dawid om hom te vertel dat dit nie goed gegaan het met

'n sekere geveg nie. As die koning dan kwaad word, moes die man sê: "Uria, die Hetiet, is ook dood." Joab het skelm gelag.

"Dan sal die koning nie meer kwaad wees nie!" het hy gesê.

Die man het die boodskap afgegee, en toe Dawid hoor van Uria se dood, sê hy:

"Sê vir Joab hy hoef hom nie te bekommer oor die saak nie. Dit gaan in 'n geveg maar so dat die een of die ander doodgemaak word."

Ja, maar wie se skuld was dit dat 'n Ammoniet se swaard juis die dapper Uria moes tref?

TOE Batseba hoor van haar man se dood, het sy oor hom gerou. Maar nie lank nie. Want Dawid het haar nie lank daarna nie na hom in die paleis laat kom. Toe het hy regtig getrou met haar. Hy kon dit nou doen, want sy was 'n weduwee. Die koning kon nou gerus wees.

Sy eer is gered. Hy het sy sin gekry.

En niemand het daarvan geweet nie, behalwe Joab. En Joab sou stilbly.

Dawid moes nou maar net alles vergeet wat gebeur het. Batseba was sy vrou, en nie lank daarna nie het sy 'n baba gekry, wat 'n seuntjie van haar en die koning was. Hoekom sou Dawid nie nou gelukkig wees nie?

Maar hy *kon* nie vergeet wat hy gedoen het nie, en dit het hom vreeslik gehinder. Hy het nie meer gedurf dink aan die Here nie, want dit het hom ongelukkig gemaak.

Hy wou die Here ook maar vergeet. Maar die Here het hom nie vergeet nie.

Wat Dawid gedoen het, was verkeerd in die Here se oë.

EENDAG het die profeet Natan, wat deur die Here gestuur was, na Dawid gekom. In sy eenvoudige klere het hy in die pragtige paleis geloop, verby die deftige dienaars van die koning. Hy moes 'n moeilike en gevaarlike ding doen, maar hy was nie bang nie.

Moedig het hy voor die koning gaan staan en hom verdrietig aangekyk. Toe sê hy:

"O koning, ek moet u iets vertel. Twee manne het in 'n stad gewoon. Die een was ryk, die ander arm. Die ryk man het baie skape en beeste gehad. Die arm man het niks gehad nie, behalwe een ooilammetjie, wat hy gekoop het, en wat saam met sy kinders grootgeword het. Hulle was almal so lief vir die skapie. Dit het van sy

brood geëet en uit sy beker gedrink en in sy skoot geslaap. Dit het eintlik gelyk asof dit een van sy kinders was!"

Dawid het aandagtig geluister. Hy het geglimlag toe hy hoor van die arm man se ooilammetjie. Hy het gedink Natan vertel 'n mooi storie.

En toe vertel die profeet verder: "Maar op 'n goeie dag het daar 'n besoeker by die ryk man gekom. Hy moes hom iets gee om te eet. Maar hy was jammer om een van sy eie skape of beeste te slag. Toe neem hy die ooilam van die arm man en slag dit en laat dit lekker gaarmaak vir sy gas."

Toe Dawid dit hoor, het hy verontwaardig opgespring en uitgeroep:

"So waar as die Here leef, die man wat dit gedoen het, moet sterwe!"

Maar skielik het hy teruggedeins toe hy sien hoe kwaad die profeet hom aankyk. Regop het hy voor die koning gestaan en met sy vinger na hom gewys en gesê:

"U is daardie man!

"So sê die Here, die God van Israel: Ek het jou as koning gesalf oor Israel en jou gered uit die hand van Saul. Alles wat jy het, het jy van My ontvang. Hoekom het jy My dan verag en vergeet? . . . . Jy het die vrou van Uria gesteel en het hom doodgemaak deur die swaard van die Ammoniete."

Dawid het ineengekrimp toe hy hierdie harde woorde hoor en verskrik het hy sy gesig met 278

sy hande bedek. Nou het hy eers goed ingesien hoe vreeslik groot sy sonde was. Hy het geweet die Here sien in sy vuil hart en dat Hy ook die bloed van moord aan sy hande sien.

En soos hy tevore vir Uria 'n brief met sy doodvonnis gestuur het, so het hy nou ook sy eie vonnis uitgespreek. Hy was skuldig. Hy het die dood verdien.

Maar dit was nie oor die straf wat sou kom dat hy so begaan was nie.

En aan wat die *mense* sou sê van hom, het hy nie meer gedink nie.

Dit alles was glad nie die ergste nie. Maar sy hart was so vreeslik seer omdat hy die Here, sy liefdevolle Vader, so bedroef gemaak het.

"Ek het gesondig teen die Here," het hy gekreun.

Dit was ware berou, en dit was wat die Here wou hê. En toe kon Natan die koning troos.

Die Here het Dawid se sondes vergewe en sou sy straf ligter maak.

Hy sou nie hoef te sterwe nie. Maar hy sou baie verdriet in sy lewe hê. Die swaard sou nooit wyk van sy huis nie. En die seuntjie, die kindjie van hom en Batseba, sou die Here van hulle wegneem, omdat hy in die tyd van sonde gebore is.

Nadat die profeet weggegaan het, het Dawid na die Here gegaan en gebid — so ernstig soos hy seker nog nooit tevore in sy lewe gebid het nie. En sy gebed het 'n mooi en droewige boetelied geword wat opgestyg het na die troon van die Here.

Wees my genadig, o God, na u goedertierenheid.

Delg my oortredinge uit na die grootheid van u barmhartigheid.

Was my heeltemal van my ongeregtigheid en reinig my van my sonde.

Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë.

Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees.

Verwerp my nie van u aangesig nie, en neem u Heilige Gees nie van my weg nie.

En in 'n slaapkamer van die paleis was daar 'n kindjie wat doodsiek was. Hy het darem nog sewe dae gelewe. En sewe dae lank het die koning gebid dat die Here sy lewe moet spaar.

Maar tog het hy gesterwe. Die gebed van die vader is nie verhoor nie. Daarmee moes Dawid 'n klein deel van sy groot skuld betaal.

BATSEBA het nie lank daarna nie 'n ander seuntjie gekry wat hulle Salomo genoem het.

Die Here het daardie kind liefgehad.

En Dawid het hom deur Natan, die profeet, laat opvoed.

Daardie kind was 'n groot troos vir Batseba, maar ook veral vir Dawid.

Hy was vir hom 'n lewendige teken dat die Here sy sonde vergewe het.

Maar sy hele lewe lank het die gedagte hom gekwel dat hy die sonde, wat hy gedoen het, nooit weer kon goed maak nie.

279

69. Absalom

2 Samuel 15 tot 17:23

AWID het nog 'n ander seun ook gehad. Hy was baie ouer as Salomo en sy naam was D Absalom.

Hy het vir hom 'n wa en perde aangeskaf en vyftig manne om voor hom uit te loop. As hy dan met die mooi klere van 'n prins aan, spog-spog deur die strate van Jerusalem ry, en sy krulhare blink in die son, het die mense hom bewonder. Hulle het eerbiedig voor hom gebuig, want hy was mos die oudste seun van die koning en was die mooiste man in die land.

Maar smôrens vroeg het hierdie selfde kroonprins Absalom soos 'n gewone mens by die stad se poort gaan staan en vriendelik gepraat met die manne wat verbyloop. En elke keer as iemand nader kom om voor hom te buig, het hy sy hand uitgesteek en hom nader getrek en gesoen asof hy 'n goeie vriend van hom is.

So 'n man het dit nooit vergeet nie. Die hele dag het hy dronk van geluk gevoel omdat die koning se seun hom gesoen het. Hy sou gewillig wees om vir Absalom deur die vuur te gaan. Absalom het dit geweet en dis net wat hy wou gehad het.

En as 'n vreemdeling verbykom wat op pad was na die koning om oor iets te kla, het Absalom hom nader geroep en gesê hy moet hom alles vertel. Dan het hy altyd gesê:

"Jou saak is goed, maar dit sal jou niks help om daarmee na die koning te gaan nie. Hy is nie 'n goeie regter nie. Ag, maar *ek* kon jou help, as ek tog maar regter was in hierdie land

.... As ek tog maar koning was!"

As ek tog maar koning was! Dit was die grootste wens van die ydele, trotse prins.

En daarom het hy gepronk met sy mooi wa, en sy dienaars, en sy pragtige bos krulhare.

Daarom het hy gemaak asof hy so nederig en vriendelik was, so hartlik en eenvoudig, sodat die mense sou verlang dat hy koning word.

Daarom het hy die hart van die mense gesteel en sy vader bedrieg.

ABSALOM het vier jaar gewag dat sy vader moet sterwe. Maar Dawid het gesond gebly. En die klein seuntjie Salomo het groter geword. Almal het geweet hoe baie Dawid van hom hou. Wie weet word Salomo eendag koning!

Toe kón Absalom dit nie meer uithou nie. Hoekom sou hy nog langer wag? Die volk het hom lief en sal hom help om koning te word. Sy vader het tog al lank genoeg die kroon gedra! As hy dit nie aan Absalom wou *gee* nie, sou Absalom dit maar *neem* | Dit sou stryd en bloed kos, maar wat het hy omgegee! Dit kon miskien nodig wees om sy vader Dawid dood te maak. Maar Absalom het selfs moord nie ontsien nie. As hy tog maar net die vernaamste man in die land kon word!

TOE het Absalom na sy vader gegaan. Hy het hom onderdanig en vriendelik gehou, maar was vals in sy hart. Ewe vroom het hy gevra:

"Vader, mag ek na Hebron met my vriende en dienaars gaan om daar vir die Here 'n offer te bring?"

"Gaan in vrede, my seun!" het Dawid vriendelik geantwoord.

Hy het geen agterdog gehad nie. Toe het Absalom na Hebron gegaan waar hy gebore was en waar die meeste van sy vriende gewoon het. Hy het van sy knegte uitgestuur in die hele land en gesê elkeen moet op 'n verskillende heuwel met 'n basuin wag. As hy dan by Hebron op 'n basuin laat blaas, moet dié wat die naaste is, ook op hulle basuine blaas, en so aan al verder, sodat die basuinklanke deur die hele land gehoor kan word. Dit sou dan die teken wees dat almal oral moes uitroep:

"Absalom is koning in Hebron!"

So het dit ook gebeur. Toe die mense hoor dat Absalom koning is, het duisende gekom om hom te help. Een van dié wat hom by Absalom aangesluit het, was Agitofel, die listigste van Dawid se raadgewers. Hy was familie van Uria, en dis te verstaan dat hy hom sou wou wreek. Nou het sy dag gekom.

Toe het 'n kneg van die koning by die trappe van die paleis opgehardloop en vir Dawid gesê dat die hele land in opstand was!

Natan het lank tevore gesê: "Die swaard sal nooit wyk van jou huis nie!"

Hieraan het die koning gedink toe hy hoor wat gebeur het. Hy kon dit amper nie glo nie.

Maar in die stad was die mense al in rep en roer. Absalom was al aan die kom met sy leër en was nie meer te ver van Jerusalem nie.

In groot droefheid het die koning sy hoof gebuig.

"Absalom! My seun, my seun!" het hy geroep.

Moes hy veg teen Absalom en sy volgelinge? Moes Jerusalem, die stad van vrede, die stad van die Here, 'n slagveld word?

Hy wou dit nie hê nie. Hy het gedink aan sy sonde en stilgebly en sy hoof gebuig.

En hy, die held wat nooit in 'n geveg gevlug het nie, het *nou* gevlug, en dit vir sy eie kind.

Byna die hele stad het gejuig oor Absalom en het by die suiderpoort gaan staan om hom te sien as hy kom. Maar daar was darem nog mense soos Joab en die lyfwag wat getrou was aan Dawid en met hom saamgegaan het uit die stad.

Toe hulle by die laaste huis van die stad kom, het Dawid stilgestaan en wat aan hom behoort het, laat verbytrek na die oostekant. Daar het hulle geloop: ernstige mans, vroue en kindertjies wat huil, en esels waarop hulle goed haastig gepak was. Daar was ook nog party van Dawid se manne wat getrou aan hom was toe Saul hom nog vervolg het.

Daar was ook 'n Filistyn, Ittai van Gat, met seshonderd manne. Hy was nog nie te lank in Dawid se diens nie. En tog was hy getrou, terwyl so baie van die koning se eie mense ontrou was.

Dawid het hom aangespreek. Verbaas het hy gevra: "Maar wil jy nie liewer teruggaan nie?"

Maar Ittai het baie beslis geantwoord: "Waarlik, op die plek waar meneer die koning sal wees, vir dood of vir lewe, daar sal u dienaar vir seker ook wees!"

So 'n mooi antwoord het Dawid goed gedoen. In sy groot verdriet was dit darem 'n klein troos dat hierdie vreemdeling so getrou aan hom was.

Ook het daar verbygekom die priesters Sadok en Abjatar met 'n paar Leviete wat die ark gedra het.

Maar Dawid wou hê die ark moet in Jerusalem bly waar dit hoort. Hy was nie so dwaas soos Eli se seuns wat die ark na die slagveld gebring het nie.

"Neem die ark terug na die stad," het Dawid gesê. "As die Here genadig is, sal ek terugkom en dit weer sien. Maar indien nie, laat die Here doen wat Hom behaag."

Toe het Dawid op die pad na die Olyfberg verder agter die mense aangegaan wat aan hom trou was. Met geboë hoof het hy geloop en huil. Die twee priesters het teruggegaan na die stad, maar hulle het die vriende van die koning gebly. En hulle het hul seuns Ahimaas en Jonatan laat agterbly buitekant die poort by die fontein Rogel.

"Wag hier," het die priesters gesê, "en as ons 'n boodskap na die koning wil stuur, dan moet julle dit oorbring."

Ahimaäs en Jonatan het hulself by die put weggesteek.

DAWID het tot bo-op die Olyfberg gegaan. En kyk, daar ontmoet hy Husai, een van sy raadsmanne wat getrou aan hom gebly het. Maar Dawid wou nie hê die gryse Husai moet saam met hom gaan nie, want hy sou net 'n las wees. Hy het hom teruggestuur na die stad om in die nabyheid van Absalom te bly. Dan kon hy vir Dawid waarsku as daar gevaar kom.

Toe het Dawid verder gegaan, die woestyn in. Sy hoof was bedek, en hy het kaalvoet geloop en huil soos 'n man wat boete doen vir sy sonde.

O, die skande!

Al die mense wat by hom was, het saam gehuil.

Maar Dawid het nie gekla nie. Hy het geweet dat sy straf regverdig was. Hy wou dit geduldig dra. Maar, o hoe moeilik was dit! Toe hulle langs 'n spruitjie deur 'n smal klofie moes trek, het daar 'n man aan die oorkant gestaan. Dit was Simeï, van die stam Benjamin, die stam van Saul. Hy het aangehou om Dawid te vloek en te skel.

"Dis goed so!" het hy geskreeu. "Vlug, jou moordenaar en man van bloed. Nou is jy in die ellende! Dis baie goed so!"

En Simeï het hom met klippe gegooi en stof opgeskop.

Abisai het doodsbleek langs die koning geloop, en het gebewe van woede.

"Sou hierdie hond u so vloek?" het hy gevra. "Laat my toe, o Koning, om sy kop af te kap!"

En hy trek sy swaard uit die skede.

Maar Dawid wou nie.

"Laat hom maar vloek," het hy bedroef gesê. "Miskien sal die Here my ellende aansien.

Miskien sal *Hy* my genadig wees."

Toe het Dawid sy hoof nog laer gebuig en verder geloop. Simeï het aangehou met skreeu en vloek.

Dawid het stilgebly.

Ook hierdie skande wou hy geduldig dra.

INTUSSEN het Absalom al in Jerusalem aangekom en in die paleis op sy vader se troon gaan sit. Met die kroon op sy hoof het hy daar gesit as koning van die land.

Sy vernaamste dienaars was by hom. Daar was Agitofel, en ook die oue Husai, wat gemaak het asof hy 'n goeie kneg van Absalom wou wees.

Hulle het saam krygsraad gehou. Wat moes Absalom doen om die leërtjie van sy vader te verslaan?

Agitofel het geweet en gesê: "Laat my twaalfduisend man uitsoek en Dawid somaar nog vannag agternajaag. Dan kan ek hom oorval terwyl hy moeg en slap van hande is. Ons kan hom dan maklik oorrompel en doodmaak."

Dit was goeie raad. Absalom het dit goedgekeur. Husai het geskrik en sy hart het gebewe van angs dat die voorstel sou aangeneem word. Hy het geweet dat Dawid dan moontlik sou verloor. Maar hy het nie laat merk hoe hy skrik nie.

Toe Absalom hom ook om raad vra, het hy gemaak asof hy diep nadink en sy bes doen om goeie raad te gee. Toe sê hy:

"Agitofel is 'n slim man, maar hierdie keer is sy raad *nie* goed nie. U weet u vader en sy manne is helde. Hulle is nou bitter van siel soos 'n beer wat in die veld beroof is van haar kleintjies. Dawid sal sy wagte laat waak in die nag, terwyl hy en sy ander manne hulself in die donker spelonke weggesteek het. O nee, hulle sal hul nie laat

oorrompel nie. Dit sal baie beter vir u wees om 'n bietjie te wag en dan die hele volk, wat so baie is soos die sand op die see se strand, op te roep om vir u te veg. Met so 'n groot leër sal u seker wen."

282

Toe het Absalom gelag en geknik. O ja, dit sou vir hom, wat so ydel was, baie lekker wees om aan die hoof te staan van so 'n groot leër en daarmee te veg. Hy sê toe:

"Die raad van Husai is beter as die raad van Agitofel."

'n Bietjie later het Husai stilletjies die paleis verlaat en na sy vriende, Sadok en Abjatar, die priesters, gegaan.

"Waarsku asseblief tog gou vir Dawid om nie te oornag in die woestyn nie," het hy gesê.

"Hy moet nog hierdie nag met al sy mense oor die Jordaan trek!"

'n Diensmeisie het die boodskap geneem na die fontein Rogel. Sy het ewe ongeërg daarheen geloop met 'n kruik op haar hoof, asof sy water gaan haal. Daar het sy gepraat met Ahimaäs en Jonatan.

Maar 'n spioen van Absalom het gesien hoe die twee priesters se seuns haastig wegloop, en dit vir Absalom gaan sê. Hy het die twee manne laat agtervolg. Ahimaäs en Jonatan het gehardloop tot hulle by die huis van 'n man in 'n dorpie, Bahurim, kom. Daar was 'n put op sy erf en daarin het hulle twee afgesak. En die man se vrou het 'n doek geneem en dit bo oor die put getrek. Toe het sy graankorrels daarop gestrooi, asof sy dit in die son wou droogmaak, sodat 'n mens niks kon opmerk nie.

Toe die agtervolgers by haar kom en vra waar die twee vlugtelinge is, het sy hulle verkeerd beduie. Absalom se manne het verder gegaan om te soek, maar niks gekry nie.

Teleurgesteld het hulle teruggegaan na Jerusalem.

Die boodskappers is gered.

Hulle het veilig by Dawid aangekom. En dadelik het die koning met al sy mense vertrek na die bergwêreld anderkant die Jordaan. Op 'n vlak plek het hulle die rivier oorgegaan en in Mahanaim gekom. Daar het vriende, een van wie die oue Barsillai was, die vlugtelinge, wat baie moeg en dors was, goed versorg. Hulle kon eet en drink en die mansmense kon hulle klaar maak om te veg teen Absalom.

Nie lank daarna nie het Absalom ook oor die Jordaan getrek, om sy vader te agtervolg.

Maar Husai se raad het die koning gered.

Toe die skurk en skelm Agitofel sien dat alles verlore was, het hy byna mal geword van kwaadheid omdat Absalom nie na sy raad geluister het nie. Hy het toe maar 'n einde gemaak aan sy eie lewe. Hy was slim, maar nie waarlik 'n wyse man nie. Hy het op homself die straf vir sy verraad gebring. Die naam Agitofel beteken die "broer van sotheid". Dit was

'n goeie naam vir hom.

70. Absalom se dood

2 Samuel 18, 19, 23

AWID het in Mahanaim gebly. Hy wou ook gaan veg het, maar sy manne het gesmeek D hy moet agterbly. Sy lewe was meer werd as dié van tienduisend soldate, het hulle gesê. Dawid het treurig gevoel toe hy dink dat die manne, wat getrou was aan hom, gaan veg teen hulle broers, en teen sy eie seun Absalom.

Ag, dit was Absalom oor wie Dawid so bedroef en bekommerd was! Aan homself het hy nie gedink nie, maar net aan Absalom. Hoeveel kwaad en verdriet het hy sy vader nie aangedoen nie! En tog het

Dawid sy kind so liefgehad. Hy het sy drie generaals — Joab, Abisai en Ittai — gewaarsku.

"Werk tog saggies met die seun, met Absalom!"

Hy het dit bedroef en bekommerd gesê. Dit het almal, wat dit gehoor het, ontroer. 'n Vader smeek in sy verdriet dat hulle moet jammer wees vir sy slegte seun!

Dit was 'n verskriklike ongelyke en bosagtige wêreld waar geveg sou word. Dit was 'n bergwêreld met diep klowe en dik doringbosse. Op die hellings was daar misvormde terpentynbome met takke wat laag gehang het.

Daar, in die woud van Efraim, het die twee leërs mekaar aangeval. Dit was 'n kort, maar bitter geveg. Absalom het die meeste manne gehad en het self geveg. Maar Dawid se manne was dapper en hulle het geweet hulle veg vir 'n goeie saak, met die seën van die Here.

Dit het hulle sterk gemaak.

Absalom se leër het gou verward geraak en begin vlug. Die manne moes vreeslik sukkel om deur die taai klimplante en bosse te kom. Honderde het gegly oor die skuins, gladde rotse en het hulle doodgeval in die afgrond. Die land self met sy bosse het meer doodgemaak as Dawid se manne.

Absalom was nie dapper nie. Hy het sy muilesel omgedraai en ook gevlug. In sy doodsangs het hy sy rydier geslaan en met wilde vaart gejaag langs die smal bergpaaie. Maar al sou hy wegkom van dié wat hom agtervolg, hy kon nie wegkom uit die vreeslike land nie.

Toe die dienaars van Dawid kort op sy hakke was, het hy omgekyk en vergeet om te buk vir die digte takke van 'n groot terpentynboom. Sy hoof het in die takke vasgehaak, terwyl sy esel onder hom uit gehardloop het. En daar hang Absalom nou tussen hemel en aarde

met sy kop vas in die boom. Sy mooi bos krul hare waarop hy so trots was, het verward geraak in die boom, en hy kon nie loskom nie.

So het 'n soldaat van Joab hom gesien hang toe hy op hom afkom, en het verskrik gehardloop na sy generaal.

"Ek het Absalom gesien hang aan 'n boom!" het hy uitgeroep. Joab se oë het geflikker. "En hoekom het jy hom nie doodgemaak nie?" het hy gevra. "Dan sou ek jou tien silwerstukke en 'n mooi lyfband gegee het!"

Maar die man het sy kop beslis geskud en gesê:

"Al sou u my duisend silwerstukke gee, sou ek dit nie gedoen het nie. Weet u nie wat die koning gesê het nie?"

Joab het dit goed geweet, maar hom nie daaraan gesteur nie. "Die koning is dwaas in sy liefde," dag hy. "Solank as wat Absalom lewe, is die gevaar nie verby nie."

Joab het gegaan en self drie spiese deur Absalom se bors gesteek. En sy dienaars het die liggaam van die kroonprins uit die boom uitgetrek en in 'n kuil gegooi. Toe het hulle 'n groot klomp klippe daarop gegooi. Dit was die einde van die man wat so graag koning wou wees.

284

Sy graf was soos dié van Agan, die dief, die graf van 'n kwaaddoener.

TWEE boodskappers het na Mahanaim gehardloop om vir Dawid te vertel van die oorwinning.

Die een was Ahimaäs, die seun van die priester Sadok. Die ander was 'n Kusiet, 'n bruin man. Hy het die kortste pad, oor die berge, gegaan. Maar Ahimaäs het geweet hoe 'n moeilike pad dit was en het met 'n ompad deur 'n kloof gegaan. En hy het die eerste by die koning gekom, wat in groot onrus by die poort gewag het.

"Vrede!" het hy gestamel. "Ons het die veldslag gewen!"

Maar dit het gelyk asof Dawid nie gehoor het nie. Daar was net een vraag wat in sy hart gebrand het.

"Hoe gaan dit met die seun, met Absalom?" het hy gevra.

Ahimaäs het die vreeslike angs in die oë van die koning gesien. En hy het dit nie gewaag om vir die koning te sê wat hy weet nie. Toe sê hy maar:

"Ek het 'n groot gedoente gesien toe Joab my, wat u dienskneg is, gestuur het, maar ek weet nie wat dit is nie."

Maar toe kom die tweede boodskapper, die Kusiet, en hy sê ronduit:

"Mag dit met al meneer die koning se vyande, wat teen u opstaan, gaan soos met dié jong man!"

Toe het Dawid verstaan dat Absalom dood was.

Baie ontroerd het hy opgestaan en na 'n bovertrek gegaan. In sy groot verdriet het hy sy klere geskeur en gehuil.

"My seun Absalom! My seun, my seun Absalom! Ag, as ek self maar in jou plek gesterf het!

Absalom, my seun, my seun!"

En hy het aan niks anders gedag nie as dat Absalom in sy groot sonde gesterwe het, en onbekeerd was toe hy na die Here moes gaan.

Die leër het weer teruggekom en gehoor van sy droefheid. Daarom het hulle die stad dié dag stilletjies ingekom, net soos mense wat skaam is en weggesluip omdat hulle 'n geveg verloor het. Hulle het nie gejuig oor die oorwinning nie, maar saam met hulle koning rou bedryf.

Eers nadat Joab na die koning gekom het, het die mense hom weer gesien. Maar niemand kon hom troos nie.

NIE lank daarna nie het die vernaamste manne uit die stam van Juda die koning kom terughaal na sy eie land. As vlugteling het hy dit verlaat. In triomf het hulle hom teruggebring.

Toe kom 'n man in doodsangs na hom en val bewend aan sy voete. Simeï, die lafaard, wat die koning verwens en beledig het, het nou om genade gesmeek.

Abisai was daar naby en sy hande het gejeuk om Simeï dood te maak. Hy het gevra:

"Moet Simeï nie sterwe omdat hy die gesalfde van die Here gevloek het nie?"

Maar Dawid het sy lewe gered. Hy het gesê: "Vandag sal niemand doodgemaak word nie."

En hy het gedink: "Die Here was vir *my* genadig. Ek sal ander ook genadig wees."

Nie lank daarna nie het hy weer op sy troon gesit soos tevore, en dit het gelyk asof niks gebeur het nie.

Maar die mooi prins het nie meer deur die strate gery nie. En Dawid het nog lank getreur:

"Absalom, my seun, my seun."

71. Dawid se Einde

2 Samuel 24; 1 Kronieke 21, 22, 28, 29.

NS weet nie presies wanneer dit gebeur het nie. Waarskynlik net voor Absalom se opstand.

O Dawid het 'n sonde gedoen wat baie ellende en verdriet veroorsaak het.

Dit het gebeur deurdat die vroom koning, wat gewoonlik so naby aan die Here gelewe het, in daardie dae sy God vergeet het.

HY het op sy troon gesit en dink aan sy eie grootheid en mag.

Hy het al sy vyande oorwin. Nog nooit het hy, wat Dawid is, 'n geveg verloor nie. Hy was trots op alles wat hy gedoen het. Hy het sy koninkryk groot en heerlik gemaak.

Dié gedagte het hom baie lekker laat voel. Dit het hom opgewonde gemaak as hy dink hoe

'n groot en beroemde man hy geword het. Die afgesante van ander konings het hom hulde bewys. Hy kon maar net wink, en duisende van sy dienaars was klaar om te doen wat hy wou hê. 'n Groot en dapper leër het gewag op sy bevele . . . . En oor hoeveel duisende en tienduisende mense het hy nie geregeer nie!

Met 'n hoogmoedige glimlag het hy daaraan gesit en dink. Hy het gedroom om nog meer lande te verower.

As hy, Dawid, dit maar net wou doen, sou hy nog baie meer vyande kon verslaan. Dan sou hy die grootste koning op die hele aarde wees, en hy sou sy koninkryk 'n wêreldryk kan maak.

Maar daaroor moes hy miskien nog 'n groter leër hê om mee te kan veg. Maar hoe groot was sy leër? Hy het nie geweet nie. Hy het nog nooit sy volk laat tel nie. Tevore het hy dit nie nodig geag nie. Maar nou wou hy weet hoe groot sy leër was, en hy het gedroom van meer mag en roem en heerlikheid.

Dis waar, diep in sy hart, was daar 'n stem wat hom gewaarsku het. Maar daarna het hy nie geluister nie. Sy droom was te soet om dit in die wind te slaan.

Hy het Joab, met sy ander generaals, laat kom en gesê:

"Gaan tog oral rond in die land, van die Noorde tot die Suide en tel die hele volk."

Hierdie hoogmoedige plan het selfs die ruwe*, onverskillige Joab laat skrik. Aan die oë van die koning kon hy sien hoe trots hy voel. Hy het geweet dat dit nie goed was nie. Die Here wou nie 'n koning hê wat lewe vir sy eie roem en grootheid nie. Hy wou hê die koning van sy volk moes nederig wees, en moes vra wat die wil van die Here is. Joab het geantwoord:

"Ja, mag die Here by die volk nog honderd maal soveel byvoeg as wat dit nou is. Maar hoekom wil u hulle laat tel?"

Hoe kon Dawid dit toelaat dat iemand hom teëspreek, juis nou dat hy hom so magtig voel?

Hy wou nie na Joab luister nie. Sy hoogmoed het hom gedrywe. Sy wil moes wet wees.

Toe het Joab en sy manne die groot werk begin. Hulle was teësinnig en bang om dit te doen, want hulle het geweet dat daar straf sou moes volg. Hy het nie die hele volk getel nie, maar alleen die manne wat kon veg, en hy het nog twee van die stamme, Levi en Benjamin, oorgeslaan.

Na byna 'n jaar het hy teruggekom en vir die koning kom sê hoe groot die getal is.

Dit was 'n baie groot getal, maar nou het dit nie meer vreugde vir die koning verskaf nie. Sy droom was verby en sy gewete het hom gepla.

Sy hart het van vrees begin klop, want hy het geweet hoe dwaas en verkeerd hy gedoen het.

286

Die vlakte van Jisreël (of Esdraëlon). Hier het baie gevegte gewoed (lees bv. Rigt. 6: 33; 1

Sam. 29: 1-11). Later het Agab hier sy winterpaleis naby die wingerd van Nabot gehad. Agab wou die wingerd van Nabot koop of ruil. Maar Nabot het vir Agab gesê: "Mag die Here my daarvoor bewaar dat ek die erfland van my vaders aan u sou gee" (1 Kon. 21: 3).

Die Saronvallei langs die Middellandse See suid van die Karmelgebergte. "En oor die beeste wat in Saron gewei het, was Sitrai, die Saroniet" (1 Kron. 27:29). Hierdie vrugbare vlakte is later, soos in Jes. 33: 9 voorspel is, in 'n woestynvlakte verander en het so gebly totdat dit onlangs weer deur besproeiing in 'n vrugbare landstreek omgeskep is.





Feeskandelaars op die berg Sion.

Hoe het sy hoogmoed hom tog nie verlei nie!

Hy het vergeet dat hy koning was oor die Here se volk, en dat dit nie sy wysheid of dapperheid was wat hom groot gemaak het nie. Hy het alles van die Here ontvang.

Sy gewete het hom erg begin kwel.

"Ek het 'n groot sonde gedoen," het hy gedag, en hy het vir die Here gebid:

"O Here, vergewe my tog my sonde, want ek was dwaas."

Maar sy berou het te laat gekom. Dis waar, die Here het die sonde vergewe, maar die koning en sy volk moes darem ook hulle straf dra. Ja, die volk ook! Hulle het elke slag, net soos hul koning ook, vergeet dat hulle nie soos ander volke was nie, maar dat hulle heilig moes wees. Hulle moes nie altyd net groter en sterker word nie; hulle moes die Here se volk wees, en hulle moes eendag die hele wêreld gelukkig maak.

Palmbome in Palestina. "Die regverdige sal groei soos die palmboom" (Ps. 92:13).

Saam met hulle koning het hulle sonde gedoen, en saam met hom sou hulle moes ly. Die profeet Gad het na Dawid gekom en dis selde dat 'n mens op die aarde so 'n vreeslike keuse moes doen as Dawid daardie dag.

Die profeet het drie strawwe genoem. Dawid moes een daarvan kies. Dit was òf drie jaar hongersnood; òf drie maande vlug vir hulle vyande; òf drie dae 'n vreeslike pessiekte.

"Ek is baie benoud," het Dawid gekreun. "Maar laat ons tog liewer in die hand van die Here val as in die hand van mense. Die mense is wreed, maar die Here se barmhartigheid is groot . . . ."

En toe het Dawid die laaste een van die drie strawwe gekies.

DIT was in die dae van die koringoes toe die straf gekom het. Daar het 'n vreeslike pessiekte in die land uitgebreek. Soos 'n vuur het dit versprei en verskriklik gou sy vreeslike werk gedoen.

Die mense het doodgeval waar hulle werk in die veld; hulle het dood gelê op die strate; en baie het smôrens koud en styf op hulle bed gelê.

Die hele land het dit bitter swaar gevoel. In 'n kort tydjie is daar sewentigduisend dood.

Die Here het een van Sy engele bevel gegee om die siekte oor die land te versprei. En toe hy deur die hele land gegaan het, het hy naby Jerusalem gekom. Toe het hy gaan staan by die dorsvloer van 'n sekere Oman en sy hand uitgestrek na die stad, die stad van vrede.

Toe het die Here vir die engel gesê:

"Genoeg, trek jou hand terug!"

Dawid het die engel gesien staan en saam met die oudstes van die volk het hy voor die engel op die grond geval. En hy het sy sonde bely.

Toe het die Here bevel gegee aan Gad dat hy vir Dawid moes sê om 'n altaar op te rig op die dorsvloer van Oman. Hy het dit gedoen en vir die Here offers gebring. En die siekte het opgehou. Dit was genoeg.

Die Here is ook barmhartig. Dit het Dawid goed geweet.

Deur Dawid se gebed is Jerusalem gespaar.

OP die heuwel by die dorsvloer van Oman, waar Dawid geoffer het, in die land van Moria

— daar was dit ook waar Abraham so lank gelede die swaarste offer van sy lewe gebring het. Toe was sy seun Isak die offerlam.

Op daardie selfde heuwel sou net na 'n paar jaar die pragtige tempel, die huis van die Here gebou word. En op dié plek sou dan honderde jare elke dag die mooi psalms van Dawid klink. Daar sou offers gebring word vir die sonde van die volk.

Maar daar sou 'n dag kom wanneer die offers nie meer nodig sou wees nie. Dit sou wees omdat die laaste en die grootste Koning uit die geslag van Dawid sou gekom het. Hy sou self, nie ver daarvandaan nie, die groot offer bring, wat genoeg sou wees vir die sonde van die hele wêreld.

Kyk, dit was Dawid se groot troos in sy laaste jare: hy het geglo in die koning wat sy nakomeling of seun sou wees, maar wat ook sy Here sou wees.

Hy wat Dawid was, het vir sy volk nie net voorspoed en geluk gebring nie. Maar deur sy sonde het daar ook baie kwaad oor die land gekom.

Maar onder daardie Koning sou dit eendag anders wees.

Hy sou goed en sonder sonde wees, en lieflik soos die lig van die môre as die son opkom.

Hy sou regeer volgens die wil van God.

Hy sou 'n groter held as Dawid wees. Hy sou die sonde en die dood oorwin. Hy sou Sy volk 289

vir altyd gelukkig maak. En dan sou die wêreldryk tog kom waarvan Dawid gedroom het, maar wat hy nie self kon verkry nie. En in daardie ryk van vrede sou die Messias Koning wees.

Dawid het baie verkeerd gedoen. Maar hy kon dit durf om die dood in te gaan met sy hoop gevestig op hierdie Prins van Vrede. In Hom het hy veilig gevoel.

Hy het van Hom gesing in die mooi psalms wat hy gemaak het. Die psalms is in die tabernakel gesing, en word vandag, ná drie-duisend jaar, nog in ons kerke gesing.

Die vrede van die Vredeprins was in Dawid se hart.

Dawid het nog met sy volk gespreek toe hy al baie oud en swak geword het.

Hy het vertel hoe goed die Here vir hom was, alreeds toe hy nog skape opgepas het, en al die tyd toe hy koning was. Hy het die volk vermaan om naby die Here te bly.

Hy het die oudste manne van Israel geroep en vir hulle skatte laat bymekaarmaak vir die tempel wat sy seun sou bou.

Hy het Salomo baie goeie raad gegee en hom vertel hoe hy die tempel moes bou.

En hy het Salomo tot koning laat salf in sy plek.

Toe hy sewentig jaar oud was, het hy verhuis na 'n ander koninkryk waar hy maar net 'n dienaar en geen koning sou wees nie.

Daar is dit tog baie heerliker as hier op aarde.



72. Salomo

1 Konings 3-10; 2 Kronieke 1-9

ALOMO het gesit op die troon van sy vader ^ en het geregeer oor 'n groot koninkryk.

S Nou kon hy daardie groot land bestuur en vir al die tienduisende mense sorg. In al hulle nood moes hy hulle help. Met al hulle moeilikhede het hulle na hom gekom, of na sy dienaars.

Dit het hom nie hoogmoedig gemaak omdat hy die vernaamste man in die land was nie. Hy was nie eens heeltemal bly daaroor nie. Hy het baie goed besef hoe groot die werk was wat die Here hom gegee het. Dat hy koning moes wees, het hom eintlik bang gemaak.

'n Goeie koning moet mos die vader van sy volk wees. Hy moes groot liefde en wysheid hê.

Salomo wou 'n goeie koning wees, maar hy het geweet hoe moeilik dit is. Hy was nog maar jonk.

Ja, die moeilike werk het swaar gedruk op sy hart.

In sy onrustigheid het hy gegaan na Gibeon waar die ou tabernakel nog was, en waar Sadok die priester was. Salomo wou vir die Here 'n offer bring, want hy het Hom liefgehad.

Toe hy, nog onrustig en bekommerd, in die nag in sy tent naby die altaar gelê en slaap het, het hy skielik in 'n droom die Here se stem gehoor:

"Salomo, wat wil jy hê moet Ek jou gee?" Dit het Salomo baie bly gemaak. Hy het nou geweet dat die Here weet hoe bekommerd hy voel. Daar was maar net een ding wat hy kortgekom het. Baie eerbiedig het hy geantwoord:

"O Here, my God, gee my wysheid om U volk goed te kan regeer."

Model van koning Salomo se stalle wat in Megiddo ontdek is.

Soveel van die oorblyfsels van hierdie stalle is opgegrawe dat

'n lewensgetroue model daarvan gemaak kon word. (Foto:

Oriental Institute, Universiteit van Chicago)

Die Here se antwoord, wat hy duidelik in die stilte van die nag kon hoor, het dadelik al sy angs en onrus weggeneem. Die Here het gesê:

"Omdat jy dit gevra het, sal Ek dit doen. Ek sal jou so wys en verstandig maak soos niemand voor jou was nie. En omdat jy nie 'n lang lewe of rykdom of mag begeer het nie, sal Ek jou ook ryk en geëerd maak. Jou hele lewe lank sal niemand onder al die konings soos jy wees nie. En as jy My gehoorsaam sal wees, sal Ek jou ook 'n lang lewe gee."

Toe het Salomo wakker geword en, kyk, dit was 'n droom!

Maar hy het geweet dat die *Here hom so* laat droom het. Hy het 'n mooi, troosvolle boodskap uit die hemel gekry. Hy kon vrolik en onbekommerd wees. Hy sou wysheid van die Here self kry.

EENDAG het twee vroue na die koning gekom en elkeen het 'n baba gedra. Maar die een baba was dood.

Die een vrou het gesê:

"O koning, help my tog asseblief. Ek woon saam met hierdie vrou in een huis. Nie lank gelede nie het ek 'n kindjie gekry, 'n seuntjie. Drie dae later het sy ook 'n seuntjie gekry.

Een nag is haar kindjie dood, want sy het in haar slaap op hom gelê. Toe staan sy in die middel van die nag op en, onderwyl ek slaap, neem sy my seuntjie, wat langs my lê, weg.

En toe sit sy stilletjies haar dooie baba in my arms. En toe ek in die more opstaan om my kindjie te laat drink, sien ek hy is dood. Maar toe ek hom goed bekyk, sien ek hy is nie my kind nie!"

Maar die ander vrou het ewe bedaard haar kop geskud en gesê:

"Moenie vir haar glo nie, o koning! Die dooie kind is hare, en die een wat lewe, is myne!"

"Dis nie waar nie!" roep die eerste vrou uit.

Heuwels van Judea naby Jerusalem. Hier het deur die eeue heen soveel bekende Bybelfigure soos Salomo beweeg! (Foto: Ds. W. A. Landman.)

Altwee vroue het die koning reguit in die oë gekyk.

Net een het die waarheid gepraat .... Maar *wiel*

Dit het gelyk asof niemand dit kon sê nie. En almal wat daar by staan, het hul asem ingehou. Niemand kon aan die gesig van die koning sien wat hy dink nie.

"Loop haal vir ons 'n swaard," het hy gesê.

'n Dienaar het met 'n blink swaard teruggekom. En toe sê die koning streng en sonder enige jammerte:

"Albei vroue wil die lewendige kindjie hê. Nou ja, sny die lewendige kind in twee stukke, en gee die helfte aan die een en die helfte aan die ander."

En die een vrou het geknik en gelag.

"Dis goed," het sy gesê. "Hy sal nie myne en ook nie joue wees nie; sny deur!"

Maar die ander vrou was doodsbleek. Sy het gespring na die dienaar, wat alreeds die kind gegryp het, en gesoebat:

"Ag meneer, moenie dit doen nie. Gee haar liewer die lewendige kind en maak hom nie dood nie!"

En toe het Salomo geweet wie sy moeder is. Hy het die ware moederhart herken.

Baie gelukkig het die vrou met haar kind huis toe gegaan. Die ander vrou het haar straf gekry vir haar bedrog.

En almal wat dit gehoor het, het baie ontsag vir die koning se wysheid gekry.

DIE volk was gelukkig onder sy bestuur. Daar was geen oorlog nie. So lank as wat Salomo geregeer het, was daar vrede met al die ander volke.

Die mense kon hulle werk gerus doen in hulle wingerde en op hulle lande. En as hulle tuis tevrede sit en rus onder hulle vyeboom en dink aan al hulle voorspoed, dan het hulle die Here gedank vir so 'n goeie koning,

SALOMO het nie vergeet om die groot werk, wat sy vader hom nagelaat het, te doen nie.

Bouvalle van Biblos van die Feniciërs. In die Ou Testament word hulle die Sidoniërs genoem. "Gee dan nou bevel dat hulle vir my seders uit die Libanon kap .... want u weet self dat onder ons niemand is wat verstaan om bome te kap soos die Sidoniërs nie" (1 Kon. 5:6).

Aan die rand van die stad Jerusalem, op die hoogte van Moria, het hy die tempel laat bou.

Dit was sy grootste en heerlikste werk, om 'n pragtige huis vir die Here te bou.

Geen moeite of koste was daarvoor te groot nie. Sewe en 'n half jaar het meer as 'n honderdduisend manne daaraan gewerk. Dawid het reeds veel voorbereidsels vir die bou van die tempel laat maak, nogtans moes Salomo die eintlike groot werk laat doen.

Salomo het 'n verbond gemaak met koning Hiram van Tirus. Uit sy land het daar sederhout en knap timmermanne gekom om dit te bewerk. Met die hulp van Hiram se dienaars het tienduisend Israeliete die groot bome op die berg Libanon gaan kap, en hulle van die hoogte afgerol na die see. Ander het vlotte van die hout gemaak en in die see al langs die kus laat afdrywe tot by die hawe Jafo. Daarvandaan is die houtblokke deur sewentigduisend manne na Jerusalem gebring.

En in die bergwêreld was daar tagtigduisend klipkappers besig om groot klippe uit te breek en mooi reg te kap vir die gebou. Dit was harde werk om daardie klipblokke ook na die regte plek te bring.

Ander ambagsmanne het koper in warm oonde gesmelt en gegiet in die vorm van pilare en ander mooi dinge. Ook is daar baie dun plate van blink goud gemaak.

Daar is gesaag en gekap en gehamer, geskuur en blink gevrywe.

Maar dit het alles *buitekant* die stad gebeur. Op die heilige plek waar die tempel gebou sou word, moes geen hamerslag gehoor word nie. Op die top van die heuwel is die grond eers mooi gelyk gemaak, en toe is die groot klipblokke, wat klaar reggekap was, aangebring.

Elke blok is stil op sy plek gesit vir die fondament. En die houtbalke, wat ook klaar gesaag en geskaaf was, is ook soontoe gebring.

In die warm somer en in die koue winter, meer as sewe jaar lank, het die bouery geduur. En toe was die tempel uiteindelik klaar.

En daar het dit gestaan .... Dit was so mooi soos 'n koninklike paleis, soos geen mens op aarde nog ooit gesien het nie. Van ver af kon dit gesien word op die hoogste punt van Jerusalem.

Wonderlik mooi het dit daar geblink in die son, binnekant 'n hoë muur wat daarom gebou was.

Die poort was aan die oostekant. As die son opkom, het dit lieflik geskyn op die mooi deure van die voorportaal. Aan weerskante daarvan was daar twee hoë koperpilare, wat Salomo Jagin en Boas genoem het. En voor die tempelplein was 'n groot koperaltaar vir brandoffers. Daar was ook 'n koperwasvat wat so groot was dat hulle dit 'n "see" genoem het. Dit het gerus op twaalf koperbeelde van beeste waarvan drie na elkeen van die vier kante van die plein gekyk het.

Die tempelplein was omring deur twee voorhowe of oop stukke grond. Soos die tabernakel het die tempel twee kamers gehad, maar hulle was twee maal so lank en so breed en so hoog, en hulle was twee maal so mooi. Deur die voorportaal het die priesters ingeloop na die *Heilige.* Hulle moes eers hulle skoene uittrek voor hulle loop oor die vloer wat oortrek was met goud. Die twee deurvleuels was gemaak van oliewenhout en die hout was uitgesny met mooi figure van engele, palmbome en blomme. En dit alles was oortrek met 'n dun goue plaat.

Nou het al die goud geglinster in die sagte lig van tien goue kandelare, wat altyd gebrand het, vyf aan weerskante van die vertrek.

Daar was ook 'n goue altaar vir reukoffers. Dit het gestaan voor die kosbare voorhangsel of gordyn, waaragter die *Allerheiligste* was.

In daardie heiligste kamer was dit altyd donker. Aan weerskante was 'n groot beeld van 'n engel. Die twee engele se goue vlerke was uitgesprei oor die hele ruimte. Maar verder was 294



daar niks meer nie. Die ark was nog in die tent wat Dawid daarvoor laat bou het.

En toe het die groot dag gekom waarop die tempel ingewy is. Duisende mense het uit die hele land gekom om die groot fees, wat twee weke sou duur, by te woon. Toe het die priesters plegtig die ark oorgedra na sy nuwe huis. En toe hulle dit baie eerbiedig onder die

vlerke van die engele neergesit het, het 'n wolk skielik die huis van die Here vervul. Die heerlikheid van die Here het Sy huis vervul. Dit was die teken dat Hy in hierdie tempel wou woon.

Vérgesig oor die Libanonvallei na die seders in die agtergrond teen die berg. In Bybelse tye was die berge vol seders, maar dit is deur die eeue heen so uitgeroei dat daar tans slegs 'n klein aantal van die pragtige bome nog teen die berg oorgebly het. Op die foto vertoon dit slegs as 'n *klein swart strepie (regs teen die berg wat op die foto wit vertoon).*

Hoog teen die Libanonberge waar die oorblywende groepie

beroemde seders staan.

Bewend het die mense in die voorhowe neergekniel.

Nadat Salomo die volk geseën het, het hy voor die altaar

neergekniel, sy hande uitgestrek na die hemel, en 'n baie

mooi gebed gebid.

Hy het gesmeek dat die Here self hierdie huis sou bewaak

en dat Hy in die hemel sou luister wanneer die volk in groot

nood was en hier sou kom bid.

En meteens het die offer op die altaar aan die brand geraak

sonder dat iemand dit aangesteek het. Toe kon almal weet

dat die Here die huis, wat vir Hom gebou is, aangeneem

het. Hy het vuur uit die hemel laat kom om die offer aan die

brand te steek. Dit was Sy antwoord op Salomo se gebed.

295



Toegang na die oorblywende 600 seders van die Libanon. In die tempel van Salomo is veel gebruik gemaak van hout wat van die seders van die Libanon afkomstig was (Lees die treffende beskrywing van hoe Salomo die hout gekry het in 1 Kon. 5:1-18.) NOG meer pragtige geboue het Salomo laat optrek.

Een was 'n paleis vir homself en een 'n paleis vir sy

vrou wat 'n dogter was van die koning van Egipte.
Jerusalem het 'n stad van paleise geword.
En die skepe, wat Salomo laat bou het, het groot skatte gaan haal in vreemde lande. Dit was baie goud en silwer, ivoor, ape en poue, en ook kosbare speserye.
Die koning het duisende perde en waens gehad. Hy het op 'n goue troon gesit tussen twee goue leeus. Hy en sy dienaars het uit goue bekers gedrink. Hy was die grootste en rykste koning op die hele aarde. Tot in ver lande het die mense van sy grootheid gehoor.
EENDAG het 'n groot karavaan uit die Suide na Jerusalem gekom. Vooraan het 'n mooi vrou gery. Sy was. die koningin van Skeba, die land van speserye, in Arabië. Daar ver het sy so baie gehoor van Salomo en sy heerlikheid dat sy dit nie kon glo nie. Daarom het sy 'n lang en gevaarlike reis onderneem om te kom kyk of dit alles waar is. Sy het honderde knegte saamgebring, en baie kamele

wat groot skatte gedra het.

'n Seder van die Libanon. "Die

regverdige .... sal opgroei soos 'n

En toe sy alles gesien het — die tempel, die paleise

seder op die Libanon"(Ps. 92:13).

296



en al die skatte van die koning — het sy uitgeroep:

"Dan is dit nog baie mooier as wat ek gehoor het! En kyk, die helfte is my nie vertel nie!"

Dit het haar baie verbaas dat Salomo al die moeilike vrae en raaisels kon beantwoord wat sy gevra het. Sy het uitgeroep:

"Gelukkig is die volk wie se koning u is!"

Die koningin van Skeba het vir Salomo goud, geurige speserye en edelgesteentes as geskenke gegee. En hy het vir haar laat kies wat sy van sy skatte wou hê. Maar Salomo se beste geskenk aan haar was seker dat hy haar vertel het van die ware God, die Skepper van hemel en aarde, wat haar ook vir altyd kon gelukkig maak.

Sy het teruggegaan na haar eie koninkryk, daar ver in die Suide.

SALOMO! Was *hy* miskien die groot koning wat die Here aan Israel belowe het? Was hy die Prins van Vrede wat die volk verwag het? Daar was miskien mense in die land wat so gedink het. Hulle het soveel verlang na die Verlosser dat hulle dit graag geglo het. Maar ag, hulle is bitter teleurgestel.

Want in die wyse hart van die koning was daar ook sonde.

En daardeur het sy lewe, wat so mooi begin het, so treurig geëindig.

Salomo het met baie vreemde vroue getrou. Hulle was prinsesse uit ander lande — uit Tirus en Moab en Ammon. Toe hulle in Jerusalem kom woon het, het hulle hul eie heidense priesters en afgode saamgebring.

Die hoofweg van Damaskus. Hierdie stad is een van die oudste in die wêreld. Reeds in die geskiedenis van Abraham lees ons van Damaskus (Gen. 14:15). Lees ook 2 Sam. 8 en 1 Kon.

11. Reson, die vlugteling, het "manne om hom versamel, sodat hy owerste van 'n bende was, en hulle het na Damaskus getrek en daarin gewoon en in Damaskus geregeer. En hy was 'n teëstander van Israel al die dae van Salomo . . . ."

(1 Kon. 11: 23-25).

Die koning het dit toegelaat. Hy wou goed wees vir sy vroue. En toe hulle tempels vra vir hulle afgode, het hy dié ook gegee.

By die tempel van die Here het die rook van 'n offer opgegaan. Maar *buitekant* Jerusalem, op 'n heuwel naby die stad, het die rook van altare vir Astarte en Kamos en ander afgode opgegaan.

Dit het hoe langer hoe erger gegaan.

Salomo het nie in die afgode geglo nie. Hy het geweet hulle was maar van hout of klip gemaak, en dat hulle geen mag het nie. Maar toe hy oud was, het sy volk soms gesien hoe hy, om sy vroue te plesier, saam met hulle gegaan het na die heuwel van skande. Dan het hy hom ook neergebuig voor die afgode.

Dit was 'n groot sonde. Sy hart was nie meer volkome met die Here nie.

Salomo, die slimste van al die mense, hoe kon hy tog so dwaas wees?

Toe het die Here Sy profeet na die koning gestuur. Tevore, na die tempel gebou was, het die Here hom al gewaarsku. Nou het sy straf gekom.

Hy het nie sy hele hart aan die Here gegee nie. Nou sou hy ook nie sy hele koninkryk behou nie. Sy seun Rehabeam sou net oor 'n deel van die land regeer.

TOE Salomo dood is, het al die vroom mense in sy land geweet dat hy nie die Verlosser was nie.

Hy sou darem seker met berou oor sy dwaasheid teruggegaan het na die Here.

Maar hy was bepaald nie die Verlosser nie. Dié moes groter en heerliker en wyser wees as Salomo, en ook sonder sonde. Hy moes kan sê: "Kyk meer as Salomo is hier!"

Hy, Salomo, het die volk maar net laat dink aan die Verlosser. En hy het hulle nog meer laat verlang na die groot Koning wat eendag sou kom.

298

73. Skeuring

1 Konings 12:1-24; 2 Kronieke 10 tot 11:4

RENS op 'n eensame pad het 'n ou man gestaan en wag.

Ê 'n Mooi, nuwe mantel het los oor sy skouers gehang, maar sy klere was baie eenvoudig. Hy het 'n ent geloop en toe weer stilgestaan. En hy het bedruk rondgekyk langs die stil, eensame pad.

Toe het daar van die suidekant, van die heuwels waaragter Jerusalem gelê het, 'n ander man aangekom. Hy was baie jonger en sterker as die ou man. Toe hulle bymekaarkom, het altwee stilgestaan. En toe gebeur iets baie snaaks.

Daar waar hulle alleen was in die veld, het die ou man sy nuwe mantel geneem en dit middeldeur geskeur. En toe het hy elke helfte nog 'n keer deurgeskeur. Daarna het hy die vier stukke elkeen in drie verdeel. Daar was toe twaalf stukke.

Die jong man was verbaas. Toe sê die profeet vir hom:

"Neem vir jou tien stukke, Jerobeam, want so sê die Here, die God van Israel: Kyk, Ek gaan die koninkryk afskeur uit die hand van Salomo, en Ek sal jou koning maak oor tien stamme, omdat hy hom neergebuig het voor die afgode. En as jy gehoorsaam is en doen wat Ek jou gebied, sal jou seuns koning wees na jou."

NADAT die profeet geloop het, het Jerobeam gestaan en kyk na die tien stukke lap in sy hande. Hy kon byna nie glo wat hy gehoor het nie. Maar die lappe was 'n bewys dat hy goed verstaan het.

Hy het sy hoof geskud toe hy verder loop, en het die lappe mooi gaan bêre. Dan sou die mense hom, wat Jerobeam was, die seun van Nebat, koning maak! *Ahia* die profeet het mos so gesê.

Koning! Hy, 'n koning! Hy het die woord oor en oor gemompel, en het nog 'n keer gekyk na die tien stukke van die mantel in sy hand.

Koning! Dit was die heerlikste wat hy ooit kon droom.

Dit het nog altyd met hom goed gegaan. Hy was die seun van 'n weduwee in 'n klein plekkie in Efraim. Toe hy jare gelede 'n eenvoudige werkman was, wat saam met ander 'n groot muur vir Salomo moes bou, het die koning gesien hoe vlytig en verstandig hy is. Toe het Salomo hom opsigter gemaak oor die ander werkers. En nou het hy die heerlike vooruitsig om 'n baie vernamer man te word. Koning oor die grootste deel van die land!

Maar dit sou nie gou gebeur nie! Vereers sou hy maar net teleurstelling en verdriet hê.

Hoe was dit moontlik dat die mense gehoor het van wat op die eensame pad gebeur het?

Dit het gelyk asof die wind dit oor die hele land gefluister het dat Jerobeam sou koning word. Of het hy dit miskien self aan ander vertel?

Koning Salomo het dit ook gehoor en van toe af was Jerobeam se lewe nie meer veilig nie.

Die koning wou hom doodmaak. Jerobeam moes sy aangename werk laat staan en alles verlaat wat hy liefgehad het. Hy het gevlug na Egipte.

Daar moes hy as 'n arme vreemdeling jare lank wag. *Hoe het* hy *tog nie verlang* na die dag wanneer hy weer na sy eie land kon teruggaan nie!

Uiteindelik het die blye dag gekom. 'n Boodskapper het uit Efraim gekom om hom te roep.

"Die volk het u nodig," het hy gesê, "want die koning is dood."

Ja, koning Salomo was dood en die volk was ontevrede.

Salomo was 'n groot en wyse koning, maar ook hard en streng. Hy het die volk baie belasting laat betaal en hulle dikwels gedwing om vir hom goedkoop te werk! Hy het altyd 299

baie geld nodig gehad om in weelde te lewe en om paleise en tempels te laat bou. So lank as wat hy geleef het, het die volk dit verdra. Maar nou wou hulle nie meer so baie belasting betaal nie.

IN Sigem het die volk 'n groot vergadering gehou. Rehabeam, Salomo se seun, wat moes koning word, het ook daarheen gekom in sy pragtige koets.

En toe kom daar 'n man na vore om in die naam van die volk met Rehabeam te praat. Dit was niemand anders as Jerobeam nie!

Bedaard en vasberade het hy gestaan voor die nuwe koning.

"U vader het ons baie swaar laat kry," het hy gesê. "Belowe nou asseblief dat u ons sagter sal behandel. Dan kan u ons koning wees!"

Rehabeam het geskrik. Hy het so iets nie verwag nie. Hy het nie geweet wat om te antwoord nie.

"Kom oor drie dae weer," het hy gesê. "Dan sal ek antwoord."

Hy het toe gegaan en raad gevra by die ou en wyse raadsmanne van sy vader Salomo.

Hulle het gesê:

"Gee die mense 'n vriendelike en sagte antwoord. Dan sal hulle altyd u troue dienaars wees."

Maar Rehabeam het geweifel. Deurdat hy as 'n prins in weelde grootgeword het, was hy hoogmoedig en eiewys. Daarom het hy nie gehou van die ou manne se raad nie. Toe gaan vra hy raad by sy vriende — jong manne wat saam met hom grootgeword het.

En hulle het gesê:

"Moenie toegee aan daardie mense wat so kla nie, o koning. Moet die koning dan die dienaar van mense wees? Sal hulle vir hom voorskryf wat om te doen? Snou hulle maar goed af sodat hulle kan mak word. Sê vir hulle: Het my vader julle laat swaar kry? Ek sal julle nog baie swaarder laat kry. Het my vader julle met 'n sweep geslaan? Ek sal julle met gesels slaan!"

Dit was 'n antwoord so na Rehabeam se hart!

'n Gesel is 'n sambok waaraan stukkies yster aan riempies vasgemaak is sodat dit 'n mens se vel stukkend skeur. Rehabeam het nie letterlik bedoel dat hy daarmee sou slaan nie, net so min soos sy vader mense self met swepe geslaan het. Dit het net beteken dat hy nog baie harder sou wees as sy vader. Natuurlik! Wat het die opstandelinge hulle verbeel?

NA drie dae het hy regop en trots gestaan voor die mense wat vir hom gewag het. Hy het met minagting na hulle gekyk. Hy sou vir hulle klein kry!

"Luister, julle rebelle!" het hy geskreeu. "My vader het julle juk swaar gemaak, maar ek sal dit nog swaarder maak. My vader het julle met swepe geslaan, maar ek sal julle met gesels slaan!"

Maar hulle het *nie* klein geword nie. 'n Vuur het gebrand in hulle oë! Party het vir hom vuis gemaak. Hulle het uitgeroep:

"Gaan terug na julle tente, o Israel. Wat het ons met Rehabeam te doen? Van hom kan ons niks verwag nie. Laat hy maar net oor sy eie stam Juda koning wees!"

Die verbaasde koning het gestaan en kyk hoe die ontevrede mense wegloop, en sy hande saamgewring. Sou hulle nou 'n ander koning gaan kies?

Hy wou hê hulle moet terugkom. Nou wou hy toegee, want in elk geval wou hy tog koning bly.

Rehabeam stuur toe vir Adoram agterna. Dit was juis die man wat, toe Salomo nog 300

geregeer het, die mense gedwing het om hard te werk. Hulle het hom gehaat soos 'n roofdier.

Adoram het nie lewendig teruggekom nie. Die opstandige mense het hom met klippe doodgegooi. En toe hulle eers bloed gesien het, het hulle nog kwaaier geword. Rehabeam het met die grootste moeite by sy koets gekom en daarmee na Jerusalem gevlug. Daar het sy bewende hart eers tot bedaring gekom.

In daardie deel van die land, wat trou aan hom gebly het, het hy weer moed gekry. Hy sou met geweld die hele land nou dwing om hom koning te maak. Hy het sy manne opgeroep om oorlog te maak teen die rebelle.

Hulle het gekom, die manne van Juda en. Benjamin, maar hulle was nie baie geesdriftig nie.

Toe stuur die Here die profeet Semaja om vir die koning te sê:

"Die Here sê julle mag nie oorlog maak teen julle broers, die kinders van Israel, nie. Want die saak het van die Here gekom." Rehabeam het geluister en die manne weer huis toe laat gaan.

Hy het net oor twee stamme koning gebly. Dit is genoem die koninkryk van Juda.

Die tien stamme het 'n ander koninkryk gevorm: die koninkryk van Israel.

En vir wie het hulle koning gemaak?

Jerobeam!

Ahia se voorspelling het tog uitgekom!

Maar die groot en heerlike koninkryk van Dawid en Salomo is uitmekaar geskeur in twee kleineres.

74. Jerobeam

1 Konings 12 tot 14: 20

EROBEAM was bekommerd. Dis waar, hy was koning en dit was heerlik om in 'n paleis J te woon en baie dienaars te hê. Hy het alles gehad wat sy hart begeer.

Maar om koning te *bly,* sou moeilik wees, dag Jerobeam, want hierdie volk waaroor hy regeer, was mense wat terug verlang het na die groot dae toe Dawid en Salomo nog geregeer het en die land groot en sterk was. Hulle kon miskien weer een wil word met die ander koninkryk, Juda. En met die groot feeste soos die paasfees of die pinksterfees of die huttefees, het 'n menigte mense uit die land van Jerobeam gegaan na Jerusalem. Dit was die stad van die groot Koning, die Here. Daar was die tempel en die ark. Daar het die Here gewoon, en hulle wou Hom eer met hulle offers en gebede.

Jerobeam het nie saamgegaan met hulle nie. Natuurlik nie. Hy het in sy paleis gebly terwyl sy mense weg was. Hy het dan bitter en bekommerd gevoel. *Sy* volk en dié van Juda het dan saam feesgevier,

soos broers van een huis. Wie weet, dalk maak hulle weer vriende met mekaar, en wil hulle weer een volk wees soos vroeër. Dan het hulle hom, wat Jerobeam is, nie meer nodig nie.

In sy gedagtes het hy al gesien hoe hulle hom dan bespot, wegjaag of miskien doodmaak.

Dit het hom benoud gemaak. Hy moes iets *doen* om van die gevaar weg te vlug.

Aan die Here het Jerobeam maar min gedink. Hy het ook nie gedink hoe Ahia gesê het dat hy die Here moes dien as hy koning wou bly nie. Hy het nie 'n beter mens geword toe hy nog in Egipte tussen die heidene gewoon het nie. Net aan homself en sy koningskap het Jerobeam gedink. Hy sou wat ook al doen om koning te kan bly.

Hy het nie omgegee as dit sou beteken dat hy sy volk sou laat sonde doen en hulle weg van die Here af laat gaan nie.

As *hy* maar net koning kan bly!

Toe het die koning 'n slim plan uitgedink. Hy het twee mooi, goue beelde van kalwers laat maak. Die een het hy laat oprig in Dan, daar in die noorde, en die ander in Bet-el, in die suide van sy land, net mooi op die pad waarlangs die feesgangers na Jerusalem gegaan het. Ook het hy op 'n heuwel agter elke beeld 'n tempel laat bou met 'n altaar daarvoor. Wat hy dan vir die volk gesê het, het baie mooi en vroom geklink:

"Hoekom moet julle so ver buitekant julle land na Jerusalem gaan? 'n Mens kan die Here tog oral aanbid! Nou ja, bring julle offers maar hierheen en vier hier fees. En laat ons hier saamkniel, nie voor hierdie beelde nie, maar voor die Here! Sy troon is ver bokant hierdie goue kalwers wat maar net 'n beeld is van Sy mag!"

Daar was party vroom mense wat nie na hom geluister het nie. En die priesters en die Leviete, wat in Jerobeam se land gewoon het, het

ook geweier om hier offers te bring. Hulle het na Jerusalem gegaan. Maar dit was nie te erg nie, het Jerobeam gedink. Hy kon ander priesters self aanstel.

Die mense het toegestroom na die goue beelde. Hulle was *nog* nie verstandiger as die volk by Sinai was nie. Toe het hulle ook gedans om 'n goue kalf. Nou het hulle dit weer gedoen.

Jerobeam se slim plan het goed gewerk. En sy hart was gerus.

MAAR eendag, nie lank daarna nie, is 'n groot offerfees in Bet-el gevier. Jerobeam het self by die altaar gestaan om die offer te bring. Agter hom het die menigte mense gekniel in aanbidding.

Alles was plegtig stil. Maar wie waag dit om tussen die mense deur te dring en tot by die altaar te kom? Wie se stem was dit wat so hard die stilte verstoor?

"Altaar, altaar! So sê die Here: Eendag sal daar 'n koning van Juda kom wie se naam Josia 302

sal wees. En hy sal die valse profete op jou slag en doodmaak!"

Dit was 'n eenvoudige man, wat armoedig gekleed was, wat so gesê het. Maar in sy oë het

'n heilige vuur gebrand. Met sy hand het hy gewys na die altaar, terwyl hy daar fier en regop staan asof *hy* daar koning was!

"Die altaar sal uitmekaar skeur!" het hy uitgeroep. "Dit is die teken dat dit die Here is wat so spreek."

Jerobeam was woedend kwaad en het sy hand na die man uitgesteek en gesê: "Gryp hom!" Maar die hand wat hy uitgesteek het, het styf word, en hy kon dit nie terugtrek nie.

Toe het die mense gegril. Want hulle het gesien hoe die altaar bars en uitmekaar skeur, en hoe die as van die altaar afgegooi word.

Nou was die koning baie benoud. Hy het bleek geword en vreeslik gesukkel om sy arm terug te trek. Maar hy kon dit glad nie doen nie. Die arm wat die dienaar van die Here wou gryp, is deur Hom verlam. So is die koning gestraf. Toe het hy vir die man wat 'n profeet van die Here was, gesê:

"Smeek asseblief tog die Here jou God om genade, en bid vir my dat ek my hand weer kan terugtrek."

Die parmantige koning, wat so mooi aangetrek was, in vergelyking met die eenvoudige dienaar van die Here, het nou baie nederig geword.

Maar nadat die profeet gebid het en die koning se arm genees is, het hy hom nie bekeer nie. Hy het teruggegaan na sy paleis en het seer gevoel omdat hy nie sy sin gekry het nie.

Die eerste waarskuwing van die Here het nie gehelp nie.

TOE het daar 'n tweede gekom. Jerobeam het 'n seuntjie, Abia, gehad, 'n vrolike, opgeruimde mannetjie.

Jerobeam het die meeste van homself gehou. Naas homself was hy vir Abia die liefste. Vir hom het hy gelewe. Abia moes eendag in sy plek koning word, en hy wou vir hom 'n sterk koninkryk nalaat.

Maar Abia het siek geword, baie siek. Hy het gelê en kreun in 'n mooi slaapkamer in die paleis in Sigem. Met ernstige gesigte het die dokters om sy bed gestaan. Hulle medisyne wou nie help nie, en ook nie die toordery waarmee hulle die siekte wou verdryf nie. Die seuntjie se maer handjies kon hy amper nie roer nie. Sy voorkoppie was warm van die koors.

Radeloos het die koning daarby gestaan. Sy hart het inmekaar gekrimp van verdriet. *Iets* moes gedoen word, anders sou sy seuntjie sterwe. Maar wie kon help as die dokters nie kon nie?

"Die Here" het 'n stem in Jerobeam se hart gesê. "Die Here kan hier alleen help, Jerobeam."

Maar hy kon dit nie waag nie, en hy wou ook nie vir die Here iets vra nie. Iets het die Here en hom van mekaar geskei. Daar het twee goue kalwers tussenin gestaan. Moes hy hulle eers wegmaak? .... Nooit nie! Dan verloor hy miskien ook sy kroon en sy koningskap, en hy het meer van sy kroon gehou as van sy kind.

Wat dan? Sou hy neerkniel voor die kalf en dit vra om hom te help? Jerobeam het self nie geglo aan die krag van so 'n gebed nie.

Ahia! Hy dink aan daardie profeet en kry weer hoop. Ahia het mos voorspel dat hy koning sou word. Hy lewe seker nog. Hy woon in Silo en moet al baie oud wees. Vroeër was hy so goed vir Jerobeam. *Hy* kon help. 'n Profeet is 'n magtige mens. Van die Here het hy groot mag gekry. As hy sou sê: "Die kind sal gesond word," sou vir dit seker gebeur.

Maar Ahia het geweet van Jerobeam se sonde.

Ag, maar dit was darem nie te erg nie. 'n Mens kan mos 'n plan maak. Hy sou nie self na die profeet gaan nie, maar hy sou sy vrou stuur. Maar sy moes nie gaan as 'n koningin nie, maar vermom soos 'n gewone, arm vrou. As sy dan alles vertel van haar siek kind — hoe hy lê en worstel met die dood — dan sou die profeet hom jammer kry. En as sy nog vir hom

'n geskenk saamneem, waarom sou hy dan nie help nie?

Nie lank daarna nie het 'n vrou, wat eenvoudig aangetrek was, haastig die paleis verlaat.

Sy was op pad na Silo. Sy het tien brode en koeke en 'n kruik heuning gedra. En niemand het haar herken nie.

MAAR onderwyl sy op pad was, en die profeet wat oud en blind was, in sy huisie sit, hoor hy meteens die stem van die Here.

"Ahia, jy moet só praat met Jerobeam se vrou, wat netnou hier sal aankom . . . ."

Maar hoe sou die koningin weet dat die Here vooraf vir die profeet gesê het dat dit sy was wat kom?

SY het so vinnig geloop soos 'n vrou sal loop om haar doodsiek kind te red. Sy het in Silo gekom en gou die huis gekry. Toe het sy lomp en met swaar voete binnegekom, presies soos 'n arm, ongeleerde vrou.

Uit die kamer het die swak stem van die profeet gekom. En wat sê hy?

"Kom binne, vrou van Jerobeam! Hoekom hou jy jou so vreemd? Aan my is 'n harde boodskap vir jou gegee!"

Daar sit hy, oud en ingekrimp, en hy lig se maer hand op voor die gesig van die verskrikte vrou. Al kon hy haar nie sien nie, was daar dreiging in sy oë.

"Gaan sê vir Jerobeam," het hy uitgeroep, "so sê die Here: Ek het jou koning gemaak, maar jy het nie na My geluister nie. Jy het jou rug na My gedraai en beelde gemaak om voor te buig. Daarom sal jy swaar gestraf word en nie meer lank koning van My volk wees nie. En Israel, wat saam met jou sonde gedoen het, sal verdryf word uit hierdie land."

Toe het die profeet se stem meteens sagter geword toe hy sê:

"Gaan maar huis toe. As jou voete die stad inkom, sal jou kind sterwe. Die Here sal hom wegneem om hom te bewaar van die sonde. In sy hart het die Here iets goeds gevind."

Die vrou het haar omgedraai en byna gestruikel toe sy buitekant toe gaan. Die brode en koeke en heuning het sy saamgeneem. Sy het haar geskenk nie meer nodig gehad nie.

Haar slim bedrog was 'n mislukking. En toe sy oor die drumpel van haar paleis stap, het die klein Abia gesterwe.

Die hele Israel het oor hom gerou toe sy liggaam begrawe is, omdat hy so jonk gesterf het.

Maar Abia was vroeg by die Here.

Daar was hy gelukkiger as by die sondige mense.

JEROBEAM het hom nie bekeer nie. Ook hierdie ernstige waarskuwing van die Here was verniet gewees. Toe het die straf gekom wat die gryse Ahia voorspel het.

Die koning van Juda het oorlog gemaak teen Jerobeam, en Jerobeam se leër is verpletter.

Nie lank daarna nie het hy gesterf. Sy seun Nadab, wat in sy plek koning geword het, was net so goddeloos soos hy. Twee jaar later het Nadab met sy hele familie in 'n oproer omgekom.

Toe was dit klaar en gedaan met die koningskap van Jerobeam se huis. Die nuwe koning Baésa, was 'n vreemdeling, wat gerebelleer het teen Nadab en hom laat doodmaak het.

Maar nog lank daarna het die mense gedink aan Jerobeam.

Dit was omdat hy so 'n goddelose koning was. Dit was omdat hy die *eerste* koning van Israel was wat die volk laat sonde doen het.

Jerobeam, die sondaar, is sy naam.

75. Asa, die Vroom Koning

1 Konings 14: 21 tot 15: 24; 2 Kronieke 11-16.

EHABEAM was 'n swak man toe hy in Sigem voor die manne van Israel gestaan het. Sy R hele lewe lank was hy swak.

Eers het hy die Here drie jaar lank trou gedien. Hy het nie oorlog gemaak teen Israel nie, omdat die Here dit verbied het. Toe het dit goed gegaan met hom. Baie mense van die land van Israel het in sy land kom woon, en sy koninkryk het sterker geword.

Maar toe dit so goed gaan, het Rehabeam hoogmoedig geword en gedink hy kan goed sonder die Here lewe. En toe het hy gedoen net wat sy trotse hart wou hê, of dit nou goed of verkeerd was. En sy volk het net so gedoen.

Maar toe het dit verkeerd gegaan. Die koning van Egipte het gekom om Jerusalem in te neem en te verwoes. Toe het Rehabeam weer spyt gekry oor sy sonde, en 'n rukkie lank het hy gehoorsaam en baie nederig gelewe.

Die Here het dit so beskik dat die Egiptenaars nie vir Rehabeam doodgemaak het nie, maar net baie skatte en goud uit Jerusalem weggeneem het na hulle eie land. Daarna het hy weer sonder die Here gelewe en gedoen wat verkeerd was in Sy oë. En so het hy gesterwe. Net soos Jerobeam het hy ook 'n seun gehad met die naam Abia. Abia het koning in sy plek geword.

Rehabeam, die dwase, swak man! Hy het geen ware liefde gehad nie!

AS Abia 'n toespraak hou, kon hy goed praat. Maar hy was ook 'n grootprater! Hy het gespog dat dit *hy* was wat Jerobeam verslaan het. Maar voor die geveg het hy op 'n hoogte geklim en Jerobeam en sy soldate, wat gekom het om Juda aan te val, toegespreek:

"Ons dien die Here," het hy uitgeroep. "Ons het Hom nie verlaat soos julle gedoen het nie!"

Maar Jerobeam was vir hom te slim. Onderwyl Abia nog praat, het die koning met 'n deel van sy manne die leër van Abia omsingel. Dit was net deur die seën van die Here dat Abia hulle verslaan het.

"Ons dien die Here!" het Abia, die grootprater, uitgeroep. Maar hy het net so sleg en onverskillig gelewe soos sy vader. En hy het hom nie daaraan gesteur dat sy volk die afgode dien nie.

Dit was maar goed dat hy gou gesterf het. Hy was maar net drie jaar koning. Ook hy het die Here nie liefgehad nie.

Sy seun Asa het koning geword. En Asa was 'n ander soort man. Hy het geweet dat hy en sy volk alleen gelukkig kon wees as hulle die Here opreg dien.

Daarom het hy sy dienaars gestuur om al die afgode in die land te vernietig.

Die volk het teruggekeer na die Here. En tien jaar lank het hulle vrede en voorspoed onder Asa se regering gehad.

Maar toe het 'n groot gevaar gedreig.

Ver uit die Suide het 'n ruwe man, Serag, die Kusiet, met 'n vreeslike groot leër opgetrek.

Hulle het deur die land van Asa geswerm. Hulle het die koringskure leeg gesteel en mense vermoor en gevat net wat hulle kon. Saans kon 'n mens aan die rooi lig van die huise, wat hulle aan brand gesteek het, sien waar hulle daardie dag gewees het. Baie mense het na Jerusalem gevlug en vertel dat die rowers aankom.

Asa het gou sy leër bymekaargemaak, en vinnig na die Suide getrek. O, die leër van Juda was baie kleiner as die geweldige groot een van Serag. Dit was asof 'n klein seuntjie gaan veg teen 'n reus.

Asa het dapper sy leër voorberei om te veg. Hy het geglo dat sy krag nie gelê het in sy soldate en hulle swaarde nie. Voor die geveg het hy neergekniel en baie mooi gebid. Daar was nie baie tyd om te bid nie. 'n Mens kon die rumoer van die vyand agter die heuwels hoor. Die grond het gedreun onder hulle voete.

"Here," het Asa baie nederig gebid, "U alleen kan ons help. Ons is swak en die vyand baie sterk. Maar geen mens kan staan teen U nie. Help ons asseblief, o Here! Ons steun op U, want U is ons God!"

Dit was genoeg. In sy hart en ook in dié van sy manne het dit wonderlik rustig geword.

U is ons God! Dit was die geheim van hul krag. Wat kon hulle nie doen met die Here aan hulle sy nie!

Hulle het gesien hoe hulle woeste vyande van die heuwels op hulle afstorm. Maar hulle was nie bang nie. Hulle het geveg teen tienduisende en het gevoel hoe daar 'n vreemde, wonderlike krag deur hul liggaam stroom. Hulle het vorentoe gebeur. Stap vir stap, oor die lyke van hulle vyande, het hulle die rowers teruggedrywe. En dit het altyd vinniger gegaan!

Uiteindelik moes die vyand in wanorde vlug. En Asa en sy manne het hulle agterna gejaag, heuwel op, heuwel af, die woestyn in van waar hulle gekom het.

Toe het hulle teruggegaan, moeg maar baie bly, met trane van vreugde in hul oë. Hulle het tuis gekom met baie buit. Die land is gered.

Toe het 'n profeet na Asa gekom en gesê:

"Laat u hande nie slap word nie, o koning! U moet u God nou nog yweriger dien as vroeër!"

Dit wou Asa baie graag doen. Hy was baie dankbaar dat hulle gered is.

Hy het die volk bymekaar laat kom en 'n verbond met hulle gemaak.

Die koning en die volk het mekaar belowe dat hulle die Here met hul hele hart sou dien. En die een wat waag om voor 'n beeld te buig, sou swaar gestraf word.

Asa het self 'n goeie voorbeeld gestel. Hy het selfs Maaga, sy moeder, afgesit as koningin, omdat sy 'n verskriklike afgod laat maak het. En hy het die beeld verbrand.

Toe het heerlike jare vir Juda gekom. Dit het gelyk asof die tyd van Salomo teruggekom het.

Geen vyand het dit gewaag om Juda aan te val nie. In vrede en voorspoed het die volk baie gelukkig gelewe.

Maar toe Asa oud word, was hy nie meer die vurige, dapper koning van vroeër nie. Sy geloof, wat hom so sterk gemaak het, het baie klein en swak geword.

Hy was nie bang gewees vir Serag met sy geweldige groot leër nie. Maar toe die koning van Israel, wat nie sterker as hy self was nie, oorlog teen hom wou maak, het hy bang geword.

Hy het hulp gevra by 'n vreemde koning, die koning van Aram, en daarvoor het hy hom gegee die goud en silwer van die tempel. Dit lyk asof hy vergeet het dat 'n baie magtiger Koning, die Here, hom sou help, sonder enige betaling. Hy moes Hom net liefhê.

Dit was 'n belediging vir die Here.

Maar Asa dag hy het baie goed gedoen en slim gehandel. Toe 'n profeet hom wou bestraf, het hy hom in die gevangenis laat gooi.

Teen die einde van sy lewe het Asa gely aan sy voete, en was ernstig siek. En toe het hy nie die Here gevra om hom gesond te maak nie, maar geneeshere. Hy het nie gedink aan die Here, die groot Geneesheer, wat die lewe self is nie.

So dwaas was die koning Asa toe.

Maar tog het hy die Here opreg liefgehad.

En die troue hemelse Vader sou Sy afgedwaalde kind weer terugroep.

307

ASA het gesterf. Hy is met groot prag en praal begrawe. Die volk het ook die sonde van sy ouderdom begrawe, en het getreur oor die dood van hulle vrome koning. Op die heuwels van Jerusalem het hulle 'n groot vuur aangesteek ter nagedagtenis van Asa.

Sy seun Josafat het koning geword in sy plek.

308

76. Elia

1 Konings 16:23 tot 17:24.

AÄL is die god wat regeer oor die aarde. Hy ry op die son in die hemel en

"B daarvandaan stuur hy die wind en die wolke. Dis hy wat die aarde vrugbaar maak.

Daar is geen magtiger god as Baäl nie.

"En sy vrou, die koningin van die hemel, is Astarte. Sy woon op die maan. Dis sy wat die bome laat groei en korrels in die koringare laat kom. Sy gee die druiwe lekker soet sap.

Sonder haar kan geen mens lewe nie."

Dis die stories wat die heidense priesters die volk vertel het. En die volk het hulle nie teëgepraat nie. Oral is daar altare vir Baäl gebou. Die priesters het gedans om die offers en gebid terwyl hulle hul hande opsteek na die son. Die volk het die Here nie meer gedien nie.

Hulle het nie mooi geweet wat om te glo nie. Hulle het nog nie die Here heeltemal vergeet nie, maar het darem vir Baäl gedien.

Een van die konings van Israel, wat na Jerobeam gekom het, het vir hom 'n mooi stad Samaria gebou op 'n berg wat hy gekoop het van 'n sekere Semer. Na sy dood het sy seun, koning Agab, en sy hoogmoedige vrou Isébel in 'n paleis daar gewoon. Sy was die dogter van die heidense koning van Sidon. Dis sy wat die priesters van Baäl, en Baäl self ook, saamgebring het uit die land van haar vader. Sy wou hê Baäl moes die god van Israel wees.

Iemand wat die Here liefhet was by Isébel nie veilig nie.

Die profete van die Here is vervolg en doodgemaak. Die altare van die Here is verlaat en het verval.

Maar oral in die land het die altare van Baäl gerook. Partymaal is tot mense vir hom geoffer.

Israel het saam gedans om die beelde van Astarte, en het gedink hoe slegter hulle hul gedra, hoe liewer sou sy hulle hê.

En in Samaria, langs die paleis van Agab, is 'n groot tempel gebou vir die songod Baäl.

Dit het gelyk asof Israel 'n heidense land geword het, en asof niemand daar meer die Here gedien het nie.

Maar in 'n klein dorpie, Tisbe, tussen die berge van Gilead, het 'n man op sy knieë gelê voor die Here. Sy naam was Elia, wat beteken "die Here is God".

Dit was die smart van sy lewe dat sy volk so diep geval het. Nag en dag was sy hart daaroor bitter seer. Maar hy kon Israel nie help nie. Hy kon maar net bid vir hulle.

"Here," het hy gevra, "leer hulle tog dat Baäl niks is en niks kan doen nie, en dat U alleen God is, U alleen. Miskien sal hulle terugkom na U as U hulle straf. Here, laat dit nie reën nie, ja, laat dit baie droog wees. Laat die son, wat hulle aanbid, die wêreld so warm en droog maak dat hulle daardeur gestraf word."

Hy was maar 'n gewone mens, soos al die ander, maar sy gebed het baie krag gehad.

Die Here het hom verhoor en hom gestuur na Agab om die straf aan te kondig.

ELIA het gedoen wat niemand anders sou waag nie.

Met sy ruwe mantel van diervelle, en 'n leerband om sy lyf het hy na Agab gegaan. Hy het die paleis binnegestap so rustig en bedaard asof hy in die veld loop.

Elia het gaan staan voor die koning en sy dienaars met hulle mooi klere. Sonder om te buig, het hy die koning kwaai aangekyk. Van verbasing het almal stilgebly.

En toe klink die stem van die profeet:

"Sowaar as wat die Here, die God van Israel, lewe, daar sal in die volgende jare geen reën of dou wees nie, behalwe wanneer ek daarvoor bid!"

En toe hy hom omdraai en in doodse stilte wegloop, was daar niemand wat hom gegryp het nie. Sy wonderlike woorde het die mense in die war gebring.

Die koning en sy dienaars het lank daaroor gepraat. En toe lag hulle. Hulle wou die angs in hulle harte probeer wegspot. Ag, daardie man weet mos nie wat hy praat nie! Asof 'n mens baas was oor die wolke. Asof dit nie net Baäl was wat oor hulle regeer nie!

Maar toe weke en maande verbygaan en dit nie reën nie, het hulle weer bekommerd geraak.

Die hemel het dag vir dag blou gebly, sonder 'n wolkie, tot by die gesigseinder. Soos 'n vuurbal het die son opgekom en weer daar in die see ondergegaan.

Die reëntyd van die jaar het gekom, maar geen reën het geval nie. Niemand het so iets nog ooit tevore belewe nie. Elke dag het die son aan die blou hemel opgekom en al warmer gebrand, en die nagte was net so droog soos die dae.

Die gras het verdor, die blommetjies het verlep, die blare van die bome het geel geword en afgeval. Die grond het bruin en hard geword soos klip, en die stofwolke het opgegaan langs die paaie.

En toe het almal geweet dat daardie vreemde man, daardie Elia, die waarheid gepraat het.

Dan was hy regtig 'n boodskapper van die Here, 'n groot profeet!

Nou wou die koning hom weer sien. As Agab hom maar net in die hande kon kry, sou hy hom dwing om dit weer te laat reën, al moes hy geweld gebruik, en vir Elia met die dood dreig as hy dit nie wou doen nie. Hy het honderde dienaars gestuur om die profeet oral in die land te soek, ja, ook in ander lande. Maar niemand het so 'n man in 'n ruwe mantel, en met

'n leerlyfband aan, gesien nie. Was hy miskien nie meer op die aarde nie?

En die son het aangehou om te brand en mense en diere te martel. Die hemel was nie meer blou nie, maar het gelerig van die warmte geword. Die land was 'n woestyn. Daar was geen boom met blare meer om skaduwee te gee nie. Hier en daar het iemand lusteloos deur die veld gesluip waar die diere langsaam aan die doodgaan was. Alles was doodstil. 'n Aasvoël het op 'n bees kom sit, wat nog nie eens heeltemal dood was nie, en hom uitmekaar geskeur met sy sterk snawel.

Maar ver daarvandaan, in die Ooste, het iets wonderliks gebeur. Aan die oorkant van die Jordaan, êrens tussen die berge, het 'n paar swart voëls na 'n sekere plek aangevlieg gekom. Dit was kraaie en hulle het elkeen 'n stukkie brood of vleis in hul bek gehad. Dit het hulle voor 'n man, wat in 'n spelonk gelewe het, laat val. Langs hom het daar 'n klein stroompie water verbygeloop. Dit was die spruitjie Krit.

Hier het Elia gewoon. Elke oggend en aand het die kraaie vir hom sy kos gebring. Sy water het hy geskep uit die spruitjie. Die Here het self vir hom hierdie veilige plekkie aangewys.

Hy het lank hier alleen gebly.

MAAR die spruitjie Krit het ook opgedroog. Toe moes Elia sy skuilplekkie verlaat. En die Here het aan 'n sekere weduwee gesê sy moet vir hom sorg.

Maar hy het nie na Israel gegaan nie. Daar was baie weduwees, maar Elia moes nie na een van hulle gaan nie. Nee, hy moes gaan na Sarfat in Sidon, juis die land waarvandaan Isebel en haar priesters gekom het, die land van Baäl. Dit was asof hy, sonder om bang te wees, na die lêplek van 'n leeu gegaan het! Nadat hy ver geloop het, het hy daar doodmoeg aangekom.

Buitekant die poort van die stad, onder die kaal bome, was 'n vrou met 'n maer gesig besig om hout bymekaar te maak.

"Gaan haal tog vir my 'n bietjie water," het hy vir haar gesê. "Ek het dors."

Terwyl sy loop om dit te gaan haal, roep hy haar agterna:

"Bring tog vir my 'n stukkie brood ook saam."

Toe draai die vrou om en kyk hom bedroef aan.

"So waar as die Here, u God, lewe," antwoord sy, "ek het niks meer as net 'n handjievol meel in die pot en 'n bietjie olie in die kruik. Hier maak ek nou 'n paar stukkies hout bymekaar om nog een maal vir my en my seun 'n bietjie kos gaar te maak. Daarna sal ons van honger moet sterwe."

Dit was alles vreeslik treurig. Maar die oë van die profeet het geskitter. "Die Here *u* God," het sy gesê. Wie sou kon dink dat in hierdie heidense land 'n vrou woon wat die Here ken?... Sy moes die weduwee wees na wie die Here hom gestuur het. En hy, wat Elia was, sou gou haar droefheid in vrolikheid verander..

"Moenie bang wees nie," sê Elia toe. "So sê die Here, die God van Israel: Die meel in die pot sal nie opraak en die olie in die kruik sal nie minder word nie, tot die dag wanneer die Here weer reën sal gee."

En die vrou het die wonderlike woorde geglo.

Sy het huis toe gegaan en gedoen soos Elia gesê het. Sy het vuur gemaak om 'n groot, plat klip baie warm te kry. Sy het die handjievol meel en die olie geneem en deeg gemaak, en dit oor die warm klip uitgesprei sodat dit gaar kon bak. Haar seuntjie, wat net so uitgeteer was as sy, het met begerige ogies daarby gesit.

Maar skielik lig sy moeder haar hande op in die lug van verbasing en blydskap. In die pot was nog net soveel meel, en in die kruik nog net

soveel olie soos tevore. Met bewende hande het sy nog 'n brood gebak.... en nog een! Vir die eerste maal, nadat hy lank honger gely het, kon die seuntjie genoeg eet. En elke dag daarna het die vrou brood gebak.

Rondom het die aarde verbrand en het mense en diere gesterf van honger. Maar die vrou en haar kind en Elia het geen gebrek gehad solank die droogte geduur het nie.

Hulle het van die wonder gelewe dag na dag en jaar na jaar.

En die vrou het die oomblik geseën toe die profeet in haar huis gekom het.

MAAR eendag sou sy die uur *vervloek!*

Dit was toe haar seuntjie siek geword en na 'n kort rukkie dood in haar arms gelê het.

Hoekom word sy so swaar gestraf? In haar wanhoop en verdriet het sy maar aan een rede gedink. Die heilige man, wat sy so dikwels gehoor bid het, het seker aan die Here vertel watter groot sonde sy gedoen het!

"Wat het ek met u te doen, man van God!" het sy uitgeroep. "Het u hier gekom om my seun dood te maak?"

Elia het nie kwaad geword oor hierdie dwase beskuldiging nie. Hy het geweet hoe seer haar hart is, en was baie jammer vir haar.

"Gee my jou kind," het hy sag gesê.

Hy het bedroef die dooie liggaampie van haar skoot geneem en dit na sy kamer gedra. Daar het hy dit op sy eie bed neergelê. Stil en wit en met toe oë het dit daar gelê.

Elia was maar 'n gewone mens, maar in sy hart het hy 'n plan gehad so mooi en wonderlik soos 'n mens ooit aan kan dink.

Wie het die lewe gegee en dit weer geneem? Was dit nie die Here, sy Meester, wat hy altyd gedien en met wie hy soos met 'n vriend gepraat het nie?

Die Here kon die kind weer lewendig maak as Hy wou. Dit het Elia geglo. Hy het dit vas geglo. Elia het gekniel voor die bed en gesmeek:

"Here, my God, laat die siel van hierdie kind tog in hom terugkeer!"

Hy het aan niks anders gedink nie, maar aangehou bid. Hy het dit gevra asof die Here hier 311

by hom was, en asof hy, Elia, op sy knieë gelê het aan die voete van die Here.

Drie maal het hy hom uitgestrek oor die kind, asof hy hom weer warm wou maak.

Buitekant was dit vreeslik droog, soos Elia gevra het in sy gebed.

Hier in die klein kamer van die weduwee, in die heidense land, het nog 'n groter wonder gebeur.

Daar het 'n siel teruggekom wat alreeds die liggaam verlaat het. Daar het 'n hart wat alreeds stilgestaan het, weer begin klop. Die kind wat dood was, het weer sy oë oopgemaak.

Baie bly was Elia toe hy die kind weer teruggeneem het na sy moeder.

"Jou seun lewe!" het hy gejuig.

Die moeder het haar kind in haar bewende arms geneem en hom vas aan haar hart gedruk.

"Nou weet ek dat u 'n groot profeet is, en dat ek op u God kan vertrou."

Soos 'n helder sonstraal het daar weer vreugde in daardie huis gekom.

312

77. "Die Here is God!

1 Konings 18.

IT was al drie jaar en ses maande, en dit het nog nie weer gereën nie. Dit het gelyk asof D alles wat op die aarde groei, dood was.

Maar in Sarfat, ver buitekant sy land, het Elia in die geloof gewag tot die Here weer nuwe lewe sou gee. Hy het vreeslik verlang na die dag wanneer hy weer kon teruggaan na sy volk en wys hoe magtig die Here is.

Uiteindelik het die dag gekom. Hy het die woord van die Here gehoor:

"Gaan en vertoon jou aan Agab, want Ek sal reën gee op die aarde."

Daar was in die goddelose paleis van Agab nog een man wat die Here gedien het. Sy naam was Obadja. Hy was 'n sagte, stil man. Hy sou nooit gewaag het wat Elia gewaag het nie.

Maar toe Isebel al die profete wou doodmaak, het Obadja tog sy lewe gewaag en honderde dienaars van die Here in spelonke weggesteek. En nog altyd, maande lank, het hy gesorg dat hy brood en water in die hande kry om dit stilletjies vir hulle te laat bring.

Dit het baie moeilik gegaan. Daar was alreeds so vreeslik baie gebrek in die land. Selfs die perde van die koning het verhonger in die stalle. Dit het die koning bedroef dat hy sy perde miskien sou moet laat doodmaak, omdat daar nie meer voer vir hulle was nie. Baie profete het hy laat ombring, maar hy was jammer vir sy perde. En een maal het hy self met sy dienaar Obadja die veld ingegaan om by die

fonteine en spruite te soek of daar nie miskien nog gras êrens oorgebly het nie.

Agab het een pad gegaan. Obadja 'n ander. En meteens staan Obadja voor die man wat al hierdie ellende voorspel het.

Hy kon sy oë byna nie glo nie.

"Is dit u, my heer Elia?" het hy uitgeroep.

"Dis ek," antwoord die profeet. "Gaan sê vir jou meester dat ek hier is, Obadja."

Obadja het gegril van die skrik. Moes *hy* die koning gaan roep?.... Elia gaan nie na Agab nie, maar die koning moet na hom toe kom? O, as die koning maar net die naam Elia hoor, sal hy bewe van kwaadheid! En sê nou Elia sou intussen verdwyn, net soos hy tevore eendag gedoen het, wat sou van Obadja word?

"Agab sal my doodmaak!" het Obadja gekerm. Maar Elia het hom gerusgestel. Hy het belowe dat Agab hom sou sien.

Toe het Obadja met bewing gegaan. En nie lank nie, of daar staan Agab woedend voor Elia.

Met 'n harde stem het hy gevra: "Is dit jy, jou beroerder van Israel?"

Elia het kalm geantwoord: "Dis nie *ek* wat Israel in beroering gebring het nie, nie *ek* wat hulle ongelukkig gemaak het nie, maar *u* en u familie, omdat u die Here verlaat en Baäl gedien het."

En toe gee Elia bevel dat Agab die hele volk Israel moes laat saamkom op die berg Karmel, en ook die profete van Baäl.

En Agab het nie nee gesê nie. Hy, die koning, moes doen wat 'n man met 'n ruwe mantel hom gebied.

DIE berg Karmel het gelê en brand in die warm sonstrale. Byna so regop soos 'n muur was die berg aan die noordekant, en in die kloof daaronder was die droë bedding van die rivier Kison. Maar aan die suidekant was dit nie so steil nie. Daar langs, onder kaal, dooie bome het duisende mense die berg uitgeklim na 'n gelyk plek bo-op.

Dit was nog vroeg in die môre, maar koning Agab was alreeds daar met 'n menigte priesters 313

van Baäl. Hulle was mooi aangetrek, dog Elia het maar nog sy ou klere aangehad. Hy het regop gestaan en met die mense gepraat.

"Hoe lank hink julle op twee gedagtes?" het hy uitgeroep. "Hoekom wil julle twee gode dien?

As die Here God is, volg Hom na; en as Baäl dit is, volg hom na!"

Maar die mense het stilgebly. Toe praat Elia verder:

"Ek staan hier alleen as profeet van die Here. Maar Baäl het vierhonderd-en-vyftig profete.

Laat ons nou twee altare bou — hulle een en ek een. En ons sal elk 'n bul daarop offer.

Maar ons sal geen vuur maak nie. Laat hulle dan vir Baäl bid en ek sal die Here bid. En die God wat met vuur antwoord, Hy sal God wees."

Almal het geknik en gesê: "Die Baälpriesters haat Elia, maar 'n mens kan aan hul oë sien hulle voel nie gerus nie. Laat hulle nou eerste bid."

In hulle donker tempels het hulle dit dikwels reggekry om hout op 'n altaar aan die brand te kry sonder dat die mense kon sien hoe hulle dit doen. Daar was dit nie moeilik om mense te bedrieg nie. Maar hoe kon hulle dit hier onder die oop hemel doen voor so baie oë?

Hulle kon nie waag om te weier nie. Dan sou almal dadelik weet dat hulle bedrieërs is. Hulle god was mos die god van vuur! So het hulle die mense altyd geleer. Dit was hy, het hulle gesê, wat ook oor die weerlig regeer.

Hulle het hulle altaar gemaak, en die beste van die twee bulle gekies. Hulle het die dier geslag en dit bo-op die hout van die altaar gesit. Toe het hulle hul hande opgesteek na die son.

"O Baäl, antwoord ons! Laat daar vuur op die altaar kom," het hulle geroep.

Niks het gebeur nie.

Hulle het weer geroep, ure lank: "O Baäl, antwoord ons!"

Hulle het om die altaar gedans in die warm son. Hulle sweet het op die grond gedrup, en hulle stemme het hees geword. Maar die son het al hoër op gegaan en geen antwoord het gekom nie.

Toe begin Elia met hulle spot. "Roep hard!" het hy gesê. "Miskien sit julle god diep in gedagte.... of hy is seker op reis. Of miskien slaap hy. Roep nog harder dat hy kan wakker word."

Hulle het dit gedoen. Hulle het hard geskreeu. Hulle het hulle vel met swaarde en spiese so stukkend gekerwe dat die bloed uitgespuit het, sodat Baäl vir hulle jammer kon kry. Hulle het al woester gedans en opgespring teen die altaar...

"O Baäl, hoor ons! Help ons!"

Hul stemme het al heser geword en hul oë al dowwer van moegheid. Party het flou geval op die grond.

Hulle het verniet so gebid.

DIE middag was al lank al verby. Toe sê Elia vir die mense: "Kom nader na my."

En toe bou hy sy altaar. Daar op die berg was 'n ou stukkende altaar van die Here. Dit het hy weer opgebou met twaalf klippe — een vir elke stam van Israel. Die hele volk moes weet dat hulle een volk was en saam die Here moes dien. Toe het hy 'n slootjie om die altaar gegrawe en die hout bo-op reggepak. Hy het die ander bul geslag en die stukke vleis op die hout gesit.

Toe sê hy: "Maak vier kruike vol water en giet dit op die brandoffer en op die hout."

Hulle het dit gedoen.

Hy sê toe: "Doen dit nog 'n maal," en hulle het dit gedoen.

Daarna het hy 'n derde keer water laat oorgooi. Alles was papnat en hy het die slootjie ook vol water gemaak.

Nou kon almal weet dat Elia hulle nie sou bedrieg nie.

Dit was drie-uur in die namiddag, juis die tyd wanneer in Jerusalem die aandoffer moes gebring word.

Toe het Elia voor die altaar gaan staan en sy hande opgehef. Die mense was doodstil. Hulle het almal sy innige, kinderlike gebed gehoor.

"Here, God van Abraham, Isak en Jakob," het hy gebid, "laat dit vandag bekend word dat U

God in Israel is, en ek U kneg .... Antwoord my, Here, antwoord my, en laat vuur op die altaar kom."

En skielik het die mense teruggedeins. Want 'n wit vlam wat hulle oë verblind het, het op die altaar neergedaal. Dit het die brandoffer en die hout en die klippe en die stof verteer, ja, die water wat in die sloot was, opgelek.

En Elia, die groot kneg van die Here, het daarby gestaan, maar niks oorgekom nie.

Die mense het uitgeroep en op hulle knieë geval.

"Die Here is God!...." het iemand gefluister.

"Die Here is God!" het ander uitgeroep.

Dit het 'n groot gejuig geword, wat weerklink het oor die berge. "Die Here is God .... Die Here is *God."*

Toe het Elia sy hand uitgesteek na die Baälpriesters en gesê:

"Gryp die valse profete. Laat niemand van hulle wegkom nie."

En niemand het weggekom nie. Hulle is van die berg afgesleep na die spruit Kison en almal daar doodgemaak omdat hulle die Here se volk so lank so ongelukkig gemaak het.

DIT was klaar.

Baäl was verslaan, en die hele volk sou nou die Here dien. So het Elia gedink. Hy het vir die koning gesê:

"Gaan maar nou. Eet, drink en wees vrolik, want ek hoor al die gedruis van die reën!"

Agab het van die berg af gegaan, en die volk ook, maar Elia het alleen met sy dienaar agtergebly en hoër opgeklim, tot op die top van Karmel.

Daar was nog nie 'n wolkie te sien in die lug nie. Soos 'n rooi vuurbal het die son agter die blink see ondergegaan.

Elia het baie nederig op die grond neergebuig en gebid en toe vir sy dienaar gesê:

"Gaan en kyk uit na die see."

Hy het dit gedoen en geroep: "Daar is niks nie."

Weer het Elia gebid. En weer het hy sy dienaar gestuur. Maar hy het weer niks gesien nie.

Sewe maal het Elia gebid. En toe sy dienaar die sewende maal terugkom, sê hy:

"Daar kom 'n wolkie so groot soos 'n man se hand op uit die see."

Toe staan Elia op. "Dis die reën," sê hy bly. "Gaan na Agab en sê hy moet haastig sy wa inspan om huis toe te gaan. Anders sal die reën hom terughou."

EN spoedig was die hemel swart van wolke en wind. Die wind het gefluit deur die droë bome. Die stof het opgewarrel. Met "dof, sware plof" het die eerste groot reëndruppels op die droë grond geval.

315

Agab het alreeds oor die vlakte van Jisreël gery na sy paleis. Elia het sy los klere met 'n band styf om sy lyf vasgebind, en toe deur die krag van die Here voor die wa van Agab uit geloop in die rigting na Jisreël.

Hy sou 'n goeie dienaar van die koning wees, as Agab die Here wou dien.

Nog voor hulle in Jisreël was, het die reën neergeplas.

316

78. Elia op Horeb

1 Konings 19:1-18

MAN het deur die woestyn geloop. Dit het gelyk asof hy oud en afgeleef was. Sy oë

'N was dof en hy was moedeloos. Hy het sy voete oor die sand gesleep, sonder 'n plan om juis êrens heen te gaan.

Krom gebuig het hy gaan staan by 'n besembos. Met 'n sug en met sy hoof in sy hande het hy in die skaduwee daarvan gaan sit. Hy het gewens om te sterwe.

"Dit is genoeg," het hy gekreun. "Neem nou my siel weg, Here, want ek is nie beter as my vaders nie."

Maar sy gedagtes het hom nie met rus gelaat nie. Hy het oor en oor gedink hoe anders en hoe beter alles kon gewees het.

Meer as drie jaar gelede, eers by die spruit Krit, en toe in Sarfat, het hy gesit en verlang na die dag wanneer hy sou kan teruggaan na die volk, sy volk, wat hy so liefgehad het, om vir hulle die mag van die Here te laat sien. Dan sou Baäl se altare verbreek en sy tempels verbrand word, en die volk sou soos een man die Here dien. Dan sou die Here se koninkryk op aarde kom. Hy, wat Elia is, die held en groot profeet, sou dit bewerk.

Hy het só sy bes gedoen.

En wat het hy uitgevoer?

Niks.

Een mens, een slegte vrou, het al sy mooi verwagtinge laat verongeluk. Agab het gesien hoe die priesters van Baäl doodgemaak is. Maar toe Isebel dit hoor, was sy rasend van woede. Sy het vir Elia 'n boodskap gestuur.

"Mag die gode my straf," het sy gesê, "as ek jou môre nie net so behandel soos jy hulle behandel het nie!"

Toe het hy geweet dat sy harder as ooit sou veg vir Baäl. En Agab sou doen soos sy wou hê. Die volk sou gou weer die groot gebeurtenis op Karmel vergeet, want hulle hart was nie verander nie. En alles sou bly net soos dit tevore was.

Al sy werk, al sy geesdrif was verniet gewees. Hy het heeltemal moed verloor. Hy het geen geloof of hoop meer gehad dat sy volk ooit sou regkom nie. Die woede van die heidense vrou het hom klein en swak laat voel.

Wat kon hy anders doen as vlug! Nêrens in die land van Israel of selfs in Juda het hy hom veilig gevoel nie. Maar hier, in die woestyn van Berseba, sou sy hom nie kry nie.

Sy hele liggaam, met siel en al, het moeg gevoel. Hy het sy hoof op sy arms gelê en sy oë toegemaak. Hy wou slaap.

Ja, slaap en slaap, en nooit weer wakker word nie.

Daar was vir hom geen vreugde meer op die aarde nie. Die Here se koninkryk was verslaan en uitgeroei. Die laaste dienaar van die Here het hier gelê. Hy was 'n gebreekte man en wou sterwe.

Hy het aan slaap geraak.

Maar na hy 'n rukkie geslaap het, het die engel van die Here hom aangeraak en gesê:

"Staan op en eet!"

Langsaam het hy sy oë oopgemaak. By sy koppenent was daar 'n plat brood, wat op warm klippe gebak was, en 'n kruik water. Hy was te moeg om te dink hoe wonderlik dit was dat hier in die woestyn 'n tafel vir hom gedek was!

Hy het 'n bietjie geëet en gedrink en weer aan slaap geraak. Hy wou nie na sy swaar lewe teruggaan nie. Maar 'n tweede maal het die engel van die Here hom wakker gemaak en dringender as tevore gesê:

"Staan op en eet; anders is die pad vir jou te veel."

Elia het hom opgelig en geëet en gedrink. Toe voel hy dat 'n wonderlike krag deur sy liggaam stroom. Hy het toe geloop en geloop, veertig dae en veertig nagte — totdat hy by die berg Horeb gekom het.

Toe kyk hy op. Hy staan voor hoë, kaal berge, wat sneeu op hulle toppe gehad het. Toe het hy by een van hulle uitgeklim en in 'n spelonk die nag oorgebly. Hy wou hier maar altyd bly en lewe soos 'n kluisenaar wat deur die mense vergeet is.

Maar hy was op die berg waar Moses lank gelede met die Here gepraat het. Hier het Elia ook die stem van die Here gehoor.

"Wat maak jy hier, Elia?" hoor hy meteens.

Dit was nie 'n kwaai stem of een wat hom verwyt nie. Dit was 'n stem van 'n Vader wat verstaan hoe Sy kind voel.

Elia kon toe vertel hoe teleurgesteld en verdrietig hy was.

"Here, ek het tog só my bes vir U gedoen, want Israel het U verbond verlaat, U altare afgebreek en U profete met die swaard doodgemaak. Nou het ek alleen oorgebly en hulle soek ook my lewe."

Die stem sê toe net: "Gaan uit die spelonk en staan op die berg voor die aangesig van die Here."

En skielik kom daar 'n geweldige sterk wind wat die berge skeur en die rotse breek. Elia het gestaan en bewe en gedag dat die Here nou sou kom. Maar die Here was nie in die storm nie.

Toe hoor Elia 'n gedreun diep onder die grond. 'n Aardbewing het die berg so laat skud dat hy aan 'n rots moes vashou. Maar die Here was ook nie in die aardbewing nie.

Daarna het daar vuur gekom. Bliksemstrale het die aarde verlig en donderslae het gedreun.

Die hele Horeb was een vuur asof dit 'n groot altaar van die Here was. Maar die Here was ook nie in die vuur nie.

En toe het dit stil geword. Daar was net die gesuis van 'n sagte stilte. Toe Elia dit hoor, het hy sy gesig met sy mantel toegedraai en uitgegaan om by die ingang van die spelonk te staan. Hy het geweet dat die Here *nou* sou kom.

Weer het hy gehoor die stem vra:

"Wat maak jy hier, Elia?"

Nou het Elia goed verstaan dat hy verkeerd gedoen het. Hy was lafhartig gewees en het sonde gedoen deur die Here te laat los. Hy kon hom nie verdedig nie. Hy was skaam en bedroef en kon maar net weer antwoord soos tevore. Weer *het* hy vertel hoe hy *sy* bes vir die Here gedoen het, hoe Israel baie sonde gedoen het, en dat hulle hom ook wou doodmaak.

Maar nou het hy gevoel dis nie nodig dat die Here hierop moet antwoord nie. Terwyl Elia gestaan en wag het dat die Here sou kom, het Hy reeds genoeg gesê met die wind en die aardbewing en die vuur.

O ja, Elia het goed verstaan. Hy was maar 'n nietige mens, maar hy was te haastig om te sien dat net na die één straf van die groot droogte die hele volk hulle dadelik sou bekeer tot die Here. Die Here het hom gewys dat na die verskrikking van die storm, daar nog 'n aardbewing moes kom, en toe nog 'n vuur. Eers daarna, eers na *drie* vreeslike 318

gebeurtenisse, het die sagte, heilige stilte gekom waarin die Here met hom gepraat het.

So sou daar nog meer strawwe oor Israel kom voor die tyd daar was wanneer hulle die Here almal sou dien. Die Here het vir Elia gesê wat hy moes doen sodat Israel nog verder gestraf kon word. Hy moes gaan en *Hásael* salf as die koning van Aram, en *Jehu* salf as die koning van Israel. Deur hulle sou die goddelose familie van Agab gestraf word.

Ook moes hy *Elisa* salf om na hom profeet te wees en sy werk verder te doen.

En die Here het hom nog iets vertel wat hom baie getroos het. Hy het gesê:

"Ek het nog seweduisend mense in Israel laat oorbly wat nie voor Baäl gekniel en wie se mond hom nie gesoen het nie."

ELIA was somaar 'n ander mens toe hy met die lang pad deur die woestyn teruggegaan het na die Noorde.

Hy was swak en kleinmoedig toe hy gekom het, maar hy het sterk en dapper gevoel toe hy weggaan. Hy was nie meer bang vir enige mens nie.

In sy hart was daar 'n lied. Want dit sou tog gebeur dat die Here se koninkryk, die ryk van vrede waarvan hy gedroom het, sou kom. Dit sou vir seker kom, al sou hy nie meer lewe nie.

Hy hoef nie meer bekommerd te wees nie. Dit was nie sy werk nie, maar die Here se werk om die koninkryk te laat kom.

Nou dat hy dit verstaan het, was dit so mooi en heerlik vir hom om die Here se dienaar te wees.

79. Nabot

1 Konings 21.

IT was weer somer. Agab het sy hoofstad Samaria verlaat en weer gaan woon in sy D somerpaleis in Jisreël. Hy het geloop in sy mooi tuin langsaan die paleis en het groot planne gemaak. Hy wou alles nog mooier maak. Op een plek moes 'n dam kom en elders moes mooi bome, wat van ander lande kom, geplant word. Daar moes ook 'n groentetuin wees. Maar daarvoor het hy meer grond nodig gehad.

Staan stil!

Wie het dit gesê? Nee, niemand nie. Maar Agab het amper vasgeloop teen 'n groot klip.

Dit was die baken tussen sy grond en dié van 'n ander man. Anderkant die klip was 'n wingerd. Daar was 'n man met sy twee seuns besig om te werk tussen die druiwestokke, en

'n bietjie verder aan, onder die bome, kon Agab die wit mure van 'n huis sien. Daar het Nabot gewoon wie se wingerd naasaan die koning se paleis was.

As Agab daardie grond tog ook maar in die hande kon kry! Dan kon hy 'n groentetuin daarvan laat maak. En hoekom nie? Hy was mos 'n koning en hy was ryk.

"Nabot!" roep hy.

Die man in die wingerd kyk op en kom nader. Hy buig voor die koning. Beleef vra hy: "Wat kan ek doen vir meneer die koning? "

"Nabot, gee my asseblief jou wingerd," sê die koning. "Ek wil 'n groentetuin daarvan maak.

Ek sal jou 'n ander wingerd gee, wat groter is as dit."

Maar Nabot het sy voorkop op 'n plooi getrek.

"Wil jy dan liewers my geld hê? " vra Agab. "Goed, ek sal jou die prys betaal wat jy vra! "

Maar Nabot het sy kop geskud. Hy het gestaan voor die magtige koning. Hy was maar 'n eenvoudige boer, maar hy het vas gekyk in die oë van Agab en beslis nee gesê.

"Ek het die grond geërf van my vaders," sê Nabot. "My pa en my oupa het hier gewerk en in die huis gewoon, en al my voorouers van die tyd van Moses af, toe die Here die land aan ons volk gegee het. U weet tog goed, o koning, dat die wet sê: 'n Israeliet mag nie sy grond vir altyd verkoop nie. Mag die Here my bewaar dat ek nie die erfdeel van my vaders aan u gee nie! "

Agab het kwaad geword. Hy het nors omgedraai en geloop, terwyl hy in sy hart vloek. Hy was nie daaraan gewoond dat iemand vir hom nee sê nie. Hy het altyd sy sin gekry. En hier kom nou 'n klein boertjie wat in sy pad staan met sy ouderwetse geloof. Hoe meer hy daaroor nadink, hoe meer vererg het hy gevoel. Hy wou die tuin nie meer sien nie. Van sy mooi planne sou niks kom nie. Hy het kwaad teruggegaan na sy kamer in die paleis. Hy het die deur agter hom toegeklap en mismoedig op sy bed gaan lê. Hy was nukkerig soos 'n kind wat bederf is. Toe dit etenstyd word, wou hy nie aan tafel gaan sit nie.

Sy mooi vrou Isébel het by sy bed kom staan. Haar hare was gegeur met lekker reukwater en sy het haar hand sag op sy skouer gelê.

"Wat makeer? " het sy gevra. "Hoekom so verdrietig en hoekom eet jy nie? "

Toe hy haar vertel, het sy hom met 'n spotlaggie aangekyk. "Is jy nou 'n koning? " het sy gevra. "Staan op, eet en wees vrolik. *Ek* sal jou die wingerd van Nabot gee! "

Verwonderd het hy na haar gekyk, maar hy het gesien dat sy meen wat sy sê.

Toe het hy opgestaan. Hy het sy vrou geken. Wat Isebel wou hê, sou gebeur. Sy sou hom die wingerd van Nabot gee. Wat het dit vir hom saak gemaak hoe sy dit regkry?

320

Hy het geëet en gedrink, en was al meer in sy gedagtes besig hoe om sy tuin nog mooier te maak. Isebel het gaan sit en 'n brief geskrywe in die naam van Agab aan die oudste en die vernaamste manne van die stad. Sy het die brief verseël met die koninklike stempel van Agab se seëlring. Toe het dit gelyk asof Agab dit self geskrywe het.

Isebel het geskrywe:

"Nabot moet sterwe. Laat die hele stad treur en vas asof iemand 'n groot sonde gedoen het.

Soek dan twee slegte manne wat gewillig is om voor almal te vertel dat Nabot die sondaar is. Laat hulle sê dat Nabot die Here en die koning gelaster het. Dan sal Nabot met klippe doodgegooi moet word."

Dit was 'n plan so gemeen, so gruwelik sleg, soos net Isébel kon uitdink.

Maar sy het die brief aan 'n boodskapper gegee en tevrede gewag.

Was die hoofmanne van Jisreël so sleg dat nie eens een van hulle nee gesê het toe hulle die brief lees nie? Het niemand se gewete hom gepla nie? Hulle het gedoen soos hulle in die brief gebied is.

Die anderdag het stadsomroepers in die strate uitgeroep dat almal moet roubedryf omdat daar 'n groot sonde gedoen is. Niemand moes eet of drink voor die sondaar nie gestraf is nie. 'n Menigte mense het

na die stad se poort geloop om te hoor wat gebeur het. Daar het die regters met ernstige gesigte gesit, en 'n man, 'n eenvoudige boer, is deur die soldate na hulle gebring. Wat het hy dan verkeerd gedoen?

"Hy het die Here en die koning gevloek! " het een man uitgeroep wat voor die regters gestaan het.

"Ja, ek het dit ook gehoor!." het 'n ander een gesê. "Dis vreeslik soos hy gepraat het!"

Nabot het dit heftig ontken. Met jammerklagte het hy gesweer dat hy onskuldig was. Maar dit het niks gehelp nie. Die twee valse getuies het net so heftig gesweer dat hy skuldig was.

Sy vonnis is gou gevel. Die regters het goed geweet dat hy onskuldig is, maar hulle het gesê:

"Nabot is skuldig. Hy moet met klippe doodgegooi word."

Hulle het die arme man buitekant die stad gesleep. Hy met sy familie was miskien nog die enigste mense in die stad wat die Here gedien het. Die twee valse getuies het die eerste klippe gegooi, en daarna die ander mense.

'n Boodskapper het na die paleis gehardloop en hom voor Isébel gebuig. Hy het gesê:

"Nabot is gestenig en is dood."

Sy het gelag en tevrede geknik. Sy het dadelik vir Agab gaan sê:

"Staan op en neem die wingerd van Nabot in besit. Hy wou dit mos nie vir geld verkoop nie.

Nou kry jy dit verniet, want hy lewe nie meer nie."

En terwyl Nabot se liggaam nog nie eens koud was nie, het Agab al vrolik in sy wingerd geloop. Wat het hy omgegee vir Nabot? Hy het

alles weer mooi bekyk en gedink hoe hy dit sou verander en mooi maak.

Maar daar was weer iemand wat sy planne bederf het. Weer was dit 'n gewone man, maar iemand wat hom nie voor Agab sou buig nie. Toe Agab hom kom kry, staan die man daar by hom in die wingerd. Hy het sy velmantel aangehad, maar soos 'n regter het hy voor die koning gestaan. Sy oë het geflikker van heilige toorn.

Agab het inmekaar gekrimp van skrik toe hy sien wie die man is. Elia! En hy roep uit:

"Het jy my gekry, my vyand?"

Elia het geantwoord:

"Ek het u gekry!" En hy het 'n harde boodskap vir die koning gehad:

"So sê die Here: Jy het vermoor! En wil jy nou ook nog berowe? Nou sal jy en jou familie uitgeroei word, soos jy met Nabot gedoen het. Op die plek waar die honde die bloed van Nabot gelek het, sal die honde jou eie bloed lek. En die honde sal Isébel se liggaam eet op die grond van Jisreël."

Bleek van die skrik het Agab teruggegaan na sy paleis. Hy het sy klere geskeur en 'n roukleed om sy lyf gebind en het sonder kos gebly. Isébel het vir hom gelag en hom weer aangehits.

Die Here het gesien hoe Agab hom verneder het voor Hom en het vir Elia gesê hoe sy straf

'n bietjie versag sou word.

Maar dit het nie lank geduur nie of Agab was weer dieselfde trotse sondaar van vroeër.

Sy straf sou kom.

Die woord van die Here is seker.

322

80. Agab se Dood

1 Konings 22:1-40; 2 Kronieke 18

EMAND het koning Agab kom besoek. Dit was Josafat, die koning van Juda, en hulle twee I het voor die poort van Samaria gesit.

Soos goeie vriende het hulle daar in hulle mooi mantels gesit, die goddelose Agab en die vrome Josafat. Hulle het 'n groot plan gemaak. Saam wou hulle gaan veg teen Benhadad, die koning van. Aram. Die Aramiete het stede van Agab se land in besit geneem. Hulle het belowe om dit terug te gee, maar het dit nie gedoen nie. Nou wou Agab hulle met geweld terugneem, eerste vir Ramot in Gilead. Maar Josafat was nie gerus nie. Hy was 'n goeie man en wou eers weet of die Here die oorlog goedkeur. Daarom het Agab profete laat kom om hulle te vra.

Hulle was nie goeie, dapper dienaars van die Here nie. Hulle het nie gepraat soos die Here wou hê nie, maar het net gesê wat Agab graag wou hoor. Hulle was baie. Honderde het voor die koning gestaan en laag voor hom gebuig.

"Sal ek teen Ramot in Gilead gaan veg, of dit laat staan? " het die koning gevra.

En die manne het uitgeroep: "Gaan, en die Here sal die stad in die hand van die koning gee!"

Dit het gelyk asof die profete baie seker was. Een van hulle, Sedekia, het 'n paar ysterhorings op sy kop vasgemaak en daarmee gespring en gestoot soos 'n bees. Hy het uitgeroep:

"So sal u die Arameërs stoot totdat hulle vernietig is."

Maar Josafat het hom nie laat bedrieg nie.

"Is daar nie nog 'n ander profeet nie? " het hy gevra.

Ja, daar was nog een.

Agab het sy voorkop op 'n plooi getrek toe hy dink aan hom. Sy naam was Miga en Agab het hom gehaat. Hy het hom in die gevangenis laat gooi omdat hy oor Agab niks goeds maar net slegte dinge geprofeteer het. Maar om Josafat tevrede te stel, het Agab 'n boodskapper gestuur om hom te gaan haal.

"Al die profete het goed gepraat," het die boodskapper gesê. "Doen tog net so, Miga! "

Na baie weke in 'n donker kamer in die tronk het Miga die eerste maal weer die son gesien.

Hy het bleek en maer geword en sy oë was dof. Hy het baie swaar gehad, maar dit het hom nie bang gemaak nie.

"Alleen wat die Here sê, sal ek praat," het hy geantwoord.

'n Bietjie later het hy voor die koning gestaan, moedig, 'n ware dienaar van die Here tussen baie leuenaars.

Agab het amper nie gedurf om in sy eerlike oë te kyk nie. Hy het geweet dat hy nie veel goeds van Miga kon verwag nie. Daarom het hy hierdie keer Josafat se naam ook genoem.

Miskien sou Miga aan Josafat 'n goeie tyding bring.

"Miga, sal óns gaan veg teen Ramot in Gilead? " het Agab gevra.

Miga het stilgebly en stilgestaan. Dit was asof hy luister na 'n stem wat niemand anders hoor nie. Sy oë het verweg gekyk asof hy daar

die antwoord sien.

Toe sê hy treurig: "Ek het die hele Israel gesien, versprei oor die berge soos skape sonder 'n wagter.... "

Dapper Miga! Hy was 'n beter dienaar van die koning as die ander profete, maar het geen 323

beloning gekry nie. Sedekia het vorentoe gespring en hom in sy gesig geklap en Agab het hom na die gevangenis teruggestuur en bevel gegee dat hulle hom byna moes laat verhonger. En Josafat het niks gedoen om hom te red nie.

Maar toe die swaar deur van die tronk agter hom toegemaak was, het Miga gelukkiger gevoel as die ander manne wat gepraat het soos Agab wou hê. Hulle kon die koning se vriende wees, maar hy was 'n vriend van 'n groter Koning en het Sy liefde by hom gevoel.

MIGA se waarskuwing het niks gehelp nie. Gou het die twee konings opgetrek met hulle leërs. Maar Agab het Miga se woorde nie vergeet nie. "Soos skape sonder 'n wagter."

Dit het nog geklink in sy hart toe hy met sy manne uitry in sy koninklike wa. En daarby het hy nog 'n ander stem ook gehoor wat sê: "Waar die honde die bloed van Nabot gelek het, sal die honde jou bloed ook lek."

In sy verbeelding kon hy Miga en Elia dreigend voor hom sien staan — die een kwaai, met flikkerende oë, en die ander 'n gevangene, bleek en uitgeteer. Maar albei het met eweveel sekerheid sy dood voorspel.

Hy het gegril. Sy hart het inmekaar gekrimp van angs as hy dink aan die oorlog. En tog kon hy nie daar wegbly nie. Geen soldaat moet weet hoe bang sy koning voel nie.

Agab wou *lewe,* al het die Here ook twee maal gesê dat hy sou sterwe. 'n Lewe van sonde lyk so mooi. Maar daarna, na die dood, sou die straf vir sy goddeloosheid kom.

Hy wou *lewe.* Hy het dit nie gedurf om te sterwe en voor die Here te verskyn nie. In sy doodsangs het hy 'n plan gemaak om te slim te probeer wees vir Miga en Elia. Hy het sy mooi klere uitgetrek en hom aangetrek soos 'n gewone soldaat. En toe klim hy op 'n gewone wa met perde daarvoor, wat geen versiersels aangehad het nie. Hy het dit gedoen sodat niemand hom kon uitken as hy tussen sy manskappe veg nie.

Die koning van Aram het sy manne bevel gegee om Agab die heel eerste aan te val. Maar hulle kon hom nie kry nie. Toe hulle op Josafat afkom, dag hulle dis Agab wat op sy koninklike wa ry. Maar toe hulle Josafat hoor skreeu: "Vorentoe, manne van Juda," het hulle geweet dit is nie die koning van Israel nie. Toe het hulle weggedraai van hom af en verder gesoek. Hulle kon Agab nie kry nie.

Maar Agab het op sy wa gestaan en sy swaard geswaai, en lag gekry omdat hy hulle so gekul het. Hy het dapper geveg. Al sy angs was weg. Sy slim plan het goed gewerk.

Skape sonder wagter! A, Miga, die ongeluksprofeet kon sê wat hy wou. Agab was vir hom te slim!

Maar in die leër van die vyand het 'n Aramese soldaat gestaan. In sy eenvoudigheid het hy

'n pyl geneem en dit somaar so tussen die manskappe van Israel ingeskiet. Hy het dit agterna gekyk, maar kon nie juis sien waar dit beland nie.

Maar Agab, wat nog gestaan en lag het op sy wa, het skielik met 'n gekreun inmekaar gekrimp. 'n Lang, skerp pyl het deur 'n oop plekkie, net langsaan sy pantser, deurgedring toe hy sy arm oplig om

met die swaard te slaan. Die swaard het uit sy hand geval en sy arm het slap gehang.

"Draai om!" het hy vir sy drywer geskreeu. "Neem my weg uit die geveg, want ek is gewond."

Maar die manne het so hard om hom geveg dat daar nie plek was vir hom om weg te kom nie. Die geveg het ook hewiger geword, en as die koning nou vlug, sou sy manne moed verloor. Toe het Agab maar aan sy strydwa vasgehou en regop gestaan terwyl hulle óm hom veg. Hy het baie pyn gehad en was doodsbleek. Maar sy bloed het geloop oor sy blink pantser en daar was later 'n groot kol bloed in die wa se bak. En toe die son ondergaan en die skaduwees van die nag oor die slagveld aankruip, tóé het die swart nag van die dood ook vir Agab gekom.

Sy soldate het soos skape sonder 'n herder weggedwaal huis toe — soos Miga voorspel het.

Die geveg was verlore. En die herder, wat nooit 'n goeie herder was nie, het in sy bloed gelê op 'n wa wat langsaam na Samaria gery het.

Toe die wa uitgespoel word by die waterdam van Samaria, het 'n klomp honde nader gesluip en die koning se bloed gulsig opgelek.

So was die einde van Agab, die goddelose koning wat nie wou luister na die Here se stem nie.

81. Josafat

2 Kronieke 17-20; 1 Konings 22:40-48.

OE Josafat nog 'n seuntjie was en in die paleis by koning Asa gewoon het, het hy T dikwels sy vader en sy moeder gesien kniel voor die

Here.

Hy het geleer om dit ook te doen. Hy het die Here al van jongs af liefgehad, en het 'n godvresende man geword. Toe sy vader gesterf het en hy self op die troon sit, het hy geprobeer om 'n goeie koning en ook 'n goeie dienaar van die Here te wees. Hy het oral in die land vername manne en priesters gestuur om die mense te leer hoe om die Here te dien.

In die hele land het hy regters aangestel. Hy het gesê hulle moet eerlik en regverdig wees en hulle nie laat omkoop nie, omdat die Here eendag *hulle* Regter sou wees.

Dit het goed met hom en sy koninkryk gegaan. Die Here het Josafat geseën. Juda het 'n ryk en sterk land geword, sterker as al die lande rondom.

Die volke wat rondom gewoon het, het bang geword vir sy mag.

"Ons moet goeie vriende bly met Josafat," het party van die konings gedink.

Hulle het vir hom groot geskenke gebring en 'n verbond met hom gemaak. Dit het die Filistyne en die Arabiere ook gedoen.

Maar die Moabiete en die Ammoniete het nie so gedink nie. Dis waar, hulle was bang vir Josafat se mag, maar juis daarom het hulle hom gehaat. Hulle het hulle klaargemaak en uitgekyk na 'n goeie kans om Juda aan te val.

En eenmaal, nadat Josafat met Agab saamgeveg het teen die Aramiete, en verslaan is, het hulle kans gesien om hom aan te val. By duisende het hulle sy land binnegestroom om Juda te verower. Hulle het net wat hulle kon, geplunder of verniel. Waar hulle gewees het, het die land 'n woestyn geword.

Josafat het dit gehoor toe hulle reeds by Engedi gekom het, en die angs in sy hart was groot. Maar hy het geweet waar om hulp te soek. Hy het met sy hele volk saamgekom by die tempel en daar gebid om uitkoms uit die nood. Om hulle koning het die manne gekniel en gelê, en die vroue het hulle bewende hande opgelig en gekniel terwyl hulle bid om hulp. Ja, ook die klein kindertjies het hulle handjies gevou en saam probeer bid.

En meteens het daar 'n man tussen die mense opgestaan. Sy oë het geskitter van. vreugde.

Hy het 'n antwoord van die Here gekry op die gebed.

"So sê die Here," het hy uitgeroep, "moenie bang wees vir hierdie groot menigte mense nie.

Die Here sal self teen hulle veg.... Teen hierdie tyd môre sal julle sien hoe die Here julle verlos sonder dat julle veg!"

Sonder 'n geveg?

Dit was 'n snaakse boodskap, maar Josafat en sy mense het dit geglo. Hulle het die Here gedank vir die belofte en het gerus huis toe gegaan. Toe hulle die anderdagmôre teen die vyand optrek deur die dal Tekoa was dit asof hulle na 'n fees gegaan het. In mooi gekleurde feesklere het sangers voor gegaan en hulle lied gesing. "Loof die Here, want Sy goedertierenheid is tot in ewigheid."

En hulle geloof is nie beskaam nie.

Toe hulle agter die heuwels kom waar die kamp van die Moabiete en die Ammoniete was, het hulle hul tente gesien, en hulle kamele en hulle troppe vee, maar geen vyand het hulle aangeval nie.

Verwonderd en versigtig het hulle nader gegaan, en wat sou hulle sien? Oral op die grond lê daar dooie liggame. Hulle vyande het onder mekaar stry gekry en terwyl Josafat en sy leër aankom en die

mense sing, het hulle met mekaar geveg. Baie is doodgemaak en die ander 326

het gevlug.

Juda het nie nodig gehad om te veg nie. Sonder 'n slag te slaan, het hulle gewen. Met die menigte goed en klere en ander kosbare dinge wat die Moabiete en die Ammoniete laat agter bly het, kon die mense van Juda teruggaan huis toe.

So is koning Josafat geseën omdat hy die Here gevrees het.

NET een verkeerde ding het Josafat gedoen.

Daardeur het hy nie 'n seën nie maar 'n vloek oor sy volk gebring.

Hy het gedink: "Ek kan die Here goed dien, al gaan ek ook met goddelose mense om."

En hy het vriende gemaak met die slegte koning Agab. Hy het gedink: "My seun Joram kan maar trou met die dogter van Agab en Isébel, al het die meisie nie die Here lief nie."

Haar naam was Atalia en sy was goddeloos. Toe sy na Jerusalem gekom het, het sy haar beeld van Baäl saamgebring.

O, as Josafat maar geweet het hoeveel ellende en verdriet sy oor sy volk na sy dood sou bring!

Maar hy het self die Here nooit losgelaat nie. As 'n vroom koning het hy vyf-en-twintig jaar lank geregeer, en hy het as 'n vroom man gesterwe.

Maar na sy dood het daar 'n vreeslike tyd gekom, toe die mense van Juda byna heeltemal weggelei is van die Here. Hulle het Baäl gedien net soos die mense van Israel.

Dit was Josafat se skuld deurdat hy vriende gemaak het met goddelose mense. Soos 'n onversigtige kind het hy met vuur gespeel.

82. Elia en Elisa

1 Konings 19:19-21; 2 Konings 2:1-18.

IER-EN-TWINTIG osse het op 'n land * geploeg, twee voor elkeen van twaalf ploeë.

V Agter die twaalfde ploeg het *Elisa* geloop, die seun van 'n boer, en voor hom het elf knegte geploeg. Hulle het ploegvore in die land van die een kant tot by die ander getrek. Dan het elkeen omgedraai en weer van die ander kant af sy voor getrek. Die vreeslike droogte, wat drie jaar geduur het, was verby. Die klam grond het lekker geruik.

Binnekort sou Elisa die saad van die woord van die Here saai, goue saad wat sou neerreën op die harte van mense en welig groei, en 'n heerlike oes sou lewer. O, dit was lekker om 'n boer te wees en onder die blou lug te werk en te vertrou op die Here.

Maar Elisa het sy laaste voor geploeg. Van die suidekant af uit die rigting waar — ver, baie ver weg — die berg Horeb was, het 'n man oor die ploegland aangeloop gekom. Hy was 'n sterk man, met donker, moedige oë en hy het stil agter Elisa aangeloop. En meteens ruk die man sy mantel af en gooi dit oor Elisa se skouers.

Die osse het stil gaan staan. Elisa het geskrik en omgekyk. Daar staan Elia, die groot profeet wat hom ernstig aankyk sonder om 'n woord te sê.

En Elisa het verstaan waarom Elia so 'n snaakse ding gedoen het. Hy moes nie meer sy boereklere dra nie, maar die mantel van 'n profeet. Die Here het 'n groot werk vir hom gehad.

"Laat my asseblief toe om eers my vader en moeder te gaan groet," het Elisa gesê. "Daarna sal ek saam met u gaan."

Hy het 'n vuur gemaak met die hout van sy ploeg en ander gereedskap. Toe het hy die osse geslag en die vleis daarop gaargemaak. Hy sou die osse nie meer nodig hê nie. Toe het hy met sy dienaars feesgevier.

Daarna het Elisa, hulle baas, agter sy meester Elia aangeloop, en hy het self 'n kneg geword. Hy het Elia se kos klaargemaak en daarna eers self geëet. Hy het Elia se voete gewas en geluister as Elia die saad saai, die goue saad van die Here se woord, in die harte van mense.

Dit het jare lank geduur. Elia was meer as 'n meester vir Elisa; hy was ook 'n vader vir hom.

Maar die vader sou nie altyd by hom bly nie. 'n Tyd het gekom toe hy ook moes weggaan.

Wie sou sy opvolger wees? Wie sou aangaan met die stryd teen die sonde van 'n volk wat aangehou het om af te dwaal van die Here?

EENDAG het hulle saamgeloop deur die sonnige land, en hulle het albei geweet dat dit die laaste keer sou wees.

Hulle harte was vol, maar hulle het min gepraat. Nadat hulle deur Gilgal geloop het, het Elia afskeid geneem van Elisa. Elia sou binnekort op die groot reis gaan waarvan niemand weer terugkom nie. Elisa sou nie saamgaan nie. Was dit dan nie beter dat hy maar nou agterbly nie?

"Bly hier, Elisa," het sy meester gesê, "want die Here het my na Bet-el gestuur."

Maar op hierdie laaste dag het Elisa nie gehoorsaam nie. Hy het sy meester al so lank gevolg dat hy nou nie kón agterbly nie.

Elisa het geantwoord: "So waar as die Here leef, ek sal u nie verlaat nie."

Saam het hulle na Bet-el gegaan. Die profete wat daar gewoon het, het geweet wat gaan gebeur. Hulle het in Elisa se oor gefluister:

"Weet jy dat die Here jou meester van jou gaan wegneem?"

Treurig het hy geantwoord: "Ja, ek weet dit. Bly stil."

Toe hulle van Bet-el af verder geloop het, sê Elisa weer: "Bly hier, Elisa, want die Here het my na Jerigo gestuur."

Maar Elisa wou tot die laaste oomblik by sy meester bly. Daarom het hy geantwoord:

"So waar as die Here leef, ek sal u nie verlaat nie."

Hulle twee het saam in Jerigo gekom. Daar was ook profete en hulle het saggies vir Elisa gevra:

"Weet jy dat die Here jou meester van jou gaan wegneem?"

Treurig het hy geantwoord: "Ja, ek weet dit. Bly stil."

Maar van Jerigo af het hulle twee nog verder geloop. Toe sê Elia nog 'n maal:

"Bly hier, Elisa, want die Here het my na die Jordaan gestuur."

En weer het hy geantwoord: "So waar as die Here leef, ek sal u nie verlaat nie."

Toe het hulle saam verder gegaan.

En vyftig van Jerigo se profete het op 'n afstand agter hulle aangeloop. Maar by die Jordaan het hulle stilgestaan. Toe sien hulle hoe Elia sy mantel neem, dit oprol en daarmee op die water slaan. Wonderlik genoeg, die water het aan weerskante verdeel sodat daar vir hulle 'n droë pad dwarsdeur die rivier was. Elia en Elisa het deurgeloop en tussen die heuwels aan die oorkant verdwyn.

Die profete het hulle meester die laaste maal gesien. Maar Elisa was nog by hom. Verdrietig het hy saamgeloop sonder om te praat.

In die verte het die top van die berg Nebo geblink in die son. Dit was daar waar Moses, die groot profeet, deur die Here weggeneem is. Nou het amper net so 'n groot profeet hier vir die laaste keer sy voete neergesit.

Daar sou 'n wonder gebeur, maar Elia was nie daarvoor bang nie. Maar was dit 'n troos vir hom dat iemand trou by hom gebly het tot sy laaste oomblik op aarde?

Hy het Elisa aangekyk. In sy oë was daar groot liefde. Sag het hy gevra: "Kan ek nog iets vir jou doen, my seun, voor ek van jou weggeneem word?"

Elisa het net een wens gehad. Hy was vir Elia soos 'n seun gewees. Nou wou hy ook iets van hom erwe.

Wat het Elia gehad? Geen geld of goed nie, net 'n ou, geslyte mantel.

Maar hy het iets meer gehad. Hy het sy ywerige gees gehad, sy groot geloof en die wonderlike gawe waardeur hy 'n groot profeet kon wees. *Hierdie* groot skat wou Elisa hê sodat hy die opvolger van sy meester kon wees. Daarom het hy eerbiedig gevra:

"Meester, laat 'n dubbele deel van u gees op my kom."

Maar dit was nie iets wat 'n mens kon gee nie. Net die Here kon dit doen. Elia het niks meer geantwoord nie as net om te sê: "Jy het 'n

moeilike ding gevra. Geen mens sal my kan sien as ek deur die Here weggeneem word nie. Maar as *jy* my dan sien, kan jy weet dat die Here jou wens vervul het. Dan sal my gees op jou kom."

Hulle het verder geloop en met mekaar gepraat. Die hemel het swart geword van die wolke.

Weerlig het neergeslaan. En skielik, in daardie onweer, was dit asof 'n groot vuurvlam langs Elisa verbygaan. En sy meester het verdwyn.

Maar Elisa het hom in die lug gesien. Hy het hom *gesien.* 'n Vuurwa met vurige perde het Elia in die stormwind opgeneem.

Elisa het sy hande uitgesteek na hom en geroep: "My vader, my vader, wa van Israel en sy 329

ruiters!"

Toe sien hy niks meer nie. Die wind het al sagter gewaai. Die wolke het verminder. Die son het weer deurgebreek. Elisa was alleen in die veld.

Maar voor hom op die grond het die mantel van Elia, wat van sy skouers afgeval het, gelê.

Toe het Elisa seker geweet dat hy sy erfenis sou kry. Hy het die mantel geneem en teruggegaan na die Jordaan. Toe hy by die breë stroom water kom, het hy met die mantel daarop geslaan soos Elia gedoen het. Eerbiedig het hy gevra:

"Waar is die Here, die God van Elia, ja, Hy?"

Dit was 'n gebed.

En kyk, die God van Elia was by Elisa. Dieselfde mag wat Elia van Hom gekry het, het Hy ook aan Sy kneg Elisa gegee. Die water was daaraan gehoorsaam en het na weerskante verdeel.

Die profete wat nog op die oorkantse wal gestaan en wag het, het gesien hoe Elisa deur die rivier loop, en het eerbiedig voor hom gebuig. Hulle het verstaan dat *hy* nou hulle meester sou wees.

Maar hulle het nie geglo dat Elia op so 'n wonderlike manier weggegaan het nie. Hulle het gedink dat hy net soos elke ander mens gesterwe het. Daarom wou hulle sy liggaam soek om dit te begrawe.

Elisa het hulle dit afgeraai.

"Julle sal sy liggaam nie kry nie!" het hy gesê.

Maar hulle wou nie luister nie. Vyftig manne het oor die Jordaan gegaan en drie dae lank in die veld aan die ander kant gesoek.

Hulle het niks gekry nie.

"Het ek nie so gesê nie?" het Elisa gevra.

Toe het hulle geglo.

Soos hy op die aarde gewandel het, so het Elia na die hemel gegaan.

330

83. Elisa

2 Konings 2:19-25; 4; 6:1-7.

OU het Elisa as 'n profeet deur die land gegaan. Hy het in die geloof deur die land N gegaan, soos hy vroeër oor sy saailand geloop het. Maar dit was 'n grootser en heerliker werk. Die saad wat hy nou gesaai het, was die Woord van die Here, en die onkruid wat hy wou uitroei, was die sonde.

Die saailand was groot en onvrugbaar, en daar was min arbeiders. Distels en dorings het welig gegroei en die Satan het altyd meer

gesaai. Maar al het Elisa min vrugte op sy werk gesien, het hy dit getrou en gehoorsaam gedoen, want hy het geweet dat dit nie verniet sou wees nie. Waar hy gekom het, het hy seën gebring vir almal wat die Here nog wou dien.

Nooit het iemand, wat raad of hulp wou hê, verniet na hom gekom nie. As dit Sabbat, of die fees van die nuwe maan was, het hy die mense by mekaar laat kom om die Here saam te verheerlik.

Hy was anders as sy meester. Elia was 'n groot en 'n geheimsinnige man. Hy het nie lank op

'n plek gebly nie. Hy het skielik verskyn en skielik weer verdwyn.

Maar Elisa het in 'n huis gewoon in Samaria, en daarvandaan het hy deur die land gereis.

Hy het tussen die mense gewoon en baie van hulle geken.

Maar sy geloof was nie kleiner as dié van Elia nie. Deur daardie geloof het hy baie wonders gedoen.

Daarvan is oor die hele land vertel.

En al die wonders was waarskuwings van die Here in daardie donker tye toe Israel Hom weer vergeet het.

Dit was asof die Here met elke wonder van Elisa gesê het: "So groot, so goed, so heilig is Ek, Israel, kom dan na My!"

Toe Elisa in Jerigo was, het die mense kom kla dat die water daar sleg was en gemaak het dat die grond onvrugbaar was. Hy het gesê hulle moet 'n skottel sout bring, en dit het hy in die fontein gestrooi, onderwyl hy sê:

"So sê die Here: Ek het die water gesond gemaak."

Toe het die water verander en lekker gesmaak. En die grond het reggekom soos 'n kind wat gesond word na 'n swaar siekte.

Daarvandaan het Elisa na Bet-el gegaan, waar die mense vroeër die goue kalf gedien het.

Hulle kinders was so onbeskof en stout dat 'n hele klomp klein seuntjies agter die profeet aan geloop en met hom gespot het. Hulle het gelag en gesê:

"Laat hom ook opvaar na die hemel soos sy meester."

En terwyl hulle al agter Elisa aan loop, het hulle geskreeu: "Gaan op, kaalkop! Gaan op, kaalkop!"

Hy het omgedraai en baie ernstig met hulle gepraat. En toe hulle aanhou om te spot, kom daar twee bere uit die bos en verskeur twee-en-veertig van die stout kinders.

Maar niemand se hart was seerder as dié van Elisa nie toe hy eensaam verder loop.

Hy het in *Gilgal* gekom toe daar hongersnood was. Daar was 'n klomp profete-seuns en een van hulle het veld toe gegaan om groente te soek. Hy het karkoere gekry en 'n groot kooksel saamgebring. Hy het nie geweet dat hulle giftig was nie. Toe die karkoere gekook was en hulle daaraan proe, het hulle geskreeu:

"Man van God, die dood is in die pot!"

Maar Elisa het 'n bietjie gewone meel laat kom en dit in die pot gegooi. Toe het die kos 331

eetbaar geword. Almal het geëet en niks daarvan oorgekom nie.

Die voorval met die bere, wat die kinders verskeur het, was een van die weinige male dat Elisa se koms op 'n plek 'n vloek onder die mense gebring het. Maar dit was hulle eie skuld.

Hulle moes nie gespot het met 'n man van God nie.

Vir die vroom mense het hy niks as net goeds gebring. Arm mense het hy soms op 'n wonderlike manier gehelp. Een maal het hy 'n vrou uit groot nood gered. Haar man, wat die Here liefgehad het, was dood, en sy het baie arm geword daardeur. Sy moes skuld maak en kon dit nie terugbetaal nie. Nou wou die man, wat haar die geld geleen het, haar twee seuns as slawe verkoop om sy geld terug te kry. En wie sou dan vir haar kos verdien? Sy sou van honger moes sterwe.

Toe sy Elisa kom vra om haar te help, het hy gevra: "Wat het jy nog in jou huis?"

Daar was niks meer nie as net een flessie met olie.

Dit was al.

Toe sê hy: "Gaan en leen leë kanne by jou bure. Sorg dat jy nie te min kry nie. Bring hulle in jou huis en sluit die deur aan die binnekant. Maak dan al die kanne vol olie."

Maak almal vol! Maar hoe kon 'n mens 'n klomp groot kanne volmaak uit een ou klein flessie?

Die vrou kon dit nie verstaan nie, maar sy het geglo en gehoorsaam.

Sy het die olie uit die flessie begin uitgiet.... en aangehou met uitgiet. Toe die eerste groot kan vol was, het sy met die tweede begin. Haar hande het gebewe toe sy die wonderflessie so onderstebo vashou. Deur haar trane van blydskap kon sy sien hoe die goudgeel olie uitloop.... en aanhou uitloop. Sy het die een kan na die ander volgemaak en haar seuns het die kanne, wat vol was, opsygesit.

Toe sê sy: "Bring nog 'n kan."

Maar daar was nie meer nie. En toe het die olie opgehou om te loop.

Maar daar was genoeg. Sy het die olie verkoop en haar skuld betaal en nog genoeg oorgehou om van te lewe — sy en haar kinders.

ELISA self het arm gebly. Hy het nooit sy goddelike gawe vir homself gebruik nie. In 'n geslyte mantel het hy te voet deur die land geloop om ander te help. Daar was geen droefheid te klein of bekommernis te gering om sy hulp aan te bied nie.

Eendag het hy weer in Jerigo gekom en 'n man sy byl teruggegee.

Dit was 'n geleende byl en die man het dit baie mooi opgepas. Elisa was daar toe hy saam met 'n paar ander manne hout gekap het op die wal van die Jordaan. Terwyl die man gekap het, het die byl uit die steel gespring en in die diep water geval. Die byl was weg. Hy kon nie

'n ander een koop nie, want hy was net so arm soos Elisa.

"Ag, meneer!" het hy uitgeroep. Die profeet het nader gekom, en hulle moes hom wys waar die byl geval het. Toe sny hy 'n

stok af en gooi dit op die plek waar die byl in die water weggesink het. En kyk, toe kom die swaar stuk yster boontoe en drywe soos hout op die water.

Die man kon hom amper nie verroer van verbasing nie. Elisa moes hom sê om die byl uit die water te haal! So is hy ook wonderbaarlik gehelp.

'n Herder in Palestina wat voor sy skape loop . "En wanneer hy sy eie skape uitgebring het, loop hy voor hulle uit; en die skape volg hom, omdat hulle sy stem ken.... Ek is die goeie herder, en Ek ken my eie en word deur my e ie geken" (Joh. 10:4 en 14). Hierdie foto laat ons ook aan Ps. 23 dink.

Naby Damaskus, een van die oudste stede in die wêreld, by hierdie ou stad het Abraham sy broer Lot uit die hande van heidense magte gered (Gen. 14). Koning Dawid het hier iewers die Arameers van Damaskus verslaan *(2* Sarn. 18: 5, 6). Maar later was die heerser oor Damaskus 'n gevaarlike vyand van Israel (1 Kon. 11: 23-25).

333

MAAR in Sunem het Elisa sy grootste wonder gedoen. Hy het 'n kind uit die dood opgewek.

Hy het dikwels deur Sunem gegaan en daar was 'n vrou wat altyd by haar deur gestaan het.

Sy het hom dan genooi om binne te kom en iets te eet. Later het sy en haar man 'n klein kamertjie op die dak van hulle huis vir hom laat maak en 'n bed, 'n stoel, 'n tafeltjie en 'n lamp daarin gesit. Omdat hy 'n heilige man van die Here was, wou sy graag iets vir hom doen. Hy kon toe net wanneer hy wou in die kamer kom bly en lekker rus.

Elisa was baie dankbaar. Elke slag as hy in Sunem gekom het, het hy gebruik gemaak van die kamer. Eendag het hy sy kneg Gehasi gestuur om die vrou te roep. Elisa vra toe vir haar:

"Kyk, jy doen so baie moeite vir ons. Wat kan daar nou vir jou gedoen word? Kan ek vir jou

'n goeie woord doen by die koning of by die leërowerste? Sê maar net.... "

Maar vir haar was dit genoeg beloning om te sien hoe baie Elisa dit waardeer wat sy vir hom doen. Sy en haar man was ryk en hulle het gelukkig en tevrede tussen hulle volk gewoon.

Tog was daar een ding wat sy baie graag wou hê, maar sy het dit nie genoem nie. Sy wou al lankal graag 'n Kindjie hê, maar wat sou dit help om so iets te noem?

Sy het maar weer na haar huiswerk toe geloop. Maar Elisa het aangehou dink aan haar.

"Wat kan daar vir haar gedoen word?" het hy vir Gehasi gevra. Gehasi het geweet van haar geheime wens en hy antwoord:

"Sy het nie 'n seun nie en haar man is oud."

Toe het Elisa haar weer laat roep. Sy het dadelik gekom, en toe sy in die deur van die kamertjie staan, sien sy hoe vriendelik die profeet vas in haar oë kyk. Bedaard het hy gesê:

"Sulke tyd, oor 'n jaar, sal daar 'n seuntjie in jou arms lê."

Met hierdie verrassing wou hy haar beloon vir al haar moeite vir hom!

Sy het dit nie geglo nie.

"Ag nee, meneer, moenie vir u dienares so jok nie!" het sy uitgeroep.

Sy kon dit nie glo dat haar grootste wens vervul sou word nie.

Maar na 'n jaar, op die heerlikste dag van haar lewe, het sy waarlikwaar 'n klein babatjie, wat die Here haar gegee het, in haar arms gehou. Toe was haar geluk volmaak.

En daarna, wanneer Elisa in Sunem was en in sy kamertjie gesit het, kon hy die vrolike stemmetjie van 'n kind hoor in die huis wat vroeër so stil was.

'n Paar jaar later kom die seuntjie hom al tegemoet hardloop as hy in die pad aankom.

En Elisa het hom verbly in die vreugde van die ouers.

Maar eendag, toe die kind al 'n taamlike groot seun was, het die Here hulle vreugde verander in verdriet. Maar net vir een dag.

Die kind het op die land gespeel by sy vader en die werkmense wat koring gemaai het. Dit was baie warm, maar hy het nie daaraan gedink nie. Kaalkop het hy in die brandende, warm son gespeel.

Maar meteens het hy na sy pa geloop terwyl hy sy koppie in sy hand hou.

"My kop, my kop!" het hy gekla.

Sy vader dag nie dis iets ernstigs nie en hy sê vir 'n dienaar: "Dra hom na sy moeder." Sy het met hom op haar skoot gesit en gemerk dat al haar liefde en moeite sy lewe nie kon red nie. Die kind moet sonsteek gekry het. Sy hartjie het al swakker geklop en sy dowwe ogies het toegegaan. Toe dit middag word, het hy gesterwe in haar arms.

Sy het wonderlik kalm gebly. Sy het opgeklim en hom op die bed van die profeet neergelê.

Toe het sy die deur gesluit en na haar man gegaan.

Hy het nog nie geweet wat gebeur het nie. Hy het net aan sy werk gedink. En sy vrou het hom niks vertel nie. Sy het haar droefheid alleen gedra.

"Gee my gou 'n esel en 'n dienaar," sê sy aan haar man, "want ek moet na Elisa gaan."

"Maar waarom dan *nou?* vra hy. "Dis mos nie Sabbat of nuwemaan nie."

Maar sy antwoord: "Wees maar gerus."

En sy het nog niks vertel nie.

Sy het die esel opgesaal en daarop geklim. Toe sê sy die dienaar moet die esel so vinnig aanja as wat hy kon.

Op 'n draf het sy oor die veld gery en die warm son nie gevoel nie, want die verdriet in haar hart het nog erger gebrand. Sy het net voor haar gekyk na die Weste waar die berg Karmel in die verte te sien was. Daar moes Elisa wees.

Hy het haar van ver af sien aankom en Gehasi gestuur om haar te ontmoet.

"Vra haar of dit goed gaan met haar man en haar kind," het hy gesê.

"Dit gaan goed," het sy vir Gehasi gesê, net om van hom ontslae te raak. Sy wou haar nood by Elisa kla.

Haar kragte was al uitgeput. In wanhoop het sy voor Elisa neergeval en vasgeklou aan sy voete. En daar by hom, wat haar eenmaal so bly gemaak het, het sy haar uitgehuil.

Gehasi wou haar wegstoot. Hy dag sy is lastig en nie eerbiedig genoeg nie. Maar Elisa het sag gesê: "Laat haar staan, want sy is bitter bedroef. Ek weet nie waarom nie, want die Here het dit nie vir my gesê nie."

Toe het sy haar bleek gesig opgelig en na hom gekyk en gevra:

"Het ek van my heer 'n seun gevra? Het ek nie gesê: Moenie vir my jok nie? Hoekom het ek

'n kind gekry as ek hom tog weer moes afgee?"

Elisa was net so bedroef soos sy. Maar hy het geweet daar is Iemand wat haar nog kan help. Sou iets vir die Here te wonderlik wees?

Hy het sy staf vir Gehasi gegee en gesê: "Loop gou na haar huis, en laat niemand jou op pad ophou nie. Lê dan my staf op die gesig van die seun."

En terwyl Gehasi vooruit hardloop, het Elisa en die vrou agter hom aan geloop.

Maar Gehasi was ongelowig. Hy dag: "Sou my meester miskien dink dat die kind weer lewendig sou word?"

En kyk, dit het ook nie gebeur nie. Toe Elisa in sy kamer kom, lê die klein liggaampie nog koud en wit op die bed.

Hy het die deur gesluit. En toe het hy gebid. Daarna het hy op die kind gaan lê en sy mond op die kind se mond, en sy oë op die kind se oë, en sy hande op die hande van die kind gesit, totdat die koue liggaam weer 'n bietjie warm geword het. Toe het hy opgestaan en heen en weer in die kamer geloop, onderwyl hy gebid en die God van die lewe gesmeek het om die kind weer lewendig te maak. Toe het hy weer na die bed gegaan en hom oor die kind gebuig.

Het daar 'n trillinkie van lewe in die gesiggie gekom? Het die bleek wangetjies 'n bietjie kleur gekry?

Meteens het die kind genies. Hy het sewe maal genies. Toe gaan sy oë helder oop en kyk verwonderd rond.

Toe die moeder geroep is en sy haar kind sien wat dood was, en wat nou sy handjies uitsteek na haar, het Elisa net gesê:

"Tel jou seun op."

Die vrou het aan sy voete geval en die almag van die Here aanbid.

Nou was sy nog baie gelukkiger as ooit tevore. Nou het sy eers goed verstaan dat sy *alles* aan die Here te danke gehad het.

DIE gerug van hierdie wonder het deur die land gegaan, van mond na mond, van hart na hart. Daar was niemand wat nie van die wonderlike dade van die groot profeet gehoor het nie. En geen mens in die land Israel is nie deur die Here gewaarsku nie.

As iemand in die stilte daaroor nadink, het die wonder 'n stem gekry. Dit het gesê: "Israel, so groot is die mag en die liefde van die Here. Hoekom verlaat julle Hom dan?"

Maar ag, Israel het nie geluister nie!

84. Naäman en Gehasi

2 Konings 5.

EHASI het gedroom van rykdom en eer. ^-* Hy het saam met Elisa deur die land ge-G gaan, maar hy het nie op die woorde van sy meester gelet en ook nie die taal van sy wonders verstaan nie. Wat help wonders en mooi woorde as hulle 'n mens tog nie ryk en groot maak nie? So het hy gedink.

In sy verbeelding het hy 'n huis en baie vee en dienaars gesien. En alles behoort aan hom wat Gehasi is! Dit was sy begeerte. So lank as wat hy dit nog nie gekry het nie. sou hy nie gelukkig wees nie, dag hy.

VER weg in Damaskus, die hoofstad van Aram, was 'n man wat alles gehad het waarvan Gehasi gedroom het, en nog baie meer. Maar ook hy kon nie gelukkig wees nie.

Dit was Naäman, die leërowerste. Hy het perde en waens en dienaars en geld gehad, en hy het in 'n mooi paleis gewoon. Maar *hy* was ook nie gelukkig nie.

O, Naäman was ryk genoeg! Almal het hom geëer, want hy was 'n dapper man wat die vyande van sy land verslaan het. Naas die koning was hy die vernaamste man in die land.

Maar wat het dit alles vir Naäman gehelp? Hy was melaats. Daar was lelike, wit swere op sy gesig en sy hande, ja, op sy hele liggaam. Nie een dokter in die hele land kon hom gesond maak nie. Ook Rimmon, die god wat hulle aanbid het, kon sy gebede nie verhoor nie.

Sy dienaars was baie jammer vir hom. Hy was 'n goeie en 'n vriendelike man, soos 'n vader vir sy dienaars.

Maar ook hulle liefde was magteloos.

Sy kwaai siekte het al erger geword. Die wit swere het al dieper in sy vlees ingevreet. 'n Langsame en vreeslike dood sou die einde wees van jare se lyding en pyn.

Maar eendag het 'n klomp Arameërs die land van Israel binnegeval en 'n klein dogtertjie as gevangene teruggebring. Hulle het haar as 'n geskenk gegee aan hul leerowerste se vrou.

Sy moes toe in die groot huis van Naäman werk. Sy het gehou van haar goeie meester, maar kon haar eie mense nie vergeet nie.

Eendag sê sy vir haar meesteres: "Ag, as my heer maar net by die profeet was wat in Samaria is, sou hy hom gesond maak."

Toe hulle haar nie wou glo nie, het sy vertel van wat sy van Elisa se wonders in haar eie land gehoor het. Vir Naäman het daar toe 'n klein ligstraaltjie van hoop in sy treurige hart geskyn.

Hy het dit vir sy koning gaan vertel. En nie lank daarna nie het hy op reis gegaan na die ver land van Israel. Hy het in 'n mooi wa gery terwyl baie dienaars te perd saamgegaan het. Hy het goud, silwer en ander mooi geskenke saamgeneem.

Sy koning het ook 'n brief geskrywe aan die koning van Israel. Daarin het hy geskrywe:

"Saam met hierdie brief stuur ek my dienaar Naäman sodat u sy melaatsheid kan wegneem."

Die koning van Aram het gedag dat almal vir hom moet gehoorsaam wees, ook die wonderdoener van Israel.

MAAR toe die koning van Israel die brief lees, het dit hom vreeslik ontstel. Hy het uitgeroep:

"Dink daardie man dan dat ek die Here is? Kan ek 'n mens se melaatsheid gesond maak! Hy weet mos goed dat niemand dit kan doen nie. Hy wil maar net met my twis soek sodat hy my land kan kom inneem!"

In sy angs en droefheid het hy sy klere geskeur.

337

Maar toe Elisa dit hoor, het hy vir die koning 'n boodskap gestuur.

"Laat daardie Arameër na my toe kom," het hy gesê, "en dan sal hy weet dat daar 'n profeet in Israel is."

Hy was baie seker van sy saak.

Naäman het gebewe van opgewondenheid en het toe deur die stad gery na die plek waar Elisa gewoon het.

"Nou," het hy gedink, "sal die profeet uit sy huis kom en beleef voor my neerbuig. Dan sal hy vir my bid en sy hand heen en weer oor my beweeg, sodat ek kan gesond word."

Maar toe hy met sy wa en al sy dienaars voor die nederige huisie van die profeet stilhou, het Elisa maar net 'n man na hom gestuur met die boodskap:

"Gaan en was jou sewe maal in die Jordaan. Dan sal jy gesond word!"

Die profeet het nie eens uit sy huis gekom nie.

Toe het al Naäman se hoop verdwyn. Hy het hom vreeslik vererg. Het hy so ver gekom om so sleg behandel te word? Het hy gekom om maar net te bad in die geel, modderige water van die Jordaan? Was daar nie beter riviere — die Abana en die Farpar met kristal helder water — in sy eie land n'e?

Diep teleurgesteld het hy die sweep oor sy perde laat klap en weggejaag uit Samaria, terug na sy land, waar hy al so baie gely het.

Maar sy dienaars het hulle kop verdrietig geskud. Hulle het op hul perde langs sy wa kom ry en hom gesmeek:

"My vader, moet tog nie so maak nie. As die profeet vir u iets moeiliks gebied het, sou u hom geglo het. Hoekom glo u hom dan nie nou as hy iets makliks vra nie?"

Nou ja, Naäman kon dit darem probeer, net om sy dienaars te plesier. Hy moes tog by die Jordaan verbygaan. Hy het by die rivier stilgehou en afgeklim van sy wa. Hy het sy mooi klere uitgetrek en in die water ingeloop.

Een maal, twee maal, het hy ingeduik onder die troebel water, sonder om te glo. Hy het maar nog net so melaats gebly as tevore. Nog 'n maal, en nog 'n maal het hy sy kop onder die water gedruk. Hy kon geen verandering merk aan sy lyf nie. Maar hy moes dit sewe maal doen, het die profeet gesê.

Toe hy uitkom na die sewende maal en die water uit sy oë vrywe, hoor hy sy knegte skreeu.

Hy kyk na sy liggaam. En waarlikwaar, sy vlees was soos die vlees van 'n jong seun.

Hy was rein en gesond. Hy het gedans soos 'n kind en gelag en geskreeu van pure blydskap. Gou het hy ander klere aangetrek en op sy wa gespring.

Haastig het Naäman en al sy dienaars teruggegaan na die profeet. En hy het vir Elisa gesê:

"Kyk, nou weet ek dat daar geen God op die hele aarde is nie, behalwe in Israel. Neem tog nou 'n geskenk aan van u dienaar. Ek kan u nooit genoeg beloon nie! "

Elisa het geglimlag, maar sy kop geskud. Naäman het ernstig aangehou dat hy iets moet neem, maar hy wou nie. Elisa het gesê:

"Ek is maar 'n dienaar van die Here. Dis Hy wat u gesond gemaak het, en nie ek nie."

"Nou ja," het Naäman geantwoord, "gee my dan asseblief 'n vrag grond, soveel as twee muile kan dra. Dan sal ek op die grond in my land 'n altaar vir die Here bou, en nie meer enige ander god dien nie as net die Here. Mag die Here my vergewe as ek net soos gewoonlik darem saam met my koning na die tempel van Rimmon gaan . . . . "

Elisa was bly om die grond vir hom te gee. Die mooiste van daardie dag was dat ook die siel van hierdie heiden moontlik genees is.

Toe het 'n paar van die dienaars die grond gaan grawe, en die skatte is weer ingepak en opgelaai.

Gehasi se hart het vinnig geklop toe hy met begerige oë staan en kyk na die skatte. Hy het nou baie naby aan sy mooi droom gekom. Net een sakkie silwer sou genoeg wees om hom tevrede te stel.

Gehasi het nog die wa agterna gestaan en kyk nadat Elisa al binne toe geloop het.

"Daar gaan my geluk," het hy opgewonde gedink. "Maar *sal* ek dit laat gaan? Kan ek nie iets doen om dit tog in die hande te kry nie?"

Elisa sou nie merk as hy 'n rukkie weg is nie. Hy moes *nou* iets doen. So 'n mooi kans moes hy nie laat verbygaan nie.

Gehasi het agter die wa aan gehardloop.

Naäman het iemand agter hom hoor roep en omgekyk. Toe sien hy die kneg van Elisa aankom.

Hy het dadelik laat stilhou, van sy wa afgespring en hom beleef tegemoet gegaan.

"Het daar iets gebeur?" het Naäman bekommerd gevra.

"Nee, alles gaan goed," het Gehasi hygend geantwoord. "Maar u was skaars weg, toe daar

'n paar besoekers gekom het, twee profete seuns van die gebergte van Efraim af. My meester wil hulle graag iets gee, maar hy het niks. Daarom vra hy of u hom nie een sakkie silwer en twee stelle klere sal stuur nie."

Naäman het hierdie leuen geglo. Hy was bly om tog iets vir Elisa te kan doen. Hy het twee sakkies silwer gegee en twee stelle mooi klere. En hy het gesê twee van sy dienaars moet dit vir Gehasi dra!

Maar voor hulle by die huis van Elisa kom, het Gehasi die goed vir homself geneem. Hy het hulle teruggestuur en alles in die huis van 'n vriend gaan wegsteek. Hoe lekker was dit nie vir hom om te hoor hoe klink die silwer en om sy hand oor die kosbare klere te stryk nie! A, met een skelm plan het hy meer gekry as 'n ander man sy hele lewe lank kan verdien!

Nou sou dit nie meer lank duur nie of sy droom sou verwesenlik wees. Dan sou hy 'n ryk heer wees! Iemand anders kan voortaan maar die dwase profeet se werk vir hom doen.

Maar toe hy met 'n doodonskuldige gesig, asof niks gebeur het nie, weer by Elisa kom, merk hy hoe sy meester vas in sy oë kyk. Bedroef het Elisa gevra:

"Waar was jy, Gehasi?"

Gehasi het geskrik, maar hom reggeruk. Nog 'n leuen kon hom red.

"Ek?" vra hy verbaas. "Ek was nêrens nie."

Maar Elisa het verdrietig geantwoord: "Gehasi, Gehasi, het my hart nie saamgegaan toe 'n man van sy wa af omgedraai het na jou toe nie? Is dit nou die tyd om te dink aan geld en klere en wingerde en slawe en slavinne? .... Daarom sal jy en jou nageslag vir altyd melaats wees."

Gehasi het doodsbleek geword, maar nie net van skrik nie. Die vreeslike siekte het hom alreeds aangetas en hy was wit daarvan.

Nou kon hy 'n huis koop en soos 'n groot meneer lewe. Hy het ryk en belangrik geword.

Maar waar was sy geluk nou?

VAN hierdie wonder het die mense ook oral vertel. Maar het hulle die les daarvan verstaan?

Het dit die mense nader aan die Here gebring?

Ag, daar was baie melaatses daardie tyd in Israel, maar net een is genees — Naäman, die Arameër.

Die meeste in Israel het geen geloof gehad nie. Die heidene het hulle voorgegaan.

EN wat van die klein slavinnetjie in Naäman se huis? Sy kon seker 'n mooi geskenk kies toe haar meester gesond teruggekom het. Maar was die mooiste nie dat die Here haar in daardie vreemde land tot 'n seën gemaak het nie?

340

85. Elisa en die Arameërs

2 Konings 6: 8 tot 7:20

IE koning van Aram was baie kwaad. Hy het oorlog gemaak teen Israel en sy leër sou D die land op 'n sekere plek aanval. Waar en wanneer is streng geheim gehou. Maar toe sy leër daar aankom, kyk, toe was die koning van Israel met sy manne al daar om hul land te verdedig.

Dit kon maar toevallig gewees het. Maar 'n rukkie later wou hy op 'n ander plek aanval. Nou het hy sy planne nog meer geheim gehou. Maar weer was die koning van Israel op daardie nuwe plek met sy leër, asof hy vooraf alles geweet het.

Dit het oor en oor gebeur. Die Arameërs kon nêrens in die land van Israel kom nie, of die Israeliete se swaarde het voor hulle gesigte geblink!

Dit kon nie anders wees nie, het die koning gedink; daar moet iemand van sy mense wees wat 'n verraaier en 'n spioen was.

Hy het sy dienaars geroep en gesê: "Een van julle moet vir die koning van Israel wees. Wie is dit? Wie kan my sê?"

Niemand het geantwoord nie.

Die manne het ernstig gelyk, maar almal kon hom bedaard in die oë kyk.

Toe kom een van hulle vorentoe en sê: "Meneer die koning! By ons is nie 'n verraaier nie.

Maar dit is die skuld van die profeet Elisa wat in Israel is. Hy is 'n wonderdoener, 'n groot towenaar. Hy weet alles. Hy kan hoor wat u in u slaapkamer sê. Hy sou die koning van Israel gewaarsku het."

"O, dan is hy ons grootste vyand!" het die koning uitgeroep. "Dan moet ons hom gaan vang!"

Hy het spioene uitgestuur om te gaan verneem waar Elisa was. En toe die koning hoor dat Elisa in die klein dorpie Dotan was, het hy perde en waens en 'n groot leër daarheen gestuur. In die stilte van die nag het hulle die dorpie omsingel.

En toe die kneg van Elisa die môre vroeg opstaan, sien hy dat die hellings van die heuwels rondom die dorp oortrek was met waens en perde en honderde soldate.

Dit was 'n gesig om 'n mens bang te maak. Die hele dorp was in rep en roer. Die mense het gekerm en hulle hande gewring. Elisa se kneg het bleek en bewend na sy heer gegaan. Hy het goed geweet om wie se ontwil die vyand daar was. Sy meester het mos teen die Arameërs gewerk met sy wondermag.

"Ag, meneer, hoe sal ons maak?" het hy gekla.

Maar Elisa het geglimlag. Bedaard het hy gesê:

"Moenie bang wees nie; want dié wat by ons is, is meer as dié wat by hulle is!"

Dié wat by ons is! Maar die dorpie was klein en daar was maar net 'n handjievol dapper manne. Die dienaar kon dit nie verstaan nie en het gebewe van angs. Maar Elisa het gebid:

"Here, open tog sy oë dat hy kan sien!"

En toe sien die dienaar nog 'n ander leër, Dié leër was tussen die Arameërs en die dorp, en dit was nog vreesliker om hierdie leër te aanskou as dié van die Arameërs. Daar was duisende engele met blink swaarde op vuurwaens met vuurperde daarvoor. Die Here het 'n hemelse leër gestuur om Elisa te beskerm.

Wie sou nou nog bang wees?

Die dienaar het agter sy meester aan geloop toe Elisa na die vyande gaan. Hy het nou nie eens gebewe toe hy hulle sien aanstorm nie, want hy het die engele by hom en die profeet 341

gesien. Toe hoor hy Elisa bid:

"Here, slaan tog hierdie mense met blindheid." Hy het gesien hoe die profeet sy hand opsteek en hoe die Arameërs meteens stilstaan.

Dit was alles so wonderlik.

Toe sê Elisa vir die Arameërs: "Dit is nie die weg en dit is nie die stad nie. Volg my, dan sal ek julle lei na die man wat julle soek

Sy woorde het 'n snaakse, geheimsinnige krag gehad. Soos in 'n droom het hulle agter hom aan geloop, asof hulle in 'n dik mis is. Hulle het nie geweet waarheen hulle gaan nie.

Na die Suide, heuwel op, heuwel af, het hulle, soos skape agter 'n wagter, al agter die profeet en sy dienaar aan geloop, totdat hulle deur 'n poort gegaan het. Die poort is agter hulle toegemaak.

Toe het Elisa gebid: "Here, open hulle oë!" Soos na 'n lang, nare droom, het hulle hul oë oopgemaak, en kyk, hulle was binne-in Samaria! Hulle was gevang soos rotte in 'n val! Die leër van Israel het hulle omsingel.

Opgewonde van blydskap en verbasing het die koning van Israel gevra: "Moet ek hulle verslaan? Moet ek hulle verslaan, my vader?"

Maar vir sulke lafhartige wraak het Elisa hulle nie hierheen gebring nie. Streng het Elisa geantwoord:

"Nee, u mag hulle nie verslaan nie. Sou u mense doodmaak wat u self nie gevang het nie?

Sit hulle liewer brood en water voor en laat hulle teruggaan na hulle meester."

Die koning het nie gewaag om anders te doen nie. Hy het vir hulle 'n groot maaltyd berei. Stil en verleë het die Arameërs gesit en geëet en gedrink. Soos honde wat geslaan is, het hulle teruggegaan. Hulle was skaam, maar baie dankbaar vir Elisa se liefde.

Van daardie wonderlike dag af het die Arameërs nie meer kom roof in die land van Israel nie.

MAAR lank, baie lank daarna het daar weer oorlog uitgebreek met Aram, en toe is Samaria beleër.

Weke, maande, baie lank kon niemand uit die stad gaan of in die stad kom nie. Die kos het langsaam opgeraak. Oor die hoë mure, waaroor geen Arameër kon klim nie, het 'n baie gevaarliker vyand die stad binnegesluip. Hy het die arme mense, klein en groot, met sy wrede kloue gegryp.

Dit was die *honger* wat in die stad gekom het en wat die inwoners langsaam sou doodmartel, as daar nie gou uitkoms kom nie. Met doodsangs in hul oë het die mense oral rond kos gesoek. 'n Maer eselkop is verkoop vir tagtig stukke silwergeld. En die mense het nog slegter dinge geëet en duur daarvoor betaal. Party het mal geword van honger.

En nog altyd was die tente en die waens van die vyand rondom die stad. Wanneer *hulle* vleis braai, het die lekker geur in die stad ingewaai en die honger mense nog verder gemartel.

Die koning kon sy mense se lyding nie langer so aansien nie. Eers het hy gehoop dat Elisa hom sou help. Hoekom het hy dit nie gedoen nie, as hy kon? Maar Elisa het self honger gely. En nou in sy wanhoop het die koning hom die skuld vir alles gegee. Hy het gesweer dat hy die profeet sou vermoor. Met sy gewapende dienaars het hy na Elisa gegaan. Toe hy by hom kom, het die koning geskreeu:

"Kyk, hierdie onheil kom van die Here! Hoekom help Hy ons nie as Hy kan? Hoekom sou ek langer op die Here hoop?"

Maar in die oë van die ou profeet was daar 'n hemelse lig. Hy het sy maer hand opgesteek 342

en bedaard gesê:

"Môre, omtrent hierdie tyd, sal daar baie kos wees. In die poort van Samaria sal 'n maat fynmeel maar net 'n sikkel kos, en twee mate gars ook 'n sikkel."

Almal het stil geword van verbasing.

Net een offisier wat langs die koning gestaan het, het ongelowig gelag.

"A, die ou leuenaar!" het hy gespot. "Dit kan nie wees nie. Al sou die Here ook vensters in die hemel maak om die kos daardeur af te gooi, sou dit nog glad nie kan gebeur nie."

Elisa het die man ernstig aangekyk en het net so bedaard soos tevore gesê: "Jy sal dit sien, maar niks daarvan eet nie."

DIT het aand geword.

Die son was onder. Die skemer van die nag het gekom en dit het die aarde bedek.

Buitekant die poort van Samaria het vier melaatse manne gesit. Hulle mag die stad nie binnegaan nie. By al hulle pyn en ellende moes

hulle ook nog die straf van die honger dra.

Hulle was al naby die dood.

Hierdie donker aand het hulle lyding vir hulle te veel geword. Toe sê hulle vir mekaar: "As ons in die stad sou gaan, sal ons sterwe. As ons hier bly, sal ons ook sterwe. Laat ons oorloop na die leër van die Arameërs. Dis ons laaste kans. Miskien kry húlle vir ons jammer.

Anders sal ons ook maar moet sterwe. Liewer dood as so swaar kry."

Hulle het toe langsaam deur die donker geloop in die rigting van die vyand se kamp. Maar hoekom is dit daar so wonderlik stil? Hulle moes al baie naby die kamp wees. Hulle kon die swart omtrekke van die tente gewaar. In die donker het hulle die dowwe rooi liggies van vure gesien wat amper uitgebrand was, maar hulle het niemand teëgekom nie. Versigtig en baie verbaas het hulle nader gekruip. Die tente was leeg. 'n Esel het eensaam rondgedwaal.

Klere en wapens het in wanorde rondgelê. Dit was geheimsinnig doodstil. Daar was geen vyand nie.

Wat gebeur het, was dat die Arameërs vreeslike geluide gehoor het. Daar was 'n geruis van waens, 'n gekletter van wapens, 'n geskreeu en gerunnik van perde wat in die aandskemering oor die heuwels al nader gekom het. Hulle het gedink 'n groot leër was aan die kom. Natuurlik sou die koning van Israel die Egiptenaars gevra het om hom te kom help, dag hulle. In groot haas het hulle weggevlug, asof die dood op hul hakke v/as.

Hulle het gevlug vir niks anders nie as net geluide wat die Here hulle laat hoor het.

Dit het die melaatse manne nog nie geweet nie. In een tent het hulle kos gesien en hulle het dit soos diere gegryp en geëet. Ook was daar goud en silwer en klere. Hulle het dit geneem en êrens gaan

begrawe. Toe het hulle teruggekom en nog meer geneem en begrawe.

Daarna het hulle bymekaar gaan sit onder die sterre en gesels. Hulle was versadig en was baie gelukkig. Noudat hulle nie meer honger was nie, het hulle ook aan ander gedink.

"Ons doen nie reg nie," het hulle gesê. "Dis 'n tyd van groot blydskap vir ons volk. Ons mag nie stilbly tot môre nie. Kom laat ons dit dadelik aan die koning gaan vertel."

Dit was nog donker toe hulle al voor die poort van die stad gestaan het. Hulle het die wagters geroep en gesê wat hulle gesien het. En die wagters het na die koning gehardloop.

Maar die koning het die wonder nie geglo nie.

"Luister," het hy vir sy knegte gesê, "laat ek julle vertel wat die Arameërs aan ons gedoen het. Hulle weet ons het honger. Nou het hulle hul in die veld gaan wegsteek om ons uit die stad te lok. Dan kom hulle om die stad in te neem. Dis hulle skelm plan."

Toe het hy 'n paar dienaars op twee waens uitgestuur om te gaan kyk. Hulle het die spore van die Arameërs gesien en dit gevolg tot by die Jordaan. En oral langs die pad het hulle 343

klere en ander dinge gesien wat die Arameërs in hul oorhaastige vlug weggegooi het, sodat hulle gouer kan wegkom. Toe die koning dit hoor, het hy die stad se poorte wyd laat oopmaak. Met gejuig het die mense uitgehardloop na die Arameërs se kamp. Daar was kos.

Daar was lewe! In hulle groot haas het hulle 'n man, wat by die poort gestaan het om die orde te bewaar, omgestamp en doodgetrap.

Wie was dit?

Dit was die offisier wat in sy haat en ongeloof so gespot het met Elisa se boodskap! Maar hy het nog gesien hoe een van die mense al van

die Arameërs se kamp teruggekom het met fynmeel en 'n maat daarvan verkoop het vir een sikkel. En twee mate gars is ook vir een sikkel verkoop, soos Elisa voorspel het.

HIERDIE groot wonder het die Here gedoen vir mense wat Hom amper almal verlaat het.

Hoekom?

Om nog 'n maal vir hulle te sê: "Israel, alleen by My is julle veilig. Alleen by My is vrede en geluk."

So smeek 'n vader sy kind om terug te kom van 'n gevaarlike pad af. Maar wat as die kind nie wil luister nie?

86. Jehu

2 Konings 9 en 10

AAR was weer oorlog met Aram, maar die koning van Israel — Joram, die seun van D Agab — het siek gelê in Jisreël. Sy veggeneraal was Jehu.

Hy was 'n knap krygsman, net soos Joab, die leërowerste van Dawid — net so dapper, net so ru en nog roekeloser.

Hy het die vyande verslaan by Ramot, waar Agab eenmaal gesterf het. Die stad het hy beleër. Van padgee het hy nie geweet nie. Alles moes buig of bars voor Jehu. Maar sy soldate het gehou van hom. En hy was trou aan die ander hoofmanne.

Eendag het hy met hulle voor die mure van Ramot sit en gesels. Hulle het growwe grappies gemaak en gelag. En toe skielik gaan die deur oop en op die drumpel staan 'n vreemde jong man in 'n profetemantel. Wat soek so 'n vreemde dienaar van die Here hier by die ruwe soldate?

Hulle het stilgebly. Die kalm oë van die profeet het bedaard na Jehu gekyk. Toe sê die profeet:

"Ek het 'n boodskap vir u, o hoofman."

"Vir wie van ons almal?" vra Jehu. "Vir my?"

En die man antwoord: "Ja, vir u, o hoofman!"

Toe staan Jehu op en gaan met hom na 'n ander kamer.

Hy kon nie 'n mooier boodskap gekry het nie. Die jong man, wat deur Elisa gestuur was, het

'n kruik met olie geneem en dit op die hoof van Jehu gegooi. Toe sê hy: "So sê die Here: Ek salf jou as koning oor Israel. Jy sal Agab se familie en sy vrou Isébel ombring omdat hulle so goddeloos was."

En toe maak die jong man dat hy wegkom. Jehu het verbaas bly staan. Hy het die geurige olie van sy gesig afgevee en gelag toe hy dink aan sy mooi toekoms. Met 'n blye hart het hy teruggegaan na sy vriende.

"Wat wou daardie vent van jou hê, Jehu?" het hulle geskreeu.

Jehu het geaarsel. Kon hy dit nou al vertel?

"Ag, dit maak nie saak nie," het hy gesê. "Julle het self gesien hoe 'n snaakse man hy is."

Maar hulle het die lekker geur van die olie geruik en gesien hoe sy oë skitter. Hulle het gevoel dit moet iets besonders wees.

Nuuskierig het hulle gesê: "Ag, vertel maar vir ons, Jehu! Moenie vir ons jok nie."

Toe moes hy dit maar vertel.

"Nou ja," het hy geantwoord, "hy het gesê: So sê die Here: Ek sal jou aanstel as koning oor Israel."

Hulle was bly en het opgespring. Een het hard op die basuin geblaas om die leër op te roep.

Die ander het hulle mantels haastig op die huis se trappe neergelê en Jehu daarop laat sit soos 'n koning op sy troon. Hulle was baie eerbiedig vir hom en het uitgeroep:

"Jehu is ons koning!" Die hele leër het geesdriftig vir hom hulde bewys.

Maar Jehu het bedaard gebly. Hy het die beste geweet dat hy nog nie waarlik koning was nie. Hy het gesê: "As julle dit goedvind, laat niemand uit die stad vlug om te gaan vertel wat hier gebeur het nie!"

Hy het sy dapperste manne uitgesoek, sy perde laat inspan en teen dolle vaart na Jisreël 345

gejaag. Hy wou self vir Joram gaan sê dat daar 'n ander koning sou wees.

Hoog bokant die huise het die wagtoring van die paleis uitgesteek. Daarop het 'n man waggehou en uitgekyk oor die land.

Baie ver weg het hy 'n stofwolkie op die pad gesien. Soos 'n slang het dit vinnig aangekruip gekom. Die wagter het ondertoe geskreeu:

"Ek sien 'n klomp manne aankom!"

Koning Joram het dit gehoor. Hy het op sy rusbank gelê, en daar was 'n besoeker by hom, Ahasia, die koning van Juda. Hy was die seun van Joram se suster Atalia, en moes oom sê vir Joram. Die koning het 'n perderuiter uitgestuur.

"Vra vir die manne of hulle koms met vrede is," het hy gebied.

Maar toe die ruiter by Jehu kom en dit vra, skreeu Jehu: "Wat het jy met vrede te doen?

Kom agter my aan."

Die ruiter was bang om nee te sê en hy het gedoen soos Jehu gebied het.

Weer het die wagter op die toring ondertoe geskreeu, en nou het hy gesê:

"Die boodskapper het tot by hulle gekom, maar hy kom nie terug nie."

Die koning was verwonderd en het nog 'n

ruiter gestuur. Met hom het dit net soos met die eerste gegaan.

Die wagter het van bo geskreeu: "Die boodskapper het tot by hulle gekom, maar hy kom nie terug nie. Die trop mense kom vinnig nader, en dit lyk na Jehu, want hy jaag soos 'n mal mens!"

Joram het groot geskrik en opgespring. Jehu, die veggeneraal, het sy leër verlaat en het self hierheen gekom. Dan moet dit iets ongewoons wees. Toe sê Joram hulle moet dadelik sy wa inspan. "En my wa ook!" het Ahasia uitgeroep.

Toe het die twee konings weggery, elk op sy eie wa, om Jehu te ontmoet. Hy was al naby die stad. Hulle het by hom gekom op die stuk grond van Nabot, wat naas die paleis was.

"Is jou koms met vrede, Jehu?" het Joram gevra. Maar sy hart het gebewe toe hy die kwaai oë van die wilde Jehu sien.

"Wat!" het Jehu gesê. "Vrede, solank as wat jou moeder Isébel so vreeslik sonde doen?"

Verskrik het die koning omgedraai en gevlug, terwyl hy skreeu: "Verraad, Ahasia!"

Maar Jehu het sy boog gespan en Joram in die rug geskiet. Die pyl het deur sy hart gegaan.

Hy het die leisels laat val en inmekaargesak. Die perde het stil gaan staan.

"Vat hom en gooi hom op die grond van Nabot, wat sy moeder gesteel het," het Jehu gebied.

En so het dit gebeur.

Ahasia het gevlug, maar hulle het hom agtervolg en hom ook met 'n pyl geskiet. Nie ver daarvandaan nie het hy in Megiddo gesterf.

DIE wagter op die toring het alles gesien en vir Isébel laat weet.

Sy was al 'n ou vrou, maar nog net so sleg en goddeloos soos vroeër. Sy het vir niks teruggedeins nie.

Gou het sy na haar kamer gegaan en haar oë swart geverf. Haar gerimpelde wange het sy rooi gemaak, haar mooiste klere aangetrek en by die venster uitgekyk. Haar kamer was op

'n boonste verdieping van die paleis.

Die kruin van die berg Tabor ongeveer vyf myl oos-suidoos van Nasaret. Heel moontlik het Jesus as kind en jong man dikwels hierdie berg bestyg, want vanaf die ongeveer 1,800 voet hoë berg het 'n mens 'n wonderlike uitsig oor Galilea, die See van Galilea, die sneeubedekte Hermon en ander berge, vlaktes, dorpies en riviere. Tabor is soos 'n koning onder die berge (Jer. 46:18).

Die prag daarvan laat die digter uitroep: "Tabor en Hermon jubel in u Naam" (Ps. 89:13).

Welige plantegroei langs die kant van die Jordaan waar dit uitvloei uit die meer van Galilea.

Vroeër was daar wilde diere. "Kyk, soos 'n leeu uit die pronkbosse van die Jordaan sal daar een optrek . . . ." (Jer. 49:19).

347

Toe Jehu by die poort inkom, het Isébel uitgeroep: "Gaan dit goed, moordenaar van jou meester?"

Jehu het opgekyk na die venster en gevra: "Wie is vir my, wie?" Toe het twee of drie hofdienaars ook by die venster uitgekyk. Hulle het agter Isébel gestaan en vir hom gebuig.

Hulle wou sy vriende wees.

Jehu sê toe vir hulle: "Gooi haar af!"

Hulle het haar gegryp, en terwyl sy hard geskreeu en gespartel het, het hulle haar deur die vensterraam gegooi.

Met 'n harde slag het sy op die grond beland en haar bloed het gespat teen die muur en die perde. Uiteindelik het haar goddelose mond stil geword en haar slegte hart het stilgestaan.

En op haar verminkte liggaam, wat so lank die volk van die Here vertrap het, het Jehu se perde nou getrap, en met sy waens het hy

oor haar gery.

In die groot saal waar Joram kort tevore nog op sy troon gesit het, was Jehu nou. Met sy dienaars het hulle lekker feesgevier om die koninklike tafel. Maar buitekant het die honde die koninklike vlees van 'n vrou geëet.

Eers nadat Jehu klaar was met sy maaltyd en tevrede agteroor op sy stoel geleun het, het hy weer gedink aan Isébel.

Hy stuur toe 'n paar dienaars na buite.

"Gaan begrawe haar tog maar," het hy gesê, "want sy is 'n koning se dogter."

Maar die dienaars het bleek van ontsteltenis teruggekom.

"Sy is nie meer daar nie," het hulle gesê. "Daar lê net 'n paar bene."

So is die voorspelling vervul wat deur Elia gemaak is.

Die hele land het Jehu as koning erken. Niemand kon hom weerstaan nie. Hy het al die priesters van Baal laat doodmaak en hulle altare en tempels laat afbreek.

En toe . . . en toe was dit gedaan met sy gehoorsaamheid aan die Here. Want hy het die beelde van die kalwers in Bet-el en Dan laat bly. Hy wou nie hê sy volk moet na Jerusalem gaan om daar in die tempel die Here te dien nie.

Maar toe was dit ook gedaan met sy voorspoed. Hasael, die koning van Aram, wat deur Elisa gesalf is, het 'n groot deel van sy land verower, en Jehu se mag het al swakker en kleiner geword.

Hy het die Here nie liefgehad soos Dawid nie.

Hy het net vir homself gesorg en die kalwers gedien soos Jerobeam vroeër gedoen het. En daarom sou sy einde net so treurig wees soos

dié van Jerobeam.

348

87. Joas

2 Kronieke 22-24; 2 Konings 11 en 12,

IE koning is dood! . . . . Die koning is dood!"

"D Die gerug het deur die strate van Jerusalem gegaan en oral het die mense in klompies bymekaargekom.

"Koning Ahasia is dood!" het hulle gesê. "Hy is by Jisreël deur Jehu vermoor. En die koning van Israel en Isébel is ook dood. En al die dienaars van Baäl is in Israel uitgeroei!"

"Wie sal nou koning word? Ahasia se kinders is nog te klein. En wat sal Atalia doen?"

Ja wat sal Atalia doen? Sy was 'n dogter van Agab en Isébel. Maar baie jare gelede het sy na Juda gekom. Toe was sy nog 'n mooi jong meisie. Toe het die vrome koning Josafat haar hierheen gebring as die vrou van sy seun.

Maar dit was die grootste fout wat hy ooit gemaak het. Daardeur het al die seën, wat deur hom in die land gekom het, in 'n vloek verander.

Die mooi jong meisie het 'n slegte hart gehad, net so sleg soos dié van haar moeder Isébel.

Sy het haar eie beeld van Baäl saamgebring. Na Josafat se dood het sy gemaak dat haar man net so sleg geword het soos sy. En toe hy dood is en sy seun Ahasia op die troon gesit het, toe was dit eintlik Atalia wat geregeer het, want haar seun het gedoen soos sy wou hê.

NOU was Ahasia ook dood, én Joram én Isébel. Haar seun, haar broer en haar moeder het sy almal op een dag verloor. Haar hele

familie is deur Jehu uitgeroei.

Maar Atalia het nog gelewe! . . . . En sy was mal van woede en haat. Hier in Juda sou sy haar wreek oor wat in Israel gebeur het.

Was al die altare van Baäl in daardie land afgebreek? Hier in Juda sou die rook van brandoffers op die altare van Baäl opgaan!

Die huis van Agab is mos daar uitgeroei. Nou ja, hier sou die huis van Dawid uitgeroei word.

Die Here het gesê dat die huis van Dawid sal regeer tot in ewigheid. Maar sy, wat Atalia is, sou sorg dat dit nie gebeur nie.

Sy wou self regeer. Daarom moes al die kinders van haar seun doodgemaak word.

O, sy was so 'n regte dogter van Isébel, en het vir niks teruggedeins nie. Sy het haar eie kleinkinders laat doodmaak. Sy dag daar was niemand wat dit sou waag om hulle te red nie, en niemand wat hom sou steur het aan hulle gekerm nie.

Tog is daar darem een seuntjie gered. Sy naam was Joas, en hy was nog baie klein. Hy het nog in sy wiegie gelê.

Die klein seuntjie het niks geweet van die groot gevaar wat hom bedreig nie. Hy het rustig geslaap toe sy tante Joseba hom kom optel en gou met hom weghardloop deur die paleis se gange. Sy kon hom nie buitentoe bring nie, want daar het wagters by die deure gestaan. Toe neem sy hom na 'n uithoekie van die paleis, na 'n klein kamertjie waar die beddegoed gehou is.

Daar sou die goddelose Atalia hom nie soek nie, en was hy voorlopig veilig. Daar het die vrou, wat hom altyd opgepas het, vir hom gesorg.

En in die aand, toe dit donker was, is hy na die tempel gebring.

Daar in die huis van die Here was hy vir altyd veilig.

Daar sou die slegte koningin hom nie soek nie.

Atalia het mos nooit in die tempel gekom nie.

349

Atalia, die heiden, die moordenares, het nou op die troon van Dawid gesit. Sy het gelag. Sy het grimmig gelag toe sy dink daar sou nooit meer 'n koning uit die huis van Dawid wees nie, en sy self sou koningin bly solank sy lewe.

O, as sy maar geweet het dat hier vlak by haar in die tempel, naasaan die paleis, die klein Joas was!

Maar sy het dit nie geweet nie. Sy het nie gedink dat sy eendag sou gestraf word nie. Wreed en streng het sy geregeer. En Baäl het die god van die land geword.

DIE klein Joas het voorspoedig opgegroei. Die tempel was die wêreld waarin hy geleef het.

Buitekant het hy nie gekom nie. Daar was die gemene vrou wat hom wou doodmaak.

Hy het nie vriendjies gehad om mee te speel nie. Hy het maar net groot manne gesien met wit klere aan. Een van hulle was sy oom, die ou en verstandige hoëpriester Jojada. Ook het hy sy tante, die goeie Joseba gesien. Hulle twee het hom saam opgevoed. Jojada het hom mooi verhale vertel van die hemel en van die Here. Joseba het hom geleer bid.

O, dit was baie veilig en lekker daar by hulle agter die hoë tempelmuur.

Ses jaar lank is hy daar weggesteek.

Toe het Jojada geweet dis tyd om hom koning te maak. Die mense was al baie ontevrede in die land. Daar was niemand meer wat die

slegte, wrede Atalia nie gehaat het nie. Almal het gewens dat sy moet doodgaan.

Toe het Jojada die vernaamste manne uit Juda bymekaar geroep in die tempel, en ook al die priesters en Leviete, en hulle vertel dat daar tog nog een kind van Ahasia oorgebly het.

Hy was 'n nakomeling van Dawid. Almal was bly en het ooreengekom met Jojada dat hulle Joas gou koning sou maak.

Hulle moes baie versigtig wees. Atalia moes niks merk nie.

Op 'n Sabbat het almal bymekaargekom in die voorhowe van die tempel. Soldate en Leviete het die poorte bewaak. En voor die deur van die tempel het die klein Joas gestaan. 'n Pragtige kleed is om sy skouers gehang. Heilige salfolie is op sy hare uitgegooi en 'n kroon is op sy hoof gesit. In sy hande het hy die boekrol van die Here se wet, wat Jojada hom gegee het. Hy sou 'n dienaar van die Here wees.

En daar het die klein koning langs die gryse hoëpriester gestaan. Die volk het baie gejuig.

In die paleis het Atalia dit gehoor. Sy was verwonderd en het geluister. Wat gaan daar aan?

Sy kon dit nie verstaan nie.

Sy het haar dienaars geroep, maar niemand het gekom nie. Die paleis was leeg. Selfs die wagters, wat haar moes beskerm, het haar alleen gelaat.

Toe hardloop Atalia self uit die paleis uit na die kant van die gejuig wat sy hoor. Toe sy by die tempelpoort kom, sien sy 'n klein seuntjie met 'n kroon op sy hoof en priesters en soldate rondom hom. En nou skielik het sy alles verstaan!

"Verraad! Verraad!" het Atalia geskreeu. Sy het na die paleis gevlug om daar hulp te soek.

Maar daar was niemand meer wat haar gehoorsaam het nie. En gou-gou het hulle haar gegryp en doodgemaak.

In plegtige optog het hulle Joas na die paleis geneem. En waar sy lewe ses jaar gelede skaars gered is, daar het hy nou as koning op die troon gesit.

Buitekant was daar nog oproer. Hulle het Mattan, die priester van Baal, in sy heidense tempel doodgemaak. Die beelde van die afgode en hulle altare is vernietig.

Toe kon die land weer rus. So 'n rustyd het hulle lank nie gehad nie.

Almal was opgeruimd omdat die land verlos was van die goddelose Atalia.

350

'n VOORSPOEDIGE tyd het vir Juda aangebreek.

Joas was koning, maar die wyse Jojada het in sy plek geregeer totdat hy self groot genoeg sou wees. En toe Joas 'n man geword het en die land self moes bestuur, het dit nog altyd met hom goed gegaan. So lank as wat Jojada sy raadsman was, het Joas die Here gedien.

Hy het Hom gedien omdat Jojada dit wou hê. Jojada het 'n kissie, met 'n klein openinkie in die deksel, voor die poort van die tempel gesit sodat die mense geld daarin kon gooi. Die geld moes gebruik word om die stukkende dele van die tempel, wat deur Atalia geskend is, weer heel te maak. Met vreugde het die mense geld gebring. En na 'n tyd was die tempel weer mooi herstel in die groot stad van die groot koning.

Elke dag het die rook van brandoffers vir die Here weer opgegaan.

Maar Jojada het oud en swak geword en uiteindelik gesterwe. In die graf van die konings is hy begrawe omdat hy so veel goed gedoen het vir die land. Dit was die grootste eer wat hulle hom kon bewys.

Maar toe het Joas nie meer 'n verstandige raadsman gehad nie. En sonder goeie raad kon hy nie klaarkom nie. Hy het 'n swak wil gehad. Toe hy jonk was, het hy nooit vriendjies gehad nie. Daar was altyd grootmense by hom. Hy het maar net geleer om te gehoorsaam, en nie om self te besluit wat om te doen nie.

Noudat hy groot was, het hy nog altyd iemand nodig gehad om hom raad te gee en vir wie hy kon gehoorsaam wees.

Nou het die vernaamste manne in Juda vir hom raad gegee. En hy het alles gedoen wat hulle wou hê, net soos hy vroeër gedoen het wat Jojada gesê het.

En wat wou hulle hê? Dat die afgode weer gedien sou word en dat daar oral altare vir hulle gebou en beelde van hulle sou opgerig word.

Opnuut het die volk die Here verlaat.

Profete het gekom om die koning te waarsku. Maar hy het nie geluister nie, want die leiers van Juda het nie geluister nie.

Sagaria, die seun van sy weldoener Jojada, het in die plek van sy vader hoëpriester geword.

Hy het vir Joas gevra:

"Hoekom vergeet u die gebooie van die Here? U straf sal kom! Omdat u die Here verlaat het, sal Hy u ook verlaat."

Maar Joas en sy raadgewers het 'n plan gemaak om hom te laat sterwe. Die ondankbare Joas het die seun vermoor van die man wat sy eie lewe gered het.

Sagaria is met klippe doodgegooi in die voorhof van die tempel. Maar toe hy in sy bloed op die grond lê, het hy nog een maal sy hand uitgesteek na die hemel en gesê:

"Mag die Here dit sien en dit wreek."

En die Here het die dood van Sagaria gewreek.

Hasael, die koning van Aram, het gekom en die groot leër van Juda verslaan. Hy het die leiers van die volk en al die slegte raadgewers van Joas doodgemaak. En hulle besittings is weggeneem na Damaskus.

Joas het siek geword. En toe kom twee van sy dienaars, wat hom gehaat het omdat hy Sagaria laat doodmaak het, en vermoor hom op sy bed.

Dit was die treurige einde van Joas se lewe wat so goed en mooi begin het. Dit was die einde van 'n man wat soos 'n kind altyd afhanklik gebly het van ander mense en nie 'n kind van die Here wou wees nie.

88. Jona

Jona 1 tot 4

ONA, die profeet, het die Here se woord gehoor:

J "Maak jou klaar, Jona. Gaan na die stad Ninevé en preek daarteen, want hulle boosheid het opgestyg voor My aangesig."

Jona het groot geskrik, want so iets wou hy nie doen nie!

O, hy het goed geweet dat Ninevé goddeloos was. Maar dit was góéd so. Laat daardie heidene maar sonde doen sodat die Here hulle kan vernietig, het hy gedink. A, hoe bly sou hy nie wees as hulle stad vernietig word soos Sodom en Gomorra nie!

Ninevé was die hoofstad van die magtige land Assirië en die Assiriërs was die vyande van sy volk. As hulle so magtig bly, sou hulle eendag kom om Israel te verower. En dit gaan dan juis nou so goed met Israel! Weer was daar 'n Jerobeam wat hulle koning was, Jerobeam

die Tweede. As hy die land sterk maak, sou dit sterk bly, solank as wat die Assiriërs dit nie aanval nie!

O, Jona het die heidene gehaat! En hy wou hê die Here moet hulle ook haat. En nou moet hy na Ninevé gaan om hulle te waarsku en te red!

"Ek wil nie!" het hy gedink. "Ek sál dit nie doen nie."

Maar hy het darem op reis gegaan, dog nie na Ninevé nie. Ninevé was in die Ooste, en hy het na die Weste gegaan. Baie haastig het hy weggevlug van die groot werk wat die Here hom gegee het. Hy wou vlug na 'n plek waar die Here hom nie sou kry nie! Sy angs en onrus het hom laat gou maak om weg te kom.

Hy het by die see gekom en 'n skip gesien in die hawe van Jafo. Dit sou na Tarsis gaan wat baie ver weg is. Hoe verder hoe beter. Jona het die reisgeld betaal en opgeklim. Die ankers is gelig en daar gaan die skip oor die blou water!

Jona het nie veilig gevoel in die helder lig van die son nie. Hy het dit nie gedurf om op te kyk na die hemel nie. Daarom het hy liewer na die onderste dele van die skip afgeklim, en met 'n sug in 'n donker hoekie gaan lê om te slaap en te vergeet.

Dis net die slaap wat sy angs en bekommernis kon wegneem en sy wanhopige hart kon laat rus.

MAAR die Here het daardie klein mensie op die oneindige groot see gesien. Hy het die wolke gewink om te kom. Hulle was gehoorsamer as die mense. En hulle het gou gekom en saamgepak in die lug bokant die skip, sodat die hemel swart geword het.

En Hy het die stormwind geroep om vreeslik sterk te waai. Die skip het gekraak en geskommel op die golwe wat so hoog geslaan het soos huise.

Die seemanne het baie bang geword en geswoeg om hulle skip te red. Hulle het die kosbare lading goed wat op die skip was, afgegooi in die skuimende water om die skip ligter te maak.

Maar dit het nie beter gegaan nie. Toe het hulle in doodsangs na hulle gode geroep — die een na Baal, die ander na Dagon, om hulle te help. Maar dit het niks gehelp nie.

Jona het al die tyd onder in die skip gelê en slaap.

Die skip se kaptein het gekom en hom wakker geskud.

"Hoe kan jy nog slaap!" het hy uitgeroep. "Staan op en help ons om te bid. Jy het mos darem ook 'n God. Miskien sal Hy ons verhoor, sodat ons nie vergaan nie!"

Ja, Jona het ook 'n God gehad. Hy het opgeklim tot op die dek en gestaan en bewe in die groot storm, want hy het geweet dat die Here hom al gevind het. Hy kon nie meer van Hom wegvlug nie.

Swaarmoedig het hy gestaan en kyk hoe die seemanne worstel. Hy het gesien hoe een van hulle in die geraas van die storm hard moes skreeu om gehoor te word. Die man het vir sy maats gesê:

"Daar is seker iemand onder ons vir wie die gode kwaad is. Dis iemand wat 'n groot sonde gedoen het. Laat ons loot om uit te vind wie dit is."

Almal het gedag dis 'n goeie plan. Jona moes ook deelneem daaraan. En die lot het op *hom* geval!

"Wat het jy gedoen?" het die ander uitgeroep. "Wie is jy en waarvandaan kom jy?"

Jona het toe alles vertel.

"My God is die God van die hemel, wat die see en die droë land gemaak het," het hy gesê.

"Dis my skuld dat dit alles gebeur het. Tel my maar op en gooi my in die see. Dan sal die storm bedaar."

Hy het gemeen wat hy gesê het. Hy het geweet dat hy nie werd was om beter behandel te word as die goed wat hulle alreeds in die see gegooi het nie. Hy het die dood verdien deur sy ongehoorsaamheid.

Maar die ander het geweier. Hulle het weer met al hul kragte begin veg teen die storm om die skip weer land toe te bring. Maar hulle kon nie, omdat die see hoe langer hoe onstuimiger geword het. Enige oomblik kon die skip vergaan.

Toe het hulle gebid die Here moet hulle vergewe vir wat hulle gaan doen, en daarna het hulle Jona in die see gegooi. Hy het in die skuimende water verdwyn. En skielik het die storm bedaar en opgehou, soos 'n roofdier wat sy kos gekry het!

Die see het kalm geword. Die son het deur die wolke gebreek en die manne toegelag. Maar toe hulle verder gaan, het die manne oor Jona getreur wat met sy lewe moes betaal vir hulle verlossing.

MAAR Jona was nie dood nie. Deur 'n groot wonder is hy gered.

Die Here het gesien hoe Jona in die water val, en toe hy onder die golwe verdwyn, het Hy alreeds 'n groot vis uit die diep water geroep. Die vis het Jona ingesluk.

Drie dae en drie nagte was hy in die maag van die vis. Maar uit die donker diepte van die see het sy gebed opgegaan na die Here, daar hoog in die hemel!

Dit was 'n baie nederige en ootmoedige gebed. Jona se onwilligheid om die wil van die Here te doen, het nou verdwyn.

Toe die vis hom op die bevel van die Here uitgespuug het op die strand, en hy weer die lekker vars lug inasem en die son sien, tóé was dit asof hy uit die dood opgestaan het. In groot dankbaarheid het hy die wonderlike liefde van die Here aanbid.

Toe het die woord van die Here vir die tweede maal na hom gekom:

"Jona, maak jou klaar en gaan na die groot stad Ninevé en preek die boodskap wat Ek jou sal sê."

En tóé was Jona gehoorsaam. Hy het gewillig na Ninevé gegaan, wat so ver weg was.

Wat was die boodskap wat hy moes bring? Hy het 'n skok van vreugde gekry toe hy dit hoor uit die mond van die Here.

"Nog veertig dae, dan word Ninevé verwoes!"

Hy het deur die strate van die ontsaglike groot stad geloop, tussen die duisende mense deur. Hy het gestaan op straathoeke en op pleine, en oral het sy stem hard en dreigend geklink:

"Nog veertig dae, dan word Ninevé verwoes!"

Dit het so vreeslik geklink soos die gelui van 'n doodsklok. Die mense het verskrik daardie vreemde man, die profeet uit Israel, gestaan en aankyk. Niemand het gedurf om te twyfel aan die verskriklike tyding nie. Die mense het goed geweet hoekom so 'n vreeslike ding moes gebeur.

Die angs van die dood het hulle beetgepak. Hulle het hul werk vergeet. Hulle het hul klere geskeur van spyt en ontsteltenis.

En toe die koning in sy paleis die tyding hoor, het hy opgestaan van sy troon, sy mooi mantel afgehaal en rouklere aangetrek. Toe het hy oral in die stad boodskappers op straat laat uitroep:

"Niemand, mens of dier, mag iets eet of drink nie. Almal moet hulle bekeer van hul sonde en ernstig bid om genade. Miskien sal die Here vir ons nog jammer kry."

Die mense het gehoorsaam. Die hele stad het hom bekeer. Soos 'n groot rookwolk wat opgaan van 'n brandoffer, het hulle gebede opgegaan na die hemel. Die beeste het gebulk in die krale, die kinders het gehuil. Manne het van spyt met hul hand op hul bors geslaan, en vroue het gekerm om genade.

En toe die Here dit sien, het Hy medelye met die mense gehad en die stad *nie* gestraf nie.

JONA het uit die stad gegaan en op 'n heuwel vir hom 'n skerm gemaak. Daar het hy met spanning gesit en wag op wat gaan gebeur.

A, dit sou darem 'n vreeslike straf wees wat sou kom as die veertig dae verby is! Dit sou vir hom heerlik wees om te sien! ....

Miskien sou 'n vuurreën uit die hemel neerdaal op die heidene, die vyande van sy volk, wat hy so haat. Miskien sou die aarde oopskeur en sou die hele groot stad, wat vervloek was, inmekaar stort.

Jona het sy hande van plesier gevrywe as hy daaraan dink.

MAAR toe die veertig dae verby was, het die son elke dag nog lieflik geskyn en niks het gebeur nie. Toe het Jona verstaan dat die Here Ninevé gespaar het. En hy wat self die liefde van die Here so wonderlik ondervind het, was toe teleurgesteld omdat die heidene ook daardeur gered is!

"Het ek nie so gedink nie!" het hy vererg uitgeroep. "Het ek nie, reeds toe ek nog in Israel was, gedink dat die Here hulle sou spaar nie? Dis mos dié wat ek na Tarsis gevlug het! Nou sal hierdie volk van Ninevé die sweep wees waarmee die Here se volk sal geslaan word! . . .

. Ek wens dat ek dit nooit beleef het nie! . . . Hoekom moet ek nog lewe? Ek wens dat ek maar kon doodgaan!"

En toe hoor hy die stem van die Here wat geduldig vra: "Het jy rede om kwaad te wees?"

En tog het Jona nog gedink hy is slimmer as die Here. Die Here was die God net van Israel, en nie van die heidene nie, het hy gedink. Daarom moes Hy net vir Israel liefhê, en al hulle vyande moes Hy haat. En omdat dit nie so was nie, het Jona bedroef, maar ook baie kwaad, op die grond gelê.

Maar wat sou hy meteens langs hom sien? Daar voor sy oë kom 'n klein plantjie op uit die grond. Dit word vinnig groter. Te wonderlik! Dit het takke en blare gekry en was binne 'n paar uur so groot dat Jona lekker onder sy skaduwee kon sit. Hy was net baie bly oor hierdie wonder.

Maar die anderdagmôre toe dit dag word, het die Here beskik dat 'n wurm deur die boom se stam vreet. 'n Warm oostewind het gou die boom se blare so verdor dat die son Jona weer gesteek het. Hy het byna beswyk van die warmte.

Toe was daar weer iets vir hom om oor kwaad en verdrietig te wees.

En weer het hy die goeie, heilige stem van die Here gehoor, wat geduldig en met liefde gevra het: "Het jy rede om kwaad te wees?"

En nou het Jona dit gedurf om te sê: "Ek het genoeg rede om tot die dood toe kwaad te wees."

Maar toe was dit genoeg. Toe kon die Here Sy dienaar duidelik laat insien hoe dwaas en hoe sondig hy was, en hoe klein hy die liefde van die Here geag het. Die Here het gesê:

"Jy wil die wonderboom spaar wat jy nie laat groei het nie. Sou Ek dan nie jammer wees vir die groot stad Ninevé nie, waarin meer as honderdduisend klein kindertjies is, en ook baie vee?"

"En ook baie vee!" Sulke woorde het Jona se hart ontroer. Hy het skaam gevoel toe hy teruggaan na sy eie land. Die Here het selfs die diere lief. Vir die heidene het Hy ook genade gehad.

JONA het dit nie geweet nie, maar eendag sou die Here op 'n nog heerliker manier wys dat Hy die hele wêreld liefhet.

Dan sou Sy Seun die storm van die Here se toorn stilmaak wanneer die mense Hom in die arms van die dood sou werp. Drie dae sou Hy in die donker graf, in die hart van die aarde wees, net soos Jona drie dae in die dieptes van die see in die vis was.

Maar soos Jona weer teruggekom het na die lewe, so sou Hy weer opstaan uit die dood, om die Verlosser van die wêreld te wees.

As Jona dit maar geweet het!

355

89. Israel se einde

2 Konings 14:23-29; 17; Amos 1-9; Hosea 1-14.

IT het weer baie goed gegaan met Israel. Almal het so gesê.

D Jerobeam die Tweede was die magtige koning. Die land het vooruitgegaan in voorspoed en rykdom en mag.

Voorheen het die toekoms maar donker gelyk, maar nou het die son van voorspoed weer op hulle geskyn. 'n Nuwe dag het gekom.

O ja, dit het baie goed gegaan in die land!

Die ryk en vername mense het onbekommerd gelê op ivoorrusbanke en op sagte beddens.

Hulle het hulself gesalf met kosbare, geurige olie. Hulle het musiek laat maak in hul groot, mooi huise en het wyn gedrink uit kosbare bekers. Die een na die ander bekervol het hulle gedrink totdat hulle dronk was en hulle dienaars hulle bed toe moes dra.

Maar as hulle hul weer uitgeslaap het, het hulle weer opnuut lekker geëet en gedrink.

"A, dit gaan goed met ons en met ons land!" het hulle gelag. "Die arm mense kan maar honger ly en kerm op die strate, wat gaan dit ons aan? *Ons* lewe in weelde en oorvloed!"

In die hele land was dit so.

Dronkenskap was nie meer sonde nie. Almal het leuens vertel en gevloek. En as iemand iets kon steel, hoekom sou hy dit nie doen nie? Met oneerlikheid en geweldpleging het die mense probeer ryk word.

Maar 'n mens moes darem godsdienstig ook wees — natuurlik! Israel was mos die Here se volk? . . . . En daarom, nadat hulle eers baie sonde gedoen het, het hulle met vroom gesigte na Bet-el en ander heilige plekke gegaan. Daar het hulle psalms gesing en offerfeeste gevier en gebede opgesê. Maar as hulle weer tuis kom, het hulle maar elke dag weer soos tevore gelewe.

"Dit gaan goed!" het hulle gesê. "Ons is mos die Here se volk . . . . En eendag as die dag van die Here kom, sal Hy ons land nog ryker en magtiger maak!"

Maar 'n arm skaapboer, Amos uit Tekóa, van Juda, het sy vee verlaat en hom na Israel gehaas.

Hy was maar 'n eenvoudige man en het as kind nie baie skoolgegaan nie. Maar die Gees van die Here het hom verstandig gemaak en hom geleer wat hy moet sê.

In sy armoedige klere het hy na die ryk mense gegaan en in skerp taal die oordeel van die Here aangekondig:

"Wee julle wat gerus is in Samaria! Julle paleise sal verwoes word en julle sal uit julle land verban word. Daar sal nie 'n nuwe dag kom nie, want die son sal op die middag verduister word. Nou is julle onbekommerd, maar dan sal julle kla en ween, wanneer Ek kom om julle te straf."

Hy het na Bet-el gegaan en dapper gestaan voor die trotse priesters en die skynheilige mense wat daar offers gebring het.

"Dit gaan sleg!" het hy uitgeroep. "Israel is nie meer die volk van die Here nie. Hy wil liewer geen volk hê nie as 'n sondige volk. So sê die Here: Ek haat julle *feeste* en julle offers neem Ek nie aan nie .... Hou op met al julle psalmsingery! .... Wee almal wat nou nog verlang na die Here se dag. Dit sal nie vir julle 'n dag van lig en blydskap wees nie, maar 'n dag van duisternis en droefheid."

Hy het die hele land deurgegaan en almal gewaarsku: "Die einde kom! Daar is nog net een manier om dit te ontvlug. So sê die Here: Soek My en julle sal lewe .... Haat die kwaad en 356



bemin die goeie, dan sal die Here nog barmhartig wees!"

Maar niemand het geluister na Amos nie. Almal het hom bespot.

"Gaan maar na Juda," het hulle gesê, "en preek vir hulle en nie vir ons nie!"

En die owerpriester van Bet-el het hom gaan aankla by die koning. Toe moes Amos die land verlaat.

MAAR 'n ander profeet het gekom en voortgegaan met die werk van Amos.

Hosea was sy naam.

Hy was 'n man wat verskriklik baie verdriet gehad het in sy lewe. Sy vrou, wat hy innig liefgehad het, het elke slag van hom weggeloop.

As sy terugkom, het hy haar in liefde weer aangeneem, maar dan het sy weer ontrou geword en hom alleen met die kinders gelaat.

Sy seun het hy genoem *Lo-Ammi* wat beteken "Nie-My-Volk-nie." Sy dogter het hy genoem *Lo-Rugama* of "Geen-ontferming."

Die Here het gesê hy moet sy kinders so noem om die volk van Israel te waarsku. Want so sleg soos dit met sy vrou gegaan het, so sleg het dit in die hele land met die mense gegaan.

Soos sy vrou was Israel ook ontrou. Hoe dikwels het die volk die Here nie verlaat nie! Hoe dikwels het Hy hulle nie weer in liefde aangeneem as hulle terugkom na Hom nie!

Maar eendag sou dit te laat wees, as hulle hul nie bekeer nie. Dan sou die straf kom wat Amos al aangekondig het.

In Egipte was Israel 'n slawevolk. Nou sou hulle weer 'n slawevolk word, en hierdie keer in Assirië.

'n Assiriese gevleuelde bul opgerig deur die heerser Sargon II (722-705v.C.) DIT het Hosea met groot sekerheid voorspel. En hy het die volk gesmeek om hulle te bekeer.



Maar na hom het hulle net so min geluister. Hulle was nog baie slegter as die mense van Ninevé wat berou gehad het toe Jona die oordeel aangekondig het. Israel het geen berou geken nie. Toe het die oordeel wat alreeds so lank gedreig het en so dikwels deur die profete aangekondig is, uiteindelik losgebreek.

Jerobeam die Tweede was dood en sy seun, wat na hom koning geword het, is gou afgesit en doodgemaak. Sy moordenaar het koning geword.

Toe het 'n tyd van baie skommelinge en verwarring vir Israel gekom. Elke slag was daar oproer en is geveg om te besluit wie koning sou word.

Hongersnood en droogte het gekom. Die Assiriërs het 'n groot deel van die land ingeneem.

Een maal het die Assiriërs hulle laat afkoop met groot geskenke en weggegaan. Maar hulle het gou weer teruggekom.

Die laaste koning se naam was Hosea, net soos die profeet. Hosea, die profeet, het die ondergang aangekondig. Hosea, die koning, het gemeen hy sou homself nog kan red. Hy het belowe om trou te wees aan Assirië. Maar in die geheim het hy met Egipte 'n verbond gemaak.

Toe het die Assiriërs gekom. Hulle het die hele land ingeneem en geplunder. Hulle het Samaria ingeneem na 'n beleg van drie jaar. Die paleise is verniel. Van die ryk en vername mense wat net aan hulself gedink het, is slawe gemaak. Die grootste deel van Israel is in ballingskap weggeneem uit hulle land.

Half naak en met pakke goed op hulle skouers, moes hulle loop. Die soldate het hulle met kettings aan mekaar vasgemaak en soos beeste aangejaag na die ver en vreemde land van hulle magtige vyande.

Dit was hierdie dag waarvan die profeet Amos so ernstig en dreigend gespreek het.

Die dag van die oordeel.

Die vreeslike dag van die Here.

"Hy (koning Asárja) het Elat gebou en weer aan Juda teruggegee" (2 Kon. 14:22). Elat was 'n hawe naby Eseon-Geber aan die Rooi See. Slegs gedurende tye toe Israel sterk was, soos tydens die regering van Salomo, het hulle beheer oor hierdie hawe gehad. Opgrawings het aan die lig gebring dat Salomo dit in 'n bedrywige hawe ontwikkel het. (Foto: S. H. Stecholl.) 358



DIE land het verwoes en verlate agtergebly. Nog

maar net 'n bietjie mense het bang-bang tussen die puinhope rondgesluip en hier en daar 'n huisie gebou en die grond weer begin bewerk.

Maar die koning van Assirië het mense van al die dele van sy ryk gestuur om weer die land te bewoon. Elkeen het sy eie taal en sy eie god gehad. Saam met die Israeliete, wat nog oorgebly het, het hulle uiteindelik 'n nuwe heidense volk gevorm. Hierdie volk het Samaria weer opgebou en is genoem die Samaritane.

'n Priester in Bet-el het hulle nog 'n bietjie van die Here geleer. Maar hulle het ook afgode gedien. Die land van Israel het 'n heidense land geword.

EN wat het geword van die volk wat vroeër daar gewoon het, en wat 'n ryk en 'n gelukkige volk van die Here kon gewees het?

Toe hulle vyande hulle weggeneem het uit hul land, het baie omgekom op die lang en vreeslike reis. Die ander is versprei oor Assirië en daar is nooit weer iets van hulle gehoor nie.

Dit was die einde van Israel.

"KOM na My, en julle sal lewe!"

Hoe dikwels het Israel hierdie woorde gehoor?

Maar hulle het die Here se stem tevergeefs gehoor.

Oor en oor.

Nou het die stem geswyg.

Dit was die treurige einde.

'n Kleiprisma van die Assiriese

koning (689 v.C.) waarin hy vertel

hoe hy Jerusalem beleër het.

359

90. Jesaja

2 Konings 16; 2 Kronieke 25-28; Jesaja 6, 9, 11, 40, 53; Miga 5.

RENS in die land van Juda het 'n jong *J-1* man gewoon wat die Here liefgehad het.

ÊR ondom hom het die mense die afgode en die sonde gedien, maar hy het getrou gebly aan die Here. Sy enigste verdriet was dat hy aldag moes sien hoe sy volk die Here vergeet.

Toe hy eenmaal op sy knieë gelê en ernstig gebid het, het hy 'n wonderlike en mooi gesig gesien. Hy kon sien wat niemand nog ooit gesien het nie. Hy het gesien dat die hemel oopgaan. Hy kon die troon van die Here sien, wat witter as die son was. En daarop, in 'n verblindende lig, was die Here self. Serafs, of heilige engele, het Hom

omring. Elkeen het ses vlerke gehad. Met twee het hulle hul oë bedek vir die majesteit en heerlikheid van die Here. Met twee het hulle hul voete bedek, as teken van groot eerbied. En met twee het hulle om en bokant die troon geswewe.

Met stemme wat soos die lieflikste musiek geklink het, het hulle mekaar toegeroep:

"Heilig, heilig, heilig is die Here van die leërskare! Die hele aarde is van Sy heerlikheid vol."

Jesaja het op die grond geval en sy hart het gebewe van eerbied en vrees. Hy het die gevoel gehad dat hy nou moes sterwe. Hy het uitgeroep:

"Wee my, ek is verlore. Want ek is 'n man, onrein van lippe en woon onder 'n volk wat onrein van lippe is. Want my oë het die Koning, die Here van die leërskare, gesien!"

Maar 'n engel met 'n gloeiende kool in sy hand, wat hy met 'n tang van die hemelse altaar geneem het, het na hom aangesweef gekom. Daarmee het hy Jesaja se lippe aangeraak.

Dit het hom nie gebrand nie.

"Jou skuld is weg en jou sonde is versoen," het die engel gesê.

JOU sonde is versoen! Dit was die heerlikste woorde wat Jesaja nog ooit gehoor het! Sy siel het volgestroom van vreugde en innige dankbaarheid.

En op daardie heilige oomblik het hy die stem van die Here self gehoor sê: "Wie sal Ek stuur na My volk?"

Toe het Jesaja nie geaarsel nie. Hy het sy hande uitgesteek en baie eerbiedig gesê: "Hier is ek. Stuur my!"

En die Here het geantwoord: "Gaan sê aan hierdie volk wat Ek jou sal sê."

So is Jesaja geroep as profeet. So het die Here hom self Sy boodskapper gemaak.

Dit was 'n moeilike werk wat hy op hom geneem het. Want hy het geweet dat die volk hulle nie sou bekeer nie.

Die meeste mense sou sy woord goed genoeg hoor, maar hulle sou nie verstaan nie. Hulle sou die Here se wonders sien, maar dit nie wil erken nie. Hulle sou doof en blind wees vir die Here se wonders, omdat die sonde hulle harte hard en ongevoelig gemaak het.

Hoe ywerig Jesaja hierdie volk van Juda ook al sou waarsku, sou hulle net soos Israel, ter wille van hulle sonde, uit hul land weggestuur word in ballingskap.

Dit het Jesaja alles geweet. Die Here het hom dit gesê. Maar hy het nog meer geweet, en dit het hom getroos en moed gegee om sy swaar werk te doen.

Wat hy geweet het, was dat dit met die klein koninkryk anders sou gaan as met die ryk van die tien stamme van Israel.

As 'n volk het Israel heeltemal verdwyn en vreemdelinge het in die land gewoon. Die ryk van die tien stamme het geen toekoms meer gehad nie.



Maar Juda sou nooit heeltemal verlore gaan nie. Van hulle sou daar 'n klein oorblyfsel wees wat hulle sou bekeer en wat die Here nooit sou loslaat nie. Dis waar, die hele volk sou in ballingskap weggaan, maar 'n deel sou terugkom en weer woon in hierdie land.

Dan sou daar nog 'n mooi toekoms wees vir Jesaja se volk. Dit sou 'n mooier toekoms wees as dié van al die ander volke. Want die Messias sou kom om Sy volk van al hul sonde

te verlos.

Die Messias! Jesaja het Hom met die oog van

die geloof gesien. Die geloof in *sy* koms het

Jesaja krag gegee.

'n Stoel uit Italië uit ongeveer die jaar

Maar dit het hom nog meer bedroef gemaak,

700 v.C. Destyds was Hiskia koning oor

omdat die volk wat kan hoor en sien hulle so

Israel en het die profeet Jesaja gelewe.

doof en blind hou, en omdat hulle langsaam

maar seker hulle straf tegemoet gaan. Maar

dit het Jesaja darem nie heeltemal ontmoedig nie. Hy het nog gehoop op 'n heerlike toekoms.

Hy het sy seun genoem Sjear Ja-sjub wat beteken "'n oorblyfsel sal hom bekeer."

En vir daardie oorblyfsel wat hulle sou bekeer het hy sestig jaar lank gepreek onder die konings Jotam, Agas en Hiskia.

Ag, dit het baie sleg gegaan met die volk van Juda. Hulle was soos 'n klomp verdwaalde skape wat geen herder het nie.

Hulle koning moes hul herder gewees het. Hulle het na hom opgesien. As hy na die Here se stem luister en op die goeie pad loop, sou hulle hom volg. Maar as hy die pad verlaat en in die donkerte dwaal, dan het hulle saam gedwaal.

Ongelukkig was Juda se eerste koning, Rehabeam, flouhartig. Hy het die Here nie opreg liefgehad nie. En byna al die ander konings wat na hom gekom het, was half hartig. Terwyl hulle jonk was, het hulle die Here 'n rukkie gedien nadat hulle koning geword het. Maar wanneer hulle voorspoedig was, het hulle vergeet wie hulle voorspoedig gemaak het. Dan het hulle hoogmoedig geword en net aan hulself gedink, en 'n slegte voorbeeld vir die volk gegee.

So het dit met Joas gegaan, wat reeds as kind koning geword het. Hy het begin met die Here se wetboek in sy klein handjies. Hy het sy lewe beëindig as die moordenaar van Sagaria, die profeet, die seun van sy weldoener Jojada, toe hy hom wou bestraf.

So het dit ook gegaan met sy seun Amasia, wat na hom koning geword het. Eers het hy die Here gedien. Toe het die Here hom geseën in sy oorlog teen die Edomiete, en het hom 'n groot oorwinning laat behaal.

Maar toe het hierdie dwase koning die afgode van sy vyande, wat hy kort tevore verslaan het, begin dien. Toe was dit klaar met sy voorspoed. Israel het toe nog bestaan, en dit was hulle wat Amasia oorwin het. En sy eie dienaars het hom vermoor.

So het dit ook gegaan met sy opvolger, koning Ussia. Omdat hy na die Here geluister het, het Juda sterk en magtig geword. 'n Tyd van groot voorspoed het vir die volk gekom. En toe het die volk en die koning hulle weer verbeel dat hulle hul self so voorspoedig gemaak het.

En hulle het die Here vergeet. In sy hoogmoed het Ussia gedink so 'n groot koning soos hy kon doen net wat hy wou. Op een van die groot feesdae het hy in sy pragtige klere tot binne-in die Heilige van die tempel gegaan. Daar mag net die priesters kom. Hy wou wierook offer 361

op die reukofferaltaar. Die priesters wou hom teëhou en die hoëpriester het hom gebied om die Heilige te verlaat. Maar Ussia het

nie gehoorsaam nie. Hy het parmantig geantwoord.

Toe sien die priesters hoe iets verskrikliks gebeur. Die Here het die koning self gestraf vir sy hoogmoed.

Op sy voorhoof het die hoëpriester 'n goue plaatjie gedra met die woorde daarop: "Die Heiligheid van die Here."

Op die voorhoof van Ussia, wat ook priester wou wees, is daar meteens die tekens van die vreeslikste van al die siektes gesien: *melaatsheid.*

Toe het hy uit die tempel gevlug. Alleen, in afsondering van ander mense, moes hy nou woon. Van toe af was sy lewe een, langsame, pynlike dood. In die jaar, toe Jesaja deur die Here geroep is om profeet te wees, het daar 'n einde gekom aan Ussia se lyding.

Hy het gesterf. Sy seun Jotam, wat reeds in die laaste jare in sy plek die land bestuur het, het toe koning geword. Toe het die volk uiteindelik weer 'n goeie herder gehad, maar die skape het hom nie meer gevolg nie. Jotam was nie halfhartig nie. Hy het die Here opreg gedien tot sy dood. Maar die volk het al té diep in die sonde geval en het al verder afgedwaal. En toe Jotam dood was, het hulle so 'n slegte en goddelose koning gekry soos Juda nog nooit gehad het nie. Sy naam was Agas, en hy het die volk reguit na die verderf gelei.

Hy was nog slegter as Agab, die koning van Israel. Agab het partymaal tog nog eerbied gehad vir die woorde van Elia. Agas het alle eerbied vir die Here heeltemal verloor.

Hy het die goud en silwer uit die tempel laat haal en die heilige dinge wat daar was, laat stukkend slaan. Hy het die Here se altaar weggeneem en die deure van die tempel laat toespyker, sodat niemand die Here daar meer kon dien nie. Maar op die hoeke van die strate van Jerusalem en oral in die land het die altare van Baäl en Molog gerook. In die dal Hinnom, naby Jerusalem, is selfs mense as

offers doodgemaak. Daar het Agas eendag sy eie seuns geoffer aan Molog, die god van vuur.

Niks kon die koning tot inkeer laat kom nie. Die Here het vyande gestuur om die land te verwoes, maar Agas het hom nie bekeer nie. Na Jesaja se waarskuwing het hy nie geluister nie. Hy dag hy het die Here nie nodig nie. Hy het liewer die koning van Assirië gevra om hom te help.

En die koning van Assirië het gekom en die vyande verjaag. Maar hy het ook die hele Juda ingeneem. Agas het nog koning gebly, maar het eintlik net 'n dienaar van Assirië geword.

Daardie straf het hom niks geleer nie. Dit het hom nog slegter en onverskilliger gemaak. En sy volk het net soos hy gemaak. Die arme Juda het 'n heidense land geword. Dit het waarlik gelyk asof hulle die Here heeltemal vergeet het. Die hele land was goddeloos. Maar Jesaja het geweet dat daar nog hier en daar iemand was wat die Here stilletjies gedien het.

En hy het nie opgehou met preek nie. In baie mooi taal het hy geprobeer om die volk terug te roep na die Here en om die Here se straf aan te kondig.

"'n Os ken sy besitter en 'n esel die krip van sy eienaar, maar Israel het geen kennis nie.

Wee die sondige nasie!"

En hy het pragtige beeldspraak gebruik om die volk te leer hoe sleg hulle is en hoe swaar hulle sou gestraf word. Hy het die volk vergelyk met 'n wingerd wat die Here geplant het.

Hy het gesê: "My Beminde het 'n wingerd op 'n vrugbare heuwel. Hy het dit omgespit en die klippe daar uitgehaal, en dit beplant met edel wingerdstokke. Hy het 'n toring daar binne-in gebou, en ook 'n

parskuip daar uitgekap. En Hy het gewag dat die wingerd druiwe sou dra, maar dit het wilde druiwe voortgebring.

"Nou dan, inwoners van Jerusalem en manne van Juda, oordeel tog tussen My en My wingerd. Wat kon Ek nog meer aan My wingerd gedoen het, wat Ek nie gedoen het nie?

Waarom het Ek verwag dat dit druiwe sou dra en dit het wilde druiwe voortgebring?

"Daarom sal Ek nou sê wat Ek met My wingerd gaan doen. Ek sal die doringheining, wat om hom is, afbreek sodat die beeste daar kan wei en dit vertrap. En Ek sal dit 'n wildernis maak, en daar sal dorings en distels groei. Ek sal die wolke gebied om nie daarop te reën nie.

"Want die wingerd van die Here is die huis van Israel, en die manne van Juda is Sy lushof.

Hy het gewag dat die mense sou reg doen, maar hulle het bloed vergiet."

MAAR toe Jesaja van die Messias gepraat het, was sy woorde 'n mooi lied. Dan het hy nie meer die lelike sonde en al die onverskilligheid van die mense gesien nie. Nee; hy het die vrederyk gesien, waarvan die Messias die koning sou wees.

Dan het hy van Hom gesing:

"Want 'n Kind is vir ons gebore,

'n Seun is aan ons gegee;

en die heerskappy is op Sy skouer.

Hy word genoem:

Wonderbaar, Raadsman,

Sterke God, Ewige Vader, Vredevors."

JESAJA se gedagtes was vol van die Verlosser wat sou kom, en hy het Hom al duideliker in sy verbeelding gesien, hoe ouer hy geword het.

Hy het geweet dat Dawid se vader Isai Sy voorvader sou wees. Hy het geweet dat Hy sou kom uit die geslag van Dawid, waarvan almal dag dat dit al uitgesterf het.

"Daar sal 'n takkie uitspruit uit die stomp van Isai wat afgekap is . . . . " het Jesaja gesing.

EN hy het gesien dat die Verlosser Sy volk sou troos en al hul sonde sou dra.

"Troos, troos My volk," sê julle God. "Spreek na die hart van Jerusalem en roep haar toe dat haar stryd verby is, dat haar skuld betaal is, dat sy uit die hand van die Here dubbel sal ontvang vir al haar sondes."

Maar Jesaja het ook geweet dat die Messias baie sou ly en sou sterwe vir die sonde van sy volk. En daarvan het hy nog 'n pragtige lied gesing:

"Waarlik Hy het *ons* krankhede op Hom geneem en *ons* smarte het *Hy* gedra.

"Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel. Die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom.

"Ons het almal gedwaal soos skape; ons het elkeen sy eie pad geloop, maar die Here het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom.

"Hy is mishandel, maar Hy het Sy mond nie oopgemaak nie. Soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders, so het Hy Sy mond nie oopgemaak nie."

So het Jesaja gesing in 'n donker tyd van sonde en ellende. So sing 'n voëltjie bo in 'n boom as dit nog nag is en almal nog slaap, want hy sien daar in die verte op die gesigseinder die rooidag van 'n nuwe môre wat aankom.

DAAR was 'n ander profeet, Miga, wat toe ook geleef het, en wat reeds geweet het dat die Messias in *Betlehem* sou gebore word.

"En jy, Betlehem Efrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal iemand kom wat 'n Heerser sal wees in Israel . . . . "

Dit was die woorde van Miga.

EN daar was 'n paar vroom mense wat nog in Juda gewoon het en wat goed geluister het na 363

wat die Here se profete sing.

Hulle het nie gewanhoop nie, want hulle het geweet dat die volk van die Here deur lyding in heerlikheid sal oorgaan. Hulle het gehoop op die Messias, die Son van die geregtigheid, wat al die donkerte sou verdrywe.

364

91. Hiskia

2 Konings 18-20; 2 Kronieke 29-32; Jesaja 35-39.

Y vader, koning Agas, was 'n moordenaar, wat een van sy kinders geoffer het aan 'n S afgod. En amper al die mense onder wie hy gelewe het, was sleg en goddeloos. Maar hy, Hiskia, het die Here liefgehad.

Een jong, gelowige hart tussen baie verdorwe siele.

Een mooi, tere blom in 'n veld van dorings en distels.

Dit was 'n wonder van die Here!

DIE land was in 'n treurige toestand. Die vyande het dit verwoes en geplunder. Die Assiriërs vir wie Agas om hulp gevra het, het hulle verdrywe, maar het toe self baasgespeel oor die land.

En elke jaar moes daar 'n groot belasting deur Juda betaal word aan die koning van die Assiriërs.

Dit was as straf vir die sonde van Agas en die volk. Dit het Hiskia geweet. Want daar was nog baie afgode in die land en die tempel was gesluit. Dit het gelyk asof niemand meer die Here dien nie. Maar wat kon Hiskia doen?

Sy goddelose vader was nog koning. Hy was nog maar net die kroonprins, sonder enige mag.

Hy kon maar net self die Here liefhê en bid om uitkoms. Maar niks meer nie.

MAAR toe Hiskia vyf-en-twintig jaar oud was, het sy vader gesterwe. Toe het 'n godvresende jong man koning geword van 'n goddelose land. Hy het geweet dat net een ding sy volk kon red: hulle moes terugkom na die Here. Daarvoor wou hy sy beste gee.

Daarvoor wou hy lewe.

Dit het gelyk na 'n onmoontlike taak, want die volk was so ver afgedwaal. Maar Hiskia het die groot werk met geesdrif aangepak. Die liefde het hom gedryf.

Hy het die deure van die tempel, wat toegespyker was, weer laat oopbreek en hulle laat heelmaak. Die priesters en die Leviete moes kom om die tempel skoon te maak en alles wat Agas omgekrap het,

weer netjies reg te maak. Hulle was 'n halwe maand besig en het vragte fyn klip van die afgodsbeelde, wat stukkend geslaan was, en allerhande vullis, na die spruit Kedron buitekant die stad weggedra. Toe het die rook van die eerste brandoffer vir die Here voor die tempel weer opgegaan. Dit was 'n groot offer vir die sonde van die volk. Die tempelsangers het hulle loflied gesing. En in die voorhof het die mense weer in aanbidding neergekniel. Tussen hulle in het die koning self gekniel, en daar was groot blydskap in sy hart.

DIE tyd vir die Paasfees was toe al verby. Maar Hiskia, wat gebrand het van ywer vir die Here, het boodskappers deur die hele land van Juda, en ook van Israel, gestuur en die volk laat oproep na Jerusalem.

"Laat almal kom," het hy gesê, "om Paasfees te vier, al is dit 'n maand na die tyd. Laat ons ons almal bekeer, want die Here is genadig en barmhartig. Hy sal ons weer seën en verlos as ons terugkom na Hom!"

Baie mense het gespot met die boodskappers. Maar daar was ook baie wat gehoorsaam het. Van alle kante het hulle toegestroom, en 'n groot, blye menigte het heerlik die fees van verlossing gevier.

Die Paasfees het gewoonlik sewe dae geduur. Maar die vroom mense kon nie genoeg kry van hierdie heilige vreugde nie, waarna hulle so lank uitgesien het.

Hierdie slag het hulle dubbel so lank feesgevier. Van Salomo se tyd het dit nie meer gebeur 365



nie.

Toe het hulle van mekaar afskeid geneem en huis toe gegaan. Hulle was dankbaar en bly oor die beter tyd wat gekom het. Hulle het almal geweet dat hulle gebede verhoor is en dat die Here weer by Sy volk wou woon.

Al die altare vir die afgode het die volk toe afgebreek. Die "heilige" boomstamme, waar voor hulle nog tot kort gelede gekniel het, is met byle stukkend gekap. Ook die koperslang, wat Moses lank gelede in die woestyn laat maak het, is verniel. Want die dwase mense het selfs die slang vereer as 'n god.

Toe was alles weer voorspoedig. Terwyl Israel deur die Assiriërs verwoes en geplunder was en nie meer as volk bestaan het nie, het dit weer baie goed gegaan met Juda. Hulle het die Filistyne verslaan, sodat dié nie meer vir hulle aangeval het nie. En elke jaar het Juda sterker geword.

Maar Hiskia was nog nie tevrede nie. Hy wou nie meer elke jaar belasting betaal aan die Assiriërs nie. Hy wou die Here se volk *heeltemal* vry maak van die vreemde oorheersers.

Hy het goed verstaan dat die vyand nou sou kom om hom te straf. Maar hy het gehoop om hulle te oorwin met die hulp van die Here en met die hulp van die volke rondom wat ook teen Assirië sou opstaan.

MAAR tóé, juis toe hy al sulke groot planne maak en besig was om hulle uit te voer, het hy siek geword — baie, baie siek. Hy het 'n groot sweer gekry wat niemand kon gesond maak nie. Hy het gou swak geword.

Toe hy op sy bed lê, het hy die son gesien skyn deur die venster, en deur die venster kon hy ook sien hoe dit skyn op die pilaar van die sonwyser wat Agas laat maak het. Hy kon sien hoe die skaduwee van die pilaar langsaam aankruip langs die trappies van die hoë stoep, tree vir tree, uur na uur.

Die vallei van die kinders van Hinnom met die "stad van Dawid" op die agtergrond. In hierdie vallei het aanbidders van die afgod Molog van hulle kinders met vuur verbrand (2 Kron. 28:3).

O, en dan was elke uur verlore en daar was nog só veel wat hy vir sy land en volk wou doen.

Hier moet hy magteloos lê, swak soos 'n kind, terwyl hy hyg na asem en wag .... wag ....

wag. Waarvoor? Om genees te word? Of om dood te gaan?

Toe sien hy die deur van sy kamer gaan oop en op die drumpel staan Jesaja, die profeet. Hy het ernstig na die koning gekyk.

"So sê die Here," het sy stem bedroef geklink, "maak alles reg en groet u familie, want u moet sterwe."

Sterwe? Die vreeslike woord het gebrand in Hiskia se verskrikte hart toe Jesaja alreeds weggeloop het. Sterwe? Nou?

Wanhopig het hy sy hande gewring. Dit kon tog nie, dit mag tog nie gebeur nie! . . . . Hy was nie bang vir die dood nie. Maar sy werk, sy lewenswerk, om sy volk vry te maak en terug te bring na die Here, was nog nie klaar nie.

Die volk se hart was nog ver van die Here. Sonde en goddeloosheid was nog glad nie uitgeroei nie. En hoe sou dit gaan as die koning van Assirië netnou weer sou kom? 'n Seun om hom op te volg het Hiskia nog nie gehad nie.

Hiskia het sy gesig na die muur gedraai en van groot droefheid gesnik.

"O Here," het hy gebid, "spaar my tog asseblief. Dink tog hoe ek eerlik my bes gedoen het om U te dien."

En kyk, terwyl hy bitter lê en huil, het sy gebed opgegaan tot voor die Here se troon. En nog voor Jesaja die middelste voorhof van die paleis uitgegaan het, het hy alreeds die antwoord van die Here gehoor:

"Gaan terug en sê vir Hiskia, die koning van My volk: So sê die Here, die God van jou vader Dawid: Ek het jou gebed verhoor; Ek het jou trane gesien. Kyk, Ek sal jou gesond maak. Op die derde dag sal jy al opgaan na die huis van die Here. En Ek sal vyftien jaar by jou lewe byvoeg en jou en hierdie stad uit die hand van die koning van Assirië red ,_..."

Ag, dit was amper *te* heerlik dat die antwoord op Hiskia se gebed al gekom het.

Sterwe .... sterwe .... Hierdie treurige woord het nog in Hiskia se hart geklink. En nou staan die profeet alreeds weer daar en praat van *lewe!*

"Maar wat is die teken," het Hiskia gevra, "dat die Here my gaan gesond maak ....?"

Die profeet het buitentoe gekyk en geduldig gevra:

"Wat wil u hê? Moet die skaduwee van die sonwyser tien grade vorentoe of agteruit gaan?"

"Agteruit," het hy geantwoord, "want vorentoe gaan dit mos altyd."

Agteruit, het Hiskia gesê. Vooruit gaan dit mos altyd!

Toe het die profeet gebid, en die koning het gebewe van verwondering en blydskap toe hy sien hoe die skaduwee van die sonwyser terugkruip oor die trap. Dit was alreeds middag, maar die skaduwee het aangewys dat dit nog oggend was!

En die son het gebrand soos vuur op die donker streep, maar dit het geen lig afgegee nie.

Na hierdie groot wonder het Hiskia die *ander* wonder, wat nie minder groot was nie, ook geglo. Jesaja het verder ook gesê dat Hiskia 'n vyepleister op die sweer moes laat sit. Dit is gedoen en die sweer het gesond geword.

Drie dae later het 'n gelukkige koning opgegaan na die tempel en die Here gedank vir al Sy goedheid.

Die hele land het met verbasing gehoor van hierdie wonderlike genesing. Oral op die markte en die strate het die mense daarvan gepraat. Reisigers het dit in ander lande oorvertel.

Toe het daar boodskappers gekom uit 'n baie ver land, uit Babel, en hulle het vir Hiskia 'n brief en 'n geskenk gebring van hulle koning, Merodag Báladan. Hy het hom gelukgewens met sy genesing.

"Maar is dit nie heerlik nie," het Hiskia gedink, "dat selfs die magtige koning van daardie ver land ook van my gehoor het en dat hy goeie vriende met my wil wees? Hy is ook 'n vyand van Assirië, en wil seker 'n verbond met my maak om saam te veg teen daardie groot vyand."

In sy vreugde en in sy hoogmoed het Hiskia vergeet dat die Here gesê het: *"Ek* sal jou verlos." Hy het vergeet dat hy alleen op die Here moes vertrou. Hy het gespog en die boodskappers al sy skatte van goud en silwer en speserye, en alles wat in sy wapenhuis was, gewys. Hulle moes sien dat hy dit werd was om 'n bondgenoot van hulle magtige koning te wees.

Maar toe hulle na hulle eie land teruggegaan het, het Jesaja gekom en ernstig gevra: "Wat het hierdie mense gesê en waarvandaan het hulle gekom?"

Hiskia antwoord toe: "Uit 'n ver land het hulle gekom, uit Babel."

"Wat het hulle in u paleis gesien?" vra Jesaja weer.

En Hiskia het eerlik geantwoord: "Hulle het *alles* gesien. Daar is niks wat ek hulle nie gewys het nie."

Toe sê die profeet bedroef: "Hoor die woord van die Here: Kyk, daar kom dae wanneer alles wat in u paleis is, weggevoer sal word na Babel. En u kinders sal saamgeneem word om hofdienaars te wees in die paleis van Babel se koning."

Toe het Hiskia sy hoof verdrietig gebuig, want hy het besef dat dit sonde was om die Here te vergeet, en dat dit dwaas van hom was om vreemdelinge sy skatte te laat begeer.

Hy was baie spyt, maar hy het darem een troos gehad: so lank as hy self lewe, sou daar vrede en veiligheid in sy land wees.

VREDE en veiligheid!

Na 'n kort tydjie het dit nie so gelyk nie. Die Assiriërs het die magtige koning van Babel, van wie Hiskia so baie gedink het, verslaan. Toe het hulle Hiskia se land aangeval. Al die klein volkies rondom sy land op wie hy vertrou het, is ook verslaan. Die vyand het die hele Juda oorstroom. Nog net Jerusalem het oorgebly.

Daar agter die swaar poorte en die hoë mure was hulle nog voorlopig veilig. Maar die mense was daarin opgesluit soos voëltjies in 'n kou. Elkeen wat buitentoe wou gaan, is teruggedrywe. Daar was darem genoeg water. Maar hoe lank sou die kos hou?

Hiskia het baie bang geword. Hy het sy boodskappers gebied om na die Assiriërs se magtige koning Sanherib, wat sy tente by Lagis opgeslaan het, te hardloop. Hulle moes hom vra om weg te gaan en hy kon maar enigiets vra wat Hiskia hom moet gee.

Toe het Sanherib so baie skatte geëis dat Hiskia al die goud en silwer in sy paleis en in die tempel moes afgee. Hy het selfs die goue plate op die tempeldeure en om die pilare, wat Salomo daar laat aansit het, afgestroop en alles na Sanherib gestuur. Daar gaan toe al die skatte waarop Hiskia so trots was!

Maar dit kon hom nie red nie. Sanherib het die skatte geneem, maar nie weggeneem soos hy belowe het nie. Nou wou hy meer hê as Hiskia se geld. Hy wou die hele stad hê. Daar mag nie 'n koning bly wat nie heeltemal aan hom onderhorig was nie.

Sanherib het sy vernaamste dienaars met 'n groot leër na Jerusalem gestuur. Die rabsake, of eerste minister, was die vernaamste van almal. Aan die hoof van duisende swaar gewapende Assiriërs het hy voor die poort gestaan, so trots asof hy die koning self was. Hy het met minagting gekyk na die dienaars wat Hiskia gestuur het om sy boodskap te hoor en na al die mense wat op die breë muur gestaan het.

Nadat die Assiriërs Samaria ingeneem het, het hulle die meeste Israeliete van die stad en die omgewing weggevoer en in hulle plek mense uit Babel en elders gestuur. Hierdie heidene het vermeng geraak met die oorgeblewe Jode. Hulle afstammelinge is die Samaritane van wie ons in die Nuwe Testament lees. Daar is vandag nog net 'n paar honderd Samaritane. Op die foto verskyn 'n aantal Samaritaanse priesters.

'n Ou stadsmuur van Samaria wat deur opgrawings blootgelê is. Samaria was die stad van die goddelose konings Omri, Agab en Jerobeam II. Omdat daar soveel ongeregtigheid gepleeg is, het die Here gesê: "Daarom sal Ek Samaria 'n puinhoop maak op die veld . . . . en Ek sal haar klippe in die dal laat afrol en haar fondamente blootlê" (Miga 1: 6). Die geskiedenis en die opgrawings toon hoe hierdie voorspelling vervul is.

In die Joodse taal het hy uitgeroep: "So sê die groot koning, die koning van Assirië: Hoekom gee julle nie oor nie? . . . Op wie vertrou julle tog dat julle dit waag om *my* teen te staan?

"As julle dink Egipte sal julle kom help, sê ek, julle vertrou op 'n geknakte riet wat sal breek en deur die hand van die man wat daarop leun, sal steek.

"As julle op julle leër vertrou .... nou ja, dis so swak en klein dat ek julle tweeduisend perde sal gee, as julle die ruiters kan verskaf.

"Wat dan? Wil julle tog nie sê julle vertrou op die Here nie? Hy sal julle nie help nie, maar Hy sal ons help!"

Die mense op die mure het gebewe toe hulle dit hoor. Verleë het die dienaars van Hiskia geantwoord:

"Praat tog u eie taal Aramees, en nie Joods nie, sodat die mense op die muur dit nie verstaan nie."

Maar toe die rabsake dit hoor, het hy juis die mense begin ophits teen Hiskia.

"Laat julle nie bedrieg deur julle koning nie, hoor!" het hy uitgeroep. "Gee die stad maar oor en ons sal julle goed behandel. Vertrou nie op die Here wat julle nie kan red nie!"

Maar hy het geen antwoord gekry op hierdie lastertaal nie. Die dienaars van Hiskia het gebewe en met geskeurde klere teruggegaan na die koning.

Hiskia het ook gebewe. Hy het ook sy klere geskeur. Hy het geweet dat die stad in so 'n groot nood was dat niemand dit kon red as die Here dit nie doen nie.

Hy het rouklere aangetrek en na die tempel gegaan om die Here te smeek om hulle te help.

Ook het hy dienaars gestuur na Jesaja om te vra dat hy ook vir die land moet bid.

Die dienaars het met 'n baie goeie boodskap van Jesaja teruggekom: "So sê die Here: Moenie bang wees nie, want *Ek* sal jou verlos. Die koning van Assirië sal teruggaan na sy land, en daar sal hy sterwe."

Die poorte het gesluit gebly.

MAAR Sanherib het nie ingegee nie. *Nou* het hy 'n brief aan Hiskia gestuur en wat hy geskryf het, was nog vreesliker as wat die rabsake gesê het. Dit was so godslasterlik dat Hiskia nie geweet het wat om hom te antwoord nie.

"Laat julle nie langer deur die Here bedrieg nie," het in die brief gestaan. "Sou Hy julle kan red as die gode van al die ander volke hulle lande nie kon help nie?"

Hiskia het die brief na die tempel geneem en dit voor die aangesig van die Here uitgesprei toe hy neerkniel om te bid. Die brief het na

die hemel geroep. Die Here moes dit self lees.

Hy moes self die antwoord gee vir die hoogmoedige Sanherib.

Toe het Jesaja 'n nog heerliker antwoord aan Hiskia gebring as tevore.

Die trotse Sanherib het mos gedink hy is die koning van die wêreld. Hy het gedink hy is self

'n god. Maar hy was nie meer as 'n dier wat 'n oppasser het nie. Tot sover het die Here hom laat begaan, sodat hy die heidense volke kon straf vir al hul sonde. Maar nou dat hy dit gedurf het om teen die Here op te staan en hy met *Hom* wou spot, nou sou hy soos 'n wilde dier aan 'n ketting vasgemaak word.

Jesaja het gesê: "Hy sal nie in hierdie stad kom nie, en nie eens 'n pyl daarin afskiet nie."

IN dieselfde nag het die engel van die Here afgedaal uit die hemel en deur die laer van die Assiriërs gegaan. Hy het die Here se antwoord op Sanherib se brief gebring.

Toe dit oggend word, was die grond bedek met dooie liggame. Honderd-vyf-en-tagtigduisend manne was dood. Van die groot en magtige leër van die Assiriërs het net 'n 370

armsalige handjievol oorgebly.

Toe het die hoogmoedige koning in groot angs weggevlug van so 'n vreeslike plek en teruggegaan na sy eie land. En toe hy hom daar neerbuig in die tempel van sy god, het sy eie seuns hom vermoor.

In sy lewe het hy die Here verag. Nou het sy kinders hom verag. Dit was die einde van die Here se *vyand* Sanherib.

MAAR Hiskia het in vrede en veiligheid gelewe, totdat die vyftien jaar om was wat die Here hom beloof het.

En toe hy gesterf het, het die hele land getreur oor hulle goeie, vrome koning.

371

92. Manasse en Josia

2 Konings 21-23; 2 Kronieke 33-35.

IE vrome koning Hiskia was dood. En dit het gelyk of die vroomheid van sy volk saam D met hom gesterf het. Hy het sy bes gedoen om Juda saam met hom op die goeie pad te lei. Maar die meeste het maar net onwillig gevolg. So lank as wat Hiskia gelewe het, het hulle terug verlang na die sondige plesier wat hulle verlaat het. Hulle *hart* het ver van die Here af gebly. Hulle was maar te bly toe Hiskia se seun Manasse koning word, en hulle hom kon volg op 'n pad wat weg van die Here gelei het. Nou kon hulle weer die sonde geniet.

Manasse het nie na sy vrome vader Hiskia geaard nie, maar na sy grootvader, die goddelose Agas. Die land en die tempel was weer vol afgode, en in die dal Hinnom, naby Jerusalem, het mense gekreun wat geoffer is om verbrand te word. Een van hulle was Manasse se eie kind. En in Jerusalem se strate het die bloed geloop van die vroom mense wat nog die Here wou dien. Jesaja is waarskynlik toe ook doodgemaak.

Die Here was lank geduldig met Manasse. Amper vyftig jaar het Hy hom elke slag laat waarsku. En toe het die straf gekom.

Die Here het beskik dat die Assiriërs met 'n leër gekom het en Manasse gevange geneem het. Soos 'n dier wat aan 'n tou vasgemaak is, is hy na hulle land saamgeneem. Dit was mos hy wat die Here se profete gemartel het. In Babel, die stad van Assirië se koning, is hy in 'n tronk gegooi en met kettings vasgemaak.

Maar daar, waar hy dag vir dag alleen in sy kamertjie getreur het, is sy hart gebreek. Hy het aan die Here gedink, aan sy vroom vader

Hiskia, aan sy kind wat hy vermoor het en aan al die bloed wat hy vergiet het. Hy het al die sonde van sy lang en goddelose lewe gesien en hy was bitter spyt. Hy het gesmeek dat die Here hom moet vergewe.

TOE het dit geblyk dat 'n mens nooit te sleg en sondig is om na die Here te kom nie. Die engele was bly oor die sondaar wat hom bekeer het. En die Vader in die hemel het Sy verlore kind in liefde aangeneem en al sy sonde vergewe.

Toe Manasse dit weet, was hy gelukkiger in die tronk as ooit tevore in sy paleis. Die koning van Assirië het hom vrygelaat en toe hy weer na Jerusalem kon gaan as koning, het hy die Here gedien.

Maar hy kon nie in die laaste jare van sy lewe alles regmaak wat hy in 'n halwe eeu verbrou het nie.

Die mense wat hy doodgemaak het, kon nie terugkom nie. Die volk wat hom in sy sonde gevolg het, het hom *nie* gevolg nadat hy teruggekom het na die Here nie.

Manasse is ter elfder ure gered. Maar sy volk kon nie meer gered word nie. Soos 'n perd wat blind is, het hulle vinnig na die afgrond gegaan.

En toe Manasse sterwe en sy slegte seun Amon koning word, het hy alles wat Manasse herstel het, weer in 'n paar jaar bederf.

MAAR nog een maal het 'n koning gekom wat geprobeer het om sy volk te red. Amon se seun Josia was 'n man wat die Here getrou en kinderlik gedien het. Hy was die laaste vroom koning wat oor Juda geregeer het. Soos Hiskia was hy geesdriftig en getrou. Soos Dawid was hy dapper en godvresend.

Nog een maal is die afgode verniel, die altare gebreek en die tempel skoongemaak. Nog een maal is die Paasfees in eer herstel. Toe is die altaar in Bet-el verniel soos die profeet lank tevore voorspel het.

Eendag, toe die werkmense besig was om die mure van die tempel weer op te bou, het die priester Hilkia die wetboek van Moses, wat al lank verlore was, weer gevind.

Hulle het dit gegee aan Safan, die koning se skrywer. Hy het dit na die koning geneem en 372

Vir hom daaruit voorgelees.

Hy het gelees van die groot seëninge wat die Here aan Sy volk sou gee as hulle Hom getrou dien. Hy het gelees van die vreeslike strawwe wat sou kom as hulle Hom vergeet. Toe het die koning sy klere geskeur van verdriet, want hy het geweet hoe ver die volk van die Here afgedwaal het. Hy het sy dienaars Safan en Ehikam na die profetes Hulda gestuur om te vra of al hierdie strawwe die volk sou tref.

En die treurige antwoord was: "Gaan en sê vir Josia: So sê die Here: Omdat die volk *My* verlaat het, sal Ek onheil oor die land bring, soos geskryf is in die boek wat vir Josia voorgelees is. Maar hy sal self in vrede sterwe, omdat hy My liefgehad het."

Josia hoef geen hoop meer te hê dat hy die volk kon red nie. Maar hy het tog aangehou om die Here te dien, net so geesdriftig en getrou soos altyd.

Toe het die Here hom geseën en voorspoedig gemaak. Hy het in vrede geregeer. Van die Assiriërs het hy geen las gehad nie. Hulle groot koninkryk is deur 'n ander volk verower.

Hulle magtige stad Ninevé is verwoes. Hulle sou Israel nooit weer moeilikheid gee nie.

Die volk van Juda het gejuig. Hulle het gedink dat hulle altyd vry sou wees.

Maar 'n profeet van die Here, Jeremia, het die land deurgegaan en gepreek dat 'n ander vyand sou kom wat nog sterker en wreder sou wees as die Assiriërs en dat daardie vyand die hele volk sou laat ondergaan. Maar die mense het dit nie geglo nie.

JOSIA het hierdie ramp nie belewe nie. Hy het gesneuwel in 'n oorlog teen Egipte. Sy volk het getreur oor hom. Hulle het nie verstaan waarom hy, wat die Here so trou gedien het, juis toe moes sterwe nie.

Maar die vroom mense het dit goed verstaan.

Die Here het hom weggeneem om hom te spaar vir die vreeslike dinge wat sou gebeur. Dit sou nie meer lank duur nie.



93. Jeremia

2 Konings 24-25; 2 Kronieke 36; Jeremia 1; 26-28; 37-43; 52.

EREMIA was nog maar 'n klein seuntjie en hy het gewoon by sy vader Hilkia in die dorpie J Anatot nie ver van Jerusalem nie.

Amper al die grootmense het die Here verlaat. Nou wou die Here hulle nog een maal waarsku.

En wie sou Sy dienaar wees om Sy boodskap te bring? Wie moes die lig van Sy Woord laat skyn in daardie donker land?

Die Here het die harte van al die mense gesien: van die rykes en die armes, van die grotes en die kleintjies. Toe het Hy Jeremia gekies, want in sy hart was daar liefde vir Hom.

Maar Jeremia het geskrik toe hy die Here se stem hoor wat gesê het hy moet 'n profeet van Hom word.

"Ag, Here," het hy angstig gesê, "ek kan dit nie doen nie. Ek is maar nog so jonk.... "

Maar die Here het hom getroos en hom moed gegee.

Die Here het gesê: "Moenie so praat nie, Jeremia. Want jy sal sê wat Ek jou gebied. Moenie bang wees nie, want Ek sal altyd met jou wees om jou te beskerm. Jy sal altyd veilig en onoorwinlik wees, soos 'n sterk stad of 'n kopermuur."

En daar staan Jeremia toe. Daar staan hy aan die begin van 'n lewe so swaar en moeilik soos min mense ooit geken het.

Al die ander mense het vrolik en

onbekommerd in hulle sonde gelewe, want

hulle het nie geweet wat sou gebeur nie.

Maar Jeremia het dit geweet. Hy kon die

toekoms sien, want die Here het sy oë verlig.

En

wat

het

hy

gesien?

Oorlog....

hongersnood.... vyande.... gevangeskap....

ellende, niks as net ellende.

En dit moes hy nou gaan vertel. Hy kon byna niks as net slegte dinge vertel omdat daar byna niks as net slegte dinge in die land was.

O, hoe sleg sou die sonde die mense maak!

Hoe sou hulle hom haat — Jeremia, die profeet van die ongeluk, wat niks anders nie as slegte dinge sou voorspel!

Maar hy het sy werk dapper begin doen. Hy het deur Anatot en deur Jerusalem geloop en voorspel van die koms van 'n groot vyand uit die Noorde. En daardie vyand sou die hele volk na sy land wegvoer.

Sy stem het neerslagtig geklink: "Wee, wee,

want die hele land gaan verwoes word!"

TOE hy begin preek het, was Josia nog

'n Hoë vaatjie met inskripsies van

koning. Toe was alles nog voorspoedig. Maar

Nebukadnesar

II

(kort

na

die

Josia het gesterf op die slagveld. Sy seun

wegvoering van die Israeliete in 586

Joahas, wat hom opgevolg het, is reeds na

v.C).

net drie maande as gevangene geneem na

Egipte. En onder Jojakim, 'n ander seun van Josia, wat toe koning geword het, het die vyande, waarvan Jeremia gepraat het, alreeds uit die Noorde gekom. Hulle was die Chaldeërs en hulle het die eerste gevangenes na Babel geneem. Dit was die vernaamste mense van die land wat weggeneem is. Daar was selfs prinse onder hulle. Een van hulle se naam was Daniël.

Maar Jojakim, wat 'n goddelose koning was, is gespaar, al het hy ook 'n onderhorige van Babel geword. Hy en al sy raadsmanne het

gehoop om hulle te wreek en hul volk weer vry te maak. En die volk het kom offer in die tempel asof hulle die Here baie vurig wou dien. Dan sou die Here hulle vir seker beskerm, het hulle gedink. Dit het tog niks daarop aangekom as hulle buitekant die tempel steel en leuens vertel en ander sondes doen nie. Hulle kon maar net weer 'n offer bring om vergewe te word!

Maar Jeremia wat tóé al 'n grootman was, het hulle anders geleer. Hy het in die voorhof van die tempel gekom en hulle kwaai bestraf.

"Hoekom bring julle nog offers?" het hy uitgeroep. "Verbeter julle lewe, en dan eers sal die Here julle God wil wees. En moet tog nie sê nie: Die Here se tempel.... Die Here se tempel.... Die Here se tempel is dit! Dit sal nooit afgebreek word nie. Gaan kyk maar in Silo wat daar gebeur het. Dit was ook 'n heilige plek. Daar het die tabernakel gestaan. En wat het daarvan oorgebly?.... Net so sal hierdie tempel ook verwoes word!"

Tot sover het die mense na hom geluister. Maar toe was hulle woedend kwaad en hulle sou hom gryp om hom te vermoor. Maar die leiers van Juda, die raadsmanne van die koning, het die lawaai gehoor en gou gekom om hom te help.

Jeremia is gered, dog hy het verniet gepreek.

MAAR Jeremia het nie stilgebly nie. Nie lank daarna nie het hy met 'n erdekruik in sy hande deur die stad geloop en dit in skerwe stukkend gegooi aan die voete van die priesters en ander vername mense. En hy het hard en dreigend gepraat:

"So sê die Here: Ek sal hierdie stad en volk verbreek soos hierdie kruik gebreek is, omdat hulle nie na My woorde geluister het nie."

En dit was weer verniet.

Jeremia is selfs gegesel en in die tronk gegooi. So wou hulle die ongeluksprofeet leer om sy mond te hou.

Maar Jeremia het *nie* stilgebly nie. Toe hy die volgende dag losgelaat is, het hy weer gepreek.

EN hy het nog op 'n ander manier geprobeer om die oë van die volk oop te maak. Hulle het hom nie toegelaat om meer in die tempel te kom nie. Maar die mense sou tóg sy woorde daar hoor!

Hy het 'n goeie vriend gehad, 'n vername man met die naam van Barug. Hy het alles in 'n boek opgeskryf wat Jeremia te sê gehad het en dit in die tempel voorgelees. Toe die leiers van Juda dit hoor, het hulle Barug laat roep, en die boek wat hy geskryf het, het hulle na die koning gestuur. Gelukkig was daar goeie manne by hulle wat Barug gewaarsku het om dadelik weg te gaan en hom êrens saam met Jeremia te gaan wegsteek.

Die koning Jojakim het in sy paleis by die vuur gesit, want dit was winter. Hy het die woorde van Jeremia vir hom laat voorlees. Hy het glad nie daarvan gehou nie, en nog voor hy alles gehoor het, het hy die boek gegryp en stukkend gesny. Toe gooi hy die stukke in die vuur.

"Gaan vang vir Barug," het hy bevel gegee, "en ook Jeremia, die leuenaar, wat altyd onheil voorspel!"

Sy dienaars het die hele stad deurgesoek, maar kon hulle nie kry nie. Hulle was goed weggesteek.

'n Lugfoto van die Jordaanrivier wat deur die vallei kronkel. Vanweë leeus en ander wilde diere wat vroeër in die bosse langs die rivier

was, het die Israeliete 'n groot ontsag daarvoor gehad. Daarom lees ons in Jer. 12:5 "En in 'n land van vrede voel jy jou veilig: hoe sal jy dan maak in die pronkbosse van die Jordaan?" Lees Jer. 48:19. (Foto: S. H.

Steckoll.)

376

Maar Jeremia het nie stilgebly nie! Hy het dadelik 'n ander boek laat skrywe deur Barug. Dit was nog kwaaier en skerper as die vorige een. Daarna wou hulle ook nie luister nie.

Maar hy het getrou die werk gedoen wat die Here hom opgedra het.

NIE lank daarna nie het Nebukadnesar, die groot koning van Babel, met 'n leër na Juda gekom, omdat Jojakim gerebelleer het. Maar Jojakim het gesterwe toe sy stad beleër is. En sy seun Jojagin het na drie maande oorgegee. Hy het gesmeek om genade. Maar hulle het hom met sy vrou en sy moeder en duisende ander mense saamgeneem na Babel. Dit was die tweede wegvoering.

Onbarmhartig is die mense in groot troppe soos beeste langs die stowwerige paaie aangedryf na Babel. In die warm son moes hulle die skatte van die tempel en baie ander goed vir hulle vyande aandra. Baie het op die pad beswyk. Die ander het ballinge in die vreemde land van Babel geword. Daar het hulle getreur oor hulle stad en hulle volk.

Maar *nou* was dit te laat!

JEREMIA het met 'n klein deeltjie van die volk agtergebly in Jerusalem, en sy lewe was toe nóg swaarder as tevore.

Want noudat die straf wat hy aangekondig het, gekom het, het die dwase mense hom vervloek en *hom* die skuld gegee. Nou wou hulle nog minder as vroeër na hom luister.

"Hoekom moet ons die Here dien?" het hulle gevra. "Hy het ons land tog nie beskerm nie!"

NOU het Juda sy laaste koning, Sedekia, gekry. Ook hy was 'n seun van die vrome Josia, maar hy was 'n ander soort man.

Josia het die Here liefgehad. Sedekia het sy rug na Hom gedraai.

Josia was 'n rots wat vas gestaan het. Sedekia was 'n riet wat deur elke wind heen en weer geslinger is.

Hy het gedoen soos sy goddelose raadsmanne wou hê. Deur sy dwaasheid het die straf gouer oor sy volk gekom. Hy het gesweer om trou te wees aan die koning van Babel. Maar in die geheim het hy 'n verbond met Egipte gemaak en gehoop hulle sou hom help om sy land weer vry te maak.

Jeremia het gewaarsku, maar dit het niks gehelp nie. Jeremia het 'n swaar houtjuk, soos dié van 'n os, op sy skouers gedra en daarmee deur die stad geloop. Hy wou daardeur te kenne gee dat Juda moes aanhou om die juk van Babel te dra.

Hy het met die juk ook in die tempel gekom. Daar was 'n man wat hom ook 'n profeet genoem het. Sy naam was Hananja. Hy het die juk van Jeremia se skouers afgeruk en dit stukkend gebreek.

"So sal die Here die juk van Babel breek," het hy gespot.

Maar die Here het Jeremia laat antwoord: "So sê die Here: 'n *Houtj* uk is gebreek. In die plek daarvan sal 'n *yster* juk kom. En jy, Hananja, sal nog hierdie jaar sterwe!"

Dit het so gebeur. Twee maande daarna het Hananja nie meer gelewe nie. Toe kon almal weet dat Jeremia die woord van die Here spreek. Maar hulle het nie geluister nie.

EN kyk, nie lank daarna nie het die leër van Nebukadnesar vir die derde maal gekom. Die hele land is verwoes. Die soldate van Sedekia

is verslaan. Net Jerusalem het nog oorgebly en die vyand het dit omsingel. Waar was die farao van Egipte nou om Juda te help?

Toe het die koning in groot angs boodskappers gestuur na Jeremia om te vra hy moet bid om uitkoms. Maar Jeremia se antwoord het hom geen hoop gegee nie.

Jerusalem sou val en heeltemal afgebrand word. Jeremia het almal aangeraai om te vlug, want die Here wou die stad laat verwoes.

Maar die mense het hom nie geglo nie. Hulle het nog gehoop op Egipte.

En kyk, 'n rukkie later het die hele stad gejuig. Hulle vyande het na die Suide vertrek om teen die leër van Egipte, wat tóg gekom het, te veg. Nou sou Nebukadnesar verslaan word.

Nou was die stad gered!

Maar Jeremia het geweet dat die vyand weer terug sou kom. Hy wou self die stad verlaat en na sy eie dorpie Anatot gaan.

Maar by die poort het 'n offisier hom beetgepak.

"A, jou verraaier!" het hy geskreeu. "Wil jy oorloop na die vyand en hom vertel hoe sleg dit hier gaan?"

Jeremia is saamgesleep na die owerste en hy is gou gevonnis. Hulle het hom met gesels geslaan en toe in 'n tronk gegooi.

En daar het hy nou gesit met 'n rug wat bloei en brand, tussen die klam mure in 'n donker kamertjie. Die lug was so sleg dat hy amper nie kon asemhaal nie. Miskien sou hy hier moet sterwe. Dit was die beloning wat hulle hom gegee het vir sy liefde en getrouheid!

Lank was hy daar in die tronk. Hy het nie geweet wat in die stad aangaan nie. Hy het net geweet dat die Here vir hom sou sorg.

Na 'n paar maande het koning Sedekia hom laat haal. Bleek en maer en duiselig het hy met

'n dienaar saamgeloop na die paleis.

Die koning wou sy raad hê. Want die farao was verslaan en die koning van Babel was weer by die stad met sy leër. Sou daar nog kans wees om gered te word?

O, die dapper Jeremia, die groot kneg van die Here! Die tronk kon hom swak en siek maak, maar sy moed het hy nie verloor nie! Net soos vroeër het hy beslis geantwoord:

"U, o koning, sal in die hande van Nebukadnesar val!"

Maar toe het hy die koning gesmeek om hom asseblief nie weer na die tronk te stuur nie, want daar sou hy vir seker sterwe.

En die koning het hom jammer gekry.

Jeremia is nóg gevange gehou, maar hy is na 'n ander gebou gebring. Daar is hy beter behandel en kon hy elke dag 'n bietjie loop in 'n voorhof. Aldag het hy 'n stukkie brood uit die Bakkerstraat gekry, totdat die stad se brood op was.

JERUSALEM is meer as 'n jaar lank beleër en die mense het baie gely. Mense wat vroeër lekker geëet het, het byna dood van honger op die strate gelê, en was bly om 'n stukkie skimmelbrood te kry. Die vername vroue wat vroeër mooi en duur klere gedra het en geurige reukwater gebruik het en net aan sondige plesier gedink het, het nou kos gesoek. In die vullisbakke het hulle rondgevroetel om tog iets te vind om te eet, al was dit hoe naar. En die kindertjies, ag, die kindertjies, het gehuil om brood, maar niemand het hulle dit gegee nie.

En nóg het die owerstes van die stad nie gedink dat alles verlore was nie. Hulle wou nog nie glo dat die Here Sy heilige tempel aan hul vyande sou oorgee nie. Hulle het self die tempel ontheilig deur al hul sonde en die Here het Sy huis al lankal verlaat.

Jeremia het geweet dat die stad nie meer gered kon word nie. En as hy in die voorhof staan, het hy vir die mense, wat op straat verbygegaan het, gesê hulle moet uit die stad vlug en na die soldate van Nebukadnesar gaan, wat dan hulle lewe sou spaar. Daar was geen ander uitkoms nie.

Die owerstes het dit ook gehoor en het woedendkwaad na die koning gegaan.

"Laat Jeremia tog doodgemaak word!" het hulle uitgeroep. "Hy ontmoedig ons mense net, en sal nie vrede nie, maar onheil oor ons bring!"



Die swakke Sedekia het toegestem,

"Ek kan tog niks teen julle doen nie!" het hy moedeloos gesê.

Die beroemde Isjtar-poort in Babilon uit die tyd van Nebukadnesar (604- 561 v.C).

Toe het hulle Jeremia gegryp en hom met

toue laat afsak in 'n put wat daar in die voorhof was. Daar was nie water in die put nie, maar net modder. Hulle het gesien hoe hy stadig afsak in die modder en gedink hy sou sterwe.
MAAR die Here het ook *nou* Sy kneg gered.
Toe niemand van sy eie volk hom meer gehelp het nie, het 'n vreemdeling - Ebed-Meleg, 'n Kusiet - hom jammer gekry. Hy het na die koning, wat by die poort van die stad was, gehardloop en vertel hoe sleg hulle die profeet behandel het. "Waar hy nou is," het hy gesê, "sal hy sterwe van honger!"
En Sedekia, wat altyd gedoen het wat 'n mens hom vra, het toegestem dat die profeet sou gered word. Met dik toue en 'n klompie ou verslyte lappe het Ebed-Meleg na die put gegaan.
'n Pottebakkery in Jerusalem. Dit herinner 'n mens aan die woorde in Jer. 18:2: "Maak jou klaar en gaan af na die huis van die

pottebakker, en daar sal Ek jou my woorde

laat hoor." Lees ook verse 3 tot 6.

379

"Sit tog die lappe onder jou armholtes onder die toue," het hy vir Jeremia gesê. Die profeet het so gemaak. Toe het hulle hom met baie moeite uit die modder opgetrek. Die lappe het verhinder dat die toue sy lyf seermaak.

Ebed-Meleg, die Kusiet! Die Here sou hom nie vergeet nie.

Nog een maal het die koning in die geheim Jeremia se raad gevra.

"Daar is maar net een kans om gered te word," het die profeet gesê. "Gee u oor. Dan sal u in die lewe bly, en die stad sal *nie* verbrand word nie."

Maar Sedekia, die lafaard, was bang dat die owerstes sou spot as hy dit doen. Hy het net aan homself gedink en nie aan die stad wat al so onnoemlik veel gely het en aan die arme mense wat byna mal was van die honger nie.

Die stad se poorte het toegebly.

AGTIEN maande het die verskriklike beleg geduur. Toe het die vreeslike einde gekom.

Die leër van Nebukadnesar het by die muur ingebreek en die stad binnegestorm. Sedekia het in die nag nog geprobeer om te vlug, maar hy is by Jerigo gevang en teruggebring. Voor sy oë is die leiers van Juda, en ook sy seuns, vermoor. Dit is die laaste wat Sedekia gesien het.

Hulle het sy oë uitgesteek en hom met koperkettings geboei om hom na Babel te bring. En in die arme, sondige stad, wat nie na die Here

se woord wou luister nie, het die bloed gestroom. Die huise is verbrand en verwoes. Die mooi tempel het in vlamme opgegaan. Net

'n puinhoop, wat nog gerook het, was al wat van Jerusalem oorgebly het. Toe is vir die laaste maal duisende mense aangejaag na Babel.

Jeremia moes ook saamgaan. Maar toe die koning van Babel hoor hoe Jeremia gepleit het dat die stad moes oorgee, is hy losgelaat. Hy kon kies of hy in Babel wou woon, waar hy groot beloning sou ontvang, of liewer in sy eie land.

Hy het die laaste gekies. Hy kon nie skei van sy arme, verwoeste land nie.

"O Jerusalem, Jerusalem!" het die hart van Jeremia gekla.

Op die plek waar vroeër die altaar van die Here was, het jakkalse nou rondgesluip. Aasvoëls het bokant die puinhope gesweef en op die mense se lyke afgekom.

En Jeremia het bedroef deur die land gedwaal en 'n klaaglied gesing oor die ellende van sy volk. Maar hy het ook geweet dat na hierdie donker nag daar 'n nuwe dag sou kom. Hy het duidelik voorspel dat die Here 'n oorblyfsel van die volk weer na hulle land sou terug bring.

En ook het hy voorspel dat die Messias eendag sou kom.

As kind het Jeremia al begin preek. En hy het nie opgehou voor die dood sy lippe. gesluit het nie.

Maar hoeveel het dit gehelp?

Swaar en treurig was sy lewe en byna nooit het iemand gehandel volgens die woord van die Here wat hy verkondig het nie.

Maar die ballinge in die ver land het *nou* gedink aan sy woorde en gehoop op die verlossing wat hy voorspel het.

En in die hemel, by die Here, wie se troue dienaar hy gewees het, daar het Jeremia sy loon ontvang.



'n *Kunstenaar (Unger) se voorstelling (volgens die opgrawings) van Babilon, met die toring wat deur Nebukadnesar (604- 561) laat bou is.*

381

94. Daniël

Eségiël 37; 47:1-12; Daniël 1 en 2.

AAN die riviere van Babel, daar het die ballinge gesit en getreur oor hulle ellende. Daar het hulle saans bymekaargekom, nadat hulle harde werk klaar was, en hulle het weemoedig gekyk na die Weste, waar die son stadig bokant die woestyn ondergaan. Daar, baie ver weg, was hulle land waar hulle vry en gelukkig kon gewees het. Daar was die puinhope van hulle mooi stad, waaraan hulle met heimwee gedink het.

"O Jerusalem! As ek jou vergeet, laat my regterhand homself vergeet!" So het hulle uitgeroep.

Soos voëltjies in 'n hok het hulle bymekaargesit, maar hulle kon nie meer sing nie. Hulle harpe het hulle aan die wilgerbome gehang.

MAAR hulle het nog een troos gehad. Die Here het hulle nie vir *altyd* verlaat nie. Daar was ook profete wat saam met hulle gegaan het, en dié kon nog sing omdat hulle verder kon sien in die toekoms. Een van hulle was Esegiël. Hy het gesing van wonderlike en mooi visioene wat die Here hom laat sien het. Hy het vertel van die dag van verlossing wat sou kom sewentig jaar nadat hulle weg is van Jerusalem.

Hy het vertel van sy gesig van doodsbeendere wat weer lewendige mense gemaak sou word deur die Here se Gees. Ook van 'n stroom water van die lewe wat sou vloei uit 'n rots op die berg van die tempel. Dit sou selfs die droë wêreld rondom die Dooie See in 'n groen vlakte verander.

Die ballinge het nie alles verstaan nie.

Maar een ding het hulle goed verstaan: hulle sou nie vir altyd in die vreemde land bly nie.

Hulle sou na hul eie land kan teruggaan. Dan sou daar nog 'n nuwe en 'n mooi toekoms vir hulle wees.

En dié wat dit geglo het, het hul trane afgevee en gewag.... en gewag.... en gehoop op die Here.

'n ANDER profeet was Daniël.

Hy was een van die eerstes wat saamgeneem is na daardie land. In Jerusalem was hy 'n prins. Hier was hy niks meer as 'n slaaf nie. Maar koning Nebukadnesar het vername jong manne uit al die volke wat hy oorwin het, by hom in die paleis laat woon, om sy dienaars te wees. Dit was lekker vir die hoogmoedige koning om te dink dat prinse sy dienaars was. So is Daniël en sy vriende — Hananja, Misae en Asarja — ook na die paleis gebring. Daar sou hulle drie jaar lank hul opvoeding en geleerdheid kry. Daarna sou hulle raadsmanne van die koning word.

Hulle het ander name gekry. Daniël is genoem Beltsasar en sy drie vriende: Sadrag, Mesag en Abednego. Hulle het die taal van die land en baie wetenskappe geleer. Hulle kon van die lekker kos van die koning se tafel kry om te eet. 'n Vername hofdienaar moes hulle versorg.

Maar Daniël en sy vriende was vroom jong manne. Hulle wou in hierdie vreemde land die God van Israel ook dien. Daarom kon hulle nie alles eet wat vir hulle voorgesit is nie, omdat party soorte kos, soos varkvleis, deur die wet van Moses verbode was. En hulle het die hofdienaar gevra om hulle maar net groente te gee om te eet en water om te drink. Maar hy was bang dat hulle gesondheid sou agteruitgaan as hy dit doen. Hy het gesê:

"Dan sal die koning my swaar straf omdat ek nie goed vir julle gesorg het nie."

Hy was darem gewillig om dit net vir 'n kort tydjie te probeer.

Tien dae lank het hy net groente en water vir Daniël, Sadrag, Mesag en Abednego gebring.

En kyk, na die tien dae het hulle gesonder en sterker gelyk as die ander wat gesmul het van 382

die heerlike, koninklike geregte.

En toe was die hofdienaar gerus. Hulle kon aanhou om net hul eenvoudige kos te eet. Die Here het hulle geseën omdat hulle Hom gehoorsaam het. Toe hulle na drie jaar na die koning gebring word, was daar niemand so wys en verstandig soos Daniël en sy vriende nie.

Hulle het dienaars en raadsmanne van die koning geword. Hulle is beloon vir hul getrouheid.

MAAR dit was baie gevaarlik om 'n dienaar van die trotse Nebukadnesar te wees. Hy wou net wat hy wil met hulle doen. Hy het hulle geringer as diere beskou. Niemand in die paleis was seker van sy lewe nie. Een nag het die koning 'n wonderlike droom gedroom, wat hom so angstig gemaak het dat hy nie kon slaap nie. Hy wis dit moet iets beteken en het daaroor gelê en dink tot die môre. Toe het hy al die geleerde mense en die towenaars en waarsêers laat roep. Hulle het altyd gesê hulle ken die wil van die gode, en die sterre leer hulle om die toekoms te voorspel.

Haastig het hulle gekom en diep voor hom gebuig.

Toe sê die koning: "Ek het 'n droom gehad en wil weet wat dit beteken."

"Mag die koning vir altyd lewe!" het hulle gesê. "Maar vertel asseblief die droom en dan sal ons dit uitlê." Maar dit wou die koning nie doen nie. Hy het hulle nie vertrou nie. Dit was maklik genoeg om 'n uitleg uit te dink. Maar hoe sou die koning weet of dit die regte uitleg is? Nee, as hulle *waarlik* towenaars was en die wil van die gode geweet het, moes hulle ook weet wat hy gedroom het!

Daarom het hy geantwoord: "Ek het vas besluit. Ek wil die droom en die uitleg van *julle* hoor!

As julle dit kan doen, sal julle groot geskenke kry. Maar as julle nie kan nie, sal julle in stukke gekap word."

En hulle kon dit *nie* doen nie. Hulle was doodsbleek en het gebewe voor hulle wrede meester en gesê:

"Nog nooit het 'n koning so iets van sy wyse manne gevra nie.... Daar is nie 'n mens op die hele aarde wat dit kan doen nie."

Toe het Nebukadnesar geweet dat hulle bedrieërs is, en hy het bevel gegee dat al die geleerde manne en towenaars om die lewe gebring moet word.

Daniël was ook een van die geleerde manne. Maar hy was nie daarby toe die koning hulle tot die dood veroordeel het nie. Maar hy het gou gehoor wat gebeur het. Hy het geweet dat sy lewe ook in gevaar was.

Toe het Daniël dadelik na die paleis gegaan en gevra of die vonnis nie 'n bietjie uitgestel kon word nie. Miskien kon *hy* die droom vertel.

Daarna het hy Sadrag, Mesag en Abednego na sy huis laat kom.

"Laat ons saambid dat die Here ons wysheid gee. Hy alleen ken die koning se geheim."

En kyk, toe dit nag word, het die Here vir Daniël die droom van die koning en die betekenis daarvan laat sien.

Sy lewe was gered. In groot dankbaarheid het hy die Here geprys.

Reeds vroeg in die môre het Daniël voor die koning gestaan.

"Kan jy my regtig sê wat ek gedroom het?" het Nebukadnesar verbaas gevra.

Maar Daniël het nederig sy hoof geskud en gesê: "Geen mens kan doen wat u gevra het nie, o koning, en ek is nie slimmer as die ander mense nie. Maar daar is 'n God in die hemel wat u geheim vir my geopenbaar het.

"Dit was u droom, o koning: Daar was 'n beeld wat geweldig groot en vreeslik was om te sien. Die hoof daarvan was van louter goud, die bors en die arms was van silwer, die buik 383

van koper, die bene van yster en die voete van yster en van klei.

"Toe het 'n groot klip losgeraak van die berg en vasgerol teen die voete van yster en klei.

Die klip het hulle fyngestamp en oor die hele beeld gegaan. Dit het hom so fyn soos kaf gemaal. En die wind het alles weggewaai sodat niks van die beeld oorgebly het nie. Maar die klip het al groter geword totdat dit die hele wêreld bedek het."

'n Mens kon aan Nebukadnesar se oë sien hoeveel eerbied hy vir Daniël se wysheid gekry het. Want dit was presies soos hy gedroom het.

Toe het Daniël verder gesê: "Dit is die uitleg, o koning: Die goue hoof is *u* aan wie die Here

'n magtige koninkryk gegee het. Maar na u sal 'n ander koninkryk kom wat geringer is as dié van u: dit is die bors van silwer. Dan nog 'n ander, die een van koper, wat ook sal vergaan.

En nog 'n vierde koninkryk sal kom wat sterk sal wees soos yster. Maar dit sal ook vergaan.

Die voete was van yster en klei. So sal die laaste koninkryk wees, 'n deel sal hard wees soos yster en 'n deel bros soos klei.

"Maar daarna sal die God van die hemel self 'n koninkryk laat kom wat al die aardse koninkryke sal vernietig. Daardie koninkryk sal die hele aarde bedek en tot in ewigheid bestaan."

Toe het Daniël stilgebly. In die hele saal het dit baie stil geword.

En Nebukadnesar het opgestaan van sy troon en op sy gesig voor Daniël geval. Hy het uitgeroep: "Waarlik, julle God is die God van die gode en die Here van die konings."

Hy het Daniël groot geskenke gegee. Van dié dag af was Daniël naas die koning die vernaamste man in die land. En op sy versoek het sy drie vriende goewerneurs van die provinsie Babel geword.

Maar hulle het nie vergeet dat dit net die Here was wat hulle al die eer gegee het nie. En hulle het Hom gedien.

95. In die Vuuroond

Daniël 3 en 4.

KONING Nebukadnesar kon dit maar nie vergeet nie. Hy self was die goue hoof van die beeld in sy droom. *Hy* was die magtigste koning op die aarde, groter as almal wat na hom sou kom. Elke dag het hy daaraan gedink. Hy het eintlik eerbied vir sy eie roem en heerlikheid gekry. Die vraag was of hy, wat net kon doen wat hy wou, net so 'n mens was soos ander.... Was hy nie eintlik.... 'n god nie?

Eendag het hy gedink: "Ek sal almal laat sien dat ek die goue hoof van die aarde is. Ek sal hulle laat kniel voor my grootheid."

Toe het hy 'n goue beeld laat maak, sestig el, of byna 'n honderd voet, hoog en dit laat oprig in die dal Dura, in die provinsie Babel. Hy het al die vername manne van sy koninkryk, soos die goewerneurs en die raadsmanne en die regters, bymekaar laat kom. Toe hulle almal voor die skitterende, blink goue beeld staan, het hy 'n uitroeper hardop laat aankondig:

"Dit is die koning se bevel: As julle musiek hoor van fluite en harpe en ander instrumente moet julle neerval en die goue beeld aanbid wat koning Nebukadnesar laat oprig het."

Dit het doodstil geword onder die duisende mense. Niks is gehoor nie as net die geruis van die vuurvlamme in 'n groot oond wat naby die beeld gebou was. Die koning het stil en hoogmoedig op sy troon gesit. Die beeld het geblink in die son.

Meteens is trompette geblaas. Fluite en harpe en ander instrumente het ook musiek gemaak. Die menigte mense het op hulle knieë geval. Al die mense het die beeld aanbid, want dit was die bevel van die koning. Net drie jong manne het nog regop gestaan asof hulle niks weet van die bevel nie.

Wie was die dwase manne? Wie waag dit om die wil van Nebukadnesar te weerstaan?

Hulle was Sadrag, Mesag en Abednego, die vriende van Daniël. Die mense het gou vir die koning hulle name vertel. Hy was kwaad en het hulle voor hom laat staan.

Hulle het gekom, en gebuig en hom bedaard aangekyk. Het hulle dan nie geweet hulle speel met hul lewe nie?

Die koning het dreigend gevra: "Is dit moedswillig, Sadrag, Mesag en Abednego, dat julle die beeld nie aanbid nie? Ek sal julle nog een kans gee. As julle hom aanbid, is dit goed. Maar anders sal julle dadelik in die vuuroond gegooi word."

Maar hulle het nog fier en vasberade voor hom gestaan, asof hulle hul sterker voel as hy. En hulle het bedaard geantwoord:

"Dis nie eintlik nodig om te antwoord nie. As dit nodig is dat ons in die vuur gegooi moet word, is die Here ons God, vir wie ons eer, in staat om ons te verlos. Maar in elk geval, o koning, moet u weet dat ons u beeld nie sal aanbid nie."

Die koning het vreeslik woedend geword. Hoe durf hulle hom so beledig.... Sou daar nog iemand wees wat magtiger is as hy?

Hy het bevel gegee dat die oond nog sewe maal warmer gemaak moes word as wat eintlik nodig was. Hy het sy sterkste soldate geroep om die drie jong helde vas te bind en in die vlamme te gooi. En hy het self nader geloop na die oond om goed te sien hoe hulle inmekaar sou krimp van die pyn, en om lekker te kry as hy sien hoe hulle sterwe.

Gloeiendwit het die oond gebrand toe Sadrag, Mesag en Abednego daarheen gedra word.

Die koning het sy soldate aangedryf met vloekwoorde en dreigemente. Hulle was vir hom banger as vir die vlamme. Toe hulle die jong manne in die vuur gooi, was die vlamme so warm dat hulle self doodgebrand is. Maar hulle het hul plig teenoor hul wrede meester gedoen.

Dit was klaar. Sadrag, Mesag en Abednego was in die oond en moes dood wees.

Maar die trotse Nebukadnesar, wat nooit voor enige iemand gebewe het nie, het nou meteens gebewe van angs.

Hy het geskreeu en vir sy raadsmanne gevra: "Maar het ons nie *drie* manne in die vuur gegooi nie?"

Hulle het baie beslis geantwoord: "Ja, seker, o koning!"

"Maar nou is daar vier!" het die koning uitgeroep. "Kyk daar, hulle is los en loop rond in die vuur, en hulle is nie eens geskroei nie! En kyk.... kyk, daar is nog 'n vierde een. Dis nie 'n mens nie, dis 'n engel!"

Hy het 'n bietjie nader gekom aan die oond. Hy het ontsteld gelyk en hulle gesmeek:

"Sadrag, Mesag en Abednego, dienaars van die allerhoogste God, kom uit en kom hier!"

Toe het daar drie manne uit die vuur gekom. Die vierde een, die Engel, het verdwyn. Almal het die drie vriende omring. Met verbasing het hulle gesien dat hulle klere nie beskadig was nie en nie eens na vuur geruik het nie. Selfs hulle hare was nie die minste geskroei nie.

Toe sê die koning: "Geloof sy die God van Sadrag, Mesag en Abednego wat Sy engel gestuur het om Sy dienaars wat op Hom vertrou het, te verlos."

Hy het nie weer omgekyk na die beeld nie. Dit het vir hom niks meer beteken nie. Hy het geleer dat daar Iemand was wat magtiger was as hy.

Maar hy het nog wreed gebly.

Hy het bevel gegee dat elkeen wat nie die God van Sadrag, Mesag en Abednego vereer nie, in stukke gekap moet word.

Maar het hy al geleer dat hy maar net 'n mens was, en niks meer as 'n mens nie?

Nee, hy het dit nog nie geweet nie. Hy het nog altyd hoogmoediger geword!

Duisende mense het sy bevele onmiddellik gehoorsaam. Hulle het gebewe as hy maar net na hulle wys. Hulle het hom gevlei met mooi benamings.

"Koning van die konings!" het hulle uitgeroep.

"Meester van die wêreld!" het hulle gestamel.

En hulle het voor hom gekniel as hy verbyry in sy pragtige koets.

Sy leërs het jaarliks gaan veg om sy ryk nog groter te maak. In die brandende warm son het troppe slawe geswoeg om paleise en tempels te bou. Sy koninkryk het oneindig groot geword. Sy stad was 'n wonder van prag. En hy, Nebukadnesar, het in die middel van daardie geweldige groot koninkryk gewoon. Hy kon maar net 'n woord sê of met sy hand wink en daar is gedoen wat hy wou hê. Hy het doodgemaak net wie hy wou. Hy het nie aan goed of sleg gedink nie. Wie kon hom straf vir sy sonde? Hy was mos self die hoogste regter.

"Almal op aarde het hulle lewe aan my te danke," het hy gedag. "Ek is die heer van die wêreld."

"Ek is 'n god!" het hy gedink.

NOG een maal het die Here hom gewaarsku. Hy het in 'n droom 'n boom gesien wat so sterk en groot geword het dat sy bopunt tot aan die hemel geraak het. Die diere van die veld het gerus onder sy skaduwee, en die voëls van die hemel het hul neste gemaak in sy takke. Sy vrugte was genoeg vir almal.

Maar hy het ook 'n engel uit die hemel gesien neerdaal, wat uitgeroep het:

"Kap die boom af. Laat net sy penwortel in die aarde staan en bind dit vas met 'n band van 386

yster en koper. Dit sal eers na sewe jaar weer groei."

Geen towenaars of waarsêers kon die droom uitlê nie. Toe is Daniël geroep. Hy het geskrik toe hy hoor wat die koning gedroom het.

"O koning," het hy gesê, "die Here stuur u 'n harde boodskap. U is self die boom. Die Here sal u mag vir 'n tyd van u wegneem. Sewe jaar sal verbygaan totdat u erken dat die Here mag het oor u koninkryk, en Hy sal dit gee aan wie Hy wil."

En toe het Daniël die koning gesmeek om hom te bekeer en nederig en barmhartig te wees.

Dan sou die Here hom miskien nog spaar.

Maar Nebukadnesar het nie geluister nie. En toe, 'n jaar later, het die straf gekom soos Daniël voorspel het. Die koning het op die plat dak van sy paleis geloop, en oor die stad en oor sy koninkryk gekyk. So ver hy kon sien, en nog verder, was alles syne. Daar was die wye, vrugbare land met die breë rivier Eufraat en al die waterkanale wat hy laat grawe het.

Daar was die groot stad, met geweldige dik en hoë mure rondom, met waterstroompies en fonteine, met paleise en tempels, wat hy laat bou het. En daar was sy groot kasteel, soos 'n stad binne-in 'n stad, wat geen vyand van hom kon afneem nie. Dit was alles *sy* werk. Hy het dit so gemaak. Hy was die god van hierdie groot koninkryk. So het hy gedink.

Sy oë het geskitter van hoogmoed. Hy het sy hande uitgesteek na die pragtige wêreld hier voor hom.

"Is dit nie die groot Babel wat ek opgebou het nie!" het hy trots uitgeroep. "Wat *ek* gebou het deur die sterkte van my mag en tot die verheerliking van *my* majesteit!"

Toe het die Here hom self geantwoord op daardie trotse vraag. 'n Stem het uit die hemel gekom en gesê:

"Aan jou, o koning Nebukadnesar, word gesê: Die koninkryk is van jou weggeneem."

En meteens het die koning duiselig gevoel. Sy gedagtes het stilgestaan. Sy oë het baie snaaks gelyk. Sy verstand het hom verlaat. Van hoogmoed het hy kranksinnig geword.

Toe kon hy nie meer langer koning wees nie.

Hy het oor die aarde gekruip en gras geëet soos 'n dier. Hy het in die veld geslaap. Sy naels en sy hare het lank geword, maar hy het dit nie gemerk nie. Hy het niks meer geweet nie.

Hy wou meer as 'n mens wees. Nou het hy minder geword as 'n dier.

Dit het sewe jaar lank geduur.

Toe was dit asof hy wakker word uit 'n lang, naar en benoude droom. Hy het opgekyk na die hemel en sy verstand het weer teruggekom.

Diep het hy hom geskaam toe hy besef wat met hom gebeur het. Tóé het hy eers verstaan hoe klein en nietig hy eintlik was. Hy het die God van die hemel geprys, wat hom so verneder het om hom verstandig te maak.

Hy het toe weer koning geword. Sy raadsmanne en vername dienaars het gekom en hom opnuut weer gekroon. Hy het toe nogal magtiger geword as tevore.

Maar hy het *nooit* weer vergeet dat hy maar net 'n mens was nie. Al was hy hoër en vernamer as ander mense, was hy tog maar net 'n mens wat al sy mag en roem van die Here gekry het.

96. Belsasar

Daniël 5.

DIT was nag. Deur die strate van Babel het 'n paar donker gedaantes gesluip. Daar was 'n gefluister van stemme by die hoë mure van die sterk kasteel van die koning. Spiese het geflikker. 'n Kort bevel is saggies gehoor. Duisende vreemde soldate was stilletjies besig om iets te doen by die lig van die sterre.

Die groot wêreldryk van Nebukadnesar het op sterwe gelê. Sy vyande het dit alreeds byna heeltemal verower.

Nebukadnesar was al lankal oorlede en sy opvolgers was swak konings. Nou was die laaste koning verslaan deur die Meders en die Perse. Hulle het die stad alreeds binne-gedring.

Nog net die koning se kasteel was nog nie verower nie. Daar het Belsasar, die koning se oudste seun, geregeer. Hulle het hom al maande lank beleër in sy sterk paleis. Hoe lank sou hy nog uithou?

Dit was al middernag. Maar in die paleis het niemand geslaap nie. Daar is feesgevier. In die groot, pragtige saal het die koning met sy vroue en 'n duisend maghebbers aan lang tafels gesit. Hulle het geëet en gedrink, gelag en gesing en nie aan die vyand gedink nie. Die dik mure sou hulle beskerm. Wie wil nou by so 'n heerlike, luidrugtige feesviering dink aan vyande? Beelde van allerhande gode van goud en silwer, hout en klip, wat langs die mure gestaan het, sou die mense beskerm! Hulle het gedink aan wyn en aan vreugde; hul harte was vrolik; hul oë het gevonkel en die fees het al luidrugtiger geword. Die wyn het gestroom oor die tafels. Hulle het almal dronk geword.

EN nog groter moes hul luidrugtige vreugde word, het die half dronk koning gedink. Dit het hom bygeval van die goue en silwerbekers wat in sy skatkamers was. Dit was die heilige bekers van die tempel van Jerusalem wat sy voorvader Nebukadnesar daarvandaan saamgebring het. Hy het hulle laat haal en laat vol maak met wyn. Hande wat amper nie meer krag gehad het nie, het die bekers opgelig en die wyn is gedrink. Almal het die gode, wat langs die mure staan, geprys, omdat hulle die God van Jerusalem verslaan het. Maar skielik het 'n

paar mense angstig uitgeroep. Met bewende hande het hulle boontoe gewys. Verskrik het almal na die muur gekyk. Dit het doodstil geword.

Hoog teen die wit gepleisterde muur van die paleis, was daar 'n hand, net 'n hand en niks meer nie. Die geheimsinnige hand het wonderlike woorde met vuurletters op die muur geskrywe.

So bleek soos iemand wat dood is, het die koning agteroor gesit op sy stoel. Hy het gegril.

Sy knieë het van angs teen mekaar geklap.

"Die waarsêers!" het hy geskreeu. "Die towenaars! Laat hulle dadelik hier kom!"

Hulle het gekom en net so ontsteld soos die ander gekyk na die wonder. Belsasar sê toe:

"Enige persoon wat hierdie skrif lees en dit uitlê, sal met purper geklee word, 'n goue ketting sal om sy nek gehang word en hy sal as die derde in rang in die koninkryk heers."

Ag, die koninkryk! Nog net die paleis het daarvan oorgebly.

Maar niemand van die wyse manne van Babel kon die skrif op die muur uitlê nie. So iets het hulle nog nooit gesien nie.

Nou het die koning en sy gaste nog banger geword. Hulle het bewend daar bymekaar gesit.

Die hele paleis was in rep en roer.

Toe gaan die deur oop. Die ou koningin, die moeder van Belsasar, het binnegekom. Sy was verstandiger as die ander, en het nie saam so in die nag feesgevier nie. Maar *nou* het sy gekom omdat sy gehoor het wat gebeur het. Sy het iemand geken, 'n verstandige ou man, wat miskien die raaisel kon oplos.

Lank gelede, toe Nebukadnesar nog geleef het, was hy 'n vername man. Maar later is hy verag en vergeet omdat hy 'n Jood was. Daniël was sy naam. Die koningin sê toe:

"Laat Daniël geroep word. Die gees van die heilige gode is in hom."

Nie lank daarna nie het Daniël voor die koning gestaan. Hy was al oud en grys, maar sy oë was nog helder, en as kind van die Here was hy opgeruimd.

Die koning het hakkel-hakkel vertel van sy angs en van die beloning wat hy sou gee as Daniël hom kon help. Hy dag dat vir al die mense niks so begeerlik was as goud en silwer en eer nie.

Maar Daniël het dapper geantwoord: "U kan u gawes maar vir uself hou en u geskenke aan

'n ander gee. Sonder enige beloning sal ek die skrif vir u lees en dit uitlê."

So 'n antwoord sou niemand anders gewaag het om vir die koning te gee nie. Maar Daniël het bedaard verder gesê:

"O koning, die allerhoogste God het aan u voorvader Nebukadnesar die koningskap gegee en eer en heerlikheid. Maar toe hy hoogmoedig geword en die Here vergeet het, is hy van sy troon afgestoot en swaar gestraf.

"Hy was soos 'n dier, totdat hy erken het dat die allerhoogste God mag het oor die koninkryk van mense, en dat Hy dit kan gee aan wie Hy wil.

"En u, koning Belsasar, het dit geweet, maar u het tog nie beter gedoen as hy nie. U het die heilige bekers uit die Here se huis laat bring en u het daaruit gedrink. U het die gode van goud en silwer en klip, wat geen verstand het nie, geprys. Maar u het die Here, wat u

lewe bestuur, nie vereer nie. Daarom het Hy u vonnis alreeds uitgeskrywe.

"Daar staan op die muur: *Mene, mene, tekel, ufarsin.* Dit beteken: *Getel, getel, geweeg, verdeel.*

"Die Here het u koninkryk getel en daar 'n einde aan gemaak. U is geweeg en te lig bevind.

U ryk is verdeel en aan die Meders en Perse gegee."

Dit was 'n harde boodskap, maar die koning het nie kwaad geword nie. Miskien was hy te dronk. Sy dowwe oë het maar weer gekyk na die wynbeker, en hy het sy hand daarna uitgesteek. Wat het Belsasar hom aan die Here gesteur? Hy was nie meer bang noudat die geheimsinnige woorde van die muur verdwyn het nie. As die straf tog moet kom, kan hy nou maar nog die lewe geniet.

Hy het bevel gegee dat Daniël tóg al die belonings sou ontvang wat hy belowe het. Dit was

'n purper kleed, 'n goue ketting om die nek, en die rang van derde in die koninkryk —

Belsasar se koninkryk!

In dieselfde nag het die vyande die paleis ingeneem. In dieselfde nag is koning Belsasar doodgemaak.

97. In die Leeukuil

Daniël 6.

EENMAAL toe Daniël baie oud was, was sy lewe in groot gevaar.

Dit het gekom deurdat hy getoon het hoe 'n mens die Here bo alles moet liefhê.

Toe het die Here gewys dat Hy Daniël liefhet, en Hy het Sy dienaar wonderlik gered.

Dit was toe Darius, die Meder, koning was. Hy het die groot koninkryk in honderd-en-vyftig provinsies verdeel en oor elkeen 'n goewerneur aangestel. Maar daar was drie prinse wat hoër was as die goewerneurs. Een van dié drie was Daniël.

Daniël was knap en verstandig. Hy het sy plig getrou gedoen. Die koning het van hom gehou en wou hom nóg magtiger en vernamer maak. Daniël moes die hele koninkryk bestuur. Dan sou hy onderkoning wees van 'n groot wêreldryk.

Die ander prinse en leiers was alreeds erg jaloers op Daniël. Nou het hulle nóg jaloerser geword.

Moes daardie vreemdeling, daardie Jood, dan die meester van hulle almal wees? Hulle het hom gehaat en vervloek, dié vrome Jood! Elke dag het hulle fyn opgelet of hy nie iets verkeerds doen nie, sodat hulle hom kan aankla.

Maar hulle het niks gekry nie. Daniël het geen fout gemaak nie. Hy het die land baie goed bestuur. En drie maal elke dag het hy neergekniel. In sy huis het hy 'n bokamer gehad met vensters wat oop was na die Weste in die rigting van Jerusalem. Daar het hy drie maal elke dag voor die oop raam neergekniel om die Here te aanbid.

Sy vyande het dit goed geweet.

"Ons kan hom van niks beskuldig nie," het hulle teleurgesteld gesê.

"A, maar wat van sy godsdiens?" het een gesê.

Ja, sy godsdiens! Dit kon teen hom tel. Daarmee kon hulle hom vang!

Toe het hulle 'n vals en verraderlike plan gemaak.

HULLE het op 'n dag na die koning gegaan en baie vriendelik, beleef en onderdanig gepraat. Met vleiwoorde het hulle gesê:

"Mag koning Darius vir ewig lewe! Ons kom u vertel dat ons 'n mooi plan gemaak het. U is tog so goed en groot en magtig! Daarom moet almal u in die hele land vereer. Ons het afgespreek dat daar 'n nuwe wet moet wees. U moet asseblief bevel gee dat dertig dae lank niemand in u hele koninkryk iets mag vra van enige god of mens nie, behalwe net van u, o koning! Dis omdat u so groot en verstandig is. En elkeen wat dit nie doen nie, moet swaar gestraf word. Hy moet in die kuil van die leeus gegooi word."

Dit het so mooi *geklink. Koning* Darius wou graag vereer word. Hy het die bevelskrif laat opstel en dit toe met sy naam onderteken. Daarna het hy dit verseël met sy ring. En toe is dit oral in die land afgekondig.

Die bevelskrif kon nie herroep of teruggetrek word nie. Dit was 'n wet van die Meders en die Perse dat so iets nooit kon verander word nie. Wat die koning gesê het, was die wil van die gode. Hy kon dit self nie eens herroep nie.

Ook Daniël het gehoor dat die nuwe wet afgekondig word.

Wat moes hy nou doen?

Die Here het gesê: "Soek My aangesig en jy sal lewe." Nou sê die *wet:* "As jy die Here soek, sal jy sterwe!"

Maar Daniël het nie geaarsel nie. Want sy hart het gesê: "Ek soek U aangesig, o Here! U het 390

ek meer lief as my lewe. Ek wil aan U meer gehoorsaam wees as aan die mense."

En net soos tevore, drie maal op 'n dag, het Daniël neergekniel voor die oop venster, met sy gesig na Jerusalem, om vir homself en sy volk te bid.

En hy het geweet dat sy vyande daarbuite staan en loer.

Hulle was gou by die koning. Baie onskuldig het hulle gevra:

"Het u nie laat aankondig nie dat as enige persoon binne dertig dae iets sou vra van 'n mens of 'n god, hy in die leeus se kuil sou gegooi word?"

Die koning het geknik. Hulle het dit natuurlik self goed geweet. Die wet kon nie verander word nie.

"Daniël, die Jood," het hulle toe gesê, "het nie gehoorsaam nie. Hy aanbid sy God drie maal op 'n dag!"

Toe het die koning geskrik en baie bedroef geword. Hy het toe eers begryp hoekom hulle gevra het hy moet so 'n wet maak, want hy kon aan hulle valse oë sien hoe bly hulle nou was!

Maar hy het geprobeer om Daniël te red. Die hele dag het hy wanhopig sy bes gedoen om sy getroue dienaar te red. Maar dit was tevergeefs.

Daniël se vyande het nog 'n maal na die paleis gekom.

"Dink u daaraan," het hulle skynheilig gevra, "dat 'n wet van die Meders en Perse nie verander mag word nie?"

Darius was 'n koning, maar die wet was magtiger as *hy.*

Toe dit aand was, het hulle Daniël geneem na die leeukuil in die tuin van die koning.

'n Groot klip is weggerol van die opening van 'n donker put. Onderin het die leeus gebrul.

Hulle was baie honger.

Die koning het gesien hoe Daniël na die put gaan. Hy het nie gekerm of hom versit nie. Hy was nie bang vir die dood nie. Bedaard het hy saamgeloop na die kuil, asof hy na 'n fees gaan.

Darius het sy hande saamgewring. Met trane in die oë het hy gesê: "O Daniël, mag jou God vir wie jy so trou dien, jou red!"

Maar Daniël het verdwyn in die kuil. Die groot klip is weer teruggerol en verseël.

Diep onder in het die leeus nog gebrul. Alles was verby.

IN die nag kon die koning nie slaap nie. Hy het van verdriet nie geëet of gedrink nie.

In sy verbeelding het hy nog gesien hoe Daniël bedaard loop. Die hele nag het hy homself verwyt omdat hy so 'n dwase wet gemaak het. Hy het sy beste dienaar opgeoffer aan sy hoogmoed. Hy het maar baie min hoop gehad. Hy het geweet dat die God van Daniël magtig was. Maar sou daar 'n God wees wat die bekke van uitgehongerde leeus kon toemaak?

Toe dit die anderdagmôre net so effens lig word, kon hy dit nie meer uithou nie. Hy het haastig gegaan na die leeukuil. Met 'n hart wat vinnig klop, het hy geluister by die kuil. Alles was stil. Net 'n voëltjie het in 'n boom gesing.

Bedroef het Darius geroep: "Daniël, kneg van die lewende God, was Hy vir wie jy gedurig vereer, in staat om jou van die leeus te verlos?"

En toe kry die koning meteens 'n skok, maar dit was van vreugde!

Hy het 'n bedaarde stem daar van onder af gehoor:

"Mag die koning vir ewig lewe! My God het Sy engel gestuur om die leeus se bek toe te sluit, 391

omdat ek onskuldig is!"

O, die koning was so bly soos 'n kind!

"Trek hom op!" het hy gejubel. "Hy lewe!"

En gou het Daniël sonder 'n skrapie bedaard en met 'n glimlag voor die koning gestaan.

Darius kon amper voor hom kniel!

En toe dink hy aan die slegte manne wat Daniël wou vermoor. Hulle was nog in die bed, maar hy het hulle dadelik laat haal. En toe het hulle met gekerm dieselfde paadjie geloop wat Daniël die vorige aand geloop het.

Vir hulle was daar nie 'n engel om hulle te beskerm nie. Nog voor hulle die bodem van die kuil bereik het, het die leeus hulle al gegryp en vermorsel.

Hulle is nooit weer gesien nie.

KONING Darius het 'n nuwe bevel gegee, en dit was dat sy hele koninkryk die God van Daniël moes vereer.

En Daniël het verder in vrede en voorspoed gelewe. Hy was baie naby die Here.

In die vreemde land het hy gesterwe.

En sy volk, vir wie hy so trou gebid het, het nie lank daarna nie na hul eie land teruggegaan.

Daniël het toe nie meer gelewe nie, maar voor sy dood het hy mooi gesigte gesien, wat die Here hom getoon het. Daarvan het hy gesing in sy profesieë.

Hy het ook gesing van die Verlosser wat eenmaal sou kom. Die Verlosser, Jesus Christus, sou net soos hy deur vyande vervolg word. Hy sou doodgemaak word, maar sou weer lewendig word. Dit sou gebeur om almal wat in Hom glo te red en die ewige lewe te laat ontvang.

392

98. Die Terugkeer

Esra 1-10; Nehemia 1-4; 6, 8, 10, 13; Haggai 1 en 2; Sagaria 4, 13, 14.

EINDELIK ..... Uiteindelik het die dag van verlossing gekom waarna so baie ballinge gesmag het. Die jubeljaar van vryheid het aangebreek. Kores, die koning van die Perse, het dit aangekondig, maar die Here, wat die harte van konings bestuur, het hom dit gebied.

Dit was vir die mense asof hulle droom. Van alle kante het hulle bymekaargekom. Met gelag en gejuig het hulle getrek al langs die rivier waarvandaan hulle so dikwels met verlange gekyk het na die Weste. Nou was hulle nie meer gevangenes nie. Hulle was vry! Die Here het Sy volk weer aangeneem. Hy het die deur van vryheid weer oopgemaak vir Sy verlore kind.

Vyftigduisend mense het blymoedig met hulle vee en goed en met die heilige voorwerpe van die tempel teruggegaan.

Serubbabel en Jesua was die leiers. Jesua was 'n priester. Serubbabel was 'n prins van die geslag van Dawid. Hy was 'n kleinseun van Jojagin, 'n agter-agter-kleinseun van die vrome Josia.

Hulle het die volk gelei langs dieselfde pad waarmee Abraham, hulle voorvader, lank gelede getrek het. Hy wat Abraham was, het toe nog nie geweet waarheen die Here hom lei nie.

Maar hulle het goed geweet waarheen hulle gaan. Die ou mense het die land nog geken, want hulle het daar as kinders gespeel, voor die vreeslike straf gekom het. Die jongeres het baie van die land gehoor. Die land van hul vaders het vir almal gewag.

Helaas, daar was ook Jode in Babel wat hul liefde vir hul eie land verloor het. In die vreemde land het dit goed met hulle gegaan. Daar het hulle tuis gevoel.

"Ons geld en ons besittings," het hulle gesê, "is meer werd as die beloftes van die Here." En *hulle* het agtergebly.

Maar die ander het na 'n lang en gevaarlike reis van vier maande veilig aangekom in die heilige vaderland.

"Die heilige vaderland!" Maar hoe treurig het alles daar uitgesien!

Nog net 'n klein klompie mense het yl versprei gewoon in die woeste, verlate land.

Maar die mense wat teruggekom het, het met moed weer begin. Hulle het die ou huise weer opgebou. Hulle het die lande weer geploeg. En nie lank na hulle aankoms nie, het almal bymekaargekom in Jerusalem, waar die jakkalse nou tussen die puinhope gewoon het, om die altaar weer op te rig.

Die oumense het nog geweet waar dit gestaan het. En op die ou plek is dit weer opgebou.

Toe het daar weer brandoffers vir die Here gerook. Maar dit was in 'n verwoeste stad, en die tempel was 'n puinhoop.

En daarom het hulle nog 'n maal bymekaargekom. Die plegtige uur het gekom wanneer op die fondament van die ou tempel die nuwe een gebou sou word.

Die *jongmense* was plesierig toe hierdie grootse werk begin het.

Maar die *ou mense* het geween. *Hulle* het Salomo se tempel mos nog geken. En hulle het geweet dat die tempel wat *nou* sou gebou word, nooit so pragtig en heerlik sou wees nie.

Die ark, die goue ark, wat die teken was dat die Here daar woon, was vir altyd verlore. Die Allerheiligste sou leeg wees.

Was dit *toe,* by die lê van die fondament, dat hulle die wonderlike steen of klip gevind het?

Dit was groot en swaar en sy vorm was so buitengewoon dat dit gelyk het asof dit nie by die ander stene pas nie. Die werksmanne het nie geweet wat om daarmee te doen nie en hulle het dit maar opsy gesit. Maar toe die bou-meesters die steen sien, het dit geblyk hoe 'n groot 393

fout die werksmanne gemaak het. Sonder daardie steen moes die tempel nie gebou word nie. Dit was die allerbelangrikste van al die stene, die hoeksteen waarop die hele gebou moes rus.

Die steen wat die bouers verwerp het, het 'n hoeksteen geword, en dit was wonderlik in hul oë.

Pragtige kunswerke uit die vyfde eeu v.C, dit wil sê uit ongeveer die tye van Esra en Nehemia.

Toe Salomo die tempel begin bou het, was daar baie geld en skatte. 'n Groot volk was geesdriftig om te help bou.

Nou moes dieselfde werk gedoen word deur 'n klein, nietige, arme volkie, wat so pas van Babel teruggekom het. Sou dit moontlik wees?

Maar hulle het begin. Hulle het die ou puin opgeruim en nuwe bakstene gemaak. Hulle het weer van die sederhout van die berg Libanon laat haal.

En nie lank daarna nie kon hulle hulp kry. Die Samaritane en die mense van Juda, wat nog altyd in die land gewoon het, het gekom en gesê:

"Laat ons saam met julle bou, want ons wil julle God ook dien. Ons het alreeds vir Hom geoffer, solank as wat ons in hierdie land woon."

Dit was nie maklik om vir hulle nee te sê nie. Maar tog moes dit gedoen word.

Dis waar, die Samaritane het ook die Here gedien. Maar hulle het ook hulle afgode gehad waarvoor hulle gebuig het. Hulle was eintlik heidene. En as hulle kom help bou, sou hulle nie 394

hul sonde saambring nie?.... Sou die klein volkie, wat in Babel so 'n swaar straf gedra het, nie weer opnuut afdwaal nie?

Nee, dit moes nie gebeur nie. Die heilige werk moes alleen deur die Here se eie volk gedoen word. Daarom het hulle so dapper nee gesê. Daarom het hulle aangehou om nee te sê, selfs toe hulle sien die Samaritane word vir hulle kwaad. Daardie mense het verbitter gevoel en weggegaan. En van daardie dag af het die Samaritane hulle teëgewerk. Hulle het gaan kwaad praat van die Jode by die koning Kores.

Hulle het die gereedskap vernietig.

Op allerhande maniere het hulle die bou onmoontlik gemaak.

Toe het die volk moed verloor. Hulle het teruggegaan huis toe. Jare lank het die ou tempel gebly soos hy was.

Dit was slegte tye. Keer op keer was die oes 'n mislukking. Die klein volkie het baie bekommernisse gehad en nie meer aan tempel bou

gedink nie.

Maar 'n profeet, Haggai, het opgestaan en die volk weer bymekaargeroep. Hy het hulle aangespoor om opnuut weer te begin.

"Vat moed," het hy gesê, "en bou die tempel! Dan sal dit goed met julle in hierdie land gaan."

En hy het voorspel dat hierdie tempel heerliker sou wees as dié van Salomo. In Salomo se tempel was maar net die ark, 'n teken van die teenwoordigheid van die Here. Maar in hierdie huis sou die Messias self Sy voete sit.

Nog 'n ander profeet, Sagaria, het gekom en hom gehelp om die volk aan te moedig. Hy het uitgeroep:

"So sê die Here: Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur My Gees sal dit gebeur."

En hy het gesing van die mooi toekoms wanneer die Messias sou gekom het.

Toe het die mense nuwe moed gekry en weer begin bou. Hul vyande het weer geprobeer om hulle te verhinder, maar hulle kon dit nie regkry nie. Hulle het die goewerneur Tattenai gestuur om die Jode te vra wie toestemming gegee het vir die werk. Maar toe hy hoor dat dit die koning Kores was, het hy hulle dit nie verbied nie. En toe Kores se bevelskrif in die land van Babel ontdek is, het Tattenai die werkmense kos en betaling gegee. Die kwaad wat hulle vyande bedink het, het die Here vir hulle in goed verander.

Toe het dit voorspoedig gegaan en na vyf jaar se flukse werk was die nuwe tempel klaar. Dit is met baie offers en 'n groot fees ingewy.

VYFTIG jaar het verbygegaan. Die jong mense wat gejuig het toe die fondament van die tempel gelê is, was nou al ou manne en vroue.

Maar die buitenste mure van Jerusalem was-nog nie weer opgebou nie. Die stad was oop en kon nie teen vyande verdedig word nie.

Toe het Esra gekom. Hy was 'n priester en het nog in Babel gewoon. Maar hy het baie guns van die koning geniet, en het verlof gekry om na Jerusalem te gaan. Vyftien-honderd Jode het saamgegaan. Hulle kon perderuiters gekry het om hulle op die pad teen rowers te beskerm. Maar Esra was skaam om dit te vra. Hy het mos op die Here vertrou en Hy sou hulle bewaar. En hulle het dan ook veilig in Jerusalem aangekom..

Dit was baie noodsaaklik dat hy sou kom.. Want die volk het al weer begin afdwaal. Daar was slegte vroue van ander volke wat tussen die Here se volk gewoon het. Maar Esra het met groot strengheid die sonde uitgeroei. Hy het die wet van Moses goed geken. En die volk moes die wet ook leer, het hy gedink. Die wet moes hulle lei en bewaar om hulle heilig te hou.

En die mense het geluister na Esra. Hulle het hul bekeer. Esra het die stryd gewen.

Maar toe hy probeer om Jerusalem se mure weer op te bou, het alles verkeerd gegaan. Die vyande uit Samaria het baie slegte dinge omtrent die volk aan die koning geskryf.

Toe het die koning die werk verbied. Maar dit sou eendag, nie so lank daarna nie, tog gedoen word.

IN Babel het 'n Jood gewoon met die naam van Nehemia. Hy was die koning se wynskinker.

As die koning aan tafel sit, moes hy die wynbeker aangee. Dit was heeltemal 'n belangrike werk. Hy moes altyd vrolik en opgeruimd wees, want die koning wou nie lang gesigte om hom hê nie.

Dit was nie moeilik vir Nehemia nie, want hy was opgeruimd van geaardheid. Maar een keer was dit darem vir hom baie moeilik om sy werk blymoedig te doen. Dit het so gekom: Nehemia se broer Hanani, van Jerusalem, het hom kom besoek. Hy het vertel van die stukkende mure en hoe hulle vyande die volk laat ly het.

Toe kon Nehemia nie eet of slaap van verdriet nie. Hy kon nie anders nie as om te huil oor die ellende van sy volk en om vir hulle te bid.

Toe hy weer moes wyn inskink en dit vir die koning en die koningin gee, het hy sy bes gedoen om opgeruimd te wees. Maar hy kon nie. Hy was te opreg en eerlik.

Gou het die koning gevra: "Maar Nehemia, hoekom is jy dan so neerslagtig? Jy is tog nie siek nie?"

Toe skrik Nehemia en vertel alles. Maar die koning het nie kwaad geword nie. Hy het baie gehou van sy skenker.

"Wat wil jy dan doen?" het hy vriendelik gevra.

"O Here, help my," het Nehemia in sy hart gebid. Toe antwoord hy:

"As die koning dit goed vind, laat my na Juda gaan om my voorvaders se stad weer op te bou."

Die Here het sy gebed verhoor. Die koning het hom verlof gegee om te gaan. Hy het hom ook 'n leër gegee om saam te gaan en briewe aan die goewerneurs deur wie se lande hy moes reis. Hy het soos 'n groot, magtige man in Jerusalem aangekom. Maar niemand het nog geweet wat hy kom doen nie.

Eers het Nehemia self gaan kyk wat alles gedoen moet word. In die middel van die nag het hy op 'n esel deur die verbrande poort aan die weste kant van die stad gery. Net 'n paar dienaars was by hom. In die maanlig het hulle al langs die stukkende muur gery.

Dit sou 'n groot werk wees om alles weer op te bou, maar Nehemia wou dit doen. Die anderdagoggend het hy die oudstes van die stad bymekaar laat maak en hulle sy plan vertel.

Bly het hulle geantwoord: "Ons sal ons klaarmaak en bou!"

En hulle het gebou. Die hele volk het saamgewerk. Maar hoe moeilik was dit nie! Die Samaritane, met hul leier Sanballat, en Tobía, die Ammoniet, en boonop ook nog Arabiere het gekom en gespot.

"Wat maak die magtelose Jode?" het Sanballat gespot. "As 'n jakkals teen die muur opspring, sal dit omval!" het Tobía gesê.

Maar Nehemia-hulle het gesê: "Die God van die hemel sal maak dat ons dit klaarkry."

Hulle het gewerk en geswoeg. Hulle vyande wou kom en hulle doodslaan om hulle te verhinder om die werk klaar te maak. Toe moes die helfte van die Jode wag staan, sodat die ander hele kon aangaan met die werk. Hulle het gewerk van dit lig word in die môre tot die sterre in die aand skyn. Onderwyl party slaap, moes die ander wag hou. Nehemia en sy mense kon nie eens hulle klere uittrek in die aand nie.

MAAR daar was nog 'n ander vyand. Dié het van binnekant af gedreig, en dit was van die Jode self. Hulle was mense wat baie verkeerde dinge gedoen het, al het hulle goed geweet 396

dat dit teen die wet was. In die slegte tye het hulle baie geld aan die arm mense geleen. En toe hulle dit nie kon terugbetaal nie, het die ryk Jode slawe van hulle kinders gemaak.

Die volk was baie ontevrede daaroor. Maar Nehemia het die slegte gierigaards laat sien hoe verkeerd hulle was en hoe hy self al sy geld geoffer het vir die armes. Toe het hulle skaam geword. Hulle het die slawe losgelaat.

EN die groot werk het weer voortgegaan. Die mure het gegroei. Hul vyande het met verbasing gesien dat die werk tog sou klaarkom.

Hulle probeer toe om Nehemia daarvan af weg te kry.

"Kom na ons dat ons 'n bietjie saam kan gesels," het hulle gesê. Maar hy het geweet hulle wou hom doodmaak.

"Ek is te besig," het hy geantwoord.

Toe probeer hulle hom bangmaak.

"Ons gaan die koning vertel dat jy wil rebelleer om self koning van Jerusalem te word."

Maar hy het hom nie laat bang maak nie. Hy het geweet die Here pas hom op.

DAARNA is die werk voltooi. Dit was wonderlik in die oë van die vyande.

Esra het uit die wetboek voorgelees, en die volk het weer die verbond met die Here hernuwe. Hulle het belowe om die wet getrou te hou en om 'n heilige volk te wees.

NOU was Jerusalem weer, soos vroeër, 'n mooi, sterk stad op die heuwels van Juda.

Eenmaal is dit verower en verwoes omdat dit die liefde verloor het — die liefde vir die Here en die medemens. Maar die stad was nog nie heeltemal vry nie. Hulle het mos nog nie 'n eie koning gehad nie.

Maar Hy *sou* kom, die werklike *groot* Koning wat die mense honderde jare lank verwag het.

Deur *hierdie* poort sou Hy gaan. En in *hierdie* tempel sou Hy optree.

Maar wanneer daardie koning kom, sou daar dan waarlik liefde wees?

99. Ester

Ester 1-10.

A

D AR was eenmaal 'n jong meisie wat deur die Here gebruik is om die lewe van haar volk, die Jode, in 'n vreemde land te red.

Sy het gewoon in Susan, die hoofstad van die groot koninkryk van die Meders en Perse. Dit was omtrent die tyd toe die eerste Joodse ballinge al weer teruggegaan het na hul eie land.

Haar naam was Ester.

Ahasveros het in sy paleis saam met sy howelinge heerlik feesgevier, sewe dae lank. Hulle het op rusbanke van goud en silwer gelê en het heerlike wyn uit goue bekers gedrink. Niks is gespaar om die fees aangenaam te maak nie. En op die laaste dag, toe almal baie vrolik was, wou die koning nog een guns vir sy gaste doen. Hy wou hulle die mooiste van al sy vroue laat sien.

Die koning het baie vroue gehad. En van hulle was koningin Vasti die lieflikste. Daarom het hy haar 'n boodskap gestuur. Sy moes kom in haar mooiste klere en met haar kroon op haar hoof.

Maar Vasti het self feesgevier met die vroue in haar eie paleis. Sy het *nie* gekom nie. Sy wou nie daar staan dat al die manne na haar kyk nie.

Toe het die koning baie kwaad geword en vir sy raadsmanne gevra: "Wat moet gedoen word met koningin Vasti omdat sy nie gekom het nie?"

"Sy moet streng gestraf word," het die raadsmanne geantwoord, "anders sal ons vroue, as hulle dit hoor, ook ongehoorsaam word. Sy

moet afgesit word as koningin."

En so het dit gebeur. 'n Vrou was in daardie tyd niks meer as 'n slavin nie.

Later, toe die koning se woede weer bedaar het, het hy darem spyt gekry oor sy daad. Maar die wet was dat hy sy woord nie kon terugtrek nie. Hy kon Vasti nie weer koningin maak nie.

Om hom te troos, het sy dienaars gevra: "Moet ons vir die koning weer 'n ander vrou soek?

Moet ons al die mooi meisies van die land in die vrouehuis van die paleis laat bymekaarkom? Dan kan u die mooiste een uitsoek om koningin te wees in die plek van Vasti!"

Die koning het dit goedgekeur.

IN die stad Susan het 'n ou Jood, Mordegai gewoon, en in sy huis was 'n jong meisie so mooi en rein soos 'n wit lelie. Haar naam was Hadassa, die dogter van sy oom. Haar ouers was dood en hy het haar as sy dogter aangeneem.

Hulle het baie gehou van mekaar. Maar toe die dienaars van die koning, wat uitgegaan het om 'n vrou vir hom te soek, die mooi Hadassa sien, het hulle haar ook saamgeneem na die paleis. Hulle het nie gevra of sy wou gaan nie.

Mordegai het eensaam en bedroef gedink: Hoekom laat die Here toe dat hy sy kind verloor?

Elke dag het hy by die paleis se poort gesit. Miskien sou hy tog iets hoor van hoe dit met Hadassa gaan.

Wat het met haar gebeur? Sy was werklik die mooiste en lieftalligste van al die meisies. Die koning het die meeste van haar gehou, en het haar koningin gemaak in die plek van Vasti.

Toe het sy ook 'n nuwe naam gekry en dit was Ester.

Maar koningin Ester het vir niemand vertel dat sy 'n meisie van die veragte Joodse volk was nie.

En Mordegai het elke dag in die poort gesit, so gereeld asof hy daar hoort. Die mense het later nie eens meer op hom gelet nie.

Maar hy het almal gesien wat verbygegaan het. Hy het alles gehoor wat die mense praat.

In 'n hoekie het 'n paar dienaars van die koning eendag gestaan en fluister. Hulle was kwaad vir die koning en het 'n plan gemaak om hom dood te maak.

Maar Mordegai het alles gehoor en Ester gewaarsku. Ester het dit aan die koning vertel. En daardie twee dienaars is toe net betyds gevang en gestraf.

Die lewe van die koning is gered. Sy skrywers het alles wat gebeur het, opgeskryf in 'n boek waarin al die gebeurtenisse altyd aangeteken is. Maar die koning het nie meer aan Mordegai gedink nie.

HAMAN was een van die koning se dienaars. Sy meester het baie meer van hom gedink as van al die ander. Hy het Haman sy eerste minister gemaak.

As Haman deur die paleis se poort loop, moes almal laag voor hom buig. Die koning het dit gebied.

En hulle het dit gedoen. Hulle het baie eerbiedig gebuig. Maar Mordegai het nie gebuig nie.

Hy het gemaak asof hy Haman nie sien nie. Maar tog het hy hom goed genoeg gesien. Hy wou nie voor hom buig nie omdat hy 'n

Amalekiet was. Hy was 'n man van daardie wrede volk wat baie lank gelede die volk Israel wou uitroei toe hulle uit Egipte gekom het. Hy was 'n nakomeling van Agag, daardie trotse koning van die Amalekiete. Saul het mos teen hom geveg toe die Here bevel gegee het dat hy daardie slegte volk moes uitroei. Haman was net so wreed en hoog-moedig soos Agag, en net so sleg en skelm.

Daarom het Mordegai nie gebuig nie. Want hy wat Mordegai was, was 'n nakomeling van Saul.

Saul en *Agag* was vyande. Mordegai en Haman was dit ook. Hulle was doodsvyande. En die stryd, wat honderde jare lank bestaan het tussen die twee volke Israel en Amalek, het nou hier weer uitgebars tussen die twee manne.

Maar wat kon Mordegai doen teen die magtige Haman?

Haman was woedend toe hy merk dat Mordegai nie buig nie. As hy wou, kon hy hom maklik laat doodmaak het. Maar hy wou meer doen as dit. Hy alleen wou nou doen wat sy voorvaders in die woestyn nie kon regkry nie!

Een Jood het dit gewaag om hom nie te vereer nie. Die hele volk moes daarvoor betaal. Hy sou hulle in die hele koninkryk laat uitroei.

A, hoe lekker was dit nie vir hom om te dink aan daardie dag nie! Dit sou 'n heerlike dag van wraak neem en bloedvergieting wees!

Maar watter dag sou hy kies? Die gode moes dit sê. Haman het die Pur, of die lot, laat gooi.

En die lot het geval op die diertiende dag van die twaalfde maand.

Toe sê Haman vir die koning: "O koning, daar woon 'n volk wat oor die hele land versprei is.

Hulle is nie werd om te lewe nie. Hulle is oproerig en ongehoorsaam. Dit sou die beste wees as u hulle maar uitroei. U kan dan al hulle

geld ook neem!"

Die koning het sy seëlring van sy vinger afgetrek en dit vir Haman gegee.

"Doen met daardie mense wat jy wil," het hy onverskillig gesê. "En hulle geld kan jy maar vir jou hou."

Hoeveel het die magtige koning omgegee om 'n klompie onderdane deur die dood te verloor, en ook hulle geld? Hy het genoeg van albei gehad.

Haman het lekker gekry toe hy dit hoor en bevelskrifte in die koning se naam geskryf, dat op die dertiende dag van die twaalfde maand al die Jode uitgeroei en hulle huise geplunder moes word.

Hy het die briewe verseël met die koning se ring. Toe kon die gebod nooit weer herroep 399

word nie. Boodskappers moes dadelik deur die hele land gaan om die briewe af te lewer.

Toe was hy tevrede en het saam met die koning gesit en wyn gedrink.

Buite die paleis het die arme, wanhopige Jode gekerm en gekreun. Dit was soos mooi musiek in die ore van Haman.

Mordegai het voor die poort gesit en het sy klere van droefheid geskeur. Maar hy het nog hoop gehad. Nou het hy verstaan hoekom hy Ester moes verloor, en hoekom sy die vrou van die koning geword het.

Hy het haar 'n brief geskrywe. "Daar is nog een kans," het hy geskrywe. "Jy moet na die koning gaan en hom smeek om jou en jou volk genadig te wees."

As Ester dit sou doen, sou haar lewe in groot gevaar wees. Sy het geweet van die wet dat niemand na die koning in die binneste. voorhof mag gaan sonder dat hy geroep is nie. Enige persoon wat dit waag, moet doodgemaak word, behalwe wanneer die koning sy goue septer na hom uitsteek. Maar Ester het dit gewaag.

Sy het 'n brief terug geskryf aan Mordegai en gevra: "Maak al die Jode in Susan bymekaar en laat hulle bid vir my. Dan sal ek, teen die wet, na die koning gaan. As ek omkom, dan kom ek om. Dan sterwe ek vir my volk."

Dit het doodstil geword in die koning se saal toe die deur oopgaan en Ester op die drumpel staan. Die dienaars het verbaas en verskrik gekyk na die vrou wat dit waag om in te kom.

Hulle het hul asem ingehou.

Maar die koning het gekyk na haar oë, haar mooi smekende oë, wat nou so bedroef na hom kyk. En hy het vergeet om kwaad te word....

Hy het sy goue septer uitgesteek, sodat sy dit kan aanraak, en gevra: "Koningin Ester, wat makeer? Wat wil jy hê.... Al was dit die helfte van die koninkryk, dit sal vir jou gegee word."

Toe vra Ester niks meer nie as net dat die koning dié dag met Haman na 'n maaltyd in haar paleis sou kom.

Het sy dan haar jong lewe net daarvoor gewaag? Maar die koning het goed verstaan dat sy iets anders wou vra. Hy en Haman het gegaan — *hy* vriendelik en *Haman* baie hoogmoedig.

En toe hulle klaar geëet het, het die koning gevra:

"Wat is jou versoek? Dit sal jou gegee word, al was dit die helfte van die koninkryk."

Maar Ester het nog nie moed gehad om te sê nie. Sy het die mooi kans laat verbygaan. Sy het net gevra of die koning en Haman die

volgende dag weer by haar sou kom eet. Dan sou sy antwoord. En gelukkig het die koning nie nee gesê nie.

Die aand toe Haman huis toe gaan, het hy nog regopper en trotser geloop. Maar al sy vreugde is bederf toe hy deur die poort loop en sien dat Mordegai daar sit en nie buig nie.

Dit het so lank geduur voor hy wraak kon neem. Sou die koppige Jood hom nog al die tyd uittart?

Hy het verbitterd tuis gekom en sy vrou en vriende alles vertel wat die dag gebeur het. "Ek alleen kon by koningin Ester eet. En sy het my vir môre weer gevra. Maar wat help dit my solank die Jood Mordegai daar in die poort sit?"

Maar hulle het gesê: "Wees tog vrolik. Vra môre vroeg aan die koning of jy daardie Jood mag doodmaak. Hy sal vir seker ja sê. Dan kan jy vrolik met die koning na die maaltyd gaan."

Ja, Haman sou dit doen. Hy het 'n galg: van vyftig el, of byna tagtig voet, hoog laat oprig. Hy kon byna nie slaap soos hy verlang het dat die volgende dag moet aanbreek nie. A, hoe lekker sou dit wees om Mordegai se liggaam daaraan te sien hang!

MAAR die koning kon daardie nag ook nie slaap nie. Nadat hy lank om en om gedraai het op sy bed het hy 'n dienaar geroep en hom gestuur om die geskiedenisboek te bring. Hy moes 400

vir die koning iets daaruit voorlees.

Die dienaar het dit gedoen. En kyk — *wie* het dit so beskik? — hy het juis dié deel gelees wat vertel hoe Mordegai eenmaal die koning se lewe gered het.

Die koning vra toe: "Watter eer of beloning het Mordegai daarvoor gekry?"

Die dienaar antwoord: "Hy het niks gekry nie, o koning!"

"Maar dan moet hy iets kry, so gou moontlik."

Die koning het gesien dat dit al begin dag word. Hy vra toe: "Het een van my raads-manne al gekom?"

Ja, Haman was al daar. Hy het baie vroeg na die paleis gegaan om die koning te vra dat hulle sy vyand aan die galg moet ophang.

Toe hy binnekom, vra die koning: "Haman, sê vir my, wat moet met die man gedoen word aan wie die koning eer wil bewys?"

Haman dag: "Watter man is dit?.... Natuurlik ek! Aan wie sou die koning eer wil bewys meer as aan my?"

En Haman het die grootste eerbewys wat moontlik is, uitgedink. Hy het geantwoord:

"Laat die man met 'n koninklike kleed aan op die koning se perd deur die stad ry. En laat een van die vernaamste manne voor hom loop en uitroep: So word gedoen aan die man aan wie die koning eer wil bewys."

Toe sê die koning: "Maak presies so, Haman! Doen *jy* dit aan die Jood Mordegai!"

Haman het buitentoe geloop. O, die gehate Jood! Maar Haman *moes* gehoorsaam wees.

Die koning het die bevel gegee.

En hy het Mordegai gaan haal en hom die koning se kleed aangetrek. Hy het hom self op die koning se perd gesit. En hy het voor hom uit geloop in die strate en met 'n hees stem uitgeroep: "So word gedoen aan die man aan wie die koning eer wil bewys."

Daarna het hy so gou as hy kon huis toe gegaan. Hy was baie bedroef en het afgehaal gevoel soos 'n hond wat slae gekry het.

Toe hy sy vrou en vriende vertel wat met hom gebeur het, het hulle bekommerd hul kop geskud. Dis 'n slegte voorteken, het hulle gedag. As daar maar nie iets baie ergers met hom gebeur nie!

Maar die koning se dienaars het alreeds gekom om Haman te haal vir die maaltyd van Ester.

Toe het Haman weer hoogmoedig begin voel. Hierdie eer was *net* vir hom. Hy was nog altyd die koning se vernaamste gunsteling.

VIR die tweede maal het die koning en Haman aan Ester se tafel gesit. En weer het die koning vriendelik gevra:

"Wat is jou versoek, koningin Ester? Dit sal vir jou gegee word, al was dit die helfte van die koninkryk."

Toe kon Ester nie meer stilbly nie.

"O koning!" het sy wanhopig gesmeek. "Laat ons tog lewe, ek en my volk! Daar is 'n man wat ons almal wil doodmaak."

Die koning was baie verbaas. Wie wou dit waag om hom te beroof van sy mooiste vrou?

"Wie is daardie man?" het hy kwaai uitgeroep.

Toe het Ester gewys na Haman wat daar doodsbleek aan tafel gesit het.

"Daardie slegte Haman!" het sy geantwoord.

Die koning het woedend opgestaan en buitentoe geloop om 'n bietjie na te dink. Nou eers het hy goed besef hoe gemeen Haman se plan was, aangesien dit sy eie vrou aangegaan het.

Toe hy weer binnekom, sien hy hoe Haman naby Ester neergeval het om haar te smeek om sy lewe te spaar. Die koning dag Haman wou haar kwaad aandoen. Toe hy verder hoor dat Haman Mordegai wou doodmaak, en toe een van die dienaars hom die galg wys wat hy opgerig het, was hy nog baie meer woedend.

"Hang *hom* daaraan op!" het hy uitgeroep.

Vyftig elle hoog, aan sy eie galg, het die lyk van Haman, die Amalekiet, heen en weer geswaai. Maar Mordegai, die Jood, het in sy plek die belangrikste dienaar van die koning geword.

VERDER het dit ook baie goed gegaan. Dis waar, die gebod van Haman kon nie teruggetrek word nie. Dit was mos die wet van die Meders en Perse. Maar Mordegai en Ester het die seëlring van die koning gekry om net dié bevele te gee wat hulle wou.

Hulle het 'n nuwe gebod gemaak waardeur die Jode toegelaat is om te veg as hulle aangeval word.

En toe die dertiende dag van die twaalfde maand aanbreek, het die Jode hulle vyande oral in die land verslaan. Hulle het dit nooit weer vergeet nie.

Haman het die *Pur,* of lot, gewerp oor die volk, maar die Here het hulle wonderlik gered. En van toe af het die Jode elke jaar die *Purimfees* gevier.

100. Deur die Geloof

Hebreërs 11.

DIT was nou al lank, baie lank gelede, dat Adam en Eva die lieflike tuin van Eden moes verlaat om, geskei van die Here, hulle moeilike lewe op die aarde te begin.

Eers was hulle lewe tog so mooi en gelukkig. Maar nou het hulle 'n harde stryd gehad met

«die aarde, met dorings en distels en verdriet. En aan die end daarvan was.... die dood!

Maar in hulle donker lewe het nog een ster geskyn.

Die Here het hulle nie heeltemal verlaat nie. Hulle kon nog hoop.

Een mooi geskenk van die Here kon hulle saamneem uit die tuin van Eden. Dit was die *Moederbelofte.* Dit was die sekerheid dat •daar eendag die Verlosser sou kom wat sterker sou wees as die sonde en die dood. Hy sou weer regmaak wat verkeerd was tussen die mens en die Here.

Dit het Adam en Eva geglo. En daar die geloof het hulle krag gegee in al hulle swaarkry.

Maar toe hulle baie oud geword en gesterf het, was die belofte van die Here nog nie ver--vul nie.

Het hulle dan *verniet* geglo?

Nee! Hy sou kom, ook vir hulle. En daarom kon hulle tóé al deur die donker poort van die -

dood gaan na die land van ewige geluk.

Deur die geloof!

EN soos dit met die eerste twee mense gegaan het, so het dit gegaan met *al* die vroom mense wat na hulle gelewe het. Hulle het gehoop.... hulle het geglo.... hulle het vasgehou aan die Here se beloftes.... En hulle het gesterwe sonder dat die vervulling gekom het.

Maar die geloof aan die getrouheid van die Here het hulle lewe gelukkig gemaak, Deur die geloof is hulle geregverdig: die Here het al hulle sonde vergewe.

Deur die geloof het hulle in die hemel gekom.

Deur die geloof het Abel 'n beter offer gebring as Kain. En die Here het gesê: Jy is *My* kind.

Deur die geloof het Henog moed gehad om -te preek. En die Here het hom weggeneem sodat hy nie die dood gesien het nie.

Deur die geloof was Abraham gehoorsaam toe die Here hom geroep het en hy het weggetrek sonder om te weet waar hy heengaan. Gerus en tevrede het hy gewoon in 'n tent in 'n vreemde land, want hy het 'n beter vaderland verwag. Dit was nie die land waarvandaan hy gekom het nie. Daarheen kon hy teruggegaan het. Hy het op die *hemelse* vaderland gehoop.

Deur die geloof het hy Isak geoffer, want hy dag: "Die Here kan hom weer teruggee, al is hy dood."

Abraham was die vader van die gelowiges, die vriend van God.

Deur die geloof het ook Isak en Jakob geleef, en deur die geloof het Josef bevel gegee dat hulle later sy liggaam moes saamneem na Kanaän.

Deur die geloof is Moses drie maande deur sy ouers weggesteek en hulle was nie bang vir die bevel van die koning nie.

Deur die geloof het Moses, toe hy groot-geword het, geweier om 'n Egiptiese prins te wees,

'n seun van die farao se dogter. Hy wou liewer saam met die volk van die Here sleg behandel word as om net 'n klein tydjie lekker te lewe en sonde te doen. Die Here se beloftes was vir hom groter rykdom as die skatte van Egipte. En deur die geloof het hy 403

Egipte verlaat, sonder om die slegte koning te vrees. Hy het volgehou soos een wat die Onsienlike sien.

Deur die geloof het Israel deur die Rooi See getrek, soos deur 'n droë land, terwyl die Egiptenaars verdrink het.

Deur die geloof het die mure van Jerigo geval.

Deur die geloof het Ragab, die sondige vrou, nie saam met die ander mense van Jerigo omgekom nie, omdat sy die verspieders weggesteek het.

EN wat sal ek nog meer opnoem? Gideon, Simson, Dawid, Samuel, vrome konings en profete — almal het deur die geloof gelewe.

Deur die geloof het hulle groot dinge gedoen — hulle het hul vyande oorwin, tronkstraf verdra, wilde diere dood gemaak, allerhande wondere gedoen. Selfs dooie mense is weer opgewek.

Die leeus het Daniël geen kwaad gedoen nie; die vuur kon sy drie vriende nie seermaak nie; die gevangenis en die modderige put het nie vir Jeremia laat stilbly nie.

Maar hulle het almal gesterf en nie die vervulling van die Here se beloftes ondervind nie.

Hulle het die Messias nie gesien nie.

MAAR die Here het nie Sy beloftes vergeet nie.

Duisende jare het die mense al gewag. Maar al die tyd het die Here gedink aan wat Hy beloof het.

Daarom het Hy Noag en sy familie gered toe die ander mense in die sondvloed omgekom het.

Daarom het Hy Abraham geroep toe die wêreld Hom vergeet het.

Daarom het Hy die Israeliete uit Egipte verlos, hulle gelei en *versorg soos* 'n arend sy jongvoëltjies.

Daarom het Hy altyd weer geduld gehad met Sy volk, hoe erg hulle Hom ook al geterg het.

Daarom het Hy hulle in die ballingskap bewaar en teruggebring na hulle eie land. Dáár kon hulle weer woon. Maar nou sou dit nie meer lank duur nie.

DIT was 'n donker tyd vir Israel.

Die profete wat altyd die Here se Woord verkondig het, was daar nie meer nie. Maleagi, van die tyd van Esra, was die laaste een gewees.

Daar het weer sterk vyande gekom om die volk te verdruk. Dink aan die groot wêreldryke waarvan Nebukadnesar gedroom het. Daar was nog ander ook wat die Jode wreed behandel het. Toe het die Makkabeërs, die vyf dapper seuns van 'n priester, hard geveg om die volk weer vry te maak. En 'n tyd lank was hulle vry. Maar toe het die Romeine met ysterkrag gekom en die volk vir goed onderwerp.

En nog het die Messias nie gekom nie.

MAAR eindelik, uiteindelik.... na so baie eeue van hoop en wag, en wag, toe het die Here se tyd gekom!

Toe het Hy gekom, Hy wat Sy volk vir altyd sou vrymaak en wat die Verlosser van die hele wêreld wou wees.

Hy was die blink Môrester wat opgekom het in die donker nag van die sonde.

Hy was die Son van Geregtigheid wat 'n nuwe dag sou laat kom en die mensdom vir altyd sou gelukkig maak.

In Betlehem is Hy gebore.

Jesus Christus is Sy naam!

Beelde van die Egiptiese heerser Amenhotep III (411 v.C.). Die beelde is 70 voet hoog.

Toe hierdie beelde opgerig is, was al die boeke van die Ou Testament waarskynlik al geskryf en het die wêreld as 't ware op die vervulling van die profesieë aangaande die koms van die Verlosser gewag. Ongeveer 150 jaar later is die hele Ou Testament (volgens oorlewering op bevel van koning Ptolemaeus II) in Egipte in Grieks vertaal. So was die Here, die God van die geskiedenis, besig om "die volheid van die tyd" te reël vir

"die koms van Sy Seun na die wêreld" (Gal. 4:4).

NUWE TESTAMENT

406

1. Toe die Here se Tyd Gekom het

Lukas 1:5-80; Matthéüs 1:18-25

ABRIËL, die aartsengel, die Here se heilige boodskapper, het deur die hemelruim na G die aarde neergedaal. Hy het na Jerusalem gegaan en regs van die goue reukofferaltaar in die Heilige van die tempel gaan staan.

By die sagte lig van die sewe lampe op die goue kandelaar was 'n ou priester in die stilte besig om sy werk te doen. Dit was Sagaria. Hy het nie in Jerusalem gewoon nie, maar êrens in die bergwêreld van Judea. Maar nou het hy saam met ander priesters na Jerusalem gekom om diens te doen in die tempel. Toe daar geloot is wie van hulle in die Heilige sou ingaan om die reukwerk te brand, het die lot op hom geval. En nou was hy besig om die reukwerk te brand. Sy ou hande het gebewe toe hy die geurige speserye, die wierook en die mirre, op die rooiwarm kole van die reukoffer-altaar strooi. En in die geurige rook daarvan het hy gestaan en bid. Buitekant, in die Voorhof, was 'n menigte mense wat ook gebid het. 'n Wolk van geurige rook en 'n wolk van gebede het opgegaan na die hemel.

Maar toe Sagaria die engel regs van die altaar sien, het sy gebed verstom en sy hande het nog meer gebewe. Hy het hewig geskrik; hy het hom ontstel; hy was bang vir die hemelse wese.

Maar die engel sê vir hom: "Moenie bang wees nie, Sagaria, want jou gebed is verhoor. Jou vrou Elisabet sal 'n seuntjie kry, en jy moet hom Johannes noem . . . . "

Jou gebed? Nee, dit was nie die een wat hy netnou gebid het nie. Dit was 'n gebed van jare gelede toe hy pas getroud was. Toe het hy baie, oor en oor, gebid om 'n seuntjie. Maar die Here het toe nie vir hom 'n kindjie gegee nie. Dit was asof Hy Sagaria glad nie gehoor het nie. Hy en Elisabet het eensaam en alleen oud geword. Hulle het nooit 'n kind gehad nie.

Eers was dit vir hulle 'n vreeslike teleurstelling. Later het hulle daaraan gewoond geraak, en nou dat hulle so oud geword het, was dit natuurlik onmoontlik dat daar nog 'n kindjie kon kom. Hulle het nie meer gebid nie en nie meer gehoop nie. Hulle het hul gebed al glad vergeet.

Het die Here dit nie ook al vergeet nie? Wou Hy hulle *nou* nog verhoor? Ongelowig het hy sy kop geskud en in sy hart lag gekry. Nee, dit was tog te onmoontlik. So 'n ou, gerimpelde vroutjie soos Elisabet kon nie 'n kind meer kry nie. Die Here kon haar nou nie meer genadig wees nie.

Hy het aangehou sy kop skud onderwyl die engel verder praat en van nog 'n groter wonder vertel.

"Jou seun sal nie net vir *jou* vreugde gee nie, maar baie ander mense sal ook bly wees oor sy geboorte. Want hy sal 'n groot dienskneg van die Here wees. Wyn en sterk drank mag hy nooit drink nie, en die Heilige Gees sal reeds van sy geboorte af in sy hart woon. Hy sal baie van die kinders van Israel bekeer tot die Here hulle God. En hy sal voor *Hom* uitgaan in die gees en die krag van Elia. Hy sal die volk voorberei vir die Here se koms op aarde."

Sagaria het alles gehoor. Dit is van die Messias wat die engel gespreek het! Sagaria en die hele volk het die Messias verwag. Hy sou kom. Maar dit het gelyk asof Sagaria dit ook nie meer geglo het nie. Sy seun sou dan 'n dienskneg van die Messias wees? Sy seun?

"Nee," het hy gesê. "Dit kan nooit gebeur nie. Ek is oud en my vrou is oud. Hoe kan ek dit nou glo?"

Maar die engel het geantwoord: "Ek is Gabriël wat staan voor die Here, en Hy het my gestuur om jou hierdie goeie tyding te bring. Kyk, jy sal *nie* kan praat tot op die dag wanneer jy sal sien dat hierdie dinge gebeur nie. Dis omdat jy my woorde nie geglo het nie!'*

BUITEKANT, in die Voorhof, het die mense gestaan en wag. Hulle het onder mekaar gefluister. Hulle was verwonderd en almal het ongeduldig gekyk na die deur van die tempel.



Waar bly die priester tog so lank?

Uiteindelik sien hulle hom kom, bleek en verleë, en hulle het eerbiedig hul hoof gebuig om sy seën te ontvang. Maar hulle hoor niks. En toe hulle opkyk, sien hulle hom staan met sy bewende hande uitgesprei. Sy lippe het geroer, maar hulle hoor geen woord nie. Hy kon nie praat nie. In die tempel moet iets wonderliks met hom

gebeur het. Hy moet iets wonderliks gesien het. Hy kon net vir hulle wink. Van die lippe wat ongelowig gepraat het, kon die priester se seënwoorde nie kom nie.

Toe die dae van sy diens verby was en 'n ander priester die werk verder moes doen, het Sagaria huis toe gegaan. Hy het gou gemaak om by sy huisie tussen die berge te kom waar sy ou vrou gewag het. Maar sy sou weer jonk word, net soos Sara eenmaal jonk geword het.

Sy sou 'n wonderkind kry. Ja, nou het Sagaria dit geglo.

Hy *moes* dit glo, want net wanneer hy weer

wou sê: "Dit kan nie gebeur nie," het hy gevoel

hoe lam sy tong is. Nou sou hy graag wil sing,

maar hy kon nie! Hy kon nie eens vir Elisabet

vertel wat gebeur het nie. Hy moes dit op 'n

plankie skrywe waarop 'n dun lagie sagte was

gesmeer was.

"Johannes moet sy naam wees," het hy

geskrywe. "So het die engel gesê."

Johannes. Dit beteken: *Die Here is genadig.*

Ja, Hy was tóg genadig! Al het hulle hul eie

gebed self vergeet, die Here het nie!

Al het Sy volk van Hom afgedwaal, sou Hy Sy

liefde toon en Sy groot Geskenk aan die

wêreld gee. Dit sou nie meer lank duur nie.

SES maande later is die engel Gabriël nog 'n slag na die aarde gestuur. Nou het hy nie na Jerusalem, na die mooi tempel, gegaan nie. In 'n uithoek van die land het hy neergedaal in die veragte landstreek Galilea. Op die skuinste van 'n heuwel het 'n klein dorpie Nasaret gelê. En in daardie dorpie het die engel na 'n armoedige huisie gegaan.

Daar het 'n ongetroude meisie gewoon. Haar naam was Maria. Sy was eintlik 'n prinses, van die nageslag van koning Dawid. Maar die koninklike familie was arm en deur die mense vergeet. 'n Vreemde koning, Herodes, van die nageslag van Esau, het in Jerusalem op Dawid se troon gesit. 'n Vreemde volk, die magtige volk van die Romeine, het oor die Here se volk regeer.

'n Toneel in Nasaret. Hier iewers het die engel vir Maria gesê: "Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by God gevind" (Luk. 1:30).

So was die jong meisie Maria maar arm en ongereken. Die man aan wie sy verloof was en met wie sy binnekort wou trou, was maar 'n eenvoudige timmerman, Josef. Hy was ook van Dawid se nageslag.

Maria was alleen in die huis toe die engel binnekom.

"Wees gegroet, begenadigde!" het hy gesê. "Die Here is met jou. Geseënd is jy onder die vroue!"

Hy het dit so eerbiedig gesê, asof Maria 'n koningin was!

408

In groot ontsteltenis het sy na die engel gekyk. Wat beteken sulke mooi woorde?

Toe sê die engel: "Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by die Here gevind. Kyk, jy sal 'n seuntjie kry, en jy moet Hom *Jesus* noem. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word. Die Here God sal aan Hom die troon van sy voorvader Dawid gee. En Hy sal Koning wees tot in ewigheid!"

Koning tot in ewigheid op die troon van Dawid! Dan moet Hy mos die Messias wees, die Verlosser, vir wie die volk eeue lank gewag het.

En sou sy wat Maria is waarlik Sy moeder kan wees? .... Het die Here haar daarvoor uitgekies, so arm en nederig soos sy was?

Maria was ontsteld en verleë. Die wonder was te groot; sy kon dit nie verstaan nie. Maar *sy* het nie gesê: "Dis onmoontlik!" nie. Sy het geglo, want dit was die Here se woord. Sy het maar net gevra: "Hoe kan dit wees? Ek is mos nog nie getroud nie. Wie sal die Kindjie se vader dan wees?"

En die engel het geantwoord: "Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom sal Hy heilig wees en die Seun van God genoem word."

En toe vertel hy haar nog van 'n ander wonder: "Kyk, Elisabet jou niggie, sal ook 'n seun kry!

Daardie ou vrou! Niks is vir die Here onmoontlik nie!"

Toe wou Maria niks meer vra nie. Al kon sy dit nie verstaan nie, by God is alles moontlik. in heilige vreugde het sy gehoorsaam haar hoof gebuig en gesê:

"Hier is die diensmaagd van die Here. Laat dit met my gaan soos u gesê het."

En die engel het weggegaan.

TOE het Maria geen rus meer gehad nie. Sy het só oorgeloop van vreugde dat sy met iemand daaroor wou gesels. Maar sy kon nie met Josef praat nie. Hy sou haar nie glo nie, want die wonder was te groot.

Sy wou na Elisabet gaan met wie daar ook 'n wonder gebeur het. Sy het die lang reis van drie, vier dae dwarsdeur die land na Judea te voet aangepak. En toe het sy gou gegaan na die huis van die ou priester Sagaria waar sy haar lekker kon uitpraat.

Maar toe sy die deur oopmaak en Elisabet groet, hoef sy niks te vertel nie. Met 'n blye uitroep het Elisabet opgespring. Net toe sy die stem van Maria hoor, het sy geweet dat dit die moeder van die Saligmaker was. Die Here het dit vir haar in haar hart gesê. Sy het uitgeroep: "Geseënd is jy onder die vroue en geseënd is jou Kind! Hoe gelukkig is ek tog nie omdat die moeder van die Here na my toe kom!"

Toe Maria dit hoor, het sy tog te gelukkig gevoel. Sy moes ook jubel van vreugde. Sy het 'n lied tot eer van God gesing wat sommerso vanself uit haar dankbare hart opgewel het.

"My siel maak die Here groot, en my gees is verheug in God, my Saligmaker . . . ."

Drie maande het sy by Elisabet gebly. Waar was dit vir haar beter as in daardie stil huis?

Waar kon sy lekkerder praat van haar geluk? Twee vroue het gewag in die geloof — die moeder van die Saligmaker en die moeder van Sy profeet wat Sy koms sou aankondig.

MAAR toe sy weer na Nasaret teruggegaan het, het Josef, die timmerman, baie bekommerd rondgeloop. Sy gedagtes het hom so gepla dat hy sy werk amper nie kon doen nie. Hoe gaan dit tog met Maria, sy verloofde? Hoekom het sy so lank in Judea gebly? Hoekom was sy so stil teenoor hom, asof sy iets vir hom wegsteek? Josef het dit gou agtergekom. Maria sou 'n kindjie kry. Hy het geskrik, want dit was vreeslik! Want dit sou nie ook *sy* kindjie wees nie. Hulle twee was mos nog nie getroud nie!

Maria het hom seker bedrieg en stilletjies met 'n ander man getrou. Miskien was dit daarom dat sy so lank weggebly het!

Josef het dit nooit van haar verwag nie. Maar hy was 'n goeie en sagmoedige man. "Ek wil nie rusie maak nie," het hy gedink. "Ek sal vir niemand vertel hoe lelik sy my gekul het nie.

Ek sal haar maar stilletjies laat staan en weggaan hiervandaan!" Maar so 'n plan het hom baie ongelukkig laat voel.

Toe het vir 'n derde maal 'n engel van die hemel neergedaal en hierdie keer het hy met Josef in 'n droom gepraat.

"Josef, seun van Dawid," het hy gesê, "moenie bang wees dat Maria jou bedrieg het nie.

Maak haar jou vrou, want haar Kindjie is 'n Kind van God, 'n Wonderkind. Jy moet Hom Jesus (of Saligmaker) noem, want dit is Hy wat Sy volk van hulle sondes sou verlos."

Josef het gedoen wat die engel gesê het. Hy het nie verstaan nie, maar hy het geglo. Hy het weer gelukkig gevoel, gelukkiger as ooit tevore.

Nie lank daarna nie is hy met Maria getroud. Hy het haar na sy huis gebring en vir haar gesorg, en saam het hulle gewag dat die wonder sou gebeur.

MAAR die wonder in Elisabet se huis het alreeds gebeur. Daar is die kindjie gebore wat die Here beloof het, en al die bure en familie was saam met die twee gelukkige ou mense bly.

Op die agtste dag het hulle bymekaar gekom om fees te vier en die kind sy naam te gee. Dit moes natuurlik Sagaria wees, soos die naam van die vader was.

Maar Elisabet het haar kop geskud. "Nee," het sy gesê, "dit moet Johannes wees."

"Johannes?" het hulle verwonderd gevra. "Maar niemand in julle hele familie het mos dié naam nie! Wag, laat ons vir Sagaria self vra. Hy sal die beste weet."

Maar Sagaria het sy skryfplankie geneem en geskrywe: *Johannes is sy naam.*

Die mense het glad nie geweet wat om daarvan te dink nie. Maar meteens begin Sagaria praat. Sy straf was nou verby. Alles het gebeur soos die engel gesê het en Sagaria het gehoorsaam sy seun Johannes genoem. Nou het Sagaria skielik sy stem weer gekry. Eers kon hy die priesterlike seën nie uitspreek nie. Nou het daar niks as net seënwoorde uit sy mond gekom. Die Heilige Gees het sy hart

vervul. Sagaria het 'n profeet geword en net soos Maria het hy 'n lied gesing. Dit was 'n lofsang van innige vreugde:

"Geloof sy die Here, die God van Israel, omdat Hy gedink het aan Sy volk."

Almal wat dit gehoor het, het hulle verwonder. En in die hele bergstreek van Judea is daar gepraat van die wonderlike dinge wat in daardie klein huisie gebeur het.

En toe die kindjie begin opgroei en in die veld rondloop, het die mense hom agterna gekyk en gesê: "Wat sal tog van hierdie kindjie word?"

Maar toe hy 'n man was, het hulle hom maar min gesien. Hy het in die woestyn rondgedwaal. En daar in die eensaamheid het hy in die stilte geluister na die Here se stem, en hy het gewag totdat sy Meester hom sou nodig hê.

410

2. Die Geboorte van die Saligmaker

Lukas 2:1-20.

ANGSAAM en moeg het hulle aangestap, Josef en Maria, langs die stowwerige pad wat L op- en afgegaan het oor die heuwels van Efrata.

Drie dae was hulle al op pad en hulle was nou byna daar. Want hier voor hulle het hulle •die wit huise van Betlehem gesien in die lig van die aandsonnetjie.

Dit was nie vir plesier dat hulle hier loop nie. Hulle sou liewers stil wou bly in Nasaret, veral noudat die beloofde Kind gou sou kom. Maar hulle *moes* gaan. Die magtige keiser van die groot Romeinse ryk, Augustus, het bevel gegee dat die name van almal oor wie

geregeer het, opgeskrywe moes word. Oral is aangekondig dat elkeen na sy eie stad moes gaan om daar ingeskryf te word.

Niemand kon waag om dit nie te doen nie. En so moes Josef en Maria die lang en moeilike reis na Betlehem, die stad van Dawid, aflê, omdat hulle nakomelinge was van koning Dawid.

Ja, hulle was koningskinders, en tog so arm dat hulle nie geld gehad het om met 'n wa te ry nie. Miskien het Josef darem 'n eseltjie gehad vir Maria om op te ry. Met 'n sug van verligting het hulle twee die poort van Betlehem binnegegaan. Hulle was daar, uiteindelik! Nou kon hulle lekker gaan rus. Hulle het deur die strate geloop wat vol vreemdelinge was wat van alle kante gekom het. Hulle het by 'n herberg (of losieshuis) gekom, waar hulle die nag wou slaap. Dit was 'n groot gebou en daar was 'n vreeslike gedrang van mense, wat elkeen 'n plekkie gesoek het om in vrede te rus.

Maar hulle twee het te laat gekom. Nêrens was daar meer plek vir 'n moeë jong vrou nie.

Nêrens was plek vir die moeder van die Here nie.

Uiteindelik het hulle darem 'n plekkie buitekant gekry. Dit was 'n stal. Die vee was in die veld.

Daar was 'n krip en dit was leeg. In die skemerlig het hulle 'n slaapplekkie op 'n hoop strooi reggemaak. Hulle het gaan sit en 'n stukkie brood geëet. Hulle het die Here gedank vir die brood en die plekkie wat hulle darem tog gevind het.

OP daardie afgesonderde plekkie, in 'n armoedige stal, het toe in die stilte van die donker nag die grootste wonder van al die wonders op aarde gebeur. Daar het die Seun van God, wat baie eeue tevore al beloof was, in die wêreld gekom as 'n kindjie klein en teer. En niemand was daar by toe die Heiland gebore is nie as net Josef en Maria.

Maria het haar Kindjie met heilige blydskap gesoen. Josef het Hom met sy growwe hand gestreel. Maar hulle het nie veel meer as net liefde gehad nie. Maria het haar Kindjie toegedraai in doeke wat sy eers aan haar eie liggaam warm gemaak het. Josef het 'n bietjie strooi in die krip gesit en daarin het Maria haar baba neergelê.

Daar het die Seun van God gelê in 'n voerbak van diere.

Die Koning van hemel en aarde het as 'n Kindjie in 'n stal gelê. Wie sou so iets ooit glo?

IN die oop en donker veld van Betlehem was daar skaapwagters wat in die nag wag gehou het oor hul vee. Hulle het vuur gemaak en daar rondom gesit. Alles was stil en rustig, behalwe dat 'n windjie so effens geruis het in die gras.

As hulle 'n wolf ver weg hoor huil, het hulle geluister of hy nie nader kom nie.

Maar skielik het almal opgespring, want 'n lig so wit en helder soos die son het van die hemel af op hulle geskyn, en hier vlak by hulle het 'n skitterende, hemelse wese gestaan.

Hulle het hul hande voor hul oë gehou en toe met bewende knieë neergesak op die grond.

Hulle het groot geskrik en was vreeslik bang.

Maar met 'n opgeruimde stem het die engel gesê: "Moenie bang wees nie, want kyk, ek bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk sal wees. Vandag is daar in die stad van Dawid vir julle gebore die Saligmaker, wat Christus die Here is. En *dit* is 411



vir julle die teken: julle sal 'n kindjie vind wat in doeke toegedraai is en wat in 'n krip lê."

Die engel het skaars so gesê toe die hemelse lig nog helderder word, want nog meer engele

— honderde, ja, duisende — het neergedaal van die hemel. Die hele lug was vol van hulle.

Hulle het bokant die veld geswewe en in die stilte van die nag het hulle 'n lied gesing, so mooi soos nog nooit op die aarde gehoor is nie.

"Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae."

Die herders het die woorde goed verstaan en sprakeloos geluister. Met jubelsang het die menigte engele stadig weer opgestyg. Die lig het verdwyn en die hemelse musiek het langsaam al sagter geword. Toe het die hemel weer toegegaan; dit het weer donker geword,

donkerder as tevore, en die windjie het eensaam in die gras geruis. Dit was asof daar niks gebeur het nie en asof alles maar net 'n droom was.

Maar die herders het verslae gestaan. Hulle was amper nie seker of hulle in die hemel of op die aarde was nie. "Die Saligmaker," het hulle gefluister, "die Messias het gekom!"

En toe sê een van hulle hardop met 'n ontroerde stem: "Maar laat ons na Betlehem gaan om te sien wat gebeur het en wat die Here aan ons bekend gemaak het."

Haastig het hulle in 'n ry, die een agter die ander, deur die donker veld gestap. Hulle skape het agtergebly onder die Here se beskerming. Toe hulle in Betlehem kom, het hulle die stal gevind en gevra of hulle mag binnekom.

Josef het ja gesê. En toe hulle binnekom, sien hulle 'n man en 'n jong vroutjie wat net so armoedig soos hulleself was. En naas Maria het 'n Kindjie gelê wat in doeke toegedraai was.

Hy was maar net soos enige ander klein babetjie, swak en hulpeloos.

Maar die herders het *geglo* wat die engel gesê het. Daardie hulpelose Kindjie was regtig die Saligmaker, Christus, die Here. Sy wiegie was 'n krip en 'n stal Sy paleis.

'n Rekonstruksie van die Circus Maximus by die paleis van keiser Augustus (links agter) en ander paleise. Moontlik het keiser Augustus, wat oor die groot Romeinse ryk van daardie tyd geregeer het, hier die bevel uitgevaardig wat ook die Jode in Palestina verplig het om ingeskryf te word. (Sien Luk. 2:1-7).

Hulle het voor die Kindjie neergekniel, wat ook hulle herder wou wees en hulle het met hul bruin gebrande gesigte voor Hom gebuig.

"Heilige Kind Jesus," het hulle met ontroering gefluister, "Saligmaker wat vrede op die aarde bring."

Hulle oë het geblink van trane, trane van groot blydskap, omdat hulle die heel eerste mense was wat na die Heiland van die wêreld kon kom kyk het.

Hulle het vir Maria en Josef vertel wat gebeur het in die veld, wat die engel gesê het, en wat die menigte engele gesing het. En toe hulle eindelik, teen rooidag, weer teruggegaan het na hul skape het hulle ook die lied van die engele gesing: "Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense 'n welbehae."

En oral waar hulle gekom het, het hulle met groot blydskap vertel wat van die Kindjie gesê is.

OP haar strooibed, in die armoedige stal, het Maria vir die eerste maal haar Kindjie laat drink. Sy kon amper nie glo dat sy regtig so gelukkig gemaak sou word nie.

"Kindjie," het sy met verrukking gesê.

"Saligmaker," het sy eerbiedig gefluister.

Haar Kind en haar Saligmaker!

Dit was haar groot voorreg om vir Hom te sorg en Hom te laat drink. Sy kon Hom ook aanbid en voor Hom neerkniel.

Hoe langer hoe groter en hoe heerliker het die wonder vir haar geword.

Alles wat die herders vertel het, het sy goed onthou, en baie daaroor nagedink.

3. Die Voorstelling in die Tempel

Lukas 2:21-38.

IE dae het verbygegaan. Die engele wat so mooi in die heilige nag van die eerste D Kersfees gesing het, het nie teruggekom nie. Die mense het soos altyd hul werk gedoen, die son het op- en weer ondergegaan, die herders het hul skape in die veld van Betlehem opgepas. Die lewe het sy gewone gang gegaan asof niks gebeur het nie.

Maar die Kindjie was daar. Die Saligmaker van die wêreld was gebore. Hy het in Maria S3

arms gelê en sy het Hom gevoed. Soos al die ander Joodse kinders het Hy, toe Hy agt dae oud was, Sy naam gekry: Jesus, Saligmaker. En soos elke ander oudste kind, is Hy deur Josef en Maria op die veertigste dag na Jerusalem geneem, wat 'n paar uur te voet van Betlehem was.

Toe die oudste seuns van die Egiptenaars baie, baie lank gelede met die tiende plaag gesterf het, tóé het die Here die seuns van die Israeliete gespaar. Daarom is die oudste seuntjies nog altyd na die tempel gebring. Daar is hulle *aan die Here voorgestel,* soos hulle dit genoem het. So het Josef en Maria ook vir Jesus na die priester geneem sodat hy Hom kon seën.

Dit was die eerste maal dat Jesus in Jerusalem, die stad van die groot Koning, gekom het.

Maar niemand het Josef en Maria geken toe hulle op straat geloop het nie en niemand wis wie die Kindjie was wat Maria gedra het nie. Toe hulle in die tempel gekom het, het die priester half ongeërg sy hande op die Kindjie gelê en Hom geseën. Hy het nie geweet dat dit die Messias was nie.

METEENS het 'n grys ou man die tempel haastig binnegekom en reguit na Maria geloop. Hy het goed geweet wie die Kindjie was! Dit was Simeon en die Here God het dit vir hom vertel.

Daar was net een groot ding wat Simeon in sy lewe verlang het, en dit was om die Messias, wat sy volk wou red, te sien voor hy sterwe. En die Here het dit aan hom bekend gemaak dat hy nog die Saligmaker sou sien.

Nou was hy al ver in die aand van sy lewe. Hy was al amper in die donker skaduwee van die dood. En vir sy volk Israel was dit ook 'n donker tyd, want hulle is swaar verdruk deur 'n magtige vyand. Maar *nou* het die groot dag gekom, die mooiste in Simeon se hele lewe.

Simeon het die Kindjie eerbiedig in sy arms geneem en het tog te dankbaar en bly gevoel.

Hy het die Here geprys.

"Nou kan ek maar sterwe," het hy uitgeroep, "omdat my oë U heil gesien het, o Here!"

Ja, nou hoef hy nie meer bang te wees vir die dood nie, want daardie Kindjie, wat hy in sy arms gehou het, sou die sonde en die dood oorwin.

En nou dat die Saligmaker gekom het, het dit nie meer daarop aangekom dat die tye donker was nie, want die Lig van die wêreld het opgekom om te skyn.

Simeon het gesing van daardie Lig wat so lieflik en heerlik uit die hemel gekom het, en nie net op Israel nie, maar ook op al die volke van die wêreld helder sou skyn.

En aan Maria wat verwonderd gestaan en kyk het, het hy gesê dat baie mense die Kindjie sou liefhê en gelukkig sou word. Maar baie ander sou Hom haat. Vir sommige sou Hy 'n *opstanding* wees, maar vir ander 'n val.

En Simeon het nog meer gesê. Sy ou oë het ver in die toekoms gekyk. Hy het geweet dat Maria se blydskap groter sou wees as dié

van al die ander mense. Maar haar droefheid sou eenmaal ook groter wees. Dan sou haar hart so seer wees asof daar 'n swaard deur haar siel gesteek word.

DAAR was ook 'n stokou vroutjie in die tempel. Haar naam was Anna. Sy was 'n weduwee van vier-en-tagtig jaar, en 'n mens kon haar altyd in die tempel vind. Die hele dag was sy daar, omdat sy so graag naby die Here wou wees.



Sfinks en piramides in Egipte, wat reeds duisende jare oud was toe plaasgevind het wat in Matt. 2:14, 15 beskryf word. "Hy (Josef) het toe opgestaan, die Kindjie en sy moeder in die nag geneem en na Egipte vertrek. En hy was daar tot die dood van Herodes. "

Nou het sy, dié ou vrou, ook na Maria-hulle gekom en die Seun van God gesien. Hy, wat eers in die hemel was, was nou so naby die mense dat Hy in die arms van 'n vrou gelê het.

Sy het die Here ook geprys, en toe die straat af geloop en oral aan haar vriende en vriendinne en aan baie ander mense, wat die Saligmaker verwag het, vertel dat sy Hom alreeds gesien het.

Maar baie vername mense wou dit nie glo nie. Die deftige priesters en die slim Skrifgeleerdes wou niks weet van 'n armoedige Messias, wat soos 'n kindjie na die wêreld gekom het nie.

415

4. Die Wyse Manne uit die Ooste

Matthéüs 2:1-23

KARAVAAN het deur die woestyn getrek. Dit was 'n geselskap van ryk en vername

'N manne en hulle het gewapende knegte by hulle gehad. Hulle het gekom uit die verre Ooste, miskien uit die land van die Chaldeërs, waar Nebukadnesar vroeër geregeer het.

Miskien het hulle nog verder vandaan gekom, uit Medië of Persië. Hulle het na die land van Israel gereis om die Koning van die Jode, wat daar gebore is, te soek.

Ja, hulle wat maar heidene was, het goed geweet dat in die land van die Jode 'n Kindjie gebore is en dat Hy 'n groot Koning sou word.

Hulle was geleerde manne wat saans na die sterre gekyk het. En een nag het hulle 'n pragtige nuwe ster gesien wat skielik met 'n helder lig begin skyn het. So 'n nuwe ster, het hulle gedink, moet iets beteken. En die Here het aan hulle bekend gemaak dat daar êrens 'n kindjie gebore is wat 'n baie belangrike Koning van die Jode sou word.

Toe kon hulle nie rus daar in die verre Ooste nie. Dit was asof iets hulle gedryf het om die Koning te gaan soek. En hulle was gehoorsaam aan die stille drang van hulle harte. Hulle het kamele

laat opsaal en ook geskenke geneem en dit gewaag om die lang reis op soek na die Kindjie te onderneem. Hulle het getrek deur lande waar rowers en wilde diere hulle skuil gehou het. Hulle het min of meer langs dieselfde pad gereis waarmee Abraham gegaan het toe hy op die Here God vertrou het en na die land gereis het waar Hy hom wou bring. En uiteindelik het hulle by Jerusalem gekom, die stad met die hoë mure en die pragtige tempel.

Daar moes hulle wees. Die Koning van die Jode is seker in 'n paleis gebore.

Hulle het deur die stad se poort gegaan en gevra: "Waar is die Jode se Koning, wat gebore is?" Die mense het hulle verwonderd aangekyk en hulle skouers opgetrek, want hulle het niks daarvan geweet nie.

"Ons het Sy ster in die Ooste gesien, en het gekom om Hom hulde te bewys," het die wyse manne gesê.

Die mense het hulle met groot oë aangekyk. Niemand kon die reisigers help nie. En toe die wyse manne teleurgesteld verder loop om ander mense ook te vra, het die inwoners van Jerusalem in klompies gestaan en praat. Sou die Messias al gekom het om hulle te verlos van die wrede koning Herodes en om die Romeine uit die land te jaag? Die hele Jerusalem het in opskudding geraak deur die koms van die wyse manne.

OOK koning Herodes in sy paleis het van hulle gehoor. Hy het groot geskrik en gebewe van angs. Sy hele lewe lank is hy al gepla deur die gedagte dat hy van sy troon afgesit kon word.

Deur bedrog het hy koning geword en niks was te laag of te wreed om te doen nie as hy gedink het iemand wou hom van die troon van Dawid afstoot. Sy eie vrou het hy vermoor en ook drie van sy seuns. Die helfte van sy familie en baie Jode het hy uitgeroei. Hy het gedoen net wat hy kon om koning te bly. En nou dat hy oud en siek was en op die rand van die graf, was sy troon nou weer in gevaar?

Die gerug wat hy gehoor het, was dat die Messias miskien al gekom het. Herodes het aan sy dienaars se oë gesien hoe opgewonde hulle voel. Hy het goed geweet hoe almal hoop dat die gerug waar moes wees. Hulle het hom wat Herodes was, mos gehaat. Die hele volk het hom gehaat — daardie vreemdeling, die Edomiet, die wrede man! Dis waar hy het die *tempel baie mooi* laat opbou *om* die Jode se guns te probeer win, maar dit het hom niks gehelp nie. Hulle het tog nog verlang na die Messias, die nakomeling van Dawid, wat reg gehad het om op die troon te sit.

Herodes het die Messias gehaat. Hy het Hom vervloek. En as dit waar is dat Hy gebore is, sou Herodes nie vir Hom padgee nie. Hierdie keer sou hy weer baas wees. Sy plan was al klaar agtermekaar. Hy het die owerpriesters en die Skrifgeleerdes, wat Moses en die profete 416



se boeke geken het, na hom toe laat kom. Hulle moes vir hom sê waar die Messias, of die Christus, sou gebore word.

Vir daardie geleerde mense was dit nie moeilik nie. Die profeet Miga het duidelik voorspel:

"En jy , Betlehem Efrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan Een wat 'n Heerser in Israel sal wees; en Sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid."

En hulle het met minagting gelag toe hulle weer wegloop uit die paleis. Hulle het alles van die Messias geweet en sou nie toelaat dat 'n belaglike gerug hul rus versteur nie.

Wie was so dwaas om te dink dat Hy sou kom sonder dat *hulle* daar iets van sou weet?

Maar Herodes het die wyse manne stilletjies na hom toe laat kom, sonder dat iemand dit opgemerk het. Hy het vriendelik gepraat en gevra wanneer hulle die ster die eerste maal gesien het, en omtrent hoe oud die Kindjie toe al kon wees. Hy het hulle na Betlehem gestuur en gesê:

"Gaan soek die Kindjie daar, en sorg dat julle Hom kry! En as julle Hom vind, laat my weet sodat ek ook kan gaan om Hom hulde

te bewys."

"Sodat ek Hom hulde kan bewys!" het die ou moordenaar gesê, en die haat het geloer uit sy vriendelike maar valse oë.

Oorblyfsels van tempels van die farao's te Karnak in Egipte. Treffend is dit dat die land van die farao's nie net aan Josef en sy familie verblyf gegee het nie, maar dat ook Jesus deur Josef en Maria na Egipte geneem is om die wrede Herodes te ontvlug. Lees Matt. 2:13-18.

DIT was al aand toe die wyse manne weggaan uit Jerusalem. Dit was baie donker, en voor hulle aan die suidekant van die hemel, het een ster pragtig en helder geskyn. Kyk, dit was die ster wat hulle in die

Ooste gesien het. Hier skyn dit weer. Dit het voor hulle uitgegaan en
417

stil gestaan bokant die plek waar die Kindjie moes wees.

Hulle het die dag baie moeg geword van al die vergeefse gesoek en gevra. Nou was dit 'n hemelse verrassing om die ster weer te sien! Baie bly het die wyse manne Betlehem binnegegaan en gou het hulle die huis gevind waar Maria en Josef woon. Hulle het binnegegaan en die Kindjie gesien vir wie hulle so ver gereis het om te aanskou. Hulle het Hom in 'n eenvoudige huisie aangetref op die skoot van 'n jong vrou. Kon Hy werklik die groot Koning wees?

Maar die Here het hulle die pad aangewys en daarom het hulle geglo. Die wyse manne het neergekniel voor daardie Kindjie en Hom hulde bewys. Hulle het die Kindjie koninklike geskenke aangebied: goud en kosbare speserye het hulle eerbiedig by Sy klein voetjies neergelê.

Toe het hulle gelukkig gevoel. Dit was nie omdat hulle so slim was om Hom op te spoor nie.

Deur hulle geleerdheid alleen sou hulle Hom nie gevind het nie. Maar hulle was so bly omdat die hemelse Lig, waarvan die ou Simeon gesing het, in hulle harte geskyn het. Eindelik het hulle die Saligmaker van die wêreld gevind.

IN die nag het die Here God in 'n droom met hulle gepraat. Hy het gesê hulle moenie teruggaan na Herodes nie. Hulle het blymoedig gehoorsaam en met 'n ander pad na hulle eie land teruggegaan. Die goud en ander kosbaarhede het hulle nie saamgeneem nie, maar hulle het met 'n skat van vrede en geluk in hulle harte teruggegaan.

HERODES het verskriklik onrustig geword. Hy het gewag . . . . en gewag .... dat hulle sou terugkom, maar al wat kom, was die wyse manne. Hy was woedend kwaad toe hy merk dat hulle hom mislei het. Maar hy sou tog sy sin kry. Hy sou sorg dat hy die jong Koning, wat in Betlehem gebore is, in die hande kry!

Haastig het hy soldate na Betlehem gestuur en al die seuntjies daar van twee jaar en jonger laat doodmaak. Onder hulle *moes* die gehate Kindjie vir seker wees, het hy gedink. Dit was nog nie so lank gelede dat die wyse manne die vreemde ster gesien het nie.

Sy wrede dienaars het hom gehoorsaam. Hulle was amper net so sleg soos hulle goddelose meester. In Betlehem het baie moeders gekerm en geween toe die soldate met hulle bebloede swaarde weer weggegaan het. Maar Herodes het niks omgegee vir al die hartseer van die vroue nie. Hy het die afskuwelikste daad van sy lewe gepleeg, maar hy het gelag en gerus gevoel. Daardie gemene skurk het net aan homself gedink. Hy dag hy het weer gewen en was seker van sy mag as koning.

Maar dit was nie lank daarna nie toe die Here self die mag uit sy bevlekte hande geneem het. Herodes is dood aan 'n vreeslike siekte. Hier op aarde kon geen mens hom straf nie.

Nou moes hy gaan na Hom, wat al die bloed wat onskuldig vergiet is, wreek.

Die kindertjies van Betlehem wat so wreed vermoor is, was gelukkiger as hy. Sonder enige jammergevoel is hulle uit die arms van hul moeders geruk. Maar die Here se Vaderarms het hulle ontvang. Hulle was die eerste mense op aarde wat hul lewe vir die Here Jesus gegee het. Hulle was die eerste martelare en het hemel toe gegaan.

En eendag .... dan sou Jesus Sy lewe vir hulle gee.

Want Hy was nie dood nie! Hoe kon die dom Herodes dink hy kan die Messias doodmaak!

Toe sy soldate in Betlehem kom, was die kindjie Jesus alreeds ver weg in veiligheid. Want 'n engel het Josef in 'n droom gewaarsku teen Herodes en Josef bevel gegee om met die Kindjie en Sy moeder na Egipte te vlug.

En onderwyl Herodes gelag het oor sy slim plan, het die Here Jesus veilig gelê in Sy moeder se arms, waar sy op 'n esel gery het. Josef en Maria kon die dier gekoop het met die goud van die wyse manne. Daarvan kon hulle ook gelewe het in die vreemde land.

Na Herodes se dood het die Here hulle gesê om terug te gaan na hul eie land. Maar Josef 418

kon dit nie waag om in Betlehem, die stad van sy voorouers, te gaan woon nie. 'n Seun van Herodes, Archelaus, wat amper net so goddeloos soos sy vader was, was nou koning.

Daarom het Josef maar verby gehou, noorde toe, na die veragte Galilea, en in Nasaret gaan woon. Daar was hy weer 'n timmerman. In Nasaret het geen engele gesing toe die Christus gebore is nie.

Niemand het in Nasaret gehoor wat die ou Simeon en Anna van Hom gesê het nie.

En geen Nasarener wat die kindjie Jesus gesien het, het toe kon dink dat Hy die Messias is nie.

419

5. Die Kind Jesus

Lukas 2:40-52

N die eenvoudige huisie van 'n timmerman het die kindjie Jesus opgegroei. Josef het vir I Hom gewerk. Maria het Hom versorg. By haar het Hy Sy eerste woordjies geleer praat. By haar skoot het Hy later aandagtig geluister as sy Hom vertel van die hemel en van die Here God.

Hy het groter geword. Hy het leer lees en skrywe. Partymaal het Hy in die smal straatjies van Nasaret of in die ope veld geloop. Hy het gesien hoe die wagter met sy skape uitgaan veld toe. Hy het opgelet met hoeveel liefde die goeie herder sy skape versorg het. Hy het

bygestaan en kyk as 'n boer sy druiwestokke snoei. Hy het gesien hoe party groot, groen ranke, wat geen druiwe dra nie, afgesny en weggegooi word, en hoe ander korter gesny word sodat die druiwetrosse sterk en groot kon word.

Hy het gesien hoe koring gesaai is, en hoe party van die saad op die pad geval het en deur voëltjies opgepik is, of tussen die dorings, waar die fyn plantjies gou verstik het. 'n Ander deel van die saad het op onvrugbare grond geval en het gou verdroog in die son. Maar baie saad het darem op goeie, diep grond geval en het later pragtig gedra. Van net een korrel saad kon daar dertig of sestig of honderd ander korrels kom.

So het die kindjie Jesus geleer van alles wat Hy gesien het en die Here God het Hom wysheid gegee.

Hy was 'n Kind maar net soos al die ander kinders, net so onbekommerd en opgeruimd.

Maar Hy was tog anders as hulle. En die grootste verskil was nie dat Hy baie slimmer of verstandiger as hulle was nie. Die grootste verskil was dat Hy nooit enige sonde gedoen het nie. Hy was heilig gebore en Sy hele lewe lank was Hy heilig, ook toe Hy nog 'n kind was.

Hy het presies net soos al die ander mense geword, behalwe dat Hy nooit sonde gedoen het nie.

Die mense van Nasaret het baie van die Kindjie gehou, maar hulle het nie geweet wie Hy werklik was nie. "Jesus, die seun van Josef van Nasaret," het hulle gesê "die seun van die timmerman." Hulle het nie geweet dat Josef nie Sy eie vader was nie.

Maar Maria en Josef het dit goed geweet. En sy het seker aan haar Seuntjie vertel wat by Sy geboorte gebeur het: hoe die engele gesing het in die veld van Betlehem, en hoeveel vreugde daar in die hemel en op die aarde was.

Maar het Maria altyd onthou en daaraan gedink dat Hy meer was as 'n seun van Josef?

TOE die Here Jesus twaalf jaar oud was, het die dag gekom waarna Hy so lank uitgesien het. Hy kon na Jerusalem gaan om daar die Paasfees, die heilige fees van **die** verlossing uit Egipte, te vier.

Dit was 'n lang en aangename reis. Die veld was groen en die koring was al hoog op die lande. Dit was mos lente en teen die hellings van die heuwels het die wingerdstokke welig gegroei. Hulle het deur die dal van Jisreël geloop — Jesus, Josef en Maria en nog baie ander mense uit Galilea. Hulle het oor die Jordaan gegaan en snags uitgerus in 'n herberg.

Dan het hulle weer verder gereis. Hoe nader hulle aan Jerusalem gekom het, hoe meer mense was daar op die paaie. Van alle kante het die vroom mense na die heilige stad gekom. Ver weg oor die sonnige velde kon 'n mens hulle hoor sing. Hulle het die bedevaartsliedere gesing (in ons Bybel Psalms 120 tot 134) en Jesus het saamgesing met **Sy helder** stem. "Ek slaan my oë op na die berge. Waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die Here . . . . "





'n Foto van die ou deel van Nasaret. "En Hy het saam met hulle gegaan en in Nasaret gekom, en Hy was hulle onderdanig" (Lukas 2:

51).

Die nuwe deel van Nasaret. In hierdie omgewing, en op die heuwels in die agtergrond, het Jesus waarskynlik dikwels geloop — eers as seun en later as jong man.

421



Hy het opgekyk en die berge op die gesigseinder gesien; daaragter het Jerusalem gelê. Toe hulle daaroor gegaan het, het Hy die heilige stad voor Hom gesien. Rondom was 'n kring torings met hoë, dik mure tussenin. Daar was wit huise onder groen bome, en die skitterende, wit, tempel van marmer met sy goue dak. Verder weg rondom die stad was 'n kring berge soos troue wagters. Aan hulle voel, aan die een kant van die stad, was 'n groen heuwel, die Olyfberg. Aan die ander kant een met 'n kaal top — Golgota.

"Rondom Jerusalem is berge; so is die Here rondom Sy volk van nou af tot in ewigheid," het die menigte mense gesing.

En hulle het gou gemaak om by die stad te kom. Met gejuig het hulle deur die poorte gestroom.

"Laat ons na die huis van die Here gaan. Ons voete staan in jou poorte, o Jerusalem!"

In 'n bont gewemel het hulle deur die strate geloop. En onder hulle was 'n opgeruimde Seuntjie in 'n wit linnekleed, vir wie almal wat daar so gesing het, eintlik verwag het en wat hulle eendag na 'n beter Paasfees sou bring.

SEWE dae het die fees geduur en Jesus was altyd naby Maria en Josef in Jerusalem. Dit was die heerlikste gebeurtenis van Sy lewe. Hy het bygestaan toe die Paaslam geslag is. Hy het stil gekyk hoe die bloed opgevang is, die kosbare bloed wat die volk in Egipte gered het van die dood. By die feestafel het Hy ook gestaan om saam van die brood, wat sonder suurdeeg gebak is, te eet nadat dit in die bitter sous gedoop is. Hy het saamgegaan na die tempel en langs Josef in die Voorhof gestaan. Hy het opgekyk na die bloue hemel waar Sy Vader was.

'n Woning in Nasaret. "En hy (Josef, met Maria en die Kindjie) het gaan woon in 'n stad met die naam van Nasaret, sodat vervul sou word wat deur die profete gespreek is . . . ."

(Matt. 2:23).

"Ek hef My oë op na U wat in die hemel woon, en tot U bid ek."

Hy het ook gebid en saamgesing, en niemand het dit met soveel eerbied gedoen soos Hy nie. Want niemand kon beter weet hoe groot en heilig Sy Vader is nie. En niemand het in die tempel meer tuis gevoel as Hy nie.

MAAR toe die fees verby was, het die strate leeg geloop, en ook Josef en Maria het saam met hul vriende uitgestap deur die poort van Jerusalem. Jesus was nie by hulle nie. Hulle kon Hom nie vind tussen al die mense nie, maar dit het hulle nie baie ongerus gemaak nie.

Hy sou seker al vooruitgegaan het met ander bekendes saam. Hy was mos gehoorsaam en verstandig en hulle sou Hom netnou weer kry. Onderwyl hulle loop, het hulle uitgekyk of hulle Hom nie sien nie. Hulle het gesoek en gevra, en toe dit aand word, was hulle al 'n bietjie bekommerd.

Maria was nou baie angstig. Sy kon in die nag nie slaap nie. Haar Kind, haar verlore Seun, was gedurig in haar gedagtes. Die volgende dag het sy vroeg saam met Josef teruggeloop en na almal gekyk wat verbykom of sy Hom nie miskien sien nie. Later was hulle terug in Jerusalem, maar haar Kind het sy nog nie gevind nie.

Maria het haarself geen rus gegun nie. Haastig het sy oor die strate gestap, wat nou doodstil was na die fees. Sy het elkeen wat sy ken, gevra: "Het jy nie my kind Jesus gesien nie? Ek het my kind verloor." Maar almal het hul kop geskud en hul skouers opgetrek. Huil-huil het sy verder geloop en gesoek .... en gesoek ....

Sy kon dit nie verstaan nie. Sy kon van angs en moegheid byna nie meer dink nie.

Het haar kind 'n ongeluk gehad? Was Hy nog in die stad? Hoekom sou Hy bier gebly het?

Hy was tog altyd so gehoorsaam.

Die plekkie Beërot. Ongeveer in hierdie omgewing het Josef en Maria ontdek dat die twaalfjarige Jesus nie saam met hulle reisgeselskap is nie. "En toe hulle Hom nie vind nie, het hulle teruggegaan na Jerusalem en Hom gesoek" (Luk. 2:45).

Sy het aangehou soek en vra, en was naderhand bleek van al die angs en moeite. Maar alles was verniet.

Eindelik het sy ook by die tempel gaan soek. Miskien het sy geen hoop meer gehad nie Dit was daar nou ook so stil en verlate. Net een priester was daar besig; en 'n paar vroom mense het gestaan en bid. In een van die sykamers hoor sy die stemme van skrifgeleerdes wat besig was om hulle leerlinge in die wet te onderrig.

Daar was geen plek waar Josef en Maria nie gesoek het nie. En toe Maria met betraande oë in een van die kamers inloer, het sy skielik byna hard geskreeu, want daar sien sy haar kind!

Hy het geluister na ou en geleerde manne en hulle uitgevra. In 'n kring het hulle om Hom gesit en hulle was verbaas oor Sy verstand en Sy antwoorde.

'n Oomblikkie het Maria verslae gestaan. Daar is haar kind, heeltemal onbekommerd. *Hy* sit daar ewe kalm in die tempel, terwyl sy soveel angs deurstaan het. Sy het dadelik na Hom geloop en haar arms om Hom geslaan.

"Kind!" het sy gesnik. "Hoekom het jy so met ons gemaak? Jou vader en ek het jou met angs gesoek."

"Jou vader en ek," het sy gesê, net soos al die mense in Nasaret. Maar Jesus het toe al beter geweet.

"Hoekom het u My gesoek?" het Hy vriendelik gevra. "Het u nie geweet dat Ek in die dinge van My Vader moet wees nie?"

En toe Maria dit hoor, het sy goed verstaan dat haar kind nie ongehoorsaam was nie. Dit was nie *Hy* wat verkeerd gedoen het nie, maar sy, omdat sy vergeet het wie Sy eintlike Vader was en dat dié Vader Hom oral kon beskerm.

Maar tog het sy Sy woorde nie heeltemal verstaan nie. En dit sou nog meer male gebeur dat sy nie alles sou verstaan wanneer Hy die wil van Sy Vader doen nie.

Maar Hy het opgestaan en gehoorsaam saam met hulle uit die tempel gegaan. Saam het hulle teruggeloop op die eensame pad na Nasaret en drie dae na die ander feesgangers daar aangekom.

Josef het weer aangegaan met sy timmerwerk, en Jesus het hom nog meer as tevore met die werk gehelp. Hy was in alles vir Maria en

Josef gehoorsaam.

Hy het grootgeword. Hy het 'n man geword en toegeneem in wysheid. Die mense het van Hom gehou, en Sy Vader in die hemel het met guns op Hom neergesien.

Agtien jaar lank het Hy timmerman gebly. Maar Hy het geweet dat Hy eendag ander werk moes doen. Hy het nie na die aarde gekom net om tafels of banke te maak nie, maar om 'n koninkryk te stig. Hy het nie gekom om net goed en vriendelik vir mense te wees nie, maar om mense te red.

En eindelik het die dag gekom toe Hy Sy saag en hamer vir altyd neergesit het en die huis van Maria en Josef verlaat het omdat Sy tyd gekom het.

6. Johannes die Doper

Matthéüs 3:1-17; Markus 1: 1-11; Lukas 3; 1-21

ANNEER 'n Oosterse koning in die ou tyd deur sy land wou gaan reis, het hy eers een W van sy dienaars vooruitgestuur om die volk voor te berei. So 'n dienaar is 'n voorloper genoem en het die mense vertel dat die koning sou kom. Dan moes hulle die verwaarloosde paaie regmaak sodat die koning maklik daarop kon ry. En die mense moes hulle klaarmaak om hul koning met eerbied te ontvang.

Die tyd het nou gekom dat koning Jesus na sy volk sou gaan. En Johannes, die seun van Sagaria en Elisabet, moes Sy koninklike voorloper wees. Hy moes die volk voorberei vir die koms van die Messias.

In die stilte van die woestyn, ver van die mense af, het Johannes jare lank alleen gewoon.

Bedags het hy rondgeloop in die warm son en sy eenvoudige kos gesoek wat bestaan het uit sprinkane en wilde heuning wat hy in die rotsskeure gevind het. Snags het hy hom in 'n spelonk skuil gehou en kon hy die wilde diere naby hom hoor. Maar hy was veilig by die Here. Sy stem het met hom gepraat in die eensaamheid, en Hy het van hom 'n groot profeet gemaak. Sy vel was bruin gebrand van die son en sy hart het gebrand van verlange om die Messias te dien.

Uiteindelik het die Here se bevel gekom dat hy sy werk moet begin. Hy het na die rand van die woestyn gegaan waarlangs die rivier Jordaan geloop het. Daar het hy die mense wat verbykom, toegeroep dat hulle Koning aan die kom was. Net soos hy in die woestyn geloop het, het hy na hulle gegaan — sonder hoed en met 'n growwe kleed aan wat van kameelhare gemaak was, terwyl hy 'n leerband om sy heupe gedra het.

'n Voorloper? Nee, hy het nie gelyk na die deftige voorloper van 'n aardse koning nie. En dit was hy ook nie. Hy het nie gesê die mense moes die ou *grondpaaie* regmaak nie. Hy het gesê hulle kon nie hul sondige harte hou wanneer sy Koning kom nie. Hulle moes nuwe mense word wat die sonde haat en wat die Messias wil ontvang in gelowige harte.

"Bekeer julle", het hy uitgeroep, "bekeer julle, want die koninkryk van die *hemele* het naby gekom!"

Die mense het by hope toegestroom na hom. Hulle het óm Johannes saamgepak op die Jordaan se wal, en met verbasing geluister. Was die Messias aan kom? Was Hy, wat die hele volk verwag het, al só naby soos Johannes gesê het?

Daar was mense wat geglo en besef het dat hulle nie goed genoeg was om die Messias te ontvang nie. Hulle het met baie berou na Johannes gekom en hom vertel hoeveel sonde hulle gedoen het. Hulle het die sonde aan hom en aan die Here bely. Johannes het goeie raad vir hulle gehad. Hy het hulle gedoop in die Here se Naam. Hy het met hulle in die rivier ingeloop, in dieselfde stroom waarin

Naäman, die Arameër, so lank gelede van sy onreinheid genees is. Daarin het Johannes die mense gedoop. Soos die water die stof van hul liggaam afgewas het, so sou hulle siele ook gereinig word van die sonde. Dit word

"doop" genoem en is 'n teken van reiniging van die sonde. Soos water 'n mens skoon was, so kon in hulle siele ook 'n nuwe, skoon lewe kom, noudat hulle hul tot die Here bekeer het.

Dit was nie lank nie of almal in die land het gehoor wat Johannes doen.

"'n Profeet het opgestaan!" het die mense vir mekaar gesê. "Hy sê die Messias kom. Hy preek bekering en vergifnis van sonde."

Van alle kante het die mense na die Jordaan toegestroom, want dit was vierhonderd jaar gelede dat die stem van die laaste profeet in Israel gehoor is. Almal — vissers en boere, skaapwagters uit Judea en geleerde manne uit Jerusalem, vername mense en armes — het gekom na die nuwe profeet.

Hulle het gekyk na die lang, maer man met sy armoedige mantel van kameelhare en sy 425

vonkelende oë. Hy het hulle aan Elia laat dink. En met net soveel geesdrif en moed soos Elia, het hy die Woord van die Here gepreek.

"Bekeer julle," het hy uitgeroep, "want die koninkryk van die hemele het naby gekom. Die byl lê ook al teen die wortels van die bome. Elke boom wat geen goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi."

Hierdie dreigement het hulle goed verstaan en hulle het gebewe van vrees. O ja, as die Messias kom, sou Hy streng wees, soos 'n goeie tuinier wat al die slegte bome in sy tuin uitkap. Hulle het self die beste geweet hoe min vrugte van goeie werke hulle gedra het. Hulle

het maar net aan hulself gedink, aan rykdom en eer en sondige plesier, en het die Here vergeet.

"Wat moet ons dan doen?" het hulle wanhopig gevra.

En Johannes, wat geweet het hoe selfsugtig en sonder liefde hulle was, het geantwoord:

"Bekeer julle! Die een wat twee kledingstukke het, moet een gee aan dié wat niks het nie. En die een wat kos het, moet gee aan dié wat honger ly. Laat die liefde woon in julle harte!"

ALLERHANDE soorte mense het na Johannes gekom. Ook die tollenaars. Hulle was die manne wat die mense gedwing het om die belastings te betaal wat die Romeine geëis het.

Die volk het hulle verag en gehaat, want hulle het die mense dikwels gedwing om meer te betaal as wat hulle moes. Dan het hulle van die geld in hul eie sak gesteek en ryk geword.

Nou het van daardie gierigaards, daardie diewe, ook gekom om gedoop te word. Hulle het vir Johannes angstig gevra: "Meester, wat moet óns doen?"

Die profeet het hulle nie weggeja nie, want hy het gesien dat hulle berou gehad het, en het gesê:

"Wil julle jul bekeer? Nou ja, laat die mense dit sien! Wees eerlik en moenie meer eis as wat julle mag nie."

Johannes het so kragtig gepreek dat selfs soldate gekom het. Growwe, onverskillige manne, vir wie almal bang was, het nou self bang geword, bang vir die groot dag van straf waarvan hy gepraat het.

"En óns?" het hulle gevra. "Wat moet óns doen?"

Johannes het goed geweet watter goddelose mense hulle was. Dikwels het hulle met geweld geld of goed geroof en niemand was by hulle veilig nie. Hy het vir hulle gesê: "Van nou af moet julle niemand lastig val of sy goed afneem nie. Wees ook tevrede met julle betaling."

So het niemand tevergeefs na Johannes gekom nie, hoe sleg hy ook al was. 'n Mens moes net berou hê in sy hart.

Maar daar het Fariseërs ook gekom, en hulle het *nie* berou in hul hart gehad nie. Hulle het geprobeer om deur hulle soort goeie werke in die hemel te kom, en in hul hoogmoed het hulle gedink hulle doen nie sonde nie. Dit het ook gelyk asof hulle baie vroom was. Hulle het die Bybel goed geken en die wette van Moses getrou nagekom. Ja, hulle het nog meer wette self gemaak en onderhou. Hulle het klere gedra met breë some waarop Bybeltekste geborduur was. Hulle het op die hoeke van strate gestaan en bid, sodat almal kon sien hoe goed hulle is. Hulle het geld aan armes gegee, dog net om deur mense geëer te word.

Hulle het die verering van mense nodig gehad, want diep in hul hart was hul onrustig en angstig omdat hul gewete hulle so gepla het. As die mense hulle prys, het hulle nie die stem van die gewete so hard gehoor praat nie. Maar hulle het hulself net bedrieg en ook die ander mense. Hulle het sonder liefde en ware godsdiens gelewe. Hulle was hoogmoedig en skynheilig.

Ook het die Sadduseërs gekom. Hulle was vername priesters, maar priesters sonder geloof.

Hulle het nie geglo dat daar engele is of dat 'n mens eendag sal opstaan uit die dood nie.

Hulle wou niks weet van 'n ewige lewe in die hemel by die Here nie.



Betábara aan die Jordaan, naby Jerigo. Hier iewers is Jesus gedoop. "Dit het gebeur in Betábara, oorkant die Jordaan, waar Johannes besig was om te doop. Die volgende dag sien Johannes Jesus na Hom toe kom, en hy sê: Daar is die lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!" (Joh. 1:28, 29).

427

"Ons lewe maar net een maal," het hulle gesê. "Laat ons die lewe geniet, want as die dood kom, is alles klaar." En natuurlik het hulle geen berou geken nie.

Nou het ook van die Fariseërs en die Sadduseërs na Johannes gekom. Hulle was blinde leiers van die volk, wie se harte hulle vergiftig het met hul verkeerde leer. Hulle het gesien hoe Johannes doop en hoe die mense hom vereer. Nou ja, hulle wou hulle ook laat doop!

Nodig het hulle dit nie gehad nie, want hulle was mos vrome kinders van Abraham. Maar hulle het darem behoort aan daardie koninkryk waarvan Johannes gepraat het. Hulle het die meeste aanspraak daarop gehad. En daarom moes dit vir Johannes 'n eer wees om hulle te doop. Hy sou seker diep voor hulle buig en hulle die beste plekke gee om naby hom te sit.

Dan sou die volk weer sien hoe vernaam en geëerd hulle is.

Maar o, hoe 'n groot fout het hulle begaan! Johannes het *nie* voor hulle gebuig nie. Daar was nie plek by hom vir hulle in die hemelse koninkryk nie, want hy het geweet hoe onbekeerd hulle was. Hy het hulle weggeja met skerp taal:

"Slangekinders, addergeslag, wie het julle die raad gegee om weg te vlug van die toorn wat aan kom is? Laat dit eers deur julle goed doen gesien word of julle waarlik bekeerd is. Waar is die *geloof* Van Abraham? Dink julle dat die Here julle nodig het? Ek sê vir julle dat Hy mag het om van hierdie klippe kinders van Abraham te maak."

So reguit het niemand nog ooit gewaag om met daardie vername manne te praat nie. Wié was die man wat genoeg moed gehad om dit te doen? Hy moet darem 'n groot profeet wees, het die mense gedink en onder mekaar gefluister. Eerbiedig en met verwondering het hulle na Johannes gekyk. Sou hy nie miskien self die Messias wees nie?

Maar toe Johannes dit merk, kon hy nie stilbly nie. "Nee," het hy uitgeroep, "ek is nie die Messias nie! Ek roep maar net in die woestyn uit dat julle jul moet bekeer en dat daar na my Iemand sal kom wat sterker is as ek. Hy is so groot dat ek nie eens waardig is om Sy skoenriem los te maak nie. Ek doop julle met water, maar Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur."

EN eendag, toe Johannes op die wal van die Jordaan gestaan het, het hy Jesus van Nasaret ook na hom gesien kom. Toe het sy oë geskitter van blydskap, want sy moeder Elisabet het hom van Jesus vertel en van die wonders met Sy geboorte. Graag wou hy glo wat sy moeder gesê het, dat hierdie Jesus die Messias was.

Maar toe sê Jesus dat Hy ook gedoop wou word. Johannes het geskrik en Hom verbaas aangekyk. Moes hy wat Johannes is clan sy heilige Koning doop? Nee dit wou hy nie doen nie!

Die Messias het mos nie 'n nuwe hart nodig gehad nie! Hy het mos nie sonde gehad om te bely nie! Sou Hy Hom dan so diep verneder dat Hy Hom sou laat doop net soos die ander mense wat almal sondaars is?

Nee, Johannes het beslis geweier. Eerbiedig het hy gesê: "Ek het nodig om deur *V* gedoop te word, en kom U na my?"

Maar tog wou die Here Jesus dit hê. Hy wou by die sondaars getel word. Hy wou net soos al die ander mense behandel word. Die volk is gedoop en nou moet Hy, die Hoof van die volk, ook gedoop word. Hulle het met hul eie sondes na Johannes gekom. Jesus wou die

sonde van *die hele wêreld* dra. So 'n groot vernedering wou Hy ondergaan om Sy volk gelukkig te maak.

Hy het vir Johannes gesê: "Laat dit nou toe, want só pas dit ons om alles te doen wat goed is."

Toe het Johannes dit gedoen, maar met huiwering. Hy het met die Here Jesus afgeklim in die water en Hom gedoop net soos hy gedoen het met 'n sondige tollenaar of 'n goddelose soldaat.



'n Gedeelte van Betlehem soos dit vandag daar uitsien. In hierdie dorpie het die groot wonder ongeveer 1900 jaar gelede gebeur — die ewige Seun van God het mens geword en Hy is in 'n krip neergelê, omdat daar vir Josef en Maria geen plek in die herberg was nie (Luk. 2:4-7). Hierheen het die wyse manne uit die Ooste gekom. "En hulle het in die huis gegaan en die Kindjie by Maria, sy moeder, gevind en neergeval en Hom hulde bewys" (Matt. 2:11).

429

Maar toe Jesus klaar gedoop was, het iets gebeur wat Johannes se twyfel meteens weggeneem het.

Die hemel het skielik oopgegaan en 'n verblindende lig het op die aarde geskyn. In daardie hemelse lig het die Heilige Gees in die gedaante van 'n duif op Jesus neergedaal. En Johannes het 'n stem gehoor wat sê: "Dit is My geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het."

Toe het Johannes vir seker geweet dat Jesus die Messias was. Want God het eenmaal vir Johannes gesê: "Op wie jy die Gees sien neerdaal .... dit is Hy wat met die Heilige Gees doop." Nou het hy gesien hoe God Hom met Sy Gees as Koning gesalf het.

Toe het hy Hom eers goed geleer ken. Hy wat nie waardig was om Sy skoenriem los te maak nie, het die voorreg gehad om Hom te doop!

Met verrukking het hy agter die Here Jesus aangekyk onderwyl Hy weggeloop het. In die verte het Hy in die woestyn verdwyn. Nou het Johannes geweet dat sy werk as voorloper byna klaar was, want die Koning het alreeds gekom. Nou sou die mense na Christus gaan en hy wat Johannes is, sou vergeet word. Maar dit het hom nie gehinder nie. "Ek moet minder gereken word, maar Hy moet meer gereken en deur almal vereer word," het Johannes gedink.

Hy het die mense weer na hom geroep. Sy oë het gevonkel van vreugde en hy het hard uitgeroep: "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele *het* al gekom!"

7. Die Stryd met die Satan

Matthéüs 4:1-11; Markus 1:12-13; Lukas 4:1-13

N die stille eensaamheid van die woestyn was Jesus alleen. Die sand het geel gelê tot by I die verre gesigseinder; die rotse was vaal, en blou die hemel daarbo. Hier het die Here Jesus rondgeloop, soos Johannes tevore gedoen het. Maar Hy het nie kos gesoek of daaraan gedink nie. Hy het gedink aan Sy Vader wie se stem Hy by die Jordaan gehoor het, en wat Hom met Sy Gees gesalf het. Sy siel was vol heilige vreugde. Hy het gedink aan die groot werk waarmee Hy nou moet begin.

Dit was die verlossing van die wêreld uit die mag van die Satan . . . . 'n Lang en swaar pad het voor Hom gelê. Op daardie pad sou haat en spot en skande Hom wag en dit sou lei deur die donker dal van die dood. Daarna sou die oorwinning eers kom. Maar Hy wou op dié pad gaan tot die einde toe. Hy wou Homself in volle gehoorsaamheid aan Sy Vader toevertrou.

En onderwyl Hy daar diep in gedagte alleen in die woestyn geloop het, het Hy soms wilde diere gesien, maar Hy het hulle nie gevrees nie.

DOG daar was nog iemand wat na Hom geloer het, iemand wat gevaarliker was as 'n leeu of

'n giftige slang: die Satan. Die Satan het Jesus goed geken. Hy het geweet dat hierdie Jesus, die Seun van God, hom as Sy grootste vyand beskou het. Hy het goed geweet dat Christus op aarde gekom het om hom te oorwin en die mense uit sy mag te verlos.

Maar eenmaal, lank gelede, het die Satan ook na 'n mens gekom wat sonder sonde was soos hierdie Man. Met 'n slim plan het hy dit reggekry om Adam te verlei en ongehoorsaam te maak. Adam was

toe nog in die paradys tussen al die wonders van die Here en het niks kortgekom nie. Hierdie Man het sonder kos en water rondgeswerf in 'n wêreld wat gelyk het asof God dit verlaat het. Waarom sou sy slegte plan *hierdie* keer nie ook werk nie? Die Satan het gewag totdat hy 'n goeie kans kry.

EN na veertig dae het dit gelyk asof die regte oomblik gekom het. Dit was toe asof Christus wakker geword het uit Sy gedagtes. Toe het hy eers gevoel hoe honger Hy het. Maar hier in die woestyn was net sand en klippe en geen brood nie.

Meteens sê 'n stem hier naby Hom: "As U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word!"

Ja, die Seun van God kon dit doen. As Hy bang was dat Hy van honger sou sterwe en nie aan Sy Vader gedink het nie, kon Hy brood maak van hierdie klippe wat aan Sy voete gelê en brand het in die son. Maar Hy was nie bang nie en was heeltemal seker dat Sy Vader in die hemel Hom nie sou vergeet nie. Nee, Hy sou nie toelaat dat iemand Sy vertroue op Sy Vader wegneem nie!

Veertig jaar lank het die Here vir Sy volk Israel in die woestyn gesorg. Hy het net met 'n woord beveel dat genoeg manna vir hulle uit die hemel sou val. Sou Hy, die Seun van God, dan nie geduldig wag en gehoorsaam luister na Sy woord nie?

Toe antwoord Hy die Satan: "Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan."

Die eerste probeerslag van die Satan was verniet.

MAAR hy het nie hoop opgegee nie. Hy het Jesus na die heilige stad geneem en op die dak van die tempel laat staan. Daar ver onder Hom was die aarde. Hy staan tussen hemel en aarde; tussen die Here God en die mense.

Toe sê die skelm verleier: "As U die Seun van God is, spring hier af. Daar is mos geskrywe: Hy sal Sy engele bevel gee en hulle sal U op die hande dra, sodat U nie miskien U voet teen

'n klip stamp nie."

O, dit het baie vroom geklink. Die Satan ken ook die Bybel en hy het gedink hy weet hoe om Christus te verlei. En as Jesus gesê het dat Hy op Sy Vader vertrou, dan moes Hy nou wys dat dit so is.



Die sogenaamde "Berg van Versoeking" suidwes van Jerigo. Dit is waarskynlik op een van hierdie barre woestynberge dat Jesus die sluwe versoeking van die Satan afgeweer het. "En Jesus antwoord en sê vir hom: Gaan weg agter My, Satan, want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien" (Luk. 4:8).

Die Here Jesus het goed geweet dat Sy Vader Hom *altyd* sou bewaar. Toe die slegte Herodes Hom wou doodmaak, het die Vader Hom gered. Toe die wilde diere na Hom gekom het, het die Vader Hom veilig bewaar. En as Hy van die tempel sou *afval,* sou die engele Hom vir seker vang; maar as Hy sou *af spring,* sou Hy Hom moedswillig in gevaar stel. Dan sou Hy God gedwing het om 'n wonder te verrig. Sou dit gehoorsaamheid wees? Sou dit vertroue op die Here wees?

Dis waar, Hy was die Seun van God, maar dit was nie nodig om dit hier aan die Satan te bewys nie. Die Satan het dit goed genoeg geweet.

Kalm antwoord die Here Jesus: "Daar is ook geskrywe: Jy mag die Here jou God nie versoek nie."

En toe het Hy met die trappe van die tempel afgeloop na onder.

Ook die *tweede* aanval van die Satan is met die Woord van God afgeslaan.

MAAR in sy dwaasheid het die Satan nog nie hoop opgegee nie. Hy het met Jesus na 'n baie hoë berg gegaan en Hom deur 'n wonder al die koninkryke van die wêreld gewys. Al die ellende wat deur hom, die Satan, veroorsaak is, het hy egter *nie* gewys nie — net al die grootheid en heerlikheid.

Om die wêreld te red, het die Heiland na die aarde gekom. Dit sou vir Hom baie pyn en skande en lyding, ja, selfs die dood beteken. En daarna eers sou Hy Koning oor die hele wêreld word.

Die Satan wou nou hê Hy moet die Here God vergeet, en dan sou hy Hom laat koning wees oor die hele wêreld sonder dat Hy hoef te ly en te sterwe. Die Satan het gefluister: / "Al hierdie dinge sal ek aan U gee as U neerval en my aanbid."

Maar Jesus het geen oomblik geweifel nie. Hy het Hom omgedraai en gesê: "Gaan weg, Satan, want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien."

Toe het die Satan bewend weggevlug en die Heiland vereers met rus gelaat. Nou het hy geweet dat hierdie Man sterker is as hy en dat Hy hom eendag sal oorwin. Ja, eendag sal die Satan voor *Hom* moet kniel!

Dit het hier in die woestyn 'n bietjie anders gegaan as eenmaal in die paradys.

Daar was Adam uitgedrywe, maar hier is die Satan uitgedrywe! Toe het hy 'n vloek gebring oor die mens en *almal* het later sy prooi geword. Nou het alles in seën verander. Toe Jesus alleen agterbly, het die engele uit die hemel gekom en die Here Jesus gedien.

En eenmaal sou die hele wêreld weet dat Christus die Satan oorwin het.

433

8. Die Eerste Dissipels

Johannes 1:29-52

ES weke het verbygegaan vandat die Here Jesus in die Jordaan gedoop is. Dag vir dag S het Johannes nog aangehou om te preek en met blydskap aangekondig dat hulle Koning al gekom het. O nee, daarvan kon hy nie stilbly nie! Van naby en van ver het die mense aangestroom om hom te hoor. Party manne wou nie eens weer van hom weg gaan nie.

Hulle het sy leerlinge of dissipels geword.

Hulle was nie geëerde of geleerde mense nie, maar eenvoudige manne uit Galilea, met hande wat grof geword het van harde werk. Maar hulle was eerlik en vroom, en het verlang na die Saligmaker.

Johannes het hulle gedoop en hulle het hul sonde aan hom bely. Nou was hulle gereed om hulle Koning te ontvang. En waar kon hulle beter vir Hom wag as hier by Sy voorloper wat Hom geken het? Graag het hulle geluister na Johannes wanneer hy van die Heiland praat. Van Hom kon hulle nooit genoeg hoor nie.

EENDAG toe Johannes gestaan en preek het, het hy Jesus weer na hom sien aankom. Met vreugde het hy sy hand uitgesteek en na Hom gewys. "Kyk daar!" het hy uitgeroep. "Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem! Dis van *Hom* wat ek gesê het dat Hy sou kom. Ek het die Gees soos 'n duif uit die hemel gesien afdaal en Hy het op Hom gebly. Dis Hy wat met die Heilige Gees doop. Hy is die Seun van God."

En al die mense wat by Johannes gestaan het, het die Here Jesus gesien.

Hy het onder hulle gestaan. Sonder om te praat, het Hy geluister wat Johannes sê. En net so ongemerk soos Hy gekom het, het Hy weer geloop.

MAAR die volgende dag, toe daar ook twee van Johannes se dissipels by was, het Hy weer gekom. Johannes het Hom langs die rivier sien loop asof Hy iemand verwag. Toe kyk Johannes sy twee dissipels aan en sê: "Daar is die Lam van God!"

Hy knik toe vir hulle asof hy wil sê: "Toe maar, gaan maar na Hom. Dit kom nie op aan dat ek alleen bly nie."

Toe het die twee manne hulle meester verlaat en die Here Jesus gevolg. Hulle het stil agter Hom aan geloop en hulle harte het vinnig geklop van vreugde en verlange, maar hulle het nie gewaag om met Hom te praat nie.

Toe het Hy Hom omgedraai en vriendelik gevra: "Wat soek julle?"

Hulle sê toe hakkel-hakkel: "Meester . . . . waar .... woon U?"

Hulle was tóg te bly. Hulle sou graag meer wou gevra het, maar hulle het nie geweet hoe om dit te sê nie.

Toe sê Hy: "Kom kyk maar!"

Hulle het saamgegaan en gesien waar Hy woon en het dié dag by Hom gebly. Teen die aand van daardie onvergeetlike dag het hulle geweet dat hulle Hom nooit weer wou verlaat nie. Hulle was Christus se eerste dissipels.

Andreas was die een, en die ander een se naam was Johannes.

Andreas het 'n broer gehad met die naam van Simon wat net soos hy 'n visser was. Hy het sy broer haastig gaan soek en uitgeroep: "Simon, ons het die Messias, die Christus, gevind!"

Hy het hom toe na Jesus gebring. En die Here Jesus het hom aangekyk en tot binne-in sy hart gesien. Dit was 'n hart vol liefde en geesdrif, maar nie altyd sterk of getrou nie. Simon wou niks so graag doen as om die Here te dien nie, maar hy het dit so dikwels vergeet. En tog het Jesus geweet dat hierdie man sy dapperste en vurigste dissipel sou word wanneer die krag van die Gees van God eers in sy hart gekom het. En Jesus sê vir hom:

"Jy is Simon, die seun van Jona, maar jy sal genoem word Petrus." Petrus beteken 'n rots.

434

DIE volgende dag het die Here Jesus met Sy dissipels na Galilea gegaan. Daar het Hy 'n man gesien wat uit dieselfde dorp, Betsaida, gekom het as Andreas en Petrus. Sy naam was Filippus. Vir hom het Jesus gesê: "Volg My."

Hierdie twee woordjies was genoeg vir Filippus. Hy het dadelik gehoorsaam en meteens geweet dat hy Jesus sy lewe lank sou volg.

Hy het so gelukkig gevoel dat dit byna te veel vir hom was. Hy moes ander ook in die vreugde laat deel.

"Hy het 'n vriend gehad met wie hy al baie gepraat het oor die Messias se koms. Hierdie man het in Kana gewoon, 'n klein dorpie van Galilea, naby Nasaret. Filippus het hom gaan opsoek, want hy wis hoe hy ook na die Saligmaker verlang het. Haastig het hy die blye boodskap aan sy vriend, Natanael, vertel.

Natanael het in 'n tuin onder die groen takke van 'n vyeboom gesit toe hy meteens die stem van Filippus hoor wat opgewonde uitroep: "Ons het Hom gevind, Natanael! Jy weet, Hy van wie Moses en die profete geskrywe het; Jesus, die seun van Josef van Nasaret!"

Maar Natanael het hom verwonderd en ongelowig aangekyk. Hy het glad nie bly geword nie.

Verdrietig het hy sy kop geskud. Hy *wou* dit graag glo, maar hy *kon* nie. Hy was 'n eerlike en openhartige man en het sy teleurstelling nie weggesteek nie.

"Nasaret?" het hy gevra. "Kan daar uit die ou Nasaretjie iets goeds kom?"

Wat kon Filippus antwoord? Hy het nog maar min van Jesus geweet en sy vreugde was so groot dat hy nie nog wou argumenteer nie.

"As hy maar net by Jesus kom," dag Filippus, "dan sal hy glo net soos ek." Toe sê hy: "Kom maar saam, Natanael, en kom kyk self!"

Hy kon nie beter gedoen het nie.

Die Here Jesus het Natanael gesien aankom en gesê: "Hier is waarlik 'n Israeliet in wie geen bedrog is nie."

Verbaas vra Natanael: "Waarvandaan ken U my?"

Jesus antwoord en sê: "Nog voordat Filippus jou geroep het, toe jy nog daar onder die vyeboom was, het Ek jou al gesien."

Toe het al Natanael se twyfel verdwyn en sy hart het oorgeloop van vreugde. Iemand wat alles van hom weet, moet *Hy* nie die Messias wees nie? .... Nee, maar dan was Hy ook nie die seun van Josef soos Filippus gesê het nie.

Natanael het voor Jesus neergebuig en met ontroering uitgeroep: "Meester, U is die Seun van God, U is die Koning van Israel!"

Toe antwoord die Here Jesus: "Glo jy omdat Ek vir jou gesê het: Ek het jou onder die vyeboom gesien? Jy sal groter dinge sien as dit."

EN van toe af het die vyf manne die Here Jesus gevolg, waar Hy ook al gegaan het. Hulle was vyf eenvoudige maar getroue vriende — Sy eerste dissipels.

435

9. Die Bruilof te Kana

Johannes 2:1-11

AAR was 'n bruilof in Kana, 'n klein dorpie in Galilea, waar Natanael gewoon het. Die D mense het musiek gemaak en gesing. 'n Jong man en 'n jong vrou met hul mooiste klere aan het langs mekaar gesit. Hulle was die bruid en die bruidegom. Al hul familie en vriende was genooi, en ook Maria, die moeder van Jesus. Die Here Jesus het net kort tevore teruggekom na Galilea. En Hy en Sy dissipels was ook na die bruilof genooi. Natanael was daar goed bekend. Maar ook die ander manne wat saam met Jesus gekom het, was hartlik welkom. En tussen al die vrolike gaste het Hy gesit en die fees saam met hulle geniet. En elke slag het Maria met blye oë gekyk na haar Seun wat reeds uit haar huis gegaan het om die groot werk, wat God Hom gegee het, te doen. Hy was nog net so nederig soos altyd.

Maar toe die mense net lekker feesvier, kom een van die dienaars wat tevore die wyn ingebring het en fluister iets vir die bruidegom. Hy wat so vrolik gewees het, het toe baie verleë geword. Maria het dit gemerk en gou uitgevind dat die dienaar kom sê het dat daar nie meer wyn is nie. Sy het baie jammer vir die bruidegom gevoel. Hy kon nie meer koop nie, want hy was nie ryk nie. Wat sou die gaste nou sê as hulle nie meer kon feesvier nie?

Hulle sou dit nie vergeet nie en oral van die skande gaan vertel.

Daar was maar Een wat nou kon help, dag Maria: haar seun Jesus. Hy sou goeie raad kon gee. Maar hoekom doen Hy dan niks? Hoekom sit Hy dan so stil op Sy plek?

Sy gaan toe na Hom en fluister in Sy oor: "Hulle het geen wyn meer nie."

Die tyd toe sy Hom kon gebied het om iets te doen, was verby.

Die Here Jesus het al begin om Sy goddelike werk te doen en daar was net Een vir wie Hy gehoorsaam sou wees: Sy Vader in die hemel. Sy Vader sou weet wanneer die tyd gekom het om te help. *Niemand,* ook nie Sy moeder nie, mag indring tussen Hom en Sy Vader nie.

Jesus het vriendelik maar beslis geantwoord: "Vrou, wat het Ek met u te doen? My tyd het nog nie gekom nie."

"Nog nie," het die Heiland gesê. Dit het Maria goed gehoor. Hy wou regtig help. Hy het niemand wat in die nood was en op Hom vertrou het, teleurgestel nie. Maria loop toe na die dienaars en wys na Hom.

"Net wat Hy vir julle sê, moet julle doen," het sy vir hulle gefluister.

Naby die dienaars het daar ses groot klipkanne gestaan, wat elkeen vyf of ses emmers water kon hou.

Die Here Jesus sê toe vir die dienaars: "Gaan maak al die kanne vol water."

Hulle het dit dadelik gedoen. Daar was water genoeg. Hulle het die kanne tot bo toe volgemaak. Bedaard sê Hy toe: "Skep nou uit en bring dit vir die hoofdienaar."

Die hoofdienaar was die bruidegom se vriend wat vir alles moes sorg. Hy moes die gaste hulle plekke aanwys en eers die wyn proe voor dit aangebied is. "Wat sal hy tog met die water maak?" het die dienaars gedink. En hulle het die Here Jesus verwonderd aangekyk.

Maar hulle het aan Maria se raad gedink en gedoen soos Hy gesê het.

En stil, sonder dat iemand dit gemerk het, het 'n wonder van God gebeur. *Water* is in die kanne gegooi. Wyn is daaruit gegooi. En die hoofdienaar wat daaraan geproe het en nie geweet het waar die heerlike wyn vandaan gekom het nie, het met verbasing vir die bruidegom gesê: "'n Mens bring altyd eers die beste wyn, en later, nadat almal eers gedrink het, die slegte. Maar u het die goeie wyn tot nou gebêre!"

Maar dit het gou bekend geword wat gebeur het. Die gaste het met eerbied van hierdie wyn gedrink en met verbasing na Jesus gekyk. Wie was Hy tog wat so 'n groot wonder in hierdie huis verrig het?



'n Kruik in die Grieks-Ortodokse kerk te Kana. "En daar het volgens die reinigingsgebruike van die Jode ses klipkanne gestaan .... Jesus

sê vir hulle: Maak die kanne vol water" (Joh. 2:6, 7).

'n Foto van Nasaret geneem uit die rigting van Kana. "En die derde dag was daar 'n bruilofte Kana in Galilea, en die moeder van Jesus was daar. En Jesus en sy dissipels was ook na die bruilof genooi" (Joh. 2:1, 2).

437



Die dissipels het dit goed geweet en was tog te bly dat hierdie Jesus hulle Meester wou wees. Nou het hulle nie meer geglo dat Hy die Messias was omdat Johannes so gesê het nie. Nou het hulle self Sy mag en heerlikheid gesien.

By Johannes, hulle eerste meester, het hulle gevas en getreur oor hul sonde. Maar noudat die Heiland hul Meester was, het hulle droefheid verander in vreugde, net soos die water in wyn verander het. En so lank as wat hulle by Hom kon bly, sou daar fees in hul harte wees.

Die put by Kana. Die water wat Jesus in wyn verander het, is heel waarskynlik uit hierdie put geskep (Joh. 2:1-12).

438

10. Op die Paasfees

Johannes 2:13-25; 3:1-21.

IT was weer Paasfees in Jerusalem. Van alle kante het die volk van die Here weer D toegestroom, onderwyl hulle lofsange gesing het. Party het na die heilige stad uit ver lande gekom, soos Egipte, Griekeland en Klein-Asië. Met gejuig het hulle deur die poorte gekom en dadelik na die tempel gegaan. Maande lank het sommige al gesmag om hier in die heilige huis van die Here te wees.

Maar toe hulle deur die groot poort van die tempel geloop en in die Voorhof gekom het, was daar 'n warboel en 'n lawaai soos op 'n veemark. Koeie en skape het daar vasgemaak gestaan. Duiwe het in mandjies gefladder en smouse het oral hard geskreeu om offerdiere vir verkoop aan te bied. Geldgierige ou Jode het by hulle tafeltjies gesit met bakkiesvol heilige Joodse sikkels om dit uit te ruil vir vreemde lande se geld wat die besoekers saamgebring het.

Was dit die huis van God? Die heilige plek? Die grond was vuil, en 'n gebulk en 'n geblêr, 'n geskreeu en 'n gevloek het weerklink teen die hoë tempelmure. Deur al die rumoer moes die vroom mense loop na die plek waar hulle die Here wou aanbid.

Maar hulle was al daaraan gewoond. Hulle het amper al gedink dit hoort so. Die priesters het dit aangesien en dit alles toegelaat. Die mense kon tog nie hul offerdiere van ver af saambring nie. Nou ja, hier kon hulle dit koop — goeie, gesonde offerdiere, sonder enige gebrek. Was dit dan nie goed nie? En waar sou hulle die offergeld kry as hier geen geldwisselaars was nie?

Elkeen moes elke jaar 'n geldstuk, wat 'n halwe sikkel genoem is, in die offerkis gooi. Die priesters kon nie toelaat dat heidense Romeinse geld, met die af beelding van die keiser of van 'n afgod, in die heilige skatkis gegooi word nie. Daarvoor moes die ou Joodse geld gebruik word soos Moses voorgeskryf het. Meer nog: met die verkoop van die offerdiere en die wissel van die geld is ook baie profyt gemaak. En die priesters het dit maar te graag toegelaat, hoewel die stilte van die huis van die Here daardeur versteur is. Hulle het mos ook van die geld gekry.

SAAM met die vroom mense van Galilea het die Here Jesus elke jaar na die Paasfees gekom. Agtien jaar lank het Hy gesien hoe die huis van Sy Vader ontheilig is. En hoeveel dit Hom ook al bedroef het, Hy het stilgebly. Maar noudat Hy Sy werk begin het, het Hy dit nie langer toegelaat nie. Nou het Sy uur gekom om op te tree.

Heilige toorn het in Sy oë gevonkel. Hy het 'n sweep van toutjies gemaak en vasberade na die verskrikte diereverkopers gestap. Met groot waardigheid het Hy voor hulle gaan staan en met Sy hand na die poort van die Voorhof gewys. Al was hulle onwillig en nukkerig, nie een het dit gewaag om ongehoorsaam te wees nie. Die Here Jesus het almal, tesame met hul skape en beeste, met Sy sweep uit die tempel uitgedryf. Die tafels van die geldwisselaars het Hy omgekeer en die kleingeld wat hulle so liefgehad het, op die grond uitgegooi. En vir dié wat die duiwe verkoop het, het Hy gesê: "Neem daardie dinge hier weg. Moenie van die huis van My Vader 'n handelshuis maak nie."

Hulle het almal padgegee uit die tempel. In hul hart was hulle bang vir die Man wat hier soos

'n koning regeer.

Toe was alles mooi stil in die Voorhof. Die mense het hul asem ingehou toe hulle sien wat die magtige Vreemdeling doen, en hulle het gevra wie Hy tog was wat sterker was as almal.

Die priesters het skoorvoetend en bangerig na Hom gekom, maar in hul hoogmoed wou hulle hul tog teen Hom verset. Wat wou die Galileër hê? Waarvandaan het Hy die moed gekry om sulke dinge te doen? Was hulle, die priesters, dan nie baas in die tempel nie?

Verontwaardig het hulle Hom gevra: "Wie gee U die reg om hier so te maak? As U 'n profeet 439

is, bewys dit! Doen 'n wonder sodat ons kan sien U het die reg om dit te doen."

Die Here Jesus het hulle aangekyk en het alreeds die haat in hul oë gesien wat later só groot sou word dat hulle Hom sou doodmaak. Hulle wou weet wie Hy was. Hulle wou 'n wonder sien .... Die grootste wonder wat op die aarde moontlik was, sou in hul stad gebeur.

Hier sou Hy, drie dae na Hy gesterf het, uit die graf opstaan.

Dan sou almal kan weet wie Hy was.

Toe antwoord Hy: "Breek hierdie tempel af, en in drie dae sal Ek dit weer oprig."

Hulle het nie verstaan dat Hy van sy eie liggaam gepraat het nie. Sy heilige liggaam was ook

'n tempel, vol van die Heilige Gees. Hulle het opgekyk na die hoë dak van die tempel wat geglinster het in die son. Toe vra hulle spottend: "Ses-en-veertig jaar lank is aan hierdie tempel gebou en U, sal U dit in drie dae oprig?"

En hulle het Hom uitgelag.

Die dissipels het hierdie wonderlike woorde ook nie verstaan nie, maar hulle het nie gelag nie. Hulle het alreeds geweet dat niks as net die waarheid uit die mond van die Here gekom het. Hulle het Sy

woorde onthou. En later, toe Hy uit die dode opgestaan het, het hulle gedink daaraan dat Hy dit gesê het.

Die dissipels het in Hom geglo en baie ander mense wat met die Paasfees na Jerusalem gekom het, het ook geglo. Want in daardie tyd het die Heiland tog wonders gedoen. Hy het siek mense gesond gemaak en verlamdes weer laat loop. Hy het *almal* wat gely en na Hom gekom het, genees.

Maar die priesters en die Skrifgeleerdes, wat 'n wonder gevra het, wou tog niks van Hom weet nie. Hul hoogmoedige harte was alreeds deur haat en ongeloof verblind.

MAAR kyk! In die nag toe alles stil en donker op straat was, het een van daardie vername en geleerde Jode tog na die huis gegaan waar Jesus was. Dit was 'n Fariseër, Nikodemus.

Hy het die wonders gesien en het van toe af geen rus meer gehad nie. Hy het nie geglo dat Jesus die Messias was nie. Hy het gedag die Messias sou heeltemal op 'n ander manier kom, bv. soos 'n koning en dat Hy op Dawid se troon sou sit; dat Hy die gehate Romeine uit die land sou verdryf en die heidense volke sou oordeel en straf. Dat Hy arm, eenvoudig en sagmoedig, en 'n timmerman sou wees — dit het hy nie kon dink nie.

Maar daar was iets in Jesus wat Nikodemus onrustig laat voel het en wat hy nie kon verstaan nie. Nikodemus wou altyd *alles* verstaan, want hy was mos 'n geleerde Fariseër.

Daarom het hy na die Here Jesus gegaan om 'n bietjie met Hom te praat. Maar miskien was hy skaam vir die ander vername Jode, en bang hulle sou hom spot. Miskien wou hy ook heeltemal alleen en rustig met Hom praat.

Die Here Jesus was gewillig om hom te ontvang. In die stilte van die nag het hulle bymekaar gesit: die Heiland wat vir sondaars gekom

het, en die ryk, geëerde rabbi (of leraar) wat trots daarop was dat hy alles wat die wet voorskryf, so noukeurig gedoen het.

Nikodemus het gemeen dat die Here God hom baie lief moes hê omdat hy so vroom was, en dat hy 'n plek in die hemelse koninkryk verdien het.

Maar Jesus het hom iets heeltemal anders geleer. As Nikodemus in die hemel wou kom, moes hy heeltemal van voor af begin met sy lewe, want sy hele lewe was sleg. Hy moes 'n nuwe lewe begin en al sy hoogmoed laat staan. Hy moes word soos die nederige dissipels wat eers by Johannes hulle sonde bely het en toe deur hom gedoop is. Dan sou die Heilige Gees in sy hart kom en heeltemal 'n nuwe mens van hom maak.

Daarom het Jesus vir hom gesê: "Voorwaar voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie."

Weer gebore word? Dit kon Nikodemus glad nie verstaan nie, al was hy so geleerd.

440

'n Mens kan tog nie weer 'n klein baba word as jy al 'n groot man is nie.

Maar Jesus het dit vir hom uitgelê. Hy moes soos 'n klein kindjie word, nederig en rein van hart. Die heilige Gees kan 'n mens só maak.

Maar Nikodemus het dit nog nie verstaan nie. Nou ja, 'n mens *hoef* dit ook nie te verstaan nie. Geen mens kan die werk van die Heilige Gees verstaan nie, net so min soos hy weet waarvandaan en waarheen die wind waai.

Nikodemus moes *glo,* al verstaan hy ook niks nie.

Toe die giftige slange die Israeliete in die woestyn gebyt het, het die Here Moses 'n koperslang op 'n paal laat vasmaak. Elkeen wat met geloof daarna sou kyk, sou gesond word. Maar die een wat eers wou *verstaan* hoe dit kan gebeur en nie wou glo nie, hy het gesterwe.

Die Here Jesus het gesê: "Soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore gaan nie, maar die ewige lewe sal hê."

Vir Nikodemus was alles so snaaks en moeilik om te verstaan. Moes die Seun van die mens, of die Messias, opgelig en aan 'n kruis gehang word? En kon juis dít almal red wat in Hom glo?

Nee, hy kon dit nie verstaan nie.

Maar as Nikodemus maar eers net besef hoe sleg en vol sonde sy hart was! Dan sou hy ook nie kon verstaan dat die Here hom tóg nog wou lief hê nie. Maar as hy dit maar net wou *glo,* sou hy vir ewig gelukkig word.

Jesus het die heerlike woorde gespreek: "Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore gaan nie, maar die ewige lewe sal hê."

TOE Nikodemus baie laat in die nag deur die stil strate huis toe geloop het, het die woorde

"Want so lief het God die wêreld gehad" nog in sy hart geklink.

Ag, dit was nog baie donker in sy siel. Net so donker soos die strate. Maar aanstons het die rooidag in die Ooste gebreek, en 'n bietjie later het die eerste lig van 'n nuwe dag begin skyn. Dit bly mos nie altyd nag nie.

"Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het." Het Hy Hom dan alreeds gegee? Wie was dan die Seun

van God? Hierdie Jesus van Nasaret miskien?

"Ja!" het 'n stem in Nikodemus se hart gesê. "Dit is Hy! Hy is die Messias."

En eendag sou hy die stem nog harder hoor en dit sou al sy twyfel en ongeloof laat verdwyn.

Dan sou die lig helder deurbreek in Nikodemus se hart.

En dan, na 'n paar jaar, sou hy na Christus kom. Dan nie meer in die donker nag nie, maar openlik, sonder om bang of skaam te wees. Wanneer Jesus aan die kruishout hang, soos Moses se slang in die woestyn, en wanneer Hy aan die kruis gesterf het, dan sou Nikodemus aan hierdie nag dink en dan sou hy glo.

Dan sou hy weet wat dit beteken "om weer gebore te word".

En die Here se liefde wat hy nooit kon verstaan nie, maar alleen kon aanbid, sou hom tóg die koninkryk van God laat sien.

441

11. Jesus en die Samaritaanse Vrou

Johannes 4:4-44

IEP onder die grond het die water gemurmel. Die koel water het opgewel in die ou put D waarby die Here Jesus gesit het. Hy het dors gehad.

Dit was middag en vreeslik warm. Twee berge, Ebal en Gerisim, die een kaal en vol rotse, die ander met 'n bietjie bossies en bome, het weerskante van 'n vrugbare dal gelê. In die verte kon 'n mens sien hoe die son skyn op die huise van 'n klein dorpie wat omring was van groen wingerde en vrugtebome.

Hier het vader *Abraham* eenmaal gewoon by die terpentynbome van Mamre. Hier het *Jakob,* toe hy teruggekom het van Laban, sy tente opgeslaan, en dit was hy wat die put laat grawe het. Dit was hier, by hierdie berge, waar Josua, toe hy al oud was, eenmaal die volk bymekaargemaak en afskeid geneem het. En hier sit Hy nou, die Messias, op wie almal gehoop het. Hy was alleen, moeg en natgesweet nadat Hy ver geloop het.

Die dissipels het na die dorp gegaan om kos te koop. Hulle het saam met hul Meester van Judea af gekom en was op pad na Galilea. Die Heiland wou met opset met hierdie pad, deur die land van die Samaritane, loop, maar die dissipels het nie verstaan waarom nie.

EEUE lank het die Jode en die Samaritane mekaar gehaat. Somaar van die begin af het hulle mekaar verag. Dit was toe die Jode nét teruggekom het van Babel en hulle tempel weer wou opbou. Toe het die Samaritane, wat die koning van Aram in die land gebring het, aangebied om hulle te help. Maar die Jode wou hul hulp nie hê nie, omdat hulle hul as 'n heidense volk beskou het. Die Samaritane wou ook die Here dien, maar nie soos die Jode dit gedoen het nie.

Die Jode het met die werk begin, maar die Samaritane en ander mense het hulle dag en nag so geterg en lastig geval dat dit byna onmoontlik was om die werk te doen. Die Jode kon dit alles nie vergeet nie. Later het hulle die tempel, wat die Samaritane op Gerisim gebou het, gaan verwoes.

Nou was hulle nog altyd kwaad vir mekaar, en hulle het mekaar soveel kwaad as hulle kon, aangedoen. Hulle het mekaar vervloek en bespot. Hulle wou mekaar nie in hul huise ontvang nie. 'n Jood en 'n Samaritaan wou glad nie vriende wees nie.

Wat het die Here Jesus in hierdie veragte land kom soek? Hy het by die put gesit en wag en geduldig Sy dors verdra. Toe. kom daar van die dorpie se kant af 'n eensame vrou aangeloop op die warm pad. Op haar kop was 'n groot waterkruik. Sy het by die Here Jesus verbygeloop, maar het Hom nie gegroet nie. Met 'n tou het sy 'n

emmertjie laat afsak in die diep put en toe haar kruik vol lekker koel water gemaak. Nuuskierig het sy gekyk na die man wat daar so stilsit. Sy het gesien Hy voel moeg en dors, maar sy wou teruggaan huis toe.

Toe hoor sy meteens 'n vriendelike stem wat sê: "Gee My asseblief 'n bietjie water om te drink."

Verwonderd kyk sy die vreemdeling aan. Het sy reg verstaan? Die man was mos van die volk van die Jode en hy praat vriendelik met haar? Nog nooit het so iets gebeur dat 'n Jood uit die "onreine" kruik van 'n Samaritaan drink nie.

Nee, sy wou die water nie gee nie.

Byna verskrik sê sy: "Hoe is dit dat U wat 'n Jood is van my vra om te drink terwyl ek 'n Samaritaanse vrou is?"

Jesus antwoord: "As jy die gawe van God geken en geweet het wie Hy is wat vra om te drink, sou jy vir *Hom* gevra het en Hy sou jou lewende water gee."

Lewende water? . . . . 'n Gawe van God? .... Die vrou kon dit glad nie verstaan nie. Maar die vreemdeling het so vriendelik na haar gekyk dat sy Hom nie kon haat of wantrou omdat Hy 442

'n Jood is nie. Sy wis nie wie Hy was nie, maar Hy was so goedgesind dat sy eerbied vir Hom gekry het.

"Meneer," sê sy beleef, "U het nie eens 'n skepding nie en die put is diep .... Of dink u miskien aan 'n ander soort water? Is hierdie put se water dan nie goed genoeg nie? U is tog seker nie groter as Jakob wat hierdie put vir ons gegrawe het nie?"

Toe het Jesus 'n wonderlike antwoord gegee: "Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry. Maar elkeen wat sal drink van die water *wat ek hom sal gee,* sal in ewigheid nooit weer dors kry nie."

Vir die vrou was dit baie raaiselagtig. Sy wis nie dat Jesus praat van die Heilige Gees wat die dors van 'n mens se hart vir altyd kan bevredig nie. Daardeur kan Hy die mens vir altyd gelukkig maak, sodat hy nooit weer iets anders sou begeer nie. Sy het maar net verstaan dat lewende waters iets baie heerliks en aangenaams moet wees. Maar tog wis sy nie wat om daarvan te dink nie. Sy het lag gekry toe sy daaraan dink hoe lekker dit sou wees as sy nie meer aldag so ver hoef te loop of so hoef te sukkel om 'n bietjie water in die hande te kry nie. Sy sê toe: "Meneer, gee my van daardie water, sodat ek nie dors kry en hier hoef te kom skep nie."

En dit wou Jesus graag doen. Hy wou haar die lewende water gee, al kon sy nie verstaan wat dit was nie. Maar eers moes sy haar sonde ken en berou hê, want alleen dan kon die Heilige Gees in haar hart kom. En daarom sê Jesus: "Gaan roep jou man en kom hier."

Die vrou het verleë geword. "Ek het nie 'n man nie," sê sy. Toe sê die Heiland baie ernstig:

"Jy het reg gesê: Ek het nie 'n man nie. Want jy het al vyf mans gehad en die een wat jy nou het, is nie jou man nie. Dit het jy met waarheid gesê."

Toe het die vrou bleek geword van skrik. Sy het gevoel hoe Sy oë tot in die diepte van haar siel kyk, en sy was baie skaam. O ja, sy het geweet hoe bitter sleg sy was. Sy het al baie sonde gedoen in haar lewe en was diep ongelukkig. Partymaal wou sy anders lewe, en daar was altyd 'n brandende dors na reinheid en geluk in haar siel. Sy het al op die berg Gerisim gebid op die plek van die ou Samaritaanse tempel, maar dit het nooit gehelp nie. Het dié wonderlike Man, wat hier by haar sit en haar hele lewe geken het, dit ook geweet? O, Hy moes 'n groot profeet wees, 'n dienaar van God.

"Meneer," sê sy weer, "ek sien U is 'n profeet. Ons vaders het op hierdie berg aanbid en júlle sê dat die plek waar 'n mens behoort te aanbid in Jerusalem is. Wat is nou waar?"

Toe het die Here Jesus haar vertel dat die Vader in die hemel altyd die gebed wil verhoor.

Dit kom nie daarop aan waar 'n mens bid nie, as jy net 'n ware en opregte bidder is. Sy moes haar sonde aan God vertel en niks terughou nie. As sy dit doen, sou sy uitvind dat Hy haar liefhet en dat Hy al lank op haar gewag het.

Met eerbied en dankbaarheid het die vrou na die Here Jesus gekyk toe Hy dié wonderlike woorde sê. Sy het nog nooit iemand so mooi en so leersaam van God gehoor praat nie. Sy het 'n gedagte gekry wat haar baie bly gemaak en tog ook 'n bietjie laat bewe het. Wie was Hy wat alles geweet het van God en ook van die mense? Was Hy nie miskien die Messias nie?

Maar sy het nie gewaag om Hom dit te vra nie. Met 'n hart wat vinnig klop, het sy versigtig geantwoord: "Ek weet dat as die Messias, die Christus, eendag kom, Hy ons alles sal leer."

En toe neem die Here Jesus haar laaste twyfel weg en sê: "Dit is Ek wat met jou praat!"

Die blydskap en verrassing om dit te hoor, was byna te groot vir die vrou. Dan *het* die Messias al gekom en het werklik met haar gepraat! O, nou het alles reggekom. Sy draai net daar en dan om en hardloop om te gaan vertel wat sy gehoor het. Haar kruik water het sy vergeet. Sy het die dissipels, wat net teruggekom het met kos, verbygegaan. En toe sy in haar dorp kom, het sy die blye boodskap daar verkondig: "Kom saam! Reken, ek het 'n Man gesien wat my alles vertel het wat ek gedoen het. Is Hy nie die Christus nie?"

Die mense het haar nog nooit so bly gesien nie. Sy self was so anders dat hulle haar móés glo. En almal het met haar saamgeloop na die plek waar Jesus gesit het.

Die dissipels het intussen by Hom gaan sit en Hom die brood gegee wat hulle gekoop het.

Hulle was baie verwonderd om te sien dat Hy met so 'n slegte vrou, en dit nogal 'n Samaritaan, gepraat het. Maar niemand het dit gewaag om te vra wat Hy vir haar gesê het nie. Maar hoekom begin hul Meester dan nie eet nie? Hoekom lyk Hy so bly terwyl Hy doodstil sit en daar in die verte kyk?

"Meester, eet tog asseblief!" sê die dissipels.

Maar Hy het Sy hoof geskud. Hy het nou nie gedink aan eet of drink nie. Hy het net gedink aan die werk wat Sy Vader Hom gegee het om te doen. As Hy dit maar net goed kon doen en sondaars gelukkig kon maak, het Hy nie aan honger of dors gedink nie.

Toe sê Hy vir hulle: "Ek het voedsel om te eet waarvan julle niks weet nie."

Verbaas kyk die dissipels mekaar aan. "Het iemand dan vir Hom kos gebring?" fluister hulle onder mekaar. Maar toe sê die Here Jesus: "My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het en om Sy werk klaar te maak."

Maar wie sien Hy daar voor Hom in die pad in die warm son? Die mense van Sigar, waar die vrou se huis was, kom daar aangeloop. Die woord wat Hy in die hart van dié een vrou gesaai het, het nou al gegroei en vrug gedra. Hier in Sigar sou dit baie vrugte dra en 'n ryke oes van dankbare, verloste siele oplewer.

"Kyk," sê Hy, "die lande is al wit om afgeoes te word."

Toe sien die dissipels ook dat die Samaritane van Sigar aankom. En hulle was verbaas dat sulke mense na Jesus kom luister. 'n Wonder, wat niemand moontlik geag het nie, het gebeur. En daar was geen haat of veragting by die Samaritane nie. Sy groot liefde het hulle haat laat verdwyn.

Daardie mense was so ingenome met Hom dat hulle Hom gesoebat het om 'n paar dae by hulle in hul stad te bly. En Hy het twee dae by hulle gebly. Toe Hy weggaan, was daar baie wat die lewende water ontvang het en wat nooit weer sou dors kry nie.

En hulle het vir die vrou wat Jesus by die put ontmoet het, gesê: "Eers het ons geglo omdat *jy* dit vir ons vertel het. Maar nou het ons Hom self gehoor. Nou weet ons dat Hy regtig die Christus is, die Saligmaker van die wêreld."

DAARNA het die Heiland verder deur die land gegaan. Oral het Hy die saad van Sy heilige woord gesaai en die werk van Sy Vader gedoen.

444

12. As Julle nie Tekens en Wonders Sien nie

Matthéüs 4:17; Markus 1:14-15; Lukas 4:16-30, Johannes 4: 45-54

IE Here Jesus het verder gegaan en oral waar 'n heilbegerige hart was, het Hy die saad D van Sy woord gesaai. In die harte van die Samaritane het dit al opgekom en baie vrugte gedra. Maar hoe sou dit aanstons in Sy vaderland Galilea gaan?

Dit het alles so mooi gelyk. Die mense wat vooraf van Sy koms gehoor het, het Hom met vreugde tegemoet gegaan. Baie van hulle was met die Paasfees in Jerusalem en het Sy wonders daar gesien: Hoe Hy die tempel gereinig en baie siekes genees het. Van die een dorp na die ander het die mense vertel hoe 'n groot wonderdoener daardie Jesus van Nasaret was. Nou het hulle agter Hom aangeloop, net waar Hy gaan. Hulle wou by wees as Hy weer 'n wonder doen. Hy sou tog seker in Galilea ook groot wonders doen, wie weet!

Van alle kante het hulle na Hom gekom en om Hom gestaan. Hulle het gekom om Hom te *sien,* maar nie om na Hom te luister nie. Hulle wou liewer mooi wonders hê as preke. Liewer wonders sien as Homself.

So het die Heiland in Kana aangekom waar Hy eenmaal water in wyn verander het. En van toe af het die mense nog nie weer 'n wonder daar gesien nie.

SEWE uur te voet ver van Kana het 'n vader gesit by die bed van sy kind. Dit was in Kapernaum, 'n dorpie aan die strand van die see van Galilea.

'n Seuntjie het gelê en hyg na asem. Sy wangetjies was rooi van die koors en sy borsie het vinnig op en af gegaan. Bedroef het sy vader sy handjie vasgehou en gesien hoe die dood al nader kom. Miskien sou hy nog net 'n dag lewe. Dan sou sy vader geen kind meer hê nie.

Die vader was wanhopig. Hy het gedoen wat hy kon en geen koste gespaar nie. Hy was ryk en geëerd, 'n dienaar in koning Herodes Antipas se paleis in Tiberias. Maar wat het al sy geld en eer hom nou gehelp? Die dood het hom nie daaraan gesteur nie. Hy kom na lyk en arm, oud en jonk.

Wat so verskriklik vir die vader was, was juis dat hy geen hoop meer vir sy kind gehad het nie. Sy hart was verskeur van droefheid.

MAAR die tyding dat Jesus na Galilea gekom het, het Kapernaum ook bereik. Ook die koning se dienaar het dit gehoor.

Skielik het daar weer lig gekom in sy dowwe oë. Hy het opgespring. Jesus van Nasaret, Hy was die enigste een wat hier kon help. Sy mag was so wonderlik groot. Hy was seker nou in Kana, het die mense gesê. Die vader sou nie omgee om te loop tot aan die einde van die wêreld nie as sy kind se lewe tog maar net kon gered word.

Nog een maal het hy na sy seun gekyk. O ja, daar was nog hoop vir hom! As hy Jesus tog maar net gou kon vind, en as Hy dadelik wou kom, sou Hy miskien nog betyds wees! Die vader het uit sy huis gesnel en al langs die kronkelpad van die bergagtige landstreek gehardloop. Die pad was ver en moeilik. Die man het die môre vroeg begin, maar dit was al na die middag toe hy in Kana kom.

Daar het die Here Jesus gestaan en preek. Was al die mense wat luister beter as die ongelowige priesters in Jerusalem? Sou hulle ook eers 'n wonder wil sien voor hulle glo? Die Samaritaanse vrou het geen wonder gesien nie en het tog geglo. Haar hart was oop vir die saad van Jesus se woord. Maar die harte van hierdie mense was net so hard en onvrugbaar soos die klipperige grond waarop hulle hul huise gebou het.

Skielik dring daar 'n man tussen die menigte mense deur. Uitasem en vol stof het hy hom voor Jesus gebuig.

"Here," het hy gesmeek, "my kind lê op sterwe. Kom asseblief tog na my huis en red my kind!"

445

Al weer iemand wat 'n wonder wil hê! Die mense het nader gestaan. Hulle het hul nekke gerek om niks te mis nie, en 'n mens kon aan hul oë sien hoe opgewonde hulle word! Al moes hulle almal saamloop na Kapernaum, hulle wou daar by wees as die kind gesond gemaak word.

Maar die Heiland het bedroef gesê: "As julle nie tekens en wonders sien nie, sal julle nooit glo nie."

Die koning se dienaar het dit miskien nie eens mooi verstaan nie. Hy het maar net aan sy arme kind gedink. Hoe sou dit tog nou met hom gaan? Sou hy nog lewe? In die grootste angs het hy sy hande gewring en gesmeek: "Asseblief tog, Here, kom saam met my voor my kind sterwe!"

En toe Jesus hom aankyk, sien Hy dat dieselfde geloof in sy hart was as in dié van die Samaritaanse vrou. Dit was die regte, die ware geloof, wat nie nodig het om eers wonders te sien nie.

Toe sê die Here Jesus: "Gaan maar huis toe. Jou kind lewe!"

En kyk, *daardie* woord was genoeg vir die man. Trane van blydskap en dankbaarheid het in sy oë gekom.

Sy kind lewe! Sy kind is gered! Daaraan het hy geen oomblik getwyfel nie. Baie bly het hy teruggegaan op die lang pad huis toe.

Toe hy die volgende dag in Kapernaum kom, het sy dienaars hom verheug tegemoet geloop. "U kind lewe!" het hulle uitgeroep.

Hy vra toe wanneer hy beter geword het, en hulle sê: "Gister om eenuur het die koors hom verlaat." Dit was dieselfde tyd toe Jesus gesê het: "Jou kind lewe." Hy was myle en myle ver van die kind af en tog kon Hy hom genees.

Toe het die man en sy hele huis geweet dat Jesus die Messias, die Saligmaker, was, wat in die wêreld sou kom. En hulle het almal in Hom geglo.

Nou het daar tog 'n wonder gebeur, maar geeneen van dié wat dit so graag wou sien, het dit gesien nie.

Maar Jesus wou nie bekend wees as maar net 'n wonderdoener nie. Hy het nie gekom om die mense te vermaak nie. Hy het gekom om sondaars *salig* te maak.

En dat sondaars gered is, was eintlik ook die grootste wonder wat kon gebeur. As hulle maar net met geloof wou luister na Sy woord.

OOK Nasaret het die Heiland besoek. Daar is Hy opgevoed en daar het almal Hom geken.

Hulle het Hom weer op straat sien loop net soos vroeër. Op die Sabbatdag het hulle gesien hoe Hy saam met ander mense na die sinagoge, of die Joodse kerk, gaan. In daardie gebou het die mense saamgekom om die Naam van God te **loof, en** daar het die Skrifgeleerdes hulle geleer. Dit het gelyk asof alles nog net so was soos toe Jesus daar gewoon het.

Maar ook hier het die wonderlike tyding deurgedring van die groot dinge wat Hy op ander plekke gedoen het.

"Wie sou dit kon dink van daardie timmerman?" het die mense gevra. "Ja, maar Hy moet darem iemand buitengewoon wees, daardie Seun van Maria," het almal gedink. En hulle was trots daarop dat Hy van hulle dorpie gekom het. Party het selfs gefluister dat Hy miskien die Messias was. "Ag wat," het ander gedink, "hoe kan Hy, die seun van 'n timmerman wat almal geken het, die Messias wees!" Nee, dit was onmoontlik! Hy het dan onder hulle gewoon, en almal het Hom net so gesien werk soos enige ander mens. Hy kon nie die Messias wees nie! Die Messias moet baie groter en vernamer wees as Hy. Maar nou sou hulle gou weet of Hy wonders kon doen. As Hy dit op ander plekke gedoen het, hoekom nie in Sy eie stad nie?



In Nasaret. Hier iewers het gebeur wat in Luk. 4:16 beskrywe is. "Toe kom Hy in Nasaret waar Hy opgevoed was; en soos Hy gewoond was, gaan Hy op die sabbatdag in die sinagoge en staan op om te lees."

En nou sit Hy daar by hulle in die sinagoge, net soos hy jarelank, Sabbat na Sabbat, gesit het, beskeie en stil. Maar toe die oomblik kom dat daar uit die boek van die profete moes gelees word, toe was dit Hy wat opstaan en die boekrol neem van die dienaar. Hy het dit oopgerol en toe daarmee voor die lessenaar gaan staan. Daarna het Hy die gedeelte gesoek wat daardie dag moes gelees word. En dit het doodstil in die sinagoge geword. Dit was die boek van die profeet Jesaja wat Jesus in Sy hande gehad het.

Hy lees toe: "Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om dié wat verbrysel van hart is, te genees, om aan die gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig .... om die aangename jaar van die Here te verkondig."

Die was mooi woorde en die mense het hulle goed verstaan. Jesaja het vertel van die heerlike tyd van die Messias. Dan sou Hy aan die armes en die eenvoudiges die blye boodskap van die liefde van God bring.

Almal wie se hart van droefheid gebreek was, sou weer gelukkig gemaak word. En almal wat gevangenes van die sonde was, sou deur Hom vrygemaak word.

O, daardie jaar van die Here sou aangenaam wees! Hoe lank sou hulle nog moet wag totdat dit kom?

En kyk, nadat Jesus die boekrol teruggegee het aan die dienaar het Hy gaan sit om die mense toe te spreek. (Dit was die gewoonte in die sinagoge dat 'n man *staan* as hy uit die Woord van God lees, maar dat hy *sit* as hy sy eie woorde spreek.) Almal het nou met bewondering, en 'n bietjie nuuskierig, na Jesus gekyk.

En onderwyl hulle aandagtig geluister het, het hulle hul al meer verwonder. Nooit tevore het hulle iemand so mooi en leersaam gehoor praat oor die Woord van God nie.

447

Die berg by Nasaret. "En almal in die sinagoge is met woede vervul toe hulle dit hoor; en hulle het opgestaan en Hom uit die stad uitgedryf en Hom gebring tot op die rand van die berg waarop hulle stad gebou was, om Hom van die krans af te gooi. Maar Hy het tussen hulle deurgeloop en weggegaan" (Luk. 4:28, 29).

Waar sou die eenvoudige timmerman Sy geleerdheid vandaan gekry het? Hy het so duidelik gepraat oor die woorde van Jesaja asof Hy hulle net so goed verstaan het soos Jesaja self.

En hoor tog, wat sê Hy nou?

"Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul."

Wat beteken dit? Het die jaar van die Here dan al gekom? Ja, het die Messias al gekom?

Maar wie was die Messias dan? Sou dit regtig Hy wees wat maar die seun van Josef was?

Nou was dit glad nie meer so stil in die sinagoge nie. Baie mense het onder mekaar gefluister en met Hom gespot.

"Hoor daar, Hy sê Hy is die Messias! Hy, daardie timmerman, wie se broers ons almal ken!

Verbeel jou, Jakobus en Joses en Simon en Judas, broers van die Messias! En Sy susters woon ook hier by ons. Wat verbeel Hy Hom! Hy is niks meer as ons nie! Kan Hy ons al die goeie dinge gee waarvan Jesaja praat? Sou Hy al die wonders doen? Nou ja, hoekom doen Hy hulle dan nie sodat ons kan sien Hy is die Messias?"

Hulle was eiewys en ongelowig. Die Here Jesus het dit gesien en Hom verwonder dat hulle so vreeslik ongelowig was. Hy was bedroef toe Hy verder praat; en nou moes die mense skerp taal van Hom hoor. Hy het hulle vertel dat mense 'n profeet nooit in sy eie vaderland eer of erken nie. Waarheen het God die profeet Elia lank gelede gestuur toe daar groot hongersnood in die land was? Nie na sy eie mense nie, maar na 'n heidense vrou in Sarfat, en sy is deur die Here geseën. In Israel was daar ook baie weduwees, maar Elia moes nie na hulle gaan wat hom goed geken het nie.

En daarna, in die dae van Elisa, was daar ook baie melaatses in Israel, maar niemand van hulle het na die profeet gegaan om gesond gemaak te word nie. Net die vreemdeling, 448

Naäman die Arameër, het gekom. Heidene het die goeie dinge gekry wat die ongelowige Israeliete nie wou neem nie.

Toe die mense in die sinagoge dit hoor, het hulle woedend opgespring. Dink hierdie timmerman dan Hy kan maar net alles sê wat Hy dink!

Was die heidene dan beter as hulle? Het die heidene meer geloof? En dink Hy miskien dat as die Messias kom, Hy dié wat in Nasaret woon, sou verbygaan? Iemand wat waag om so te praat, mag nie lewe nie! Hulle het die Here Jesus beetgepak en Hom uit die sinagoge gesleep. Hier was geen plek vir Hom nie.

Hulle het Hom gesleep en gestoot tot op die steil rand van 'n hoë heuwel. Hulle wou Hom daarvandaan afstoot sodat Hy Hom kon dood val. Hulle dag Hy is 'n bedrieër en 'n spotter wat sê Hy is self die Messias. As Hy dood is, sou Hy hulle nie meer kon bestraf nie.

Die Heiland kon Sy vyande in 'n oomblik laat dood val. Hy kon vuur uit die hemel laat kom om hulle te vernietig. Maar stil en sagmoedig soos 'n lam het Hy Hom deur hulle laat stoot.

Al het hulle gespot met Hom en Hom beledig, het Hy Sy vyande tog nog liefgehad. Tot die laaste oomblik het Hy hulle tyd gegee om hulle te bekeer.

Maar toe Hy bo-op die heuwel, op die rand van die vreeslike afgrond, gekom het, het Hy stilgestaan en Hom omgedraai. Hulle het ver genoeg met Hom gegaan. Sy uur om te sterwe, het nog nie gekom nie. En meteens, toe Hy Sy aanvallers met Sy heilige oë skerp aankyk, het hulle teruggedeins. Hulle het gebewe. Hul hande het slap geword, hul tonge kon Hom nie meer uitskel nie. En toe het die Here Jesus regop en met die majesteit van 'n koning weggeloop. Niemand kon Hom nou hinder nie. Almal was vreesbevange.

Die klein dorpie Betlehem, op die heuwels suid van Jerusalem, word vandag nog bewoon. "En jy, Betlehem Efrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid" (Miga 5:1). In hierdie woorde het die profeet

'n paar honderd jaar voor die koms van die Messias reeds Sy geboorte in Betlehem voorspel.

Iewers in hierdie omgewing het die skaapherders die boodskap van die engel ontvang en na die hemelse leërskare geluister. "En toe die engele van hulle weggegaan het na die hemel, sê die herders vir mekaar: Laat ons dan na Betlehem gaan en hierdie ding sien wat gebeur het, wat die Here aan ons bekend gemaak het" (Luk. 2:15).

Nou het hulle tog 'n wonder gesien, nou dat hulle dit nie meer verwag het nie. Maar deur daardie wonder is hulle van die Saligmaker geskei. Hy het Nasaret verlaat.

450

13. Ons Smarte het Hy Gedra

Matthéüs 8:14-17; Markus 1:21-35; Lukas 4:31-42

IT was op 'n Sabbatdag in Kapernaüm. Niemand het gewerk nie. Die vissers se skuitjies D het op die strand gelê. Die boer het sy ploeg nie

gebruik nie. Die smid het geen vuur gemaak nie.

Op hierdie dag van die Here het die mense na die sinagoge gekom — vissers en "boere en winkeliers en skaapwagters, mans en vroue, rykes en armes. Allerhande soorte mense het in die huis van gebed ingegaan.

En toe hulle klaar gebid het, kyk, toe was dit weer net soos in Nasaret toe Jesus opgestaan het om die Woord van God te lees en daaroor te praat.

Maar *hier* het niemand gespot nie. Eerbiedig het die mense geluister. Hulle was verbaas, maar bly om te hoor wat Hy sê. Alles het so nuut vir hulle geklink.

Die vername rabbi's, of leraars, die Fariseërs en die Skrifgeleerdes na wie hulle dikwels moes luister, het gewoonlik heeltemal anders gepraat. Meestal het hulle gepraat van die streng wette van Moses, en nog van ander wette wat hulle self gemaak het. Almal moes die wette gehoorsaam as hulle nie gestraf wou word nie. Hulle het die lewe vir die mense byna ondraaglik gemaak met al die swaar laste van die wet.

Maar hierdie Rabbi, hierdie leraar Jesus, Hy het die laste weggeneem. Hy het hulle nie met straf gedreig nie. Vir almal wat bedroef was omdat hulle nie die wette van God kon hou nie, het Hy troos gehad. Hy het gepraat van die Here se liefde vir sondaars. Hy het aan almal wat berou gehad het oor hul sonde die blye boodskap van die genade van God gebring. Hy het heerlike rus belowe aan elkeen wat moeg was van die swaar las van die sonde.

Sulke mooi woorde het die mense nog nooit tevore gehoor nie. Met ontroering het hulle doodstil gesit en luister. Net die stem van Jesus is daar gehoor.

Maar skielik skrik almal hewig toe hulle 'n *ander* stem hard en grof hoor skreeu. En hulle sien 'n man in die sinagoge staan wat so wild

en kwaai rondkyk asof hy nie die mooi woorde van liefde en seën kon verdra nie. Met 'n harde stem het hy uitgeskreeu: "Ha! Wat het ons met U te doen, Jesus, Nasarener! Het U gekom om ons dood te maak? Ek ken U, ek weet wie U is: die heilige seun van God!"

Almal het met beangste gesigte gekyk na die woeste man wat so oneerbiedig in die huis van die Here te kere gaan. Hulle het hom goed geken. Daar was 'n duiwelse gees in hom en hy was een van die ongelukkige mense vir wie daar geen raad of genesing was nie. Hy was die slaaf van die bose gees wat in sy hart gewoon het, en dié gees het hom gepynig en gemartel. Dit was daardie gees wat deur sy mond gepraat het. Die arme man het self nie geweet wat hy doen of sê nie.

En die Here Jesus wat alles geweet het, was nie *kwaad* vir hom nie. Inteendeel, Hy het hom innig jammer gekry. Hy het immers gekom om die duiwel se mag te breek, en daarom was die bose gees in die man so woedend kwaad.

Jesus het opgestaan. Sy stem was beslis en streng toe Hy sê: "Bly stil, en gaan uit die man!"

En die onreine gees moes dadelik gehoorsaam. Maar dit was asof hy hom moes *losskeur* van die man. Hy het die man op die grond laat val en toe hard geskreeu en uitgegaan sonder om hom seer te maak.

Toe die man daar lê, was hy heeltemal stil. En toe staan hy op soos iemand wat 'n baie nare droom gehad en wakker geword het. Verwonderd het hy rondgekyk. Maar nou was sy oë net so helder en verstandig soos dié van ander mense. Hy was heeltemal gesond en kon gelukkig huis toe gaan.

En die inwoners van Kapernaüm wat die wonder gesien het, het met verbasing en eerbied 451

na Jesus gekyk. "Wie is Hy tog," het hulle gevra, "dat selfs die onreine geeste Hom moet gehoorsaam?" Maar hulle het goed geweet dat Hy die "heilige seun van God" was. Hulle het oor niks anders gepraat nie, en oral in die omtrek vertel wat gebeur het.

MET Sy dissipels het die Here Jesus uit die sinagoge gegaan na die huis van Petrus en Andreas. Die mense was daar hartseer, want Petrus se skoonmoeder was baie siek. Sy het

'n hoë koors gehad.

Maar toe hulle Jesus van haar vertel, het Hy dadelik na haar bed gegaan. Hy het haar warm hand in Syne geneem en die koors bestraf. En dadelik het dit verdwyn. Sy het opgestaan, sterk en gesond, en soos 'n ware huismoeder weer vir haar familie begin sorg.

DIE Sabbatdag het verbygegaan. Die son was onder. Dit het nog net so effens rooi geskyn op die toppe van die berge rondom die see van Galilea. Die nag was aan kom. Maar oral uit die dorpie Kapernaüm

het 'n menigte mense gekom na die huis waar Jesus was. Blinde mense is gelei tot by die deur. Kreupeles het op krukke aangeloop gekom. Siekes en gebreklikes is aangedra. Daar was ook mense wat met toue vasgebind was omdat daar bose geeste in hulle was.

Die hele dag het hulle al gehoor wat in die sinagoge gebeur het. Hoe het die ongelukkige siek mense tog nie gewens om gou by Hom te kom nie! Maar hulle was bang om op die Sabbatdag te gaan, want hulle leraars het dit altyd verbied dat siek mense op dié dag 'n dokter sou raadpleeg.

Maar noudat die son onder was, was die Sabbat gelukkig verby. En hier was nou al die ongelukkige, siek en gebreklike mense by die huis waarin Jesus was. Hulle het geroep en gesmeek Hy moet buitentoe kom en hulle gesond maak.

Die meer van Galilea naby die plek waar die Jordaan uitvloei om kronkelend sy weg na die Dooie See te vind. Hoe dikwels was Jesus langs (of in 'n boot op) die see van Galilea!

Die berge op die agtergrond het heel moontlik ook Sy voetstappe geken.

En Hy het dit gedoen. Van die een na die ander het Hy gegaan en elkeen met Sy geseënde hande aangeraak. En kyk wat gebeur! Net wie Hy aanraak, het dadelik gesond geword. Oë wat jare lank toe was, het meteens oopgegaan, en hulle kon sien! Tonge wat al die tyd stil was, het weer duidelik begin praat. Voete wat krom was, het reguit geword en kon dadelik loop, en die kreupeles kon spring van vreugde.

En toe Hy klaar was met Sy groot werk, was daar 'n menigte gesonde en bly mense rondom Hom. Dié wat kreupel was, kon weer loop, en dié wat blind was, kon sien. Hulle het geweet wie dit was wat hulle gesond gemaak het, en almal het baie dankie gesê. Dit was die

lieflikste Sabbatdag van hul lewe. Dit was vir hulle 'n ware dag van die Here, wat hulle nooit sou vergeet nie.

So is vervul wat Jesaja gesê het: "Hy (het) óns krankhede op Hom geneem en óns smarte

— dié het Hy gedra."

DIT was al diep in die nag en al die mense het lankal geslaap. Maar die deur van 'n sekere huis het oopgegaan en die Here Jesus het buitentoe gekom. Hy het deur die stil en donker strate geloop en toe al langs die see totdat Hy by 'n berg gekom het. Hy het die berg uitgeklim en daarbo tussen die rotse het Hy neergekniel.

Lank het Jesus gebid. Later het dit begin dag word en die sterre het die een na die ander verdwyn. En al die tyd het Hy tot Sy Vader gebid en nuwe krag gekry om weer 'n moeilike dag se werk te doen. Toe Hy teruggaan, het die voëltjies al gesing en die son het al geskyn.

14. Vissers van Mense

Matthéüs 4:18-22; 9:9-13; Markus 1:16-20; 2:13-17; 3:13-19; Lukas 5:1-11 en 27-32; 6:12-16

ENDAG het Jesus op die strand van die meer naby Kapernaüm gestaan en voor Hom E was 'n menigte mense. Uit al die dorpies in die omgewing het hulle na Hom gestroom.

Na wat Hy op daardie Sabbatdag in Kapernaüm gedoen het, het die mense baie na Hom toe gekom. Net waar Hy gegaan het, het hulle agter Hom aangeloop.

Almal wou só graag hoor wat Hy sê dat hulle saamgepak het om Hom, en in hul geesdrif het hulle Hom byna in die water gestamp.

Maar gelukkig was daar twee skuitjies naby die kant. Die een het aan Petrus behoort en die ander een aan Sebedeüs, die vader van Johannes en Jakobus. Hulle was besig om hul nette uit te spoel nadat hulle teruggekom het van 'n vangs. Toe klim die Heiland in die skuitjie van Petrus en sê hy moet so 'n klein entjie wegvaar. Toe kon Jesus in die skuitjie sit en ongehinderd verder praat met die mense op die strand. Aandagtig het hulle geluister toe Hy praat van daardie hemelse dinge waarna almal verlang het. Dit was asof Hy die mense vasgehou het met Sy mooi woorde.

Toe Hy uiteindelik klaar was met praat was die son al hoog op en dit was middag. Toe sê Hy: "Vaar uit na die diep water en laat julle nette sak om vis te vang."

Verwonderd het Petrus Hom aangekyk. Nou op die middag? Dis mos nie nou tyd om vis te vang nie!

"Meester," antwoord hy, "ons het die hele nag deur hard gewerk en niks gevang nie.... " En toe bedink hy hom en buig gehoorsaam sy kop. "Maar," sê Petrus verder, "op U woord sal ek die net laat sak!"

Sy broer Andreas het hom gehelp om die seil te span. Die windjie het dit geskep en gou-gou was hulle skuitjie op 'n plek waar die water baie diep was. En toe gooi hulle die net uit.

Petrus kon nie dink dat hulle iets sou vang op die warmste uur van die dag nie.

Maar skielik sien hy hoe die dobbers aan die nette ondertoe sak en die lyne waarmee die nette aan die skuit vasgemaak is, styftrek. Gou het hy en Andreas die lyne gegryp en die nette in die skuit begin trek. Daar was 'n gebruis en gespartel asof die water kook! So vol vis was die net dat hulle dit nie uit die water kon trek nie, en dit het al begin skeur.

Hulle vissersharte het vinnig geklop van opgewondenheid en blydskap, Hulle het geroep en gewink dat hul maats in die ander skuit

moes kom help. Na hulle kom help het en die net opgetrek is, het hulle altwee die skuite so volgemaak dat hulle amper gesink het. Verbaas het die manne gestaan en kyk na die menigte visse wat hulle so maklik gevang het. Petrus was so skaam dat hy amper nie in die gesig van die Here Jesus kon kyk nie. As die Meester dan die visse daar in die diepte van die see kon sien, sou Sy heilige oë mos ook al die twyfel en sonde in die donker dieptes van Petrus se hart kon sien.

O, Petrus het hom nie werd geag om naby die Heiland te wees nie. Hy het aan die knieë van Jesus neergeval en gesê: "Gaan weg van my, Here, want ek is 'n sondige man."

Maar die Here Jesus het hom aangeraak en vriendelik gesê: "Moenie bang wees nie. Van nou af sal jy mense vang." En vir die ander

het Hy gesê: "Kom agter My aan, en Ek sal julle vissers van mense maak."

Wat sou dit tog beteken? Sou hulle eendag in die wêreld uitgaan soos op die see en mense vang met die Woord van God en hulle dan in Sy koninkryk inbring?

Petrus en die ander, Andreas, Johannes en Jakobus, wou dit baie graag doen! En toe hulle hul skuite weer aan land gebring het, het hulle alles verlaat — hul huise en families en al hul besittings — en Jesus gevolg.

Vissers besig op die see van Galilea. "En terwyl Hy langs die see van Galilea loop, sien Hy Simon en Andréas sy broer, besig om 'n net m die see uit te gooi; want hulle was vissers. En Jesus sê vir hulle: Kom agter My aan, en Ek sal maak dat julle vissers van mense word" (Mark. 1:16, 17).

455



Hulle sou nou 'n baie groter en heerliker werk doen as net om vis te vang. En as die Here hulle self lei, sou hulle dan nie baie meer mense vang nie?

DIT was nie lank daarna nie of meer mense het gekom om Jesus te volg net waar Hy gaan.

Een van hulle was selfs 'n tollenaar, een van daardie veragte sondaars wat nie in die huis van die Fariseërs mag kom nie. Sy naam was Levi. Die Here Jesus het hom in sy kantoor by sy geld en papiere sien sit,

en Hy het geweet hoe Levi se hart na Hom verlang het. Toe sê Hy vir hom: "Volg My!" En Levi het dadelik gehoorsaam.

Levi het toe 'n groot maaltyd in sy huis gegee en al sy vriende genooi wat net sulke tollenaars was soos hy. Baie ander mense het ook gekom, want Levi was 'n gasvrye man.

Sy huis het vol geword van tollenaars en ander sondaars. En tussen hulle in het Jesus gesit.

Toe die Skrifgeleerdes en Fariseërs dit sien, het hulle verbaas gestaan en hulle was baie verontwaardig. Hulle sou nie die kos van 'n tollenaar eens wou aanraak nie. O nee, hulle het nie hul voet oor die drumpel van sy huis gesit nie. Daarvoor was hulle te goed en te vroom.

Maar hoe kon Hy, wat die volk wou leer om na die Here God te kom, Hom dan so onrein maak deur Sy aanraking met slegte mense? Die Fariseërs het kwaai gekyk en vir die dissipels gevra: "Hoekom eet julle Meester saam met tollenaars en sondaars?"

Jesus het dit gehoor en bedaard geantwoord: "Mense wat gesond is, het die dokter nie nodig nie, maar dié wat siek is. Ek het nie gekom om vir die goeie mense te sê hulle moet hul bekeer nie, maar vir die sondaars."

En Hy het langer in daardie huis gebly. Hy het by sondaars behoort, soos 'n dokter by siek mense.

Visnette by Tiberias, langs die kus van Galilea. "En dadelik het hulle hul nette laat staan en Hom gevolg" (Mark. 1:18).

Maar die Fariseërs wou nie glo dat Hy die ware hemelse Geneesheer was wat in die wêreld sou kom om al die siekte en sonde te genees nie. En daardie hoogmoedige maar dwase mense het nie geweet dat

hulle eie harte só hard en sleg was dat hulle Hom miskien self die meeste nodig gehad het nie. En hulle het met minagting teenoor Hom en die tollenaars weer huis toe gegaan.

Maar dit was 'n wonder wat op daardie dag gebeur het, dat die ryk man Levi werklik sy huis en sy geld laat staan het, om soos 'n arme bedelaar die Heiland te volg. En tog was hy toe ryker as ooit tevore.

NIE lank daarna nie het die Here Jesus 'n hele nag op 'n berg gaan bid. En toe het Hy uit al die mense wat Hom gevolg het twaalf manne uitgekies om Sy dissipels te wees. Dissipel beteken 'n *leerling.* Hulle sou by die Here skoolgaan. Sewe van hulle het Hy al tevore geroep! Simon Petrus en sy broer Andreas, Jakobus en sy broer Johannes, Filippus en Nataneal, wat later Bartholomeüs genoem is. Die sewende een was Levi, die tollenaar. Hy is later Mattheüs genoem. Nou het nog vyf bygekom, naamlik Thomas, 'n stil, swaarmoedige man; en nog 'n Jakobus, die seun van Alfeüs; en Judas of Thaddeüs. Dan was daar ook Simon met die bynaam Selotes, want hy het voorheen aan die Selote behoort. Hulle was dwepers wat vurig begeer het om die Romeine met die swaard uit hulle land te verdrywe. En die twaalfde dissipel se naam was ook Judas, met die bynaam Iskariot.

Van nou af het hierdie twaalf manne die Here Jesus gevolg net waarheen Hy gaan. Hulle was Sy besondere vriende terwyl Hy oral baie vyande gehad het. Partymaal het Hy hulle na sekere dorpe gestuur om daar te gaan preek. Hulle sou eendag Sy apostels wees. Apostel beteken *iemand wat gestuur is,* net soos ons woord "sendeling". Vissers van mense sou hulle wees.

15. Die Bergrede

Mattheüs 5:1-8; Markus 4: 21-24; Lukas 6:17; 11: 2b-13; 12:22-34

ET Sy twaalf dissipels het Jesus die hele Galilea besoek. Net waar Hy gekom het, het M Hy die blye boodskap gebring, naamlik dat die

langverwagte hemelse koninkryk al gekom het. En oral het Hy siek mense gesond gemaak.

Daar is van Sy groot wonders selfs buitekant die land van Israel vertel. Altyd het meer mense na Hom gekom. Hulle het vir Hom langs die pad gewag wanneer Hy na 'n dorp kom.

'n Menigte mense het Hom altyd gevolg.

Dit het waarlik gelyk asof 'n koning met sy dienaars deur die land reis. En Hy was ook 'n koning, maar nie die soort koning wat die mense verwag het of wou hê nie. Ag, hulle en ook Sy dissipels het Hom nog so sleg geken. Hulle het sulke dwase dinge van Hom verwag. Die Skrifgeleerdes en die Fariseërs het hulle vertel dat as die Messias kom, Hy 'n groot en magtige koninkryk sou stig en dat Hy die Romeine sou verdryf uit die land. Hulle het gesê Hy sou oor al die volke van die wêreld met strengheid regeer. Ook het hulle geleer dat elkeen wat 'n goeie burger van die koninkryk wou wees, net soos hulle die wette van Moses en honderde ander reëls deeglik moes ken en stiptelik daarvolgens moes lewe.

Maar die geleerde mense het self niks of min verstaan van die ware koninkryk van die hemele.

EENDAG, toe 'n groot menigte mense die Here Jesus omring het, het Hy teen die helling van 'n heuwel uitgeklim en daar gaan sit. Sy twaalf dissipels het aan Sy voete gesit en die ander mense 'n bietjie laer af, op die gras en die klippe. Stil en eerbiedig het almal na Hom geluister. Dit was 'n mooi dag. Die son het geskyn en 'n voëltjie het naby in 'n bossie gesing.

Toe het die Here Jesus gepreek, so mooi soos niemand nog ooit gedoen het nie. Hy het vertel dat Sy koninkryk nie van die aarde was nie, maar dat dit die koninkryk van die hemele was. Dié wat daaraan wil behoort, moet niemand haat of kwaad aandoen nie, maar moet almal liefhê.

En wie sal die burgers van daardie koninkryk wees?

Nie die Fariseërs nie.

Nie die hoogmoedige man wat spog met sy rykdom nie, maar juis dié een wat voel hoe arm hy is en alles van die Here verwag. Hy moet wees *arm van gees.*

Nie die een wat tevrede is met homself nie, maar die een wat treur oor sy sonde.

Nie die mense wat roof of baklei nie, maar dié wat sagmoedig is.

Nie dié wat altyd net aan hulself dink nie, maar dié wat vurig verlang na die Here en Sy geregtigheid.

Nie dié wat wreed en hard van hart is nie, maar dié wat vir ander jammer voel.

Nie dié wat allerhande sonde doen en aan lelike dinge dink nie, maar dié een wie se hart skoon en rein is.

Nie die rusiemakers nie, maar dié wat die vrede liefhet.

Nie die wat mense beledig en vervolg en ander sleg behandel nie, maar dié wat gewillig is om die Here te bely en vir Sy Naam uit te kom, selfs al word hulle as gevolg daarvan vervolg en gemartel.

Hulle almal sal gelukkig wees omdat die Gees van God in hulle harte sal woon.

Wat die Here Jesus eintlik gesê het, was:

Salig is dié wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.

Salig is dié wat treur, want hulle sal vertroos word.

Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe.

Salig is dié wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word.

Salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.

Salig is dié wat rein van hart is, want hulle sal God sien.

Salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.

Salig is dié wat vervolg word ter wille van die geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.

Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil.

Verbly en verheug julle, omdat julle loon groot is in die hemele; want so het hulle die profete vervolg wat voor julle gewees het.

O, daardie koninkryk van die Messias sou heeltemal anders wees as wat die Joodse leraars vertel het.

Hulle het baie wette gehad — in die koninkryk van die hemele is daar net een groot wet: *die liefde.* 'n Mens moet die Here God meer as almal en alles liefhê. En jy moet al die mense liefhê, nie net jou vriende en dié wat goed is nie, maar ook jou vyande en die slegte mense.

Die Joodse leraars het die mense geleer: "As iemand jou slaan, slaan terug. As hy jou haat, haat hom ook. As hy jou tand uitslaan, slaan sy tand ook uit, of jou oog, ook sy oog."

Maar Jesus het gesê: "Moenie maak soos hulle julle wil leer nie. Doen soos Ek sê. Moenie 'n slegte mens weerstaan nie. As hy jou op jou regterwang slaan, draai ook die ander een na hom toe.

"Julle het gehoor dat hulle sê: Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand moet jy haat. Maar Ek sê: Julle moet jul vyande liefhê; seën dié wat julle vervloek. Doen goed aan dié wat vir julle haat. Bid vir dié wat julle kwaad aandoen. Doen dit alles, sodat julle kinders mag wees van jul Vader in die hemel, want Hy doen goed aan al die mense, of hulle nou goed of sleg is. Sy son skyn vir almal en Hy laat reën vir almal, vir die goeies en die slegtes. As julle net dié liefhet wat vir julle liefhet, kan julle nie beloning verwag nie. Die sondaars doen ook maar so.

As julle net jul broers groet, is julle dan beter as ander mense? Die sondaars doen ook maar so, en hulle is nie volmaak nie.

"Maar julle moet volmaak wees deur selfs nie die kleinste slegte dingetjies te doen nie, maar net te doen alles wat goed is. Wees volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is."

Verder het Jesus gesê dat Sy dissipels tog nie na die Fariseërs moet kyk om hulle voorbeeld te volg nie. As die Fariseërs liefdadigheid bewys of geld gee vir arm mense, was dit net om te spog en nie omdat hulle jammer was vir die armes nie.

Die Here se dissipels moes nie liefdadigheid bewys net omdat hulle wil hê die mense moet sien hoe goed hulle is nie. Nee, as hulle iets met die regterhand aan iemand gee, moet die linkerhand nie eens daarvan weet nie.

DIE Heiland het ook gepraat van die gebed. Die Fariseërs het die gewoonte gehad om somaar op die hoek van 'n straat lank te staan en bid, sodat die mense hulle kan eer.

Maar dit was nie ware gebed nie. Dit was maar net 'n opsê van mooi woorde. So 'n gebed sou nie verhoor word nie. Jesus het gesê:

"Maar jy, wanneer jy bid, gaan na jou slaapkamer en bid jou Vader wat in die verborge is. Hy sal jou openlik gee wat jy gevra het. En as jy bid, moenie so baie woorde oor en oor sê soos die heidene doen nie. Hulle verbeel hulle dat hul verhoor sal word net omdat hulle so geweldig baie woorde gebruik. Moenie soos hulle word nie, want jul Vader weet wat julle nodig het nog voor julle bid."



'n Bloekomboom aan die kant van die see van Galilea. Die Heiland het ongetwyfeld dikwels mossies en ander voëls in bome langs dié soetwatermeer gesien. " Word vyf mossies nie vir twee stuiwers verkoop nie ? En nie een van hulle is voor God vergeet nie

.... *Wees dan nie bevrees nie: julle is meer werd as baie mossies" (Luk. 12:6,* 7).

460

Die Mariafontein. Aangesien dit die enigste fontein is wat deur die eeue heen deur die inwoners van Nasaret gebruik is, kan ons ons voorstel hoe Maria en die Kindjie Jesus elke dag hier kom water haal het. "En die Kindjie het gegroei en sterk geword in die gees en vol van wysheid. En die genade van God was op Hom" (Luk. 2:40).

Nasaret op 'n hoogte aan die noordekant van die vlakte van Jisreël. Hier het Jesus saam met Josef en Maria en hulle kinders (wat na Jesus gebore is) gewoon — as kind en as jong man. Na Josef se dood het Hy Maria en haar jonger kinders help versorg deur as timmerman te werk tot Sy dertigste jaar. "En Hy, Jesus, was omtrent dertig jaar oud toe Hy begin leer het" (Luk. 3:23). Daarna het Hy slegs nog 'n paar keer in Nasaret gekom.



Ja, soos 'n kind van sy vader iets vra, moet die dissipels leer bid. Hulle moet die Here God maar net vertrou. Dan sal Hy vir seker gee wat hulle vra, want Hy het ons meer lief as wat 'n vader ons ooit kan liefhê.

Daarby het die Here Jesus belowe: "Bid en vir julle sal gegee word. Soek en julle sal vind.

Klop en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word.

"Of watter mens is daar onder julle wat, as sy seun hom brood vra, vir hom 'n klip sal gee?

"En as hy 'n vis vra, vir hom 'n slang sal gee?

"As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes vir julle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee vir dié wat Hom bid!

Die Here Jesus het vir Sy dissipels ook 'n mooi gebed geleer. Dit is so eenvoudig dat selfs 'n kindjie dit kan leer. En tog is die betekenis daarvan so groot dat geen mens meer as dit hoef te bid nie. Dit is 'n volmaakte gebed, die mooiste en die beste wat ooit op die aarde gebid is.

Hy het gesê:

"So moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat U Naam geheilig word.

"Laat U koninkryk kom.

"Laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.

"Gee ons vandag ons daaglikse brood.

"En vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe.

"En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.

"Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen."

VAN ware rykdom het Jesus ook gepraat. Baie mense dink geld en besittings kan hulle gelukkig maak. Hulle swoeg van die oggend tot die aand en skraap net wat hul kan bymekaar om ryk te word. Hulle wil God wel liefhê, maar hou tog meer van geld.

Die huidige Tibérias. "Daarna het Jesus na die oorkant van die see van Galilea, dit is, van Tibérias, gegaan | en '« *groot menigte het Hom gevolg, omdat hulle Sy tekens gesien het wat Hy aan die siekes doen" (Joh. 6:1, 2).*

Dit maak hul lewe rusteloos. Dag en nag dink hulle aan hul aardse skatte, en is altyd bang hulle sal dit verloor.

Maar Levi die tollenaar, die dissipel van Jesus, het al sy geld en goed laat staan om Hom te volg. En toe was hy tóg ryker as ooit tevore.

Die Heiland het gesê: "Moenie vir julle skatte bymekaarmaak op die aarde, waar motte 'n mens se mooi klere kan verniel en diewe kan inbreek en steel nie. Maar maak vir julle skatte bymekaar in die hemel waar daar geen mot of dief by kan kom nie. Want waar julle skat is, daar sal jul hart ook wees.

"Niemand kan twee here dien nie, want of hy sal die een haat en die ander liefhê, of hy sal die een aanhang en die ander verag. Julle kan nie God en die Mammon, of die geld, tegelykertyd dien nie."

DIE mens wat die Here God alleen wil dien en liefhê, en nie die geld nie, hoef nooit bang te wees dat hy gebrek sal ly nie. Hy moet net

vertrou dat God soos 'n vader vir hom sal sorg.

"Daarom sê Ek vir julle," het die Here Jesus gesê, "moenie julle kwel oor jul lewe — wat julle sal eet en wat julle sal drink nie; of oor jul liggaam — wat julle sal aantrek nie. Is die lewe nie meer as die voedsel, en die liggaam as die klere nie?

"Kyk na die voëls van die hemel: hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle hemelse Vader hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie?

"Wie tog van julle kan, deur hom te kwel, sy lengte met een el langer maak?

"En wat kwel julle jul oor klere? Kyk hoe mooi groei die blomme in die veld. Hulle werk nie en maak nie vir hulle klere nie. Maar Ek sê vir julle dat koning Salomo, in al sy heerlikheid, nie so mooi gekleed was soos een van hierdie blomme nie. As God dan die blomme en gras van die veld, wat vandag groei en môre verbrand word, so mooi maak, sal Hy nie nog baie meer sorg dat julle alles wat julle nodig het, kry nie!

Die vallei van Hinnom. Dit lê suid van Jerusalem en is die plek waar kinders aan die afgod Molog geoffer is (2 Kor. 23:10 ; 2 Kor. 28:3). Die plek is later al meer verafsku en het teen die tyd van die Nuwe Testament onder die naam Gehenna die simbool geword van alles wat afgryslik is. So het Jesus in Matt. 5:22 verklaar: "En elkeen wat sê: Jou dwaas! moet verantwoording doen in die helse vuur (letterlik: in die vuur van Gehenna)."

"Moenie so bekommerd wees en sê: Wat sal ons tog eet of wat sal ons drink of wat sal ons aantrek nie? So praat die ongelowige mense, maar julle moet verstaan dat julle hemelse Vader weet wat julle nodig het.

"Soek eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word."

As die mense dit sou doen, as hulle die hemelse koninkryk sou soek, sou hulle nie so baie fout vind met mekaar nie. Partymaal kyk hulle net na die klein sondetjies van hul buurman, maar hul eie sonde, wat dikwels baie groter is, sien hulle nie raak nie. Daarom het Jesus gesê:

"Hoekom sien jy die splinter in jou broer se oog, maar die balk in jou eie oog sien jy nie raak nie? Geveinsde, haal eers die balk uit jou eie oog, en dan sal jy goed sien om die splinter in jou broer se oog te kan uit haal."

NOG baie meer het die Here Jesus Sy dissipels daar op die berg geleer. Geen wonder dat die mense verbaas was oor Sy woorde en gesê het: "Nog nooit het 'n mens gepraat soos hierdie man nie!"

16. Nooit kan die Geloof te Veel Verwag nie

Matthéüs 8: 2-13; Markus 1: 40-45; Lukas 5:12-16; 7:1-10.

N die eensaamheid buitekant die stad, ver weg van al die gesonde mense, het 'n diep I ongelukkige man gewoon. Hy was melaats. Sy hele lyf was vol groot swere wat al dieper in sy vlees ingevreet het. Nag en dag was hy nooit sonder pyn nie. En hy het niemand gehad om hom te versorg of te vertroos nie.

Hy móés daar woon. Nooit mag hy in die stad ingaan nie. As hy iemand sien aankom, moes hy hom waarsku en uitroep: "Onrein! Onrein!" Die mense het 'n wye draai om hom geloop en weggekyk van hom. Almal was so bang dat hy hulle sou aansteek dat sy eie familie nie eens gewaag het om naby hom te kom nie. Hulle het darem vir hom kos gebring en dit verlangs neergesit — asof hy 'n gevaarlike dier was. Sy siekte het altyd erger geword en hy het sonder hoop gelewe, as 'n mens dit "lewe" kan noem.

En tog .... die melaatse man het ook die lewe liefgehad.

MAAR eendag het sy familie hom goeie nuus van 'n distansie af vertel. Daar was hoop vir hom. 'n Profeet met die naam van Jesus het oral groot wonders gedoen en baie mense gesond gemaak. Dit het hom hoop laat kry.

Hy het nog nooit gehoor van 'n melaatse wat gesond gemaak is nie.

Sy verstand het vir hom gesê dis onmoontlik, maar sy hart het teen sy beterwete gesê dat dit tog miskien kon gebeur. Dit was *geloof* wat so in sy hart gepraat het.

Van toe af het hy geen rus meer gehad nie. Hy móés na Jesus gaan.

In sy vuil en verflenterde klere het hy mank-mank op sy seer voete geloop. Die onderkant van sy gesig het hy met 'n ou doek toegebind soos hy altyd gedoen het as hy naby ander mense kom. Elke slag as hy iemand sien, het hy met sy hees stem uitgeroep: "Onrein!

Onrein!" Maar sy stem het nou opgewonde en bly geklink. Hy sou nie meer lank so hoef uit te roep nie, het hy gedink, want Jesus sal hom gesond maak. Dit wil sê, as Jesus hom nie, soos al die ander mense, verstoot nie.

O, die arme man het goed geweet hy is nie werd dat Jesus van hom sou notisie neem nie.

Maar tog móés hy na Hom gaan, want niemand anders kon hom help nie. Hy het al verder aangestrompel en mooi gekyk met sy half blinde oë of hy Jesus nog nie sien nie.

En toe die Here Jesus van die heuwel af kom waar Hy gepreek het, het die melaatse man Hom tegemoet geloop. Hy wou so vreeslik graag gesond word dat hy dit gewaag het om die strenge wet te oortree wat hom verbied het om in 'n stad te kom. So vinnig as wat

hy kon, het hy aangesukkel deur die strate en aanhoudend uitgeroep: "Onrein! Onrein!"

Die mense het vir hom padgegee; hulle was kwaad en het geskel en geskreeu: "Maak dat jy weg kom, jou ellendeling!"

Maar uiteindelik, voordat hulle hom uit die stad kon verdrywe, het hy die Here Jesus gevind.

Hy het voor die Here Jesus neergeval: "Here," het hy gestamel, "as U wil, kan U my gesond maak."

En kyk, Jesus het nie agteruit gestaan en kwaad geword nie.

Kort tevore het Hy Sy dissipels nog geleer om barmhartig te wees; Hy het self baie jammer gevoel toe Hy die ongelukkige man sien. Hy het neergebuig en Sy hand uitgesteek. Die ander mense kon amper nie stilbly toe hulle sien wat gebeur nie. Jesus raak waarlik aan daardie man wat so afskuwelik siek is!

En hy wat self so heilig en rein is, lê toe Sy hand op die melaatse en sê: "Ek wil dit doen.

Word gesond!"

En dadelik het die man gesond geword. Nuwe lewe het deur sy liggaam gestroom. Sy 465



hande, sy voete, sy oë — alles was gesond! Van dankbaarheid het hy eintlik gelê en huil aan die voete van Jesus. En toe sê die Here dat hy niemand moes vertel van sy genesing nie. Hy wou nie hê die mense moet Hom beskou as iemand wat maar net wonders doen nie.

Reeds te veel mense het Hom gevolg net om Sy wonders te sien.

Die Here Jesus het die man na die priester gestuur om hom te wys dat hy gesond geword het. Hy moes ook iets gaan offer — 'n lam of 'n duif — uit dankbaarheid soos Moses voorgeskryf het.

Maar dit was onmoontlik vir hom om stil te bly. Sy blydskap was tog te groot. Net waar hy kom, het hy vertel wat die Here vir hom gedoen het. Só baie mense het toe na die stad gekom dat Jesus nie meer daarheen kon gaan nie. Hy het in die veld gebly, en menigtes het daar na Hom gekom, om na Hom te luister en om gesond gemaak te word. Partymaal het Hy stilletjies na die woestyn gegaan om daar alleen te kan bid.

Magdala in Galilea. "En nadat Hy die skare weggestuur het, het hy in die skuit gegaan en in die gebied van Magdala gekom" (Matt. 15:39).

IN Kapernaüm het iemand gewoon wat in een opsig net soos die melaatse man was.

Nee, hy was nie siek en ellendig nie. Hy was sterk en gesond: 'n Romeinse hoofman oor honderd. Dit beteken 'n offisier met honderd soldate onder hom.

Die mense was ook nie bang vir hom nie en het hom ook nie verafsku nie. Almal het hom liefgehad en geëer.

En tog was hy soos die melaatse man want hy het net so 'n groot geloof gehad in die mag van die Here Jesus om gesond te maak. Hy het ook net so onwaardig gevoel.

Die meeste Romeine het die Jode verag, maar nie hy nie. Hy het daardie verdrukte volk liefgehad. Hy het geweet dat die heidense afgode van sy eie volk hom nie gelukkig kon maak nie. Hy wou liewer die Here dien. En toe die Jode van Kapernaüm te arm was om 'n

sinagoge te bou, het hy een vir hulle laat bou. Is dit dan 'n wonder dat hulle hom liefgehad het?

Hy was 'n edel man. Die ander heidense meesters het hul slawe dikwels hard en wreed behandel. Hy het dit nie gedoen nie. Hy was baie goed vir hulle. En eendag, toe een van sy slawe siek was en op sterwe gelê het, was die hoofman net so bedroef daaroor asof dit sy vriend was.

En ook hy het van Jesus gehoor. Die hele Kapernaüm het mos geweet van Sy wonders. En die hoofman was bly omdat Jesus sy slaaf kon gesond maak.

Maar hy het nie self na Hom gegaan nie. Hy was mos 'n heiden en hy het gedink hy is nie werd om dit te doen nie. Maar hy het sy vriende, 'n paar Joodse ouderlinge, gestuur. Hulle het na die Here gegaan en Hom vertel hoe verdrietig die hoofman was. Hulle het gesmeek en

gesê: "Hy is dit werd dat U hom help, want hy het ons volk lief en het die sinagoge vir ons gebou."

Toe sê Jesus: "Ek sal kom en die slaaf gesond maak."

Langs die kus by Kapernaüm. "En Hy het afgekom na Kapernaüm, 'n stad van Galilea, en hulle op die sabbat geleer. En hulle was verslae oor sy leer, want sy woord was met gesag" (Luk. 4:31, 32).

Maar toe die hoofman hoor dat Jesus aankom, het hy geskrik. Wou daardie groot Man in sy huis kom? O nee, dit was te erg! Hy het homself beter geken as die Jode en het gedink hy is dit nie werd om Jesus in sy huis te ontvang nie!

En toe stuur hy haastig 'n paar ander vriende met 'n nuwe boodskap. Eerbiedig het hulle na die Here gekom en gesê: "Here, die hoofman het ons gestuur. Hy sê: U moenie moeite doen nie, want ek is nie werd dat U onder my dak inkom nie. Sê asseblief maar net een woord en my dienaar sal gesond word. U is mos groot en magtig, Here. U kan die siekte en dood bevel gee om weg te gaan net soos ek doen met my soldate. As ek vir een sê: 'Gaan!' dan loop hy, en as ek vir 'n ander sê: 'Kom!' dan kom hy, en vir my dienskneg: 'Doen dit!' dan doen hy dit."

467

Toe Jesus dit hoor, was Hy oor hom verwonderd. Hy wis dat baie van Sy eie volk, wat Sy wonders gesien het, tog nie in Hom geglo het nie. Maar hierdie heidense hoofman het *sonder* om Hom te sien, geglo dat Hy die hemelse Koning was, vir wie almal en alles moes gehoorsaam wees. Die Here Jesus het Hom omgedraai en vir al die mense wat Hom gevolg het, gesê:

"Waarlik, Ek sê vir julle: selfs in Israel het Ek só 'n groot geloof nie gevind nie. Maar Ek sê vir julle: Baie mense sal kom van die verste dele van die aarde en sal saam met Abraham, Isak en Jakob aansit in die Koninkryk van die hemele. Maar die mense van hierdie land, die

Jode, wat eintlik die kinders van die koninkryk is, sal uitgedryf word in die buitenste duisternis. Daar sal hulle ween en kners op hulle tande."

Daar het Hy weer die woorde gesê wat so streng en tog so treurig geklink het. Sou die Here God dan Sy volk verlaat en die heidene aanneem as Sy kinders?

Die mense wat Jesus nie liefgehad, en nie in Hom geglo het nie, het dit nie verstaan nie.

Hulle het Hom dit baie kwalik geneem dat Hy so sê.

Maar Jesus het vriendelik vir die boodskappers gesê: "Gaan en sê vir julle hoofman: Laat dit vir jou wees soos jy geglo het."

En toe die manne in die huis van hul vriend kom, was sy dienskneg alreeds gesond.

Die melaatse man en die heidense hoofman het albei baie van die Heiland verwag.

Maar nie te veel nie!

Nooit kan die geloof te veel verwag nie! Nooit is die geloof deur Jesus beskaam nie.

468

17. Die Seun van die Weduwee

Lukas 7:11-17.

IE son het lieflik geskyn en die lug was blou. Langs die paaie het die geurige blomme D gepryk. Maar deur die poort van die dorpie Nain het 'n stoet bedroefde mense gekom en stadig verder geloop.

Vier manne met ernstige gesigte het agteraan geloop met 'n draagbaar. Daarop het die liggaam van 'n jong man koud en leweloos gelê. Hy was toegedraai in doeke. En vooraan het 'n vrou, 'n eensame weduwee, geloop en huil. Haar moederhart was gebreek van verdriet. Haar man was al dood. Sy het net een seun gehad en sy het hom baie liefgehad.

Hy het vir haar gewerk en versorg en was 'n troos vir haar in haar ouderdom. En nou het sy hóm ook nog verloor. Soos sy eendag haar man weggebring het om begrawe te word in 'n spelonk, só moes sy nou haar seun ook gaan begrawe. Nou het sy niks meer oor gehad, geen man of kind op aarde, om lief te hê nie. Wie moes nou vir haar brood verdien? Die toekoms was baie donker, het sy gedink.

Sy het baie gehuil toe sy voor die baar loop waarop haar seun lê. En by haar was haar bure en vriende wat saam met haar getreur het.

Met hoofde in droefheid gebuig, het hulle langsaam na die graf gegaan.

MAAR aan die ander kant van die heuwel was daar ook 'n stoet mense aan kom. Toe hulle nader kom, het hulle eerbiedig padgegee om die begrafnisstoet verby te laat gaan. Maar die moeder was te bedroef en het te veel gehuil om hulle raak te sien.

Dit was die Here Jesus met Sy dissipels en nog baie ander mense wat daar gestaan en wag het. Almal was jammer vir die arme vrou wat so hardop huil. Hulle het saam met die weduwee gevoel in haar groot droefheid. Maar die Here Jesus, wat haar net so goed geken het soos vir al die ander mense, het haar ook liefgehad soos Hy die hele wêreld liefgehad het. Hy het haar droefheid net soveel gevoel soos sy self. Hy het haar smart in Sy hart gedra. Maar die bedroefde vrou wis nie dat Jesus daar staan nie. Sy wis nie dat Hy spesiaal gekom het ter wille van haar en haar seun nie. En toe hoor sy skielik Iemand sê: "Moenie ween nie!"

Almal het meteens opgekyk en Jesus gesien. Wie waag dit om, noudat sy so bedroef is, te sê: "Moenie ween nie?"

Maar Jesus het nader gegaan en die baar aangeraak. Die draers het stilgestaan. En toe praat Hy met die dooie asof hy nie dood is nie: "Jong man, Ek sê vir jou, staan op!"

En kyk, meteens roer die dooie hom. Hy het regop gesit en begin praat, hakkel-hakkel soos iemand wat geslaap het en skielik wakker gemaak word.

Jesus het hom toe aan sy hand geneem en aan sy moeder teruggegee.

Dit het alles so gou gegaan dat die mense nie geweet het of hulle wakker is of in 'n droom nie. Verstom van verbasing het hulle gestaan en kyk na die jong man wat alreeds in sy moeder se arms was. Maar toe hulle besef dat dit nie 'n droom was nie en dat die moeder werklik haar seun uit die dood teruggekry het, het hulle hard uitgeroep en die Here God verheerlik vir so 'n groot wonder. Met gejuig het hulle Jesus omring toe Hy verder aanstap na Nain.

En tussen al die mense was die opgeruimde moeder en haar seun wat mekaar aan die hand vasgehou het.



By Nain. "En toe Hy naby die poort van die stad kom, word daar net 'n dooie uitgedra, die enigste seun van sy moeder, en sy was 'n weduwee . . . . En toe die Here haar sien, het Hy innig jammer vir haar gevoel en vir haar gesê: Moenie ween nie! " (Luk. 7: 12, 13).

Die pad na Nain. "En die dag daarna was Hy op weg na '« *stad met die naam van Nain, en baie van sy dissipels en 'n groot menigte het saam met Hom gegaan" (Luk. 7:11).*

18. Die Verlamde Man

Matthéüs 9: 1b-8; Markus 2:1-12; Lukas 5:17-26.

IE Here Jesus was weer in Kapernaüm. Van alle kante het die mense aangestroom D gekom na die huis waarin Hy was. 'n Hele paar Skrifgeleerdes en Fariseërs was ook daar en het nuuskierig gesit en luister na Hom. Die huis was propvol.

En toe kom daar nog vier manne wat iets besonders dra. Dit was 'n bed, of liewer 'n soort matras, en daarop het ook nog 'n man gelê. Die arm mense het destyds nie op beddens geslaap nie, maar op die grond op 'n dik mat of 'n warm vel. Hy het stilgelê asof hy dood was. Net sy oë het geroer en dié het geskitter van blydskap en hoop omdat hy na Jesus gekom het.

Ag, alleen sou hy nooit kon gekom het nie. Hy was heeltemal verlam en kon nie eens sy hand beweeg nie. As hy wou eet, moes hy soos 'n kind gevoer word.

Maar dit was nog nie die ergste nie. Erger as sy liggaam se siekte was die kwellinge van sy siel. Meer as sy swaar lyding het die las van die sonde op hom gedruk. As hy snags in sy kamertjie by die lig van 'n klein olielampie lê en dink hoe hy, bevlek deur baie sondes, eendag voor God moes verskyn, kon hy van angs nie slaap nie. Die *lewe* het hom gemartel en vir die *dood* was hy ook bang. Sy liggaam en sy siel was albei siek.

Wie kon hóm tog gesond maak? Sy familie kon nie meer doen as net vir hom sorg nie. Sy vriende wou hom troos, maar dit het nie baie gehelp nie.

Net Een kon hom nog help en dit was Jesus. Dit het hy en sy vriende geglo. Daarom bring hulle hom na die Here Jesus. Maar hoe teleurgesteld was hulle nie toe hulle by die huis kom waar Hy was en die groot gedrang van mense sien. Hulle kon nie naby Hom kom nie.

Sou hulle die arme man daar maar weer moet terugdra na sy siek-kamertjie tuis? Nooit!

Hulle móés hom tot by Jesus bring.

Skielik kry hulle 'n goeie plan. Die huis het van buite 'n trap gehad waarlangs 'n mens tot bo-op die plat dak kon klim. Met moeite het hulle met hul siek vriend, net soos hy op sy bed lê, langs die trap opgesukkel tot bo-op die dak. En onder kon hulle al die stem van Jesus hoor.

Baie versigtig het hulle 'n groot opening in die dak gemaak deur die plat dakpanne op te lig en weg te skuiwe. Dit was net mooi bokant die plek waar Jesus gestaan het. Met vier sterk toue vasgebind aan die bed se hoeke het hulle toe hul vriend stadig deur die opening laat afsak ondertoe. En uiteindelik lê hy daar voor Jesus.

Die Here Jesus het opgehou met praat. Hy het afgekyk na die man wat met smekende oë na Hom opgekyk het. En toe kyk Hy boontoe en sien vier paar oë wat met verwagting afkyk.

En die Here het alles geweet. Die verlamde man se lewe het soos 'n boek voor hom oop gelê. Hy het van al sy sonde geweet.

Wat eerste gesond moes gemaak word, was die siel van die man. Daarom sê die Here:

"Seun, hou goeie moed, jou sondes is jou vergewe."

Die Skrifgeleerdes wat daarby gesit het, het geskrik. Hulle het nie raakgesien hoe die siek man se oë meteens geflikker het van

blydskap nie. Hulle het maar net na Jesus se woorde geluister en gedink:

Hoe kan Hy waag om so iets te sê? Dis mos om God te laster. Want wie kan sonde vergewe as net die Here God?

En toe, toe skrik hulle nog 'n slag. Want Jesus het na hulle gekyk en hulle het gemerk dat Hy goed weet wat hulle dink. Hy vra toe: "Hoekom bedink julle slegte dinge in julle harte? Want wat is makliker om te sê: 'Jou sondes is jou vergewe?' of: 'Staan en loop?'



Oorblyfsels van Kapérnaüm. Die voorspelling van Jesus oor dié stad is letterlik vervul, omdat die meeste inwoners hulle nie bekeer het nie. "En jy, Kapérnaüm, wat tot die hemel toe verhoog is, jy sal tot die doderyk toe neergestoot word; want as in Sodom die kragtige dade plaasgevind het wat in jou plaasgevind het, sou hy bly staan het tot vandag toe" (Matt. 11: 23).

'n Palmboom langs die see van Galilea. Onder

dergelike bome het die Heiland en Sy
dissipels ongetwyfeld soms skuiling gesoek
teen die hitte van die son.
Hulle het stilgebly, verleë en in die war. En toe het die Here Jesus bewys dat Hy nie 'n bedrieër was nie, maar dat Sy woord altyd waar is. Hy het gesê: "Nou sal julle weet dat die Seun van die mens mag het om op aarde sondes te vergewe." (Die Here Jesus het Homself altyd graag genoem: "Die Seun van die mens".)
Toe draai Hy Hom na die verlamde man en sê: "Ek sê vir jou: Staan op! Neem jou bed op en gaan na jou huis."
En kyk, die man wat nie 'n vinger kon verroer nie, het meteens opgespring. Hy was tog te dankbaar. Hy het die bed waarop hy gelê het, opgetel en baie bly huis toe gegaan. Meteens was hy sterk en gesond.
Gou het die mense nou vir hom padgegee dat hy kon deurkom! Hulle was heeltemal dronkgeslaan.

Oorblyfsels van 'n sinagoge in Kapérnaüm, ongeveer 150 n.C. Die sinagoge waarin Jesus opgetree het, was waarskynlik ook hier. Hier het Jesus die besetene genees. "Toe kom daar verbaasdheid oor almal, en hulle praat met mekaar en sê : Wat vir 'n woord is dit, dat Hy met

gesag en mag die onreine geeste gebied, en hulle

gaan uit?" (Luk. 4:36).

So iets het hulle nog nooit belewe nie!

Die Skrifgeleerdes het die man ook agternagekyk.

Hulle was so verleë en skaam dat hulle nie gewaag

het om na Jesus te kyk nie.

Nou kon hulle weet hoe magtig Hy was. As iemand in

'n oomblik so 'n siek man gesond maak, sou Hy nie

ook die mag hê om sonde te vergewe nie? Sou Hy

dan nie vir seker die Messias, die Seun van God,

wees nie?

Nee, dit was nie Hy wat God gelaster het nie, maar

hulle deur hulle twyfel en ongeloof!

DIE man wat verlam gewees het, het met sy vriende huis toe gegaan. Hy het sy bed gedra en gehuppel van vreugde.

Nou sou die lewe nie meer 'n martelgang vir hom wees nie, maar eerder 'n fees!

Vir die dood was hy ook nie meer bang nie. Al sy sonde was mos vergewe. Sy siel en liggaam was genees. Die Here Jesus het alles vir hom reggemaak. En die mense van Kapérnaüm het gesê: "Ons het ongelooflike dinge gesien!"

19. Twee Skuldenaars

Lukas 7:36-50

IMON, 'n Fariseër, het met sy vriende feesgevier in sy huis. In die groot eetkamer is die S tafels gedek en die sitbanke reggesit. Die deure van die groot kamer was wyd oop en die dienaars het reggestaan om die vername gaste te bedien.

Simon het geweet hoe om alles deftig in te rig!

Hy het sy gaste met baie eerbewyse ontvang. Hulle voete is gewas deur sy slawe. Hulle hoofde is gesalf met olie wat lekker ruik en hulle klere besprinkel met geurige rooswater. Hy het sy vriende omhels en hulle plekke aan tafel laat aanwys.

Toe kom daar nog Iemand wat Simon genooi het: Jesus. Simon het gemeen dat die eenvoudige Rabbi van Nasaret sou bly wees vir die eer wat hy Hom aandoen deur Hom te nooi, want Hy het nie eintlik gepas by die deftige geselskap nie. Simon het gehoor dat party mense sê Jesus is 'n groot profeet, terwyl die Skrifgeleerdes Hom 'n bedrieër en verleier genoem het. As Jesus nou ook by hom kom eet, kon Simon 'n bietjie met Hom gesels en uitvind wie die waarheid van Hom vertel.

En Jesus het gekom, hoewel Hy goed geweet het dat Simon nie so baie van Hom dink nie.

Simon het Hom maar koel ontvang en nie behandel soos die ander gaste nie. Sonder om Sy voete eers vir Hom te laat was, het Simon Hom onverskillig aan die onderent van die tafel laat aansluit. Die Rabbi van Nasaret moes Hom nie verbeel Hy is net so belangrik soos die ander gaste nie!

Die maaltyd het begin. Soos dit toe die gewoonte was, het die gaste half gelê op die sagte banke. Elkeen het op sy linkerarm geleun met sy voete na agter. Tussen hierdie ryk en trotse gaste het Jesus ook

gelê. Hy was net so bedaard en vriendelik soos wanneer Hy met tollenaars en sondaars in die huis van Matthéüs of Levi geëet het. Hy het geweet hoe min hulle van Hom dink, maar Hy het die belediging van Simon verdra en niks gesê nie.

Die smaaklikste geregte is aangedra. Die wyn het in die bekers gevonkel. Die gaste het begin gesels. Soos ook die gewoonte was, is die arm mense toegelaat om by die deure in te kyk.

En toe gebeur skielik iets wat almal geskok het. 'n Vrou het by die deur ingekom en huil-huil reguit geloop na die plek waar Jesus sit. Niemand buiten die Here Jesus het verstaan hoekom sy dit waag nie. Maar Hy het geweet dat sy diep ongelukkig was, want sy het al baie sonde gedoen. Almal het haar verag. Maar na sy Jesus in die stad hoor preek het, het sy baie na Hom verlang, want sy het geglo dat Hy haar kan red.

Daarom het sy duur salf in 'n mooi albaste fles gekoop en by hierdie deftige huis binnegedring toe sy hoor dat Hy in die huis is. Sy kon nie anders nie, sy moes na Hom kom.

En nou was sy by Hom, maar van droefheid kon sy niks sê nie.

Haar trane het op Sy voete gedrup. Sy het nie 'n doek gehad nie, maar somaar met haar lang hare Sy heilige voete afgedroë. Sy het Sy voete gesoen en toe met die salf gesalf. Só het sy gewys hoe spyt sy was oor haar sonde en hoe sy in die Heiland geglo het.

MAAR Simon en die ander Fariseërs was baie verontwaardig, want hulle het die vrou geken.

Op straat het hulle altyd gesorg dat hulle nie naby haar verbyloop nie. O, Simon sou nie toelaat dat so 'n sondige skepsel aan sy voete raak nie. Hy sou haar weggeskop het! Hoe kan Jesus dit dan toelaat! Dit het gelyk asof Hy nie eens geweet het hoe sleg die vrou was nie! Maar dan was Hy tog seker nie 'n profeet nie!

Simon sit nog so en dink toe die Here Jesus na hom kyk en sê: "Simon, Ek het iets om aan jou te sê." En Simon antwoord ewe uit die hoogte: "Meester, sê maar."

En toe vertel die Here 'n verhaal. Hy het gesê:

474

"Daar was 'n geldskieter aan wie twee manne geld geskuld het. ('n Geldskieter was iemand wat geld uitgeleen en groot profyt gemaak het uit die hoë rente wat hulle vir hom moes betaal.) Die een man het vyfhonderd pennings geskuld en die ander net vyftig. En omdat hulle niks gehad het om te betaal nie, was Jay- so goed om dit aan albei te skenk. Hulle hoef niks te betaal nie. Sê nou, wie van hulle twee sal hom die meeste liefhê?"

O, dit was nie vir Simon moeilik om te sê nie! Hy antwoord: "Ek dink dié een aan wie hy die meeste geskenk het."

En Jesus sê: "Jy het reg geoordeel."

En toe kom dit uit dat die Here Jesus nie maar 'n gewone verhaal vertel het nie, maar 'n gelykenis om Simon 'n les te leer.

Die Here het Hom omgedraai na die vrou, wat nog altyd aan Sy voete neergekniel het, en vriendelik gesê:

"Sien jy hierdie vrou, Simon? Ek het in jou huis gekom — water het jy vir My voete nie gegee nie, maar sy het My voete met trane natgemaak en met die hare van haar hoof afgedroog.

" 'n Soen het jy My nie gegee nie; maar sy het vandat sy ingekom het, nie opgehou om My voete te soen nie.

"Met olie het jy My hoof nie gesalf nie; maar sy het My voete met salf gesalf."

En terwyl die Fariseër so skaam was dat hy sy kop laat sak het, sê Jesus verder:

"Daarom sê Ek vir jou, haar sondes, wat baie was, is vir haar vergewe, want sy het baie liefgehad. Maar die een vir wie min vergewe is, het ook maar min lief."

Ja, die Fariseër het maar min liefde aan die Here Jesus bewys — min, baie min. En vir hom is ook min vergewe. Was dit omdat hy so min sonde gedoen het? Of moes sy grootste skuld nog betaal word?

Hy was mos die een skuldenaar wat maar net vyftig pennings geskuld het. Maar tog was hy ook 'n sondaar, wou Jesus vir hom sê. Hy moes ook vergewing gevra het.

Dis wat die vrou gedoen het. Sy was die ander skuldenaar met die groot skuld. Maar haar liefde en geloof was ook groot. En daarom het Jesus vir haar gesê: "Jou sonde is vergewe."

Die vrou kon nie iets mooiers gehoor het nie. Sy was so bly soos nog nooit tevore nie, en sy wou nie van die Here Jesus weggaan nie.

Maar die gaste was ontsteld en het hulle bitter vererg. "Wie is dit," het hulle gedink "wat waag om sonde te vergewe? God alleen kan dit doen!"

En toe die vrou uiteindelik loop, was sy tog te gelukkig. Sy het 'n ander mens geword en 'n nuwe en rein lewe tegemoet gegaan. Arm het sy gekom, ryk het sy weggegaan.

Die ander skuldenaar het nog met Jesus aan tafel gesit. Nou het hy geweet wie Jesus is: meer en groter as 'n profeet.

Hoe vriendelik en hoe teer het Jesus hom behandel! Ag, as die ryk Fariseër nou ook maar wou insien hoe arm en hoe groot sy skuld werklik was!

20. Betesda

Johannes 5: 1-47.

ETESDA — die Huis van Barmhartigheid! Dit was die naam van 'n badplek naby die B Skaapspoort van Jerusalem. Aan die kante daarvan was vyf oop kamers.

In die oop kamers het baie siek mense — blindes, kreupeles en lammes — gelê en wag tot die water roer: wanneer die heerlike warm water uit die fontein opborrel.

En net sodra hulle sien of hoor dat die water begin opborrel, was daar 'n vreeslike gestoei om eerste in die water te kom. Party siekes kon nog loop, ander het handeviervoet gekruip; blindes het haastig voel-voel gekom, en verlamde mense is soms deur vriende gou aangedra en in die water gesit. Dan het Betesda nie gelyk na 'n huis van liefde nie! Die mense het mekaar weggestamp en gestoot in hul angs om gou genoeg in die bad te kom.

Elkeen het net aan homself gedink. En so het baie van hulle nooit betyds in die water gekom nie. Met 'n sug hel hulle dan maar weer gewag en gewag. Party het moed verloor en weggegaan net so siek soos hulle gekom het. Onder hulle was 'n man wat alreeds agt-en-dertig jaar lank siek was. Dit was sy eie skuld. Hy het baie sonde gedoen en so sy gesondheid ondermyn.

En nou het hy hier gelê, heeltemal verlam. Hy kon hom amper nie roer nie.

Agt-en-dertig jaar het sy straf en lyding al geduur. Hy moes swaar betaal vir sy sonde en was voor sy tyd al byna 'n ou man.

Maar hy het darem nooit die moed opgegee dat die Here hom eendag barmhartig sou wees nie.

Dit was nou feestyd in Jerusalem en dit was 'n Sabbatdag. Op straat was menigtes vrolik.

Baie offers is na die tempel gebring. Oral was daar sang en musiek.

Ook in Betesda was daar 'n groot gedrang van mense. Baie vriende en familie van die siekes het gekom om 'n bietjie by hulle te kuier en hulle moed in te praat.

Net na een, daardie lam man, het niemand gekom nie. Die hele dag het hy maar eensaam en neerslagtig daar gelê. Wie van al die mense wat so feesvier, sou aan hom dink? Hulle wou plesier hê en niks te doen hê met siekte nie!

MAAR kyk, daar was Iemand wat gekom het juis om die mense wat verlore was, op te soek en te red. Stil het Hy langs die badwater geloop en op die verlamde man afgekom. Hy het met soveel jammerte na hom gekyk dat dit die siek man ontroer het. Agt-en-dertig jaar lank het niemand só jammer vir hom gevoel nie. Die man kon die liefde uit Sy oë sien straal.

"Wil jy graag gesond word?" vra die Man.

Die lam man se oë het geskitter en sy hart het vinnig begin klop. Hy het gevoel dis nie maar net 'n nuuskierige vraag nie. Die stem en die oë wat na hom gekyk het, het hom vertroue gegee. Hy kon nie anders nie as om baie eerbiedig te antwoord. Maar hy het neerslagtig gepraat.

"Meneer, ek het niemand om my in die bad te sit as die water roer nie, en onderwyl ek afsukkel, gaan 'n ander voor my in."

En toe hoor hy meteens: "Staan op, tel jou bed op en loop!"

Dit het geklink soos 'n bevel. Wie kon ongehoorsaam wees as hy só 'n stem hoor en sulke oë na hom sien kyk? Hy het nie geantwoord: "Ek kan dit nie doen nie." Hy het geglo en gehoorsaam. Hy het

opgestaan. Hy het sy bed opgetel. En tóé eers besef hy hoe 'n groot, Goddelike wonder daar met hom gebeur het! Sy bene het hom gedra. Hulle het hom gedra, weg van die plek waar hy so lank hulpeloos gelê het. Nee, dit was nie maar net 'n mooi droom nie. Sy bene sou hom weer dra net waar hy wou gaan.

476

Maar waar was die Vreemdeling, sy Weldoener, sy Verlosser? Hy was nêrens te sien nie.

So ongemerk soos Hy gekom het, het Hy weer geloop, sonder om eens te wag dat die man dankie sê. Maar die man se hart het oorgeloop van dankbaarheid. Hy het buite gekom. Die son het lekker warm geskyn en 'n windjie het sag by hom verbygewaai. Hy het amper duiselig gevoel van pure blydskap toe hy in Jerusalem kom. Sy mat-bedjie was op sy skouer, en hy het nie geweet of hy moet lag of huil nie. Hy was té bly!

Opgrawings noord van die tempelplein het

hierdie oorblyfsels van die bad van Betésda

met sy "vyf pilaargange" aan die lig gebring.

"En daar is in Jerusalem by die Skaappoort,

'n bad met vyf pilaargange wat in Hebreeus

Betésda genoem word. Daarin het 'n groot

menigte siekes gelê .... *Jesus sê vir hom:*

Staan op, neem jou bed op en loop. En

dadelik het die man gesond geword en sy

bed opgeneem en geloop" (Joh. 5:2-9).

Maar skielik keer iemand hom voor. 'n Hele

paar Skrifgeleerdes en Fariseërs staan voor

hom en hulle lyk baie kwaad.

"Dis die Sabbat!" sê die een wat hom

voorgekeer het verontwaardig. "Jy mag jou bed

vandag nie dra nie. Hoe durf jy so goddeloos

wees om op die Sabbat te werk!"

Verskrik en verwonder het die man na hulle

gekyk. Was dit dan Sabbat vandag? Ja, dit val

hom by. Maar vir hom was dit 'n baie beter dag.

Vir hom was dit die dag van verlossing, die dag

van die barmhartigheid van God! Kon dit dan

verkeerd wees om nou 'n matjie te dra? Dit was

heerlik om te loop en iets te kan dra. En as sy Weldoener gesê het hy moet dit doen, was dit mos nie verkeerd nie.

Opgewonde het die man geantwoord: "Hy wat my gesond gemaak het, Hy het gesê: Tel jou bed op en loop."

Nou ja, dat hy gesond geword het, het die Skrifgeleerdes nie gehinder nie. Maar dat hy hier op die Sabbatdag sy bed dra! Hulle vroom gesigte het nog langer geword en hulle het mekaar snaaks aangekyk.

"Wie het dit gewaag om te sê jy moet vandag jou bed neem en dra?" het hulle streng gevra.

Maar dit het die man nie geweet nie. En hy het maar padgegee so gou as hy kon want op so

'n heerlike dag was dit nie lekker om na sulke suur gesigte te kyk nie!

Hy het sy bed êrens neergesit, want hy wou eers na die tempel gaan. As daar iemand was wat daardie dag móés tempel toe gaan, dan was dit hy.

Vol vreugde het hy by die tempel aangekom en die Here God baie hartlik gedank vir Sy goedheid. Maar toe hy klaar was en weer rondkyk, wie sien hy daar by hom staan? O, hy het hom nie vergis nie. Daardie oë en daardie stem sou hy sy lewe lank nooit vergeet nie. Daar staan sy Verlosser weer en sê vir hom: "Kyk, jy het nou gesond geword. Moenie meer sonde doen nie, sodat daar nie iets ergers met jou gebeur nie."

Dié woorde was ook ernstig en streng, maar hulle was heeltemal anders as dié van die 477

Skrifgeleerdes. Daar was liefde in die woorde. En die man het baie laag en eerbiedig voor Hom gebuig.

"Weet Hy dan alles wat ek gedoen het?" het die man met verwondering gedink. "Wie is Hy tog?" Maar hy het gou geraai. Dit moet Jesus wees van wie die mense so baie gepraat het.

Jesus, of Saligmaker. Dis die beste en mooiste Naam op aarde.

En toe het die man dadelik na die Jode gegaan en hulle het hom uitgevra. Ook hulle moes die Saligmaker leer ken.

"Dit was Jesus. Jesus het my gesond gemaak," het hy hulle vertel.

Maar hulle het op hul tande gebyt en hul oë het gevonkel. Hulle het reeds vermoed dat dit Jesus moet wees wat hom gesond gemaak het. Hy wat die Sabbatdag ontheilig het en nou die man ook verlei het. Hulle het reguit na Hom gegaan en Hom met skelwoorde verwyt dat Hy die Sabbat geskend het.

Bedaard het Jesus hulle aangekyk en gesê: "My Vader werk altyd en Ek werk ook."

Die dom mense! Het hulle nie geweet dat Sy Vader in die hemel ook op die Sabbatdag werk en vir hulle sorg nie? En wou hulle vir Hóm, die Seun van God, iets voorskryf?

Die geleerde rabbi's kon Sy Goddelike wysheid nie weerlê nie. Hulle het weggegaan, maar het Hom al meer gehaat. Vir mekaar het hulle gesê: "Hy sê werklik dat God Sy Vader is. Hy wil Hom aan God gelykmaak. Hy is 'n godslasteraar en 'n Sabbatskender."

Van toe af het hulle hul kans afgewag om Hom kwaad aan te doen. As hulle kon, sou hulle Hom doodmaak.

Ag, as hulle maar net geweet het hoe lief Hy hulle het!

478

21. Haat en Vyandskap teen Jesus

Matthéüs 12:1-14 en 22-50; Markus 2: 23-28; 3:1-6 en 20-35; Lukas 6:1-11; 8:19-21; 11:14-36

IE vernaamste Jode se haat en vyandskap teen die Here Jesus het al erger geword.

D Soos gifplante het dit vinnig in hulle donker harte gegroei. Dit sou nie so gewees het as hulle nader aan God geleef en Hom meer liefgehad het nie. Dan sou Sy Woord in hulle harte gegroei het. Maar hulle het Hom nie liefgehad nie. Hulle het Hom maar net met die mond geëer, dog hul hart was ver van Hom af.

Hulle het net vir hulself liefgehad. Hulle het hul baie vroom gehou, sodat die mense hulle kon eer en prys. As hulle liefdadigheid bewys, het hulle gedink: "Sien die mense hoe goed ons is?" Dit was hulle wat op die Sabbatdag die mense in die sinagoge geleer het.

Hulle het nie die wette van Moses vir die mense geleer nie, maar ook nog wette wat hulle self gemaak het. Die een gebod na die ander en

die een reël na die ander, 'n paar honderd, moes die mense nakom om God te behaag. So het die rabbi's die gewone mense geleer.

Maar in plaas dat hulle die mense liefgehad het, het hulle hul verag, omdat hulle nie so geleerd en knap soos hulself was nie.

Die gewone mense het die vroom en deftige rabbi's baie eer bewys. Hulle het die swaar laste gewillig gedra wat op hul skouers gelê is. Die rabbi's was harde meesters en het baasgespeel oor die Here se volk.

En daardie volk — arme eenvoudige mense — het nie geweet watter groot huigelaars die meeste rabbi's was nie!

En toe kom die Here Jesus. Van tóé af het dit anders geword. Hy het nie harde wette vir die mense geleer nie. Hy het gepraat van die liefde en die barmhartigheid van God, van geloof en vergewing van sonde.

Hy het die Skrifgeleerdes en Fariseërs ernstig tereggewys. En Hy het die volk teen hulle gewaarsku en openlik gesê hulle is geveinsdes, huigelaars, wat niks anders soek nie as net die eer van mense.

En kyk, groot menigtes van die volk het Hom gevolg. Tevore het hulle die deftige rabbi's geëer. Maar nou het hulle die eenvoudige Rabbi van die veragte Nasaret eer bewys. En die dag sou nog kom wanneer niemand meer sou luister na die Skrifgeleerdes en Fariseërs nie.

Wanneer die rabbi's daaraan gedink het, het hulle baie jaloers en kwaad geword. Hulle was nog altyd baas en wou baas bly! Sulke hoogmoedige mense kon nie lewe sonder dat hulle geëer word nie, En hulle het skelm planne gemaak sodat die mense nie meer na Jesus sou luister nie, maar net na húlle.

Haat het hulle blind gemaak. Nikodemus was ook 'n Fariseër, maar hy het hom verwonder oor die wonderdade van Jesus. Maar die ander het hulle nie aan Sy wonders gesteur nie.

Nikodemus het in die nag na Jesus gegaan om van Hom te leer. Maar die ander wou niks van Hom leer nie.

Hulle het hul hart verhard. Hulle het dit moedswillig toegesluit vir God en Sy Woord. Maar vir die Satan het hulle dit oopgemaak.

Nou was daar net vir sonde en haat plek in hul hart. Die Satan het hul hart heeltemal vergiftig. En van nou af was niks te gemeen en te sleg vir daardie rabbi's nie, as hulle die Here Jesus maar net kon kwaad aandoen.

HULLE het baie fyn opgelet of Hy dan nie iets verkeerds doen nie. Ja, hulle het gehoop Hy sou iets verkeerds doen, sodat hulle dit vir die volk kon vertel en hulle nie meer na Hom sou luister nie.

479



Die bouvalle van die dorpie Magdala. Maria Magdalena het van hierdie plekkie gekom.

Moontlik het sy die Heiland leer ken toe Hy in die omgewing van Magdala was (Matt.

15:39.)

'n Lang tyd het hulle Hom verniet dopgehou. Hy het niks kwaads gedoen nie. Hy het nie Sy humeur verloor of ooit gevloek nie. Alles wat Hy gedoen het, was heilig en goed. Maar uiteindelik, op 'n Sabbatdag, het hulle tog iets gevind.

Die Sabbat is die dag van die Here. Hy het dit aan die mense gegee as 'n dag van vreugde, maar die rabbi's het 'n ongeluksdag daarvan gemaak, 'n dag van sware laste.

Hulle het heelparty dwase wette gemaak wat almal op die Sabbat moes hou. Niemand mag

'n hoed dra met 'n rand van 'n bietjie meer as 'n duim nie, want 'n breë rand sou beteken dat

'n mens iets *dra,* en om iets te dra, was om te werk! Daarom ook mag niemand skoene met spykers dra nie! 'n Mens mag nie 'n appel pluk nie, want dit sou beteken dat jy oes! 'n Naald mag nie gedra word nie, want 'n naald is gereedskap, net soos byvoorbeeld 'n ploeg!

Ja, daardie vrome, geleerde Jode het selfs hewig onder mekaar getwis of 'n mens 'n eier mag eet wat op die Sabbat gelê is! Dus het hulle die heerlike rusdag 'n dag van vermoeienis en ergernis gemaak. Wat 'n seën moes wees, het hulle 'n vloek gemaak.

En tóé het dit eendag gebeur dat die Here Jesus en Sy dissipels by 'n koringland verby geloop het. Die koring was al so te sê ryp en die vet are het afgebuig ondertoe. Die dissipels het honger gehad en van die are gepluk. Die are het hulle in hulle hande fyn gevrywe, die kaffies

weggeblaas en die sagte, soet korrels geëet. Die boer het nie omgegee nie, want die wet van Moses het mense wat honger het, toegelaat om dit te doen.

Maar die rabbi 's het nog ander wette gehad. Om are te pluk, is om te oes, en om hulle uit te vrywe, is om te dors! "A," kon die rabbi 's nou sê, "die dissipels van Jesus werk op die heilige Sabbatdag!"

Hulle het na die Here Jesus gegaan en gemaak asof hulle baie verontwaardig was, maar in hul hart was hulle bly!

480

"Kyk daar," het hulle plegtig gesê, "U dissipels doen wat nie geoorloof is op die Sabbat nie."

Maar die Here het Sy dissipels verdedig. Hy het gevra: "Het julle nie gelees wat Dawid gedoen het toe hy vir Saul gevlug het en honger gehad het nie? Hoe hy in die huis van God gegaan het en die toonbrode geëet het wat net die priesters mag eet? En weet julle nie dat die priesters ook werk op die Sabbatdag as hulle diere in die Tempel offer, en dat hulle tóg nie skuldig is nie?"

Die rabbi's het niks geantwoord nie, en Hy het verder gesê: "Die Sabbat is gemaak vir die mens, en nie die mens vir die Sabbat nie. Want die Seun van die mens is Here ook van die Sabbat."

Die slim rabbi's het nie geweet wat om te antwoord nie, en hulle het verbitter gevoel.

Dog hulle het die stryd nie gewonne gegee nie. Hulle het die Here Jesus agtervolg waar Hy ook al gegaan het, en gou-gou het hulle nog iets gesien, wat hulle die geleentheid gegee het om kwaad van Hom te praat. Dit was iets wat ook op die Sabbatdag gebeur het.

Die Here Jesus het na die sinagoge gegaan om die mense daai toe te spreek. Een van hulle was 'n man wie se regterhand verdor was.

Die Fariseërs het hom dopgehou. Sou Jesus hom gesond maak? Dan sou Hy die Sabbat mos ontheilig!

Die Here het hulle gedagte geken, en meteens het Hy vir die man gesê hy moet opstaan.

Toe vra Jesus vir die Fariseërs: "Moet 'n mens op die Sabbat goed doen ? Of moet 'n mens kwaad doen? Moet 'n mens iemand gesond maak, of moet jy hom maar laat siek bly?"

Hy het hulle een vir een in die oë gekyk. Maar hulle het niks geantwoord nie. Toe sê Hy: "Is daar een van julle wie se skaap op die Sabbatdag in 'n put sou val en die dier nie sou uithaal nie? Is 'n mens nie baie meer werd as 'n skaap nie?"

En weer het Hy die rabbi's aangekyk met droefheid omdat hulle so oneerlik was, maar ook met toorn omdat hulle harte so verhard was.

Maar hulle het nóg stilgebly. Toe sê Jesus vir die man: "Steek jou hand uit!" En hy het dit gedoen. Sy hand was toe net so gesond soos die ander een.

Die ander mense was baie bly en het met groot eerbied na die Here Jesus gekyk. Maar die Fariseërs kon iets oorkom van woede. Jesus het hulle uitgedaag en hulle voor al die mense in die sinagoge verneder. In die oë van die Fariseërs was Hy 'n Sabbatskender.

Dieselfde dag nog het hulle bymekaargekom en planne bespreek om Hom dood te maak.

Enige een, al was hy ook hoe sleg, het hulle verwelkom as hy hulle net wou help om dit reg te kry. Hulle het selfs vir die goddelose Herodiane, wat aanhangers was van die slegte koning Herodes Antipas, raad gevra.

Die Sabbat is 'n dag om die Here God te dien. Maar hulle het die Satan op dié heilige dag gedien. Hulle het net aan moord gedink.

Was dit nie juis hulle wat die Sabbat geskend het nie?

MAAR hulle het niks omgegee hoe sleg en onrein hulle harte word nie. Die mense kon daardie harte mos nie sien nie. As hul hande maar net skoon is! As hulle *buitekant* vroom en godsdienstig gelyk het, kon hulle binnekant maar sleg wees.

O, hulle *hande* was regtig mooi wit en skoon. Dié het hulle baie gewas en baie kwaad gepraat van die dissipels van Jesus wat nie altyd hul hande voor en na die ete gewas het nie. Maar Hy het gesê: "Wat by 'n mens se mond *ingaan,* maak jou nie onrein nie, maar wat by jou mond *uitkom.* Al die sondige woorde en slegte planne wat uit 'n onrein hart kom, verontreinig die mens."

Die Fariseërs het die Here Jesus uitgeskel en Hom 'n vraat en 'n drinker van wyn genoem, 'n maat van die slegte tollenaars en sondaars. Hulle het hul verbeel hulle was beter as Hy 481

omdat hulle die wet so streng gehou het. En hulle wou alte graag hê die volk moet hulle buig onder die swaar las van die wette wat hulle gemaak het. Maar Jesus het vir die mense gesê:

"Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem My juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart; en julle sal rus vind vir jul siel. Want My juk is sag en My las is lig."

En altyd, wanneer die rabbi's gekom het om met Hom te twis en te argumenteer, was Sy verstandige antwoorde vir hulle te veel. Dan moes hulle maar stilbly. Hulle wou Hom in die skande steek voor die volk, maar oor en oor is hulle self in die skande gesteek.

Toe het hulle Hom op die vreeslikste manier belaster. Dit het so gekom: Op 'n sekere dag, toe Hy in 'n huis gestaan en preek het, is 'n baie ongelukkige man na Hom gebring. Die man kon nie praat of sien nie en hy was van sy verstand af — daar was 'n bose gees in sy hart.

Deur Sy Goddelike mag het Jesus hom dadelik gesond gemaak. Hy kon weer sien en hoor en was by sy volle verstand. Die mense wat dit gesien het, het verbaas uitgeroep: "Is Hy nie miskien die seun van Dawid nie? Is Jesus m'e die Messias nie?"

Dit kon die Fariseërs nie verdra nie. Hulle was bleek van woede en het uitgeroep: "Hy's nie die seun van Dawid nie! Hy is 'n bedrieër. Hy werk deur die krag van die duiwel. Dis met die hulp van Beëlsebul, die owerste van die duiwels dat Hy die duiwels uitdrywe!"

Hulle kon nie 'n groter sonde gedoen het as om só te praat nie. Dit was net in hulle verharde harte dat so 'n vreeslike groot sonde kon opkom.

En Jesus, wat goed geweet het hoe swaar hulle eendag sou gestraf word vir hierdie vreeslike woorde, was baie bedroef daaroor. Hy het hulle gewaarsku dat hulle daaromtrent rekenskap voor God sou moet gee.

Maar Hy het aangehou om Sy Goddelike werk te doen.

Sy eie familie kon Hom nie verhinder om dit te doen nie. Sy moeder en Sy broers het Hom eendag kom soek. In Nasaret het hulle gehoor hoe die vernaamste Jode Hom haat en teëstaan. Hulle was bekommerd daaroor en wou Hom wegneem. Hy het mos by hulle behoort en hulle wou Hom beskerm.

Sy eie broers het nie eens in Hom geglo nie. En Sy moeder Maria was al tevore baie bekommerd oor Hom gewees. Tóé het Jesus haar gevra: "Het u nie geweet dat Ek in die dinge van My Vader moet wees nie?" En nou was sy weer bekommerd dat dit nie goed kon gaan met haar Seun as Hy so baie vyande maak nie.

En hier het Maria-hulle nou gestaan voor die deur van die huis waarin Jesus was. Daar was so baie mense by Hom dat hulle nie binne kon kom nie. Toe stuur hulle Hom 'n boodskap:

"Kyk, U moeder en U broers staan daarbuite en hulle wil graag met U praat. "

Hy het egter goed geweet hoekom hulle gekom het. Hulle het dit goed bedoel, maar hulle wou Hom verhinder om die wil van Sy Vader te doen. En Hy moes Sy Vader in die hemel meer gehoorsaam wees as Sy moeder. En as Sy broers nie in Hom glo nie, dan het hulle nie by Hom behoort nie. Hy antwoord *toe:*

"Wie is My moeder en wie is My broers?" En toe steek Hy sy hand uit na Sy dissipels: "Kyk, daar is My moeder en My broers. Want elkeen wat die wil doen van My Vader wat in die hemel is, dié is My broer en suster en moeder."

O ja! Sy dissipels het by Hom behoort. Hulle het Hom nie gehinder in sy werk nie, maar gehelp. En terwyl die rabbi's Hom sleg gemaak het en oral die mense teen Hom probeer opmaak het, het Hy die land deurgegaan en baie goeie dinge gedoen. Hy het die blye tyding gebring dat die Here God die mens lief het. Hy het Hom nie daaraan gesteur dat die Fariseërs Hom wou doodmaak nie. Hy was nog nie klaar met Sy werk nie. Sy tyd het nog nie gekom nie.

En as dié dag eendag sou kom, sou Hy nie vrees nie. Geduldig sou Hy ly en sterwe uit liefde 482

vir sondaars. Dan sou dit *lyk* asof die rabbi's Hom oorwin het. Maar na drie dae sou Hy weer opstaan uit die graf. Hy het dit alles vooruit geweet.

Eendag het die Fariseërs Hom gevra: "Ons wil graag 'n teken of wonder sien as U die Messias is!" Hy het toe geantwoord:

"Die slegte mense van vandag wil 'n teken sien, en geen teken sal aan hulle gegee word nie, buiten die teken van die profeet Jona. Want soos Hy drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, so sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees."

Niemand kon dit verstaan nie. Ook Sy dissipels nie. Hulle was nie in staat om alles te verstaan nie. Dit sou baie anders met hul Meester gaan as wat hulle verwag het.

Maar hulle het trou gebly aan Hom. Hulle het in Hom geglo. Onder al die vyandskap wat Hom omring het, het hulle Hom omring met hul liefde.

Daardie liefde van Sy troue dissipels moet 'n groot troos vir die Here Jesus gewees het.

Maar Hy het geweet dat daar selfs onder die dissipels een was wat Hom nie waarlik liefgehad het nie, en wat Hom eendag sou verraai aan Sy vyande.

483

22. 'n Saaier het Uitgegaan om te Saai

Matthéüs 13:1-23; Markus 4:1-20; Lukas 8: 4-15

IE Here Jesus het in 'n skuit gesit wat op die meer van Galilea naby die strand gelê het.

D En voor Hom het baie mense op die strand gestaan en luister. Daar was allerhande soorte — vissers en boere en winkeliers, manne en vroue, troue dissipels en ook vyandige rabbi's.

Party het onverskillig na Hom gekyk, ander nuuskierig, ander bekommerd, ander met liefde en verlange.

Hy het hulle harte geken. Hy het gesien hoe party Hom haat, maar ook hoe ander spyt was oor hul sonde en na God verlang. Hy het geweet wie gelowig was en met eerbied na Sy woord wou luister.

Dikwels het Hy al met al daardie mense gepraat, duidelik en eenvoudig, oor die koninkryk van die hemele.

Almal het miskien ook gedink dat hulle Hom verstaan het. Maar party — die rabbi's het met Hom geargumenteer. Ander, wat ook ongelowig was, het met Hom gespot. En hierdie mense het eintlik niks verstaan nie.

Hulle het ore gehad en het Sy stem gehoor. Maar hulle harte was toe, want hulle het geen geloof gehad nie. Daarom het hulle Hom nie verstaan nie. Sulke arme, ongelukkige mense!

As hulle dit tog maar geweet het! As hulle maar wis hoe arm hulle werklik was, sou hulle miskien nog hul hart oopgemaak het. En daarom het die Here nou anders gepraat as tevore.

Hy het 'n verhaal vertel. Maar dit was nie 'n gewone storie nie. Dit was 'n gelykenis. Dit beteken om iets te vertel met twee betekenisse. Hy het gesê:

'n Boer het koring gaan saai in sy land. En terwyl hy saai, val 'n deel van die saad op die pad wat langs die land verbygegaan het. Dit kon nie daar op die harde grond groei nie en die voëltjies het gekom en dit opgepik.

Die ander saad het op die saailand geval, maar die grond was nie oral ewe goed nie. Op een plek was dit rotsagtig met net 'n dun lagie grond. Die saadjies het opgekom, maar toe daar warm dae kom, het die dun lagie grond gou droog geword en die koringplantjies het verlep en verdroog. Daardie saad het dus verlore gegaan.

Nog 'n deel van die saad het op 'n plek geval waar daar saad van dorings en ander onkruid in die grond was. Die koring het opgekom, maar die onkruid ook, en dit het gou die koringplantjies verstik en laat doodgaan. Ook hierdie saad het verlore gegaan.

Gelukkig het daar ook heelwat saad in goeie, diep, vrugbare grond te lande gekom. Die voëltjies kon nie daarby kom nie, want dit was te diep onder die grond. Dit het mooi opgekom. Die worteltjies het diep afgegaan in die klam grond en die son kon dit nie verbrand nie. Daar

was ook nie dorings om dit te verstik nie. *Daardie* saad het nie verlore gegaan nie.

Dit het welig gegroei en 'n mooi oes opgelewer. Van een deel van die saad wat in daardie goeie grond gesaai is, is honderd maal soveel gemaai. Van 'n ander deel sestig maal en van nog 'n deel dertig maal soveel.

"Wie ore het om te hoor, laat hom hoor."

Die Here Jesus het toe niks meer gesê nie. Hy het stilgebly. Almal het na Hom gekyk. Party was nuuskierig, ander bekommerd, nóg ander eerbiedig. Maar daar was ook diegene wat onverskillig en onoplettend was. Dog Jesus het gewag. Hy het ook saad, die saad van Sy woord, gesaai. Nou het Hy gewag dat dit moet groei.

Dit was 'n eenvoudige verhaal. Die mense het goed geweet hoe 'n boer koring saai. En hulle het ook verstaan dat die Here nie 'n gewone verhaaltjie vertel het nie. Sy bedoeling was om hulle iets daarmee te *leer.* Maar wat die les was, kon hulle nie dink nie.

En daar sit hulle nou. Almal het nou geweet hoe min hulle nog verstaan van die koninkryk van God. Party het opgestaan en huis toe geloop. Hulle was ongelowig en het nie omgegee vir die dinge van God nie.

Maar daar was ook mense wat na Hom verlang het en wat nagedink het oor wat hulle gehoor het. Hulle was Jesus se dissipels en hulle wou graag leer. Dissipel beteken mos 'n leerling. Hulle het na die Here gekom en met eerbied en liefde na Hom geluister. Hulle het 'n sterk verlange gehad om méér te weet. En aan hulle, Sy dissipels en vriende, het Hy die betekenis van Sy gelykenis verduidelik:

Die saad is die Woord van God. Die saaier is die persoon wat hierdie Woord aan die mense vertel, of preek omtrent die koninkryk van God.

Die Here Jesus was 'n Saaier en Sy dissipels sou later ook saaiers word.

Die saad self is altyd goed. Maar dit kan nie oral groei nie, want die hart van die mens vir wie dit bedoel is, is nie altyd soos goeie vrugbare grond nie.

Party mense se hart is verhard. Hulle hoor die Woord, maar verstaan dit nie. En gou-gou vergeet hulle dit, want soos die voëltjies die saad op die pad oppik, so neem die Satan dit weg.

Dit lyk asof ander mense se harte vrugbare grond het. Hulle is bly om die Woord te hoor en neem dit graag aan. Maar die grond van hulle hart is maar vlak en klipperig. Sodra die lewe moeilik word, of die mense hulle sleg behandel, vergeet hulle die Here. Die plantjie van hulle geloof wat opgekom het, gaan dood net soos die koringplantjies op die klipperige grond.

Nog ander mense het so baie bekommernisse en hulle is so besig om geld bymekaar te maak of om die lewe te geniet, dat hul hart soos 'n land vol onkruid is. Hulle hoor die Woord en dink daaroor na, maar hulle dink baie meer aan hulself. Hulle wil die Here God liefhê, maar hulle wil ook graag ryk word, net soos ander mense. Hulle wil hul nie heeltemal aan die Here gee nie. En hulle vergeet Hom maar liewer. Die saad van Sy woord is deur hulle bekommernisse verstik.

Maar daar is ook harte wat baie vrugbare grond het. Hulle luister na die Woord en verstaan dit. Hulle vergeet dit nie, want hulle hart is nie gesluit nie, maar oop. Hulle is bekeerde mense. As die lewe swaar word, vertrou hulle op die Here. Hulle het Hom lief en gee hulle heeltemal oor aan Hom. Hulle het maar net een begeerte: hulle wil altyd naby Hom en altyd Sy kinders wees. Hulle dien Hom in liefde en dankbaarheid, die een yweriger as die ander.

Hulle is soos die koringsaad wat 'n groot oes oplewer, dertig of sestig of honderd maal soveel as wat gesaai is.

Dit het die Here Jesus alles vir Sy dissipels uitgelê. Met geloof het hulle na Hom gekom en meer wysheid gevra. En hulle sou altyd meer leer van die hemelse koninkryk en sou altyd verstandiger word.

Maar die ander wat nie na Hom gekom het nie omdat hulle ongelowig was, het altyd nog onverstandiger geword.

Jesus het gesê: Aan die een wat baie het, sal nog meer gegee word. Maar van die een wat niks het nie, van hom sal geneem word wat hy hom verbeel dat hy besit.

485

23. Die Koninkryk van die Hemele

Matthéüs 13:24-53; Markus 4:30-32; Lukas 13:18-21

aar was eenmaal 'n man wat goeie, kosbare koringsaad op sy land gesaai het. Oral op D die klam grond het die koringkorrels geval en is toe diep ingeëg.

Maar daardie goeie man het 'n vyand gehad wat in die nag, toe almal geslaap het, gekom het en stilletjies onkruidsaad op die land gesaai het.

Nou was daar twee soorte saad deurmekaar in die grond, die goeie en die slegte. Albei het opgekom. Eers het die spruitjies van die onkruid baie gelyk soos dié van die koring. Maar later, toe die vet koringare in die wind begin wuif het, het al die onkruid met hul onbruikbare en giftige are duidelik sigbaar geword.

Toe die diensknegte van die boer dit sien, het hulle ontsteld na hom gegaan en gevra: "Maar meneer, het u dan nie goeie saad in u land gesaai nie? Waar kom die onkruid dan vandaan?"

"Dis 'n man wat my haat wat dit gedoen het," was sy antwoord.

Toe vra die diensknegte: "Wil u hê ons moet die onkruid dadelik gaan uittrek?"

Maar dit wou hulle meester nie hê nie. Die koring en die onkruid se wortels sou baie inmekaar gevleg gewees het. Daarom het die boer geantwoord:

"Nee, sodat julle nie miskien as julle die onkruid bymekaarmaak, die koring daarmee saam uittrek nie. Laat altwee saam groei tot die oes ryp is en dan sal ek vir die maaiers sê: Maak eers die onkruid bymekaar en verbrand dit. Maar bring die koring in my skuur."

DIT was 'n verhaal of gelykenis wat die Here Jesus aan die mense vertel het. En weer het Sy dissipels gekom en gevra wat dit beteken. En Jesus het dit vir hulle duidelik gemaak.

Die een wat die goeie saad saai, is die Seun van die mens, die Heiland self. Die saailand is die wêreld. Die goeie saad is die kinders van die koninkryk, dié wat die Here God liefhet. Die onkruid is kinders van die Satan wat die Here haat.

Die vyand wat die slegte saad gesaai het, is die duiwel. Net soos die man in die nag stilletjies sy slegte werk gedoen het, gaan die duiwel ook ongemerk in die wêreld rond om die werk van God te verniel. En, net soos op daardie land, woon daar in die koninkryk van Jesus Christus goeie en slegte mense naas mekaar. Maar God ken hulle. Hy laat hulle maar saamwoon. Hy laat Sy son skyn en Hy laat reën oor die goeies en die slegtes. Maar hulle sal eendag van mekaar geskei word as die tyd van die oes gekom het.

Die oes sal wees die voleinding van die wêreld wanneer Jesus sal kom op die wolke van die hemel om te oordeel, die lewendes en die dooies. Dan sal Hy Sy engele stuur soos maaiers en hulle sal al die verleiers en kwaaddoeners bymekaarmaak en wegneem uit Sy koninkryk.

En hulle sal vreeslik swaar gestraf word. Maar die regverdiges, die kinders van die koninkryk, sal in die ewige heerlikheid ingaan. Hulle sal blink soos die son in die koninkryk van hul Vader. "Wie ore het om te hoor, laat hom hoor."

DIT was die gelykenis van die onkruid tussen die koring. En omdat die Here Jesus nie wou hê dat Sy dissipels ooit die les daarvan sou vergeet nie, het Hy hulle ook die gelykenis van die visnet vertel.

Hulle sou eendag vissers van mense wees, en hulle sou die mense vang in die net van Sy heerlike Woord en hulle na God bring.

Maar dit sou eendag uitkom dat nie almal wat gesê het dat hulle Sy Woord aanneem, die Here regtig liefgehad het nie. Hulle sou maak asof hulle aan Sy koninkryk behoort, maar hulle sou nie waarlik daar ingaan nie.

Jesus het ook gesê: "Verder is die koninkryk van die hemele soos 'n net wat in die see 486

gegooi word. Allerhande soorte visse word daarin gevang. As dit dan vol is, trek die vissers dit uit op die strand. Die goeie visse maak hulle in bakke bymekaar en dié wat nie geëet kan word nie, gooi hulle weg. So sal dit wees in die voleinding van die wêreld. Die engele sal uitgaan en die regverdiges van die slegtes afskei ..."

DAAR was *nou* nog maar baie min mense wat Jesus gevolg en Hom liefgehad het. Dit was nog maar die begin van Sy koninkryk, die koninkryk van die hemele. Dit was maar klein en nietig in vergelyking met die groot Romeinse keiserryk.

Maar dit sou groei en groei en groter word as enige ander koninkryk op aarde. Dit het die Here Jesus geleer met Sy gelykenis van die mosterdsaadjie. Hy het gesê:

"Die koninkryk van die hemele is soos 'n mosterdsaadjie wat 'n man saai in sy tuin. Julle weet mos hoe klein so 'n saadjie is. Dis een van

die kleinste van al die soorte groentesaad.

Maar as dit groei en 'n boom word, word dit groter as al die ander soorte groente. Dit word so groot dat die voëls van die hemel hul neste daarin maak."

ELKEEN wat ingaan in die koninkryk van Jesus Christus word heeltemal 'n ander mens. Die Gees van God kom in sy hart, en stil, baie stil, doen Hy Sy heerlike werk daar. Die Heilige Gees deurdring die hele lewe van daardie mens en maak dit goed en gelukkig en ryk. En net waar die koninkryk van God in die wêreld kom, verander en verbeter alles.

Dit het die Here Sy dissipels geleer met die gelykenis van die suurdeeg.

As 'n vrou brood wil bak, neem sy meel en knie 'n klein stukkie suurdeeg daarin. As sy die deeg dan 'n paar uur lank in 'n warm hoekie laat staan, trek die suurdeeg deur die hele klomp meel. Die meel rys en smaaklike brood word dan daarvan gebak.

Die eintlike woorde van die Here Jesus was: "Die koninkryk van die hemel is soos suurdeeg wat 'n vrou neem en in drie mate meel inwerk totdat dit heeltemal ingesuur is."

HOE heerlik moet dit dan nie wees om aan hierdie koninkryk van die hemel te behoort nie!

Dit gee 'n mens die grootste geluk wat op aarde moontlik is. Die grootste rykdom wat 'n mens kan besit, is om 'n kind van God te wees. Baie mense loop by hierdie rykdom verby en hulle sien dit nie raak nie. Maar elkeen wat die lieflike en pragtige hemelse skat eenmaal gesien het, kry geen rus meer nie totdat hy dit besit. Hy is gewillig om alles daarvoor op te offer. Dit het die Here Jesus Sy dissipels ook geleer met Sy verhaal van die skat in die akker.

'n Man het in 'n saailand gestaan en spit met sy graaf. Meteens stamp die graaf teen iets hards onder die grond. Die man was nuuskierig en kyk wat dit is. Hy slaan sy hande saam van verbasing en blydskap toe hy sien wat dit is. Niks anders nie as 'n groot stuk goud wat blink in die son! Iemand het dit miskien honderde jare gelede daar begrawe. Maar. die man kon die goud nie vir homself neem nie, want hy het dit nie in sy eie grond gevind nie. Hy kon darem 'n plan maak. Hy het die skat gou weer diep onder die grond begrawe. Toe het hy huis toe gegaan en alles wat hy besit het, verkoop. Daarvoor het hy net genoeg geld gekry om die grond waarin die skat was, te koop. En toe het hy die stuk grond, met alles wat daarin was, gekoop. Nou was die skat wettig sy eie, en hy was 'n ryk man.

Daar was eendag ook 'n koopman of handelaar, wat mooi pêrels gekoop het. Op 'n goeie dag het iemand hom 'n pêrel gewys wat groter en liefliker was as enige ander pêrel wat hy nog ooit gesien het. En toe wou daardie koopman dit dolgraag self besit. Ook hy het alles wat hy gehad het, gaan verkoop, en toe die kosbare pêrel met daardie geld gekoop. Nou was hy tog te gelukkig!

Dit was die gelykenis van die kosbare pêrel.

Altwee, die koopman en die grawer, het alles moes verkoop om die groot skatte in die hande te kry.

Elkeen dus wat die geluk gevind het wat die Here gee, is oneindig ryk, al moet hy ook al sy aardse besittings verloor. Want hy het 'n skat wat hy nooit kan verloor nie. Dit word vir hom in die hemel weggebêre.

24. Die Skuit deur Jesus Bewaar

Matthéüs 8: 23-27; Markus 4: 30-32; Lukas 13: 22-25

IT het aand geword oor die meer van Galilea.

D Die son het ondergegaan agter die berge in

die Weste. Die blou water het begin donker word. Daar ver in die Ooste het die sonlig nog 'n bietjie rooi geskyn op die berge en toe langsaam verdwyn.

In die koelte van die aand het die water so effens gedein. 'n Sagte windjie het die skuitjie waarin die Here Jesus en Sy dissipels was, laat gly oor die klein golfies van die meer. Hulle was op pad oorkant toe, en 'n paar ander skuite het agteraan gekom.

Die Here het daardie dag hard gewerk en Hy was baie moeg. Van die môre vroeg was Hy besig onder die mense. Hy het gepreek en vermaan. Hy het siek mense gesond gemaak. Hy het gelykenisse vertel en later die gelykenisse uitgelê vir Sy dissipels. Hy het vertel van die saaier en van die onkruid onder die koring, van die skat in die land, en van die kosbare pêrel. Hy was self 'n Saaier wat saad gestrooi het in die harte van mense. Hy het almal liefgehad, ook die

onverskilliges, en selfs Sy vyande, en die hele lang

dag het Hy Sy bes vir hulle gedoen.

Maar toe dit aand word, was Sy liggaam baie

moeg, en nog altyd het die mense Hom verdring.

Sonsopgang oor die meer van Galilea.

Hulle sou Hom geen rus gee solank Hy daar was

Hoe dikwels het Jesus en Sy dissipels

nie. Toe sê Hy vir Sy dissipels: "Laat ons oorvaar

die son oor dié pragtige binnelandse see

na die ander kant."

sien opkom!

Hulle was bly om dit te doen, en moeg en afgemat het hulle Hom saamgeneem in die skuit.

Aan die oorkant, in die eensame bergland van Gadara, sou Hy goed kon uitrus.

STIL het die skuitjie in die skemerlig van die aand oor die water gegly.

En aan die agterkant van die skuit het Hy met Sy hoof op 'n kussing gaan lê. Alles was baie stil. 'n Mens kon net die watergolfies saggies hoor slaan teen die skuitjie. Die hoë, driehoekige seil het nou en dan so effens geklap, en die dissipels het sag met mekaar gepraat.

Maar omtrent halfpad het alles somaar skielik verander. Die wind het gefluit in die lug, donker wolke het opgesteek, en die golwe het in die

skuit begin slaan. En toe het daar 'n vreeslike storm begin woed en die skuitjie het heen en weer geslinger.

Die dissipels het toe geen rus gehad nie. Haastig het hulle die seil laat sak en die roeispane gegryp. Die meeste van hulle was vissers en hulle het die helfte van hul lewe al op die see deurgebring. Hulle was al in baie storms wat meestal skielik opgekom het. Hier het dit dikwels gebeur. Die see van Galilea lê tussen hoë berge en partymaal het dit gelyk asof die wind van alle kante op die see toegesak het.

Die dissipels het hard geroei en baie gesukkel om hul lewe te red, maar agter op die skuit het die Here Jesus rustig gelê en slaap.



Die dissipels het nog nooit tevore so 'n vreeslike storm belewe nie. Die wind het die golwe opgesweep sodat hulle gelyk het na hoë berge van bruisende water. Soos wilde diere het die skuimende golwe

aangestorm op die skuit en een na die ander daarteen vasgeslaan. Die skuit het gekraak en gebewe. Die storm het hom in sy onsigbare kloue gegryp en geskud asof hy hom wou verskeur. Hoe die dissipels ook al geworstel het, hulle het gevoel hierdie storm gaan hulle baasraak.

SO onstuimig het die storm geword dat die water binne-in die oop skuit geslaan het.

Partymaal het 'n golf heeltemal bo-oor die skuit gebreek en hulle het hulpeloos in die donker rondgedrywe. En tog, agter in die skuit, het die Heiland nog altyd gelê en slaap.

'n Uitsig oor 'n deel van die see van Galilea. Hierdie see word soms so onverwags deur geweldige storms getref. "Toe kom daar 'n stormwind op die see af en die skuit het begin vol word, en hulle was in gevaar. (Luk. 8:23).

Die dissipels het geen moed meer gehad nie. Hulle was doodbang. Hoe kon hul Meester nou nog lê en slaap terwyl hulle so worstel om hul eie lewe en ook Syne te red! In die sterk wind moes hulle kruip na die plek waar Hy gelê het. Hulle het geskreeu van angs. Hulle het Hom wakker gemaak en gesmeek:

"Here, Here, red ons, ons vergaan! Gee U dan nie om dat ons vergaan nie?"

En toe het Hy wakker geword. Hy het die wind hoor waai en die golwe hoor slaan. Hy het gevoel hoe skud die skip, maar daar was nie die minste teken van angs op Sy gesig te sien nie. Hy het net gevra:

"Hoekom is julle so bang, kleingelowiges?" En toe staan Hy bedaard op en steek Sy hand gebiedend uit oor die bruisende water. Hy het die wind bestraf wat hulle wou doodmaak en die see wat hulle wou insluk. Dit was asof die wind en die see Sy stem gehoor het.

Die gebrul van die storm het skielik opgehou. Die wind het gaan lê. Die see het nog gedein en gewoel, maar vir hom het die Here ook gesê: "Swyg, wees stil!" En kyk, die golwe het meteens bedaar en die see het stil, wonderlik stil en kalm geword.

489

Die dissipels was so verbaas dat hulle gebewe het en amper nie kon praat nie. En toe hoor hulle Sy stem wat vriendelik vra: "Waar is julle geloof?"

Hulle was tog te skaam, en hulle het hul koppe laat sak met groot eerbied en heilige vrees.

En toe hulle die seil weer gehys het en verder vaar oor die see wat nou die lig van die sterre weerkaats het, het hulle gefluister: "Wat vir

'n man is Hy dat selfs die winde en die see Hom gehoorsaam?"

'n Foto van 'n deel van die see van Galilea. Aan weerskante van die meer is bergreekse.

Die berge, die buitengewone hitte wat dikwels in die omgewing ondervind word en ander omstandighede bring mee dat daar soms onverwags geweldige storms oor die meer losbars. "En groot stormwinde het opgekom .... En Hy het opgestaan en die wind bestraf en vir die see gesê: Swyg, wees stil! En die wind het gaan lê, en daar het 'n groot stilte gekom1" (Mark. 4:37-39).

25. In die Land van die Gadareners

Matthéüs 8: 28-9: la; Markus 5:1-20; Lukas 8: 26-39.

AN die oostekant van die see van Galilea is die bergland van die Gadareners. Daar het A eenmaal 'n treurige skepsel rondgedwaal. Hy was 'n kwaai, wilde man vir wie almal bang was. Vroeër het hy in 'n stad gewoon, maar die arme mens was stapelgek en het partymaal so te kere gegaan dat hy baie gevaarlik geword het. , Dan het hulle sy hande met kettings en sy voete met voetboeie vasgemaak. Maar hy was so sterk dat hy die kettings uitmekaar geruk het en dan die voetboeie stukkend gebreek het.

Nou het hy in die berge rondgedwaal en in die spelonke geslaap wat as grafte gebruik is.

Niemand kon dit waag om daar verby te loop as hy naby was nie. Klere het hy glad nie meer gedra nie. Dit het amper gelyk asof hy ook nie meer kos nodig gehad het nie. Partymaal het die mense hom gesien as hy hoog op 'n rots staan en hard skreeu en homself met 'n klip stukkend slaan. Skielik het hy dan agter 'n rots verdwyn, maar hulle kon hom nog altyd hoor skreeu. En so het hy dan tot diep in die nag aangehou.

Hy was van die duiwel besete.

Maar nou het die Here Jesus in daardie land gekom. Na die storm op die see het Hy en Sy dissipels veilig daar aangekom. Dit was nog vroeg in die môre en Hy het met die pad geloop wat by die grafte verbygegaan het. Hy het geweet van die vreeslike man wat daar woon, maar Hy het nie met 'n ompad geloop nie. Hy was nie bang nie. Hy het geweet dat die arme man die slaaf was van die bose geeste wat in hom gevaar het. Dis hulle wat sy liggaam verwoes en sy siel dag en nag gekwel en gepynig het.

Maar die Here is sterker as die duiwel. Hy het juis na die aarde gekom om hierdie vyand van God en die mense te oorwin en sy slegte werke te vernietig. En die bose geeste was banger vir die Here Jesus as vir hulle meester, die duiwel. Want dit was Jesus wat die duiwel tevore in die woestyn oorwin het, en wat eendag sy mag vir altyd sou verbreek.

Nee, die Here Jesus het nie gevlug toe die woeste man skielik met 'n harde geskreeu aangehardloop gekom het nie. Bedaard het Hy voor Sy verskrikte dissipels gestaan, en met innige liefde en opregte jammerte na die ongelukkige man gekyk. En voor die blik van Sy oë het die bose geeste inmekaar gekrimp van vrees. Liefde en jammerte was vir hulle verskriklike dinge. Want uit liefde vir die mens sal die Here die geeste eendag in die hel hul verdiende straf laat ondergaan omdat hulle die mens hier op aarde so ongelukkig gemaak het. En nou het die geeste gebewe van angs omdat hulle gedink het die oomblik van hul straf het alreeds gekom. En wat die man gedoen het, was eintlik wat hulle gedoen het. En wat hy gesê het, was eintlik hulle woorde. Hulle het mos deur sy mond gepraat.

Die man het voor die Here Jesus op die grond neergeval en in aanbidding voor Sy voete gelê. Toe sê die Here: "Onreine gees, gaan uit die man uit." Maar die gees het met die man se stem hard geskreeu en geantwoord:

"Wat het ek met U te doen, Jesus, Seun van die Allerhoogste God? Ek bid U, moet my nie pynig nie!"

Maar die tyd was nog nie daar dat die Here Jesus die geeste sou straf nie. Hy wou net die ongelukkige man uit die mag van die duiwel red. Daarom het Hy in die nag oor die see gekom.

Hy vra hom toe: "Wat is jou naam?"

Maar die man kon nie vir homself praat nie. Dit was die bose geeste in hom wat geantwoord het:

"Legio!" Dit beteken: "Baie." Want baie geeste het in die man ingevaar. En die bose geeste het die Here Jesus gesmeek dat Hy hulle nie moes beveel om in die onderwêreld van die hel af te vaar nie. Want hulle kon amper nie glo dat die Seun van God hulle nie sou straf nie, 491

noudat hulle in Sy mag was.

Maar Jesus was regverdig selfs teenoor die bose geeste, en Hy het hulle nog vrygelaat tot die oordeelsdag toe.

Nie ver daarvandaan nie het 'n groot trop varke op die berghelling gewei. Aan die onderkant was die see. En toe die bose geeste die Here smeek om hulle toe te laat om in die varke te vaar, het Hy dit toegelaat.

Skielik het die varke wat so rustig gewei het, vreeslik verward geraak. Hulle het geskreeu en bergaf begin hardloop, reguit see toe. Die krans was steil daar en die see diep. Hulle het hals oor kop in die see te lande gekom en verdrink. Die Here het gesorg dat hulle nie baie ly nie.

Hulle oppassers het dit gesien en bang geword en gevlug.

Met diepe eerbied het die dissipels na hulle Meester gekyk. Hoe groot was Sy Goddelike mag tog! Nie net die wind en die see nie, maar ook

die bose geeste van die hel moes Hom gehoorsaam.

Maar daar was nog iemand anders wat die wonder gesien het. Met groot oë het hy aan die voete van Jesus gesit en kyk wat gebeur het. Sy oë was nou kalm en hy was by sy volle verstand. Dit was die bose geeste, deur wie die varke in die see gedryf was, wat hom so lank en so vreeslik gekwel het. Nou was hy van hulle verlos. Hy het self gesien hoe hulle verdwyn. Jesus het hom verlos! En eerbiedig het hy voor Hom neergebuk.

HY het ordentlike klere by die dissipels gekry om aan te trek en was nog by die Here toe daar mense so bang-bang aangeloop gekom het. Hulle was die varke se eienaars wat daar naby in die dorpie Gadara gewoon het. Die varkwagters het hulle vertel wat gebeur het.

Hulle het die man gesien wat so baie ergernis veroorsaak het. Hy was nou stil en gelukkig en niemand hoef meer vir hom bang te wees nie. Sy oë was helder en hy het vriendelik rondgekyk na die mense, maar veral na die Here Jesus.

Maar wat het die varke se eienaars omgegee dat hy nou gesond en gelukkig was! Vir Jesus was een mens se siel meer werd as al die varke in die wêreld, maar nie vir hulle nie! O nee, nie vir hulle nie!

"Ons varke!" het hulle gedink. "Ons besittings, ons geld .... Hoe baie geld het ons nie verloor nie!"

By hulle het dit ook niks getel nie dat hul omgewing nou vir altyd verlos was van die plaag van die besete man. As hulle hul varke maar net kon terugkry, sou hulle nie omgee as hy weer mal word soos tevore nie!

En hulle het bang geword dat hulle nog meer skade kon ly as Jesus in hul land sou bly.

Daarom het hulle Hom gesmeek: "Gaan asseblief tog weg van ons af! Ons wil U liewer nie hier hê nie!"

Net aan rykdom, aan voordeel, aan geld het daardie dwase manne gedink. Hulle was heeltemal onverskillig omtrent die ewige geluk van hul eie siel.

Maar die Here Jesus het gedoen wat hulle gevra het. Nooit het Hy Hom met geweld aan mense opgedring nie. Hy wou geen slawe hê soos die Satan nie. 'n Mens moet Hom heeltemal vrywillig dien, anders glad nie.

Maar daar was darem een man wat van toe af altyd Sy dienskneg wou wees. Daar was een man wat agter Hom aangeloop het toe Hy met Sy dissipels teruggegaan het na die skuit wat by die strand vasgeanker gelê het. Dit was die man wat Hy gesond gemaak het. Hy het die Here gesmeek om saam met Hom te mag gaan, sodat hy altyd by Hom kon bly.

Maar Jesus het dit nie toegelaat nie. Hy het nog die mense van daardie land liefgehad — die selfsugtige mense, die slawe van hulle geld, die mense wat Hom verstoot het. In Sy liefde 492

het Hy aan hulle gedink. Hy het die arme, dwase Gadareners nie verstoot nie. Hierdie man moes by hulle bly sodat hulle altyd kon sien wat die Here God vir 'n mens kan doen.

Jesus het vir hom gesê: "Gaan na jou huis na jou mense toe, en vertel hulle watter groot dinge die Here aan jou gedoen het, en hoe Hy jou barmhartig was."

Die man het geluister. En toe die skuitjie wegseil na die Weste, in die rigting van Kapernaüm, het hy teruggegaan. Oral in die land het hy vertel hoe Jesus hom verlos het.

Nou kon almal wat dit hoor, weet dat hulle siele ook deur Hom gered kan word.

493

26. Moenie Vrees Nie; Glo Net

Matthéüs 9:18-26; Markus 5:21-43, Lukas 8: 40-56

ENDAG toe die Here Jesus op die strand van Kapernaüm gepreek het, het 'n man E uitasem deurgedring deur die mense rondom Jesus en wanhopig neergeval aan Sy voete.

"Meester," het hy uitgeroep, "my dogtertjie lê op sterwe. Ek smeek U, kom asseblief dadelik en lê U hande op haar sodat sy gesond kan word."

Die Here Jesus het die man goed geken en die ander mense ook. Hy was mos een van die owerstes van die sinagoge, soos een van ons kerk se ouderlinge. Hy het Jesus al gehoor preek op die Sabbatdag en hy het Sy wonders gesien. Dit was juis die wonders wat daardie man, Jaïrus, die beste onthou het.

"Meester," het hy gesmeek, "kom maak haar gesond."

Dis waar, sy geloof was nie so groot soos dié van die Romeinse hoofman oor honderd nie, wat geweet het die Here Jesus kon van ver af net een woord sê en die siekte en dood sou Hom gehoorsaam. Maar Jesus het hom nie verniet laat smeek nie. Hy het dadelik saamgegaan. En die mense wat by Hom was, het ook nie agtergebly nie. Hulle wou altyd graag 'n wonder sien. As dit gebeur, wou elkeen so naby as moontlik wees om goed te kan sien. Onderwyl Jesus loop, het hulle saamgedring om Hom. Hulle het nie gedink hoe hulle in Jesus se pad was en die wanhopige vader verhinder om gou by die siek dogtertjie te kom nie. Die arme Jaïrus het sy hande saamgewring in die grootste angs. Sê nou maar die Here Jesus kom te laat om die lewe van sy enigste kind te red!

IN die groot gedrang het ook 'n bleek, uitgeteerde vrou agter die Here aan geloop. Sy het Hom met groot verlange in die oog gehou. Ag, hoe graag sou sy tog alleen met Hom wou wees om Hom te vertel hoe baie sy ly! Sy sou Hom dan bid om haar gesond te maak.

Sy het al twaalf jaar lank aan 'n ernstige siekte gely en al haar geld al aan dokters en medisyne gespandeer. Maar dit het alles niks gehelp nie en sy het eerder erger geword. Hulle het haar net arm gemaak en niks beter nie.

En nou loop sy agter Jesus aan. Sy was seker dat Hy die enigste Een was wat haar gesond kon maak. Maar om Hom hier op straat te vra en voor al die mense te vertel wat sy makeer

— dit kon sy nie waag nie! Sy het toe maar agter die Here Jesus aan geloop en geprobeer om naby Hom te bly.

"As ek tog maar net Sy kleed kan aanraak," het sy vir haarself gesê, "sal ek gesond word."

En skielik kry sy 'n goeie kans om dit ongemerk te doen. Sy het naby genoeg gekom om Hom aan te raak. Sy het gou gebuk en met 'n hart wat vinnig klop, het sy aan die soom van die Here Jesus se kleed gevat. Toe voel sy dadelik hoe daar krag deur haar uitgeteerde liggaam stroom. En sy het ook gevoel sy is heeltemal gesond.

Maar op dieselfde oomblik het sy hewig geskrik. Sy het gesien hoe die Here Hom omdraai en gehoor dat Hy vra: "Wie is dit wat My klere aangeraak het?"

En toe almal dit ontken, sê Petrus: "Maar Meester, die mense druk en verdring Ü, en dan vra U nog: Wie is dit wat My aangeraak het?"

Maar Jesus antwoord: "Iemand hét My aangeraak, want Ek het gevoel dat krag van My uitgaan."

Maar Jesus het die vrou alreeds raakgesien en haar stip in die oë gekyk.

Toe wis sy dat sy niks vir Hom kon wegsteek nie en sy het bewende voor Hom neergeval.

Sy het alles voor almal vertel en hoe sy onmiddellik gesond geword het. Toe sê die Heiland:

"Hou goeie moed, dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede en wees genees van jou kwaal."

494

Haar *geloof* het haar gered. Nie die kleed van die Here nie.

BAIE dankbaar en gelukkig het die vrou toe weggegaan. Al haar lyding was verby.

Maar hierdie oponthoud het Jaïrus se angs nog baie groter gemaak. O, nou sou Jesus seker te laat by sy kind kom om haar te genees. En kyk, daar sien hy een van sy dienare aankom, en hy kon aan sy ernstige gesig merk dat hy treurige nuus vir hom het. Die dienaar het bedroef kom sê: "Meneer, moenie die Meester meer lastig val nie. U dogter is alreeds dood."

Ag, dan was dit regtig te laat! . . . Jaïrus kon dit amper nie glo nie, en het met trane in die oë wanhopig na Jesus gekyk. Maar kyk, die Here knik bemoedigend en Hy lyk nie bedroef nie!

Hy sê toe: "Moenie vrees nie. *Glo* net en sy sal lewe."

Sy woorde het seker en bly geklink. Jaïrus se wanhoop het verdwyn en hy het wonderlik getroos en bemoedig gevoel. Hy het verder naby die Here Jesus geloop en met blinde vertroue alles aan Hom toevertrou. Hy kon nie dink wat Jesus sou doen nie, maar hy was seker dat Hy alles vir hom sou regmaak.

Dit het hy *geglo.*

Toe hulle by Jaïrus se huis kom, wou baie van die mense saamgaan na die kamer waar die dogtertjie lê, maar Jesus het niemand toegelaat om in te gaan nie, behalwe Petrus, Jakobus en Johannes, en die ouers van die dogtertjie.

Dit was 'n gewoonte in daardie tyd wanneer iemand sterwe, dat daar vroue gehuur word om hardop te kom huil en rou te bedrywe. In Jaïrus se huis was daar toe al 'n klomp van dié vroue en hulle het baie te kere gegaan. Maar hulle was nie waarlik bedroef nie. Die Here Jesus vra toe vir hulle: "Hoekom gaan julle so aan? Gaan weg. Die kind is nie dood nie, maar slaap net."

Slaap? Hulle was verbaas en vererg. Hulle kon dit nie verstaan nie. En hulle het daardie Rabbi, Jesus, wat die dood 'n slaap noem, uitgelag.

Maar Hy het die mense uitgedryf uit die huis, en toe met die ouers en Sy drie dissipels na die kamer gegaan. Daar het die dogtertjie stil en so wit soos 'n laken gelê. Sy was maar twaalf jaar oud en sy was dood.

Maar vir die Here Jesus was die dood maar net 'n slaap. Hy het haar klein, slap handjie in Syne geneem, en net soos haar moeder haar

soggens wakker gemaak het, het Hy ook nou gedoen. Hy het net gesê: "Talita, koemi!" Dit beteken in ons taal: "Dogtertjie, Ek sê vir jou, staan op!"

Die suidelike punt van die see

van Galilea (soms ook genoem

die meer van Gennésaret).

Hierdie varswatermeer is 13

myl lank, op sommige plekke

7½ myl breed en tot 160 voet

diep. Dit lê 682 voet onder

seespieël, d.w.s., 682 voet laer

as die Middellandse See.



Toe maak die dogtertjie haar oë oop — groot, verwonderde oë — en staan op van haar bed.

En sy het somaar begin rondloop.

Haar gelukkige moeder het haar in haar arms geneem en kon byna nie glo dat sy haar werklik teruggekry het nie. Die ander mense was sprakeloos van verbasing, en het met die grootste eerbied na die Here Jesus gekyk. Maar Hy het net aan die kind gedink. Sy was so siek dat sy 'n paar dae lank maar min of niks geëet het nie, en nou het sy seker baie honger gehad. In sy groot liefde het Jesus haar honger self *gevoel.* Daarom het Hy gesê hulle moet haar iets gee om te eet. En Hy het met nadruk vir Jaïrus en die ander mense gesê dat hulle aan niemand moet vertel wat hier gebeur het nie. Hy wou nie hê die mense moet Hom volg net om wonders te sien nie.

Met Sy *woord* het Hy die kind laat wakker word uit haar doodslaap. Sy *woord* het Jaïrus se angs laat verdwyn toe Hy gesê het: "Moenie

vrees nie. Glo net." Daardie Goddelike woorde sou Jaïrus nooit weer vergeet nie.

Oorblyfsels van Kapérnaüm op die voorgrond en 'n deel van die see van Galilea. Nadat Jesus uit Nasaret verdrywe is (Luk. 4:14-31), het Hy na die destyds bloeiende Kapérnaüm aan die kant van die skilderagtige meer van Gennésaret, of see van Galilea, gegaan, en hulle op die sabbat geleer. En hulle was verslae oor Sy leer, want Sy woord was met gesag (Luk. 4: 31, 32). Hy het dikwels in Kapérnaüm opgetree en sy droewige profesie (Matt. 11:23) oor die stad, wat ondanks alles onberouvol gebly het, is letterlik vervul (soos ons foto toon).

27. Johannes in die Gevangenis

Matthéüs 11: 2-19; 14: 1-5; Markus 6:17-20; Lukas 3; 19-20; 7:18-35; Johannes 3:22-36

MAN het in 'n donker kamertjie gesit. Sy verslyte mantel was van kameelhare gemaak

'N en hy het 'n leerband om sy heupe gedra. Sy voete was vas aan mekaar geboei. Hy kon geen sonlig sien nie en kon niks hoor wat buite aangaan nie.

Partymaal is die ystergrendels van die deur aan die buitekant weggeskuif en dan het 'n soldaat vir hom 'n stukkie brood of 'n flessie water gebring. En as hy uitgeloop het en die deur weer toegesluit is, was dit daarbinne maar weer net so stil en benoud soos tevore.

Die lug was bedompig en die stilte vervelend; die boeie het geknel en sy enkels seergemaak. En in daardie vuil, donker kamer van die gevangenis het die man gesit en wag

.... en wag .... en hy het baie gely. Maar hy het nooit gekla nie.

En tog het hy hierdie swaar straf nie die minste verdien nie. Hy was nie 'n slegte mens of 'n kwaaddoener nie. Hy was 'n goeie en regverdige man wat net die werk gedoen het wat God hom gegee het. Maar juis omdat hy die werk so goed en dapper gedoen het, is hy in die tronk gesit. Omdat hy die Here God meer gehoorsaam het as die mense, daarom het hy sy vryheid verloor.

Johannes die doper het voortgegaan met sy werk nadat hy die Here Jesus in die Jordaan gedoop het. Hy kon nie ophou om die mense te vertel dat die Koning nou gekom het en dat Hy Sy heerlike koninkryk sou stig nie. Al die goddelose mense sou Hy straf, Sy vyande sou Hy uitroei, maar almal wat Hom sou liefhê, sou gelukkig wees by Hom. Hy was die groot hemelse Landbouer wat binnekort sou begin met die oes.

"Sy skop is in Sy hand," het Johannes uitgeroep, "en Hy sal Sy dorsvloer deur en deur skoonmaak! Die koring sal Hy in die skuur bêre, maar die kaf verbrand met vuur wat nie geblus kan word nie!"

En hy het aangehou om die mense te waarsku dat hulle hul moes bekeer van hul sondes, sodat hulle behandel kon word soos die koring, en nie soos die kaf nie. Hy het dié wat spyt was oor al die sonde wat hulle gedoen het nog in die rivier Jordaan gedoop.

EENDAG het Johannes se dissipels na hom gekom toe hy in *Salem* in Enon was en bekommerd vir hom gesê:

"Meester, weet u wat ons gehoor het van daardie Jesus wat by u was by die Jordaan? Hy het werklikwaar ook begin preek en nou doop Sy dissipels ook mense! Hulle kom almal na Hom toe!"

En hulle dag dat Johannes baie kwaad en bedroef sou wees omdat dit nou gelyk het asof Jesus sy mededinger geword het en sy werk van hom afneem. Hulle dag Johannes sou nou baie jaloers voel. Maar hulle kon nie vir Johannes 'n heerliker tyding gebring het nie.

Johannes se oë het begin skitter van vreugde. Jesus sy mededinger? . . . . O nee, Johannes het beter geweet. Hy was nie jaloers nie.

"Maar dis juis wat ek wou hê!" het hy uitgeroep. "Hy moet al groter word en ek al kleiner.

Almal moet Hom volg maar vir my moet hulle verlaat. Ek is mos nie die Christus nie. Ek is maar net gestuur om Sy pad reg te maak. Ek is maar 'n mens van hierdie ou aarde; ek is 'n dienskneg. Maar Hy kom uit die hemel. Hy is die Seun van God. En elkeen wat in die Seun glo, het die ewige lewe."

En Johannes het ywerig voortgegaan met sy werk om die mense na Christus te bring. Hy het dit gewaag om enige een wat sonde doen, te waarsku, al was dit ook 'n koning.

Die koning van Galilea en Perea was Herodes Antipas. Hy was 'n seun van dié Herodes wat die kindertjies van Betlehem laat doodmaak het. Hy het van Johannes gehoor en wou hom graag sien. Hy was 'n slegte en ligsinnige man, byna net so sleg soos sy vader. Hy het sy

eie vrou laat staan en sy broer Filippus se vrou gesteel. Haar naam was Herodias, en met haar dogtertjie, wie se naam moontlik Salome was, het sy by hom in sy paleis kom woon. Sy het haar man verlaat om koningin te kan word. Sy was nog baie slegter as Herodes.

Dit het Johannes goed geweet. Ja, die hele land het dit geweet, maar die mense was bang om daaroor te praat. Hulle het gebewe as hulle dink hoe die koning en sy wrede vrou hulle kon straf.

Maar Johannes was 'n kneg van die Koning van die konings en het nie gebewe nie. Hy het reguit na Herodes gegaan en net so fier en dapper voor hom gestaan soos Elia lank tevore voor Agab gestaan het. Hy het hom nie laat verblind deur Herodes se mooi klere of deur al sy hofdienaars wat hom so baie gevlei het nie. Vir Johannes was Herodes maar net 'n mens soos ander mense, wat swak genoeg was

om sonde te doen, en wat hom moes bekeer om gelukkig te kan wees. En wat ander mense nie gewaag het om te fluister nie, het Johannes somaar reguit gesê.

Hy het die koning streng aangespreek en hom gewaarsku oor al die slegte dinge wat hy gedoen het. Onder andere het hy ook gesê: "Dis u nie geoorloof om u broer se vrou te neem nie."

Hierdie dapper woorde het Johannes sy vryheid gekos. Want toe Herodias hoor wat Johannes gesê het, was sy buiten haarself van woede. Sy het nie gerus voor sy haar gewreek het nie. Sy het haar vas voorgeneem dat hierdie Johannes doodgemaak moes word. Maar Herodes het geweet hoe baie die volk van Johannes dink, en hy was bang daar sou 'n groot oproer kom as hy hom laat doodmaak. Daarom het hy hom net laat vang en vasbind en laat toesluit in die tronk. Heel moontlik was dit in die kasteel Magerus aan die oostekant van die Dooie See. Herodias het nog nie haar sin gekry nie, maar die mond van die troue profeet was darem nou gestop.

EN daar sit hy nou in die gevangenis soos 'n kwaaddoener — hy wat gewoond was om vry rond te loop in die woestyn en onder die oop hemel te slaap. Hy wat altyd die skoon berglug ingeasem het en bruin gebrand was in die son, moet nou in die bedompige lug van 'n tronk sit, waar dit donker was. Sy heerlike werk kon hy nie meer doen nie. En wat hom nog die meeste gekwel het, was al sy gedagtes — o, daardie gedagtes!

Party dae was Johannes se dissipels toegelaat om hom te besoek. Dan het hulle gesien hoe swaar hy kry en het hulle geprobeer om hom te troos. Hulle het hom ook vertel wat hulle van Jesus gehoor het — wat Hy doen en hoe baie vyande Hy het.

Maar wanneer hulle weer weg was en hy alleen agtergebly het met sy gedagtes, het hy verdrietig met sy kop teen die muur geleun, en dan het sy gedagtes hom nog meer gepla.

Sy gedagtes het gedurig te doen gehad met Jesus en Sy werke. Was dit regtig die werke van 'n koning wat Hy gedoen het? Hy het gepreek net soos hy wat Johannes was, gedoen het en het siek mense gesond gemaak. Maar waar is Sy heerlike koninkryk? Hoekom veg Hy nie teen Sy vyande soos 'n koning doen en roei hulle uit nie? Hoekom red Hy nie Sy dienskneg Johannes nie? As Hy mag het om so iets te doen en waarlik die Messias is, hoekom maak Hy Sy volk nie weer vry en sterk nie?

Het Johannes miskien 'n fout gemaak toe hy die mense vertel het dat die Messias sou kom as 'n strenge Regter wat sou oordeel? Hy het tog gemeen dat dit 'n boodskap van God was wat hy gebring het! Maar nou het daar Iemand gekom wat net barmhartigheid en liefde bewys het! Johannes het tog gesê dat die hemelse Landbouer sou kom om met 'n skop in Sy hand te *oes,* maar al wat Hy doen, is net om te *saai*!

Dis alles wat Johannes gesit en dink het. Hy kon dit glad nie verstaan nie. Dit het hom baie laat ly. Om so onseker te wees, is swaarder as om geboei in die tronk te sit. Aldag het dit vir hom erger geword. Hy kon dit nie meer uithou nie. En toe sy dissipels weer kom, het hy hulle gevra om na Jesus te gaan en Hom te vra of Hy regtig die Messias was.

Hulle het so gedoen. Toe hulle by die Here Jesus kom, het hulle Hom besig gevind met Sy heerlike werk. 'n Menigte mense was by Hom. Van alle kante is siekes en gebreklikes na Hom gebring. En Hy, die groot Helper, het al die ongelukkige mense gesond gemaak. As Hy by 'n kreupel man kom en hom aanraak, het hy dadelik met groot blydskap begin loop. Hy het die oë van die blindes aangeraak en hulle was tog te bly om weer die son te sien.

Melaatse mense se vel het weer glad en gesond geword. Jesus het by 'n man gekom wat deur die duiwel besete was — hy het geskreeu en geruk en gepluk aan die toue waarmee hy vasgebind was. Maar toe

die Here na hom kyk, het hy dadelik kalm geword. Jesus het die bose geeste uitgedryf en die man by sy volle verstand aan sy familie teruggegee.

En toe kom Johannes se dissipels na Hom en sê: "Meester, Johannes het ons gestuur om U

te vra: Is U die een wat sou kom of moet ons 'n ander een verwag?"

Al die wonders wat hulle nou net gesien het, het hierdie vraag onnodig gemaak. Wie kon nog twyfel of Jesus waarlik die Messias was?

Maar die Here Jesus het die vraag van Johannes baie goed verstaan. Hy wis hoe Sy troue dienskneg in die gevangenis moes ly en Hy het baie jammer vir hom gevoel. Hy wou hom help. Maar dit was nie vir Hom nodig om self te sê dat Hy die Messias is nie. Sy werke sou van Hom getuig. Hy het toe vir die twee dissipels gesê:

"Gaan vertel vir Johannes wat julle sien en hoor: blindes sien weer, kreupeles loop, melaatses word gereinig, dowes hoor, dooies word opgewek, aan armes word die evangelie verkondig."

Al het Johannes miskien ander soort werke van die Messias verwag, het die Here Jesus geweet Hy doen genoeg om die mense in Hom te laat glo. Hy het ook nog gesê:

"Gelukkig is elkeen wat aan My nie aanstoot neem nie."

TOE die boodskappers van Johannes weggegaan het, het Jesus nog gedink aan Sy dienskneg in die gevangenis. Hy het Johannes liefgehad. En Hy het hom nou nie minder liefgehad as tevore nie, al het Johannes ook, net soos Elia eenmaal in die woestyn, byna moed verloor.

Hy het gepraat van Johannes met die mense wat daar by Hom was. Hy het gesê dat daardie eenvoudige man wat hulle by die Jordaan in

sy growwe kameelhaarkleed gesien het, die grootste profeet was wat ooit gelewe het.

Op dié manier het Jesus Sy dienskneg geprys wat gestuur was om Sy pad reg te maak.

JOHANNES se twee dissipels het baie in hul skik vir hom gaan vertel van al die wonders wat hulle gesien het. Ook het hulle die boodskap van die Here Jesus vir hom oorvertel. Maar hy kon darem tog nie alles verstaan nie. Hy wou nog baie ander dinge weet. Maar daaroor wou hy hom nie meer bekommer nie. Hy het liewer 'n lied gesing wat uit sy hart opgekom het. Dit was die lied van die geloof dat Jesus tog die Messias was! Want wie kon sulke dinge doen as Hy nie die Seun van God was nie?

Nee, Johannes het nie aanstoot geneem aan die Heiland nie. In die donker kamer van die gevangenis het hy Hom aanbid. Daar was weer vrede en blydskap in sy hart. Die eensaamheid het hom nie meer gekwel nie.

En Johannes was nou tevrede, al sou dit ook hoe sleg met hom gaan. Want hy was nou seker dat hierdie Jesus tog eendag koning sou word en al Sy vyande sou verslaan. En Johannes sou self ook in Sy heerlike koninkryk kom.

28. Die Dood van Johannes die Doper

Matthéüs 14: 6-12; Markus 6:14-16 en 21-29; Lukas 9: 7-9

OHANNES het getrou gebly aan sy Meester tot die end van sy lewe. Partymaal het hulle J hom vir 'n kort tydjie uit die gevangenis kom haal en na Herodes gebring. Dan het hy net so dapper soos tevore gepraat, en dit het gelyk asof hy tog 'n bietjie invloed oor die koning gekry het. Herodes het aandagtig geluister en so effens bang geword as die profeet praat van hoe die Here God hom sou straf vir al sy

sonde. Hy was ook gewillig om baie van die sonde te laat vaar, sodat hy nie gestraf sou word nie. Maar daardie een ding wat Johannes genoem het, naamlik dat hy Herodias moet wegstuur, wou hy nie doen nie. En tog het hy darem graag na Johannes geluister.

Herodias het dit gemerk en daarom het sy hom nog meer verag en met hom gespot. Haar haat het al meer geword. Sy was nie tevrede dat die profeet maar net in die gevangenis sou sit nie. Sy het geweet dat sy nie veilig was solank as Johannes nog lewe en die koning waarsku nie. Eers wanneer Johannes dood is, sou sy seker kon wees dat sy as koningin in Herodes se paleis kon bly. En sy het meer as een maal geprobeer om die koning oor te haal om Johannes dood te maak. Maar hy wou nie, want hy het geweet dat Johannes 'n goeie en heilige man was, wat eintlik vrygelaat moes word.

"Doen dit! Laat hom los!" het 'n stem in Herodes se hart gesê. Maar hy kon dit nie waag nie.

Hy was bang vir Herodias.

"Maak hom asseblief dood ter wille van my!" het sy hom gevlei.

Maar Herodes het ook nie gedurf om dit te doen nie. Hy het 'n swak wil gehad wat geweifel het tussen die stem van sy gewete en die lis van Herodias.

Maar sy het aangehou. Sy het haar vyand nie vergeet nie. Soos 'n tier lê en loer om 'n bokkie te bespring, so het sy gewag totdat sy eendag haar kans sou kry.

UITEINDELIK het die kans gekom! 'n Beter kans kon sy nie kry nie.

Herodes Antipas het verjaar en met sy vriende feesgevier. In 'n groot saal van die paleis het hy aan tafel gesit met sy hofdienaars en offisiere en die vernaamste mense van Galilea.

Wyn het hulle almal vrolik gemaak.

Herodias was nie daarby nie. Dit was toe die gewoonte dat vroue nie saam met mans so 'n fees vier nie. Maar sy het agter 'n gordyn gestaan en kyk, want vandag sou sy haar kans kry. As die koning so effens dronk word, sou hy mos doen wat sy wou hê!

Sy het haar dogter geroep en gesê sy moet in die saal kom dans. So iets was ook nie juis 'n gewoonte in daardie tyd nie, maar wat het Herodias omgegee? As sy maar net haar doel kon bereik!

"Dans nou!" het sy in haar oor gefluister, "Dans so mooi as wat jy kan. En as die koning vra hoe hy jou moet beloon, sal ek dit vir jou sê!"

En die dogter het die feessaal binnegeglip en haar mooiste dans gedans. Vir die manne aan tafel was dit tog te mooi.

Herodes was bly dat sy dit vir hóm doen. En hy het by homself gesê: "Dis vir my dat sy hierheen gekom het!"

Toe sy klaar was met dans, het hy die dogter na hom geroep. Met geesdrif het hy gesê: "Vra my net wat jy wil en ek sal dit aan jou gee as 'n beloning." Hy het sy hand opgelig soos vir 'n eed. Sy oë het geskitter; sy gesig was rooi van al die wyn.

"Ek sweer dit plegtig," het hy verder gesê. "Ek sweer dit, my kind. Ek sal gee wat jy ook al vra, al was dit die helfte van my koninkryk."

Die dogter kon nie dink wat om te vra nie. Toe gaan vra sy haar moeder se raad.



Soos in die tyd toe Jesus Sy dissipels langs die See van Galilea geroep het om Hom te volg, so is daar vandag nog steeds vissers wat op dié pragtige meer met hulle bootjies vaar. "En toe Hy daarvandaan 'n bietjie verder gaan, sien Hy Jakobus, die seun van Sebedéüs, en Johannes, sy broer, wat besig was om die nette in die skuit heel te maak" (Mark. 1:19).

501



Die gevangenis te Sebastia (Samaria), waar volgens oorlewering Johannes die Doper deur Herodes gevange gehou en later onthoof is. En sy dissipels het gekom en sy liggaam weggeneem en dit begrawe; en hulle het gegaan en dit aan Jesus vertel (Matt. 14:12).

Dit was net vir hierdie oomblik en hierdie kans dat Herodias gewag het. Die koning het gesweer. Nou kon hy mos nie sy woord terugtrek nie. En Herodias sê toe: "Vra die hoof van Johannes die Doper."

Die dogter het dit gedoen. Sy het die feessaal weer binnegehuppel en na die koning gegaan.

Met 'n glimlaggie het sy voor hom gebuig en gesê: "Ek wil hê dat u my op die daad die hoof van Johannes die Doper gee."

Dit het doodstil in die saal geword na hierdie vreeslike woorde uit die mond van 'n kind.

Bleek en bedroef het die koning voor hom uitgekyk. Nou het hy verstaan hoekom die dogter so mooi kom dans het. Dit was nie om hóm te plesier nie, maar Herodias. En dit was ook Herodias wat die hoof van Johannes gevra het.

Kon hy nou nee sê? Verleë en ontsteld het hy na die gaste geloer. Hulle het almal in spanning gewag. Wat sou húlle sê as hy sy belofte nie hou nie?

"Hy is 'n lafaard," sou hulle sê. "Herodes is 'n swakkeling. Hy doen nie wat hy voor ons almal gesweer het nie."

Dit sou darem te erg wees. Die lewe van Johannes was nie soveel werd nie. Dis waar, Herodes het bedroef gevoel, maar hy het tog toegegee aan Herodias se haat.

Hy het toe 'n soldaat na die gevangenis gestuur om Johannes se kop te gaan afkap, en dit is toe op 'n skottel gebring en aan die dogter gegee. En sy het dit na haar moeder gebring.

Nou was Herodias gerus. Die strenge oë van die profeet was vir altyd toe. Die mond wat net die waarheid gepraat het, kon vir haar en Herodes nou nie meer bestraf nie.

Herodias het lekker gelag. Haar wraaksugtige hart was tevrede. Arme, wrede vrou! Wat sal sy eendag sê as God van haar rekenskap vra vir hierdie vreeslike daad? Want die lewe van Sy kinders is kosbaar in Sy oë.



Oorblyfsels van die paleis van Herodes. Dit is waarskynlik hier waar Herodias haar dogter vir Herodes laat dans het. "Toe sê sy, nadat sy deur haar moeder aangehits was: Gee my hier op 'n skottel die hoof van Johannes die Doper" (Matt. 14:8).

TERWYL sy nog met die skottel in haar hand gestaan het, was Johannes al by die Here in die hemel. Nederig en gelowig het hy sy werk gedoen tot die laaste oomblik van sy lewe.

Nou het hy nie meer gely nie. In plaas van 'n growwe mantel van kameelhaar het hy nou die hemelse kleed van 'n martelaar aan. Hy sit nie meer in 'n donker kamertjie nie, maar geniet die heerlikheid van die hemel. Herodes en sy goddelose vriende drink hul nog dronk aan wyn, maar Johannes vier alreeds fees by God en Sy heilige engele.

Sy dissipels was baie bedroef en het sy liggaam in 'n graf gaan weglê. Nou het hulle nie meer 'n meester gehad nie. Maar hulle het geweet na wie hulle moes gaan in hul groot verdriet. Hulle het na Jesus gegaan en Hom vertel wat gebeur het. En wie kon hulle beter troos as Hy?

MAAR vir Herodes was daar geen troos nie. Hy was gedurig onrustig. Herhaaldelik het hy in sy verbeelding die hoof van Johannes gesien wat hy laat afkap het. Snags het hy gedroom daarvan. Wanneer hy wakker geword het, het bittere spyt hom verteer. En later het hy gehoor van Jesus en Sy wonders. Hy het gehoor hoe Hy net deur 'n woord te sê die sterwende kind van een van sy hofdienaars gesond gemaak het. Herodes het vreeslik geskrik en vir sy diensknegte gesê: "Hierdie man is Johannes die Doper. Hy het uit die dode opgestaan en daarom kan hy sulke wonderlike dinge doen."

Al het sy knegte miskien gesê: "Nee Hy moet Elia of een van die ander ou profete wees," het Herodes hulle nie geglo nie. Hy was bygelowig en was seker dat Johannes weer lewendig geword het. In sy hart was hy bang vir Jesus, maar tog wou hy Hom graag sien om te kyk of Hy regtig Johannes was.

Later het Herodes 'n kans gekry om Jesus te sien. Dit was 'n hele tyd later toe Pilatus Hom laat bind en na Herodes gestuur het. Op daardie oomblik kon hy rus vir sy siel gevind het, as hy die Here wou vra om sy sonde te vergewe. Maar hy het die Heiland verag en met Hom gespot. Hy het Hom kastig 'n blink kleed laat aantrek asof Hy 'n koning was en toe 503

teruggestuur na Pilatus. Maar nie lank daarna nie het die keiser van Rome Herodes as koning afgesit en hy moes in 'n vreemde land gaan woon.

Maar Johannes, die dapper dienskneg van die Here, het die heerlike rus van die volk van God geniet. Hy was getrou gewees, getrou tot die dood, en hy het die kroon van die lewe ontvang.

29. Toe Vyfduisend Mense Gevoed is

Matthéüs 9:35-38; 10:1-42; 14:13-23; Markus 6:7-13 en 30-46; Lukas 9:1-6 en 10-17; Johannes 6:1-15.

IE Here Jesus het al die stede en dorpe van Galilea besoek en oral goed gedoen. Hy D het die mense in die sinagoges geleer. Op die strate het Hy die blye boodskap van die Koninkryk van die hemele gepreek. Almal wat siek was, het Hy gesond gemaak.

'n Mens kon somaar sien waar Hy gewees het. 'n Mens kon Sy spore maklik volg. Net waar Hy was, het Hy gesonde mense agtergelaat. Waar tevore trane van droefheid was, was nou blydskap.

Wanneer Hy die arme mense gesien het wat van alle kante na Hom gestroom het, het Hy innig jammer vir hulle gevoel. Hy het gesien met hoeveel verlange hulle na Hom gekyk het.

Hy , het geweet wat hulle moeilikhede en bekommernisse was.

Oral in die stede en dorpe was daar menigtes wat op Hom gewag het. Hul sonde het hul vreeslik gekwel en hulle het nie geweet hoe om rus vir hul siel te kry nie.

Daar was niemand om vir hulle te sorg of te lei en te help nie. Hulle was moeg en het rondgedwaal soos skape sonder 'n wagter. Die Here Jesus wou hulle nie langer so laat dwaal nie. En Hy wou mense hê om Hom te help met Sy groot werk. Toe het Hy Sy dissipels geroep en Sy hande op hulle gelê om hulle te seën en krag te gee om siek mense gesond te maak en duiwels uit te drywe. Toe moes die twaalf dissipels twee-twee uit gaan om oral te preek dat die Koninkryk van die hemele gekom het. Hulle moes die verlore skape van Israel gaan soek en hulle terugbring na die Vaderhuis.

Hulle moes geen geld vra of neem vir hulle werk nie. Hulle het die krag om gesond te maak verniet gekry, en daarom moes hulle ook verniet gee en goed doen.

Maar hulle moes ook niks saamneem vir die pad, geen kos of reisgeld nie. Waar hulle kom, moes daardie mense vir hulle sorg. Iemand wat werk, *verdien* mos sy voedsel. Wanneer mense hulle vriendelik ontvang in hul huis, sou daardie mense vrede en blydskap geniet.

Maar almal wat hulle nie wou ontvang as boodskappers van die Here en nie wou luister na hulle woorde nie, sou eendag swaar gestraf word.

Die dissipels het hulle Meester se bevel gehoorsaam en twee-twee in alle rigtings geloop.

Hulle het na baie arm mense gelyk. Maar hulle het 'n skat saamgeneem wat meer werd was as al die goud op aarde. Hulle het dit ruim uitgedeel, en tog het dit nie minder geword nie.

Hulle het al die dorpe deurgeloop en die Evangelie verkondig. Baie siek mense het hulle gesond gemaak. Ook hulle het deur die hele land spore van seëninge agtergelaat.

TOE hulle uiteindelik terugkom na die Here Jesus was Hy in Kapernaüm. Hulle was baie opgewonde en het Hom alles vertel wat hulle gedoen en wat hulle die mense geleer het.

Maar Hy het gesien hoe moeg hulle was en het geweet dat hulle hier geen rus sou kry nie.

Daar was al weer 'n menigte mense by die Here. Dit het gekom en gegaan en daar was nie eens tyd om te eet nie.

Jesus was gewoond om goed vir Sy dissipels te sorg. Hy het hulle toe saamgeneem na die strand van die meer waar die ou bekende skuitjie gelê het. En Hy het vir hulle gesê: "Kom, rus 'n bietjie." Toe

het Hy saam met hulle in die skuitjie geklim en hulle het oorgevaar na 'n stil plekkie aan die ander kant van die meer. In die eensaamheid daar kon die dissipels weer nuwe krag kry. Die Here Jesus wou self ook 'n bietjie alleen wees, want Hy was baie bedroef nadat Hy gehoor het van die dood van Johannes die Doper.

Langsaam het die skuit gevaar oor die blink, blou golwe, en die dissipels het die tydjie op die skuit baie geniet. Maar nog voor hulle aan die oorkant kom, was dit al weer gedaan met die rustydjie. Want die mense wat agtergebly het, het gesien waarheen die skuitjie gaan. Hulle het toe gou om die meer geloop. En dié wat die vinnigste kon loop, het al oorkant gestaan 505

en wag toe die Here Jesus en Sy dissipels daar aankom. Die mense was moeg en uitgeput maar hulle het dit met plesier gedoen net om weer naby die Here Jesus te wees. Hulle het hul huise en werk net so laat staan om Sy wonders daar te kan sien en na Hom te luister.

Al hoe meer mense uit die dorpe by die see van Galilea het bygekom toe die Here op die heuwel geklim en daar met Sy dissipels gaan sit het. Weer het hulle baie siek mense gebring en Hom vertel van al hulle moeilikhede.

Hoe kon Hy toe nog rus? Hy was vir hulle baie jammer. Hy het Sy eie droefheid en moegheid vergeet. Hy het weer Sy werk gedoen. Hy het die mense getroos en gehelp en met hulle gepraat van die Koninkryk van God.

Die son het al laag begin sak daar bokant die berge aan die oorkant van die meer. Al langer het die skaduwees geword. Hulle het baie oplettend gekyk na die Here se wonder van genesing, en só met aandag na Hom geluister dat hulle glad nie honger of moeg gevoel het nie. En tog het hulle dié dag ver geloop en was al lankal weg van die huis. Maar wat as hulle aanstons sou begin honger kry? Waar sou hulle kos kry? Die dissipels het gedink hulle Meester behoort die menigte mense nie langer op te hou nie, en hulle het dit vir Hom gesê.

Maar Hy het self daaraan gedink. Meteens vra Hy vir Filippus:

"Waarvandaan sal ons brood koop sodat al hierdie mense kan eet?" Hy wou Filippus maar net op die proef stel, want Hy het geweet wat Hy sou doen. Sy planne was al klaar agtermekaar.

Sou Filippus nou daaraan dink dat sy Meester die Seun van God is vir wie die see en die wind moes gehoorsaam, wat siekte en dood kon verdrywe, wat wyn kon maak van water?

Sou hy sê: "Here, U kan alles doen. As U sê hierdie klippe moet brode word, sal dit gebeur, en almal sal kan eet"?

O nee, Filippus het nie daaraan gedink nie. Hy het liewer gestaan en uitreken hoeveel geld nodig was om vir soveel duisende mense brood te koop. Hy het gesê: "Brood vir tweehonderd pennings sou skaars genoeg wees om elkeen net 'n happie te gee."

Die ander dissipels was nie verstandiger nie. Hulle geloof was net so klein. Hulle raad was:

"Here, stuur die mense liewer weg sodat hulle na die dorpe kan gaan en vir hulle kos koop."

Hulle het nie daaraan gedink hoe arm of hoe moeg die meeste van die mense was nie.

Maar die Here Jesus het daaraan gedink. Hy het gesê: "Hulle hoef nie weg te gaan nie. Gee julle vir hulle iets om te eet". Toe vra Hy vir hulle:

"Hoeveel brode het julle? Gaan kyk 'n bietjie."

Petrus se broer Andreas kom toe en sê: "Hier is 'n seuntjie wat vyf garsbrode en twee vissies het. Ja, maar wat is dit vir so baie mense?" En hy het wanhopig rondgekyk na al die duisende mense.

Toe sê Jesus: "Bring dit hier." Die seuntjie was gewillig om die kos af te staan en hulle het die mandjie neergesit voor die Here. Binne-in was vyf brode en twee klein vissies.

Toe het Hy die dissipels beveel om die mense klompies-klompies op die groen gras te laat sit.

Hulle was gehoorsaam, hoewel hulle glad nie verstaan het wat hul Meester nou doen nie.

Toe het hulle die menigte mense getel en hulle in groepe van honderd en van vyftig laat sit.

Die mense se klere was van allerhande kleure en dit het die groepe van ver af laat lyk soos groot kleurige blombeddings op die groen gras teen die skuinste van die heuwel.

Toe het die Here Jesus opgekyk na die hemel en die Vader gedank vir Sy goeie gawes. Hy het ook Sy hande opgelig en die klein voorraad voedsel geseën. Daarna het Hy die brood en die visse begin breek en dit in 'n paar mandjies; geplaas wat die dissipels daar voor Hom neer gesit het. Die dissipels kon hulle oë amper nie glo nie toe Hy aanhou en al die mandjies volmaak. So 'n groot wonder het hulle nog nooit gesien nie. Hulle het mandjiesvol weggedra 506



en uitgedeel, en wanneer hulle die leë mandjies terug bring, het Hy hulle weer volgemaak.

Vyfduisend manne en boonop ook nog baie vroue en kinders het oorgenoeg gekry om te eet. Soos in 'n droom het die mense later gesien hoe die dissipels twaalf mandjies volgemaak het met stukkies brood en vis wat oorgeskiet het.

Ruïnes van 'n tempel van Herodes te Sebastia (Samaria). "En in daardie tyd het Herodes, die viervors, die gerug van Jesus gehoor en aan sy knegte gesê: Hierdie man is Johannes die Doper. Hy het uit die dode opgestaan . . . ." *(Matt. 14:1, 2).*

Die Here wou nie hê daar moet iets verlore gaan nie. Ja, twaalf mandjiesvol het oorgebly nadat duisende mense geëet het van 'n paar brode en visse!

TOE die menigte mense uiteindelik besef dat hulle nie gedroom het nie, maar dat Hy 'n groot wonder verrig het, het hulle baie opgewonde geraak. Party het hul hande uitgesteek na Jesus en uitgeroep: "Hy is waarlik die groot profeet wat in die wêreld sou kom. Die Messias!

Die Messias het gekom! Ons Koning wat ons so lankal verwag ....!"

Nou was hulle seker dat die heerlike tyd, die aangename jaar van vryheid, waarop Israel gehoop het, uiteindelik gekom het. Die Romeine sou uit hulle land verdrywe word, want wat was hulle mag in vergelyking met Syne?

Die end van die wrede regering van die gehate goewerneur Pilatus en die goddelose koning Herodes sou nou gou kom. Die ou koninkryk van Dawid en Salomo sou heerlik herstel word.

En hoe groot en magtig sou Hy, Jesus die Messias, dit dan maak! Hoe gelukkig en voorspoedig sou Sy volk dan word!

Ja-nee, Hy moes hulle Koning word, en somaar nou op die plek! Die Paasfees was al naby.

Op daardie heilige fees van Israel se verlossing sou hulle Hom as Koning kroon in Jerusalem. Maar miskien wou Hy dit nie hê nie. Hy was mos so nederig en beskeie. Maar dit móés gebeur. As Hy dit nie wou nie, sou hulle Hom met geweld neem en gaan koning maak.

En Sy dissipels sou hulle seker help, want hulle oë het ook van vreugde geskitter. Ook hulle het onder mekaar gefluister en was net so geesdriftig as al die ander mense.

Tibérias aan die see van Galilea. "Maar ander skuite het van Tiberias aangekom naby die plek waar hulle die brood geëet het, nadat die Here gedank het" (Joh. 6:23).

Maar die Here Jesus, wat dit alles gesien en geweet het, het baie bedroef gevoel. Het Sy dissipels en die ander mense Hom dan so sleg geken! Dis waar, niks was vir Hom onmoontlik nie, en Hy kon Homself dadelik as koning laat kroon. Hy het dié reg gehad, want Hy was die seun van Dawid. Hy kon Israel se vyande, wat hulle so swaar laat kry het, vernietig. Hy kon die weg van verering en beroemdheid bewandel en in die paleis van 'n koning gaan woon.

Maar daar was ook 'n ander pad, 'n pad van skande en pyn, met 'n *kruis* aan die einde.

Langs daardie pad het ander vyande Hom ingewag wat nog sterker en wreder was as die Romeine. Die Satan en die dood het daar gelê en loer. En dit was juis om hulle te verslaan dat Hy na die aarde

gekom het. Hy het gekom om die doodstraf, wat die mense verdien het, te dra, en om vir hulle te ly en te sterwe.

En dan, na al daardie lyding, ja dan, het daar vir Hom ook 'n weg van heerlikheid gewag.

Want op die derde dag na Sy dood sou Hy opstaan uit die graf. Hy sou dan die koninkryk oprig wat Israel so lank verwag het en dit sou groter en heerliker wees as wat hulle ooit kon droom.

Dit sou nie 'n aardse koninkryk wees nie, maar 'n hemelse. Nie 'n koninkryk van die swaard en van geweld nie, maar 'n koninkryk van liefde.

Nou moes die Heiland kies tussen die twee paaie, en Hy moes dit dadelik doen. Want die menigte mense het al meer opgewonde geraak. Hulle het al meer saamgedring om Hom.

Hulle het al harder gejubel. Almal wou Hom nou openlik dwing om die koningskap oor Israel te aanvaar.

Maar Hy het die ander pad gekies. Hy het Sy dissipels geroep en hulle beveel om dadelik met die skuit na die oorkant van die meer te vaar. Hy sou self die mense huis toe laat gaan.

Die dissipels móés gehoorsaam, maar hulle het dit teësinnig gedoen. Hulle was diep 508

teleurgesteld. Hoekom word hulle gedwing om juis nou weg te gaan, nou dat dit so goed gaan? Hulle het stadig en onwillig na die skuitjie gegaan en weggevaar. Hulle Meester, hulle Koning, het agtergebly.

Toe het Jesus ook die ander mense na hulle eie dorpe weggestuur. Hulle was versterk deur die voedsel wat Hy so wonderlik voorsien het. En hulle het gehoorsaam. Hulle kon nie anders nie, maar hulle het net soos die dissipels bedroef en teleurgesteld huis toe gegaan.

Die Here Jesus het heeltemal alleen agtergebly. Dit het donker geword. En in die stilte van die aand het Hy die berg daar naby uitgeklim. En daar êrens in die donkerte het Hy neergekniel om te bid.

509

30. Jesus Loop op die See

Matthéüs 14:24-34; Markus 6: 47-53; Johannes 6:16-21

IE son was onder. Die nag het gekom. Dit was baie donker. Maar teen die helling van D die berg aan die oostekant van die meer van Galilea was daar 'n klein stippeltjie te sien.

Daar was 'n eensame Man op Sy knieë tussen die rotse. Dit was die Here Jesus. Hy was besig om te bid.

Die sterretjies het bo in die lug gevonkel en hulle gespieël in die stil water van die meer.

Hulle het op hul hemelbane getrek soos die Here God hulle laat gaan het. Die ure het verbygevlieg. Dit was al middernag, maar dit het gelyk asof Hy dit nie merk nie. Hy het aangehou bid.

Skielik het die wind opgekom en al harder gewaai. Dit het gedreun soos dit van die berg af waai oor die waters van die meer. Groot golwe het opgekom. Dit was genoeg om 'n mens benoud te laat voel. Maar dit het gelyk asof die Here Jesus dit daar op die berghelling nie gemerk het nie. Hy het gebid.

Nooit het iemand anders op die aarde gebid soos Jesus nie — so innig en vurig en gelowig.

Wanneer Hy gebid het, was Hy baie naby Sy Vader in die hemel, met wie Hy gepraat het en wie se antwoorde Hy gehoor het. Dit het gelyk asof Sy siel in die hemel opgeneem is.

Nou het Hy ook só gebid, met Sy hele hart en met al Sy krag. Uiteindelik het Hy weer opgestaan, versterk en bemoedig. Om Hom het die storm nog vreeslik gewoed. Dit was stikdonker, maar vir Sy oog was alles sigbaar. Hy het die see en die skuimende golwe gesien. In die middel van die meer het Hy 'n skuitjie gesien waarin twaalf manne hard roei teen die wind en vreeslik sukkel om vooruit te kom. Dit was so donker dat hulle mekaar nie kon sien nie. Maar vir Sy oë was die nag so lig soos die dag en Hy kon sien hoe bang hulle was. Die Here Jesus het toe langs die donker bergpaadjie afgeloop na die strand. Hy het die skuit in die oog gehou. Sy liefhebbende hart was daar by Sy dissipels. Wat kon Hom verhinder as Hy na hulle wou gaan? Hy het vorentoe geloop en met Sy heilige voete op die bruisende water getrap. Die golwe het voor hulle Meester gebuig en Hom gedra. En toe loop die Here reguit na Sy dissipels — oor die golwe, oor die diep water, dwarsdeur die storm van daardie donker nag.

TOE die dissipels die vorige aand, soos hul Meester beveel het, in die skuit gegaan en teësinnig weggevaar het, het hulle eers so naby as moontlik by die strand gebly en uitgekyk of hulle Hom nie sien kom nie. Maar toe dit al donkerder word en Hy nie kom nie, het hulle maar verder gevaar na die oorkant van die meer.

Hulle het al mismoediger geword. Hulle was bedroef omdat hulle mooi plan om Hom koning te maak, nie geluk het nie. Hulle het die beste bedoelinge gehad, maar dit het gelyk asof Hy hulle nie vertrou het nie. En nou was hulle alleen. Het Hy hulle dan nou ook vergeet?

DIE wind het skielik opgesteek; die golwe het hard geslaan teen die skuit. Hulle moes oorkant toe vaar, want hulle Meester het dit beveel, maar hulle het swaar gekry. Nadat hulle meer as 'n halwe nag geswoeg en geroei het, was hulle nog maar drie, vier myl ver. Teen drie-uur die nag was hulle nog maar in die middel van die meer. Sou hulle ooit die oorkant bereik? Die skuit was klein. Dit kon vol water loop of stukkend geslaan word deur die golwe.

Hulle was in die grootste nood en was bang hulle sou verdrink.

Hulle het gedink aan 'n vorige nag toe hulle ook so swaar gekry het in 'n storm. Nou ja, tóé het hulle verniet bang geword, maar toe was die Here Jesus by hulle in die skuit. Hy het geslaap en toe hulle Hom wakker maak, het Hy die storm met 'n paar woorde laat bedaar.

Maar nou? Sy plek was leeg. Hy het hulle alleen laat bly.

Hoor hoe hard waai die wind en hoe bruis die golwe! Die dissipels was oorgelewer aan die geweld van die storm, aan die bose magte daarvan.

510

Maar kyk! Wat sien hulle! 'n Wit gedaante kom daar aan oor die water .... Hulle het vreeslik geskrik. Hulle het mekaar vasgeklou en hardop geskreeu van vrees.

"'n Spook! Ons sien 'n spook!" het hulle uitgeroep. En toe hoor hulle meteens 'n stem wat vriendelik roep:

"Hou goeie moed, dit is Ek! Moenie vrees nie."

"Die Meester!" het een vir die ander gesê. "Dis die Meester! Dankie tog!" Toe het hulle nie meer aan wind of golwe gedink nie. As Hy by hulle is, is alles wel .... Dan het Hy hulle tog nie vergeet nie! Hy het dwarsoor die water geloop! Wie was Hy dan dat Hy so iets kon doen?

Petrus was die eerste wat 'n woord kon sê. Meer as ooit tevore het hy die Here Jesus vurig liefgekry en op Hom vertrou, omdat Hy hulle nie alleen gelaat het nie. Hy het verlang om somaar dadelik by sy geliefde Meester te kan wees. Hy kon nie wag nie.

Hy sê toe: "Here, as dit regtig U is, beveel my om op die water na U te kom!"

"Kom!" was Sy antwoord.

Net een woord, maar genoeg vir Petrus. Skielik het sy geloof groot en sterk geword. Sonder om bang te wees of eers na te dink, klim hy uit die skuit. Hy hou sy oë net op die Here Jesus en trap sonder om te aarsel op die water. En waarlikwaar, hy sink nie 'n duim nie! Jesus was baas van die golwe en Petrus, deur sy geloof in Hom, was dit ook!

Meteens het hy besef hoe wonderlik dit was dat hy so op die water loop. Eers het hy nie daaraan gedink nie. Hy het net aan die Here Jesus gedink en na Hom gekyk. Maar nou het hy met verbasing afgekyk na die donker, swart watervloer hier onder hom. Sou hy regtig nie sink nie? . . . . Hoor hoe waai die wind! Kyk hoe kom die golwe aan! Dit het gemaak dat Petrus die Here vergeet het. Hy het net aan homself en aan die water gedink. Hy het net die groot gevaar gesien.

En skielik, net soos sy geloof van so-ewe, het angs hom nou beetgepak. En toe, toe hy die Meester vergeet het, was dit ook klaar met sy vermoë om op die water te loop. Hy het somaar vinnig begin sink.

"Here, red my!" het hy uitgeroep en sy hand uitgesteek na Jesus toe. En daar voel hy die sterk hand van die Heiland wat hom gryp en optrek terwyl Hy sê: "Kleingelowige, hoekom het jy getwyfel?"

Hand aan hand het Petrus toe met sy Meester na die skuit op die water geloop. En toe het die wind gaan lê. Die see het so glad geword soos 'n spieël. Toe die dissipels hierdie nuwe wonder sien, het hulle voor Hom neergeval en Hom aanbid. "Waarlik, U is die Seun van God!" het hulle gesê.

En nou was hulle baie skaam. Hoe kon hulle die vorige aand so voorbarig gewees het om te besluit wat Hy moet word — 'n koning! Hoe ongelowig was hulle en hoe min het hulle van Hom gedink! Hy het nie húlle hulp nodig gehad nie!

Het hulle die wonder van die brode gesien? Nee, hulle het dit *nie* raakgesien nie. Hulle het nie daarop gelet dat dit 'n Goddelike wonder was nie. Anders sou hulle hul aan Hom toevertrou het en nie gedink het dat Hy hulle alleen sou laat bly nie.

Met baie eerbied het hulle nou na Hom gekyk.

En toe die rooidag oor die bergtoppe gebreek het, het hulle die strand bereik en die skuit vasgeanker.

511



'n Vrugbare deel van die Jordaanvallei. Die rivier is 64 myl (±102 km) lank van die See van Galilea af tot by die Dooie See en die Jordaanvallei is tussen 4½ en 12½ myl (7,2 – 20 km) breed. Links op die foto is die suidelike deel van die See van Galilea.

Die dorpie Kana in Galilea waar Jesus die water in wyn verander het. "Hierdie eerste van sy tekens het Jesus te Kana in Galilea gedoen ; en Hy het sy heerlikheid geopenbaar, en sy dissipels het in Hom geglo" (Joh. 2:11).

512

31. "Here, na wie toe sal ons gaan?

Matthéüs 15: 21-28; Markus 7: 24-30; Johannes 6:22-66

IE Here Jesus het met Sy dissipels op reis gegaan na 'n vreemde land. Hierdie land was D Fenicië wat aan die Middellandse See gelê het en noordwes van die land van Israel. Dit was die land van die

stede Tirus en Sidon, die land van Isébel, die goddelose vrou van koning Agab, en van die Baalpriesters. Dit was dieselfde land waar Elia eenmaal gebly het by die weduwee van Sarfat toe daar 'n groot droogte was.

Hoekom het die Here Jesus dan Sy eie volk verlaat en na hierdie heidense land gegaan?

Omdat die Jode Hóm verlaat het en nie na Sy woorde wou luister nie.

DIT het só gekom: Iets het in Galilea gebeur die dag nadat Hy die mense op so 'n wonderlike manier gevoed het. Nadat Hy hulle die vorige aand huis toe laat gaan het, het hulle Hom die anderdagmôre weer gaan soek op die plek vaar Hy gewees het. Hulle het gesien hoe die dissipels toe weggevaar het in die enigste skuit wat daar was, en hoe Jesus daar alleen agtergebly het. Nou dag hulle Hy moet nog daar wees en dat Hy weer vir hulle brood en vis sou gee soos die vorige dag.

Toe hulle Hom nie kon vind nie, was hulle baie teleurgesteld. Hulle sien toe by die strand 'n klompie skuitjies van vissers wat in die stad Tiberias daar naby gewoon het. En omdat hulle nou seker was dat Jesus nie meer daar was nie, het heelparty van hulle in die skuitjies geklim en oorgevaar na die oorkant van die meer. Op dié manier het hulle in Kapernaüm gekom en Jesus daar gaan soek.

En waarlikwaar, in Kapernaüm vind hulle Hom toe — tussen Sy dissipels net asof Hy nooit van hulle weg was nie! Die mense kon nie verstaan hoe Hy so gou by Sy dissipels gekom het nie, daar Hy die vorige aand nie saam met hulle in die skuit gegaan het nie. Hulle was verbaas en bly om Hom te sien.

Hulle vra Hom toe: "Rabbi, maar wanneer het U hier gekom?"

Bedroef het die Here Jesus hulle aangekyk. Hy kon sien hoe opgewonde en nuuskierig hulle was. Hy het ook geweet hoekom hulle gekom het: hulle wou net weer 'n wonder sien en brood van

Hom kry; Homself wou hulle nie hê nie. Hulle het nie gekom omdat hulle geglo het dat Hy hulle vir ewig gelukkig kon maak nie. Ja, as Hy hulle maar net altyd brood wou gee en wonders wou doen, sou hulle van Hom hou en Hom oral volg.

Maar as Hy dit nou nie doen nie? Want daarvoor het Hy mos nie na die aarde gekom nie. Hy het gekom om hulle 'n ander soort brood te gee — die brood van die ware lewe, die Woord van God. Nie om die honger van die liggaam te stil nie, maar die honger van die siel.

Maar ag, hulle siele het nie honger gehad nie. Daar was so min opregte verlange na God in hulle harte en so bitter min geloof. En Hy het bedroef geword toe Hy sien hoe min dit was.

Hy was nou al meer as 'n jaar lank in Galilea — en het al Sy werk daar so min gehelp?

Nou kon Hy maar net een ding doen om die mense te red. Hy moes hulle baie ernstig aanspreek en vertel wat hulle kortkom.

Dit het Hy gedoen en dit was nie aangenaam om te hoor nie. Maar Hy het dit gedoen omdat Hy die mense liefgehad het, en omdat Hy hulle siele wou red.

"Voorwaar, voorwaar sê Ek vir julle," het Hy met baie nadruk gesê, "julle het gekom omdat julle brood geëet en versadig geword het. Moenie werk vir die spyse wat vergaan nie, maar liewer vir die spyse wat bly tot in die ewige lewe, wat die Seun van die mens aan julle sal gee.

"Ek is die brood van die lewe. Elkeen wat na My kom, sal daarna nooit honger kry nie, en elkeen wat in My glo, sal nooit dors kry nie. Want Ek het uit die hemel neergedaal om die wil te doen van My Vader."

En toe was dit baie duidelik dat daardie mense geen geloof in Hom gehad het nie, want hulle het ontevrede vir mekaar gesê: "Maar is dit dan nie Jesus, die seun van Josef, wie se vader en moeder ons ken nie? Hoe kan Hy dan sê: Ek het van die hemel neergedaal?"

En toe Hy verder praat, het hulle gemerk dat Hy hulle geen brood meer sou gee nie, en toe het hulle somaar weggeloop. Hulle het gesê: "Hierdie woord is hard, wie kan daarna luister?"

En party van hulle wat lankal by Hom was en hulself ook al dissipels genoem het, het ook weggeloop. Toe hulle merk dat hulle nie meer aardse voordeel van Hom kon verwag nie, het hulle kwaad geword en Hom verlaat. Hulle het gemaak asof hulle Hom nie meer nodig gehad nie.

Jesus het darem nie heeltemal alleen gebly nie. Sy twaalf dissipels was nog getrou aan Hom. Maar die Here Jesus het geweet dat daar selfs onder hulle een was wat eintlik ook moes geloop het as hy eerlik wou wees. Daardie een het ook net voordeel, eer en rykdom van Hom verwag. Maar die ander dissipels het dit nie geweet nie. Jesus alleen het geweet dat dit Judas Iskariot was.

Toe vra Hy vir die twaalf, en Sy woorde het baie bedroef geklink: "Wil julle nie ook maar gaan nie?"

En Petrus was die een wat baie beslis geantwoord het: "Here, na wie toe sal ons gaan? U

het die woorde van die ewige lewe."

Judas het stilgebly. En nog een maal het die Here Jesus hom gewaarsku: "Het ek nie julle twaalf uitverkies nie? En een van julle is 'n duiwel."

Maar nog het Judas niks gesê nie. En hy het saam met die ander elf dissipels gegaan toe Jesus die land verlaat het.

Sou hy hom nog bekeer?

SY eie land het sonder Jesus agtergebly. Dit moes so wees. Miskien sou die mense na Hom begin verlang as hulle Hom 'n tydjie nie sien of hoor nie. Dit was ook nodig vir Sy vyande, die wetgeleerdes en die Fariseërs wat nie opgehou het om Hom teë te werk nie, dat Hy die land verlaat. Nou sou hulle tyd kry om na te dink en tot besinning te kom.

Juis omdat Jesus Sy volk so liefgehad het, het Hy hulle alleen gelaat, sodat hulle nog kans kon kry om hulle te bekeer.

NOU was Hy met Sy dissipels in Fenicië. Nou kon Hy 'n bietjie rus en het Hy ook tyd gekry om Sy dissipels te leer. Want in hierdie heidense land het Hy nie gepreek nie. Dit was nie omdat Hy die heidene verag het soos die Jode gedoen het nie. Hy het hulle net so liefgehad soos Sy eie mense. En later, wanneer Sy werk op aarde klaar sou wees, sou Sy dissipels die wêreld ingaan om aan die heidense volke te vertel hoe ook hulle vir ewig deur Hom gelukkig gemaak kon word.

Maar nou het die tyd van God nog nie vir die heidene gekom nie. Dis waar, die Samaritaanse vrou by die put het al in Jesus geglo en is deur Hom geseën. En ook die heidense hoofman van Kapernaüm. Maar dit was slegs heerlike voortekens van wat eendag sou gebeur. Dit was soos die eerste druppels van 'n groot reën wat sou kom. Ja, en kyk, ook hier in die land van Tirus en Sidon, sou 'n druppel van die genade van God val.

Die Here Jesus wou nie gehad het dat die mense weet dat Hy daar is nie. Maar tog het iemand dit uitgevind. 'n Vrou het skielik agter Hom en Sy dissipels aan geloop. Sy het gehoor van die wonders in Israel en sy het baie na Hom verlang, want Sy het Hom so nodig gehad. En noudat sy gehoor het dat Hy daar is, het sy Hom dadelik gaan soek.

"Here, seun van Dawid!" het sy geroep. "Help my asseblief! My dogter is erg van die duiwel besete."

Die Here Jesus het haar gehoor en het innig jammer gevoel vir die arme moeder. Maar Hy het haar nie 'n woord geantwoord nie. Hy het in Sy groot wysheid geweet wat Hy sou doen.

514

Hy het aangestap en gemaak asof Hy haar glad nie hoor nie. Maar die vrou het nie moed opgegee nie. Sy het agter die Heiland aangeloop en aangehou om te smeek vir haar kind.

"Here, seun van Dawid, asseblief, asseblief!" Die dissipels wou nie hê sy moet so lastig wees nie. Die ander mense sou ook hoor wie dit is wat daar loop, en dan sou Jesus geen rus meer kry nie.

"Meester, stuur haar tog weg," het hulle gesê, "want sy roep al agter ons aan."

Toe antwoord Hy hardop sodat die vrou ook kon hoor: "Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel."

Maar Hy het haar nie weggestuur nie. Nooit het Jesus iemand wat Sy hulp gevra het, weggestuur nie. Hy het die vrou maar net 'n bietjie laat wag om haar geloof op die proef te stel.

Toe kom sy en val voor Hom neer op haar knieë, sodat Hy nie verder kon loop nie.

"Here, help my!" het sy uitgeroep.

Maar nog het die Here gemaak asof Hy haar nie wou help nie. Hy het geantwoord: "Dis nie mooi om die brood van die kinders te neem en dit vir die hondjies te gooi nie."

Die vrou het goed verstaan wat Hy bedoel. Die "kinders" was die volk van Israel. Die

"hondjies" was die heidene, en dié vrou was ook 'n heidin. Sy het nie beledig gevoel of aanstoot geneem nie. Sy het goed geweet dat die

Messias uit Israel gebore is en dat Israel die meeste reg gehad het om deur Hom gehelp en geseën te word. Maar Sy mag en Sy seën was so oneindig groot dat daar tog seker vir haar ook 'n bietjie oor sou wees!

En toe het sy so mooi geantwoord: "Ja, Here, maar die hondjies eet darem van die krummels wat van die tafel van hulle base afval!"

Toe antwoord die Here Jesus met groot blydskap:

"O vrou, groot is jou geloof. Laat dit vir jou wees soos jy wil hê!"

En toe die vrou tuis kom, sien sy haar dogter is heeltemal gesond. Sy het kalm op haar bed gelê en geglimlag toe haar moeder in haar kamer kom. Die groot geloof van daardie heidense vrou is nie beskaam nie.

32. "U is die Christus"

Matthéüs 15: 29-39; 16:1-28; Markus 7: 31-37; 8:1-38; 9:1; Lukas 9:18-27

IE Here Jesus het ver gereis buitekant Galilea. Van Fenicië af het Hy met Sy dissipels D weer teruggegaan na die Ooste. Hulle het die berge oorgegaan en agter hulle het die blou water van die groot see gelê. Dit was oor daardie see dat die evangelie later sou gebring word na die mense van Europa, wat ons voorouers was. Hulle het uiteindelik weer by die Jordaan gekom wat vinnig en bruisend deur 'n dal geloop het. Maar sy water was daar nie so breed of so diep soos in Judea nie. Die Here Jesus en Sy dissipels kon maklik daardeur loop, en hulle het gekom in Dekapolis, waar daar tien stede naby mekaar gebou was. Dit was 'n half heidense landstreek aan die een kant van die meer van Galilea. En net waar Hy gekom het, was Hy die groot trooster en helper van almal wat ongelukkig was.

Niemand het verniet na Hom gekom in sy nood nie. Met baie liefde en die grootste geduld het Hy almal altyd gehelp.

HULLE het 'n man na Hom gebring wat doof was en baie swaar gepraat het. En Hy het hom opsy geneem, weg van al die ander mense. Toe het Hy Sy vingers in die man se dowe ore gesteek, en ook sy tong aangeraak. Dit het beteken: die ore en die tong moet gesond gemaak word. Daarna het Hy opgekyk na die hemel en toe gesug. Dit het beteken: "Die Vader in die hemel verhoor die gebed." En toe sê Jesus: "Effata," dit is: "Gaan oop!"

En dadelik het die man se ore 'oopgegaan en sy tong losgeraak. Hy kon meteens hoor en reg praat. Deur die wonderkrag van Jesus hoor hy hoe mooi die voëltjies sing en hoe die wind in die bome ruis. Maar die mooiste wat hy kon hoor, was die stem van die Here Jesus.

Saam met die ander mense het hy gejuig: "Jesus het alles goed gedoen: die dowes laat Hy hoor en die stommes praat."

Die Here Jesus het hulle beveel om dit vir niemand te vertel nie. Hy wou nie hê die mense moes Hom hier ook soek net om Sy wonders te sien nie. Maar die mense kon eenvoudig nie stilbly nie. En toe het talle mense weer na Hom gekom met hulle kreupeles en blindes en stommes en verlamdes en ander siekes. En nadat Hy almal gesond gemaak het, het die mense die God van Israel geprys.

HIER in Dekapolis het die Here Jesus 'n tweede maal brode vermeerder en 'n menigte mense gevoed. Toe hulle drie dae by Hom gebly en hul kos opgeraak het, wou Hy hulle nie honger huis toe laat gaan nie. Party het van ver gekom en kon op die pad beswyk van uitputting. Hy het vir Sy dissipels gesê dat Hy innig jammer vir hulle voel. Toe het Hy weer net so 'n groot wonder gedoen soos tevore in Galilea. Nou was daar sewe brode en 'n paar vissies. Daarvan het vierduisend mans en ook nog vroue en kinders genoeg kon eet. En sewe mandjies is volgemaak van die stukkies brood wat oorgebly het. Daarna het Hy die mense weer weggestuur.

NOU was Hy weer naby Sy eie mense. Hy kon maar net oor die meer gaan om weer in Galilea te kom. Dit het Hy ook gedoen. Hy het verlang na die verlore skape van Israel. Maar toe Hy by hulle kom, vind Hy dat die Fariseërs en die Skrifgeleerdes weer oorgehaal was om met Hom te twis. Hulle het gevra dat Hy hulle 'n teken uit die hemel moet laat sien, sodat hulle kan weet dat die Here God Hom gestuur het. Sulke geveinsdes! Hulle was mense wat kon sien dat daar mooi weer sou kom as die lug in die aand helderrooi was. En as dit in die oggend donkerrooi was, het hulle geweet dat daar 'n storm sou kom.

Nou het hulle ook gesien hoe verlamde mense weer loop en melaatses gesond word; dowes hoor en blindes sien; dooies weer lewe en dat die evangelie aan die armes gepreek word.

Het hulle dan nog nie verstaan dat die Messias gekom het nie?

Toe sê die Here Jesus: "Julle geveinsdes, julle weet goed genoeg om die voorkoms van die lug te onderskei. Hoe kan julle die tekens van die tye dan nie onderskei nie?"

En Hy het nie vir hulle die teken uit die hemel gegee wat hulle wou hê nie. Hy sou hulle geen 516

ander teken gee nie as die teken van Jona wat drie dae in die vis was. Hy sou ook drie dae in die graf wees en dan opstaan en daar uitkom.

Die Here Jesus het toe weer na 'n ander plek

gegaan. Hy was bedroef omdat die hart en

afguns van die vernaamste Jode niks minder geword het nie. Dit het hulle eerder verblind en hulle sou Hom nog eendag aan die kruis nael, soos Hy toe al vooruit geweet het.

MAAR die tyd om te ly en te sterwe, het nog nie gekom nie. Die Here Jesus kon nog gaan waar Hy wou. Hy het in Betsaida gekom en 'n blinde man se oë gesond gemaak. Hierdie man het Hy eers na die buitekant van die dorp geneem. Daar het Hy in sy oë gespuug en Sy hande op hom gelê. Toe vra Hy hom of hy iets sien.

Die man het opgekyk — maar alles was nog dof voor hom — en gesê: "Ek sien die mense, want ek sien hulle soos bome loop."

Daarna het Hy weer Sy hande op sy oë gelê en hom laat opkyk. En toe kon die man almal van ver af duidelik sien. Hy was heeltemal gesond en het gebewe van blydskap.

Jesus het hom toe dadelik na sy huis gestuur en gesê: "Moenie na die dorp gaan of dit vir iemand

in die dorp vertel nie."

So het Hy die man beskerm teen die ligsinnige

Die Jordaan naby die berg Hermon.

gepraat van onkundige mense. Tuis kon hy in

Nie

ver

hiervandaan

nie

het

die stilte die Here God die beste dank vir die

plaasgevind wat beskrywe word in

wonder wat met sy oë gebeur bet.

Matt. 16:13: "En toe Jesus in die streke

van Cesarea-Filippi kom, vra Hy sy

Die Here Jesus het toe met Sy dissipels na 'n

dissipels .... *En Simon Petrus*

afgesonderde plek gegaan, waar Hy hulle iets

antwoord en sê: U is die Christus, die

wou leer wat baie moeilik was om te verstaan.

Seun van die lewende God."

HULLE het ver weg na die Noorde toe gegaan.

Daar kon hulle die sneeu op die top van die berg Hermon sien blink in die verte. Daar was die Jordaan nog maar 'n klein stroompie. Daar op pad na die dorpie Cesarea-Filippi het die tyd aangebreek toe Hy vir Sy dissipels wou vertel dat dit met Hom heeltemal anders sou gaan as wat hulle gedink het. Toe Hy besig was om alleen te bid en Sy dissipels by Hom was, het Hy hulle gevra: "Wie sê die mense is Ek?" En hulle het geantwoord: "Party mense sê U is Johannes die Doper. Ander sê Elia, want hulle meen hy sal eers kom, voor die Messias. Daar is ook dié wat sê Jeremia, of een van die ander profete."

Die Here Jesus het geknik. Hy het self geweet alles wat van Hom gesê word. En toe vra Hy skielik: "Maar julle, wie sê julle is Ek?"

Simon Petrus was gewoonlik die een wat die gouste gepraat het. Sonder om homself 'n oomblik te bedink, antwoord hy beslis: "U is die Christus, die Seun van die lewende God!"

Heilige vreugde het toe in die hart van die Here Jesus gekom, want Hy het geweet dat Petrus en die ander se geloof nie uit hulself gekom het nie, maar dat dit die Here God was wat hulle harte geopen het om te glo. Met daardie vaste geloof sou hulle eendag as apostels of sendelinge, die wêreld ingaan.

Oral sou hulle dan gaan preek dat Jesus die Christus is, die Seun van die lewende God.

Daarby sou hulle rotsvas staan, en niks sou hulle anders laat glo of preek nie.

Almal wat dit ook glo, sou Sy ware dissipels wees. Saam sou hulle Sy gemeente, Sy kerk vorm. Die duiwel sou sy bes doen om die kerk uit te roei, maar sou dit nóóit regkry nie. Want die geloof dat Hy die

Seun van God is, sou die rots wees waarop Sy kerk sou staan. Daardie geloof was net uit God.

Daarom het die Here Jesus gesê:

"Salig is jy, Simon, seun van Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou bekend gemaak nie, maar My Vader in die hemel. En Ek sê ook vir jou, jy is Petrus, die rotsman, en op hierdie rots sal Ek My gemeente bou. Die poorte van die doderyk sal dit nie kan oorweldig nie."

Daarna het Hy Sy dissipels bevel gegee om nog nie vir iemand te vertel dat Hy die Christus of Messias was nie. Later eers, as Sy werk klaar sou wees, moes hulle dit oral verkondig.

Maar *nou* nog nie. As hulle dit nou al sou doen, sou dit Hom hinder in Sy werk. Die mense sou Hom weer koning wil maak. Dit mag nie gebeur nie. Sy Koninkryk sou vir seker kom, maar dit sou baie anders wees as wat die mense verwag. Dit sou kom langs 'n weg van baie lyding.

En dit het die Here Jesus nou vir Sy dissipels uitgelê. Hy het vertel dat dit nie meer lank sou duur nie voordat Hy na Jerusalem sou moet gaan om baie te ly en doodgemaak te word.

Maar op die derde dag sou Hy weer opstaan uit die graf. Dit het die profete reeds voorspel en dit alles sou gebeur. Hy sou heeltemal gewillig ly en sterwe.

Dit het die Heiland alles vertel. Sy dissipels was baie geskok en hulle het met ontsteltenis na Hom gekyk. Want hulle het hul nog altyd die mooi droom van 'n wonderlike aardse koninkryk voorgestel. Dan was dit tóg waar dat daar nooit so 'n koninkryk sou wees nie! Jesus het dit nou reguit vir hulle gesê! Moes hulle Meester, vir wie hulle so liefgehad het, dan regtig binnekort baie ly en sterwe? O nee, dit mag nie gebeur nie! Hulle kon so 'n gedagte nie verdra nie.

En Petrus, wat nooit nagedink het nie en altyd die eerste was om te praat, het die Here opsy geneem om alleen met Hom te kan praat. Moontlik was hy 'n bietjie hoogmoedig omdat die Here Jesus hom kort tevore so geprys het. En hy het dit waarlik gewaag om die Here te bestraf asof hy die meester was! Hy het gesê:

"Here, U moet nooit weer sê dat U sal moet ly en sterwe nie. Mag God U bewaar dat dit U

nooit sal oorkom nie!"

Maar toe Petrus klaar gepraat het, het hy meteens inmekaar gekrimp van skrik. Die Here het so kwaai na hom gekyk en Sy stem was so hard en streng asof Petrus nie meer Sy dissipel was nie. Hy het gesê:

"Gaan weg agter My, Satan! Jy bedink nie die dinge van God nie, maar van die mense!"

Dit was nie eintlik vir Petrus wat Hy dit gesê het nie, maar vir die duiwel wat vir Petrus gebruik het om die Heiland weer te versoek, soos in die woestyn. Petrus was bleek en verleë toe hy na die ander dissipels teruggaan. Hy was baie skaam omdat hy hom so deur die Satan laat gebruik het.

MAAR die stem van die Here Jesus was al weer vriendelik en minsaam. Hy het almal geroep wat by Hom behoort het en aan hulle gesê dat hulle ook gewillig sal moet wees om te ly as hulle Sy dissipels wou wees: "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg."

Ja, hulle moes selfs gewillig wees om vir Hom te sterwe. Dan sou hulle die ewige lewe vind.

"Want elkeen wat sy lewe wil red," het Hy verder gesê, "sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit vind."

Hulle moes nie meer droom van rykdom en eer nie. Sulke dinge kan 'n mens nie waarlik 518

gelukkig maak nie. "Want wat help dit 'n mens as hy die hele wêreld kry, maar skade ly aan sy siel?"

En toe het die dissipels tog weer hoop en troos gekry. Die Meester het hulle ook vertel dat party van hulle nie sou sterwe voordat hulle sou sien dat Hy in Sy koninkryk gekom het nie.

O, daar was nog baie dinge wat Hy sou sê wat hulle nie mooi sou verstaan nie. Maar hulle het Hom stil en eerbiedig gevolg op die pad na Cesarea-Filippi. Hulle wou hom ook hul lewe lank volg, al sou Hy hulle waar ook al lei. Want Hy was tóg die Seun van God. En Sy koninkryk sou tóg eendag kom!

519

33. Op die Berg van Verheerliking

Matthéüs 17:1-21; Markus 9:2-29; Lukas 9: 28-43a

WEEK nadat Jesus met Sy dissipels op die pad van Cesarea-Filippi omtrent Sy lyding

'N gepraat het, het iets so wonderliks en heerliks met Hom gebeur dat die dissipels wat dit gesien het, dit nooit sou vergeet nie.

Die Here Jesus het drie van Sy dissipels — Petrus, Jakobus en Johannes — na 'n hoë berg geneem om saam met Hom tot bo uit te klim. Daar wou Hy gaan bid. Dit was aand. Die son was al onder toe hulle bo kom. Dit het donker en al donkerder geword. Die nag het die aarde bedek soos 'n groot swart sluier. En in die stilte van die nag was die Here op Sy knieë.

Petrus en die ander twee het daar naby gaan sit. Miskien het hulle ook gebid. Maar hulle kon nie so innig en so kragtig soos hul Meester bid nie. Hulle was moeg van die loop en die klim, en het baie vaak

gevoel. Hulle het met hul kop teen 'n rots geleun en aan slaap geraak.

Toe hulle wakker word, skyn daar êrens 'n helder lig. Was dit dan al dag? Nee, verder weg was dit nog pikdonker en die son was nog nie op nie.

Net hier voor hulle, waar die Heiland gekniel het, was dit lig, en daar was hulle Meester.

Maar was dit regtig Hy? Sy voorkoms was heeltemal anders. Hy het soos 'n engel gelyk. Sy aangesig het geblink soos die son en Sy klere was skitterend wit. En kyk, twee hemelse gedaantes het by Hom gestaan. Dit was Moses en Elia wat uit die hemel gekom het. Hulle twee het met Hom oor Sy lyding en dood gepraat.

Dit was so 'n mooi en heerlike gesig dat die dissipels dit nie kon waag om te praat nie. Hulle het met eerbied en vrees gesit en kyk daarna. Dit het gelyk asof die hemel na die aarde gekom het.

Maar toe die twee hemelinge van Hom afskeid neem, kon Petrus hom nie meer bedwing nie.

Hy wou hierdie Goddelike wonder vashou. Hy wou die hemel op die aarde laat bly. Hy het nie eintlik geweet wat hy praat nie toe hy sê: "Meester, dit is goed dat ons hier is. As U dit wil, laat ons hier drie hutte maak — een vir U, een vir Moses en een vir Elia."

Maar voordat hy verder kon praat, het 'n wolk uit die hemel gekom en die Here Jesus en~Moses en Elia bedek. En toe hoor hulle 'n stem uit die wolk wat sê:

"Dit is My geliefde Seun, in wie Ek 'n welbehae het. Luister na Hom."

Dit was die stem van God die Vader. Toe die dissipels dit hoor, het hulle op hul gesig geval en hulle was baie bang. Hulle kon dit nie

waag om op te kyk nie. Maar toe voel hulle 'n hand wat hulle aanraak. Die vriendelike stem van die Meester het gesê:

"Staan op en moenie vrees nie."

Toe hulle opkyk, het hulle niemand meer gesien nie as net die Here Jesus. Hulle het rond en rondgekyk, maar daar was niks meer van die gesig nie: geen lig, geen wolk, geen hemelse gedaantes nie. Net die Here Jesus was nog by hulle.

Was dit alles maar 'n droom? Nee, geen droom nie, maar 'n heerlike werklikheid ! Hulle eerbied en liefde vir hul Meester was nou nog groter as tevore. Nou hoef hulle nie meer te vra wie Hy was nie. Met hul eie oë en hul eie ore het hulle gesien en gehoor dat Hy die Seun van God is.

Versterk en verkwik het hulle van die berg afgegaan en hul geheue was nog vol van die wonder wat hulle gesien het. Hulle het die son in al sy prag gesien opkom, maar liefliker as die son was hul Meester daar op die berg. Hulle het die lig van die son gesien skyn op die aarde, maar nog mooier was die lig wat daardie nag van die Here Jesus uitgestraal het.

Hulle het gehoor dat Hy vir hulle sê hulle moet vir niemand iets vertel van die gesig voordat Hy uit die dood opgestaan het nie. Maar hulle kon dit nie verstaan nie, en het onder mekaar gevra wat dit beteken "om uit die dood op te staan."



Die berg Tabor, in die noordoostelike hoek van die laagte van Jisreël, ongeveer vyfmyl oos-suidoos van Nasaret. Sommige meen dat dit op hierdie mooi berg was dat Jesus voor die oë van drie van Sy dissipels van gedaante verander het en waar die stem uit die wolk gekom het: "Dit is my geliefde Seun, luister na Hom !" (Luk. 9:35).

521

Dit was nie eens 'n week gelede nie dat die Meester reguit met hulle gepraat het van Sy lyding en dood in Jerusalem, maar dit het gelyk asof hulle dit al weer vergeet het. En net 'n paar uur tevore het hulle gehoor hoe Moses en Elia ook daaroor met Hom praat — maar dit het skynbaar geen indruk op hulle gemaak nie. Sou Hy ly en sterwe, Hy wat die magtige Seun van God is? Nee, dit wou hulle nie glo nie. Hulle verstand kon so 'n vreeslike wonder nie vat nie.

En daar was nog soveel meer wat hulle nie kon verstaan nie. Op die berg het hulle vir Elia gesien. Maar die Skrifgeleerdes het altyd gesê dat Elia eers moes kom en dan die Messias.

Hoe moet hulle dit nou verstaan?

Onderwyl hulle met die bergpad afloop, het hulle die Messias self gevra hoekom daar gesê word dat Elia eers moes kom. Toe antwoord Hy dat dit waar is dat Elia eers sou kom. En Elia het ook al gekom, maar die mense het hom nie herken of in hom geglo nie. Hulle het hom bitter swaar laat ly en só sou dit ook gaan met Hom, die Seun van die mens.

Hy het aan die dissipels verduidelik dat Johannes die Doper die beloofde Elia was wat gekom het om Sy weg voor te berei.

Ag, hoe nodig was dit tog nie dat Hy nog by hulle op die aarde sou bly! Hoe onkundig en swak was die dissipels sonder Hom!

Toe hulle aan die onderkant van die berg kom, sien hulle die ander nege dissipels hulpeloos en verleë tussen 'n lawaaierige skare mense

staan. 'n Paar Skrifgeleerdes het met hulle gestaan en twis en spot.

Maar toe die Here Jesus nader kom, het dit stil geword. Die mense het Hom tegemoet geloop en eerbiedig gegroet. Hy vra toe vir die Skrifgeleerdes: "Hoekom twis julle met hierdie manne?" En toe kom daar 'n man uit die skare en val voor Hom op sy knieë en sê:

"Here ontferm U oor my seun. Dis my enigste seun en hy ly swaar. Hy is doof en stom en kry vreeslike aanvalle van 'n bose gees wat in hom woon. Ek het U dissipels gevra om die gees uit hom uit te drywe, maar hulle kon nie."

Die Here Jesus het bedroef geword toe Hy dit hoor. Daar was so 'n groot verskil tussen wat kort tevore op die berg gebeur het en wat Hy nou sien. Nou was Hy weer omring deur mense wat gely het en vol sonde en ongelowig was. Die pad wat Hy moes loop, was 'n moeilike pad.

Hy het gesug en gesê: "O ongelowige en verdraaide geslag, hoe lank sal Ek nog by julle wees? Hoe lank sal Ek julle nog verdra?"

Maar Hy was tóg gewillig om weer te help en het gesê: "Bring jou seun hier na My."

Hulle het hom gebring. Hy was al 'n groot seun. En net toe hy by die Here kom, het hy skielik weer een van sy verskriklike aanvalle gekry. Hy was maansiek soos hulle dit genoem het.

Jesus was baie jammer vir hom en het gevra: "Hoe lank is hy al so?"

Die vader het geantwoord: "Vandat hy klein was. Dikwels het hy al in die vuur of in die water geval."

Toe steek die man sy hande smekend na Jesus uit en sê half wanhopig: "Ag, as U iets kan doen, ontferm U oor ons en help ons."

"As U iets kan doen .... " het die man gesê. Hy het die Here Jesus nog maar baie sleg geken.

Maar Jesus het geantwoord: "As jy net kan *glo*; alles is moontlik vir die een wat glo."

En toe kom daar trane in die oë van die vader. Het dit dan van hóm afgehang of sy kind sou gesond word? Moes hy net glo?

Hy het goed geweet hoe klein sy geloof is, en wou so graag 'n groot en sterk geloof hê. Toe 522

sê hy met 'n snikstem: "Ek glo, Here, kom asseblief my ongeloof te hulp."

Dit was genoeg. Iemand wat só na Jesus kom, sal nie beskaam word nie.

Die Here het die bose gees wat in die seun was, bestraf en gesê: "Jou stom en dowe gees, gaan uit en kom nooit weer in hom nie."

En die gees moes gehoorsaam wees. Hy het die seun eers hard laat skreeu en stuiptrekkings laat kry, en toe uitgegaan. Daarna het die seun so stil gelê dat party mense gesê het: "Hy is dood."

Maar Jesus het hom by die hand gegryp en hom opgerig en gesond aan sy vader teruggegee. Baie dankbaar en gelukkig het die vader en sy seun huis toe gegaan.

Die Here Jesus het ook geloop en Sy dissipels het stil agter Hom aan geloop. Drie was nog vol van die heerlikheid wat hulle op die berg gesien het, maar die ander nege was baie skaam omdat hulle nie in staat was om die seun gesond te maak nie. En toe hulle alleen met hul Meester was, het hulle gevra:

"Hoekom kon ons die bose gees nie uitdrywe nie?"

Toe het Hy vir hulle verduidelik dat dit was omdat hulle so ongelowig was. Vir die geloof is niks onmoontlik nie. Die waaragtige geloof in die mag van die Here kan, as dit nodig is, 'n berg verskuiwe.

Hoe nodig was dit tog dat die Here Jesus nog by hulle sou bly!

HY het verder met hulle in Galilea rondgegaan. Hy, wat op die berg die heerlikheid van die hemel geniet het, het nou weer soos 'n mens hier op aarde gelewe. Hy het Sy dissipels baie geleer en hulle vrae geduldig beantwoord.

Só sou Hy tot die einde toe doen, totdat Hy in Sy grenselose liefde vir sondaars, en gehoorsaam aan Sy Vader, aan die kruis sou sterwe.

523

34. Ware Nederigheid

Matthéüs 17:22-27; 18:1-20; Markus 9: 30-50; Lukas 9: 43b-50.

IE Here Jesus moes baie geduld hê met Sy dissipels. Hulle het so min verstaan.

D Partymaal het dit gelyk asof hulle nie *wou* verstaan nie.

Hy het gesê: "Salig is die vredemakers." Maar hulle het baie min van mekaar verdra en oor die kleinste dingetjies gestry.

Dan het Hy ook gesê: "Dié wat agter My wil aankom, moet homself verloën." Dit beteken om onselfsugtig te wees en jouself nie meer lief te hê as vir ander mense nie. Maar hulle het hulself nie verloën nie. Hulle wou graag vereer word en was jaloers en hoogmoedig.

Verder het Hy gesê: "Julle moet mekaar liefhê." Maar hulle het *hulself* liefgehad.

EENDAG toe hulle op pad was na Kapernaüm, het Hy reguit met hulle gepraat van Sy lyding wat nou naby was. Hy het gesê:

"Die Seun van die mens sal oorgelewer word in die hande van die mense. Hulle sal Hom doodmaak en op die derde dag sal Hy opstaan."

Hoekom moes hulle dit al weer hoor? .... Sterwe? .... Hulle kon nie verstaan dat Hy so iets kon sê nie. Hulle wou Hom uitvra, maar het dit nie gewaag nie.

"Ons moenie daaraan dink om oor so iets te praat nie," dag hulle. Hulle wou liewer niks meer weet van so 'n onverstaanbare saak nie .... Hulle wou liewer vergeet wat die Here gesê het.

Om te ly? Om te sterwe? Nee, hulle het iets mooiers en beters gehad om aan te dink. Hulle wou liewer dink aan Sy koninkryk wat eendag sou kom, daardie mooi ryk van die Messias ....

Hulle wou sorg dat hulle self in dié koninkryk, na die Here Jesus, die vernaamste sou wees.

Maar wie van hulle twaalf was nou die vernaamste? En hulle het onder mekaar gepraat oor wie nou eintlik die grootste onder hulle was. Elkeen dag dit is hy. Was dit miskien Andreas en Johannes wat eerste na die Here Jesus gekam het? Of Petrus? Hy was ook een van die eerstes, en hy het 'n nuwe, eervolle naam gekry. Of Judas?. Hy was so belangrik dat hy die beurs moes dra om alles wat nodig was te kan koop. Miskien was dit Mattheüs, wat sy rykdom en betrekking as tollenaar ter wille van die Here laat staan het .... Elkeen het aan 'n goeie rede gedink waarom hy die vernaamste moes wees.

Onderwyl hulle 'n entjie agter hul Meester loop, het hulle hard onder mekaar getwis. Die een wou nie toegee dat die ander beter was as hy nie. Daarvoor was hulle te afgunstig op mekaar. Niemand wou homself die minste reken nie. Hulle het kwaad geword vir mekaar en brom-brom agter die Here Jesus aan geloop.

Jesus het geweet wat gaan aan, dog het vir eers maar stilgebly. Ag, as Hy Hom ook nie sou verneder het nie, sou Hy nooit uit die hemel na hierdie sondige wêreld gekom het nie. As Hy net aan Homself gedink het, sou Hy Sy hoogmoedige dissipels geen oomblik langer verdra het nie.

Hy het stilgebly. Maar toe hulle in Kapernaüm kom, het Hy vir Sy leerlinge 'n voorbeeld van ware nederigheid gestel.

IN Kapernaüm was daar manne wat die tempelbelasting moes invorder. Elke Israeliet moes een maal in die jaar 'n halwe sikkel tempelbelasting betaal, wat in ons geld vandag ongeveer een sjieling en ses pennies werd is.

Daarom het die manne vir Petrus gevra: "Betaal julle Meester nie die tempelbelasting nie?"

Petrus het geantwoord: "Ja." Natuurlik sou Hy dit betaal, dag Petrus, net soos al die ander mense. Sou sy vrome Meester dan nie Sy geldelike verpligting teenoor die huis van die Here nakom nie?

Maar toe hy in die huis kom waarheen Jesus met Sy dissipels gegaan het en Hom dit wou vra, was Jesus hom voor, Jesus vra toe vir hom: "Wat dink jy, Simon, van wie neem die konings van die aarde tol of belasting — van hulle seuns of van die vreemdelinge?"

Petrus antwoord toe: "Van die vreemdelinge."

Jesus het geknik en gesê: "Ja, en dan is die seuns vry."

En toe het Petrus ingesien hoe verkeerd sy mening was. Die tempel was die huis van God.

En sy Meester was die Seun van God en daarom Here van die tempel. Hy het dus niks geskuld nie. Hy hoef nie belasting te betaal nie.

Maar tog wou Hy dit doen. Hy wou nie hê die mense moet dink Hy doen nie Sy plig nie, want dan sou hulle nie na Hom wil luister nie. Al was dit vir Hom 'n vernedering sou ook Hy betaal, maar op 'n koninklike manier.

Toe sê Hy: "Maar dat ons hulle nie aanstoot gee nie, gaan na die see en gooi 'n hoek uit.

Neem die eerste vis wat opkom, en as jy sy bek oopmaak, sal jy 'n muntstuk daarin kry.

Neem dit en gee dit aan hulle vir My en vir jou."

Dus moes Petrus nog 'n maal gaan visvang, en nooit tevore het hy iets so wonderliks uit die water gehaal nie. Presies soos die Here gesê het, het gebeur. Die eerste vis wat hy optrek, het 'n blink geldstuk in sy bek gehad. Dit was 'n stater en die waarde was genoeg om die belasting van Jesus en van homself te betaal. En Petrus het dit gaan gee aan die manne wat die belasting moes ontvang.

DIE Here Jesus het net so gedoen soos die nederigste Israeliet moes doen. Sou Sy dissipels die les verstaan en onthou het?

Onderwyl hulle daar in die huis was, vra die Here Jesus skielik: "Waaroor het julle op die pad geredeneer?"

Hulle het geskrik en stilgebly. Verleë het hulle afgekyk. Want wie kon in die oë van hul Meester kyk en dan nog dink aan eer en grootheid? En toe hoor hulle Hom sê:

"As iemand die eerste wil wees, moet hy die laaste, en almal se dienaar, wees."

Hulle kon niks vir Hom wegsteek nie. Toe vra hulle hom wie dan die grootste in die koninkryk van die hemele is. En toe sien hulle dat Hy 'n kindjie na Hom toe roep. Die knapie het daar onskuldig in die huis tussen die groot mense gespeel. Hy het vrolik na Jesus gekom, want geen kind was ooit vir Hom bang nie. Hy het die kindjie daar voor hulle laat staan en Sy arm om hom geslaan. Miskien het die dissipels in hul hoogmoed nie veel van die kindjie notisie geneem nie. Maar die Here wou hê hy moes vir hulle 'n voorbeeld wees.

Die Here het toe gesê: "Voorwaar, Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie. Elkeen wat homself verneder en so gering soos hierdie kindjie word, hy is die grootste in die koninkryk van die hemele."

En toe het Hy hulle geleer dat die Here God juis daardie mense liefhet wat nederig en gering word soos kindertjies. Onaansienlike en arm mense word in die wêreld verag. Wie van die hoë mense ontvang hulle in hul huise en is goed vir hulle? Dis vir hulle 'n eer om ander ryk en vername mense te ontvang. Maar in die koninkryk van God is dit anders.

Toe het die Here Jesus Sy dissipels so ernstig gewaarsku soos Hy nog nie tevore gedoen het nie: "En elkeen wat een van sulke kindertjies in My Naam ontvang, ontvang My; maar elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, laat struikel, dit is vir hom beter dat 'n meulsteen aan sy nek gehang word en hy wegsink in die diepte van die see."

Die dissipels het toe ingesien hoe dwaas hulle gehandel het. Hulle moes mekaar baie dinge vergewe. Maar Hy wat die nederigste van almal was, moes die meeste vergewe.

525

35. Sewentig maal Sewe maal

Matthéüs 18:21-35

IE Here Jesus het nog baie meer met Sy dissipels in Kapernaüm gepraat. Hy het hulle D geleer wat om te doen as hul broer hulle sleg behandel. Hulle moes nie somaar dadelik so kwaad word dat hulle dit oral gaan vertel nie. Nee, hulle moes by niemand gaan kla nie.

Hulle moes eers na die broer gaan en vriendelik met hom praat. En as hy spyt kry, moes hulle hom vergewe, al het hy hulle ook hoe sleg

behandel.

Petrus het hieroor nagedink. "Maar as ek hom vergewe, doen hy dit netnou weer," dag hy.

"En as hy my oor en oor kwaad aandoen wat dan?"

Toe vra hy die Here Jesus: "Here, hoe dikwels sal my broer teen my sondig en ek hom dit vergewe? Tot sewe maal toe?"

Hy dag sewe maal is oorgenoeg. Want die mense wat die wet ken, het altyd gesê drie maal is genoeg. Na die vierde keer kon 'n mens jou maar wreek. Maar die Here Jesus was baie meer barmhartig en meer liefdevol as hulle. Petrus dag dat Hy sou sê 'n mens moet sewe maal vergewe.

Maar Sy antwoord was: "Ek sê vir jou, nie tot sewe maal nie, maar tot sewentig maal sewe."

So wou Hy dit hê. 'n Mens moenie eens tel hoeveel maal jy vergewe nie. Want wie dit tel is nie regtig vergewensgesind nie.

Baie lank gelede het 'n man gesê: "Kain sal sewe maal gewreek word, maar Lameg sewe-en-sewentig maal!"

Dit was die onchristelike lied van Lameg, 'n lied van haat. En met hierdie lied in hul hart het die heidene, wat God nie ken nie, gelewe.

Maar in die koninkryk van Jesus klink 'n ander lied, die lied van die liefde. Net soos Lameg altyd klaar was om te haat en hom te wreek, so moes Sy dissipels altyd klaar wees om lief te hê en te vergewe.

En toe het Hy hulle 'n gelykenis vertel om dit duidelik te maak.

DAAR was eenmaal 'n groot Oosterse koning wat met sy diensknegte wou afreken. Hulle moes almal na hom kom en hulle skuld aan hom betaal.

Een van hulle het 'n vreeslike groot som geld geskuld. Hy moes tienduisend talente, of meer as 'n miljoen pond betaal. Maar hy het daar met leë hande voor sy meester gestaan. En hy was baie bang omdat hy niks gehad het nie.

Toe het sy meester beveel dat al sy goed, asook hy sowel as sy arme vrou en kinders as slawe verkoop moet word om die skuld te betaal.

Maar die dienskneg het bewend voor hom neergeval en gesmeek: "Meneer die koning, wees geduldig met my en ek sal u alles betaal."

Alles betaal? Hy was 'n mooi een om dit te kan doen! Maar die koning was 'n barmhartige man. Hy het na sy kneg gekyk wat so op sy knieë lê en bewe en het innig jammer vir hom gevoel. Toe het hy gesê:

"Staan maar op en gaan huis toe. Jy hoef my niks te betaal nie van nou af skuld jy niks meer nie. Ek het jou alles vergewe."

VROLIK het die man weggeloop. Deur die goedheid van sy meester is hy gered van baie ellende. In plaas van om gebind op die mark te staan om met vrou en kinders verkoop te word aan 'n wrede meester, kon hy as 'n vry man huis toe gaan!

Maar op pad sien hy 'n ander dienskneg van die koning aankom. Die man het sku na hom gekyk en baie eerbiedig gegroet. En toe val dit hom skielik by dat die man ook nog vir hom 526

geld skuld. Dit was nie baie nie: net 'n honderd pennings, of 'n paar pond in ons geld. Maar dit was skuld en hy het die reg gehad om dit te eis. Hy het die man somaar daar en dan aan die keel gegryp en geskreeu:

"Betaal wat jy my skuld !"

En net soos hy self 'n kort rukkie tevore voor die koning neergeval het, het die arme man ook nou bewend op sy knieë gesmeek:

"Wees geduldig met my en ek sal u alles betaal."

Maar kyk, hy wat self so goed behandel is, was nou streng en onbarmhartig met daardie man. Alles was vir hóm vergewe, maar hy het niks vergewe nie.

Hy het sy slagoffer oor die straat na die tronk gesleep. Daar sou hy die man laat werk om genoeg te verdien om sy skuld tot die laaste stuiwer af te betaal. Hy het geen barmhartigheid geken nie.

MAAR daar was ander knegte van die koning wat dit alles gesien het. Hulle het bedroef na hul meester gegaan en vertel wat gebeur het.

Toe het die koning die onbarmhartige kneg weer laat roep en gesê: "Jou slegte dienskneg, al jou skuld het ek jou kwytgeskeld, omdat jy my gesmeek het. Moes *jy* nie vir jou mededienskneg ook barmhartig gewees het nie — soos ek vir jou? "

En toe kon hy geen genade meer verwag nie. Hy het sy medemens tevergeefs laat soebat.

Nou het hy self tevergeefs gesmeek. Die koning was baie kwaad en het hom aan mense oorgegee wat moes toesien dat hy hard werk totdat hy al sy skuld afbetaal het.

Die hele skuld van 'n miljoen pond? Nee, dit kon hy nooit afbetaal nie. Hy sou nooit weer sy vryheid terugkry nie. Maar dit was 'n regverdige straf.

TOE die Heiland die verhaal klaar vertel het, het Hy gesê: "Net so sal My hemelse Vader aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie."

36. Op pad na Jerusalem

Matthéüs 8:19-22; 19:1-2; Markus 10:1; Lukas 9: 51-62; 10:1-24; 17:11-19; Johannes 7:1-10

IE Jode se huttefees was naby. Dit was die vrolike fees van die oestyd. Langs al die D paaie van Galilea en ander dele van die land het die mense toegestroom na Jerusalem.

Maar die Here Jesus en Sy dissipels het nog geen aanstaltes gemaak om daarheen te gaan nie. Hy het rustig gebly waar Hy was.

Toe kom Sy broers — Jakobus, Joses, Simon en Judas — na Hom. Hulle kon dit glad nie verstaan hoekom Hy hier op so 'n stil plek met Sy dissipels bly nie. As Hy die Verlosser van die volk wou wees, moes Hy nóú na Jerusalem gaan, noudat so baie mense daar bymekaar was. Hy moes dan daar ook die wonders doen wat Hy in Galilea gedoen het. Dan kon hulle wat Sy broers is, mos trots op Hom wees. En Hy sou seker tog self daarvan hou om deur so

'n groot menigte van die volk vereer te word — so het hulle gedink.

Maar Sy eie broers het self nie in Hom geglo nie. Hulle wat saam met Hom in een huis gewoon en aan dieselfde tafel geëet het en deur dieselfde moeder versorg is — hulle het nie in Hom geglo nie !

Hulle het gesê: "Gaan weg hiervandaan en gaan na Judea, en laat almal daai U wonders sien."

Maar Hy het Sy hoof geskud. Hy het geweet hoe die Joodse leraars Hom haat, en Hy wou nie vir hulle kans gee om Hom nou al dood te maak nie. Hy het nog belangrike werk gehad om te doen.

Kalm het Hy Sy broers geantwoord: "Gaan julle maar na die fees. Ek gaan nog nie, want My tyd is nog nie daar nie." En Hy het in Galilea gebly.

Maar nie lank daarna nie, toe almal al na die fees in Jerusalem gegaan het en die paaie weer stil was, tóé het Hy ook daarheen gegaan.

Hy het die kortste pad gekies. Met Sy dissipels het Hy die bergstreek van Galilea afgeloop en oor die vlakte van Jisreël na die Suide gegaan. Ver weg, aan hul regterhand, kon hulle die top van die berg Karmel sien waar Elia eenmaal vuur van die hemel laat afkom het. Toe was dit om die hout onder die offerdier, wat hy vir die Here God laat offer het, aan die brand te steek; en later het hy dit weer gedoen om sy vyande, wat hom wou gevange neem, te vernietig. Maar daardie tye was al lankal verby. Hier het nou die Messias, die Here van Elia, geloop.

Toe hulle by die land van die Samaritane kom, het Hy 'n paar van Sy dissipels vooruitgestuur na 'n dorpie in daardie half heidense land, om vir Hom slaapplek vir die nag te vra.

Maar toe die Samaritane hoor dat Hy op pad was na Jerusalem, wou hulle Hom nie ontvang nie. Want iemand wat na Jerusalem gaan, was mos 'n Jood, en hulle het die Jode nog altyd gehaat.

Teleurgesteld het die paar dissipels teruggekom. Daar ver in die Noorde kon hulle die top van die berg Karmel sien wat soos vuur in die rooi lig van die aandson geskyn het. Hulle was verbitter toe hulle vertel hoe dit met hulle gegaan het, en al die ander dissipels was verontwaardig, Jakobus en Johannes die meeste. Hulle oë het geflikker van kwaadheid.

Hulle wou hulself dadelik wreek op daardie gemene Samaritane. As daar vir die Messias, die Here van hemel en aarde, geen plek in hulle huise was nie, sou geen straf vir hulle swaar genoeg wees nie.

Hulle het gebewe van toorn en gevra: "Here, wil U hê dat ons moet sê dat vuur van die

*hemel afdaal en hulle verteer soos Elia gedoen het?"

Maar Jesus het Hom omgedraai en hulle berispe. Het hulle nie besef dat hulle met haat en 528

wraaksug besiel is as hulle so iets doen nie? Hulle moes die mense liefhê. Hulle moes seën en nie vervloek nie. Die Here Jesus het gesê: "Julle weet nie hoe verkeerd julle gesindheid is nie. Want die Seun van die mens het nie gekom om mense se lewe te vernietig nie, maar om hulle te red."

En toe het Hy bedaard voor hulle uit geloop na 'n ander dorp waar die mense meer gasvry was.

OM siele te red, daarvoor het die Heiland gekom, ook die siele van die Samaritane.

Op Sy reis verder het Hy in 'n klein dorpie gehoor hoe mense na Hom roep. Dit was tien melaatse manne wat op 'n afstand gestaan het, want hulle mag nie in die dorp kom nie.

Hulle het hul hande smekend na Hom uitgesteek en met bedroefde en hees stemme hard geroep en gesoebat:

"Jesus, Meester, wees ons barmhartig !"

Toe het Hy stilgestaan en hul geloof beproef. Wanneer 'n man wat melaats was, genees is, moes hy hom eers aan die priesters gaan vertoon sodat hulle kon sien of hy werklik gesond is, en eers daarna kon hy weer na sy huis en dorp gaan.

In plaas van om die tien manne dadelik gesond te maak, het die Here Jesus hulle net so siek soos hul was reguit na die priesters gestuur. Hy het gesê: "Gaan vertoon julle aan die priesters."

En kyk, hulle het almal gedoen soos Hy gesê het. En onderwyl hulle loop, het die groot wonder gebeur. Die aaklige swere het verdwyn en hul vel het glad en gesond geword soos dié van 'n kind.

Nege van hulle het opgeruimd na die priesters geloop. Hulle was tog te haastig om terug te kan gaan na hulle familie. Hulle het net aan hulself en hul eie geluk gedink. Maar een van die tien kon nie verder

met hulle saam loop toe hy sien dat hy gesond is nie. Hy het homself en sy familie vergeet. Hy het net aan die Here Jesus gedink wat hom gesond gemaak het.

Hy het omgedraai en na Jesus gegaan onderwyl hy Hom met 'n groot stem geprys het. Toe hy by Hom kom, het hy voor Hom neergeval en Hom aanbid en bedank.

Toe vra Jesus: "Het tien nie gesond geword nie? En waar is die nege dan? Het niemand van hulle omgedraai om God te verheerlik as net hierdie vreemdeling nie?" En vir die Samaritaan het Hy gesê: "Staan op en gaan. Jou geloof het jou gered."

Hierdie man was gelukkiger as die nege.

Die gevolg van sy dankbaarheid en liefde vir die Here Jesus was dat sy siel ook gesond gemaak is, net soos sy liggaam.

DAAR was maar baie min mense wat alles só kon vergeet ter wille van die Here Jesus, dat hulle net aan Hom wou dink en hulself heeltemal aan Hom wou oorgee. Maar die geluk van dié wat dit gedoen het, was groter . en heerliker as dié van al die ander mense op aarde.

Onderwyl die Heiland verder op reis was met Sy dissipels, asook nog baie ander mense wat Hom gevolg het, het Hy hulle altyd iets geleer wanneer hulle êrens gaan sit en rus het. Hy het so mooi gepraat dat hulle soms hul asem ingehou het terwyl hulle luister. Eendag het 'n Skrifgeleerde geesdriftig uitgeroep: "Meester, ék sal U volg net waar U gaan !"

Die Here Jesus het na hom gekyk. Hy het die man se hart geken en geweet hoe lief hierdie ryk Skrifgeleerde was vir sy huis, sy sagte rusbank en lekker eet en drink. Sou daardie man alles vir Hom wou opoffer? Sou hy nie gou spyt kry as hy sien hoe arm die Heiland was, en dan na sy huis verlang nie? En daarom het die Here hom gewaarsku:

"Die jakkalse het gate en die voëls van die hemel neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy Sy hoof kan neerlê nie.

529

'n Arabier op 'n *donkie, met en kameel wat 'n vrag hooi dra. Deur die eeue heen is die esel en die kameel die geduldige pakdiere van Palestina en die omliggende lande.*

DIE een wat Jesus wou volg en 'n dissipel of leerling van Hom wou wees, moes nie net sy huis ter wille van Hom vergeet nie, maar ook sy familie en selfs sy ouers.

Jesus het onder die mense iemand gesien wat Hom regtig liefgehad het en 'n goeie dissipel van Hom kon word, en vir hom het Hy gesê: "Volg My."

So het Hy tevore aan Filippus en later ook aan Levi die tollenaar gesê. Dié twee woorde was genoeg vir hulle en hulle het sonder

teëpraat gehoorsaam.

Maar dié woorde was nie genoeg vir hierdie man nie. Hy het verleë geword. Hy het aan sy ou vader gedink vir wie hy so liefgehad het en moes versorg. As sy vader eendag nie meer lewe nie, sou hy vry wees om Jesus te volg. Daarom wou hy nie nou dadelik begin nie. Hy sê toe: "Here, laat my toe om eers huis toe te gaan en my vader te begrawe."

Maar hy moes gewillig wees om selfs sy vader ter wille van Jesus te verlaat. Het hy 'n lewende geloof gehad of was dit dood soos dié van baie ander mense? As dit lewendig was, sou hy weet dat God vir sy vader sou sorg noudat die Here Jesus hom geroep het. Daarom het Jesus gesê: "Laat die dooies hulle eie dooies begrawe, maar gaan jy en verkondig die koninkryk van God."

DAAR het nog iemand na die Here Jesus gekom wie se geloof maar klein was. Die man het gesê: "Here, ek sal U volg, maar laat my eers toe om dié wat in my huis is, te gaan groet."

Hy het gedink die Here Jesus kon maar 'n bietjie vir hom wag. 'n Mens moet tog aan jou familie ook dink. Maar sou hy dan nie aanhou om aan hulle te dink wanneer hy Jesus volg nie? Hy sou in sy gedagtes mos nog gedurig dink aan die tyd toe hy by sy familie was. Vir hom het die Here geantwoord:

"Niemand wat sy hand aan die ploeg slaan en agtertoe kyk, is geskik vir die koninkryk van God nie."

530

'n Boer van daardie tyd moes hard druk op die handvatsels van sy eenvoudige ploeg om die skaar diep in die grond te hou. Hy kon nie nog loop en omkyk terwyl hy ploeg nie. So moes

'n dissipel van Jesus, indien hy 'n goeie dissipel wou wees, nie na sy ou lewe terug verlang nie.

MAAR die Here Jesus het ook *ware* dissipels gehad wat hulle hele lewe in liefde aan Sy diens wou wy. Die twaalf het alles ter wille van Hom verlaat — hulle huise en geld, ouers en familie. En daar was nog ander ook. Hy het hulle bymekaar geroep, sewentig manne. Hy het werk vir hulle gehad.

Tevore het Hy die *twaalf* gestuur om die evangelie te gaan preek aan die twaalf stamme van Israel. Nou het hy sewentig dissipels voor Hom uit gestuur na al die dorpe waar Hy sou kom

— na Jode en ook na heidene. Hy het hulle uitgestuur, soos die twaalf tevore, in 'n wêreld vol vyandskap. Hulle moes gaan soos lammers onder wolwe. Hulle moes gaan sonder geld,

'n reissak of skoene; sonder enige wapen, maar sterk in die geloof en die liefde ! Hy het hulle mag gegee om siekes gesond te maak en hulle moes preek dat die koninkryk van die hemele naby gekom het.

Hulle het gehoorsaam en hul werk ywerig gedoen. En toe hulle terugkom, het hulle gesigte van blydskap gestraal, want selfs die bose geeste moes vir hulle gehoorsaam wees'

wanneer hulle die Naam van Jesus genoem het.

Maar Hy het gesê: "Weet julle hoekom julle bly moet wees? Nie omdat julle soveel mag gekry het nie. Maar wees liewer bly omdat julle name in die hemele opgeskrywe is."

Hy het na Sy dissipels gekyk, na daardie sewentig eenvoudige manne. Hulle was soos kinders, so nederig en eenvoudig. Maar hulle het die groot geheim geken wat die Skrifgeleerdes nie geken het nie. Hulle het die groot geluk gevind wat God wil gee aan dié wat nederig van hart is. En toe Jesus daaraan dink, het Hy Hom baie verheug. Hy het opgekyk na die hemel en gesê:

"Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir die wyse en verstandige mense, en dit aan

kindertjies geopenbaar het. Ja, Vader, want só was dit U welbehae."

En toe het Hy verder gegaan na Jerusalem, na die huttefees, waar die Skrifgeleerdes Hom so gehaat het.

531

37. Op die Huttefees

Johannes 7:11-53; 8:1

IE lug in die stad was gevul met die vars geur van afgekapte boomtakke. Die mense het D die takke van palm-, wilger- en ander bome afgekap om hutte mee te bou op oop plekke, op die plat dakke van huise en op die heuwels buitekant die stad. Party het onder groen priële gesit met hulle familie en vriende wat van ver gekom het om fees te vier in Jerusalem.

Hulle het na die tempel gegaan om te offer uit dankbaarheid dat die Here hulle in hierdie land gebring het. Hy het hulle huise en grond gegee en hulle so geseën dat hulle baie koring en vrugte kon oes. Op hierdie fees het hulle gedink aan al die seëninge wat Hy aan Sy volk in Kanaän gegee het.

Hulle het hutjies of tente van groen boomtakke gemaak omdat hulle voorouers op die lang reis van veertig jaar in die woestyn in tente gewoon het.

Dit was Israel se groot fees, die vrolikste van al die feeste.

Die een wat dit nog nooit bygewoon het nie, het die Jode altyd gesê, wis nie wat feesvier is nie.

Die een wat die uitbundige vreugde van die huttefees nog nooit gesien het nie, het nog nie ware vreugde geken nie.

Die strate was versier en het weerklink van vrolike gesels en gelag. Die tempel se groot Voorhof was vol opgeruimde mense.

En langs al die paaie het nog altyd meer mense na Jerusalem gekom van ooste en weste, van naby en van ver. Hulle het geloop met vreugde in die hart en palmtakke in die hand.

Op hierdie fees het baie van die mense net aan een Man gedink, Jesus van Nasaret. Party het rondgekyk of hulle Hom nie sien nie, en ander het gevra: "Waar is Hy? Het Hy ook opgekom na die fees?" Sy naam was op baie se lippe en is in talle hutte gehoor.

"Hy is 'n goeie man," het een gesê. Ander weer het gesê: "Nee, maar Hy bedrieg die mense."

Hulle kon baie daaroor twis, maar niemand wou Sy Naam hardop noem nie. Hulle het eers goed rondgekyk en dan onder mekaar van Hom gefluister. Want hulle was bang vir die deftige en trotse Skrifgeleerdes en Fariseërs wat ook onder die mense rond-geloop het en wie se oë van toorn geflikker het as hulle Sy Naam maar net hoor.

Daardie vername mense het hulle planne al agtermekaar gehad. As Jesus na die fees kom en dit sou waag om weer soos vroeër met die eenvoudige mense te praat, sou hulle sorg dat dit die laaste maal sou wees dat Hy dit doen. Hy moes *sterwe,* anders sou hulle nooit van Hom ontslae raak nie.

En hulle, die Skrifgeleerdes en Fariseërs het ook rondgekyk of hulle Hom nie sien nie. Ook hulle het na Hom verlang, maar net om Hom kwaad aan te doen.

Die hele Jerusalem het Hom verwag. Maar die eerste dae van die fees het verbygegaan en nog niemand het Hom daar gewaar nie.

MAAR skielik, in die middel van die fees, kyk, daar was Hy ! Omring deur Sy dissipels, het Hy in die Voorhof van die tempel gestaan. Hy het die mense weer begin leer en Sy stem was ernstig en duidelik. Gou het die gerug van Sy koms in die stad versprei en van alle kante het die mense toegestroom om na Hom te kom luister. Party, wat van baie ver af na Jerusalem gekom het, het Hom nou vir die eerste maal

gehoor. Hulle was baie verwonderd, want so mooi en so kragtig het hulle nog nooit 'n Skrifgeleerde gehoor praat nie.

En die mense van Jerusalem het hulle nie minder verwonder nie. Hulle het geweet van die rabbi's se planne om Hom te vermoor.

532



Op die agtergrond is Tibérias (aan die oewers van die See van Galilea). "Maar ander skuite het van Tibérias aangekom naby die plek waar hulle die brood geëet het, nadat die Here gedank het" (Joh. 6: 23).

Uitsig oor 'n deel van die See van Galilea. Omdat hierdie groot meer tussen berge geleë is, word dit soms baie onverwags deur geweldige storms oorval. So 'n storm is deur Jesus tot onmiddellike stilte geroep. "En Hy sê vir hulle: Waar is julle geloof? Maar hulle was bang en verwonderd en het vir mekaar gesê: Wie is Hy tog, dat Hy selfs die winde en die water gebied en hulle Hom gehoorsaam is!" (Luk. 8:25). Op die voorgrond is die vallei van Genésaret.

533

Maar nou staan die rabbi's dan ook daar en luister en hulle sê niks ! En hulle het Hom ook nie verhinder om te sê net wat Hy wou nie!

Sou hulle dan nou ook glo dat Hy waarlik die Christus of Messias is wat God beloof het?

Die mense het nie geweet wat om daarvan te dink nie. En die rabbi's het self ook nie geweet nie. Iets baie snaaks en wonderliks het gebeur. Hulle was tog seker van hul saak dat hulle tevore hul planne agtermekaar gesit het om Jesus te gryp sodra hulle die kans kry. Maar nou het al hulle sekerheid en vasberadenheid verdwyn, en hulle doen niks! Dit was nie omdat hulle Hom minder gehaat het nie. Hulle wou niks so graag doen as om Hom dood te maak nie — maar nie een het sy hand uitgesteek om Hom te gryp nie.

Hoekom nie? Net Jesus het dit geweet. Sy uur het nog nie gekom nie, en dit was 'n geheim wat niemand anders verstaan het nie.

Daarom het die Here Jesus geweet Hy is veilig, hoewel die moordenaars na Hom staan en loer het.

Elke dag het die Heiland nou na die tempel gekom en die volk geleer. Hulle het stil en met ontroering geluister en baie het in Hom begin glo.

"Sou Hy nie die Messias wees nie?" het hulle gefluister. "Sou die Messias meer wonders kan doen as wat Hy gedoen het?"

Al meer en meer mense het dit gehoor en hulle was bly om dit aan ander oor te vertel. Met blydskap is gesê: "Die Messias! Sou Hy nie die Messias wees nie?"

Toe die Fariseërs dit hoor, kon hulle dit nie meer uithou nie. Daar moes 'n end kom aan die mag van hierdie Nasarener — hoe eerder hoe beter. En hulle het die tempel-dienaars dadelik na Jesus gestuur.

"Pak hom beet," het hulle beveel, "en bring Hom hier !"

Die dienaars het gehoorsaam en 'n hele klomp gewapende manne het uitgegaan om Hom te vang.

Die rabbi's het gewag. Nou sou hulle gou gerus kan wees. Nou het hulle uur gekom om wraak te neem.

DIE laaste dag van die fees het gekom. Dit was die groot dag wanneer die feesvreugde sy hoogtepunt sou bereik. En nog nooit tevore was daar 'n groter en heerliker feesdag as nou nie.

Die vorige aand was daar 'n mooi plegtigheid gewees. Toe het 'n paar priesters met 'n pragtige goue kruik uit die tempel gekom en tussendeur die blye feesgangers op straat na die fontein Siloam geloop. Daar het hulle die kruik vol kristalhelder water gemaak en dit plegtig teruggedra na die tempel. Toe hulle daar aankom, is basuine geblaas en psalms gesing. En dwarsdeur die juigende menigte is die kruik water na die altaar gedra.

Voor die altaar was 'n groot silwerbak. 'n Priester het daar gestaan en wag. Hy het uitgeroep: "Met vreugde skep ons water uit die fontein van heil !" Toe het Hy die kruik geneem en dit leeggemaak in die bak. Die water het deur 'n klein openinkie onderin die bak geloop en afgevloei van die hoogte waarop die tempel gebou was. Die mense het gedink die water loop dan diep onder die grond deur na die dal van die riviertjie Kedron. Daarvandaan sou dit dan weer uit 'n rots uitloop net soos Moses die water destyds in die woestyn laat loop het. Dit het party mense laat dink aan Esegiël se lieflike gesig van 'n bruisende rivier wat skielik op die tempelberg ontstaan het en wat kabbelend van die hoogte afgestroom het na die droë, verlate wêreld rondom die Dooie See, waar dit dan die dorre vlakte in 'n groen lushof sou verander.

Dog op die agtste dag van die fees is hierdie plegtigheid nie herhaal nie. Dit was 'n rusdag net soos die eerste dag van die fees.

Maar kyk, nou het Hy daar gestaan op wie Esegiël gehoop het, en wat ook sy mooi 534

voorspelling sou vervul. Hy, die Messias, sou die stroom van die lewe in Jerusalem laat ontstaan. Hy sou 'n stroom van seën oor die hele

wêreld laat vloei.

Hy het in die Voorhof gestaan en Sy stem het lieflik geklink:

"As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink ! Hy wat na My toe kom, soos die Skrif sê: Strome van lewende water sal uit sy binneste vloei."

En met daardie lewende water het Hy die Heilige Gees bedoel wat elkeen sou ontvang wat in Hom glo. Die mens wat die Gees van God ontvang het, sou self 'n bron of fontein van seën vir ander word.

Die Here Jesus het toe meer vertel van daardie lewende water. Nie net die menigte mense nie, maar ook die dienaars van die Fariseërs het so mooi geluister dat hulle hul asem ingehou het. Hy het so mooi gepraat dat die dienaars glad die bevel van hul meesters, naamlik om Hom te gryp, vergeet het.

Toe hulle in Sy oë kyk, het hulle magteloos gevoel.

Want die een wat sulke woorde gehoor het en in sulke oë gekyk het, kon nie 'n hand uitsteek om Hom te gryp nie.

Ernstig en diep in gedagte het die dienaars teruggegaan na hul meesters, terwyl hulle nog baie ontroerd gevoel het.

Verbaas het die rabbi's gevra: "Hoekom het julle Hom nie saamgebring nie?"

Die dienaars het gesug en geantwoord: "Nog nooit het 'n mens gespreek soos hier-die mens nie !"

Die rabbi's was woedend kwaad en het geskreeu: "Julle is tog nie ook bedrieg nie? Het een van ons leiers of van die Fariseërs in Hom geglo? Hulle ken die wet tog baie beter as al hierdie eenvoudige mense wat in Hom glo !"

En hulle het die dienaars vervloek. Tog was daar een man wat hulle teëgespreek het, een wat party gekies het vir Jesus. Hy het geprobeer om die rabbi's anders te laat dink. En hy was self 'n deftige Fariseër, ja, een van hul leiers. Dit was Nikodemus wat eenmaal in die nag na Jesus gekom het.

Maar Nikodemus het versigtig gepraat. Hy het beskeie gevra: "Handel julle self nou volgens die wet? Mag 'n mens iemand veroordeel sonder dat jy verstaan het wat hy sê of sonder dat jy hom kans gegee het om hom te verdedig?"

Maar hulle wou nie eens luister na Nikodemus nie. Hulle het gespot en gesê: "O so ! Dan kom jy seker ook van Galilea ! Waar het jy al ooit gesien dat 'n profeet uit Galilea kom !"

Hulle het woedend kwaad huis toe gegaan. Die laaste dag van die vrolikste van al die feeste, die huttefees, was vir daardie manne een van verbittering en haat.

Maar die Here Jesus het na die Olyfberg gegaan waar Hy in die stille somernag alleen was met Sy Vader.

535

38. Die Lig van die Wêreld

Johannes 8:2-59

IE huttefees was verby. Die hutte is afgebreek en die boomtakke het verlep op die strate D gelê. Die mense het begin huis toe gaan.

Dit was nog vroeg in die môre. 'n Klomp Fariseërs en Skrifgeleerdes het na die Voorhof van die tempel gekom en hulle het 'n vrou saamgebring. Sy het geloop en huil en wou haar kop nie oplig nie. Hulle oë het gevonkel van bose vreugde, want hulle het 'n slim plan gehad met die vrou. Party het haar aan die hand gesleep en ander het haar gestoot tot sy by die plek was waar Jesus weer gestaan en

preek het. Hulle het die bang vrou voor Hom laat staan, en toe self in 'n kring gestaan om te keer dat sy nie weghardloop nie.

Daar staan sy nou tussen al die mans wat met die grootste veragting na haar kyk. Sy het 'n groot sonde gedoen deurdat sy haar eie man laat staan het om na 'n ander man te gaan —

amper net soos Herodias gedoen het. Sonder enige jammergevoel het die Fariseërs dit voor al die mense aan die Here Jesus vertel. En toe vra hulle: "Meester, Moses het ons in die wet bevel gegee dat so 'n vrou met klippe doodgegooi moet word. Maar U, wat sê U?"

En toe wag hulle in spanning om Sy antwoord te hoor. Vir die vrou het hulle niks omgegee nie. Hulle was onverskillig omtrent haar sonde, anders sou hulle haar na die regters geneem het. Hulle wou maar net hoor wat Jesus van haar sou sê.

Hulle het haar hierheen gesleep net om Hóm in 'n val te lok. Hulle was seker hulle het Hom lekker vasgevra. Want as Hy sou sê: "Moet haar nie doodmaak nie," dan sou hulle skreeu:

"Jesus is nie gehoorsaam aan die heilige wet nie !" En as Hy sou sê: "Stenig haar soos Moses beveel het," sou hulle uitroep: "Dis nou die man wat so barmhartig is vir sondaars !"

Hulle het gedink Hy sou Hom vaspraat — wat Hy ook al sou antwoord. In elk geval sou hulle dan kwaad van Hom kan praat.

Maar die Here Jesus het nie dadelik geantwoord nie. Hy het net neergebuk en met Sy vinger op die grond geskrywe. Op dié manier het Hy die rabbi's tyd gegee om na te dink hoe sleg en skelm en vals hulle self was.

Maar hulle het nie nagedink nie. Ongeduldig het hulle aangehou: "Meester, wat sê U?" Het Hy dan so min van hulle gedink dat Hy hulle nie eens wou antwoord nie?

En toe het Hy Hom opgerig en hulle vas in die oë gekyk. Sy heilige oë het tot binne-in hulle hart gesien. Hulle het gevoel dat Hy alles van hulle weet. Toe hoor hulle Hom sê: "Laat dié een van julle wat sonder sonde is die eerste klip op haar gooi !"

En weer het Hy neergebuk en op die grond geskrywe. Wat het Hy geskryf? Niemand weet nie. Was dit miskien 'n paar woorde wat net die rabbi's kon verstaan en hulle herinner het aan hul sonde? Of was dit die onverwagte antwoord van Jesus wat hulle so laat skrik het?

Verleë het hulle afgekyk. Hulle harte het vinnig geklop, want hul gewete het hul aangekla.

'n Grys ou man, die oudste van die Fariseërs daar, het sonder om 'n woord te sê, omgedraai en weggeloop. 'n Ander ou man het hom gevolg, en so het hulle een vir een weggegaan, stil en verleë, van die oudste af tot die laaste toe. Hulle wou Hom in die skande gesteek het, en nou is hulle self in die skande.

Jesus het alleen agtergebly met die vrou. Rondom haar op die grond was nog die spore van die manne wat haar beskuldig het.

Die Here Jesus het Homself weer opgerig en toe vir die vrou gevra: "Vrou, waar is daardie beskuldigers van jou? Het niemand jou veroordeel nie?"

En sy antwoord hakkel-hakkel: "Niemand ... nie ... . Here." Vir haar was dit 'n wonder. Sy het goed genoeg geweet hoe skuldig sy is. Hy wat hier voor haar staan, kon die eerste klip op haar gegooi het, want net Hy was sonder sonde.

Maar al wat Hy gedoen het, was om te sê: "Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en moenie weer sonde doen nie."

OM sondaars te red en salig te maak, daarvoor het die Heiland na die wêreld gekom — om die lig van die liefde van God in die harte van sondaars te laat skyn.

Na die gebeurtenis het Hy weer voort-gegaan met die werk wat Sy Vader Hom gegee het.

Hy het aan die vroue se kant van die Voorhof gestaan, waar die meeste mense bymekaar was. Die vorige aand, op die groot dag van die fees, het baie ligte gebrand. Rondom agt groot lampe was daar ook nog fakkelligte wat die mense in hul hande geswaai het, sodat alles helder verlig was. Dit moes hulle daaraan herinner hoe die vuurkolom die volk in die woestyn snags gelei en hulle pad verlig het. Maar nou was die fees verby en daar was geen ligte meer nie. As dit aand word, sou alles weer donker wees.

Maar hier het Jesus nou gestaan. Hy kon die volk beter as die vuurkolom lei na 'n land wat nog heerliker was as Kanaän, en Hy het uitgeroep:

"Ek is die Lig van die wêreld. Die een wat My volg, sal nie in die donker loop nie, maar sal die lig van die lewe hê."

Die mense wat in Hom geglo het, het dit verstaan. Maar die rabbi's wat weer met Hom wou twis, het dit nie verstaan nie. Hulle het Hom in die rede geval. Nadat Hy hulle tevore so in die skande gesteek het, het hulle Hom nóg meer gehaat. Hulle het hul ook nie meer vroom gehou nie, want hulle het geweet Hy ken hulle te goed. Nou het hulle gewys hoe sleg hulle is en hoe bitter hulle Hom haat. Hulle het geweet hoe baie sonde hulle al gedoen het, maar was glad nie spyt daaroor nie. Hulle het Jesus geken, maar nie in Hom geglo nie. Daarom sou hulle in hul sonde sterwe.

Die Here Jesus het hulle dit vertel. Maar vir die mense wat in Hom geglo het, het Hy gesê hulle sou vrygemaak word van hul sonde.

"Vrygemaak?" het die rabbi 's uitgeroep. "Ons is mos nie slawe nie? Ons is kinders van Abraham en was altyd vry."

Maar Hy het hulle geleer dat hulle tóg slawe was — slawe van die sonde. En hulle was ook nie egte kinders van Abraham nie. As hulle regtig sy kinders was, sou hulle Abraham se geloof ook hê. Maar nou wou hulle Jesus doodmaak. Abraham sou dit nooit gedoen het nie.

Toe sê hulle: "Ons Vader is God." Maar weer het Hy hulle ander, geleer: "As God julle Vader is, sou julle My liefhê, want Hy het My gestuur. Julle vader is die duiwel, want julle gehoorsaam hom."

Hulle het vorentoe gespring, en met oë wat van toorn geflikker het, het hulle vuis gemaak in Sy gesig. Toe dit nie help nie, het hulle Hom begin uitskel. En toe Hy ook nog sê dat Hy groter is as Abraham en dat Hy al bestaan het voor Abraham gebore was, was hulle so kwaad dat hulle klippe opgetel het om Hom dood te gooi.

Maar Hy het bedaard weggestap. Met die majesteit van 'n koning het Hy tussen hulle deur geloop. Hulle moes maar hulle hande laat sak en gedwee vir Hom padgee. Geen hand het Hom gegryp en geen klip is na Hom gegooi nie.

Sy uur het nog nie gekom nie.

537

39. Die Man wat Blind Gebore was

Johannes 9:1-41

Y het by die tempel se poort gesit en bedel. Jare lank het hy aldag daar gesit en almal H het hom geken.

Altyd was hy op dieselfde plek. Met oë wat niks kon sien nie, het hy in die son of in die reën gesit, en altyd sy hand uitgesteek en om geld gesoebat. Party mense het hom verbygeloop sonder om hom eens meer op te merk. Maar hy kon hoor wat hulle praat as hulle so

verbyloop. In die afgelope tyd het hy meer as een maal die naam "Jesus" gehoor. Almal het gepraat van 'n sekere Jesus: van wat Hy hier in die tempel en in die stad gesê het, en van die wonders wat Hy gedoen het. Hy het gehoor van blindes wat dié Jesus weer laat sien het.

Hulle was darem seker nie mense wat blind *gebore* was nie, dag die man. Niemand was mos nog ooit in staat om daardie soort blinde mense te laat sien nie. Nee, het die man gedink, hy self sou nooit kan sien nie. Na Hom sou Jesus nie eens kyk nie. En tog het Hy seker hier verbygeloop op die dae van die huttefees. Miskien het hy Sy voetstappe en Sy stem gehoor. Maar vir hom was daar geen uitkoms nie. Hy sou maar sy hele lewe lank daar moet sit en bedel en deur almal verag word.

MAAR hoor, daar kom weer voetstappe aan! 'n Hele geselskap mense kom uit die tempel en hulle staan meteens hier by hom stil. En hy hoor hoe een van hulle vra: "Meester, wie het sonde gedoen, hierdie man of sy ouers, dat hy blind gebore is?"

Die blinde man het al gehoor hoe baie ander mense dit vra. Hulle het dit somaar hardop gevra en nie omgegee of hulle hom seermaak nie. Hy of sy ouers moet groot sondaars gewees het, dag hulle, anders sou God hom nie so swaar gestraf het nie. En daarom het almal hom verag.

Maar wat hoor hy verder? Hy hoor 'n lieflike stem wat so mooi praat soos hy nog nooit tevore gehoor het nie. Dié stem het gesê: "Nee, hy het nie sonde gedoen en sy ouers ook nie, maar dit het gebeur sodat gesien kan word hoe magtig God is." En die mooi stem het verder gesê: "Ek moet werk solank as dit nog dag is. Die nag kom wanneer niemand kan werk nie. Solank as Ek in die wêreld is, is Ek die lig van die wêreld."

"Ek is die lig van die wêreld." Maar wie kon dit sê? Met ontroering dag die man: "Dis seker Jesus. Hy is hier by my!"

En meteens voel hy Iemand raak sy voorkop saggies met Sy hand aan. 'n Vinger smeer iets in sy oë. Jesus het 'n bietjie grond met Sy spuug natgemaak en dit oor die blinde man se oë gesmeer, sodat almal kon sien hy is blind. Toe sê Jesus: "Gaan was jou in die badwater Siloam."

Die blinde man het opgestaan en gebewe van opgewondenheid. Al het hy nog nooit gehoor van 'n man wat blind gebore en genees is nie, het hy gegaan, want Jesus het gesê hy moet.

Hy het in Hom geglo.

Versigtig en voel-voel het hy langs die tempel se muur geloop en toe deur die strate wat hy op gevoel geken het. En toe hy by die badwater kom, het hy neergekniel. Hy het handevol water geskep en die klei van sy oë afgewas. En toe gebeur iets so wonderliks met hom dat sy blydskap amper te veel vir hom geword het.

Hy kon sien, ja, *sien!* Hy het die water gesien en die blou hemel wat daarin weerkaats soos in 'n spieël. Hy het van sy knieë opgestaan en die goue lig van die son gesien. Hy het die bome gesien met hulle groen blare en die mense gesien loop. In verrukking het hy rondgekyk na die vreemde, maar mooi wêreld, en van blydskap het hy amper nie geweet wat hy doen nie.

Hy het gesing en gespring en gehuppel op pad terug na die stad. Hy het gesien hoe wit die 538

huise se mure in die son skyn en hy het die kindertjies op straat gesien speel. Toe hy tuis kom, het hy vir die eerste maal in sy lewe sy moeder gesien. Tevore het hy maar net haar stem en haar sagte hande geken. Sy was baie mooi vir hom. Ja, alles was mooi wat hy sien.

Hy was 'n nuwe mens, met 'n nuwe lewe voor hom. Sy ouers kon amper nie glo dat dit hulle seun was wat nou so maklik oral rondloop

nie. Niemand wat hom tevore as 'n blinde man geken het, kon dit glo nie.

Verbaas het die bure gevra: "Is dit nie hy wat altyd gebedel het nie?"

Party het gesê: "Dit is hy." Maar ander was seker dit kon nie hy wees nie en het gesê: "Hy lyk maar net soos daardie blinde bedelaar."

Maar hy het met sy helder oë na hulle gekyk en gesê: "Dit is ek. Dis regtig ek!"

Hulle vra toe verwonderd: "Hoe is jou oë geopen?"

Hy het geantwoord: "Die man wat Jesus genoem word, het klei gemaak en op my oë gesmeer en vir my gesê: Gaan na die badwater Siloam en was jou. En ek het gegaan en my oë gewas, en nou sien ek."

"Die *man* wat Jesus genoem word," het hy gesê. Hy het nog nie tyd gehad om oor Hom na te dink nie. Hy het maar net daaraan gedink dat hy kon sien en die lewe geniet. Die wonder was te groot vir hom.

DIE wonder was ook te groot vir die bure. Hulle het nie geweet wat om daarvan te dink nie.

Hulle wou weet wat die geleerde mense daarvan sê. Daarom het hulle die man wat blind was na die Fariseërs gebring. Dit was op 'n Sabbat toe Jesus sy oë geopen het.

Die Fariseërs vra hom toe weer hoe hy siende geword het. En weer het hy gesê: "Hy het klei op my oë gesit en toe kon ek sien." Dit was al wat hy kon vertel daarvan.

Party van die Fariseërs het met veragting gesê: "Hierdie man kom nie van God nie, want Hy hou nie die Sabbat nie." Ander sê toe: "Maar hoe kan 'n sondaar so 'n groot wonder doen?"

Hulle het lank daaroor onder mekaar getwis. Die man wat blind gewees het, het daarby gestaan, maar niks gesê nie. Hy was met sy eie gedagtes besig. En toe vra hulle hom wat hy van Jesus dink. Beslis het hy geantwoord: "Hy is 'n profeet!"

Dan was hy nou seker dat Jesus nie 'n gewone mens kon wees nie!

Nie net sy oë nie, maar ook sy hart was blind gewees. Dog nou het die lig ook in sy hart begin skyn.

MAAR die geleerde rabbi's wou nie toegee dat die Here Jesus 'n profeet was nie. Hulle kon amper nie anders as om te erken dat Hy 'n groot wonder gedoen het nie, maar hulle wou dit net nie glo nie. Hulle wou liewer dink Hy is 'n bedrieër. Die man was natuurlik nooit blind gewees nie! Só het hulle geredeneer.

Hulle het die ouers van die man geroep en gevra: "Is dit julle seun en was hy blind gebore?

Hoe sien hy dan nou?"

Die twee ou mense was so bang vir sulke hoë mense soos die Fariseërs dat hulle maar net gesê het:

"Ons weet dat hy ons seun is en dat hy blind gebore was. Maar ons weet nie hoe hy nou kan sien nie. Hy is darem oud genoeg om self alles vir julle te vertel. Vra hom maar self."

Hulle kon dit nie waag om iets goeds van Jesus te sê nie. Hulle het geweet hoe kwaad dit die rabbi's sou maak. Want die rabbi's het al klaar ooreengekom om enige persoon swaar te straf as hy waag om te sê Jesus is die Christus, die Messias. So een sou nie toegelaat word om in die sinagoge te kom nie.

Daarom het die ouers gesê: "Hy is oud genoeg. Vra hom maar self." En toe het hulle geloop en hulle was maar te bly om weg te kom van die Fariseërs.

VIR die *tweede* maal het die Fariseërs die man geroep wat blind was. Hulle kon nou nie meer ontken dat 'n wonder met hom gebeur het nie. Maar hulle wou nie hê hy moet vir die mense vertel dat dit juis *Jesus* was wat die wonder verrig het nie.

"Luister bietjie goed," het hulle gesê. "Jy moet sê dat God jou genees het. Dis nie Jesus wat dit gedoen het nie. Ons weet Hy is ook maar 'n sondaar."

Die man het glad nie daarvan gehou dat hulle so iets moet sê van Iemand wat aan hom die grootste weldaad van sy lewe bewys het nie. Hy het hom baie vererg. Hy wou liewer wegkom van die kwaadwillige Fariseërs. Toe antwoord hy kortaf:

"Of Hy 'n sondaar is, weet ek nie. Maar een ding weet ek: ek was blind en nou sien ek."

Maar hulle wou hom nie laat los nie. Van voor af het hulle weer begin en gevra: "Ja, maar wat hét Hy eintlik gedoen? Hoe het Hy jou oë geopen?"

Die man se geduld was nou op en hy antwoord: "Ek het dit alles alreeds vertel. Hoekom wil julle dit weer hoor?"

Hy was toe al so kwaad vir hulle dat hy dit gewaag het om met hulle te spot. "Hoekom stel julle so baie belang in hierdie Jesus? Julle wil tog nie ook dissipels van Hom word nie?"

Hy kon nie iets ergers gesê het nie. Hulle het verontwaardig opgespring en hom so sleg gesê as wat hulle kon.

"Jy is Sy dissipel," het hulle geskree, "maar ons is dissipels van Moses. Ons weet dat Moses

'n kneg van God was, maar ons weet nie watter soort mens hierdie Man is nie."

Nou het die man dit gewaag om Jesus te verdedig. Hoe meer kwaad hulle van Hom gepraat het, hoe meer het hy van Hom gedink. Hy het toe nog verder gespot en gesê: "Dis darem baie wonderlik dat julle nie weet watter soort mens Hy is nie, en tog kon Hy my oë open!"

Maar hy het dadelik weer ernstig geword en vrymoedig gesê: "Jesus is nie 'n sondaar nie.

Van ouds af is dat nie gehoor dat 'n mens die oë van 'n blindgeborene geopen het nie. As Hy nie van God was nie, sou Hy niks kan doen nie."

"O só!" skreeu hulle. "Dan wil jy ons leer! Jy wat 'n groot sondaar is!"

Hulle het hom toe bevlie en buitentoe gesleep en in die straat gegooi. Nooit mag hy weer in die sinagoge kom nie. En hulle wou hê almal moes hom verag en verstoot.

Nou was hy weer iemand wat verag word. Hy het gestaan aan die kant van Jesus en moes ook vir Hom ly.

SULKE mense laat die Here nooit alleen nie. Hy kom in liefde en troos hulle en maak hulle baie gelukkig.

Toe Hy hoor wat gebeur het, het Hy hom opgesoek. Maar was die man nie bly om die Een te sien wat so baie vir hom gedoen het nie!

Vriendelik het die Here Jesus gevra: "Glo jy in die Seun van God?"

O, Sy stem het hy goed geken! Hy sou dit tussen 'n duisend ander stemme kon uitken! Hy het gebewe van vreugde en gevra:

"Wie is Hy, Here, dat ek in Hom kan glo?" En toe antwoord Jesus:

"Jy het Hom gesien. Dit is Hy wat met jou praat!"

Toe sê die man: "Ek glo, Here!" En hy het op sy knieë voor Hom neergeval en Hom aanbid.

Nou was hy nog baie gelukkiger as toe sy oë geopen is. Want nou is sy *siel* ook deur Jesus genees. Die son van die liefde van God het in sy hart geskyn. Sy geluk sou nooit van hom weggeneem word nie.

540

40. Die Goeie Herder

Johannes 10:1-21

AAR was 'n skaapkraal in die ope veld. Dit was nag. Die mure van die kraal was van D klippe, met swaar doringtakke bo-op. Binnekant het die kleinvee geslaap — die skape aan die een kant en die bokke aan die ander kant.

Daar was net een opening in die muur waardeur die skape kon in- en uitgaan. Daar was nie

'n hek wat oop- en toegemaak kon word nie, maar 'n man, een van die skaapwagters, het dwars voor die opening gelê. Sy liggaam was dus 'n soort lewendige deur of hek van die kraal. Niemand kon in die kraal kom of daar uitgaan sonder dat hy dit toelaat nie. Miskien het hy nog 'n paar doringtakke langs hom in die opening laat lê.

Hy het 'n swaar knopkierie by hom gehad, waarvan die een punt met 'n sterk riem aan sy regterhand vasgebind was.

Al slaap hy ook, sou hy gou wakker word van die geraas wat enige dief of roofdier sou maak wat sou probeer om 001 die muur binnetoe te klim.

Onder die oop hemel het die skape snags in die kraal geslaap, maar as dit reën of baie koud is, kon die vee agter in die kraal onder 'n afdak lê.

Maar die wagter was altyd daar om hulle te beskerm.

As dit môre word en die son opkom, het die wagter hulle veld toe gelei. Ja, gelei, en nie gedrywe nie. Vandat hulle lammertjies was, het hy hulle opgepas en elkeen 'n eie naam gegee. Hulle was vir hom so lief dat hy elkeen by sy naam kon roep en dan loop hulle almal agter hom aan veld toe.

Die wagter of herder het 'n slinger gehad wat aan sy lyfband vasgemaak was; ook het hy 'n lang staf en 'n knopkierie saamgedra om hulle te beskerm.

Net waar hy gegaan het, het hulle agter hom aan geloop, want hulle het sy stem geken.

Agter 'n vreemde man sou hulle nie aan loop nie. Sy stem sou hulle net laat skrik en laat weghardloop. Hulle het net hul eie herder gevolg, want hulle het hom vertrou en was vir hom gehoorsaam.

SOOS 'n vader het 'n goeie herder vir sy skape gesorg. Hy het voor geloop en die beste paadjies in die gevaarlike klowe vir hulle uitgesoek. Hy het hulle gelei na groen weiplekke, en as hulle later moeg was en dors gekry het, het hy hulle na 'n stroompie gelei om water te drink. As die son te warm geword het, het hy hulle laat rus in die skaduwee van bome of bergkranse. As 'n skaap seergekry het, het hy die wond verbind. 'n Lammetjie wat te swak was om te loop, het hy gedra, en dan het die diertjie dankbaar in sy arms gelê. Die hele dag het hy hulle opgepas en versorg. As 'n skaap begin afdwaal, kon hy hom van 'n afstand met

'n klippie uit sy slinger raak gooi. Dit het die dier dan laat skrik en laat terugkom na die ander skape. As 'n leeu of 'n wolf dit gewaag het om 'n skaap aan te val, was die herder gou by om hom te red.

Aan sy eie lewe het hy nie gedink nie. As dit daarop aankom, sou hy sy lewe vir sy skape aflê. So het die goeie herder sy skape deur al die gevare veilig gelei en hulle saans weer in die kraal gebring. Dan staan hy by die opening en laat hy hulle met behulp van sy lang staf een vir een verbykom binne toe. Dit gee hom kans om hulle te tel en te sien

of daar nie een makeer nie. Hy rus nie voor almal veilig in die kraal is nie. En eers dan gaan hy lê voor die opening om self te kan rus. Hy weet sy skape is nou veilig.

OMTRENT hierdie werk van 'n herder het die Here Jesus met Sy dissipels en baie ander hoorders gepraat. Hulle was goed bekend met skape. Hulle het verstaan dat dit 'n gelykenis is wat Hy vertel het en dat Hy hulle iets daarmee wou leer. Maar tog kon hulle die les nie goed verstaan nie. Toe sê Hy vir hulle reguit:

"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle: Ek is die deur van die skape. Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape."

Dit kon die dissipels verstaan. Hulle het Hom mos lankal gevolg soos die skape hul herder.

By Hom was hulle altyd veilig, hoe groot die gevaar ook al was. Soos 'n herder het Hy hulle met baie liefde en geduld gelei.

Die dissipels het ook geweet dat die Fariseërs en Skrifgeleerdes valse herders was, wat net hulle eie voordeel en eer gesoek het en die mense nie regtig liefgehad het nie. Maar die Here Jesus se skape het nie na hulle geluister nie. Hy was die goeie herder wie se stem hulle geken het en hulle het Hóm gevolg.

O ja, die dissipels het goed geweet dat Hy die goeie herder was en het verstaan wat Hy geleer het. Maar later eendag sou hulle dit nog baie beter verstaan, want dan sou Hy Sy lewe vir hulle aflê.

Dan sou Sy skape nog baie meer word. Van al die lande en volke sou mense kom om Sy skape te word wanneer Hy hulle roep.

Dit het die Heiland alreeds vertel: "Ek het nog ander skape wat nie aan hierdie kraal behoort nie. Ek moet hulle ook lei en hulle sal na My stem luister en My volg. Dit sal dan wees een kudde, een herder."

Party van die Jode wat nie Sy dissipels was nie, het hulle baie vererg oor hierdie woorde. Maar Sy dissipels, wat Hom nederig wou volg, het die gelykenis nooit vergeet nie.

542

41. Die Barmhartige. Samaritaan

Lukas 10:25-37

IE Here Jesus het op 'n sekere plek gestaan en praat met Sy dissipels en ander *mense* D omtrent die Vader in die hemel en die ewige lewe, en ook omtrent die heerlikheid van die koninkryk van God en hoe gelukkig elkeen is wat Hom met sy hele hart dien.

Maar skielik val 'n vername man, 'n Skrifgeleerde, Hom in die rede. Dit was een van die geleerde mense wie se werk dit was om Moses se wette vir hulle te leer en uit te lê. Nou was hy jaloers toe hy sien hoe hulle staan en luister na Jesus, die seun van 'n timmerman.

"Ek weet baie meer as Hy!" het die trotse Skrifgeleerde in sy hart gedink. "Ek gaan Hom probeer vasvra met 'n paar moeilike vrae. As Hy dan nie kan antwoord nie, sou ek Hom voor almal in die skande gesteek het. Of, as Hy miskien verkeerd antwoord, kan ek bewys dat Hy

'n valse leraar is.'

Toe vra hy die Here Jesus: "Meester, wat moet ek doen om in die hemel te kom, om die ewige lewe te kry?" Die Here Jesus het hom aangekyk. Hy het gesien dat die man met minagting glimlag en het dus geweet hy is nie opreg nie. Hy het geweet hy wou Hom vasvra.

Tog antwoord die Here geduldig en sagmoedig:

"Maar jy weet dit tog self! Wat sê die wet? Hoe verstaan jy dit?"

O ja, die Skrifgeleerde het dit goed genoeg geweet. Hy het so vlot geantwoord soos iemand wat 'n rympie opsê:

"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele krag en met jou hele verstand. En jou naaste soos jouself."

Die Here Jesus het met goedkeuring geknik en gesê: "Ja, jy het reg geantwoord. Doen dit en jy sal lewe."

Die hoogmoedige Skrifgeleerde het nou skaam en verleë gevoel. Die Here het hom sy eie vraag laat antwoord. Die *mense* wat daarby was, het verwonderd en spottend na hom gekyk omdat hy, wat so geleerd was, gekom het om iets van die Here Jesus te leer. Soos 'n skoolseun voor 'n onderwyser het hy daar gestaan. Maar hy wou nie hê hulle moet dink hy is so dom nie en vra toe nog 'n vraag:

"En wie is my naaste?" het hy gevra.

Toe het die Here Jesus 'n verhaal vertel. Dit was nie 'n gewone verhaal nie, maar 'n gelykenis. En Hy het dit gedoen om die man te laat verstaan wie nou eintlik sy naaste is.

Die Here Jesus het toe hierdie gelykenis vertel:

Daar was eenmaal 'n man wat van Jerusalem na Jerigo moes gaan. En onderwyl hy op pad was, is hy op 'n eensame plek deur 'n klomp rowers aangeval, wat agter die groot rotse langs die pad weggekruip het. Hulle het hom platgeslaan en hom swaar gewond. Toe het hulle sy klere uitgetrek en ook al sy geld en goed gevat wat hy by hom gehad het. Half dood het hulle hom daar laat lê. Hy kon niks meer doen nie as net om te kreun van die pyn. Op die eensame plek sou hy moet sterwe.

Na hy 'n hele tyd so gelê het, hoor hy meteens voetstappe aankom. Dit het hom nuwe hoop gegee. Met moeite lig hy sy kop op en kyk. Ja, daar kom 'n priester aan. Die priester het die Here in die tempel

gedien, geoffer en gebid vir sy volk. So 'n vroom man sou hom tog seker jammer kry en help! Maar sy gebede en sy offers het nie sy hart verander nie. Hy het net aan homself en sy eie veiligheid gedink .... Dis mos 'n gevaarlike pad. Netnou val die rowers hom ook aan as hy hier versuim! Dan sou hulle twee slagoffers hê en nie net een nie! . . . .

Dit sou dom wees van hom om die arme vent te help!

543



Die sogenoemde "Berg van Neerwerping" by Nasaret. "En hulle het opgestaan en Hom uit die stad uitgedryf en Hom gebring tot op die rand van die berg waarop hulle stad gebou was, om Hom van die krans af te gooi, maar Hy het tussen hulle deur geloop en weggegaan" (Luk. 4:29, 30).

544



So het die priester gedink en haastig verbygeloop. Miskien het hy darem geloop en bid vir die arme man, maar hom help, nee, dit wou hy nie doen nie! En sy voetstappe het al sagter geword totdat hulle in die verte verdwyn het.

DIT was weer stil. 'n Raaf het in 'n boom gekrys. Die man was weer alleen in al sy ellende, en sy lyding was nou nog swaarder. Die son was warm en sy wonde het vreeslik gebrand.

Maar meteens kry hy weer hoop. Weer het hy voetstappe gehoor. Nou was dit 'n Leviet wat aankom en hy was net so 'n dienaar van

die Here soos die priester. Ook hy het in die huis van die Here sy vroom werk gedoen en was nou op pad huis toe.

Hy het die arme man gesien lê, maar hy was ook bang en het, net soos die priester, haastig verbygestap. Hy het ook gedink hy het 'n goeie rede om so te maak. Sy eie lewe was tog meer werd as dié van die vreemdeling. En niemand het mos gesien dat hy somaarso verbystap nie!

Toe het die arme man geweet hy moes maar sterwe. As sulke goeie mense soos die priester en die Leviet hom nie help nie, wie sou dit dan doen?

MAAR hoor, daar kom weer iemand aan. Met die grootste moeite het die man sy kop so effens opgelig, maar dit somaar weer in wanhoop laat sak. Daardie man wat aankom, sou hom seker nooit help nie. Miskien sou hy hom nog 'n skop gee! Dit was mos 'n Samaritaan en hy het op 'n esel gery. Hy was 'n *vyand,* want die Samaritane en die Jode het mekaar lankal gehaat. Hulle het altyd met mekaar gespot en die een sou bly wees as die ander 'n ongeluk kry.

'n *Deel van die pad van Jerigo na Jerusalem, naby die sogenaamde Herberg van die Goeie Samaritaan. "En Jesus antwoord en sê: 'n Sekere man het afgegaan van Jerusalem na Jerigo en onder rowers verval* . . . ." *(Luk. 10:30).*

Die man het toe maar doodstil gelê en gehoop sy vyand sou gou verbygaan.

Maar wat gebeur? Die esel gaan staan. Voetstappe kom nader. 'n Sagte hand word versigtig onder die kop van die gewonde man ingedruk. En toe die man verwonderd opkyk, kyk hy in

'n paar vriendelike oë. Nou wis hy, hy is gered. Die Samaritaan kon eenvoudig nie verbygaan toe hy die ongelukkige man daar sien lê nie. Hy het hom tog te jammer gekry.

Aan gevaar het hy nie gedink nie. Hy het die man se wonde met wyn gewas, 'n bietjie olie aangesmeer en toe die wonde met liefde verbind. Toe het hy sy slap liggaam opgelig en hom gehelp om bo-op die esel te kom. En hy het langsaan geloop om die man vas te hou onderwyl hulle aanstap.

Dit het maar stadig gegaan op die lang en

stowwerige pad, maar uiteindelik het hulle by 'n

herberg gekom, waar hy hom in 'n kamer gesit

het en met liefde versorg het. Toe die Samari-

taan die volgende môre verder moes gaan, het

hy twee pennings aan die eienaar van die

herberg gegee en gesê:

"Sorg tog asseblief mooi vir hom. As jy meer

onkoste met hom het, sal ek jou betaal

wanneer ek terugkom."

TOE die Here Jesus hierdie verhaal klaar

vertel het, het Hy na die Skrifgeleerde gekyk

en gevra:

"Wie van hierdie drie, dink jy, was die naaste

van hom wat onder die rowers verval het?"

Hoeveel die trotse Jood die Samaritane ook al

gehaat het, hy moes erken: Die een wat aan

hom barmhartigheid bewys het.

Toe sê die Heiland: "Nou ja, gaan en doen jy

net so."

Doen jy net so!

O, daardie Skrifgeleerde het nou baie goed

geweet wat hy moes doen om in die hemel te

kom. Hy het dit lankal uit die kop geleer: "Jy

'n Samaritaanse priester by Sigar, met

moet die Here jou God liefhê bo alles ... en jou

'n afskrif van die Pentateug (die eerste

naaste soos jouself." Maar hy het dit nog nooit

vyf boeke van die Bybel).

geprobeer nie. Dit was vir hom altyd nog net

woorde, leë klanke, maar geen dade nie. En hy het hom altyd verbeel hy is so slim en geleerd!

"Gaan en doen net so!" Laat hy nou sy bes doen om sy naaste lief te hê, ja, om selfs sy vyande lief te hê! Dan sou hy nie meer eiewys en hoogmoedig wees nie. Dan sou hy weet dat hy al die tyd nie 'n goeie en verstandige man was nie, maar 'n slegte mens was, 'n sondaar wat nooit genoeg liefde kon bewys nie, en wat net deur die Here gered kon word.

42. Martha en Maria

Lukas 10: 38-42

AN weerskante van die Olyfberg was daar twee plekke waar mense gewoon het. Aan A die een kant, die westekant, was Jerusalem, die groot en pragtige stad, hoog op die heuwels gebou, met marmerpaleise, en die tempel met sy goue dak. Aan die ander kant was Betanië, 'n onaansienlike dorpie wat op die pad na Jerigo half weggesteek was tussen die berge.

Maar in daardie klein dorpie het die Here Jesus meer liefde geniet as in die groot en deftige Jerusalem. Vir Hom was daar meer vrede in Betanië as in Jerusalem wat beteken "die plek van vrede". In Betanië het opregte vriende gewoon wat Hom innig liefgehad het en wat geglo het dat Hy die Messias of Christus was. Dikwels nadat Hy in die stad gepreek en die vyandskap van die Jode moet verdra het, het Hy in die aand by die Oospoort uitgegaan. Dan het Hy deur die dal van Josafat en oor die riviertjie Kedron gegaan en die Olyfberg uitgeklim.

En Hy het by die tuin Getsemane, wat teen die helling gelê het, verbygegaan — daar waar Hy so dikwels die eensaamheid opgesoek het om alleen met Sy Vader te wees. Wanneer Hy bo-op die Olyfberg gekom het, waarvandaan 'n mens baie ver kon sien, het Hy weer afgeloop ondertoe en was Hy dan gou in Betanië.

Martha het dan alreeds by die deur van haar huis gestaan om Hom binne te nooi. Haar suster Maria se oë het gestraal van blydskap as sy Hom sien. En as Lasarus, hulle broer, ook tuis was, het hy die Here hartlik verwelkom. By hierdie vriendelike mense was Hy altyd welkom. Gelukkig en vreedsaam het die broer en sy susters daar gewoon. Baie van die vername Jode was ook hulle vriende. Maar hul beste Vriend was Jesus. As Hy in hul huis was, kon hulle nie gelukkiger wees nie.

MAAR op 'n sekere dag het Martha glad nie so gelukkig gevoel nie, en dit was haar eie skuld.

Die Here Jesus was weer in hulle huis. Hy het in die voorkamer gesit en Maria het gehurk gesit by Sy voete, onderwyl sy na Hom geluister en alles rondom haar vergeet het. Sy het gewys hoe lief sy Hom het deur net stil te sit en te luister.

Martha het haar liefde op 'n ander manier getoon. Sy was nie so stil en bedaard soos haar suster nie. Sy was een van die soort bedrywige mense wat hulle verbeel hul moet altyd besig wees. En noudat Jesus hulle besoek het, was daar baie dinge wat sy wou doen. Vir Hom was niks te goed of te veel nie, het sy gemeen. Sy moes bak en kook en vuur maak en die tafel dek, en nog baie meer doen. Haastig het sy heen en weer geloop. Af en toe het sy

'n paar woorde van die Here Jesus gevang, maar sy was so besig dat sy hulle gou weer vergeet het.

Sy wou hê hulle moet feesvier as Hy hulle vereer met 'n besoek, en sy wou 'n smaaklike maaltyd klaarmaak. Sy het al haastiger en senuweeagtiger geword om betyds klaar te kry, want sy moes al die werk alleen doen. Intussen het Maria met oë wat skitter aan die voete van die Here Jesus gesit en luister. Dit was asof sy nie eens gemerk het hoe haar suster Martha haar afsloof nie. En toe Martha hieraan dink, het sy nog dieper gesug. Sy wou Maria nie vra om haar te help nie. Sy het maar nog vinniger verby Maria geloop om so haar aandag te trek. Maar verniet. Maria kyk nie eens na haar nie.

Dit was vir Martha te veel. Sy het ontevrede en kwaad geword en vir haarself begin jammer kry. Wat haar nog meer verdrietig gemaak het, was dat die Meester dit alles miskien opmerk, maar niks sê nie. Haar gesig het rooi geword van opwinding, en toe sy dit nie meer kon uithou nie, het sy ontevrede gesê:

"Here, gee U nie om dat my suster my so alleen laat werk nie? Sê tog asseblief vir haai sy moet my help."

Maar Hy het haar aangekyk en Sy hoof geskud. Hy het Martha goed genoeg geken. Hy het 547

geweet sy het Hom, net soos Maria, ook baie lief. Hy het geweet dat sy uit liefde so swoeg.

Maar sy moes verstaan dat Hy nie na hulle gekom het om bedien te word en lekker te eet nie, maar om hulle gelukkig te maak met wat Hy hulle wou leer.

Martha was nie net uit liefde so fluks nie, maar sy wou ook graag 'n bietjie geprys word! Nou was sy so besig met allerhande dinge dat daar amper nie plek in haar hart vir Hom was nie.

Sy het haar geen tyd gegun om na Hom te kom luister nie. En sy het dit werklikwaar gewaag om Hom te verwyt en so effens te bestraf!

Daarom het die Heiland vriendelik gesê: "Martha, Martha, jy is besorg en verontrus oor baie dinge. Maar een ding is nodig; en Maria het die

goeie deel uitgekies. Dit sal nooit van haar weggeneem word nie."

Hierdie sagte bestraffing het Martha goed verstaan en sy was seker baie skaam oor haar onvriendelikheid en verkeerde gedagtes.

Martha en Maria, die susters van Betanië, het altwee op hul eie manier die Here Jesus liefgehad.

En die liefde van die twee vroue moet vir Hom 'n troos gewees het in Sy swaar lewe.

Die sogenaamde Apostelsfontein naby Betanië. Dit is moontlik dat Jesus en Sy dissipels uit hierdie fontein water gedrink het op hul reise tussen Jerusalem, Betanië en Jerigo.

548

43. Die Ryk Dwaas

Lukas 12:13-21

LLE soorte mense het na die Here Jesus gekom. Een van hulle was 'n gierige man wat A na Hom gekom het toe Hy in die omgewing van Betabara by die Jordaan was. Dit was daar waar Johannes vroeër gedoop en gepreek het. Baie mense het nou na die Here Jesus kom luister, want Hy was daar goed bekend en baie het in Hom geglo.

"Johannes het nie wonders gedoen nie," het hulle vir mekaar gesê, "maar alles wat hy van hierdie Man gesê het, was waar." En dan het hulle met baie eerbied na Hom gekyk en aandagtig geluister.

Die man van Betabara het opgemerk hoe gretig die mense was om te doen wat Hy sê. Nou ja, juis dié invloed van die Here Jesus kon hom help. Maar nee! Die man het nie aan sy sonde gedink en dat Jesus dit kon vergewe en sy siel vir altyd gelukkig kon maak nie.

Daarvoor was hy te onverskillig. Hy het net aan geld en rykdom gedink. As Jesus hom maar wou help, sou hy nou 'n goeie kans kry

om ryk te word.

Sy broer was gelukkig genoeg om 'n erfenis te kry en hy wou ook 'n deel daarvan hê. Maar die broer wou niks daarvan afstaan nie.

Jesus was mos 'n profeet en het groot mag en invloed gehad. As Hy sou sê sy broer moes die erfenis met hom deel sou hy dit seker nie waag om nee te sê nie. Ag, die man het alreeds in sy verbeelding die mooi klank van die geldstukke gehoor onderwyl hy na die Here Jesus geloop het. Met al daardie geld wat hy sou kry, sou hy lekker en gerus kon lewe. Dan sou hy meer as genoeg hê.

Hy het toe met 'n ontevrede en gierige gesig deur die klomp mense rondom die Here Jesus gedruk en gesê:

"Meester, sê tog vir my broer dat hy die erfenis met my moet deel."

Maar Jesus het nie na die wêreld gekom om Hom vir sulke dinge te laat gebruik nie. Hy het gesien dat die man een van daardie ongelukkige mense was wat 'n slaaf was van geld en rykdom.

Toe het Jesus streng gevra: "Man, wie het My aangestel as 'n regter oor julle?" En toe het Hy die man en almal wat daarby was, gewaarsku om op te pas vir geldgierigheid. 'n Mens lewe nie om baie besittings bymekaar te maak en dit dan in weelde te geniet nie. Om hulle die les nooit te laat vergeet nie, het Hy hulle 'n verhaal vertel. Dit was die gelykenis van die ryk dwaas. Die wêreld is vol van dié soort ryk dwase.

DAAR was eenmaal 'n ryk man wat groot saailande gehad het. Een jaar was sy oes so groot dat sy skure te klein was om al die koring en ander goed in te bêre. Hy was baie tevrede en hoogmoedig toe hy so staan en kyk na die groot oes. Hy het nie opgekyk na die hemel nie.

Hy het nie gedink aan die Here God wat dit alles gegee het nie. Hy het Hom ook nie daarvoor gedank nie.

Sy hele lewe lank het hy net aan homself gedink. Hy het net altyd geswoeg en gespaar om ryk te word. Hoe meer hy gekry het, hoe meer wou hy hê.

Hierdie wonderlike oes was nou die kroon op al die werk van daardie geldgierige man. Hy was so ryk dat hy nie meer hoef te werk nie. Hy kon nou die lewe geniet en vrolik wees.

Hy sê toe vir homself: "Ek weet wat ek nou sal doen. Ek sal my skure afbreek en nog groter bou. Daarin sal ek dan al my koring en ander goed bêre. En dan sal ek vir my siel sê: 'Siel, jy het baie goed wat weggesit is vir baie jare. Neem rus, eet, drink en wees vrolik'!"

"My siel," het hy gesê. Hy het hoogmoedig en gelukkig gevoel en gedink hy is 'n baie slim mens. Dit was vir hom lekker om in die nag aan al sy geld en goed te lê en dink en aan die 549

vrolike lewe wat sy siel sou geniet.

Sy siel! . . . . Maar sy siel het hy ook van die Here gekry, en hy het nooit daaraan gedink nie.

En toe het God met hom gepraat en gesê: "Jou dwaas, in hierdie nag nog sal hulle jou siel van jou eis. En wat jy bymekaargemaak het, wie s'n sal dit wees?"

En toe kon al sy geld hom nie help nie. Daardie nag het hy gesterf. En toe hy dood was, het ander mense sy goed geneem en geniet.

Van al sy slim planne het niks gekom nie. Dit was verniet dat hy sy hele lewe lank so hard gewerk en gespaar en berekenings gemaak en geld versamel het. Dit was dwaas om so te doen.

En sy siel — sy arme siel — wat hy sy lewe lank laat honger ly het, kon nie deur sy baie geld gered word nie.

Hy was só ryk, en tog so arm! Die Here Jesus het gesê: "So gaan dit met die een wat op aarde vir homself skatte bymekaarmaak en nie

ryk is in God nie." En die hele wêreld is vol van sulke arm ryk mense.

550

44. Die Lam Vrou

Lukas 13:10-17

stil Sabbatmore het sy sukkel-sukkel op straat geloop. Die arme ongelukkige vrou kon

'N maar net voetjie vir voetjie aanskuiwe, want haar rug was heeltemal krom. Omdat sy haar kop nie kon oplig nie, kon sy maar moeilik voor haar uit kyk om koers te hou na die sinagoge. Maar sy wou graag daar wees om na die voorlees van die Here se Woord te luister en om deur Hom vertroos te word. Sy wou Hom graag verheerlik, want sy was vroom,

'n ware dogter van Abraham, die vader van al die gelowiges.

Sy kon nie opkyk om die mooi blou hemel te sien nie. So hier en daar het sy darem 'n deurdrumpel of klip langs die pad herken om te kan weet sy loop nog reg. Agtien jaar was sy al so. 'n Ernstige siekte het haar rug krom getrek en sy kon nie die minste regop kom nie.

Haar lyf was so styf en stram asof sy met sterk bande vasgebind was. Maar in haar groot nood het sy die Here nie vergeet nie en naby Hom gebly.

En so het sy aangesukkel totdat sy eindelik ook die sinagoge kon binnestrompel. Met haar kierie het sy voel-voel haar bank bereik, aan die vroue se kant van die sinagoge. Met 'n sug en 'n kreun het sy gaan sit, met haar kop vooroor gebuig *tot* amper op haar knieë. Sy kon maar net die vloer en haar voete sien, en glad nie die persoon wat uit die Bybel voorlees nie.

Maar sy het eerbiedig geluister. Haar hart was reg en sy het verwag dat die Here haar siel sou seën.

En waarlik waar, hierdie dag het sy 'n seën ontvang wat so groot en heerlik was dat sy dit nooit kon verwag het nie. Hierdie Sabbat het vir haar die grootste feesdag van haar lewe geword.

Want iemand groter as die woorde van die wet en die profete was dié dag daar. Die Verlosser was daar, die Seun van God, wat sy, soos al die ander vroom Israeliete, haar hele lewe lank verwag het. Hy was daar en Hy het die mense geleer. Hy het gesien met hoeveel moeite sy binnegekom het, en Hy het geweet dat sy sou kom! Hy het alles van haar geweet

— van haar kwaal, haar verdriet, haar gebede en haar geloof. En Hy kon dit nie langer aansien dat 'n mens so wreed deur die Satan gekasty word nie.

Hy het haar geroep. Sy was baie verwonderd en het dadelik met baie gesukkel opgestaan en sleepvoet na Hom gegaan. Toe sê Hy: "Vrou jy is van jou siekte verlos!"

Sy het gevoel hoe Hy haar saggies aanraak en hoe daar 'n stroom van genesende krag in haar krom liggaam invloei. En dit was asof al die bande, wat haar so lank gebind het, gebreek word. Meteens kon sy regop staan en, spraakloos van vreugde, rondkyk in die sinagoge. Sy het haar Verlosser gesien, wat haar met liefde aankyk. Met trane in haar oë het sy Hom gedank en geprys.

En baie mense in die sinagoge was saam met haar bly en verheug oor wat hulle gesien het.

MAAR daar was een man wat baie ontevrede was. Dit was die owerste van die sinagoge en hy het nie 'n jammer hart gehad nie. Hy het die Here Jesus gehaat.

Hoekom? Op ander Sabbatdae was hy die man, die groot man, na wie almal in die sinagoge met eerbied opgesien het. Die mense moes doen wat hy sê en na hom luister. En nou kyk en luister hulle na Jesus wat op die Sabbat werk en dit ontheilig. Dis mos werk om

iemand op die Sabbat gesond te maak, en die Rabbi's het so iets streng verbied.

Die owerste was woedend kwaad. Hy sou graag die Here Jesus self wou bestraf het, maar kon dit darem nie waag nie. Daarom het hy liewer die ander mense aangespreek en vir hulle gesê:

"Daar is ses dae waarop 'n mens behoort te werk. Kom dan op dié dae en laat julle genees, en nie op die Sabbatdag nie!"

551

Hy het nie reg gehad om dit te sê nie. 'Niemand, ook nie die vrou, het gekom om gesond gemaak te word nie; hulle het net gekom om God te dien. Nogtans het die mense niks geantwoord nie. Hulle was geduldig en bang vir die rabbi's.

Maar die Here Jesus het hom streng bestraf en gesê: "Jou geveinsde! Maak elkeen van julle nie op die Sabbat sy os of sy esel van die krip los en lei hom na die water om te drink nie?

Hierdie vrou is 'n dogter van Abraham, en dink daaraan dat die Satan haar al agttien jaar lank gebind het. Mag sy nie van hierdie bande op die Sabbat verlos word nie?" Die verwaande owerste kon dit nie ontken nie. Dit was waar dat ook hy op die Sabbat vir sy vee gesorg het. Is 'n mens dan minder werd as 'n dier?

Hy het skaam geword en niks meer gesê nie. En die ander mense was baie bly oor wat die Here Jesus gedoen het.

552

45. In die Huis van die Owerste

Lukas 14:1-24

N die deftige huis van 'n owerste van die Fariseërs was 'n hele aantal gaste aan tafel om 'n I maaltyd te geniet. Hy was 'n ryk en vername

man en sy gaste was ook ryk en vername mense, meestal wetgeleerdes en Fariseërs. Almal het eers hulle hande 'n paar maal gewas soos die rabbi's voorgeskryf het. Toe het die diensbodes hulle na die eetkamer gebring en elkeen sy plek aan tafel aangewys. Die rykstes en die oudstes het reg gehad op die voorste plekke, naaste aan hulle gasheer.

Die een het afgunstig na die ander geloer en gedink: "Is daardie man waardiger en belangriker as ek? Moet ek nie miskien meer geëer word as hy nie?" En as hy dan sien dat daar hoer op aan die tafel nog 'n plek oop was, het hy gou opgespring en daar gaan sit.

Arm mense is nie uitgenooi nie. Dit sou dom wees van die gasheer, want hulle sou hom mos nie weer kon nooi nie! Dis somaar geld weggooi om 'n arm man te nooi — het die sluwe, gierige Fariseërs gedink.

Maar op hierdie dag is daar darem een uitsondering gemaak, naamlik vir Jesus van Nasaret.

Hy was juis hier in Perea waar Hy gepreek en wonders gedoen het. Baie mense het Hom gevolg en vereer. Hy was arm en het nie Sy eie huis gehad nie. Hy sou dus nooit op Sy beurt Sy gasheer kan uitnooi nie.

Maar die owerste wou Hom in 'n val lok, en het Hom juis daarom op 'n Sabbatdag genooi.

Êrens in die buurt was 'n siek man wie se liggaam opgeswel was, want hy het die water gehad'. En net toe die ete begin, het daardie siek man gekom en voor Jesus gaan staan.

Die Here het geweet wat om hier te verwag, maar Hy het tog gekom en was net so bedaard en vriendelik soos altyd. Hy het die siek man gesien en ook hoe almal Hom nou fyn dophou om te kyk of Hy die Sabbat sou ontheilig deur 'n sieke gesond te maak. Dan sou hulle

Hom mos kan beskuldig. Hy het goed geweet wat hulle dink. En Hy het die stil vraag in hul valse harte dadelik beantwoord toe Hy sê:

"Sê vir My: Is dit geoorloof om op die Sabbat gesond te maak?"

Maar almal het stilgebly. En toe het Hy voor hulle oë die man gesond gemaak en hom laat gaan. Daarna vra Hy hulle: "Wie van julle se esel of os sal in 'n put val, wat dit nie dadelik op die Sabbatdag sal uittrek nie?"

Hy het hulle aangekyk en hulle het gevoel hoe Sy heilige oë tot in die diepte van hul sondige harte gekyk het. Hulle oë kon Hom *nie aankyk nie en hulle kon niks antwoord nie,* want hulle het geweet Hy praat die waarheid. As dit hulle besittings aangaan, het hulle die streng Sabbatswette oortree wat hulle self aan die volk opgelê het. Hulle het net aan hulle eie voordeel gedink, maar Hy het in liefde goed gedoen aan ander mense. Hul skelm plan het nie gewerk nie. Nou durf hulle niks meer aanmerkinge omtrent Hom maak nie, want Hy het alles van hulle geweet.

MAAR toe hulle voort gaan met die ete het dit uitgekom dat Hy iets omtrent hulle kon opmerk. Hy het opgelet hoe begerig hulle was om op die voorste plekke te sit. Nou het Hy vertel hoe dwaas dit was. Hy wis hoe hoogmoedig hulle was en daarom het Hy hulle geleer wat dit beteken om regtig nederig te wees.

Hy het gesê: "Wanneer iemand jou na 'n bruilof *nooi, moenie op die voorste plek gaan* sit nie. Daar kan miskien iemand genooi wees wat waardiger is as jy. As hy dan kom, sal die gasheer sê: "Maak plek vir hierdie man. En dan sal jy baie skaam voel om op die agterste plek te gaan sit.

"Weet jy wat om te doen? As jy kom, gaan sit agter. Dan sal dit vir jou 'n eer wees as die 553



een wat jou genooi het, kom en sê: Vriend, hoekom sit jy hier agter? Kom, ek sal jou 'n beter plek gee. En dan sal jy baie geëerd voel voor al die mense.

"Want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, maar wie homself verneder, sal verhoog word."

En weer het almal stilgebly. Hulle het gevoel dat die Here Jesus hulle deur en deur geken het.

ONDERWYL dit so stil aan tafel was, het Jesus na die man gekyk wat Hom genooi het, en gesê:

"Wanneer jy 'n môre- of 'n middagete gee, moenie jou vriende of jou familie of jou ryk bure nooi, sodat hulle jou ook eendag uitnooi en jy terugbetaal word nie. Maar wanneer jy 'n feesmaal gee, nooi armes, verminktes, kreupeles, blindes, en jy sal gelukkig wees, omdat hulle niks het om terug te gee nie. Want jy sal jou loon kry in die opstanding van die regverdiges."

DIE gasheer het nou ook stilgebly. Maar een van die gaste het geantwoord:

"Ja, salig is hy wat brood eet in die koninkryk van God."

Dit het baie vroom en mooi geklink, maar daardie man was tog niks beter as die ander nie.

Hy was ook baie hoogmoedig. Hy was geveins en het nie na die saligheid verlang nie.

Anders, hoekom het hy die Here Jesus dan nie gevolg nie? Hoekom het hy nie nederig en gehoorsaam na God gekom nie? Die Here Jesus het al 'n paar jaar lank die land deurgegaan om mense te nooi om in die koninkryk van God in te gaan. Maar baie van die ryk en vername mense wou nie kom nie.

Daarom het die Here Jesus aan die man 'n verhaal vertel — die gelykenis van die groot maaltyd. Dit was 'n ernstige waarskuwing vir hom en vir al die ander gaste.

Die toring van Siloam wat ineengestort het en agtien mense gedood het (Luk. 13: 4), het in hierdie omgewing gestaan. Opgrawings het die fondamente van die toring blootgelê.

554

DAAR was eenmaal 'n vername man wat 'n groot maaltyd gegee en baie mense uitgenooi het. En toe die tafels gedek was, het hy sy dienskneg gestuur om vir die genooides te sê:

"Kom, want alles is nou gereed." Maar hulle het nie gekom nie. Hulle was ryk en vername mense en wou nie eerlik sê hoekom hulle nie wou kom nie. Hulle het liewer allerhande ekskusies *gemaak. Een het* laat weet en gesê: "Ek het 'n stuk grond gekoop en ek móét daarna gaan kyk. Ek vra u, verskoon my, asseblief." Dit was 'n valse verskoning. Die man kon net so goed later gegaan het om na die

grond te kyk. Hy het meer van sy goed gedink as van die vriend wat hom genooi het. Hy was 'n ryke dwaas. 'n Ander een het gesê: "Ek het vyf paar osse gekoop en ek gaan hulle op die proef stel.

Moenie kwaad word nie, ek kan my werk nie laat staan nie." Dit was ook nie 'n eerlike verskoning nie.

'n Mens kyk tog of osse sterk en fluks is voor jy hulle koop. Maar hy was eintlik so besig met sy werk dat hy nie tyd gehad het vir sy vriend nie.

Nog een het gesê: "Ek het 'n vrou getrou en *daarom kan ek nie kom nie." Ook* hierdie man het nie genoeg omgegee vi sy vriend nie. Die dienskneg het teruggekom en vertel wat die mense gesê het. Die tafels was swaar belaai met smaaklike kos, maar daar was geen gaste om aan te sit nie. Toe het die eienaar van die huis kwaad geword en vir sy dienaar gesê:

"Gaan dadelik uit in die strate en die agterbuurtes van die stad waar die bedelaars woon en bring die armes, die verminktes, die kreupeles en die blindes wat deur die ryk mense verag word."

En kyk, daardie mense was maar te bly om te kom, en het almal aan tafel gaan sit. Toe sê die dienskneg: "Meneer, wat u beveel het, *is* gedoen. Maar daar is nog *plek"*

Toe sê die heer vir die dienskneg: "Gaan buitekant die stad en roep die vreemdelinge en rondlopers om ook te kom. En as hulle te skaam is om te kom, dwing hulle, sodat my huis kan vol word."

Dit was die verhaal wat die Here Jesus vir die wetgeleerdes en die Fariseërs vertel het. Het hulle verstaan wie die Gasheer is? Het hulle ook verstaan dat . die tollenaars en sondaars, en selfs die vreemdelinge, die heidene, in die koninkryk van God sou ingaan, terwyl hulle self buitekant sou bly?

Toe sê die Here Jesus nog iets baie ernstigs: "Want Ek sê vir julle dat nie een van daardie mense wat genooi is van My maaltyd sal geniet nie."

"My maaltyd" het Hy gesê. Nou kon hulle almal weet wie Hy is. Die owerste van die Fariseërs het gedag hy nooi somaarso 'n arm man, Jesus, terwyl Hy eintlik die hemelse Gasheer self was, wat vir hom, die Fariseër, wou nooi. En die Gasheer het hom ook genooi.

Sou hy gehoorsaam wees en nederig kom? Was hy gewillig om in die oë van God arm te wees en om saam met tollenaars en sondaars aan te sit?

Alleen dan was daar vir hom hoop en verlossing.

555

46. Verloor en Weer Gevind

Lukas 15:1-32

ET waar die Here Jesus gegaan het in die land Perea, oorkant die Jordaan, het baie N mense Hom gevolg. As Hy êrens gaan om te rus, het hulle rondom Hom kom sit om na Hom te luister.

Sy woorde het hulle wakker geskud uit hulle sondige toestand. Die gierige tollenaars het hulle geld vergeet; die slegte vroue wou vergifnis hê vir al hul sonde en het verlang om ook

'n rein hart te kry. Jesus het niemand van hulle verag nie. As een van die veragte sondaars Hom na sy huis nooi, het Hy gegaan en saam met hulle geëet. Hy het sondaars liefgehad, en dis om sondaars te red dat Hy gekom het.

Die Fariseërs en Skrifgeleerdes het dit alles gesien en gebrom daaroor, want hulle kon dit nie verstaan nie. Hulle het elke Sabbatdag gepreek dat 'n mens die sondaars moes verag en nie met hulle omgaan nie. As 'n mens van God afdwaal, verag Hy jou ook en is jy

vir ewig verlore, het die rabbi's gedink. Met veragting het hulle van die Here Jesus gesê:

"Hierdie man ontvang sondaars en eet werklikwaar saam met hulle!"

Toe het Hy hulle drie gelykenisse vertel om hulle te leer dat God Hom gestuur het om sondaars te soek en salig te maak.

Elkeen wys hoe groot en hoe teer die liefde van God is vir sondige mense en hoe daar blydskap in die hemel is as 'n sondaar tot bekering kom.

Hoe ver 'n sondaar ook al afdwaal, Jesus is die goeie herder wat hom soek tot Hy hom kry.

Hoe diep 'n mens ook al verlore is in die sonde, Hy wil hom nog altyd red.

Hoe seer Sy kind Sy vaderhart ook al maak, vergeet Hy die kind nooit nie. Hy wag tot die kind weer na Hom kom, en vergewe hom alles as hy spyt het vir wat hy gedoen het.

DAAR was eenmaal 'n man wat honderd skape gehad het. Eendag merk hy dat een van sy skape makeer. Die dier het in die veld nie na die stem van sy herder geluister nie en het toe weggeraak. Maar dit was sy eie skuld. En as 'n wilde dier hom sou vang, sou dit sy eie skuld wees.

Maar die man het nie gesê nie: "Ek het nog genoeg skape oor. Hoekom sal ek my bekommer oor hierdie een ongehoorsame dier?" Nee, hy het meer aan daardie skaap gedink as aan die nege-en-negentig wat veilig was.

Hy was lief vir die skaap. Dit het by die ander behoort en hy het homself geen rus gegun voor hy die skaap gevind het nie. Hy het toe die nege-en-negentig bymekaar in die veld laat staan en gou teruggeloop. Hy het gesoek . . . . en gesoek . . . . en geroep, en

bedroef langs die smal en gevaarlike paadjies van die kloof geloop. As sy voet sou gegly het, sou hy hom dood geval het. Maar hy het nie aan gevaar of moegheid gedink nie. Hy het net aan die stomme skaap gedink en aangehou soek totdat hy hom gekry het.

Toe was hy tog te bly. Hy het die skaap op sy skouers getel en teruggedra na die ander. En toe hy die aand by die huis kom, was hy nóg bly. Hy het sy bure en vriende bymekaar geroep en gesê:

"Wees tog saam met my bly, want ek het my skaap gekry wat verlore was."

Dit was die *gelykenis van die verlore skaap.* Toe Jesus dit vertel het, het Hy gesê:

"Ek sê vir julle dat daar meer blydskap sal wees in die hemel oor een sondaar wat hom bekeer, as oor nege-en-negentig regverdiges wat die bekering nie nodig het nie."

556

DAAR was eendag 'n vrou wat tien blink silwerpennings gehad het. Sy het hulle op haar troudag gekry as 'n aandenking. Sy wou hulle nooit uitgee nie en het hulle mooi gebêre.

Maar eendag merk sy daar kom een kort. Dit moet êrens op die vloer geval het sonder dat sy dit gemerk het.

Sy het groot geskrik. Sy het nie gesê: "Ek het nog nege ander en sal hierdie een nie mis nie."

Die een het by die ander behoort. Gou het sy 'n lamp opgesteek, want die huise van daardie tyd het baie klein venstertjies gehad, en was maar donker van binne. Eers het sy in al die donker hoekies gesoek, maar niks gekry nie, haar hart was baie seer. Toe het sy 'n besem geneem en goed onder die tafels en stoele begin uitvee. En uiteindelik hoor sy iets klink.

Dit was haar penning! Sy kon dit nie gou genoeg optel nie en het dit met haar voorskoot net so skoon gevrywe soos die ander nege. Toe het sy haar vriendinne en buurvroue geroep en gesê:

"Wees saam met my bly, want ek het die penning gekry wat ek verloor het."

Dit was die *gelykenis van die verlore penning.*

En toe Jesus dit vertel het, het Hy weer gesê: "So, sê Ek vir julle, is daar blydskap voor die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer."

TOE het die Heiland ook nog die gelykenis van die verlore seun vertel. En dit was die mooiste en leersaamste van die drie. Want groter as die liefde van 'n herder vir sy skape en van 'n vrou vir haar bruidspennings, is die liefde van 'n vader vir sy kinders.

'n VADER het twee seuns gehad en het albei liefgehad. Hy wou tog te graag hê hulle moet altwee gelukkig wees.

Dit het gelyk asof die oudste seun gelukkig en tevrede was. Hy was gehoorsaam en het aldag mooi gewerk op die land van sy vader. Hy het nou nie juis gewys dat hy sy vader baie liefhet nie, maar hy het hom darem nooit verdriet aangedoen nie. Hy was 'n bedaarde en verstandige seun van wie 'n mens niks slegs kon sê nie.

Die jongste seun was heeltemal anders. Hy was nie gelukkig of tevrede nie. Hy het sy werk teësinnig gedoen en dit was vir hom te eentonig in sy vader se huis. Hy het gedink dat dit lekker moet wees daar ver weg in die wêreld. Daar sou dit baie mooier en plesieriger wees as hier. In 'n vreemde land sou hy gelukkiger wees. Hy het verlang om die lewe daar te gaan geniet. Hy het die voëltjies beny wat kon vlieg net waar hulle wou. Hy het gevoel asof hy 'n gevangene is. Hy het al meer ongeduldig geword.

Hy sou eers vry kon wees as sy vader later eendag te sterwe kom. Dan sou hy 'n derde van al sy vader se besittings kry en sy broer tweederdes omdat hy die oudste was. Dan eers sou die lewe mooi en lekker wees — so het die jongste seun gedink. En hy het baie verlang na die dag wanneer hy vry sou wees om die wêreld in te gaan en te maak soos hy wil.

Later kon hy nie meer wag nie. Hy kon mos sy deel nou ai vra. Hy het sy moed bymekaar geskraap en met sy vader daaroor gaan praat: "Vader, kan ek nie asseblief my deel van die erfporsie nou al kry nie?"

Die vader het die seun goed genoeg geken om te verwag dat hy so iets sou kom vra. Maar tog het hy geskrik en bedroef geword. Eers het hy mooigepraat met die seun. Hy het hom vertel dat hy in die wêreld daarbuite ook nie gelukkig sou wees nie. Hy het hom gewaarsku dat dit nie goed met hom sou gaan nie.

Maar die seun wou nie luister nie. Hy het sy pa nie geglo nie. Sy vader was ook bang dat hy hom sou haat, en toe die seun aanhou, het hy maar toegegee.

Die vader het sy besittings toe tussen sy twee seuns verdeel. Net deur skade en skande sou die jongste seun leer dat 'n kind altyd na die raad van sy ouers moet luister.

557

Nie lank daarna nie het die seun toe sy geld en goed geneem en weggegaan na 'n ver land.

Hy het net aan sy eie plesier gedink en aan al die mooi dinge wat hy sou sien en geniet. Hy was bly en opgewonde en het sy beste klere aangehad.

Sy vader het hom agterna gestaan en kyk totdat hy hom nie meer deur sy trane kon sien nie.

So ver weg van sy vader af as moontlik het hy gegaan en toe het hy in die land van sy drome gekom. Hy het genoeg geld gehad om daar alles te geniet wat hy wou hê. Net waar hy gekom het, het die mense voor hom gebuig en hom so vriendelik ontvang asof hulle hom verwag het. Hy het baie vriende gemaak en duur geskenke vir hulle gegee. Die lewe was vir hom net een groot feesviering. Elke dag het hy weer aan iets nuuts gedink om saam met sy vriende te geniet. Hy het oordadig gelewe en sy geld verkwis.

Was hy nou gelukkig? Hy het so gedink, maar tog het hy in sy hart onrustig gevoel. En hy het al onrustiger geword en partykeer was dit asof hy skielik die stem van sy vader gehoor het wat hom gewaarsku het .... Maar hy wou dit nie hoor nie. Hy was mos nou vry en wou nie onrustig voel nie ... . 'Die lewe was vir hom soos 'n lekker droom, waaruit hy nie wou wakker word nie. Hy het al ligsinniger geword en sy geld nog meer verkwis.

En tóé het die dag gekom toe alles op was. Hy het sy sakke deurgevoel en sy geldbeursie uitgeskud. Hy kon maar net 'n paar geldstukkies nog vind. Sy droom was klaar en hy móés wakker word. Hy het toe na sy vriende gegaan, maar niemand wou hom iets leen nie.

Niemand wou hom help of troos nie. Nou het hulle hom alleen gelaat, want dit was net sy geld wat hulle tevore liefgehad het.

Hy was baie eensaam. Die mense het nie meer voor hom gebuig nie, maar weggekyk as hy verbyloop. Eers het hy sy goue ring verkoop en toe sy mooi klere en later sy laaste besittinkie om geld te kry om kos te koop.

En juis toe kom daar 'n swaar hongersnood in die land en hy moes baie honger ly. Om nie dood te gaan van die honger nie, moes hy sy vryheid ook nog verloor: hy het hom by 'n boer gaan verhuur, wat hom die veragtelikste werk laat doen het — hy moes gaan varke oppas.

Wie sou ooit kon dink dat hy, 'n ryk man se seun, wat die wêreld ingegaan het om die lewe te geniet, hom sou moes verhuur as 'n varkwagter!

As sy vader dit sou weet .... Nee wag, hy wou liewer nie aan sy pa dink nie. Hy wou nog nie erken dat sy vader reg was nie. Hy het nog steeds te hoogmoedig en te onafhanklik gevoel.

Maar hy kon nie help om baie honger te kry terwyl hy daar in die veld by die varke sit nie. Sy meester was glad te suinig om hom genoeg kos te gee.

Hy het gesien hoe die varke lekker smul aan hulle kos. En hy was so honger dat hy maar te graag van hulle kos sou wou eet! Maar niemand het hom daarvan gegee nie. Vir die varke is daar beter gesorg as vir hom! Ag, die wêreld was darem vreeslik wreed!

En dan het hy hom nogal verbeel dat die wêreld hom gelukkig sou maak!

En toe kom hy tot homself. Skielik het hy homself daar gesien sit in sy ou verflenterde klere, maer en ellendig. Dit het hom laat skrik toe hy dink: "Hoe baie huurlinge van my vader het oorgenoeg brood en ek vergaan van honger!"

Hy het homself weer gesien in sy vader se huis. Tóé het hy lekker gelewe, soos 'n prins, maar nou lewe hy soos 'n slaaf. Hy het nou ingesien hoe dom hy was.

Hy het weer gesien hoe hy van die huis weggegaan het .... Hy het sy vader daar gesien staan. Nou het hy besef hoe bedroef sy vader moes gevoel het. En hy het terug verlang na die liefde wat hy toe versmaai het. O, hy was 'n groot sondaar om sy vader se hart so seer te maak!

Toe kon hy nie langer bly nie. Hy móés teruggaan na sy ou vader. Hy kon nie sy liefde gaan vra nie, want hy was dit nie werd nie. Hy wou

net om vergifnis vra en kos om te eet.

Daarvoor was hy gewillig om hard te werk.

558

'n Seun kon hy nie meer wees nie. Miskien kon hy darem 'n kneg op sy vader se plaas word.

Dan sou daar darem uitkoms vir hom by sy vader wees.

Toe sê hy by homself: "Ek weet wat om te doen. Ek sal opstaan en na my vader gaan en ek sal vir hom sê: Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u, en ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie; maak my soos een van u huurlinge."

En hy het dadelik opgestaan en geloop.

DIT was 'n lang en moeilike pad. So maklik soos hy gekom het, so swaar was dit om terug te gaan. Ryk en geëerd het hy sy vader se huis verlaat, arm en ellendig het hy teruggekom. Hy was 'n rondloper vir wie niemand geken het nie.

Van ver af kon hy die huis al sien. Maar toe verloor hy moed. Noudat hy alles daar weer sien, het hy eers goed besef hoe sleg hy gewees het om dit nie te waardeer en lief te hê nie.

Hy het so benoud geword dat hy nie nader kon loop nie. Hy het stil gaan staan en met baie verlange net gekyk . . . . en gekyk .... Maar sy vader het hom gesien en van ver af herken.

Toe hy die vuil rondloper sien, het hy hom as sy seun herken. Die liefde van die vaderhart het alles vergewe en hy het nader gehardloop en hom in sy arms geneem en hartlik gesoen.

Hakkel-hakkel sê die seun toe: "Vader . ... ek .... ek het sonde gedoen teen die hemel en voor u, en ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie."

Maar sy vader het niks daarop geantwoord nie. Hy het nie daaraan gedink dat sy seun voorheen so stout was nie. Is dit dan nie dié seun na wie hy al die tyd so vreeslik verlang het nie? Is dit nie die seun wat so goed as dood vir hom was nie, en wat tog nog lewe?

Verheug het die vader sy diensknegte geroep en gesê: "Gaan haal die beste klere en trek hom dit aan. Sit 'n ring aan sy vinger en gee vir hom skoene. Bring die vet gemaakte kalf en slag dit en laat ons eet en vrolik wees. Want hierdie seun van my was dood en het weer lewendig geword. Hy was verlore en is gevind."

'n Rukkie later het die seun weer net soos vroeër langs sy vader gesit, nadat hy gebad en skoon klere aangetrek het. En aan sy vinger het 'n pragtige goue ring gevonkel. Hy het sy vader se ou hande gestreel. En dankbaar het hy met sy hoof teen sy vader se bors gelê. Hy kon waarlik huil van blydskap.

En skielik het hy toe besef dat hy hiér die geluk gevind het wat hy daar ver gaan soek het.

Hy het dit gevind hier by die hart van sy vader, daardie hart wat hom nog altyd so liefgehad het.

Nou kon hy feesvier, lekkerder as daar ver weg in 'n vreemde land. Sy siel het feesgevier.

ONDERWYL dit alles gebeur het, was die oudste seun in die veld. Hy het sy broer al vergeet en hy was ook bly dat hy nie meer 'n broer het nie. Nou was alles mos syne — die huis, die geld en die vee, asook die veld waarop hulle wei. Hy was nog meer tevrede as vroeër, want, dag hy — hy het dit verdien. Hy het hard en getrou gewerk vir sy vader en niemand kon die minste van hom kwaad praat nie. Hy het maar net aan homself en aan sy besittings gedink, en aan wat 'n gawe kêrel hy tog was! Doodtevrede met homself het hy die aand huis toe geloop.

Maar wat hoor hy toe hy naby die huis kom! Daar word gesing en musiek gemaak en die mense lag vrolik. Wat beteken dit? Gou roep hy een van die knegte en vra hom uit. En toe sê die kneg: "U broer het gekom en u vader het die vetgemaakte kalf geslag omdat hy hom gesond teruggekry het."

U broer? .... Dan het hy nog 'n broer! O, hy het die vent gehaat wat nou teruggekom het. En dan het sy vader hom weer in sy huis ontvang? As dit hy was, sou hy hom 'n skop gegee en weggejaag het.

Hy wou nie binne toe gaan nie. Hy was te 'n goeie man om langs so 'n slegte rondloper te gaan sit. En hy was ook glad te kwaad en te jaloers om fees te kan vier.

559

Tóé het sy vader na buite gegaan om hom te gaan haal. Hy kon nie een van sy kinders mis nie. Maar die oudste seun het gesê:

"Vader, kyk, ek werk al so baie jare vir u, en ek was altyd gehoorsaam. Maar vir my het u nooit eens 'n bokkie gegee sodat ek saam met my vriende kon feesvier nie. Maar noudat hierdie seun van u gekom het wat u goed in slegte geselskap deurgebring het, het u werklikwaar vir hom die gemeste kalf geslag!"

Nou eers het dit uitgekom hoe ondankbaar die seun was, en hoe min hy sy vader liefgehad het. Hy was niks meer as 'n dienskneg gewees nie, 'n hoogmoedige, ondankbare dienskneg, wat beloning vir sy werk wou hê. Maar tog het die vader hom ook baie liefgehad. En soos hy sy jongste seun alles vergewe het, het hy ook sy oudste seun alles vergewe. Hy het vir hom gesê: "Kind, maar jy is mos altyd by my. Alles wat ek het, behoort aan jou. En ek wil jou ook alles gee wat jy vra. Ons moet tog vrolik en bly wees, want hierdie broer van jou was dood en het weer lewendig geword; hy was verlore en is gevind."

DIT was die einde van die verhaal van Jesus. Nou kon al die sondaars weet dat die Vader in die hemel hulle altyd sal liefhê en nooit sal verstoot nie, as hulle net na Hom wil terugkom en om vergifnis vra. Maar die trotse Fariseërs moes besef dat hulle soos die oudste seun was wat meer verlore was as sy broer. Hulle was hoogmoedige diensknegte wat net vir beloning gewerk het. As hulle tog maar tot inkeer wou kom en soos dankbare kinders word! Dan sou hulle ook nog kon ingaan in die Vaderhuis.

560

47. Wêreldsgoed

Lukas 16:1-14 en 19-31

AAR was eenmaal 'n ryk man. Hy het baie geld en goed en groot landerye gehad, baie D knegte en huise en stalle en vee. Hy het 'n bestuurder gehad wat vir alles moes sorg.

Hy het die geld ontvang van alles wat verkoop word en die werkers hulle loon betaal. Hy moes sorg dat party van die groot landerye en tuine goed verhuur word. Alles op die plaas en in die huis is aan hom toevertrou.

Maar hy was oneerlik en agterlosig. Hy het sy baas se geld verkwis en verkeerd gebruik.

Toe sy baas dit verneem, het hy hom laat roep en hom kwaai aangespreek:

"Wat is dit wat ek van jou hoor? Ek wil weet hoe jy die geld uitgegee het en hoeveel jy verkwis het. En daarna gaan ek jou in die pad steek. Jy kan nie meer my bestuurder wees nie."

Die man het gesien dat dit maar sleg met hom sou gaan. Hy sou maar net nog 'n kort tydjie sy belangrike werk kon doen en dan sou hy sonder geld en verdienste wees.

Wat moes hy doen?

Ja, wat kón hy doen na hy ontslaan is uit sy werk? Sou hy gewone, swaar plaaswerk by 'n ander boer gaan doen? Hy kon nie spit nie. Hy was nie sterk en jonk genoeg vir sulke harde werk nie. Sou hy gaan bedel? Nee, daarvoor was hy te skaam!

Diep in gedagte het hy in sy kantoor gaan sit en na die skuldbewyse van mense gekyk wat grond van sy baas gehuur het. Hy het gesien dat een man beloof het om met honderd vate olyfolie te betaal vir 'n groot olyfboord wat hy kon bewerk. 'n Ander moes honderd mud koring van sy oes afgee as huur vir die saailande. Die skuldbewyse was nie op papier met ink beskrywe nie, maar met 'n skerp ystergriffie op 'n dun lagie byewas wat op 'n plankie gesmeer is. Die skrif kon maklik verander word.

En toe kry die bestuurder skielik 'n plan. Hy het hom nie daaroor bekommer of dit eerlik en regverdig was nie. Terwyl hy nog bestuurder was, kon hy doen wat hy wou met sy baas se goed. Hy sou die goed dadelik aanwend om vriende mee te maak. Hy moes goeie vriende hê sodat hulle huise vir hom kon oopstaan en hulle hom aan geld of kos kon help wanneer hy geen verdienste het nie. Hy het die skuldenaars dadelik een vir een laat kom.

Hy vra toe vir die eerste een: "Hoeveel skuld jy vir my heer?"

Die man het neerslagtig geantwoord: "Honderd vate olie."

Toe sê die bestuurder: "Nou kyk, hier is jou skuldbewys. Gaan en verander die honderd in vyftig.

Baie verbaas het die skuldenaar na hom gekyk. Hy dag die bestuurder maak maar net *'n* grappie. Maar toe hy sien hy bedoel dit regtig, kon hy nie gou genoeg die honderd in 'vyftig'

verander nie. Hy was tog te dankbaar.

Na hom is 'n tweede skuldenaar geroep. Die bestuurder het hom ook gevra: "En jy, hoeveel is jy skuldig?"

"Honderd mud koring," was die antwoord. Hy was net so dankbaar soos die eerste een om sy skuld te kan verminder tot tagtig mud.

Na die bestuurder die skulde van al die ander ook laat verminder het, was hy seker dat hy daarop kon reken om van alle kante gehelp te word as hy aanstons in die nood kom.

Toe het hy gegaan en al die skuldbriewe aan sy heer voorgelê.

Maar die heer het intussen uitgevind wat sy oneerlike bestuurder aangevang het. Dit het hom natuurlik nog meer kwaad gemaak en hy het die man dadelik in die pad gesteek. Maar tog moes hy erken dat die bestuurder 'n oulike plan gemaak het, en hy het hom geprys 561

omdat hy so "verstandig" gehandel het.

MET hierdie verhaal wou die Here Jesus aan almal wat na Hom gesit en luister het die les van versigtigheid leer. Hulle moes natuurlik nie so oneerlik en skelm soos die bestuurder wees nie, maar hulle kon darem in een opsig sy voorbeeld volg, en dit was om verstandig te wees en te sorg vir die toekoms deur die beste gebruik te maak van alles wat die Here aan hulle toevertrou.

Hy maak ons mense nie die eienaars nie, maar net die bestuurders van ons geld en besittings. Ons is bestuurders, maar net so lank as wat ons lewe. Daarna moet ons na Hom gaan en rekenskap gee van hoe ons ons geld en goed gebruik het. Die een wat 'n afgod van geld maak en dit net vir homself gebruik, sal swaar gestraf word. Maar die een wat daaraan dink dat sy geld eintlik aan die Here behoort en dit hier op aarde in liefde aan ander mense meedeel, sal in die hemel geprys word. Daar sal hy deur die Here God vir altyd versorg word en ewig gelukkig wees.

TOE die Fariseërs wat so geldgierig was, dit alles hoor, het hulle die Here Jesus beskimp en bespot. Die meeste van hulle het geld baie liefgehad, en omdat hulle ryk was, was hulle nie bang dat hulle ooit gebrek kon ly nie. Hulle het nie daaraan gedink dat hulle ook eendag verantwoording by God sou moet doen nie. Maar nou was hulle nie meer so seker van die toekoms nie. *Die* Here Jesus se woorde het hulle onrustig laat voel. Hulle wou hulself weer moed inpraat en daarom het hulle gesmaal en gesê:

"Ja, Hy kan maklik praat, want Hy self het nie 'n oulap op Sy naam nie!"

Toe het Jesus hulle ook 'n gelykenis vertel om hulle te waarsku hoe dit met hulle sou gaan as hulle hul nie bekeer en nie sorg vir die toekoms soos die oneerlike bestuurder gedoen het nie.

DAAR was eenmaal 'n skatryk man. Hy het in 'n paleis van 'n huis gewoon, en sy klere was so mooi en kosbaar soos dié van 'n koning. Hy het weelderig gelewe en sy eettafel was elke dag swaar belaai met die smaaklikste soorte kos.

Onderwyl hy so lekker lewe, het daar aldag 'n bedelaar, 'n melaatse mag aan die buitekant van die poort van sy groot huis gelê. So af en toe het die bediendes vir die arme bedelaar 'n stukkie oorskietkos van die ryk man se tafel gebring.

As die ryk man met sy pragtige mantel by die poort uitloop, het hy gemaak of hy die bedelaar nie raaksien nie.

Die ryk man het baie vriende, ryk en vername mense, gehad, terwyl die bedelaar se vriende die straathonde was wat aan sy swere kom lek het.

Die naam van die een was .... Ag, dit kom nie daarop aan wat dit was nie. Hy was maar een van die baie mense op aarde wat nie aan God dink nie, wat trots is op die geld wat hulle so liefhet, en wat lewe asof hulle nooit sal sterwe nie.

Die naam van die ander een was Lasarus. Die naam het 'n mooi betekenis: *God is my helper.* En hy het op die Here vertrou. In al sy ellende het hy baie gebid. Maar dit het gelyk asof hy nie verhoor word nie en asof hy 'n verkeerde en onpaslike naam gekry het.

Hulle het mekaar goed geken, daardie twee manne. Die ryk man het selfs die naam van die bedelaar geken. Maar hy het nooit daaraan gedink om hom te help of sy lyding te versag nie.

Maar wat hoog en aansienlik is by die mens is dikwels 'n gruwel in die oë van die Here. En wat die mens verag, word dikwels deur Hom hoog geag. Want die Here ken almal se hart.

DIT het eendag gebeur dat die bedelaar gesterf het. Miskien is hy toe nie eens fatsoenlik begrawe nie. Wie wou aan sy vuil liggaam raak? Miskien het 'n ander bedelaar hom in die nag weggesleep en êrens in die veld laat lê.

Maar Lasarus se siel is nie so verag nie. Die engele het gekom en hom na die hemel 562

geneem, en daar kon hy saam met Abraham deel hê aan die hemelse heerlikheid. Nou het hy nie die minste meer gely nie. Die Here het Lasarus tóg gehelp.

Die ryk man het ook gesterwe en is met prag en praal begrawe. Maar hy het sy oë in die donker doderyk oopgemaak en al sy aardse geluk was verby. Daar het hy swaar moes ly terwyl wroeging en spyt soos 'n vuur in hom gebrand het. Baie ver weg kon hy vir Abraham sien en by Abraham was Lasarus, die man wat hy as bedelaar hier op aarde geken het.

Op aarde het hy hom verbeel hy is baie ryk, maar in werklikheid was hy doodarm, omdat hy sonder die Here gelewe het. Lasarus was op die aarde eintlik die ryk man, want die Here was by hom. Maar dit het die mense nie geweet nie.

Nou moes die ryk man insien hoe arm hy was en hoe ryk Lasarus was. Nou wou hy hê Lasarus moet hom kom help. Hy het gesê: "Vader Abraham, wees jammer vir my en stuur Lasarus dat hy die punt van sy vinger in die water kan steek en my tong kan koel maak, want ek ly smarte in hierdie vlam."

Maar Abraham het geantwoord: "Kind, onthou dat jy die goeie dinge in jou lewe ontvang het, maar Lasarus die slegte. Nou word hy vertroos, maar jy ly smarte."

NOU eers het die man verstaan hoe dwaas hy was om sy geld so lief te hê. Nou was geld vir hom niks werd nie. En hy het gedink aan sy broers wat ook hulle geld liefhet net soos hy syne gehad het.

Daarom het hy Abraham gevra of Lasarus dan nie na die aarde kon gaan om hulle te waarsku nie.

Maar weer het Abraham geantwoord: "Hulle het die boeke van Moses en die profete. Laat hulle daarna luister."

Toe sê hy: "Nee, vader Abraham, maar as iemand uit die dode na hulle gaan, sal hulle hul bekeer."

Maar Abraham het geantwoord: "As hulle na Moses en die profete nie luister nie, sal hulle nooit oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan."

48. Die Opwekking van Lasarus

Johannes 11:1-54

WEE vroue het by 'n bed gewaak waarop 'n man gelê en worstel het met die dood. Dit T was die twee susters Martha en Maria van Betanië en die siek man was Lasarus, hulle broer. Hy het sommer skielik siek geword en die vrede en geluk van daardie klein huisgesin is in groot bekommernis en angs verander. Hulle was bang dat hy sou

sterwe. Die dokters kon niks vir hom doen nie en die bure en vriende kon hom ook nie help nie. Dit het gelyk asof die Here God ook nie die vurige gebede van die twee susters wou verhoor nie. Hulle twee het Lasarus so goed as hulle kon, opgepas, maar hy het al swakker en swakker geword, en hulle hoop al minder en minder.

Ag, hulle drie was so gelukkig gewees, en almal in die stil dorpie het hulle hoog geag en liefgehad. En deurdat die Here Jesus hul vriend en Saligmaker was en af en toe in hul huis gebly het, was hulle nog soveel gelukkiger as ooit tevore. Hoekom moes hulle geluk nou so wreed verstoor word?

As Jesus tog maar naby was! Dan sou Hy vir seker kom en in een oomblik sou Hy die siekte en al hul bekommernis laat verdwyn. Hy sou dit ook graag wou doen, want Hy het Martha en haar suster en Lasarus liefgehad. Maar Hy was al 'n hele tydjie nie meer in Betanië nie.

Omdat die Jode van Judea Hom wou doodmaak, het Hy met Sy dissipels na die oorkant van die Jordaan gegaan. Miskien, dag die twee susters, wis Hy nie eens wat by hulle aangaan en hoe baie hulle na Hom verlang nie. Maar Hy móés daarvan weet, want alleen Hy kon Lasarus nog red.

Daarom het hulle Hom 'n boodskap gestuur: "Here, hy vir wie U liefhet, is siek." Hulle het gedink as Hy dit net weet, sou Hy nie 'n oomblik wag om te kom om Lasarus gesond te maak nie.

Toe het hulle gewag . . . . en gewag .... en gehoop, onderwyl hulle alles wat hulle kon vir hul broer gedoen het. Hulle het hom probeer moed inpraat deur in sy oor te fluister dat die Here Jesus gou daar sou wees. Die gedagte aan Hom en Sy mag was hul groot troos. Al hul hoop het hulle op Hom gevestig. O, as Lasarus maar aan die lewe kon bly totdat Hy weer in Betanië was!

DIE boodskapper het vinnig gehardloop na die landstreek oorkant die Jordaan en Jesus daar by Sy dissipels aangetref. Terwyl hy na sy

asem gehyg het, het hy die susters se boodskap afgegee: "Here, hy vir wie U lief het, is siek."

Die Here Jesus het nie geskrik of bekommerd geword nie, maar bedaard gesê:

"Hierdie siekte is nie tot die dood nie, maar tot heerlikheid van God, sodat die Seun van God daardeur verheerlik kan word."

Met hierdie blye tyding kon die boodskapper opgeruimd teruggaan en hy het dadelik terug gehardloop.

Nie tot die dood nie! Hoe bly sou Martha en Maria nie wees om dit te hoor nie! Die Heiland self, wat oor lewe en dood regeer, het so gesê.

Toe die boodskapper deur die dorp na. Martha se huis hardloop, het die mense hom verbaas aangekyk. Hoekom? . . . . En toe hy by die huis kom, hoekom was daar so baie vroue wat saam met die twee susters hardop gehuil het?

Die man het goed verstaan waarom, maar hy kon dit amper nie glo nie! Die Meester het dan so duidelik gesê: "Hierdie siekte is nie tot die dood nie P'

Hy het gestamel toe hy die boodskap aan Martha en Maria afgee: "Nie tot die dood nie, maar tot die heerlikheid van God!"

Hy het nogal onderweg gedink hoe hierdie woorde hulle sou troos en bly maak, maar nou 564

het dit hulle nog baie meer bedroef gemaak.

Nie tot die dood nie! ... . Hulle het nog nooit so 'n vreemde en onverstaanbare boodskap gekry nie. Want Lasarus was al dood. Sy liggaam het koud en styf op sy bed gelê en nog dieselfde dag is dit in doeke toegedraai en na die plek gedra waarvandaan geen mens nog ooit teruggekom het nie. Daar is dit in 'n stil en donker graf neergelê

— 'n spelonk aan die kant van 'n berg en die opening daarvan is met 'n groot plat klip toegemaak.

Nie tot die dood nie ... . Het die Meester Hom dan vergis? Maar Hy kon tog nie 'n fout maak nie, Hy wat die Seun van God is! Wat sou Hy dan bedoel het?

Die susters het na hul eensame huisie teruggegaan en daar weer gesit en geween, terwyl hulle vriende hul bes gedoen het om hulle te troos. Die woorde van die Here Jesus was vir hulle 'n onoplosbare raaisel.

"Ag, as die Meester tog maar hier gewees het, sou Lasarus nog gelewe het," het die een gesê.

"Ja," het die ander gehuil, "dan sou dit nooit gebeur het nie."

Nie tot die dood nie .... Ag hulle moet daardie boodskap maar liewer heeltemal vergeet.

"As die Meester maar hier gewees het . . . ." het hulle oor en oor gesê. Ja, dan sou hulle broer nie gesterwe het nie — daarvan was hulle seker. Maar dit was geen troos nie.

TOE die Here Jesus gehoor het dat Lasarus siek is, het Hy nog twee dae op die plek gebly waar Hy was. Kalm, asof niks ernstigs gebeur het nie, het Hy voortgegaan met Sy werk.

Maar op die derde dag het Hy meteens vir Sy dissipels gesê: "Kom ons gaan terug na Judea."

Dit het hulle hewig laat skrik. Hulle het geweet hoe die vername Jode in Jerusalem Hom gehaat het. Sy lewe sou daar nie 'n oomblik veilig wees nie.

"Meester," het hulle bekommerd gesê, "die Jode daar het onlangs geprobeer om U te stenig, en gaan U weer daarnatoe?"

Maar die Here Jesus het toe vir hulle uitgelê dat Hy nie sou sterwe voordat Hy Sy werk heeltemal klaargemaak het nie.

Dit het hulle maar net half gerusgestel. En toe Hy ook nog sê *hoekom* Hy na Judea wou gaan, het hulle geprobeer om Hom terug te hou. Wat Hy gesê het, was: "Lasarus, ons vriend, slaap, maar Ek gaan om hom wakker te maak."

"Maar, Here," het hulle geantwoord, "as hy slaap, sal hy mos gesond word." Want hulle het gedink: "Dan hoef Hy nie na Judea te gaan nie. Dis te gevaarlik."

Maar Jesus het van Lasarus se dood gepraat.

Toe sê Hy reguit vir hulle: "Lasarus is dood, en Ek is bly om julle ontwil dat Ek nie daar was nie, sodat julle kan glo. Maar laat ons na hom gaan."

Die dissipels het na mekaar gekyk en hul kop geskud. Hulle wis dit sou nie help om te probeer om Hom terug te hou nie. "Laat ons ook gaan om saam met Hom te sterwe," het Thomas vir die ander gesê.

Dit was Thomas wat so gepraat het. Hy was neerslagtig van geaardheid en het altyd na die donker kant van sake gekyk. In sy verbeelding het hy al gesien hoe sy Meester se vyande Hom sou gryp en wreed doodmaak. Dan sou daar niks kom van die heerlike koninkryk wat hulle almal verwag het nie. Vir Thomas het die toekoms so swart soos die nag gelyk, maar hy wou sy Meester nie in die steek laat nie, al kos dit ook sy lewe.

Betanië aan die oostekant van die Olyfberg. "En Jesus het ses dae voor die pasga na Betanië gekom waar Lasarus was, wat dood gewees het en wat Hy uit die dode opgewek het" (Joh. 12: 1).

Nou kon die dissipels niks anders doen nie as om maar met hul Meester saam te gaan.

Hulle het neerslagtig gevoel en gedink hulle sou almal sterwe.

Die Here Jesus het tydsaam teruggegaan. Toe Hy naby Betanië kom, was dit al vier dae dat Lasarus gesterf het. Hoewel hulle vriende en ook party van die vername Jode van Jerusalem hulle kom besoek en getroos het, was Martha en Maria nog steeds baie bedroef.

Maar wat help mooi woorde in so 'n geval? Dit kon nie hul broer aan hulle teruggee nie.

Gelukkig was daar 'n beter Trooster aan die kom. Die mense van die dorp het Hom alreeds gesien en dit dadelik vir Martha en Maria gaan

vertel. En Martha het Hom onmiddellik tegemoet geloop. Maar Maria het in haar huis gebly. Miskien het sy in haar droefheid nie eens mooi opgelet wat die mense gesê het nie.

Toe Martha buitekant die dorp by die Here Jesus kom, en daaraan dink hoe die enigste Een wat haar broer kon gered het, te laat gekom het, het sy in haar bitter verdriet uitgeroep:

"Here, as U hier gewees het, sou my broer nie gesterf het nie!"

Maar toe sy Hom aankyk en sien hoeveel liefde daar uit Sy oë straal, het sy meteens nuwe hoop gekry. Daarom het sy bygevoeg:

"Maar selfs nou weet ek dat alles wat U van God vra, Hy vir U sal gee!"

Dit was geloof wat só kon praat en sy het bly begin voel omdat sy die Here weer by haar gehad het.

Kalm het Hy geantwoord: "Jou broer sal opstaan."

Opstaan? Ja, Martha het goed geweet dat daar eendag 'n opstanding uit die dood sou wees vir almal wat die Here God liefgehad het.

Martha sê toe vir Hom: "Ek weet dat hy sal opstaan in die opstanding van die laaste dag."

Maar d«'t het die Heiland nie bedoel nie. En Hy antwoord: "Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe. En elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie. Glo jy dit?"

Al kon Martha hierdie heerlike woorde nie dadelik verstaan nie, het sy tog geweet dit is waar.

Sy het dit geglo omdat Jesus so gesê het. Sy het gevoel dat iets wonderliks sou gebeur, al kon sy nie dink wat dit sou wees nie. Vir haar Meester was alles moontlik. Daarom het sy geantwoord:

"Ja, Here, ek glo dat u die Christus is, die Seun van God, wat in die wêreld sou kom."

En toe het sy haar suster Maria gaan roep. Sy moes ook by Jesus wees, want by Hom alleen was daar troos. Sy het in haar oor gefluister: "Die Meester is hier en Hy roep jou."

Haastig het Maria opgestaan en uit die huis geloop. Die mense wat gesien het hoe vinnig sy opstaan en uitgaan, het gesê: "Sy gaan na die graf om daar te ween. Maar ons moet haar nie alleen laat gaan nie." Toe het hulle agter haar aan geloop.

Maar toe hulle buitekant die dorp kom, sien hulle hoe Maria aan die voete van Jesus neerval. Sy was oorstelp van droefheid en het ook soos Martha gesê:

"Here, as U hier gewees het, sou my broer nie gesterf het nie."

Haar woorde het so bedroef en wanhopig geklink dat haar vriende wat daarby was, trane in hul oë gekry het. Die Here Jesus het hulle trane gesien en het dieper as hulle almal die verskrikking van die dood, wat Hom ook bedreig het, gevoel. Hy was aangegryp deur die ellende van hierdie sondige wêreld en het met ontroering gevra:

"Waar het julle hom neergelê?" En toe het hulle voor geloop na die graf, terwyl Hy agterna gekom het.

En toe het die Here Jesus self ook geween.

Die mense wat dit gesien het, het onder mekaar gefluister: "Kyk hoe lief het Hy Lasarus gehad!" En party het gevra: "Kon Hy wat die oë van die blinde man geopen het, nie gemaak het dat hierdie man nie gesterwe het nie?"

Dit was dieselfde weemoedige vraag wat Martha en Maria herhaaldelik in hierdie tyd gevra het.

TOE die Here Jesus en die mense by die graf kom, het almal gaan stilstaan en daarna gekyk. Die dood was net so hard en ongenadig soos die harde klipsteen waarmee die opening van die grafspelonk toegemaak was. Wie sou die mag daarvan kan breek?

Almal het stilgebly, totdat die Here Jesus sê: "Neem die steen weg."

Martha het geskrik. Wou die Meester tog nie hê die graf moet oopgemaak word nie? Sy sê toe: "Here, hy ruik al, want hy is al vier dae dood."

Sy het vergeet dat dit Jesus was wat dit wou hê. Sy het meer na die graf gekyk as na Hom Baie teer het Hy toe gesê: "Het Ek nie vir jou gesê, as jy glo, sal jy die heerlikheid van God sien nie?"

Toe het Martha stilgebly en die klip is weggeneem, maar niemand het verstaan hoekom dit moes wees nie. In die donkerte van die spelonk voor hulle was die dood.

Almal het na Jesus gekyk. Hy het nie meer geween nie. Sy oë het begin straal van blydskap.

Want alleen Hy het geweet dat die dood nie langer in die graf sal regeer nie. Lasarus se siel het uit die doderyk teruggekom na sy liggaam toe die Here Jesus gebid het dat dit moes gebeur. Jesus het opgekyk na die hemel en gesê:

"Vader, Ek dank U dat U My verhoor het, en Ek het geweet dat U My altyd verhoor, maar ter 567

wille van die skare wat rondom staan, het Ek dit gesê, sodat hulle kan glo dat U My gestuur het."

Toe Hy dit gesê het, het Hy na die graf gekyk. Hy het daar gestaan in die majesteit van die Koning van hemel en aarde en het met 'n groot

stem uitgeroep: "Lasarus, kom uit!"

Alles was eers doodstil. Die mense het amper nie gewaag om asem te haal toe hulle hoor dat daar in die diepte van die spelonk iets begin roer nie. En meteens kom daar 'n wit gedaante uit die graf. Dit was nie 'n spook nie, maar Lasarus self. Hy het die bevel van die Koning van die lewe gehoorsaam en het opgestaan uit die dood. Die mense het gebewe van skrik en opgewondenheid toe hulle hom sien. Hy het gesukkel om te loop, want hy kon nie bra sien nie. 'n Sweetdoek was nog om sy gesig gebind en sy lyf was toegedraai met doeke.

Maar niemand het 'n hand uitgesteek om hom te help nie. Die mense se verstand het stilgestaan van skrik en verbasing. Toe het die Here Jesus kalm gesê:

"Maak hom los en laat hom gaan."

'n Rukkie later was Lasarus veilig tuis by sy twee susters. Hy het eers verwonderd rondgekyk soos iemand wat uit 'n diep slaap wakker gemaak is. Sy twee susters kon dit byna nog nie glo dat hy uit die dood lewendig na hulle teruggekom het nie.

Ja, sy siekte was waarlik nie tot die dood toe nie, maar tot verheerliking van God en van Sy Seun. En baie van die Jode wat die stem van die Here Jesus by die graf gehoor en gesien het wat daar gebeur het, het eerbiedig voor die Here Jesus neergebuig en in Hom geglo.

MAAR daar was ander mense wat hulle selfs deur hierdie groot wonder nie wou laat beweeg om te glo nie. Hulle het na Jerusalem gegaan en vir die Fariseërs vertel wat gebeur het.

Die owerpriesters en die Fariseërs het die lede van die Sanhedrin toe haastig bymekaar geroep.

Die Sanhedrin was 'n soort kerkraad by wie mense, wat verkeerd doen, aangekla kon word.

Hulle moes nou besluit wat om te doen in verband met die Here Jesus. Hulle het Hom baie gehaat en wou nie glo in Hom nie, al het Hy so 'n groot wonder gedoen.

"Wat sal ons doen met hierdie man?" het hulle gevra. "Hy doen baie wonders. As ons Hom laat begaan, sal altyd meer en meer mense Hom aanhang. As hulle dan almal in Hom glo en Hom Koning maak, sal die Romeine ons land neem en probeer om ons volk te vernietig."

Hulle het nie daaraan gedink dat 'n Koning, wat die dood oorwin het, sterk genoeg sou wees om enige ander vyand te verslaan nie. Hulle het maar net aan hulself gedink, want hulle sou hul eie mag verloor as hulle toelaat dat Jesus Sy gang gaan. Hul haat en hul hoogmoed het hulle blind gemaak. Maar hulle kon nie besluit wat om te doen nie. Toe het die hoëpriester Kajafas opgestaan. Hy was woedend kwaad omdat die Sanhedrin die Heie Jesus nie somaar dadelik tot die dood wou veroordeel nie, of Hy nou ook al skuldig was of nie. Kajafas het geskreeu:

"Julle weet niks! Julle dink nie daaraan nie dat dit vir ons beter is dat Hy doodgemaak word in plaas van ons almal. Verstaan julle nie dat dit vir ons voordelig is dat een mens vir die volk sterwe, en nie die hele nasie omkom nie!

Toe het hulle almal met Kajafas saamgestem Hulle het besluit dat Jesus vir die volk moes sterwe. Hoe of waar het nie saak gemaak nie. En van toe af het daardie kastige vroom rabbi's planne probeer uitdink om Jesus om die lewe te bring. En wat húlle aangaan, was dit die droewige einde van die heerlike wonder in Betanië.

"EEN man moet sterwe vir die volk sodat die hele nasie nie omkom nie," so het Kajafas gesê. Daardie gewetenlose hoëpriester het dit baie sleg bedoel. Maar soos die goddelose Bileam teen sy sin deur die Here gebruik is om Israel te seën, so moes Kajafas ook nou 'n

waarheid aankondig. Hy was die hoëpriester van die volk en die Here het hom gebruik om te profeteer. Want die Here Jesus móés vir Sy volk sterwe, en ook vir almal op aarde, om die 568

siele te red van almal wat in Hom sal glo.

Hy moes gekruisig word soos lank tevore voorspel is. Daarom sou die Sanhedrin dit nie regkry om Jesus stilletjies deur 'n sluipmoordenaar te laat doodmaak nie.

Omdat Sy lewe in gevaar was, het Jesus toe na 'n eensame plek in die noorde van Judea gegaan en daar in 'n dorpie, Efraim, met Sy dissipels 'n tyd lank vertoef. Dit was die laaste rustige dae van Sy lewe. Dit sou nie meer lank duur nie voor Hy, wat Lasarus uit die dood opgewek het, self die smarte van die dood sou moet dra en vir die sonde van die wêreld sou moet sterwe.

569

49. Die Onregverdige Regter

Lukas 18:1-8

IE Here Jesus wou Sy dissipels eendag leer dat 'n mens gedurig moet bid en nie D moedeloos word as die gebed nie gou verhoor word nie. Want as dit party maal lyk asof Hy nie 'n gebed verhoor nie, kan dit net wees omdat Hy wag sodat ons geloof beproef kan word. Die Here Jesus wou hê Sy dissipels moet dit altyd onthou en daarom het Hy 'n gelykenis vertel.

Daar was eenmaal 'n regter wat God nie gevrees en geen mens ontsien het nie. Hy was 'n baie slegte man — oneerlik, wreed en geldgierig. Hy het net altyd aan homself gedink en het niks vir sy medemens oorgehad nie. Elke dag het hy hom laat omkoop.

As twee manne oor iets stry gekry het en hulle kom na hom, het hy altyd gesê dié een het reg wat die meeste geld vir hom wou betaal.

Dit het 'n man wat geen geld gehad het niks gehelp om met 'n klagte na hom te kom nie. Hy het hom nie geskaam om mense die grootste onreg aan te doen nie. Hy wou net geld hê en was vir niemand jammer nie.

Nou was daar in die stad 'n sekere weduwee wat 'n groot onreg gely het. Sy het na die regter gegaan en hom gesmeek: "Meneer die regter, help my asseblief! Iemand het my sleg en onregverdig behandel. Doen reg aan my teenoor my teëparty!"

Die regter het gesien sy is maar 'n arm vrou en hy het haar verag. Hy wou niks vir haar doen nie want sy kon hom mos geen betaling gee nie.

Baie teleurgestel en bedroef het sy huis toe gegaan. Maar die volgende dag het sy weer gekom en gesmeek: "Meneer, help my asseblief. Doen reg aan my teenoor my teëparty."

Maar die regter het die weduwee nie die minste jammer gekry nie en hy het haar weggeja.

Maar die derde dag was sy weer daar! En aldag daarna het sy weer gekom. Sy het hom geen rus gegee nie. Herhaaldelik het sy gesmeek: "Meneer, doen reg aan my ....!" Hy het haar afgesnou, en gevloek, maar sy het aangehou. As hy op straat loop, het sy agter hom aan geloop en nie opgehou met kerm nie. Sy het vroeg in die oggend voor sy huis gaan staan en as hy wakker word, het hy gehoor hoe sy te kere gaan. As die deure van sy kantoor oopgemaak word, was sy die eerste een om binne te kom.

Die hardvogtige regter het nie 'n uur rus gekry nie. Dag vir dag het die vrou agter hom aan geloop en gesmeek: "Meneer, doen reg aan my teenoor my teëparty."

Uiteindelik kon hy dit nie meer uithou nie. Hy het sy kop in sy hande gedruk en uitgeroep:

"Ek word nog mal van daardie vrou!"

En toe het hy haar gehelp, net om van haar ontslae te raak. Hy het gesê: "Al is ek nie bang vir God en al ontsien ek geen mens nie, sal ek aan hierdie vrou reg doen omdat sy die lewe vir my so moeilik maak." En die vrou het tevrede en gelukkig huis toe gegaan, want sy het tog gekry wat sy wou hê deur nie moed op te gee nie, maar aan te hou . . . . en aan te hou!

Toe die Here Jesus die verhaal klaar vertel het, het Hy gesê: "Hoor wat die onregverdige regter sê. Sal God dan nie reg doen aan Sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie, al is Hy ook lankmoedig in hulle geval? Ek sê vir julle dat Hy gou aan hulle reg sal doen."

As ons bid en die Here antwoord nie gou nie, laat ons ook dink aan die Kananese vrou vir wie die Here Jesus eers nie geantwoord het nie toe sy kom vra het Hy moet haar dogter gesond maak. Sy het nie moed opgegee nie, maar aangehou totdat Hy haar verhoor het.

570

50. Die Fariseër en die Tollenaar

Lukas 18:9-14

WEE manne het na die tempel opgegaan om te bid, die een 'n Fariseër en die ander 'n T tollenaar.

Die Fariseër het met 'n hoogmoedige glimlag regop geloop toe hy die trappies van die tempel uitklim. Hier het hy hom baie tuis gevoel. As daar iemand was wat alle reg gehad het om na die Here te kom, was dit hy. Al die mense het geweet dat daar byna niemand anders op aarde was wat so vroom en godsdienstig was soos hy nie. Hy het nog baie meer gedoen as wat al die wette van Moses voorskrywe. Die wet het gebied dat die volk een maal per jaar moes vas — op die groot versoendag. Maar hy het sy liggaam twee maal per week —

Maandae en Donderdae — gekwel deur nie te eet of te drink nie. Dan het hy met 'n lang gesig rondgeloop sodat almal kon sien dat hy vas en hoe vroom hy is. Die gewone mense het 'n tiende van hulle inkomste na die priesters gebring. Iemand wat byvoorbeeld tien mud koring oes, het een mud vir die saak van die Here gegee. Maar die Fariseër het 'n tiende gegee selfs van 'n handjievol koljander of anyssaad wat hy in sy groentetuin gewen het! O, hy was 'n heilige man, en hy het gevoel hy is die beste van al die mense. Met veragting het hy neergesien op die tollenaar wat skaam-skaam in die tempel ingekom en op die grond geloop en kyk het van pure verleentheid. Wat kom hierdie sondaar in die heilige tempel doen? Verbeel hy hom miskien dat die Here na hom sou luister? So 'n dwaas!

"Die Here luister het na 'n goeie man soos ek," dag die Fariseër. In sy deftige, lang mantel het hy so fier soos 'n koning die tempel binnegegaan en toe regop gestaan en gebid terwyl hy opkyk boontoe. Hy het dit nie nodig geag om te bid en iets te vra nie, maar hy het net vertel hoeveel goed hy doen. Hy het met sy vroomheid gespog. Hardop het hy met die Here God gepraat sodat almal dit kon hoor, en gesê:

"Ek dank U dat ek nie soos ander mense is nie — rowers, onregverdiges, egbrekers of ook soos hierdie tollenaar" — en hy kyk met minagting na die tollenaar. "Ek vas twee keer in die week. Ek gee tiendes van alles wat ek verkry."

Maar die tollenaar het ver weg in 'n hoekie van die tempel gestaan. Hy het so sleg en onwaardig gevoel dat hy dit nie eens wou waag om op te kyk nie.

"Ek is die slegste van al die mense," het hy met berou in sy hart gedink. En toe hy dit nie meer kon uithou nie, het hy met sy hand op sy bors geslaan en gesnik: "O God, wees my, sondaar, genadig!"

En meteens was dit asof die groot las van sondeskuld wat swaar op hom gedruk het, deur onsigbare hande weggeneem is. Al sy

benoudheid was weg en hy het dadelik wonderlik verlig gevoel. Hy was baie gelukkig. Dit was omdat die Here sy sonde vergewe het en hom soos 'n verlore seun weer in liefde aangeneem het.

Toe hy omdraai en weer huis toe gaan, was hy 'n ander mens — nie meer 'n afgedwaalde sondaar nie, maar 'n kind van God. Nou kon hy vir die res van sy lewe gelukkig wees.

Maar die Fariseër het die tempel verlaat net soos hy gekom het. Hy het niks van die Here gevra nie, en ook niks ontvang nie. Hy was nog dieselfde trotse, onbekeerde mens, en het geen ware geluk geken nie.

HIERDIE gelykenis het die Here Jesus aan die hoogmoedige mense vertel wat nie op die Here nie maar op hulself vertrou het. Hulle het gedag hulle is goed genoeg, en het ander mense verag. Die Here Jesus wou hulle waarsku dat God hulle alleen barmhartig sou wees as hulle nederig na Hom kom. Hy luister nie na hoogmoedige mense nie.

"Want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en hy wat homself • verneder, sal verhoog word."

571

51. Laat die Kindertjies na My toe Kom

Lukas 18:15-17

AAR het vroue op die pad geloop met klein kindertjies in hul arms en groter kinders aan D die hand. Hulle wou hulle kinders na Jesus bring. Hulle het Sy wonders al gesien en na Hom geluister. Hulle het geweet hoe lief Hy die mense het; Hy het kreupeles en blindes gesond gemaak, bedroefdes getroos en sondaars na God gebring. Watter soort siekte iemand ook al gehad het, hy het gesond geword as Jesus hom aanraak. Net waar Hy gekom het, het 'n stroom van seën gevloei.

Die moeders wou nou hê hul kinders moet ook van hierdie seën geniet. Dis waar, die kindertjies was nog klein en het nog maar min verstaan. Maar tog, hoe goed en heerlik sou dit nie wees nie as die Here hulle maar net wou aanraak. As Hy net na hulle wou kyk, sou hulle Sy vriendelike en heilige oë miskien nooit vergeet nie!

En as Jesus, wat so naby God gelewe het, tog maar net vir hulle wou bid, sou God hulle vir seker barmhartig wees.

Maar toe die moeders by Jesus kom, het Hy met die Fariseërs oor belangrike dinge gepraat, soos byvoorbeeld die huwelik. Sy dissipels het gedink die vroue kom hul Meester net lastig val. Kindertjies hoort tog nie by Hom nie, het die dissipels gedink, want hulle is te klein om te verstaan wat Hy vir die grootmense leer. Kindertjies kon tog nie Sy diensknegte wees en vir Sy koninkryk veg nie. Vir Hom was hulle niks werd nie.

Toe het die dissipels die moeders bestraf omdat hulle die Here Jesus sou vermoei, en hulle wou die vroue nie toelaat om naby Hom met hulle kinders te kom nie.

Maar Hy het hulle gesien staan — teleurgesteld en verbouereerd — en Hy het Sy dissipels dit baie kwalik geneem dat hulle so opgetree het. Toe het Hy gesê:

"Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van God."

En Hy het die kindertjies na Hom toe geroep. Hulle het Hom miskien nog nooit tevore gesien nie, maar hulle het dadelik aangetrippel gekom toe hulle Sy stem hoor. Vir Hom was geen kind bang nie. Hulle het rondom Hom gestaan en Hy het van die kleinstes op Sy skoot laat sit. Ag, hulle het maar min verstaan van wat Hy gesê het, maar Hy het so vriendelik gepraat dat hulle gevoel het hoe lief Hy hulle het.

Hulle het met groot, onskuldige oë na Hom gekyk, en selfs die babas wat Hy in Sy arms gehou het, het gelag en hulle handjies vol

vertroue in Syne gelê.

Hy het baie meer gedoen as om hulle net aan te raak, soos die moeders graag wou hê. Hy het Sy arms om hulle geslaan en hulle aan Sy bors vasgedruk. En daarna het Hy hulle geseën.

Die moeders het met trane van blydskap daarby gestaan. En die dissipels was verwonderd en het baie skaam gevoel. Toe hoor hulle Hy sê: "Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos die kindertjies word nie sal julle nooit in die Koninkryk van die hemele ingaan nie."

Toe het die dissipels besef hoe baie hulle nog moes leer. Hy wou nie mense hê omdat hulle slim en geleerd of sterk en groot was nie. Net dié wat voel dat hulle klein en nederig is en soos kindertjies na Hom toe kom — hulle sou Sy ware dissipels wees!

572

52. Die ryk Jongman

Matthéüs 19:16-30; 20:1-16; Markus 10:17-31; Lukas 18:18-30

JONG man was op pad na die Here Jesus. Hy was ryk en het mooi en deftige klere

'N gedra, en die mense het hom beleef gegroet. Hy was reeds 'n owerste van die sinagoge en het die gebooie, soos die Fariseërs dit vir hom geleer het, baie getrouer onderhou as ander mense. Hy was vroom en almal het respek vir hom gehad.

Die mense het gedink hy moet baie gelukkig voel. Wat kon hy nou nog begeer? Hy het dan alles gehad wat hy wou hê: hy was ryk; hy het in 'n pragtige huis gewoon; hy kon koop net wat sy hart begeer en het geen bekommernisse gehad nie; hy het ryk vriende en 'n goeie betrekking gehad. Almal het hom geëer en liefgehad. As hy dan nog nie gelukkig was nie, wie op aarde was dan gelukkig?

Ja, en tóg .... tóg was daardie jong man nie gelukkig nie. O, dit was vir hom baie aangenaam om so ryk te wees. Hy was lief vir sy geld en sy huis met al die mooi meubels. Dit was vir hom lekker om so deur almal geëer te word. Hy was bly dat hy so 'n vername man was. En hy het ook baie tevrede gevoel omdat hy geen sonde doen nie, maar die gebooie so getrou onderhou.

En tóg .... in die stilte van die nag het hy partymaal so onrustig gevoel dat hy nie kon slaap nie. Al sy geld kon hom ook nie gerus maak nie. En dat almal hom eer, het hom ook nie gehelp nie. Ja, selfs sy vroomheid kon hom nie troos nie. Dan het hy maar gelê en sug en probeer dink wat nog kortkom. En dan het net een groot begeerte by hom opgekom en dit was om nader aan die Heie te lewe. Hy het na ware vrede en ware geluk verlang, maar hy het nie geweet hoe om dit te bekom nie.

DAAROM wou hy nou na Jesus gaan. Hy wou Hom raad vra, want hy het Hom baie bewonder. Hy was seker dat Hy 'n groot profeet moet wees wat nóg beter en nóg vromer as hy self was. Miskien sou Jesus vir hom kan sê wat hy nog vergeet het om te doen en hoekom hy nie gelukkig was nie.

En toe hy Jesus sien aankom, het hy gou gemaak om by Hom te kom. Hy het hom nie trots en hoogmoedig gehou soos die Fariseërs en ander vername mense nie, maar hy het nederig op sy knieë geval en gevra:

"Goeie Meester, watter goeie dinge moet ek doen sodat ek die ewige lewe kan hê?"

"Goeie Meester," het hy gesê. So is Moses ook deur die rabbi's genoem. Hy was "'n goeie leraar" omdat hy die wet aan Israel gegee het. Maar die jong man het nie verstaan nie dat hy hier te doen het met iemand wat groter was as Moses, iemand wat waarlik goed en sonder die minste sonde was. Hy moes dit eers besef voor Jesus hom kon help. Hy moes weet dat dit die Seun van God was met wie hy

praat. Alleen dan sou hy hom heeltemal aan die Heiland kan toevertrou.

Daarom het die Here Jesus geantwoord: "Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe Een, naamlik God." En toe het Hy die jong man op die proef gesiel en gesê: "Maar as jy die ewige lewe wil hê, onderhou die gebooie."

Die jong man vra toe: "Watter gebooie?"

Die Here het toe so 'n paar genoem wat die jong man goed geken het: "Jy mag nie dood slaan nie; jy mag nie egbreek nie; jy mag nie steel nie; jy mag nie valse getuienis gee nie; eer jou vader en moeder.

En toe het Hy al die gebooie in hierdie een gebod saamgevat: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself."

En toe het dit uitgekom hoe min die jong man die heilige wet van God verstaan het. Hy het sy medemens nog nooit regtig liefgehad nie. Dis waar, hy het die mense in sy omgewing 573

goed behandel, maar hy het dit net gedoen omdat dit hom laat voel het dat hy 'n baie goeie man was. Hy het baie vir die arm mense gedoen, maar net om te kan dink: "Wat 'n gawe man is ek tog nie!"

Hy het net aan homself gedink, aan sy vroomheid en sy eer en sy geld. En tog het hy gesê:

"Al hierdie dinge het ek van my jeug af onderhou."

Dit het hy eerlik bedoel! Hy het nie geweet dat daar niemand op aarde was wat die heilige wet van God volkome kon gehoorsaam en nie die kleinste sonde doen nie. Dit was die Fariseërs wat hom verkeerd geleer het. Maar die Here Jesus het gesien dat hy 'n opregte verlange na God in sy hart gehad het. Hy het die jong man liefgehad en geweet dat hy maar net op één manier gered kon word. Dit was 'n

harde middel, maar noodsaaklik. Hy moes loskom van sy geld, sy goed, sy eiegeregtigheid, sy mooi huis en sy ryk vriende. Dit was nodig, want al dié dinge het hom verhinder om God met sy hele hart te kan dien.

"Meester, sê vir my, wat kom ek nog kort?" het die jong man gevra.

Jesus het geantwoord: "Nog een ding ontbreek jou — verkoop alles wat jy het en verdeel dit onder die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê; kom dan hier en volg My."

Dit het die jong man laat skrik. Bedroef het hy sy hoof geskud. Moes hy alles weggee en so arm soos 'n bedelaar word? So groot was sy geloof in die Here Jesus nie. Hy wou die ewige lewe hê; maar die prys wat hy moes betaal, was vir hom te veel.

En toe het hy omgedraai en bedroef teruggegaan na sy geld wat hy so liefgehad het. Hy het dit liewer gehad as die vreugde om 'n dissipel van Jesus te wees.

Die Here Jesus het hom agterna gekyk en ook Hy was bedroef. Hy het vir Sy dissipels gesê:

"Hoe moeilik is dit vir mense wat goed besit om in die koninkryk van God in te gaan!"

Toe die dissipels verbaas na Hom kyk, het Hy nog duideliker gesê: "Hoe swaar is dit vir dié wat op hulle goed vertrou om in die koninkryk van God in te gaan! Dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te gaan as vir 'n ryk man om in die koninkryk van God in te gaan."

Dit het hulle nóg meer verslae gemaak en hulle het vir mekaar gesê: "Maar wie kan dan gered word? "

Maar Jesus het hulle aangekyk en geantwoord: "By mense is dit onmoontlik, maar nie by God nie; want by God is alle dinge

moontlik." Die Here kan ook ryk mense verlos.

Nou het die dissipels dit goed verstaan. Dit is alleen God wat kan maak dat die geld van ryk en geëerde mense hulle nie verhinder om nederig in hul eie oë te wees nie. En dan eers sal hulle in staat wees om in te gaan deur die nou hemelpoort.

HULLE het verder geloop. Die jong man was nie meer by hulle nie, maar Petrus kon hom nie vergeet nie.

"Ons is darem beter as daardie man, ons wat die *eerste* dissipels geword het," het Petrus gedink. "Toe die Meester ons geroep het, het ons nie geaarsel nie, maar ons het Hom dadelik gehoorsaam gevolg. Sal ons daarvoor beloon word? "

Toe sê Petrus vir Jesus: "Kyk, ons het alles verlaat en U gevolg. Wat sal ons daarvoor kry?"

En die antwoord van Jesus het sy verwagtinge ver oortref: "Voorwaar Ek sê vir julle, daar is niemand wat huis of ouers of broers of vrou of kinders verlaat het ter wille van die koninkryk van God, wat nie baiemaal soveel in hierdie tyd sal ontvang nie, en die lewe in die eeu wat kom."

Die Here het hulle darem ook gewaarsku en daarby gesê: "Want baie wat eerste is, sal laaste wees, en wat laaste is, eerste."

MAAR hoe praat die Here dan nou so snaaks? Hoe kan die eerste die laaste wees? Die dissipels kon dit glad nie verstaan nie. Daarom het Hy hulle 'n gelykenis vertel.

Petrus wou beloning hê. Nou wou Hy hulle leer om nie te veel aan so iets te dink nie. Hulle moes nie die Here Jesus dien net om beloon te word nie, maar omdat hulle Hom liefhet. En veral moes hulle nie afgunstig op mekaar wees nie.

DAAR was eenmaal 'n boer wat 'n groot wingerd gehad het. Toe die druiwe ryp was en afgesny moes word, het hy vroeg een oggend werkmense gaan soek. Hy het met hulle ooreengekom om elkeen 'n silwerpenning vir 'n dag se werk te betaal. En die arbeiders was bly om hulle vir so baie geld te kan verhuur. In daardie tyd kon 'n mens baie met een penning koop.

Ywerig het die manne begin werk. Hulle het die ryp druiwetrosse afgesny en mandjies vol aangedra na die groot parsvat. Party het hul voete skoon gewas en die druiwekorrels fyngetrap. Die lekker soet sap het deur die klein openinkies in die vat uitgeloop en is in ander vate opgevang.

Maar dit was 'n groot oes en daar was te min werkmense. Die eienaar het gesien hulle sou die aand nie klaar kry nie. Daarom het hy om nege-uur nog werkers gaan soek. Hy het na die mark gegaan waar die boere hulle skape en koring verkoop het; daar het altyd manne rondgestaan wat sonder werk was.

Die boer vra toe vir hulle: "Wil julle nie in my wingerd kom werk nie? Ek sal julle goed betaal." Ook daardie manne wou graag iets verdien en het dadelik gaan werk.

Teen die middag se kant het die son begin brand en 'n warm oostewind het die wingerd geskroei. Maar die werkmense het nie gekla nie. Hulle was bly om werk te hê.

Toe die eienaar later sien dat daar nog te min werkers was, het hy nog meer gaan huur. En om drie-uur het hy nóg mense gaan huur. Hy het nie gesê hoeveel hy sou betaal nie, maar die werkmense het hom vertrou en geweet dat hulle genoeg beloning sou ontvang.

Toe die boer om vyfuur in die middag weer by die mark kom, het hy nog ander daar gesien staan. Hy vra toe: "Hoekom staan julle die hele dag hier sonder om te werk? "

Neerslagtig het hulle geantwoord: "Omdat niemand ons gehuur het nie."

Toe sê die boer: "Gaan julle ook en werk in my wingerd, en wat reg is, sal julle ontvang."

Dit was al laat in die namiddag en dit was lekker om in die koelte van die aand te werk, en hulle kon toe nog 'n uur se arbeid verrig. Nadat die son ondergegaan het en dit te donker geword het om te werk, het die boer die arbeiders laat roep om hulle te betaal. Dié wat laaste gehuur is, is eerste betaal, en omdat hulle maar 'n uur gewerk het, kon hulle nie 'n hele dag se loon verwag nie. Maar die boer het 'n goeie hart gehad. Hy het daaraan gedink dat hulle graag 'n hele dag sou gewerk het as hulle kon. Hulle families moes tog ook lewe.

Daarom het hy vir elkeen van hulle ook 'n penning gegee.

Dit was vir hulle 'n blye verrassing. Hulle het baie dankie gesê en opgeruimd huis toe gegaan.

Dieselfde het gebeur met die werkers wat om drie-uur, om twaalfuur en om nege-uur die oggend gehuur is. Almal het meer gekry as wat hulle verwag het, naamlik die volle loon van

'n penning.

En toe hel die manne gekom wat die hele dag gewerk het van die oggend vroeg af. Hulle was natgesweet en baie moeg. Hulle het begerig gewag en gedink hulle sou meer betaal word as die wat minder gewerk het. Maar elkeen het net een penning gekry — niks meer nie maar darem ook niks minder as wat die boer belowe het nie. Hulle dag toe hulle het baie rede om ontevrede te wees. Hulle was afgunstig op dié wat die laaste gehuur is en het brom-brom gesê:

"Hierdie laastes het maar een uur~gewerk en u betaal hulle net soveel as vir ons wat die hele dag in die warm son geswoeg het ..."

As hulle maar net nie na die loon van die ander gekyk het nie, sou hulle tevrede gewees het met die loon van 'n penning. Maar nou is al hul 575

plesier deur afguns bederf! Hulle was die vernaamste werkers gewees en nou het hulle die minste geword — so het hulle gedink. Maar die boer het geantwoord:

"Vriende, ek doen julle geen onreg aan nie. Ons het mos ooreengekom vir 'n penning, nie waar nie? Neem dit en loop. Ek wil vir hierdie laaste werkers net soveel gee as vir julle. Of mag ek nie met my eie geld maak wat ek wil nie? Moet tog nie afgunstig wees omdat ek goed doen nie!"

TOE die Here Jesus hierdie gelykenis vertel het, het Hy weer gesê: "So sal dié wat laaste is, eerste wees, en dié wat eerste is, laaste."

Nou het die dissipels verstaan wat Hy bedoel het.

Soos dit met die wingerd gegaan het, so sal dit ook in die koninkryk van die hemele gaan. In daardie groot wingerd werk baie mense vir die Here en daar kom nog altyd ander by.

Die dissipels wat deur die Here Jesus geroep was, was die eerstes, en hulle het Hom die langste gedien. Maar as hulle daarom hoogmoedig geword het en dié wat later geroep was om te werk sou geminag het, sou hulleself die laastes of die *minstes* geword het. Dis net die een wat die Here nederig dien wat 'n goeie werker in Sy wingerd kan wees.

576

53. Die Laaste Reis

Matthéüs 20:17-28; Markus 10: 32-45; Lukas 18: 31-34

IE dae van nog 'n Paasfees was naby en van alle kante het groot menigtes na D Jerusalem gestroom. Daar sou hulle soos altyd die

heilige fees van die verlossing uit Egipte vier.

En kyk, ook die Here Jesus en Sy dissipels was op pad na Jerusalem. Hy het voor geloop, kalm en vasberade, en agter Hom het Sy volgelinge ernstig en stil gevolg.

Hulle was verbaas toe hulle merk dat Hy nou tóg na Judea wou gaan. Het Hy dan vergeet hoe gevaarlik dit daar was? Hy het baie vyande daar gehad. Pas 'n paar weke gelede het Hy na die stille Efraim gegaan om veiligheid daar te soek. En nou gaan Hy openlik na Jerusalem waar Sy vyande Hom kon doodmaak .... Die dissipels het dit nie verstaan nie en was baie bang.

MAAR die Heiland het nie vergeet hoe die priesters en Skrifgeleerdes Hom haat nie. Hy het dit beter geweet as die dissipels. Ja, Hy het selfs geweet dat dit Sy laaste reis na Jerusalem sou wees. Die rabbi's sou Hom nou in die hande kry en doodmaak.

Sy uur het gekom om bitter swaar te ly, maar tog het Hy kalm aangeloop. Want Hy wóú gaan ly, uit liefde vir die mens. Hy wou selfs vir ons stérwe. Juis daarom het Hy na die aarde gekom, om die straf te dra wat óns verdien het.

Op hierdie Paasfees sou Hy self die Offerlam wees wat geslag sou word. Daardeur sou Hy ons verlos van ons skuld. So sou Hy ons weer versoen met God. Hy sou die dood en die Satan oorwin, want op die derde dag sou Hy opstaan uit die dood.

Maar die dissipels het dit nog nie verstaan nie. Hy het dit al twee maal vir hulle vertel, dog hulle kon dit maar nie begryp nie. Hulle het nog altyd gehoop dat Hy Koning sou word, reeds hier op aarde, en dat Hy die Romeine dan uit die land sou verdrywe en in 'n mooi paleis in Jerusalem sou gaan woon.

Die Here Jesus het gaan staan en gewag tot almal by Hom was. En vir die derde maal het Hy vertel hoe Hy sou ly. Hy het gesê:

"Kyk, ons gaan op na Jerusalem, en die Seun van die mens sal oorgelewer word aan die owerpriesters en die Skrifgeleerdes; en hulle sal Hom tot die dood veroordeel en Hom oorlewer aan die heidene om Hom te bespot en te gesel en te kruisig, en op die derde dag sal Hy opstaan."

Hulle het gehoor wat Hy sê, maar hulle kon nie glo dat Hy dit regtig so bedoel nie. As Hy dan vooruit weet wat in Jerusalem sou gebeur sou Hy mos nie daarheen gaan nie! Hy moes iets anders bedoel, soos wanneer Hy 'n gelykenis vertel het . . . Hy stérwe, die Messias! Nee, dit is nie moontlik nie. Hy sou Koning word.

NABY die stad het die Here Jesus en Sy dissipels op 'n menigte mense afgekom wat van Galilea gekom het. En hulle het gemerk hoe bly daardie mense was om Hom te sien. Hulle het ook gehoor hoe die mense onder mekaar fluister en vra:

"Hoekom gaan Hy nou so openlik na die fees? Dit het mos lank nie gebeur nie. Miskien wil Hy nou uiteindelik doen wat ons wil hê en ons Koning word!"

Opgewonde het party geantwoord: "Natuurlik, dis net wat nou gaan gebeur! Dis nou die beste tyd. Al sy aanhangers in die land kom nou na die fees en hulle sal help om Hom Koning te maak."

Die dissipels se laaste vrees het nou heeltemal verdwyn en hul harte het vinnig geklop van blye verwagting. Hoe kon hulle nog bang wees as hulle Meester nou na Jerusalem gaan! Hy gaan Sy vyande openlik tegemoet om hulle almal te verslaan!

Daar sal niks van kom dat Hy bespot, gegesel en gekruisig word nie, dag die dissipels. Hy 577

moes iets anders bedoel het. Asof hulle sou toelaat dat hul Meester doodgemaak word!

Hulle sou vir Hom veg tot Sy laaste vyand verdryf is: En dan sou Sy heerlike koninkryk gestig word!

Salome, die moeder van Jakobus en Johannes en 'n suster van Maria, die moeder van Jesus, was ook tussen die mense wat die Here Jesus gevolg het. Sy het geesdriftig saam gefluister met die ander mense, en in haar verbeelding het sy Hom al op die troon van Dawid in Sy mooi paleis in Jerusalem sien sit. En wie sou daar Sy vernaamste diensknegte wees? Natuurlik Sy twaalf dissipels, twee van wie haar eie seuns was. "As hulle twee dan maar op die vernaamste plekke naby koning Jesus kon sit!" dag Salome by haarself. Hulle het in 'n mate reg gehad daarop, want hulle was mos van die begin af by Hom. Hulle was saam met Hom toe Moses en Elia met Hom op die berg gepraat het. En boonop was hulle familie van Jesus!

Sy het met Jakobus en Johannes daaroor gefluister.

"Wag 'n bietjie," sê sy, "ek gaan Hom vra. Kom saam!"

Hulle drie het na die Here Jesus gegaan toe almal 'n bietjie langs die pad gaan sit het om te rus. Eerbiedig het Salomo voor Hom gebuig om Hom iets te vra.

"Wat wil jy hê? " het Jesus gevra.

Sy het dadelik geantwoord: "Here, sê dat hierdie twee seuns van my die vernaamste plekke in U koninkryk mag kry."

"Ja, Meester," het Johannes gesmeek, "gee dat ons mag sit in U heerlikheid, een aan U

regter- en een aan U linkerhand."

Die Here Jesus moes oneindig baie geduld hê met Sy dissipels. Hoe dikwels het Hy hulle nie al geleer om nie die vernaamste te wil wees nie. En wat het dit gehelp? En hoe dikwels het Hy hulle al vertel dat Sy koninkryk die koninkryk van die hemele was, en dat Hy eers baie

moes ly voor dit kon kom! Het hulle dan nog nie verstaan dat Hy eers 'n bitter drinkbeker van lyding moes drink nie? As hulle dit maar net besef het, sou hulle nie gewaag het om Hom, wat so swaar moes ly, te vra om op 'n ereplek naas Hom te sit nie. Daarom het Hy geantwoord:

"Julle weet nie wat julle vra nie. Kan julle die beker drink wat Ek aanstons gaan drink, en gedoop word met die doop waarmee Ek gedoop word?"

Hulle antwoord toe: "Ons kan."

Hulle dag dat Sy lyding net 'n kort geveg teen Sy aardse vyande sou wees, en dat Hy hulle gou sou verslaan. Hulle was dapper manne en hulle sou graag saam met Hom wou veg om

'n skitterende oorwinning te behaal.

Daarom het hulle sonder aarseling beslis geantwoord: "Ons kan."

Jesus het gesien hulle meen wat hulle sê. En Hy alleen het geweet wat hulle twee sou moet ly: Jakobus sou onthoof word, en Johannes sou lank in die gevangenis sit.

Maar tóg moes hulle nie die vernaamste plekke gevra het nie. Die hemelse Vader sou eendag self hulle plekke in Sy koninkryk aanwys.

DIE ander dissipels was baie kwaad vir Jakobus en Johannes omdat hulle so iets gevra het.

Die Here Jesus het hulle toe almal na Hom geroep en gesorg dat hulle weer goeie vriende word. Hy het hulle geleer dat dit in Sy koninkryk presies andersom is as in die wêreld waar konings en vername manne baas speel oor ander mense. Die Here Jesus het toe gesê:

"Maar so moet dit onder julle nie wees nie. Elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees. En elkeen wat onder julle

die eerste wil word, moet julle dienskneg wees."

Sy eie lewe was 'n heerlike voorbeeld van nederigheid. Want hoekom het Hy die hemel verlaat? Omdat "die seun van die mens nie gekom het om gedien te word nie, maar om te 578

dien en Sy lewe te gee as 'n losprys vir baie."

VIR baie 'n losprys! .... Hulle het al verder aangestap op die pad na Jerusalem. En wat het daar gewag? . . . . Nee, nie 'n koninkryk nie, maar — die dood. Maar Hy het nie geaarsel nie.

Hy wou Sy kosbare lewe gee vir almal wat in Hom glo.

579

54. BARTIMEÜS

Matthéüs 20:29-34; Markus 10:46-52; Lukas 18:35-43

ARTIMEÜS, wat beteken die seun van Timeüs, het by die pad gesit en bedel. Hy was blind.

B Hy het in Jerigo gewoon, die stad van palmbome en rose, die lushof van Palestina. Hy het die lieflike geur van die blomme reeds vroeg in die môre geruik as iemand hom na sy bedelplekkie langs die pad gelei het. Die hele dag het hy gehoor hoe die wind in die palmbome ruis. Soos alle blinde mense kon hy besonder goed ruik en voel en hoor.

Hy kon aan die voetstappe hoor of dit 'n man of 'n vrou was wat aankom. En hy kon ruik of dit 'n vername man was wat sy hoof gesalf het, of maar net 'n eenvoudige boer wat in sy tuin gewerk het. Só skerp het sy sintuie in die jare geword wat hy in die donker gelewe het. Maar wat het dit hom gehelp? . . . . Hy kon nie werk nie en kon niks anders doen nie as net om te bedel.

As hy tog maar net weer kon sien! Dit sou amper té heerlik wees! Dan sou die mense hom nie meer verstoot of dink hy is vervloek omdat die Here hom met blindheid vir sy sonde gestraf het nie.

Dan sou hy vry en gelukkig wees soos enige ander mens. As God hom tog maar eendag barmhartig wou wees sodat hy die lig van die son weer kon sien!

O, dit kon gebeur. Nie so lank gelede nie is 'n man in Jerusalem wat selfs blind gebore was, heeltemal genees. Groot wondere het gebeur vandat Jesus van Nasaret in die land rondeggaan het.

Bartimeüs het goed geweet dat hierdie Jesus die Messias, die Seun van Dawid, was wat sou kom, en dat Hy die koninkryk weer sou oprig. Hy het ook geweet dat wanneer Jesus van Galilea na Jerusalem gaan, Hy partymaal deur Jerigo geloop het.

Die sogenaamde Elisasfontein naby Jerigo. Dit was in hierdie "palmstad" Jerigo dat Jesus die blinde Bartimeüs genees het. "En

Jesus sê vir hom: Gaan, jou geloof het jou gered. En dadelik het hy gesien en Jesus op die pad gevolg" (Mark. 10:52).

580

Maar Jesus het nog altyd verbygegaan sonder dat Bartimeüs dit op gemerk het.

Anders, ja . . . . dan kon hy miskien lankal weer gesien het!

DAAR het die arme, hulpelose, blinde man nou weer langs die pad gesit en luister na die voetstappe van die verbygangers. In hierdie dae was baie mense op pad na die Paasfees in Jerusalem.

Vandag het hy weer gehoor hoe 'n hele klomp mense aankom. Die grond het gedreun van honderde voetstappe en daar was 'n geruis van baie stemme. Hoor hoe opgewonde praat hulle. Die straat was vol mense en party het amper teen Bartimeüs vasgeloop.

"Wat gaan aan? " het hy uitgeroep. "Hoekom loop hier so baie mense? "

'n Paar van die verbygangers was so vriendelik om hom te antwoord:

"Jesus die Nasarener gaan verby!" het hulle gesê.

Dit was vir die blinde man amper 'n skok om dit te hoor.

Wie weet, miskien kon hy nóú genees word! Hy het begin bewe van blydskap en opgewondenheid. Hy was bang dat hierdie kans kon verlore gaan en *hy het* hard begin roep:

"Seun van Dawid. Jesus, wees my barmhartig."

Die mense daar naby het kwaad geword en gesê: "Hou jou mond! Moenie so skreeu nie!"

Ander het gesê: "Bly tog stil, jou bedelaar! Dink jy Jesus het nou tyd vir jou? Hy gaan na Jerusalem om koning te word!"

Maar Bartimeüs wou nie luister nie. Hy het nie omgegee dat hulle hom afsnou nie. Dit het al baiemaal met hom gebeur!

Hulle sou nie so praat as hulle blind was en op 'n matjie met uitgestrekte hande moes sit en bedel nie.

Vandag was dit sy kans en hy wou dit nie laat verbygaan nie.

Hy het al harder en harder geroep: "Seun van Dawid, wees my barmhartig!"

Tussen al die lawaai van stemme en voetstappe het die Here Jesus gehoor hoe Bartimeüs roep en smeek. In Sy eie liefdevolle hart het die Here Jesus gevoel hoe sterk die verlange van die blinde man was en Hy het gesê iemand moet Bartimeüs gaan roep.

Toe hei hulle die blinde man gaan roep en gesê: "Hou goeie moed, staan op. Hy roep jou!"

Nadat Bartimeüs gesukkel het om op te staan het hy sy oorkleed afgegooi en hom na Jesus laat lei. Hy kon amper nie loop van vreugde nie.

Toe hy by die Here kom, hoor hy Sy stem: "Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen? "

Bartimeüs het toe gestamel: "Here, dat ek mag sien!"

En Jesus het geantwoord: "Sien! jou geloof het jou gered."

Dit was asof skille van sy oë afgeval het en dadelik het daar lig in sy oë gekom.

Hy het die bloue hemel gesien, die groen bome, die mense en die Here Jesus wat hom gered het.

In verrukking het hy sy hande opgelig en gejubel en God gedank.

Toe het die Here Jesus en die ander mense verder geloop na Jerusalem. En Bartimeüs het Hom ook gevolg onderwyl hy die Heie God verheerlik het. Sy oorkleed en sy matjie het hy glad vergeet. Hy wou maar net naby die Here Jesus wees.

581

55. Saggeüs

Lukas 19:1-10.

AAR was nog iemand in Jerigo wat na die Here Jesus verlang het. Hy was nie 'n D bedelaar nie, maar 'n ryk man wat in 'n pragtige huis gewoon het. Maar die mense het hom nog meer verag as vir die blinde: die hele stad het hom gehaat.

As hulle saans in die donker by sy huis verbyloop, het hulle op die stoep gespuug. Hulle het weggekyk as hulle hom op straat sien aankom, en in hul hart het hulle hom vervloek.

Hoekom? Hy was 'n *tollenaar.*

Hy was selfs 'n hoof van die tollenaars. Sy tolhuis of kantoor was by die poort van die stad, en van elke karavaan wat van die Ooste met speserye en ander kosbare goed gekom het, het hy 'n deel geëis as belasting vir die gehate Romeinse regering. Hy het die reg gehad om

'n deel van die goed of die geld wat hy ontvang het, vir homself te hou as betaling vir sy werk. Hy het dus aldag ryker geword.

Maar al sy geld het hom nie gelukkig gemaak nie. Sy mooi huis met al die kosbare meubels en duur tapyte het hom nie tevrede laat voel nie.

Omdat die mense niks met hom te doen wou hê nie, en hom gehaat en verag het, het hy baie eensaam gevoel. Hulle het hom 'n verraaier

genoem omdat hy wat 'n Jood was, vir die Romeinse verdrukkers van sy volk gewerk het. In hulle oë was hy 'n dief en 'n groot sondaar.

En Saggeus het ook self gevoel hoe sleg en sondig hy was. Hy dag dat God hom ook sou verag. Dit was vir hom die swaarste, want in sy hart het hy baie na die Here verlang.

O, as dit moontlik was dat die Here hom in genade sou aanneem, sou hy gewillig wees om al sy rykdom prys te gee.

Maar, het hy gedink, die Here sou Hom nie oor hom bekommer nie, omdat Hy net die vrome Skrifgeleerdes, die Fariseërs, die ware Israeliete en die gehoorsame kinders van Abraham liefhet.

TOE het hy van Jesus gehoor. Dit het gelyk asof daardie profeet van Nasaret, wat deur die Here gestuur was, nie al die tollenaars verag het nie. Die mense het Hom mos die vriend van tollenaars en sondaars genoem. En een van Sy dissipels was selfs 'n tollenaar!

Dié gedagte het Saggeus moed gegee. Miskien was sy lewe nie heeltemal 'n mislukking nie.

Miskien kon ook hy gered word. Hoe meer hy daaroor gedink het hoe meer het hy na Jesus verlang. As Hy was wat die mense van Hom sê, hoe heerlik sou dit nie wees om met Hom te praat en Hom te vertel wat hy so vurig in sy hart verlang nie! As Hy na hom wou luister, nee, dan was hy tog miskien nie heeltemal verlore nie.

Op die dag toe die Here Jesus in Jerigo sou aankom, het Saggeus ook op 'n plekkie langs die pad gestaan van waar hy Hom sou kan sien. Hy het vereers niks meer verlang nie as net om na Hom te kyk. Sy eensame lewe het hom versigtig en agterdogtig gemaak. Wie weet, miskien het die mense baie oordryf toe hulle van Jesus se goedheid en liefde vir sondaars vertel het. Maar as Saggeus vereers maar net na die gesig en die oë van Jesus kon kyk, sou hy kon sien of Hy regtig so vriendelik was.

Dan was daar nog altyd tyd om na Hom te gaan en Hom te vertel hoe ongelukkig hy voel.

En daar het hy aan die kant van die pad gestaan in sy deftige mantel. Maar toe Jesus verbykom, het Saggeus niks gesien nie, omdat daar te veel mense in die pad was en ook omdat hy maar klein van persoon was.

Wat sou hy nou doen? Hy was tog te bang dat die Here Jesus sou verbyloop sonder dat hy Hom sien. Maar wag 'n bietjie! Saggeus kry 'n goeie plan: êrens langs die pad het 'n wildevyeboom gestaan. Saggeus vergeet al sy waardigheid en sy mooi klere. Soos 'n skoolseun hardloop hy na die boom en begin opklim. En daar sit hy toe op 'n tak en kon hy 582

alles sien wat onder hom aangaan. Hy het glad nie omgegee dat die mense in die straat met hom spot nie, solank as hy maar seker is dat hy Jesus sou sien.

LANGSAAM het die Here Jesus en die menigte wat Hom omring het, nader gekom. En meteens het Saggeus Hom gesien. Vir hom het Jesus soos 'n koning gelyk. Saggeus het Sy mooi en edel gesig bewonder en gesien hoe vriendelik Hy is.

En toe het die grootste verrassing in Saggeus se lewe gekom. Hy het gedink die Here Jesus weet niks van hom daar tussen die takke van die boom nie. Maar net toe Jesus onder die plek kom waar hy sit, gaan staan Hy skielik stil en kyk op, en Hy sien Saggeus. So kalm asof Hy hom al jare lank ken, sê Jesus toe vir hom:

"Saggeus, maak gou en klim af, want Ek moet vandag in jou huis bly."

"In my huis? " dag Saggeus met verbasing. "In my huis waarin geen ander rabbi sy voet wil sit nie? ... . Wil Jesus dan by my tuis gaan? "

Maar kyk, Jesus staan en wag. Hy meen wat Hy sê! "Ja .... ja, Here, ek kom!" stamel Saggeus.

En gou-gou het hy uit die boom geklim en eerbiedig saam met die Here geloop.

In sy hart het hy gejubel en gedink: "Dan wil Hy, op wie die hele volk hoop, my regtigwaar soveel vereer dat Hy in my sondige huis wil tuis gaan! O, dan is daar nog kans vir my om ook gered te word! Dan wil God my ook nog genadig wees!"

En met groot blydskap het hy Jesus in sy huis ontvang.

BUITEKANT die huis het die mense van Jerigo saamgepak. Hulle kon dit nie verstaan dat Jesus in die huis van so 'n ellendige tollenaar, so 'n dief, so 'n verraaier van sy volk gegaan het nie. Daar is tog genoeg ander huise van vrome godsdienstige Jode! Verontwaardig het hulle gebrom: "Hy het by 'n sondige man tuis gegaan!"

'n SONDIGE man, ja! Saggeüs het self die beste geweet hoe sondig hy was. Noudat die Heiland in sy huis gekom het en daar tussen al die prag en praal op 'n kosbare rusbank gesit het, nou het Saggeüs sy sonde nog dieper gevoel. Sy gewete het hom gepla oor elke penning wat hy oneerlik in die hande gekry het. O, hy wou sulke sonde nie meer doen nie.

Hy wou die Here Jesus vertel dat hy 'n ander, 'n nuwe lewe wou begin. Hy wou God opreg begin dien, omdat die Here Jesus Hom oor hom ontferm het.

En skielik staan die klein, deftige mannetjie op. Eerbiedig kyk hy na die Here Jesus en sê:

"Here, kyk, die helfte van my goed gee ek vir die armes en as ek van iemand iets afgepers het, gee ek dit vierdubbeld terug." Hy het dus beloof om te vergoed vir wat hy verkeerd gedoen het.

Dit het die Here Jesus baie bly gemaak, want Hy het gesien dat Saggeüs dit eerlik en opreg bedoel het.

Toe sê Jesus: "Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom, aangesien hierdie man ook

'n seun van Abraham is. Want die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore was."

Net soos in die gelykenis die verlore seun langs sy vader gesit het, so het Saggeüs ook nou langs die Heiland aan tafel gesit. Dit was die gelukkigste dag van sy lewe.

Niemand sou sy geluk ooit van hom kon wegneem nie. Al het die mense hom verag en bespot, die Here God het hom in liefde aangeneem.

583

56. Hosanna!

Matthéüs 21:1-11; Markus 11:1-11; Lukas 19:29-44; Johannes 11: 56; 12: 9-19.

IT was die Jode se eerste werkdag van die week, Sondag, toe die Heie Jesus met Sy D dissipels en 'n menigte ander mense van Betanië af op pad was na Jerusalem. Die vorige dag, Saterdag, was Hy by sy vriende in Betanië, en niemand as net Hy het toe geweet dat dit Sy laaste Sabbatdag hier op aarde sou wees nie.

Almal dag dat Hy nou koning sou word. Die menigte mense wat saam met Hom deur Jerigo geloop het, het vooruitgegaan na Jerusalem en vertel dat Jesus aan die kom was.

Almal het uitgekyk na Sy koms. Maar toe hulle Hom die volgende dag nie in die Tempel sien nie, het baie van hulle na Betanië gegaan. Hulle wou nie net die Here Jesus sien nie, maar ook vir Lasarus.

Die mense van Jerusalem het toe nog nie die groot wonder van die opwekking van Lasarus uit die dode vergeet nie.

Die owerpriesters en die Skrifgeleerdes wat dit alles opgemerk het, was buite hulself van woede. Al die mense soek net na Jesus! Waar Hy was, wou hulle ook wees. Hulle steur hulle nie aan hul eie leiers nie, maar vereer daardie Jesus byna soos 'n koning. Die rabbi 's het bevel gegee dat enige persoon wat weet waai Jesus was, dit vii hulle moes kom vertel.

En kyk, nou loop almal na Hom toe en na Lasarus.

"Ons moet daardie Lasarus ook doodmaak," het die rabbi's gesê. "Solank as wat hy lewe, sal die volk aanhou om aan Jesus te dink." Maar die rabbi's kon dit nie waag nie. Hulle was te bang vir die volk.

Daardie Sabbatdag voor die Paasfees was 'n dag van groot ergenis vir hulle.

Nou was dit Sondag, die eerste dag van die week, en nou sou die rabbi's hulle nog meer vererg.

AAN die kant van die pad van Betanië na Jerusalem was 'n klein dorpie met net 'n paar huisies teen die helling van die Olyfberg. Die naam daarvan was Betfage.

Toe die Here Jesus naby hierdie dorpie kom, het Hy twee van Sy dissipels vooruitgestuur.

Hulle moes iets wonderliks gaan doen.

"Gaan na daardie dorp reg voor julle," het Jesus vir hulle gesê, "en as julle daar kom, sal julle 'n eselsvul vind wat vasgemaak is, waar geen mens op gesit het nie. Maak hom los en bring hom. En as iemand vra: 'Waarom maak julle hom los?', moet julle vir hom sê: 'Die Here het hom nodig!'"

Toe die dissipels dit hoor, het hul oë geskitter, want hulle het iets groots verwag. Hulle het dadelik gehoorsaam en dit het werklik gebeur soos Hy gesê het. Hulle het in die dorpie gekom en daar het hulle 'n jong esel (saam met sy ma) gesien wat by die deur van 'n huis vasgemaak was.

Die dissipels het gegaan en, sonder om 'n woord te sê, het hulle die tou losgemaak. 'n Paar manne wat daar gestaan het, het vinnig nader gekom en gevra: "Wat doen julle hier?

Hoekom maak julle die esel los? "

"Die Here het hom nodig," het die dissipels geantwoord.

Toe het die manne geknik en die esel laat gaan.

TOE die menigte mense die twee dissipels sien terugkom met die esel, het hulle gedink dat iets wonderliks sou gebeur. Die geesdrif waarmee hulle al 'n paar dae besiel was, sou nou sy hoogste punt bereik. Hulle het hard begin juig, want hulle hel gedink hulle verstaan nou alles! Hulle was mos op pad na Jerusalem en Jesus sou nou as koning die hoofstad binnery!

Nou was dit die groot dag waarna hulle so lank uitgesien het. Nou wou Jesus' tog hulle 584

Koning word en hulle van al hul vyande verlos.

Nadat die dissipels van hul klere in die plek van 'n saal op die esel se rug geplaas het, het hulle met harte wat vinnig klop hul Koning gehelp om daarop te gaan sit. Die esel was nog jonk en niemand het ooit op hom gery nie, maar hy het gedwee toegelaat dat die Here op hom sit. Kalm en bedaard tussen al die gewoel van mense wal Jesus omring het en hardop gejuig het, het hy aangestap na die stad.

Hoe verder hulle gaan, hoe meer mense het Hom gevolg. In Jerusalem het hulle al gehoor dat Hy aankom, en 'n stroom mense

het Hom tegemoet gekom.

"Dis Hy wat Lasarus uit die graf laat kom het!" het party uitgeroep.

"Geseënd is Hy! " het ander gejubel. "Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here."

In vervoering het hulle hul hande na Hom uitgesteek. Hulle het hul boklere geneem en in die pad oopgegooi sodat Hy op 'n klere-tapyt die stad kon binnery. Haastig het hulle ook palmtakke afgesny en dit op die pad gestrooi of in die lug geswaai as tekens van vrede en oorwinning.

Baie mense het vooruitgeloop en gedans van blydskap onderwyl almal uitgeroep het:

"Hosanna vir die Seun van Dawid! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!

Hosanna in die hoogste hemele!"

En toe hulle op die hoogste punt van die pad kom en die stad met sy paleise en marmertempel voor hulle sien lê, was hulle tog te opgewonde! Daar lê die groot Koning se stad wat deur die Romeine oorheers en onderdruk word.

Maar hier kom die ware Koning, die Seun van Dawid, wat die stad tot groter heerlikheid sou verhef en daar op Sy troon sou gaan sit.

En toe het die gejuig van duisende mense losgebars en oor die berge en nog verder weg in die land weergalm.

"Hosanna! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here! Hosanna in die hoogste hemele!"

En aan die kant van die pad het die Fariseërs gestaan en kyk. Hulle was bleek van ontsteltenis en wanhopig van ergernis.

Nou het hulle besef hoe swak hulle is en dat hulle niks teen Jesus kon doen as Hy dit nie wou toelaat nie. Hulle het vir mekaar gesê: "Sien julle dat julle niks vorder nie? Kyk, die hele wêreld loop agter Hom aan!" En ander het verontwaardig uitgeroep: "Maar hoe kan Hy waag om toe te laat dat die mense Hom die Seun van Dawid, *die Koning,* noem? Kyk maar, daar gaan nog opstand kom!"

En hulle het deur die skare gedring om by Hom te kom en geskreeu: "Meester, bestraf tog U

dissipels!"

Maar Hy het geantwoord: "Ek sê vir julle as hulle swyg, sal die klippe uitroep!" En Hy het kalm verder gery, want Hy het die reg gehad om as Koning vereer te word. Hy was mos 'n Koning en alles wat nou gebeur het, moes gebeur, want die profete het dit lankal reeds voorspel. En onder groot gejuig het Hy die hoogte afgery om deur die dal Kedron die stad binne te gaan.

JA 'n Koning was Hy, maar 'n ander koning as wat die volk verwag het. Hy sou nie soos 'n generaal op 'n perd ry en met 'n swaard veg nie. Hy was Vredevors en sagmoedig van hart.

Watter koning sou nie ingenome wees om deur so 'n menigte mense toegejuig te word nie?

Maar Hy was bedroef. Toe Hy naby Jerusalem kom en na die stad met sy hoë mure en mooi tempel kyk, het daar trane in Sy oë gekom.

Die berg langs die See van Galilea (of Tibérias) waar Jesus die belangrike bergrede gehou het.

"En groot menigtes het Hom gevolg . . . En toe Hy die skare sien, het Hy op die berg geklim; en nadat Hy gaan sit het, het sy dissipels na Hom gekom; en Hy het sy mond geopen en hulle geleer en gesê: Salig is die . . . ." (Matt. 4:25-5:3).

Sommige meen dat dit op hierdie klippe teen die boonste helling van die berg naby Kapernaüm langs die See van Galilea is waar Jesus gaan sit het toe Hy die bergrede gehou het. As ons Matt. 5 met Luk. 6 vergelyk, moet ons die gang van sake so voorstel: Jesus het eers op 'n gelykte gestaan en siekes genees (Luk. 6:17). Daarna het Hy op 'n hoër liggende plek soos dié op ons foto gaan sit en die bergrede uitgespreek (Matt. 5:1).

586

Duisende mense het rondom Hom gejuig. Maar Hy het geween. Hulle het net gedink aan wat op die oomblik gebeur, en dat hulle mooi droom van 'n nuwe en groot koninkryk miskien vandag nog sou verwesenlik word. Maar Hy kon verder sien as hulle. Hy het geweet dat hierdie mense wat nou so juig, gou sou agterkom dat Hy nie dié soort koning wou wees wat hulle wou hê nie. En dan sou hulle Hom verwerp en vra dat Hy doodgemaak moet word. Hy het ook gesien hoe hierdie groot sonde oor veertig jaar verskriklik swaar gestraf sou word.

Dan sal die vyand kom en Jerusalem inneem en verwoes, en hulle sal nie een klip op die ander laat bly nie. En grootmense en kindertjies sal by duisende vermoor word.

Daarom het Jesus geween en gesê: "Ag, Jerusalem, as jy tog maar vandag kon weet wat om te doen om vrede te geniet! Maar nou is dit vir jou oë bedek."

Hierdie dag van gejuig was vii Hom 'n dag van lyding.

Maar die menigte mense het dit nie verstaan nie. Met gejoel en gejuig het hulle in Jerusalem bymekaargekom en die hele stad het in opskudding geraak en almal het gevra:

"Wie is hierdie man?"

En die mense wat saam met Hom gekom het, het geantwoord: "Dit is Jesus, die profeet, van Nasaret in Galilea."

Hulle het verwag dat Jesus nou Sy volgelinge sou bymekaarmaak en die kasteel van die Romeine sou gaan aanval en inneem. Ja, kyk Hy ry na die tempel en klim daar af. Hy gaan in die Voorhof. Hulle dag Hy sou daar Sy bevele gee en hulle sou dit dapper uitvoer.

Hulle het ook die Voorhof binnegegaan en hulle met blydskap om Hom geskaar. Hulle harte het vinnig geklop en met smekende oë het hulle na Hom gekyk asof hulle wou sê:

"O Koning, spreek ons nou toe, en sê vir ons ons moet veg vir U! Ons is nie bang as U o magtige Jesus, ons Aanvoerder wil wees nie! As U ons seën, sal ons swaarde skerp wees en ons arms sterk! Koning Jesus, wees ons Leier in 'n heilige oorlog!"

Maar hulle is baie teleurgestel. Die Here Jesus het stilgebly. Hy het rondgekyk en hulle almal gesien, maar niks gesê nie.

Net een woord van Hom sou genoeg wees, en al hierdie geesdriftige mense sou Sy troue dienaars word wat Hom koning sou maak en wat gewillig sou wees om hul lewe vir Hom af te lê. Maar Hy het nie aan die versoeking toegegee nie en het stilgebly.

Toe het hulle geesdrif, wat so skielik opgevlam het, bedaar en gou heeltemal verdwyn. Die mense het uitmekaar begin gaan en huis toe geloop. 'n Paar wat nog agterbly het, het gesien hoe die Here Jesus met Sy teleurgestelde dissipels die stad verlaat en na Betanië gaan.

Die grootpad na die stad was nou stil en verlate en daar was niemand meer om Hosanna uit te roep nie. Al wat van die mooi gebeurtenis wat so wonderlik kon geëindig het, oorgebly het, was die verlepte palmblare op die pad.

STIL en droefgeestig het die dissipels agter hulle Meester aan geloop. Alles was verniet gewees! Hoekom het Hy nie van Sy kans gebruik gemaak nie?

Hulle het diep gesug. Hulle het nog nie verstaan dat Hy nie met oorlog en bloedvergieting 'n koninkryk wou stig nie. Hy wou 'n ewige vrederyk hê. Later sou hulle dit eers verstaan. Dan, wanneer Jesus opgevaar het na die hemel, sou hulle ook daaraan dink dat die profeet Sagaria alles voorspel het toe hy gesê het:

"Verheug jou grootliks, o dogter van Sion! Juig, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou koning kom na jou; regverdig en 'n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op 'n esel — op 'n jong esel, die vul van 'n eselin."

Later .... dan sou die dissipels dit amper nie kan verstaan dat hulle so blind was nie.

587

57. Die Onvrugbare Vyeboom

Matthéüs 21:12-22; Markus 11:12-26; Lukas 19: 45-48.

IE Here Jesus het nog twee dae na die tempel gegaan. Dit was moeilike dae vir Hom, D en Hy het in hierdie twee dae nog baie met Sy dissipels en die volk gepraat, asook met die owerpriesters en die Skrifgeleerdes.

Dit was die rabbi's en die volk se laaste kans om hulle te bekeer. Maar hulle het dit nie gedoen nie. Hulle het gedink hulle het dit nie nodig nie. En hulle het nogal baie vroom en godsdienstig gelyk —

veral in hierdie dae toe hulle so baie in die tempel kom offer het. Hulle het eintlik gespog met hul vroomheid. Mense wat hulle nie geken het nie, sou ook regtig gedink het hulle is opregte en getroue dienaars van die Here.

Maar al hul offers was bedrog, want hulle was sonder liefde en sonder geloof. By hulle was dit maar net vroom praatjies. Daardie volk van Israel was soos 'n vyeboom wat geen vrugte dra nie.

LANGS die pad van Betanië na Jerusalem was daar 'n vyeboom. Dit was lente en hoewel die vyebome sonder blare was, was hulle tog vol klein vytjies. Dit gaan mos so met 'n vyeboom: die vrugte kom voor die blare uit.

Maar daar was een boom langs die pad wat al met 'n lowergroen blarekleed gespog het. 'n Mens sou dink dat hierdie boom beter en vrugbaarder sou wees as die ander bome en dat daar tussen sy blare nog ryp vye van die vorige jaar sou wees.

Daarom het die Here Jesus na hierdie boom gegaan. Hy het hierdie Maandagmore al met dagbreek van Betanië vertrek en Hy het nog niks geëet nie.

Maar Hy het net blare aan die boom gevind. Daar was geen vye nie — niks van die vorige jaar nie en ook nie jong vytjies nie. Die mooi groen blare was bedrog. Die boom was onvrugbaar en het nie vye gedra nie.

Toe die Here dit sien, het Hy met die boom gepraat soos met 'n mens en gesê: "Laat niemand ooit in der ewigheid van jou 'n vrug eet nie! "

En Hy moes honger verder gaan na die stad.

HY het gegaan na die tempel, die huis van Sy Vader, wat hy drie jaar tevore gereinig het toe die mense 'n handelshuis daarvan gemaak het. En nou het daar weer geldwisselaars gesit en was daar weer mense wat duiwe verkoop het. En met dieselfde heilige toorn van

vroeër het Hy hulle daar uitgejaag. Soos 'n koning in sy majesteit het Hy daar gestaan en hulle moes almal doen wat Hy beveel. Hy het gesê:

"My huis moet 'n huis van gebed genoem word. Maar julle het dit 'n rowerspelonk gemaak."

Niemand het teëgepraat nie. Al die handelaars het gevlug. Die Skrifgeleerdes het op hulle tande gebyt van kwaadheid, en die ander mense het verwonderd gestaan en kyk. Hulle oë het geskitter toe hulle Jesus so sien staan: regop, magtig en so fier soos 'n koning! Hulle wou graag hê Hy moet soos 'n koning wees.

MAAR op dieselfde dag het hulle 'n ander Jesus gesien — sagmoedig en barmhartig. Blinde en kreupel mense het na Hom in die tempel gekom en Hy het almal gesond gemaak. Hulle het vol klagtes gekom, maar het dankbaar en bly weggegaan. Die vorige dag het hulle gesien hoe Hy in die stad aangekom het: duisende mense het gejuig. Ag, hulle het so baie gehou van die Heiland wat so goed en vriendelik vir hulle was. Nou het selfs die kinders in die tempel uitgeroep: "Hosanna vir die Seun van Dawid! "

Dit was vir die owerpriesters en Skrifgeleerdes darem te erg! Hulle wou nie 'n herhaling hê van wat die vorige dag gebeur het nie. Hulle het almal opsy gestamp en na die Here geloop, en toe het hulle verontwaardig gesê:

"Hoor U nie wat die kinders daar sê nie? "

Maar ewe kalm het die Here Jesus geantwoord: "Ja, het julle nooit gelees: Uit die mond van kinders en suigelinge het U vir U lof berei nie? "

Toe het hulle nie geweet wat om te sê nie. Ja, hulle het in een van die psalms van Dawid gelees dat selfs die kleinste kinders God sou

prys. Maar wie was Hy dat Hy dit waag om so te praat? Dan maak Hy Hom mos gelyk aan God!

"Hoe durf Hy dit doen? " het die Skrifgeleerdes gebrom. "Die godslasteraar!"

En toe het hulle hulself weer afgevra — soos hulle reeds so dikwels gedoen het — hoe hulle Hom kan doodmaak. In die heilige tempel het hulle sulke planne gemaak! En as hulle kon, sou hulle Hom dadelik om die lewe gebring het. Het hulle nie in hul gedagtes 'n moordenaarskuil van die tempel gemaak nie?

Maar onbevrees het die Here Jesus die hele dag daar gepreek. Sy vyande het dit nie gedurf om Hom kwaad aan te doen nie, want hulle was bang vir die volk wat so eerbiedig na Hom geluister het.

Eers baie laat daardie dag het Jesus moeg na Betanië teruggegaan om daar by Sy vriende te oornag. En toe Hy die volgende môre met Sy dissipels weer vroeg teruggaan na Jerusalem, het Petrus meteens verwonderd uitgeroep: "Meester kyk die vyeboom wat U

vervloek het, is verdroog!"

Die ander het dit ook gesien. "Hoe is dit moontlik!" het hulle uitgeroep.

Toe het Hy hulle geleer dat hulle nóg groter wonders self sou doen, as hulle geloof maar net sterk genoeg was. Wanneer hulle bid, moes daar nie gedagtes van haat en liefdeloosheid in hul hart wees nie. En as hulle dan nie die minste twyfel dat die hemelse Vader hulle sou verhoor nie, sou vir seker gebeur wat hulle wou hê. Alles wat hulle in die geloof begeer, sou hulle vir seker ontvang.

Toe hulle verder loop na die stad het hulle nog gedink aan die boom wat oornag verdor het.

Omdat hy al die tyd van geen nut was nie, het hy nou verdroog en sou hy afgekap word.

Dit was 'n beeld van die vreeslike straf wat oor Israel sou kom.

589

58. Die Slegte Landbouers

Matthéüs 21:23-46; Markus 11: 27-33; 12:1-12; Lukas 20:1-19.

IE Here Jesus het die Dinsdag weer na die tempel gegaan, maar niemand het geweet D dat Hy daarna nie weer daarheen sou gaan nie. Die hele dag het die owerpriesters en die Skrifgeleerdes Hom met haat en skelm planne in die oog gehou. Elke slag het hulle na Hom gekom om te twis en om te probeer om Hom vas te vra.

Maar dit het hulle niks gehelp nie. Die Heie Jesus het keer op keer só goed geantwoord dat hulle met skande daarvan afgekom het. En nog nooit tevore het Hy so streng en reguit oor hulle sonde gepraat as op hierdie laaste dag in die tempel nie. Hy het hulle ook liefgehad en daarom het Hy hulle tot bekering geroep deur Sy ernstige woorde, maar hulle wou nie luister nie.

Die Heiland was nog skaars in die tempel toe hulle weer na Hom kom. Hulle kon dit nie kleinkry dat Hy die handelaars die vorige dag uit die tempel uitgedryf het asof Hy die Here en Meester daar was nie.

"Wie het eintlik vir U die reg gegee om hier so le maak? " het hulle astrant gevra.

Dit was heeltemal 'n onnodige vraag. Hulle moes lankal geweet het dat Hy die Seun van God was. Johannes die Doper het dit al vir hulle vertel toe hulle hom dit laat vra het. Was die Seun van God dan nie die Here en Meester in die huis van Sy Vader nie? Hulle moes maar net vir Johannes geglo het.

Daarom het die Here Jesus gesê: "Ek sal julle ook iets vra: Was Johannes 'n profeet of was hy 'n bedrieër? Was sy doop uit die hemel of uit die mense? Sê vir My."

Hierdie vraag het die geleerde rabbi's dronkgeslaan. Hulle het gedink: "As ons sê: 'Uit die hemel,' sal Hy vra: 'En hoekom het julle hom dan nie geglo nie?' As ons sê: 'Uit die mense,'

sal die volk met ons afreken en ons miskien doodmaak. Hulle glo mos almal dat Johannes 'n groot profeet was."

Bang en verleë het die Skrifgeleerdes toe gestamel: "Ons .... ons weet nie."

Toe het die Here Jesus met groot waardigheid geantwoord: "Dan vertel Ek julle ook nie wie My die reg gegee het om hierdie dinge te doen nie."

MAAR dit was nie Sy groot doel om die Skrifgeleerdes verleë te maak nie, dog om hulle hul sonde te laat sien. Hulle het gemaak asof hulle baie eerbiedig teenoor die Here was, maar in hul hart was hulle sleg en onwillig om goed te doen. Die tollenaars en sondaars was beter as hulle. Dis waar, die tollenaars en sondaars het eers ook sonde gedoen, maar baie het hulle later bekeer. Om dit te verduidelik, het die Here Jesus toe weer 'n gelykenis vertel. Dit was die gelykenis van die twee seuns.

Daar was 'n man wat twee seuns gehad het. Vir die eerste een het hy gesê: "Kind, gaan werk vandag in my wingerd."

Ewe parmantig het die seun geantwoord: "Ek wil nie." Maar toe sy vader met 'n seer hart weggeloop het, het die seun berou gekry en gaan werk. Hy was gehoorsaam, want hy het sy vader liefgehad.

Toe het die vader na die ander seun gegaan en gesê: "Kind, gaan werk vandag in my wingerd."

Beleef en eerbiedig het die seun geantwoord: "Ja, Vader."

Maar hy het dit nie gedoen nie. Sy beleefde antwoord was 'n leuen en sy eerbied was bedrog. Hy was nie gehoorsaam nie, want hy het sy vader nie liefgehad nie.

Toe die Here Jesus hierdie verhaal vertel het, het Hy die Skrifgeleerdes gevra: "Wat dink julle, wie van dié twee het die wil van sy vader gedoen?"

590

Hulle kon dit maklik beantwoord: "Natuurlik die eerste," het hulle gesê.

Hulle het geskrik toe die Here Jesus ernstig met Sy vinger na hulle wys en sê: "Voorwaar, Ek sê vir julle, die tollenaars en die sondaars gaan vir julle voor in die koninkryk van God.

Want die goeie man Johannes het na julle gekom en julle het hom nie geglo nie. Maar die tollenaars en die sondaars het hom geglo. En julle het dit gesien en tog nie berou gekry en geglo nie."

Toe die Here Jesus hulle voor al die mense so streng bestraf, was die rabbi's so woedend kwaad dat hulle Hom somaar daar en dan wou vermoor.

Berou? Nee, so iets het hulle nie geken nie. Maar Hy het hulle gewys hoe goed Hy weet hoe sleg hulle harte was toe Hy hulle nog 'n gelykenis vertel het.

Dit was die gelykenis van die slegte landbouers.

DAAR was eenmaal 'n heer wat 'n groot wingerd geplant het. Rondom het hy 'n hoë muur laat bou sodat daar nie rowers of diere kon inkom nie. En in die middel was 'n groot parskuip waarin die druiwesap uitgetrap kon word om wyn van te maak.

Ook was daar 'n wagtoring waarvandaan 'n mens ver kon sien of daar nie enige gevaar dreig nie. Hy het nie koste of moeite gespaar om alles mooi agtermekaar te kry nie.

Toe het hy in 'n ander land gaan woon nadat hy die wingerd aan 'n paar landbouers verhuur het. Hulle sou die grond bewerk en moes 'n deel van die druiwe-oes as huur afgee.

Toe die druiwe ryp was, het die eienaar een van sy diensknegte gestuur om sy deel van die oes te ontvang. Maar die landbouers was slegte en ondankbare mense. Hulle het 'n groot oes gekry, maar hulle wou niks daarvan afgee nie. Hulle het gemaak asof die wingerd aan hulle behoort. Hulle het gespot met die dienskneg en hom geslaan en toe met leë hande teruggestuur. Die eienaar het toe 'n ander dienskneg gestuur, maar dié het hulle nog slegter behandel.

Die eienaar was egter 'n goeie en geduldige man en hy het nog meer diensknegte gestuur.

Hy het gedink die landbouers sou spyt kry oor wat hulle gedoen het, en dat hulle uiteindelik die druiwe sou stuur wat hom toekom. Maar hy is bitter teleurgestel. Al die diensknegte is skandelik behandel en kon niks van die huur kry nie.

Eindelik en ten laaste het die heer sy eie seun, wat hy baie liefgehad het, gestuur. Hy het gedink: "Hulle sal mos darem nie waag om my seun sleg te behandel nie."

Toe een van die landbouers, wat op die wagtoring op die uitkyk was, hom sien aankom, het hy die ander geroep en gesê: "Hier kom die erfgenaam van die wingerd aan. Kom, laat ons hom doodmaak en dan is die wingerd vir altyd ons s'n."

En hulle het dit werklikwaar gedoen. Hulle het die seun van die eienaar gegryp en tot buitekant die wingerd gesleep en hom daar doodgemaak.

Toe die Here Jesus so ver vertel het, het hy die Skrifgeleerdes aangekyk en gevra:

"Wanneer die eienaar van die wingerd dan kom, wat sal hy met daardie landbouers doen?"

En toe het hulle hul eie vonnis uitgespreek. Want hulle was self eintlik die mense wat soos die landbouers baas wou wees en hulle Here nie geëer het nie.

Israel was soos 'n mooi wingerd wat God aan hulle gegee het om te bewerk. Maar hulle het altyd gemaak asof hulle self baas was van Sy volk. Hulle het die profete, wat die Here God gestuur het om vir hulle te sê hulle moet Hom eer en liefhê, vervolg en doodgemaak. En nou was hulle besig om planne te maak om Sy Seun, Sy enigste en geliefde Seun, dood te maak net soos die landbouers van die gelykenis.

Het hulle dit nie verstaan nie of het hulle hul maar so dom gehou? Toe Jesus gevra het:

"Wat sal die Here van die wingerd doen?" het hulle ewe astrant geantwoord asof hulle baie goeie mense was. Hulle het gesê: "Die slegte mense! Hy sal hulle 'n slegte dood laat sterwe 591

en die wingerd aan ander landbouers verhuur."

En toehoor hulle die skrikwekkende antwoord van die Here Jesus: "Daarom sê Ek vir julle: Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra."

Dit het hulle laat skrik.

Dan was hulle nie meer die grootbase wat kon doen wat hulle wou nie? Hulle was nie meer die volk van God nie!

"Dis nie waar nie!" het hulle verontwaardig uitgeroep.

Maar die Here Jesus het hulle herinner aan Psalm 118, wat hulle altyd gewoond was om met die Paasfees te sing. In daardie psalm staan daar: "Die steen wat die bouers verwerp het, het 'n hoeksteen geword. Dit het van die Here gekom; dit is wonderlik in ons oë."

Die profeet het dit gesê om te wys wat met die Messias sou gebeur. Die owerpriesters en die Skrifgeleerdes sou soos bouwerkers wees wat nie die mooi hoeksteen van die gebou wou gebruik nie. Omdat dit in hul pad was, het hulle dit ver gaan weggooi sodat hulle nie hul voete daarteen stamp nie. Hierdie hoeksteen was die Messias wat hulle verwerp het, want hulle wou self die vernaamste wees. Maar God sou Hom gebruik en Hom Koning maak van almal wat in Hom glo, en húlle sou dan die nuwe volk van God word.

TOE die rabbi's dit hoor, het hulle bleek van woede geword en weggeloop. Maar hulle was tog verwonderd oor Sy groot wysheid. Hulle behoort te erken het dat Hy die Seun van hulle Here was, net so goed soos die landbouers die erfgenaam herken het toe hulle hom gesien het. Jesus was die Messias en baie ander leiers van die volk het dit geglo. In hul hart het 'n stem gesê: "Gaan na Hom en kniel voor Hom neer . . . . Erken dat Hy die Christus is!"

Maar die meeste van hulle het daardie stem stilgemaak.

Hulle wou nie gehoorsaam nie. Hulle was bang die ander rabbi 's sou hulle verag en hulle uit die sinagoge werp. Hulle het die eer van die mense meer liefgehad as die eer van God en as die ewige geluk van hulle siele.

Die arme, dwase Skrifgeleerdes!

59. Afskeid van die Tempel

Matthéüs 22:15-22 en 34-40; 23:1-36; Markus 12:13-17; 28-34; 38-44; Lukas 11: 42-54; 20: 20-26, 45-47; 21: 1-4; Johannes 12: 20-50.

P hierdie laaste dag het die Here Jesus darem nie net met haat en ongeloof te doen O gehad nie. Daar was ook nog opregte en vroom mense wat alles vir die Here oorgehad het.

Op 'n sekere plek in die tempel was 'n skatkis waarin die mense, wat verbygekom het, hulle gawes gegooi het. By hierdie skatkis het die Here Jesus eendag gesit en kyk hoe die ryk mense baie geld ingooi. Maar daar het ook 'n arm weduwee verby gekom. Sy was alleen in die wêreld en niemand het vir haar gesorg nie. Miskien het sy voorheen iets besit wat sy deur die oneerlikheid van die Fariseërs en die Skrifgeleerdes verloor het. Party van hulle was so gierig dat hulle soms selfs weerlose vroue beroof het.

Maar tóg, by al hierdie verdriet, het die weduwee nie verbitter geword nie en het sy die Here nie vergeet nie. En sy het ook na die tempel gekom om haar gawe, hoe klein dit ook al was, in die skatkis te gooi. Ag, dit was maar baie min, net 'n paar klein geldstukkies, miskien 'n kwart van 'n oortjie werd. Maar Jesus het geweet dis al wat sy gehad het. Sy het nie geweet waarvan sy die volgende dag sou lewe nie, maar haar vertroue op die Here was groot.

Hy het toe Sy dissipels geroep en gesê: "Waarlik, Ek sê vir julle dat hierdie arm weduwee meer as almal ingegooi het. Want hulle almal het uit hul oorvloed by die gawes van God ingegooi, maar sy het uit haar gebrek ingegooi alles wat sy gehad het om van te lewe."

Dit was een die weinige mooi gebeurtenisse van hierdie dag. Maar intussen het die Fariseërs en die Skrifgeleerdes weer bymekaargekom en vir mekaar gevra hoe hulle die Here Jesus kon verneder. Hulle wou Hom nie vang en doodmaak nie, want hulle was bang vir die volk. Daarom het hulle nog 'n maal geprobeer om Hom vas te vra. En hulle het 'n baie oulike plan uitgedink.

Hulle het nou nie self na Hom gegaan nie, want hulle wou Hom nie agterdogtig maak nie.

Hulle het toe 'n paar van hul eie dissipels, of leerlinge, na Jesus gestuur. Hierdie spioene het gemaak of hulle baie eerbied en bewondering vir die Here Jesus het en vra Hom toe:

"Meester, ons weet dat U eerlik is en reguit praat. U is vir niemand bang nie, maar leer die dinge van God in waarheid. Sê nou asseblief vir ons: Is dit ons geoorloof om vir die keiser belasting te betaal of nie? "

Hulle het gehoop Hy sou antwoord: "Nee, 'n mens mag dit nie eintlik doen nie."

So het baie Jode gedink. Hulle het gesê dis sonde dat die volk van God aan 'n heidense keiser belasting sou betaal. Maar as Jesus dit sou sê, sou hulle Hom kon aankla by die Romeine dat Hy 'n rebel is wat hulle moet doodmaak.

En Sy eie volk sou Hom weer verag en haat as Hy sou sê hulle moet belasting betaal aan die Romeine.

Maar die Here Jesus het hulle listigheid bemerk. Hy het geweet die spioene haat Hom ook en is net so geveins soos hulle meesters, die Fariseërs.

Daarom het Hy geantwoord: "Hoekom versoek julle My? Wys My 'n penning."

Toe het hulle 'n Romeinse geldstuk van 'n penning gaan haal. Daarop was 'n beeld van keiser Tiberius met 'n opskrif.

Die Here vra toe: "Wie se beeld en opskrif het dit?" En hulle het geantwoord: "Die keiser s'n."

Toe het Hy vir hulle uitgelê dat dit heeltemal moontlik is om 'n dienskneg van God te wees en terselfdertyd 'n onderdaan van die keiser. Was dit nie God self wat die keiser oor die volk aangestel het nie?

Die antwoord van die Here was: "Betaal dan aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom."

Die spioene het hulle baie verwonder en kon niks sê nie. Skaam het hulle teruggegaan na hul meesters. Hul listige plan het misluk.

MAAR daar was darem nog iemand, 'n Skrifgeleerde, wat ook wou probeer om Hom vas te vra. Hy het na die Here Jesus gekom en baie beleef gesê: "Meester, wat is die groot gebod in die wet?"

Die man het geweet dat die Fariseërs party van die gebooie groot én belangrik genoem het, en ander klein en minder belangrik. Nou het hy gehoop dat die Here Jesus een van die klein gebooie sou groot noem, sodat hy Hom bespotlik kon voorstel.

Die dom man! Wie sou die wet beter ken as Jesus, die enigste mens wat nog ooit die hele wet en al die gebooie volkome op aarde onderhou het!

Jesus het hom geantwoord: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan is: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete."

Toe die Skrifgeleerde hierdie wyse antwoord hoor, het hy sy listigheid laat vaar en met eerbied gesê: "Meester, dis waar wat U sê. Om God meer as alles lief te hê, en jou naaste net soveel as jouself, is die beste. Dit is beter as al die brandoffers en slagoffers."

Die Here Jesus was bly dat hierdie man nog so opreg en eerlik kon wees en Hy het vir hom gesê: "Jy is nie ver van die koninkryk van God nie!"

So het alles misluk wat die Skrifgeleerdes en die Fariseërs gedoen het om die Here Jesus te verneder. En daarna het niemand dit gewaag om vir Hom verder vrae te stel nie.

MAAR toe almal uiteindelik stilgebly het, het die Here Jesus baie, baie ernstig gepraat en hulle daarop gewys hoe groot die sondes van die valse leraars was. Hy het die mense teen hulle gewaarsku. Dit was die laaste woorde waarmee Hy hulle toegespreek het. Hy was al só lank geduldig met hulle en het hulle al só lank tyd gegee om hulle te bekeer en die Here te dien. Maar hulle het hul hart vir Hom gesluit. Hulle het Hom herhaaldelik weerspreek en belaster. Deur die hele land het hulle Hom agtervolg met hul haat.

Nou was dit die einde van Sy prediking. Nou het Hy al hul sonde blootgelê. Wat niemand nog ooit gewaag het om te sê nie, het Hy padlangs gesê, sodat die hele volk dit kon hoor.

Kragtig het Sy stem tussen die hoë mure van die tempel weerklink toe Hy soos 'n streng en regverdige regter hul vonnis aangekondig het:

"Wee julle, Skrifgeleerdes en Fariseërs, want julle lê laste op die mense wat swaar is om te dra en self roer julle die laste nie met een van julle vingers aan nie!

"Wee julle, Skrifgeleerdes en Fariseërs en geveinsdes, want julle eet die huise van die weduwees op, en dit terwyl julle vir die skyn lang gebede doen. Daarom sal julle 'n swaarder oordeel ontvang.

"Wee julle, Skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle gee tiendes van kruisement en anys en koljander, en die swaarste van die wet laat julle na: die reg en die barmhartigheid en die trou. Hierdie dinge behoort julle te doen sonder om die ander na te laat. Blinde leiers, julle wat die muggie uitsif, maar die kameel insluk!

"Wee julle, Skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle maak die buitekant van die beker en die skottel skoon, maar binnekant is

dit vol roof en onmatigheid. Blinde Fariseërs maak eers die binnekant van die beker en die skottel skoon, sodat ook die buitekant daarvan kan skoon word.

"Wee julle, Skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle is net soos gewitte grafte wat van buite wel fraai lyk, maar van binne vol doodsbene en allerhande onreinheid is. So lyk 594

julle ook van buite vir die mense wel regverdig, maar van binne is julle vol geveinsdheid en ongeregtigheid.

"Slange, addergeslag, hoe sal julle wegvlug van die oordeel van die hel?"

In heilige toorn het die Here Jesus nog erger dinge gesê, en die mense het gebewe toe hulle dit hoor. Toe Hy klaar gepraat het, was dit doodstil. Dit het gevoel asof die "Wee, wee julle"

nog tussen die hoë mure weerklink het. Hoe dikwels het Jesus op hierdie selfde plek nie die mense geroep om na Hom te kom nie, want alleen by Hom was daar vrede en veiligheid!

Daarom het Sy stem bedroef geklink toe Hy vir hulle sê:

"Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en stenig dié wat na jou gestuur is —

hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaar maak net soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie!"

MAAR die dag het nie met hierdie treurige klag geëindig nie. Nog iets het gebeur, en dit het die Here Jesus baie bly gemaak, omdat dit 'n teken was van die heerlikheid wat sou kom.

Daar was sommige Grieke wat ook na die Paasfees in Jerusalem gekom het. Hulle voorouers was heidene wat die God van Israel liefgekry en gedien het. Hulle het hier so baie van Jesus gehoor dat

hulle ook verlang het om Hom te sien. Hulle het na Sy dissipel Filippus gegaan en gesê: "Meneer, ons wil Jesus graag sien."

Filippus en Andreas het dit aan Jesus gaan vertel. Dit het Hom groot blydskap gegee om ook heidene na Hom te sien kom. Want Hy het geweet dat, al sou Israel Hom verwerp, die heidene in Hom sou glo, en dat Sy koninkryk dan oor die hele aarde sou versprei word. Hy het alreeds gesien hoe die heerlike tyd naderkom wanneer die Naam van God deur al die volke verheerlik sou word.

Maar — voor daardie tyd het die graf nog gewag, en voor die graf, die dood. Net Sy dood kon dié heerlike tyd laat aanbreek.

Eers moes Hy die straf vir die sondige wêreld dra, en daardeur alle mense met God versoen. Sy dood sou heerlike vrugte dra.

Om dit te verduidelik, het die Here Jesus 'n mooi beeld gebruik:

"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterwe nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug."

Maar toe Hy aan die vreeslike lyding en dood dink, wat nou al so naby was, het Hy ontsteld en benoud geword. Hy het opgekyk na die hemel: daar was Sy Vader vir wie Hy verlaat het om die wêreld te red. Sou Hy nou kan vra dat Hy daardie vreeslike lyding gespaar mag word?

Nee, Hy het dit nie gedoen nie. Want meer as aan Homself het Hy gedink aan die wêreld wat Hy liefhet en aan Sy Vader, wie se Naam op die hele aarde verheerlik moes word. En wat Hy toe gesê het, was 'n gebed: Hy het hard op gebid daar in die Tempel se Voorhof waar Hy toe was.

"Nou is my siel ontsteld, en wat sal Ek sê? Vader, red My uit hierdie uur! Maar hierom het Ek in hierdie uur gekom."

En toe steek Hy sy hande uit na die hemel en gee Hom gewillig oor om te ly en te sterwe. Hy het maar net een bede gehad: "Vader, verheerlik U Naam!"

En op daardie oomblik het daar 'n stem, hard en magtig, uit die hemel geklink: "Ek het dit verheerlik en Ek sal dit weer verheerlik."

Dit was die antwoord van die Vader wat altyd Sy Seun verhoor het.

En die mense wat Hom liefgehad het, het dit goed verstaan. Maar party van die mense was ongelowig en hulle kon die stem van God nie verstaan nie. Hulle het verbyster gestaan en 595

opgekyk en nie geweet wat hulle daarvan moes dink nie.

Party het gesê: "Hoor die donderslag!" En ander het gesê: "Nee, 'n engel het met Hom gespreek."

Toe sê die Here Jesus: "Hierdie stem het nie om My ontwil gekom nie, maar om julle ontwil."

En terwyl Hy Hom klaarmaak om weg te gaan, by die laaste lig van die ondergaande son, het Hy hulle vir die laaste maal gewaarsku en gesê: "Nog 'n klein tydjie is die lig by julle. En terwyl julle die lig het, glo in die lig, sodat julle kinders van die lig kan word."

Het hulle verstaan dat die lig van die wêreld afskeid van hulle neem?

596

60. Wanneer Jesus Weer Kom

Matthéüs 24:1-42; 25:1-46; 26:1-2; Markus 13:1-32; Lukas 21: 5-36.

IE aand het oor Jerusalem gedaal. Die son het weggesink agter die berge van Judea en D in die sagte, goue aandlig het Jesus met sy dissipels by die stadspoort uitgeloop na die Olyfberg. Almal was stil en ernstig en dit het gelyk asof die Here Jesus nie van Jerusalem kon

afskeid neem nie. In die laaste strale van die aandsonnetjie het Hy met Sy dissipels teen die helling van die Olyfberg gaan sit. Aan hulle voete het die stad in al sy heerlikheid gelê.

Die huis se skaduwees was perserig en hul mure rooi in die aandlig. Jerusalem het soos 'n stad van goud gelyk. En daaragter, waar die son, omring deur 'n stralekrans, ondergaan, het die lug in helder kleure gegloei soos 'n ope hemelpoort.

IN hierdie vreedsame, mooi lente-aand het die Heiland daar teen die helling van die berg met Sy dissipels gepraat oor wat in die toekoms sou gebeur.

Hy het eers gepraat oor wat van die pragtige tempel sou word waarna hulle gesit en kyk het.

Dit was omdat, toe hulle kort tevore die tempel verlaat het, die dissipels gesê het Hy moet tog kyk hoe mooi die huis van die Here gebou was.

"Meester, kyk watter klippe en watter geboue!" het een van hulle gesê.

Maar net soos Hy geween het toe Hy na Jerusalem gekom het, het Hy nou ook bedroef geantwoord:

"Sien jy hierdie groot geboue? Daar sal sekerlik nie een klip op die ander gelaat word wat nie afgebreek sal word nie!"

En toe het Hy nog baie meer voorspel van dié vreeslike dae. Jerusalem sal deur groot leërs omring word. En as dit gebeur, moet Sy dissipels na die berge vlug want niks sal die stad kan red nie. Dit sal verwoes en verbrand word en baie van die mense sal doodgemaak word, en dié wat oorbly, sal na vreemde lande weggevoer word. Dit sal die verskriklike straf van Israel wees, omdat hulle hul Messias verwerp en gekruisig het.

MAAR Hy het ook gepraat van die heerlike werk wat die dissipels sou moes doen in die wêreld. Oor 'n kort tydjie moet hulle uit gaan om oral die blye boodskap van die liefde en barmhartigheid van God te verkondig.

Dit sal nie 'n maklike werk wees nie. Dit sal baie gevaarlik wees, en hulle sal teleurgestel word en swaar ly. Ter wille van die Here Jesus sal hulle dikwels gehaat en vervolg word.

Partymaal sal hul eie vriende hulle bedrieg en verraai sodat hul vyande hulle in die hande sal kry en in die gevangenis sal werp.

Maar dan moet bulle nie bang wees nie! Die Here sal hulle self bewaak en sonder Sy wil sal daar nie 'n haar van hulle hoof val nie. Hy sal hulle deur Sy Gees lei en versterk. En as hulle voor goewerneurs en konings gebring word, moet hulle hul nie kwel oor wat om te sê nie.

Hulle hoef daaroor nie eens na te dink nie, want die Gees van die Here sal hulle die nodige wysheid gee. "Want dit is nie julle wat spreek nie, maar die Heilige Gees," het Hy gesê.

Die kerk van die Here Jesus sal nooit uitgeroei word nie, maar groter word, al was die begin daarvan maar so klein soos 'n mosterdsaadjie. Dit sal uiteindelik oor die hele aarde versprei wees. En eers dan, wanneer die evangelie aan al die volke verkondig is, sal die einde kom.

So het Jesus gesê.

VAN die einde van die wêreld en van die groot en heerlike dag, wanneer Hy op die wolke van die hemel weer sal kom, het die Here Jesus die meeste gepraat.

Voor Sy koms sal daar groot tekens en wondere wees. Die son sal verduister word en die maan sal nie meer skyn nie. Die sterre sal van die hemel val en die klagte van die hemel sal geskud word.

597



Die westelike deel van die See van Galilea. Oor hierdie blou meer het Jesus en Sy dissipels meermale in roeibootjies gevaar. "Toe die skare dan sien dat Jesus nie daar was nie en sy dissipels ook nie, het hulle self ook na Kapernaüm gegaan om Jesus te soek" (Joh. 6: 34).

Die oewers van die See van Galilea waar Kapernaüm in die tyd van Jesus was. Die Heiland het baie genesings en ander wonders in Kapernaüm verrig en omdat die meeste inwoners in ongeloof volhard het, het die Heiland voorspel: "En jy, Kapernaüm, wat tot die hemel toe verhoog is, jy sal tot die doderyk toe neergestoot word ; want as in Sodom die kragtige dade plaasgevind het wat in jou plaasgevind het, sou hy bly staan het tot vandag toe" (Matt. 11:23).

Die Mohammedaanse heiligdom wat reeds lank troon op die plek waar die tempel van Salomo en dié van Herodes was. In ooreenstemming met die voorspelling van Jesus, is die Joodse tempel totaal verwoes. Vandag nog bly waar wat Hy in Luk. 21: 24 voorspel het: "En Jerusalem sal vertrap word deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul is." Van 70 n.C. tot vandag toe het die Joodse volk nog nie weer seggenskap verkry oor 'n duim grond van die eintlike ou Jerusalem waar die tempel gestaan het nie. Daardeur is die waarheid

van die aanspraak van Jesus, dat Hy die ware Messias, die gesalfde Verlosser en Here is, op onweerlegbare wyse bewys.

Die Colosseum in die Rome, met die triomfboog van Titus op die voorgrond. Laasgenoemde triomfhoog is opgerig ter ere van die Romeinse keiser Titus, wat kort nadat hy as bevelvoerder Jerusalem ingeneem en verwoes het, tot keiser verhef is. Op dié triomfboog is 'n *beskrywing van hoe Titus en sy leër die Joodse opstand in Palestina onderdruk, Jerusalem oorweldig en honderdduisende Jode as ballinge weggevoer het. Jesus het Sy volgelinge gewaarsku dat* 'n *vreeslike lot op die Joodse volk wag vanweë die gebrek aan berou by hulle. Om te verhoed dat die jong Christelike gemeente saam met die ander oorrompel sou word, het Jesus die gelowiges gewaarsku om betyds te vlug (sien Luk. 21: 20-22). Die geskiedenis leer dan ook dat die Christene betyds gevlug het en in die Griekse stad Pella (oorkant die Jordaan) gaan woon het, totdat hulle later weer toegelaat is om na die verwoeste Jerusalem terug te keer.*



En oor die hele aarde sal die mense byna beswyk van vrees wanneer hulle die Here sal sien kom op die wolke. Maar almal wat Hom liefhet, hoef niks te vrees nie. Hulle sal hul hoofde in blydskap kan ophef en boontoe kyk omdat hul verlossing naby is en omdat hulle na die hemel sal kan gaan.

Toe die dissipels vra wanneer dié dag sal kom, het Hy geantwoord:

"Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die engele van die hemele nie, maar net my Vader alleen."

Maar die dissipels moes weet dat dié dag vir seker sal kom. "Die hemel en die aarde sal verbygaan," het Hy gesê, "maar My woorde sal nooit verbygaan nie."

O, in die toekoms sal daar baie mense wees wat nooit aan die wederkoms van die Here Jesus sal dink nie. Net soos in die tyd van Noag sal hulle heeltemal ongelowig wees en aanhou om sonde te doen. Vir hulle sal die groot dag van Sy koms 'n vreeslike dag wees.

Maar gelukkig sal in die hart van baie ander mense die lig van die geloof steeds brand. Al sal dit partymaal klein en swak wees, sal Hy deur Sy heilige Gees sorg dat dit nog sal brand wanneer Hy weer kom.

Sy Gees verskaf die olie wat brand in die lamp van die geloof. En Hy sal kom om almal wie se lampe brand, saam te neem na die fees in die hemel.

Onderwyl hulle daar in die skemer teen die helling van die Olyfberg gesit het, het die Here Jesus vir Sy dissipels 'n verhaal vertel om hulle die volgende les te leer.

DAAR was tien meisies wat een donker aand langs 'n pad gestaan en wag het. Hulle het hul mooiste klere aangehad. Elkeen het 'n olielamp in die hand gehad. Onderwyl hul liggies flikker, het hulle die pad dopgehou. Hulle het iemand verwag, maar niemand het gekom nie.

Daar sou 'n groot fees, 'n bruilofsfees, gevier word, en die bruidegom het reeds langs hierdie pad verbygekom om sy bruid te gaan haal uit die huis van haar vader.

Die sogenaamde klaagmuur in

Jerusalem. Jesus het van die

tempel in Jerusalem voorspel dat

dit so totaal vernietig sou word

dat "daar nie een klip op die

ander gelaat sal word wat nie

afgebreek sal word nie". (Luk.

21:6). Die Here het dit dan ook so

beskik dat die Romeine in 70 n.C.

nadat hulle ses maande lank teen

die verwoede inwoners van

Jerusalem geveg het, die tempel

geplunder, afgebrand en totaal

verwoes het. Al wat 'n mens nog

aan die vernietigde tempel

herinner, is 'n gedeelte van die

stutmuur wat teen die tempelplein

gebou was. Hier het Jode deur

die eeue heen hulle lot voor God

bekla, daarom word dit die

klaagmuur genoem.

600

Nou het die meisies gestaan en wag dat hy met sy bruid terugkom en haar na sy eie huis te bring. In daardie huis sou almal dan saam feesvier.

Daarom het die meisies geduldig gewag. Aanstons, as die bruidegom dan met die bruid en al hul vriende en vriendinne verbykom, sou die meisies saamgaan. Hulle tien was mos die bruidsmeisies.

Maar hoekom kom die bruidegom dan nie? Die meisies het begin moeg word en was teleurgesteld. Hulle het toe maar langs die pad gaan sit en ingesluimer in die donker nag.

Op die grond langs hulle het tien liggies geflikker wat al kleiner geword het omdat die olie al byna opgebrand was.

Hulle het tot middernag geslaap en toe wakker geskrik, want ver weg het hulle musiek en sang gehoor en stemme wat uitroep: "Daar kom die bruidegom, gaan hom tegemoet!"

Die meisies het hul oë uitgevrywe en hul lampe haastig gegryp en opgespring. Niemand mag sonder 'n lamp loop nie, want al die liggies moes help om die optog mooier te maak.

Maar die olie in die lampe was al amper opgebrand. En toe het dit aan die lig gekom dat van die tien meisies vyf verstandig was en vyf dwaas. Dié wat dwaas was, het nie vooraf gesorg om 'n ekstra flessie olie saam te neem om in die lampe te gooi nie. Hulle was nie goeie en opregte vriendinne van die bruid en die bruidegom nie. Maar die ander, die vyf verstandige meisies het dit gedoen. Hulle het baie van die bruid en die bruidegom gehou en wou hulle nie teleurstel nie. Hulle het vooraf gesorg dat hulle genoeg olie saamneem. Haastig het hulle hul lampe daarmee volgemaak, sodat dié weer helder kon brand in die donker nag. Maar die ander vyf het verleë en skaam daar gestaan.

"Gee ons ook 'n bietjie olie asseblief," het hulle gevra "want ons lampe gaan dood."

Maar dit was onmoontlik. Daar was nie genoeg olie nie. Die verstandige meisies kon nie *olie* gee nie, maar darem *raad.*

"Gaan liewer na die verkopers en koop vir julself," het hulle gesê, en toe vrolik saamgeloop met die bruidegom en die bruid.

Die deur van die feessaal het wyd oopgestaan, en dit is gesluit eers nadat almal wat met die bruidegom saamgekom het, binnegegaan het.

Intussen het die vyf dwase meisies olie gaan koop. Hulle het die bruidegom en sy bruid nie op die pad vereer nie, maar tog wou hulle saam feesvier. Hulle het dit gewaag om aan te klop by die deur en te roep: "Meneer, meneer, maak vir ons oop."

Maar dit het niks gehelp nie. Die bruidegom het van binnekant geantwoord: "Ek weet nie wie julle is nie. Julle hoort nie by ons nie. Ons vriende is almal al binne."

Die vyf *verstandige* meisies het heerlik fees gevier in die pragtige verligte saal. Die vyf *dwase* meisies moes buite in die donker bly.

Toe Jesus hierdie verhaal klaar vertel het, het Hy gesê: "Waak dan, omdat julle die dag en die uur nie weet waarop die Seun van die mens kom nie."

MAAR nou moes die dissipels nie dink dat hulle maar stil kon sit en wag totdat hulle Here kom, soos die meisies gedoen het nie! Die een wat Hom regtig liefhet en verlang dat Hy moet kom, sal aldag kyk wat hy vir Hom kan doen. Hy sal sy bes doen om vir Hom te werk en om Sy Koninkryk uit te brei.

Nie almal kan ewe goed wees nie. Nie almal is ewe fluks en verstandig nie. Die Here God het aan die een meer bekwaamheid gegee as aan die ander. En niemand, *niemand* mag sê:

"Ek kan tog niks vir Jesus doen nie."

Want daar is niemand wat glad nie bekwaamheid ontvang het nie. Elkeen moet die gawe gebruik wat God hom gegee het.

Vir die een wat dit doen, sal Hy eendag prys en Hy sal hom laat ingaan in die heerlike 601

Vaderhuis.

Maar die een wat lui is en net aan homself en aan sy eie gerief dink is 'n onbruikbare dienskneg. Hy sal nie in Sy heerlikheid inkom nie.

Dit alles het die Here Jesus geleer in die mooi gelykenis van die *talente.*

DAAR was eenmaal 'n man wat op reis wou gaan na 'n ver land. Hy het toe sy diensknegte geroep en geld aan hulle gegee om handel daarmee te drywe.

Hy het hulle goed geken. Hy het geweet wie die fluksste en verstandigste was. Aan dié een het hy vyf talente gegee, aan die ander twee en aan 'n derde net een.

('n Talent was ongeveer £200 in ons geld van vandag.)

Toe het die man op reis gegaan en sy diensknegte het alleen agtergebly met hulle talente.

Die een wat vyf gekry het, het ywerig daarmee begin werk. Miskien het hy skape gekoop en hulle toe met 'n goeie wins verkoop.

Daarna het hy weer gekoop en ook hulle het hy goed verkoop.

Die een wat twee talente gekry het, was ook aldag besig om handel te drywe. Hy het nie so baie wins gemaak nie, maar hy het ook sy bes gedoen.

Maar die dienskneg wat net een talent gekry het, het niks gedoen nie. Hy was lui en boonop was hy kwaad en jaloers op die ander twee omdat hulle meer gekry het as hy.

"Hoekom moet ek werk met my talent?" het hy gedink. "Sê nou maar ek is ongelukkig en verloor die geld in plaas van om wins te maak! Wat sal my heer dan sê? . . . Ek sal die geld liewer goed wegbêre — dan kan ek dit mos nie verloor nie."

In die nag het hy die geld êrens gaan begrawe en daar was dit veilig. Dit het vir hom nie saak gemaak dat hy ongehoorsaam was nie. Hy het luilekker gelewe en gehoop dat sy heer nie gou sou terugkom nie.

Sy heer hét lank weggebly. Maar toe hy terugkom, het hy sy diensknegte dadelik geroep om te hoor wat hulle gedoen het.

Die eerste het gekom en gesê: "Meneer, vyf talente het u my gegee. Hier is nog vyf wat ek byverdien het."

En sy heer sê vir hom: "Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer."

Die tweede het gekom en gesê: "Meneer, twee talente het u my gegee. Hier is nog twee wat ek byverdien het."

Sy heer sê ook vir hom: "Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer."

Die derde dienskneg moes ook kom, al wou hy nie. Hy wis dat hy baie verkeerd gedoen het, maar hy wou dit nie erken nie. Hy het dit gewaag om sy heer die skuld te gee. Hy het parmantig gepraat en gesê: "Meneer, ek het u geken, dat u 'n harde man is wat maai waar u nie gesaai het nie, en bymekaarmaak waar u nie uitgestrooi het nie. Ek het toe bang geword en het u talent in die grond weggesteek. Hier het u wat aan u behoort. Nou kan u mos niks sê nie."

Maar sy heer het geweet dis alles somaar net 'n ekskusie. Hy het geantwoord: "Jou slegte en luie dienskneg, as jy gemeen het dat ek

maai waar ek nie gesaai het nie, hoekom het jy my geld dan nie uitgeleen nie? Dan sou ek dit nou met rente kon teruggekry het."

En toe sê hy vir sy dienaars: "Neem die talent van hom weg en gee dit aan die een wat die tien talente het, want aan elkeen wat het, sal gegee word, en hy sal oorvloed hê, maar van hom wat nie het nie, van hom sal weggeneem word ook wat hy het. En gooi hierdie nuttelose dienskneg uit my huis, in die donker daarbuite."

602

Die oorblyfsels van die magtige Colosseum, Rome. Hierdie bouwerk is opgerig in groot mate deur die slawe-arbeid van ongeveer 60,000 Jode, wat teen 70 n.C. by die verwoesting van Jerusalem deur die Romeine gevange geneem is. Die Heiland het voor Sy kruisiging uitdruklik voorspel dat Jerusalem vernietig sal word vanweë die onwilligheid van die meeste Jode om Hom as Verlosser en Here aan te neem. "En hulle (die ongelowige Jode) sal deur die skerpte van die

swaard val en as krygsgevangenes geneem word na al die nasies . . .
."

(Luk. 21: 24).

EENMAAL sal daar 'n groot dag kom — vir party mense die wonderlikste en vir ander die vreeslikste van alle dae. Dan sal die Here Jesus weer kom om te oordeel die lewende en die dode.

Hoe kan dié wat Hom liefhet nou die beste vir Hom werk onderwyl hulle wag totdat Hy kom?

Wat moet hulle doen met die gawes, of bekwaamheid, en die kragte wat God aan hulle gegee het?

Hulle moet uit die geloof lewe.

Hulle moet probeer om die Here meer as alles op aarde lief te hê en hulle medemense net soveel soos hulself.

Hulle moet dink aan die heerlike voorbeeld van die Here Jesus toe Hy hier op aarde was. Hy het 'n arm mens of een wat siek of bedroef was, nooit teleurgestel nie. Hy was baie jammer vir almal wat in die nood was en het hulle gehelp.

So moet Sy dissipels ook nou doen. As hulle Hom regtig liefhet, sal Sy liefde hulle ook dring om goed te doen. Dit sal 'n bewys wees of hulle waarlik aan die groot gemeenskap van die kinders van God behoort en of hulle reg het om in die hemel te kom.

EN wanneer koning Jesus in Sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op Sy troon sit en al die nasies sal voor Hom versamel word.

Dan sal Hy die mense skei soos 'n wagter in die aand die skape van die bokke skei. Aan Sy 603

regterhand sal Hy almal laat sit wat Hom liefgehad het, maar aan Sy linkerhand almal wat Hom op die aarde gehaat het.

Dan sal Hy vir dié wat aan Sy regterhand sit, sê: "Kom, julle geseëndes van My Vader, ontvang die koninkryk wat vir julle berei is van die skepping van die wêreld af. Want Ek het honger gehad en julle het My iets gegee om te eet; Ek het dors gehad en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling en julle het My herberg gegee. Ek was naak, en julle het My geklee. Ek was siek en julle het My besoek; in die gevangenis was Ek en julle het na My gekom."

En daardie mense sal baie gering en nederig voel en sal nie verstaan hoekom hulle so 'n groot beloning kry nie. Baie verwonderd sal hulle vra: "Wanneer het ons U honger gesien en gevoed, of dors en iets gegee om te drink? En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien en herberg gegee, of naak en geklee? En wanneer het ons U siek gesien of in die gevangenis, en na U gekom? Het so iets dan ooit gebeur?"

En die Koning sal antwoord: "Voorwaar, Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen."

Daarna sal Hy vir dié wat aan Sy linkerhand sit, sê: "Gaan weg van My, julle vervloektes, want Ek het honger gehad en julle het My niks gegee om te eet nie. Ek het dors gehad en julle het My niks gegee om te drink nie. Ek was 'n vreemdeling en julle het My nie herberg gegee nie, naak en julle het My nie geklee nie, siek en in die gevangenis, en julle het My nie besoek nie."

En hierdie mense sal nie eens weet hoe selfsugtig hulle altyd was nie. Hulle sal dan vra:

"Here, wanneer het ons U honger gesien of dors of 'n vreemdeling of naak of siek of in die gevangenis, en U nie gedien nie?"

Maar Hy sal antwoord: "Voorwaar, Ek sê vir julle, vir sover julle dit nie gedoen het aan een van hierdie geringstes nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie.

"En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdiges in die ewige lewe."

TOE die Here Jesus dit gesê het, het Hy opgestaan. Dit was al heeltemal donker. Die maan het al agter die Olyfberg begin opkom en op die stad geskyn. Toe het Hy nog iets gesê, en dit het baie treurig geklink:

"Julle weet dat oor twee dae Paasfees is en dat die Seun van die mens dan oorgelewer sal word om gekruisig te word."

Toe het Hy omgedraai en met Sy dissipels na Betanië gegaan. Donker was die nag en donker was die dae wat aan die kom was. Maar agter die duisternis het Hy alreeds die lig van Sy heerlike toekoms gesien, en daarom het Hy nie gevrees nie.

61. Maria en JUdas

Matthéüs 26: 3-15; Markus 14:1-11; Lukas 22:1-6; Johannes 12:1-8.

IT was nou Woensdagaand — die laaste aand voor die Paasfees.

D En op daardie Woensdagaand was daar twee byeenkomste aan weerskante van die Olyfberg — die een was in Jerusalem en die ander een in Betanië. En altwee is ter wille van Jesus gehou — die een omdat party mense Hom gehaat het en die ander een omdat sommige Hom liefgehad het.

IN Jerusalem, in die huis van Kajafas, die hoëpriester, het die groot kerkraad of Sanhedrin bymekaar gekom. Daar, in 'n groot saal, het al die deftige Jode gesit wat lid was van die raad. Hierdie raad het uit die vernaamste priesters, Skrifgeleerdes en ouderlinge bestaan.

Nog 'n maal het hulle planne gemaak om Jesus te vang en dood te maak. Hulle het goed geweet dat hulle baie versigtig sou moet wees, omdat die volk nog so geesdriftig oor Hom was dat daar oproer kon kom as hulle uitvind dat hul leiers Hom wou doodmaak. Daarom wou die Sanhedrin eers wag tot die Paasfees verby was. Dan, wanneer daar nie meer so baie mense in die stad sou wees nie, kon hulle Jesus onverwags laat vang en doodmaak.

So het hulle gedink.

Die oë van die lede van die Sanhedrin het geflikker van haat en wraaksug toe hulle dink wat hulle met Hom sou doen as hulle Hom maar net eers in die hande het.

MAAR in Betanië het Jesus nog gerus gesit in die huis van een van Sy vriende met die naam Simon. Hy was vroeër melaats, maar die Here Jesus het hom gesond gemaak. Die mense het hom egter nog altyd Simon die melaatse genoem.

Hy het vir Jesus en Sy dissipels 'n maaltyd laat berei en Jesus se vriende van Betanië was ook daar. Een van hulle was Lasarus wat dood was en koud en styf in die graf gelê het. Hier het hy nou sterk en gesond gesit en met dankbaarheid gekyk na Jesus wat hom uit die dood opgewek het. Sy suster Martha was ook daar. Sy kon natuurlik nie stilsit nie, maar het heen en weer geloop om die gaste te bedien. Sy het haar egter nou oor niks ontstel nie, en elke slag as sy na die Here Jesus kyk, het haar oë gestraal van blydskap en geluk. En die oë van Sy ander opregte vriende het ook gestraal van liefde vir Hom.

Maar *Maria* was nog nie daar nie! Waar bly sy dan? Die mense het al begin eet toe sy by die deur inkyk. Daar was trane in haar oë, maar dit was nie net trane van blydskap nie, maar ook van droefheid.

Want Maria het iets aangevoel waaraan niemand anders daar by die maaltyd gedink het nie.

Dit was dat dit die laaste aand sou wees dat hulle die Here Jesus by hulle sou hê. Sy, wat so dikwels aan Sy voete gesit en luister het, het Hom miskien die meeste van almal liefgehad.

Sy het iets verstaan van dié groot geheim naamlik dat Hy op hierdie Paasfees sou sterwe, en dat Hy ook wou sterwe uit liefde vir 'n verlore wêreld. Daarom het sy gekom om nog een keer te wys hoe lief sy Hom het. En niks was te veel vir haar om te gee nie. Sy het 'n fles baie duur en kosbare, geurige oliesalf gaan koop. Dit was in 'n mooi albaste fles, amper soos ons porselein, met 'n smal nek sodat 'n mens die duur olie versigtig, druppel vir druppel, kon laat uitloop.

Maria wou egter nie maar net 'n paar druppels vir Hom gee nie. Sy het baie seën van Hom ontvang en sy wou ook baie vir Hom doen. Haastig het sy die fles se nek somaar afgebreek en toe eers van die kosbare nardussalf op die hare van Sy hoof laat uitloop, en wat oor was, het sy gebruik om Sy voete mee te salf. Sy kon dit maklik doen omdat Hy, soos die gewoonte destyds was, skuins gelê het op 'n rusbank met Sy voete na agter. Sy het geween toe sy by Sy voete kniel en die salf met haar hare afdroog. Almal het gesien hoe bedroef sy was en hoe graag sy haar Meester wou vereer. En almal het ook die lekker reuk van die salf geruik. Maar nie almal het verstaan hoekom Maria dit doen nie. Net dié wat die Heiland net so liefgehad het soos sy, kon dit verstaan.

605

Judas, een van die dissipels, het daar glad niks van verstaan nie. Hy het nie aan Jesus gedink of vir Hom jammer gevoel dat Hy so swaar moes ly nie. Judas het maar net aan die baie geld gedink wat vir die duur salf betaal is. Geld was sy afgod. Daarvoor het hy groot eerbied gehad. Daarmee kon hy goed werk. Hy kon ruik dat dit baie duur salf moet gewees het wat Maria somaarso in een oomblik verkwis het. As hy kon, sou hy die fles uit haar hand geruk het voor sy die salf so gebruik het.

"Waarvoor is hierdie verkwisting?" het Judas gebrom. "Want hierdie salf kon vir meer as driehonderd pennings verkoop en die geld aan die armes gegee geword het."

Driehonderd pennings is ongeveer tien pond in ons geld.

Maar Judas was glad nie so danig bekommerd oor die arm mense nie! Hy wou die geld self hê! Hy was die een wat verantwoordelik was vir die ontvangs en uitgee van die geld wat die Here Jesus en die dissipels nodig gehad het om van te lewe. Hy het dus die beurs gedra, maar partymaal het hy vir homself van die geld geneem. Judas was 'n dief. Maar die ander dissipels het dit nog nie geweet nie. Hulle het met Judas saamgestem. Hulle het self gedink Maria doen 'n dom ding.

Driehonderd pennings was 'n groot bedrag. 'n Werksman moes in daardie dae 'n hele jaar werk om dit te verdien. Hulle was kwaad en het met afkeuring na Maria gekyk.

Maar in die oë van die Here Jesus was daar geen afkeuring van Maria se daad nie. Hy het met liefde en blydskap na haar gekyk. Hy het haar hart geken en het Hom verheug dat daar darem een was wat verstaan het hoe swaar Hy moes ly en wat iets geprobeer doen het om dié lyding te versag. Daarom het Hy aan die ander gesê:

"Laat haar staan. Hoekom val julle haar lastig? Sy het 'n goeie werk aan My gedoen. Want die armes het julle altyd by julle, en julle kan net wanneer julle wil aan hulle goed doen. Maar My het julle nie altyd nie. Want toe sy hierdie salf op My liggaam uitgegooi het, het sy dit gedoen met die oog op My begrafnis. Voorwaar, Ek sê vir julle, oral waar hierdie evangelie verkondig sal word in die hele wêreld, sal ook gespreek word van wat sy gedoen het, tot 'n gedagtenis aan haar."

Die dissipels was skaam en het hul kop laat sak. Maar een van hulle het opgestaan en buitentoe geloop, al was dit al baie donker. Hy wat Judas was, het nie behoort by die vriende van Jesus wat Hom so liefgehad het nie.

"Begrafnis?" het hy bitter gedink. "Dan is dit tóg waar dat Hy gaan sterwe? Dan wil ek nie meer by Hom bly nie. Dink Hy dat ek Hom langer sal dien sonder om daarvoor betaal te word? Nee, ek hoort nie by Hom nie!"

En toe het Judas vasberade na Jerusalem geloop en na die *ander* byeenkoms gegaan waar die *vyande* van Jesus was. Daar het hy behoort.

Judas, die verraaier! So ver het Judas al afgedwaal dat hy nie meer aan die Here Jesus getrou was nie. Dit was omdat hy geld meer liefgehad het as vir die Here.

In die begin het Judas Hom geesdriftig gevolg en groot bewondering vir sy Meester gehad.

Tóé het hy geglo dat Jesus die Messias was. Judas het gedink dat Jesus hom die groot kans van sy lewe sou gee om ryk en geëerd te word wanneer Jesus Koning van Israel sou wees. Dit was vir hom 'n plesier om die beurs te dra en vir die geld te sorg. Miskien sou hy eendag die skatbewaarder, of minister van finansies, van dié Koning word! Soos hy nou met sy vingers aan die silwergeld in die beursie kan voel, so sal hy ook eenmaal met goud en pêrels en edelgesteentes kan speel!

As Judas daaraan dink, het sy hart vinnig geklop van begeerte na geld en sy oë het van gierigheid geskitter. Die *woorde* van die Here Jesus was vir hom maar min werd. Berou en bekering, vergifnis van sonde, liefde . . . ag, dit was vir Judas maar nietige bysakies. Mag, eer, rykdom ... dit was sy lewe! Daarvoor het hy gelewe! Daarvoor het hy Jesus gevolg.

Judas se vreugde het oorgeloop toe die mense daar by die meer van Galilea eendag sy 606

Meester wou Koning maak. En hy was bitter teleurgestel toe Jesus dit nie wou word nie.

Maar tóg het Judas by Hom gebly en nog hoop gehad toe die ander mense die Here Jesus die volgende dag verlaat het, en Hy bedroef vir Sy dissipels gevra het: "Wil julle nie ook weggaan nie?"

Maar van daardie dag af het Judas se hoop al minder geword en hy het moeg geword van al die wag. Miskien was dit van toe af dat hy oneerlik begin word het en van die geld geneem het wat aan sy sorg toevertrou was.

TOE die mense die vorige Sondag, toe al drie dae gelede, weer die Here Jesus wou Koning maak, het niemand met meer geesdrif gejuig as Judas nie: "Hosanna, geseënd is die Koning!" En toe daar niks van gekom het nie, was niemand so teleurgesteld soos hy nie. Hy het weer gedink aan die treurige woorde wat die Here Jesus al 'n paar maal gesê het ". . . .

oorgelewer .... gekruisig .... dood." En nou het Hy weer so gepraat: Hy sou *begrawe* word.

Nou het Judas dit geglo, en die laaste vonkie van hoop het in sy hart gesterf. Nou was daar niks meer in daardie hart om hom aan Jesus te bind nie. Want liefde, soos by die ander dissipels, was daar nie in sy hart nie. Daar \#as net haat omdat hy Hom al die jare verniet gevolg het.

A, Judas het gedink hy volg die Messias wat Israel sou verlos. Maar kon Hy die Messias wees as Hy Sy kanse so laat verbygaan en net van sterwe praat? .... Nee, nou het Judas dit nie meer geglo nie. Hy het gedink die Fariseërs het reg om Hom 'n bedrieër te noem en Hom te haat en dood te wil maak. Judas wou hom nou ook op Jesus wreek!

Dit was toe dat die Satan hom die vreeslike plan gegee het om tóg iets te verdien deur sy bekendheid met Jesus. Daardie sataniese plan was om Hom te verraai — te verkoop soos 'n dier. Judas het geweet waarheen om te gaan om die plan uit te voer. Hy het na die same-

koms van die rabbi 's gegaan en gevra: "Wat wil u my gee en ek sal Hom aan u oorlewer?"

En niemand kon met 'n plan kom wat meer welkom vir hulle was nie. Hulle was baie bly toe hulle sien hy meen dit regtig. Sy plan was beter as al hulle gepraat.

"Sonder enige oproer?" het hulle hom gevra.

"Sonder dat iemand dit opmerk," het Judas gesê. "Ek sal wag totdat ek 'n goeie geleentheid kry."

Toe het hulle hom dertig silwerpennings belowe.

Dertig pennings .... Dit was die prys van 'n slaaf in die ou tyd. Dit was die prys wat die profeet Sagaria reeds genoem het. Maar op daardie oomblik het nie een van die Skrifgeleerdes daaraan gedink nie. Hulle het die geld net daar en dan voor Judas se begerige oë afgeweeg. Nou sou hy nie rus totdat hy dit verdien en in die hande het nie!

Vir die prys van 'n slaaf het hy die Seun van God verkoop! In die donker het hy toe weer na die ander dissipels teruggegaan asof niks gebeur het nie.

Die arme, dwase Judas! Het hy dan nie verstaan dat die Here Jesus dit alles weet nie?

MARIA en Judas.

Twee mense wat naby die Here Jesus gelewe het. Altwee het geweet dat Hy sou sterwe.

Maar die een, Maria, het Hom vir die laaste maal geëer, want in haar hart was net liefde.

Die ander een het Hom verraai, want in sy hart was net haat.

62. Die Laaste Paasfees

Matthéüs 26:17-25; Markus 14:12-21; Lukas 22: 7-16; 21-30; Johannes 13:1-32.

IT was Donderdag, die dag wanneer die Paasmaaltyd in die aand geëet word as 'n D herinnering aan hoe Israel baie eeue gelede uit die slawerny in Egipte verlos is.

Op daardie dag het Jesus vir Petrus en Johannes gesê: "Gaan berei vir ons die Paasfees."

Toe vra hulle: "Waar wil U hê moet ons dit berei?"

Judas het daarby gestaan en hy het sy ore gespits. As hy ook die plek weet, kon hy die Here Jesus moontlik ongemerk laat gevange neem. Die ander mense in Jerusalem sou mos dan ook in hul huise wees om self die Paasfees te geniet.

Die Here het geweet wat Judas dink en het toe gesorg dat hy vir eers nie sou weet waar die plek sou wees nie. Hy wou seker maak dat Hy nog een aand ongehinderd saam met Sy dissipels kon wees en nog een maal voor Sy lyding met hulle die Paasfees kon vier. Daarom het Hy vir die twee dissipels gesê:

"Kyk, as julle in die stad ingaan, sal 'n man julle ontmoet wat 'n kruik water dra; volg hom na die huis waar hy ingaan. Sê dan vir die eienaar van die huis: Die Meester vra u: Waar is die kamer waar Ek die Paasfees met My dissipels kan eet? Dan sal hy vir julle 'n groot bovertrek wys waar die tafel en die rusbanke al reggesit is. Daar moet julle dit berei."

Na hierdie wonderlike opdrag het Petrus en Johannes dadelik geloop; en kyk, alles het gebeur presies soos hul Meester gesê het. Hulle het 'n man met 'n kruik gesien; hulle het met die eienaar van die huis gepraat waar hy ingegaan het, en dié het vir hulle die mooiste kamer in sy huis — 'n groot bovertrek — gewys waar hulle ongehinderd

saam kon wees. Die man was seker 'n vriend of bewonderaar van Jesus.

Verder het die twee dissipels hul werk getrou gedoen. Hulle het die Paaslam, wat vier dae tevore al gekoop was, geslag. Dit was, soos voorgeskryf in die wet, 'n mooi gesonde lam, sonder enige gebrek, en geen been daarvan moes gebreek word nie. Net soos al die ander mense wat daar in die Voorhof was, het hulle die lam se vet op die brandofferaltaar geoffer.

Toe het hulle die vleis saamgeneem en dit eers gebraai voordat hulle dit op die tafel in die bovertrek gesit het. Hulle het gesorg dat daar ook brood was — harde, plat brood wat sonder suurdeeg gebak was — en ook bitter kruie. Dit alles moes aan die harde en bittere slawerny in Egipte herinner. Ook was daar sous waarin die brood gesteek moes word. Hulle het rooi, geurige wyn in 'n beker gegooi en die rusbanke reggesit. By die deur moes daar 'n wasbak wees en 'n kan met water sodat almal hul voete daarin kon was. Toe hulle dit alles reggemaak het, het hulle gewag totdat die Here Jesus kom.

DIT het nag geword oor Jerusalem. Die eerste sterre het begin blink. Toe is die lang uitgerekte geblaas van trompette drie maal na mekaar in die stad gehoor. Die helder klanke daarvan het beteken: "Kom, want alles is gereed. Kom eet die Pasga (of Paasfees), want dit is aand en die uur van die fees het gekom."

En in die skemerlig van die strate het die Here Jesus en tien dissipels toe ook aangeloop gekom en hulle het met die trap opgeklim na die bovertrek. Hulle het binnegaan en Petrus en Johannes daar ontmoet.

Maar toe het die dissipels by die deur gestaan en rondtrap onderwyl hulle sku en verleë na mekaar gekyk het. Want kyk, die water was in die bak en 'n linnehanddoek het daarby gehang, maar daar was nie 'n bediende om hul voete vir hulle te was soos dit behoort het nie. Wie van hulle sou dit nou doen? Wie sou hom so verneder om voor die Meester en voor elkeen van hulle te kniel om hul stowwerige voete te was? Dit was mos slawewerk en nie een van hulle wou sy

hand na die handdoek en die bak water uitsteek nie. Uiteindelik het almal maar aangeskuif na hul plek aan die tafel en hulle het onder mekaar gefluister wie nou eintlik die geringste van hulle was om dié veragte werk te doen.

608

Intussen het die Here Jesus op Sy plek aan die hoof van die tafel gesit, soos 'n Vader tussen sy kinders wat onder mekaar stry. Hy het daaraan gedink dat dit die laaste maal sou wees dat Hy hier op aarde Paasfees sou vier. Nou sou Hy nog met Sy dissipels terugdink aan die tyd toe die volk van God deur die bloed van 'n lam bewaar is van die dood. Maar reeds môre sou Hy self die ware Paaslam wees wat sou sterwe vir die sonde van die wêreld.

Met ontroering het Hy die beker wyn geneem en dit geseën en daarna aan Sy dissipels rondgegee. Hy het na hulle gekyk en gesê: "Ek het baie sterk daarna verlang om hierdie Pasga met julle te eet voordat Ek ly. Want Ek sê vir julle, Ek sal nooit weer daarvan eet voordat die koninkryk van God gekom het nie."

Met ontroering het hulle na hierdie woorde geluister en hulle het onder mekaar gefluister.

Selfs nou nog het hulle gestry oor wie die vernaamste een was. Dit was maar wéér die ou vraag wat onenigheid veroorsaak en hul Meester bedroef het.

TOE het iets gebeur wat hulle nooit vergeet het nie en waardeur daar 'n end gekom het aan al hul stryery. Die Here Jesus het opgestaan en sonder om 'n woord te praat na die deur gegaan. Hy het sy bo-klere uitgetrek en die linnedoek toe soos 'n voorskoot om Hom vasgebind. Toe het Hy water uit die groot bak in 'n kleiner een gegooi en soos 'n slaaf by die voete van een van die dissipels gaan kniel en begin was. Daarna het hy hul voete met die linnedoek wat om Sy lyf was, afgedroog.

Dit het doodstil geword in die kamer. Die dissipels het geskrik en met verbasing gekyk na wat aangaan: Hy, hul Meester, doen 'n slaaf se werk, waarvoor hulle te hoogmoedig was!

Hy, die Messias, die Seun van God, die Koning van hemel en aarde, wou die geringste wees! Kon Hy Hom so diep verneder? Kon hulle dit toelaat?

"Nee," dag Petrus toe die Here Jesus voor hom kom kniel.

Hy het sy voete teruggeruk en byna uitgeskreeu: "Here, gaan U my voete was?"

Jesus het bedaard na hom gekyk en geantwoord: "Wat Ek doen, begryp jy nou nie, maar jy sal dit hierna verstaan."

Maar Petrus kon dit nie verstaan nie. Hy het nie daaraan gedink dat Jesus nie net sy *voete* wou was nie, maar sy hart ook wou reinig van sonde en vuilheid. Baie skaam het Petrus weer uitgeroep: "U sal my voete in der ewigheid nie was nie!"

Maar hy moes tóg toelaat dat die Here Jesus dit vir hom doen. Die een wat dit nie wou hê, wat nie deur Hom gereinig wou word nie, kon nie Sy dissipel wees nie. Ernstig het Hy geantwoord: "As Ek jou nie was nie, het jy geen deel aan My nie."

Nou het Petrus meteens anders gedink. Hy wou aan Jesus behoort. Daar was niks wat hy so begeer het as om hom geheel en al aan Jesus oor te gee nie.

"Here, nie net my voete nie, maar ook die hande en die hoof," het hy toe gesê.

Dit was darem nie nodig nie. Soos gebruiklik, het hulle almal eers gebad voor hulle na die Paasfees gegaan het. Hulle hoof en hande was skoon. Net hul voete moes gewas word.

Hul siel was ook rein omdat hulle hul heeltemal aan die Here Jesus oorgegee het en in Hom as die Seun van God geglo het. Hulle moes net elke dag gereinig word van die sonde wat dié dag hulle aangekleef het.

Daarom het die Here Jesus gesê: "Hy wat klaar gewas is, het niks anders nodig as om die voete te was nie, maar is heeltemal rein, en julle is rein, maar nie almal nie."

Hy het geweet wie Hom sou verraai. Hy het die *voete* van Judas gewas, maar Judas het sy *hart* vir Hom gesluit gehou. Daarom het Jesus gesê: "Julle is nie almal rein nie."

TOE Hy Sy bo-klere weer aangetrek het en weer op Sy plek gaan sit het, het Hy na Sy dissipels gekyk en gesê:

"Verstaan julle wat Ek aan julle doen? Julle noem My Meester en Here, en julle is reg; want Ek is dit. As Ek dan, die Here en die Meester, julle voete gewas het, is julle ook verplig om 609

mekaar se voete te was. Want Ek het julle 'n voorbeeld gegee om, net soos Ek aan julle gedoen het, ook so te doen."

Hulle het stilgebly. Hulle kon Hom amper nie in die oë kyk nie.

"Meester, Meester," dag hulle, "het U ons dan só lief? Hoe dikwels het ons U nie met ons hoogmoed bedroef nie!"

MAAR daar was een wat nie spyt gehad het nie en wat ook nie sy kop wou laat sak nie.

Daar was een wat nie by Jesus behoort het nie en wat tog aan tafel bly sit het. Hy het gedrink uit die beker waaruit die Meester gedrink het. Hy het van die brood en van die lamsvleis geneem en dit in die sous ingedoop, soos sy Meester ook gedoen het. Maar sy gedagtes was met die verskriklike plan — om sy Meester te verraai — besig.

Jesus het dit geweet en Hy kon dit nie langer verdra nie. Die gedagtes van Judas, nou by hierdie heilige maaltyd, het soos 'n pyl deur die Here Jesus se hart gegaan. Met 'n bedroefde stem het Hy gesê: "Voorwaar, voorwaar sê Ek vir julle, een van julle sal My verraai."

Dit het die dissipels hewig laat skrik. Verraai? .... Hul beminde Meester? .... Sou een van hulle dit doen?

Ontsteld het hulle na mekaar gekyk. Die een het gevoel hoe die ander na hom kyk. O, wie sou in staat wees om so 'n gruwelike ding te doen?

"Ek?" het elkeen gedink. "Sou ek ooit só sleg kan word? Nee, dis tog waarlik nie ek nie!"

En toe het hulle bedroef die een na die ander gevra: "Here, is dit miskien ek? O, sê asseblief tog dis nie ék nie!"

Maar Hy het net gesê: "Dis die een wat saam met My sy hand in die skottel insteek, wat My sal verraai. Die Seun van die mens gaan wel heen soos daar van Hom geskrywe is, maar wee daardie man deur wie die Seun van die mens verraai word! Dit sou vir hom goed gewees het as daardie man nie gebore was nie."

Dit het treurig en dreigend geklink. Die dissipels het mismoedig na mekaar gekyk en gewonder wie dit kon wees. En toe het Petrus vir Johannes, wat naaste aan Jesus gesit het, geknik om te vra wie dit was. Johannes het na die Here oorgeleun en gefluister:

"Here, wie is dit?"

Toe het Jesus 'n stukkie van die vleis geneem en saggies vir Johannes gesê: "Kyk maar, dis die een aan wie ek hierdie stukkie sal gee nadat Ek dit ingedoop het."

Nie een van die ander dissipels het mooi begryp wat Jesus bedoel het nie, en Judas het oor die tafel gebuig en brutaal gevra: "Is dit miskien ek, Here?"

Toe doop die Here Jesus die stukkie vleis in die sous en gee dit aan Judas. En onderwyl Sy oë vas in die onheilspellende oë van Sy ontroue dissipel gekyk het, het Jesus saggies gesê:

"Ja, dis jy, Judas!"

En weer het nie een van die ander dissipels dit gehoor nie. Maar nou het Johannes geweet wie die verraaier was. Ontsteld het hy Judas aangekyk en nie 'n oomblik meer getwyfel nie.

Hy het gesien hoe Judas frons toe hy die stukkie neem en eet wat Jesus hom gegee het.

Daar het 'n mens gesit wat geheel en al in die mag van die Satan was!

Die Here Jesus het toe na Judas gekyk en bedaard gesê: "Wat jy doen, doen dit haastig."

Nie een van die ander het verstaan wat Hy daarmee bedoel nie. Hulle het gedink dat, omdat Judas die geld het, hy nog iets vir die fees moes gaan koop, of dat hy iets vir die armes moes neem.

Hulle het gesien dat Judas opstaan en na die deur gaan, en toe het hy in die donker verdwyn. Die verraaier was op pad om iets verskrikliks te gaan doen.

Nog net 'n klein tydjie sou Jesus met Sy dissipels wees.

Matthéüs 26: 26-35; Markus 14: 22-31; Lukas 22: 7-20; 31-38; Johannes 13: 33-38; 14; 15; 16; 17.

IE maaltyd was byna klaar. Dit was die laaste aandete wat die Here Jesus saam met Sy D dissipels sou geniet.

Die einde was naby — die einde van Jesus se lewe op aarde. Dit sou ook die einde wees van die verbond van God met Israel, wat nie meer Sy volk kon wees nadat hulle die Messias gekruisig het nie.

Maar juis dan sou 'n nuwe en heerlike tyd aanbreek. Daar sou 'n nuwe volk van God op die aarde woon, 'n volk wat hulself sou noem na die naam van Jesus Christus.

Die ou Paasfees van Israel sou nie meer by daardie nuwe volk pas nie. Dis waar, hulle sou terugdink aan 'n groot verlossing, maar dit sou nie die verlossing uit Egipte wees nie, maar uit die mag van die sonde en die dood. Dit sou nie deur die bloed van 'n lam wees nie, maar deur die bloed van die ware Lam van God, Jesus Christus, wat Sy lewe sou gee aan die kruis.

Die Here Jesus wou hê dat die nuwe volk van God baie daaraan sou dink. Nooit moes die mense vergeet dat Hy vir hulle gesterf het nie, en dat God hulle sonde wil vergewe omdat Hy die *straf vir* die sonde gedra het.

Daarom het Hy op hierdie laaste aand voor Sy lyding die Heilige Nagmaal ingestel.

DIE dissipels het 'n voorgevoel gehad dat iets baie besonders gaan gebeur. Met ontsteltenis het hulle na hul Meester gekyk. Hulle het gesien hoe Hy die brood neem en dit seën. Hy het die brood voor hul oë gebreek. So sou Sy liggaam ook vir hulle gebreek word.

Toe het Hy aan elkeen van hulle 'n stukkie van daardie brood gegee en gesê: "Neem, eet, want dit is My liggaam wat vir julle gebreek word. Doen dit tot My gedagtenis."

Toe het Hy die beker vol wyn geneem en dit ook geseën. Hy het die beker in die kring van Sy dissipels laat omgaan en gesê: "Hierdie beker is die nuwe testament van My Bloed wat vir julle en vir baie uitgestort word tot vergifnis van sonde."

Eerbiedig en gehoorsaam het die dissipels gedoen soos Hy beveel het. Hulle het die brood geneem en die wyn gedrink. Hulle kon nie goed verstaan wat Hy bedoel nie, maar hul harte was vol liefde vir Hom en hulle was seker hulle sou dit nooit vergeet nie.

EN van daardie dag af word die Heilige Nagmaal, wat die Here Jesus self ingestel het, in al die Christelike kerke oor die hele wêreld gevlei. En oral waar die brood gebreek word, dink die gelowiges daaraan dat die lewe van Jesus só vir hulle gebreek is. En as hulle die wyn in die beker sien vloei dan weet hulle dat die bloed van hul Heiland só vir hulle gevloei het.

Wanneer ons die Heilige Nagmaal vier, word ons opnuut daarvan verseker dat Hy ons altyd sal liefhê en dat Hy ook vir ons sonde gesterwe het.

Maar dit alles het die dissipels daardie laaste aand wat hulle saam met die Heiland was, nog nie verstaan nie. Hulle kon dit nie glo dat Hy van hulle sou weggaan nie. Selfs toe Hy dit reguit gesê het, het hulle dit nie geglo nie. Dit was te veel vir hul verstand.

Die Heiland het nog iets gesê wat vir hulle onverstaanbaar geklink het. Toe Hy daar in die nag by hulle gesit het en hulle Hom so lief gehad het soos nooit tevore nie, het Hy bedroef gesê dat hulle almal ontrou aan Hom sou word:

"Julle sal almal in hierdie nag aanstoot neem aan My, want daar is geskrywe: Ek sal die herder slaan en die skape van die kudde sal verstrooi word. Maar nadat Ek opgestaan het, sal Ek voor julle uit gaan na Galilea."

Hierdie laaste woorde het hulle maar half gehoor. Sou hulle aanstoot neem aan Hom? Hom 611

verlaat? Hulle het almal hul hoofde geskud. Dit was mos onmoontlik! Hulle voel dan so seker van hulself, so sterk in hul liefde! Maar hulle het nog nie geweet hoe swak hul geloof en hoe sterk die Satan is, of hoe maklik hulle kon val as die Here hulle nie bewaar nie.

Petrus het hom die sterkste van almal gevoel. Hy het amper kwaad geword dat Jesus so iets kon sê! Hy het dit baie opreg bedoel toe hy vurig uitgeroep het: "Al sal almal ook aanstoot aan U neem, ék sal nooit aanstoot neem nie.

Maar hy het toe nog nie van die vreeslike dinge geweet wat daardie nag sou gebeur wanneer die Satan teen hulle sou veg nie. Maar Jesus het dit geweet en Hy het geduldig gewaarsku: "Simon, Simon, kyk die Satan het sterk begeer om julle soos die koring te sif.

Maar Ek het vir jou gebid dat jou geloof nie moet ophou nie."

Maar Petrus wou nog nie ingee nie. Hy het gevoel hy is sterk genoeg vir die Satan. En hy het gesê: "Here, ek is gereed om saam met U selfs in die gevangenis en in die dood te gaan."

Maar die Heiland het bedroef Sy hoof geskud en gevra: "Sal jy jou lewe vir My gee?

Voorwaar Ek sê vir jou, die haan sal sekerlik nie kraai voordat jy My drie maal verloën het nie."

Maar nog Petrus nog een van die ander het dit geglo. Om Jesus te verloën? Om te sê dat hy Hom nie ken en nie Sy dissipel is nie? Petrus sou liewer wou sterwe.

DAARDIE aand het die Here Jesus nog baie meer vir Sy dissipels vertel. Die dissipels het gevoel dit is Sy afskeidswoorde.

Hul harte het vinnig geklop van ontroering en hulle kon huil om te dink dat die Here Jesus werklik van hulle sou weggaan. Maar Hy het hulle getroos en verduidelik hoekom Hy moes weggaan. Hy sal na die huis van Sy Vader gaan om vir hulle plek te berei, en later sal Hy hulle vir ewig na Hom toe neem.

Hy sal hulle ook nie *alleen* hier op die aarde agtergelaat nie. Wanneer Hy dit van Sy Vader sal vra, sal Hy die Heilige Gees in hulle harte stuur. En die Heilige Gees sal hulle troos en lei en altyd by hulle bly. Hy sal hulle alles laat verstaan wat hulle tot nog toe nie kon verstaan nie.

Na die Nagmaal moes die Here Jesus van Sy dissipels afskeid neem, maar daar was nog so baie wat Hy vir hulle wou sê. Hy wou so graag hê hulle moet Hom net so liefhê soos Hy vir hulle. Hulle moet net so een met Hom wees, soos 'n tak met 'n boom of 'n loot met 'n wingerdstok. Judas was dit ongelukkig nie. Dit het maar net gelyk asof hy by Jesus hoort, maar hy was nie aan Hom deur liefde verbind nie. Daarom is hy ook soos 'n droë tak of onvrugbare loot afgesny. Met wonderskone beeldspraak het die Here Jesus gesê:

"Ek is die ware wynstok en my Vader is die landbouer. Elke loot wat in My nie vrug dra nie, neem Hy weg; en elke loot wat vrug dra, dié maak Hy skoon, sodat dit meer vrug kan dra.

Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie. Ek is die wynstok, julle die lote.

Wie in My bly en Ek in hom, hy dra baie vrug; want sonder My kan julle niks doen nie."

Toe die Here Jesus uiteindelik klaar gepraat het, het Hy opgekyk na bo en Sy dissipels voorgegaan in die gebed.

Wanneer die hoëpriester van Israel in die Allerheiligste van die tempel gegaan het, het hy op sy hart 'n borstas gedra waarop die name van

die twaalf stamme geskrywe was. So het die Here Jesus, die ware Hoëpriester, nou die nuwe volk van God in Sy hart gebring na die troon van God. Hy het vir Homself en vir Sy werk gebid. Hy het vir Sy dissipels gebid en ook vir almal wat deur hulle woord in Hom sou glo. Vir al die miljoene mense sou Hy sterwe sodat hulle saam met Hom in die hemel kan kom.

Baie eerbiedig en vol vertroue het Sy stem daar in die stil eetsaal geklink: "Vader, Ek wil dat 612

waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees, sodat hulle My heerlikheid kan aanskou wat U My gegee het, omdat U My liefgehad het voor die grondlegging van die wêreld."

In daardie mooi hoëpriesterlike gebed het die Here Jesus vir ons almal gebid.

Daarna het hulle saam die lofsang gesing.

Toe het almal nog 'n maal uit die beker gedrink, en daarna het hulle uit die saal gegaan en met die trap afgeloop na die donker, stil straat daarbuite. Die Here Jesus het voorgeloop terwyl die dissipels beangs na al die kante gegluur het. Die volmaan was al hoog op maar daar was baie donker skaduwees tussen die huise.

Deur skaduwees en lig het hulle by die poort uit geloop en toe oor die spruit Kedron na die Olyf berg. Teen die helling van die berg was 'n olyf boord, Getsémané, waar Hy so dikwels die stilte kom opsoek het om te bid. Daarheen het hulle nou gegaan. Sy uur was baie naby.

613

64. Getsémané

Matthéüs 26: 36-46; Markus 14: 32-42; Lukas 22: 39-46.

TIL en eensaam was dit daar in die olyfboord en deur die bome het 'n koel nagwindjie S geruis. Die helder maanlig het gespeel op die

krom, knopperige boomstamme. Bokant alles het die sterretjies geblink.

Die Here Jesus was al dikwels hier met Sy dissipels in die nag. Nou was maar elf by Hom.

Maar aanstons sou die twaalfde een ook kom, want hy weet maar te goed dat hy die Meester hier sou vind.

Aan dié kant van die tuin het Jesus agt van Sy dissipels laat agterbly toe Hy gesê het: "Sit solank hier onderwyl Ek daar gaan bid . . . ." Maar drie van Sy dissipels — Petrus, Jakobus en Johannes — het Hy met Hom saamgeneem — dieper in die tuin.

Toe het daar iets gebeur wat ons nooit ten volle sal kan verstaan nie: die Here Jesus, wat altyd so kalm en dapper was en Sy dissipels gedurig bemoedig het, het nou baie bedroef en beangs geword. Sy stem het gebewe toe Hy sê: "My siel is diep bedroef tot die dood toe; bly hier en waak saam met My."

Dit was nie die angs vir Sy lyding en dood wat Hom so laat spreek het nie. Daarvan het Hy al dikwels, selfs nog in hierdie nag, gepraat sonder om te bewe.

Dit was iets anders, iets geheimsinnigs, iets wat baie erger was as die liggaamlike lyding wat Hy moes verduur, en Hy was self verbaas oor die verskriklike smart wat só skielik in Sy siel gebrand het.

Dit was die las van ons sonde, die sonde van die hele wêreld, wat deur die Here God op Hom gelê is. Hy wat nooit die minste kwaad gedoen het nie, Hy het die toorn van God gedra vir die sonde van die mensdom vir wie Hy gestraf wou word. Dit het Hom só beangs en benoud gemaak. Hy het gebewe en inmekaar gekrimp asof Sy siel deur die angs verskeur word.

DIE Satan het juis vir hierdie uur gewag. Eenmaal het hy die Here Jesus in die woestyn aangeval en toe het hy die onderspit gedelf. Nou

het hy teruggekom om Hom nog 'n keer 'te versoek. Hy het geweet hoe verskriklik daardie lyding vir Jesus se heilige siel was en hy het gehoop dat die Heiland vir hierdie ontsettende straf sou terugdeins. As Hy maar net wou sê:

"Vader, Ek *wil* nie. Hierdie lyding is te verskriklik," dan sou die Satan nog die stryd gewen het en niemand sou die wêreld dan uit sy kloue kon red nie. Ons almal sou vir ewig verlore gewees het.

Hiervoor het die Satan nou gewag. Hy het gewag vir die oomblik wanneer Jesus in opstand sou kom en sou weier om Sy Vader se wil te doen.

Die Here Jesus het verder ingeloop in die tuin, so ver as wat 'n mens met 'n klip kan gooi.

Daar het Hy inmekaargesak en op die grond geval om te bid. In hierdie groot nood kon net die gebed Hom help. Nou het Hy nie opgekyk na die hemel soos vroeër nie. Nou het Hy Sy hoof laat sak en Sy hande saamgewring.

Hy kon dit nie meer uithou nie en Hy het gesmeek: "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan . . . ."

Maar dadelik het Hy gehoorsaam bygevoeg: "Nogtans, nie soos Ek wil nie, maar soos U wil.

GEEN mens het nog ooit op die aarde so swaar gely as wat die Heiland in hierdie uur gely het nie. En daar was geen mens wat Hom getroos of bemoedig het nie.





'n Deel van die tuin van Getsémané. "En Hy het 'n bietjie verder gegaan en op sy aangesig geval en gebid en gesê: My Vader, as dit

moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie maar soos U wil" (Matt. 26:39).

Die tuin in Getsémané, met die Olyfberg op die agtergrond. "En Hy het vertrek en volgens gewoonte na die Olyfberg gegaan. En ook sy dissipels het Hom gevolg. En toe Hy op die plek (Getsémané) kom, sê Hy vir hulle: Bid dat julle nie in versoeking kom nie" (Luk.

22:39, 40).

615

NADAT Hy gebid het, het Hy opgestaan en Sy drie dissipels gaan soek wat saam met Hom sou waak. Hoe het Hy tog na hulle vriendskap verlang, ja, na net een woord van bemoediging om Hom te versterk!

Maar selfs dit het Hy nie gekry nie. In hulle mantels toegedraai, het hulle gelê en slaap op die plek waar Hy hulle laat bly het. Hulle het

van droefheid aan die slaap geraak. Petrus ook.

Hy wat so grootgepraat het dat hy aan sy Meester getrou sou bly, het Hom nou alreeds in die steek gelaat.

Die Here Jesus het hulle wakker gemaak en vir Petrus gesê — en dit het baie droewig geklink: "Simon, slaap jy? Was jy nie in staat om een uur te waak nie? Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak."

Verskrik het hulle opgekyk en nie geweet wat om te sê nie. Hulle oë was swaar van die slaap en hul harte, o so bedroef. Hulle het geprobeer om te bid en 'n paar woorde gestamel.

Ag ja, hulle wou tog so graag. . . Maar hul hoofde het weer gesak . . . . en gou was hulle weer aan die slaap.

Intussen het Jesus Sy swaar stryd gestry. In Sy siel was dit so swart soos die nag. Hy het oneindig alleen en verlate gevoel. Die bande van die dood het Hom omring en die angste van die hel het Hom getref.

Hy het weer gekniel en nou was Hy so benoud dat Sy sweet soos groot druppels bloed geword het en op die grond getap het.

Maar Hy het nie een verkeerde woord gesê nie. Eerbiedig en gehoorsaam het Hy gebid: "My Vader, as U tog maar hierdie drinkbeker van My wil wegneem! Laat nogtans nie My wil nie, maar U wil geskied!"

WEER was Sy dissipels vas aan die slaap toe Hy by hulle terugkom om troos te soek. Die laaste guns wat Hy hulle gevra het, het hulle Hom nie bewys nie. En Hy wat nooit weer sou slaap nie, het weer ongetroos teruggeloop.

Die Kedron-vallei by Jerusalem. "Nadat Jesus dit gesê het, het Hy met sy dissipels oor die spruit Kedron gegaan waar daar 'n tuin was, waarin Hy self gegaan het en sy dissipels" (Joh. 18:1).

Vir die derde maal het Hy gaan kniel en net soos tevore gebid. Hy het Hom heeltemal aan Sy Vader oorgegee. Hy het al die smart verdra sonder om te kla. Hy wou net Sy Vader se wil doen en ly wat Sy Vader wou hê.

"Laat U wil geskied," het Hy weer tot die Vader gebid.

Toe het 'n engel, 'n afgesant van Sy Vader, uit die hemel neergedaal en dié kon Hom beter vertroos en versterk as die mense. En toe het alles reggekom. 'n Diepe vrede het in die Here Jesus se hart gekom. Wat nou ook al sou gebeur, Hy sou nie vir 'n oomblik wankel nie. Hy het Hom soos 'n lam na die slagplek laat lei, en Hy het Sy mond nie oopgemaak om te kla nie.

Daar in Getsémané het Jesus Sy swaarste stryd gestry en is die Satan vir goed verslaan deur Sy gehoorsaamheid, 'n gehoorsaamheid tot die dood.

Hy het teruggegaan na Sy dissipels en nou het Hy hul troos nie meer nodig gehad nie. Hy het gesê: "Slaap maar langer en rus. Kyk, die uur is naby, en die Seun van die mens word oorgelewer in die hande van sondaars."

Toe Hy sien dat hulle tog wakker word, het Hy na die ingang van die tuin gewys waar 'n skare saamgedrom het met fakkels om Hom te soek, en Hy het gesê:

"Staan op, laat ons gaan; hy wat My verraai, is naby."

65. Jesus word Gevange Geneem

Matthéüs 26: 47-56; Markus 14: 43-52; Lukas 22: 47-53; Johannes 18:1-12.

IE stilte van die tuin van Getsemane is verstoor. Gedempte stemme is gehoor en D lanterns en fakkels het heen en weer in die donker geswaai. Donker gedaantes het tussen die bome beweeg en al nader gekom.

En daar kom Judas om sy lae daad te verrig. Hy het geweet dat die Meester na die maaltyd hierheen sou kom en hy het in die nag na die owerpriesters en Skrifgeleerdes gegaan om te sê dat dit nou 'n goeie geleentheid was om Jesus te vang. Dis waar, hul plan was eintlik om te wag tot na die fees, maar dan sou hulle miskien nie weer die kans kry nie. Daarom het hulle besluit om dit nog hierdie nag te doen.

Haastig het hulle hul gewapende dienaars en die tempelwagters bymekaar laat roep. Maar was dié manne genoeg? .... Wat as die dissipels sou veg en ander mense sou roep om te kom help? Naby Getsemane het die Galileërs, wat saam met Jesus na Jerusalem gekom het, hulle tente opgeslaan .... Nee, hulle moet nog meer manne hê. En daarom het hulle gou

'n boodskap gestuur na Pilatus, die stad se goewerneur. Hulle het gevra dat hy 'n afdeling soldate moet stuur omdat hulle 'n gevaarlike oproermaker wou laat vang. Daarom het daar nou 'n groot menigte mense na Getsemane gekom. Dit was Joodse dienaars en Romeinse soldate met hul hoofman en 'n aantal owerpriesters wat saamgekom het. Hulle was goed gewapen met swaarde en stokke.

Maar hoe sou die manne nou weet wie om te vang? Hoe sou hulle Jesus in die donker herken?

Judas het 'n plan gehad.

"Kyk," het hy gesê, "ek sal maak asof ek nog Sy vriend is. Ek sal vooruitloop en maak asof ek Hom wil waarsku. Dan moet julle die een gryp wat ek sal soen as ek Hom groet."

EN nou het Judas vooraan geloop, daardie valsaard! Hy het die tuin goed geken, beter as die soldate, omdat hy dikwels saam met Jesus

daar was. Haastig het Judas die donker tuin binnegegaan en die Here Jesus daar by Sy dissipels gevind. Asof Hy bly was om Hom te sien, het Judas Hom tegemoet geloop en uitgeroep.

"Gegroet, Rabbi!" En toe soen hy Hom.

Dit is die gemeenste soen wat ooit op die aarde gegee is. Dit moet op die wang van die Here Jesus gebrand het. Dit moet Hom met afsku vervul het.

Maar Hy het net bedroef gevra: "Judas, verraai jy die Seun van die mens met 'n kus?"

Toe het Judas verslae agteruitgestaan en die soldate het met hul rokende fakkels nader gekom. Maar Judas het te vinnig vooruitgeloop en hulle het nie gesien wie hy soen nie. Wie moes hulle nou gevange neem?

Toe vra Jesus hulle:

"Wie soek julle?"

"Jesus, die Nasarener!" het die manne geskreeu. En toe antwoord die Heiland:

"Dit is Ek!"

Hierdie paar eenvoudige woorde het 'n wonderlike, geheimsinnige krag gehad sodat Judas en die gewapende manne teruggedeins het. Hulle het gestruikel en voor Hom neergeval.

Toe hulle weer op die been kom, het Jesus nog op dieselfde plek gestaan. Angstig en verskrik het hulle na Hom gekyk, want hulle het besef dat hulle magteloos was teenoor Hom.

Hy vra hulle toe weer: "Wie soek julle?"

En hulle sê: "Jesus die Nasarener."

618



Die noordelikste deel van die Jordaanrivier naby die Hermonberge. Waarskynlik nie ver van hierdie plek nie het Jesus Sy dissipels gevra: "Wie sê julle is Ek? En Simon Petrus antwoord en sê: U is die Christus, die Seun v *an* die lewende God!" (Matt.

16:13-16).

619

Jesus antwoord toe: "Ek het julle gesê dat dit Ék is. As julle My dan soek, laat hierdie manne weggaan," en Hy wys na Sy dissipels wat agter Hom staan en bewe van angs en woede. Hy het daaraan gedink hoe hulle tog gered kon word. Homself het Hy nie verdedig nie, maar Hom aan die soldate oorgegee.

Dog toe die soldate hul hande uitsteek en Hom gryp, het Sy dissipels Hom omring en gevra:

"Here, moet ons met die swaard slaan? Moet ons U verdedig?"

En Petrus het nie eens gewag op 'n antwoord nie. Wanhopig het hy vorentoe gespring en sy swaard na een van die dienaars geswaai. Dit het vlak by sy kop verby gesuis en sy regteroor afgekap. En toe het die hele bende op die dissipels afgestorm. Dit het gelyk asof die moeite van hul Meester tevergeefs was en dat hulle tog ook gevange sou geneem word.

Maar die Here Jesus kon hulle tog nog beskerm. Hy het voor die soldate gaan staan en hulle teruggehou deur net Sy hand uit te steek.

Toe draai Hy Hom om na Petrus en sê: "Sit jou swaard in sy plek terug; want almal wat die swaard neem, sal deur die swaard vergaan. Of dink jy dat Ek nie nou My Vader kan bid en Hy sal vir My meer as twaalf legioene van engele beskikbaar stel nie? Sou Ek die drinkbeker nie drink wat My Vader My gegee het nie? Hoe sou die Skrifte dan vervul word dat dit so moet gebeur?"

En toe Petrus skaam terugstaan in die donker, gaan die Here Jesus na die gewonde dienaar en raak sy oor aan en maak hom gesond.

Hy was 'n dienskneg van die hoëpriester en sy naam was Malgus. Hy was die laaste mens wat die Here Jesus, toe Hy hier op die aarde was, gesond gemaak het. Die man het gekom

'om Hom kwaad aan te doen, maar Jesus het hom barmhartigheid bewys.

Daardie wonder het egter nie die soldate se harte saggemaak nie. Hulle het Jesus gegryp en Sy hande met toue vasgebind.

Toe sê die Here vir hulle: "Het julle uitgetrek soos teen 'n rower met swaarde en stokke?

Dag vir dag was Ek saam met julle in die tempel, en julle het nie jul hande teen My uitgesteek nie. Maar dit is julle uur, die uur van die mag van die duisternis."

Hulle het nie geantwoord nie. Die dienaars het Hom as gevangene met geweld uit die tuin geneem. 'n Paar soldate het in die donker nog na die dissipels rondgesoek, maar dié het reeds na alle kante gevlug. Die dienaars het darem iemand gevind en hom beetgepak. Dit was 'n jong man met 'n linnedoek om sy lyf. Hy het hom vinnig losgeruk en weggehardloop, maar die linnedoek het in die slag gebly.

Dit was nie een van die elf dissipels nie. Waarskynlik was dit Johannes Markus, 'n jong man van Jerusalem wat gemerk het wat gaan gebeur en wat somaar in sy nagklere agter die soldate aangeloop het na die tuin. Volgens oorlewering het Jesus die laaste Avondmaal in die ouerhuis van Markus gevier.

Die dissipels het hul Meester nou verlaat, soos Hy voorspel het. En langs die donker pad deur die dal Kedron is Jesus as gevangene na die stad geneem.

66. Tot die Dood Veroordeel

Matthéüs 26: 57-68; Markus 14: 53-65; Lukas 22: 63-71; Johannes 18:13,14,19-24.

IE strate van Jerusalem was stil en verlate en die maan het helder geskyn op die paleis D van die hoëpriester. Uit die poort van die paleis het 'n paar dienaars gekom en hulle het oral by die huise van die vernaamste Jode, die lede van die Sanhedrin, gaan klop om hulle wakker te maak en te sê dat hulle dadelik na die huis van Kajafas moet kom. Nie lank daarna nie het die ouderlinge en die Skrifgeleerdes in hul lang, deftige klere van alle kante aangeloop gekom. Hulle het aangeklop by die poort van die hoëpriester se paleis en 'n diensmeisie het die deur oopgemaak. Haastig het hulle deur die ruim binneplaas van die paleis geloop waar 'n paar diensknegte hulle warm gemaak het by 'n vuur. Toe het hulle een van die paleis se groot sale, wat rondom die binneplaas gebou was, binnegegaan.

Kajafas, die hoëpriester en voorsitter van die Sanhedrin, was al daar om hulle te ontvang.

Hulle oë het geskitter van bose vreugde toe hy hulle vertel dat Jesus nou uiteindelik gevang is. Hy sou netnou binnegelei word en hulle sou Hom tot die dood veroordeel. Dit het hulle al klaar besluit. Wat het dit daarop aangekom of Hy skuldig was of nie? Hulle wou hê Hy moes sterwe. Maar hulle moes darem 'n aanklag teen Hom hê. Hoewel Sy doodvonnis al klaar uitgespreek was, moes hulle nog iets soek wat Hy verkeerd gedoen het om Hom te kan veroordeel! Daarom is Hy eers geneem na Annas, die vader van Kajafas se vrou, wat Hom so lank sou verhoor totdat die Sanhedrin bymekaargekom het.

ANNAS was al 'n ou man, maar hy het nog byna net soveel mag gehad soos Kajafas en was net so listig. Vroeër was hy hoëpriester, maar die Romeine het hom afgesit. Toe het sy seuns een na die

ander hoëpriester geword, en uiteindelik was dit sy skoonseun Kajafas.

Maar Annas is ook nog altyd hoëpriester genoem. Hy het in een van die sale aan die oorkant van die binneplaas gesit en die Here Jesus het vasgebind voor hom gestaan tussen die soldate wat Hom ingebring het. Trots en met minagting het Annas na die Heiland gekyk en Hom toe listig ondervra oor Sy dissipels en oor Sy leer. Hy het gehoop dat Jesus onversigtig sou antwoord sodat hy Hom kon beskuldig.

Maar Annas se sluheid het hom nie gehelp. Al was die Here Jesus self verraai, sou Hy Sy dissipels nóóit verraai nie. En ook oor Sy leer wou Hy niks sê nie. Hoekom vra Annas Hom so uit? Hy moet self geweet het wat gaan aan. Jesus was tog nie 'n geheime onrusstoker nie!

Fier het die Here Jesus geantwoord: "Ek het ronduit tot die wêreld gespreek. Ek het altyd in die sinagoge geleer en in die tempel waar almal na My kon luister. Hoekom ondervra u My ?

Ondervra dié wat gehoor het wat Ek gespreek het. Hulle weet tog wat Ek gesê het."

Toe het Annas kwaad en verleë geword en nie geweet wat om te sê nie, want hy het gevoel dat Jesus dwarsdeur hom sien.

Maar een van die dienaars wat Annas wou help, het die Here Jesus in die gesig geslaan.

"Antwoord U die hoëpriester so?" het hy verontwaardig geskreeu.

Dit was die eerste maal dat die Heiland geslaan is, maar Hy het kalm na die man gekyk. Hy het nie kwaad geword nie. Terwyl Sy wang nog rooi was van die hou het Hy sag maar baie ernstig gesê:

"As Ek *verkeerd* gepraat het, bewys dit. Maar as Ek reg gepraat het, hoekom slaan jy My?"

En toe moes die lafhartige dienaar sy kop laat sak. Hy het stilgebly. En Annas het nie meer geweet wat om te vra nie. Hy het gevoel dat die Here Jesus se wysheid te veel vir hom is.

Wanhopig het hy Hom weggestuur uit die saal, oor die binneplaas, na die regsaal van Kajafas.

DAAR het hulle nou gesit, die regters van Israel, wat in die donkerte van die nag bymekaar-621

geroep is. Hulle het in 'n groot kring om die flikkerlig van fakkels en lampe gesit. Hulle het hul baie ernstig gehou om nie te laat uitkom hoe bly hulle was nie, maar daar het moordlus in hulle oë geflikker. By hulle was hul gewapende dienaars — wreed en onverskillige manne.

En buitekant die saal het die getuies gewag. Hulle wou graag die loon kry vir allerhande kwaad wat hulle aanstons van Jesus sou vertel.

Tussen al dié goddelose mense het die Seun van God nou gestaan — onskuldig en tog geboei soos 'n kwaaddoener. Maar soos 'n koning het Hy daar gestaan. Fier het Hy hulle in die oë gekyk terwyl almal na Hom gekyk het asof Hy die slegste mens op aarde was. Dit het eerder gelyk asof Hy die Regter was wat al hierdie deftige mense gaan veroordeel.

Waarvan moes hulle Hom nou aankla? Hulle het almal geweet dat Hy geen kwaad gedoen het nie.

Toe het hulle die getuies, wat nie omgegee het om enige leuen te vertel nie as hulle maar net daarvoor betaal word, laat kom.

Die regters het baie getuies geroep en gehoop dat daar darem twee sou wees met presies dieselfde beskuldiging. Die wet het dit vereis, anders kon die beskuldiging nie aangeneem word nie.

Maar hoe meer getuies hulle ingeroep het, hoe wanhopiger het die regters geword, want hulle kon geen vordering maak nie. Die getuies het mekaar só weerspreek met valse getuienisse dat die Here Jesus nie eens nodig gehad het om iets te sê om Homself te verdedig nie. Maar tog het daar uiteindelik twee getuies gekom wat min of meer eenders gepraat het. Hulle het gesê: "Hy het met veragting van die tempel gepraat. Ons het Hom hoor sê 'Ek sal hierdie tempel afbreek en in drie dae weer opbou'."

Toe het daar 'n vonkie van hoop in die oë van die regter gekom, want dit was 'n ernstige beskuldiging. Die tempel was tog die heilige huis van die Here en die een wat met minagting daarvan praat, het God self beledig. Dit sou heiligskennis wees wat net met die dood strafbaar was.

Kajafas, die hoëpriester, het triomferend na die gevangene geloer om te sien wat Hy nou sou antwoord. O, daardie Kajafas het baie goed geweet dat Jesus nooit so 'n onsinnige iets sou sê nie. As hy maar net die valse getuies goed wou uitvra, sou dit gou uitkom dat hulle die woorde van Jesus verdraai het. Maar dit wou Kajafas nie doen nie. Hy wou hê die Here Jesus moet self antwoord en self bewys dat Hy dit nie gesê het nie .... Maar Hy het stilgebly.

Hy wou Hom nie teen so 'n onwaardige beskuldiging verdedig nie. Drie jaar tevore het Hy Sy liggaam 'n tempel genoem, 'n tempel van die Heilige Gees, en gesê dat dit afgebreek en na drie dae weer opgerig sou word. Dit sou nog hierdie dag gebeur dat Sy liggaam "afgebreek"

sou word en oor drie dae heerlik uit die graf sou verrys.

Hy het stilgebly. En Kajafas het gesit en bewe van opgewondenheid en ongeduld. Want as Jesus aanhou om te swyg, hoe sou hulle ooit 'n beskuldiging teen Hom kan vind? Kajafas het opgestaan en uitgeroep: "Hoekom antwoord U niks nie? Hoor U nie wat hulle teen U

getuig nie?"

Maar Jesus het stilgebly onderwyl Hy Kajafas bedaard dog vas in die oë kyk. Hy het nog 'n vraag verwag wat Hy geweet het sou kom.

Die hoëpriester het toe die vraag gestel. Dit was sy laaste kans. Hy het gesê: "Ek besweer U

by die lewende God dat U vir ons sê of U die Christus, die Seun van God, is."

So het die regters van Israel hulle altyd uitgedruk as hulle wou hê iemand moet sweer dat hy die waarheid praat.

Dit was doodstil in die saal toe die Here Jesus plegtig en duidelik antwoord: "Ek is dit. Van nou af sal u die Seun van die mens aan die regterhand van God sien sit en kom op die wolke van die hemel."

622

Toe het Kajafas opgespring en hy sou liewer gejubel het, maar hy het gemaak asof hierdie antwoord van Jesus hom baie geskok het. Hy het met albei hande na die kraag van sy hoëpriesterlike kleed gegryp en dit met geveinsde verontwaardiging geskeur. Dit moes 'n teken wees van groot droefheid. En toe roep hy uit: "Hy het godslasterlik gespreek, wat het ons nog getuies nodig? Daar het julle nou Sy godslastering gehoor! Wat dink julle?"

Toe het die hele klomp regters opgespring en almal het opgewonde uitgeroep: "Hy is die dood skuldig!"

EN daar het Hy, die onskuldige, gestaan, maar Hy het nie eens Sy hoof laat sak nie. En toe het al die haat van daardie deftige moordenaars losgebreek. Hulle het hul tande gekners en Hom soos 'n trop bloeddorstige roofdiere omring. Hulle het in Sy gesig gespu en Hom bespot.

En die dienaars het Hom ook bespot en met die vuis geslaan. Hulle het Sy gesig met 'n doek toegemaak, en terwyl hulle Hom geslaan het, het hulle smalend gevra: "U is mos die Christus wat alles weet! Profeteer en sê vir ons wie dit is wat nou vir U slaan!" En hulle het nog baie meer lasterlike dinge uitgedink om Hom te beledig en seer te maak.

En tog het daar geen bliksemstraal neergeslaan om hulle op daardie oomblik te vernietig nie. Ook het daar geen engele uit die hemel gekom om hulle Here te verlos nie.

Die Here God het geswyg.

En Hy, die Seun van God, het ook stilgebly. Hy het alles gely en verdra sonder om te kla. En terwyl die bloed langs Sy gesig afgeloop het, het Hy in groot liefde aan almal gedink wat deur Sy lyding gered sou word.

"Want Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor en ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel."

Die fakkelligte het dof geword. In die saal het die skemerlig van die volgende dag al begin skyn.

67. Petrus en Judas

Matthéüs 26: 58, 69-75; 27: 3-10; Markus 14: 54, 66-72; Lukas 22: 54-62; Johannes 18:15-18, 25-27; Handelinge 1:18-19.

OE die Here Jesus Sy hande uitgesteek het om deur die soldate gebind te word in die T tuin van Getsemane, het Petrus, net soos die ander dissipels, weggevlug in die donker.

Maar hy het nie ver gevlug nie. Hy kon sy Meester nie vergeet nie. Êrens in 'n hoekie het hy gaan staan en van verdriet en woede

gekreun toe hy sien hoe die Here Jesus soos 'n gevangene uit die tuin weggeneem word.

Nog nooit was Petrus so wanhopig nie. Hy sou graag wou geskreeu het: "Meester, Meester, moenie dit toelaat nie! Maak tog al die skurke met U wondermag dood!"

Maar nou het hy geweet dat dit niks sou help nie. Gewillig soos 'n lam het Jesus Hom oorgegee en deur ruwe hande laat wegsleep. Waarheen? .... Waarheen anders as na Sy vyande — die goddelose rabbi's in Jerusalem wat Hom so lank al in die hande wou kry!

Petrus was diep ontstel toe hy dink wat daar met sy geliefde Meester kon gebeur. En meteens spring hy weg in die donker, van die een skaduplek na die ander. Toe hy by die uitgang van die tuin kom, sien hy die bende met hul fakkelligte in die dal van Kedron loop.

Gou het hy agternageloop. Hy kon homself nie help nie, en hy *mag* mos ook nie vir Sy Meester veg nie! Maar hy wil tog naby Hom wees. Die liefde van sy hart het hom aangedrywe. Op Jesus het hy vertrou. Van Jesus, die Messias, het hy 'n heerlike toekoms verwag .... En nou is alles verlore. Nou het die einde gekom .... Was die rabbi's dan reg?

Was Jesus maar 'n bedrieër? .... O, dit kon nie wees nie! Dis 'n gruwelike leuen .... Jesus moet die Messias wees — dit het Petrus met sy hele hart geglo.

Maar hoe was dit alles dan moontlik? Petrus het nie geweet en nie verstaan nie, en dit het hom benoud gemaak. Dit was die donkerste nag van sy lewe. Sy hart het vinnig geklop onderwyl hy agter die bende aansluip. Hy het so jammer gevoel vir sy Meester. En toe sien hy meteens iemand naby hom wat in dieselfde rigting loop as hy — dit was Johannes.

Johannes kon ook nie sy Meester heeltemal verlaat nie. Opgewonde het hulle twee toe saamgeloop en gefluister oor die vreeslike gebeurtenis van hierdie nag.

Deur die poort het hulle Jerusalem binnegesluip en al in die skaduwee van die huise na die huis van Kajafas geloop. Toe hulle daar kom, was hul Meester al binne.

Johannes het ook ingegaan. Hy was al vantevore hier en die diensmeisie by die poort het hom herken. Maar Petrus wou nie waag om in te gaan nie. Hy het buitekant gestaan.

Johannes het dit eers agtergekom toe hy al in die binneplaas was. Hy het teruggegaan en iets vir die diensmeisie gesê. Toe kon Petrus ook binnegaan.

PETRUS het daar nie op sy gemak gevoel nie. Sou dit nie vir hom beter gewees het om buite te bly as om hom hier by al die vyande te waag nie? Hy het nie daarvan gehou as iemand na hom kyk nie en het sku rondgekyk waar hy die beste kon skuil. In die middel van die binnehof het 'n vuur gebrand en die hoëpriester se dienaars het daar rondom gestaan om hulle warm te maak. Petrus het ook daarheen gegaan en nou kon dit lyk asof hy ook een van die dienaars was en nie by Jesus behoort nie. Van daar kon hy ook sy Meester in een van die sale sien staan.

Petrus het weer baie wanhopig geword. Diep neerslagtig het hy tussen die dienaars gestaan met 'n hart vol angs en haat. Maar die vuur het ander mense ook aangetrek. Die diensmeisie het ook daarby kom staan. Reeds toe sy Petrus binnegelaat het, het sy hom agterdogtig aangekyk. En nou by die vuur se lig het sy hom herken.

Sy het hom stip aangekyk en meteens gesê: "Maar jy hoort mos ook by die dissipels van Jesus die Nasarener!"

Verskrik het Petrus haar aangekyk en sy hart het in sy keel geklop van angs. Maar hy het hom reggeruk en onverskillig geantwoord: "Nee, ek ken Hom nie. Ek weet nie wat jy bedoel nie." En gelukkig vir

hom het dit gelyk asof sy twyfel, want sy het weggeloop sonder om verder iets te sê.

Maar Petrus het hier glad nie meer veilig gevoel nie. Hy moes liewer weggaan, anders kon hy sy lewe verloor as hulle hom herken. 'n Bietjie later het hy in die rigting van die voorpoort geloop. Êrens in die omgewing het 'n haan gekraai. Petrus het dit gehoor, maar nie opgelet nie. Hy het net aan sy veiligheid gedink. Maar by die poort het 'n klompie mense gestaan en praat en die diensmeisie was ook by hulle.

Toe Petrus naby kom, het sy na hom gewys en vir die ander gesê: "Hierdie een was ook by Jesus die Nasarener!" En 'n ander diensmeisie het hom toegeroep: "Ja, jy hoort ook by Hom!"

Maar Petrus het haar afgesnou: "Mens, dis nie waar nie. Ek ken daardie Jesus nie!"

En nou het sy angs skielik baie groter geword. Hy kon nie somaar dadelik wegloop nie. Dit sou die mense nog meer agterdogtig maak. Die diensmeisie sou miskien nie eens die poort vir hom wou oopmaak nie. Toe het hy maar gemaak asof hy kalm heen en weer loop om 'n bietjie warm te word, maar van binne het hy gebrand van benoudheid .... Later het hy maar weer by die vuur tussen die dienaars gaan sit.

Daar het hy nog 'n tydjie gesit en kyk hoe die Here Jesus verhoor word. Hy was te ver weg om te hoor wat daar alles gesê word, maar hy het gesien hoe sy geliefde Meester geslaan en bespot word. Dit het hom op sy tande laat byt van woede.

Maar skielik het hy opgeskrik toe hy een van die manne daarby hom hoor sê: "Is jy nie ook een van Sy dissipels nie?"

Iemand anders het gesê: " 'n Mens kan darem aan sy spraak hoor dat hy ook 'n Galileër is.

Hy praat mos net soos al die Galileërs."

Een van die dienaars wat familie was van die een wie se oor Petrus afgekap het, het hom dreigend gevra: "Maar het ek jou nie by Hom in die tuin gesien nie?"

Nou het Petrus bleek geword van angs, want aan sy sy onder sy mantel, het moontlik nog die swaard gehang met Malgus se bloed daaraan. Toe het hy begin sweer en uitgeroep:

"Mag ek vervloek wees as dit nie waar is dat ek Jesus nog nooit gesien of geken het nie!"

En terwyl Petrus nog so tekere gaan, hoor hy skielik weer 'n haan kraai, asof dit hom aan iets wou herinner. En meteens het sy vervloekinge in sy keel bly steek. Dit was asof hy wakker geword het uit 'n sondeslaap, uit 'n verskriklike droom. Met groot ontsteltenis het hy na die Here Jesus gekyk en op daardie selfde oomblik het Hy Hom omgedraai en ook na Petrus gekyk. Petrus kon voel hoe die bedroefde en sagmoedige oë van Sy Meester hom deurdring. En dit was asof hy weer Sy stem hoor sê: "Voorwaar Ek sê vir jou, voordat die haan tweemaal gekraai het, sal jy My drie maal verloën."

Wat het hy nou omgegee vir wat die dienaars sê? Ja, wat het hy omgegee vir sy lewe? Hy het hom omgedraai terwyl daar 'n knop in sy keel kom. As hy nie so sleg gevoel het nie, sou hy hom op die daad deur die spottende menigte gehaas het na die saal waar Sy Meester was en sou hy hom aan Sy voete neergegooi het. Maar hy was dit nie werd om ooit weer naby Hom te kom nie. Toe het Petrus maar so gou as wat hy kon buitentoe gegaan en daar in trane uitgebars. Hy het gevoel hy is die slegste van al die mense en hy was bitter hartseer. Maar nog nooit het hy so 'n sterk liefde vir sy Meester gevoel nie.

Die warm trane wat van sy wange afgeloop het, was soos 'n gebed. En diep in sy hart het hy tog geglo dat die Heiland hom nog liefhet en dat sy ontrouheid nog eendag vergewe sou word.

EN dit was juis wat die arme Judas kortgekom het — die geloof in die barmhartigheid van 625

God. Dit is erger as die grootste sonde.

Judas was ook spyt oor wat hy gedoen het. Toe hy sien dat Jesus veroordeel is, was dit asof die geld in sy gordel soos vuur begin brand het. Dit het toe eers vir hom duidelik geword wat hy eintlik gedoen het. Hy sou skuldig wees aan die dood van die Here Jesus.

Sy skuld het soos 'n swaar las op sy siel gedruk en hy kon dit nie verdra nie. Hy móés daarvan verlos word; hy moes Jesus gaan loskoop. Wat het hy nou omgegee vir geld, noudat sy berou soos vuur in sy hart gebrand het? Al was Jesus dan nie die Messias nie, was Hy tog 'n goeie en onskuldige mens. Judas kon nou die gedagte nie verdra dat Jesus sou sterwe nie. Hy het hom na die tempel gehaas waar die priesters al in die skemerlig van die nuwe dag besig was om alles reg te maak vir die môre-offer. Uitasem en met 'n vreeslike angs in sy oë het Judas by hulle aangekom. En terwyl hy hulle die geld wys wat hulle hom gegee het, het hy uitgeroep:

"Ek het gesondig deur onskuldige bloed te verraai!"

Kras het hierdie uitroep, die uitroep van 'n mens in die diepste nood, daar in die tempel geklink. Maar hulle het hom onverskillig aangekyk en gesê: "Wat gaan dit ons aan? Dis jou saak, nie ons s'n nie!"

Wat het hierdie priesters omgegee as die siel van 'n mens verlore gaan? Hulle het soos bloeddorstige roofdiere gelyk. Noudat hulle hul prooi in die hande het, sou hulle Hom nie vir enige losprys vrylaat nie.

Toe hulle die geld nie wou neem nie, het Judas die silwerstukke neergegooi dat dit rol in die tempel. En met' 'n vloekwoord het hy omgedraai en gemaak dat hy wegkom.

Nou het sy laaste hoop verdwyn. In die Ooste het die rooidag al begin skyn, maar in Judas se hart was dit swart soos die nag. Hy het gevoel dat hy vervloek was en dat hy, solank as wat hy op die aarde sou bly, altyd die las van sy vreeslike skuld sou moes dra. Nooit sou hy weer rus en vrede geniet nie. 'n Stem sou hom altyd agtervolg wat sê: "Judas, verraai jy die Seun van die mens met 'n kus?"

Arme Judas!. Kon hy dan nie liefde in daardie stem hoor nie? Maar hy was in die mag van die Satan. Hy het nie aan liefde en vergifnis geglo nie. En toe het hy na 'n eensame plek gegaan en self 'n einde aan sy sondige lewe gemaak. Die dwase Judas! Het hy gedink hy kon op dié manier bevry raak van die vloek? Het hy gedink hy kon een moord weer met 'n ander moord — dié van homself — regmaak?

ONDERWYL sy dooie liggaam êrens buitekant Jerusalem öp 'n rots gelê het, het die priesters baie vroom gesit en dink wat hulle met die geld moet maak wat hy teruggegee het.

Hulle het die silwerstukke opgetel, maar hulle wou dit nie in die offerkis gooi nie. Dit sou mos

'n groot sonde wees om sulke bloedgeld in die heilige skatkis te gooi! Na baie gepraat het hulle besluit om 'n stuk grond daarmee te koop. Die grond was nie baie werd nie, want dit was vol gate en kuile waar die pottebakkers hulle klei gegrawe het. Daarvan het hulle toe later 'n begraafplaas vir vreemdelinge gemaak. Die stuk grond het toe die naam gekry van Bloedgrond.

68. Pilatus en Herodes

Matthéüs 27: 2, 11-14; Markus 15:1-5; Lukas 23:1-12; Johannes 18:28-38.

IT was nog baie vroeg in die môre toe Jesus uit die paleis van die hoëpriester gelei is.

D Die dienaars het Hom deur die stil strate na die regsaal van Pilatus geneem. Agter hulle aan het hul wrede meesters, die rabbi's, geloop.

Hulle het met teësin geloop. Hulle sou hul "vyand" graag liewers self laat doodmaak het.

Maar hulle mag dit nie doen nie. As hulle die regeerders van 'n vrye volk was, kon hulle dit doen, maar nou was hulle onderdane van die Romeine. Die Romeinse goewerneur moes eers 'n doodvonnis goedkeur en bekragtig. Daarna moes die Romeinse soldate die vonnis uitvoer.

Die listige Joodse rabbi's wou so gou moontlik die saak afhandel. Hulle wou hê Jesus moet in die hande van die Romeine wees nog voor die ander mense dit uitvind. As daar dan oproer kom, sou sy volgelinge Hom nie kon red nie. Die Romeine was te sterk vir hulle.

As Pilatus nou maar net die doodvonnis gou goedkeur! En hy sou dit doen! Wat sou hy omgee vir die lewe van daardie Jesus? Haastig het hulle die Here Jesus na die Romeinse kasteel van Pilatus gebring. Maar voor die stoep het hulle stilgestaan. Hulle kon nie op die heilige Paasfees in die huis van 'n heiden gaan nie . . . . O nee, dit sou 'n vreeslike sonde wees! Hulle sou onrein word omdat daar suurdeeg in dié huis sou wees. Met Paasfees mag hulle mos nie brood eet wat met suurdeeg gebak is nie. Dink daaraan! Die bloed van 'n onskuldige man sou hulle nie onrein maak nie. Maar suurdeeg sou dit doen!

Die Here Jesus is toe alleen deur die soldate na die balkon aan die voorkant van die kasteel opgelei, en Pilatus het uitgekom om Hom te verhoor.

DAAR het hulle nou teenoor mekaar gestaan: Pontius Pilatus die vernaamste Romein in die land, en hulle, die vername Jode. Hulle het mekaar altyd gehaat en verag en hy het soveel mag as moontlik oor hulle uitgeoefen. Hy het die mense wreed verdruk en homself stilletjies ryk gemaak met hulle geld en hulle het hom geterg en al 'n paar maal, toe hulle die kans gekry het, teen hom gerebelleer.

Maar hierdie keer het hulle hul baie beleef en vriendelik gehou, want nou het hulle hul vyand nodig gehad. Hy moes hulle verlos van daardie ander "vyand" vir wie hulle meer gehaat het as vir hom. En toe Pilatus vra watter kwaad Jesus dan gedoen het, het hulle geprobeer om hom op 'n vriendelike manier te bedrieg.

"Hierdie man sou ons nie na u gebring het," het hulle gesê, "as Hy nie 'n kwaaddoener was nie."

En hulle het gedink die goewerneur sou tevrede wees met hierdie antwoord. Maar hulle is bitter teleurgesteld, want Pilatus het na Jesus gekyk en hy kon glad nie glo dat hierdie stil, edele man die dood verdien het nie. Pilatus het toe gesê:

"Neem júlle Hom maar saam, en oordeel Hom volgens julle eie wet."

Maar dit wou die Jode nie doen nie.

"Hy moet sterwe!" het hulle uitgeroep.

"Hoekom?" vra die goewerneur.

Ja, hoekom? Sou hulle sê hulle het Hom veroordeel omdat Hy God gelaster het deur te sê Hy is die Christus, die Seun van God. Maar Pilatus sou niks omgee dat Jesus Homself die Seun van God noem nie. Hy sou lag, want hy was 'n heiden en het miskien nie eens geglo dat daar 'n God is nie.

Toe het hulle die grofste leuens omtrent Jesus vertel.

"Hy is 'n gevaarlike man!" het hulle uitgeroep. "Hy leer die volk verkeerde dinge! Hy se die 627

mense moenie aan die keiser belasting betaal nie, en Hy sê Hy is self Koning."

Die Here Jesus het daarby gestaan en alles aangehoor sonder om 'n woord te sê. Hy het nie eens Sy hoof geskud nie. Teen so 'n gemene

aanklag het Hy Hom nie verdedig nie. Pilatus het ook goed geweet dat hierdie beskuldiging nie waar kon wees nie. Want die Jode sou Jesus mos juis vereer het as dit waar was, dat Hy die volk wou laat rebelleer en vir hom, Pilatus, uit die land wou drywe! Maar nou het hul oë geflikker van haat.

Verwonderd kyk Pilatus na Jesus wat nog altyd stilbly. Hy was nie gewoond dat 'n beskuldigde so geduldig is nie.

"Hoor U nie hoe swaar hulle U beskuldig nie?" vra hy toe. En hy het hom verwonder toe hy nog nie 'n antwoord kry nie.

Hy het na die regsaal teruggegaan en Jesus laat saamneem. Hy wou graag meer van hierdie buitengewone man weet. En daar het Hy toe gestaan, kalm en bedaard.

Die goewerneur vra Hom toe: "Is U die Koning van die Jode?"

Die Heiland het na hom gekyk en gesê: "My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie. As My koninkryk van hierdie wêreld was, sou My dienaars geveg het so dat Ek nie aan die Jode oorgelewer sou word nie. Maar nou is My koninkryk nie van hierdie wêreld nie."

Pilatus was toe baie seker dat hierdie Man nie 'n oproermaker was nie en dat die Romeine nie vir Hom hoef bang te wees nie. Pilatus sê toe vir Hom: "Dan is U tóg 'n koning?"

Jesus het geantwoord: "Ja, Ek is 'n Koning. Ek is as 'n Koning gebore en het in die wêreld gekom om vir die mense die waarheid te leer. Elkeen wat die waarheid liefhet, luister na My stem!"

Maar hiervan kon Pilatus niks verstaan nie. Waarheid .... Wat was dit? Die geleerde mense in Rome het gesê dat niemand die waarheid kon ken nie. Miskien was daar glad geen waarheid in die wêreld nie. Pilatus was 'n ongelowige en het aan alles getwyfel.

"Wat is waarheid?" het hy gesê.

Hy het weer na buite geloop waar die Jode in spanning gestaan en wag het. Toe het hy sy oordeel oor die aangeklaagde uitgespreek: "Ek vind geen skuld in Hom nie."

"Geen skuld?" het die rabbi's verontwaardig geskreeu. "Hy maak dan oproer onder die hele volk van Galilea tot hier!"

Op hierdie leuen het Pilatus geen antwoord gegee nie. Maar hy het gesien hoe opgewonde hulle was, en in sy hart was hy eintlik 'n bietjie bang vir hulle. Hy moes Jesus vrylaat, want hy het Hom onskuldig verklaar; maar hy wou dit nie waag nie. Maar wat hoor hy daar?

Galilea?

"Is hierdie man 'n Galileër?" het hy gevra.

En toe hulle ja sê, het hy skielik 'n slim plan gekry om uit hierdie lastige saak uit te kom en tegelykertyd die Jode nie kwaad te maak nie. Hy was die goewerneur net van Judea. In Galilea het koning Herodes geregeer. En dit was net goed dat Herodes juis nou met Paasfees ook in Jerusalem was. Dan was hy verantwoordelik om te oordeel of Jesus skuldig was of nie. Pilatus het hom dit gegun, want hulle twee was lankal vyande. Maar dit sou tog so mooi en beleef lyk as hy die saak aan Herodes oorgee ....

Toe het hy die Here Jesus aan die Jode teruggegee en hulle na Herodes gestuur, Met 'n sug van verligting het hy toe na sy huis teruggeloop. Dit was 'n oulike plan om van die Here Jesus ontslae te raak — so het hy gemeen.

HERODES was bly toe hy die Here Jesus sien, want hy was geruime tyd al begerig om Hom te sien. Elke slag as hy van Sy wonders hoor, het hy bangerig gevoel. Nog altyd het sy gewete hom gepla oor die moord van Johannes die Doper. Hy was bygelowig genoeg om te dink dat hierdie Jesus eintlik Johannes was wat uit die dood opgestaan het en nou gekom 628

het om wraak te neem op sy moordenaar.

Maar toe hy Jesus sien, het sy dwase angs meteens verdwyn, want hierdie vernederde en vermoeide man wat so stil en geboei voor hom staan, was tog nie iemand vir wie 'n mens hoef bang te wees nie, het hy gedink.

Was dit nou die wonderdoener oor wie so baie gepraat is? Nou ja, dan moes Hy 'n bietjie vir Herodes wys hoe Hy 'n wonder doen. Dit sou vir almal in die paleis aangename tydverdryf wees. Jesus sou maar te gewillig wees om dit te doen. Watter gevangene sou nie enige iets doen om sy vryheid te verdien nie? So het hy geredeneer.

Hy het Jesus gevra om 'n wonder te verrig, maar die Heiland het hom nie eens geantwoord nie. Nog baie ander dinge het Herodes Hom gevra, maar Jesus het stilgebly. Ook het Hy stilgebly toe die owerpriesters en die skrifgeleerdes hom heftig beskuldig het.

Toe het Herodes moed opgegee. Maar hy wou darem tog 'n bietjie pret hê. Daarom het hy die swygsame gevangene so veel as wat hy kon, geterg en bespot. En die soldate het dieselfde gedoen.

"Wil Hy 'n Koning wees?" het Herodes gespot. "Nou ja, dan moet Hy ook klere dra wat by Hom pas!"

En hy het 'n blink, wit kleed — miskien van sy eie ou koninklike klere — oor Sy skouers laat gooi. In Rome was die manne wat hoë betrekkings wou hê, gewoond om mooi wit klere aan te trek. Dit het die hofdienaars van Herodes geweet en hulle het geskater van die lag dat hulle meester so 'n ou grapmaker was.

En die Here Jesus het dit alles verdra en nog stilgebly. Hy het die kleed nie van Sy skouers afgeskud of kwaad geword nie. Herodes kon nie verstaan dat Hy so geduldig is nie. Nie eens een maal het hy Sy stem gehoor nie.

In daardie blink, wit spot-kleed het Herodes Hom teruggestuur na Pilatus. Hy was dankbaar dat die goewerneur aan hom gedink het en het sy vyandskap vergeet. Nou wou hy ook vriendelik en beleef wees teenoor Pilatus.

En Pilatus en Herodes het op daardie dag weer goeie vriende geword.

Die ongelowige goewerneur en die bygelowige koning, twee vername lafaards, het goed bymekaar gepas.

629

Betanië aan die oostekant van die Olyfberg. Hier het Jesus dikwels by Martha, Maria en Lasarus vertoef (Matt. 21:17; 26:6) en hier het Hy onder andere Lasarus uit die dood opgewek. "En toe Jesus in Betanië was in die huis van Simon, die melaatse, kom 'n vrou na Hom met 'n albaste fles met baie kosbare salf, en sy gooi dit op sy hoof uit terwyl Hy aan tafel was" (Matt. 26:6-7).

'n Uitsig oor 'n gedeelte van die ou deel van Jerusalem — dus die eintlike Jerusalem van die Bybel. In Luk. 21:24 het Jesus voorspel dat omdat die Joodse volk Hom verwerp het, Jerusalem vernietig sal word. "Jerusalem sal vertrap word deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul is" (21: 24). Hierdie voorspelling is so letterlik vervul dat selfs vandag nog die ou, eintlike Jerusalem in die hande van die Arabiere is.

69. Kruisig Hom!

Matthéüs 27:15-31; Markus 15: 6-20; Lukas 23:13-25; Johannes 18: 39-40; 19:1-16.

EER moes die Here Jesus deur die strate loop toe die soldate hom terugneem na W Pilatus. Nou het die mense van alle kante toegestroom en hulle het geskreeu van verbasing toe hulle Jesus in die hande van die soldate sien. Hy na wie hulle so dikwels geluister het as Hy in die tempel gepraat het, Hy wat dit gewaag het om die trotse Skrifgeleerdes en Fariseërs te gesel met Sy woorde — Hy loop nou hier as 'n gevangene. Al meer mense het opgedaag en geskreeu — party dit en party dat. 'n Groot menigte het die Here Jesus nou omring en met baie lawaai en opgewondenheid saamgeloop in die rigting van die regsaal.

PILATUS het die lawaai gehoor en toe hy uitkyk om te sien wat aangaan, het hy gefrons en diep gesug. Moes hy weer in daardie heilige en onskuldige oë van Jesus kyk? Moes hy weer die geskreeu van die gehate Jode aanhoor? Hy was bang vir die oë van die Onskuldige en hy was bang vir die oproerige volk. Hoor tog hoe skreeu hulle!

Maar hy was darem die goewerneur, en net hy, en nie daardie koppige rabbi's nie, kon hiet en gebied. Hy sou nou sonder om doekies om te draai vir die laaste maal vir hulle sê wat hy dink, en daarmee basta!

Vasberade het hy buite op die balkon gaan staan. Toe het hy die priesters en ander rabbi's ewe trots gewink om nader te staan. Baie beslis het Pilatus toe vir hulle gesê:

"Julle het hierdie man na my gebring en gesê Hy maak die volk oproerig. Nou ja, julle was by toe ek Hom ondervra het, en ek het uitgevind Hy is heeltemal onskuldig. En Herodes het Hom ook nie skuldig bevind nie, want hy het Hom weer na my teruggestuur. Hierdie man het niks gedoen om die dood te verdien nie. Daarom sal ek Hom nou maar net laat gesel en dan loslaat . . . ."

Maar die Jode het meteens verontwaardig begin skreeu, al harder en harder. Loslaat, daardie bedrieër? Is al hulle moeite dan verniet? Loslaat, nadat Hy gevang en deur die Sanhedrin veroordeel is? Nee, Hy moet sterwe!

En nou was dit ook gedaan met al Pilatus se vasberadenheid. Hy het geweifel en geskrik toe hy sien hoe die Jode se oë van haat en woede flikker. Hy moet maar versigtig wees met hierdie gevaarlike mense.

Maar toe dink hy skielik aan 'n slim plan. Dit was sy gewoonte om op die Paasfees 'n gevangene los te laat, en die volk kon kies wie dit sou wees. Hy het dit gedoen omdat hulle feesvier. Toevallig was daar juis 'n berugte moordenaar in die gevangenis wat in 'n oproer iemand doodgeslaan het. Sy naam was Barabbas. As Pilatus nou dié oproermaker langs Jesus laat staan, kon die volk kies watter een. Hulle sou tog seker vir Jesus kies. Pilatus het geweet dat die volk Jesus vereer het. Dit was net die leiers van die volk wat Hom uit haat en afguns uit die pad wou hê.

Die goewerneur het Barabbas toe laat haal en naas Jesus laat staan. En nou het Pilatus die menigte skielik baie vriendelik en vleiend toegespreek:

"Julle ken my gewoonte om met Paasfees 'n gevangene los te laat. Wie van dié twee wil julle hê moet ek nou loslaat? Barabbas of Jesus wat genoem word Christus. Sal ek die Koning van die Jode vir julle loslaat?"

Toe het dit doodstil geword. Net die rabbi 's het opgewonde gefluister. Verras het die mense na die twee — Barabbas en Jesus — gekyk. En Pilatus het geglimlag, want hy het gedink hulle sou sonder twyfel die regte een kies.

MAAR juis op daardie oomblik het 'n dienaar haastig na Pilatus gekom en hom 'n brief gegee. Dit was van sy vrou. Haastig het hy hom

omgedraai om die brief te lees. Dit moet iets ernstigs wees, anders sou sy hom nie in die middel van 'n regsaak hinder nie.

631

Hy het gelees. Intussen het Jesus langs Barabbas gestaan om voor die menigte mense ten toon gestel te word. Die Seun van God, heilig en onskuldig, langs 'n moordenaar!

En tussen die mense het die rabbi's heen en weer geloop om hulle aan te hits om Barabbas te kies. Maar Pilatus het nie gemerk hoe die priesters die mense opsweep nie. Dit was vir hom egter baie opmerklik dat sy vrou juis nou omtrent Jesus sou skrywe. Sy het seker die vorige aand opgemerk dat daar soldate gestuur is om Hom gevange te neem. Toe het haar gedagtes net by Hom gebly. En nou smeek sy in haar brief: "Moet tog niks met daardie regverdige man te doen hê nie. Moet Hom nie veroordeel nie, want ek het vannag so treurig gedroom van Hom en baie gely om Sy ontwil."

Dit was 'n laaste waarskuwing vir Pilatus. Maar sou dit nog nodig wees? Binne 'n paar oomblikke sou hy Jesus mos loslaat! Met 'n glimlag het hy hom na die mense gedraai en gevra: "Nou ja, wie van hierdie twee moet ek vir julle loslaat?" En toe hoor hy almal tegelyk skreeu: "Weg met Hom, en laat vir ons Barabbas los!"

Pilatus se glimlag het verdwyn. Het hy hom dan so vergis met daardie mense?

"Wat sal ek dan doen met Jesus?" het hy verbaas gevra.

"Kruisig Hom!" het die rabbi's geskreeu.

"Kruisig Hom! Kruisig Hom!" het die menigte agterna geskreeu.

"Maar watter kwaad het Hy dan gedoen?" het Pilatus wanhopig uitgeroep. "Hy is mos onskuldig!"

Maar sy stem kon nie eens onder die geskreeu van: "Kruisig Hom! Kruisig Hom!" gehoor word nie.

Pilatus het bleek geword en sy soldate het onrustig hulle spiese vasgeklem. Daar was net Een wat heeltemal kalm gebly het. Dit was die Here Jesus.

En tog . . . . dit was juis dié mense wat net 'n paar dae gelede vir Hom "Hosanna!" toegeroep het en nou roep hulle: "Kruisig Hom!"

Dit was nou die mense wat Sy weldade geniet het, wat nooit hulle siekes en gebreklikes, ja, ook hul kindertjies verniet na Hom gebring het nie ... . Nou drywe hulle Hom na die kruis!

Dit was die mense wat Hy liefgehad het en wat Hy nog steeds met Sy hele siel liefhet! En juis daarom het Hy stilgebly en gely omdat hulle deur daardie lyding die grootste seën sou kry. Maar op daardie oomblik het hulle blindheid en ondankbaarheid Sy hart die meeste seergemaak.

"Kruisig Hom! Kruisig Hom!"

Die menigte het al oproeriger geword en die soldate het na hul meester gekyk om te sien of hy nie sou bevel gee dat hulle verdryf moet word nie. Maar Pilatus het dit nie gedoen nie. Hy het Barabbas losgelaat wat tog te bly was, en met groot gejuig deur dis mense ontvang is.

Maar Jesus het hy aan die soldate oorgegee om gegesel te word.

Wie kan ooit beskrywe hoe swaar Jesus gely het?

Hulle het Sy bo-klere afgeruk en Hom vasgebind. Toe het hulle Hom geslaan met 'n sweep waaraan stukkies lood vasgebind was. Met elke hou van die sweep op Sy kaal rug het Sy vel geskeur, en die bloed het afgeloop.

Maai die pyn het Hy stil verduur. Hy het Sy mond nie oopgemaak om te kla nie. Stil het Hy die pyn wat Hy nie verdien het nie, verdra, want Hy het dit ter wille van ons almal verduur.

WIE kan sê hoe groot die skande was wat Hy toegelaat het dat hulle Hom dit aandoen? Die dienaars van Pilatus was nie tevrede om Hom net te gesel nie. Hulle het 'n ou rooi mantel van 'n soldaat oor Sy skouers gegooi en met Hom gespot toe hulle uitroep: 632

"Dit is Sy koningsmantel! Hy het mos gesê Hy is 'n Koning!"

En hulle het 'n kroon van dorings gevleg en dit op Sy hoof gesit.

"Dit is Sy koningskroon!" het hulle gesê en geskaterlag.

Hulle het 'n riet in Sy regterhand gedruk, en kyk, Hy het dit vasgehou.

"Dit is Sy septer!" het hulle uitgeroep.

In hul afskuwelike wreedheid het hulle met Hom gespeel. Hulle het gemaak asof Hy 'n magtige koning was wat hulle oorwin het. Hulle het voor Hom neergebuig en gekniel en uitgeroep:

"Wees gegroet, Koning van die Jode!".

Hulle het Hom geterg en die regsaal het weerklink van hul gelag.

Maar hulle het later moeg geword daarvan en Hom toe met die vuis begin slaan. Daarna het hulle die riet uit Sy hand geruk en daarmee op Sy hoof geslaan sodat die dorings van die kroon in Sy vleis ingedring het. Hulle het in Sy gesig gespuug, dog Hy het hulle nie vervloek soos ander slagoffers gedoen het nie.

Maar skielik het hulle die geruis van voetstappe gehoor en toe het hulle stilgestaan omdat die goewerneur weer na hulle gekom het.

PILATUS het die Here Jesus daar gesien staan — vol bloed, bleek en uitgeput en met die rooi mantel om Sy skouers. Pilatus het geglimlag omdat hulle Hom so snaaks aangetrek het.

Hy was net so min soos sy dienaars vir Hom jammer. Dit was nie uit liefde dat hy Jesus verdedig het nie, maar uit haat — haat vir die Jode. Hy het weer 'n plan, 'n nuwe listige plan gekry om Jesus tog nog te red.

Hy het weer buitekant toe gegaan en vir die mense gesê: "Kyk, ek bring Hom uit na julle, sodat julle kan sien ek vind Hom onskuldig."

En toe het Jesus met die doringkroon en die rooi mantel by hulle kom staan. Was dit nou die Jesus van wie hulle so baie verwag het en wie hulle koning wou gemaak het? Het Hy dit alles so goedsmoeds toegelaat? En dan het hulle nogal gedink Hy sou Sy volk red! Nou het hulle 'n afkeer van Hom gekry. So 'n Messias, 'n Christus wat so baie moes ly, wou hulle nie hê nie!

Toe sê Pilatus: "Daar is die mens!"

Maar hulle het geen jammergevoel vir Hom gehad nie en weer het hulle geskreeu: "Kruisig Hom! Kruisig Hom!"

Toe het Pilatus besef hoe hy hom met daardie mense misgis het. Maar hy wou nie ingee nie.

"Nou ja, neem Hom dan maar en kruisig Hom self!" het hy koppig uitgeroep. "Ek gaan dit nie doen nie, want Hy is onskuldig."

Hy het egter goed geweet dat hulle dit nie sou waag nie, want hulle sou daarvoor gestraf word. Hulle wou dit ook nie doen nie. Opnuut het hulle geëis dat die goewerneur dit moet laat doen. En nou, uiteindelik, het hulle die ware rede genoem hoekom hulle Hom veroordeel het.

"Ons het 'n wet en volgens ons wet moet Hy sterf," het hulle uitgeroep, "omdat Hy Hom die Seun van God gemaak het!"

Toe Pilatus dit hoor, het hy dit nodig gevind om Jesus nog 'n maal te ondervra.

En daar het hulle nou nog 'n keer teenoor mekaar gestaan — Jesus, die Koning van hemel en aarde, en Pilatus, die dienaar van die keiser in Rome. Wie van dié twee was nou eintlik die regter?

Pilatus kon nie mooi dink wat om te sê nie. Wat sou "die Seun van God" beteken? Waar is Jesus dan gebore en wat is Sy afkoms?

633

"Van waar is U?" het Pilatus gevra.

Maar Jesus het nie geantwoord nie.

Toe het Pilatus ongeduldig geword en bars gevra: "Praat U nie met my nie? Weet U nie dat ek mag het om U te kruisig en mag het om U los te laat nie?"

Ag, die bang weifelaar! As hy hom dan beroem op sy mag, hoekom gebruik hy dit dan nie om Jesus los te laat nie?

En toe was dit Jesus wat die oordeel oor hom gevel het asof hy, Pilatus, die beskuldigde was. Jesus het hom ernstig aangekyk en gesê: "U sou geen mag teen My hê as dit u nie van bo gegee was nie. Daarom het hy wat My aan u oorlewer, groter sonde."

En toe het Pilatus nog 'n keer besluit om Hom nie tot die dood te veroordeel nie. Hy het verwonderd na Jesus gekyk soos Hy daar voor hom gestaan het: met 'n doringkroon op Sy hoof en tog met koninklike waardigheid, Nee, Hy mag nie sterwe nie. Pilatus was mos die goewerneur en hy het sy soldate beveel om die mense te verdrywe.

Maar toe hulle sien wat hy wou doen, het hulle dreigend geskreeu: "As u Hom loslaat, is u nie die keiser se vriend nie. Elkeen wat homself koning maak, kom in verset teen die keiser."

En nou het Pilatus se hart inmekaar gekrimp van vrees. As die rabbi 's hom sou gaan aankla by die keiser sou hy nie meer goewerneur kon bly nie. Selfs sy lewe sou in gevaar wees.

Want keiser Tiberius was 'n wrede en agterdogtige man en Pilatus se gewete het hom gepla

! O, hy kon aan hulle sien dat hulle dit vir seker sou doen. Moes hy dan sy lewe waag ter wille van Jesus? Nee, dit was vir hom te veel!

Hy was verslae. Al sy slim planne het hom niks gehelp nie omdat hy nie die moed van 'n eerlike man gehad het nie.

Toe het hy die stryd gewonne gegee. Maar hy wou die skare darem nog eers wys dat hy nie skuldig wou wees aan die dood van die Here Jesus nie. Was dit dan nie só nie? Het hy nie sy uiterste bes gedoen om Jesus te red nie?

'n Dienaar het hom 'n bak water gebring. Pilatus het sy hande gewas en gesê: "Ek is onskuldig aan die bloed van hierdie regverdige man; julle kan toesien!"

En in hul opgewondenheid was die skare so verblind dat hulle geskreeu het: "Goed, ons sal die skuld op ons neem. Laat Sy bloed maar op ons en op ons kinders kom."

En veertig jaar later, toe Jerusalem verwoes is, het daardie woorde waar geword.

PILATUS het Jesus toe na vore laat kom na sy regterstoel wat gestaan het op 'n plek wat aan die straat se kant met gladde teëls uitgelê was. Die naam van die plek was in Hebreeus Gabbata, wat

beteken Plaveisel. Toe het Pilatus die Jode nog 'n keer geterg en gesê:

"Daar is mos julle koning!"

Maar hulle het geskreeu: "Neem weg, neem weg, kruisig Hom!"

Weer het Pilatus met hulle gespot: "Moet ek dan julle koning kruisig?"

En nou het dit gelyk asof hulle al hul haat vir die Romeine vergeet het toe hulle uitgeroep het: "Ons het geen koning nie, behalwe die Keiser."

Toe het Pilatus die vonnis uitgespreek. Hy het die onskuldige Jesus tot die dood veroordeel.

Sy hande het hy in onskuld gewas. Maar al die water van die see was nie genoeg om die skuld van sy siel af te was nie.

En wat sou hy eendag antwoord wanneer hy voor die regterstoel van Christus moet verskyn?

TOE het die soldate die Here Jesus weggeneem. Die rooi mantel het hulle uitgetrek en Hom Sy eie klere weer aangetrek. Daarna het hulle Hom weggelei om Hom te gaan kruisig.



70. Die Weg van Smarte

Matthéüs 27: 32-33; Markus 15: 21-22; Lukas 23: 26-32; Johannes 19; 17.

IT was amper nege-uur in die môre toe Jesus na die heuwel Golgota gebring is om D gekruisig te word. In die tempel is die môre-offer

geoffer. Hy het self die grootste offer geoffer.

Hy moes self die swaar kruis dra. En agter Hom het nog twee gevangenes, twee kwaaddoeners, aangekom wat ook gekruisig moes word. Romeinse soldate het hulle aangedrywe terwyl hulle hoofman te perd vooruit gery het. Stadig het die droewige optog deur die smal strate en deur die nuuskierige menigte vorentoe beweeg.

Vir die toeskouers was dit 'n dag van vreugde. Hulle het feesgevier, die fees van verlossing.

Maar die drie veroordeeldes het 'n vreeslike marteling, en daarna die dood, tegemoetgegaan.

Nie een van die duisende mense. wat so met veragting en bespotting na Een van daardie drie gekyk het, het besef dat juis deur Sy dood die ware fees van verlossing eendag gevier sou kon word nie.

DIE drie wat moes sterwe, het swaar gekry om hul kruis te dra.

Maar Jesus het alreeds te veel moes verduur. Die stryd in Getsemane moet Hom al vermoeid laat voel het, en hoeveel meer moet die verhoor voor Annas en Kajafas, voor Herodes en Pilatus, Hom nie uitgeput het nie! Hoe moet die geseling en mishandeling deur die dienaars Hom nie uitgeput het nie! En nou moes Hy die swaar kruis ook nog dra! Sy klere het aan Sy gewonde lyf vasgesit. Sy knieë het geswik. Sweet het van Sy bleek gesig afgedrup. Nog 'n paar tree het Hy aangesukkel en toe het Hy in die pad neergesak.

Dis toe dat die soldate een van die toeskouers

gedwing het om Hom te help. Dit was 'n man wat

net van die veld af gekom het en, of hy wou of

nie, hy moes die kruis vir Jesus help dra.

En toe die Here Jesus weer kon loop en die

optog voortbeweeg het, het daardie man in Sy voetspore getrap met Sy kruis op sy skouers, asof hy self veroordeel was.

Die vreemdeling was iemand uit Noord-Afrika. Hy was Simon van Ciréne en sy naam sal nooit vergeet word nie, omdat hy die lyding van die Heiland op daardie dag verlig het.

Het Simon geweet vir wie hy dit doen? Later sou hy dit uitvind. Want ons weet dat twee seuns van Simon, Alexander en Rufus, die Here Jesus later liefgekry het. Hulle was van die eerste Christene in die gemeente van Rome en het waarskynlik van hul vader van Jesus geleer.

Is daar 'n heerliker beloning vir 'n vader as om te sien dat sy kinders vir ewig gelukkig is?

MAAR die Here Jesus is darem nie net bespot en verag op hierdie pad van lyding nie.

Die sogenaamde Via Dolorosa (die weg

Onder die menigte mense wat agteraan geloop

van smarte). Dit is waarskynlik die weg

het, was 'n aantal vroue wat oor Hom geween en

waarlangs Jesus na Golgota geneem is.

Hom bekla het.

635

Jesus het dit gehoor.

Vir die spotters het Hy niks gesê nie, maar nou het Hy met die vroue gepraat. Hy het nie aan Homself gedink nie. Selfs nou nog het Hy aan Sy volk gedink wat Hy liefhet en aan die stad wat Hom verwerp het en wat eendag so swaai sou moet ly.

Hy het Hom omgedraai na die vroue en met 'n bedroefde stem uitgeroep: "Dogters van Jerusalem, moenie oor My ween nie, maar ween oor julleself en oor julle kinders. Want kyk, daar sal dae kom wanneer hulle vir die berge sal sê: Val op ons, en vir die heuwels: Bedek ons."

So het Hy nog innig jammer gevoel vir Sy arme volk, terwyl Hy self byna beswyk het aan Sy eie verskriklike lyding.

Langsaam het die treurige optog deur die stadspoort gegaan tot dit by 'n heuweltjie gekom het wat na die kopbeen van 'n mens gelyk het. Daar sou Hy gekruisig word.

Golgota, of die *Plek van die Hoofskedel,* was die naam van dié heuwel.

Hulle het aan die einde van die pad gekom, en nou sou die Here Jesus se laaste en swaarste lyding kom.

636

71. Golgota

Matthéüs 37: 35-56; Markus 15: 24-41; Lukas 23: 33-49; Johannes 19:18-30.

OOIT sal enige mens op aarde die liefde van die Here Jesus kan verstaan nie. Nooit sal N iemand daardie wonder kan begryp dat Hy gewillig was om vir *sondaars* so 'n verskriklike lyding te verduur nie.

Die kruise is opgerig en in drie gate vasgestamp. Hy het dit gesien en stilgebly. Hulle het Sy klere uitgetrek en waarskynlik net 'n lendedoek om Hom laat bly. Hy het dit toegelaat. Toe bring een van die soldate vir Hom 'n beker.

Met verlange het Hy Sy hand uitgesteek, want Hy het vreeslik dors gehad. Maar toe Hy daaraan geproe het, het Hy dit dadelik teruggegee. Daar was nie water in die beker nie, maar 'n mengsel van asyn en gal, wat destyds gebruik is as 'n verdowingsmiddel om pyn te verlig. Hy wou nie Sy lyding ontvlug of verminder nie. Hy wou ter wille van óns die lydingsbeker tot die laaste druppel leeg drink. Hy wou by Sy volle verstand wees wanneer Hy ly vir Sy volk.

Hoe kon die toeskouers dit tog oor hul hart kry om te staan en kyk na hierdie onuitspreeklik pynlike straf? Die soldate het Sy liggaam opgetel en dit so half laat rus op 'n blokkie hout onderaan die kruis. Toe het hulle Sy hande teen die dwarsbalk vasgespyker. Sy voete, wat nooit gerus het wanneer Hy êrens iemand kon gaan help nie, is ook vasgespyker terwyl die bloed op die grond afgeloop het.

En toe, te midde van hewige pyne, het die Heiland woorde uitgespreek. Maar nog was dit nie om te kla nie. Dit was om te bid. Hy het gebid vir Sy vyande wat Hom gemartel het:

"Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie."

Het daardie ruwe, goddelose soldate dit gehoor? Hulle was alreeds besig om die ander twee moordenaars te kruisig, een aan die linker- en een aan die regterkant van die Heiland. En toe het hulle bokant

elkeen van die veroordeeldes 'n klein plankie gespyker waarop sy beskuldiging geskryf was.

Wat het bokant die hoof van Jesus gestaan? Dit was in drie tale: Grieks, Latyn en Hebreeus, sodat almal dit kon lees:

"Jesus, die Nasarener, die Koning van die Jode."

Pilatus het dit so beveel. Vir oulaas het hy nog bitter gespot met die volk wat hom deur hulle vreeslike haat gedwing het om teen sy beterwete Jesus te laat kruisig.

Die owerpriesters het die gespot verstaan en gou teruggegaan na die stad. Verontwaardig het hulle vir Pilatus gesê:

"Moenie skryf: 'Die Koning van die Jode' nie, maar dat Hy *gesê* het: 'Ek is die Koning van die Jode'."

Maar hy het beslis geantwoord: "Wat ek geskrywe het, het ek geskrywe."

En toe het hy hom neerslagtig omgedraai en weer in sy huis gegaan. Hy het hom nie laat beroof van hierdie laaste bietjie wraakneming nie.

DAAR het dan aan die kruishout die Koning van die Jode gehang, en Hy het die straf gedra wat vir 'n Romein te skandelik gereken is.

Dáár het die Verlosser, die Messias, gehang na wie die volk van Israel eeue lank verlang het.

Dáár het die Koning van hemel en aarde, die Seun van God, gehang as iemand wat vervloek is, en daar het Hy gehoorsaam deur Sy lyding boete gedoen vir die sonde van die hele wêreld.

Maar die soldate wat Hom gekruisig het, het niks van daardie wonder verstaan nie. Hulle het 637



by die kruis gesit en Sy klere onder hulle verdeel. Daar was vier soldate en elkeen het sy deel gekry — 'n hoofdoek, 'n gordel, 'n bokleed en 'n paar sandale. Toe het nog net die onderkleed oorgebly. Dit was 'n kosbare kledingstuk, want dit was van bo af sonder 'n naat in een stuk gewewe. Toe sê hulle vir mekaar: Laat ons dit nie skeur nie, maar laat ons die lot daaroor werp.

Die heuwel Golgota. Die ruwe kranse om die kant van die heuwel lyk vandag nog vanuit sekere hoeke soos die skedel van 'n mens. Geen wonder dat dié plek ook Hoofskedel genoem is nie! "En toe hulle op die plek kom wat Hoofskedel genoem word, het hulle Hom daar gekruisig .... (Luk: 23:33).

Terwyl Jesus met Sy gewonde liggaam aan die kruis gehang het, het hulle daaronder gesit en dobbel om Sy kleed. En so het gebeur wat Dawid reeds 'n duisend jaar tevore in een van sy Psalms voorspel het: "Hulle het My klere onder mekaar verdeel en oor My gewaad het hulle die lot gewerp."

DIE son het al warmer geword en skroeiend op die gemartelde liggaam gebrand. Die hart het heftig geklop. Die koors het soos 'n vuur in die are gebrand.

Kon daar mense wees wat dit durf waag om met hierdie verskriklike lyding te spot? Het die Satan dan op hierdie vreeslike dag in hulle harte gevaar?

Die verbygangers het Hom gesmaad terwyl hulle hul hoofde skud en sê: "Ha, U wat die tempel afbreek en in drie dae opbou, verlos Uself en kom af van die kruis!"

En so het ook die owerpriesters saam met die Skrifgeleerdes gespot en vir mekaar gesê:

"Ander het Hy gered, Homself kan Hy nie red nie."

Baie van die owerpriesters en van die Skrifgeleerdes het hulle daarin verlustig om te sien hoe Hy ly.

Hulle het nie meer met Hom gepraat nie. Maar hulle het hardop geskimp en vir mekaar gesê: "Ander het Hy verlos; Homself kan Hy nie verlos nie. As Hy dan die Messias is, laat Hom nou afkom van die kruis en ons sal in Hom glo . . . . Ha, Hy het mos op God vertrou! Hy

het gesê: Ek is die Seun van God. Hoekom verlos God Hom dan nie nou nie!"

Geen mens op aarde sou dit alles verdra het as hy die mag van die Here Jesus gehad het nie.

Net een woord van Hom sou genoeg gewees het om hulle almal te vernietig. Maar Hy het stilgebly. Want Hy het nie gekom om die lewe van mense te verderf nie, maar om dit te red.

Die soldate het Sy marteling nog swaarder gemaak. Hulle het gesien hoe dors Hy het en hoe Hy smag na 'n bietjie water om Sy mond te

verkoel. Hulle het 'n spons vol asyn voor Hom gehou en Hom geterg: "As U die Koning van die Jode is, verlos Uself dan!"

Maar Hy het dit alles sonder 'n woord verdra. O, die wonder van Sy liefde! Onder al dié marteling het Hy gehoorsaam gebly, gehoorsaam tot die dood.

SELFS die kwaaddoeners wat langs Hom gehang het en ook swaar gely het, kon nie stilbly nie. Met moeite het hulle hul kop na Hom gedraai wat so bespot word. Ja, as Hy die Christus was, sou Hy hulle miskien ook kon help. Hulle het bitter gelag en Hom ook gesmaad en gesê: "Ja, as U die Christus is, verlos Uself en ons."

Maar pas het een van hulle dit gesê, of hy byt op sy lip van berou. Hoekom het hy so skielik tot inkeer gekom? Het die oë van die Here Jesus hom aangetrek? Of het hy gedink aan Sy gebed vir Sy vyande? Of het hy die Here Jesus miskien tevore gehoor preek en nou skielik Sy woorde onthou?

Die ander mense het aangehou met spot, maar hy het eerbied begin kry vir Jesus. Hulle was ongelowig, maar in sy hart is geloof gebore in die Man wat langs hom naak en ellendig hang, maar wat tog 'n Koning, tóg die Messias was wat sou kom in die wêreld.

Toe kon hy dit nie meer verdra dat die ander kwaaddoener so spot nie. Hy het sy hoof na hom gedraai en hom bestraf.

"Vrees jy dan nie die Here God," het hy gevra, "terwyl jy in dieselfde oordeel is nie? Ons word tog regverdiglik gestraf en ons ontvang ons verdiende loon vir ons dade, maar Hy het niks verkeerds gedoen nie."

En toe draai hy sy gesig na die Here Jesus en smeek Hom baie eerbiedig: "Dink aan my, Here, wanneer U in U koninkryk kom."

Vir 'n oomblikkie het die Here se oë van vreugde gestraal omdat Hy nog ter elfder ure 'n sondaar kon red. Hy het vertroostend na die

kwaaddoener gekyk en gesê: "Voorwaar, Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees."

En nooit tevore het daardie man soveel vrede gesmaak nie as daar aan die kruis toe hy seker geword het van sy saligheid.

SO was die lewe van die Here Jesus tot aan die einde — een van barmhartigheid en liefde, Sy diepste verlange, ook nog aan die kruis, was om ander mense te help en te troos.

Met brandende oë het Hy van die kruis af op die mense gekyk wat daar op die heuwel Golgota gestaan het.

Tussen die rabbi's wat daar gestaan en spot het, het hy ook 'n klein klompie bedroefde mense gesien.

Ver weg het die vroue gestaan wat Hom van Galilea gevolg het: daar was die getroue Maria Magdalena, wat Hy van sewe bose geeste verlos het; 'n ander Maria, die vrou van Klopas, wat Hom in liefde gedien het; Salome, die moeder van Jakobus en Johannes . . . . En ag, daar was ook Sy moeder, Maria, wat gestaan én ween het want 'n swaard het deur haar siel gegaan toe sy sien hoe verskriklik haar Seun ly . . . . Nou is die voorspelling van die ou Simeon in die tempel vervul.

Haar wanhopige smart het Jesus seerder gemaak as Sy wonde. Maar naby Maria het Hy Johannes ook sien staan. Hy het sy Meester tot by die kruis gevolg. Hy sou vir haar kan 639

sorg, beter as enige ander persoon. Hy sou verstaan hoe swaar sy ly, en sou haar kan vertroos. Die Here Jesus het na Sy moeder gekyk en gesê : "Vrou, daar is u seun!" En toe sê Hy vir Sy dissipel : "Daar is jou moeder!"

Altwee het Hom verstaan. Hulle het by mekaar behoort. En van toe af het Johannes die moeder van Jesus in sy huis geneem en vir haar gesorg.

STADIG het die ure verbygekruip. Die son het al hoër geklim en vuurwarm op die arme kruiselinge gebrand. Hulle lyding het al swaarder geword.

Dit alles moes die Here Jesus ly, Hy wat so baie ander lyers gehelp het. Hy wat die wonde van ander genees het, het hier self gewond gehang. Hy wat verlamde mense laat loop het, kon Homself nou nie roer nie. Hy wat dooies opgewek het, moes nou self sterwe. En in al Sy verskriklike lyding is Hy wat ander altyd met liefde bejeën het, boonop nog bespot.

Maar skielik het die spotters verskrik in die lug opgekyk. Want kyk, die son wat so-ewe nog so skerp gebrand het, het nou rooi en dof geword soos in die aand. Dit het donker en koel geword. Die onheilspellende duisternis het die aarde soos 'n roukleed bedek.

Toe het dit baie stil geword op Golgota. 'n Doodse stilte het geheers en net die gehyg na asem en die gekreun van die gekruisigdes is gehoor.

En in daardie angswekkende duisternis het die Heiland nou Sy laaste stryd gestry. Dit was 'n stryd soos in Getsemane, swaar en benoud. Maar tog was daar nog lig en dit was die lig van die liefde van Sy vriende wat daar voor Hom kon kniel, terwyl hulle hul hande saamgewring en hulle leed voor God gebring het.

Hy het tussen hemel en aarde gehang soos een wat deur God en die mense vervloek en verlaat is. Hy wou Sy hande na die hemel uitsteek, maar Hy kon nie. Hy het gesnak na lig, maar dit het donker gebly. Hy het dors gehad; Hy was koorsig en in Sy doodsangs het Hy oneindig veel gely. Die Satan was daar om Hom te pynig en wou Hom verlei om ongehoorsaam aan Sy Vader te word. Dit was stikdonker in Sy siel en Hy wat nooit tevore verlate was nie, het nou heeltemal verlate gevoel.

Toe het Hy in die bitterste benoudheid van Sy siel na die Here God geroep, maar die Here was ook nie daar nie. God het Hom verlaat.

Daar was niks as net donkerheid en smart en toorn. Hy het die las van die toorn van God teen die sonde van die wêreld alleen gedra. In ons plek het Hy die angs en pyniging van die hel verduur.

Drie uur het die onuitspreeklike swaar lyding geduur. So verskriklik benoud het Hy geword dat Hy met 'n groot stem uitgeroep het: "Eli, Eli, lama sabagtani?" wat beteken : "My God, My God, waarom het U My verlaat?"

EN kyk, Sy uitroep is in die hemel gehoor. Dit was genoeg. Die duisternis het verdwyn en die son het weer geskyn. En die lig van die nabyheid van Sy Vader het weer teruggekom en in die hart van die Here Jesus geskyn. Die heilige toorn van God teen die sonde is gestil. Hy het weer in liefde neergesien op Sy Seun.

Toe het die Here Jesus geweet dat Sy stryd verby was en dat Hy die volle oorwinning behaal het deur gehoorsaam te wees.

Hy het nie met 'n groot stem oor Sy oorwinning gejuig nie, want Hy was naby die dood. Sy mond was so droog van die dors dat Hy byna nie meer 'n geluid kon maak nie. Hy het net gekreun : "Ek het dors."

Daar was nog rabbi 's by die kruis wat gehoor het hoe Hy roep in die duisternis en wat nou weer moed geskep het om te spot. Hulle het uitgeroep : "Wag, Hy het mos vir Elia geroep.

Laat ons nou sien of Elia sal kom om Hom te verlos."

Maar daar was iemand wat barmhartiger was as die wrede rabbi's, en dié het 'n spons met asyn na die mond van die Heiland gebring. Toe die Here Jesus van die asyn geneem het, het Hy weer 'n bietjie krag gekry, en toe het Hy uitgeroep : "Dit is volbring."

640

Nou het Hy geen angs of pyn meer gehad nie. Dit was volbring — daardie groot werk wat Sy hemelse Vader Hom gegee het om te

doen, was klaar. Nou kon die dood maar kom.

Ook in die dood sou Sy Vader vir Hom sorg. Aan Hóm het Hy Hom geheel en al toevertrou.

Hy het gesê : "Vader, in U hande gee Ek my gees oor."

Dit het geklink soos die aandgebed van 'n kindjie.

Toe het Hy Sy hoof gewillig gebuig en gesterwe.

Hy het gesterwe, die Koning van hemel en aarde.

Die hele skepping het gesidder. Die aarde het gebewe en die rotse het oopgeskeur. Die grafspelonke in die rotse het oopgegaan en baie liggame van ontslape heiliges het opgestaan.

Die hoofman oor honderd wat wag gehou het by die kruis, het met groot eerbied na Sy lewelose liggaam gekyk en gestamel: "Waarlik, Hy was die Seun van God!"

En die mense op Golgota, die spotters en die goddeloses, het inmekaar gekrimp van skrik en ontsteltenis. In wanhoop het hulle teruggevlug na die stad onderwyl hulle van vrees en benoudheid op hul bors geslaan het.

IN die tempel was daar priesters om die aandoffer te offer. En kyk, skielik het die voorhangsel, die groot en kosbare gordyn wat voor die Allerheiligste gehang het, in twee geskeur van bo tot onder.

Net die hoëpriester kon een maal in die jaar, op die Groot Versoendag, in die Allerheiligste gegaan het.

Maar nou het die Allerheiligste vir almal oopgestaan. Daar was geen skeiding meer tussen die mens en God nie. Geen priesters en geen offers was meer nodig nie. Die groot Hoëpriester, die Here Jesus, het Homself vir die mens geoffer. Die sonde van die wêreld is versoen en die hemel het vir almal oopgestaan.

Dit was die heerlikste boodskap wat ooit aan die wêreld gebring is.

641

72. Die Begrafnis

Matthéüs 27: 57-66; Markus 15: 42-47; Lukas 23: 50-56; Johannes 19: 31-42.

IT het aand geword op daardie treurigste van alle dae. Die skaduwees van die kruise op D Golgota het al langer geword. Die son was amper onder en het met 'n sagte lig op die liggame van die drie veroordeeldes geskyn. Stil het die lewelose liggaam van die Here Jesus gehang. Die twee moordenaars het egter nog so effens geroer.

Toe het die soldate begin om die drie liggame van die kruise af te haal om hulle êrens op 'n verlate plek te gaan verbrand. Die Jode het Pilatus gevra om dit te laat doen omdat die Sabbatdag sou begin sodra die son onder-gegaan het. Dan moes die liggame nie meer aan die kruise hang nie, anders sou die Sabbat geskend en die land onrein word!

Hulle was tog te vroom, daardie rabbi's. Hulle het die wet só goed geken. En hoe eerder die liggaam van Jesus in as en rook sou verdwyn, hoe beter het hulle dit geag, sodat niemand meer aan Hom sou dink nie. Miskien sou hulle Hom dan self ook kan vergeet.

Die ruwe Romeinse soldate het met hul afskuwelike werk begin. Toe hulle sien die kwaaddoeners lewe nog, het hulle hul bene gebreek sodat hulle gou kon sterwe. En toe is die siel van die een moordenaar na die Here Jesus in die ewige heerlikheid.

Dog die liggaam van die Heiland het stil aan die kruis gehang. Die soldate het gesien dat Hy al gesterf het. Een van hulle wat nog getwyfel het, het 'n spies in Sy sy gesteek en dadelik het daar water en bloed uitgeloop. Toe was hulle seker. Sy bene het hulle nie

gebreek nie en so is 'n ou voorspelling van Dawid vervul: "Geen been van Hom sal gebreek word nie."

ONDERWYL die soldate nog in die aandlig besig was, het twee ryk manne met hul dienaars daar aangekom. Hulle was vername rabbi's van Jerusalem en lede van die Sanhedrin. Maar hulle was nie in die vergadering toe Jesus in die nag veroordeel is nie. Hulle sou dit ook nie goedgekeur het nie, want hulle altwee het Hom van harte liefgehad.

Maar hulle het ook niks gedoen om Hom te verdedig nie. Hulle was nie dapper nie, ag nee, hulle was maar kleingelowige, vreesagtige dissipels. Hulle wou nooit openlik erken dat hulle in Jesus glo nie, want hulle was te bang vir die ander Jode. Maar nou, na die dood van die Heiland, het hulle hul eerbied en geloof getoon.

Die een was Josef van Arimathea en hy het die moed bymekaar geskraap om vir Pilatus die liggaam van Jesus te gaan vra. Nadat die goewerneur eers die hoofman geroep het en van hom verneem het dat Jesus al dood was, het hy dit toegelaat.

Die ander rabbi was niemand anders nie as Nikodemus wat voorheen in die nag na die Here Jesus gekom het en toe die wonderlike woorde gehoor het wat hy toe nog nie kon verstaan nie: "En soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore gaan nie, maar die ewige lewe sal hê."

Maar nóú het hy dit verstaan. Nou het hy gesien hoe die Here Jesus aan die kruis verhoog is; en noudat hy dit geglo het, het al sy vrees ook verdwyn. Nou het hy saam met Josef na Golgota gekom en 'n kosbare mengsel van speserye, mirre en aalwee, omtrent honderd pond swaar, saamgebring.

En nou het daardie deftige, ryk rabbi's self die liggaam van die Here Jesus eerbiedig van die kruis afgehaal en na 'n tuin naby Golgota

geneem. En agter hulle aan het die wenende Maria Magdalena en ander vroue, wat nog nie hul Meester kon verlaat nie, gevolg.

Die tuin het aan Josef van Arimathea behoort. Hy wou self eendag in daardie tuin begrawe.

word, en het sy graf alreeds in die rotsmuur aan die een kant daarvan laat uitkap. Maar nou het hy dit aan die Here Jesus afgestaan. Hy en Nikodemus het die liggaam gesalf met geurige en kosbare salf, onderwyl die vroue se trane daarop geval het. Hulle het dit in fyn linnedoeke toegedraai en 'n sweetdoek oor die aangesig geplaas. Toe het hulle die liggaam 642

in die graf gelê saam met speserye, om dit goed te hou.

Die vroue het voor die graf gesit en hul harte was baie seer toe hulle sien hoe die liggaam van Hom wat hulle so liefgehad het, begrawe word, en hoe die manne die opening met 'n groot, plat klip toemaak.

Daarna het hulle snikkend teruggegaan na Jerusalem.

Die son was al byna onder. Hulle het nie meer baie tyd gehad om nog iets vir hul Meester te doen nie, want dit was al amper Sabbat. Die Sabbat het naamlik destyds op 'n Vrydagaand net na sonsondergang begin, en tot dieselfde tyd die Saterdagaand geduur.

Haastig het die vroue nog meer speserye en salf voorberei en vir mekaar belowe om na die Sabbatdag, die Sondagmôre vroeg, weer bymekaar te kom om Sy liggaam dan beter te behandel as wat dit in daardie kort tydjie moontlik was. Dan sou die liggaam nog lank in 'n goeie toestand bly en kon hulle altyd weer kom treur en terug dink aan die tyd toe die Here Jesus nog by hulle was.

Dit was al troos wat hulle gehad het, en dit was só klein dat dit hul groot droefheid nie verminder het nie.

Dit was nog donker in daardie vroue se harte. Net so min soos die dissipels, het hulle in hul wanhopige verdriet gedink dat Jesus weer sou opstaan uit die graf. En tog . . . . hoe dikwels het Hy dit nie gesê nie!

MAAR daar was ander mense, die owerpriesters en die Fariseërs, wat daar deeglik aan gedink het! En tog het hulle maar net een keer gehoor dat Jesus daarvan praat. Dit was toe hulle gevra het dat Hy met 'n teken of 'n wonder sou bewys dat Hy die Messias is. Jesus het toe geantwoord dat Hy geen ander teken vir hulle sou gee nie as net dié van die profeet Jona. Soos Jona drie dae in die vis was, sou Hy drie dae in die aarde wees.

Die gedagte daaraan het die rabbi's baie onrustig laat voel. Hulle wou eintlik gehad het dat Sy liggaam saam met dié van die kwaaddoeners verbrand moet word — maar dis toe begrawe. Sou Sy voorspelling tog miskien uitkom? Was hulle dan nog nie vir goed van hul vyand verlos nie?

Op die Sabbat het hulle bymekaargekom om daardie moeilike saak te bespreek. Maar hulle kon dit nie waag om aanmekaar te beken waarvoor hulle eintlik bang was nie.

Hulle het toe maar gepraat oor die Here Jesus se dissipels vir wie hulle glad nie vertrou het nie. Sê nou maar die dissipels kom stilletjies en steel Sy liggaam om dit êrens anders te gaan wegsteek .... Dan kon hulle mos die mense vertel dat Hy opgestaan het . . . . En dan sou daardie dom mense Hom miskien weer begin vereer en na Hom verlang, en nie vir hulle, die rabbi's, as hul leiers wil erken nie.

Daarom het die owerpriesters en Fariseërs na Pilatus gegaan en hom gevra om die graf te verseël en tot die derde dag toe deur soldate te laat bewaak. Jesus was in die graf en hulle wou Hom daar hou.

Maar die goewerneur wou dit nie alles doen nie: hy het hulle 'n wag van soldate gegee maar niks meer nie. Hulle moes die graf maar self verseël.

Al was dit die heilige Sabbat, het daardie vroom rabbi's dadelik met die soldate na die tuin gegaan. Hulle het 'n tou styf oor die klip voor die graf gespan, en die seël van die Sanhedrin daaraan vasgemaak. Nou kon die graf nie oopgemaak word sonder om die seël te breek nie.

En wie dit sou waag, sou swaar gestraf word.

Toe was hulle gerus en het hulle teruggegaan na die stad om hul lang gebede op te sê, om die Skrif te lees en om liefdegawes aan die arm mense te gee. O, miskien groot liefdegawes want dit was 'n goeie dag!

In die stil tuin van Josef van Arimathea het die soldate by die verseëlde graf wag gehou.

643

Maar wie sou dit kon verhinder as die Vors van die lewe wou opstaan uit die dood? Wie sou sterk genoeg wees om Hom terug te hou as Hy uit die graf wou uitgaan!

644

73. Die Opstanding

Matthéüs 28:1-15; Markus 16:1-8; Lukas 24:1-11.

IT was nog donker in die tuin van Josef van Arimathea waar Jesus begrawe was. Die D maan was amper onder in die Weste en die helms en die spiese van die soldate het in die maanlig geglinster. Hulle het wag gestaan voor die graf. Hulle het nie geslaap nie. 'n Romeinse soldaat wat op sy wagpos slaap, is altyd met die dood gestraf. En hulle het hul plig getrou gedoen, met spiese in die hande en swaarde aan die sye. Die mense wat hulle daar laat wag hou het, kon gerus wees. Wie sou waag om die klip waarmee die graf

toegemaak was, aan te raak terwyl hulle daar staan! . . . . En Jesus die Nasarener sou nie uit die graf kon uitkom nie.

Die soldate het hul werk getrou gedoen. In die Ooste het dit al so effens begin rooidag word

. . . . 'n voëltjie het skugter sy liedjie begin sing.

EN toe gebeur dit.

So skielik en so vinnig soos 'n bliksemstraal het 'n engel uit die hemel neergedaal. Toe sy voete die grond raak, het die aarde gebewe. 'n Helder lig het in die tuin geskyn.

Die soldate het hewig geskrik en gebewe van angs toe hulle sien hoe die hemelse gedaante na die graf loop en die groot klip aanraak. Dadelik het die klip opsy gerol en die engel het daarop gaan sit. Hulle het gesien dat sy klere so wit soos sneeu was. In hul doodsangs kon hulle dit nie langer uithou nie en hulle het gevlug. Hulle wat nog nooit tevore gevlug het nie, het nou weggehardloop. Toe was die engel alleen by die graf.

EN op die vroeë môre van die eerste dag van die week, op die Sondagmôre van Paasfees, het in daardie tuin die Goddelike wonder gebeur wat geen mense-oog aanskou het nie: die Here Jesus het uit die dood opgestaan.

Die engel was Sy dienaar wat deur Sy Vader gestuur is om die steen weg te rol. En duisende ander engele het gereed gestaan om Hom te dien.

Hy was hul Here en Koning wat oor hemel en aarde regeer.

Hy was die Lewensvors vir wie die dood nie kon vashou nie.

Nou sou daar nooit weer vernedering, lyding of dood vir Hom wees nie. Hy het Sy stryd gestry en Sy werk op aarde klaargemaak. Deur

die offer van Sy lewe het Hy die wêreld met God versoen en selfs die dood oorwin.

Binnekort kon Hy nou die hemelse heerlikheid binnegaan.

MAAR van dit alles het nie een van Sy dissipels geweet nie. En nie een van hulle sou ooit kon droom dat Hy uit die dood sou opstaan nie.

Hulle kón dit eenvoudig nie dink nie. Hul verdriet het hulle heeltemal oormeester. Die hele Sabbatdag het hulle bymekaar gesit en getreur en geween. Dit was die treurigste dag van hulle lewe gewees — 'n dag van die grootste wanhoop en die diepste rou. Wat was die lewe op aarde vir hulle nog werd, noudat hulle hul Meester verloor het en Sy vyande te sterk vir Hom was. Hulle lewe was gebreek .... Miskien was dit beter vir hulle as hul saam met Hom gesterwe het.

Net nog 'n paar vroue, wat daar by hulle was, het nog 'n doel voor oë gehad. Hulle wou die liggaam van hul Meester beter gaan salf as wat dit tevore gedoen is. Toe die Sabbat verby was, het hulle nog meer speserye gaan koop. En nou, baie vroeg in die oggend, was hulle al op pad na die graf. Hulle het nie geweet dat die graf twee aande tevore verseël is en dat daar 'n wag by was nie.

Die son het opgekom toe hulle naby die tuin van Josef kom. Die hemel was lieflik blou, die voëltjies het oral gesing en 'n nuwe dag se sonstrale het die aarde beskyn.

Maar hulle het al hierdie mooi dinge nie gemerk nie. Hulle het gevoel asof hulle nooit weer gelukkig sou wees nie. Neerslagtig en met die oë op die grond het hulle geloop — Maria Magdalena en Maria die vrou van Klopas, Salome en Johanna, die vrou van Gusa. Hoe nader hulle by die graf kom, hoe meer het droefheid hulle oorstelp.

Toe vra een van hulle iets waaraan hulle nog nie in hul groot verdriet gedink het nie.

"Wie sal vir ons die klip voor die graf wegrol?"

Ja, wie sou dit doen? Die klip was groot en swaar, glad te swaar vir vrouehande. Hulle het nie geweet hoe hulle dit weggerol sou kry nie, maar het darem maar verder geloop.' En so het hulle baie treurig by die tuin gekom en gekyk waar die graf is. En toe skielik skrik hulle hewig en staan doodstil. Hulle kyk strak na die rotsmuur wat daar blink in die son. Die klip was weg en hulle sien net die groot opening van die graf! Hoe kon dit wees? .... Wie het die gedoen? .... Wie het die graf nou al geskend waarin die liggaam van hul liewe Meester was?

.... Het die owerpriesters en die Skrifgeleerdes in hul verskriklike haat selfs daar die liggaam nie laat rus nie?

Maria Magdalena het gedink dit moet seker so wees. Sy het omgedraai om huis toe te gaan en weer hardop gehuil. Sy wou gou maak om die dissipels die vreeslike tyding te gaan vertel dat die liggaam van Jesus gesteel is.

Maar die ander vroue het nader geloop. En met harte wat vinnig klop, het hulle gebukkend ingeloop in die half donker graf.

EN toe sien hulle meteens 'n blink, wit gedaante. 'n Jong man met 'n lang, wit kleed aan het langsaan die plek gesit waar die liggaam van Jesus gelê het. Vol vrees het hulle voor hom gebuig. Maar 'n blye, vriendelike stem vra toe: "Hoekom soek julle die Lewende by die dooies?"

En toe hulle verbaas opkyk, sien hulle nog 'n engel. Daar was twee hemelse boodskappers en hulle het gesê: "Moenie verskrik wees nie. Julle soek Jesus die Nasarener wat gekruisig is. Hy het opgestaan, soos Hy gesê het. Kom maar hier en kyk waar hulle Hom neergelê het."

Hulle het eerbiedig nader gestaan en die leë plek gesien. "Opgestaan!" het hulle gedink.

"Opgestaan?"

Hulle kon dit nie verstaan nie. Dit was te 'n groot wonder. Toe hoor hulle een van die engele vra: "Onthou julle dan nie wat Hy gesê het toe Hy nog in Galilea was nie? Hy het mos gesê: Die Seun van die mens moet oorgelewer word in die hande van sondige mense en gekruisig word en op die derde dag opstaan."

En toe het al hul droefheid en twyfel meteens verdwyn en 'n groot lig van blydskap het in hul harte geskyn.

Want nou het dit hul bygeval dat die Here Jesus werklik so gesê het. Op die derde dag sou Hy weer opstaan .... Hoe kon hulle dit ooit vergeet het! Hulle het al die tyd net aan hul groot verdriet gedink en gemeen alles is verlore!

Hulle het hul diep geskaam. Trane van blydskap het uit hul oë begin stroom.

"Gaan nou dadelik en vertel dit aan Sy dissipels" het die engel gesê, "en ook aan Petrus.

Vertel dat Hy voor julle uit gaan na Galilea en daar sal julle Hom almal sien. Vertel ook dat Hy self vroeër so gesê het."

Die vroue het geknik en kon van blydskap nie praat nie.

Haastig het hulle uitgegaan en terug begin hardloop. Hulle wou nou niks so graag doen nie as om die heerlike boodskap uit te jubel dat Jesus opgestaan het.

EN kyk, toe die vroue op pad was, wie sou plotseling daar voor hulle staan?

Wie se stem was dit wat net so kalm en vriendelik soos altyd met hulle praat?

646

"Wees gegroet!"

Dit was die Here Jesus self.

Hulle Meester wat opgestaan het uit die dood.

Hulle het snikkend voor Hom op hul knieë geval en Hom aanbid. En in groot liefde het hulle Sy deurboorde voete omarm.

En toe het hulle nog 'n maal uit Sy eie mond die boodskap gehoor: "Moenie vrees nie. Gaan heen en vertel My broers dat hulle na Galilea moet gaan; daar sal hulle My sien."

Maar toe hulle weer opkyk, was Hy weg, en daar was niks in hul hande nie. So stil en geheimsinnig soos Hy gekom het, het Hy verdwyn.

Was dit maar net 'n droom of 'n wonderlike gesig?

Nee, dit was geen droom nie.

Die vroue was seker dat dit 'n heerlike werklikheid was.

Hulle het dan Sy voete weer aangeraak. Sy stem het hulle weer gehoor. Hulle het gesien hoe Sy heilige en liefdevolle oë na hulle kyk.

En nou het hulle nóg vinniger gehardloop om gou by die dissipels te kom. En toe hulle op 'n paar afkom, het hulle met trane van blydskap en opgewondenheid vertel van die leë graf, van die engele, ja, van die Meester self wat hulle gesien het.

Maar die manne het verbaas en verskrik na hulle gekyk en medelydend hul hoofde geskud.

En hulle het nóg neerslagtiger geword.

"Onsin . . . ." het hulle vir mekaar gesê. "Dis somaar ydel praatjies!" Verdriet het die arme vroue oormeester en nou verbeel hulle hul maar net dat hulle allerhande snaakse dinge gesien het.

Nee, die dissipels wou dit nie glo nie. Hul verstand kon dit nie vat dat daar nou skielik 'n einde aan al hul verdriet gekom het nie. Die wonder dat hul Meester werklikwaar opgestaan het, was te groot en te heerlik vir hulle.

MAAR die owerpriesters, wat Jesus laat doodmaak het, het geweet dat Hy opgestaan het en hulle het gebewe van vrees.

Hulle was daardie môre nog skaars in die tempel toe 'n paar van die soldate wat by die graf wag gehou het, doodsbleek en bewend daar aankom. Vreesbevange het hulle vertel wat in die tuin gebeur het, en hulle was nie skaam om te erken dat hulle gevlug het nie. Want wie sou by die aanskouing van so 'n verskyning nie vlug nie!

Hulle verhaal het 'n diep indruk op die priesters gemaak en saam met die ouderlinge het hulle haastig planne gemaak wat hulle te doen staan.

Toe *het hulle geld uit die* tempel se *skatkis* geneem, somaar baie geld, en dit vir die soldate gegee. En hulle het gesê: "Julle kan dit alles kry as julle aan niemand vertel wat gebeur het nie. Sê maar vir die mense dat Sy dissipels in die nag gekom en Sy liggaam gesteel het onderwyl julle geslaap het .... Nee, moenie bang wees vir die goewerneur nie .... As hy dit te hore kom, sal ons hom tevrede stel .... Moenie bekommerd wees nie, daar sal niks met julle gebeur nie . . . ."

Die soldate het met hierdie voorstel ingestem. Wat het hulle omgegee vir 'n leuen? Die vername menere wat gesê het hulle moet die graf bewaak, sou wel weet wat hulle doen.

Met 'n grynslag het hulle die geld geneem, en oral waar hulle gekom het, het hulle vertel wat die rabbi's wou hê.

Dit was 'n baie dom leuen. As hulle *geslaap* het, hoe kon hulle weet dat dit die *dissipels* was wat die liggaam gesteel het? En as hulle geslaap het, kon hulle mos met die dood gestraf 647

word.

Maar die mense wat dit gehoor het, het nie aan dit alles gedink nie. Hulle het dit geglo en die verhaal oral versprei.

Daar is vandag nog Jode en ander mense wat glo dat die dissipels stilletjies die Here Jesus se liggaam uit die graf geneem en gaan wegsteek het sodat die mense kan dink Hy het opgestaan.

Ag ja, maar die dissipels het nie eens gedink aan 'n opstanding nie. Toe hulle dit van die vroue hoor, wou hulle hul glad nie glo nie!

Maar nog daardie selfde dag móés hulle dit glo, want hulle almal het self die Heiland gesien.

648

74. "Maria!"

Markus 16: 9-11; Lukas 24:12 en 34; Johannes 20:1-18; 1 Korinthe 15:5.

ARIA MAGDALENA het haastig na die stad teruggehardloop om vir die dissipels die M vreeslike tyding te bring dat die graf geskend was. Wanhopig het sy by Simon Petrus en Johannes gekom en met trane in die oë vertel: "Hulle het die Here uit die graf weggedra en ons weet nie waar hulle Hom neergelê het nie!"

Die twee dissipels het baie groot geskrik. Hulle het hul dadelik na die tuin gehaas en Maria het agterna gekom. Maar hulle het met 'n ander

pad gegaan as die een waarmee die vroue teruggekom het na die stad; dus het hulle die vroue misgeloop.

Hoe nader hulle aan die tuin van Josef gekom het, hoe haastiger en onrustiger het hulle geword. Johannes was die jongste en hy het vinniger gehardloop as Petrus en het eerste by die graf aangekom. Hy het gebuk en met 'n hart wat vinnig klop binnetoe gekyk. Die son was al taamlik hoog op en dit was nie meer so donker in die graf nie. Johannes kon die doeke sien waarin die liggaam van Jesus gedraai was. Hy het geaarsel en voor die opening bly staan. Maar toe Petrus by die graf kom, het hy somaar reguit in die graf ingegaan. Toe het Johannes agterna gekom.

Hulle het op die plek gestaan waar die Here Jesus gelê het. Die doeke het nog daar gelê en die een wat om Sy hoof was, het eenkant opgerol gelê. Sou die rowers dan eers die doeke van die liggaam verwyder het? Sou hulle hulself dan genoeg tyd gegun het om alles so netjies agter te laat?

Petrus het verwonderd sy hoof geskud. Hy wis nie wat om te dink nie. Baie ontsteld het hy uit die graf uitgekom en teruggegaan na die stad. Maar Johannes het stadig en diep in-gedagte geloop, en toe meteens het hy met blydskap opgekyk na die hemel, want dit het hom skielik bygeval wat die Here Jesus van Sy opstanding gesê het.

Hy het *geglo.* En in sy hart het hy gejubel: "Die liggaam van die Meester is *nie* weggeneem nie! Die Here het opgestaan!"

Toe het hy vinnig gehardloop om Petrus in te haal en hom die heerlike tyding te vertel.

MARIA MAGDALENA het agtergebly in die tuin. Wat kon sy anders doen? Sy was buite haarself van verdriet. Al wat sy aan gedink het, was dat sy haar geliefde Meester nie meer by haar het nie.

Al huilende het sy by die graf gekom en met betraande oë gebuk om in te gaan. Toe sien sy twee manne daar sit, een aan die koppen- en

een aan die voetenent van die plek waar die liggaam van Jesus gelê het. Sy het nie daaraan gedink wat hulle daar doen nie en nie eens opgelet dat hulle engele was nie.

Toe hoor sy hulle vra: "Vrou, hoekom huil jy so?"

En oormeester deur droefheid het sy gesnik: "Omdat hulle my Here weggeneem het, en ek weet nie waar hulle Hom neergelê het nie."

Toe het sy haar omgedraai en nog Iemand gesien staan. Dit was die Here Jesus self, maar haar oë was so vol trane dat sy nie kon sien wie dit was nie. "Vrou, hoekom ween jy?" het Hy gevra. "Wie soek jy?"

En selfs Sy stem het Maria Magdalena nie herken nie, só verward was sy. Sy dag dit is miskien die tuinier en antwoord toe: "Meneer, as u Hom weggedra het, sê my waar u Hom neergelê het en ek sal Hom gaan haal."

Toe het Jesus net een woord gesê en 'n naam so mooi en liefdevol genoem soos net Hy dit kon doen. Hy het gesê:

"Maria!"

En toe was dit asof Maria Magdalena wakker word uit 'n diepe slaap. Sy het geskrik, maar tog van blydskap geril toe sy omdraai en lag en huil tegelyk.

"Rabboeni!" het sy gejubel. "Meester, my liewe Meester."

Sy hel dadelik nader geloop en wou Hom met albei hande vashou, styf vashou sodat Hy nooit, *nooit* weer kon weggaan nie ....

Maar dit was verkeerd van haar. Die Here kon nie meer soos vroeër op aarde bly nie. Hy het met 'n verheerlikte en hemelse liggaam opgestaan en moes na die hemel gaan. Baie vriendelik het Hy gesê:

"Moenie My aanraak nie, want Ek het nog nie opgevaar na My Vader nie; maar gaan na My broers en sê vir hulle: Ek vaar op na My Vader en julle Vader, en My God en julle God."

En toe het Hy skielik weer verdwyn. Maria was weer alleen.

Maar sy was nóú weer gelukkig, o so gelukkig! Opgewonde en bly het sy haar na die dissipels gehaas om hulle die heerlike nuus te vertel.

"Hy lewe!" het sy uitgeroep. "Ek het Hom gesien!" En sy het alles vertel wat Hy gesê het.

Maar hulle het mismoedig hul skouers opgetrek en hul koppe geskud. Hulle het Maria ook nie geglo nie. Hulle wou haar graag glo, maar hulle kon dit nie waag nie. Sê nou maar hulle vind later uit dis nie waar nie, hoe vreeslik groot sou hul teleurstelling dan nie wees nie!

MAAR op dieselfde dag het Jesus nog 'n maal aan iemand anders verskyn, en toe was dit aan een van die elf dissipels wat van die begin af by Hom was.

En aan wie het Hy verskyn? Wie was die eerste van die elf apostels wat hierdie groot voorreg sou geniet? Dit was juis die een wat nou gevoel het hy is die geringste en die sondigste van al die dissipels. Hy was só skaam dat hy nie geweet het of hy nog by hulle hoort nie.

Dit was Petrus wat sy Meester verloën het. Niemand was daarby toe hy voor Jesus gekniel het nie. Niemand weet presies wat Jesus met Petrus gepraat het nie. Maar een ding is seker: die Here Jesus het Sy ontroue dissipel weer in liefde aangeneem en hom alles vergewe. Alles was toe weer reg tussen hulle twee.

En toe Petrus weer terugkom by die ander dissipels en vertel dat hy die Heiland self gesien het, was sy gesig só bly en sy oë het só gestraal dat hulle nie meer kon twyfel nie. Hulle het geglo toe *Petrus* vir hulle sê: "Die Here het waarlik opgestaan!"

Hul droefheid het in blydskap verander. Hulle het in die aand êrens in 'n huis in Jerusalem bymekaar gebly. Hulle kon nie genoeg met mekaar praat oor die groot wonder dat hul Meester uit die dood na hulle teruggekom het nie. En almal het vurig verlang om Hom met hul eie oë te sien.

650

75. Die Aand na die Opstanding

Markus 16:12-14; Lukas 24:13-43: Johannes 20:19-23.

IT was die namiddag van die Sondag van Jesus se opstanding.

D Twee manne was op pad van Jerusalem na 'n dorpie Emmaus wat agt myl van die hoofstad was en in die bergland van Judea geleë was. Hulle het moedeloos en neerslagtig gelyk en af en toe hul koppe geskud terwyl hulle gesels het.

In Jerusalem was hulle saam met die elf apostels. En hulle was self ook twee van Jesus se dissipels. Hulle het in Hom geglo, maar nou het hulle Hom verloor. Hulle het Hom ook gevolg en uitgekyk na die dag wanneer Hy Sy heerlikheid sou openbaar. Dan sou almal Hom erken en vereer as Koning. Maar in plaas daarvan het die dag gekom toe almal Hom *verwerp* het.

Hulle wou Hom op 'n troon gesien het en nou het Hy aan 'n kruis gehang.

Dit het gelyk asof Hy, wat so wonderlik magtig was, meteens al Sy mag verloor het. Sonder om Hom te verdedig, het Hy toegelaat dat Hy bespot en gegesel word.

Sonder enige teëstand het Hy Hom na die kruis laat neem en soos 'n lam laat doodmaak. En hulle het nogal gehoop dat Hy soos 'n leeu sou wees, die Leeu uit die geslag van Juda, wat al Sy vyande sou verdrywe.

Nou is Hy dood. Sy einde was 'n graf soos dié van enige ander mens. Nee, Hy kon nie die Messias gewees het nie.

Verniet het hulle almal in Hom geglo. 'n Profeet? Ja, dit was Hy vir seker. Maar nie die Messias nie!

Dis waar, in die oggend was daar vroue wat opgewonde kom vertel het dat Hy lewe. Maar wie kon dit glo? . . . Toe het Petrus en Johannes na die graf gegaan en dit werklik leeg gevind. Johannes het toe ook geglo dat Hy opgestaan het. Maar hoe op aarde kon so iets moontlik wees?

As Hy in staat was om op te staan uit die dood, dan was Hy tog seker die Messias, die Seun van God! Maar as Hy die Seun van God was, hoekom het al daardie lyding en vernedering Hom dan getref? Hoekom het Hy Sy vyande nie vernietig en die hande wat Hom aan die kruis gespyker het, laat lam word nie?

Hulle kon dit glad nie verstaan nie. Dit was 'n raaisel. Hulle was verward en alles was vir hulle donker. En tog kon hulle nie ophou om daarvan te praat en die een die ander te vra wat hy dink nie. Met al die redenering het hulle rondgedwaal asof hulle in 'n doolhof was waaruit hulle nie kon kom nie. Hoe langer hoe moeiliker het die raaisel geword.

EN toe merk hulle skielik dat hulle nie meer alleen is nie. Iemand het hulle twee ingehaal en loop saam met hulle. Hulle het so effens na die man gekyk, maar Hom glad nie herken nie.

Verdrietig het hulle Hom gegroet. Toe vra die onbekende Man:

"Wat praat julle so baie en hoekom lyk julle so bedroef?"

En die een, wie se naam Kleopas was, het verbaas geantwoord: "Wel, waaroor sou ons praat? Is U alleen 'n vreemdeling in Jerusalem en weet U nie van die dinge wat in hierdie dae daar gebeur het nie?"

Asof Hy daar niks van weet nie, vra die Man toe: "Watter dinge?"

En Sy stem het so vriendelik geklink dat hulle Hom dadelik vertrou het en hul hele hart voor Hom uitgestort het.

"Weet U dan nie wat met Jesus van Nasaret gebeur het nie?" het hulle gevra. "Hy was 'n profeet; ja, Hy was 'n groot profeet. Hy het baie wonders gedoen en baie mooi en goeie woorde gespreek. Maar ons "owerpriesters en owerstes het Hom gevange geneem en tot 651

die dood veroordeel en gekruisig...."

Hulle het swaar gesug. Al hul verdriet het teruggekeer toe hulle dit weer moes vertel.

"En ons het nogal gehoop dat Hy die Messias sou wees wat Israel sou verlos," het hulle wanhopig gesê. "Maar nou is Hy al drie dae dood."

"Dood," het hulle herhaal, "dood en begrawe .... Maar vanoggend het 'n paar vroue uit ons dissipelkring ons laat skrik deur te vertel dat Hy nie meer in die graf is nie en dat Hy opgestaan het. 'n Paar van ons vriende het toe gaan kyk en dit is waar dat die graf leeg is.

Maar vir *Hom* het hulle nie gesien nie. En ons glo ook nie dat Hy opgestaan het nie. Want as Hy sterker as die dood was, hoekom het Hy Sy vyande dan nie vernietig nie? Hoekom is Hy gevange geneem en gegesel en bespot en doodgemaak?"

Sonder om na die vreemdeling te kyk, het hulle verdrietig aangestap. Hulle het verwag dat Hy met hulle sou simpatiseer.

Maar iets heeltemal anders het gebeur. Hy het hulle op 'n vriendelike maar besliste manier bestraf omdat hulle die Skrifte nie geglo het nie wat alles voorspel het wat met die Messias sou gebeur. Hy het gesê: "Onverstandiges! Moes die Christus nie hierdie dinge ly en in Sy heerlikheid ingaan nie?"

En toe het Hy begin om die Skrifte, wat Moses en die profete geskrywe het, vir hulle uit te lê.

Van kleins af het hulle al die Heilige Skrif geleer en op die Sabbatdae in die sinagoge gehoor, maar hulle het dit nie alles reg verstaan nie.

Hy het vertel hoe baie dit voorspel is dat die Messias moes ly. Hy het tekste aangehaal wat hulle hul hele lewe al geken het en die betekenis daarvan mooi verduidelik. Hy het vertel wat Jesaja van die Messias gesê het en hoe hy Hom "'n man van smarte" genoem het. Jesaja het tog honderde jare tevore al geskryf:

"Waarlik, Hy het ons krankhede op Hom geneem, en Hy het ons smarte gedra. Maar óns het gedink dat Hy deur God geplaag, geslaan en verdruk was. Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die Here het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom. Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het Sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders — ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie."

ONDERWYL Kleopas en sy vriend luister, was dit asof die son in hul hart opgaan en al die duisternis van twyfel en ongeloof uit-drywe. Nou het hulle die heerlike voorspellings verstaan wat hulle tevore so gedagteloos in die sinagoge aangehoor het.

Nóú het hulle eers ingesien dat Jesus dit alles móés ly om die straf van die wêreld se wonde te dra en om die mens met God te versoen.

O, Hy was tóg die Verlosser, die Messias. Hy was sterk genoeg om Sy vyande te vernietig, maar Hy wou nie. In gehoorsaamheid aan die Vader en uit liefde vir Sy volk, het Hy vrywillig gely.

Toe hulle dit alles besef, het hul oë begin skitter van groot blydskap. Nog nooit het hulle so

'n groot vreugde in hul hart gevoel nie. Hulle sou graag nog ure wil luister na hierdie verstandige Vreemdeling wat die Skrifte so goed verstaan het.

Maar hulle het alreeds ongemerk in Emmaus aangekom en voor die huis van Kleopas gestaan. Toe het dit gelyk asof die Vreemdeling verder wou gaan. Moes hulle dan nou van Hom skei? Hulle twee wou Hom dan so graag by hulle hou om meer van Hom te hoor.

Daarom het hulle mooigepraat en by Hom aangedring:

"Bly tog asseblief by ons, want dis al amper aand en die dag het gedaal."

652

En gelukkig willig Hy in en gaan saam in die huis. Hy het by die tafel aangesit om die aandete met hulle te geniet.

EN wie het toe die brood geneem en die Here gedank daarvoor? . . . Die Vreemdeling! Maar wié was Hy wat hier die Gasheer wou wees? Wie was Hy dan wat die brood net so gebreek het soos Jesus altyd gedoen het? Sy oë was so heilig en vriendelik soos niemand anders s'n nie. Sy hande . . . o, daar was spykermerke in Sy hande!

Toe was dit asof die twee manne se oë geopen is en asof hulle Hom nou eers goed sien!

Hul hart het geklop van aandoening en vreugde.

"Jesus! Meester!" het hulle gestamel en hul hande na Hom uitgesteek. Maar kyk, Hy het skielik verdwyn. Hulle het nie eens kans gekry om voor Hom neer te kniel en Hom te aanbid nie. Opgewonde en vol blydskap het hulle mekaar aangekyk en gesê:

"Was ons harte nie brandende toe Hy met ons op die pad gepraat en die Skrifte vir ons uitgelê het nie?"

Nee, nou het hulle nie eens aan die brood geraak om te begin eet nie. Na hierdie groot en heilige ondervinding het hulle glad nie honger of moeg gevoel nie. Hulle het die tafel net so laat staan soos dit gedek was en dadelik met die lang pad na Jerusalem teruggeloop. Hulle móét somaar dadelik vir die elf dissipels gaan vertel wat gebeur het en hoe bly hulle was!

Dit was lankal donker toe hulle by die huis kom waar die apostels bymekaar was. Maar binnekant het nog 'n liggie gebrand. Die deur was op slot, want die dissipels was bang vir die Jode. Hulle twee moes eers klop en sê wie hulle was voor die deur oopgemaak is.

Maar toe hulle nog op die drumpel staan en geen woord kon sê nie, sê een van die dissipels jubelend: "Die Here het waarlik opgestaan en het aan Simon verskyn!"

En toe vertel die twee met groot blydskap wat hulle op die pad oorgekom het en hoe hulle Jesus herken het toe Hy die brood aan tafel gebreek het. Hulle was so bly soos verdwaalde kinders wat hul vader weer gevind het.

MAAR kyk, onderwyl hulle nog van al hierdie wonderlik-heerlike dinge praat — wie staan daar meteens by hulle? 'n Bedaarde stem het gesê: "Vrede vir julle!"

Verskrik het hulle teruggedeins. Dit kon tog nie die Here Jesus wees wat daar staan nie! Die deur was mos gesluit en gegrendel. Dit was te onnatuurlik en dit het gelyk soos goëlery! O

nee, dit kon nie Jesus wees vir wie hulle sien nie; dis seker 'n spook, 'n gees uit die doderyk!

Maar tog was dit Sy stem wat hulle gehoor het — die stem wat hulle so liefgehad het en tussen duisend ander stemme sou herken het.

Hoor wat sê Hy: "Moenie bang wees en sulke snaakse dinge dink nie! Kyk na My hande en My voete, want dit is Ek self. Voel aan My en kyk; want 'n gees het nie vlees en bene soos julle sien dat Ek het nie."

Hulle het Hom toe aangeraak en Hy het hulle die merktekens van die spykers in Sy hande en voete gewys. Hy het hulle ook sag en vriendelik berispe omdat hulle so min geloof het.

En toe hulle van pure blydskap nog nie kon glo nie, maar in stille verbasing net na Hom staan en kyk, vra Hy: "Het julle hier iets om te eet?"

Toe het hulle Hom 'n stuk gebraaide vis en 'n stuk heuningkoek gegee. En Hy het dit geneem en voor hulle opgeëet. Dit was net om hulle heeltemal gerus te stel, maar Sy hemelse liggaam het nie meer voedsel nodig gehad nie.

Uiteindelik, toe hulle Hom net soos vroeër weer aan tafel sien sit, het hulle geglo. Vol vreugde het hulle Hom omring met aanbidding in hul harte en met trane van blydskap in hul oë.

WAT 'n wonderlike en heerlike aand was dit nie vir die dissipels daar in Jerusalem nie! Hulle kon hul oë nie van hul geliefde Meester af hou nie onderwyl hulle weer soos vroeër na Sy vriendelike stem sit en luister. En hulle het Hom nie meer in die rede geval nie!

Hulle het Hom ook nie teëgepraat soos hulle vroeër partymaal gedoen het nie, maar met die grootste eerbied en verwondering geluister.

Nadat Hy hulle die Skrifte uitgelê het soos Hy dit ook vir die twee manne op pad na Emmaus gedoen het, was hulle baie skaam dat hulle so min vertroue en geloof gehad het in hul Meester en omdat hulle Sy woorde nie beter onthou het nie.

En kyk, hulle kon darem tog nog Sy dissipels wees. Meer nog, hulle sou Sy apostels word wat Hy sou uitstuur om oral in die wêreld die blye boodskap te bring dat Jesus vir die mense se sonde gesterf het en dat Hy waarlik opgestaan het uit die dood. Hulle kon vir almal vertel wat in Hom glo dat hul sonde vergewe is en dat die hemel vir hulle oop staan.

Nee, Jesus het nie die stryd verloor soos hulle gedink het nie! Hy het dit juis gewen! Selfs die sterkste vyand — die dood — kon Hom nie vashou nie. Nou sou Sy heerlike koninkryk tog kom! En hulle sou tog daar-voor kan veg! Nié met die swaard en nié met geweld nie, maar met woorde van liefde en 'n boodskap van vergifnis van sonde.

Die Here Jesus self sou vir hulle voorgaan in die stryd. Hy sou hulle deur Sy Gees lei en versterk. En nou het hulle goed besef hoe 'n groot skat hulle in die boeke van Moses en die profete het.

Van nou af sou hulle dié Skrifte beter lees as tevore en ook bid om dit reg te verstaan, sodat hulle nie meer so dwaas en onkundig sou wees soos in die afgelope tyd nie.

O, die Here het alles vir hulle reggemaak Hulle het nié tevergeefs Sy dissipels geword nie.

654

76. Thomas

Johannes 20:24-29.

EN van die elf dissipels was nie by die -*-i ander toe die Here Jesus daardie aand in E Jerusalem na hulle gekom het nie. Eensaam en alleen met sy verdriet het hy in die donker rondgedrentel. Hy was só sonder hoop dat hy baie swaarder gekry het as al die ander. Sy mismoedigheid en ongeloof het hom heeltemal oormeester. Dit was Thomas wat ook Didimus (tweeling) genoem is.

Thomas was een van dié neerslagtige soort mense wat nie die ligsy van 'n saak kon raaksien nie en altyd net die donker kant gesien het. Hy was altyd die eerste om te dink dat iets verkeerd sou gaan en om die ergste te verwag.

O ja, vroeër, toe baie mense nog die Here Jesus gevolg en almal Hom geëer en bemin en geesdriftig toegejuig het — toe was hy ook op sy manier opgeruimd. Tóé kon hy dit maklik glo dat Sy koninkryk sou kom.

Maar toe dinge begin verkeerd loop, toe baie Hom begin haat het, het sy hoop verminder.

En toe 'n menigte mense Jesus verlaat het, was Thomas diep teleurgestel. O nee, hy het Hom darem nie verlaat nie, maar getrou aan Hom gebly. Hy het nie, soos Judas, daaraan gedink om Hom te verraai nie, want diep in sy hart het hy die Heiland baie liefgehad.

Maar toe Jesus weer na Judea wou gaan om Lasarus te help, het Thomas besef dat Hy eendag daar om die lewe sou gebring word. Hy het geweet hoe die rabbi's in Judea planne maak om sy Meester dood te maak. Toe was hy dapper genoeg om vir die ander te sê:

"Laat ons ook gaan om saam met Hom te sterwe."

En nou kon hy vir almal sê: "Ek het mos so gesê! Hulle het ons Meester in die hande gekry en doodgemaak. En noudat Hy begrawe is, wat het van al ons mooi drome geword? Niks!

Waar is nou die mooi koninkryk wat ons almal verwag het?"

Verlore en vir altyd verlore! Ag, dit gaan maar altyd so in hierdie ou wêreld, dag Thomas.

Alles wat goed en mooi is, misluk en vergaan .... Net die slegte en verkeerde dinge floreer.

Ag, hoekom het hy tog gevlug toe Jesus gevange geneem is? Hoekom het hy sy eie nuttelose lewe gered? Thomas het gewens hy was ook maar dood. Noudat hy Jesus nie meer het nie, bly daar niks oor om voor te lewe nie.

EN nou, op hierdie Sondagmôre, het die vroue wat by die graf was, baie opgewonde 'n storie kom vertel wat niks minder as die grootste onsin is nie. Maria Magdalena het eintlik met trane in die oë kom vertel wat sy gesien het. En later sou ook Petrus kastig 'n heerlike gesig gehad het! Hulle is so vas oortuig dat hulle die Here gesien het en dat Hy uit die dood opgestaan het dat dit niks help om daaroor te stry nie.

Ag, die arme mense! Thomas het hulle jammer gekry. Hul groot verdriet het hulle allerhande dinge laat verbeel — so het Thomas gedink. Hulle wóú dit so graag hê en daarom, natuurlik, het hulle dit ook geglo. Met hom, wat Thomas was, het dit vroeër net so gegaan. Hy wou so graag hê Jesus moet Sy volk verlos en daarom het hy geglo dat Hy dit sou doen. Nee, dit was maar net 'n gesig en 'n droom wat Petrus en die vroue gesien het. Maar hy, Thomas, sal hom nie so laat kul nie! Hulle kan maar sê wat hulle wil, hy sal dit nie glo nie.

Hy het dadelik geglo dat Jesus dood was, maar hy wóú nou eenmaal net nie glo dat Hy opgestaan het nie.

Thomas het amper kwaad geword toe hulle maak asof hulle meer weet as hy en aanhou om hom te verseker dat dit regtig waar is dat hulle die Here Jesus gesien en Sy stem gehoor het. Hy kon dit nie langer verdra om te sien hoe hul oë van blydskap skitter nie. Bitter ontevrede het hy liewer van hulle padgegee. Hy was somaar met alles ontevrede: met die dissipels en die vroue; oor die feit dat God alles so toegelaat het; met die hele wêreld en met homself, omdat hy nie saam met Jesus gesterwe het nie.

TOE Thomas nog meer neerslagtig as tevore weer by die ander dissipels kom, het hulle hom vol blydskap en geesdrif omring.

"Thomas!" het hulle uitgeroep. "Ons het almal nou die Here gesien! Hy was vanaand hier toe jy weg was!"

Toe het daar 'n straaltjie van hoop in sy gemoed gekom, maar dit het sommer weer verdwyn. Hy het sy kop geskud en diep gesug. Nee, hy het nog nie geglo nie.

"O Thomas!" het hulle weer uitgeroep. "Ongelowige Thomas! Moenie so eiewys wees nie.

Glo ons tog! Hy het met ons gepraat; Hy het by ons geëet en gesê Hy sal ons as Sy apostels uitstuur in die wêreld!"

Maar Thomas het sy skouers opgetrek. Hul blydskap het hom net vererg. Nee, hy was te diep teleurgestel. Hy het homself al le dikwels in sy lewe met iets bedrieg. Hy het nie meer geglo wat ander mense sê nie.

Van nou af wou Thomas eers met sy eie oë sien . . . . En nog meer: die ander dissipels het ook gedink hulle sien en tog het hulle hulself bedrieg. Thomas wou nie net sien nie, hy wou ook *voel* met sy eie hande. Alleen aan iets wat hy kon raakvat en vashou met sy hande sal hy glo en aan niks anders nie. Daarom het hy gesê: "As ek nie in Sy hande die merk van die spykers sien en my vinger steek in die merk van die spykers en my hand in Sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie."

En al hulle praal het niks gehelp nie. Hy hei. beter geweet as hulle en met minagting sy kop geskud.

MAAR ag, diep in sy ongelowige en eiewyse hart het Thomas die ander beny. Diep in sy hart het hy tóg sterk verlang dat dit waar sou wees dat die Here werklik opgestaan het!

En miskien het hy in die volgende dae, toe by alleen was met sy verdriet, gehoop dat die Heiland ook aan hom sou verskyn.

Maar dit het nie gebeur nie. En toe uiteindelik kon Thomas dit nie meer uithou om so eensaam te wees nie. Die ander was tog sy vriende en al het hulle hul miskien misgis, het hulle dit tog goed bedoel. Hulle het van Thomas gehou en Thomas het van hulle gehou.

Hulle het bymekaar behoort.

Die volgende Sondag, agt dae later, was Thomas weer saam met die ander dissipels. Hy was nog neerslagtig en bedroef, maar nie meer so eiesinnig nie.

En kyk, tóé het die Here Jesus gekom. Hy het nie aan Thomas verskyn solank as hy die ander geminag en gedink het hy weet beter as hulle en solank as hy in die eensaamheid rondgedwaal het nie. Maar nou, terwyl die deur net soos die vorige keer gesluit was, het Jesus skielik weer in hul midde gestaan.

Thomas het Hom gesien. Nee, hy verbeel hom dit nie . . . . hy het Sy stem gehoor: "Vrede vir julle!" En hy het die stem herken.

En toe merk hy dat die Here Jesus ook van sy twyfel en neerslagtigheid weet en van al die ongelowige gedagtes van sy sondige hart.

Want die Meester het hom stip aangekyk en gesê: "Thomas, bring jou vinger hier, en kyk na My hande; en bring jou hand en steek dit in My sy; en moenie ongelowig wees nie, maar gelowig."

Thomas het sy kop laat sak van skaamte, en daar het trane van blydskap oor sy wange geloop! Hy het opgestaan.

Nee, nou het hy nie gedoen wat hy tevore gesê het nie. Nou wou hy nie meer aan die wonde van sy Meester raak nie. Dit was nie nodig

nie. Dit sou glad te oneerbiedig lyk. Hy sou liewer wil sterwe as om nou so iets te doen.

Al Thomas se neerslagtigheid en al sy ongeloof het nou verdwyn. Sy geloof wat al amper 656

dood was, het nou skielik weer sy hele hart vervul. In aanbidding het hy aan die Here Jesus se voete neergeval en uitgeroep: "My Here en my God!"

Toe sê die Here vir hom: "Omdat jy My gesien het, Thomas, het jy geglo; salig is dié wat nie gesien het nie en tog geglo het."

Toe die Here Jesus hierdie woorde gesê het, het Hy aan almal gedink wat op die aarde sou lewe wanneer Hy self reeds in die hemel sou wees; aan ons en baie ander.

Ons moet in Hom glo sonder om Hom te sien. En as ons glo, sal ons Hom vir seker eendag sien en dan altyd by Hom bly.

657

77. Die Verskyning in Galilea

Matthéüs 28:16-20; Markus 16:15-18; Johannes 21:1-19; 1 Korinthe 15:6.

IT was nog vroeg in die oggend en die **S* strale van die son het die toppe van die berge D rondom die see van Tiberias begin verlig, maar dit het nog nie op die see self geskyn nie.

Naby die kus het 'n visserskuitjie gedrywe en aan sy linkerkant is 'n groot net deur die water gesleep. Die manne se roeispane het geklap in die water. Die golwe het gekabbel teen die skuit se voorkant. Maar verder was alles stil.

Daar was sewe stuks in die skuit, almal van Jesus se dissipels: Simon Petrus, Thomas, Natanael, Jakobus en Johannes en nog twee ander.

Die hele lang nag het hulle rondgedryf op die donker water.

Hoeveel kere het hulle nie al dwarsdeur die nag die swaar net uitgegooi nie! Hoeveel ure het hulle nie geswoeg en gehoop om iets te vang nie! Nou het die berghellings langsaam sigbaar geword en hoog bokant hulle het die goue lig van die môre begin glans. Maar hulle het nog niks gevang nie. Al hul moeite en swaar werk was verniet.

MAAR hoekom is die dissipels hier weer besig met hul werk net soos vroeër toe hulle die Here Jesus nog nie geken het nie? Het hul Meester dan geen ander en beter werk vir hulle gehad nie? Moes hulle dan nie in die wêreld uitgaan om al die mense van Hom te vertel en van Sy liefde vir sondaars nie?

Nee, nog nie! Jesus het hulle self hierheen gestuur!

"Sê vir My broers hulle moet gaan na Galilea en daar sal hulle My sien."

So het Hy vir die vroue gesê toe hulle Van die leë graf teruggekeer het na Jerusalem en Hy hulle ontmoet het. Reeds by die graf het die engel hulle hierdie boodskap gegee. En nog die aand voor Sy dood het Hy vir Sy dissipels gesê dat Hy na Sy opstanding vooruit sou gaan na Galilea.

Hierdie drievoudige bevel het die dissipels gehoorsaam nadat ook Thomas geglo het. Hulle het gegaan na die land waar hulle baie met hul Meester saam was. Daar het hulle gewag en amper elke plekkie het hulle herinner aan daardie heerlike tyd. Maar die Meester het nog nie gekom nie.

Een aand sê Petrus: "Ek gaan visvang." Die ses ander het gesê: "Ons gaan ook saam met jou." En die hele nag het hulle verniet geswoeg.

Het so iets nie tevore al gebeur toe Jesus nog aldag by hulle was nie? Het Hy tóé nie een môre in hul skuit kom sit om die mense op die

strand toe te spreek nie? En daarna het Hy saam met hulle na die diep water gevaar en 'n wonder laat gebeur sodat hul nette geskeur het van al die vis!

Ag, hoe heerlik sou dit wees as Hy weer na hulle sou kom! Hoe het die dissipels nie verlang na hul Meester nie!

Maar hoor, in die stilte van die oggend klink daar skielik 'n stem oor die water .... Die dissipels kyk vinnig op en tuur deur die skemer na die strand, omtrent honderd tree ver.

Teen die donker agtergrond van die berge sien hulle die wit gedaante van 'n man.

"My kinders," roep Hy, "het julle nie iets om te eet nie?"

"Nee!" roep hulle terug.

"Gooi die net aan die regterkant van die skuit en julle sal kry," roep die vreemdeling weer.

Die dissipels het al so baie moeite gedoen dat dit maar 'n klein werkie vir hulle was om weer te probeer. Hulle het die net uitgegooi soos Hy beveel het en nadat hulle 'n entjie verder geroei het, het hulle dit weer ingetrek.

Ja, hulle wóú dit intrek, maar kon nie! Hulle het vasgeskop teen die skuit se kant en so hard as hulle kon die toue ingetrek, maar verniet! Die net was so swaar soos lood. 'n Menigte visse het gespartel in die water.

Hulle was verbaas en baie bly. En Johannes, wat altyd die meeste nagedink het, het die eerste geweet aan wie hulle hierdie wonder te danke het. Oorstelp van blydskap het hy vir Petrus gesê: "Dit is die Here!"

Die Here! Natuurlik was dit Hy! En Petrus, dié voorbarige Petrus, wat nooit nagedink het nie, het gou sy bo-kleed aangetrek en toe in die water gespring. Die Here het op die strand gestaan en Petrus het hom gehaas om by die Here te kom.

'n Bootjie met vissers op die meer van Galilea: "En hulle het uitgegaan en dadelik in die skuit geklim, en in daardie nag het hulle

niks gevang nie. En toe dit al dag geword het, staan Jesus op die strand...." (Joh. 21:3, 4).

Haastig het die ander kant toe geroei en die net saam land toe gesleep. En toe hulle op die strand kom, sien hulle 'n koolvuur met vis daarop en brood daarby.

By daardie vuur hel die Here Jesus vir hulle gesit en wag. Hulle was moeg en Hy het vir hulle alreeds ete klaargemaak. O, maar dit was 'n blye môre daar by die see van Tiberias!

Die Here het gesê: "Bring van die visse wat julle nou gevang het."

En toe was dit Petrus wat die eerste opspring om die net vol visse op die land te trek. Hy het hulle getel: honderd-drie-en-vyftig groot visse, behalwe die kleiner vissies. Daar was so baie en tog het die net nie geskeur nie, en dit was net so 'n groot wonder soos die groot getal visse. Die dissipels was baie verwonderd en hulle het die Here eerbiedig aangekyk.

'n Rukkie later het hulle in 'n kring om die vuur gesit en was sprakeloos van blydskap en dankbaarheid. Die son het nou al lieflik geskyn op die blommetjies rondom hulle en die voëltjies het vrolik gesing. Hulle kon nie 'n heerliker rus geniet nie na al die vermoeienis van die nag. Want die Heiland, hul geliefde Meester, was weer by hulle en was hul Gasheer net soos vroeër. Hy het die kos geseën en toe die brood en die vis met Sy deurboorde hande 659

uitgedeel.

Die dissipels moes baie nadink. Het hulle die les verstaan wat die Here Jesus hulle wou leer met die wonder van daardie môre?

Nie lank meer nie en dan sou hulle vissers van mense word op die groot wêreldsee. Dan sou hul werk, net soos vannag, dikwels ook swaar en vermoeiend wees en skynbaar vrugteloos. Maar dan sou die Here self onsigbaar by hulle wees. As hulle dan gehoorsaam na Sy

stem luister, sou hul werk tog ryklik geseën word, net soos dit daardie môre gebeur het.

Honderd-drie-en-vyftig groot visse was daar in die net! *Groot* sou ook die getal mense wees wat hulle na die Heiland sou bring.

En die net het nie geskeur nie .... Van al hierdie visse het nie een verlore gegaan nie.

Later sou daar ook aan die hemelse strand nie een van die gelowiges gemis word nie.

Dan sou daar rus kom vir die vermoeide werkers. Die Here God sou hulle self in die hemel laat aansit aan Sy tafel.

Vissers van mense of herders van Jesus se skape wat Hy sou vergader uit al die volke —

sou hulle almal dit aanstons kon wees? Petrus ook?

IN die nag, 'n koolvuur. In die môre, 'n koolvuur.

Rondom die eerste vuur, in die paleis van Kajafas, het gewapende dienaars gesit om hulle warm te maak. In die oop saal daar naby het die Here Jesus, gebind en bewaak soos 'n kwaaddoener, gestaan voor Sy regters. En tussen die dienaars het 'n man wat hom ook warm wou maak, in doodsangs gesit. Hy was 'n dissipel van Jesus en hy het gevloek en gesweer "Jesus? . . . . Hy daar? Nee, ek ken daardie man nie; Ek weet nie wat jy praat nie!"

Rondom die tweede vuur sit nou 'n kring van blye dissipels. Tussen hulle sit Jesus, die verheerlikte Heiland. En naby Hom, ook dieselfde bang, sondige dissipel wat Hom verloën het — Petrus!

Tevore het hy gesê: "Ek ken daardie man nie. Ek weet nie wat jy praat nie!"

Nou was dit Petrus wat in die see gespring het, want só baie het hy na sy Meester verlang.

En nou was dit alles weer reg tussen hom en die Here Jesus. Nadat Hy opgestaan het uit die graf het Hy die eerste aan daardie swak, sondige Petrus verskyn. Nou was hy seker dat die Here sy sonde vergewe het.

Maar daar was nog iets wat reggemaak moes word tussen Petrus en die ander dissipels.

Hulle het nie daaroor gepraat nie, maar het seker gedink, net soos Petrus ook: "Kan iemand wat so swaar in die sonde geval het en openlik sy Meester verloën het, tog nog aanstons vir Hom gaan werk as Sy apostel?"

TOE hulle klaar was met die môre-ete vra die Here Jesus meteens: "Simon, seun van Jona, het jy My waarlik lief, meer as hulle hier?"

Petrus het geskrik . . . . Ja, hy het mos vroeër so gesê . . . . O, hoe kon hy dit ooit gewaag het? Want kort daarna, by daardie koolvuur in die nag .... Petrus het gevoel hoe die Here na hom kyk en hoe ook die ander dissipels kyk, en hy het sy kop in skaamte laat sak.

Wat moes hy nou antwoord? Sou hy nog 'n keer sê: "Al sou almal U ook verlaat, ek sal U

nooit verlaat nie? Ek sal my lewe vir U gee"? Hy kon dit nooit waag om weef só te praat nie.

Hy het sy dwase grootpratery vir goed afgeleer.

Nou wat dan? Sou hy sê: "Here, kyk na my lewe? Ek het mos bewys dat ek U liefhet!" ....

Nee, dit sou 'n nuwe leuen wees.

Maar wat dan? Petrus het sy Meester nou so lief dat hy nie meer sonder Hom wil lewe nie ...

. En dit het die Here Jesus ook geweet.

660

Petrus was amper te bang om die groot woord "liefhê" te gebruik. Daarom het hy sag, baie beskeie en verleë gesê: "Ja, Here, U weet dat ek U liefhet."

Jesus het geantwoord: "Laat My lammers wei."

Daar was 'n oomblikkie stilte. Petrus kon voel hoe vinnig sy hart klop.

Toe vra Jesus weer: "Simon, seun van Jona, het jy My waarlik lief?"

Petrus het sy kop nog laer laat sak. Hoekom vra die Meester dit weer? Wou Hy Petrus dan nou nie meer glo nie? Ja, Petrus het dit verdien dat niemand hom meer na al sy lafhartige leuens glo nie.

Hy het homself nie meer vertrou nie! Maar hy was van een ding seker en dit was dat hy baie geheg was aan sy Meester. Hy kon darem nie anders nie as om te stamel: "Ja, Here, U weet dat ek U liefhet."

Jesus antwoord toe: "Pas My skape op."

En weer het almal stilgebly. Toe, vir die derde maal, het Jesus gevra — maar nou het Hy ook soos Petrus maar net gepraat van "liefhê" en nie van "waarlik liefhê" nie, Hy het gesê:

"Simon, seun van Jona, het jy My lief?"

Petrus het bedroef geword omdat Hy hom die derde maal so vra.

O, hy het goed verstaan. Drie maal het Hy die Here verloën en nou moes hy ook drie maal sy leuenwoorde terugtrek. Hy het skielik weer besef hoe verskriklik groot sy sonde was.

Maar Jesus, die Seun van God, wat alles geweet het, het ook geweet dat nieteenstaande al sy sonde, Petrus se liefde vir Hom nooit dood was nie .... Hy het geweet hoe bitter spyt Petrus was en hoe sterk hy verlang het om van nou af altyd 'n goeie, getroue dienskneg van die Here te wees.

Petrus het dit uitgesnik: "Here, U weet alles. U weet dat ek U liefhet."

Toe sê die Here Jesus vir hom: "Laat my skape wei. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, toe jy jonger was, het jy jouself gegord en rond-gegaan waar jy wou, maar wanneer jy oud geword het, sal jy jou hande uitsteek en 'n ander een sal jou gord en bring waar jy nie wil wees nie."

Petrus het goed verstaan dat hy nog baie swaar in sy lewe sou kry. Maar hoekom sou hy bang wees, noudat hy tog 'n apostel van die Here Jesus kon word net soos al die ander? Hy sou tog nou die voorreg hê om die skape van die Here op te pas. Was daar dan nóg iets om te vrees as die Heiland hom self wou lei?

Petrus het niks gesê nie, maar in sy hart gebid: "Here, vroeër het ek altyd my sin gekry toe ek my eie lewe gelei het. Ek het gedink ek is sterk, maar was al die tyd die swakste van almal. Nou dink ek nie meer so nie. Ek wil my hande na U uitsteek. Vat hulle asseblief in U

sterk hande. En hou my dan vas sodat, as die lewe moeilik word en ek versoek word, U my kan bring waar U wil. Dan sal alles reg wees as U by my is."

DAARDIE heerlike môre by die see van Tiberias het Petrus openlik sy skuld bely, en hy is openlik deur Jesus in Sy guns herstel. Nou kon die ander nie meer twyfel of hy nog by hulle hoort nie en niemand sou hom sy sonde verwyt nie. Dit was vir altyd vergewe.

En Petrus het nederig geword en nader aan die Here God gekom. Die Satan het geprobeer om hom af te trek van die Here Jesus en dit het

eers gelyk asof hy dit sou regkry. Maar wat het dit hom gehelp noudat Jesus Sy dissipel vasgehou het?

Wat sou Petrus nog kon skei van die liefde van Christus? Verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naaktheid of gevaar of die swaard? In al hierdie dinge sou hy meer as oorwinnaar wees deur Jesus wat hom liefgehad het.

NIE lank daarna nie het die dissipels saam-gekom op 'n berg waar die Here Jesus hulle bestel het. En daar was nie net die elf wat later Sy apostels sou wees nie, maar ook baie ander dissipels uit die hele land wat by Hom behoort het en wat Hy Sy broers genoem het.

661

Daar was ook die vroue wat geween het by Sy graf. En, wie weet, ook Sy vriende uit Betanië, en Saggéüs en Bartimeüs en Jaïrus, wie se dogtertjie Hy opgewek het, en nog baie ander wat Sy liefde ondervind het. Die een het Hy gered van bose geeste, die ander van siekte of blindheid of verlamming. Hulle het almal hul geluk aan Hom te danke gehad. Meer as vyfhonderd mense het in een groot, blye menigte bymekaargekom om Jesus te sien.

Toe het Hy daar in Galilea in koninklike heerlikheid aan hulle verskyn en hulle het in aanbidding voor Hom neergeval.

En toe het Hy aan hulle gesê: "Aan My is gegee alle mag in hemel en op aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word."

Hierdie bevel was in die eerste plaas vir die apostels bedoel, dog ook vir almal wat daar was sowel as vir al die gelowiges wat nog na hulle sou lewe. En vir ons het Hy belowe: "En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld."

Met hierdie trooswoorde het Hy van hulle afskeid geneem en weer verdwyn. Die dissipels het baie gelukkig gevoel toe hulle huis toe gaan, en hierdie heilige dag het hulle nooit vergeet nie. Nou was hulle almal seker: "Die Here het waarlik opgestaan."

78. Die Hemelvaart

Markus 16:19; Lukas 24: 44-53; Handelinge 1:1-26; 1 Korinthe 15: 7.

A die opstanding het die Here Jesus nog veertig dae op die aarde gebly, maar nou N moes Hy na Sy Vader in die hemel terug-gaan. Sy werk op aarde was klaar. Sy stryd was gestry. Vir altyd.

Hy het nog die veertig dae op aarde gebly ter wille van Sy dissipels, om hulle te leer en te versterk en om Sy laaste bevele aan hulle te gee. Maar op die veertigste dag het die uur gekom toe Hy sou weggaan van hulle.

DIT was in Jerusalem dat die Here die laaste keer aan Sy dissipels verskyn het. Daar het Hy nog 'n maal met hulle gepraat oor die werk wat hulle moes doen. Hulle moes daarmee begin in Jerusalem. Juis die stad wat Hom gehaat en laat kruisig het, moes eerste die blye boodskap hoor van die liefde en die barmhartigheid van God.

Daarna moes hulle as Sy apostels en sendelinge die wêreld ingaan. Die wêreld was groot en die werk sou swaar wees. Maar hulle hoef nie te vrees nie, want God sou hulle lei. En daarom moes hulle Jerusalem nie verlaat voordat hulle die Heilige Gees ontvang het nie.

Die Here Jesus sou die Gees self stuur nadat Hy opgevaar het na die hemel.

VIR die laaste maal het hulle by hul Meester gesit en geluister na Sy woorde.

Vir die laaste maal het hulle nog geloop langs die bekende pad van Jerusalem na die Olyf berg. Hoe dikwels het hulle tog nie daardie pad saam geloop nie? Net ses weke gelede in die maanskyn . . . Tóé moes hulle ook van Hom skei. Tóé het Hy Sy lyding tegemoet gegaan wat Hy alleen moes dra. Nou kon Hy die heerlikheid van die hemel ingaan.

Onderwyl hulle die berg uitklim, het hulle gesorg om so naby as moontlik by Hom te bly om nie een van Sy laaste woorde te mis nie. Eerbiedig het hulle Hom omring toe Hy gaan staan en hulle met groot liefde aankyk. Toe het Hy Sy hande opgelig en hulle geseën.

En kyk, skielik het Sy voete losgeraak van die aarde. En terwyl Hy hulle seën, het Hy opgevaar na die hemel.

In aanbidding het hulle op hul knieë geval en diep ontroer Hom agterna gekyk. Hulle het hul hande uitgesteek na Hom vir wie hulle die liefste op aarde gehad het en wat nou van hulle weggaan.

Maar 'n helder ligte wolk het tussen Hom en hulle gekom en Hom voor hul oë weggeneem.

Die Seun van God het teruggegaan na Sy Vader se huis, waar Hy sou vertel dat Hy Sy werk klaargemaak het. Die koning van die hemel het teruggegaan na Sy troon.

En die son het geskyn asof daar niks gebeur het nie, terwyl die lewe op die strate en in die geboue van Jerusalem sy gewone gang gegaan het.

Maar die dissipels kon nog nie die plek verlaat waar hulle hul Meester die laaste maal gesien het nie. Hulle het nog stip na die hemel gestaan en kyk, want hulle kon dit amper nie glo dat Hy vir altyd weggegaan het nie.

Vir altyd?

Skielik hoor hulle 'n bly stem sê: "Galilese manne, waarom staan julle en kyk na die hemel?

Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het."

By hulle het daar twee manne gestaan in blink, wit klere. Dit was twee engele wat die Here Jesus gestuur het met nog 'n laaste boodskap.

Jesus sal weer kom.

Op die wolke van die hemel sal Hy weer kom om te oordeel die lewende en die dode.

663



Toe het groot blydskap die harte-van die dissipels vervul omdat hul Meester Sy Koninkryk so heerlik ingegaan het. Met gejubel het die engele Hom in die hemel verwelkom en God die Vader het Hom aan Sy regterhand laat sit.

Daar het Hy as Koning van hemel en aarde op Sy troon gaan sit.

Daar in die Vaderhuis met sy baie wonings het Hy vir al Sy kinders plek gaan berei om ons eenmaal ook na Hom toe te neem.

DIE dissipels het na die hemelvaart van Jesus na Jerusalem teruggegaan waar hulle gesien het hoe die son op die tempel blink.

Ag, die tempel! Dit was nog daar asof niks gebeur het nie, maar dit was nie meer die huis van God soos vroeër nie. Daar is nog diere geoffer, maar dit was nie meer nodig noudat die Lam van God, wat die sonde van die wêreld weggeneem het, op Golgota geoffer is nie.

Die hoëpriester sou nog op die groot versoen-dag in die Allerheiligste ingaan met die bloed van versoening, maar dit sou net blote vorm wees. Want die ware Hoëpriester het nou op hierdie dag ingegaan in die Allerheiligste van die hemel waar God woon. Sy soendood het die toorn van God vir altyd weggeneem. Sy voorbidding vir ons sal altyd verhoor word.

Die Olyfberg met die kerkie van die angste (by Getsémané) op die voorgrond. "En nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien; en 'n wolk het Hom voor hulle oë weggeneem. En toe hulle nog stip na die hemel kyk terwyl Hy weggaan, staan daar twee manne in wit klere by hulle, wat sê: Galilese manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het.

Daarop draai hulle om na Jerusalem van die berg af wat genoem word die Olyfberg . . . ." *(Hand.*

1:9-12).

IN 'n bovertrek in Jerusalem, heel moontlik dieselfde een waar hulle die heilige Nagmaal met die Here Jesus gevier het, het die dissipels bymekaargekom om te wag en om te bid.

Met nog ander mense wat Hom liefgehad het, het die dissipels eendragtig bymekaargekom en hulle was altesaam omtrent honderd-en-twintig. Maria, die moeder van die Here, en Sy broers was ook daar.

Ook Sy broers! Aan een van hulle, Jakobus, het die Here Jesus na Sy opstanding verskyn, 664

en die ander broers het nou ook in Hom geglo.

Maar daar was 'n leë plek onder hulle; daar was maar elf.

Twaalf het Jesus gekies, omdat daar twaalf stamme in Israel was. Maar Judas Iskariot het nie meer gelewe nie. Vir dertig silwerstukke het hy sy plek verkoop.

Petrus het daaraan gedink en skielik besef dat die leë plek weer gevul moet word. Aanstons, wanneer die Heilige Gees sou neerdaal, moet daar geen leë plek wees nie.

Petrus het toe opgestaan en voorgestel dat iemand anders as apostel gekies moet word. Dit moes iemand wees wat van die begin af, van die tyd van Johannes die Doper, die Here Jesus gevolg het.

Hulle het toe twee voorgestel.

Die een was *Josef wat* ook *Barsabas* genoem is, en die bynaam van Justus gehad het. Dit beteken *die regverdige.* Die ander een was Matthias.

Wie van die twee moes gekies word? Niemand het geweet nie. Maar die Here God het geweet. Toe het hulle gekniel en gebid: "O Here, U wat die hart van almal ken, wys uit hierdie twee die een aan wat U uitverkies het."

Toe werp hulle die lot en dit het op Matthias geval.

En van toe af het Matthias in die plek van Judas Iskariot tussen die ander dissipels gesit en met hulle gewag en gesmeek totdat die Heilige Gees, wat die Here Jesus beloof het, gekom het.

665

79. Die Uitstorting van die Heilige Gees

Handelinge 2:1-41.

EWE weke na Jesus se opstanding het dit ^ gebeur op die *Pinksterfees,* of die *Oesfees,* S toe die eerste brode wat gebak is van die nuwe koringoes, in die tempel geoffer is.

Dit het juis tóé gebeur dat die groot en onverstaanbare wonder van die uitstorting van die Heilige Gees plaasgevind het.

IN 'n huis naby die tempel, miskien in een van die geboue van die tempel self, het die dissipels almal weer saamgekom.

Hulle was een in geloof, een in liefde, een in verlange na die vervulling van die Here Jesus se belofte.

Hulle het nou al tien dae gewag nadat die Heiland na die hemel opgevaar het. En hulle het nie opgehou om vurig te bid nie: "Heie, stuur asseblief U Trooster. Ons wag op U! Here, gee ons krag uit die hoogte . . . .!"

En toe op die Pinksterdag, is daardie gebed verhoor. Toe het die Gees in hul harte neergedaal.

Hy het gekom so onsigbaar soos die wind, maar so kragtig en onweerstaanbaar soos 'n storm. Hy het gekom soos vuur wat reinig en harte verlig.

Daar het skielik 'n geluid uit die hemel gekom soos van 'n geweldige rukwind wat die hele huis vervul het. Hulle kon hoor hoe hard dit

waai en tog het niks geroer nie. Geen deur het oop of toe geslaan en geen stof het opgewaai nie.

Maar daar is gesien hoe klein vuurvlamme afgekom het en op elkeen van die dissipels gaan sit het. Dit het soos tonge van vuur gelyk, maar nie 'n haar van iemand se hoof is geskroei nie. Toe het hulle geweet dat gebeur het wat Johannes die Doper voorspel het:

"Ek doop julle wel met water. Maar Hy wat na my kom, is sterker as ek. Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur."

En wat hulle toe gesien en gehoor het, was nog nie die belangrikste nie. Die geluid van die storm en die vuurtonge was maar net tekens.

Die belangrikste ding wat gebeur het, was heeltemal onsigbaar en stil, sodat niemand dit by iemand anders kon merk nie.

'n Onuitspreeklike vreugde het hulle almal vervul. Dit was hemelse blydskap en krag. Toe het hulle hul hande opgesteek en gejubel. Maar hulle was nie in staat om in hul eie taal te vertel hoe bly hulle was nie. Hulle, wat maar ongeletterde mense was en miskien nooit in 'n vreemde land was nie, het in ander tale begin praat! Dit was die Gees wat hulle die wysheid gegee het. Hy het hul verstand verlig en hul tong bestuur. En hulle het die Here geprys in baie vreemde tale soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.

MAAR buitekant op straat en in die tempel is die geheimsinnige geluide ook gehoor en die mense daar het hulle baie verwonder. Hulle het gestroom na die huis waarvandaan die geluid gekom het en versigtig binnegegaan.

Toe sien hulle die dissipels daar en die meeste van hulle was maar eenvoudige manne. En hulle het geskrik en baie verbaas geword, want elkeen het gehoor hoe daar in sy eie taal gepraat word. Want die mense wat geluister het, het van ver en vreemde lande gekom, soos bv. Persië en Mesopotamië, Asië en Egipte, Rome en Arabië. Elkeen het in sy eie taal gehoor hoe die dissipels die Here prys. En

hulle het uit-geroep: "Is hierdie manne nie almal Galileërs nie? Hoe is dit dan moontlik dat hulle so maklik die taal van ons geboorteland praat?"

Hulle het mekaar angstig aangekyk en gestamel: "Wat beteken dit tog?"

666

En niemand kon antwoord nie. Maar daar was party mense wat begin lag en spot het. Hulle het gesê: "Die mense is vol soet wyn. Hulle is dronk! Dis niks anders nie!"

MAAR meteens het almal stilgebly, want een van daardie manne het vorentoe gekom en begin praat.

Dit was Petrus.

Sy oë het geskitter van vreugde. Sy stem het duidelik en bly geklink toe hy sê: "Joodse manne, luister na my. Ons is nie dronk soos julle dink nie, want dis nog maar nege-uur in die oggend. Maar dit is wat deur die profeet Joël gespreek is: En in die laaste dae, sê God, sal Ek van My Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer. En elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word."

En toe het hy begin praat oor die Here Jesus. Die mense sou almal van Hom al gehoor het.

Baie sou Sy wonders gesien het en ook hoe Hy gely het. Hulle het moontlik selfs nog voor Pilatus uitgeroep: "Kruisig Hom, kruisig Hom!" En hulle het geweet dat Hy gekruisig en begrawe is.

O, Petrus wou niks so graag doen as om van sy Heiland te praat nie. Hy het ernstig begin praat om te verduidelik dat Jesus *moes* ly om die straf van die mense se sonde te dra. Uit die Skrif het hy bewys

dat die Here Jesus nie in die graf kon bly nie, maar dat Hy opgestaan het uit die dood en opgevaar het na die hemel.

Petrus het so verstandig gepraat dat almal hulle verwonder het. Hulle het self al dikwels die Skrif gelees, maar het dit nou eers verstaan. Nou het hulle besef wat hulle gedoen het *deur* Jesus te verwerp.

Petrus het toe nog bygevoeg: "Julle moet nou almal vir seker weet dat hierdie Jesus waarlik die Messias was, hierdie Jesus wat julle gekruisig het!"

Toe die mense dit hoor, was hulle diep in hul hart getref en nou het niemand dit gewaag om meer te spot nie. Het hulle die *Messias* gekruisig? . . . . O, dan het die toorn van God swaar op hulle gerus. In groot angs het hulle hul hande gewring en wanhopig gevra: "Wat moet ons nou doen, broeders?"

Maar gelukkig was daar nog uitkoms vir hulle. Die Here wou hul sonde vergewe as hulle met berou na Hom toe kom. Ook vir hulle het die Here Jesus gesterwe. Hy, vir wie hulle gehaat het, Hy het hulle lief.

Petrus het gesê: "Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes."

Toe het daardie dag 'n groot en heerlike Pinksterdag daar in Jerusalem geword, want baie mense het Petrus se woorde geglo en na die apostels gekom om gedoop te word.

Die hele dag het manne, vroue en kinders aangestroom gekom. Hulle het almal berou gehad oor hulle sonde en wou ook dissipels van Jesus word. Toe dit aand word, was daar drieduisend wat vir altyd gelukkig geword het.

Hulle was die *eerstelinge* van die groot wêreld-oes wat tot vandag toe nog na God gebring word.

En toe baie van hulle na die fees na hul eie land teruggaan, het hulle hul geluk saamgeneem en hulle kon nie daaroor swyg nie.

Die koninkryk van die hemel het nou vinnig gegroei en uitgebrei oor die hele aarde.

667

80. Die Naam van Jesus

Handelinge 3:1-26; 4:1-31.

EEN die muur van die tempel het 'n man gesit en leun. Hy het gesit by die poort wat die T Skone genoem word omdat dit mooier was as al die ander en pragtig versier was met blink koperwerk. Maar die man was 'n bedelaar met ou stukkende klere aan. Hy het glad nie by dié mooi poort gepas nie.

Baie mense het by hom verbygeloop om in die tempel te kom. Dit was die tyd van die aandoffer — drie-uur in die namiddag. Aanstons sou die priester die reukwerk brand op die goue reukwerk-altaar. En al hierdie mense sou in die Voorhof staan en bid. Maar hy sou al die tyd nog daar sit en wag tot die mense weer terugkom. Hy kon en mag nie binnetoe gaan nie, omdat hy van sy geboorte af kreupel was.

Meer as veertig jaar was hy oud en nog nooit het hy 'n tree kon loop nie. Toe hy nog klein was, wou sy moeder hom leer om te loop, maar sy beentjies was te swak en te slap. Toe hy groter word, het hy gesien hoe die ander seuns speel en stoei, maar van hom het hulle nie eens notisie geneem nie. Nou was hy 'n groot man en die ander was sterk, fris manne wat hulle eie brood kon verdien. Hulle het 'n huis en vrou en kinders en geld gehad. Maar hy het niks gehad nie, behalwe sy ou klere en twee inmekaar getrekte bene. Hy is 'n bedelaar, 'n veragte met wie almal opgeskeep is. Wat kon hy anders doen as bedel? Vroeg elke oggend is hy aangedra en neergesit by die mooi poort waar die meeste mense verbygegaan het.

Daar het hy die heeldag gesit en sy hand uitgesteek om geld te bedel. Saans is hy met die paar geldstukkies wat hy gekry het weer teruggedra na 'n huis waar iemand so goed was om hom 'n hoekie af te staan.

Só was sy lewe, eentonig en treurig. Hoe dikwels het hy as kind nie al gebid om gesond te word nie! Hoe dikwels het hy later miskien nie gebid dat die Here hom maar liewer moes wegneem nie? En sy gebede is nooit verhoor nie. Die Here God het toegelaat dat hy kreupel bly en aldag by die poort sit en smeek om iets te kry.

Al wat hy nou wou hê, was maar net 'n geldstukkie. Hy het nie meer uitgesien na 'n beter toekoms nie.

MAAR kyk, hier kom nóg twee manne wat in die tempel wil gaan. Hulle was maar baie eenvoudige mense, maar hy kon meer van hulle verwag as van die suinige ryk mense. Soos gewoonlik het hy sy hand uitgesteek om iets te bedel. En toe hulle stilstaan, het hy na sy hand gekyk om te sien wat hulle daarin sou sit.

Maar daar het niks ingeval nie. 'n Vriendelike stem het net gesê: "Kyk 'n bietjie na ons!"

Verwonderd het die man opgekyk. Aan so iets was hy nie gewoond nie. Meestal het die mense sonder 'n woord iets in sy hand gegooi. Sou hy nou iets meer as gewoonlik kry? ....

Hy het twee ernstige maar vriendelike gesigte gesien en twee paar helder oë wat so gestraal het van liefde en medelye dat sy hart vinnig begin klop het. O, hy het meteens gevoel hy gaan iets groots en besonders ontvang, Wat sou dit tog wees?

Ewe kalm het die een man, die oudste van die twee, gesê: "Silwer en goud het ek nie; maar wat ek het, dit gee ek vir jou!"

En skielik gebied hy hom baie beslis: "In die Naam van Jesus Christus, staan op en loop!"

En toe gryp hy die bedelaar se regterhand, wat nog uitgesteek was om geld te kry, en trek hom op sodat hy op sy voete staan. En op daardie oomblik het 'n wonderlike krag in sy spiere gestroom. Sy voete en enkels het vas en sterk geword. Die man kon staan en hy het nie geval toe sy hand losgelaat word nie. Bleek van verbasing loop hy 'n paar treë. Hy het tegelyk gehuil en gelag van blydskap. En toe het hy rondgeloop en gespring en hardop gejubel: "Ek kan loop! Ek is nie meer kreupel nie ... . Die Here het 'n groot wonder aan my gedoen! Hy het my lam voete gesond en sterk gemaak. Prys die Here!"

668

En toe die twee manne, Petrus en Johannes wat hom die grootste geskenk van sy lewe gegee het, die tempel ingaan, het hy rondgeloop en gespring en die Here geprys vir Sy wonderlike genesing.

DAAR was baie mense in die tempel. Almal het verwonderd opgekyk toe die juigende man daar skielik inkom. Hulle het geskrik, want hulle kon hul oë amper nie glo nie. Dit was mos die man wat netnou nog lam daar by die poort gesit het! . . . . Wat vir 'n wonder was dit dat hy nou rondloop asof hy nooit iets makeer het nie?

Die mense het toegestroom, verbaas en ontroer, En toe hulle hoor dat Petrus en Johannes hierdie groot wonder gedoen het, het hulle die twee daar in die Voorhof omring en met bewondering en eerbied na hulle gestaan en kyk.

Vroeër sou Petrus miskien hiervan tog te baie gehou het, maar nie nóú meer nie. Hy het nie meer sy eie eer gesoek nie. Sy hart was vol van die Here Jesus.

En oral, net waar dit moontlik was, het hy van sy Heiland getuig. Nou het die Here hom 'n pragtige geleentheid gegee om die evangelie aan al hierdie mense te verkondig, en hy het dit nie laat verbygaan nie. Hy het gesê:

"Israeliete, hoekom kyk julle ons so verwonderd aan asof ons deur ons eie krag hierdie man laat loop het? Nie óns nie, maar Jesus het dit gedoen, dieselfde Jesus wat julle voor Pilatus verloën het. Onthou julle dat Pilatus Hom wou loslaat? Hy het julle laat kies tussen Hom en

'n kwaaddoener. Toe het julle die Heilige, die Regverdige, verloën. Julle het 'n moordenaar gekies en die Leidsman tot die lewe het julle doodgemaak. Maar God het Hom uit die dode opgewek. Ons is getuies daarvan, want ons het Hom gesien na Sy opstanding. En deur die geloof in Sy Naam is hierdie man wat julle almal ken, gesond gemaak . . . ."

"Julle het Hom verloën . ..." het Petrus gesê. Ja, hulle het dit gedoen op dieselfde dag as hy.

En hy het geweet wie hy verloën, maar hulle nie. Hy het toe al geweet dat Jesus die Messias was. Aangehits deur die rabbi's het hulle dit in hul ongeloof gedoen. Sou daar dan nie vir hulle ook vergewing wees nie, net soos vir hom?

"En nou, broeders, ek weet dat julle dit in onwetendheid gedoen het," het Petrus gesê. "Kom dan nou tot inkeer en bekeer julle sodat julle sondes uitgewis kan word."

Toe het hy die Skrifte vir hulle uitgelê en uit die profete bewys dat Jesus die Messias was en dat Hy vir die sonde van die wêreld gely het. Petrus kon nie genoeg van daardie groot wonder praat dat die Heiland gestraf wou word in die plek van sondaars nie.

En op dieselfde plek waar hul Meester so dikwels gespreek het en waar Hy eendag selfs byna gestenig is, daar het Sy dissipels nou in Sy Naam gepreek.

MAAR ook hulle sou gou gehaat en vervolg word. Want die priesters het gemerk wat in die tempel gebeur het en het haastig aangeloop gekom met die hoofman van die tempelwagters en sy dienaars. En

watter Naam hoor hulle daar? .... Jesus? .... Hul oë het geflikker van woede. Hulle wou daardie Naam nie hoor nie. Jesus het gesterwe en die mense moes nie weet van Sy opstanding nie. Hulle wou hê almal moet glo dat die gerug van Sy opstanding louter bedrog was. Die dissipels het Sy liggaam gesteel terwyl die soldate geslaap het, so het hulle vertel. En hier staan twee manne nou en sê werklik Hy het opgestaan!

Hulle het hul dadelik laat vang en in die gevangenis laat sit. Weg met hulle! Deur so streng op te tree, sou die priesters gou 'n end maak aan al die doen en late van daardie lastige mense. Hulle wou nou eenmaal rus kry van daardie Jesus. Hulle het al genoeg moeite met Hom gehad!

EN daar sit Petrus en Johannes nou in die gevangenis, waar hulle die hele nag moes bly.

Maar hulle het nie getreur nie. Hulle het gevoel hoe naby die Here Jesus by hulle was en hulle was selfs bly om 'n bietjie te ly vir hul Meester wat so baie vir hulle gely het.

In hul gedagtes was hulle saam met die broers en susters van die gemeente wat ook dié 669

aand weer bymekaar sou wees. Die werk van die verkondiging van die evangelie het tog voortgegaan, al sou hulle ook hier sit! Hoe kon daardie dom priesters dink dat hulle dié werk ooit sou kan stopsit?

Daar was nou al reeds vyfduisend gelowiges!

Vyfduisend monde het met blydskap van Jesus gepraat! Was dit dan so erg as net twee moes stilbly?

DIE volgende dag het die Sanhedrin bymekaargekom.

Daar sit hulle weer: die sluwe ou Annas en Kajafas en al die ander lede van die deftige vergadering. Maar nou was hulle onrustig en

angstig. Hulle het hul verbeel hulle is klaar met daardie Jesus. En was al hul skelm planne en moeite dan nou verniet?

Hulle het Petrus en Johannes laat haal. Ook die bedelaar wat gesond geword het, moes kom.

Toe het hulle streng gevra: "Hoe het dit gekom dat hierdie man weer kan loop? Deur watter mag en deur watter naam het julle dit gedoen?"

Dit was Petrus wat geantwoord het. Hy het hom bevind by die manne wat Sy Meester veroordeel en bespot het. Skielik het hy weer die wonderlike krag en onbeskryflike vreugde gevoel wat hom op die Pinksterdag besiel het. Hy is vervul met die Heilige Gees en toe het hy niks meer gevrees nie. Hy het dapper gepraat en selfs gewaag om sy regters te beskuldig:

"Deur die Naam van Jesus Christus staan hierdie man gesond voor julle," het Petrus gesê.

"Deur Hom wat julle gekruisig het, maar wat God uit die dood opgewek het. Hy is die steen wat deur julle, die bouers, verag is, wat 'n hoeksteen geword het. En Sy Naam is die enigste Naam waardeur ons gered kan word."

Sy kragtige woorde het die geleerde regters verbaas. Hulle kon dit nie verstaan dat sulke ongeleerde en eenvoudige manne so vrymoedig was en dat die oudste een so dapper kon praat nie. Die regters was so verleë dat hulle nie geweet het wat om te sê nie. Wat kón hulle sê? . . . . Dat Petrus 'n leuenaar was? Maar die bewys van sy woorde, die man wat genees was, het daar by hulle gestaan!

Hulle beveel Petrus en Johannes toe om die saal te verlaat. Hulle wou die saak eers goed bespreek. Dit het hulle baie verleë gemaak. Wat moes hulle nou doen of sê?

Die hele Jerusalem het alreeds geweet dat daar 'n groot wonder gebeur het, en húlle kon dit nie ontken nie. Maar hulle wou hê die dissipels moes nie meer van daardie Jesus preek nie.

Daardie Naam moes vergeet, ja, heeltemal uitgeroei word!

En toe hulle Petrus en Johannes weer laat haal het, het hulle hul met 'n swaar straf gedreig as hulle dit nog net één keer sou waag om van Jesus te praat.

Dit het die apostels laat glimlag. Nie meer van hul Meester, hul Heiland, hul Saligmaker, hul Lewe, hul Alles praat nie? ... . Dan sou die mense hulle tonge moet uitsny. Tot hul dood sou hulle van Hom praat! Hy het self gesê hulle moet dit doen.

Toe sê hulle vir die hoëpriester: "Is dit dan reg dat ons vir julle meer gehoorsaam sal wees as vir God? Ons kan nie anders as om van Jesus te praat nie."

Maar die rabbi's het hulle toe nog meer gedreig met straf en daarna laat loop. Hulle sou Petrus en Johannes graag wou straf, ja, somaar dadelik vermoor, maar hulle kon dit nie waag nie, want hulle was bang vir die mense van Jerusalem. Almal het mos geweet en geesdriftig gepraat van die wonder wat gebeur het by die Skone Poort. Dink daaraan: die man was ouer as veertig jaar! En kreupel van sy geboorte af!

En nou loop hy hier weer rond soos enige ander mens! Was dit nie 'n wonder van God nie?

TOE Petrus en Johannes weer by hul vriende kom, het hulle vertel wat gebeur het en wat 670

die owerpriesters en ouderlinge gesê het.

Dit het die gemeente baie bly, maar ook bekommerd gemaak. Want noudat die vyandskap van die Jode eenmaal so heftig ontbrand het,

sou hulle nie rus voor hulle hul haat afgekoel het nie.

Maar die dissipels het geweet by wie hulle hulp moes soek. Hulle het neergekniel en alles aan die Here vertel.

Hulle het gesmeek dat Hy hulle dapper en sterk sou maak en dat Hy deur tekens en wonders sou bewys hoe 'n groot seën die heilige Naam van Jesus was.

En toe hulle gebid het, het die grond skielik onder hulle voete gebewe en hulle is opnuut vervul met die Heilige Gees.

Toe het hulle geweet dat hul gebed verhoor is. Toe kon hulle nie anders as om van hul Heiland te praat nie.

Nooit sou die Jode hul sin kry nie.

Jesus kon hulle nie vir altyd doodmaak nie.

Sy *Naam* sou hulle ook nie kan vernietig nie.

Daardie Naam sou lewe tot in ewigheid.

671

81. Ananias en Saffira

Handelinge 2: 42-47; 4:32-37; 5:1-11.

IE eerste gemeente van Jesus op aarde, die gemeente van Jerusalem — hoe mooi en D heilig het hulle gelewe, hoe groot was hulle liefde!

Die gemeentelede Het soos broers en susters saamgelewe. Hulle was een van hart en een van sin. Hulle was nie selfsugtig of afgunstig nie.

Die een het die ander soos homself liefgehad. Dit het gekom deur die wonderlike geluk in hul harte. Dit was die werk van die Heilige Gees van God in hulle.

Daar was baie arm mense in die gemeente, maar tog het niemand gebrek gely nie. Die huise van die rykes het vir hulle oop gestaan en aan hul tafels was daar altyd plek. Hulle het hul geld en goed vrygewig uitgedeel. Aardse skatte het geen waarde meer gehad vir mense wat die hemelse skat van Jesus se liefde gevind het nie.

Niemand het gesê dat iets van sy besittings sy eie was nie. Hulle het alles saam geniet.

Hulle was een groot huisgesin.

Daar was selfs mense wat 'n huis of 'n stuk grond verkoop en die geld na die apostels gebring het. Dit het Joses ook gedoen, en hy het die bynaam gekry van Barnabas of die

"seun van vertroosting".

Hy het 'n stuk grond gehad, maar gedink dis verkeerd om dit te besit terwyl daar so baie broers en susters was wat hulp nodig het. Hy het dit toe verkoop en die geld gebring en aan die voete van die dissipels neergelê. Hy kon nie anders nie; hy móés dit gee as 'n dankoffer aan die Here. Geen geld kon vir al sy blydskap in die Here Jesus betaal nie. Blydskap het hom gedwing om dit te doen.

En die apostels het die geld geneem en gebêre en daarvan uitgedeel aan dié wat iets nodig het.

So het die eerste gemeente in liefde saamgelewe. En dit het gelyk asof in Jerusalem die hemel op die aarde neergedaal het.

MAAR die Satan het nog altyd rondgesluip en geprobeer om in die gemeente te kom deur in iemand se hart in te dring. Daardeur wou hy die werk van die Here bederf.

Die meeste harte was vir hom gesluit. By die meeste mense was daar nie vir hom plek nie, want hulle was vol van die Heilige Gees.

Maar uiteindelik het die Satan die hart van Ananias en van sy vrou Saffira gevind.

ANANIAS het ook by die eerste gemeente aangesluit. Hy het ook soos die ander na die apostels gekom om gedoop te word, maar hy was nie spyt oor sy sonde nie. Ananias het die Here Jesus nie regtig liefgehad nie. Hy het meer van sy geld en van homself gehou. Hy het nie daaraan gedink om homself heeltemal aan die Heiland oor te gee nie.

Ananias het gesien wat Barnabas en ander gedoen het en hy het dit baie bewonder. Hoe mooi was dit tog om so baie geld somaar so weg te gee! Geen wonder dat daardie mense geprys en vereer word as groot weldoeners nie! Hulle het die eer ook deeglik verdien, dag Ananias.

Hy wou ook graag so vereer word .... Dit moet tog te heerlik wees om so deur almal bewonder en geprys te word as 'n vrygewige man!

As hy nou ook 'n stuk grond sou verkoop en al die geld na die apostels bring! . . . . Nee, dit sou darem te erg wees! .... Maar sê nou maar hy bring net 'n deel van die geld en hou die res vir homself! Dan sou die gemeentelede vra: "Hoekom bring hy nie alles nie?" Hulle sou hom darem so 'n bietjie eer, maar glad nie so baie soos vir Barnabas nie.

Toe Ananias só ver gedink het, het 'n stem skielik in sy hart gefluister: "Maar niemand hoef 672

dit mos te wéét dat dit net 'n deel is nie!"

En toe het Ananias verheug geknik. Natuurlik, hy sou dit maklik regkry om te maak asof hy alles gee, en tog stilletjies 'n deel van die geld agterhou. Dan sou hy die volle eer ontvang en bekend wees as 'n groot weldoener, hoewel dit hom nie soveel sou kos nie!

Hy het hierdie skelm plan met sy vrou Saffira bespreek. Sy het gedink dis pragtig en wou hom help. Ja, dit was 'n leuen, maar wat kom dit daarop aan? Niemand sou dit mos agterkom nie!

Hulle twee het toe so gemaak: Hulle het hul eiendom verkoop en 'n deel van die geld weggesteek. En die ander deel het Ananias na die tempel geneem.

Saffira het in spanning agtergebly. Aanstons, oor 'n paar uur, sou sy ook na die vergadering gaan. Vandag sou sy nie tuis bly nie.

Die Satan het gelag. Sy plan sou geluk. Onder al die liefde sou hy selfsug saai, onder al die waarheid 'n leuen, onder die koring die onkruid .... Dit sou mooi groei en die goeie saad verstik! En wat sou dan van die koninkryk van God word?

MAAR die Satan het vergeet dat die Here self met tere sorgsaamheid oor Sy gemeente waak en dat Hy nie toelaat dat Sy heilige werk bederf word nie.

Ananias het regop deur die saal geloop waar die gelowiges bymekaargekom het en het die geld met 'n trotse glimlag aan die voete van die apostels neergesit.

Sonder blik of bloos wag hy nou ewe kalm om hartlik bedank te word. Hy het tog met sy groot offer baie eer en roem verdien!

Maar Petrus het dieper as die oppervlakte gesien. Die Here het aan hom geopenbaar wat in die sondige hart van hierdie skynheilige man aangaan.

Bedroef het Petrus sy hoof geskud en gesê: "Ananias, hoekom het die Satan jou hart vervul om vir die Heilige Gees te lieg en om stilletjies 'n deel van die prys van die grond agter te hou? Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir God."'

Toe Ananias dit hoor, het hy meteens doodsbleek geword, neergeval en gesterwe.

Die Here het hom gestraf vir sy sonde. Die hemelse Landbouer het 'n wilde rank afgesny van Sy wynstok. 'n Paar jong manne van die gemeente het Ananias se liggaam toe uitgedra en gaan begrawe.

En almal wat dit gesien of gehoor het, was baie bevrees omdat die Here die sonde in sy gemeente so swaar gestraf het.

Dit was omtrent drie uur later toe Saffira ook in die vergadering ingekom het.

Sy wis nie wat gebeur het nie. Sy het altyd nog verwag om ontvang en, geprys te word soos iemand wat baie gegee en goed gedoen het.

Maar toe sy die saal binnekom, het alles doodstil geword. Hoekom kyk almal haar so snaaks en so ernstig aan? Sy kyk waar haar man is, maar sien hom nêrens nie.

Toe roep Petrus haar. By sy voete het nog die geld gelê wat Ananias gebring het.

Ernstig vra Petrus: "Sê vir my of julle die grond vir sóveel verkoop het."

En hy het gehoop dat Saffira die waarheid sou praat. Sy kon al besef het dat hulle bedrog reeds ontdek is. Sy het nog tyd gehad om haar te bekeer.

"Ja," sê sy met nadruk, "vir soveel."

Toe sê Petrus vir haar: "Waarom het julle ooreengekom om die Gees van die Here te versoek? Kyk, die voete van dié wat jou man begrawe het, is by die deur en hulle sal jou ook uitdra."

Toe het sy oombliklik neergeval en gesterwe daar by al die geld wat sy meer liefgehad het as die Here Jesus. En sy is ook uitgedra en by haar man begrawe.

Waar was nou al die eer waarvoor hulle twee gelewe het? En wat het nou van die Satan se listige plan geword?

Die land van die Here is skoongemaak van die onkruid.

Die mense wat nog nie aan die gemeente behoort het nie, het gebewe voor die heiligheid van die Here, en geen huigelaar wou dit waag om by die dissipels aan te sluit nie.

En die gelowiges het met nog meer heiligheid en liefde saamgewoon en hul getal het al groter geword.

82. Vervolging

Handelinge 5:12-42.

ANNEER Petrus deur die strate van Jerusalem geloop het, het die mense van alle W kante toegestroom. Hulle het baie siekes aangedra en op beddens en draagbare langs die pad gelaat sodat hy hulle gesond kon maak, want Petrus en dié ander apostels het tekens en wonders van die Here gevra en Hy het hulle wonderlik verhoor. Selfs uit die omtrek van Jerusalem is baie siekes en mense met onreine geeste gebring en almal is genees.

Toe is die Naam van die Here Jesus deur die hele Judea gehoor en die apostels se invloed het al groter geword.

MAAR die hoëpriester kon dit nie meer uithou nie. Hy en sy trotse aanhangers kon dit nie verdra dat die roem van die apostels elke dag meer word nie. Hulle was baie kwaad en afgunstig.

Hulle het lank geaarsel, want hulle was bang vir oproer, maar nou het hulle ingegryp. Hulle het hul dienaars gestuur en die apostels in die gevangenis laat gooi, asof hulle kwaaddoeners en moordenaars was.

Die swaar en sterk tronkdeur is gesluit en gewapende dienaars het dit bewaak.

Toe was die owerpriesters gerus. Want nou — so het hulle gedink — sou daar 'n end kom aan die gehate werk van daardie manne. Hulle wat Israel se leiers was, wou nie hê dat so iets nog een enkele dag moet voortgaan nie.

MAAR kyk, die Here in die hemel wou nie hê die werk moet selfs net een dag stilstaan nie!

In daardie nag nog het 'n engel van die Here in Jerusalem neergedaal. Al die deure het vir hom oopgegaan. Geen deurslot was vir hom te sterk nie. Hy het na die apostels in die gevangenis gegaan en hulle uitgelei buitentoe. Het die wagters dan geslaap? .... Of is hul oë deur die engel verblind? . . . . Hulle het nooit opgemerk wat gebeur het nie en aangehou om voor 'n leë tronk wag te hou!

Maar die apostels het in die koel nag na buite geloop en gehoor dat die engel sê: "Gaan en vertel in die tempel aan die volk al die woorde van hierdie lewe."

En toe die eerste besoekers vroeg in die môre by die Voorhof kom, het die apostels alreeds daar gestaan en net so kalm soos altyd voortgegaan met hul werk, asof daar geen strenge owerpriesters was nie.

DAARDIE môre is die Sanhedrin bymekaar geroep. Sewentig deftige regters het plegtig hul plekke ingeneem en met strenge oë na die deur gekyk waardeur die gevangenes gebring moes word. Die dienaars is gestuur om hulle te gaan haal.

Maar hulle het vol verbasing sonder die gevangenes teruggekom.

"Die gevangenes het gevlug!" het hulle uitgeroep. "Die gevangenis was goed toegesluit en die wagters het voor die deure gestaan, maar toe ons dit oopmaak, was daar niemand binne-in nie."

Toe die regters dit hoor, het hulle amper moed verloor. Gevlug? .... Deur geslote deure en verby gewapende wagte? .... Watter soort wonder is dit? . . . . Dit het na towery gelyk .... Wat sou nog gebeur met die dissipels van hierdie Jesus?

En voordat hulle nog van hul ontsteltenis kon herstel, het iemand haastig aangeloop gekom en gesê: "Kyk, die manne wat julle in die gevangenis gesit het, staan in die tempel en leer die volk."

En leer die volk! .... Dit was nog die ergste van alles! Kon daardie mense dan nie gedwing word om op te hou nie? Kon hulle, die regters, dan nooit van daardie Jesus ontslae raak nie?

Die tuin van Getsemané. Die boomstam wat soos 'n rots lyk, is waarskynlik die eeue-oue oorblyfsel van 'n spruit van een van die olyf bome wat daar gegroei het toe Jesus in die tuin van Getsemané ter wille van ons verlossing in so 'n sware stryd verkeer het. "En toe Hy in 'n sware stryd kom, het Hy met groter inspanning gebid, en sy sweet het geword soos bloed druppels wat op die grond val" (Luk. 22:44).

676

Die hoofman en sy dienaars is toe gestuur om die apostels te gaan haal — maar nie met geweld nie! O nee, hulle moes baie versigtig wees! Die mense het so baie van daardie manne gedink dat hulle iemand maklik kon stenig wat hulle kwaad wou aandoen.

Maar Petrus en die elf ander apostels het gewillig saamgekom. En daar staan die wonderlike manne toe wat in staat was om deur gegrendelde deure te ontsnap.

Maar die hoëpriester het van daardie wonder liewer niks gesê nie. Hy wou glad nie dink aan sy neerlaag nie. Hy het na die apostels gekyk en was, net soos die ander regters, in sy hart bang vir hulle. Hulle was die oorsaak dat hy geen rus kon kry van dié Jesus nie. Hulle hou mos aan om te praat van Sy dood en van Sy bloed wat onskuldig vergiet is . . . . Daardie bloed van Jesus — sou dit dan tog nog gewreek word?

"Laat Sy bloed kom oor ons en oor ons kinders!" het die rabbi's voor Pilatus geskreeu. Sou hierdie woorde nou al vervul word?

'n Angstige voorgevoel het Kajafas benoud laat voel. Maar hy het hom beheer en streng gevra: "Het ons julle nie uitdruklik verbied om in dié Naam te leer nie? En kyk, julle het Jerusalem met julle leer vervul en julle wil die bloed van hierdie Man op ons bring."

"Hierdie Man," het hy gesê. Sy Naam wou hy liewer nie uitspreek nie.

Maar daardie selfde Naam was die krag van die apostels. In dié Naam kon hulle waag om alles te sê. Bedaard het hulle geantwoord: "Ons moet God meer gehoorsaam wees as vir die mense. Die God van ons vaders het die Jesus wat julle omgebring het deur Hom aan 'n kruishout te hang, opgewek."

Hulle het gewaag om te sê: "Julle het Hom vermoor!" .... En toe het hulle die evangelie selfs aan hul regters verkondig.

"Hierdie Jesus is die Verlosser," het hulle gesê. "Hy wil Israel tot bekering en vergifnis van sonde bring."

Toe die rabbi's dit hoor, het hul hart amper van woede gebars. Moordsug het in hul oë geflikker. Hulle sou die apostels graag somaar hier voor hulle wil laat doodslaan.

MAAR kyk, meteens staan een van die regters op — 'n man met helder, verstandige oë, wat alles kalm aangehoor het. Hy was 'n Fariseër. Sy naam was Gamaliël en hy was 'n beroemde leraar in Jerusalem.

Hy het bevel gegee dat hulle die apostels 'n bietjie buitentoe moes bring. Toe sê hy kalm vir die ander regters:

"Manne, ek wil julle waarsku om versigtig te wees met hierdie mense. Dis glad nie nodig om so kwaad te word oor hulle nie, en julle rig ook niks daarmee uit nie. Dit lyk alles miskien baie erger as wat dit is. Ons het tevore al meermale so iets belewe. Onthou julle Theudas nie meer nie? Hy was ook 'n oproermaker en het baie van homself gedink. Daar het mos omtrent vierhonderd manne by hom aangesluit. Maar hy is ook vermoor en sy aanhangers is vergeet. Net so het dit later gegaan met Judas die Galileër. Dit het baie erg gelyk hoe hy 'n aansienlike aantal mense afvallig gemaak het. Maar dit is ook alles nou vergeet. Daarom sê ek vir julle: laat hierdie mense met rus. Want as hierdie werk net uit die mense is, sal dit vernietig word. Maar as dit uit God is, kan hulle dit nie vernietig nie. Dan sal julle eendag skrik as julle insien dat julle selfs teen God stry . . . ."

Toe het die raadslede instemmend geknik. Sy verstandige woorde het hulle nog 'n keer gekalmeer. Maar hulle wou hul tog nog wreek.

Hulle het die apostels geroep en hulle toe op wrede wyse laat slaan. En nadat hulle hul weer verbied het om in die Naam van Jesus te spreek, het hulle hul laat gaan. Nou sou hulle tog seker gehoorsaam wees! Hulle het nou mos gevoel hoe seer die Sanhedrin hulle kon maak.

Maar toe die apostels buite kom, het hul gesigte gestraal van vreugde. Nie omdat hulle weer 677

vry was nie, maar omdat hulle geslaan is!

Dit sou die ongelowige regters van die Sanhedrin nooit kan verstaan nie. Ook Gamaliël nie.

Vir die apostels van Jesus was die straf van geseling nie 'n *skande* nie. Dit was 'n *eer!* Om ter wille van die Here Jesus te ly, was 'n eer.

Eenmaal is hul Meester vir hulle gegesel. Wat 'n groot voorreg om nou dieselfde straf vir Hom te kan dra — hoe erg die pyn ook al mag wees.

As die geleerde priesters en Skrifgeleerdes dit tog maar verstaan het! .... Dan sou hulle ook geweet het dat die apostels se werk nie vernietig kon word nie.

Nee, die Jode sou die gemeente van Jesus nooit kan uitroei nie.

678

83. Stefanus

Handelinge 6 en 7.

oe groter die gemeente van Jerusalem geword het, hoe swaarder het die werk van die H apostels geword. Hulle het nie net gepreek nie,

maar ook die geld wat die ryk mense gegee het, uitgedeel aan die behoeftiges. Hulle moes sorg vir al hul arm broers en susters in Jerusalem en die versorging van dié groot huisgesin het op hul skouers gerus.

Die dubbele werk van preek en die versorging van die armes was te veel vir hulle.

Daar was twee soorte Jode in Jerusalem en in die gemeente. Daar was die Jode wat Grieks gepraat het nadat hulle lank in Griekeland of 'n ander heidense land gewoon het. En daar was die Hebreërs of Jode wat altyd in Palestina gebly het.

Die Griekse Jode het begin murmureer omdat hulle gedink het hul weduwees word nie net so goed versorg soos dié van die ander Jode nie.

Murmurering en ontevredenheid in die gemeente van Christus! Dit het die apostels laat skrik.

Hulle wou nie hê die mense se liefde vir die Here Jesus moet daaronder ly nie.

Hulle het die gemeente dadelik bymekaar geroep en gesê hulle, wat apostels is, moet hulp kry. Hulle kon tog nie hul groot werk van preek laat staan net om die armes te versorg nie.

Daarom het hulle voorgestel dat die gemeente self sewe verstandige en godvresende manne sou kies om vir die armes te sorg. En dit het gebeur.

Toe was alles weer reg. Daar was weer vrede in die gemeente en nog groter liefde as tevore.

Die apostels kon toe met vernieude krag en ywer voortgaan met hul belangrike werk van preek.

Die getal van die dissipels het nou vinnig vermeerder. Selfs baie priesters het in Jesus geglo en gekom om hulle te laat doop. Vroeër het hulle die Here Jesus gehaat, maar nou het hulle gehoorsaam voor Hom gekniel. En nou het ook hulle rus gekry.

En dag vir dag het die sewe helpers van die apostels rondgegaan in die stad om die behoeftige gemeentelede te help en te troos. Hulle is diakens genoem en een van hulle was Stefanus.

STEFANUS was 'n ywerige werker, vol van geloof en krag. Hy het meer gedoen as net die werk wat aan hom opgedra was. As hy brood of geld vir 'n arm huisgesin bring, het hy hulle ook van die blye boodskap van die liefde van die Here Jesus vertel. En hy het self ook groot wonders en tekens gedoen, net soos die apostels _

Hy was een van die dapperste predikers van die gemeente, en hy is meer gehaat as een van die ander. Party van die rabbi 's het hom begin agtervolg om hom teë te werk. Dit was sy vroeëre vriende, Jode van die Griekse sinagoge, wat hom nou kwaai aangeval en met hom gestry het.

Maar hulle kon sy wysheid nie weerstaan nie. Hulle kon hom nie teëspreek as hy uit die Skrif bewys dat Jesus die Messias is nie. Hulle het nie geweet wat om te antwoord as hy bewys dat die wet van Moses in Christus vervul is nie. Keer op keer het hulle verslae geword. En dan het hy hulle gewaarsku om hulle te bekeer voor die straf sou kom wat die Here Jesus voorspel het — voor die stad en die tempel sou verwoes word. Maar dit het hulle nie gedoen nie. Hulle was te vyandig gesind en hoogmoedig. En toe hulle Stefanus nie in 'n eerlike woordestryd kon oorwin nie, het hulle listige planne gemaak om hom uit die weg te ruim.

Daar was 'n paar slegte, gewetelose manne wat gewillig was om hom vals te beskuldig. Toe het sy vyande hulle eie volgelinge geroep om Stefanus te vang en na die Sanhedrin te bring.

Daar het die valse getuies hom van heiligskennis beskuldig. Hulle het sy woorde verdraai en gesê: "Hierdie man hou nie op om lasterlike dinge van die heilige tempel en die wet te sê 679

nie. Want ons het hom gehoor sê dat hierdie Jesus, die Nasarener, die tempel sou verwoes, en dat Hy die wette wat Moses aan ons oorgelewer het, sou verander!"

Toe het die regters kwaai na Stefanus gekyk.

Maar kyk, hy het nie bevrees geword nie, al was hul beskuldiging so gevaarlik! Hy het nog dapperder en nog onoorwinliker geword as ooit tevore toe hy daar voor sy vyande staan. Hy was kalm en blymoedig en sy gesig het van hemelse vreugde geglans en gelyk soos dié van

'n engel. En weer het die hoëpriester die angstige voorgevoel gekry wat hom al tevore benoud gemaak het, want hy het weer te doen gekry met die onverstaanbare en geheimsinnige kalmte van hierdie mense. Dit was asof niks hulle kon kwaad aandoen nie, asof hulle hul oral veilig gevoel het.

KAJAFAS het gevra: "Is hierdie dinge dan so?"

Toe het Stefanus met glinsterende oë na sy regters gekyk en begin praat. O ja, hy het hom hier ook veilig gevoel. Hy was baie seker dat selfs hierdie magtige leiers van Israel hom geen kwaad kon aandoen nie. En hy het 'n toespraak gelewer so moedig soos hulle nog nooit tevore gehoor het nie.

Hy het met eerbied gepraat van Moses en die tempel en daarop gewys hoe dwaas en verkeerd dit was om 'n afgod van die tempel te maak en te dink dat die Here nie ook buitekant die tempel tot Sy volk kon spreek nie. Het Hy dan nie lank voor daar 'n tempel was alreeds met Sy kinders gespreek nie? Het Hy Hom nie aan Abraham geopenbaar en aan die aartsvaders nie? Het Hy nie in die vuur van die doringbos aan Moses verskyn nie? Het die hele Israel nie later Sy stem by die berg Sinai gehoor nie? Hoe kon hulle, daardie trotse

rabbi's, dan nog dink dat die Allerhoogste in 'n tempel sou woon wat met hande gemaak is?

Het selfs Salomo nie by die inwyding van die tempel gesê dat die hemel, ja, die hoogste hemel, Hom nie kan bevat nie?

Stefanus het ook gepraat van die Jode se voorouers wat nooit geglo het in die Verlosser wat sou kom nie, net so min soos die leiers van Israel nou in die Here Jesus geglo het.

Hy het gepraat van Josef wat deur sy eie broers verkoop is en wat hulle later van 'n hongerdood gered het.

En hy het gepraat van Moses wat sy volk wou beskerm, maar wat moes vlug omdat hy verraai is. Daardie Moses is later baie geterg deur die ongehoorsame volk wat hy veertig jaar lank gelei het.

En toe Stefanus al die voorbeelde van ongeloof opgenoem het, het hy die regters in hul gesig vertel hoe sleg hulle is.

"Julle hardnekkiges," het hy uitgeroep, "julle weerstaan altyd die Heilige Gees; net soos julle vaders, so ook julle. Watter een van die profete het julle vaders nie vervolg nie? Hulle het dié doodgemaak wat die koms van die Messias voorspel het. En julle het self die Messias doodgemaak. Julle het nou verraaiers en moordenaars geword! Julle wat die wet van God ontvang het, het dit tog nie onderhou nie . . . ."

MAAR toe kon Stefanus nie verder praat nie, só hard en kwaai het die regters geskreeu.

Hulle gesigte was verwring van woede en hulle het op hul tande gekners.

Maar hy het kalm bly staan asof hy hulle nie hoor nie en sy oë het skielik begin straal van vreugde toe hy opkyk na die hemel.

Hy het sy plig dapper en gehoorsaam gedoen in hierdie sondige wêreld en nou het die Here Sy kneg op 'n wonderlike manier die ander wêreld laat sien waarheen hy sou gaan.

Hy het die heerlikheid van God gesien en ook Sy Heiland wat gereed was om hom te ontvang daar waar Hy langs die troon van Sy Vader staan.

Hy het nie meer nodig gehad om die haat van sy vyande te vrees nie. Hy het hulle nie eens opgemerk nie toe hy verruk uitroep:

"Kyk, ek sien die hemel geopen en die Seun van die mens aan die regterhand van God staan."

Maar hulle het hard geskreeu van ontsteltenis en hulle ore toegestop. Hulle dag hy praat godslasterlik. Dit het gelyk asof hulle hul verstand verloor het. Soos wilde diere het hulle op hom aangestorm en hom uitgesleep, uit die saal, deur die smal, krom strate, tot buitekant die stad. Daar het hulle hom gestenig.

Die manne wat teen hom getuig het, het die eerste klippe gegooi. Hulle het hul lang, los boklere uitgetrek om beter te kan gooi en 'n jong man het haastig nader gekom om die klere op te pas.

Sy naam was Saulus.

En so het die eerste klippe die dapper getuie van Jesus getref. Maar hy het nie gekla nie; hy het net gebid: "Here Jesus, ontvang my gees!"

En toe hy op sy knieë neergesak het onderwyl die klippe op hom gereën het, het hy nog opgekyk na die hemel en uitgeroep: "Here, reken hulle hierdie sonde nie toe nie."

Toe hy dit gesê het, het hy gesterwe.

Met sy lewe het hy die Heiland verheerlik. Met sy dood het hy dit ook gedoen.

So het Stefanus, die eerste martelaar vir Christus, gesterwe. Na die voorbeeld van sy Meester het hy met 'n gebed vir sy vyande na die hemel gegaan.

Sy vyande het na hierdie vreeslike moord seëvierend teruggegaan na die stad.

Met groot droefheid het sy vriende sy verminkte liggaam gaan begrawe. En hulle het lank oor hom gerou.

Maar Stefanus self was alreeds by sy Heiland, daar waar daar geen pyn en verdriet of vyandskap meer is nie.

Hy was getrou tot die dood en het die kroon van die lewe ontvang.

En wat het dit sy vyande gebaat?

Hulle het hom maar net eerder in sy ewige heerlikheid laat ingaan, waarna sy siel verlang het.

Wie was nou die oorwinnaar?

681

84. Die Werk van Filippus

Handelinge 8:1-40.

A die dood van Stefanus het die -L ^ owerpriesters en Skrifgeleerdes die gemeente in N Jerusalem hewig begin vervolg. In hul groot ywer het hulle hul deur niks en niemand laat keer nie, ook nie deur die verstandige Gamaliël nie. Die ywerigste van almal was een van hulle leerlinge, 'n jong Fariseër, Saulus. Dit was hy wat by die steniging van Stefanus die klere van die getuies opgepas het. Saulus het dit geniet om te sien hoe die

"godslasteraar" doodgemaak word. So moet dit met al die Christene gaan, het hy gedink.

Saam met die dienaars van die hoëpriester het hy sy bes gedoen om die gemeente te verwoes. Hy het in hul huise gegaan en manne en vroue uitgesleep en in die gevangenis gegooi.

Daar hoort al die verraaiers van die ware godsdiens, dag Saulus.

Hy sou nie tevrede wees en het gedink die Here sou ook nie tevrede wees voor die hele gemeente uitgeroei is nie.

'n Kwaai stormwind het oor die land van die Here gewaai en van die mooiste plante is geknak of platgeslaan. Maar dieselfde wind het ook die saad van die Woord van God op sy vleuels gedra en dit op vrugbare plekke laat val waar dit welig gegroei het. Want kyk, toe die gemeentelede gevlug het en wyd en syd oor Judea en Samaria versprei is, het die manne en vroue oral waar hulle gekom het vir die mense van die Here Jesus vertel. Die koninkryk van God het toe nog vinniger uitgebrei.

Die kwaad wat die Satan die gelowiges wou aandoen, het die Here in goed verander.

FILIPPUS, een van die ses diakens of armeversorgers wat na die dood van Stefanus nog oorgebly het, het ook uit Jerusalem gevlug en in Samaria gekom. Dit was mos die stad wat deur die Jode so diep verag is. Maar die Here het niemand verag nie en Filippus ook nie.

Daarom het hy die evangelie met vrymoedigheid aan die Samaritane verkondig.

Van alle kante het mense kom luister. Niemand het hom teëgespreek of onverskillig die rug op hom gedraai nie. Dit het gelyk asof hulle net gewag en baie verlang het om die blye boodskap te hoor, en baie het dit aangeneem en gelowiges geword.

Dit was heerlike dae vir Samaria en ook vir Filippus. God het hom gehelp en krag gegee om groot wonders te doen. Hy het siek mense gesond gemaak, en dié wat met onreine geeste na hom gebring is, het gesond huis toe gegaan.

Daar was groot blydskap in daardie stad. 'n Nuwe gemeente is gebore, 'n nuwe huisgesin van gelukkige mense wat almal die Heiland geken het.

IN Samaria was daar 'n wonderlike man met die naam van Simon wat deur die hele stad vereer is. Hy was niks minder as 'n towenaar nie, en hy was trots daarop.

"Ek is 'n groot man!" het hy gesê. "Ek is iets besonders."

En dan het hy binnensmonds sy geheime toorwoorde geprewel en allerhande wonderlike dinge gedoen deur middel van goëltoertjies wat hy alleen geken het. Baie mense het hom aangehang en in verrukking uitgeroep: "Hy is die groot krag van God!"

Maar toe Filippus in die stad kom, was dit klaar met Simon se grootpratery. Die nederige, eenvoudige Filippus, wat nooit van homself nie, maar altyd net van die Here Jesus gepraat het, het groter wonders gedoen as die towenaar. Toe die mense van Samaria gedoop is, het hulle nie meer van Simon notisie geneem nie. Toe hulle eers die blydskap van Jesus leer ken het, het hulle hul nie meer aan sy towery gesteur nie.

En Simon het self ook nie meer daarvoor omgegee nie. Hy het hom só oor die wonders van Filippus verbaas dat hy gevoel het hoe klein en onbelangrik hy self was. Hy het geluister na Filippus se woorde. Hy het nie baie daarvan verstaan nie, maar sy hart is tog verlig deur 'n 682

bietjie geloof. Dit was maar swak en klein, maar tog het hy hom ook laat doop.

Simon het egter nie sy ou werk van towery vergeet nie. Die wonders van Filippus het hom meer aangetrek as sy woorde. Hy het met verbaasde oë gekyk as 'n siek of kreupel man deur die geloof in Jesus gesond geword het. Hy kon dit nie kleinkry dat dié prediker so 'n geheimsinnige mag het nie.

ORAL in die land het die mense gehoor van die wonderlike dinge wat in Samaria gebeur het.

Die apostels in Jerusalem kon byna nie glo dat die half heidense Samaria so ryk geseën is nie. Hulle het toe vir Petrus en Johannes gestuur om die saak te ondersoek.

Hoe bly was hierdie twee apostels nie toe hulle by Filippus kom en sien dat dit alles waar is wat hulle gehoor het! Hulle het hom dadelik begin help in sy heerlike werk en toe die gemeente bymekaargekom het, het hulle gebid dat die Here ook hier die Heilige Gees sou uitstort net soos in Jerusalem met Pinkster. Na die gebed het hulle hul hande op die gelowiges gelê en toe is ook die harte van die Samaritane met die Gees vervul.

Simon het weer verwonderd gestaan en kyk wat gebeur. Hy kon amper nie roer van verbasing nie. Ag, hy het nog so min verstaan van die Woord van God. Hy dag Petrus en Johannes was self in staat om die Heilige Gees te skenk deur 'n soort towery wat 'n mens kon aanleer. Hy het nog sy ou heidense geaardheid gehad en hy was begerig om ook te kan doen wat die apostels doen. Hy sou alles wil gee wat hy besit om dié towerwoorde te leer wat hulle, soos hy gedink het, gebruik het.

Hy het die apostels gewink om 'n bietjie met hulle alleen te praat. Hy het hulle 'n handvol geld aangebied en gevra: "Gee my ook hierdie mag, sodat elkeen wat ek die hande oplê die Heilige Gees kan ontvang."

Maar hy het inmekaar gekrimp toe hy die toom sien wat meteens in Petrus se oë opvlam. Sy vreeslike bygeloof het Petrus laat skrik en hy

het hom streng bestraf. Petrus het geantwoord:

"Mag jou geld saam met jou vergaan omdat jy gedink het jy kan die gawe van God met geld verkry. Jy het geen deel of lot in hierdie saak nie, want jou hart is nie reg voor God nie.

Bekeer jou tog, Simon, en bid dat die Here jou hierdie sonde sal vergewe."

Simon het gebewe van angs en sy hande smekend uitgestrek na die apostels. Hy was bitter spyt. In sy onkunde het hy so 'n dwase versoek gedoen. Hy het gevra die apostels moet bid dat die Here hom nie sou straf nie. Hy het nog steeds gedink dat hulle oor 'n besondere mag beskik en dat hulle gebed eerder verhoor sou word as syne.

Maar Simon het darem 'n bietjie geloof gehad. As hy maar die Skrif mooi wou lees en ondersoek en probeer om naby die Here te lewe, sou die lig altyd helderder in sy hart skyn totdat al die duisternis van die heidendom verdrywe is.

NIE lank daarna nie het die apostels teruggegaan na Jerusalem, en in al die dorpe wat hulle deurgegaan het, het hulle die evangelie verkondig.

Filippus het ook vertrek. Die Here het ander werk vir hom gehad. 'n Engel het na Filippus gekom en vir hom gesê: "Staan op en gaan na die suide op die pad wat afloop van Jerusalem na Gasa. Dit is 'n eensame pad."

Dit was al. Maar vir Filippus was dit genoeg. Hy het gegaan en nie gerus nie voor hy op daardie pad was wat met baie draaie deur die droë en eensame heuwelland van Judea geloop het.

Toe het hy moeg langs die pad gaan sit en wag totdat die Here hom sou sê wat om te doen.

En kyk, dit het nie lank geduur nie of daar kom 'n karavaan van die noordekant af aan.

Gewapende ruiters, donker van kleur, het vooraan gery en swart slawe het agteraan gevolg op kamele met swaar pakke. In die middel was 'n mooi wa waarop 'n Ethiopiër gesit het. Hy was netjies aangetrek, want hy was 'n belangrike man. Hy het met soveel aandag in 'n boekrol gesit en lees dat dit gelyk het asof hy nie eens oplet waarheen hy ry nie.

683

Toe Filippus hom sien, het 'n stem meteens in sy hart gesê: "Gaan daarheen en bly by daardie wa."

Hy het die stem van die Heilige Gees gehoorsaam en dadelik daarheen gegaan. Die vername reisiger het hom nie opgemerk nie. Hy het hardop gesit en lees en Filippus het hom gehoor sê: "Soos 'n skaap is Hy gelei om geslag te word, en soos 'n lam wat stom is voor die een wat hom skeer, so maak Hy Sy mond nie oop nie."

Toe het die man met 'n sug sy hoof geskud en diep gesit en nadink. Dit het gelyk asof hy die woorde nie mooi verstaan nie.

Maar vir Filippus was dit bekende en beminde woorde uit die boek Jesaja. En toe het hy meteens verstaan hoekom die Here hom daarheen gestuur het. Hy het gevra:

"Verstaan u wel wat u lees?"

Verras het die Ethiopiër opgekyk. Nou eers merk hy die vreemdeling op. Maar hy het in twee verstandige en vriendelike oë gekyk en Filippus dadelik vertrou.

"Hoe kan ek dit tog verstaan?" het hy bedroef gevra. "Ek het niemand om dit vir my uit te lê nie."

En hy nooi Filippus om op die wa te klim en by hom te kom sit. Dit het Filippus toe gedoen.

DIE man was op pad na Ethiopië, of Abessinië, waar hy 'n vername staatsamptenaar was van die koningin Kandacé. Sy het al haar goud en ander skatte aan sy sorg toevertrou. En daar in dié ver land van Noord-Afrika het Hy gehoor van die God van die Jode en hy het die lang en gevaarlike reis na Jerusalem afgelê om die Here in Sy eie tempel te kan aanbid. Die boekrol het hy miskien ook daar gekoop — 'n Griekse vertaling van die profesieë van Jesaja.

Saam met Filippus het hy toe weer die deel gelees wat hy so moeilik gevind het: "Soos 'n skaap is Hy gelei om geslag te word, en soos 'n lam wat stom is voor die een wat hom skeer, so maak Hy sy mond nie oop nie."

Toe het hy Filippus aangekyk en gevra: "Sê my tog asseblief, van wie sê die profeet dit —

van homself of van iemand anders?"

En Filippus het sy werk gedoen. Dit was nie vir hom moeilik nie, want daardie man was baie begerig om die Here beter te leer ken. Filippus het die woorde van Jesaja vir hom uitgelê. Hy het hom vertel van die liefde van die Here Jesus — hoe Hy gely en gesterf het vir sondaars en hoe Hy opgestaan het uit die dood en opgevaar het na die hemel. Hy het gesê dat die Here Jesus almal wat in Hom glo, gelukkig sal maak, en dat 'n mens jou moet bekeer en gedoop moet word.

Onderwyl hy nog praat, het die Ethiopiër se oë al meer geskitter, want hy het besef dat hy nie verniet so ver gereis het nie. Nou het hy uiteindelik gevind wat hy nie in Jerusalem, in die tempel, by die trotse Skrifgeleerdes kon kry nie.

Die nederige, eenvoudige vreemdeling het gekom om hom te wys by wie hy die ewige geluk van sy siel kon vind. Ook vir hom

het die Here Jesus na die aarde gekom. Toe hy nog in sy vaderland was en miskien nie eens aan die Here gedink het nie, het Jesus ook vir hom gesterwe!

Onderwyl die hofdienaar met ontroering daaraan dink, het die wa net by 'n waterstroom verbygegaan. En meteens roep hy uit: "Daar is water, wat verhinder my om gedoop te word?"

Filippus het geantwoord: "As jy met jou hele hart glo, is dit veroorloof."

Toe sê die hofdienaar eerbiedig: "Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is."

Dit was genoeg. Die een wat dit glo, het die pad na die hemel gevind. Die wa het stilgehou.

Altwee die manne het saam in die water afgeklim en op daardie eensame plek in Judea is die Ethiopiër gedoop in die Naam van Jesus, sy Heiland.

684

Nadat hy diep bewoë uit die water opgeklim en na Filippus omgekyk het, het hy niemand gesien nie. Die Gees van die Here het Filippus skielik weggeneem. Die hofdienaar was weer alleen met sy dienaars. Met blydskap het hy verder gereis en na sy land 'n skat saamgeneem wat hy nie vir al die skatte van sy koningin sou wil verruil nie.

FILIPPUS het in Asdod weer begin preek. Van daar het hy deur die land van die ou Filistyne gegaan na Cesarea, 'n belangrike hawestad. En daar het hy toe bly woon en nog baie ander mense ryk gemaak, want hy was 'n skatmeester van die Koning van die konings.

685

85. Die Bekering van Saulus

Handelinge 9:1-30; 22: 3-21; 1 Korinthe 15: 8; 16: 4-18; 2 Korinthe 11: 32, 33; Galasiërs 1:13-19; Filippense 3:5.

ANNEER 'n Oosterse boer in die ou tyd 'n os gebruik het om sy ploeg te trek, het hy W agter die dier aan geloop met 'n lang stok waaraan 'n skerp ysterpen aan die voorpunt vasgemaak was. As die os dan nie aangedryf wil word nie, maar agteruit skop, het die boer die stok só gehou dat die os in die pen of prikkel skop. Hoe meer hy skop, hoe seerder het sy poot gekry, en dit het hom gou geleer om gehoorsaam te wees en die ploeg te trek.

So gaan dit ook met elke mens wat opstandig is teen die Here. Al sy teëstand kan tog nie die wil van die Here verander nie, en hy maak homself net al hoe ongelukkiger.

So iemand was Saulus wat die gemeente in Jerusalem vervolg het, maar hy het dit nie verstaan nie. Hy het gedink dis sy plig om die dissipels van daardie Nasarener te vervolg. En elke keer as hy diep ongelukkig gevoel het nadat hy weer manne en vroue gemartel het, het hy vir homself gesê: "Ek het nog nie genoeg my bes gedoen nie." Dan het hy nog erger te kere gegaan teen die gelowiges. Maar hy het nog steeds ongelukkiger geword.

SAULUS is in Tarsus gebore, 'n mooi Romeinse stad in die suid ooste van Klein-Asië, wat ons vandag ken as Turkye. Sy vader was 'n Jood uit die stam van Benjamin, net soos lank tevore koning Saul was. Miskien het hy juis daarom sy seun Saulus genoem. Maar omdat hy ook 'n Romeinse burger was, moes hy sy kind ook 'n nie-Joodse naam gee. So het dit gekom dat Saulus ook Paulus genoem is.

Saulus het in 'n heidense stad gewoon, maar sy vader was baie vroom en selfs 'n Fariseër, en het hom in die ware godsdiens van die Jode opgevoed. Hy het sy seun die mooi verhale van die Skrif vertel en hom *die* wette van Moses geleer. Sy vader het ook gesorg dat hy 'n ambag ken om eendag sy brood te kan verdien. Hy het geleer om tente van bokhare te maak. Baie seuns het dit in Tarsus geleer. Maar Saulus moes nie net 'n ambagsman wees nie. Hy moes ook 'n

Skrifgeleerde word. Daarom is hy, toe hy nog jonk was, na Jerusalem gestuur, waar later 'n getroude suster van hom gewoon het. Wie weet, miskien het sy tóé al daar gewoon en het hy by haar geloseer.

Daar, in die heilige stad, het Saulus aan die voete van Gamaliël gesit wie se geleerdheid hy gretig ingedrink het.

Alles wat hy gedoen het, het hy deeglik gedoen. Hy was die fluksste van al die leerlinge. Hy het die grootste agting gehad vir die wette van Moses, vir sy voorvaders en vir sy volk. En hy het baie vertroue gehad in die rabbi's. So het hy self 'n vurige en strenge Fariseër geword, 'n yweraar vir die wet.

Hy het eerlik geglo dat sy volk alleen gered kan word deur al die gebooie van die wet te gehoorsaam.

Wie weet, miskien het hy die Here Jesus toe ook een maal gesien en na Hom geluister.

Maar hy het nie in Hom geglo nie. Hy het net sy eie leraars geglo en dit goedgekeur dat hulle teen die Here Jesus gaan. Jesus was die grootste vyand van sy volk, daarvan was Saulus seker. Hy dag Jesus was die grootste bedrieër wat ooit geleef het.

En toe dit later gebeur dat die dissipels van Jesus Sy leer ook nog wou versprei, het Saulus hul ergste vyand geword. Hy was by toe Stefanus gestenig is en was bly daaroor. Want het Stefanus dan nie die leraars van wie Saulus so baie gedink het, oortreders van die wet en moordenaars genoem nie?

Van toe af het Saulus geweet waarvoor hy moes lewe. Die Naam van Jesus Christus moes heeltemal uitgewis word. Hy wat Saulus van Tarsus was, sou sorg dat dit gebeur en die Here sou hom seker daarvoor seën!

TOE het hy met sy verskriklike agtervolging van die Christene begin, eers met kalme oorleg, 686

maar later met al meer dweepsug en geweld. Maar toe hy sien dat sy slagoffers in die gevangenis tevrede en selfs bly was en toe hy aan die dapperheid van Stefanus dink, het hy al onrustiger geword. Dit was asof 'n stem in sy hart sê: "Saul, hou tog op. Hulle is kinders van God .... Dis teen Hom wat jy veg, Saulus! . . . Jesus is die Messias!...."

Maar hy wou nie eens daarna luister nie. Was dit die stem van sy gewete? Nee, dag hy, dis maar net nog 'n bietjie ongeloof wat in sy hart oorgebly het.

Jesus, die Messias? Ag, dit was 'n groot sonde om so te dink!

Om die stem in sy gewete stil te maak, het hy die gelowiges nóg wreder vervolg. Hy het hulle in die sinagoges geslaan totdat hulle gekerm het om genade en dan in hul groot angs die Naam van Jesus gelaster het, of totdat hulle as martelare gesterwe het. Hy het dreiging en moord geblaas en toe dit al moeiliker word om nog gelowiges in Jerusalem te vind, het hy hulle buite die stad gaan soek. Hy het geen rus gehad as hy nie iemand kon kry om wreed te mishandel nie.

Hy het gehoor dat daar ook in Damaskus 'n gemeente gestig is. Dié wou hy ook tot niet maak. Hy het na die hoëpriester gegaan en sy toestemming gevra. Die hoëpriester was bly om hom te laat gaan en het hom geprys. Ook het hy briewe aan Saulus gegee om saam te neem na die sinagoges in Damaskus, sodat hulle hom kon help. En nie lank daarna nie het Saulus met 'n klomp soldate na Damaskus afgereis. Dié stad was ver weg, maar nie te ver vir Saulus se dweepsieke geesdrif nie. As hy maar net Christene kon vind, sou hy hulle met kettings geboei na Jerusalem bring!

DIE reis van vyf of ses dae langs die stil en eensame paaie moet vir Saulus baie vermoeiend gewees het. Onderwyl hy daar neerslagtig gery het, het sy onrustige gedagtes hom al meer gepla. Maar hy het op sy tande gebyt en aangehou. Wat hy gedoen het, het hy altyd

deeglik gedoen. Hy sou aanhou tot die einde toe, totdat die Naam van Jesus die Nasarener nie meer op die aarde gehoor word nie.

Dit was middag en die son het warm gebrand toe hy naby Damaskus kom. Dit was die tyd van die dag toe die karavane gewoonlik gerus het. Maar toe Saulus die groot stad sien, het hy sy soldate aangedrywe, want hy moes so gou moontlik weer mense vervolg en martel om die stem van die Here in sy hart te probeer smoor.

En tóé het die groot wonder gebeur wat met een slag 'n end gemaak het aan al sy dweepsug.

Toe al die waarskuwings en vermanings van die Here se stem in sy hart nie help nie, het Jesus daardie man, wat soos 'n verblinde perd op loop gesit het, in een oomblik gekeer en laat stilstaan.

Skielik het 'n groot lig, sterker as die glans van die son, uit die hemel geskyn en Saulus en sy manne omstraal. Verskrik het hulle hul hande voor hul oë gehou en Saulus het op die grond geval en sy arms om sy hoof geslaan.

En toe hy daar in groot angs op die grond lê, hoor Saulus skielik 'n stem wat vra:

"Saul, Saul, hoekom vervolg jy My?"

Wie se stem was dit? Saulus het nie geweet nie en het nie gewaag om op te kyk nie. Hy kon maar net stamel: "Wie is U, Here?"

En toe hoor hy die verskriklike en verpletterende antwoord: "Ek is Jesus wat jy vervolg. Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop!"

Jesus, die Messias! . . . . Hy is tog die Messias wat nou in die hemel sit! O, toe het Saulus se hele liggaam gebewe en hy kon nie anders nie as om baie laag te buig en eerbiedig te fluister: "Here, wat wil U hê moet ek doen?"

Die almagtig Verlosser het geantwoord: "Staan op en gaan na die stad en daar sal dit vir jou gesê word wat jy moet doen."

687

Toe het dit donker geword voor Saulus se oë, donker soos die nag. Hy het sy oë wyd oopgerek, maar dit was alles pikswart voor hom. Die lig van die hemel het hom blind gemaak.

688



Die tuin van Getsémané. "En Hy het 'n bietjie verder gegaan en op sy aangesig geval en gebid en gesê: My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by my verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil" (Matt. 26:39).

Sover ons weet, is Jesus bo-op hierdie heuwel gekruisig. Let op hoe die rotse die indruk skep van 'n hoofskedel (met die twee "ooggate"). "En hulle het Hom gebring op die plek Gólgota, dit is, as dit vertaal word: Plek van die Hoofskedel. En dit was die derde uur (9 vm.) toe hulle Hom gekruisig het" (Mark. 15:22, 25).

Sy manne het verbaas gestaan. En toe loop hulle nader en hou hom vas. Hulle het nie verstaan wat gebeur het nie. Hulle het die stem gehoor, maar niks verstaan nie. Hulle was baie ontsteld en het hom toe na die stad gelei, na die huis van 'n sekere Judas, moontlik een van die vernaamste Jode van die stad. Paulus wat gemeen het om daar baas te speel, het nou hulpeloos en blind daar aangekom.

EN daar sit hy nou in die stikdonker. Hy wat Saulus van Tarsus was, die geweldenaar, was

'n gebreekte man. Die ywerige vegter vir God en Sy diens het nou skielik ingesien dat hy *teen* God geveg het.

Hulle het vir hom kos en water gebring, maar hy het dit nie aangeraak nie. Drie dae lank het hy nie geëet of gedrink nie. Hy het nie aan so iets gedink nie. Hy het net gedink aan Jesus, die Messias, wat hy vervolg het, en sy hart was verskeur. Hy het gedink aan die Skrif wat van Hom vertel en wat hy self so goed geken het. Nou kon hy nie begryp hoe op aarde hy so verblind was nie!

Noudat hy daar as 'n blinde man sit, is sy oë vir die Skrif geopen. Nou het hy Stefanus weer met sy stralende gesig gesien; hy het hom weer vir sy vyande gehoor bid, terwyl die bloed uit sy wonde loop. Ja, hy het almal weer gesien wat hy so onskuldig laat martel of vermoor het. Hy het hulle gekerm weer gehoor.

Nou moes hy self in sy vreeslike berou kerm:

"O God, wees my, sondaar, genadig!"

En kyk, onderwyl hy bid, voel hy 'n sagte hand

op sy hoof druk en meteens het hy weer lig

gesien. Dit was die hand van 'n man wat by

hom gestaan het en hy het geweet dat dit

Ananias moet wees. Maar toe het alles weer

donker geword. Dit was maar net 'n gesig wat

hy gesien het — 'n mooi gesig, maar niks meer

nie.

Was dit miskien 'n vriendelike boodskap van die hemel dat hy tog nog mag hoop?

DAAR het werklik in Damaskus 'P sekere Ananias gewoon. Hy was hoog geag en 'n getroue dissipel van Jesus. Hy het nog nie geweet wat met Saulus gebeur het nie. Die gemeente het darem al 'n gerug gehoor dat Saulus op pad was om hulle te kom vervolg. Maar op die derde dag na sy aankoms het Ananias die Here se stem gehoor: "Ananias!" En hy het geantwoord: "Hier is ek, Here." Toe sê die

Here vir hom: "Staan op en gaan na die straat wat genoem word Reguitstraat, en vra in die huis van Judas na 'n man met die naam van

'n Deel van die straat in Damaskus wat

Saulus van Tarsus, want kyk, hy bid, en hy het

Reguitstraat genoem. Dit bestaan vandag nog en word deur die Arabiere Derb-el-

in 'n gesig 'n man met die naam van Ananias

Mustaqum genoem. "Toe sê die Here vir

sien inkom en hom die hande oplê, sodat hy

hom (Ananias): Staan op en gaan na die

weer kon sien."

straat wat genoem word Reguitstraat, en vra

Ananias het geskrik en hy kon sy ore amper

in die huis van Judas na 'n man met die

nie glo nie. Hy sou miskien wou gevlug het vir

naam van Saulus van Tarsus, want kyk, hy

bid . . . ." *(Hand. 9:11).*

daardie Saulus en nou moet hy na hom gaan!

Na daardie wrede man!

Verbaas antwoord Ananias: "Here, ek het van baie mense aangaande hierdie man gehoor hoeveel kwaad hy U heiliges in Jerusalem aangedoen het en dat hy hier volmag van die owerpriesters gekry het om almal te boei wat U Naam aanroep."

Maar die Here sê vir hom: "Gaan, want hy is vir My 'n uitverkore werktuig om My Naam te dra voor nasies en konings en die kinders van Israel."

Saulus 'n uitverkore kneg van die Here?

Links is die sogenaamde venster van Paulus by die stadspoort van Damaskus. "En hulle (die vyande van Paulus) het die poorte dag en nag bewaak, dat hulle hom kon ombring; maar die dissipels het hom geneem en in die nag deur die muur neergelaat deur hom in 'n mandjie te laat afsak" (Hand. 9:24, 25).

Saulus 'n prediker van die evangelie? Nie 'n vyand nie, maar 'n broer? Dit was ongelooflik.

Maar Ananias het gegaan. Toe hy Saulus daar sien sit — blind en vooroor gebuig, bedroef en wanhopig — het Ananias hom alles vergewe wat hy gedoen het. Saggies lê hy sy hand op Saulus se hoof en sê: "Saul, broeder, die Here het my gestuur, naamlik Jesus wat aan jou verskyn het op die pad waarmee jy gekom het, sodat jy weer kan sien en met die Heilige Gees vervul word."

Op dieselfde oomblik het iets soos skille van sy oë afgeval. Hy kon weer sien en hy het gekyk na die man wat hom "broer" genoem het. Hy was baie bly om te sien dit is werklikwaar die man van wie hy gedroom het.

Ananias het hom ook vertel wat die Here gesê het.

"Dit was lankal die wil van die Here dat jy Sy kneg sal word," het hy gesê. "Jy sal Sy getuie wees, en net soos jou oë geopen is, sal jy ook die heidene se oë open. Jy sal hulle bring uit die duisternis na die lig, uit die Satan se mag na God, sodat ook hulle sonde vergewe kan word."

Maar toe Saulus nog altyd stilsit en nie kon praat van dankbaarheid nie, sê Ananias: "Maar 691

hoekom versuim jy? Staan op; laat jou doop en jou sondes afwas, nadat jy die Naam van die Here aangeroep het."

Só is Saulus verander van 'n vyand in 'n dissipel van Jesus. Hy is gedoop en het 'n nuwe lewe ingegaan. Hy kon nou ook weer eet. Hy het sterk geword en was bly, want hy het geweet waarvoor hy voortaan sou lewe. Soos hy mense wou afskeur van die Here Jesus so sou hy hulle in die toekoms na Hom toe bring. Net so ywerig soos vroeër, ja, nog baie yweriger, sou hy nou werk. Want nou twyfel hy nie meer nie. Eindelik het hy rus gekry vir sy siel.

Hy sou 'n apostel van die Here Jesus word. Maar hy was nog nie bekwaam genoeg vir die groot werk nie. Daarom het hy hom eers afgesonder van ander mense, net soos Johannes die Doper gedoen

het. Hy het lank in Arabië gaan vertoef waar hy alleen met God kon wees.

Toe het hy na Damaskus teruggegaan en met groot krag in die sinagoges begin preek. Hy het die Jode vertel dat Jesus Christus die Verlosser is wat die volk so lank verwag het. En hulle kon hom nie teëspreek nie, want hy het dit uit die Skrif bewys. Ontsteld het hulle na hom gekyk en gesê: "Maar is dit dan nie die man wat almal in Jerusalem vervolg het wat die Naam van Jesus aanroep nie? Is dit nie hy wat hierheen gekom het met die doel om hulle te boei en na die owerpriesters te bring nie?"

Nee, dit was nie meer dieselfde Saulus nie. Deur die Here se genade het hy 'n ander mens geword. En hierdie *tweede* Saulus wou niks so graag doen as om reg te maak wat die *eerste* een verbrou het nie.

Ag, hy sou dit nooit heeltemal kon reg maak nie. Hy sou nie die lewe van Stefanus weer kon teruggee nie. En die ander dissipels wat hy laat gesel het, het tog gegesel gebly.

Saulus sou dit alles nooit vergeet nie. Hy het gevoel hy was die grootste sondaar op aarde.

Hy het nie lank in Damaskus gebly nie. Dit was te gevaarlik. Die Jode het hom nou gehaat en wou hom doodmaak. En die goewerneur van Damaskus, wat graag goeie vriende met hulle wou bly, wou hom nie beskerm nie. Dag en nag is die stad se poorte bewaak sodat hy nie kon ontsnap nie. Maar sy vriende, die dissipels, het hom weggesteek in 'n huis wat bo-op die breë muur van die stad gebou was. Toe het hulle hom in die nag in 'n mandjie aan die buitekant laat afsak. Die owerpriesters kon hulle nou nie meer op hom wreek nie en hy het as 'n vlugteling na Jerusalem teruggegaan.

Dit was drie jaar nadat hy Jerusalem met sy soldate verlaat het. As 'n vervolger het hy Jerusalem verlaat — as 'n vervolgde het hy teruggekeer.

DIE eerste dae na sy terugkoms in die stad van sy jeug was treurige dae vir hom. Hy het teleurgestel en eensaam gevoel.

Hy was heeltemal alleen. Sy ou vriende, die Skrifgeleerdes en Fariseërs, was nou sy grootste vyande. En sy vroeëre vyande, die dissipels van Jesus, kon maar nie glo dat hy nou werklik hul vriend wou wees nie. Hy het hulle destyds te wreed mishandel. Hy het geprobeer om hulle te besoek, maar hulle het hul deure vir hom gesluit. Hulle het hom nie vertrou nie.

Hulle dag hy maak maar of hy bekeer is en dat dit 'n skelm plan was om in die gemeente te kom en hulle dan aan hul vyande te verraai.

Maar uiteindelik het hy darem een vriend gekry. Dit was Barnabas, dieselfde Barnabas wat

'n paar jaar gelede sy grond verkoop en die geld na die apostels gebring het. Hulle het hom toe mos die *seun van vertroosting* genoem. Dit was 'n gepaste naam vir hom.

Hy het Saulus geglo en hom na Petrus geneem en hom vertel hoe wonderlik die Here Jesus hom tot bekering laat kom het. Ook het hy vertel dat Saulus reeds in Damaskus die evangelie gepreek het. Toe was Petrus nie meer agterdogtig nie. Hy het Saulus by hom laat tuis gaan en hom in aanraking gebring met die ander leiers van die gemeente.

Twee weke het Saulus by Petrus geloseer.

Maar hy kon nie stilsit nie. Hoe erg die mense van Jerusalem hom ook al gehaat het, hy kon nie versuim om juis hier van sy Heiland te getuig nie. Hy het geesdriftig gepreek in die sinagoges van die Griekse Jode onder wie Stefanus ook gewerk het.

Maar hulle wou nie na hom luister nie. Hulle het hom so gehaat dat hulle alreeds planne gemaak het om hom om die lewe te bring.

Saulus het dit agtergekom, maar dit het hom nie gehinder nie. Hy het voortgegaan met sy werk. Hy sou sy lewe daarvoor gee. Maar dit was nie die wil van die Here dat Sy dapper dienskneg so gou al vir Hom sou sterwe nie.

Eendag toe hy na die tempel gegaan het om te bid, het die Heiland self met hom gepraat en gesê hy moet gou maak om weg te kom uit die stad.

Dit was nie so maklik vir Saulus nie, maar hy moes tog gehoorsaam. Hy het hom dadelik gereed gemaak vir die reis. 'n Paar van die broers het saamgegaan tot by Cesarea en hom op 'n skip gesit na Tarsus, sy geboorteland.

Daar het hy gewoon en gewag totdat Sy Meester hom weer nodig sou kry.

693

86. Die Rondreis van Petrus

Handelinge 9:31-43.

A Saulus se bekering het die gemeentes 'n ^ ^ paar jaar rus en vrede gehad. Hulle het N vinnig vermeerder, nie net wat getalle betref nie, maar ook in geloof en liefde. Hulle het gewandel in die vrees van die Here en in die vertroosting van die Heilige Gees.

In hierdie tyd van vrede het Petrus rondgereis in die land om die gemeentes te besoek. Hy het gesien hoe goed dit met die saailande van die *Here gaan en was* baie verheug *oor* hulle *voor* uitgang. En net waar hy kom, is hy met blydskap ontvang.

Op pad van Jerusalem na die see was die gemeente van Lidda, 'n stad in die vrugbare vlakte van Saron. Daar het Petrus 'n man gesien

wat al agt jaar bedlêend en verlam was. Sy naam was Eneas. Vroeër, nog voor hy die Here Jesus geken het, was hy gesond en sterk.

Toe kon hy gaan waar hy wou en was hy van niemand afhanklik nie. Nou was hy 'n hulpelose skepsel wat met alles tevrede moet wees terwyl hy lê en wag vir die dood.

Maar is die Heiland dan nie die groot Heelmeester wat enige siekte kon gesond maak nie?

Is Hy, noudat Hy in die hemel is, dan nie net so magtig soos toe Hy nog op die aarde was nie?

Petrus het daaraan gedink en meteens het hy besef dat hierdie man nie 'n oomblik langer hoef te lê nie. Hy het vir hom gesê: "Eneas,

Jesus Christus maak jou gesond. Staan op en maak jou bed op."

Verbaas het Eneas opgestaan. Hy was tóg te bly en hy het wéér in die strate van Lidda geloop, net so sterk en gesond soos vroeër. En wanneer hy deur die mooi omgewing van Saron geloop het, het hy nie nodig gehad om 'n woord te praat nie. Want elkeen wat hom gesien het, het ook gesien hoe magtig en liefde *vol* die Here *Jesus* is. En baie mense *het hulle* bekeer.

NIE ver van Lidda nie was Joppe, 'n ander groot hawestad. Ook daar was 'n gemeente.

Maar juis in daardie tyd was daar groot droefheid.

In Joppe het 'n baie goeie vrou gewoon. Haar naam was Tabita (in Grieks Dorkas) en sy het die Here Jesus baie liefgehad. Sy het geweet hoe lief Hy haar het en daarom wou sy elke dag liefde bewys aan almal wat sy ontmoet. Nie een arm mens in die gemeente het haar nie geken nie. Daar was nie 'n arm weduwee wat 'n stukkie klere gedra het wat Dorkas nie gemaak het nie.

Maar Tabita het skielik siek geword en gesterwe. En toe eers het dit uitgekom hoeveel goed sy in die stilte gedoen het. Van alle kante het die arm mense gekom om 'n laaste maal na haar te kyk daar waar sy in 'n bovertrek dood

gelê het. Hulle was so ontroosbaar dat hulle amper nie van haar kon wegkom nie. En toe die dissipels hoor dat Petrus in Lidda was — net drie uur ver — het hulle haastig twee manne gestuur om hom te smeek om dadelik oor te kom na Joppe. Miskien kon hy die mense tog troos.

PETRUS het sonder uitstel gekom. Toe hy in die bovertrek kom, is hy aan alle kante omring deur bedroefde mense. Almal wou hom vertel hoeveel hulle aan haar te danke het en al die weduwees het geween toe hulle hom die klere wys wat sy gemaak het.

Petrus het ook bedroef geword. Ag, hoekom moes dit juis sy wees, wat byna onmisbaar was? Was haar Here dan nie die Meester van dood en lewe nie?

Maar Petrus het skielik 'n grootse en wonderlike gedagte gekry. Hoekom het die Here hom hierheen gelei? Was iets te groot vir die geloof in Sy heilige Naam? Vriendelik dog beslis het hy die bedroefdes gevra om bietjie buitekant toe te gaan. Toe was hy alleen met die dooie liggaam en met die Here. Hy het neergekniel en nadat hy gebid het, het hy geweet dat die 694

Here hom wou gebruik om Sy Naam op 'n wonderlike manier te verheerlik. Hy het hom omgedraai na die liggaam en gesê: "Tabita, staan op!"

En kyk, haar oë gaan weer oop en kyk Petrus verwonderd aan. Die lewe het in die koue liggaam weer teruggekom. Asof sy vas geslaap het en wakker geword het, het sy op gesit.

Petrus het haar hand geneem en haar laat opstaan. Hy het die dissipels en die weduwees geroep, en hulle kon van verbasing en

innige vreugde nie 'n woord sê toe Dorkas weer lewendig daar voor hulle staan nie.

Soos 'n veldbrand het die gerug van hierdie groot wonder in Joppe versprei, en oral waar dit gehoor is, het nuwe wonders gebeur. Want baie mense wat dood was in die sonde het deur die geloof weer lewendig geword.

En Petrus, wat goed besef het met hoeveel seën hy nou hier kon werk, het toe 'n geruime tyd by 'n sekere Simon, 'n leerlooier, gewoon.

695



Die see by Jaffa (Joppe), met die moderne stad Tel-Aviv op die agtergrond. "En dit het bekend geword in die hele Joppe, en baie het in die Here geglo" (Hand. 9:42).

Huise in Jaffa (Joppe). "En hy (Petrus) het 'n geruime tyd in Joppe gebly by 'n sekere Simon, 'n leerlooier. (Hand. 9:43).

696

87. Cornelius

Handelinge 10:1-48; 11:1-18.

AN die kus van die Middellandse See, noord van Joppe, was die hawestad Cesarea, so A genoem na die Caesar of keiser van Rome. Dit was 'n Romeinse stad met heidense tempels en afgodsbeelde. Daar was ook 'n groot amfiteater vir sportwedstryde en feeste.

Want hiér was die goewerneur se paleis waar hy die grootste deel van die jaar gewoon het.

En hier was ook die hoofmag van die Romeinse soldate wat orde in die land moes handhaaf. Een van dié soldate was Cornelius.

Hy was 'n dapper man, 'n hoofman oor honderd van die Italiaanse leërafdeling. Maar hy was nie soos die meeste ander Romeine wat die Jode verag en met hul godsdiens gespot het nie. Nie hy nie! Hy het gehou van die Jode. As soldaat van die keiser was hy seker al op baie plekke in die wêreld gewees, maar nêrens was hy so gelukkig as hier by die Jode nie.

Hy het hulle Skrifte gelees en die Here leer ken. Hy het ingesien dat dit dwaas was en 'n groot sonde om afgode te dien. Hy het ook vir sy huismense, sy dienaars en vriende van dié magtige God vertel en hulle het Hom ook liefgekry. In Cesarea was daar dus een godvresende Romeinse huisgesin onder al die heidense afgodedienaars.

Die Jode het daardie huisgesin goed geken en het groot agting gehad vir Cornelius.

Die arm mense in Cesarea het hom ook goed geken, want hulle het nooit verniet by sy deur om 'n aalmoes aangeklop nie.

En ook die Here in die hemel het Cornelius geken, want nie 'n dag het verbygegaan dat daar nie uit daardie huis 'n gebed na Sy troon opgegaan het nie: "Here, wat wil U hê moet ek doen?" Ja, die Here het geweet hoe groot Cornelius se verlange was om Hom beter te ken en nóg getrouer te dien.

Party dae het hy nie geëet of gedrink nie, maar gebid en die hele dag aan die Here gewy.

EEN namiddag, omtrent drie-uur, het Cornelius weer in sy kamer gekniel en gebid: "Here, wat wil U hê moet ek doen?"

Toe hoor hy meteens 'n vriendelike stem wat sê: "Cornelius!" En toe hy opkyk, sien hy 'n engel by hom staan. Die dapper krygsman het

geskrik en met groot ontsag na die hemelse gedaante gekyk.

"Wat is dit, my heer?" het hy gestamel.

Toe antwoord die engel: "Die Here het jou gebede gehoor en jou aalmoese gesien. Stuur dan nou manne na Joppe, en laat Simon haal wat ook Petrus genoem word. Hy is tuis by 'n man wie se naam ook Simon is, 'n leerlooier, wie se huis by die see is. Hy sal vir jou sê wat jy moet doen."

Toe was die hoofman se hart met groot blydskap vervul en na die engel weggegaan het, het hy dadelik twee van die huisdienaars en 'n vroom soldaat geroep en hulle vertel wat gebeur het. Hulle moes haastig na Joppe gaan. Maar dit was al laat in die namiddag toe hulle vertrek het en hulle moes maar êrens op pad slaap. Eers die volgende dag toe die son al hoog op was, het hulle naby Joppe gekom.

OMTRENT dieselfde tyd het Petrus met die trap in die binneplaas van die huis na die plat dak opgeklim om daar te gaan bid.

Waar was dit beter om ongehinderd te kan bid? Dit was stil daarbo en hy kon niks meer as net die geruis van die see hoor nie. Ver weg kon hy die blou, blink see sien tot by die gesigseinder.

Onder in die huis was hulle besig om die middagete klaar te maak, en terwyl Petrus daar gekniel het, het hy honger gevoel. En toe het hy meteens 'n wonderlike gesig gesien: die hemel het oopgegaan en iets soos 'n groot laken wat aan die vier hoeke vasgebind was, het 697



na hom afgedaal. In daardie laken het dit gewemel van allerhande diere — rein en onrein, skape en varke, leeus en bokkies, slange en voëls. Al die diere van die aarde was daar bymekaar soos in Noag se ark.

En skielik hoor Petrus 'n stem wat sê: "Staan op, Petrus, slag en eet!"

Maar Petrus het sy hoof geskud. Hy wis dis die Here wat dit gebied, maar tog wou hy dit nie doen nie. Daar was mos ook onrein diere by wat 'n Jood nie mag eet nie. Nee, die Here moet dit nie van hom wat Petrus is, verwag dat hy die wet sou oortree nie.

"Nooit nie, Here," het hy gesê, "want ek het nog nooit iets geëet wat onheilig of onrein is nie."

'n Skip op die see by Jaffa (Joppe). Die ou seestad Joppe het geen hawe nie. Omdat daar te veel rotse en sandbanke is, moet skepe 'n ent van die kus anker gooi. In Joppe het die Here Petrus gebruik om

Tabita weer lewendig te maak (Hand. 9: 38-43), en in Joppe het Petrus op die dak van

'n huis die wonderlike openbaring, ontvang wat hom oortuig het dat die evangelie nie net vir die Jode nie, maar vir alle mense bedoel is (Hand. 10:1-48).

Maar die hemelse stem het weer gepraat en met soveel nadruk asof Petrus dit nooit moet vergeet nie:

"Wat God rein gemaak het, mag jy nie onheilig ag nie." En weer het die stem gesê: "Staan op, Petrus. Slag en eet!"

Toe Petrus dit nog nie wou doen nie, is die woorde nog 'n maal herhaal. Hy kon glad nie die snaakse bevel van die Here verstaan nie.

Daarna is die laken opgetrek en die hemel het toegegaan. En toe eers kom Petrus tot homself. Kyk, hy lê mos gekniel op die dak . . Dit was alles maar net 'n droom gewees, 'n wonderlike gesig.

Maar in sy verbeelding kon hy die stem nog hoor en hy het geweet dat die Here hom 'n les daarmee wou leer. Maar wat? Wat beteken dit alles? As Petrus nie 'n Jood was nie, maar 'n heiden, kon hy onrein diere soos varke geëet het, maar die wet van Moses het hom dit nie

toegelaat nie. En Moses het daardie wet van die Here self gekry .... Wou die Here dan nou nie meer onderskeid maak tussen die Jode en die heidene nie? Moes die muur van heilige wette waarmee die Here Sy volk omring het, dan nou afgebreek word?

Petrus het glad vergeet dat hy honger het. Hy het maar gesit en dink, diep nagedink en hy was baie verleë.

Iemand het onder aan die huis se deur geklop en na Petrus gevra, maar hy het dit nie gehoor nie. Hy was diep in gedagte.

En toe sê 'n stem in sy hart: "Daar is drie manne wat jou soek. Staan dan op, klim af en gaan saam met hulle sonder om te twyfel, want Ek het hulle gestuur."

Dit was die stem van die Heilige Gees. Petrus het dadelik gehoorsaam, en toe hy onder kom, sien hy drie Romeinse manne daar staan. "Kyk, dit is ek wat julle soek," het hy gesê.

"Hoekom is julle hier?"

Hulle het geantwoord: "Cornelius, 'n hoofman oor honderd, het ons gestuur. Hy is 'n godvresende mens, en hy het 'n engel gesien wat vir hom gesê het hy moet u na sy huis laat roep om te hoor wat u sal sê."

Petrus het verwonderd geluister. 'n Romeinse hoofman, 'n heiden, van daardie goddelose Cesarea? En moes hy, wat 'n Jood is, in die onreine huis van 'n heiden gaan? .... Dit sou die Here tog seker nie bedoel het nie.

Weer wou hy teëstribbel net soos in die geval van die gesig, en sê: "Nooit nie, Here . . . ."

maar toe hoor hy weer in sy verbeelding die dringende stem: "Wat God rein gemaak het, mag jy nie onheilig ag nie!"

En toe het sy oë skielik begin skitter, want nou het hy die wonderlike gesig verstaan: die Here wou hom 'n les leer en dit was dat die blye boodskap van die Here Jesus nie net vir Israel, die Jode, was nie, maar ook vir die heidene. En dit was sy plig om dit aan hulle te gaan vertel.

Nee, nou het Petrus nie meer geweier nie. Hy het die drie manne binne genooi. Hulle het die aand by hom geëet en die nag daar geslaap. Toe het Petrus en nog ses ander broeders van die gemeente van Joppe saam met die drie manne langs die seekus saamgeloop tot by Cesarea. Daar het hulle die volgende dag aangekom.

IN groot spanning het Cornelius gewag en sy huis was vol mense. Hy wou die skat wat Petrus saambring nie net vir homself hou nie. Hy het sy familie en sy beste vriende gevra om ook na hom te luister.

Toe Petrus nader kom, het Cornelius hom tegemoet gegaan. Hier was nou die beroemde apostel, die boodskapper van die Here! Cornelius het Petrus so hoog geag dat hy op sy knieë voor hom neergeval het om hom hulde te bewys.

Maar Petrus het gesê: "Staan op, ek is self ook maar 'n mens." En onderwyl hy met Cornelius gepraat het, het hy die kamer binnegegaan.

Sonder enige huiwering het hy in die huis van 'n heiden gegaan, al het die rabbi's so iets ten strengste verbied. Petrus het geweet hy doen die wil van die Here. Toe hy binnekom en al die manne en vroue sien, het hy dadelik besef hoe 'n groot werk hy hier kon doen. Nee, nou het hy hulle nie meer onrein genoem nie. Hy het nou geweet dat hy niks beter as hulle is nie.

Die Here Jesus het ook vir hulle gesterwe net soos vir die Jode.

En nadat Cornelius nog 'n maal van die engel en sy boodskap vertel het, het Petrus begin om die evangelie vir daardie mense te verkondig.

Hy het vertel van die Here Jesus en van Sy werk op aarde. Hulle het almal al tevore van Hom gehoor en hulle het met heilige aandag geluister. Hy het vertel van Sy dood en Sy opstanding, en hoe almal, aan watter volk hulle ook al behoort, vergifnis van hul sonde kon kry as hulle in Hom glo.

699

Petrus was nog besig om te praat toe die Here hom self in die rede val. Onderwyl hy van vergifnis van sonde en van die Naam van die Here Jesus gepraat het, het die Heilige Gees op almal wat daar was,

neergedaal. Toe het hulle in vreemde tale gepraat van die liefde van God, net soos met Pinkster in Jerusalem gebeur het.

Die ses Joodse broeders van Joppe wat saamgekom het met Petrus was verbaas dat die Heilige Gees ook op die heidene uitgestort is. Maar Petrus het verheug uitgeroep: "Niemand kan tog verhinder dat hierdie mense ook gedoop word nie!"

Hulle almal is toe gedoop. Toe het hulle Petrus gevra om nog 'n paar dae by hulle te bly.

Dit was 'n heerlike tyd daar in Cesarea. Soos broers en susters was hulle saam. Hulle was nie meer Jode of heidene nie, nie meer vrymanne of slawe nie, maar almal kinders van God, een in die Here Jesus.

Toe Petrus terugkom in Jerusalem het die ander apostels en die gemeente al gehoor wat in Cesarea gebeur het. En hulle was baie ontevrede omdat Petrus in 'n heiden se huis gegaan en saam met heidene geëet het.

Hoe dikwels het die Here Jesus nie vir Sy dissipels gesê hulle moet die evangelie aan al die volke van die hele wêreld gaan preek nie, maar dit het amper gelyk asof hulle dit heeltemal vergeet het. Hulle het nog steeds gedink Israel is die Here se heilige volk wat hom nie met ander volke moes bemoei nie. Nog altyd het hulle die wette as 'n muur gesien wat hulle afskei van die onreine heidene. Want hulle het nog nie verstaan dat die wette van reinheid nie meer van krag was noudat die Here Jesus die wêreld rein gemaak het deur Sy bloed nie.

Ag, Petrus self het dit nie eens verstaan nie. En daarom het hy nie kwaad geword toe die broeders met hom daaroor twis nie. Kalm het hy hulle vertel wat gebeur het — eers op die dak in Joppe en later in Cesarea. Hy het gesê: "Die Here self het my gestuur, en Hy het die Heilige Gees ook aan daardie mense gegee. Wie is ék dan dat ek God kon verhinder?"

Toe het almal verstaan dat die muur tussen Israel en die ander volke afgebreek is. Want nou het hulle een Saligmaker, een geloof, een doop, een God en Vader van almal. Nou was *almal broers.*

En toe hulle ook dit verstaan, het die apostels hulle baie verheug. Want hoeveel ryker en heerliker sou hul werk nou nie wees nie! En hoeveel groter sou die wingerd nie wees waarin hulle nou moet werk nie!

88. Petrus verlos Herodes

Handelinge 12:1-24.

N 'n donker kamer het 'n man tussen twee soldate gelê. Hy was met kettings aan hulle I vasgeboei.

Buitekant die deur het nog twee ander soldate gestaan en wag gehou. En voor die gevangenis se deur was ook 'n wag. Boonop was die sterk ysterdeur nog met twee swaar grendels gesluit!

Maar die voorsorgsmaatreëls was noodsaaklik.

Tien jaar gelede, toe hy met elf van sy vriende in die gevangenis was, het hulle almal in die middel van die nag ontsnap sonder dat iemand dit opgemerk het!

En toe was daar ook wagte en die deure was ook gegrendel en gesluit. So iets moes nie weer gebeur nie! Daarom word die man nou so deeglik bewaak.

Miskien was dit die beste om hom somaar dadelik, nadat hy gevang is, dood te maak. Maar dit sou nou eenmaal nie gaan nie. Dit was weer Paasfees en die Jode wou liewer nie hê dat iemand tydens dié heilige fees met die dood sou gestraf word nie.

Maar nou was die fees verby. Nou kon die gevangene die volgende dag al verhoor en doodgemaak word. Want hy moet sterwe. Dit was seker en hy het dit self ook geweet.

Maar kyk, die man slaap. Terwyl hy daar geboei tussen die twee soldate lê, het hy so vas en gerus geslaap asof geen gevaar dreig nie, asof hy nog lank en gelukkig sou lewe.

En dit was ook so! Selfs die dood kon hom geen kwaad aandoen nie. Die dood was maar net die poort waardeur hy in dié ewige vryheid kon ingaan.

Want die man wat daar in die gevangenis as 'n kwaaddoener opgesluit was, het die Here liefgehad. Hy was 'n kind van God.

Daardie man was Petrus!

WEER het daar 'n tyd van bitter swaar vervolging vir die gemeentes van Palestina voor die deur gestaan.

Herodes Agrippa het oor die hele land van die Jode koning geword. Hy was 'n kleinseun van die eerste Herodes, die moordenaar van die kindertjies van Betlehem. En hy was 'n neef van die moordenaar van Johannes die Doper, Herodes Antipas. Hy het dus uit 'n familie van moordenaars gestam en was self nie veel beter nie.

Hy was 'n vreeslike huigelaar. As hy in Cesarea tussen sy hofdienaars en Romeinse offisiere was, het hy die heidense feeste gevier en nie aan God gedink nie. Maar wanneer hy Jerusalem besoek het, het hy ewe vroom na die tempel gegaan en geoffer sodat die Jode hom kon vereer. Daarom ook, om die Jode te plesier, het hy begin om die gemeente van Jesus te vervolg.

Wat het hy omgegee vir die lewe van 'n mens? Wat het hy hom gesteur aan reg en regverdigheid? Hy het net aan sy eie eer gedink.

Eers het hy Jakobus, die broer van Johannes, met die swaard omgebring. Op dié manier is een van Salome se seuns gedoop met die doop van Jesus (sien Markus 10: 38) en het hy die plek gekry wat die Here hom wou gee in Sy koninkryk.

Die gemeente het getreur oor die apostel. Maar die vername Jode het gelag en Herodes baie geprys.

Toe Herodes dit sien, het hy sy bes gedoen om Petrus te vang, en hy het dit in die week van die Paasfees reggekry. Hy het hom in die gevangenis laat sit en hom oorgegee aan 'n aantal soldate wat hom om die beurt moes bewaak, en hulle het geweet hulle sou swaar gestraf 701

word as hulle hom sou laat ontsnap.

Ontsnap? Hoe sou hy ooit kon?

Was twee swaar kettings, drie gegrendelde deure en vier gewapende soldate dan nie genoeg vir 'n eenvoudige Galilese visser nie? Wie sou Petrus kon red uit die hande van Herodes?

Maar — én niemand van sy vyande wis nie — daar is tog planne gemaak om hom te bevry.

Manne en vroue was die hele nag in 'n huis in Jerusalem daarmee besig.

Wat het hulle gedoen? Het hulle 'n plan gemaak om saam met ander mense die gevangenis te gaan aanval en hom dan daar uit te haal? Wou hulle die volk laat rebelleer teen die bloeddorstige koning?

Nee, hulle het iets ander gedoen: hulle het op hul knieë gelê en vir Petrus gebid.

Dit was al wat hulle kon doen. Maar iets beters kon hulle nooit gedoen het nie.

WANT kyk, in daardie nag het daar meteens 'n engel van die Here by Petrus gestaan en 'n lig het in die gevangenis geskyn. Hy het op Petrus se sy gedruk om hom wakker te maak en gesê: "Staan gou op." En die boeie het van sy hande afgeval. Toe sê die engel: "Omgord jou en trek jou skoene aan."

Petrus het *dit* gedoen. Maar *dit het gevoel* asof nie hy nie, maar iemand anders dit doen.

Toe sê die engel verder: "Gooi jou bokleed om en volg my."

En hy het gehoorsaam.

"Dis somaar 'n droom," dag Petrus. "'n Wonderlike droom .... netnou sal ek wakker word .... "

Hy het gesien hoe hy self by die deur uitgaan en by die soldaat wat wag staan, verbyloop.

Hy het met die engel by die buitedeur gekom. Daar was nog 'n soldaat en hy het Petrus ook nie gegryp nie! Ja, in 'n droom is alles mos moontlik ....

Toe hulle by die ysterpoort kom wat na die stad lei, het dit vanself oopgegaan. Hulle het een straat verder saamgeloop, en toe was Petrus meteens alleen.

Petrus het stilgestaan en aan sy duiselige hoof gevat. Waar was hy tog? . . . . 'n Koel nagwindjie het gewaai .... Die volle maan van Paasfees het hom daarbo in die donker lugtoegelag .... Was dit dan waar? Was dit meer as 'n droom? Hy het hardop gepraat en verwonderd vir homself gesê: "Nou weet ek waarlik dat die Here Sy engel gestuur het en my uit die hand van Herodes en uit die mag van die Jode gered het!"

O, maar dit was heerlik om nog te kan lewe en werk vir sy Heiland. Maar nog heerliker as sy vryheid en heerliker as selfs sy lewe was

daardie troue sorg van die Here, daardie wonderlike verlossing.

Wat moet hy nou doen? Hy het bedaard gestaan en dink. In die stad moet hy nie bly nie, want sodra dit ontdek word dat hy uit die gevangenis ontsnap het, sou hulle hom soek. Maar hy moet darem eers gaan afskeid neem van sy vriende. Dit het hy gedoen en toe dadelik na

'n ander plek vertrek. Nou was hy 'n vlugteling, maar 'n vlugteling met 'n magtige Beskermer.

TOE dit dag word, was daar groot opskudding in die gevangenis. Die twee soldate wat by Petrus geslaap het, het wakker geword met die kettings nog om hul polse, maar die plek tussen hulle was leeg.

Waar was Petrus dan? Hoe kon hy so spoorloos wegraak?

Toe Herodes daarvan hoor, was hy buite homself van woede. Hy het Petrus oral in die stad laat soek, maar verniet. Hy het die soldate noukeurig ondervra. Dit het ook niks gehelp nie.

En toe het hy in sy teleurstelling sy woede op die soldate afgekoel. Hy het hulle laat doodmaak in die plek van Petrus. Daarna het hy na die vrolike Cesarea gegaan waar hy lekker wou lewe en sou probeer om die wonderlike verdwyning van die apostel te vergeet, 702

want dit het hom angstig laat voel.

Maar hy sou nie meer baie tyd hê om sy sondige lewe te geniet nie.

Want hy het die gelowiges se bloed, wat dierbaar is in die oë van die Here, vergiet. Voor hy die gemeentes weer kon vervolg, het die toorn van God hom op 'n verskriklike wyse getref.

IN die groot amfiteater van Cesarea het duisende mense bymekaargekom om fees te vier.

Herodes Agrippa het daar trots op sy troon gesit en voor hom het die gesante van Tirus en Sidon neergebuig.

Hulle het hom pragtige geskenke gebring en hom bedank dat hy nie oorlog teen hulle gemaak het soos dit eers sy plan was nie. Hulle was baie bly daaroor, want hulle was 'n volk van handelaars en nie van soldate nie. Hulle was ook vir hul broodkoring afhanklik van die land van Herodes. En hy het dit geniet om nou vir almal te kan wys hoe 'n groot man hy was.

Herodes het opgestaan en hulle toegespreek. Die son het op sy pragtige mantel, wat met silwerdraad deurweef was, geglinster. Sy stem het hard en duidelik geklink in die ore van die menigte. En toe hy klaar gepraat het, het hulle hom entoesiasties toegeroep: "Dit is 'n stem van 'n god en nie van 'n mens nie . . . . "

Dit het gebeur in die stad waar Cornelius eenmaal voor Petrus gekniel het. Maar Petrus het sulke eer verfoei en dit dadelik afgewys.

Herodes het dit egter nie gedoen nie. Dit was vir hom heerlik om goddelike eer te ontvang.

En hy het die mense met 'n mooi glimlag bedank.

Maar meteens het Herodes gefrons. Hy het inmekaar gekrimp van pyn. Want 'n engel het onsigbaar neergedaal en hom aangeraak.

Na Petrus het die engel gekom om hom te red. Maar nie na Herodes nie. 'n Vreeslike siekte het hom aangetas omdat hy die eer nie aan God gegee het nie. Hy is lewendig deur wurms verteer en het na 'n paar dae in groot pyn gesterwe.

Dit was die einde van die wrede vervolger. En ook van sy koninkryk wat opnuut weer onder ander manne verdeel is.

Maar die hemelse koninkryk wat hy wou vernietig, het gegroei en nog altyd verder uitgebrei.

89. Die Eerste Sendingreis

Handelinge 11:19-30; 12:25; 13:1-52; 14:1-28.

IT was nou al agt jaar vandat Saulus na sy geboorteplek Tarsus teruggegaan het. Dit D was die Heiland self wat hom weggestuur het van Jerusalem omdat sy lewe in gevaar was en die Jode tog nie na sy woorde wou luister nie.

"Gaan heen," het die Here Jesus aan hom gesê, "want Ek sal jou ver stuur, na die heidene."

En Saulus het al die jare gewag tot die Meester hom sou roep.

Hy moes lank, vreeslik lank wag. Het die Heiland hom miskien vergeet?

Saulus het darem nie so gedink nie. Hy het nie sy geloof verloor nie. Elke dag het hy meer verlang om nou eindelik 'n apostel van Jesus te kan wees.

En kyk, wie is dit wat so moeg lyk na 'n lang reis en wat eendag skielik daar voor hom staan? Wie was die man met die goeie, vriendelike oë wat met oop arms na hom aankom?

"Barnabas!" het Saulus bly uitgeroep en hom tegemoet gesnel. Ja, dit was waarlik sy vriend Barnabas, dieselfde man wat hom in Jerusalem oor hom ontferm het toe hy die enigste een was wat Saulus vertrou het.

O, maar dit was 'n heerlike ontmoeting na al die jare van eensaamheid!

En die boodskap wat Barnabas gebring het, was nog baie heerliker. Want dit was die boodskap wat Saulus al so lank wou hoor. Nóú word

hy geroep om die werk te doen wat die Here Jesus aan hom opgedra het.

Barnabas het gekom van Antiochië, die hoofstad van Sirië, 'n groot handelstad tussen Tarsus en Palestina. Nadat Stefanus gesterf het, het 'n klompie vlugtelinge daar aangekom wat nog deur Saulus self uit Jerusalem verdryf is. Hulle het die heidene van die Here Jesus vertel en Hy het die werk so geseën dat daar langsamerhand 'n groot gemeente onstaan het.

Toe die apostels in Jerusalem dit hoor, het hulle Barnabas daarheen gestuur, maar die werk daar was te veel vir hom. En daarom was hy nou hier. Saulus moes hom help. Hy kon dit beter doen as enigeen van die ander apostels, want hy het self in 'n heidense stad opgegroei.

O, Saulus wou niks anders so graag doen nie. Hy het dadelik met Barnabas saamgegaan.

Alles het hy verlaat — sy familie, sy huis, sy besittings. Alles wat vir hom 'n *wins* was, het hy ter wille van die Here Jesus *skade* geag.

'n Hele jaar het hy saam met Barnabas in Antiochië gewerk. Hulle het die mense geleer en vir hulle gepreek. En die getal Christene het al groter geword.

Christene — só is die dissipels in Antiochië vir die eerste keer genoem.

NA 'n jaar het Barnabas en Saulus saam na Jerusalem gegaan.

Daar was in hier die deel van die wêreld 'n groot hongersnood soos reeds deur die profeet Agabus in Antiochië voorspel is. Nou het die gelowiges groot armoede gely. Dit was húlle wat vroeër in hul eerste groot liefde hulle huise en grond verkoop het en die geld onder die armes verdeel het. Maar nou het hulle self gebrek begin ly. En daarom is daar vir hulle, die arm mense van Judea, 'n kollekte in

Antiochië gehou. Barnabas en Saulus moes die geld na Jerusalem neem en aan die *ouderlinge* van die gemeente gee.

Dit was juis in die jaar van die groot vervolging deur Herodes Agrippa. In daardie tyd van benoudheid was die liefde van die broeders in Antiochië 'n groot troos vir die gemeente in Jerusalem. Oorlaai met hul dank het Barnabas en Saulus teruggegaan. Twee het gekom maar drie het teruggegaan na Antiochië. Die een wat met hulle saamgegaan het, was Johannes Markus, die seun van 'n sekere Maria. Hy was 'n neef van Barnabas en hy moes 704



hom en Saulus help in hul heerlike maar tog moeilike werk. Toe het iets wonderlik moois gebeur.

By Pafos op die eiland. Toe Paulus en Barnabas in Pafos kom, was die goewerneur daar 'n besonder verstandige man, Sergius Paulus. "Die het Barnabas en Paulus laat roep en het versoek om die woord van God te hoor" (Hand. 13:7).

Die Here Jesus het deur die Heilige Gees gepraat in die harte van die dissipels in Antiochië en gesê hulle moet Barnabas en Saulus vir Hom afstaan vir Sy werk onder die heidene.

Al was dit vir hulle swaar om afskeid te neem — vir die Here Jesus het hulle alles oorgehad en daarom het hulle dadelik gehoorsaam.

Eers het hulle saam met Barnabas en Saulus gebid en toe het hulle hul geseën en hulle laat gaan. Johannes Markus het saamgegaan as helper.

Hulle het die wye wêreld ingegaan, maar hulle sou nie verdwaal nie, omdat die Here se Gees hulle gestuur het en hulle ook sou lei.

Die groot keiserryk van Rome het vir hulle oop gelê. Van toe af het Saulus hom by sy Romeinse naam, Paulus, laat noem. Paulus beteken die man wat *klein* is.

Maar groot was sy geesdrif en geloof en groot sy dankbaarheid omdat hy nou die werk kon doen waarvoor die Here Jesus hom tien jaar gelede al geroep het.

HULLE het van Antiochië met die rivier afgevaar na die kus van die Middellandse See en in die hawestad Seleucië gekom.

Van daar kon hulle in die verte die dowwe gedaante van 'n groot eiland sien. Dit was Ciprus, die geboorteland van Barnabas, die land van kopermyne. En daarheen het hulle toe eerste gevaar.

Hulle het voet aan wal gesit in Salamis, 'n groot handelstad, en die evangelie in die sinagoge van die Jode, wat by hul duisende daar gewoon het, gaan verkondig. Daarna het hulle die hele eiland deurgegaan van die ooste tot die weste. Dit was 'n mooi bergland met hoë 705

sipresbome. En hulle het aangekom in Pafos waar die Romeinse goewerneur gewoon het.

Op die eiland Ciprus, op die pad na Pafos. "En hulle (Paulus en Barnabas) het die eiland deurgegaan tot by Pafos .... Toe die goewerneur dan sien wat daar gebeur het, was hy verslae oor die leer van die Here en het geglo" (Hand. 13:6, 12).

Sy naam was Sergius Paulus. Hy was verstandig en vriendelik. Hy het al van die God van die Jode gehoor en het sy bes gedoen om meer van Hom te weet. Ongelukkig het hy in verkeerde hande geval.

'n Jood wat die Here *geken* het, maar nie *liefgehad* het nie, het na hom gekom. Daardie Jood was 'n slegte man, 'n valse profeet, wat voorgegee het dat hy Elimas of 'n towenaar was. En sy mooi naam was Bar-Jesus, wat beteken: die seun van Jesus.

Maar hy was nie 'n kind van Jesus Christus nie en hy het sy bes gedoen om Barnabas en Paulus teë te werk.

Die goewerneur het van hulle twee gehoor en hulle laat roep, want hy het baie verlang om ook die Woord van die Here te hoor wat hulle in die stad gepreek het.

Maar toe hulle in sy paleis kom, was Bar-Jesus ook daar. Met 'n trotse glimlag het hy langs die goewerneur gestaan. En toe hulle begin vertel van die Here Jesus het die towenaar hulle teëpraat en met hulle gespot. Hy het geprobeer om hul woorde belaglik voor te stel. Want hy het goed besef dat daar nie meer plek vir hom sou wees as die goewerneur in Jesus sou glo nie.

Paulus en Barnabas het eers geduld gehad met die goddelose man. Maar dit kon nie so aangaan as hulle die evangelie wou verkondig nie.

Paulus het baie verontwaardig geword. Hy het toornig na die towenaar gekyk en gesê:

."Kind van die duiwel, vol van alle bedrog en alle listigheid, vyand van alle geregtigheid, sal jy nie ophou om die reguit weë van die Here te verdraai nie? Dit is nou genoeg. Kyk, die hand van die Here is op jou, en jy sal blind wees en die son 'n tyd lank nie sien nie."

En meteens het die trotse glimlag van Bar-Jesus se gesig verdwyn. Vol angs het hy sy oë 706

wyd oopgerek, maar hy kon niemand sien nie. Voel-voel het hy langs die muur uit die kamer geloop en na iemand gesoek wat hom by die hand wou lei.

Al sy toorkuns en al sy geleerdheid was nie in staat om die lig in sy oë te gee nie.

Maar miskien sou die Here God dit vir hom eendag weer gee.

Dit was nie *Paulus* se straf wat hom getref het nie. Paulus het maar net die woorde gesê wat die Heilige Gees hom laat sê het. Sy hele

lewe lank het hy die Here gehaat en God het hom nou gestraf.

Maar dié straf kon tog nog die redding van sy siel beteken. Want, het Paulus nie self, toe hy blind was, geleer om te bid nie?

Toe die goewerneur, Sergius Paulus, die mag van Jesus sien, het hy in Hom geglo. Hy was

'n gelukkige man toe Paulus en sy metgeselle dankbaar verder gereis het.

Van Pafos af het hulle oor die see gevaar na die kus van Klein-Asië. Van daar het hulle die land ingegaan tot hulle gekom het by Perge, 'n stad in 'n warm, klam vlakte.

Paulus en Barnabas het nie lank daar gebly nie. Hulle wou nog verder gaan. Maar Johannes Markus wou nie verder saamgaan nie.

Het hy dan nie die waarde van sendingwerk onder die heidene ingesien nie? Het hy bang geword vir moontlike gevare in daardie wilde, eensame bergland? Het hy moeg geword van die lang reis? Of het hy huis toe verlang, hy wat nog so jonk was?

Johannes Markus het alleen teruggegaan na Jerusalem. Maar Paulus en Barnabas het hulle nie deur vermoeienis of gevare laat keer nie. Dag na dag het hulle langs steil klowe en diep afgronde oor die woeste Taurus-berge gestap. Dit was 'n eensame land met half wilde en roofsugtige bewoners. Desondanks het hulle veilig aangekom by 'n stad wat ook die naam van Antiochië gehad het, net soos die een waarvandaan hulle 'n tydjie gelede vertrek het.

Hierdie stad was geleë aan die grootpad van die Romeine wat van oos na wes dwarsdeur Klein-Asië geloop het.

Op die Sabbatdag het hulle na die sinagoge gegaan en die evangelie gepreek aan die Jode en die godsdienstige heidene wat Jodegenote

genoem is. Almal, veral die heidene, het aandagtig en met verwondering geluister.

Die heidene het selfs gevra Paulus en Barnabas moet die volgende Sabbat weer vir hulle van die Here Jesus kom vertel. En groot getalle het die predikers gevolg na die huis waar hulle tuis was, want hulle kon nie genoeg van die Heiland hoor nie. Ook het hulle hul familie en vriende vertel wat hulle gehoor het.

En toe dit weer Sabbat was, het amper die hele stad gekom om die woord van die Here te hoor.

Maar tóé het dit duidelik geword dat die Jode hier ook die Heiland verwerp het. Toe hulle al die heidene sien, het hulle baie jaloers geword. Hulle wou nie hê Paulus en Barnabas moet so baie invloed kry nie. Hulle het ook gemeen dat 'n Messias, wat nie net vir die Jode nie maar ook vir die heidene gekom het, nie die *ware* Messias kon wees nie.

Met al hul krag het hulle Paulus en Barnabas teëgestaan en weerspreek en allerhande slegte dinge van hulle vertel.

Die arme, dwase Jode! Hulle het hul hart toegemaak vir die Here Jesus. Hulle was die onvrugbare lote van die wynstok wat afgesny sou word. Maar in hulle plek sou weer nuwe ranke geënt word. En dié ranke was die heidene wat so deur hulle verag is.

Maar Paulus en Barnabas het reguit met daardie trotse Jode gepraat en gesê:

"Dit was nodig om eers die blye boodskap aan julle te verkondig. Maar noudat julle dit verwerp en nie die ewige lewe wil ingaan nie, wend ons ons na die heidene, want die Here het gesê dat Israel 'n lig vir die heidene moet wees."

En al die teëstand van die Jode kon talle en talle heidene nie verhinder om te glo en die ewige lewe te ontvang nie.

Hulle het nie aanstoot geneem aan die evangelie nie. Nee, hulle was baie *bly.* En ook in hierdie Antiochië het 'n gemeente ontstaan — 'n klein klompie gelowiges wat elke dag meer geword het.

Maar elke dag het die vyandskap van die Jode ook groter geword. Hulle het die vernaamste mense in die stad teen die predikers opgehits en soveel kwaad van hulle gepraat dat Paulus en Barnabas uit die stad uitgedryf is, met die gevolg dat die klein gemeente sonder leraars tussen hul vyande agtergebly het, maar hulle het nie getreur nie. Hulle was eerder baie bly.

Want die Here self het die gemeente getroos en hulle die Heilige Gees gegee. Hy sou hulle lei en help om getrou te bly, beter as 'n apostel dit sou kon doen.

PAULUS en Barnabas het ook nie getreur nie. Hul Meester het mos voorspel dat hulle om Sy ontwil bespot en vervolg sou word. Hulle het die stof van hul voete afgeskud as 'n oordeel teen die Jode en na 'n ander stad gegaan.

Hulle het ooswaarts koers gekies en na 'n paar dae in Ikonium aangekom. Daar het hulle 'n lang tyd gepreek en baie mense het gelowig geword.

Maar ook hier was Jode wat hulle gehaat en die mense só teen hulle opgehits het dat hulle moes vlug om nie gesteenig te word nie.

Maar ook in Ikonium het daar 'n gemeente agtergebly.

Weer het hulle verder gereis en in Listre aangekom. Dit was 'n klein heidense stadjie in die bergland en 'n groot tempel van Jupiter, die vernaamste afgod van die heidene, het daar gestaan.

Daar het hulle die evangelie op straat en by die mark gepreek. En ook daar het mense dissipels van die Here Jesus geword.

Een van die mense wat daar in Listre na Paulus gesit en luister het, was 'n man wat van sy geboorte af kreupel was aan albei sy voete. Hy het stip na Paulus gekyk en met ingehoue asem aandagtig geluister. Vir die eerste maal in sy lewe het hy van die Here Jesus en van Sy liefde en mag gehoor. Sy oë het geskitter van blydskap en hoop.

Paulus het dit gemerk. Hy het gesien die man glo in die Heiland. Meteens het hy opgehou om te preek en uitgeroep: "Staan regop op jou voete!"

En kyk, die man doen dit! Geen oomblik het hy getwyfel nie. Hy het opgespring en rondgeloop.

Dit het die mense hardop laat juig en uitroep: "Die gode het soos mense geword en neergedaal na ons toe." Hulle het dit nie in Grieks gesê nie, maar in hul eie taal, 'n taal wat Paulus en Barnabas nie kon verstaan nie. Eers later het hulle uitgevind wat die woorde beteken.

Hulle het Barnabas Jupiter genoem, miskien omdat hy ouer en groter van persoon as Paulus was. En vir Paulus het hulle Mercurius genoem omdat hy die woordvoerder was. Die heidene se geloof was dat Mercurius die boodskapper van Jupiter en die ander gode was.

Die priesters van Jupiter het toe gekom om beeste met kranse om hul nekke vir Barnabas en Paulus te offer.

Dit het hulle twee hewig laat skrik. Hulle het hul klere geskeur en uitgeroep: "Manne, hoekom doen julle dit? Ons is maar net sulke mense soos julle. Ons het dan juis gekom om julle te leer om jul te bekeer van hierdie dwase, nietige dinge. Julle moet die enige, ware God, wat hemel en aarde gemaak het/aanbid . . . ."

Maar die heidene was so gretig om hulle twee met offers te vereer dat Paulus en Barnabas baie moeite gehad het om dit te verhinder. Die mense was toe baie teleurgesteld, maar het darem hul plan uiteindelik laat vaar. Hulle sou graag wou glo dat hulle gode werklik uit die 708

hemel na hulle gekom het.

VAN hierdie teleurstelling het die Jode gebruik gemaak.

Die Jode van Antiochië en Ikonium het die predikers so gehaat dat hulle hul agtervolg het en al die inwoners van die twee stede teen Paulus en Barnabas opgehits het.

Saam met 'n klomp van die heidene het hulle Paulus aangeval en gestenig. Toe het hulle hom buitekant die stad gesleep en sy swaar gewonde liggaam êrens tussen die rotse neergegooi met die gedagte dat hy dood was. Nou was hulle vir altyd van hom verlos.

Maar toe hulle, tevrede met hul slegte daad, weggeloop het, het die dissipels van Listre hom omring. Hulle was baie bedroef. En toe maak Paulus skielik sy oë oop! Die Here het hom wonderlik bewaar. Hy kon selfs weer opstaan en saam met hulle terugloop na die stad. Die Here het hom wonderlik laat herstel. En asof niks gebeur het nie, het hy die volgende dag saam met Barnabas verder gereis na Derbe.

Daar in Derbe, 'n bergdorpie wat nog kleiner was as Listre, het hulle toe ongehinderd gearbei en hul werk is ryklik geseën. Nadat hulle 'n tyd daar was, was daar al baie dissipels van die Here Jesus en hulle het Paulus so liefgehad dat hulle selfs hul oë vir hom sou wou gegee het (sien Galasiërs 4:15).

Na al die haat en vyandskap moet dit 'n groot troos vir Paulus gewees het.

Hier was hy nou naby sy geboortestad Tarsus en dit sou nie vir hom moeilik wees om hiervandaan na die broeders van die eerste

Antiochië terug te gaan nie.

Maar hy het nie aan homself of aan Barnabas gedink nie. Hulle het teruggegaan met die baie moeiliker en langer pad waarmee hulle gekom het. Hulle wou die jong gemeentes wat hulle gestig het weer dadelik besoek om hulle te versterk in die geloof.

Moedig het hulle teruggegaan na Listre waar Paulus tevore gesteniging is; na Ikonium waarvandaan hulle moes gevlug het; na die tweede Antiochië waarvandaan hulle verdryf was.

Hulle het gesorg dat op al dié plekke ouderlinge gekies word om voorgangers te wees en die mense te leer.

Toe het hulle van die bergland afgegaan na Perge en ook daar gepreek. En uiteindelik is hulle per boot na Antiochië.

Dit was 'n blye dag toe hulle by die Christene in Antiochië teruggekom het. Daar het die twee predikers 'n heerlike en welverdiende rus geniet.

Maar die heerlikste van alles was dat die" Here sulke groot dinge gedoen het en so baie heidene deur hulle woorde vir ewig gelukkig gemaak het.

90. Die Tweede Sendingreis

Handelinge 15:1-41; 16:1-15; 1 Korinthe 9: 6; Kolossense 4:10; 2 Timótheüs 1: 5; 4:11.

AULUS en Barnabas het darem nie lank kon rus nie.

P Kort na hulle aankoms het die gemeente van Antiochië hulle en nog 'n paar broeders na Jerusalem gestuur om sekere dinge daar met die apostels en die ouderlinge te bespreek. Want daar was moeilikhede in Antiochië.

Joodse Christene wat van Judea gekom het, het met minagting neergesien op die heidene wat Christene geword het. Hulle het gedink dat hulle vromer en beter is as daardie bekeerlinge. Hulle was eintlik die kinders van God, want hulle was mos van die volk van die Jode. Hulle het die wette van Moses nog getrou onderhou. Hulle dag dis volstrek noodsaaklik. Daarom het hulle die mense geleer dat iemand wat nie daardie wette hou nie, nie in die hemel kon kom nie.

Hierdie saak is op die vergadering van die apostels in Jerusalem bespreek. Petrus het baie verstandig gepraat. Hy wat voorheen die heidene as onrein verag het, het vertel hoe die Here God aan die heidene wat gelowig geword het, die Heilige Gees gegee het, net soos aan die Joodse Christene, sonder om enige onderskeid te maak.

Jakobus, die broer van die Here Jesus, het ook mooi gepraat.

Toe het die apostels 'n brief geskrywe aan die gemeente van Antiochië en gesê hulle moenie op die Christene uit die heidene die swaar juk van die wet lê wat selfs die Jode nie kon dra nie. Wat hulle moet doen, is net om rein en heilig te lewe.

Toe hierdie brief in Antiochië voorgelees is, was die gemeente baie bly. Die vrede is daardeur herstel en almal was wees. Nou het hulle geweet dat 'n mens in die hemel kom net deur in die genade van die Here Jesus te glo.

Dit kom nie daarop aan of iemand aan die Jode, die ou volk van God, behoort of nie. Elkeen wat in die Here Jesus glo en in Sy Naam gedoop is, behoort aan die *nuwe* volk van God. En dié volk is vrygemaak deur die Heiland en hulle moet Hom in liefde dien.

PAULUS het nag 'n tyd in Antiochië gebly om te preek en onderrig te gee. Maar hy was nie gerus oor die broeders en susters daar ver in die jong gemeentes wat hy op sy eerste reis gestig het. Hulle was sy *kinders* wat hy na die Here gebring het. Hy het toe voorgestel dat hy en Barnabas weer moet gaan reis.

Toe het iets treurigs gebeur. Barnabas wou graag gaan, maar hy wou sy neef Johannes Markus saamneem. Paulus wou dit egter nie toelaat nie. (Johannes Markus het hulle mos tevore, toe die werk onder die heidene so pas begin het in die steek gelaat toe die reis moeilik en gevaarlik begin word het.) Nee, Paulus wou nie weer las van hom hê nie. Iemand wat met hulle saamgaan, moes nie vir selfs die grootste gevaar bang wees nie, al moes hy ook vir Jesus deur die vuur gaan! Nee, hy wou nie eens vir Johannes Markus 'n kans gee om te wys dat hy hom beter sou gedra nie.

En Barnabas, die seun van vertroosting, wat nie maklik iemand wou teleurstel nie, wou sy neef eenvoudig nie laat agterbly nie.

Toe Paulus en Barnabas nie ooreen kon stem nie, het hulle verbitter geword en van mekaar geskei. Hulle het mekaar soos eie broers liefgehad. Hulle het saam gewerk en saam swaargekry, en nou gaan elkeen sy eie pad.

Barnabas het met Johannes Markus na Ciprus, sy geboorteland, gegaan, maar Paulus het Silas gekies om met hom saam te gaan. Hierdie Silas was 'n getroue dissipel van Jesus en

'n profeet.

Volgens baie is hierdie straatjie in Jerusalem die eerste deel van die "Via Dolorosa "

— die weg waarlangs Jesus die kruis moes dra. "En nadat hulle Hom bespot het, trek hulle Hom die mantel uit en trek Hom sy klere aan en lei Hom weg om gekruisig te word" (Matt. 27:31).

Paulus en Barnabas, wat sulke helde in die geloof was, was ook maar swak, sondige mense. Paulus het later met baie waardering van Johannes Markus geskrywe en gesê hy kon hom tot baie diens wees (2 Tim. 4: 11 en Kol. 4: 10). Mense wat die Here Jesus waarlik liefhet, kan nie vir mekaar kwaad bly nie.

EN toe gaan Paulus, die vurige prediker, weer moedig die wêreld in om te werk vir die Here.

Hy kon dit nie verdra om stil te sit en niks te doen nie. As krygsman van die Here Jesus wou hy veg en die wêreld vir Hom verower.

Die Woord van God was sy swaard. Die geloof was sy skild waarmee hy die skerp pyle van die Satan afgeweer het. Die waarheid was sy gordel en die geregtigheid van Christus was die borswapen wat hom beskerm het. En sy innige begeerte om die evangelie aan al die mense te verkondig, het sy voete lig gemaak om ver te reis.

'n Borsbeeld van die afgod Osiris. Dit is teen die

dwaasheid van mense, om i.p.v. die ware God afgode

te aanbid, dat Paulus so ernstig skrywe in sy brief aan

die Romeine (1:18-32). Hy skryf onder andere: "Terwyl

hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword,

en die heerlikheid van die onverganklike God verander

in die gelykvormigheid van die beeld van 'n *verganklike*

mens...." *(Rom. 1:22, 23).*

Paulus en Silas het eers noord gereis, deur die

dennebosse van Sirië, en toe weswaarts oor die

moeilike paaie van die Taurusberge. Hy het weer in Derbe gekom waar hulle hom so liefgehad het, en die mense daar was baie bly om hom weer te sien. Hy het ook in Listre gekom waar hy buitekant die dorp gestenig was en daar half dood gelê het. Listre het die Here tóé byna van 'n dienskneg ontroof. Nou het Listre Hom 'n dienskneg gegee. 'n Jong man, Timotheüs, iemand wat die Here baie liefgehad het, het daar gewoon. Hy het 'n Griekse vader gehad, maar sy moeder was 'n gelowige Joodse vrou. Ook sy grootmoeder, Loïs, was baie vroom, en het hom van die Here vertel toe hy nog klein was. En sy moeder Eunice het hom ook geleer om die Here Jesus te dien.

Toe Paulus haar toestemming vra of Timotheüs met hulle kon saamgaan, het sy dadelik ja gesê. HULLE drie het toe van die een plek na die ander gegaan. Maar hulle het gou uitgevind dat hulle nie maar kon gaan net waar hulle wou nie. Hulle wou weswaarts gaan waar die groot handelstad Efese

was. Maar die Here het hulle verhinder om daarheen te gaan. En toe hulle probeer om na die groot land Bithinië te gaan, het Hy dit ook nie toegelaat nie.

Wat nou gedaan? Begin die Here hulle teëwerk? Het Hy hulle dan nie self gestuur nie?

Maar Paulus en sy metgeselle het geweet hulle moet die Here maar net vertrou en gehoorsaam doen wat Hy wil hê. Hulle het toe maar deur Klein-Asië gereis totdat hulle in Troas gekom het.

Verder kon hulle nie gaan nie, want Troas het aan die seekus gelê. Aan die oorkant van die 712



see was Europa, daardie groot heidense wêrelddeel. Daar was Griekeland en Macedonië.

Van Europa het die Romeine gekom. En nog verder, baie verder weg, was die land van die Germane of Duitsers.

Vierhonderd jaar tevore het Alexander die Grote van Macedonië die see oorgesteek en hier naby Troas met sy leërs geland om 'n groot deel van die wêreld te verower.

Hier was die bouvalle van Troje te sien wat deur Achilles en die ander Grieke beleër is.

Op daardie plek, waar al so baie geveg is, het nou drie gesante of boodskappers van die Vredevors gestaan wat die hele wêreld sou verower. Hulle het egter nog nie geweet waarheen om te gaan nie.

Die sogenoemde Via Sacra in Rome, waar die aanbidding van afgode en vergoddelikte keisers hoogty gevier het. Maar die Here het spoedig in hierdie heidense stad' Christelike gemeente laat ontstaan en nog voordat Paulus hulle self kon gaan besoek, het hy aan hulle die bekende Brief aan die Romeine geskryf. In Rom. 1:14, 15 skryf hy: "Teenoor Grieke sowel as nie-Grieke, teenoor wyse sowel as onverstandige mense is ek 'n skuldenaar. Vandaar die verlange van my kant om ook aan julle wat in Rome is, die evangelie te verkondig."

MAAR in die nag het Paulus 'n wonderlike droom gehad.

Was dit regtig 'n droom? Paulus het op die strand gestaan en 'n gesig gesien van Macedonië, die land oorkant die see waar Europa begin. En daar het hy 'n man gesien staan. Dit was baie ver, maar tog het hy die man so duidelik gesien asof hy somaar hier naby hom staan.

Die man het smekend sy hande uitgesteek en geroep: "Kom oor na Macedonië en help ons!"

Toe Paulus dit aan sy vriende vertel, het hulle meteens geweet waarheen om te gaan. Die Here het hulle daarheen gelei.

Hulle het dadelik afgegaan na die hawe en nog dieselfde môre oorgevaar na Macedonië.

Maar saam met hulle drie — Paulus, Silas en Timothéüs — het nog 'n vierde man saamgegaan. Hy was 'n geneesheer en sy naam was Lukas. Hy het die Here baie liefgehad en het 'n getroue vriend van Paulus geword en gebly tot aan die end van sy lewe.

DIE weer was gunstig. Die windjie was sterk genoeg om die skip se seile bol te laat staan en dit te laat gly oor die water. Nog selde het hulle so voorspoedig gereis. Reeds ná twee dae het hulle in die hawe van Neapolis aangekom en daarvandaan na Filippi gegaan, die vernaamste stad van Macedonië. Dit was 'n Romeinse nedersetting. Daar was nie baie Jode nie en ook nie 'n sinagoge nie.

Maar buitekant die stad, langs 'n rivier, was 'n afgesonderde plekkie waar die mense altyd gaan bid het.

Op die Sabbatdag het Paulus en sy vriende daarheen gegaan. Hulle het net 'n paar vroue daar gekry en die evangelie aan hulle verkondig. Een van die vroue het met groot aandag gesit en luister. Sy was 'n goeie, godsdienstige heidense vrou wat haar brood verdien het deur purper weefstowwe te verkoop. Haar naam was Lidia en sy was afkomstig van die stad Thiatire in Lidië. Die Here Jesus het haar hart oopgemaak en sy was baie bly en dankbaar om die goeie tyding van die Here Jesus se liefde vir sondaars te hoor.

Lidia het geglo en sy en haar huisgesin is gedoop. Toe het sy Paulus en sy reisgenote genooi om in haar huis tuis te gaan.

Paulus wou dit liewer nie doen nie. Hy wou nie iemand lastig val nie. Hy wou liefs sy onderhoud verdien deur met sy hande te werk.

Maar Lidia het hom verdrietig gevra: "Glo u dan nie dat ek getrou is aan die Here nie?"

Toe kon hulle nie meer nee sê nie en hulle het by haar tuis gegaan. En van toe af was die blink, purper weefstowwe nie meer die mooiste

goed wat uit haar huis gegaan het nie.

Mooier as haar koopware was die heerlike tyding dat die Here Jesus ons van ons sonde, al was dit soos skarlaken en rooi soos die rooiste purper, witter kan was as sneeu.

Vanuit Lidia se huis het 'n gemeente gegroei, die eerste in Europa.

714

91. Die Tronkbewaarder

Handelinge 16:16-40.

VROU met verwilderde oë het op straat rondgeloop. Sy het niemand kwaad

'N aangedoen nie, maar 'n mens kon sien sy is nie by haar volle verstand nie. Erger nog: sy was besete van 'n bose gees.

Sy was baie ongelukkig en was die slavin van 'n paar manne in Filippi, wat haar soos 'n dier gekoop het. En sy was ook 'n slavin van die Satan. Haar liggaam was nie vry nie en ook nie haar siel nie, maar haar meesters aan wie sy behoort het, was nie jammer vir haar nie. Hulle het nogal baie daarvan gehou dat sy in so 'n toestand verkeer. Want in daardie toestand kon sy met waarsêery baie geld vir hulle verdien. Haar ellende het hulle ryk gemaak.

EENDAG het hierdie slawemeisie vier manne in die straat gesien aankom: dit was die vier gesante van Jesus Christus — Paulus, Silas, Lukas en Timotheüs — en hulle het haar ernstig dog vriendelik aangekyk.

Toe hulle verby was, het sy hulle agterna gekyk en toe het sy meteens geweet wie hulle is!

Die ander mense van die stad het dit toe nog nie geweet nie.

Toe loop sy agter Paulus-hulle aan en skreeu: "Hierdie manne is dienaars van God, die Allerhoogste, wat vir ons die weg van die saligheid verkondig!"

Haar stem het nie bly geklink soos iemand wat jubel nie. Dit was maar net om die vreemdelinge te terg en te bespot. Die bose gees het haar aangehits om dit te doen.

En van toe af het die meisie met die verwilderde oë en skor stem dit elke dag gedoen wanneer sy Paulus en sy vriende op straat teëgekom het.

Op dié manier wou die Satan dit vir hulle onmoontlik maak om vir die Here in Filippi te werk.

Paulus het dit geweet. Eers was hy geduldig met die meisie, maar later het hy baie ontevrede geword en vir die gees gesê: "Ek beveel jou in die Naam van Jesus Christus om uit haar uit te gaan!" Die arme meisie was onskuldig en daarom het hy net die bose gees in haar bestraf.

En kyk, sy is oombliklik genees. Die gees het uit haar uitgevaar en nou was sy weer by haar volle verstand. Haar oë was rustig en sy was innig verheug dat haar siel verlos was van die slawerny van die Satan.

Maar sy was nog 'n slavin van *mense.* Toe sy tuis kom, was haar onverskillige meesters glad nie bly om haar so gelukkig te sien nie. Sy kon nou nie meer vir hulle iets verdien met waarsêery nie. Dit was verskriklik, het hulle gedink! En toe hulle hoor dat die vreemdelinge wat by Lidia tuis was, dit gedoen het, was hulle nie tevrede voor hulle hul gewreek het nie.

Met behulp van hul vriende het hulle twee van die vier predikers, Paulus en Silas, gegryp en hulle na die mark gesleep om hulle by die Romeinse regters aan te kla. Hulle het niks gesê van die slavin nie. Paulus en Silas kon tog nie gestraf word omdat hulle die meisie

gesond gemaak het nie! Daarom het hulle allerhande leuens van hulle vertel.

"Hierdie mense is oproermakers," het hulle uitgeroep. "Hulle is Jode en hulle leer ons mense verkeerde dinge."

Oproermakers en *Jode!* Hulle kon niks ergers gesê het nie. Die owerheid van die stad was vir niks so bang as vir oproer nie. Boonop was die Jode in daardie tyd 'n gehate volk. Uit Rome het die keiser hulle selfs verdrywe.

Op die markplein het 'n menigte mense begin skreeu. Die regters het Paulus en Silas se klere laat afskeur en hulle aan 'n paal laat vasbind.

Hulle het geen kans gekry om hulle te verdedig nie. Die regters wou nie eens luister na wat hulle te sê het nie, maar het bevel gegee dat hulle met stokke geslaan word.

715

Die kaal rugge van Paulus en Silas is stukkend geslaan.

Toe is hulle weggesleep na die gevangenis en die tronkbewaarder is beveel om hulle soos kwaaddoeners te behandel en te sorg dat hulle nie ontsnap nie. Daarom moes hy hulle in 'n donker kamer in die agterste deel van die gevangenis toesluit, waaruit dit onmoontlik was om te ontvlug. En hul voete moes in 'n swaar houtbalk met ronde gate waarin hul enkels net gepas het, vasgemaak word.

Die tronkbewaarder het dit gedoen en toe die deur gesluit en stewig gegrendel.

Nou kon Paulus en Silas nie meer vir die Here werk nie. Dit het gelyk asof die Satan daar in Filippi tóg sy sin gekry het.

Paulus en Silas het bitter swaar gely. Hulle het in die pikdonker gesit. Hul rugge het gebrand van die pyn. Hul klere het aan hul lyf geklewe van die bloed. Hul voete was vas in die houtbalk en hul hande was

geboei. En om nie te kan beweeg in so 'n ongemaklike houding nie, was 'n marteling wat al erger geword het. Wat kon hulle doen? Vloek en skel en kerm?

Dit het hier al so dikwels gebeur dat die mure weergalm het van die geskreeu van gevangenes. Maar Paulus en Silas het dit nie gedoen nie.

Hulle het geweet om wie se ontwil hulle dit alles ly.

Hulle het gedink aan hul Meester, hul Heiland, wat oneindig veel meer vir hulle gely het. In die donkerte het hulle opgekyk en gebid en hulle het geweet dat Sy oë hulle sien.

Tóé is hul hart met groot vrede en blydskap vervul. En hulle kon nie anders nie as om te sing! Daar in die middel van die nag het hulle 'n psalm, 'n loflied gesing tot eer van die Here wat hulle waardig geag het om vir Hom te ly. Hulle kragtige stemme het só deur die hele gebou weerklink dat al die ander gevangenes met verbasing geluister het.

En kyk, dit was asof die gesang deur 'n wonderkrag die mure laat padgee het. Die mure het op hul fondamente gebewe en oopgeskeur deur die geweld van 'n groot aardbewing. Ook die deure het losgespring uit hul grendels en oop gegaan. En skielik het die houtblokke aan hul voete en die handboeie oop gegaan en al die gevangenes was vry. Dit het alles gebeur deur 'n groot wonder van die Here.

Die tronkbewaarder het wakker geword van al die geraas. By die lig van die sterre kon hy sien dat die gevangenis se deure oop staan en hy kon nie anders dink nie as dat al die gevangenes weggehardloop het. Dit het hom doodbang laat voel. Wat kon hy vir die regters sê as hulle hom vra hoekom hy die gevangenes nie beter opgepas het nie? Almal sou hom verag, en hulle kon hom selfs met die dood straf. O, dit was te vreeslik om te dink wat met hom sou gebeur. En in sy wanhoop het hy sy swaard getrek om homself om die lewe te bring.

Maar Paulus het met 'n groot stem geroep en gesê: "Moenie jouself kwaad aandoen nie, want ons is almal hier."

Almal hier? Die man kon dit amper nie glo nie. Hy het 'n lamp gevra en daarmee deur die hele gebou geloop. Toe het hy gesien dat al die gevangenes vrywillig in hul kamers gebly het, asof hulle deur 'n bonatuurlike mag geboei was.

En ook die twee kwaaddoeners sit daar sonder boeie, maar hulle het nie gevlug nie!

Kwaaddoeners! Hoe kon hy dit ooit gedink het? Hulle moes gunstelinge wees van die Here God, diensknegte van die Allerhoogste. Die slawemeisie moet tóg die waarheid gepraat het!

Ag, en hoe het hy hulle nie tevore gepynig, geboei, mishandel nie! Hoe ontevrede moet die gode nie met hom wees nie!

Sy hele liggaam het gebewe toe hy met groot eerbied voor die voete van Paulus en Silas neergeval het. Toe spring hy weer op en bring hulle na buite waar die gebarste mure nie op hulle kon val nie. Hy was buite homself van vrees en eerbied.

Uit die nood van sy hart vra hy toe: "Menere, wat moet ek doen om gered te word?" Toe sê hulle: "Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huis."

En in die middel van die nag het Paulus en Silas in die binneplaas van die gevangenis die evangelie vir die tronkbewaarder en sy familie gepreek. Nog maar selde het hulle só 'n aandagtige gehoor gehad.

Wat het die Satan nou gekry van al sy slim planne?

Die werk van die Here kón nie gebreek word nie. Hy het al daardie mense se harte geopen.

Hulle het geglo en is almal nog dieselfde nag gedoop. Die tronkbewaarder het Paulus en Silas in sy huis gebring en hul wonde verpleeg. Toe het hy sy tafel vir hulle laat dek en 'n maaltyd laat voorsit. En hy het hom innig verheug omdat hy nou die saligheid waarvan die slavin gepraat het en die liefde van Christus wat alle verstand te bowe gaan, geleer ken het.

En toe dit dag word, het daar 'n boodskap gekom van die regters.

Sou die aardbewing hulle onrustig laat voel het? Of het hulle alreeds gemerk dat Paulus en Silas heeltemal vals beskuldig was?

Hulle het die tronkbewaarder laat weet hy kan die twee manne nou maar loslaat. Die tronkbewaarder het baie bly vir hulle gaan sê: "Julle is vry. Gaan dan nou uit en reis in vrede."

Maar Paulus het beslis sy hoof geskud.

Die regters het vir hom en Silas baie onregverdig behandel. Nou moes hulle besef dat hulle nie maar altyd net kan doen wat hulle wil nie. Hulle kon miskien nog die gelowiges hier in Filippi, Lidia en die ander, ook aanstons begin vervolg, en so iets mag nie weer gebeur nie.

Paulus het geantwoord: "Hulle het ons, wat Romeinse burgers is, sonder om ons te verhoor, voor al die mense geslaan. Wil hulle ons nou *in die geheim* loslaat? Volstrek nie. Hulle sal self moet kom en ons uitlei."

Die regters het baie groot geskrik toe hulle dit hoor. Dan was hierdie twee Jode Romeinse burgers?

Om 'n Romein te boei, was 'n groot misdaad, en om hom te slaan, kon met die dood gestraf word!

Haastig en bang het hulle na die gevangenis gekom en baie beleef verskoning gemaak. Toe het hulle gevra of die twee menere tog nie

so goed sou wees om die stad te verlaat nie!

Paulus en Silas het dit toe gedoen nadat hulle Lidia en die broeders eers gaan groet het.

Maar Lukas, die geneesheer, het agtergebly om as 'ü sieledokter vir die jong gemeente te sorg.

Paulus en Silas en Timotheüs het toe vertrek om die evangelie verder in die wêreld te gaan verkondig.

717

92. Athene en Korinthe

Handelinge 17:1-34; 18:1-22; Filippense 4:15-16; 1 Thessalonicense 2:9.

AN Filippi het Paulus met Silas en " Timotheüs eers na Thessalonika gegaan, 'n groot V handelstad van Macedonië. Daar het hulle met groot seën gewerk, veral onder die heidene. Voormiddae het hulle handewerk gedoen om hulle kos te verdien en vir niemand 'n las te wees nie, en namiddae het hulle huisbesoek gedoen, terwyl Paulus drie Sabbatdae in die sinagoge gaan preek het. Gelukkig het die gemeente van Filippi twee maal vir Paulus geld gestuur om van te lewe. Hy het later altyd nog met dankbaarheid gedink aan daardie liefdedaad. Moedig het hy met sy werk voortgegaan en 'n groot gemeente het in Thessalonika tot stand gekom. Maar ook daar was Jode wat hom so heftig teëgewerk het dat hy en sy vriende een nag moes vlug.

Hulle het toe in Berea gekom, 'n stad aan die voet van die berg Olympus. Die ou Grieke het mos gesê hul gode woon op daardie berg. Daar het hy ook in die sinagoge gaan preek, waar die Jode grootmoediger was as in Thessalonika, en baie van hulle, asook heidene, gelowig geword het. Maar toe die Jode van Thessalonika verneem dat die woord van God ook in Berea deur Paulus verkondig word, het hulle die skare ook daar opgesweep. En so het hulle ook van daar vertrek. 'n Paar broeders het saamgegaan en hom na Athene gebring. Maar Silas en Timotheüs het agtergebly in Berea om aan te gaan met die werk.

EN hier in Athene was hy nou alleen onderwyl hy op sy vriende gewag het om ook te kom.

Hy het met die broeders, toe hulle na Berea teruggegaan het, 'n boodskap gestuur dat Silas en Timotheüs tog so gou moontlik moet kom. Nietemin was Paulus tevrede om eensaam te wees solank as wat die gemeente hulle nog nodig gehad het.

Die uitsig van die Akropolis-heuwel in Athene op die tempel van Zeus. Paulus het heel waarskynlik ook hier gestaan, oor die heidense stad met sy baie tempels gekyk, die pragtige natuurtonele bewonder en die ware God, die Skepper van hemel en aarde, aanbid. (Lees Hand. 17:15-34.)



Oorblyfsels van die Erechtheion die tempel van die Griekse godin Athena Polias. Paulus het hier en elders in Athene verkeer en aan die

Grieke die evangelie verkondig. "En terwyl Paulus in Athene vir hulle wag, het sy gees in hom opstandig geword toe hy sien dat die stad vol afgodsbeelde was" (Hand 17:16)

Oorblyfsels van die tempel van die afgod Jupiter (Zeus) in Athene. Tereg het Paulus byna 2000 jaar gelede aan die geleerdesvan Athene gesê: "Die God wat die wêreld gemaak het en alles wat daarin is Hy Was Here van hemel en aarde is, woon nie in tempels met hande gemaak nié" (Hand. 17:24).



Allenig het hy Athene deurwandel en gesien hoe wonderlik mooi die stad is. Hy het die pragtige huise van die ryk mense met hul weelderige tuine gesien. Hy het die marmertempels hoog op die heuwels gesien, die skouburge, die badhuise, die pragtige geboue wat met beeldhouwerk versier is. Hy het gewandel tussen al die skatte van kuns en geleerdheid, en niemand het enige notisie van

hom geneem nie. En tog, was die skat wat hy self gehad het nie baie kosbaarder as al Athene se rykdom nie?

In die strate en op die oop pleine het hy baie beelde van afgode gesien. Die hele stad was vol afgodsbeelde. Vir elkeen van die grootste gode soos Zeus en Mercurius, Afrodite en Apollo was daar nie net 'n beeld nie, maar ook 'n altaar. En op die Areopagus, die hoogste heuwel in die middel van die stad, was daar 'n yslike groot koperbeeld van die godin van die wysheid, Athena, die beskermgodin van die stad.

Die Atheners was so bang dat hulle miskien een van die baie gode kon kwaad maak deur hom te vergeet en nie 'n beeld vir hom te maak nie, dat hulle op een van hul altare geskryf het: "Aan 'n onbekende God."

Paulus het baie verdrietig geword toe hy dit alles sien. Die arme mense van Athene! Hulle het voorgegee dat hulle geleerde mense is en hulle wysheid was wêreldberoemd, maar die wysheid wat van God is, het hulle nie geken nie. Van hoeveel nut was al die skoonheid en rykdom, wat hulle tog nie gelukkig kon maak nie? .... Hulle was maar bejammerenswaardige, dwase mense wat die liefde van die Here Jesus baie nodig gehad het!

PAULUS kon nie langer stilbly nie. Sy hart het gebrand van verlange om die evangelie aan hierdie heidense stad te verkondig. In. die Joodse sinagoge het hy alreeds gepreek. Nou het hy na die mark gegaan en elke dag daar van sy Heiland gepraat.

In Hand. 17:22-31 lees ons: "Paulus gaan

toe in die middel van die Areopagus staan

en sê: Atheners, ek sien dat julle in elke

opsig baie godsdienstig is . . . . *Hom dan*

wat julle vereer sonder om Hom te ken,
verkondig ek aan julle .... Hy wat Here van
hemel en aarde is . . . ."
Die onvergeetlike toespraak van Paulus wat
hy daar op die Areopagus in Athene gehou
het en wat die geneesheer Lukas vir alle tye
opgeteken het, is tans in Grieks geskrywe
teen die rots waarop Paulus moontlik
destyds gestaan het.
Daar was nie baie verkopers op die mark nie, want Athene was nie 'n handelstad nie. Die markplein was oop en stil, en meer wysheid as koopware is daar aangebied. Almal wat iets vir die mense wou vertel, het daarheen gegaan, en almal wat met hulself opgeskeep was, het ook daarheen gegaan. Die wysgere met hul leerlinge het ook gekom en hulle het Paulus omring, want hy het hulle aandag begin trek. Daar was die Epikuriese wysgere wat geleer

het dat 'n mens niks beters kan doen as om die lewe te geniet nie, want na die dood kan jy dit nie doen nie. "Laat ons eet en drink, want môre sterwe ons," het hulle geleer.

Daar was ook die hoogmoedige Stoïsyne wat geleer het dat 'n mens, om gelukkig te kan 720

wees, jou nie aan vreugde of droefheid moet steur nie. Dis die beste om jou hart maar so hard soos 'n klip te maak, want, het hulle gesê, daar bestaan nie 'n God wat barmhartig is nie. Alles gebeur maar net soos die noodlot dit beskik. Al hierdie mense het nou na Paulus geluister, maar hulle het nie juis geglo wat hy sê nie.

"Wat sou hierdie praatjiesmaker tog wou hê?" het party spottend gevra. Ander het weer gesê: "Dit lyk of hy 'n verkondiger is van vreemde gode."

Toe het hulle Paulus saamgeneem en hom met 'n hoë marmertrap laat opklim tot op 'n gelyk plek bo-op 'n heuwel. Daar kon hy ongehinderd 'n groot menigte mense toespreek. Die plek se naam was die Areopagus.

Hierdie Atheners wou altyd graag iets nuuts sê of hoor, en het al hul tyd daaraan bestee.

Hulle was maar net nuuskierig om te verneem wat Paulus te sê het en het nie ernstig na die waarheid verlang nie. En van *geloof* wou hulle niks weet nie.

Aan al hierdie nuuskierige mense het Paulus die evangelie verkondig. Op daardie groot marmerplein, tussen al die ryk geklede Atheners, het hy kalm en nederig gestaan en gesê:

"Manne van Athene, ek sien dat julle blykbaar baie godsdienstig is. Want terwyl ek rondgegaan en julle heiligdomme aanskou het, het ek ook 'n altaar gekry waarop geskrywe is: Aan die onbekende God. Hom dan, wat julle vereer sonder om Hom te ken, verkondig ek aan

julle. Nou ja, ek wil julle vertel van hierdie God wat julle nie ken nie en tog dien."

En toe het hy gepraat van die Here van hemel en aarde wat alles geskape het. Hy het opgepas om niemand aanstoot te gee nie. Hy het gepraat asof hy self een van hulle was. Vir die Grieke het hy self 'n Griek geword.

Maar hoe mooi hy ook al gepraat het, het hy baie duidelik daarop gewys hoe dwaas en sondig dit was om afgode te dien. Een van hul eie digters het gesê dat óns, die mens, van die Here se geslag is. Ons is mos geskape na Sy beeld. Hoe kon hulle dan nog dink dat die Here 'n beeld kan wees van goud of silwer of steen wat deur mensehande gemaak is?

Paulus het hulle gewaarsku om hulle te bekeer, want hulle sou almal eendag voor die regterstoel moet staan van 'n Man wat God uit die dood opgewek het.

En hy wou hulle nog baie meer vertel van daardie Man, Jesus, sy Heiland. Maar toe hy praat van die opstanding uit die dood, wou hulle nie verder luister nie. Hulle het hom in die rede geval en gespot.

"Onsin! Dwaasheid!" het hulle gesê. "Opstanding uit die dood; verbeel jou!"

Nee, hulle was te geleerd om so iets te glo!

Maar daar was darem 'n paar mense wat na Paulus wou luister. Hulle het gelowig geword en by hom aangesluit. Een van hulle was 'n vername regter.

Vir die Jode was die evangelie ergernis en vir die Grieke dwaasheid, maar dié wat dit geglo het, het daardeur vir ewig gelukkig geword.

PAULUS het toe nie meer lank in Athene gebly nie. Hy het alleen verder deur Griekeland gegaan totdat hy in Korinthe gekom het.

Korinthe was destyds een van die grootste hawestede van die wêreld, 'n stad met meer as 'n half miljoen mense. Maar hulle was vreeslik goddeloos en het berug geword vir die slegte lewe wat hulle gelei het. Vir daardie mense wou Paulus vertel van Jesus wat gekruisig is vir sondaars. Hy wou baie eenvoudige taal gebruik en nie so 'n geleerde toespraak lewer soos in Athene nie.

Maar eers wou hy sorg vir sy onderhoud. Met sy ou handwerk, die maak van tente, het hy weer geld verdien. En toe ontmoet hy 'n Joodse man en vrou wat kort tevore van Italië gekom het omdat keiser Claudius al die Jode uit Rome verdrywe het.

721



'n Uitsig oor die Akropolis, die heuwel in Athene waar vandag nog die oorblyfsels van die beroemde afgodstempel van die Grieke uit die tyd van Paulus gesien kan word.

Aquila was die man se naam en Priscilla was sy flukse vrou.

Net soos Paulus was hulle ook tentmakers. In daardie groot stad het hierdie drie — Paulus, Aquila en Priscilla — toe saamgewoon en saam tente gemaak en baie van hulle Heiland gepraat.

Op die Sabbatdag was hul werkplek gesluit. Dan het hulle na die sinagoge gegaan waar Paulus gaan preek het en baie Jode en Grieke het gelowig geword.

VIR Paulus was dit 'n heerlike dag toe Silas en Timotheüs weer by hom aankom. Hy het al só na hulle verlang en so baie aan hulle en aan die gemeentes gedink waar hulle was. Nou was sy vriende weer by hom en hulle het hom baie goeie nuus vertel.

Maar daar was ook minder goeie nuus: Die gemeente in Thessalonika is vervolg geword en het in nood verkeer. Toe Paulus dit hoor, het hy dadelik 'n lang brief aan die Thessalonicense geskrywe. Hy het hulle getroos en allerhande goeie raad gegee.

Nou het hy nie meer tente gemaak nie. Met nóg meer geesdrif en ywer het hy al sy tyd en krag aan die verkondiging van die evangelie gewy. Toe die Jode hom so heftig teëwerk dat hy nie meer in die sinagoge kon preek nie, het hy in 'n huis net langs die sinagoge gaan woon. Dit was die huis van Justus, 'n godvresende man. En van toe af het die gemeente altyd daar bymekaargekom om na Paulus te luister.

En kyk, toe het daar iets goeds gebeur. Niemand minder nie as die hoof van die sinagoge, Crispus, het tot bekering gekom en met sy familie by die gemeente aangesluit. Hy is natuurlik as hoof afgesit, maar hy het nie omgegee nie. Hy het dit graag vir die Here oorgehad. Christus en Crispus kon toe nie weer geskei word nie.

Die Parthenon, die vernaamste en pragtigste afgodstempel van die Grieke in die tyd van Paulus. Dit was geleë op die heuwel die Akropolis, binne die stad Athene. Volgens ou geskiedskrywers was daar 3,000 afgodsbeelde in Athene. Geen wonder dat Paulus die Grieke so ernstig gewaarsku het dat hulle nie moet dink dat die godheid aan goud of silwer of steen, die beeldwerk van menslike kuns en uitvinding, gelyk is nie" (Hand.

17:29).

Van toe af het hierdie vername Jood in die vergadering van die gemeente van Korinthe gesit, saam met heidense manne en vroue wat vroeër baie slegte lewens gelei het. Saam met hulle het hy die Here geprys.

Crispus het self ook gepreek. Hy was so gelukkig dat hy nie kon stilbly nie. En die gemeente het al groter geword.

O, dit was 'n heerlike tyd daar in Korinthe.

Hoeveel kwaad kon dit die gemeente aandoen as die Jode hulle haat en bestry?

Eendag het die Here met Paulus in 'n gesig gepraat en gesê: "Wees nie bevrees nie, maar spreek en moenie swyg nie. Want Ek is met jou en niemand sal jou enige kwaad kan aandoen nie, want Ek het baie mense in hierdie stad."

En dit sou spoedig blyk dat die Here Sy belofte nie vergeet het nie.

TOE die stad 'n nuwe goewerneur, Gallio, gekry het, het die Jode, wat afgunstig was op , Paulus, gedink dit is nou hulle kans. Hulle het Paulus gegryp en hom na die regbank geneem.

"Hierdie man haal die mense oor," het hulle hom beskuldig, "om God teen die wet te vereer."

Maar die goewerneur het hoogmoedig op hulle neergekyk en wou nie eens luister nie.

Hy was 'n Stoïsyn, 'n broer van die groot wysgeer Seneca, en hy het die lastige Jode met al hul geheimsinnige wette verag.

Dit was nie eens vir Paulus nodig om hom te verdedig nie. Gallio het gesê: "As iemand kwaad doen, sal ek na julle luister, o Jode. Maar as julle twis oor julle wet, moet julle dit maar onder mekaar uitveg. Oor hierdie dinge wil ék nie regter wees nie."

En toe het hy hulle van die regterstoel verdrywe.

O, dit was maklik om dit te doen. Want 'n groot menigte Grieke was ook daarby. Hulle het die Jode, vir wie hulle verfoei het, aangeval, en toe die nuwe hoof van die sinagoge in die hande gekry. Sy naam was Sosthenes en hulle het hom daar voor Gallio 'n pak slae gegee.

En Gallio het dit met 'n trotse glimlag aanskou, maar hom verder niks daaraan gesteur nie.

So kon die Jode hier niks uitrig nie, en die gemeente was veilig. Paulus het 'n jaar en ses maande in Korinthe gebly. In dié tyd het hy nog 'n brief aan die Thessalonicense geskrywe.

Waarskynlik was dit ook hier waar hy sy brief aan die Galasiërs geskryf het. In hulle land was Listre en Derbe en daarvandaan het Timotheüs gekom.

Toe het Paulus afskeid geneem van die ' gemeente in Korinthe om oorsee terug te gaan na Antiochië. Priscilla en Aquila het saamgegaan.

Op pad het hy 'n paar dae in Efese oorgebly. Nou was hy tóg hier waarheen hy reeds aan die begin van sy reis so graag wou gekom het. En toe hy die geleentheid kry om in die sinagoge te gaan preek, *het die Jode hom gesmeek om langer daar te bly. Maar hy moes nee sê, want hy was haastig om na Jerusalem te gaan. Hy het darem belowe om weer te kom as die Here wil, en hy het Aquila en Priscilla by hulle laat agterbly. Hulle twee het hulle toe in Efese gevestig as tentmakers, en was bly om ook die evangelie daar te verkondig.

Na Paulus veilig in Cesarea aan wal gestap hel, het hy gereis na Antiochië, en die gemeente daar was baie bly om hom weer te sien nadat hy drie jaar weg was.

Nog groter en duideliker as na sy eerste sendingreis was die spore van liefde en geluk wat hy oral agtergelaat het.

93. In Efese

Handelinge 18:23-28; 19:1; 8-12; 17-40; 20:1; 1 Korinthe 1:11; 7:1.

ANDAGTIG het die mense in die sinagoge van Efese gesit en luister. 'n Geleerde rabbi A wat pas in die stad aangekom het, was op die preekstoel en hy het baie mooi en welsprekend gepraat.

Sy naam was Apollos en hy is in Alexandrië gebore. Hy het in Alexandrië gestudeer en daar van Jesus en Sy leer verneem. Hy het die Skrif goed geken en geglo dat Jesus die Messias is. Maar hy het nog niks geweet van Sy lyding en dood en van Sy opstanding nie.

In Alexandrië was die blye boodskap van verlossing nog nie bekend nie. Apollos het niks meer geweet as net wat Johannes die Doper geleer het nie. En net so ywerig soos Johannes het hy die mense toegeroep dat hulle hul moet bekeer voordat die Messias sou kom as die groot Regter om Israel te oordeel. Apollos was 'n kragtige prediker en die Jode in die sinagoge het met baie eerbied na hom geluister.

Maar kyk, na die diens wag daar vir hom twee mense wat ook in die sinagoge was. Hulle was tentmakers, 'n man en 'n vrou. Hulle name was Aquila en Priscilla. Beleef het hulle gevra dat Apollos saam na hulle huis moet gaan, want hulle wou graag met hom oor sy preek praat.

Die vername rabbi was nie te trots om na hulle huis te gaan nie. Hy dag miskien wou hulle iets meer van hom leer.

Maar toe hy in hulle huis was, het hy gou gemerk dat hy by hulle kon skoolgaan! Hulle het baie meer as hy van die Here Jesus geweet en hom toe alles vertel wat hulle van Paulus gehoor het.

En Apollos het nederig en stil geluister. Dit was die gelukkigste dag van sy lewe, daar hy die Here Jesus daardie dag gevind het. Daardie eenvoudige tentmakers het hom meer geleer as al sy geleerde leermeesters.

Van toe af was hy 'n nog vuriger en kragtiger prediker. . En toe sy nuwe vriende hom van Korinthe vertel, en hoeveel werk daar nog

gedoen moes word, het hy daarheen afgereis. Hy het in die sinagoge met die Jode gaan praat wat nie meer na Paulus wou luister nie en hulle uit die Skrif bewys dat Jesus die Christus is. Hulle kon hom glad nie teëspreek nie en baie het hulle by die gemeente aangesluit.

NIE lank daarna nie het Paulus in Efese aangekom. Nee, hy het sy belofte nie vergeet nie.

Nadat hy 'n paar maande in Antiochië gerus het, het hy en 'n paar vriende dwarsdeur Klein-Asië na Efese gereis.

Toe het daar 'n wonderlike geestelike herlewing in Efese gekom. Deur die werk van Aquila en Priscilla het daar al 'n gemeentetjie ontstaan. Nou het die gemeente deur die hele stad uitgebrei. Want die Here het groot wonders deur die hand van Paulus gedoen. In die Naam van die Here Jesus het hy siekes gesond gemaak en bose geeste uitgedrywe. En die gelowiges, op wie hy sy hande gelê het, is vervul met die Heilige Gees.

Die Naam van Jesus het deur die hele stad bekend word, en nog meer mense het gedurig na Paulus gekom om gered te word. Hulle het hul sonde bely en hulle bekeer en dissipels van Jesus geword.

x

Diegene wat vroeër gebruik gemaak het van boeke met towerwoorde en duiwelskunste het dié slegte boeke gebring en op 'n hoop gegooi om hulle te verbrand. Dit was 'n groot stapel boeke en die waarde daarvan was vyftigduisend silwerstukke of naby 'n duisend pond.

Maar dit het hulle nie armer laat voel nie. Nee, hulle het gelukkig gevoel toe hulle sien hoe die boeke verbrand word wat soveel kwaad gedoen het. Want hulle het die ware geluk in die Here Jesus gevind.

Toe hy in Efese was, het Paulus sy eerste brief aan die gemeente van Korinthe geskrywe.

Hy het gehoor dat daar moeilikheid was en hy het ook 'n brief met allerhande vrae van hulle ontvang.

In sy brief het hy die Korinthiërs bestraf omdat hulle in onenigheid gelewe het. Maar hy het met groot liefde geskrywe, soos 'n vader wat sy kinders bestraf. O, hy het geweet wat liefde is. In hierdie brief het hy 'n wonderlike lied oor die liefde geskrywe — een van die mooiste wat ooit geskrywe is. Ons vind dit in 1 Korinthiërs 13.

PAULUS het drie jaar in Efese gebly. Voormiddae het hy tente gemaak om sy brood te verdien en ook om sy vriende te help.

Maar meer as dit wou hy nie hê nie. Goud of silwer of mooi klere het hy nie begeer nie. Sy rykdom was Christus. Al die tyd wat hy oorgehad het, het hy bestee aan sy werk in die Here.

In die agtermiddae en saans kon 'n mens hom sien rondgaan in die stad om dit te doen. Al was daar baie teëstand het die gemeente tog altyd groter geword. Vanuit die stad het die evangelie in al die omstreke van Efese uitgebrei.

Wie van die mense wat gelowig geword het in die Here Jesus het nog gedink aan die godin Diana wat hulle vroeër gedien het?

Haar tempel was net buitekant Efese en was een van die sewe wonders van die wêreld. Dit was 'n groot, pragtige gebou met nie minder as 'n honderd marmerpilare nie. Binne-in was 'n houtbeeld van Diana, en die priesters het gesê dit het uit die hemel geval. Daardie tempel en daardie beeld was tot in ver lande bekend en beroemd, en duisende pelgrims het jaarliks gekom om Diana te aanbid. Dan het hulle gretig klein silwertempeltjies van Diana, of spelde met haar naam, gekoop wat die silwersmede van Efese gemaak het.

Maar al minder is verkoop, hoe meer die mense Christene geword het. Almal wat nou voor die Here gekniel het, het geweet dat dit dwaasheid en sonde was om Diana te dien.

Demetrius, 'n silwersmid, het baie bekommerd hieroor geword. Vroeër het die geld na hom ingestroom. Nou het dit druppelsgewyse gekom. O, hy het goed geweet wie dit veroorsaak het! En hy wou nie toelaat dat hy van so 'n groot verdienste beroof word nie! Gevolglik het hy die ander silwersmede met hulle ambagsmanne byeengeroep en hulle toe hewig begin opsweep.

"Daardie Paulus," het hy uitgeroep, "maak nie net die mense van Efese al meer afvallig van haar majesteit, ons groot godin Diana, nie, maar ook die hele land. Hy sê mos dat gode wat met hande gemaak word, nie die ware God is nie. Nou is daar groot gevaar dat daar 'n end sal kom aan ons groot verdienste en dat die tempel verag sal word en die mense Diana nie meer sal aanbid nie."

Hierdie vurige woorde het die heidene se harte aan die brand gesteek. Hulle oë het geflikker van toorn. Hulle het almal opgespring en geskreeu: "Groot is die Diana van die Efesiërs!" En hulle het al harder geskreeu tot die eer van Diana.

Van alle kante het die mense aangestroom gekom.

Die hele stad Efese het in verwarring geraak en 'n menigte mense het soos een man gestorm na die groot skouburg buitekant die stad. En twee vriende van Paulus, Gajus en Aristarchus, het hulle saamgesleep.

Toe Paulus dit hoor, het hy dadelik besef dat hulle vir hóm kwaad is. Nou ja, hy was nie bang nie, en hy wou die oproerige mense dadelik gaan toespreek. Maar die dissipels wou dit nie toelaat nie. En die Romeinse owerstes van die land, wat sy vriende was, het 'n boodskap gestuur om hom te smeek om tog nie na die skouburg te gaan nie.

IN die skouburg het die oproer en verwarring al erger geword. Die mense het aangehou skreeu, sommige dit en ander dat, want die meeste het nie eens geweet hoekom hulle bymekaargekom het nie.

726



Oorblyfsels van beelde van die heidense afgode Venus en Apollo. Paulus en die eerste Christene moes 'n hewige stryd teen die aanbidding van afgode voer. Lees byvoorbeeld Hand. 19: 23-40.

Maar die Jode van Efese het bang geword. Hulle was ook nie vriende van Diana nie en was bang dat hulle die skuld sou kry as haar tempeltjies nie meer verkoop kon word nie. En toe het hulle 'n sekere Alexander vorentoe gestoot om vir die mense te sê dat die *Jode* heeltemal onskuldig was.

Maar Alexander kon nie 'n woord sê nie. Hy het met sy hand gewys om stilte te kry. Maar toe die mense verstaan hy is 'n Jood het hulle nog harder geskreeu: "Groot is die Diana van die Efesiërs!"

Só het Demetrius en sy aanhangers mos aan die begin geskreeu, en nou het die mense twee uur lank geskreeu, totdat hul kele hees en hulle uitasem was. Gelukkig het die stadsklerk darem later kans gekry om hulle te laat bedaar. Hy was baie verstandig en versigtig.

Kalm het hy die mense toegespreek en gesê: "Mense van Efese, julle weet tog goed genoeg hoe groot en beroemd Diana is. Niemand in die wêreld kan dit ontken nie. Hoekom gaan julle dan so aan? .... Julle het hierdie twee manne, wat geen kwaad gedoen het nie, hier gebring, en dit is baie gevaarlik. As Demetrius of een van sy ambagsmanne iets teen hierdie mense het, laat hulle by die regters gaan kla. Of as julle nog iets anders wil hê, kan 'n wettige vergadering gehou word. Maar as julle so aangaan soos nou, loop ons gevaar dat die Romeine sal hoor ons maak oproer en dat hulle ons swaar sal straf!"

Hierdie woorde het die mense gekalmeer. Hulle het bang geword en huis toe gegaan. Die rus van die stad is gou weer herstel.

Die Here het die gemeente bewaar en sou hulle nog verder beskerm. En Paulus, wat lankal plan gehad het om verder te reis, wou sy vertrek nou nie meer uitstel nie. Aquila en Priscilla was ook nie meer in Efese nie, want hulle het teruggegaan na Rome waar die Jode weer veilig kon woon. Paulus wou tog te graag ook na Rome gaan. Hy wou die evangelie van Christus in daardie groot wêreldstad, in die hart van die magtige Romeinse ryk, ook gaan verkondig.

Maar hy wou eers na Macedonië en dan ha Jerusalem gaan. En nadat hy afskeid geneem het van die gemeente van Efese, het hy afgereis, die wêreld in.

94. Op Pad na Jerusalem

Handelinge 20: 2-38; 21:1-16; 2 Korinthe 7: 5-16; 8: 5-6; Romeine 16: 3-5.

IE derde sendingreis van Paulus was die grootste van al sy reise.

D

Van Efese het hy na Troas gegaan, waar hy tevore die wonderlike gesig van die Macedoniër gehad het, en van daar het hy oor die see gevaar na Filippi. Dit was heerlik om Lidia en die tronkbewaarder weer te sien.

Maar die heerlikste van alles was om sulke goeie nuus van Korinthe daar te verneem!

Paulus was baie bekommerd oor die Korinthiërs se sondige lewens.

Toe hy hulle 'n brief geskryf het, het hy hulle bestraf, en nou het hy verneem dat hulle so bedroef daaroor was dat hulle hul sonde bely het en die Here getrouer wou dien.

Nou kon Paulus met 'n lekker hart na Korinthe gaan.

Maar daar was nog werk wat hy eers in Macedonië wou doen. Daarom het hy 'n tweede brief — 'n opgeruimde, dankbare een — aan Korinthe geskrywe. Dié brief het hy vooruitgestuur met sy medewerker Titus.

'n Rukkie later het hy self in Korinthe aangekom waar hy met baie liefde ontvang is. Hy was self ook baie lief vir hierdie gemeente, want dit was sy troetelkind.

Drie maande het hy by hulle gebly, en toe het hy ook 'n brief aan die Romeine geskrywe.

Daar was toe al 'n gemeentetjie wat altyd in die huis van Aquila en Priscilla vergader het. Dit was 'n baie leersame brief en ons kan dit vandag nog in die Bybel lees, net soos die meeste van sy ander briewe. Dit het nie net die gemeente van Rome getroos en onderrig nie, maar ook al die Christene na hulle.

MAAR daar was ook mense in Korinthe wat Paulus gehaat het.

Hy wou van Korinthe na Athene gaan en daarvandaan weer oorsee na sy eie land. Maar toe hoor hy dat die Jode 'n plan gemaak het om hom op pad te vermoor. Daarom het hy met Timotheüs en ander vriende weer met dieselfde pad waarmee hy gekom het, teruggegaan.

Dus het hy nog 'n keer in Filippi gekom. Daar het hy saam met die gemeente Paasfees gevier. Dit was nou nie meer die fees van verlossing uit Egipte nie, maar van verlossing uit die sonde deur die dood van die Here Jesus.

En toe Paulus verder gaan en die see oorsteek na Troas het Lukas, die geneesheer, ook saamgereis.

IN Troas het 'n groot wonder gebeur. Toe Paulus 'n week daar was, het hy op 'n Sondagaand gepreek. Hy wou terselfdertyd ook afskeid neem.

In 'n groot saal op die derde verdieping het die gemeente, mans en vroue, vergader en saam Nagmaal gevier. Toe het Paulus hulle toegespreek. Hy het so baie gehad om te sê dat hy nie opgelet het hoe laat dit word nie. Dit was later al naby middernag en nog was hy nie uitgepraat nie. En al die broeders en susters het nie moeg geword om te luister nie.

Maar daar was 'n jongman wat nie alles mooi kon verstaan nie. Sy naam was Eutichus, en dit beteken 'n "gelukkige man". Eutichus het moeg en vaak geword. Dit het ook baie benoud geword in daardie vol saal, want daar het baie lampe gebrand. Daarom het hy in 'n venster gaan sit waar hy die koel aandluggie kon geniet.

Toe Paulus sy toespraak al langer uitrek, het Eutichus uiteindelik daar op die vensterbank aan die slaap geraak. Niemand het dit opgelet nie. Maar toe die mense meteens 'n harde gil en 'n dowwe slag hoor,

het hulle geweet wat gebeur het. Eutichus het van die derde verdieping afgeval!

Hulle het na die venster gehardloop en afgekyk. Ja, daar lê die arme, ongelukkige Eutichus.

728

'n Paar manne het hom gaan optel, maar hy was dood.

Paulus het toe ook onder toe gegaan. Hy het op Eutichus gaan lê en sy arms om hom geslaan. Toe sê hy: "Moenie so te kere gaan nie, want sy lewe is in hom." Daarna het hy weer met die trap opgeloop en gaan eet, ewe kalm en blymoedig asof niks gebeur het nie.

En nadat hy geëet het, het hy nog 'n geruime tyd gepraat, tot dagbreek toe.

Net voor hy vertrek het, het hulle Eutichus binnegebring — lewendig en gesond.

'n Dankbare gemeente het agtergebly toe Paulus op daardie vroeë Maandagmore verder afgereis het.

Met 'n pad wat deur dik eikebosse gegaan het, het Paulus, na daardie vermoeiende, slaaplose nag, alleen van Troas na Assus geloop.

Dit was in die lente. Die bome het gebot, die eerste blomme het lekker geruik, en oral langs daardie eensame pad het die voëltjies gesing.

Paulus het baie dinge gehad om oor na te dink. Aanstons, by Assus, sou hy op 'n skip klim om saam met sy vriende, wat al vooruitgegaan het, na Jerusalem te vertrek. Daar wou hy Pinksterfees vier.

In sy hart het 'n stem vir hom gesê dat hy nie net sou feesvier nie, maar ook nog baie sou moet ly. Dit was die stem van die Heilige Gees

en Paulus het in die laaste tyd al meer as een maal daardie droewige boodskap gehoor.

Sou hy nie maar hier bly en sy lewe red nie? Paulus het nie eens daaraan gedink nie. Sy lewe was mos nie sy eie nie, maar het aan die Here Jesus behoort. En as die Meester hom nou na Jerusalem roep, sou hy gaan, al was dit ook om daar te sterwe.

Hy het deur 'n mooi landskap geloop. Rondom hom het alles van vryheid en nuwe lewe getuig. Maar hy het die gevangenis en miskien die dood tegemoet geloop. Paulus was egter bly om die wil van die Here te doen.

MET sy vriende het hy van Assus af al langs die kus van Klein-Asië verby groen eilande, oor die golwende seewater afgevaar na die Suide.

Hy het Efese, waar hy so lank gewerk het, in die verte gesien. Hy was bly dat die skip nie daar aangegaan het nie, want hy wou hom nie laat ophou nie. Hy was haastig om betyds in Jerusalem te kom vir dis Pinksterfees.

Maar hy het darem so baie verlang na sy vriende dat hy dit nie kon regkry om hulle heeltemal verby te gaan nie. Toe die skip by die hawe Milete kom en daar 'n paar dae oorbly, het hy gou 'n boodskap aan die ouderlinge van Efese gestuur en hulle gevra om hom te kom besoek. Hulle het dadelik gekom. Toe het Paulus met 'n roerende toespraak vir altyd van hulle afskeid geneem.

Hy het vertel dat die Here hom nou na Jerusalem roep en dat boeie en verdrukking daar op hom wag. Hulle sou hom nie weer sien nie.

Daarna het hy hulle gewaarsku dat hulle gemeente vervolg sou word en dat daar manne sou wees wat verkeerde dinge sou leer om die gelowiges afvallig te maak. Daarom het hy hulle aangemoedig om as goeie herders met liefde en vlyt die gemeente van die Here te versorg.

Hulle moes fluks werk soos hy self gedoen het en aan die Here Jesus se woorde dink: "Dit is saliger om te gee as om te ontvang."

Toe Paulus dit gesê het, het hy neergekniel om te bid, en hulle het met trane in die oë saam gekniel. Hulle was veral bedroef omdat hy gesê het dat hulle hom nie weer sou sien nie.

Hulle het baie gehuil en hom om die hals geval en gesoen. Hulle kon amper nie van hom afskeid neem nie, maar hulle móés. Dit was die wil van die Here. Hulle het hom begelei na die skip en agterna gestaan en kyk hoe hy oor die glansende water wegvaar, tot die skip uit hulle gesig verdwyn.

729

Maar die Vader in die hemel het hulle geken en liefgehad. Dit was hulle groot troos.

DIE reis was buitengewoon voorspoedig. Binne twee dae het hulle Patara bereik. Daar het Paulus en sy vriende op 'n ander skip geklim en na Fenicië gevaar. Die wind was weer van agter.

Nie lank nie of die groen kus van Ciprus was aan hul linkerhand sigbaar, en gou het dit weer verdwyn toe hulle verder seil na Tirus. Daar moes die skip sy vrag aflaai en hulle het daar 'n week oorgebly. Paulus het dié week by die gemeente deurgebring, wat ook al gevestig was.

En kyk, ook in Tirus het die broeders geweet wat met Paulus in Jerusalem sou gebeur en hulle het hom gewaarsku om nie daarheen te gaan nie.

Maar toe die week om was, het hy tog vertrek. Die hele gemeente, ook die vroue en die kinders, het hom tot buitekant die stad begelei. Almal het op die strand neergekniel en gebid.

Daarna het hy afskeid geneem. Sy Meester het hom geroep. Hy sou hom nie laat terughou nie.

DIE seereis het toe nie meer lank geduur nie. Die skip het net so ver as Ptolemais gegaan.

Van daar af moes Paulus en sy vriende langs die kus na Cesarea loop.

In Cesarea het die vermoeide reisigers tuis gegaan by Filippus, die evangelis, een van die sewe diakens van die eerste gemeente in Jerusalem. Dit was dieselfde Filippus wat die Ethiopiese hofdienaar gedoop het en nog altyd daar gewoon het.

En kyk, wie kom daar op 'n sekere dag aan? Agabus, die profeet, wat eendag in Antiochië die treurige voorspelling van 'n hongersnood gemaak het.

Nou het hy ook bedroef gelyk. Hy het reguit na Paulus geloop en sy gordel afgehaal. Toe bind hy sy eie hande en voete daarmee en sê: "Dit spreek die Heilige Gees: So sal die Jode die man, wie se gordel dit is, in Jerusalem bind en in die hande van heidene oorlewer."

Almal het geskrik toe hulle dit hoor. Selfs Lukas en ander vriende het Paulus gesmeek om tog nie na Jerusalem te gaan nie. Maar hy het geantwoord: "Wat doen julle dat julle ween en my hart week maak? Want ek is bereid nie alleen om gebind te word nie, maar ook om te sterwe in Jerusalem vir die Naam van die Here Jesus."

Hoe hulle ook al gesmeek het, hulle kon hom nie oorhaal nie. Toe het hulle hul hoofde gebuig en gesê: "Laat die wil van die Here geskied."

NIE lank daarna nie het Paulus en sy vriende en 'n paar broeders uit Cesarea na Jerusalem vertrek.

Die opening na die rotsgraf in 'n tuin naby Golgota. "En daar was op die plek waar Hy gekruisig is, 'n tuin, en in die tuin 'n nuwe graf waar nog nooit iemand in neergelê was nie.

Daar het hulle Jesus toe neergelê weens die voorbereiding van die Jode, omdat die graf naby was" (Joh. 19:41, 42).

Volgens sommige is dit moontlik die rotsgraf waarin die liggaam van Jesus na Sy kruisiging weggelê is. "Maar die engel antwoord en sê vir die vroue: Moenie vrees nie, want ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is. Hy is nie hier nie; want Hy het opgestaan soos Hy gesê het. Kom kyk na die plek waar die Here gelê het" (Matt. 28:5, 6).

95. Boeie en Verdrukking.

Handelinge 21: 27-40; 22; 23.

AN alle kante het die mense na Jerusalem gestroom om Pinksterfees te vier. Van al die V omliggende lande het almal gekom wat nog trou gebly het aan die tempel, aan die offers en aan die wette van Moses. Eienaardig genoeg, die meeste Jode wat gekom het, was juis dié wat nie in die Here Jesus geglo het nie en Paulus so bitter gehaat het.

Paulus het dit goed geweet en gou gemerk dat hulle hom herken het. Hy het gesien hoe hulle onderlangs na hom loer toe hy met Trofimus, die Efesiër, en ander vriende op straat loop. Hy het ook goed geweet hoe hulle hom haat en verafsku, maar hy het hom nie daaraan gesteur nie. Hy het na Jerusalem gekom om die Here te dien. Die ouderlinge van die gemeente het hom met blydskap ontvang en dit was 'n vreugde vir hulle almal om te hoor watter groot dinge die Here onder die heidene gedoen het.

Hy het dikwels na die tempel gegaan om daar alleen met die Here te wees. Met sy dade het hy bewys dat hy die tempel nie verag soos die Jode dag nie.

MAAR ook daar het sy vyande hom gevind. Dit was Jode uit die omgewing van Efese wat hom in die Voorhof gesien het en hulle het met verontwaardiging en woede geskreeu: "Hy is in die tempel, hy wat afvallig geword het en met heidene geëet en gedrink het!"

Hulle het hom bevlie en vasgehou. Hulle het al hul vriende geroep om te help en geskreeu dat dit nou die slegte man was wat oral rondgegaan het om die mense afvallig te maak, en dat hy die tempel ontheilig het deur heidene daarin te bring!

Hierdie laaste beskuldiging was nie waar nie. Hulle het dit maar net gedink omdat hulle Paulus met Trofimus in die stad gesien het.

Hulle het hom nie kans gegee om hom te verdedig nie.

Al meer hande het hom vasgehou; al meer oë het van woede gevonkel. Met 'n groot lawaai het hulle hom uit die tempel gesleep. Toe is die deure gesluit sodat hy nooit weer daar kan inkom nie. 'n Oproerige menigte wat al meer geword en al harder geskreeu het, het hom buitekant die tempel omring. Van alle kante het hulle hom begin slaan. Vandag moet hy sterwe! Soos die grootste kwaaddoener moet hy vermoor word!

Maar meteens klink daar 'n paar harde bevele.

Swaarde en borswapens blink tussen die mense. Romeinse soldate het opgedaag en hulle stamp die Jode opsy om by hul slagoffer te kom.

Die owerste oor duisend, Claudius Lisias, wat aan die hoof van al die Romeinse soldate in die leërkamp van Jerusalem was, het ook nader gekom. Hy was in die kasteel Antonia, wat naasaan die tempel gebou was, toe hy die vreeslike lawaai hoor, en hy het dadelik met sy soldate gegaan om die orde te herstel.

Hulle het Paulus se lewe gered, en Claudius het toe bevel gegee dat hy met twee kettings geboei word. Daarna het hy gevra wie die man

was en wat hy gedoen het. Maar hulle het so geskreeu en geraas dat hy nie mooi kon uitmaak wat hulle sê nie. Daarom het hy beveel dat die gevangene na die kamp gebring moet word.

Alles het so gou gegaan dat die Jode nie goed gesien het wat gebeur nie. Maar toe hulle merk dat Paulus weggeneem word, het hulle probeer om hom uit die soldate se hande te ruk.

"Weg met hom!" het hulle geskreeu. "Hy moet sterwe!"

Hulle was met 'n blinde haat besiel. Só groot was die oproerigheid dat die soldate Paulus moes dra om hom veilig in die kamp te bring.

MAAR op die hoë stoep voor die kasteel was hy veilig. Daar kon die Jode dit nie waag om 732

hom te molesteer nie. Die soldate het hom daar neergesit, maar voordat hy binnetoe geneem is, het hy beleef gevra of hy die mense mag toespreek.

Die hoofman het hom verbaas aangekyk en gevra:

"Ken jy Grieks? Ek het dan gedink jy is 'n Egiptiese oproermaker!"

Maar toe hy hoor wie Paulus was en waarvandaan hy kom, het hy aan sy versoek voldoen.

Miskien sou hy nou somaar uitvind wat die man verkeerd gedoen het en hoekom die Jode hom so verskriklik haat.

EN daar staan Paulus toe, op dieselfde plek waar sy Meester eenmaal gestaan het. Voor hom was ook 'n gepeupel wat geskreeu het hy moet doodgemaak word.

Hy het sy hand omhoog gehou en gewag tot dit stil word. Toe het hy hulle in hul eie taal, in Hebreeus, aangespreek.

Baie eenvoudig het hy hulle iets van sy lewe vertel. Hy kon homself nie beter verdedig nie as om te vertel dat hy maar net gedoen het wat die Here hom beveel het.

Hy het vertel hoe hy die Christene vroeër vervolg het en hoe hy deur die Here Jesus op die pad na Damaskus bekeer is . . . . hoe hy later weer na Jerusalem gekom het en hoe die Here hom op 'n sekere dag in die tempel beveel het om na die heidene te gaan ....

Tot so ver het die mense mooi stil geluister, maar toe Paulus van die *heidene* praat, het hulle weer vreeslik oproerig geword. Wou die Here die *heidene* ook salig maak? . . . . O, die slegte leuenaar van 'n Paulus!

Die Here se seëninge was mos net vir die Jode bedoel!

"Weg van die aarde met so 'n bedrieër!" het hulle gegil.

O, dat hulle hom nie in die hande kon kry nie! Dat hulle hom nie kon verskeur nie! Hulle het nie geweet wat om te doen van woede nie. Hulle het geskreeu en hul klere afgepluk en stof in die lug opgegooi.

Die hoofman wat dit gesien het, maar niks kon verstaan nie omdat Paulus Hebreeus gepraat het, moes nou aanneem dat hy 'n groot kwaaddoener was. Sy geduld was op en hy het beveel dat Paulus binne-in die kamp gebring en daar gegesel sou word. Dan sou hy uitvind watter groot kwaad hy gedoen het.

Paulus het hierdie bevel nie gehoor nie. Maar toe die soldate sy hande hoog aan 'n paal vasgebind het om sy liggaam uit te rek om geslaan te word, tóé het hy dit verstaan en hy het dadelik sy ontevredenheid te kenne gegee. Hy vra toe vir die hoofman oor honderd wat daar staan. "Het u reg om 'n Romeinse burger te gesel en dit nogal onveroordeeld?"

Nee, dit was nie veroorloof nie! Dit was selfs strafbaar.

Die hoofman het toe dadelik na die owerste oor duisend geloop en bekommerd gesê: "Pas op wat u gaan doen, want hierdie man is 'n Romein."

Dit het die owerste laat skrik en hy het dadelik vir Paulus gevra: "Sê vir my of jy 'n Romein is."

"Ja," sê Paulus ewe kalm, want hy was mos 'n Romeinse burger.

Die offisier in sy pragtige krygsmantel het agterdogtig na die gevangene gekyk wat met sy hande teen die paal vasgebind was. Dit het nie gelyk of so 'n man genoeg geld sou gehad het om die Romeinse burgerreg te koop nie.

Twyfelagtig het die owerste gesê: "Ek het hierdie burgerreg vir 'n groot som geld verkry."

Trots het Paulus geantwoord: "Maar ek is 'n Romeinse burger deur geboorte."

Toe het hulle die rieme dadelik losgemaak en 'n mens kon sien hoe bang die owerste was vir die swaar straf wat hy sou kry as dit uitlek dat hy 'n Romein vasgebind het! Van toe af het hy Paulus goed behandel.

Verlate bouvalle van die pragtige hawestad Cesarea in Israel. Paulus was '« paar keer in hierdie stad wat destyds die woonplek van die Romeinse Goewerneurs was {Hand. 9:30; 18:22; 21:8). Slegs gedurende besondere tye, byvoorbeeld tydens die groot Joodse feeste, wanneer daar so baie Jode in Jerusalem saamgekom het en strenge beheer oor hulle uitgeoefen moes word, het die Romeinse heersers (soos Pontius Pilatus) hulle paleis in Cesarea verlaat en tydelik in Jerusalem gaan woon.

DIE volgende dag het die owerste bevel gegee dat die Sanhedrin bymekaar moet kom om Paulus te verhoor. Hy wou self by wees om te weet van watter misdaad Paulus beskuldig sou word.

Hulle het gekom, die deftige regters, en hulle het woedend kwaad en verbitterd gevoel. Hoe jammer was hulle tog dat hul vyand nie gister al vermoor is nie! Want hulle het goed verstaan hoe moeilik dit sou gaan om só 'n aanklag teen Paulus te vind dat hy veroordeel kon word.

Paulus het kalm en moedig voor hulle gestaan. Hy het geweet hoe al hierdie mense hom haat, maar hy het hulle bedaard aangekyk en gesê:

"Broeders, ek het met 'n volkome goeie gewete voor God gewandel tot op hierdie dag."

Paulus se houding en sy woorde het die hoëpriester Ananias so kwaad gemaak dat hy byna sy selfbeheer verloor het. Sy gewete was nie skoon nie! Hy was 'n baie slegte man, nog wreder as Kajafas en nog onverskilliger as die ander regters. Hy het oorgekook van; toorn toe hy opspring. Durf hierdie ketter nog so vrypostig praat? Hierdie bedrieër wat dit nie werd was om te lewe nie!

"Slaan hom op sy mond!" het hy bevel gegee aan die een wat naaste aan Paulus was.

Hierdie laf hartige bevel het Paulus se oë laat vonkel van toorn. Kon so 'n man een van sy regters wees? . . . . Dan was hy van die soort mense wat deur die Here Jesus gewitte grafte genoem is.

Hy het vroom en goed gelyk, maar sy hart was vals en sondig.

Toe sê Paulus vir hom: "God sal u slaan, gewitte muur! U sit tog om my volgens die wet te oordeel, en beveel u in stryd met die wet dat ek geslaan moet word?"

En hy is nie geslaan nie. Maar een van die raadslede het gevra: "Skel jy die hoëpriester van God uit?"

Toe Paulus dit hoor, kry hy spyt. Ananias het nie sy amptelike klere aangehad nie, en hy het hom ook nie gedra soos 'n hoëpriester nie. Daarom het Paulus hom nie herken nie.

Toe het Paulus ruiterlik om verskoning gevra en gesê: "Ek het nie geweet, broeders, dat hy die hoëpriester is nie, want daar staan

geskrywe: 'n Owerste van jou volk mag jy nie verwens nie."

Maar hy het nou besef dat hierdie manne nie reg aan hom sou laat geskied nie. Hulle was nie eerlike regters nie, maar wraaksugtige vyande van hom. Dit sou nie help om hom te verdedig nie. Hulle sou net probeer om sy woorde te verdraai sodat hulle hom kan beskuldig.

Om nou nie verkeerd veroordeel te word nie, het Paulus toe van 'n slim plan gebruik gemaak. Hy het geweet dat die regters aan twee partye behoort wat mekaar nie kon verdra nie: die Sadduseërs en die Fariseërs. Die Sadduseërs het gesê daar is nie 'n opstanding nie, maar die Fariseërs het geglo dat al die mense eendag sal opslaan uit die dood. Dié twee partye het altyd van enige kans gebruik gemaak om hieroor te twis.

Daarom het Paulus nou uitgeroep: "Broeders, ek is 'n Fariseër, die seun van 'n Fariseër. Ek staan hier voor die gereg omdat ek glo in die opstanding van die dode."

Hierdie woorde was soos 'n stuk vleis wat 'n mens in 'n kou gooi wat vol leeus is. Albei partye het dit dadelik gegryp om weer daaroor te twis. Hulle het glad vergeet waarom hulle bymekaargekom het. Die Fariseërs het hul haat vir Paulus vergeet en met die Sadduseërs getwis oor die opstanding. Hulle het mekaar sleg gesê en uitgeskel. Die verwarring en lawaai het al groter geword. Die Sadduseërs wou Paulus beetpak en vermoor, maar die Fariseërs het hom beskerm.

Die owerste was bang dat hulle hom wreed sou aanrand en het dadelik sy soldate laat haal.

Vir die tweede maal is die apostel deur soldate uit die hande van die Jode gered.

Niks het gekom van sy verhoor voor die Sanhedrin nie. En nou het die owerste nog nie geweet wat Paulus eintlik verkeerd gedoen het nie. Maar hy was seker dat dit maar net iets in verband met die geheimsinnige Joodse wette was. Paulus was bepaald nie 'n

kwaaddoener nie. Elkeen van die lede van die Sanhedrin het meer na 'n kwaaddoener gelyk as hy.

Maar tóg het die owerste Paulus in die gevangenis gehou. Daar was hy die veiligste!

DIT het nag geword. En Paulus was alleen in die gevangenis. Hy wat die wêreld deurreis het en altyd nog verder wou gaan, sit nou hier soos 'n voël in 'n kou. En sodra hy losgelaat word, sou sy vyande weer probeer om hom dood te maak.

O, die toekoms het vir Paulus donker gelyk. Dit sou nie 'n wonder wees as hy nou heeltemal moed verloor nie. Hy was maar ook 'n mens.

Maar tóg — hy was nie eensaam nie. Hy het 'n Vriend gehad wat hom beskerm het. En dié Vriend was sterker as al die vyandskap wat hom omring het.

Een nag het sy Vriend skielik by hom in die gevangenis gestaan. Dit was die Here Jesus self en Hy het gesê: "Hou goeie moed, Paulus, want soos jy aangaande My in Jerusalem kragtig getuig het, so moet jy in Rome ook getuig."

In een oomblik het al die duisternis van sy gemoed verdwyn en sy toekoms was rooskleurig.

In Rome! Dit was mos juis sy grootste begeerte om na Rome te gaan. Al was hy nog 'n gevangene en omring deur vyande, hy het nou geweet dat hulle hom nie kon doodmaak nie.

Die Here se belofte sou hom beter beskerm as die beste borswapen.

MAAR dit het sy vyande nie geweet nie. Meer as veertig van sy kwaaiste Joodse vyande het die volgende dag bymekaargekom en

gesweer dat hulle nie sou eet of drink voor hulle hom doodgemaak het nie.

Hulle het 'n oulike plan gemaak om hom in die hande te kry. Hulle het met die owerpriesters afgespreek dat laasgenoemde die volgende dag die owerste sou vra om Paulus nog 'n keer na die regsaal van die Sanhedrin te laat bring. Dit sou Claudius Lisias vir seker toestaan. En dan sou hulle sorg dat Paulus die saal nooit bereik nie: in 'n sekere smal straatjie sou hulle hom voorlê. As hy dan verbykom, sou hulle hom vermoor, al sou 'n paar Romeinse soldate hom vergesel. Hulle het hom so bitter gehaat dat hulle gewillig was om hul eie lewe te waag.

Maar kyk, weer het die Here Sy kneg gered.

En nou nie deur 'n magtige wonder soos tevore toe hy in Listre gestenig is nie, en ook nie deur 'n engel of 'n sterk held nie, maar deur 'n gewone mens, 'n sekere jong man.

Paulus was sy oom. Hy was die seun van 'n suster van Paulus wat in Jerusalem gewoon het.

Ons weet nie hoe hy agtergekom het wat Paulus se vyande se plan was nie. Miskien het hy op een of ander manier afgeluister. Of miskien het sy eie vader iets te doen gehad met die saak en het hy toe tuis iets daarvan verneem.

Toe hy daarvan hoor, het sy hele wese in opstand gekom teen hierdie gemene plan. Hy was baie lief vir sy oom en hy het hom dadelik voorgeneem om sy bes te doen om Paulus se lewe te red.

Hy het nie omgegee wal hy doen nie, hoe gevaarlik dit ook al mag wees. Hy het nie daaraan gedink dat die Jode hom miskien sou vermoor as hulle uitvind dat hy hulle plan bekend gemaak het nie.

Hy het deur die strate van Jerusalem gehardloop tot by die kamp waar Paulus was. Uitasem het hy die wag gevra of hy gou met Paulus

mag praat. Die man kon sien hy is baie ernstig en opgewonde en het dadelik verlof gaan vra.

Toe dit toegestaan is, het die jong man haastig vir Paulus vertel wat hy gehoor het.

Paulus was nie bang vir die dood nie. Hy was gewillig om vir die Here Jesus te sterwe. Maar hoekom mag hy nie gebruik maak van enige kans om sy lewe te red nie?

En toe hy dink aan wat die Here in die nag gesê het, het hy baie dankbaar en bly gevoel. Hy kon sien dis die Here se wil om hom nog te bewaar. Hy het die hoofman geroep en gevra:

"Sal u hierdie jong man asseblief na die owerste oor duisend bring, want hy het iets om hom te vertel?"

Die hoofman het dit gedoen en die owerste was baie vriendelik. Hy het die jong man aan die hand gevat en gevra:

Wat het jy om aan my te vertel?"

En toe vertel hy vrymoedig:

"Die Jode het ooreengekom om u te versoek om Paulus môre af te bring na 'n vergadering van die Raad, asof hulle hom nog 'n maal wil verhoor. Maar moet hulle nie glo nie! Want meer as veertig manne wil hom voorlê en hulle het hulself vervloek om nie te eet of te drink totdat hulle hom om die lewe gebring het nie. En nou is hulle gereed en wag op u toestemming."

Toe die owerste dit hoor, het hy ernstig geword. Hy het dit bewonder dat die jong man hom so knap gedra het en hom dadelik vertrou. Hy het hom laat gaan en gesê: "Vertel niemand dat jy dit aan my bekend gemaak het nie."

EN nog dieselfde dag het Claudias Lisias 'n plan gemaak om Paulus vir goed na 'n veilige plek te laat bring.

Hy het twee van die hoofmanne oor honderd geroep en gesê: "Hou tweehonderd soldate gereed om vannag te vertrek en ook sewentig ruiters en tweehonderd lig gewapende manne."

En toe dit die aand goed donker was, het hy Paulus op 'n perd laat sit, en daar marsjeer die leër met Paulus deur die donker strate uit Jerusalem! Hulle het aangehou loop tot dit oggend was. Toe het die soldate wat te voet geloop het, teruggegaan na die kamp, maar die sewentig perderuiters het Paulus tot in Cesarea geneem.

Daar het hulle hom na die goewerneur Felix geneem wat in die paleis gewoon het wat Herodes gebou het. En hulle het aan die goewerneur 'n brief van Claudius Lisias oorhandig.

Toe moes Paulus in daardie groot marmerpaleis van die goewerneur agterbly sodat hy nog

'n keer verhoor kon word.

Hy was nog altyd 'n gevangene, maar sy lewe was nou nie meer in gevaar nie.

Die gemene plan van die Jode het misluk. Toe hulle by die owerste kom met hul listige versoek om Paulus weer na die Sanhedrin te laat bring, het hy geantwoord dat hulle maar na Cesarea moes gaan!

Toe was die Jode seker buite hulself van woede. Ons wonder of die veertig manne toe nooit weer geëet of gedrink het nie!

En êrens in Jerusalem was 'n eenvoudige jong man, die neef van Paulus, wat hom kon verbly omdat hy 'n groot werk in die diens van die koninkryk van God verrig het.

96. 'n Geboeide Apostel

Handelinge 24; 25; 26.

YF dae na Paulus se aankoms in Cesarea het 'n paar vername Jode van Jerusalem V opgedaag om hom by die goewerneur aan te kla. Die hoëpriester Ananias het self saamgekom. Al was dit nie vir hom nodig om te kom nie, wou hy kom — as hy tog maar net sy vyand kon laat doodmaak! En dit was ook nie vir hom 'n te groot vernedering om in die huis van 'n heiden te gaan nie!

By hom was 'n sekere advokaat, Tertullus. Hy het die woord gevoer. Hy het Paulus beskuldig van oproer en ontheiliging van die tempel. Hy het Paulus 'n pes en oproermaker genoem. En al die Jode het instemmend geknik en hul oë het geflikker van haat. Maar hulle kon hul aanklag nie bewys nie en dit was baie maklik vir Paulus om hom te verdedig.

Oproer? Dit was nog nie eens twaalf dae dat hy in Jerusalem aangekom het nie, en niemand het gesien dat hy met die mense praat nie.

Ontheiliging van die tempel? Maar hy was dan juis in die tempel om te offer toe die Jode hom gegryp en na buite gesleep het!

En kon sy beskuldigers iets teen hom bewys toe hy voor die Sanhedrin verskyn het?

Hulle het doodstil gebly. Hulle kon niks teen hom inbring nie en toe het hulle maar begin twis oor die opstanding.

Felix, die goewerneur, was nou seker dat Paulus onskuldig was. Maar hy het dit nie gesê nie. Hy kon dit nie waag nie, want hy was bang vir die Jode.

Maar hy kon Paulus ook nie veroordeel nie. Daarom het hy die uitspraak uitgestel totdat hy eers met Claudias Lisias daaroor gepraat

het.

Paulus is weer teruggebring na die gevangenis. Maar die hoofman wat hom moes bewaak, het bevel gekry om hom goed te behandel. Al die broeders van Cesarea moes toegelaat Word om hom SO dikwels as hulle wou te besoek en liefdediens aan hom te bewys.

MAAR kyk, na net 'n paar dae moes hy weer voor die goewerneur verskyn. Daar was nie nuwe beskuldigers nie, maar nou het daar 'n mooi jong dame aan die sy van Felix gesit. Sy was Drusilla, Felix se vrou, en 'n dogter van Herodes Agrippa, die moordenaar van Jakobus.

Felix en Drusilla het nuuskierig geword. Wat was die oorsaak dat die Jode Paulus so so bitter gehaat het? Wat was dit wat die gevangene so kalm en rustig gemaak het? Wat was tog eintlik daardie nuwe godsdiens van geloof in Christus wat al meer versprei het oor die wêreld en wat selfs deur Romeinse soldate hier in Cesarea aangeneem is?

Felix en Drusilla wou graag meer daarvan weet.

A, Paulus wou oor niks anders so graag praat nie! Hy het alreeds met 'n sekere goewerneur daaroor gepraat.

Dit het gebeur toe Sergius Paulus op Ciprus vir altyd daardeur gelukkig gemaak is. Sou dit miskien ook met Felix gebeur? Paulus het hom geken en geweet hoe sondig sy lewe was.

Maar die evangelie was ook vir sulke mense.

En Paulus het begin. Eers het hy gepraat oor geregtigheid wat elkeen moet beoefen wat aan Jesus behoort.

Felix het glad nie daarvan gehou nie, want dit het hom aan sy sonde laat dink, aan sy oneerlikheid en wreedheid. En hy kon Paulus nie in

die oë kyk nie, want dit was mos vreeslik onregverdig dat hy hom nie al vrygespreek het nie!

Paulus het verder gepraat oor selfbeheersing of matigheid. Die mens wat 'n dissipel van die Here Jesus wou word, moet nie toegee aan slegte begeertes en onrein hartstogte nie. Hy moet Jesus alleen dien en nie meer sy eie sondige hart nie.

738

Felix het baie ongemaklik begin voel. Hy het uit die kant van sy oog na Drusilla geloer wat hy weggelok het van haar vorige man.

En toe Paulus uiteindelik begin praat oor die toekomstige oordeel — wanneer die Here Jesus op die wolke van die hemel sou kom om die lewende en die dode te oordeel — toe kon Felix dit nie meer uithou nie. Sy hele wese het gebewe toe hy dink dat hy eenmaal, net so sleg soos hy was, sal moet staan voor die hemelse Regter.

Hy het so bang geword dat hy dit nie kon waag om meer te hoor nie. Haastig het hy Paulus in die rede geval en gesê: "Gaan nou maar heen. Ek het nie baie tyd vandag nie, maar as ek weer 'n geleentheid vind, sal ek jou laat roep."

En hy het gesug van verligting toe Paulus geloop het. Nee, hy wou niks meer hoor van daardie geloof in Christus nie.

Dis waar, hy het Paulus nog dikwels laat haal en gesprekke met hom gehad, maar hy het die apostel nie uitgevra oor sy geloof in die Here Jesus nie. Wat Felix wel gevra het, was of Paulus nie ryk vriende het wat graag sou wil hê dat hy weer losgelaat word nie. Hy het gehoop om geld van Paulus of van sy vriende te kry. Daarom het hy Paulus laat verstaan dat hy hom graag sou loslaat as hy maar net baie geld daarmee kon verdien.

Twee jaar lank het hy verniet gehoop. Paulus wou eenvoudig nie sy vryheid met geld koop nie. Maar aan die einde van die twee jaar

moes Felix teruggaan na Rome. En omdat hy die Jode 'n guns wou bewys, het hy Paulus nie losgelaat nie.

Die nuwe goewerneur wat in sy plek aangestel was, was Festus, en hy was nie baie beter as Felix nie. Ook hy was nie 'n eerlike en moedige regter nie. Hy was ook bang vir die Jode en wou ten alle koste goeie vriende met hulle bly.

Toe hy in Jerusalem aankom, het die hoëpriester en die vernaamste Jode dadelik daarop aangedring dat hy Paulus na Jerusalem moet laat bring om weer daar verhoor te wórd. Hulle planne was al klaar agtermekaar. Die pad was lank en eensaam, en hulle sou hom op die pad vermoor.

Festus het moontlik geraai wat hul planne was en hul versoek is geweier. Maar hulle kon saam met hom na Cesarea gaan en Paulus daar beskuldig. Dit het hulle gedoen, en weer het hulle as aanklaers teenoor die apostel gestaan, maar hulle kon hul beskuldiginge nie bewys nie. Na Paulus homself verdedig het, het die nuwe goewerneur, net soos Felix, ook geweet dat hy onskuldig is, maar ook hy wou dit nie waag om Paulus los te laat nie.

Festus het baie verleë gevoel. Sou hy nie maar doen wat die Jode wou hê nie? Sou dit so danig ernstig wees as Paulus vermoor word? Dan sou hy, wat Festus is, hom nie meer hoef te bekommer oor die saak nie .... Dit sou darem nie reg wees nie .... Maar wie weet, miskien wil Paulus self weer teruggeneem word na Jerusalem. Dan sou hy hom nie teëhou nie.

Daarom vra hy toe vir Paulus: "Wil jy nie na Jerusalem gaan om daar voor my verhoor te word nie?"

Hierdie vraag het Paulus se oë laat vonkel van verontwaardiging. Hy het regop gestaan voor die goewerneur en die Jode. Twee lange jare het hy niks as net onreg verduur nie en onskuldig in die gevangenis gesit. Daar moet nou 'n end aan kom. Hy hoef nie toe te laat dat daar so ligsinnig met sy lewe gespeel word nie. Omdat hy 'n

Romeinse burger was, kon hy te eniger tyd eis om in Rome deur die keiser self verhoor te word. Dan kon geen goewerneur hom meer veroordeel nie. En die keiser sou tog seker nie bang wees om reg aan hom te laat geskied nie. Manhaftig het Paulus toe geantwoord:

"Ek beroep my op die keiser om deur hom geoordeel te word. Aan die Jode het ek geen onreg gedoen nie, soos u goed genoeg weet. As ek die dood verdien het, sou ek nie weier om te sterwe nie. Maar aangesien ek geen kwaad gedoen het nie, kan niemand my aan die Jode oorlewer net om hulle 'n guns te bewys nie. Ek eis om voor die keiser te kan staan."

Festus het geskrik, maar nie laat blyk hoe verleë hy voel nie. Sonder om 'n spier te trek, het 739

hy gesê: "Goed, jy het jou op die keiser beroep — na die keiser sal jy gaan."

MAAR hy was nou nog meer verleë oor die saak as tevore. Hy sou 'n brief aan die keiser moet skrywe om te sê watter kwaad Paulus gedoen het. En wat kon hy sê?

Gelukkig kom iemand hom toe net besoek by wie hy raad kon vra. Dit was koning Herodes Agrippa die Tweede, 'n broer van Drusilla. Hy het oor die noordelike deel van die land regeer. Sy ander suster, prinses Bernice, wat saam met hom gewoon het, was by hom.

Aan koning Agrippa het Festus alles vertel wat hy van Paulus geweet het. Agrippa het die Jode en hulle godsdiens geken. Hy sou al van dié Jesus gehoor het van wie die Jode gesê het dat Hy dood is, maar Paulus dat Hy lewe. Maar hy moes darem eers meer weet van Paulus voor hy kon raad gee. Agrippa sê toe vir Festus: "Ek sou self ook graag die man wil hoor." Festus antwoord toe: "Môre sal u hom hoor."

Die Middellandse See gesien van die kus van Israel naby Cesarea. Van die hawestad Cesarea is vandag slegs verlate puinhope oor. Dit was in Cesarea dat Paulus die goewerneur Festus geantwoord het met daardie merkwaardige woorde: "Ek is nie kranksinnig nie hoogedele Festus, maar ek spreek woorde van waarheid en gesonde verstand" (Hand. 26: 25).

Die volgende dag sou die belangrikste dag in die lewe van koning Agrippa wees, baie belangriker as die dag van sy kroning. Want op hierdie dag sou hy te doen kry met meer as net aardse mag en aardse geluk.

Agrippa en Bernice het met prag en praal gekom en die gehoorsaal binnegegaan, gevolg deur die hofdienaars, die owerstes oor duisend en die aansienlikste manne van die stad.

Festus was natuurlik ook daar en het Paulus laat haal.

Bleek van al die sit in die gevangenis en met sy hande vasgeboei, het die apostel binnegekom. Armoedig en eenvoudig, het hy afgesteek by al hierdie prag, nietemin het hy so fier soos 'n koning en doodgerus

daar gestaan. Hy het 'n vrede geniet waarvan hy selfs nie deur die gevangenis beroof kon word nie. Hy was nog altyd 'n gesant van die 740

Allerhoogste, al was hy ook in boeie.

Toe sê Agrippa: "Dit is jou nou vergun om jouself te verdedig."

En Paulus het begin praat. Nog 'n keer het hy die geskiedenis van sy lewe vertel. Wie kon dit beter doen? In sy lewe het die liefde van die Here Jesus, Sy grootheid en mag, helder geskyn. Sy lewe was die beste bewys dat die Heiland opgestaan het en in die hemel as Koning regeer.

O, toe Paulus praat van sy Koning het sy oë gestraal van louter geluk. Hy het homself en sy verhoor vergeet, want hy kon nie anders nie as om aan almal, daardie hoë en ryk mense met arm, sondige siele, van die Here Jesus te vertel nie.

Hy, daardie groot apostel, het weer gepreek en hy het met die Satan geveg om nie alleen die siel van Agrippa te red nie, maar ook dié van al die ander mense wat met gespanne aandag na hom gesit en luister het. Hy het gespreek van die profete, van wie Agrippa geweet het, en wat alles voorspel het wat met die Messias sou gebeur — hoe Hy sou ly en sterwe en sou opstaan uit die dood.

Maar toe hy oor die opstanding begin praat, het Festus hom onbeleef in die rede geval. Hy, die Romein, die ongelowige heiden, het gedink alles is dwaasheid wat sy verstand nie kon vat nie .... Opstanding uit die dood? .... Die een wat dit glo, moet van sy verstand af wees, dag Festus. Daarom het hy met 'n harde stem uitgeroep: "Jy is kranksinnig, Paulus; die groot geleerdheid bring jou tot kranksinnigheid."

Maar Paulus het kalm geantwoord: "Ek is nie van my verstand af nie, hoogedele Festus, maar ek spreek woorde van waarheid en gesonde

verstand. Vra maar vir koning Agrippa. Hy het al van hierdie dinge gehoor, want dit het nie in 'n hoek gebeur nie."

En toe draai Paulus hom na die koning en sê: "Glo u die profete, koning Agrippa? Ek weet dat u glo."

Met 'n glimlag het koning Agrippa geantwoord: "Jy beweeg my amper om 'n Christen te word."

Dit het vriendelik geklink, maar ook spottend. Deur te spot, wou die koning nie laat merk hoe onrustig hy voel nie.

Toe het Paulus sy hande opgetel, daardie hande wat geboei was, en ernstig gesê: "Ek wil die Here graag bid dat nie net u nie, maar ook almal wat my vandag aanhoor, so mag word soos ek is, buiten hierdie boeie."

Dit was Paulus se laaste, geweldige groot poging om almal wie se *harte* geboei was, te bevry.

Hulle het hom egter weer weggelei. Toe staan die koning op, asook die goewerneur en Bernice, en almal wat saam met hulle gesit het.

"Hierdie man is onskuldig," het hulle vir mekaar gesê. "Hy het niks gedoen wat die dood of die boeie verdien nie."

En Agrippa het vir Festus gesê: "Hierdie man kon losgelaat gewees het as hy hom nie op die keiser beroep het nie."

97. 'n Moeilike Reis

Handelinge 27.

IE groot dag het gekom — die dag waarna Paulus met soveel verlange uitgesien het.

D Hy sou na Rome gaan!

Meer as twee jaar het hy in die gevangenis van Cesarea gesit. Nou is die poorte vir hom oopgemaak en is hy deur die soldate na die hawe gebring. Nóg was hy 'n gevangene. Maar sy vriende, Lukas en Aristarchus, sou saam met hom reis. Hulle twee het vir hom in die hawe gestaan en wag. Daar was ook nog ander gevangenes Wat moes saamgaan. Geboei en opgepas deur wagte het hulle gelyk soos slagvee. Was hulle baie meer werd? .... Hulle was diewe en moordenaars en oproermakers wat van alle kante daarheen gebring is. Ook hulle moes na Rome gaan, maar net om daar te sterwe. Die keiser het hulle nodig gehad om hom en sy hofdienaars te vermaak. Hulle sou in die skouburg voor wilde diere gegooi word om verskeur te word. En met so 'n treurige geselskap, met ruwe matrose en heidense soldate, sou Paulus en sy vriende saam op 'n skip moet reis.

Hulle het weggevaar in 'n noordelike rigting. Hulle sou van die een hawe na die ander gaan.

Die soldate was onder bevel van 'n hoofman oor honderd. Sy naam was Julius en hy het Paulus vriendeliker behandel as die ander gevangenes. Toe hulle die volgende dag by Sidon aankom, het hy Paulus toegelaat om vriende in die stad te gaan besoek. Oorlaai met liefde en vriendelikheid het Paulus teruggekom, en hulle het verder gereis.

Maar 'n gure, onstuimige wind het van voor begin waai en die skip moes van koers verander sodat hulle onderkant Ciprus verbygevaar het totdat hulle by die hawe Mira aangekom het.

Daar het die hoofman hulle laat oorklim op 'n beter skip wat reguit na Italië sou seil. Die skip het van Alexandrië in Egipte gekom met 'n groot vrag koring vir Rome.

Hulle het verder gegaan — van Mira na die Weste. Maar dit het langsaam gegaan, want die wind was weer van voor. Al langs die kus van Klein-Asië het die berge die wind 'n bietjie afgekeer, maar daarna

het die wind hulle half suid gedrywe. Na baie moeite het hulle 'n baai met die naam Mooi Hawens aan die suidekant van die groot eiland Kreta, bereik. Hier het hulle die skip vasgeanker.

As hulle nie so baie teëspoed gehad het nie kon hulle al in Rome gewees het. Nou was hulle nog nie eens halfpad nie. September was al verby en die winter met sy storms en lang donker nagte was aan die kom. Dan sou dit vir die skip byna onmoontlik wees om te seil.

Die hoofman het bekommerd gevoel. Sou dit nie beter wees om hier oor te bly tot dit weer somer word nie?

Onderwyl Julius, die hoofman, met die stuurman en die eienaar van die skip, daaroor praat, het Paulus ook by hulle kom staan. Hy het nie baie geweet van seevaart nie, maar hy het die Here geken wat die wind en die golwe bestuur. En in sy hart het 'n stem hom gewaarsku.

Daarom het hy gesê: "Manne, ek sien dat op hierdie reis 'n ramp en groot skade nie alleen die vrag en die skip nie, maar ook ons sal tref."

Maar die stuurman en die skip se eienaar wou nie na sy waarskuwing luister nie. Daardie Jood moes hom nie met die saak bemoei nie ... . Hulle het die see en hul werk geken. Die hawe was te oop en nie geskik om daar te oorwinter nie. Net 'n paar myle verder na die weste was die hawe van Fenix, en daar sou dit stil en veilig genoeg wees. In elk geval kon 'n mens tog darem probeer om daar te kom, dag hulle.

Toe het almal geknik en gesê dat die stuurman en die eienaar van die skip, asook die hoofman, reg is. En dit was asof die weer ook wou sê hulle is reg, want die wind het suid gedraai en het so saggies en lekker gewaai soos in die lentetyd. Niemand het hom dus aan Paulus gesteur nie. Hulle het die ankers gelig, die seile gehys, en die skip het verder geseil.

MAAR hulle het nie lank onbesorg en opgeruimd gebly nie!

Dit het gelyk asof die onweer hom maar net so 'n bietjie stil gehou het om die seemanne te kul. Skielik het die weer opgesteek en hewig begin waai. 'n Geweldige storm, wat die seemanne Euroklidon, genoem het, het van die berge van Krèta af op die skip losgebars. Dit het die golwe so geweldig teen die skip laat klots dat die houtwerk gekraak het en die skip heeltemal van koers af geruk is. Die seemanne het geswoeg en gedoen wat hulle kon om die hawe te bereik, maar tevergeefs.

'n Klein sleepbootjie wat agter aan die skip vasgemaak was, het geruk aan die tou en op en af oor die berg-hoë golwe gedans. By die eilandjie Clauda het hulle met groot moeite die boot onder beheer gekry en dit opgetrek op die dek van die skip. Toe het hulle swaar kabeltoue onder die skip se boeg laat afsak en die romp daarvan vasgebind om die syplanke aanmekaar te help hou. Ook het hulle die sleepanker, dit is 'n bondel dik houtbalke wat aanmekaar vasgebind was, uitgegooi om die skip in *sy vaart te rem.* Dit alles was baie gevaarlike werk, want die storm het al hewiger geword. Heen en weer is die skip op die golwe geslinger, en nog altyd het dit gedrywe in die rigting van die Sirtis, 'n groot sandbank, noord van die Afrikaanse kus. Alles sou verlore wees as die skip daarop beland. Om die skip ligter te maak, het hulle eers 'n deel van die koring wat op die skip was, uitgegooi, en later selfs die skeepsgereedskap.

Wat kon hulle meer doen? Hulle was hulpeloos. Die geweld van die storm en die golwe was vir hulle te veel. Baie dae lank het hulle nie die son of die stene gesien nie. Die lug was dynsig en gedurende die dag amper so donker soos die nag. En nog steeds het die storm voortgeduur en die skip aangedrywe.

Waarheen?

Niemand het geweet nie. Wanhopig het hulle bymekaar gesit, die soldate en die gevangenes en die seemanne. Nou was daar geen verskil meer onder hulle nie. Hulle almal was net *mense.* Maar mense

wat in hul benoudheid nie kon dink aan eet of drink nie, mense wat siek was van angs en ellende.

TOE staan Paulus op. Hy was die enigste een op die skip wat sy ewewig nie verloor het nie.

Hy het so kalm daar tussen die wanhopige mense gestaan asof geen storm hom kon kwaad aandoen nie. Hy het hulle bemoedig deur te sê: "Manne, julle moes na my geluister het en nie van Kreta afgevaar het nie. Dan sou julle nie in hierdie gevaar beland het nie. Maar tog, hou goeie moed, want nie een van julle sal sy lewe verloor nie. Net die skip sal vergaan . . .

."

En onderwyl hulle hom ongelowig aankyk, sê hy verder: "Want daar het in hierdie nag by my gestaan 'n engel van die God aan wie ek behoort, wat ek ook dien. En hy het gesê: Moenie vrees nie, Paulus, jy moet voor die keiser staan, en kyk, God het aan jou geskenk almal wat saam met jou vaar. Daarom, hou moed, manne, want ek glo die Here. Ek is baie seker dat dit sal gebeur soos Hy belowe het. Maar ons moet op 'n sekere eiland strand."

Dit was wonderlike woorde. 'n Engel het in hierdie storm na die bootjie gekom. Die Here het

'n vertroostende boodskap aan een man gestuur, want Hy wou almal se lewe red ter wille van daardie een man ....

Maar die manne het nie geweet wat om van Paulus se woorde te dink nie. Dit was egter hul enigste troos en hoop, en hulle het gou gesien dat Paulus tog die waarheid gepraat het.

IN die veertiende nag van die storm het die matrose iets anders gehoor as net die geluid van wind en golwe. Dit was die dreuning van branders op 'n strand. Toe gooi hulle 'n tou uit, met

'n stuk lood onderaan, om te meet hoe diep die water is. Dit was twintig vaam of honderd-en-twintig voet. 'n Bietjie later het hulle die lood weer uitgegooi en toe was dit maar vyftien vaam. Die water het vlakker geword en hulle was dus reg toe hulle gedink het die land moet naby wees.

Toe het hulle gou van die agterskip vier ankers uitgegooi om nie op 'n rotsagtige plek te strand nie. Die skip se vaart het verminder. Dit het geruk en getrek aan die toue, maar die 743

ankers het gehou, en die skip kon nie verder gaan nie. Toe het almal met spanning gewag dat dit dag word.

Maar die matrose het na die voorskip gegaan, onderwyl hulle onder mekaar fluister. Hulle het gemaak asof hulle daar ook 'n paar ankers wou uitgooi, maar hul plan was om die skip in die steek te laat en hul eie lewe te red. Hulle het net aan hulself gedink, en stilletjies die sleepbootjie in die see laat afsak om daarin te vlug.

Paulus het dit agtergekom en die hoofman gewaarsku. Wat moes van die soldate en die gevangenes word as die matrose nie meer op die skip is nie? Paulus het gesê: "As hierdie manne nie op die skip bly nie, kan julle nie gered word nie."

Toe het die soldate met hulle swaarde die toue afgesny waaraan die sleepbootjie al oor die kant van die skip bokant die water gehang het. Dit het geval en in die donker weggedrywe oor die skuimende golwe. Die matrose se selfsugtige plan het misluk. Hulle moes nou almal saam verdrink of saam gered word.

Nou het hul angs en ongerustheid nog erger as ooit tevore geword. Maar weer was dit Paulus wat hulle moed ingepraat het. En nou wou hulle graag na hom luister. Dit het gelyk asof hy nou self die hoofman en die stuurman van die skip was. Teen die tyd dat dit dag sou word, het hy almal aangeraai om iets te eet om krag te kry vir die swaar dag wat voorlê. Hy het voorspel dat almal gered sou word en dat niemand eens 'n haar van sy hoof sou verloor nie.

Hy het brood vir hulle voorgesit en toe die Here gedank daarvoor. Sy stem het eerbiedig geklink onder die geruis van die wind en die golwe. Toe het hy van die brood geneem en ewe kalm begin eet. En sy kalmte was aansteeklik. Die ander het ook gerus geword en geëet.

Toe is die manne vir die laaste maal getel. Tweehonderd-ses-en-sewentig mense was daar op die skip. Paulus se woorde, en die kos, het almal versterk. Hulle het ywerig weer begin werk en koring uit die skip gegooi om dit nog ligter te maak. Dan kon dit miskien oor die rotse en sand strand toe drywe.

Toe dit dag word, het hulle die land nie herken nie, meer 'n baai met 'n skuins strand bemerk waarop hulle van plan was om die skip te laat loop as hulle kon.

HULLE het die ankers afgekap en die roertoue losgemaak. Toe het hulle die voorseil teen die wind opgetrek en die skip het begin beweeg en strand toe gedrywe.

Maar meteens het die skip 'n ruk gegee en toe stil gelê. Die voorste deel van die skip het op

'n rots geloop en elkeen moes nou maar self sien hoe hy die land kon bereik.

Wat moes die soldate met die gevangenes doen? As daar van hulle uitswem en ontsnap, kon die soldate later swaar gestraf word. Sou dit dan nie beter wees om maar al die gevangenes dood te maak nie?

Maar die hoofman was nie so wreed nie. Hy het aan Paulus, aan wie hulle soveel verskuldig was, gedink en daarom het hy dit verbied. Hy het bevel gegee dat almal wat kon swem eerste in die see moet spring. Die ander moes wag tot die skip onder hul voete opbreek. Toe dit gebeur en hulle in die bruisende water val, het elkeen hygend vasgeklou aan net wat hy in die hande kon kry. Op planke, balke of ander dele van die skip het hulle strand toe gedrywe. En toe almal

daar dankbaar en bewend van die koue bymekaarstaan, het dit geblyk dat nie een ontbreek het nie.

Die Here het Sy belofte gehou.

744

98. Van Malta na RoMe.

Handelinge 28:1-15.

ULLE het gestrand op 'n eiland aan die suidekant van Sicilië en die mense wat daar H gewoon het, het hulle vertel dat die naam van die eiland Melíte was. Vandag noem ons dit Malta.

Die inboorlinge van die eiland het vir Paulus en die ander wat skipbreuk gely het, buitengewone mensliewendheid bewys. Hulle het 'n groot vuur gemaak sodat hulle wat so koud en nat was, hulle kon warm maak en hulle klere kon laat droog word. Die meeste van hulle was so verkluim van die koue dat hulle skaars kon roer.

Daarom het Paulus, wat nog net so fluks en hulpvaardig was soos altyd, self 'n klomp droë hout bymekaargemaak. Maar toe hy die takke bokant die vlamme uitskud, het 'n adder daaruit gekom en hom aan sy hand gebyt.

Toe die inboorlinge dit sien, het hulle baie groot geskrik, want hulle wis hoe giftig daardie soort slang is. Hulle het Paulus met afsku aangekyk en gefluister: "Hierdie man is seker 'n moordenaar wat sy straf nie kan ontvlug nie! Toe die see hom nie kon doodmaak nie, het die wraak van die geregtigheid hom tóg ingehaal om hom te straf!"

In groot spanning het hulle na hom gesit en kyk, want hulle het verwag dat sy hand vreeslik sou swel en dat hy dan skielik sou doodval. Dit het altyd gebeur as iemand deur 'n adder gebyt word.

Maar Paulus het ewe kalm die slang in die vuur afgeskud sodat dit tot as verbrand is deur die vlamme, maar hy self het niks oorgekom nie.

Die Here het die lewe gespaar van Sy kneg wat in Rome vir Hom moes gaan getuig.

Nadat die inboorlinge lank gewag en gesien het dat Paulus nie die minste kwaad aangedoen is nie, het hulle van gedagte verander en met eerbied en verwondering gefluister dat hy 'n god was!

Maar Paulus het hierdie bygelowige mense toe seker vertel wie hom gespaar het.

NIE ver daarvandaan nie was die hoofman van die eiland se plaas met 'n mooi groot huis.

Sy naam was Publius en hy het Paulus en sy vriende genooi om voorlopig 'n paar dae by hom tuis te gaan.

Die Here het hierdie gasvryheid van Publius toe heerlik beloon. Sy vader het siek gelê aan koors en 'n ander rare siekte. Toe Paulus dit hoor, het hy vir hom gaan bid. Daarna het hy sy hande op sy warm, koorsige hoof gelê en die siekte en die koors het verdwyn. Die ou man het dadelik gesond geword.

Toe die eiland se mense dit hoor, het hulle van alle kante met siek mense na Paulus aangestroom. En die Here God, wat ryk is aan barmhartigheid, het Paulus die krag gegee om almal gesond te maak.

Almal het van hom gepraat, en aan hom en sy vriende is baie eer bewys. En hy het vir almal vertel van sy Heiland, die groot Geneesheer van siele.

Vir homself wou hy geen eer hê nie, maar *Jesus* moes lewe ook in die harte van hierdie mense.

Baie inwoners van Malta het hul hele lewe lank die Here gedank dat Sy boodskapper op daardie stormagtige môre na hulle gekom het.

DR1E maande het die mense wat skipbreuk gely het op die eiland gebly. Toe het hulle, oorlaai met geskenke, afgevaar in 'n skip van

Alexandrië wat by die eiland oorwinter het. Die skip was genoem na Castor en Pollux, die twee seuns van Jupiter, en die beskermers van skepe, soos die heidene gemeen het. Maar die manne wat saam met Paulus op die skip was, het gehoor van 'n beter Beskermer, van wie hy hulle vertel het.

745

Die reis het nou verder baie voorspoedig gegaan. Hulle het langs die ooskus van Sicilië gevaar en drie dae by Sirakuse vertoef. Nie lank daarna nie het hulle aangekom by Regium, die suidpunt van Italië. 'n Dag later het die suidewind opgekom en hulle het Puteoli, die seehawe van Rome gou bereik.

Die sogenaamde Via Appia Antica. Dit is die ou, oorspronklike Romeinse pad waarlangs Paulus Rome binnegegaan het. Die pad is so stewig met klippe uitgelê dat dit selfs na 2,000 jaar in bruikbare toestand is. Die geneesheer Lukas, wat die Evangelie van Lukas en

Handelinge geskryf het, skryf as volg van Paulus en sy aankoms in Rome nadat hulle soveel op pad daarheen deurlewe het: (Hand. 27:1; 28:14) "En die broeders wat van ons lotgevalle gehoor het, het ons daarvandaan {van Rome af) tegemoet gekom tot by die Appius-mark en die Drie Herberge; en toe Paulus hulle sien, het hy God gedank en moed gevat"' (Hand. 28:15).

Dit was die einde van hul lang seereis. Die skip is in die mooi hawe geanker en die gevangenes het aan wal gestap. Daar kon hulle die mooi wit marmerhuise van die stede Herculanum en Pompeji bewonder, en verder weg die vuurspuwende berg Vesuvius met sy wit rookwolk sien.

Maar baie heerliker as al hierdie skoonheid was Paulus se verrassing toe hy hier in Puteoli Christene gevind het. Die hoofman was bly om toestemming te gee dat Paulus en sy vriende sewe dae by hierdie broeders kon kuier.

Gesterk deur hierdie ontmoeting het hulle verder na Rome gereis op 'n pragtige breë pad wat die naam van Via Appia gehad het en wat vandag nog bestaan.

Hierdie pad was die vernaamste van al die paaie van die Romeinse ryk. Daarlangs het karavane getrek wat belaai was met allerhande kosbaarhede. Soldate in hul uniforms het daarop gemarsjeer. Vername Romeine het in hul sierlike draagstoele daarop gery en met trots gekyk na die baie slawe wat hulle omring het.

Die Via Appia is soos een van ons nasionale paaie, en almal wat van die Suide na Rome moes gaan, het daarvan gebruik gemaak. Bewaak deur soldate, het die gevangenes uit Palestina, onder wie Paulus ook was, dus ook hierlangs gereis.

Paulus was nou naby Rome — die stad met miljoene inwoners, die hart van die destydse groot wêreldryk. Maar hy het bekommerd

gelyk. Want kyk, noudat hy so naby sy bestemming kom, so naby die vervulling van sy wens, nou het hy kleinmoedig geword.

O nee, hy was nie benoud omdat hy bang was hy gaan sy lewe verloor nie! Hy het nie aan homself gedink nie, maar aan die gemeente van Rome, aan wie hy eenmaal uit Korinthe 'n brief geskryf het.

Was daar enige ander gemeente wat in soveel gevaar verkeer het as juis dié van Rome?

Was daar een ander wat só omring was deur sonde en die verleiding van wêreldsgesindheid?

Die Christene het gewoon in die stad van die wrede keiser Nero wat selfs sy eie moeder vermoor het, en wat hulle sonder twyfel nie sou spaar as hy eers van hulle te hore kom nie.

Wat sou Paulus tog vind as hy in daardie gemeente kom? Hoe sou hulle hom ontvang? Sou hulle hom, die geboeide gevangene, as die apostel van Christus herken?

MAAR kyk, toe die vermoeide reisigers naby die stad, by die Appius-mark kom, sien hulle hoe 'n aantal mense hulle tegemoet loop. Die vreemdelinge het nader gekom en toe met blye opgewondenheid die gevangenes deurgekyk, want hulle het iemand gesoek.

Verlangend het hulle gevra: "Paulus? Is Paulus ook hier?

En toe hulle hom sien, het hulle hom tegemoet gesnel en hom eerbiedig gegroet, onderwyl daar trane van blydskap in hul oë gekom het.

Dit was die broeders van Rome wat reeds van Puteoli boodskap gekry het dat die groot apostel aan die kom was, en wat hom toe haastig tegemoetgegaan het. En verder langs die pad, by die Drie Herberge, was daar nog meer Christene om hom te verwelkom.

Paulus se oë het nou geskitter van vreugde. Kon hy 'n beter bewys verlang van die liefde en getrouheid van die gemeente? Die hartlike verwelkoming het al sy bekommernis laat verdwyn. Paulus het die Here hartlik gedank en moed gevat.

Onder al die gevare van Rome was die gemeente veilig. Paulus, wat hulle meer liefgehad het as sy eie lewe, het hulle as sy kinders beskou.

En wat ook al in die toekoms sou gebeur — hy het alles aan die Here toevertrou. Hy was nou oortuig dat die Here nooit sou toelaat dat Sy gemeente vernietig word nie.

Met 'n glimlag kon hy toe verby die groot paleise van die wêreldstad loop.

So het die gesant van die Here Rome binnegegaan — as 'n eenvoudige man wat geboei geloop het tussen 'n klomp kwaaddoeners wat deur die stad gelei word.

En tog, al het niemand na hom gekyk nie, was dit voor sy Koning dat die groot en sterk Romeinse ryk eendag sou neerbuig.

Die voorspelling van Daniël het uitgekom. Die klip wat Nebukadnesar in sy droom gesien het, was al naby die beeld en sou dit verbrysel en 'n groot rots word wat die hele aarde sou vul.

As Nero dit maar geweet het!

747

99. Getrou tot die dood.

Handelinge 28:16-31; Filippense 1:12-14; 21-23; 4: 22; Die brief aan Filémon; Romeine 15: 24, 28 Titus 1: 5; 1 Timótheüs 1: 3; 2 Timótheüs 4; Openbaring 2:10.

NA al die moeite en gevare het Julius, die hoofman, die gevangenes uiteindelik veilig in Rome gebring. Hy het hulle na die regsaal geneem, die Praetorium, en aan die owerste daar oorgegee.

Toe het dit geblyk hoe die Here vir Paulus gesorg het. Hy is nie saam met die ander gevangenes opgesluit nie. Was dit miskien Festus se brief wat gemaak het dat die owerste hom so sag behandel het? Of was dit omdat Julius hom vertel het van die reis en die skipbreuk? Aan Paulus is dit in elk geval vergun om self 'n huis te huur en daar te woon met

'n soldaat wat hom moes oppas. Hy het 'n gevangene gebly, maar kon nog altyd vir sy Meester werk.

WAT hy eerste gedoen het, was om die vernaamste Jode van die stad te nooi om hom te besoek. En hulle het gekom, reeds drie dae na sy aankoms. Hulle het in sy huis gesit en verwonderd na hom gekyk, en na die soldaat wat agter sy stoel gestaan het en aan wie hy vasgeboei was. Toe het hy vir hulle uitgelê hoe dit gekom het dat hy daar sit. Nie omdat hy kwaad gedoen het nie, maar omdat die Jode van Jerusalem nie wou hê hy moet losgelaat word nie. En — het hy verder vertel — nie om sy volk aan te kla nie, maar omdat hy in die nood verkeer het deurdat hy so lank onregverdig behandel is, het hy hom op die keiser beroep. Omdat hy gepreek het omtrent die Hoop van Israel, omtrent Jesus Christus, die Seun van Dawid, daarom is hy in boeie geslaan.

Hulle het dit verstaan. Hulle het nog geen kwaad van hom gehoor nie en hulle het hom nog nie gehaat soos die Jode in Jerusalem nie. En hulle wou graag iets hoor van sy geloof en van die Christene wat oral met soveel vyandskap en teëspraak behandel is.

Toe het hulle 'n dag afgespreek waarop hulle mag terugkom na hom. Op daardie dag het hy ook in Rome vir die eerste keer aan die ou volk van Israel die blye boodskap van verlossing deur die Here Jesus gebring. Van die oggend vroeg tot die aand het hy die Skrif vir hulle

uitgelê. Hy het sy bes gedoen om hulle oor te haal om in Jesus te glo.

Maar soos dit oral gegaan het, het dit hier ook gegaan. Daar was party wat geglo het, maar die meeste het hom net so koppig teëgespreek soos die mense die Here Jesus tevore teëgestaan het.

Dit was tog só treurig. Dit het gelyk asof hulle nie eens na hom luister nie. Net soos al die ander mense het hulle ore gehad, maar tog vir hulle doof gehou. Oë het hulle gehad, maar tog was hulle blind vir die verlossing in Christus.

Toe Paulus dit merk, het hy daaraan gedink hoe Jesaja alreeds geprofeteer het hoe verhard Israel sou word wanneer hulle die Messias verwerp het. Hy het die Jode wat ongelowig gebly het, gewaarsku teen die vreeslike straf wat sou kom. Dit was harde woorde wat hy gespreek het — woorde soos hamerslae waarmee hy vir die laaste keer geprobeer het om hul verharde harte te verbrysel.

Maar dit was alles verniet. En toe hy vir hulle voorspel dat die Here die heidene barmhartig sou wees in plaas van vir hulle, het hulle baie kwaad geword en weggeloop onderwyl hulle hewig met mekaar getwis het.

Daar was egter tog 'n klein klompie wat na sy ernstige woorde geluister en tot ware bekering gekom het.

TWEE jaar was Paulus 'n gevangene in Rome en elkeen wat van die Here Jesus wou hoor, was welkom in sy huis.

Twee jaar het hy die evangelie verkondig en die mense van die Here Jesus Christus geleer, sonder dat iemand dit kon verhinder.

Hy het dit blymoedig gedoen, al was hy 'n gevangene. Al was hy soos 'n voëltjie in 'n kou, het hy tog verheug sy lied gesing, want hy het

geweet dat hy bevry sou word.

Die soldate wat hom die een na die ander bewaak het, het gou genoeg gesien dat hy nie 'n gewone gevangene of kwaaddoener was nie, maar dat hy sy boeie gedra het om die Here Jesus ontwil. Selfs vooraanstaande Romeine het gelowig geword en die gemeente in Rome het altyd groter geword.

Paulus het ook nog die ander gemeentes bearbei, al kon hy self nie by hulle kom nie. Hy het dit gedoen deur gebruik te maak van medewerkers, soos sy vriende Lukas en Timótheüs, Tichikus, Johannes Markus en nog baie ander. Hy het vir die gemeentes gesorg soos 'n vader vir sy kinders en vir hulle briewe geskrywe om hulle te leer.

HEEL moontlik was dit in hierdie jare dat hy sy brief geskryf het aan die gemeente van Kolosse, 'n stadjie naby Efese.

Ook aan die Efesiërs het hy geskrywe. Dit was 'n algemene brief wat ook bedoel was vir ander gemeentes in die omtrek.

'n Baie teer en hartlike brief het hy ook aan die Filippense geskrywe, wat met hulle liefdegawes gehelp het om hom ook in Rome te versorg.

En uit Rome het hy ook aan Filémon geskrywe, 'n vername Christen in Kolosse. Dit was maar net 'n kort briefie, maar tog ook baie kosbaar. Want byna nêrens anders kom Paulus se liefde en sorgsaamheid vir sy geestelike kinders so heerlik uit soos in hierdie paar reëls nie.

FILEMON het 'n slaaf gehad met die naam van Onésimus. Maar Onésimus het so verlang om vry te wees dat hy weggeloop het van sy baas. Hy het al verder weg gegaan, want hy was baie bang dat hy gevang en swaar gestraf sou word. Uiteindelik het hy in Rome aangeland en natuurlik aan niemand daar vertel wie hy eintlik was nie. Niemand moes sy groot geheim agterkom nie. En wie sou hom

tóg vind onder al die duisende en duisende mense in die groot wêreldstad?

Maar Iemand het hom tog gevind. Iemand vir wie geen mens kan wegvlug nie.

Op 'n goeie dag het Onésimus in die huis van Paulus gekom en daar gehoor hoe die geboeide man van die Here Jesus praat. Met blye verwondering het Onésimus geluister, want die lieflike boodskap van Christus se liefde was 'n heerlike troos vir sy angstige en gekwelde hart. Hy het die Heiland liefgekry. Onésimus, wat nie meer 'n slaaf en die eiendom van 'n mens wou wees nie, het homself nou nog geheel en al weggegee. Hy het 'n slaaf geword van Christus wat hom gekoop het met Sy bloed, en hy het voortaan aan Hom behoort. Nou het hy eers uitgevind wat die ware vryheid was.

Maar tóé het sy groot geheim hom nie meer rus gegee nie. Hy was dikwels by Paulus en het vir hom gedoen wat hy kon, want hy het die gryse ou apostel so liefgehad soos 'n kind sy vader. En uiteindelik kon hy sy geheim nie meer vir Paulus wegsteek nie. Hy het hom alles vertel en vooruit al geweet wat Paulus sou sê. Hy het hom met die Here versoen en nou moes hy gaan om hom ook met sy meester te versoen. Hy moes teruggaan na Filémon wie se eiendom hy eintlik was.

En dit het Paulus ook vir hom gesê. O, dit was nie maklik om dit te doen nie, want hy het Onésimus, wat soveel vir hom gedoen het, al baie liefgekry. Maar dit was die wil van die Here. En daarom moes hulle skei, al was dit vir albei baie swaar.

Toe het Paulus 'n brief aan Filémon geskrywe om dit vir Onésimus makliker te maak om terug te gaan. Hy het geskrywe:

"Ek pleit by jou vir my seun, vir Onésimus, vir wie ek 'n vader geword het hier in die gevangenis. Vroeër was hy nie van baie nut vir jou nie, maar nou is hy baie nuttig vir jou en vir my. Dit is asof ek jou my eie hart stuur deur hom terug te gee aan jou.

Bouvalle van die sogenaamde Romeinse Forum uit ongeveer die tyd toe Paulus in Rome as gevangene opgepas is. Die magtige bouwerk van die groot Romeinse heersers van daardie tyd is vandag meestal slegs bouvalle. Maar die werk wat God deur Paulus verrig het, word steeds deur miljoene gelowiges oor die hele wêreld voortgesit.

"Miskien is hy juis om hierdie rede 'n tydjie van jou geskei, dat jy hom vir altyd kan besit. Nou nie meer as 'n slaaf nie, maar méér as 'n slaaf, as 'n beminde broeder.

"Jy beskou my mos as jou vriend? Nou ja, neem hom dan aan net soos vir my.

"En as hy jou enige skade aangedoen het, of iets skuld, sit dit op my rekening; ek sal dit betaal. Ek, Paulus, skryf dit met my eie hand, en

ek maak staat op jou om te doen soos ek vra. Ek weet jy sal gewillig wees om selfs nog meer te doen as dit.

"En maak asseblief alles reg dat ek 'n bietjie by jou kan tuis gaan. Want ek hoop dat julle gebede verhoor sal word en dat ek aan julle teruggegee sal word . . . ."

EN dit is amper seker dat hierdie hoop van Paulus nie beskaam is nie. Na twee jaar is hy waarskynlik vrygelaat omdat sy beskuldigers nog nie van Jerusalem gekom het nie.

Toe was die ou arend weer vry en kon hy vlieg waarheen hy wou. Miskien het hy toe na Spanje gegaan soos dit vroeër, in Korinthe, sy plan was.

Maar wat sekerder is, is dat hy na die Ooste, na die groot eiland Kreta, gegaan het waar hy eenmaal as 'n gevangene verbygevaar het. Hy sou ook weer Filippi en Troas en Melíte en Korinthe besoek het. In Klein-Asië sou hy sy vriende Filémon en Onésimus ongetwyfeld nie vergeet het nie.

Dit was ook op hierdie reis dat hy nog twee briewe geskryf het: die een aan Timotheüs, wat toe in Efese gewerk het, en die ander een aan Titus wat hy op Kreta agtergelaat het. Maar in Rome sou die Here hom, daardie dapper geloofsheld, die tuig laat neerlê.



Die sogenaamde Pauluspoort in Rome. Volgens oorlewering is dit hier waar Paulus tydens die vervolginge onder die kranksinnige keiser Nero teen die jaar 65 n.C. onthoof is. Kort voor sy marteldood het Paulus aan Timótheus geskryf: "Jy dan, my seun, wees sterk deur die genade wat in Christus Jesus is . . . . Ly dan verdrukking soos 'n goeie krygsman van Jesus Christus .... Want ek word alreeds as 'n drankoffer uitgegiet, en die tyd van my heengaan is naby. Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou" (2 Tim. 2:1, 3; 4:6, 7).

IN die jaar 64 was daar 'n vreeslike groot brand in Rome. Heelwaarskynlik het die kranksinnige keiser Nero self die stad aan die brand laat steek. Die brand het nege dae geduur en 'n groot deel van die stad verwoes. Toe het Nero, om sy eie lewe te probeer red, die Christene beskuldig dat hulle die stad aan die brand gesteek het. Daarna is die gemeente erg vervolg en is Paulus, wat ook in Rome was, weer gevange geneem. Nou het hy stoksielalleen voor die wrede

keiser en sy regters gestaan, net soos die Here Jesus eenmaal voor Pilatus.

Maar die Here was by hom en het hom sterk gemaak. Paulus het net so moedig soos in Cesarea van sy Heiland gepraat. By die eerste verhoor is hy toe nie veroordeel nie. Hy moes weer teruggaan na die gevangenis, en daar het Lukas hom getrou gehelp en bemoedig.

Toe het hy sy laaste brief geskrywe. Dit was aan Timotheüs in Efese vir wie hy nog net een keer baie graag hier op aarde wou sien. Hy het hom gevra om Johannes Markus saam te bring en gou te maak, want hy voel sy einde is naby.

Maar vir die dood was hy nie bang nie!

Inteendeel. Soms het hy verlang om te sterwe. Hy het geglo dat dit die beste van alles was om sterwe en met Christus te wees. Hy het geweet dat die Here hom sou verlos van al die kwaad wat die mense hom wou aandoen en hom veilig in Sy hemelse koninkryk sou bring.



Die Olyf berg met die paadjie wat oor die spruit Kedron gaan en dan verby die tuin van Getsemane en die huidige "kerkie van die Angste". Van hierdie berg af het Jesus veertig dae na Sy opstanding opgevaar na die hemel. "En toe hulle nog stip na die hemel kyk terwyl Hy weggaan, staan daar twee manne in wit klere by hulle wat sê: Galilese manne, waarom staan julle «n kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom sien wegvaar het" (Hand. 1:10-11).

Links is die pad na Damaskus. "En toe hy (Paulus) op sy reis naby Damaskus kom, omstraal hom skielik 'n lig van die hemel af; en hy val op die grond en hoor 'n stem vir hom sê: Saul, Saul, waarom vervolg jy my? En hy sê: Wie is U Here? En die Here antwoord: Ek is Jesus wat jy vervolg" (Hand. 9:3-5).

EN nie lank daarna nie het dit ook gebeur. Ons weet nie of Timotheüs nog betyds gekom het nie. Paulus het gesterwe vir sy Heiland net soos Jakobus gesterf het. Die wrede Keiser Nero het hom laat doodmaak. Hulle het hom met 'n swaard onthoof, soos dit vir 'n Romeinse burger voorgeskryf was.

Hy het die goeie stryd gestry: hy het die wedloop voleindig: hy het die geloof behou.

Baie aardse regters het hom in sy lewe onregverdig en wreed en soos 'n kwaaddoener behandel.

Maar die hemelse Regter is regverdig en barmhartig en het reeds vir hom die kroon van die geregtigheid weggelê. En nie alleen vir hom nie, maar ook vir almal wat die Heiland liefhet.

Ook vir die ander apostels.

VAN die werk en die lewe van die ander apostels weet ons nie soveel as van dié van Paulus nie. Nadat hulle nog eers enige jare in

Jerusalem gebly het, het hulle die wêreld ingegaan, gehoorsaam aan die bevel van hul Meester.

Van Petrus het 'n paar briewe wat hy aan die gemeentes van Klein-Asië geskryf het, bewaar gebly. Ons weet nie waarheen hy gevlug het toe die engel van die Here hom uit die gevangenis in Jerusalem verlos het nie. Maar later was hy weer in Jerusalem by die vergadering van die apostels. En nog later was hy in Antiochië en miskien ook in Korinthe.

Uiteindelik het hy heel moontlik na Rome gegaan en daar het hy gesterwe. Hy is waarskynlik onderstebo gekruisig.

JOHANNES het baie oud geword. Hy het nog lank gelewe nadat die Here Jesus se voorspelling dat Jerusalem verwoes sou word, vervul is. In die jaar 70 het die Jode teen die Romeine gerebelleer en toe is die stad eers lank beleër en daarna met verskriklike bloedvergieting verwoes.

Maar die Christene het, omdat Jesus hulle gewaarsku het (lees Luk. 21:20, 21), reeds aan die begin van die oorlog gevlug en veilig in die stadjie Pella aan die oorkant van die Jordaan gaan woon. Johannes het toe waarskynlik na Efese gegaan.

Daar het hy lank gewoon en die gemeentes van Klein-Asië gelei deur vir hulle te preek en briewe te skrywe. Maar toe hy al baie oud was, is hy verban na 'n klein eilandjie nie ver van Efese nie. Die naam daarvan was Patmos.

Maar die Here was daar by hom in sy eensaamheid. Hy het wonderlike gesigte gesien van wat in die toekoms sou gebeur met die kerk van Christus. En wat hy gesien het, het hy opgeskrywe in 'n boek. Dit is die boek Openbaring, die laaste een in ons Bybel.

Dit is 'n pragtige en wonderlike boek, maar daar is niemand wat alles daarin kan verstaan nie.

Maar tóg het dit die gelowiges nog altyd getroos en gehelp. Want daar staan baie duidelik geskrywe: *die kerk van Christus op aarde sal baie moet ly, maar sal nooit vernietig word nie.*

Dit kan lyk asof die vyande van God kan doen net wat hulle wil, maar Christus sal hulle eendag almal oorwin en tot in ewigheid heers as Koning.

TWEE van die apostels, Mattheüs en Johannes, het elkeen 'n Evangelie geskrywe waarin hulle vertel van die lewe en die werke van Jesus op die aarde. Maar ook Lukas, die geneesheer, wat so saam met Paulus was, het 'n Evangelie-verhaal geskrywe. En Johannes Markus het weer opgeskryf wat hy van Petrus gehoor het en sodoende ook vir ons 'n Evangelie nagelaat.

Hulle het saam vier boeke omtrent die Here Jesus geskrywe en ons is dankbaar dat ons al vier besit.

Dis waar, die vier boeke is baie eenders, maar is tog ook baie verskillend.

Mattheus het vir die Jode geskrywe en vertel van Jesus as die Messias in wie al die beloftes 753

van die Skrif vervul is.

Markus het vir die Romeine geskryf. Vir hom was die Here Jesus die groot Koning aan wie alle mag onderwerp is.

Lukas, die geneesheer, het Hom beskrywe as die barmhartige Verlosser wat gekom het om alle lyding en droefheid weg te neem.

Johannes het Jesus beskrywe as *die* Woord van God, die stem van God in die wêreld: as Sy Seun na wie elkeen wat God wil ken, moet luister.

So vorm die vier Evangelies saam een mooi verhaal omtrent die Heiland, soos vier lampe een helder lig laat skyn.

LUKAS het ook nog 'n boek geskrywe. Dit is die *Handelinge* van die heilige apostels, waarvan die grootste deel aan die werk van Paulus gewy is.

Wat het van die ander apostels geword, van Bartholomeüs, Natanael, die Israeliet sonder bedrog, Filippus en Andreas?

Ons weet dat hulle die wêreld ingegaan het en in baie lande die blye boodskap van Jesus verkondig het.

Hulle was almal gehoorsaam aan die bevel van die Here Jesus: om die evangelie oral te verkondig waar hulle kom. En geen vervolging of vyandskap kon hulle dwing om daardie heerlike werk op te gee nie.

Hulle was getrou tot die dood en het die kroon van die lewe ontvang.

754

100. Deur die Geloof

2 Korinthe 11: 24-31; Efese 2: 8; Romeine 8: 35; Hebreërs 12: 2.

AAR groei 'n klein blommetjie langs die pad, 'n klein en nederige madeliefie. Dit bly D maar op een plek waar dit sy geur versprei en sy hartjie ophef na die son.

Dis so klein en beskeie dat die mens dit skaars of glad nie raaksien as hulle verbyloop nie.

Partymaal trap hulle somaar daarop.

En tog is hierdie blommetjie 'n wonder van die Here. Dit verdra die storms, die reën en die wind. En dit lyk asof dit dood is wanneer die winter met sy kwaai koue gekom het. Maar kyk, die son het skaars die aarde weer begin warm maak in die lente of die madeliefie word weer lewendig en groei net so mooi soos die vorige jaar. En rondom die plantjie, naby en ver, groei ander madeliefies, sy kinders wat

opgekom het van die saad wat die winde oral versprei het. Vir elkeen wat dit wil oplet, is dit 'n bewys van die wysheid en liefde van God.

Wat is tog die wonderlike krag wat daardie klein blomplantjie in al die gevare bewaar? Dit is die lewenskrag wat die Here daaraan gegee het.

DIE kerk van Jesus Christus op aarde is ook 'n plant van die Here God.

En daarom bly dit staan onder al die storms en vervolging. Daarom kan die vyande van die Here dit met hul kwaaiste en bitterste aanvalle nooit uitroei nie.

Want die kerk het 'n wonderlike krag van die Here gekry wat hom bewaar in alle gevare. Die Here gee hierdie krag aan almal wat Hom liefhet.

Hierdie krag wat hulle aan die Here verbind en wat Sy kerk so onuitroeibaar sterk maak, is die Goddelike krag wat ons *geloof* noem.

DEUR die geloof het die apostels gepreek nadat hulle die Heilige Gees ontvang het, sonder om die dreigemente van die Sanhedrin te vrees.

Deur die geloof het Stefanus so dapper getuig voor sy regters en kon hy ook vir sy vyande bid toe hulle hom gestenig het.

Deur die geloof het Petrus die kreupel man genees, die verlamde Enéas laat loop en Dorkas uit die dood opgewek.

Deur die geloof het Paulus sy groot sendingreise onderneem en dapper alle gevare getrotseer. Vyf maal is hy deur die Jode gegesel, drie maal met stokke geslaan deur die Romeine, een maal gestenig en drie maal het hy skipbreuk gely. En dit alles het hy verduur om die ontwil van die Here Jesus — deur die geloof.

Deur die geloof het al dié predikers, en ook dié wat na die apostels gekom het, hul werk gedoen.

Hulle het hul lewe aan die diens van die Here Jesus gewy en die kerk het nog altyd meer uitgebrei. Oral was daar mense wat deur die geloof gelewe het.

DIE gelowiges het dikwels baie swaar gekry. Op allerhande maniere is hulle vervolg, verdruk, gemartel en om die lewe gebring. Maar die bloed van martelare het die saad van die kerk geword. Want, as hulle op die skavot gekniel het, het hul gesig soms gestraal van blydskap omdat hulle vir hul Heiland moes sterwe en omdat hulle spoedig by Hom sou wees. En wanneer die vlamme hul liggaam op die brandstapel begin verteer het, kon hulle soms nog sing van geluk.

Deur die geloof kon hulle dit doen.

En al is hulle doodgemaak, kon daardie geloof nie sterwe nie. Dit het aangehou om in hul te lewe, en altyd in nog meer harte, eeu in, eeu uit, tot vandag toe.

EN nog altyd gaan die sendelinge die wêreld in om die evangelie aan die heidene te bring.



Om aan almal wat na die Here verlang, te vertel dat hulle uit genade kan gered word deur die geloof. Hulle verlaat hul land en trotseer gevare omdat hulle die Here Jesus liefhet, en deur die geloof ontvang hulle krag van die Here.

En almal wat deur die geloof lewe, hier en waar ook al in die wêreld, kan nie omtrent hul Verlosser swyg nie.

Dus sal daar eendag geen volk op aarde meer wees wat nog nie van die Heiland gehoor het nie.

EN dan sal Hy kom, Hy wat die Voleinder van die geloof is. Op die wolke van die hemel sal Jesus kom, soos Hy beloof het, en sal die lewende en die dode oordeel.

Sal Hy dan nog geloof op die aarde vind?

Hierdie magtige pilare is al wat oorgebly het

van 'n pragtige tempel ter ere van heidense

afgode by Baäl-Bek. Selfs sulke geboue is,

soos alle menslike maaksels, is tot

vernietiging gedoem. Maar God bly tot in

ewigheid en wie in Jesus Christus glo, sal

lewe al het hy ook gesterwe (Joh. 11:25).

O ja, dit sal hier wees! Die vlam van die geloof

sal in baie harte brand, omdat dit die Here self

is wat dit aangesteek het en dit deur Sy Gees

voed. En al die gelowiges sal saam met Hom

ingaan in die ewige heerlikheid.

WANNEER dit sal gebeur, weet niemand nie

as net die Vader in die hemel. Maar dat dié

dag altyd nader kom, is seker.

Soos 'n dief in die nag, só skielik en

onverwags sal Jesus kom.

Soos 'n bruidegom sal Hy kom om die kerk,

wat Sy bruid is, na die Vaderhuis te bring.

Na dié dag verlang almal wat deur die geloof

aan die Here Jesus behoort.

En hulle bid: Kom, Here Jesus, ja, kom haastig!

BAIE het die kerk van die Here al gely en baie sal sy miskien nog moet ly voordat daardie heerlike dag kom.

Maar almal wat Jesus liefhet, hoef nie te vrees nie. Hulle sal aan Hom vashou deur die geloof en sal nooit van Hom geskei word nie.

"Wie sal ons skei van die liefde van Christus — verdrukking of benoudheid of vervolging of honger of naakheid of gevaar of swaard?

"In al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het. Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie."

EINDE

756


Tirus
LIBANON
Cesarea-Filippi
HERMON
SIRO-FENICIË
Choela-meer
MIDDELLANDSE SEE
Ptolemais
Gorasin
Kapernaum
Betsaida
Magdala
Kana
Tiberias
Meer van Galilea
Kison
KARMEL
Nasaret
Naïn
TABOR
GALILEA
Jarmuk
Gadara
Cesarea
GILBOA
Bet-Sean
DEKAPOLIS
EBAL
SAMARIA
Jordaan
Samaria
Sïgar
GERISIM
Jabbok
Joppe
Arimathea
Lidda
Efraïm
Beeriot
PEREA
Emmaus
Jericho
Betabara
Betanie
NEBO
Jerusalem
Bethlehem
JUDEA
Machaerus
DOOIE SEE
Hebron
Arnon
Berseba
IDUMEA

LANDKAARTE

757


KASPIESE SEE
Tigris
Karkemis
Haran
Nineve
Hamat
Ribla
Soba
Tadmor
Damaskus
Eufraat
ASSIRIË
GROOT SEE
Megiddo
Sigem
Bet-el
BABEL
Babel
Siriese Woestyn
Rivier van Egipte
Ur van die Chaldeërs
Woestyn Paran
EGIPTE
ROOI SEE
ARABIE
PERSIESE GOLF


Damaskus
MIDDELLANDSE SEE
Dotan
GILEAD
Sigem
Sukkot
Pniel
Bet-el
Jabbok
Jerusalem
Betlehem
Hebron
Berseba
DOOIE SEE
GOSEN
EDOM
SEÏR
EGIPTE
SINAÏTIESE SKIEREILAND

***Bo**: Die wêreld van Abraham.*

***Onder**: Die wêreld van Jakob en sy seuns.*



Die uittog uit Egipte

759

Die stamme van Israel.

760

Sidon
Sarfat
LIBANON
ARAM
Damaskus
FENICIE
Tirus
HERMON
Dan
MIDDELLANDSE SEE
TABOR
KARMEL
Sunem
Endor
GILBOA
Jisreel
Jabes
Dotan
Ramot in Gilead
Samaria
Mahanaim
AMMON
Rabba
Ekron
Bet-el
Jerigo
Mispa
Migmas
Gilgal
Gibeon
Gibea
Kirjat-Jearim
FILISTYNE
Jerusalem
Betlehem
DOOIE SEE
Hebron
Siklag
MOAB
EDOM

Palestina tydens die regerings van Saul, Dawid, Salomo en ander konings.

761

Abilene
Damaskus
Sidon
SIRO-FENICIË
Sarfat Sarepta
Tirus
Cesarea-Filippi
Choela-meer
MIDDELLANDSE SEE
GALILEA
Trachonitus
Ptolemais
Gorasin
Gaulanitus
Kapernaüm
Magdala
Meer van Galilea
Basan
Kison
Tiberias
Hippos
Kana
Nasaret
Jarmoek
Abila
HAURAN
Gadara
Bet-Sean
Bosra
Cesarea
SAMARIA
Salim
DEKAPOLIS
Enon
Pella
Samaria
Sigar
Jordaan
Gerasa
Jabbok
Antipatris
Ioppe
Arimathea
Lidda
PEREA
Beerot
Jerigo
Geser
Emmaus
Betsabara
Asdod
Jerusalem
Betanie
JUDEA
Betlehem
Askelon
DOOIE SEE
Machaerus
Gasa
Hebron
Dibon
Arnon
Masada
Berseba
IDUMEA

Palestina in die tyd van Jesus en die apostels.

762


Pad na Nabloes
Herodespoort
Bad van Betesda
Damaskuspoort
Pad na Jaffa
NUWE STAD
Stefanuspoort
VESTING ANTONIA
Vispoort
GETSEMANE
Ou Poort
Heilige Graf
ROTSKOEPEL
Pad na Gasa
VOORSTE STAD
TEMPEL
SION
Jaffapoort
Efraimspoort
MOSKEE EL-ASKA
Pad na Jerigo
PALEIS VAN HERODES
Olyfberg
BO-STAD
BENEDE-STAD
OFEL
Gihon
(Fontein van die Maagd)
Sionspoort
Stadsdal
Kedron-dal
Dam van Siloa
Fonteinpoort
Aspoort
Dal van die Kinders van Hinnom
Pad na Betlehem
Olyfberg

Jerusalem en omgewing.

763


Pergamum
Thiatire
Sardis
Filadelfia
Smirna
Laodicea
Efese
ASIË
PISIDIË
Antiochie
Ikonium
LIKAONIË
Listre
Derbe
Patmos
Attalie
Perge
Seleucie
Antiochie
Salamis
Pafos
Ciprus
MIDDELLANDSE SEE


Filippi
Neapolis
Amfipolis
Apollonia
Thessalonika
Berea
Samothrace
BITHINIË
MACEDONIË
MISIË
Troas
Korinthe
Kenchree
Athene
ASIË
FRIGIË
GALASIË
Efese
Antiochie
Ikonium
Listre
Derbe
Patmos
Tarsus
GRIEKELAND
CILICIË
Antiochie
Kreta
Ciprus
SIRIË
MIDDELLANDSE SEE
Cesarea

***Bo**: Die eerste sendingreis van Paulus. **Onder**: Die tweede sendingreis van Paulus.*

764


SWART SEE
SWART SEE
ADRIATIESE SEE
Rome
Drie Herberge
Appius-mark
Puteoli
ITALIË
SICILIË
Sirakuse
Regium
Malta
MACEDONIË
Filippi
Thessalonika
Berea
A
H
A
J
E
Korinthe
Kenchree
Kreta
Fenix
Mooi Hawens
Troas
Adramittium
Mitilene
FRIGIË
GALASIË
Kos
Efese
Samos
Melite
Knidus
LICIË
PAMFILIË
Antiochie
Ikonium
Listre
Derbe
Antiochie
Mira
Ciprus
FENICIË
Sidon
Tirus
Ptolemais
Cesarea
Jerusalem
PALESTINA
MIDDELLANDSE SEE
MIDDELLANDSE SEE
Alexandrie
EGIPTE
GROOT SIRTIS

765